AD DESTINATUM

III

1983-1992

Universiteit van Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
2095774

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


AD DESTINATUM

III

1983-1992

'N GESKIEDENIS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Onder redaksie van J.S. Bergh, O.J.O. Ferreira,
F. Pretorius, J.E.H. Grobler en W.A. Stals



Universiteit van Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gepubliseer deur die Universiteit van Pretoria, 0002
Pretoria SUID-AFRIKA

Alle regte voorbehou

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Eerste uitgawe 1996

ISBN 1-86854-074-X

Gedruk deur Die Universiteit van Pretoria-drukkery

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

AD DESTINATUM III (1983-1992)

Voorwoord xi

Van die Redaksie xiii

ORGANISASIE EN STRUKTUUR 1

Die universiteitswese in Suid-Afrika 1
Die Universiteit van Pretoria se bestuursmodel 5
Die Konvokasie 8
Die Rektoraat 11
Die Raad van die Universiteit 15
Die Voorsitter en Ondervoorsitter 18
Vaste Komitees van die Raad 19
Die Senaat van die Universiteit 20
Komitees van die Senaat 21
Die Administrasie 26
Nauurse Studie 27
Toelating van persone van ander bevolkingsgroepe 30

AKADEMIESE OPLEIDING:

GEESTESWETENSKAPPE 32

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte 32

Departemente:
- Afrikaans 34
- Afrikatale 36
- Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis 38
- Drama 43
- Duits 46
- Engels 47
- Filosofie 50
- Frans 51
- Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis 53
- Grieks 55
- Inligtingkunde 57
- Kriminologie 60
- Latyn 62
- Maatskaplike Werk 64
- Menslike Bewegingskunde 67
- Musiek 70
- Semitiese Tale 74
- Sielkunde 77
- Sosiologie 78
- Spraakheelkunde en Oudiologie 80
- Staatsleer en Internasionale Politiek 85
- Volkekunde en Argeologie 88

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Institute:
Instituut vir Sportnavorsing 92
Instituut vir Strategiese Studies 94

Fakulteit Regsgeleerdheid 98

Departemente:
Handels- en Arbeidsreg 99
Inheemse Reg 101
Privaatreg 102
Prosesreg en Bewysleer 104
Publiekreg 105
Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie 105
Strafreg 106

Sentrums:
Sentrum vir die Dokumentasie van ou Regsbronne 107
Sentrum vir Menseregte 107
Sentrum vir Regspraktyk 108
Sentrum vir Toegepaste Handels- en Arbeidsreg (sien Departement Handels- en Arbeidsreg bl. 98)

Fakulteit Teologie 109

Afdeling A: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 109

Departemente:
Bybelkunde 111
Dogmatiek en Christelike Etiek 114
Godsdiens- en Sendingwetenskap 116
Kerkgeskiedenis 120
Nuwe-Testamentiese Wetenskap 123
Ou-Testamentiese Wetenskap 125
Praktiese Teologie 127

Sentrums:
Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting (SVTT) 129

Afdeling B: Nederduitse Gereformeerde Kerk 132

Departemente:
Dogmatiek en Christelike Etiek 134
Godsdiens en Sendingwetenskap 136
Kerkgeskiedenis en Kerkreg 138
Nuwe Testament 140
Ou Testament 142
Praktiese Teologie 144

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Institute en Sentrums:
Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO) 146
Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) 147

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 148

Departemente:
Bedryfsekonomie 152
Bestuurswese en Nagraadse Bestuurskool 156
Ekonomie en die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA) 161
Informatika 165
Personeelbestuur 168
Publieke Administrasie 171
Rekening- en Ouditkunde 173
Statistiek 175
Leerstoel in Versekeringswese 178

Buro's en Skole:
Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise
(Sien Departement Ekonomie)
Buro vir Finansiële Analise (BFA) 179
Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) 180

Fakulteit Opvoedkunde 183

Departemente:
Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke 185
Onderwysbestuur en Fundamentele Opvoedkunde 188
Ortopedagogiek en Kinderleidingkliniek 191
Psigo- en Sosiopedagogiek 193
Skoolvoorligting 195

Sentrums:
Loopbaanontwikkelingsentrum 196
Sentrum vir Gemeenskapsonderwys (SGO) 197

NATUURWETENSKAPPE 199

Fakulteit Natuurwetenskappe 199

Departemente:
Argitektuur 200
Boubestuur 202
Bourekenkunde 204
Chemie 205
Dierkunde 206
Entomologie 208
Fisika 211

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Genetika 214
Geografie 216
Geologie 219
Huishoudkunde en Dieetkunde 221
Landskapsargitektuur 223
Plantkunde 225
Rekenaarwetenskap 227
Stads- en Streekbeplanning 228
Wiskunde en Toegepaste Wiskunde 231

Afdelings, Sentrums en Institute:
Afdeling Elektronmikroskopie 232
Gold Fields-rekenaarsentrum vir Onderwys 234
Margaretha Mes-instituut vir Saadnavorsing (Departement Plantkunde) 237
Soogdiernavorsingsinstituut 238

Fakulteit Landbouwetenskappe 240

Departemente:
Agrariese Voorligting (tot 1991) 243
Biochemie 245
Grondkunde en Plantvoeding 247
Landbou-ekonomie (tot 1991) 250
Mikrobiologie en Plantpatologie 251
Plantproduksie 254
Veekunde 257
Voedselwetenskap 258

Institute en Sentrums:
Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting 259
Sentrum vir Natuurlewenavorsing 261

Fakulteit Veeartsenykunde 262

Departemente:
Anatomie 264
Chirurgie 265
Farmakologie en Toksikologie 267
Fisiologie 268
Geneeskunde 270
Geslagskunde 273
Infeksiesiektes 275
Parasitologie 276
Patologie 278
Pluimveesiektes 279
Veterinêre Etologie 282
Veterinêre Volksgesondheid 285

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sentrum:
Perdenavorsingsentrum 287

Fakulteit Geneeskunde 288

Missie van die Fakulteit Geneeskunde 290

Departemente:
Anatomie 291
Anatomiese Patologie 294
Anestesiologie 295
Chemiese Patologie 297
Chirurgie: 299
Kardiotorakale Chirurgie 302
Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie 302
Farmakologie 303
Fisiologie 305
Gemeenskapsgesondheid 307
Geneeskundige Mikrobiologie 310
Geneeskundige Virologie 311
Geregtelike Geneeskunde 314
Hematologie 316
Huisartskunde 318
Immunologie 319
Interne Geneeskunde: 321
Afdeling Dermatologie 322
Afdeling Fisiese Geneeskunde 323
Kardiologie 323
Kerngeneeskunde 323
Kindergeneeskunde 326
Mediese Onkologie 327
Mensgenetika en Ontwikkelingsbiologie 329
Neurochirurgie 330
Neurologie 331
Obstetrie en Ginekologie 332
Oogheelkunde 335
Oor-, Neus- en Keelheelkunde 337
Ortopedie 339
Psigiatrie 340
Radiologie 342
Radioterapie 343
Urologie 345
Verpleegkunde 347
Afdeling Arbeidsterapie 348
Afdeling Fisioterapie 349

Institute en Kolleges:
Aptekerskollege 351

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die AEK-instituut vir Lewenswetenskappe 354
Die Glaxo-instituut vir Kliniese Farmakologie 355
Die Hans Snyckers-instituut 357

Fakulteit Tandheelkunde 359

Departemente:
Diagnostiek en Röntgenologie 361
Gemeenskapstandheelkunde 363
Herstellende Tandheelkunde 366
Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie 367
Mondpatologie en Mondbiologie 368
Ortodonsie 370
Periodonsie en Mondgeneeskunde 372
Prostetika en Tandtegnika 373
Afdeling Mondmikrobiologie 375
Afdeling Tandheelkundige Materiale 375

Sentrum:
Sentrum vir Stomatologiese Navorsing 377

Fakulteit Ingenieurswese 379

Departemente:
Bedryfs- en Sisteemingenieurswese 382
Chemiese Ingenieurswese 384
Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese en die Carl en Emily Fuchs Instituut vir Mikro-elektronika 387
Landbou-ingenieurswese 390
Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese 394
Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese 396
Mynbou-ingenieurswese 400
Opmeetkunde 403
Siviele Ingenieurswese 404

Institute en Leerstoele:
Die Carl en Emily Fuchs-instituut vir Mikro-elektronika
(Sien Dept. Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese bl. 387)
Leerstoel vir Ingenieursbestuur 407

ONDERSTEUNINGSDIENSTE 409

Akademiese Administrasie 409
Desentralisasie 409
Rekenarisering 409
Toelatingsvereistes 409
Beurse en lenings 410
Grade en diplomas toegeken 410

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Akademiese Inligtingsdiens 411
Ter inleiding 411
Strategiese bestuur 411
Inligtingstelsels en -tegnologie 413
Ekonomiese en internasionale politieke faktore 415
Nasionale en internasionale betrokkenheid 416
Inligtingsbronne en versamelingsgroei 419
Fisiese fasiliteite 421
Personeel 423
Toekennings 425
Omvang en samestelling van personeel 425
Vennootskappe en ooreenkomste 425

Navorsingsadministrasie 427
Missie en die implementering daarvan 427
Navorsingsbeleid 430
Navorsingsbefondsing en -uitsette 430

Akademiese Steundienste 431
Die eerste mylpale 431
'n Sigbare begin 432
'n Nuwe tydvak 433
Onderrigontwikkeling 434
Onderrigmedia 435
Rekenaargesteunde onderrig 435
Voorligting en leerontwikkeling 436
Televisie-onderrig 437

Bemarking en Openbare Betrekkinge 438
Fondswerwing 439
Skakeldienste 440
Alumni-aangeleenthede 441
Mediaskakeling en Publikasies 441
Skoleskakeling 442
Internasionale betrekkinge 442
Skakeltegnologie 443
Kultuurbevordering 443

Bond van Oud-Tukkies 444
Organisatoriese vernuwing 444
Die oprigting van Kya Rosa 448
Filiale 448
Studiebeurse en fondsinsameling 451
Ondersoeke 451
Inspraak by universiteitsaangeleenthede 452
Dienste aan lede 453
Eretoekennings 454
Ledetal en lidmaatskap 454
Bestuur 455

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kultuuraangeleenthede 456
Die Pretoriase Universiteitskoor 457
Die UP-simfonieorkes 458
UP-strykensemble 458
Aand- en etensuurkonserte 458
Musiekverrykingskursusse 549
Die Pretoriase Kinderkoor 459
Tuks 82 459
Studentekultuur 459
Teaters en sale 460
Kunsuitstallinge en -versamelings 460
Die Van Tilburg-versameling 461
Die Van Gybland Oosterhoff-versameling 462
Argeologiese en Volkekundige versamelings 462
Gekoördineerde kultuurbestuur 462

Studentedienste 464
Studente-inligting 465
Studentevoorligting 465
Studente-ontwikkeling 465
Die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR) 466
VSR-Voorsitters 1982/83 tot 1992/93 468
Huisvesting 468
Tuks Jool 468
Die Perdeby 469
Perdebyredakteurs: 1982/83 tot 1992/93 470
Radio Tuks 470
Hoofde van Radio Tuks 1982/83 tot 1992/93 470
Studentekultuur 471
VSR-boekwinkel 472
Koshuislewe 472
Daghuise 474
Gesondheidsdienste 474

Sportburo 475
Plek van sport aan die Universiteit van Pretoria 475
Administrasie, organisasie en die bevordering van sport 476
Sportdirektoraat 477
Ontwikkeling en gebeure in sportklubs 478
Atletiek 478
Vrouehokkie 478
Krieket 479
Landloop en Marathon 479
Netbal 480
Rugby 480
Swem 481
Tennis 481
Sportman en Sportvrou van die Jaar 482
Mans 482
Dames 482

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nuwe tersiêre sportstruktuur 482

Personeel 482

Finansies 485

Inligtingstegnologie 489
Direkteure 489
Hoofraam by UP 489
Netwerkgeskiedenis 490

Fasiliteite Beplanning en Bedryfsadministrasie 490
Ontwikkeling van fisiese fasiliteite 490
Boukomitee 490
Langtermynbeplanning 490
Kaart: UP-kampus 1984 495
Hertoedeling van geboue 498
Suidkampus 501
Ooskampus: uitruil van eiendomme 501
Hersonering van eiendomme 502
Colbynvallei 502
Persequor Technopark 503
Letteregebou I (Ou Letteregebou) 508
Kya Rosa 510
Buitemuurse Afdeling 514
Gebou vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 515
Natuurwetenskappegebou I 516
Camera Obscura 519
Natuurwetenskappegebou II 520
Meetbaangebou 521
Mikro-elektronikagebou 521
Multisilindertoetsstelsel (Sasol-laboratorium) 523
Temperatuurbeheerde glashuis vir Plantproduksie 523
Fakulteit Geneeskunde 524
Universiteitsgeriewe 524
Hospitaalgeriewe 525
Fakulteit Veeartsenykunde 526
Sportsentrum 529
Daan Swiegers-sportklubhuis 530
Joolplaas en vlotbou-area 531
Parkeerafdakke 532
Die Roperstraat-kwessie 532
Die Witbank-kampus 537
Katjiepiering 538
Huis Magrietjie 539
Tuksdorp 540
Koshuisadministrasie en kafeteriadienste 540
Omvang van fasiliteite en aktiwiteite 540
Wetenswaardige ontwikkelinge in die bedryf van koshuise 542
Terreininstandhouding 543

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Personeel: Dienswerkers 544
Sekuriteit/Verkeerbeheer 544
Terreine 544
Hartebeestspruit-arboretum, Universiteit van Pretoria (HAUP) 545
Jool 546
Argeologiese opgrawings te Mapungubwe 547

Tegniese Dienste 548
Personeel 548
Dienslewering 548

Kampusbeheer 548

Register 551

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


VOORWOORD

Die tydperk 1983-1992 was in vele opsigte betekenisvolle jare in die geskiedenis van die Universiteit van Pretoria. Die Universiteit het in dié tydperk voor groot uitdagings te staan gekom wat alleen in geleenthede omskep kon word deur ingrypende aanpassings in die bestuurstelsel te maak en herstrukturering op 'n groot aantal terreine teweeg te bring. Dit is dus gepas dat die gebeurtenisse en tendense van hierdie tydperk in die publikasie *Ad Destinatum III* te boek gestel word.

Gelyklopend met hierdie belangrike fase in die Universiteit se geskiedenis was die opwindende polities-staatkundige veranderinge in Suid-Afrika. Verwikkelinge op die kampus het uit die aard van die saak nie los daarvan gestaan nie.

Selfs van nog meer regstreekse belang vir die Universiteit as die staatkundige veranderinge, was die belangrike beleidsformulering en -toepassing wat in die jare tagtig ten opsigte van die Suid-Afrikaanse universiteitswese as geheel plaasgevind het. Die Universiteit van Pretoria het deeglik hiervan kennis geneem en het ook by wyse van individuele lede van die Rektoraat prominente insette gelewer. Een van die knelpunte wat in die tyd blootgelê is, was die toenemende finansiële druk wat Suid-Afrikaanse universiteite ervaar het. Die Universiteit kon egter, wat dit betref, met vindingryke finansiële beplanning en bestuur die nadelige uitwerking daarvan in 'n groot mate beperk.

Aansluitend hierby het die Universiteit in die tyd ook 'n nuwe bestuursmodel geïmplementeer met onder meer 'n gedesentraliseerde gesagbestuurstelsel en behoorlik geformuleerde doelstellings, missies en strategieë. Dit het die infrastruktuur en



Prof. P. Smit, Rektor sedert 1 Jan. 1992; voorheen Viserektor, 1 Jan. 1986 - 31 Des. 1991.

ruimte geskep vir dinamiese beplanning en gladde funksionering.

Die Universiteit het in die tydperk 1983-1992 skouspelagtige groei ten opsigte van studentegetalle beleef - van 16 854 tot 23 375. Dit het egter ook nuwe uitdagings meegebring. Voldoende fisiese fasiliteite moes byvoorbeeld geskep word. Daaraan is voldoen met verskeie omvangryke en kleiner bouprojekte en ander verbeteringe. Die uitbreiding van die Universiteit se onderrigaktiwiteite na Witbank in hierdie tyd verdien in hierdie verband ook vermelding. Met die totstandkoming van die satellietkampus te Witbank het kontakuniversiteitsonderrig toeganklik geword vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

baie Oos-Transvaalse studente wat andersins nie die geleentheid daartoe sou gehad het nie. 'n Eiesoortige nauurse onderrigmodel is hier ontwikkel wat ook 'n groot invloed op die onderrigmodel op die Hoofkampus uitgeoefen het.

Hierdie tydperk in die Universiteit se geskiedenis sal beslis verder onthou word vanweë besondere akademiese prestasies deur dosente en studente. Die Universiteit se navorsingsaktiwiteite het vinnig uitgebrei en die navorsingsuitsette het vinnig toegeneem. Dit het dikwels internasionale erkenning geniet. Uitstaande hoogtepunte is ook op die terrein van sport en ten opsigte van breër kultuuraangeleenthede behaal. Veral met die persoonlike belangstelling en aanmoediging van die vorige Rektor, prof. D.M. Joubert, het kunsuitstallings en -versamelings aan die Universiteit 'n bloeitydperk beleef.

Die Universiteit kyk met groot waardering terug na 'n dekade waarin moeilike uitdagings met groot sukses aangepak is en uitnemende bydraes en prestasies op verskillende terreine gelewer is. 'n Stewige grondslag is gelê vir selfs nog hoër hoogtepunte in die nuwe dekade.

Prof. P. Smit
Visekanselier en Rektor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

VAN DIE REDAKSIE

Die werkswyse by die samestelling van *Ad Destinatum III (1983-1992)* verskil heeltemal van dié van sy twee voorgangers. In die geval van *Ad Destinatum I (1910-1960)* is die geskiedskrywing deur drie historici, prof. A.N. Pelzer (toe hoof van die Departement Geskiedenis), dr. (later professor) F.J. du Toit Spies en dr. W.J. Kock, behartig. Hulle was terselfdertyd lede van 'n sesman redaksiekomitee onder voorsitterskap van die rektor, prof. C.H. Rautenbach, by wie die finale verantwoordelikheid berus het.

Met *Ad Destinatum II (1960-1982)* is sedert 1976 'n pos van voltydse navorsingsbeampte geskep wat deur 'n historikus beklee is. Met sy bedanking is dié taak vanaf Januarie 1981 deur prof. A.N. Pelzer, wat toe kort tevore as viserektor afgetree het, oorgeneem. Na prof. Pelzer se afsterwe in Oktober 1981, is die werk afgehandel deur prof. F.J. du Toit Spies en dr. D.H. Heydenrych.

Die huidige Hoofbestuur het besluit dat met *Ad Destinatum III (1983-1992)* die navorsing en geskiedskrywing nie deur persone gedoen moes word wat spesiaal vir dié doel aangestel is nie, maar deur dekane, departementshoofde, direkteure van institute en buro's en hoofde van administratiewe afdelings aan die Universiteit. Senior dosente in die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis is versoek om 'n redaksionele komitee te vorm om hierdie poging te koördineer en te administreer en om die bydraes redaksioneel te versorg.

Die redaksionele komitee het, om in 'n mate eenvormigheid te bewerkstellig, riglyne neergelê waarvolgens bydraes opgestel moes word. Daar is onder meer aangedui dat akademiese departemente in hul bydraes groter klem op akademiese tendense, werksaamhede en prestasies plaas en minder op die biografiese besonderhede van individue. Die hantering van hierdie onderneming was 'n uitgebreide taak wat baie tyd in beslag geneem het - veral ook omdat nie alle bydraers ewe flink gereageer het nie. Die redaksionele komitee bedank nogtans graag die onderskeie afdelings en akademiese departemente vir die hartlike wyse waarop hulle oor die algemeen saamgewerk het te midde van talle ander verpligtinge. In die enkele gevalle waar geen bydraes ontvang is nie, het die redaksionele komitee self tersaaklike inligting ingewin om kernagtige uiteensettings saam te stel. Die redaksionele komitee het na die ontvangs van bydraes dit ten opsigte van sintese en breë formulering en aanbieding versorg en vir kommentaar teruggestuur. Daarna kon dit afgerond word. Slegs in gevalle waar heeltemal van die riglyne afgewyk is, is bydraes ingrypend verander. Daarom moet aanvaar word dat die onderskeie bydraes elkeen 'n eie stempel ten opsigte van styl en wyse van uitdrukking en aanbieding dra.

Vanweë die omvang van *Ad Destinatum III* is foto's en ander illustrasies beperk. In gevalle waar persone op groepfoto's verskyn, is probeer om enkelfoto's van hulle uit te skakel. Die riglyn is verder gevolg om waar moontlik nie weer foto's van persone wat reeds in *Ad Destinatum II* verskyn het, op te neem nie. Die beskikbaarheid van foto's was verder in baie gevalle 'n bepalende faktor.

Die redaksie spreek graag sy dank teenoor die volgende persone uit wat op een of ander wyse met die werksaamhede in verband met *Ad Destinatum III* gemoeid was: die dekane, departementshoofde, afdelingshoofde en ander persone wat op 'n onbaatsugtige wyse bydraes opgestel en ingestuur het; prof. J.J. Stadler, viserektor, en dr. E.P. Whittle, sekretaris van die Visekanselier en Rektor met wie voortdurend oorleg gepleeg is; mnr. Hein

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Grebe wat die finale taalversorging behartig het; mev. Gillian de Jager wat die manuskrip persgereed gemaak het; die Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning en die Departement Personeelafdeling aan die Universiteit vir die verskaffing van inligting; mev. A.J. Verster van die Departement Bemarkingsdienste wat gehelp het met die uitsoek van fotomateriaal; die Afdeling Onderrigmedia van die Buro vir Akademiese Steundienste wat fotomateriaal voorberei het; mev. C. van Niekerk, sekretaresse van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis en mev. Elize Grobler wat met die administrasie en tikwerk gehelp het; en mev. Dirkie Snyman wat die finale tipografiese versorging behartig het; mev. M.A. Otto en mnr. L.A. Changuion, albei verbonde aan die Argief van die Universiteit van Pretoria, vir die opstel van die register. 'n Woord van dank kom ook navorsings- en onderrigassistente toe wat op verskillende wyses behulpsaam was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DIE UNIVERSITEITSWESE IN SUID-AFRIKA

Die veranderende omstandighede op politieke gebied in Suid-Afrika het die universiteitswese gedurende die tagtigerjare in die brandpunt geplaas. Dit het vele verwikkelinge op organisatoriese en bestuursgebied tot gevolg gehad. Talle eksterne faktore het uitdagings aan die universiteitswese in die algemeen en aan die Universiteit van Pretoria in die besonder gestel.

Alhoewel die onderwysondersoek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing van 1981 nie veel aandag aan die tersiêre onderwys geskenk het nie, het die implementering van aanbevelings van die verslag wel 'n invloed op die universiteitswese uitgeoefen. Terselfdertyd het die Departement van Nasionale Opvoeding 'n ondersoek geloods na die status van die opvoeder. Dit was egter hierdie twee verslae wat in 1982 gepubliseer is wat verreikende gevolge vir die universiteite in Suid-Afrika meegebring het. In die reeks Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Opvoeding (SANSO) verskyn gedurende Mei 1982 die verslag SANSO-115 getiteld *Die kwalifikasie- en studieprogramme van universiteite in Suid-Afrika* met projekleier dr. J.B.Z. Louw. Verslag SANSO-110: *'n Ondersoek na staatsfinansiering van universiteite* met projekleier dr. R.H. Venter is in Augustus van daardie jaar bekend gestel.

Die verslag SANSO-115 wat deel sou vorm van 'n omvattender ondersoek na die doelwitte, struktuur en werking van die hele hoër onderwyssektor in Suid-Afrika, was toegespits op die doelwitte van die universiteite-substelsel en kwalifikasie- en studieprogramme en het 'n kwalifikasiestruktuur vir Suid-Afrikaanse universiteite voorgestel. Die verslag is aan die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) voorgelê wat dit vir kommentaar na die universiteite verwys het. Die universiteite het in 'n groot mate met SANSO-115 se doelstellings van die kwalifikasiestruktuur saamgestem, maar nie met die metode om dit te bereik nie. Die KUH het uit die geledere van die universiteite 'n aantal spesialiskomitees aangewys met die oog op die opstel van riglyne vir kurrikula en die klassifikasie van wetenskappe (vakke) tot bevrediging van al die universiteite.

Uiteindelik het die KUH gerapporteer dat konsensus bereik is oor riglyne vir graadaanbiedings betreffende die minimumduur van algemeen vormende en loopbaangerigte grade, hulle samestelling uit basiese en kontekstueel basiese vakke en graadbenamings. Ná die opstel van riglyne ook vir die verskillende kategorieë diplomas, is hierdie riglyne wat deur die Minister van Nasionale Opvoeding goedgekeur is, in 1986 as SANSO-116: *'n Kwalifikasiestruktuur vir universiteite in Suid-Afrika* bekend gestel.

SANSO-115 het in sy doel geslaag. Die unieke karakter van universitêre opvoeding is onderskei van die kwalifikasie- en studieprogramme van ander inrigtings in die tersiêre onderwyssektor. Die beoogde kwalifikasiestruktuur wat 'n sterk onderlinge ooreenstemming vertoon, sal ook makliker met soortgelyke strukture van leidinggewende universiteite elders vergelyk kan word ten opsigte van 'n waardebepaling. Hierdie verslag het egter ook in verskeie ander opsigte 'n beduidende invloed uitgeoefen. Eerstens het dit universiteite gestimuleer om meer krities na verskeie aspekte van hul kwalifikasie- en studieprogramme te begin kyk. Tweedens moes elke aansoek vir die instelling van 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

graad of diploma aan die kriteria van SANSO-116 voldoen en was universiteitsbesture genoodsaak om sodanige aansoeke deeglik te evalueer. Derdens het die KUH dit nodig gevind om weer 'n akademiese beplanningskomitee in te stel om aandag te skenk aan sake rakende die koördinering van akademiese beplanning tussen die universiteite.

Die Holloway-kommissie (1952) het die finansieringspatroon vir die universiteitswese bepaal, maar in 1974 is die Van Wyk de Vries-kommissie se verslag gepubliseer en die meerderheid van sy aanbevelings oor die subsidiëring van die bedryfsuitgawes van universiteite is in die owerheid se subsidieformule vervat. Na aanleiding van voorstelle wat die KUH gedoen het vir aanpassing van die formule, het die Adviserende Raad op Universiteite (ARU) 'n ondersoek na die staatsfinansiering van universiteite gelas met riglyne waarbinne die ondersoek moes plaasvind. Die resultate van die ondersoek is gepubliseer as verslag SANSO-110. Daarmee het 'n verfynde, dog komplekse formule vir universiteitsfinansiering tot stand gekom. In die daaropvolgende jare sou van die beginsels waarop die formule berus die besture van universiteite besig hou met enersyds vertoë vir die wysiging daarvan en andersyds voortdurende aanpassing van beleid, veral met betrekking tot die toelating van studente.

Subsidies vir die onderrigprogram was gebaseer op die aantal ingeskrewe studente. 'n Universiteit kon gevolglik voldoende subsidie verdien deur soveel studente moontlik in te skryf. Die nuwe formule het egter daardie subsidie gekoppel aan die aantal vakinskrywings (insette) en geslaagde graadkrediete (uitsette). Dit is soos volg gemotiveer: "Daar word vertrou dat universiteite daardeur aangemoedig sal word om hul studente versigtiger te selekteer en voor te lig, en dat studente aangemoedig sal word om beide hardwerkend en realisties aangaande hul akademiese vermoëns te wees." (SANSO-110, bl. 38)

Hoewel die formule dus die seleksie en voorligting van studente afgedwing het en erkenning verleen is aan drie subprogramme van die onderrigprogram, naamlik formele onderrig, gemeenskapsonderrig en voorbereidende/remediërende onderrig, is slegs formele onderrig subsidieerbaar bevind. Universiteite was gevolglik aangewese op finansieringsbronne van buite om in die stygende behoefte aan remediërende, oorbruggings- en oriënteringsprogramme te voorsien.

Die beginsel om subsidies aan uitsette te koppel en sodoende universiteite te beloon indien hulle insette effektief aangewend word, is deur die nuwe formule ook na die navorsingsprogram deurgevoer.

In die verslag SANSO-110 word verskeie faktore geïdentifiseer wat die intensiteit van hulpbronbenutting kan beïnvloed indien die subsidie op beide insette en uitsette gebaseer word. Ten einde die faktor vakmateriaal te verreken, word in die formule onderskei tussen twee hoofgroepe, naamlik 'n geesteswetenskaplike en 'n natuurwetenskaplike groep. Sodanige verdeling was vir die Universiteit van Pretoria uiters ongunstig aangesien die berekening van die subsidie vir alle studente in die natuurwetenskappe op dieselfde basis sou geskied, ongeag daarvan dat die opleiding in die veeartsenykunde besonder duur is. Dit het aanleiding gegee tot herhaalde vertoë vir minstens een verdere groep vakmateriaal ten einde duurder opleiding te verreken.

Die subsidieformule waaraan SANSO-110 beslag gee, bestaan uit kriteria wat die onderskeie bydraes van die staat en die universiteit bepaal ten einde 'n syfer te verkry vir die bevredigende bedryf van 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

universiteit. Die finansiële krisis wat universiteite ervaar het, was nie soseer die gevolg van die toepassing van die formule nie, maar het eerder ontstaan omdat die staat jaarliks sy bydrae met 'n bepaalde persentasie besnoei het. Uit ondersoeke wat gevolg het, blyk die impak wat dit op universiteite gehad het.

Onder leiding van die KUH het daar in September 1984 'n konferensie oor "Onderrig en leer aan universiteite in Suider-Afrika" aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat plaasgevind. Daaruit het voorstelle vir 'n navorsingsprogram deur 'n subkomitee van die KUH voortgevloei. 'n Daaropvolgende besluit van die KUH in Julie 1986 was om 'n ad hoc-komitee aan te stel met die opdrag om voorstelle aan die KUH voor te lê aangaande 'n navorsingsprogram oor tersiêre opvoeding met besondere verwysing op makrovlak na veral daardie aspekte van die na-sekondêre onderwysstelsel wat nie in die De Langeverslag behandel is nie. Prof. P. Smit, toenmalige Viserektor van die Universiteit van Pretoria, is as voorsitter van die komitee aangewys.

Op aanbeveling van die subkomitee het die KUH se uitvoerende komitee in Oktober 1986 besluit dat, in plaas van 'n langtermyn navorsingsplan, 'n ondersoek onderneem word na makro-aspekte van tersiêre onderwys in die RSA. Dertien werkkomitees het die ondersoek gedoen en in Desember 1987 is die hoofkomitee se verslag *Makro-aspekte van die universiteitswese binne tersiêre onderwysverband in die RSA* gepubliseer. Hoewel die verslag nie in sy geheel deur die KUH aanvaar is nie, sou dit wel as 'n werksdokument van die KUH en die individuele universiteite dien. In die verslag is aandag geskenk aan die plek en rol van die universiteit in sy wisselwerking met die breë samelewing, die eise wat aan universiteite gestel word en sal word en die middele waaroor universiteite beskik en in die toekoms sal beskik.

Die toenemende finansiële druk op universiteite is die oorheersende tendens wat deur die verslag blootgelê word. Daar is bevind dat van 1980 tot 1985 studente met 5,1% per jaar toegeneem het in die geval van kontakonderrig, terwyl die toename in dosente gedurende die ooreenstemmende tydperk slegs 0,9% was. Die dosent-studentverhouding het gevolglik verander van 1:13,7 in 1980 tot 1:17,5 in 1985. (Kontakonderrig is die teenoorgestelde van onderrig deur middel van korrespondensiekursusse, wat as afstandsonderrig bekend staan.) Die salarisse van akademiese personeel in die professionele dissiplines was ongeveer 50% swakker as ooreenstemmende poste in die private sektor. Die relatiewe salarisse van akademiese personeel het sodanig verander dat professore in 1987 in reële terme dieselfde verdien het as 'n lektor in 1981.

Die besnoeiing van staatsubsidies oor die voorafgaande aantal jare het biblioteekaanwinste, instandhouding van fisiese fasiliteite en die aankoop van navorsingsapparatuur negatief beïnvloed.

In die verslag is daar ook aandag geskenk aan studentegetalle wat die toekomsbeplanning van die universiteite sterk sou beïnvloed. Studentegetalle het in Suid-Afrika van 59 000 in 1965 tot 215 000 in 1985 toegeneem, wat 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 6,7% verteenwoordig. In die ooreenstemmende periode het die totale bevolking egter met slegs 1,8% toegeneem en die ekonomiese groei was 3,4% per jaar. Indien daardie groei volgehou word, sou dit kon gebeur dat die toename in hoërisikostudente die standaard van 'n universiteit afwaarts dwing, terwyl 'n toename in studente wie se studierigtings nie in aanvraag is nie, tot werkloosheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

onder gegradueerdes sou lei. Dit het trouens geblyk dat universiteitstudente in verhouding vinniger as technikon- of onderwyskollegestudente toegeneem het, want die persentasieverdeling het van 66:17:16 in 1975 tot 73:14:12 in 1985 verander.

Van wesenlike belang vir die Universiteit van Pretoria en ander universiteite met tradisioneel die blanke bevolking as voedingsbron, was die aanduiding in die verslag dat in die lig van die noue korrelasie tussen blanke geboortes en studente-inskrywings negentien jaar later, die aantal negentienjarige blankes teen 1991/92 skerp sou afneem. Hierdie universiteite sou ook in ag moes neem dat die Minister van Nasionale Opvoeding in 1987 aangekondig het dat universiteite se groei vir subsidiedoeleindes op 2% vasgepen sou word. Dit het beteken dat strenger toelatingsvereistes ingestel moes word ten einde die groei in studentegetalle te beperk. Indien die standaard van onderwys van die ander bevolkingsgroepe nie verbeter nie, sou toelatingsvereistes ná 1992 egter weer verlaag moes word. Daar is in die vooruitsig gestel dat deeltydse en nauurse studente in sekere gevalle vir die verwagte daling sou vergoed.

Die Universiteit van Pretoria se reaksie hierop was die stigting van die Witbankkampus wat elders in meer besonderhede beskryf word.

Voordat die makro-verslag gepubliseer is, het die KUH in 1986 besluit om die moontlikheid van rasionalisasie en samewerking tussen universiteite te ondersoek. Daar is kennis geneem daarvan dat die Minister van Nasionale Opvoeding aan die voorsitter van die KUH sy besorgdheid te kenne gegee het oor die duplisering van dienste by universiteite, onproduktiewe kursusse, oorproduksie van gegradueerdes in bepaalde rigtings, ensovoorts, veral in die lig van die voortdurende finansiële benardheid en die beskikbare fondse vir noodsaaklike universiteitsfunksies in die toekoms. Die KUH het gevolglik 'n ad hoc-komitee aangestel ten einde moontlike areas van samewerking te identifiseer en aksie te inisieer wat desnoods deur ander subkomitees verder gevoer sou kon word.

In die makro-verslag word aanbeveel dat rasionalisasie so spoedig doenlik geïmplementeer word, aangesien dit daartoe behoort by te dra om die skaars hulpbronne wat bestaan, deur duplisering van skaars fasiliteite uit te skakel, samewerking tussen universiteite en technikons te bevorder en die optimale benutting van fondse te fasiliteer. Die vlakke van rasionalisasie sou wees rasionalisasie in die tersiêre sektor, interuniversitêre rasionalisasie en interne universiteitsrasionalisasie.

Op die vlak van die tersiêre sektor het die Universiteit van Pretoria reeds in daardie stadium samewerkingsooreenkomste met die Technikon Pretoria gesluit gehad ten opsigte van aptekersopleiding en met die Onderwyskollege Pretoria ten opsigte van onderwysersopleiding. Aan die begin van die negentigerjare het die samewerking tussen die Universiteit en die Technikon ook na ander terreine uitgebrei.

Interuniversitêre rasionalisasie het ook op dreef begin kom. Ondersoeke is geloods na die kwynende departemente van Opmeetkunde, Musiek, Geologie, Biblioteekkunde, ensovoorts by die onderskeie universiteite. Departemente wat nie lewensvatbaar was nie of onnodig gedupliseer was, moes gesluit word. Só is die Universiteit van Pretoria deur die Minister van Nasionale Opvoeding opdrag gegee om die voorgraadse kursus in Aptekerswese te staak.

Op die vlak van interne universiteitsrasionalisasie het die Universiteit van Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

begin om, wanneer die geleentheid hom voorgedoen het, verskeie departemente te konsolideer, byvoorbeeld Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Volkekunde en Argeologie, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Plantproduksie en Tuinboukunde, Onderwysbestuur en Fundamentele Opvoedkunde, Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese asook Frans en Duits in Moderne Europese Tale.

Die ondersoeke en verslae oor die struktuur en funksionering van die na-sekondêre opvoedingstelsel is opgevolg deur 'n ondersoek na akademiese standaarde by universiteite in die RSA, waarvan die verslag in Oktober 1987 gepubliseer is. Ter uitvoering van 'n versoek deur die Minister van Nasionale Opvoeding, het die Adviesraad vir Universiteite en Technikons in 1986 besluit om 'n subkomitee aan te stel om die ondersoek uit te voer. Eerstens sou dit aandag skenk aan die kwessie van die basiese aanname onderliggend aan die finansieringsformule, naamlik dat dieselfde akademiese standaarde by alle universiteite heers. Tweedens, indien daar bevind sou word dat akademiese standaarde in enige opsig ontoereikend is, moes aanbevelings voorgestel word oor hoe om dit reg te stel.

Die komitee het gevind dat daar inderdaad bewyse is daarvoor dat verskille in akademiese standaarde tussen universiteite in die RSA bestaan, maar dit nie gerade geag om aan te beveel dat 'n regstelling gedoen word deur middel van 'n verandering in die subsidieformule nie. Die aanbevelings was gerig op die evaluering van akademiese departemente en akademiese programme, personeelevalueringsprosedures en eksterne eksamineringsprosedures. Heelwat van hierdie sake het reeds die aandag van die Universiteit van Pretoria geniet toe die verslag gepubliseer is en daarna is ook die ander aanbevelings geïmplementeer. Die evaluasie van akademiese departemente het in toenemende mate plaasgevind en 'n formule is opgestel vir verslagdoening deur departementshoofde via Dekane aan die Viserektore: Akademies. Evalueringsprosedures vir personeel is ondersoek en beproef. Riglyne vir eksterne eksaminering - veral op nagraadse vlak - is aanvaar. Klem is gelê op die benutting van eksaminatore van buite die Universiteit vir verhandelings en proefskrifte en in laasgenoemde geval desnoods vanuit die buiteland, indien moontlik.

Die Universiteit van Pretoria se bestuursmodel

Teen 1983 was dit vir die topbestuur van hierdie Universiteit duidelik dat die finansiële posisie van die universiteite in Suid-Afrika toenemend sou verswak en dat 'n krisis in toekomstige jare slegs afgeweer sou kon word indien daar spoedig op die doeltreffendste wyse finansiële bestuur toegepas sou word.

Op 16 Mei 1983 het die Raad 'n raadskomitee gemagtig om 'n onafhanklike professionele instansie te nader om al die aktiwiteite en prosedures van die Universiteit te ondersoek en aanbevelings aan die komitee te doen. Hierdie ondersoek wat deur die buite-konsultante onderneem is, het bekend gestaan as die "Ondersoek na die bestuur en administrasie van al die aktiwiteite van die Universiteit".

Hierdie ondersoek het aangetoon dat die Universiteit se organisasiestruktuur volgens funksies gedepartementaliseer is. Tot 1984 is daardie gedesentraliseerde organisasiestruktuur bestuur deur 'n gesentraliseerde gesag wat in 'n groot mate komitee-gedrewe was. Daardie stelsel het die bestuur en bedryf bemoeilik omdat onvoldoende of geen gesag na Dekane en akademiese en administratiewe departementshoofde gedelegeer is nie. Besluite is sentraal geneem met min of geen insette nie van die betrok-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ke bestuurders met die meeste kundigheid ten opsigte van hul onderskeie afdelings. Ten spyte van gesentraliseerde gesag was daar geen behoorlik geformuleerde strategieë, missie en doelstellings nie.

Tydens 'n buitengewone vergadering van die Universiteitsraad op 21 Februarie 1984 is daar kennis geneem van die verslag van die konsultante en verskeie aanbevelings is goedgekeur. Daarmee is begin om 'n gedesentraliseerde gesagbestuurstelsel te implementeer volgens 'n model wat aanvaar dat die professionele bedryfspersoneel funksioneel professionele kundiges is en redelike outonomie oor die reëling en bedryf van hulle eie werk uitoefen binne die raamwerk van die Universiteit se missie, strategie en beleid. Die filosofie van "professionele burokrasie" word geïmplementeer deur die proses van akademiese besluitneming deur die akademiese struktuur waarin departemente, Senaat en Raad funksioneer, asook groter outonomie oor funksionele hulpbronbestuur in fakulteite en departemente.

In die lig daarvan dat desentralisasie die skepping van strukture en die vestiging van beleid en riglyne vir besluitneming dwarsdeur alle vlakke van die organisasie behels, het die raadsbesluit van 21 Februarie 1984 die aanvang van 'n proses aangedui wat oor enkele jare sou strek. Afgesien van organisasiestrukture wat gewysig en beleidsrigtings wat geformuleer moes word, is aandag ook aan hulpbronne geskenk en in die besonder finansiële beleid, brontoedelingsnorme en begrotingsprosedures, asook mensekragontledings, bestuursinligting en ondersteuningsdienste.

Verskeie spesifieke besluite is tydens die betrokke raadsvergadering geneem. Op die terrein van die organisasiestruktuur, is daar besluit om twee addisionele viserektorsposte te skep, een vir besigheidsbestuursaangeleenthede en die ander vir personeel- en studentesake. Die groepering van die poste van rektor en viserektore in 'n rektoraat het plaasgevind, asook 'n herstrukturering van die vier registrateursposte, dekaans- en direkteursposte met 'n herbepaling van pligte en bevoegdhede. Dit is ook aan die Rektor opgedra om die nodige stappe te doen om die universiteitswet en -statuut algeheel te laat hersien ten einde 'n afgeronde geheel te vorm en die toepassing van gesonde bestuursbeginsels te vergemaklik. Die Rektor het hieraan uitvoering gegee deur 'n komitee vir daardie doel aan te wys, bestaande uit die Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid (prof. D.J. Joubert), die Registrateur: Personeel (mnr. A.C. Bothma) en die Registrateur: Akademies (mnr. H.S. Hurter).

Tydens die raadsvergadering van 21 Mei 1984 is daar besluit om die Raadskomitee vir Spoedeisende Sake deur 'n Vaste Komitee van die Raad te vervang, welke komitee geleidelik die funksies van die meeste ander raadskomitees sou oorneem. Voorts is besluit om prof. C.W.I. Pistorius as Viserektor: Besigheidsbestuur van 1 Julie 1984 af aan te stel, asook dat 'n vaste sekretaris vir die Rektoraat aangewys word wat ook as sekretaris van die Vaste Komitee sou optree.

Op 19 November 1984 skaf die Raad die Senior Aanstellingskomitee af en delegeer sy bevoegdhede aan die Rektor, in oorleg met die Viserektore.

Die konsultante se verslag van Januarie 1985 handel hoofsaaklik oor sake van 'n administratiewe aard. Daaruit vloei voort die herorganisasie van die Departement Akademiese Administrasie in 'n Departement Sentrale Akademiese Administrasie en die voorsiening van sekretariële en ander administratiewe ondersteuning aan Dekane. Dit word gevolg deur enkele memoranda wat deur die Senaat en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Raad aanvaar is en waarmee verskeie bevoegdhede van die Raad en Senaat aan die Dekane gedelegeer is. Dit dra daartoe by dat vanaf 1986 daar slegs twee in plaas van drie rondtes van gewone vergaderings van die fakulteitsrade, Senaat en Raad in 'n jaar plaasvind. Die eerste rondte sou toegespits wees op verslagdoening ten opsigte van die vorige jaar, terwyl die tweede rondte in 'n groot mate oor beplanning vir die volgende jaar sou gaan.

Die omskakeling na die nuwe bestuursmodel het só flink verloop dat die Vaste Komitee op 24 September 1986 daarvan kennis kon neem dat die aanbevelings van die konsultante feitlik almal geïmplementeer was, met die uitsondering van posevaluering en die ontwikkeling van stelsels en prosedures waarvoor interne ondersoeke reeds ver gevorder was.

'n Belangrike uitvloeisel van die bestuurstelsel was die aandag wat voortaan aan strategiese beplanning gegee sou word. Jaarliks het die Rektoraat met die senior bestuurders 'n beraad buite Pretoria gehou en die Rektoraat sou byna weekliks as strategiese beplanningskomitee vergader. 'n Strategiese langtermynplan het nie agterweë gebly nie. Inherent aan delegasies is die vereiste van verantwoording en daarvoor is kanale geskep vir verslagdoening deur die Rektor aan die Raad en vir verslag van sy ondergeskiktes aan hom.

Aangesien die akademiese bestuurslyn van viserektor deur dekaan en departementshoof na dosent loop, het die konsultante voorgestel dat 'n vergadering van die Viserektore: Akademies (Geestes- en Natuurwetenskappe) elk met sy dekane op 'n gereelde basis plaasvind, asook 'n gesamentlike vergadering van die Viserektore: Akademies en dekane. Aanvanklik het die twee Viserektore afsonderlik met hulle Dekane vergader. Later het slegs gesamentlike vergaderings plaasgevind en van 1992 af albei soorte vergaderings. Die afsonderlike vergaderings is toe genoem Akademiese Bestuursvergadering: Geesteswetenskappe of in die ander geval Bestuursvergadering: Natuurwetenskappe. Die gesamentlike vergadering van die Viserektore en Dekane en waarby enkele Direkteure bygevoeg is, het aanvanklik as 'n Dekanevergadering bekend gestaan, maar vanaf 1992 is dit bekend as Akademiese Strategie: Beplanningskomitee en wel onder voorsitterskap van die Visekanselier en Rektor. Hoewel hierdie vergaderings informeel was en nie bindende besluite kon neem nie, het dit uit die oogpunt van kommunikasie 'n belangrike funksie vervul, asook om konsensus tussen fakulteite te probeer bereik alvorens 'n saak aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat voorgelê is.

Op 1 Mei 1985 het die Senaat 'n navorsingsbeleid aanbeveel wat deur die Raad op 20 Mei goedgekeur is. Dit is gevolg deur die beleid met betrekking tot onderrig wat die Raad op 30 Junie 1986 as die missie van die Universiteit goedgekeur het.

Tydens 'n buitengewone vergadering van die Senaat op 5 November 1986 is die wets- en statuutwysiging deur die Senaat aanvaar en op 18 November 1986 deur die Raad goedgekeur. Die universiteitswet is egter eers op 6 Julie 1988 in die Staatskoerant gepubliseer as die Private Wysigingswet op die Universiteit van Pretoria, 1988 (Wet nr. 78 van 1988) en die gewysigde statuut is op 4 November 1988 gepromulgeer.

Hoewel dit aan die komitee opgedra is om die universiteitswet en -statuut aan te pas met die oog op 'n nuwe bestuurspraktyk, is die geleentheid benut om die hele wet en statuut ook op ander gronde te hersien. Dit het uitgeloop op die omvattendste wysiging van die wet en statuut tot op daardie tydstip.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Saak wat nie elders bespreek word nie en nie noodwendig met 'n bestuursmodel verband hou nie, maar wat in die konteks van wetswysiging vermelding verdien, is die sogenaamde gewetensklousule. Met die opskrif "Verbod van godsdienstoets", het art. 26 van die universiteitswet bepaal dat geen toets van godsdienstige geloof toegepas mag word op 'n dosent, amptenaar of student nie. Oor die jare was daar sterk meningsverskil oor die behoud al dan nie van daardie bepaling. Sommige ander universiteite het dié standaardbepaling reeds gewysig. Die bepaling besit die potensiaal om die karakter of kultuur van 'n universiteit drasties te wysig indien dosente en amptenare van uiteenlopende geloofsoortuigings aangestel mag word.

Die moontlikheid dat 'n student in die Geneeskunde of Tandheelkunde in 'n gevorderde studiejaar kon weier om 'n noodsaaklike chirurgiese handeling te verrig weens sy geloofsoortuiging was die motivering vir die wysiging van die betrokke bepaling in hierdie Universiteit se wet. Artikel 26 is deur die volgende artikel vervang: "Toelating tot die Universiteit. (1) Behoudens die bepalings van artikel 11 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet nr. 61 van 1955), word 'n student op grond van akademiese oorwegings tot die Universiteit toegelaat. (2) Personeel word slegs op grond van bekwaamheid en in die beste belang van die Universiteit aangestel."

Wet nr. 78 van 1988 het nie al die nodige wysiginge in die hoofwet deurgevoer nie. 'n Konsolidasiewet was nodig om die spelling van sommige begrippe te moderniseer. Op 13 Julie 1990 is die Private Wet op die Universiteit van Pretoria (Volksraad), 1990 (Wet nr. 106 van 1990) gepubliseer, waarin artikels en subartikels hergroepeer is en die spelling van woorde soos "Uniwersiteit", "artiekel" en "konwokasie" gemoderniseer is. Daarmee is 'n proses afgesluit wat reeds in 1983 'n aanvang geneem het en wat die grondslag vorm vir 'n omwenteling wat in die bestuurstyl aan die Universiteit van Pretoria plaasgevind het.

Die Konvokasie

Die Private Wet op die Universiteit van Pretoria het bepaal dat die lede van die Konvokasie 'n Kanselier kies, asook vier lede van die Raad. Die Statuut van die Universiteit het in besonderhede die bewoording en uitleg van die stembrief voorgeskryf. Nadat nominasies ontvang is, moes 'n stembrief aan elke lid van die Konvokasie gestuur word. Hy moes dan sy stem deur middel van sy handtekening en verdere voltooiing van die brief uitbring en dit voor 'n bepaalde tyd aan die Registrateur terugstuur.

Hierdie stemprosedure sou deug vir 'n universiteit wat nie duisende gegradueerdes het nie. Dat daardie prosedure reeds in die vroeë tagtigerjare onprakties was, het duidelik geword toe Sy Edele A.J. Raubenheimer as raadslid uitgetree het. Teen die agtergrond van die opkomende partypolitieke belangstelling op die kampus is twee kandidate genomineer, naamlik dr. C.G. Coetzee en dr. W.L. Grant. Op daardie tydstip was dr. Coetzee Hoof van die Tak Wetenskapbeplanning van die Departement Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, asook voorsitter van die Bond van Oudstudente. Dr. Grant was Besturende Direkteur van die Uraanverrykingskorporasie Beperk (Ukor).

Die uitslag was 'n naelskraapse oorwinning vir dr. Coetzee en hoewel daar slegs 1 188 stemme uitgebring is, was dit vir die universiteitsadministrasie duidelik dat die verkiesing van die Konvokasie vorentoe talle probleme sou oplewer. Dit is trouens 'n paar jaar later bevestig toe die verkiesing van 'n Kanselier moes plaasvind.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die besondere partypolitieke situasie in die land het na die kampus oorgespoel en onbestrede nominasies vir poste van hierdie aard sou in die toekoms nie maklik voorkom nie. Trouens, die politieke agtergrond van 'n nominasie sou die belangstelling van die konvokasielede in 'n stemming bepaal.

Die konvokasielys was 'n administratiewe nagmerrie. Dit was nie in daardie stadium gerekenariseerd nie en het duisende name bevat. Lidmaatskap was nie outomaties nie en 'n gegradueerde moes aansluit en 'n bepaalde bedrag betaal. In baie gevalle was die besonderhede in die lys dié van die tydstip van aansluiting, byvoorbeeld vroue se nooiensvanne en verouderde adresse. Talle persone kon nie onthou of hulle wel aangesluit het nie.

Wets- en statuutbepalings word nie oornag gewysig nie en voordat die Universiteit 'n meer praktiese verkiesingstelsel kon invoer, was die kanseliersverkiesing op hande. Nadat dr. Hilgard Muller twintig jaar lank Kanselier was, het hy op 13 November 1984 die tuig neergelê. Hy is op 10 Julie 1985 oorlede.

Twee nominasies vir die amp van Kanselier is ontvang, naamlik Sy Edele A.L. Schlebusch, voormalige Vise-staatspresident, gewese voorsitter van die Presidentsraad en vanaf 11 September 1981 President van die Konvokasie, en dr. W.L. Grant van Ukor.

Intussen besluit die Raad dat die statuut aangepas moes word sodat 'n Kanselier telkens vir 'n termyn van vyf jaar aangewys kon word en nie soos in die verlede lewenslank nie. Voorts moes die komitee wat die hersiening van die universiteitswet en -statuut behartig, aandag skenk aan 'n ander wyse van verkiesing van 'n Kanselier aangesien hy die titulêre hoof van die




A.L. Schlebusch, Kanselier, 4 Apr. 1985 - Nov. 1986.

Universiteit is, maar die Raad geen beheer oor sy aanwysing gehad het nie.

Die verkiesing van 'n Kanselier was bepaal vir 27 Februarie 1985. Groot belangstelling het geheers en meer as 3 000 posstemme is uitgebring. Die keuse het op Sy Edele A.L. Schlebusch geval. Hy is tydens die herfspromosieplegtigheidsreeks op 4 April 1985 ingehuldig en het sy kanseliersrede op 6 September tydens 'n lentepromosieplegtigheid gelewer. Hy het die amp van President van die Konvokasie op 30 April 1985 neergelê.

Die bepalings van die statuut met betrekking tot die verkiesing van 'n President van die Konvokasie was meer prakties van aard. In die openbare pers is bekend

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Dr. P.S. Rautenbach, President van die Konvokasie, Mei 1985 - Mei 1990.

gemaak dat 'n vergadering van lede van die Konvokasie op 28 Mei 1985 in die Senaatsaal van die Administrasiegebou sou plaasvind met die oog op die verkiesing van 'n President vir 'n termyn van vyf jaar. Tydens daardie vergadering is dr. P.S. Rautenbach, voormalige voorsitter van die Staatsdienskommissie, tot President van die Konvokasie verkies, waarop hy as lid van die Universiteitsraad bedank het.

Na verstryking van dr. Rautenbach se ampstermyn op 31 Mei 1990, is hy deur dr. V.E. Hesse opgevolg.

Gedurende 1986 het mnr. Schlebusch weer sodanig by die aktiewe politiek betrokke geraak dat hy van mening was dat dit nie bevorderlik vir die Universiteit sou wees indien hy as Kanselier aanbly nie. In November het hy gevolglik van die kanselierskap afstand gedoen.

Die datum van die verkiesing is bepaal en deur middel van die openbare pers is nominasies gevra, wat deur minstens vier konvokasielede onderteken moes wees. Die nominasie van dr. A.E. Rupert is ontvang, maar dit het voorgekom asof dit weer op 'n volskaalse verkiesing deur middel van posstemme sou afstuur, want ook 'n tweede nominasie is ontvang. Hierdie keer was dit 'n student in die regte wat genomineer is. Na onderhandeling is die nominasie egter teruggetrek. Dr. Rupert is dus verkose verklaar en tydens 'n promosieplegtigheid op 18 September 1987 as Kanselier ingehuldig.

Die wets- en statuutbepalings met betrekking tot die Konvokasie is deur die Private Wysigingswet op die Universiteit van Pretoria, 1988 (Wet nr. 78 van 1988) drasties gewysig.

Die konvokasielede sou nie weer 'n Kanselier kies deur middel van posstemme nie. Art. 4 van die betrokke wet bepaal dat die Kanselier deur 'n kieskollege gekies sou word op die wyse wat die statuut voorskryf. Die statuut is deur middel van 'n staatskennisgewing van 4 November 1988 gewysig en daarvolgens bestaan die kieskollege uit die Raad en die Senaat van die Universiteit, die President van die Konvokasie en die Raad van Die Bond van Oudstudente van die Universiteit van Pretoria. Voorts word die Kanselier verkies vir 'n termyn wat deur die Raad bepaal word, maar wat hoogstens vyf jaar kan wees, met dien verstande dat hy herkiesbaar is.

Toe die ampstermyn van dr. Rupert as Kanselier in Februarie 1992 ten einde loop, het die eerste geskiedkundige vergadering van die kieskollege op 12 Februarie 1992 plaasgevind en is dr. Rupert onbestrede vir 'n volgende termyn verkies. 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Dr. A.E. Rupert, Kanselier sedert 19 Febr. 1987.

Vergadering van die Raad van die Universiteit het onmiddellik daarna gevolg en die termyn op vyf jaar vasgestel.

Die wetswysiging van 1988 het eweneens die Konvokasie sy bevoegdheid ontneem om vier persone op 'n direkte wyse as lede van die Raad van die Universiteit te verkies. Voortaan sou die vier persone, wat lede van die Konvokasie moes wees, deur die Raad van Die Bond van Oudstudente van die Universiteit van Pretoria aangestel word.

Die wetsbepaling wat lidmaatskap van die Konvokasie reël, is ook gewysig sodat lidmaatskap nie meer op aansoek geskied nie, maar dat alle gegradueerdes outomaties lede is, met die keuse om daarvan afstand te doen.

Alhoewel die kwalifikasie vir lidmaatskap van die Bond van Oudstudente heelwat laer is as dié van die Konvokasie, naamlik onder meer een jaar suksesvolle studie teenoor die behaling van 'n graad, is eersgenoemde beter georganiseer om die alumni saam te snoer en hul verbintenis met die alma mater te bestendig. Byeenkomste van die Konvokasie was trouens beperk tot die statutêr voorgeskrewe formele vergaderings vir die verkiesing van 'n President van die Konvokasie. Die statuutwysiging van 1988 het gevolglik voorsiening gemaak vir gesamentlike vergaderings van die Konvokasie en die Bond, op die wyse en volgens die prosedure wat laasgenoemde bepaal.

Die Rektoraat

Toe die ondersoek na die bestuur en administrasie van al die aktiwiteite van die Universiteit deur die buite-konsultante gedurende 1983 van stapel laat loop is, het daar een keer per week 'n vergadering van 'n sogenaamde topbestuur plaasgevind. Die topbestuur het bestaan uit die Rektor, die twee Viserektore: Akademies en die vier Registrateurs. Die sekretaris van die Rektor het die sekretariaat van daardie vergaderings behartig. Die doel met die vergaderings was om senior personeellede in staat te stel om aan die Rektor verslag te doen oor bepaalde sake en om die Rektor in staat te stel om bestuursbesluite te neem. Die Raad het trouens sy uitvoerende gesag aan die Rektor as hoof uitvoerende beampte gedelegeer.

Op grond van die aanbevelings van die konsultante het die Raad besluit dat afgesien van die uitvoerende gesag wat steeds aan die Rektor gedelegeer word, 'n Rektoraat ingestel word wat sal bestaan uit die Rektor as voorsitter, die twee Viserektore: Akademies, waarvan een vir die geesteswetenskappe en die ander vir die natuurwetenskappe, asook twee verdere Viserek-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Sittend: Prof. D.M. Joubert, Visekanselier en Rektor (1982 - 1991).
Staande v.l.n.r.: Viserektore proff. J.J. Stadler (sedert Julie 1991), P. Smit (1986 - 1991), T. Erasmus (sedert Julie 1991), C.W.I. Pistorius (sedert Julie 1984) en P. Oosthuizen (1981 - Julie 1991).

tore, een vir besigheidsbestuursake en die ander vir personeel- en studentedienste. Met twee Viserektore wat oor akademiese sake en twee wat oor ondersteuningsdienste aan die Rektor rapporteer, word daar voldoen aan die wenslikheid dat die minimum aantal persone aan die Rektor verslag sal doen.

Benewens die besluitnemingsbevoegdhede van die afsonderlike lede van die Rektoraat, is daar aan die Rektoraat as bestuursliggaam bepaalde bevoegdhede verleen, byvoorbeeld aanstellings op die vlak van professor, medeprofessor, senior lektor, hoof van 'n instituut en afdelingshoof, asook die skep van poste, goedkeuring van ander aanstellings, ensovoorts; die goedkeuring van konstitusies en reglemente van erkende studenteliggame.

Die pos van Viserektor: Akademies (Geesteswetenskappe) was reeds gevul deur prof. P. Oosthuizen wat op 1 Januarie 1981 aangestel is, en dié van Viserektor: Akademies (Natuurwetenskappe) is vanaf 1 Januarie 1982 deur prof. H.P. van der Schijff beklee. Daar is geadverteer vir die pos van Viserektor: Besigheidsbestuur. 'n Komitee van die Raad het die aansoeke oorweeg en prof. C.W.I. Pistorius met ingang 1 Julie 1984 in die pos aangestel. Tydens dieselfde vergadering van die Raad is daar ook besluit dat die vier poste van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. H.P. van der Schijff, Viserektor, Jan. 1982 - Des. 1986; voorheen Dekaan: Fakulteit Wis- en Natuurkunde, 1972 - 1981.

Viserektor gelykwaardig sou wees en geeneen ondergeskik aan die ander nie.

Voorts het die Raad besluit dat die pos van Viserektor: Personeel en Studentedienste voorlopig nie gevul sou word nie, maar dat prof. Oosthuizen daardie funksies saam met dié van sy pos sou behartig tot hoogstens einde 1984. In 1985 is egter besluit, nadat die vakature geadverteer en geen geskikte kandidaat gevind kon word nie, dat prof. Oosthuizen vanaf 1 Junie 1985 in daardie pos aangestel word en die vul van die pos Viserektor: Akademies (Geesteswetenskappe) aandag sou geniet.

Die Raad het op 'n buitengewone vergadering besluit om drie name in volgorde van voorkeur aan die Senaat voor te lê met die oog op die vul van die oorblywende pos van Viserektor. Prof. P. Smit, op daardie tydstip Senior Adjunkpresident by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, is as eerste keuse aangedui en na stemming is prof. Smit genomineer as die Senaat se keuse. Tydens die daaropvolgende vergadering van die Raad is prof. Smit vanaf 1 Januarie 1986 as Viserektor: Akademies (Geesteswetenskappe) aangestel.

Met daardie vergadering van die Raad is besluit om die reglement vir die aanstelling van 'n Rektor of Viserektor aan te pas. Die betrokke reglement, wat later herskryf sou word, het 'n redelik omslagtige en tydrowende prosedure bepaal.

Op 31 Mei 1989 het prof. Prozesky die diens van die Universiteit verlaat om Adjunk-president van die Mediese Navorsingsraad te word. Die proses is dus weer in werking gestel om die pos van Viserektor: Akademies (Natuurwetenskappe) te vul. Terselfdertyd is daar besluit dat die reglement vir die aanstelling van 'n Visekanselier en Rektor of Viserektore hersien moes word. (Met die wysiging van die universiteitswet in 1988 is die ampte van Onderkanselier en van Rektor verenig in een amp, naamlik Visekanselier en Rektor.) Dit was duidelik dat die reglement wat opgestel is in 'n tyd toe vier rondtes vergaderings in 'n jaar plaasgevind het, aangepas moes word sodat slegs twee rondtes vergaderings per jaar voortaan nodig sou wees.

Die Senaat het die nominasie van prof. L. van Biljon onderskryf en hy is vanaf 1 Junie 1989 as Viserektor aangestel.

Teen 1990 was die gebruik gevestig dat, afgesien van die gewone vergadering van die Senaat en Raad teen die einde van elke semester, daar vroeg in die eerste semester

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. O.W. Prozesky, Viserektor, 1 Jan. 1987 - Mei 1989, voorheen Hoof: Departement Geneeskundige Virologie, 1984 - 1986.

nog 'n vergadering as inligtingsvergadering ingeruim word. Tydens so 'n vergadering lig die Visekanselier en Rektor, met bystand van die Viserektore, die Senaat en Raad in en doen verslag oor verskeie sake. In die lig daarvan dat prof. D.M. Joubert te kenne gegee het dat hy nie beskikbaar sou wees vir nog 'n termyn as Visekanselier en Rektor wanneer sy termyn op 31 Desember 1991 sou verstryk nie, is die inligtingsvergadering van die Senaat en Raad in 1990 benut om die nuwe aanstellingsreglement vir 'n Visekanselier en Rektor en 'n afsonderlike een vir Viserektore goed te keur.


Die nuwe aanstellingsreglemente het veel van die vorige reglement afgewyk. Die nuwe reglemente het bepaal dat senaats- en raadslede nominasies by die Registrateur indien, wat dit aan die Senaat voorlê en 'n aanbeveling aan die Vaste Komitee doen. Hierdie komitee neem kennis van die Senaat se aanbeveling en oorweeg al die nominasies vir 'n aanbeveling aan die Raad wat dan 'n besluit kan maak.

Tydens sy vergadering van 16 Mei 1990 moes die Senaat oor drie nominasies vir die pos van Visekanselier en Rektor stem. Met 'n eerste stemming het prof. Smit die vereiste aantal stemme ontvang en is deur die Raad van 1 Januarie 1992 af vir 'n termyn van vyf jaar aangestel.

Die statuut van die Universiteit het op daardie tydstip bepaal dat die Raad die Visekanselier en Rektor aanstel in oorleg met die Senaat. Hy word egter vir 'n termyn van hoogstens tien jaar op 'n keer aangestel, met dien verstande dat 'n aftredende Visekanselier en Rektor weer aangestel kan word tot die aftree-ouderdom van 65 jaar. Dit beteken dat die Senaat ook by 'n heraanstelling geraadpleeg moet word en verder dat die voorskrifte van die aanstellingsreglement gevolg sou moes word, met as beginpunt die aanvra van nominasies vir oorweging deur die Senaat, Vaste Komitee en Raad. Die Raad was van mening dat die statuut gewysig moes word ten einde die Raad in staat te stel om heraanstellings te doen sonder om die Senaat te raadpleeg, mits die termyne gesamentlik nie tien jaar oorskry nie. Die statuut is gevolglik aangepas en die aanstellingsreglement is gewysig om vir 'n afsonderlike prosedure in die geval van heraanstellings voorsiening te maak.

Prof. L. van Biljon het op 31 Maart 1991 om gesondheidsredes uit die diens van die Universiteit getree. Op 31 Julie van dieselfde jaar het prof. P. Oosthuizen ook die diens van die Universiteit verlaat. Daar sou dus binne afsienbare tyd drie vakatures

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. L. van Biljon, Viserektor: Akademies, 1 Jun. 1989 - 31 Mrt. 1991; voorheen Hoof: Departement Elektroniese Ingenieurswese, 1975 - 1987; Dekaan: Fakulteit Ingeneiurswese, 1987 - 1989.

in die geledere van die Viserektore ontstaan wanneer prof. Smit sy nuwe pos aanvaar. Inmiddels is besluit om so spoedig moontlik twee Viserektore: Akademies aan te stel, maar om voorlopig nie die pos van Viserektor: Personeel en Studentedienste te vul nie.

Die prosedure vir die verkiesing van die twee Viserektore is in werking gestel en tydens 'n buitengewone vergadering van die Senaat op 16 April 1991 is daar oor die nominasies gestem. Proff. Stadler en Erasmus is deur die Senaat aanbeveel en het ook die ondersteuning van die Vaste Komitee en die Raad geniet. Hulle is gevolglik met ingang 1 Julie 1991 as Viserektore aangestel.

Een van die bepalings van die Private Wysigingswet op die Universiteit van Pretoria, 1988 (Wet nr. 78 van 1988) lui dat hoewel die Raad Viserektore mag aanstel en hul diensvoorwaardes en voorregte bepaal, die Visekanselier en Rektor hul bevoegdhede, pligte en funksies bepaal en van tyd tot tyd van sy bevoegdhede aan hulle oordra. Die Visekanselier en Rektor het gedurende Oktober 1991 'n herverdeling van pligte van die Rektoraat gedoen en onder meer is die portefeulje Personeel en Studentedienste onder beheer van die Viserektor: Besigheidsbestuur ingeskakel en sy posbenaming na dié van Viserektor: Bestuursdienste gewysig.

Prof. P. Smit het op 1 Januarie 1992 Visekanselier en Rektor geword en is op 27 April ingehuldig.

Die Raad van die Universiteit

Samestelling van die Raad

Die Raad van die Universiteit is ingestel deur die Private Wet op die Universiteit van Pretoria, 1930 (Wet nr. 13 van 1930) wat verskeie kere gewysig is en in 1990 gekonsolideer is as Wet nr. 106 van 1990. Artikel 9(1) van genoemde Wet bepaal dat die bestuur van die Universiteit by die Raad berus en reël ook die samestelling van die Raad.

Hieronder word aangedui hoedanig die Raad saamgestel word, en persone wat in die Raad gedien het gedurende die tydperk 1983-1992, asook hulle bepaalde ampstermyne.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1. *Visekanselier en Rektor van die Universiteit*

Joubert, D.M. (prof.)	1 Januarie 1982 - 31 Desember 1991
Smit, P. (prof.)	Vanaf 1 Januarie 1992

2. *Agt persone deur die Minister van Onderwys en Kultuur aangestel*

Wentzel, I.J.D.	15 Mei 1968 - 9 Oktober 1983
Hesse, V.E. (dr.)	Vanaf 10 Oktober 1983
Rautenbach, P.S. (dr.)	7 April 1978 - 29 Mei 1985
Steyn, P.	Vanaf 25 Oktober 1985
Viljoen, G. (appèlregter)	1 Julie 1976 - 9 Oktober 1984
De Kock, G.P.C. (dr.)	10 Oktober 1984 - 7 Augustus 1989
Stals, C.L. (dr.)	Vanaf 29 Augustus 1990
Howell, J. (dr.)	8 Februarie 1963 - 9 Oktober 1990
Clark, J.B. (dr.)	Vanaf 10 Oktober 1990
Van Zyl, G.J.	8 Junie 1972 - 9 Oktober 1987
De Beer, J. (dr.)	Vanaf 10 Oktober 1987
Otto, J.C. (dr.)	20 April 1963 - 29 Mei 1985
Du Toit, P.R.	10 Oktober 1985 - 28 Januarie 1988
Marnitz, R.J.	Vanaf 10 Oktober 1988
Kuun, C. du P.	Vanaf 10 Oktober 1982
Crafford, J.A.	10 Oktober 1982 - 9 Oktober 1992
Kahn, J.M. (dr.)	Vanaf 10 Oktober 1992

3. *Vier lede van die Konvokasie van die Universiteit aangestel deur die Raad van Die Bond van Oudstudente van die Universiteit van Pretoria*

Hoek, P.W. (dr.)	1 April 1966 - 9 Oktober 1988
Alberts, B.C.	Vanaf 10 Oktober 1988
Coetzee, C.G. (dr.)	19 November 1982 - 9 Oktober 1990
Harms, L.T.C. (regter)	Vanaf 10 Oktober 1990
Kirstein, D.P.	Vanaf 10 Oktober 1978
Olivier, P.A. (dr.)	10 Oktober 1982 - 9 Oktober 1990
Sterling, S.L.	Vanaf 10 Oktober 1990

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

4. *Vier lede van die Senaat van die Universiteit deur die Senaat verkies*

Engelbrecht, B.J. (prof.)	10 Oktober 1972 - 9 Oktober 1987
Van Wyk, W.C. (prof.)	Vanaf 10 Oktober 1987
Schoeman, D.J. (prof.)	10 Oktober 1978 - 9 Oktober 1984
Geldenhuys, F.G. (prof.)	10 Oktober 1984 - 30 Junie 1987
Zietsman, S.T. (prof.)	Vanaf 10 Oktober 1987
Potgieter, D.J.J. (prof.)	1 Januarie 1982 - 30 Junie 1989
Van der Merwe, J.V. (prof.)	Vanaf 1 Julie 1989
Heyns, J.A. (prof.)	10 Oktober 1982 - 31 Januarie 1992
Joubert, D.J. (prof.)	Vanaf 12 Februarie 1992

5. *Die Burgemeester van Pretoria of 'n ander lid van die Stadsraad van Pretoria skriftelik deur hom benoem*

Van Heerden, C.J.	1984
Kruger, P.J. (dr.)	1985
Van der Spuy, J.J.S. (adv.)	1986
Swart, C.F. (prof.)	1987
Heunis, W. du P.	1988
Jacobson, E.S. (dr.)	1989
Morkel, F.W.	1990
Zylstra, B.S.	1991
Leach, J.H. (adv.)	1992

In 1983 is prof. S.R. van Jaarsveld tot Burgemeester verkies. Hy kon egter ooreenkomstig art. 9(2) van die Universiteitswet nie in die Raad dien nie omdat hy in diens van die Universiteit was.

6. *Twee lede van die Stadsraad van Pretoria deur die Stadsraad van Pretoria aangestel*

Venter, S. de K.	Maart 1982 - Oktober 1988
Leach, J.H. (adv.)	Maart 1989 - Februarie 1992
Smith, P.R. (dr.)	1992
Van der Spuy, J.J.S. (adv.)	Maart 1982 - Oktober 1988, behalwe 1986 toe hy Burgemeester was
Swart, C.F. (prof.)	Vanaf Maart 1989

7. *Twee persone uit hul midde gekies deur persone wat ingevolge die statuut donateurs is uit hoofde van skenkings aan die Universiteit gedoen*

Scheepers, C.H.H.	10 Oktober 1978 - 1 Maart 1986
Krogh, D.C. (dr.)	Vanaf 11 Maart 1986

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Trengove, J.J. (appèlregter)	23 Junie 1971 - 9 Oktober 1988
Bester, T.	Vanaf 10 Oktober 1988

8. *Hoogstens drie ander persone aangestel deur instansies wat die Raad aanwys*

8.1 Deur die Ned. Geref. Kerk benoem:

Potgieter, J.E. (ds.)	3 November 1976 - 9 Oktober 1987
Venter, G.J.C. (ds.)	Vanaf 10 Oktober 1987

8.2 Deur die Ned. Herv. Kerk van Afrika benoem:

Oelofse, J.C.	1 Januarie 1974 - 9 Oktober 1989
Van Wyk, D.J.C. (dr.)	Vanaf 10 Oktober 1989

8.3 Vakature. Geen instansie is deur die Raad aangewys nie.

Volgens kabinetsbesluit is sewentig jaar die ouderdomsgrens vir aanstellings in 'n universiteitsraad deur die Minister. Deur 'n statuutwysiging het hierdie Universiteit daardie reëling op alle raadslede van toepassing gemaak.

Die Voorsitter en Ondervoorsitter

Die volgende persone het as voorsitter en ondervoorsitter van die Raad gedien:

Voorsitter

Hoek, P.W. (dr.)	10 Oktober 1982 - 9 Oktober 1984
Howell, J. (dr.)	10 Oktober 1984 - 9 Oktober 1990
Kuun, C. du P.	Vanaf 10 Oktober 1990

Ondervoorsitter

Howell, J. (dr.)	10 Oktober 1982 - 9 Oktober 1984
Crafford, J.A.	10 Oktober 1984 - 9 Oktober 1990
Hesse, V.E. (dr.)	Vanaf 10 Oktober 1990

Waarnemers

Sedert 2 Oktober 1991 dien twee lede van die Studenteraad, deur die Studenteraad aangewys, as waarnemers in die Raad.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vaste Komitees van die Raad

Die Vaste Komitee

Na aanleiding van die ondersoek na die bestuur en administrasie van al die aktiwiteite van die Universiteit, het die Raad op 21 Mei 1984 besluit om uitvoering te gee aan die aanbeveling van die konsultante om raadskomitees te verminder en gevolglik is die Raadskomitee vir Spoedeisende Sake deur 'n Vaste Komitee van die Raad vervang. Hierdie komitee het geleidelik die funksies en bevoegdhede van die meeste ander raadskomitees oorgeneem sodat dit nie slegs spoedeisende sake afgehandel het nie, maar ook die Raad kon adviseer oor alle sake wat aan die Raad voorgelê word. Uiteindelik het slegs die Vaste Komitee en die Komitee vir Dissipline (Personeel) as raadskomitees bly voortbestaan.

Mnr. C.H.H. Scheepers was voorsitter van die Vaste Komitee van instelling op 21 Mei 1984 tot 1 Maart 1986. Hy is opgevolg deur mnr. C. du P. Kuun vir die tydperk 10 Maart 1986 tot 9 Oktober 1990 en sedert 10 Oktober 1990 is dr. V.E. Hesse die voorsitter. Dr. J. Howell was ondervoorsitter van 21 Mei 1984 tot 9 Oktober 1990 en mnr. C. du P. Kuun beklee die amp vanaf 10 Oktober 1990. Ander raadslede wat in die tydperk tot 1992 in die Komitee gedien het, is proff. J.A. Heyns, P.W. Hoek, D.J.J. Potgieter, W.C. van Wyk, S.T. Zietsman, drr. C.G. Coetzee en P.A. Olivier, mnre. B.C. Alberts, T. Bester, J.A. Crafford, D.P. Kirstein, R.J. Marnitz en G.J. van Zyl. Die Visekanselier en Rektor was ampshalwe ook lid. Die Raad het besluit dat die lede van die Vaste Komitee vir 'n termyn van twee jaar benoem sou word. Dit stem ooreen met die termyn van die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad en val ook saam met laasgenoemdes se verkiesing.



Dr. James Howell, Voorsitter van die Raad, 1984 - 1990; voorheen Ondervoorsitter van die Vaste Komitee van die Raad, Mei 1984 - Okt. 1990; Ondervoorsitter van die Raad, 1982 - 1984.

Die Komitee vir Dissipline (Personeel)

Die tugbepalings van toepassing op personeel is in die statuut van die Universiteit opgeneem. Dié statuut het ook die samestelling van die Komitee vir Dissipline bepaal. Daardie Komitee het bestaan uit die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad, die Onderkanselier en Rektor en twee lede van die Raad wat telkens vir 'n termyn van drie jaar deur die Raad benoem is. Vanaf Oktober 1982 was appèlregter J.J. Trengove en dr. P.A. Olivier die twee verkose raadslede in die Komitee. Met die uittrede van appèlregter Trengove uit die Raad op 9 Oktober 1988, is mnr. C. du P.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Kuun tot die Komitee verkies. In dieselfde jaar is die statuut gewysig en daarmee ook die samestelling van die Komitee. Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad sou nie meer lede van die Komitee wees nie. Dr. Olivier het op 9 Oktober 1990 uit die Raad getree en is in die Komitee deur regter L.T.C. Harms opgevolg, met dr. V.E. Hesse as secundus.

In 1992 is die bepalings van die statuut wat op dissiplinêre sake betrekking het, sodanig gewysig dat die Visekanselier en Rektor telkens vir 'n bepaalde saak die Komitee vir Dissipline moes saamstel en die volle Raad as appèlinstansie deur 'n Appèlkomitee van die Raad vervang is. Mnr. C. du P. Kuun, regter L.T.C. Harms en dr. V.E. Hesse is deur die Raad in 1992 vir 'n termyn van vier jaar in die appèlkomitee benoem.

Die Senaat van die Universiteit

Die samestelling van die Senaat het nie veel verander in die tien jaar van 1983 af nie. Dit het steeds bestaan uit: die Visekanselier en Rektor; Viserektore; twee verteenwoordigers van die Raad; Dekane; die Rektore van die Pretoriase Onderwyskollege en van die Technikon Pretoria, op grond van die ooreenkomste met daardie inrigtings met die oog op die opleiding van bepaalde kategorieë onderwysers en van aptekers; akademiese hoofde van departemente wat van 127 in 1983 tot 140 in 1991 uitgebrei het; drie persone wat ingevolge art. 9 van Wet nr. 61 van 1955 in 1983 benoem is en in 1992 tot vyf persone uitgebrei is.

In 1983 is daar besluit om 'n aantal bekleërs van bepaalde poste as waarnemers sonder stemreg op vergaderings van die Senaat toe te laat, naamlik die direkteure van die Buro vir Openbare Betrekkinge, Buro vir Rekenaardienste, Tegniese Dienste, Kultuurburo en van institute en buro's



C. du P. Kuun, Voorsitter van die Raad, Okt. 1990 - Okt. 1994; Voorsitter van die Vaste Komitee van die Raad, Mrt. 1986 - Okt. 1990; Dien op die Appèlkomitee (Personeel) Okt. 1988 - Okt. 1994.

waarvan die direkteure nie hoofde van departemente is nie. In 1985 is die Direkteur van Ondersteuningsdienste en die Senior Bestuurder van Inligting tot hierdie kategorie toegevoeg. Later is die Direkteur van Navorsing ook bygevoeg.

Na aanleiding van 'n memorandum van die Rektor het die Raad op 20 Mei 1985 besluit om, mits die Senaat daartoe sou instem, goed te keur dat die verkose Binnemuurse Verteenwoordigende Studenteraad twee verteenwoordigers en die Buitemuurse Studenteraad een verteenwoordiger met waarnemerstatus sonder stemreg in die Senaat benoem. Met 'n meerderheid van stemme het die Senaat op 14 Augustus

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1985 die raadsbesluit aanvaar en daarna het die voorsitters en ondervoorsitters van die Binnemuurse en die voorsitter van die Buitemuurse Studenteraad vergaderings van die Senaat bygewoon totdat die Buitemuurse Studenteraad bestaansreg verloor het as gevolg van die inskakeling van buitemuurse studente by die hoofkampus en was die studenteverteenwoordiging tot eersgenoemde twee lede beperk.

Die funksies en bevoegdhede van die Senaat, soos in die universiteitswet omskryf, het in die tagtigerjare verander. Die Senaat moes steeds verslae oor sy werksaamhede, aanbevelings van die Senaat en aanbevelings oor sake wat die Raad na hom verwys het aan die Raad voorlê. Die bepaling dat die toesig oor en reëling van onderrig by die Senaat berus, is egter deur die wysigingswet van 1988 deur die volgende bepaling vervang: "Die Senaat adviseer die Raad oor opvoeding, navorsing en gemeenskapsdiens: Met dien verstande dat die Senaat die opstelling, wysiging, aanvulling of herroeping van 'n regulasie wat 'n fakulteit raak, slegs na oorleg met die betrokke fakulteitsraad oorweeg." Met betrekking tot die onderrig, het die Senaat se funksie dus bloot adviserend geword.

Komitees van die Senaat

1. *Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat*

Die funksie van die Senaat is by verskeie geleenthede onder die loep geneem. 'n Ingrypende ondersoek na die rol van die Senaat het uitgeloop op die instel in 1987 van die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat. Die ondersoek het aangetoon dat die Senaat vanweë sy omvang (meer as 150 lede) nie innoverend kon optree nie en die doeltreffendheid van sy besluite het dus afgehang van die voorligting wat hy ontvang. 'n Uitvoerende komitee vir die Senaat was 'n logiese uitvloeisel. Toe hierdie komitee egter tot ongeveer agtien lede uitgebrei het, is die behoefte na 'n kleiner werkskomitee gevoel. Die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat is gevolglik ingestel. Hierdie komitee moes eerstens die aanbevelings van fakulteitsrade en ander komitees koördineer en evalueer vir voorlegging aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat en tweedens ondersoeke inisieer met die oog op formulering van beleid. Die verslae wat oor die volgende sake aanvaar is, getuig van die belangrikheid van die ondersoeke: die aard van onderrig en navorsing; die vestiging van 'n sterker akademiese atmosfeer; 'n ondersoek na hereksamens; riglyne en 'n kode vir nagraadse opleiding; 'n ontleding van die slytasie van studente, gradueringstempo's en verwante sake; 'n kurrikuleringsbeleid en kriteria vir doseerposte. Die Komitee het aanvanklik bestaan uit twee Viserektore: Akademies, die Registrateur: Akademies en vier senaatslede. Van 1992 af het die Visekanselier en Rektor, wat in alle komitees dien, die vergaderings as voorsitter bygewoon en is 'n lid van die Studenteraad as waarnemer gekoöpteer.

In 1992 het 'n komitee wat deur die Visekanselier en Rektor aangestel is, 'n ondersoek uitgevoer na die moontlikheid om die Senaat doeltreffender te laat funksioneer. Voorstelle met betrekking tot 'n ander wyse waarop 'n senaatsvergadering ingerig kon word, asook 'n gewysigde prosedure vir die voorlê van voorstelle aan die Senaat is aanvaar.

2. *Uitvoerende Komitee van die Senaat*

Ten spyte van die instelling van die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat het die Uitvoerende Komitee van die Senaat bly voortbestaan ten einde op dekaansvlak eenstemmigheid te bewerk-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stellig ten opsigte van die aanbevelings wat aan die Senaat deurgestuur word.

Wat sy samestelling betref, is sy ledetal vanaf 1 Julie 1984 uitgebrei met die aanstelling van prof. D.J. Swiegers as eerste Studentedekaan. Teen die einde van 1986 het die Raad 'n gewysigde reglement vir die aanstelling van voltydse Dekane goedgekeur. Hiervolgens sou hulle nie meer verkies word nie, maar deur die Raad aangestel word. Die prosedure sou gevolglik wees dat 'n fakulteitsraad persone nomineer wat deur 'n pre-advieskomitee en die Vaste Komitee van die Raad oorweeg word. Eers hierna doen die Raad 'n aanstelling. In 1991 is die pre-advieskomitee afgeskaf.

Die volgende persone was as Dekane lede van die Uitvoerende Komitee van die Senaat gedurende die tydperk 1983-1992:

Fakulteit	*Dekaan*	*1 Januarie 1983 - 31 Desember 1992*
Lettere en Wysbegeerte	Prof. A.P. Grové	Tot 30 Junie 1983
	Prof. W.C. van Wyk	Vanaf 1 Julie 1983
Regsgeleerdheid	Prof. D.J. Joubert	Volle tydperk
Teologie (Afd. A)	Prof. B.J. Engelbrecht	Tot 9 Oktober 1987
	Prof. J.P. Oberholzer	10 Oktober 1987 - 31 Januarie 1992
	Prof. J.H. Koekemoer	Vanaf 22 Junie 1992
Teologie (Afd. B)	Prof. J.A. Heyns	Tot 9 Oktober 1984
	Prof. A.B. du Toit	10 Oktober 1984 - 9 Oktober 1987
	Prof. P.B. van der Watt	10 Oktober 1987 - 30 Junie 1989
	Prof. W.S. Prinsloo	Vanaf 1 Julie 1989
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Prof. C.F. Nieuwoudt	Tot 31 Desember 1985
	Prof. G. van N. Viljoen	1 Januarie 1986 - 30 September 1986
	Prof. J.J. Stadler	1 Oktober 1986 - 30 Junie 1991
	Prof. S. Marx	Vanaf 1 Julie 1991
Opvoedkunde	Prof. F. van der Stoep	Tot 28 Februarie 1989
	Prof. M.J. Bondesio	Vanaf 1 Maart 1989
Natuurwetenskappe	Prof. P.J. Zietsman	Tot 30 Junie 1986
	Prof. N. Sauer	Vanaf 1 Julie 1986

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Landbouwetenskappe	Prof. D.J.J. Potgieter	Tot 30 Junie 1989
	Prof. T. Erasmus	1 Julie 1989 - 30 Junie 1991
	Prof. J. van Zyl	Vanaf 1 Julie 1991
Veeartsenykunde	Prof. J.M.W. le Roux	Tot 31 Desember 1986
	Prof. R.I. Coubrough	Vanaf 1 Januarie 1987
Geneeskunde	Prof. F.G. Geldenhuys	Tot 30 Junie 1987
	Prof. J.V. van der Merwe	Vanaf 1 Julie 1987
Tandheelkunde	Prof. S.T. Zietsman	Volle tydperk
Ingenieurswese	Prof. D.J. Schoeman	Tot 31 Maart 1987
	Prof. L. van Biljon	1 April 1987 - 31 Mei 1989
	Prof. J.A.G. Malherbe	Vanaf 1 Julie 1989
Studentedekaan	Prof. D.J. Swiegers	1 Julie 1984 - 30 Junie 1989
	Prof. P.B. van der Watt	Vanaf 1 Julie 1989

3. *Roosterkomitee*

Die Roosterkomitee as 'n vaste komitee van die Senaat is saamgestel uit die Dekane en die Hoof van die Departement Statistiek, met die Hoof van die Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde as plaasvervanger. Omdat die akademiese kalender met die sportkalender gekoördineer moes word, is besluit om aan die Direkteur van die Sportburo waarnemerstatus in die Roosterkomitee te verleen. Eweneens word die byeenkomstye van studente wat deur die Studenteraad gereël word, deur die indeling van die lesingrooster beïnvloed. Trouens, in 1991 is die rooster ingrypend gewysig. Daar is dus besluit dat vanaf 1992 aan twee studenteverteenwoordigers, deur die Studenteraad aangewys, volle lidmaatskap van die Roosterkomitee verleen word.

In 1989, ná die aftrede van prof. F. van der Stoep, is prof. Stadler tot voorsitter van die Roosterkomitee verkies. Die voorsitter van hierdie Komitee word nie vir 'n bepaalde termyn aangestel nie. Vanaf 1992 was prof. D.J. Joubert die voorsitter.

4. *Komitee vir Dissipline (Studente)*

Die universiteitswet bepaal dat elke student van die Universiteit onderworpe is aan die tugbepalings wat die Raad voorskryf. Luidens daardie tugbepalings is daar 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Komitee vir Dissipline (Studente) wat bestaan uit 'n Viserektor as voorsitter en twee senaatslede, deur die Senaat telkens vir 'n termyn van drie jaar aangewys, met dien verstande dat 'n lid van die Fakulteitsraad van Regsgeleerdheid een van die lede sal wees. Prof. D.J. Joubert, Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid, en prof. B.J. Engelbrecht, Dekaan: Fakulteit Teologie (Afdeling A), was in 1983 die verkose senaatslede. Laasgenoemde het einde 1987 afgetree en is deur prof. W.C. van Wyk, Dekaan: Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, opgevolg.

5. *Appèlkomitee van die Senaat*

Die tugbepalings maak voorsiening vir die beslegting van appèlle deur studente. Aanvanklik is die Uitvoerende Komitee van die Senaat as appèlinstansie benoem. Enige student wat deur die Komitee vir Dissipline aan wangedrag skuldig bevind is, kon teen die skuldigbevinding en/of vonnis appelleer, ongeag die meriete van sy gronde vir appèl. 'n Student kon dus met min moeite appelleer en moes slegs die risiko aanvaar dat die appèlinstansie 'n swaarder straf kon oplê. Hierdie toedrag van sake het die Rektoraat en Dekane onnodig belas.

In 1988 is die Uitvoerende Komitee deur die Appèlkomitee van die Senaat vervang. Hierdie nuwe komitee sou bestaan uit die Rektor (voorsitter) en vier lede van die Uitvoerende Komitee wat nie ook lede van die Komitee vir Dissipline was nie. Die eerste verkose lede van die Appèlkomitee was proff. J.P. Oberholzer, D.J.J. Potgieter, F. van der Stoep en S.T. Zietsman.

6. *Fakulteitsrade*

Nieteenstaande die Senaat se wetlike bevoegdheid om, met die goedkeuring van die Raad, komitees in te stel, het die Statuut (par. 43) bepaal dat 'n fakulteitsraad 'n komitee van die Senaat is. Met die wets- en statuutwysiging van 1988 is die omskrywing soos volg uitgebrei: "'n Fakulteitsraad is 'n fakulteitsadvies-komitee van die Senaat wat die Senaat adviseer oor opvoeding, navorsing, gemeenskapsdiens en sodanige ander sake as wat die Senaat na so 'n fakulteitsraad verwys." (par. 25, Statuut). Dit sluit dus aan by die funksies en bevoegdhede wat die universiteitswet van 1988 aan die Senaat verleen het.


'n Fakulteitsraad is saamgestel uit die Dekaan (voorsitter), die hoofde van en die professore in die departemente in die betrokke fakulteit en sodanige ander persone as wat die Raad op aanbeveling van die Senaat as lede of assessorlede aanstel op die voorwaardes wat die Raad bepaal. In 1991 het die Raad op aanbeveling van die Senaat besluit dat volle lidmaatskap aan permanent-voltydse dosente en navorsers na bekragtiging van hul aanstelling verleen word in plaas van slegs aan permanent-voltydse senior lektore. Die Direkteur: Akademiese Inligtingsdiens het ook volle lidmaatskap verkry. Terselfdertyd is studenteverteenwoordiging met waarnemerstatus in Fakulteitsrade ook goedgekeur. 'n Fakulteitsraad sou die omvang daarvan self bepaal.

7. *Keurkomitees vir Eretoekennings*

Die Keurkomitee vir Eregrade is deur die statuut ingestel en word eweneens op grond van sy samestelling as 'n komitee van die Senaat beskou. Die Komitee bestaan uit die Uitvoerende Komitee van die Senaat, die voorsitter en ondervoorsitter van die Raad, of laasgenoemde twee se verteenwoordigers. Van 1930 tot 1992 het die Universiteit reeds 168 eregrade tydens promosieplegtighede toegeken.

Die statuut bepaal die prosedure wat gevolg moet word by die oorweging van 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021




Mnr. W.L. Kok, Registrateur, Finansies, Jul. 1980 - Sept. 1986.

kandidaat vir 'n eregraad, wat begin by die Keurkomitee en na oorweging deur die Senaat, by die Raad eindig. Die kriteria by die beoordeling van kandidate verskyn egter in 'n huishoudelike reglement wat die Raad op aanbeveling van die Senaat goedgekeur het. Sedert 1980 lui dit dat die hoogste premie op akademiese agtergrond en minstens 'n mate van akademiese prestasie geplaas word. By akademiese prestasie word ook navorsing, toepassing van navorsing asmede prestasies wat gekoppel kan word aan wat onderskeidelik genoem is "die bedryf" en die "openbare dienste", ingereken.

In 1992 is die kriteria gewysig om soos volg te lui: "Die beoordeling van 'n kandidaat geskied op grond van akademies-wetenskaplike oorwegings en in die besonder op grond van die akademiese statuur van die kandidaat. Hieronder val onder meer oorwegings soos dat die kandidaat op grond van akademies vergelykbare kundigheid uitnemend presteer het in 'n bepaalde rigting of op 'n bepaalde terrein. Die toekenning vereis 'n hoë mate van uitnemendheid. Normaalweg sal die besondere prestasies van die kandidaat onomwonde erken word deur (i) die toekenners van die graad, (ii) kundiges op die betrokke gebied en (iii) die ingeligte publiek."

Een van die redes vir die wysiging van die kriteria vir die toekenning van 'n eregraad is om 'n duideliker onderskeid te tref tussen 'n eregraad en 'n kanseliersmedalje.



Mnr. W.J. Coetzee, Adjunk-registrateur Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie, 1 Jul. 1974 - Des. 1981; Registrateur: Departement Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie, 1 Jan. 1982 - Mrt. 1991.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van 1984 tot 1992 is daar reeds agtien kanseliersmedaljes toegeken. 'n Senaatskomitee tree as keurkomitee op en bestaan uit die Visekanselier en Rektor (voorsitter), Viserektore, die Registrateur en Dekane. Die prosedure is dieselfde as dié vir eregrade. Hoewel hierdie toekenning bedoel is vir persone wat buitengewoon presteer het op terreine wat buite die suiwer akademiese sfeer lê, byvoorbeeld die kunste, maatskaplike diens en uitvindings, het die indruk begin posvat dat dit 'n tweedeklas eregraad is, veral omdat dit ook tydens 'n promosieplegtigheid toegeken is. Daar is gevolglik besluit om sedert 1993 kanseliersmedaljes by ander geleenthede as promosieplegtighede toe te ken.

Die Administrasie

Aan die begin van 1983 was daar drie registrateursposte. Mnr. A.C. Bothma was hoof van die Departement Akademiese Administrasie en Registrateur. Mnr. W.L. Kok was hoof van die Departement Finansiële Administrasie en Registrateur, terwyl mnr. W.J. Coetzee Registrateur en hoof van die Departement Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie was.

Op 3 Februarie 1983 het mnr. H.S. Hurter, wat Senior Adjunkregistrateur was, hoof van die Departement Akademiese Administrasie en Registrateur geword in die plek van mnr. A.C. Bothma wat as hoof van die nuutgestigte Departement Personeelaangeleenthede en Registrateur aangestel is. Laasgenoemde Departement is saamgestel uit 'n Afdeling Personeelsake (Doserend), wat onder die Departement Akademiese Administrasie geressorteer het, en 'n Afdeling Personeelsake (Niedoserend), vanuit die Departement Finansiële Administrasie.

Een van die uitvloeisels van die ondersoek na die bestuur en administrasie van al die aktiwiteite van die Universiteit was dat verskeie funksies van die Departement Akademiese Administrasie aan die Dekane gedelegeer is en personeel daarheen oorgeplaas is. Hoewel die pos Registrateur: Akademies bly voortbestaan het, is sy departement se naam na Sentrale Akademiese Administrasie verander.

Op grond van genoemde ondersoek het die Raad op 21 Mei 1984 besluit dat die Rektoraat 'n vaste sekretaris van die Rektoraat moes aanwys wat ook as sekretaris van die Vaste Komitee van die Raad en die Raad sou optree. Mnr. A.C. Bothma is op 1 Junie 1985 as die Sekretaris aangestel.

Uit die ondersoek het dit voorts geblyk dat op grond van posbeskrywings dit gepaster sou wees dat 'n universiteit oor een registrateurspos beskik en dat die ander poste wat as registrateursposte bekend was in direkteursposte omgeskep word. Hieraan sou uitvoering gegee word wanneer die bekleërs van die registrateursposte aftree.


Die registrateurspos wat mnr. Bothma ontruim het, is met ingang 1 Julie 1985 deur prof. W. van der M. Herholdt, wat professor in die Departement Sielkunde was, as Direkteur: Personeel gevul.

Na 15 jaar diens aan die Universiteit het mnr. W.L. Kok op 30 September 1986 as Registrateur: Finansies afgetree en is hy met ingang 1 Oktober 1986 deur mnr. T.G. Kruger opgevolg.

Na die aftrede van mnr. Bothma op 31 Julie 1989 is die sekretariële funksies van die Raad deur die Registrateur: Akademies behartig en gedurende 1992 tydelik deur dr. E.P. Whittle wat as Sekretaris van die Visekanselier en Rektor aangestel is.

Mnr. W.J. Coetzee het op 31 Maart 1991 as Registrateur: Fasiliteite Beplanning en Bedryfsadministrasie afgetree en is deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Mnr. H.S. Hurter, Registrateur, Febr. 1983 - Des. 1992.

die Adjunkregistrateur, mnr. L.N. Boshoff, opgevolg.

In die lig daarvan dat daar op daardie tydstip slegs een registrateurspos oorgebly het, naamlik dié van Akademies, het die Vaste Komitee van die Raad op 2 Oktober 1991 besluit dat die pos voortaan slegs as Registrateur bekend sou staan. In daardie pos het mnr. Hurter op 31 Desember 1992 afgetree en is hy opgevolg deur prof. C.R. de Beer wat Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was.

In 1992 is die pos van Uitvoerende Hoof: Bemarking geskep en is prof. M.J.C. van Vuuren daarin aangestel nadat hy professor in en hoof van die Departement Bestuurswese en Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool was.

Nauurse studie

Aan die begin van 1986 is die opleidingsfasiliteite van die Buitemuurse Afdeling in Proesstraat as deel van 'n rasionalisasieproses na die hoofkampus oorgeplaas. Dit het groot druk op die fasiliteite van die hoofkampus geplaas.

Van die voorneme om die buitemuurse studente steeds as 'n entiteit met 'n eie Verteenwoordigende Studenteraad te organiseer, het min tereggekom. Die onderskeid tussen buitemuurs en nauurs kon nie gehandhaaf word nie en die buitemuurse VSR het sy bestaansreg verloor. Voortaan sou 'n onderskeid tussen 'n heeltydse en 'n nauurse student getref word.

Daar was nie 'n toename in nauurse studente nie. Afgesien van kursusse wat net nauurs aangebied is, byvoorbeeld in Regsgeleerdheid en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, was die meeste nauurse studente daardie heeltydse studente wat in vorige studiejare onsuksesvol was. Daar is nietemin gesprek gevoer met die Kommissie vir Administrasie en staatsdepartemente om publisiteit te verleen aan die moontlikhede van nauurse studie.

Nauurse onderrig in die Oos-Transvaal

Na aanleiding van verskeie vertoë deur belangegroepe uit die Oos-Transvaal en 'n voorlegging deur die Instituut vir Bedryfsekonomiese Studies (IBES) van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, vir die vestiging van 'n satellietkampus, het die Rektoraat op 18 Maart 1985 aan IBES opdrag gegee om die saak te ondersoek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Universiteit op 3 Februarie 1990 op Witbank gehou het, is die BEd-graad aan vyf studente toegeken. In die lig van die beperkte aantal studente wat aanvanklik sou gradueer, is besluit om die promosieplegtigheid te kombineer met die Visekanselier en Rektor se verwelkoming van nuwe studente. In 1990 het 377 studente ingeskryf en in Januarie 1991 is die BEd-graad aan dertien studente toegeken. In 1991 was 355 studente geregistreer en aan die begin van die volgende jaar is 33 grade toegeken. In 1992 het 335 studente ingeskryf en 59 het gegradueer.

Die onderrigmodel wat by Witbank gevolg word, verdien besondere vermelding. Reeds van die beplanningstadium af was dit duidelik dat die tradisionele aanbieding van lesings vir buitemuurse en nauurse studente op die hoofkampus nie by Witbank sou deug nie. Reiskoste vir studente van die ander dorpe in die Oos-Transvaal sou 'n faktor word indien kontakure nie drasties ingekort word nie. Kontakonderrig sou met afstandsonderrig gekombineer moes word. Dit het nuwe eise aan die dosente gestel by die opstel van studiehandleidings met duidelike leerdoelwitte en gestruktureerde besprekingsklasse. Die beginsel van minder onderrig en meer geleentheid om te leer was dus by Witbank in die eksperimentele fase met die bedoeling dat dit ook na die hoofkampus uitgebrei kon word. Die sukses van die onderneming blyk uit die feit dat die studente by Witbank in die geheel gesien beter presteer as die nauurse studente by die hoofkampus.

Die nauurse onderrig by Witbank het ook in 'n ander opsig die geleentheid vir 'n proefneming gebied. In 1992 is 'n spesiale eenheid vir elektroniese afstandonderrig op die hoofkampus geskep. Op 'n proefgrondslag is daar reeds in dieselfde jaar 'n aantal lesings van die hoofkampus na studente op Witbank gebeeldsend.

Een van die voorwaardes wat die Minister gestel het, was dat die onderrig nie tot 'n satellietkampus sou ontwikkel nie. Die bedoeling was egter dat die Staat nie bereid sou wees om kapitaalwerke te finansier nie. Die Universiteit het egter onderneem om van sodanige aansprake af te sien en gevolglik is goedkeuring verleen dat die sentrum as die Witbank-kampus bekend kon staan. Dit sou daardie studente die geleentheid bied om eie vakverenigings te stig en 'n studenteraad te kies.

Toelating van persone van ander bevolkingsgroepe

Hierdie Universiteit se Wet het nooit 'n bepaling bevat wat die toelating al dan nie van persone van ander bevolkingsgroepe gereël het nie. Van owerheidsweë was daar wel sodanige bepalings. In 1983 is die Wet op Universiteite, 1955 (Wet nr. 61 van 1955) gebruik om 'n "kwotastelsel" in te voer. Die Wysigingswet op Universiteite, 1983 het art. 25 van die Wet op Universiteite gewysig ten einde die Minister in staat te stel om te bepaal hoeveel studente van ander bevolkingsgroepe by 'n universiteit mag inskryf en onder welke voorwaardes. Die kwota wat die Minister vir die Universiteit van Pretoria bepaal het, was 200 persone van ander bevolkingsgroepe. Die Minister sou in staat wees om die kwota af te dwing, aangesien die betrokke wetsbepaling verband gehou het met die Minister se wetlike bevoegdheid om subsidies aan universiteite toe te ken. In 1991 is daar van die kwotastelsel afgesien.

Volgens 'n raadsbesluit van 20 Mei 1985 was die bevoegdheid om persone van ander bevolkingsgroepe tot studie aan hierdie Universiteit toe te laat aan die Rektoraat gedelegeer onderworpe aan gereelde verslagdoening aan die Vaste Komitee van die Raad oor gevalle wat toegelaat is en dat kontensieuse gevalle steeds aan genoemde Komitee voorgelê moes word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op 6 November 1986 het die Vaste Komitee van die Raad aanbeveel dat die Rektoraat byeenkomste waarby persone van ander bevolkingsgroepe betrokke was, kon afhandel sonder verslag aan die Vaste Komitee en die Raad, mits sodanige byeenkomste van 'n akademies-wetenskaplike aard was. Indien die byeenkomste nie streng aan daardie vereiste voldoen het nie, moes die Rektoraat verslag aan die Vaste Komitee en die Raad doen. Daar is ook duidelik gestel dat die raadsbesluite wat gemengde byeenkomste reël, nie op die Universiteit se ingeskrewe studente van toepassing was nie.

Op 30 Maart 1989 het die Vaste Komitee daarvan kennis geneem dat die getal ingeskrewe studente op 28 Maart tot 21 927 gestyg het, waarvan 230 persone van ander bevolkingsgroepe was.

Met die raadsvergadering van 26 Junie 1989 het die Raad die aanbeveling van die Vaste Komitee goedgekeur, naamlik dat daar in die toekoms nie meer oor die toelating van persone van ander bevolkingsgroepe gerapporteer word nie en ook nie oor die sogenaamde gemengde byeenkomste nie, tensy die Visekanselier en Rektor in sy verslag aan die Raad die aandag op bepaalde sake wil vestig.

Op 29 Maart 1988 het die Rektoraat besluit dat die oostelike vleuel op die boonste vlak van Huis-en-Haard ingerig word vir die huisvesting van studente van ander bevolkingsgroepe en dat die nodige goedkeuring daarvoor van staatskant verkry word. Die Universiteit was in beginsel dus reeds ingestel op die huisvesting van persone van ander bevolkingsgroepe toe die Minister van Onderwys en Kultuur in Junie 1989 aangekondig het dat die Ministersraad besluit het dat voorsiening van en die beheer oor huisvesting op kampusse voortaan die volle verantwoordelikheid van die onderskeie universiteits- en technikonrade sou word.

Die Raad het op sy vergadering van 16 Oktober 1989 onder meer die volgende besluite geneem:

(1) Kennis is geneem van die Minister se aankondiging.

(2) Volle verantwoordelikheid sou aanvaar word vir die voorsiening van en beheer oor huisvesting op die kampus.

(3) Die beginsel wat die Rektoraat gestel het, is as beleid goedgekeur, naamlik "Die Universiteit van Pretoria, in lyn met alle Suid-Afrikaanse universiteite, sien homself as 'n *oop* inrigting: Toelating vir studie geskied alleenlik op grond van bewese akademiese meriete, asmede erkenning deur die applikant van die tradisioneel Afrikaanse voertaal en karakter van die Universiteit."

(4) Die Rektoraat is versoek om die saak in behandeling te neem met die Senaat (tydens 'n buitengewone vergadering), komitee van koshuishoofde, die erkende leierskorps van die studentegemeenskap en die alumni (verteenwoordig deur die Raad van die Bond van Oudstudente) en om paslike en prakties uitvoerbare stappe in te stel.

Tydens 'n buitengewone vergadering van die Senaat op 26 Oktober 1989 het die Senaat hom met die raadsbesluit vereenselwig. In 'n skrywe gedateer 30 Oktober 1989 het die Visekanselier en Rektor by die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke om 'n permit aansoek gedoen en op 8 Desember is 'n permit kragtens die Wet op Groepsgebiede, 1966 uitgereik dat "lede van alle rassegroepe die koshuise op die sentrale kampus van die Universiteit van Pretoria mag okkupeer ...".

H.S. Hurter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

AKADEMIESE OPLEIDING

GEESTESWETENSKAPPE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

In die tien jaar van 1983 tot 1992 het die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte voor groot uitdagings van uiteenlopende aard te staan gekom: nuwe studieterreine moes in departemente, leerplanne en navorsing geakkommodeer word; rasionalisering het daartoe gelei dat die voortbestaan en groepering van studierigtings in oënskou geneem moes word; 'n nuwe beleid oor dosent-studentkontak het die ontwikkeling en implementering van nuwe onderrigleermodelle genoodsaak; die belangrikheid van voortgesette opleiding het duidelik geword; hulp moes verleen word aan die groterwordende groep studente wie se moedertaal nie Afrikaans is nie; die moontlikhede van 'n groter Afrikabetrokkenheid moes ondersoek word; en die Fakulteit moes hom opnuut verantwoord oor die sinvolheid en die waarde van 'n opleiding in die geesteswetenskappe en sy missie ten opsigte van onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens helder en duidelik formuleer.



Prof. W.C. van Wyk, Dekaan: Lettere & Wysbegeerte, sedert 1983.

Om tred te hou met ontwikkelinge op wetenskapsgebied en in die samelewing is daar nuwe kursusse op voor- en/of nagraadse vlak ingestel in onder meer Algemene Literatuurwetenskap, Tswana, Drama, Beroepsgerigte Frans, Musiek, Sielkunde en Sosiologie, terwyl enkele kursusse ook afgeskaf is en in baie leerplanne nuwe aksente gelê is. Sekere naamsveranderings het ook ingetree. So byvoorbeeld het die Departement Wysbegeerte die Departement Filosofie geword en die Departement Liggaamlike Opvoedkunde die Departement Menslike Bewegingskunde. Om onderrig- en navorsingsdoeltreffendheid verder te bevorder, het laasgenoemde Departement na die Sportsentrum verhuis en is hulle vorige gebou deur die Departement Beeldende Kunste oorgeneem. Ander departemente kon ook eindelik kantore in die Geestesewetenskappegebou betrek. Verder het daar konsolidasie van bepaalde departemente plaasgevind: Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis is saamgevoeg, en so ook Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Duits en Frans, Grieks en Semitiese Tale, en Volkekunde en Argeologie.

Op die terrein van onderrig was sinvolle vernuwing die wagwoord. Die verskuiwing na 'n studentgesentreerde benadering met minder kontaktyd en nadruk op begeleide selfstudie het meegebring dat voortdurende kurrikulering, die ontwerp en implementering van studiehandleidings, die skep van toepaslike onderrigleergeleenthede en die didaktiesverantwoorde inskakeling van onderwyshulpmiddele al meer aandag gekry het. Wat laasgenoemde betref, het veral die rekenaar sterk na vore begin tree. Die uitbreiding van opleiding na die Witbank-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kampus en die besondere eise wat dit stel, het op al hierdie terreine bevrugtend gewerk. Die erns wat dosente met onderrig maak, blyk daaruit dat baie van hulle reeds kursusse gevolg het om hulle vaardighede ten opsigte hiervan te vergroot en dat dosente-evaluering nie meer 'n vreemde verskynsel is nie. Eksterne eksaminering verseker verder dat die verlangde standaarde gehandhaaf word. Vernuwing op nagraadse vlak het onder meer ingehou die instelling van 'n gedoseerde meestersgraad in sekere departemente, 'n groter klem op opleiding in navorsingsmetodologie en die aanbieding van seminare waaraan studente meedoen. Steunkursusse vir nie-Afrikaanssprekende studente uit alle fakulteite is ook ontwikkel sodat hulle doeltreffender kan inskakel by die akademiese en sosiale fasette van die kampuslewe. Die opsie om lesings in Engels by te woon, bestaan reeds in enkele departemente.

Om steeds uitnemende opleiding aan die studente te bied, is dit noodsaaklik dat dosente op die hoogte van ontwikkelinge op hulle vakgebiede bly. In hierdie verband het besoeke aan die buiteland, deelname aan kongresse daar en in die binneland, en die optrede van gasdosente 'n belangrike rol gespeel. Benewens individuele navorsing het spannavorsing, ook oor dissiplinêre, universiteits-, institusionele en landsgrense heen al meer begin plaasvind en reeds tot 'n aantal belangwekkende publikasies gelei. Een so 'n poging, wat terselfdertyd die Afrikagerigtheid van verskillende departemente weerspieël, is die LiCCA-projek, waarbinne die verhoudings en konflik tussen tale in Afrika bestudeer word deur geleerdes uit verskillende wêrelddele. Ten opsigte van navorsing speel die verskillende institute uiteraard 'n belangrike rol. Verskillende departemente het ook die afgelope jare opgetree as gashere vir kongresse en ander byeenkomste van hulle vakverenigings, waarby baie personeellede in verskillende hoedanighede betrokke is. Dosente en kenners van buite die Fakulteit is verder betrek by die aanbieding van 'n aantal Fakulteitslesingreekse, onder meer oor die Middeleeue, die Renaissance en die bydrae van die Portugese, Hugenote en Voortrekkers tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Erkenning vir dosente in die vorm van belangrike beurse en verering met pryse van onder andere die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het ook nie uitgebly nie.

Die kennisontploffing op elke akademiese gebied het daartoe gelei dat departemente begin het om voorsiening te maak vir her- en voortgesette opleiding. Lenteseminare, winterskole en ander kort kursusse is gereeld aangebied. Só word een aspek van die Fakulteit se missie gestand gedoen, naamlik om sy kundigheid tot beskikking van die gemeenskap te stel. Dit staan verder in die teken van 'n groter beroepsgerigtheid wat ook in die kurrikuleringsaksies van departemente 'n belangrike kriterium geword het in 'n poging om opleiding aan te bied wat in die wydste sin van die woord relevant is. Gemeenskapsdiens het egter veel wyer gestrek. Verskillende dosente het opgetree as moderatore en eksaminatore vir die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en onderwysdepartemente of was dié instansies op 'n verskeidenheid ander maniere behulpsaam. Die Departement Afrikaans het die afgelope vier jaar die Gebruiksafrikaansweek vir nie-Afrikaansprekende leerlinge aangebied en daar is deur onder andere die departemente Afrikatale, Duits en Latyn programme vir skole aangebied om die liefde vir, en bestudering van hierdie vakke te bevorder. Hierdie tipe skakeling sal in die toekoms waarskynlik al meer benut word. Deur uitstallings en opvoerings het veral die kunstedepartemente die gemeenskap gedien en bygedra tot die uitbou van die beeld van die Fakulteit, terwyl die Instituut vir Sportnavorsing die eer te beurt geval het om as toetssentrum vir die Suid-Afrikaanse Olimpiese span na Barcelona aangewys te word. Ook op die terrein van gemeenskapsdiens het die Afrikagerigtheid gegroei en meer as een departement is betrokke by navorsings- en ontwikkelingsprojekte in buurlande.

Ten slotte moet daar ook gewys word op die aktiwiteite en prestasies van die studente in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit. Daar is verskillende studentevakverenigings wat belangstellendes betrek by akademiese en sosiale bedrywighede en selfs hulle eie tydskrifte publiseer. Ook hierdeur word 'n deel van die Fakulteitsmissie waar gemaak, naamlik om studente se akademiese ingesteldheid en vermoë tot selfstandige studie te ontwikkel en hulle intellektueel-geestelik, kultureel en professioneel te vorm. Dat baie studente wel hiertoe gelei word, blyk onder meer uit hulle uitstekende akademiese prestasies wat nie net beloon word deur die kwalifikasies wat hulle verwerf of die beurse wat hulle verower nie, maar ook deur die pryse wat jaarliks in verskillende departemente toegeken word, meermale by funksies wat een van die belangrike uitstalvensters van die Fakulteit is.


W.C. van Wyk
Dekaan

Departement Afrikaans

Die Departement Afrikaans het in die dekade 1983-1992 op interessante maniere gegroei: na Afrikaans toe en na Afrika toe, en het op besondere wyse presteer, telkens met 'n beklemtoning van die eie en met inagneming van die moderne universiteit se missie en doelstellings.

Taal- en letterkundestudies was gedurende die sewentigerjare toegespits op die bestudering van teorieë en die toepassing daarvan. In die tagtigerjare het die klem begin verskuif: pragmatiese benaderings het meer aandag begin kry, en daarmee saam het 'n groter begrip ontstaan vir die taal- en letterkunderykdom van die veeltalige Suid-Afrikaanse samelewing.

Met die groter begrip van, en die groter klem op Suid-Afrika se meertaligheid, het vrae na die funksie en status van Afrikaans ook toenemend na vore begin kom. Navorsingsprojekte soos OSAT ('n Ondersoek na die situasie van Afrikaans aan die einde van die tagtigerjare) is in die Departement uitgevoer, en die LiCCA-



Prof. C.E. Pretorius, Hoof: Departement Afrikaans, 1983 - 1992.

projek (Languages in contact and conflict in Africa) het sy beslag gekry. In die raad van hierdie projek het akademici uit Europese en verskeie Afrikastate gedien. Behalwe publikasies wat uit die bedrywighede van dié projek voortgevloei het, is etlike internasionale kongresse ook al gereël. Prof. V.N. Webb, wat aan die leiding daarvan staan, het in 1992 die Ernst Oppenheimer Memorial Trust-beurs vir verdere oorsese studie verwerf. Die fokusverskuiwing na die bestudering van Afrikaans kan geïllustreer word deur die spannavorsingsprojek van die Letterkundeafdeling: Kanonisering in die Afrikaanse literatuur. Hierdie klemverskuiwing het op talle ander vlakke ook neerslag gevind: in 'n besinning oor die behoud van teoretiese essensies in die leerplanne en oor die rol van Nederlands, asook in die vestiging van nuwe vakke soos Taalbeplanning, Taalpolitiek, Afrikaanse Taal- en Literatuuronderrig, Taalva-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

riasie, die bestudering van taalverwerwingspatrone, die verwerwing van geletterdheid in Afrikaans, interkulturele studies, leksikonstudies, die opskerp van skryfvaardighede, ens.

Op talle vlakke het die Departement Afrikaans hom buite die lesinglokale hoorbaar gemaak. Skakeling met verskillende onderwysersgroepe het in die onderhawige tydperk reëlmatig plaasgevind, onder andere in die jaarlikse Lenteseminaar vir Afrikaansonderwysers. Die Departement was ook in die tydperk gasheer vir die wenners van die Afrikaansoplimpiade vir tweedetaalsprekers tydens die jaarlikse Afrikaansweek. Verder het 'n groeiende getal buitelandse en binnelandse kollegas die Departement gereeld besoek. Sedert 1992 was die Departement Afrikaans verantwoordelik vir 'n Akademiese Steunkursus vir studente wat nie Afrikaans as moedertaal praat nie, en wat hulle Afrikaans wil verbeter met die doel om lesings in Afrikaans beter te volg.

Lede van die Departement het in die onderhawige tydperk gereeld referate op oorsese en binnelandse kongresse gelewer, in verskeie besture gedien van wetenskaplike verenigings en komitees wat met Afrikaans te make het, asook in die redaksies en redaksionele panele van verskeie vaktydskrifte. Voorts is deelgeneem aan radio- en televisieprogramme wat verskillende aspekte van Afrikaans as onderwerp gehad het. Die Afrikaanse studentevereniging was ook verantwoordelik vir die uitgee van die studentetydskrif *Vlieg*, waarin oorspronklike literêre werk verskyn het.

Die Departement Afrikaans het in die betrokke tydperk op interdissiplinêre vlak met verskeie ander departemente en fakulteite geskakel. Voorgeskrewe werke is deur die Departement Drama opgevoer, en studente kon vakke wat in ander departemente aangebied is met vakkeuses uit Afrikaans kombineer vir die behaal van 'n BA Hons-graad. 'n Soortgelyke keuse kon deur BEd-studente uitgeoefen word. Samewerking met die departemente van ander Universiteite wat ook Afrikaans doseer, het deur oor-en-weer-eksaminering en gesamentlike navorsing en publikasies plaasgevind.

Op die terrein van onderrig het die Departement aan verskeie vernuwende eksperimente deelgeneem. Na aanleiding van die omstandighede van die Witbankstudente is 'n onderrigmodel ontwikkel wat ook op die hoofkampus gevolg is. Daardeur word studente verplig om op 'n gekontroleerde manier baie meer selfstudie te doen in voorbereiding vir die lesings.

Prof. R. Pretorius het prof. A.P. Grové in 1983 as departementshoof opgevolg, en van 1993 af beklee prof. M.C.J. van Rensburg dié pos. Sedert 1982 het verskeie professore die diens van die Universiteit verlaat: prof. Grové aan die einde van 1982 toe hy voltydse dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte geword het, prof. E. Botha, in dieselfde jaar, vir 'n aanstelling aan die Universiteit van Suid-Afrika, en prof. L. Spies wat in 1987 'n aanstelling aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar het. Prof. S. Strydom het in 1985 uitgetree, prof. L.C. Eksteen aan die einde van 1990, waarna hy die pos van Kulturele Attaché in Londen aanvaar het, en prof. R. Pretorius aan die einde van 1992. Proff. V.N. Webb, C.H.F. Ohlhoff en P.H. Roodt is onderskeidelik in 1983, 1986 en 1993 bevorder tot volle professore, en prof. K.E. Nolte in 1987 tot medeprofessor. Teen 1992 het die personeel van die Departement Afrikaans daarbenewens uit twee senior lektore, vyf lektore, vier junior dosente, drie navorsingsassistente en tien onderwysassistente bestaan.

Die studentegetalle in die Departement Afrikaans in die onderhawige tydperk was ook 'n weerspieëling van maatskaplike en ander omstandighede in Suid-Afrika. Hier was dit veral die omstandighede in onderwysdepartemente wat 'n invloed gehad het op studentegetalle wat sedert 1988 geleidelik begin daal het - 'n daling wat enigsins teengewerk is deur 'n toename in nagraadse studieaktiwiteite, 'n toename wat ook te bespeur was by studente in die Algemene Taalwetenskap en Algemene Literatuurweten-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


skap, dissiplines wat ook deur lede van die Departement Afrikaans gedoseer word.

M.C.J. van Rensburg
Departementshoof

Departement Afrikatale

Die Departement het in 1987 in navolging van al die ander universiteite in Suid-Afrika sy naam verander, en staan sedertdien as die Departement Afrikatale bekend. Waar hy hom tevore slegs met die onderrig van Sepedi en isiZulu besig gehou het, bied hy sedert 1986 ook voor- en nagraadse kursusse in Tswana aan. Die kursusse was aanvanklik in hierdie departement op derdetaalonderrig toegespits, en daar is naas 'n deeglike akademiese skoling ook gestrewe om die kandidate se spreek- en hoorvaardighede sodanig te ontwikkel dat hulle in die praktyk nie volkome weerloos moet staan nie. Die bestaande taallaboratoriumkursusse is verder ontwikkel en deurentyd bygewerk. Moedertaalsprekendes is hierby vir kontroledoeleindes, maar ook vir drilwerk en afronding, aangewend. Mettertyd het die praktiese kursusse vir die derdejaars 'n nuwe dimensie bygekry, en het tradisionele gebruike, rituele en materiële voorwerpe ten opsigte van die onderskeie tale die onderwerpe van die weeklikse besprekings geword. Intussen het die Departement begin om die rekenaar as onderrighulpmiddel te ontgin, en om die moontlikhede daarvan met die oog op kontrole, toetsing en remediëring te ondersoek en te benut.

Teen die einde van die tydperk 1983-1992 het die Departement, namate die behoefte daarvoor gegroei het, sy aandag dringend op die ontwikkeling van kursusse vir eerstetaaldoeleindes toegespits. Omdat die behoefte op nagraadse vlak die nypendste was, het hierdie kursusse vanselfsprekend die eerste aan die beurt gekom; is hulle uitgewerk en is hulle teen 1992 met vrug gebruik. Die groot verdienste van hierdie kursusse is dat hulle sterk op die individuele tale afgestem is, anders as ander dergelike



Prof. P.S. Groenewald, Hoof: Departement Afrikatale, sedert 1 Januarie 1967.

kursusse wat van 'n algemene aard was en die gemeenskaplike in die verskillende Afrikatale ten opsigte van taal en letterkunde beklemtoon het. Voorgraadse eerstetaalkursusse is voorberei en afdelings daarvan is in enkele gevalle reeds gebruik. Die uitwerk van 'n verpligte kursus in navorsingsmetodologie vir die taal- en letterkundestudies was teen 1992 al ver gevorder, en is ten opsigte van Sepedi reeds in die praktyk getoets.

Van 1992 af het kandidate wat hulle in die Departement vir die meestersgraadstudie kom aanmeld, een van twee studieweë gehad om te volg. Hulle kon, soos dit oor die jare heen die gebruik was, 'n navorsingstuk voorberei en as verhandeling vir beoordeling voorlê, of hulle kon 'n gedoseerde meestersgraad volg. Hierdie moontlikheid is teen 1992 uitsluitlik deur diegene benut wat hulle vir die studie in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sepeditaalkunde aangemeld het. Die gedagte was egter dat dit later ook na die ander tale en na die verskillende dissiplines binne elke vak kon uitbrei.

Gedurende die onderhawige dekade het die Departement ook sy bande met ander universiteite versterk. Hy het nie net hulp verleen, en sy kundigheid by verskeie geleenthede tot die diens van die Universiteit Vista gestel nie, maar het ook ten opsigte van die werklas op nagraadse vlak hulp van Vista, Unisa en die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) gekry. Hierdie uitruil van kundigheid het bevrugtend op die akademiese aktiwiteite van die onderskeie departemente ingewerk om sodoende 'n stabiliserende invloed op die standaard van onderrig uit te oefen.

Die Departement het sy betrokkenheid by die Sepedi-, isiZulu-, siSwati- en isiNdebeletaalrade die afgelope jare uitgebrei om by die ontwikkeling van hierdie tale as skryf- en kultuurtale behulpsaam te wees. Sy lede het daarom in verskeie komitees van hierdie rade gedien waarvan die vernaamste dié was wat met die hersiening van die terminologie en die opstel van spelreëls gemoeid was, en dié wat vir die jaarlikse literêre bekronings verantwoordelik was. Voortvloeiend hieruit, het die Departement die opdrag van die Sepeditaalraad ontvang om 'n omvattende verklarende Sepediwoordeboek op te stel, en was hy ook by die Nasionale Terminologiediens se aktiwiteite betrokke om regsterminologiewoordeboeke vir die verskillende Afrikatale op te stel. As gevolg van die kundigheid in die Departement is dié woordeboeke met behulp van die rekenaar saamgestel. In hierdie opsig was die Departement in die onderhawige tydperk 'n leier in Afrika, en het hy nie net met die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* geskakel nie, maar het hy ook skakeling opgebou met internasionale instansies wat hulle met woordeboekmaak besig hou. Die Departement was derhalwe verteenwoordig in sowel die RGN as die Nasionale Terminologiediens se komitees wat na die stand van die leksikografie in die RSA ondersoek ingestel het.

Naas navorsing het ook onderwys en opvoeding die Departement na aan die hart gelê. Daarom het hy na buite uitgereik waar hy sy kundigheid beskikbaar gestel het. Op die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (GMR) het sy lede as vakadviseurs opgetree, en het hulle 'n reuseaandeel geneem in ontwikkeling van sillabusse vir die onderskeie Afrikatale. Uit sy geledere was daar ook moderatore en eksaminatore vir eerste- en derdetaaldoeleindes. Hy het ook verteenwoordiging in die vakkomitee van die Transvaalse Onderwysdepartement gehad en deelgeneem aan die aktiwiteite van die Prestasieskool van UP wat skoolkandidate vir hulle skooleindeksamen voorberei om daardeur 'n ryper en voller mens die lewe in te stuur.

Die posstruktuur in die Departement het teen 1992 soos volg daaruit gesien: daar was twee volle professorate met prof. P.S. Groenewald as departementshoof, 'n medeprofessoraat, twee senior lektorate, vier lektorate en vyf poste vir taalassistente waarvan een teen 1992 nie gevul was nie.

Die studentegetalle het in die vyf jaar voor 1992 op nagraadse vlak dramaties toegeneem. Waar die Departement vroeër jare gewoonlik minder as tien kandidate vir die honneurs-, magister- en doktorsgraad ingeskryf het, het die getal tot honderd en vyftig nagraadse studente per jaar gestyg. Die getal studente wat hulle vir die voorgraadse studie aangemeld het, het min of meer konstant op tussen driehonderd en driehonderd en vyftig gebly. As gevolg van hierdie groot getalle nagraadse studente het die Departement ruimskoots van buitehulp gebruik gemaak en was kollegas van Vista, Unisa en die RAU by die onderrigprogramme vir die onderskeie tale betrokke.

P.S. Groenewald
Departementshoof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis

Aangesien die Departement Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis in 1978 in twee afsonderlike departemente verdeel is, maar in 1989 weer saamgevoeg is, sal die twee komponente agtereenvolgens onder die loep kom.

Kunsgeskiedenis

Die tydperk 1983 tot 1992 was in meer as een opsig 'n dramatiese tydperk in die geskiedenis van die Departement Kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Dit was 'n tydperk waarin daar nie alleen groot personeelkrisisse was nie, maar ook groot akademiese en administratiewe veranderings ingetree het. Om die bogenoemde tydperk in konteks te sien, moet egter ook verwys word na sekere hoogtepunte in die voorafgaande geskiedenis.

Aanvanklik was daar drie dosente in die Departement Kunsgeskiedenis: prof. H.M. van der Westhuysen, prof. G. van Alphen en dr. F.G.E. Nilant (senior lektor). Van 1955 af is 'n praktiese kunskursus tot die Departement Kunsgeskiedenis toegevoeg en het dit stelselmatig ontwikkel. Alhoewel die akademiese inhoud van die kursus sedert die instellingsdatum deur die Universiteit hanteer is, is die skeppende opleiding deur verskillende buiteinstansies behartig, onder andere deur die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Nadat prof. Nilant op 1 Julie 1969 prof. Van der Westhuysen as hoof opgevolg het, is besluit dat die Universiteit voortaan die skeppende opleiding self sou aanbied en van 1972 is die skeppende opleiding na die kampus van die Universiteit van Pretoria oorgeplaas.

Dr. N.O. Roos, wat reeds sedert 1969 lektor in die Departement Kunsgeskiedenis was, was daarvoor verantwoordelik om die skeppende opleiding te koördineer. Die naam van die Departement is toe verander in die Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste. Teen 1977 het die afdeling Beeldende Kunste sodanig uitgebrei wat studentegetalle, kursusse en personeel betref, dat dit in hierdie stadium een van die grootste afdelings van Beeldende Kunste aan enige Suid-Afrikaanse universiteit was. Die verdeling van die bestaande Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste in twee selfstandige departemente, te wete 'n Departement Kunsgeskiedenis en 'n Departement Beeldende Kunste, is op 1 Januarie 1978 deur die Minister van Nasionale Opvoeding goedgekeur met prof. Nilant as hoof van die Departement Kunsgeskiedenis en prof. Roos as hoof van die Departement Beeldende Kunste. Toe was Kunsgeskiedenis nog gehuisves op die 17de vlak van die Geesteswetenskappegebou en Beeldende Kunste in die ou Merensky-gebou.

Die personeel van die Departement Kunsgeskiedenis het kort voor die verdeling bestaan uit prof. F.G.E. Nilant (professor en hoof), mnr. M.G. Schoonraad (senior lektor) en mej. U. Scholz (lektrise), terwyl nog 'n senior lektor, dr. N.O. Roos wat hoofsaaklik by die Beeldende Kunste-kursus betrokke was, ook lesings in Kunsgeskiedenis aangebied het. In 1977 het mnr. Schoonraad 'n professoraat in Kuns aan die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg aanvaar, en is mnr. A.E. Duffey in sy plek aangestel. Nadat die twee afsonderlike departemente tot stand gekom het, is mnr. N.J. Coetzee in die Departement Kunsgeskiedenis aangestel om in prof. Roos se plek lesings aan te bied. Die personeel van die Departement Kunsgeskiedenis het so gebly totdat prof. Nilant in Julie 1984 afgetree het.

In die voorgraadse lesings is die Westerse kunsgeskiedenis chronologies aangebied van die prehistoriese kuns tot die kuns van Wes-Europa en die VSA in die laat-19de en 20ste eeu. Suid-Afrikaanse kuns is ook van die eerste jaar af chronologies aangebied. In die vierde studiejaar, wat slegs vir Beeldende Kunstestudente bedoel was, is sowel drie onderwerpe uit die Kunsgeskiedenis as seminaarwerk aangebied. Die kursus is so aangebied tot en met prof. Nilant se aftrede, met die uitsondering dat die vierdejaarkursus in Kunsgeskiedenis van 1982

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

af gestaak is. Hierbenewens was die Departement Kunsgeskiedenis ook nog verantwoordelik vir die opleiding van hoërskoolkunsonderwysers en vir 'n kursus in Museumkunde sedert 1976.

Benewens die akademiese verpligtinge het die Departement onder prof. Nilant ook omgesien na die Universiteit van Pretoria se kunsversameling en die Kunsargief. Die kunsbesit van die Universiteit van Pretoria is aansienlik uitgebrei en 'n fotokatalogus is opgestel. Een van die hoogtepunte van prof. Nilant se hoofskap was sy suksesvolle onderhandelings vir die skenking van die J.A. van Tilburg-versameling aan die Universiteit van Pretoria in Julie 1976 en die huisvesting daarvan in die kelderverdieping van die Opvoedkunde/Regsgeleerdheidgebou. Die Departement Kunsgeskiedenis het ook 'n belangrike rol gespeel in die onderhandelinge rondom die Anton van Wouw-huis wat in Mei 1974 aan die Universiteit van Pretoria oorhandig is. Die versameling beeldhouwerke is uitgebou van die aanvanklike 25 beelde in 1974 tot 85 in 1984 en 'n omvattende katalogus, *Anton van Wouw 1862-1945 en die Van Wouwhuis*, is deur 'n personeellid van die Departement Kunsgeskiedenis gepubliseer.

Die Kunsargief wat in 1971 begin is met ses vierlaaikabinette vol dokumente nadat prof. Nilant onsuksesvol probeer het om 'n kunshistoriese instituut in te stel, is teen 1984 uitgebrei tot 56 vierlaaikabinette vol inligting, foto's en oorspronklike dokumente oor Suid-Afrikaanse kuns en kunstenaars. Dit is gereeld gebruik, nie net deur studente en personeel van die Universiteit van Pretoria nie, maar ook deur ander Suid-Afrikaanse (en buitelandse) universiteite en instansies. Dit was ook deurgaans tot die beskikking van die algemene publiek. In die tydperk tot die aftrede van prof. Nilant is die Kunsargiefpublikasies voortgesit met die verskyning van Nr. 5, *Anton van Wouw 1862-1945 en die Van Wouwhuis*.

In hierdie jare was die Departement Kunsgeskiedenis ook verantwoordelik vir talle prestige-uitstallings wat by die Universiteit van Pretoria aangebied is en die opstel van begeleidende katalogi. Benewens vier uitstallings per jaar in die Van Wouw-huis, het die Departement ook nog van 1983 af gesorg vir ses uitstallings jaarliks in die gerenoveerde Intersaal van die Ou Lettere-gebou.

In die jare sedert die totstandkoming van die afsonderlike Departement Kunsgeskiedenis in 1978 tot die aftrede van prof. Nilant in 1984 is kontak gemaak met verskillende instansies in die buiteland, terwyl reeds bestaande verhoudings uitgebou is. In die besonder kan verwys word na verskillende museums in Engeland, Nederland en Oostenryk en veral ook die Bureau voor Kunsthistorische Documentatie in Den Haag en die Bibliothek der Öffentlichen Kunstsammlung in Basel. Waardevolle skakeling is ook bewerkstellig met dr. Philip Rawson van die Gulbenkian Museum of Oriental Art, dr. John Ayres, hoof van die Far Eastern Department van die Victoria and Albert Museum, prof. F. Baudouin, hoof van die Kunsthistorische Museum in Antwerpen en prof. Paul Vogt van die Departemente Kunsgeskiedenis aan die Universiteite van Bochum en Essen asook direkteur van die Folkswangmuseum in Essen.

In hierdie tydperk is samewerking met ander universiteite in Suid-Afrika uitgebou en het die Departement Kunsgeskiedenis 'n leidende rol gespeel in die stigting van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Kunshistorici in 1984.

Met prof. Nilant se aftrede is prof. M.G. Schoonraad in Julie 1984 as departementshoof aangestel, maar aangesien hy eers in Januarie 1985 diens kon aanvaar, het dr. A.E. Duffey voorlopig as hoof waargeneem. Prof. Schoonraad het vervolgens tot Augustus 1988 diens gedoen as hoof van die Departement Kunsgeskiedenis. Vroeg in 1988 het die Departement Kunsgeskiedenis van die Geesteswetenskappegebou na die Ou Lettere-gebou verhuis.

Na die aanstelling van mnr. N.J. Coetzee in 1980 as junior lektor in die Departement Kuns-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geskiedenis, is die voorgraadse kursusse geherkurrikuleer om aan moderne opvattings en vereistes te voldoen. Aspekte van die kuns van die swart gemeenskap is ingesluit, asook aspekte van die metodiek van kunsgeskiedenis. Verdere groot veranderinge aan die kursusse, lesingtye, lesinglokale en lesinginhoude het tydens prof. Schoonraad se hoofskap gevolg. Die Britse stelsel is ingestel. Klem is gelê op 'n breë chronologiese oorsig en op stylgeskiedenis met 'n stelsel van seminare en tutoriale. In die tweede en derde jaar was die klem op die chronologie en stylontwikkelings van die 19de en 20ste eeu. Die honneurskursus het bestaan uit 'n ingewikkelde stelsel van ses seminare wat hoofsaaklik berus het op die selfstudie van 'n spesialiseringstydperk.

Wat die personeelsamestelling betref, het dr. U. Scholz (senior lektrise) die diens van die Universiteit in 1984 verlaat en 'n uitstalbeampte, mev. S. Kriel, is in 1988 aangestel. Die personeel tydens prof. Schoonraad se hoofskap het bestaan uit hom, prof. A.E. Duffey (medeprofessor), mnr. N.J. Coetzee (lektor), mnr. H.J. van Rensburg (junior dosent) en mej. J. Joubert (junior dosent). Mej. Joubert het in Desember 1987 bedank en mev. S. Kriel het in haar plek lesings in die Departement gegee.

In hierdie tyd het die Departement aktief deelgeneem aan die bedrywighede van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Kunshistorici. Prof. Schoonraad is tot voorsitter verkies, mnr. Coetzee tot redakteur van die tydskrif en mej. Joubert tot tesourier van die Vereniging. In 1986 en 1987 is simposia onderskeidelik by Unisa oor Universiteitsversamelings en by UP oor Kunskritiek aangebied en in 1988 is die vierde jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Kunshistorici met as tema "Die Dertigerjare: Kuns in Konteks" deur die Departement by UP aangebied.

Onder prof. Schoonraad se leiding het die Departement sy verpligtinge ten opsigte van die Universiteitsversamelings wat die Van Wouwhuis, die UP-kunsbesit en die Van Tilburg-versameling ingesluit het, getrou nagekom. 'n Nuwe kaartstelsel vir die UP-kunsbesit is voltooi. Die dokumentasie van die voorwerpe in die Van Tilburg-versameling is voortgesit terwyl die UP-kunsbesit en Van Wouw-versameling stelselmatig uitgebrei is. In 1985 is 'n opname van die kunsversameling van die Reserwebank voltooi en amptelik deur die Rektor aan die President van die Reserwebank, dr. G. de Kock, oorhandig. 'n Hoogtepunt in 1987 was die Departement se betrokkenheid by die Fakulteitsprogram "'n Blik op die Middeleeue". Die Kunsargiefpublikasies is voortgesit met die verskyning van Nr. 6, *The Levinson Collection*, en Nr. 7, *Bibliografie: Suid-Afrikaanse Kunstenaars Vol. 2.*

In hierdie tyd het verskeie belangrike akademici en kunstenaars, plaaslik en uit die buiteland, besoek by die Departement afgelê: dr. David Best, 'n vooraanstaande akademikus en kunsopvoeder uit Engeland (1984), prof. Gilbert de Greeve, direkteur van die Rijksmuziekacademie in Antwerpen (1985), prof. Victor Koshkin-Youritzin, hoogleraar in Kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Oklahoma (1986) en dr. Evelyn Weiss, kunshistorikus en kurator van die Wallraf-Richartz-Museum in Wes-Duitsland (1987). Prof. Schoonraad het in 1987 'n referaat gelewer by 'n internasionale kongres in Valcamonica, Italië, en in 1988 'n referaat oor die spotprentkuns.

In Augustus 1988 is prof. Schoonraad aangestel as hoof van kultuurbevordering in die Buro vir Openbare Betrekkinge en prof. Duffey is aangestel as waarnemende hoof tot Mei 1989, toe die samesmelting van die Departemente Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis plaasgevind het. Mej. A. du Preez het in 1989 en 1990 tydelik in prof. Schoonraad se plek lesings in die Departement Kunsgeskiedenis gegee. In Mei 1990 is die samesmelting amptelik deur die Departement Nasionale Opvoeding bekragtig met prof. Roos as hoof en prof. Duffey as afdelingshoof vir Kunsgeskiedenis. Die nuwe naam van die departement was toe die Departement Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die personeel van die afdeling Kunsgeskiedenis is ingekort tot drie: prof. Duffey (afdelingshoof), mnr. H.J. van Rensburg (lektor) en mev. J. van Eeden (née Joubert)(lektrise).

Studentegetalle van die Departement/Afdeling Kunsgeskiedenis het in die tydperk tussen 1983 en 1992 bemoedigend toegeneem. Waar daar in 1983 altesame 168 in die Departement was, het dit in 1985 tot 220 toegeneem en vanweë die instelling van Visuele Kommunikasie in 1989 was die totaal in daardie jaar 417, en in 1992, 473. Die getal eerstejaars in Kunsgeskiedenis het van 63 in 1984 tot 98 in 1985 en 115 in 1986 opgeskiet, en het in 1992 op 104 gestaan. Die tweedejaars het van veertig in 1984 'n stewige styging getoon, met 'n hoogtepunt van 72 in 1990, maar teen 1992 effens teruggesak tot 68. 'n Stygende lyn het ook onder die derdejaars voorgekom van 31 in 1983 tot 53 in 1992. Die sowat veertien studente in vakdidaktiek tussen 1984 en 1988 het egter van 1989 af skerp gedaal en in 1992 was daar slegs twee. Visuele Kommunikasie het 'n geleidelike styging in studentegetalle ervaar: die eerstejaars van 69 tot 76, die tweedejaars van 50 tot 57, die derdejaars van 34 tot 42 en die vierdejaars van 23 tot 'n stewige 41. Die getal honneursstudente in Kunsgeskiedenis het heelwat gewissel van sewentien in 1983 tot nege in 1986, twintig in 1987, elf in 1988 en weer nege in 1989, om ná 'n hoogtepunt van 36 in 1991 op negentien in 1992 te staan te kom. Die aantal MA-studente het in die onderhawige tydperk basies konstant gebly op sowat tien, met 'n hoogtepunt van sestien in 1989. Die getal DPhil-studente het tussen twee en vier gewissel, maar in 1992 was daar slegs een.

In 1989 is daar belangrike veranderings in die leerplanne aangebring. Sekere behoeftes in die gemeenskap op makro-, meso- en mikrovlak is geïdentifiseer en in ag geneem by die samestelling van nuwe leerplanne. Aangesien die afdeling Kunsgeskiedenis oor 'n lang tradisie beskik van navorsing oor Suid-Afrikaanse kuns waaruit 'n groot aantal verhandelings en proefskrifte voortgespruit het, is besluit om meer klem op die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis te plaas. Die benadering hiertoe en ook tot Europese en Afrikakuns is verskuif na 'n tematieser en interdissiplinêre benadering om sodoende die kursusse meer in ooreenstemming te bring met ontwikkelinge en tendense in beide die internasionale benadering tot kunsgeskiedenis en ander vakdissiplines. Die Departement het in hierdie opsig 'n toonaangewende rol gespeel in die ontwikkeling en vestiging van die metodologie vir die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis.

Groter klem is ook gelê op selfstudie en begeleidende studiehandleidings. 'n Geleidelike opbou van die voorgraadse vlak af tot die nagraadse vlak is in die sillabus ingebou en om hierdie rede is vakkursusse só beplan dat die een op die ander voortbou. Die nagraadse kursus is nie beskou as net voorbereiding vir selfstandige navorsing nie, maar ook as 'n samevattende kursus waar die student op hoogte kan kom met die jongste ontwikkelinge op die gebied van die vakwetenskap wat die vakfilosofie, vakteorie, vakhistorie en vakpraktyk insluit. Kursusinhoude vir Kunsgeskiedenis is beide plaaslik (RGN, 7 Oktober 1989) en in die buiteland (Courtauld, Londen, 15 Oktober 1990) bespreek en geëvalueer. Die kommentaar was in albei gevalle baie gunstig en die peil van die leerinhoud as hoog beoordeel.

Terselfdertyd is die teoretiese kursus in die Beeldende Kunste hersien. Die voorgraadse kursus in Visuele Kommunikasie is eweneens ontwikkel om te lei tot 'n metodologiese komponent van hoë standaard vir MA-studente in die Visuele Kunste. Hierdie program is gerig op 'n teoretiese ondersteuning van die visuele en tegniese opleiding in die visuele kunste. In samewerking met die Ontwerpafdeling van die Departement Beeldende Kunste het dit onder andere gelei tot die instelling van die eerste nagraadse kursus vir ontwerpstudente in Suid-Afrika.

In 1989 is die administrasie van die Universiteitsversamelings oorgeplaas na die Buro vir Openbare Betrekkinge onder die toesig van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

prof. Schoonraad en was die die Departement Kunsgeskiedenis daarna slegs in 'n raadgewende hoedanigheid betrokke. Ná prof. Schoonraad se dood in Augustus 1991, is 'n nuwe Kultuurburo gevestig wat die administasie van die UP-versamelings sou behartig. Die Departement Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis vorm nou 'n subkomitee vir die beeldende kunste van 'n oorkoepelende kultuurkoördineringskomitee.

In hierdie tydperk was daar uitstekende interdissiplinêre skakeling met die Departemente Kunsgeskiedenis van Unisa en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, en het personeel gevolglik oor en weer as eksaminatore opgetree. Die afdeling Kunsgeskiedenis het die opleiding van kunsonderwysers voortgesit deur volgehoue samewerking met die Fakulteit Opvoedkunde en ook 'n lesingreeks by Boukunde en vir Museumkunde aangebied. Die afdeling Kunsgeskiedenis het betrokke gebly by die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kunshistorici deur die gereelde lewering van referate en diens in komitees soos die ad hoc-komitee vir Kunsgeskiedenis en die raad van die Transvaal Streektak. Gereelde publikasies deur personeel van die afdeling Kunsgeskiedenis het ook in die tydskrif van die Vereniging verskyn. Die Afdeling het 'n leidende rol gespeel in die ondersoek na die plek van die vakmetodologie by veral Afrikaanse universiteite.

Intussen was die afdeling Kunsgeskiedenis ten nouste betrokke by die breë gemeenskap. Personeellede het gedien in die Raad van die SA Kunsvereniging, die Stigting vir Skeppende Kunste, die Advieskomitee van die Kunsinspekteur in Transvaal, die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en die Pretoriase Kunsmuseum, en ook deelgeneem aan talle SAUK-radiopraatjies en TV-uitsendings. Deur die Kunsargief het die afdeling Kunsgeskiedenis 'n waardevolle inligtingsdiens gebied aan navorsers, die pers, die SAUK, die RGN, verskeie museums en ander universiteite. Personeellede het in dié tyd ook sowel plaaslik as internasionaal gepubliseer.

Beeldende kunste

Soos gemeld, is die Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste in 1978 geskei en het 'n afsonderlike Departement Beeldende Kunste onder leiding van prof. N.O. Roos tot stand gekom. In daardie stadium was die Departement gehuisves in die Ou Merenskygebou.

Met die totstandkoming van die Departement Beeldende Kunste is die kursusse in hierdie dissipline geherkurrikuleer. Veral in die geval van Inligtingsontwerpkursusse wat reeds in 1972 ingestel is, is ingrypende nuwe rigtings ingeslaan wat die kursusse direk in ooreenstemming gebring het met die ontwerpbehoeftes van die privaat sektor.

Die Departement het met die oog op die al hoër studiegeld ernstig aandag geskenk aan die beskikbaarstelling van beurse vir kunsstudente. Vier beurse is met verloop van tyd ingestel: in 1980 die Beeldende Kunste-beurs wat deur selfgegenereerde fondse gevoed word en die Emil Schweickerdt-beurs vir Beeldende Kunste geborg deur die Schweickerdt-familie; in 1982 die Bettie Cilliers-Barnard-beurs vir Skilderkuns en die Edoardo Villa-beurs vir Beeldhoukuns. Laasgenoemde twee beurse is geborg deur die kunstenaars na wie dit vernoem is. Die beurse is reeds herhaaldelik toegeken aan belowende studente, onder meer by twee geleenthede vir 'n buitelandse studiereis.

Die Departement was ook met die Hans Merensky-stigting onder leiding van dr. Viktor Hesse medeverantwoordelik vir die inisiëring van die Hans Merensky-houtbeeldhoukompetisie en het in 1985 en 1986 die eerste uitstallings daarvan aangebied.

In 1987 het die Departement sy huidige tuiste betrek, nl. die ou gebou van Liggaamlike Opvoeding wat op vindingryke wyse deur T. van Rensburg omskep is in 'n doelmatige en uiters goed toegeruste kunsdepartement met lugtige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ateljees en kantoor- en lesingsruimtes wat aan elke behoefte voldoen.

In dieselfde jaar het die Departement begin met die ontwikkeling van 'n korporatiewe grafiese beeld vir die Universiteit van Pretoria. Hierdie reuseonderneming gaan steeds voort, maar is reeds van 1986 af geleidelik in werking gestel en kan dus reeds op die skryfbehoeftes, sportdrag, ens. van die Universiteit gesien word.

In 1986 was 'n hoogtepunt vir die Departement die belangrike uitstalling van werke uit die Inligtingsontwerp-afdeling wat op uitnodiging in die Shell-galery in Johannesburg plaasgevind en uiters gunstige kommentaar in die pers ontvang het. Hierdeur het die Departement bekendheid verwerf, soos stellig blyk uit die toename in studente daarna. In dieselfde jaar is die bronsgiettegniek van keramiekvoering vir die eerste keer in Suid-Afrika deur die Departement toegepas en het dit groot belangstelling by sowel ander opleidingsinstansies as die privaat sektor gewek. Verder het die Departement geslaagde eksperimente met plaaslike marmer as plaasvervanger vir duur ingevoerde litostene onderneem. Hierdie deurbrake word nou nasionaal nagevolg.

In 1987 het die Pretoriase Kunsmuseum 'n prestige-uitstalling van die werk van die personeel van hierdie Departement aangebied. Dieselfde versameling is ook op uitnodiging by die Hilton College in Natal uitgestal.

In 1988 het die Departement as gasheer opgetree van mev. Lucia Pinochet, dogter van die toenmalige president van Chili en presidente van die Chileense kunsstigting in Santiago. 'n Uitstalling van Chileense kuns is gereël om met haar besoek saam te val. In dieselfde jaar is dr. Albert Werth, oudstudent van die Universiteit en Direkteur van die Pretoriase Kunsmuseum, aangestel as ereprofessor in die Departement. 'n Jaar later het dieselfde eer die beeldhouer Edoardo Villa te beurt geval en het hy ook, soos Bettie Cilliers-Barnard vroeër, die Kanseliersmedalje van die Universiteit ontvang.

Ná die gemelde samesmelting van die Departemente Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis in Mei 1989 het die studentegetalle in Beeldende Kunste sodanig toegeneem dat die Beeldende Kunste-gebou geheel en al ontoereikend geword het en bykomende ateljeeruimtes op die Suidkampus aan die Departement is toegeken vir gebruik deur die studente in skilder- en beeldhoukuns. Terselfdertyd is die opleiding in Inligtingsontwerp versterk deur die instelling van 'n kursus in rekenaarondersteunde ontwerp.

Studente van die Departement het al talle nasionale en internasionale toekennings gewen wat bygedra het tot die feit dat die Departement algemeen as een van die bestes in Suid-Afrika gereken word. Hierdie feit is beklemtoon toe Philips (Duitsland) die Departement aangewys het om Suid-Afrika te verteenwoordig in 'n internasionale ontwerpkompetisie wat deur hulle gereël is. Die werk van vier studente uit die Departement is saam met werke uit vyftien ander lande uitgestal as deel van 'n prestigekompetisie.

N.O. Roos
Departementshoof

Departement Drama

Die missie van die Dramadepartement is enersyds die opleiding van beroepsteaterlui wat ook hul plek in die media kan vol staan. Andersyds is dit die voorsiening in die behoefte aan opvoerbare Afrikaanse dramas. In 1982 is die Departement deur die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) genader met die versoek om 'n projek te help loods wat in die dekade 1982 tot 1992 verreikende gevolge sou hê. Hierdie kultuurorganisasie het opgemerk dat die belangrikste Afrikaanse verhoogdramaturge, soos P.G. du Plessis, Chris Barnard en André P. Brink, hulle toenemend tot die televisie begin wend het. Daar is trouens in die vyf jaar vóór 1982 slegs vier Afrikaanse verhoogdramas gepubliseer. Só ontstaan die jaarlikse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. L.B. Odendaal, Hoof: Departement Drama, sedert 1 Januarie 1973.

interuniversitêre Kampustoneelfees wat in 1983 die eerste keer in sy geheel op die Tukkiekampus aangebied is. Met die ATKV en later HAUM-Literêr en DALRO as borge het Kampustoneel van krag tot krag gegaan en was dit tot 1992 verantwoordelik vir die ontstaan van 63 nuwe vollengte dramas in Afrikaans. UP se Dramadepartement het elke jaar met 'n nuutgeskrewe Afrikaanse stuk deelgeneem en was telkens gasheer vir opvoerings deur dramadepartemente van ander universiteite. Deur sy volgehoue deelname aan en leidende rol in hierdie projek kon UP se Dramadepartement sy missie gestand doen. Stukke soos *Die potlooddief en die engel* (A.S. van Straten), *Wolf* (Schalk Schoombie), *En dit was môre...* (Hennie Baird), *Kinderspeletjies* (Marietjie Pretorius), *Iris-beheer* en *Luc* (Marc Hosten) het só ontstaan. 'n Regstreekse voortvloeisel uit ATKV-kampustoneel is die Herfsskool vir Dramaturge wat sedert 1985 deur die ATKV aangebied word by die Dramadepartement van die Universiteit van Pretoria en waaraan personeel van dié departement steeds 'n belangrike aandeel het.

In die laat sewentigerjare is die behoefte aan intensiewe spelopleiding op nagraadse vlak geïdentifiseer as gevolg van die voortdurende styging in die eise wat die beroep stel. Dit was nie voldoende om slegs Afrikaanse spelers op te lei nie; tweetalige beroepspelers wat ook kan dans en sing, regie kan voer en vaardig is met die pen, was nodig. Met die oog hierop het 'n voltydse Honneurskursus in Drama wat reeds sedert die laat sewentigerjare beproef is, sy beslag aan die begin van die jare tagtig gekry, naas die nauurse kursus in Dramakunde (Hons). Die klem val in eersgenoemde kursus op praktiese werk; in laasgenoemde op teorie. Van die studente (tans in die beroep) wat Honneurskursusse suksesvol voltooi het, is Brümilda van Rensburg, Elizabeth Archer, Elmarie Kruger, André Odendaal, Lizz Meiring, Eben Cruywagen, Henriëtta Gryffenberg en Elma van Wijk.

Op voorgraadse vlak is die kursus grondig hersien en uitgebrei. 'n Stewige bewegingskomponent is bygevoeg, asook sang. Die skryfkunskursus is verder uitgebou en Drama-in-die-Onderwys het gaandeweg in belangrikheid toegeneem.

'n Besondere studie- en navorsingsgebied van dié Departement is die lewende teater. Daarom is die bywoning van alle plaaslike professionele produksies 'n integrerende deel van die dramastudent se opleiding. Vanweë die beperkte aantal plaaslike regisseurs, is dit vir dramadosente noodsaaklik om gereeld teaters in die buiteland te besoek. Dramaopvoerings is immers die teaternavorser se primêre bron in die skep van sy eie produksies. Navorsingsbesoeke aan Europa is dus deur verskeie lede van die Departement se doserende personeel onderneem in 1982, 1984, 1988, 1990, 1991 en 1992. Die neerslag van die navorsing was te sien in honderd en twintig produksies wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tussen 1982 en 1992 op die planke gebring is en waarvan die 1 080 opvoerings bygewoon is deur nagenoeg honderdduisend mense.

Die Departement en sy dosente werk nie alleen nou saam met talle buite-instansies nie, maar neem dikwels 'n leidende rol in sulke liggame. Die Departementshoof het opgetree as voorsitter van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (GMR) se leerplankomitee vir Spraak en Drama en is tans adviseur en moderator vir die vak (GMR-Sertifiseringsraad). Hy is ook voorsitter van komitees van die Direktoraat van Publikasies en lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy en personeellede van die Departement tree gereeld op as eksterne eksaminatore vir verskeie ander universiteite, die GMR, die Departement Onderwys en Kultuur, Unisa se Spraakeksamens en as beoordelaars vir die ATKV se Tienertoneel- en Amateurtoneelkompetisies, asook die Transvaalse Onderwysdepartement se Direkteurstrofeekompetisie vir hoërskole. Die senior personeellede is ook gekies as lede van komitees wat tot stand gekom het deur die Nasionale Kunste-Inisiatief. Mnr. Carel Trichardt, senior lektor, was jare lank voorsitter van die Suid-Afrikaanse Federasie van Teaterunies (SAFTU) en is redaksielid van *Lantern*, het professionele regie vir die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste (TRUK) en die Suid-Afrikaanse Toneelvereniging (SATV) gedoen en het in 1992 saam met Petru Wessels 'n suksesvolle voordragtoer in België onderneem.

Die Departement werk jaarliks saam met dramadepartemente van ander Suid-Afrikaanse universiteite wanneer Kampustoneel en die Herfsskool aangebied word in sy teaters, Die Masker en Die Lier en in die Dramagebou. In 1982 het die Departement 'n spesiale produksie, "Vyftig", aangebied ter herdenking van die Afrikaanswording van die Universiteit. 'n Videoprent is in 1987 gemaak vir die Departement Huishoudkunde; in 1988 is 'n Middeleeuse en in 1989 'n Renaissanceprogram aangebied in samewerking met die Departemente Musiek, Beeldende Kunste en Afrikaans, as deel van die Fakulteitslesingreeks. In die dekade 1982-1992 werk die Dramadepartement verskeie male saam met die Departement Afrikaans in die aanbieding van poësieprogramme en dramavoorlesings, asook met die Departement Latyn in die opvoering van drie Romeinse komedies. Aan die einde van 1992 het die Departement 'n ooreenkoms met die Departement Afrikaans gesluit ingevolge waarvan hy onderneem om van dié Departement se voorgeskrewe werke op te voer. Verdere ooreenkomste is aangegaan met die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR) se Komitee vir Studentekultuur waarvolgens studente punte kan verdien in die wedywering om die Kultuurbeker deur opvoerings by te woon. Ook met die afdeling Skoleskakeling is ooreengekom om gereelde opvoerings vir skoliere tydens kampusbesoeke te hou.

Die vakgebied behels teoretiese en praktiese komponente. Die uitgangspunt is 'n stewige teoretiese grondslag wat as vertrekpunt dien vir 'n praktiese, beroepsgerigte opleiding. Sodanige opleiding behels ook skakeling met en beskikbaarstelling van kundigheid aan swart teatergroepe deur middel van byvoorbeeld die ATKV se projek: Afrikaanse Toneel vir (swart) Onderwyskolleges.

Die Departement het deeglik kennis geneem van gebeure op die teatergebied gedurende die tydperk 1983-1992. In die lig hiervan is hy reeds geruime tyd besig met die herkurrikulering en herstrukturering van sy kursus. Veral nadat die Rasionalisasieondersoek deur die Komitee vir Universiteitshoofde (KUH) so 'n gunstige verslag oor die Dramadepartement van UP opgelewer het, kan daar nou ingrypende herstrukturering plaasvind. Die doel met die instelling van die bogenoemde twee graadkursusse is enersyds 'n aansienlike verhoging in studentegetalle en andersyds die lewering van enkele uiters bekwame akteurs aan die beroep.

'n Gestadige daling in studentegetalle gedurende die tagtigerjare het die geleentheid gebied om in toenemende mate kleingroep- en indivi-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

duele onderrig te gee. Daar is gevind dat kunstenaarsvaardighede ten beste gedy deur individuele aandag. Dit is ook die enigste verband waarin remediërende onderrig doeltreffend gedoen kan word.

'n Dramadepartement is nie sy naam waardig indien hy nie gemeenskapsdiens lewer nie. Die Dramadepartement van Tukkies is daarvoor bekend dat hy opvoerings van hoë gehalte aan die publiek van Pretoria en omgewing lewer. Hierbo is gewag gemaak van die aantal produksies en opvoerings asook die bywoningsyfers van 1983 tot 1992. Daarby inbegrepe was ook spesiale opvoerings, byvoorbeeld vir die Puniva-damesklub, ander vroueklubs en die Nasionale Raad vir Blindes. Hierbenewens tree individuele lede van die Departement se personeel gereeld in die openbaar op met voordragprogramme, lesings en demonstrasies. Verder bied die Departement kursusse of werkwinkels aan, soos dié op Lentedag (1990) oor openbare redevoering en dié aan die Tzaneense Hoërskool Ben Vorster (1991).

Die huidige departementshoof, prof. Louw Odendaal, word bygestaan deur twee senior lektore, mnre. Fred Steyn en Carel Trichardt en vier lektore, mnr. Braam Cilliers, Abri le Roux, Johan Visser en me. Estelle Zeeman. Die produksiebestuurder is me. Susan Loubser, die sekretaresse mev. Yvonne Rabie; mnr. Peter Walter is hoof van die dekorafdeling en me. Jeanette Ingham van die garderobe, terwyl mnr. Martiens Mohlamonyane in bevel is van die Maskerkompleks. Daar is sewe dienswerkers in die Departement en een spook (in die Masker)!

Sedert 1982 het die getal voorgraadse studente as gevolg van 'n verswakking in die ekonomie en die gevolglike afname in beroepsmoontlikhede matig afgeneem. Hierteenoor het daar 'n dramatiese styging in die aantal nagraadse studente voorgekom. In 1983 het die nagraadse studente (Hons, MA, DPhil) slegs 25% van die totale aantal studente in die Departement uitgemaak. In 1986 het hierdie persentasie gestyg tot 40% en in 1992 staan dit op 48%. In die tydperk 1982 tot 1992 het nege magisterstudente afgestudeer en vier studente het doktorsgrade ontvang.

L.B. Odendaal
Departementshoof

Departement Duits


Alhoewel die Departement Duits sy moeilikste jare sedert sy bestaan beleef het, het die vak en die dosente sterk gestaan en selfs deur swaarkry nuut ontwikkel en gegroei. Teen die agtergrond van die dood van twee geëerde en geliefde hoofde van die Departement, nl. proff. J.A.E. Leue en M.C. Mostert, het ons die sewentigerjare afgesluit en die tagtigerjare binnegegaan onder leiding van prof. A.M. van Aarde.

Onder prof. Van Aarde se leiding is veral hulp verleen aan studente wat geen Duits op skool gehad het nie, maar wat om praktiese redes Duits in hulle studiepakkette moes invoeg. Hy kon staatmaak op die toegewyde meelewing van veral dr. G. Tesmer en haar eggenoot, dr. D.H.R. Tesmer - veral ook met die doeltreffende gebruik van die taallaboratorium onder leiding van mej. C. Kolbe.

In 1986 het mnr. Rudi Neitz oorgeneem as die waarnemende hoof van die Departement. Dít het gebeur op 'n tydstip dat die bestaan van Duits as vak op ons skole gedreig het om geheel en al te verdwyn. Mnr. Rudi Neitz se geëerde verbintenis met die skole en onderwys in die algemeen en dr. G.H. Hesse se praktiese werwingsveldtog het egter vir nuwe lewe gesorg. Onder die beskerming van die Universiteit van Pretoria het die Departement 'n nuwe fase betree deurdat daar jaarliks Duitse vakkongresse aangebied is.

In die laaste ses jaar voor 1992 het 'n daadwerklike vernuwing ingetree: heeltemal nuwe kursusse is ingestel. Moedertaalsprekers van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.M. van Aarde, Hoof: Departement Duits, 1 Januarie 1979 - 30 Junie 1986.

Duits ontvang nou aparte onderrig en die niemoedertaalsprekers leer, al is dit met moeite, geduld en opoffering om Duits as 'n spreektaal te gebruik. Uiteindelik behaal beide groepe dieselfde eenvormige graad.

Ons dosente woon kongresse by, hulle publikasies vind positiewe weerklank in die buiteland en hulle onderneem studiereise na Europa. Studente uit Duitsland doktoreer onder die vleuels van ons Departement.

Alle vroeëre opleiding was gebaseer op tradisionele akademiese beginsels. Onder leiding van mnr. Rudi Neitz is vaste vakdoelwitte geformuleer. Die Departement streef 'n vierledige doel na. Eerstens het die Departement 'n opleidingstaak om die student te help om hom te bekwaam vir die beroepslewe; tweedens het dit 'n navorsingstaak ten opsigte van taal, letterkunde, teater, kuns en kultuur; derdens het dit 'n opvoedkundige taak om die student te vorm ten einde deel te word van 'n gelukkige samelewing; en ten slotte die taak om by die student selfstandigheid van denke te kweek in sy keuses, oordele en besluite ten opsigte van die lewe.

Volgens navorsingsopnames van die RGN/SWO sal die Departement se getalle oor die volgende jare geweldig toeneem, veral as gevolg van handels- en teologiese kontakte.


In die beginjare was die tale Duits en Frans aan die UP saamgevoeg onder die leiding van prof. A.P. de Villiers en só voltooi ons tans hierdie kringloop deur 'n hernieude samesmelting onder die naam: Departement Moderne Europese Tale.

H.K.R.S. Neitz
Waarnemende Departementshoof

The Department of English

Growth in student numbers is the most important feature of 1983-1992. Fortunately two more lectureships and a senior lectureship were created soon after Professor P.J.H. Titlestad became Head of Department in 1980. By 1988 total student numbers had increased by four hundred students to sixteen hundred. In this year, two more junior lectureships were also granted the Department, making three in all. At this stage, then, the Department consisted of fourteen permanent posts and three part-time temporary posts. These graduate assistants were employed in the teaching of the 102 course, or practical English course (formerly called the IB course). This gave some relief to the other members of staff as the 101 course reached four hundred, the 200 course touched two hundred and twenty and the 300 course one hundred and thirty in 1988-1989. The chief problem was, of course, the marking load. There is a world of difference between marking sixty substantial English 300 essays, and a

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.J.H. Titlestad, Hoof: Departement Engels, sedert 1 Januarie 1980.

hundred and twenty. Fortunately (although the financial authorities of the University probably take a different view of these things) the numbers of 101, 200 and 300 courses have declined since.

However, an increase in the size of the Honours class, and in the number of students doing theses and dissertations, has meant that the teaching loads of the more senior members of staff have changed in nature but hardly grown less. The increase in Honours can be attributed to two factors. Firstly, it was made possible to do the course full-time in one year instead of two, so attracting more students directly from the third year, rather than the older students, often teachers, who had been the backbone of the course in the past. Secondly, teaching emphasis was shifted from 101 to 300 by cancelling an extra weekly 101 lecture and acquiring an extra weekly 300 lecture, so enabling a fuller major course to be taught with more tutorial work to split the large 300 group.

The traditional policy of the Department of trying to teach in small groups as much as possible has continued. The 102 and 101 classes are taught entirely in groups. Tutorial teaching was introduced into 200 and 300 during the period under review.

An interesting development has been a change in the profile of the student intake. The Department of English has, traditionally, regarded itself as an English second language department. The addition of a modest number of black students in recent years has done little to change this profile, but an increase in excellent mother-tongue speakers of English has been noticeable. While the Department in no way wishes to decrease the kind of attention the non-mother-tongue speakers have traditionally received, it also wishes to do justice to this new kind of student.

It is, naturally, impossible to guess what the student profile might be in the relatively distant future, but preparations for self-help aid through basic, computerised remedial courses, language laboratory courses and reading laboratory courses have been undertaken.

The 102 course has, in a sense, always been the backbone of the Department, as the numbers taking this course have stood at around seven hundred for many years. This may be augmented by first-year BSc students in 1994. Regulations were changed to allow students taking 102 to then take 101 without losing credit for 102, so that the 102 course could act as a kind of bridging course for those needing it.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

The profile of the teaching staff has also changed. From the early nineteen eighties more applications for posts began to come from well qualified graduates of the English medium universities, some of them with degrees from British universities as well. The academic strength of the Department has, at the time of writing, never been higher, the number of doctorates is increasing at a gratifying rate and there are three Oxonians, one graduate of London and one Cantabridgian. The number of research publications has increased and also attendance at conferences, including overseas conferences. The improved academic qualifications of staff have enabled more, and more varied, Honours courses to be offered, and facilitated the increase in MA candidates.

The Department hosted two conferences itself in 1989 and various members serve on the committees of a number of academic societies. Promotions for improved qualifications and research output have taken place, and for the first time since 1964, there are three professors, with the promotion to Associate of Dr Rosemary Gray. Professor Stephen Finn has been the second Professor since 1989, with the retirement of the much loved W.D. (Bill) Maxwell-Mahon. Another to retire was Mr A.G. de Beer, who for many years ran the 102 course.

The third professor in 1964, and professor until her retirement in 1975, was Gwen Knowles-Williams. She was one of the founders of the English Academy of Southern Africa in 1961, and its first President, a post to which Professor Titlestad was elected in 1992. Professor N.J.G. Sabbagha, Head of Department from 1964 to 1979, died in 1992.

A feature of Departmental activity has been the group compilation of anthologies for use in the Department. The first was an anthology of prose, compiled by Maxwell-Mahon and Titlestad in 1979, called *Content and Style*. Under the name *Ways with Words*, it was issued in a revised and expanded form with contributions from other colleagues in 1988, and a third, changed edition has just appeared. *Best Stories*, made up of staff contributions and edited by Betty Hugo and Christopher Brightman, was next, and *Broken Strings*, edited by Rosemary Gray and Stephen Finn, an anthology of South African verse, appeared in 1992. The royalties of all these books go to a departmental fund that is beginning to provide prizes for student achievement and money for other purposes.

Finally, no account of 1982 to 1992 would be complete without mention of the changes in course content. Most obviously, there has been an increase in the amount of South African and African literature prescribed, at both undergraduate and postgraduate levels. An honours course in African literature has expanded into the possibility of taking an Honours degree specialising in African literature, and to coursework in African literature at MA level. An honours course in Woman's Studies has also come into existence and in all courses the impact of literary theory has come increasingly to be reflected, although this creates teaching problems for some hard-pressed second-language students.

Along with the University as a whole, the English Department waits to see what the future will bring, both in an increased intake of black students and in a decline in student numbers. Signs of both are already there but the necessary forward thinking and adjustment has taken place. The decline in student numbers has to date not been alarming and the 102 course might prove to be a growth point at one end of the scale, while postgraduate work increases at the other.

P.J.H. Titlestad
Head of the Department

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Filosofie

Die Departement Wysbegeerte waarvan die naam van die begin van Januarie 1992 af na die Departement Filosofie verander is, het tussen 1983 en 1992 akademies 'n vrugbare dekade agter die rug.

Die interdissiplinêre waarde van die vak Filosofie word geïllustreer deur die kursusse wat die Departement vir studente van ander vakrigtings aanbied. In 1987-1988 is 'n kursus in Wetenskapsfilosofie vir die Natuurlewebestuurstudente aangebied. In 1991 is begin met 'n addisionele derdejaarsemesterkursus in estetika vir die studente van Beeldende Kunste, terwyl spesialislesings by Argitektuur en Teologie (Afdeling A) aangebied is.

Lede van die Departement was gedurende die laat tagtigerjare besonder bedrywig in die Wysgerige Vereniging van Suider-Afrika. In Januarie 1991 het die Departement die jaarlikse kongres aangebied en is prof. A.P. du Toit, hoof van die Departement, as voorsitter van die Vereniging vir 'n tydperk van twee jaar verkies.

In 1986 is alle voor- en nagraadse kursusse gekurrikuleer en begin met die opstel van volledige studiehandleidings vir elke kursus. Hierdie proses is binne twee jaar voltooi.

Sedert 1987 word 'n jaarlikse konferensie saam met die Teologiese Fakulteit (Afdeling A) gehou. 'n Jaarlikse simposium vir studente en dosente het ook sedert 1987 'n gereelde instelling geword. Hierdie simposium bly jaarliks 'n hoogtepunt wat met groot entoesiasme deur die studente ondersteun word. Tussen 1987 en 1992 het vier dosente by verskeie geleenthede na die buiteland gereis om onder andere aan internasionale konferensies deel te neem. Drie dosente is by die Sentrum vir Hoogbegaafde Leerlinge van die Onderwyskollege Pretoria betrokke.

Prof. P.S. Dreyer wat sedert 1952 in die



Prof. P.S. Dreyer, Hoof: Departement Filosofie, 1970 - 1985.

Departement werksaam was, het aan die einde van 1985 as hoof van die Departement afgetree. Hy is tans ereprofessor in die Departement. Hy is deur prof. A.P. du Toit van Unisa opgevolg. Die res van die personeel bestaan uit prof. A.J. Antonites (medeprofessor), drr. J.D. Gericke en J.H.N. Visagé en mnre. G.J. de Beer en M.J. Schoeman (senior lektore).

In 1987 het 'n skerp styging in studentegetalle op sowel voorgraadse as nagraadse vlak plaasgevind. Tot aan die einde van die onderhawige tydperk was daar jaarliks 'n effense styging in voorgraadse getalle. Op nagraadse vlak het die honneursstudente ongeveer twintig tot dertig getel, terwyl daar enkele M- en D-studente was.

Die Departement het teen 1992 oor goed toegeruste kantore met die nodige hulpmiddels

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beskik om die beste diens aan die studente te lewer.

A.P. du Toit
Departementshoof

Departement Frans

Die periode 1983 tot 1992 in die Departement Frans is gekenmerk deur die instelling van 'n beroepsgerigte kursus in Frans en deur die insluiting van leksikografie op nagraadse vlak. Hierdie ontwikkeling moet gesien word teen die agtergrond van pogings op tersiêre vlak om studente meer direk vir bepaalde beroepe voor te berei. In taalstudies is vertaling en die ontsluiting van dokumente in ander tale uiteraard die mees direkte verband met die beroepswêreld. Twee dosente in die Departement, mevv. J. Strike en H. du Preez, het hulle studieverlof in Frankryk deurgebring aan universiteite waar al reeds beroepsgerigte taalonderrig aangebied word, en die spesiale pedagogiek van daardie onderwys indringend bestudeer. Van 1985 af is dan op eerste- en tweedejaarsvlak begin met die onderrig van Frans op die gebied van politieke en ekonomiese wetenskappe, argitektuur en kunsgeskiedenis en later is ook 'n teologiese rigting bygevoeg. Hierdie rigtings het goed gefloreer en teen die begin van die negentigerjare was daar meer studente ingeskryf vir beroepsgerigte Frans as vir die tradisioneel literêre of humanistiese rigting. Ook op nagraadse vlak was daar teen 1992 die moontlikheid om minstens een vraestel in daardie rigting te kies.

Een van die groot hindernisse vir die onderrig van Frans in Suid-Afrika is die gebrek aan 'n betroubare Frans-Afrikaanse woordeboek. In 1984 het die Departement besluit om so 'n woordeboek saam te stel met behulp van die rekenaar. Eers is 'n program ontwikkel wat dit moontlik maak om sowel die betekenis van woorde as grammatikale informasie en vaste uitdrukkings in te sluit. Die saamstel van verskillende tipes woordeboeke gemik op basiese woordeskat, semantiese velde, spesiale terminologie en idiomatiese uitdrukkings is ook moontlik gemaak. Die berg van inligting met die oog op produksie van 'n basiese woordeboek was teen 1992 al ver gevorder en daar is verwag dat die woordeboek in die loop van 1993 die lig sou sien. Die nagraadse studente is by hierdie projek betrek en is opgelei in die gerekenariseerde leksikografie met 'n moontlikheid om programme vir gemeganiseerde vertaling te ontwikkel. 'n Koppeling met 'n Afrikaans-Zoeloewoordeboek is ook in die vooruitsig gestel. In die klimaat van groter openheid en die terugkeer van Suid-Afrika tot die internasionale gemeenskap is samewerking met leksikografiese ondernemings in Franstalige Afrika in die vooruitsig gestel. Op die gebied van vergelykende stilistiek het die kundigheid van dr. L. Holmshaw gesorg vir uitnodigings om aan die RAU nagraadse seminare oor die onderwerp aan te bied.

Op die gebied van letterkunde het die Departement op nagraadse vlak begin met die studie van Franstalige Afrika-literatuur. Veral die konstante in die menslike verbeeldingswêreld en die universaliteit van bepaalde mites het hier die aandag geniet, asook die probleme van multikulturele gemeenskappe. Wat letterkundige studies betref, is die tagtigerjare in Europa gekenmerk deur die agteruitgang van die funksionalisties-strukturalistiese benaderings wat plek gemaak het vir genetiese of hermeneutiese sienings. Die Departement het nooit funksionalistiese metodes gepredik of toegepas nie en op nagraadse vlak die beperkings en tekortkomings van daardie metodes blootgelê. Die vraag wat nog altyd gestel word, is dié van die waarde en betekenis van kreatiewe gebruik van taal, en die rol wat dit kan speel in die verheldering van die menslike syn. Ook die individu se verhouding tot en sy plek in die wêreldbestel en -geskiedenis word ondersoek. Buiten die bestudering van die groot werke uit die Franse literatuurgeskiedenis sedert die klassieke tydperk is die opleiding en navorsing veral op die hedendaags Franse digkuns afgestem. Hier

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. L.F.H.M.C. Peeters, Hoof: Departement Frans, sedert 1 Januarie 1975.

moet prof. L. Peeters se medewerking met die Sentrum vir Navorsing oor Hedendaagse Digkuns aan die Universiteit van Pau (Frankryk) vermeld word. Hy het van hulle kongresse bygewoon asook verskeie monografieë en artikels oor hedendaagse digters gepubliseer. Hierdie navorsing het voorts gelei tot die uitnodigings om medewerker te wees aan die navorsingsprojek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys oor die invloed van die simboliese op die hedendaagse digkuns, asook herhaalde uitnodigings om gaslesings te lewer aan universiteite in sowel België en Frankryk as Suid-Afrika. Op die gebied van literêre teorie het daar ook gereelde samewerking tot stand gekom met sielkundiges wat belangstel in sogenaamde kwalitatiewe navorsing: tydens simposia te Pretoria en Grahamstad is kritiese bydraes oor Franse teksteorie en oor die dinamiek van beeldspraak gelewer. Prof. Peeters het ook gereeld aan die werksaamhede van die Sentrum vir die Studie van Mondelinge Tradisie aan die Universiteit van Natal (Durban) deelgeneem. Die situasie in Suid-Afrika in die negentigerjare is vergelykbaar met dié van die vroeë Middeleeue en die konfrontasie tussen die twee periodes kan waardevolle insigte lewer om die verband en spanning tussen mondelinge en skriftelike tradisies beter te verstaan. Die kundigheid wat op die gebied van literêre teorie in die onderhawige tydperk opgebou is, het daartoe gelei dat dosente van ander universiteite teen 1992 kom deelneem het aan nagraadse seminare in die Departement.

Al die dosente van die Departement was in die betrokke tydperk lid van die Vereniging vir Franse Studies in Suidelike Afrika en van 1986 tot 1990 was die bestuur en sekretariaat daarvan in die Departement gevestig met prof. Peeters as voorsitter en mev. Strike as sekretaresse. Gedurende hierdie periode het ons nie alleen op universitêre vlak gewerk nie, maar ook gereeld saamgewerk met die sekondêre sektor en vir hulle werkwinkels georganiseer en 'n nuusblad begin waarin informasie en diskussie oor die pedagogiek van Frans as vreemde taal verskyn het. Die Vereniging het daardeur aanmerklik gegroei. Van 1990 af is prof. Peeters redakteur van die *Journal for French Studies in Southern Africa*. Mev. Strike is lid van die sillabuskomitee vir Frans van die Transvaalse Onderwysdepartement. Die Departement het ook die lesings in vakdidaktiek Frans vir die HOD waargeneem. Die personeel in die Departement het gedurende hierdie tien jaar dieselfde gebly met prof. L. Peeters as hoof, dr. L. Holmshaw as senior lektrise, mnr. P. Brink as lektor en mevv. J. Strike en H. du Preez as lektrises. Die poste van junior dosent en navorsingsassistent is deur verskillende nagraadse studente gevul. Die pos van tegniese assistent in die taallaboratorium is in 1991 afgeskaf.

Die studentegetalle het gedurende hierdie periode nagenoeg konstant gebly, maar op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

honneursvlak was daar in die laaste jare 'n merkbare groei. Wat die toekoms betref, sal die Departement Frans die lotsbestemming van die Departement Duits moet deel in 'n gekonsolideerde eenheid wat tog opwindende moontlikhede bied, veral op die terrein van vergelykende studies in taal- en letterkunde.

L. Peeters
Departementshoof


Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis

In die geskiedenis van die Departement vir die tydperk 1983-1992 was die eenwording van die Departement Geskiedenis met die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis om in 1988 die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis tot stand te bring, ongetwyfeld 'n prominente gebeurtenis. Hiermee is die kursusse in Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis en Museumkunde wat natuurlikerwys bymekaar hoort, in een departement saamgevoeg. In die uiteensetting wat volg, word, benewens die geskiedenis van die huidige Departement, ook aandag aan dié van sy twee voorgangers sedert 1983 gegee.

Teen 1983 was prof. F.A. van Jaarsveld hoof van die Departement Geskiedenis en prof. P.G. Nel van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis. Prof. Van Jaarsveld het aan die einde van 1985 afgetree en is die volgende jaar deur prof. J.S. Bergh van die Universiteit van Stellenbosch opgevolg. Met die aftrede van prof. Nel en die konsolidasie van die voorgenoemde twee departemente in 1988, het prof. Bergh ook die hoof van die nuwe Departement geword. Prof. Van Jaarsveld was na sy aftrede steeds lid van die Departement in die hoedanigheid van ereprofessor en buitengewone professor. In 1989 het die eer hom te beurt geval dat die Stalsprys vir Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken is nadat hy reeds in 1974 dié toekenning vir Kultuurgeskiedenis ontvang het. In 1986 is ook 'n erepenning van dieselfde liggaam aan hom toegeken. Benewens prof. Van Jaarsveld was nog 'n voormalige hoof van Geskiedenis van 1983 tot 1989 as ereprofessor aan die Departement verbonde, nl. prof. F.J. du T. Spies. Met die konsolidasie van die voorgenoemde departemente het die nuwe Departement uit die volgende dosente bestaan: proff. J.S. Bergh, A.P.J. van Rensburg, W.A. Stals en O.J.O. Ferreira, dr. J.E.H. Grobler, mejj. M. van Heerden en E. Bell en mev. E.E. Pretorius. Dr. D.H. Heydenrych het kort tevore uit die diens van die Universiteit getree en dr. J.C. Pretorius enkele jare vroeër. Dr. F. Pretorius is met ingang 1989 as senior lektor in die Departement aangestel en is in Januarie 1992 tot medeprofessor bevorder. Met die aftrede van prof. Van Rensburg teen die einde van 1989 is mev. K. Sevenhuysen as junior lektrise aangestel. Mev. C. van Niekerk is die sekretaresse van die Departement.

Enkele belangrike veranderinge in kursussamestelling en -inhoud is aangebring. Die semesterstelsel is van 1983 ten opsigte van die voorgraadse kursusse toegepas, maar in 1988 is op eerstejaarvlak weer na die jaarstelsel teruggekeer. Verder is die eerstejaarkursusse in beide Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis van 1990 af as oorsigkursusse ingerig. In hierdie kursusse word die vernaamste geskiedenismakende kragte, gebeure en kultuurstrominge aangedui en in perspektief geplaas. Op tweede- en derdejaarsvlak word dan spesifieke tydperke en temas indringender bestudeer. Die instelling vir die eerste keer van groepsklasse in veral die eerstejaar- en derdejaarkursusse in Geskiedenis was nog 'n verandering wat in hierdie tyd aangebring is. In die Afdeling Geskiedenis is, benewens die voorgraadse kursusse in Suid-Afrikaanse, Europese en Afrikageskiedenis, ook 'n nuwe inleidende kursus oor die geskiedenis van die VSA ingestel. In die kursusse oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis is verder in hierdie tyd daartoe oorgegaan om groter klem op die voorkoloniale tydperk te laat val en om reg te laat geskied aan die aandeel van ander groepe as net die blankes in die geskiedenis. In die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. F.A. van Jaarsveld, Hoof: Departement Geskiedenis, 1973 - 1985.

Geskiedenis 320-kursus is voortgegaan om in die inleidende kursus oor geskiedenis-as-wetenskap die belang daarvan te onderstreep dat studente hulle ook op voorgraadse vlak ten opsigte van die uitgangspunte, werkwyse, tendense, ens. van die vakgebied moet kan verantwoord. Met die Kultuurgeskiedeniskursusse is daarvan wegbeweeg om net Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis te doseer. Verder is in Kultuurgeskiedenis III groter klem op eietydse Westerse en Suid-Afrikaanse Kultuur geplaas. In die honneurskursus is daarvoor voorsiening gemaak dat 'n skripsie as 'n afsonderlike keuseafdeling in die plek van een eksamenvraestel aangebied kan word - aanvanklik selfs as 'n verpligte afdeling. Vinnige veranderinge in die museumwêreld het nuwe eise aan museumkundiges begin stel en daarmee is deeglik in die Nagraadse Diploma in Museumkunde rekening gehou.

Studentegetalle in Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis toon, soos by die meeste universiteite in die land, 'n voorgraads geleidelike daling. Dit hang in 'n groot mate saam met soortgelyke tendense op skool wat reeds oor 'n lang tydperk strek. Op nagraadse vlak was daar egter 'n groei te bespeur.

Die Departement beskou navorsing en navorsingsuitsette as 'n belangrike deel van sy werksaamhede. Navorsingsvelde wat in die Departement geïdentifiseer is en waaroor al verskeie artikels vir vakwetenskaplike publikasies gelewer is, sluit onder meer in die geskiedenis van die verhouding tussen blank en swart in Suid-Afrika, 'n histories-kartografiese analise van die Transvaal, die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 en aspekte van die Afrikaanse kultuurgeskiedenis en museumkunde. Net in die tydperk 1986 tot 1992 is meer as tagtig artikels van dosente in hierdie Departement in vakwetenskaplike tydskrifte gepubliseer en is 21 MA-verhandelings en dertien DPhil-proefskrifte onder hulle studieleiding voltooi. Wat groter publikasies betref, het daar in die tydperk 1983-1992 heelwat bydraes van lede van die Departement verskyn. Prof. Van Jaarsveld het drie boeke gelewer, nl. *Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede: Geskiedenisideologie en die historiese Skuldvraagstuk* (1984); *Van Stamvader Adriaan tot Ernst Jacobus van Jaarsveld 1702-1986 - 'n Stukkie familiegeskiedenis van onder* (1987); en *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms* (1992), terwyl hy ook redakteur was van *Verstedeliking in Suid-Afrika* (1985). Prof. Bergh was die redakteur van *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers* (1988) wat voortgevloei het uit die Fakulteitlesingreeks van daardie jaar en waartoe onder meer proff. Van Jaarsveld, Ferreira en Van Rensburg bygedra het. In 1990 is *J.H. Pierneef: Sy lewe en werk* onder redakteurskap van prof. P.G. Nel gepubliseer met bydraes van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

prof. Ferreira, mej. M. van Heerden en mev. E.E. Pretorius. Die boek van prof. A.P.J. van Rensburg, *Moderne Afrika*, het in 1984 verskyn. Prof. F. Pretorius se proefskrif is in 1991 onder die titel *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* gepubliseer en het die Recht Malan-prys ontvang. Dr. J.E.H. Grobler se boek, *A Decisive Clash? A short history of Black protest politics in South Africa 1875-1976*, het in 1988 verskyn. Prof. F.J. du T. Spies en dr. D.H. Heydenrych was die redakteurs van *Ad Destinatum II (1960-1982)* en prof. Spies se boek, *Angola: Operasie Savannah, 1975-1976*, het in 1989 die lig gesien.

Die dosente in die Departement is in verskeie bestuurs- en redaksionele posisies aktief by nasionale vakverenigings en vaktydskrifte betrokke en lewer gereeld referate op vakkonferensies. Prof. Van Jaarsveld was tot 1986 voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en redakteur van dié organisasie se vaktydskrif, *Historia*. Prof. Bergh het in albei dié hoedanighede by hom oorgeneem en is tans ook visepresident van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging. In 1990 het prof. Bergh die redakteurskap van *Historia* aan prof. Ferreira oorgedra. Die administrasie en voorbereiding vir publikasie van dié tydskrif word in 'n groot mate deur die Departement behartig. Prof. Ferreira het verder ook vir 'n termyn as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK) en as redakteur van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* gedien. Ander lede van die Departement wat in besture van vakverenigings en redaksies van vaktydskrifte dien, is proff. W.A. Stals en F. Pretorius (*Historia*), dr. J.E.H. Grobler, mej. E. Bell en mev. K. Sevenhuysen (Historiese Genootskap) en mej. M. van Heerden (SAVK).

J.S. Bergh
Departementshoof

Departement Grieks


Die Departement Grieks het in die jare 1983-1992 'n besonder geslaagde akademiese tydperk ervaar. Daarvan getuig die vele terreine waarop die Departement presteer het.

Vier afdelings is sedert 1983 uitgebou, naamlik Taalkunde, Patristiek, Vroeg-Christelike Kuns en Bisantynse Letterkunde. In al hierdie rigtings het die Departement betrokke geraak by internasionale kongresse en werkgroepe. Veral die Patristiek is deur prof. H.F. Stander uitgebou tot die sentrum vir Suid-Afrikaanse navorsing hieroor, met 'n eie vaktydskrif en met inskakeling by 'n internasionale ensiklopedie oor Patristiek waarvan hy 'n medewerker geword het. Ons het ook 'n vereniging gestig vir Patristiek en Bisantynse Studies (prof. J.H. Barkhuizen is voorsitter en prof. Stander sekretaris) en is geaffilieer by die Association Internationale des Etudes Byzantines. Prof. J.P. Louw het in dié tyd ook redaksielid geword van *Filologia Neotestamentaria*, die belangrikste internasionale tydskrif vir Griekse Taalkunde toegepas op die Nuwe Testament. Dr. G.J. Swart het die grammatika-onderrig omvorm met 'n nuwe studieboek wat selfstudie stimuleer en besonder geslaagd is. Tans word dit deur al die Afrikaanse universiteite gebruik en op versoek in Engels en Nederlands vertaal.

In 1988 het proff. Louw en Nida (VSA) se *Greek-English Lexicon based on Semantic Domains* verskyn. Hierdie werk is met 'n goue medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon, asook met die Bill Venter-prys en die prys van die Claud Leon Harris en Percy Fox Foundation Awards. Die woordeboek word tans in Koreaans vertaal.

In 1989 het die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 'n eregraad aan prof. Louw toegeken vir sy navorsing in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof J.P. Louw, Hoof: Departement Grieks, 1973 - 1992.

Griekse Taalkunde en in 1992 is nog 'n eregraad deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aan hom toegeken vir dieselfde werk.

Die Departement Grieks bedryf 'n Sentrum vir Intertale Kommunikasie wat befonds word deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die United Bible Societies, New York, vir navorsing oor vertaalteorie en -praktyk. Die Departement werk ook saam met die Departement van Nasionale Opvoeding se vakterminologiese afdeling. Die Departement het noue skakeling met sowel die vakverenigings vir Grieks in Suid-Afrika as met die jaarlikse vakindaba waar alle Griekse departemente kurrikula en navorsing vergelyk. So word toesig gehou oor mekaar se standaarde.

Die Departement Grieks is eerstens teoreties gerig op kennis en metodologie, maar ons doelwit met al ons kursusse en navorsing is om dit vir studente as 'n middel aan te bied wat toepasbaar sal wees in die praktyk en hulle latere beroep.

Wat onderrig betref, is die Departement veral gesteld op selfwerksaamheid en selfdenke. Die meeste van ons lesingmateriaal is op skrif sodat die studente voorbereid na die lesings kom. Sodoende kan dan gekonsentreer word op die verstaan en evaluering van standpunte, skole van denke, ens., eerder as op blote informasie.

Al die lede van die Departement is betrokke by kerklike en kultuurverenigings waar hulle gereeld openbare lesings aanbied (prof. Stander ook radio- en TV-programme). Die Departement stel publikasies hoog op die prioriteitslys en produseer jaarliks heelwat suiwer akademiese asook populêr-wetenskaplike artikels.

Sedert 1983 het rasionalisasie meegebring dat die doserende personeel aansienlik minder geword het. Tog kon die Departement met baie beplanning en met 'n sisteem van bloklesings sy navorsingsuitset nie alleen handhaaf nie, maar ook uitbrei. Die doserende personeel was proff. J.P. Louw (hoof), J.H. Barkhuizen, H.F. Stander en dr. G.J. Swart. Aan die einde van 1992 het prof. Louw afgetree en hy is deur prof. Stander as departementshoof opgevolg.

Vanweë ekonomiese druk was lang studierigtings soos Teologie (wat die meeste studente van Grieks oplewer), daarvoor verantwoordelik dat die studentegetalle stelselmatig afgeneem het. Hiertoe het die ooraanbod van predikante in verskeie kerke ook meegewerk. Van 'n aanvanklike jaarlikse voorgraadse studentetal van ongeveer vierhonderd het dit gedaal tot sowat tweehonderd. Dit is egter merkwaardig dat die nagraadse studente in dieselfde tyd verdubbel het. Sedert 1983 is sowat vyftig


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

honneursgrade en 'n twintigtal MA-grade en ses doktorsgrade toegeken. Die Universiteit van Pretoria het jaarliks meer nagraadse studente in Grieks as al die ander Suid-Afrikaanse universiteite saam gehad.

H.F. Stander
Waarnemende Departementshoof

Departement Inligtingkunde

Opleiding in Biblioteekkunde aan die Universiteit van Pretoria begin op beskeie wyse in 1938 toe opleiding van personeel van die Merensky-biblioteek ingestel is met mnr. P.C. Coetzee as dosent. Die Departement Biblioteekkunde kom in 1948 tot stand en begin sy werksaamhede met 'n aanvanklike vierjarige kursus, BA Biblioteekkunde in 1949. In 1953 word die kursus BA Biblioteekkunde verander in 'n driejarige graadstudie met Biblioteekkunde en 'n ander vak as hoofvakke. Voorsiening word ook gemaak vir nagraadse studies. P.C. Coetzee word as hoof van die Departement aangestel, terwyl hy ook nog bibliotekaris van die Merensky-biblioteek was. Laasgenoemde pos lê hy neer om vanaf 1959 voltydse hoof van die Departement te word - 'n pos wat hy beklee tot sy aftrede in 1970. Prof. E.D. Gerryts volg hom in 1971 op. Die driejarige kursus BA-(Bibl) word in 1972 vervang deur die vierjarige BBibl-kursus met Biblioteekkunde en Inligtingkunde as hoofvakke en die naam van die Departement word dienooreenkomstig verander in die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde. Prof. Gerryts word in 1975 opgevolg deur prof. M.C. Boshoff. Prof. Boshoff word voltyds na die WNNR gesekondeer as leier van 'n navorsingsprojek om vir Suid-Afrika 'n biblioteek- en inligtingsnetwerk (SABINET) te ontwikkel. Die projek duur ongeveer vyf jaar, waartydens mnr. J.C. Swart as waarnemende hoof van die Departement optree. Die huidige hoof, prof. J.A. Boon, volg mnr. Swart in 1983 op.



Prof. J.A. Boon, Hoof: Departement Inligtingkunde, 1983 - 31 Julie 1995.

Die postestruktuur van die Departement was in 1992 soos volg: twee professorate, beklee deur proff. J.A. Boon en T.J.D. Bothma; drie senior lektore in die persone van mev. H.S. Coetzee, mnr. J.C. Swart en mev. M.S.P. Visser; drie lektore, naamlik mnr. H.E. Auret, mnr. J.J. Britz en mej. G.E. Oosthuizen. Benewens bogenoemde voltydse personeel het die Departement twee buitengewone professore, naamlik prof. B. Fouché, Hoof, Divisie vir Inligting, WNNR, en prof. H. de Bruin, Adjunkdirekteur, UP Akademiese Inligtingsdiens, asook twee navorsingsassistente en een onderwysassistent.

'n Fundamentele en leidinggewende verandering in die benadering van die Departement vanaf die vroeë tagtigerjare lei daartoe dat Inligtingkunde gesien word as die breë studieterrein vir opleiding van inligtingswerkers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Biblioteekkunde bly steeds die belangrikste vak wat die hantering van inligting in 'n spesifieke instansie, naamlik die biblioteek, bestudeer. Biblioteekkunde en Inligtingkunde is albei praktykgerigte kursusse met 'n sterk teoretiese onderbou.

'n Aantal ontwikkelinge volg uit bogenoemde benadering waarvan die wyer verskeidenheid werksgeleenthede vir gegradueerdes waarskynlik die belangrikste is. Die Departement se naam verander gevolglik ook aan die begin van 1991 na die Departement Inligtingkunde. Inligtingkunde is reeds van 1988 'n vak wat in die BA-graadstudie tot op derdejaarsvlak ingesluit kan word. Die BA (endossement Inligtingkunde) met Inligtingkunde as hoofvak en Informatika, Rekenaarwetenskap, Sosiologie en Sielkunde as verdere voorgeskrewe vakkombinasies, word in 1993 ingestel, ook met nagraadse studies tot op doktorale vlak.

Beroepspraktykanalises, strategiese beplanning, kurrikuleringsaksies en die opstel van studiehandleidings so vroeg as 1980-1981 lei daartoe dat die Bunting-ondersoek van die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) van 1989 wat rasionalisasie van Departemente Biblioteek- en Inligtingkunde in Suid-Afrika voorafgegaan het, uitwys dat hierdie departement die beste opleiding in Biblioteek- en Inligtingkunde in Suid-Afrika bied. Alle vakkursusse wat in die Departement aangebied word, is in 1985 deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingkunde (SAIBI) geëvalueer en goedgekeur. Alle vakkursusse word ook jaarliks deur die Komitee vir Opleiding en Navorsing (KON) van SAIBI geëvalueer. Vakinhoude word met deurlopende kurrikuleringshandelings van 1981 af aangepas om te voldoen aan die eise wat deur die snelveranderende omstandighede in Suid-Afrika aan die Biblioteek- en Inligtingswese gestel word.

Die belangrikheid van navorsing in opleiding is sedert die ontstaan van die Departement deur prof. P.C. Coetzee en sy opvolgers erken. Sedert 1983 is navorsing in die Departement omvattender as ooit tevore aangepak en deurgevoer.

In samewerking met UP se Akademiese Inligtingsdiens en met steun van die RGN is 'n aantal groter navorsingsprojekte onderneem rondom die tema die Universiteitsbiblioteek as Inligtingsdiens. Hierdie projekte, met 25 navorsers en projekleiers, wat in 1988 afgehandel is, het nie slegs die basis gelê vir die groter inligtingsrol wat universiteitsbiblioteke in Suid-Afrika moet speel nie, maar ook gelei tot die omskakeling van UP se biblioteekdiens in die UP Akademiese Inligtingsdiens. Die navorsingsprojekte is opgevolg deur 'n nasionale konferensie waartydens resultate van navorsing aan sowat driehonderd afgevaardigdes bekend gestel is. Agt omvattende verslae, verskeie artikels en magisterstudies het uit die navorsing voortgevloei.

'n Verdere groot navorsingsprojek - wat ook deur die RGN gesteun is - het gevolg oor die verkenning van inligting as hulpbron in Suid-Afrika met drie subprojekte, nl. inligtingsbestuur, omskrywing en afbakening van inligting as ekonomiese hulpbron en inligtingstegnologie as hulpbron. Vier publikasies en 'n aantal magister- en doktorale studies het uit dié projek voortgespruit.

In 1992 is 'n verdere projek afgehandel in samewerking met die Sentrale Statistiekdiens oor die inligtingsektor in Suid-Afrika waartydens die grootte van die inligtingsektor met behulp van drie metodes bepaal is. Die navorsingsresultate sal deur ongeveer vier publikasies bekend gestel word.

Lopende navorsing van personeel van die Departement sluit die volgende in: die inligtingsekonomie in Suid-Afrika, die organisering/verpakking van inligting as hulpbron, die ondersoek na 'n nasionale inligtingstelsel vir lopende navorsing, mikrografiese ontsluiting van inligting, die bestuursrol van direkteure van universiteitsbiblioteke, die ontwerp van 'n onderrigprogram vir naslaanwerk, gebruikers-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gelde in openbare biblioteke, portuurevaluasie van navorsing in Biblioteek- en Inligtingkunde, die ontwerp van programme vir gebruikersopleiding met behulp van 'n rekenaargesteunde onderrigpakket, die vraag na inligtingsetiek, die mens as inligtingsverwerker, gehaltebeheer in bibliografiese netwerke, die hersiening van die nasionale formaat vir die uitruil van bibliografiese data, onderwerpsontsluiting van fiksie, die gebruik van mulitimedia en hipermedia vir inligtingsorganisering en -herwinning en 'n ondersoek na die moontlikhede van die hiperteks vir die ontsluiting van fiksie in openbare biblioteke. Resultate van sommige van bogenoemde projekte is reeds as publikasies en referate bekend gemaak, terwyl 'n verdere aantal nog vir die toekoms beoog word.

Die Departement se betrokkenheid by navorsing lei daartoe dat die SAIBI Navorsingsbekroning in 1990 aan prof. Boon toegeken word vir die uitmuntende navorsing wat hy oor jare heen gedoen het. Prof. Boon word ook deur die Universiteit aangewys as Toppresteerder vir 1989 en 1992. Sy internasionale optrede as vakkundige en navorser het tot gevolg dat hy van September 1992 tot Augustus 1993 en daarna jaarliks vir tydperke van vier maande as gasdosent optree by die Universiteit van Amsterdam. Dr. A. Swanepoel, 'n voormalige lid van die Departement, en mev. M.S.P. Visser het elk ook die P.C. Coetzee-navorsingstoekenning in 1988 ontvang.

Samewerking met instansies buite die Universiteit het onder meer in 1984-1985 aanleiding gegee tot die ontwerp en gedeeltelike implementering van 'n inligtingstelsel vir die Parlement onder leiding van die toenmalige visestaatspresident, mnr. A.L. Schlebusch. 'n Aantal navorsingsprojekte het ook in samewerking met die Suid-Afrikaanse Weermag plaasgevind. Met die uitsondering van een, is al die personeellede professionele lede van SAIBI en almal het by geleentheid op verskillende vakkundige komitees van SAIBI, die Raad, die KON, die Noord-Transvaalse takbestuur en die redaksie van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde* gedien, of dien nog steeds daarop. Die redakteurskap van die SAIBI-nuusbrief is vir 'n tydperk van vier jaar deur die Departement behartig.

Sedert 1991 maak die Departement saam met die Departemente Bedryfs- en Sisteemingenieurswese, Informatika, Rekenaarwetenskap en Wiskunde en Toegepaste Wiskunde deel uit van die Skool vir Inligtingstegnologie. Studente op voor- en nagraadse vlak word sodoende die geleentheid gebied om nie net multi- en interdissiplinêre opleiding te ontvang nie, maar ook sodanige navorsing te onderneem.

In samewerking met die Universiteit van Stellenbosch word navorsing gedoen oor die gebruik van hipermedia in 'n didaktiese inligtingstelsel vir Bybelse tale en kulture. 'n Navorsingsprojek oor die inligtingsetiek word in samewerking met UP se Departement Dogmatiek en Christelike Etiek van die Teologiese Fakulteit, Afdeling B, onderneem.

Deur die uitruil van opleidingsprogramme is skakeling met die University of Botswana en die Copperbelt University in Kitwe, Zambië bewerkstellig. In 1989 het prof. Boon 'n besoek aan die University of Botswana gebring en in 1992 het dr. M.C. Lundu van die Copperbelt University 'n aantal lesings vir studente van die Departement aangebied.

Sedert 1980 bied die Departement 'n tweejarige nagraadse BBibl-graad aan in die plek van die Hoër Diploma in Biblioteekkunde wat 'n dosentgesentreerde onderrigsbenadering gehad het. Ervaring met hierdie metode van aanbieding het getoon dat 'n drastiese verandering in onderrig en leerbestuur noodsaaklik was. 'n Studentgesentreerde onderrigmodel is ontwikkel waarin lesingtyd met die helfte verminder kon word op grond van duidelik geformuleerde doelstellings, leerdoelwitte en studiehandleidings as noodsaaklike onderrig- en leer-bestuursinstrumente. Evaluering van die model in 1986 het getoon dat studente hulle tyd sinvoller bestee en in 'n groter mate teen hulle eie tempo studeer. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

implementering van en ervaring met die onderrigmodel in die Departement, kon 'n positiewe bydrae lewer tot die onderrigmetodiek wat op die Witbankkampus van die Universiteit gevolg word.

Die Departement beskik oor 'n modern toegeruste Laboratorium vir Inligtingkunde wat studente daartoe in staat stel om elke faset van die elektroniese hantering van inligting prakties toe te pas. Die laboratorium word ook deur ander universiteite en private instansies vir opleidingsdoeleindes benut. In 1990 is die H.J.M. Retief-laboratorium vir Leserkunde in die Departement geopen om studente die geleentheid te bied om op voor- en nagraadse vlak navorsing in Leserkunde te onderneem. Naas teoretiese en praktiese opleiding, word studente aan die beroepspraktyk bekend gestel deur middel van gerigte praktykbesoeke en 'n voorgeskrewe periode waartydens hulle ervaring in die praktyk moet opdoen.

Dosente bly deurlopend in voeling met die beroepspraktyk deur o.a. nasionale en internasionale kongresse en simposia by te woon, in professionele komitees te dien en waar enigsins moontlik, referate te lewer. Voortgesette opleiding in die vorm van kort kursusse oor aktuele probleme in die praktyk word sover moontlik jaarliks aangebied, tesame met gereelde vakkundige voorlesings en konsultasiewerk vir belanghebbendes.

Studentegetalle het aan die begin van die tagtigerjare 'n dalende neiging getoon. Van 1984 is egter begin met studentewerwing as uitvloeisel van die Departement se langtermynbeplanning. Jaarlikse werwingsbesoeke aan potensiële werkgewers, skakeling met skole in samewerking met UP se Afdeling Voornemende Studente, deelname aan Loopbane 2000, uitstallings by UP se Akademiese Inligtingdiens, die verspreiding van inligtingsbrosjures, die aanbieding van ope dae vir voornemende studente, aanpassings in die kurrikulum en die oopstelling van Inligtingkunde as 'n BA-vak, het alles meegehelp om die Departement te laat groei. Studentegetalle het op voorgraadse vlak vanaf 82 in 1982 gegroei tot nagenoeg 380 in 1992. Nagraadse studentegetalle toon 'n dienooreenkomstige, selfs hoër, styging tot veertig studente op honneursvlak in 1992 met 'n soortgelyke tendens op magister- en doktorale vlak.

J.A. Boon
Departementshoof
Opsteller: J.C. Swart


Departement Kriminologie

Die aanbieding van die vak Kriminologie aan die Universiteit van Pretoria sedert 1949 en die totstandkoming van die Departement Kriminologie in 1960 was besondere mylpale. Dit het meegebring dat die kompleksiteit van misdaad wat voorheen slegs oppervlakkig in ander vakgebiede aangeraak is, volledig bestudeer kon word. Tot en met 1980 is daar in die aanbieding van die vak hoofsaaklik op die voorkoms van verskillende misdade, die misdadiger in die algemeen en die rol van die regstelsel gefokus. Die sosio- en psigokriminologiese denkrigtings het dan ook as basis vir die bestudering van bogenoemde aspekte gedien.

Gedurende die tagtigerjare is besef dat, ten einde tred te hou met veranderende misdaadpatrone en internasionale vordering op die terrein van die Kriminologie, die Departement Kriminologie ook vernuwing moet ondergaan. Dit het meegebring dat nuwe studierigtings soos die Viktimologie, Ekonomiese Misdrywe, Vrouemisdaad vanuit 'n feministiese perspektief, Misdaadvoorkoming en die Penologie deel van die kurrikulum geword het. 'n Eklektiese benadering is gevolg wat ten doel het om die student beter toe te rus om die kompleksiteit van menslike gedrag by die pleeg van misdaad te begryp. Sodoende is persone opgelei wat as toekomstige navorsers nie die kriminologiese wetenskap met 'n beperkte visie sal bedryf nie.

Die uitdagings wat die negentigerjare stel, het meegebring dat daar nie meer aanvaar kan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof D.G. Steyn, Hoof: Departement Kriminologie, 1981 - 1988.

word dat Kriminologie slegs as ondersteunende vak vir ander studierigtings moet dien nie. Daar sal wel in die toekoms aandag geskenk moet word aan die verkryging van professionele status vir kriminoloë. Sodoende kan hulle 'n bydrae lewer deur byvoorbeeld voorvonnisevalueringsverslae op te stel wat die hof behulpsaam kan wees ten einde 'n gepaste vonnis op te lê. Opleidingsoogmerke het ook ten doel om studente toe te rus om as korrektiewe en proefbeamptes diens te lewer.

Op navorsingsterrein is verskillende projekte in die onderhawige tydperk afgehandel en is daar ook aktief gewerk aan nuwe projekte. Projekte wat reeds voltooi is, het onder andere gehandel oor die niefamiliale seksuele uitbuiting van kinders en die modus operandi van die seksuele molesteerder van kinders, die vrou as slagoffer van huweliksgeweld, gesinsmoord in die Suid-Afrikaanse samelewing, ouers as sekondêre slagoffers van tienerselfmoord, en die mate waarin rebelse kinders hulle ouers viktimiseer. 'n Toevallige bevinding wat uit die studie van rebelse kinders geblyk het, was dat daar waarskynlik 'n verband tussen geweldsmisdaad en die Tourette-sindroom bestaan. Hierdie bevinding het daartoe gelei dat 'n navorsingsprojek in samewerking met die Departement Mensgenetika van die Universiteit se Mediese skool onderneem is om die voorkoms van Tourettesindroom by gewelddadige oortreders te bestudeer.

Verdere navorsing wat deur lede van die Departement onderneem is, was die aard en omvang van winkeldiefstal deur werknemers, verkragting binne die huwelik, die mate waarin homoseksueel georiënteerdes die slagoffers van haatmisdade word en wat die houding van hierdie slagoffers teenoor die Suid-Afrikaanse Polisie en regstelsel is.

Al die personeellede van die Departement is aktiewe lede van die Kriminologiese Vereniging van Suider-Afrika (KRIMSA). Van die Departement se lede dien ook in die Raad van KRIMSA en is betrokke by die Vereniging se Voorvonnisopleidingsprogram vir Kriminoloë. Lede van KRIMSA is verder betrokke by 'n interdissiplinêre komitee wat gemoeid is met die stel van standaarde vir die aanbieding van Kriminologie aan Suid-Afrikaanse universiteite asook die beplanning van vakinhoude.

Met die aftrede van prof. D.G. Steyn in Januarie 1988 het prof. Ronelle Pretorius tot aan die einde van die jaar as departementshoof waargeneem, 'n pos wat sy sedert 1 Januarie 1989 beklee. Sy was die eerste vrou om die pos van departementshoof by 'n departement Kriminologie aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit te beklee. Sy is bygestaan deur ses dosente, een onderwysassistente en 'n sekretaresse. Prof. Aubrey Theron wat hom in 1988 by die Departement aangesluit het as senior lektor, is in 1990 tot medeprofessor en in 1992 tot volle professor bevorder.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sedert 1983 het die aantal studente jaarliks gegroei. In vergelyking met die 378 voorgraadse en vyftien nagraadse studente in 1960 was daar in 1992 585 eerstejaars, 376 tweedejaars en tagtig derdejaars geregistreer. Benewens die 1 041 voorgraadse studente was daar ook 38 op nagraadse vlak. Hiervan was dertien vir die magistergraad en vyf vir die doktorsgraad geregistreer. Sedert 1989 word Kriminologie ook nauurs en by Witbank tot op derdejaarvlak aangebied.

Ten einde te verseker dat uitvoering aan die missie van die Universiteit gegee word, naamlik om uitnemende diens te lewer, het al die dosente in die Departement indiensopleidingskursusse deurloop om hulle doseervaardighede op te skerp. As deel van personeelontwikkeling het dosente van die Departement op 'n gereelde basis van portuur- en studente-evaluering gebruik gemaak om die gehalte van sowel die kursusse as hulle doseervaardighede op peil te hou. Hierbenewens is daar ook deur middel van buitelandse kongresdeelname en besoeke aan vooraanstaande kriminoloë en viktimoloë in die buiteland verseker dat die Departement op die hoogte gebly het met internasionale ontwikkelinge op die vakgebied.

Ronelle Pretorius
Departementshoof


Departement Latyn

Aan die begin van 1984 is prof. D.M. Kriel, slegs die vierde departementshoof van die Departement Latyn sedert die ontstaan daarvan in 1908, deur prof. J. Scholtemeijer as hoof opgevolg.

Sedert 1983 is daar voortgebou op die grondslag wat deur proff. H.L. Gonin en Kriel in die beginnerskursus vir Regstudente gelê is. Prof. Scholtemeijer en mnr. P. Hasse (ook 'n dosent aan hierdie Departement) se handboek *Regslatyn: 'n kernkursus* wat in 1987 verskyn het en reeds 'n derde druk beleef het, het in 'n groot mate die volgehoue pogings van hul voorgangers afgerond om 'n beginnerskursus, spesifiek vir die Regstudent te ontwerp. In die jaarkursus Latyn 101 word daar tans twee afsonderlike beginnerskursusse aangebied, nl. een vir Regstudente en 'n ander hoofsaaklik vir Lettere- en Teologiestudente (van die Fakulteit Teologie (Afd. A)). Met ingang 1992 het die Latyn 111/121-kursus wat tot einde 1991 tradisioneel 'n verpligte vak vir die LLB-graad was, volgens 'n besluit van die Regsfakulteit van die Universiteit van Pretoria 'n keusevak geword, aangesien Latyn 111/121 nie meer verpligtend vir toelating tot die balie is nie. Alhoewel daar nie in die tydperk grootskaalse uitbreiding van die vak Latyn plaasgevind het nie, het daar tog sekere klemverskuiwings plaasgevind. Bo en behalwe die voorsiening wat lankal reeds vir die bestudering van Regsouteurs in die voor- en nagraadse kursusse met hul hoofsaaklik Klassieke tekste en inhoud gemaak is, het die Patristiek en veral die vroeë Christelike Himnodie reeds sedert 1990 sterker begin figureer op die voor- en nagraadse vlakke.

Twee navorsingsgebiede waarop die Departement hom veral gedurende die hoofskap van prof. Scholtemeijer begin toelê het, is eerstens die Romeinse komedie, waarin hy hom onder andere onderskei het met verskeie Afrikaanse vertalings van Plautus se komedies wat met groot sukses deur die Departement Drama opgevoer is; tweedens die Patristiek, 'n navorsingsterrein waarop prof. M.J. Mans sedert 1988 sy navorsing begin toespits het. Met 'n senior navorsingstoekenning van die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling van die RGN het hy na 'n studietydperk van drie maande gedurende 1989 in België 'n navorsingsprojek oor die himnes van Ambrosius teen 1990 suksesvol afgehandel. Mnr. J.P.K. Kritzinger, 'n lektor in die Departement, was van 1992 tot 1993 in Duitsland op hierdie vakgebied besig met navorsing vir sy doktorale proefskrif. Verder het die Departement professionele advies aan buite-instansies soos die Raad vir Heraldiek,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. D.M. Kriel, Hoof: Departement Latyn, 1972 - 1983.

verskeie staatsdepartemente, privaat firmas, stadsrade, skole en verenigings ten opsigte van motto's, leuses en slagspreuke in Latyn verskaf. Professionele vertaalhulp is aan staatsdepartemente, taalburo's, uitgewers, regsfirmas, kollegas en nagraadse studente uit verskeie departemente aan die UP en elders verleen. Hulp met tegniese terminologie en morfologie is onder andere in die vorm van vakgerigte lesings verleen aan die Departemente Plantkunde, Entomologie en Anatomie (van sowel die Fakulteit Veeartsenykunde as die Mediese Fakulteit). Genoemde professionele hulp is hoofsaaklik deur prof. Scholtemeijer en mnr. Hasse met die bystand van ander kollegas in die Departement gelewer. In die Gemeenskaplike Matrikulasieraad lewer prof. Scholtemeijer sedert 1990 diens aan die onderwysgemeenskap as moderator vir Latyn.

Die vakgebied Latyn is nie uitsluitlik beroepsgerig nie. Ten spyte van die feit dat Latyn 'n antieke en daarby ongesproke taal is en in die dosering van hierdie "ou" taal nog hoofsaaklik van die tradisionele onderrigmetodes en handboeke (bv. Scholtemeijer en Hasse) gebruik gemaak word, word die moderne rekenaartegnologie ook reeds van die begin van 1992 af in die praktyk met behulp van rekenaargesteunde taalkunde-oefeninge en op eksperimentele basis in die beginnerskursus Latyn 101 geïmplementeer. Rekenaarprogramme word geruime tyd reeds met groot vrug in navorsingsprojekte oor Klassieke sowel as Patristiese outeurs gebruik. Toe die departementele projek "Strategieë vir die bevordering van Latyn op primêre, sekondêre en tersiêre vlak" omstreeks 1989 van stapel gestuur is, het geeneen voorsien, slegs maar gehoop, dat hierdie langtermynprojek soveel belangstelling in die skool- en ouergemeenskap en ook in 'n wyer gemeenskapsverband sou wek en in omvang so indrukwekkend sou groei nie. Nie minder nie as drie projekte het in die tydperk 1989-1992 uit hierdie hoofprojek ontstaan. In 1989 is geskiedenis gemaak toe die eerste "Schola Latina" met die doel om laerskoolkinders aan elementêre Latyn en die Romeinse kultuur bekend te stel, op inisiatief van mev. C.J. Schumann deur die Departement Latyn ingestel is. Ongeveer tweehonderd laerskoolkinders kom op Woensdagmiddae na hierdie "Latynskool" om deur dosente van UP en Unisa se Departemente Latyn en ander Latyn-entoesiaste onderrig te word. Na afloop van die kursus ontvang elke leerling 'n "Schola Latina"-sertifikaat. Die "Schola Latina" het daartoe gelei dat Latyn weer op aanvraag van geïnspireerde ouers by 'n plaaslike hoërskool ingestel is en dat die getal Latynleerlinge aan verskeie skole toegeneem het. Verder het die Schola-gedagte landwyd na ander opvoedkundige inrigtings uitgebrei.

'n Tweede suksesvolle projek onder leiding van mev. Schumann en onder die vleuels van die Departement Latyn, is die Latyndag vir Transvaalse hoërskole wat, sedert dit in 1989 die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

eerste keer in samewerking met die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika (Transvaalse Streek) aangepak is, jaarliks gehou is en ongeveer agthonderd tot 'n duisend leerlinge (afkomstig van 22 skole) betrek het by 'n program met bepaalde temas en items wat wissel van lees-, modelle-, plakkate-, toneelkompetisies, en "Ludi Romani" ("Olimpiese Spele" in die kleine) vir leerlinge, asook sang- en dansitems deur die leerlinge self uitgevoer, tot die opvoering van Romeinse komedies. Die aanbieding van hierdie komedies, vertaal deur prof. Scholtemeijer en opgevoer deur die Departement Drama van UP, het nie net groot waardering en belangstelling uitgelok nie, maar stellig ook 'n bydrae tot die kulturele vorming van leerlinge gelewer. Een van die logiese oogmerke van hierdie projek is dan ook die werwing van toekomstige Latynstudente vir die Universiteit van Pretoria.

Die jongste projek van die Departement, 'n uitbreiding van die "Schola Latina"-projek, het aan die begin van 1992 sy beslag gekry toe die Transvaalse Uitvoerende Direkteur van Onderwys, dr. Ken Paine, daartoe toestemming verleen het dat die "Schola Prima", soos dit bekend sal staan, onder leiding van mev. Schumann vir 'n proeftydperk, met die vooruitsig van verdere uitbreiding na ander skole, in ongeveer sestien gekeurde Engels- en Afrikaansmedium-laerskole tydens skoolure ingestel mag word. Sodoende kan st. V-leerlinge deur middel van die naaste hoërskool dan met Latyn kennis maak voordat hulle hul vakkeuse vir die hoërskool uitoefen.

Benewens die onderskeie vakverenigings waarvan dosente van die Departement lede is, het die Departement in die afgelope dekade ook aktief deelgeneem aan talle plaaslike kongresse, simposia en colloquia wat deur verskeie vakverenigings aangebied is. Kontak met buitelandse akademici het nie agterweë gebly nie en vier voordragte is in die buiteland deur prof. Mans gelewer: twee in Mei 1989 by die Katholieke Universiteit Leuven, een in Maart 1991 by die Katholieke Universiteit Nijmegen en een in Augustus van dieselfde jaar tydens 'n wêreldkongres vir Patristiese studies by die Universiteit van Oxford.

Sedert 1982 het die personeel redelik konstant gebly. Benewens die departementshoof, prof. Scholtemeijer, is daar tans die volgende personeellede wat hom bystaan: een medeprofessor, in die persoon van prof. M.J. Mans, een senior lektor, drie permanente lektore, een tydelik-voltydse lektrise, een tydelik-deeltydse lektrise, twee tydelik-voltydse junior dosente, twee onderwysassistente en twee navorsingsassistente.

Die studentegetal het sedert 1982 op veral voorgraadse vlak 'n bestendige groei tot einde 1991 getoon en op ongeveer 950 per jaar gestabiliseer. In 1992 het daar egter 'n afname van ongeveer 20% in voorgraadse studentegetalle ingetree nadat Latyn 111/121 sy status as verpligte vak vir die LLB-graad en toelating tot die balie verloor het en 'n keusevak in die Regte geword het. Hierteenoor is daar sedert 1990 'n sterk groei op nagraadse vlak waarneembaar.

J. Scholtemeijer
Departementshoof

Departement Maatskaplike Werk

Die ontwikkeling en groei van 'n universiteitsdepartement is 'n dinamiese proses en kan moeilik in kompartemente verdeel word veral met betrekking tot die invloed wat deur persoonlikhede oor die jare heen uitgeoefen is. In die tydvak 1983-1992 het die Departement Maatskaplike Werk inderdaad dinamies gegroei.

Twee gedoseerde magisterkursusse, te wete Geneeskundige Maatskaplike Werk en Supervisie, het teen 1983 'n aanvang geneem. Aanvanklike inskrywings was maar gering en vir etlike jare was die voortbestaan van die kursusse in die weegskaal. Ná die aanstelling van programbestuurders, meer effektiewe bemar-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof E.A.K. Hugo, Hoof: Departement Maatskaplike Werk, sedert 1984.

king en effektiewe kurrikulering, het beide kursusse sedert die laat tagtigerjare in aansien gestyg en gevolglik gegroei. Teen 1992 is studente reeds gekeur aangesien die aanvraag, veral ook van ander bevolkingsgroepe, steeds toegeneem het. 'n Derde gedoseerde magisterkursus in Spelterapie - 'n eerste in Suid-Afrika - is in 1993 ingestel.

Die instelling van kortkursusse wat veral gerig is op die praktyk en poog om leemtes in die mondering van praktiserende maatskaplike werkers en ander aanverwante dissiplines te ondervang, is sedert die middel van die tagtigerjare ingestel. Só is daar byvoorbeeld by verskeie geleenthede 'n kortkursus vir dienssentrumbestuurders aangebied, en 'n kortkursus vir pleegsorgwerkers, asook 'n hele reeks kursusse in spelterapie. Die jongste kortkursus handel oor kreatiwiteit en kreatiewe denke.

Tydens sy intreerede op 19 September 1985 het die huidige departementshoof, prof. E.A.K. Hugo, dit onder meer gestel dat navorsing hoë prioriteit sal moet geniet. Afgesien van 'n doelgerigte en beplande aksie om navorsing op voor- en nagraadse vlak te doseer, is daar ook 'n vaste navorsingskomitee aangestel om alle navorsingsaktiwiteite binne die Departement te inisieer, te kontroleer en af te handel. Navorsing is departementeel onderneem om die keuring van voornemende studente voor toelating te ondersoek. Dit het sedert 1990 gelei tot die instelling van studentkeuring met uitstekende resultate. Dié navorsingsprojek is voortgesit met die klem op die monitering van die studente oor 'n tydperk van vyf tot tien jaar. Die navorsingskomitee het ook 'n departementele navorsingsprojek geregistreer waarin die meetinstrumente wat in maatskaplike werk gebruik word, ondersoek en gestandaardiseer word.

'n Gemeenskapswerkforum is in die laat tagtigerjare gestig om gemeenskapswerk as 'n metode van maatskaplike werk te vestig en veral in die praktyk tot wasdom te bring. Hierdie forum het oor 'n periode van vyf jaar reeds omvangryke navorsing opgelewer en het gelei tot verskeie magister- en doktorale studies rondom hierdie metode.

Etlike publikasies wat landswye erkenning onder vakgenote geniet, het in die tydperk 1983-1992 uit die penne van personeellede verskyn. 'n Feesbundel, *Maatskaplikewerk-opleiding oor sestig jaar*, het in 1988 met die herdenking van die Departement se sestigste bestaansjaar verskyn.

Uit die aard van maatskaplike werk as kunde en professie is samewerking en skakeling met ander instansies 'n hoë prioriteit. Die hele personeel is betrokke by meer as een organisasie, instansie, departement of raad in 'n bestuurshoedanigheid, as raadgewer of as konsultant. Prof. Hugo is reeds vir 'n derde termyn verkies as lid van die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk. As Beroepsraad vervul hierdie instansie 'n belangrike rol om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

relatief jong professie se ontwikkeling te stimuleer en te reguleer. Prof. Hugo was ook vir 'n tweede tweejaartermyn voorsitter van die Gesamentlike Universiteitskomitee vir Maatskaplikewerk-dosente. Hierdie komitee vergader jaarliks, verteenwoordig al die opleidingsinrigtings in Suider-Afrika en is geaffilieer by die *International Association for Schools of Social Work*.

Die Departement het gedurende die betrokke dekade daarin geslaag om interfakultêre samewerking deur middel van navorsing en lesings te bewerkstellig. Saam met die Fakulteit Opvoedkunde is 'n multidissiplinêre spanbenadering by die Instituut vir Kinderleiding onderneem. In samewerking met die Fakulteit Teologie (Afdeling B) was daar 'n nagraadse kursus en navorsing op die gebied van Praktiese Teologie. Met die Fakulteit Geneeskunde was daar ook uitgebreide samewerking in die Departemente Huisartskunde, Verpleegkunde en Oor-, Neus- en Keelkunde. Eersgenoemde twee Departemente is steeds betrokke by die nagraadse kursus in Geneeskundige Maatskaplike Werk. Laasgenoemde Departement onderneem die cochlea-inplantings en personeel van die Departement Maatskaplike Werk vorm deel van die multidissiplinêre navorsingspan wat die inplantings hanteer. Samewerking met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het behels dat personeel van die Departement Personeelbestuur by die Departement Maatskaplike Werk se nagraadse opleiding in die gedoseerde kursus Supervisie betrokke is. Die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde het met die Departement Maatskaplike Werk 'n ooreenkoms aangegaan dat laasgenoemde departement lesings op 'n capita selecta-basis aan hulle studente sal gee. Reeds sedert die laat sewentigerjare het die Fakulteit Regsgeleerdheid en by name die Departement Privaatreg 'n kursus in Welsynsreg binne die maatskaplikewerkkursus aangebied. Sedert 1990 is prof. Hugo betrokke by interfakultêre navorsing saam met prof. Odendaal van die Departement Veterinêre Etologie in verband met mens/dier-interaksie. Hierdie navorsing het reeds daartoe gelei dat prof. Hugo in Julie 1992 'n referaat gelewer het by 'n internasionale konferensie oor mens/dier-interaksie wat in Montreal gehou is.

Die permanent-voltydse personeel van die Departement is sonder uitsondering by eksterne eksamineringswerk op voor- en nagraadse vlak by die meeste ander universiteite betrokke.

Die Departement het met gemak gehoor gegee aan die Universiteit se Afrika-missie en is die laaste vyf jaar oorval deur nagraadse studente uit die swart bevolkingsgroepe wat aansoek doen om toelating tot die gedoseerde meestersgraadprogramme. Die Departementshoof het ook teen die einde van die onderhawige tydperk studieleiding gegee aan 'n swart doktorale student wat 'n personeellid is van die Universiteit van Bophuthatswana.

Op voorgraadse vlak is praktika aan studente in Gemeenskapsontwikkeling op plase in die Noord- en Wes-Transvaal aangebied. Swart voorgraadse studente is die geleentheid gebied om praktiese werk onder hulle eie mense in die swart woongebiede te doen.

Die Departement het tred gehou met die Universiteit se beleid in verband met onderrigmetodes. Alle personeel is onderwerp aan skoling in verband met die jongste ontwikkelinge ten einde hul doseervaardighede te verbeter. Dit is sedert 1985 die beleid om personeellede aan te moedig om hul formele akademiese kwalifikasies te verbeter. Met uitsondering van een persoon was alle permanent-voltydse personeellede teen einde 1992 gedoktoreer. Personeellede wat hul kwalifikasies verbeter en uitstekende werk lewer, is bevorder.

Met so 'n goed opgeleide en hoogs gemotiveerde permanent-voltydse personeelkorps is daar benewens uitmuntende navorsingsuitsette, doseerwerk en gemeenskapsdiens ook waardevolle bydraes gelewer op die terrein van beleidsformulering en konsultasiedienste aan staats- en private instansies.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die personeelkorps het reeds vir baie dekades lank uit 'n komponent permanent-voltydse personeel, 'n komponent tydelik-voltydse en 'n komponent tydelik-deeltydse personeel bestaan. Laasgenoemde twee kategorieë bestaan uit persone met uitmuntende praktykervaring en ook geskikte akademiese kwalifikasies wat aangewend word vir die praktiese opleiding van studente op voorgraadse vlak. Die samewerking van staats- en private welsynsorganisasies is verkry om die nodige praktykopleidingsfasiliteite te verskaf.

Ná die bevordering van die huidige hoof in 1981 tot medeprofessor en die Universiteit se beleidswysiging ten opsigte van bevordering op meriete, het daar 'n dramatiese opwaartse bevordering tot senior lektorate ná behaling van die doktorsgraad plaasgevind en was daar in die laat tagtigerjare in 'n stadium twee medeprofessore in die Departement. Die een medeprofessoraat was aan die persoon gekoppel. Die postestruktuur van die Departement het teen 1992 bestaan uit een professor/hoof, een medeprofessor, ses senior lektore, een lektor, drie senior tegniese assistente, een navorsingsassistent, agt junior dosente (praktykleiers) en een sekretaresse.

Studentegetalle het sedert 1983 op voorgraadse vlak vinnig gegroei en die interessante tendens getoon dat die behoefte aan nauurse studie bykans totaal verdwyn het. Nagraadse studentegetalle het 'n gestadige groei oor die eerste helfte van die dekade getoon, maar vinniger begin groei in die laaste helfte van die tydperk met altesame 119 meestersgraad- en veertien doktorale studente teen 1992. Nauurse studente het weer begin toeneem en die herinstelling van die nauurse lesings in Maatskaplike Werk is toe gevolglik weer oorweeg.

As gevolg van die groot voorgraadse getalle, die beperkte plasingsruimte vir praktykopleiding, en die hoë slytasie van studente tydens die vierjarige voorgraadse opleiding, is daar besluit om keuring voor toelating in te stel. Die kwota studente is jaarliks voor inname bepaal. Sewentig eerstejaars is in die reël toegelaat. Hierdie reëling het 'n dramatiese verbetering in die slaagsyfers teweeggebring en alle tekens het daarop gedui dat die gehalte van opleiding baie verbeter het.

Die Departement het aan die einde van 1992 voor enorme uitdagings gestaan veral met betrekking tot makro-sosio-ekonomiese probleme wat die land in die gesig staar. Die opleiding van professionele mense wat die uitdagings in die praktyk die hoof moet kan bied, is dringend nodig. Departementele selfevaluering is verder 'n onmiddellike hoë prioriteit, asook voorbereiding met die oog op assessering deur die SA Raad vir Maatskaplike Werk. Die rekenarisering van sekere stelsels in die Departement waarmee reeds vier jaar tevore begin is, sal verdere aandag ontvang.


E.A.K. Hugo
Departementshoof

Departement Menslike Bewegingskunde

Met die ontstaan van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde in 1946 was dit die bedoeling dat studente onderwysers in liggaamlike opvoeding sal word. Dit was dan ook die benadering van al die departemente van Liggaamlike Opvoedkunde aan universiteite in Suid-Afrika. Dit was in ooreenstemming met die gebruik in Europa en Amerika.

Die beginsel het onveranderd gebly tot in die laat sewentigerjare. In die middel sewentigerjare het die Departement van Sport en Ontspanning binne die regering tot stand gekom en fondse is daarheen gekanaliseer om bepaalde navorsing te inisieer. Hier het die eerste werklike navorsing in die Liggaamlike Opvoedkunde sy ontstaan gehad en dit het die grondslag gelê vir ingrypende veranderinge aan die inhoud van en benadering tot die vak. Een van die gevolge hiervan was dat 'n instituut binne die Departe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. G.J. van Wyk, Hoof: Departement Menslike Bewegingskunde, sedert 1990.

ment Liggaamlike Opvoedkunde gestig is met die naam Instituut vir Sportnavorsing wat tans nog bestaan en waaroor daar apart verslag gedoen word. Alle aktiwiteite wat nie direk met opleiding te make gehad het nie is na die Instituut vir Sportnavorsing verwys. Hierdie verslag moet idealerwys saam gelees word met die verslag van die Instituut vir Sportnavorsing.

Teen 1983 was Liggaamlike Opvoedkunde as akademiese vak aan die Universiteit van Pretoria gevestig en alhoewel daar nog geen amptelike besluit in dié verband geneem was nie, het dit stelselmatig gebeur dat die bedoeling met die opleiding van studente binne die vak nie gemik was slegs op die opleiding van onderwysers nie. Daar het 'n duidelik waarneembare kentering gekom in die vak op internasionale en nasionale vlak en die vakinhoud is uitgebrei om meer as net onderwyseropleiding te behels.

Die gevolg hiervan was dat die vakleiers op internasionale en plaaslike vlak daaraan begin dink het om die naam van die vak te verander sodat hierdie veranderinge in die naam weerspieël word. Dit het in 1986 gebeur toe die nuwe naam Menslike Bewegingskunde gekies is en hiermee saam het die Departement Liggaamlike Opvoedkunde se naam ook verander na dié van die Departement Menslike Bewegingskunde. Hierdie naam is vir die Universiteit van Pretoria steeds nie heeltemal pluis nie en gevolglik sal dit in die loop van die negentigerjare weer verander.

Hierdie naamsverandering het saamgeval met 'n indringende ondersoek na die kurrikulum van die vak en radikale aanpassings is gemaak in nie alleen die vakinhoudelike nie, maar ook die vaksamestellings vir die geëndosseerde grade BA(LO) en BA Ed(LO). Só is die vak Higiëne (wat slegs onderwyswaarde gehad het) vervang deur die kursus Rekreasiekunde en binne die vakke Bio-ergonomika en Menslike Bewegingskunde is sterker gelet op rekreasie- en topsportgebruike. Die aanpassings is tot op honneursvlak deurgevoer en 'n totaal nuwe bedeling is op akademiese gebied ingelui. Hierdie veranderinge was radikaal, maar dit het geklop met wat in die res van die eerstewêreldlande gebeur het en het die realiteite van die tyd in Suid-Afrika weerspieël. In 1984 is die nuwe paramediese professie Biokinetika onder die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad met behulp van die Departement Menslike Bewegingskunde ingestel. Hierdie ontwikkeling dui op die dinamiese aard van die vakinhoud.

In 1989 is die hele oefening van strategiese beplanning weer gedoen en dit het daarop gedui dat die besluite van die vroeë tagtigerjare sinvol was. Verdere aksieplanne is geformuleer en weer eens het dit geblyk dat onderwysersopleiding nog 'n laer profiel in die opleiding van ons studente sou moes inneem, met meer klem op veral Rekreasiekunde en in 'n mindere mate Sportkunde en Biokinetika. Hierdie aanpassings is gemaak en teen 1992 is kursusse so saamgestel dat daar op nagraadse vlak gespesia-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

liseer kon word in een van drie rigtings, te wete Biokinetika, Rekreasiekunde en Sportkunde.

Na aanleiding van die strategiese beplanning van 1989 het dit in 1990 gebeur dat Menslike Bewegingskunde as keusevak binne die BCom (Algemeen)-graad geneem kon word. In 1992 is besluit om 'n geëndosseerde graad met die naam BCom(Rekreasie- en Sportbestuur) van 1993 af aan te bied. Hierdie besluite het daartoe bygedra dat die vak Menslike Bewegingskunde vanuit drie Fakulteite toeganklik was, naamlik Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Volgens ooreenkoms is die Instituut vir Sportnavorsing verantwoordelik vir die totale navorsingspoging van die Departement Menslike Bewegingskunde en alle relevante inligting in hierdie verband kan gevind word in die geskrif van die Instituut.

Die vak Liggaamlike Opvoedkunde, sedert 1992 bekend as Menslike Bewegingskunde, het 'n baie lewendige vakvereniging wat bekend staan as die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde, Sportwetenskap en Rekreasie (SAVSLOR). Hierdie vakvereniging beskik oor 'n eie gesubsidieerde tydskrif waarin lede van die Departement gereeld publiseer. In hierdie verband kan die gedeelte oor publikasies in die verslag van die Instituut vir Sportnavorsing geraadpleeg word. Personeel van die Departement Menslike Bewegingskunde vorm sedert 1983 'n prominente deel van die bestuur van die vakvereniging. Daar het nooit minder as twee personeellede in die raad van die vakvereniging gedien nie en van 1980 tot 1986 was prof. J.L. Botha die visepresident van die Vereniging en van 1986 tot 1992 was hy president. In 1990 is die vakvereniging om verskeie redes verander in 'n oorkoepelende federasie met daaronder 'n reeks aparte vakverenigings. So het dit gebeur dat dr. A.E. Goslin van 1990 tot 1992 visepresident van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Rekreasiekunde en Toerisme was en sedert 1992 president. Prof. G.J. van Wyk het van 1988 tot 1992 as visevoorsitter/president van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap gedien en is in 1992 tot visepresident van die Federasie verkies. Prof. J.M. Loots was van 1983 tot 1992 visepresident van die Vereniging vir Biokinetika.

Die aard van die vak Menslike Bewegingskunde is interdissiplinêr en daar is dus met verskeie ander departemente, fakulteite en universiteite geskakel. Alhoewel hierdie skakeling hoofsaaklik op navorsingsgebied plaasgevind het, het dit tog 'n effek op die opleiding van ons studente gehad en neerslag gevind in die kurrikulum. Teen 1992 het die Departement Menslike Bewegingskunde as eksterne eksamineringsdepartement opgetree vir die Universiteit van die Noorde, die Universiteit van die Witwatersrand en die Onderwyskolleges Pretoria en Soshanguve. Die koppeling tussen die Instituut vir Sportnavorsing en die Departement Menslike Bewegingskunde het 'n groot opleidingsinset vanuit die Instituut tot gevolg gehad en skakeling met ander instansies bewerkstellig. Meer in hierdie verband kan gevind word in die geskrif van die Instituut vir Sportnavorsing.

Omdat die grade van die Departement Menslike Bewegingskunde geëndosseerde grade is, moet praktykgerigte en teoretiese inhoud teenwoordig wees en beide hierin en in die suiwer akademiese aspekte van die kursus moet 'n mate van gehaltewaarborg gelewer kan word. Om dit te verseker, geld daar in elke onderafdeling, ongeag hoe klein, 'n subminimumvereiste van 40%. Die strategie van die Universiteit van minder klas en meer studenteselfwerksaamheid het tot gevolg gehad dat dit vir die Departement Menslike Bewegingskunde, veral in die praktiese werk, moeiliker geword het om waarborge te lewer. Bykomende vrywillige sessies is egter ingestel om hierdie probleem te oorkom.

Alle projekte gemoeid met diens aan die gemeenskap is na die Instituut vir Sportnavorsing gekanaliseer en meer inligting in hierdie verband kan in die geskrif van die Instituut vir Sportnavorsing gevind word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sedert 1983 was twee departementshoofde werksaam in die Departement. Prof. J.L. Botha het tot en met 1987 as departementshoof diens gedoen. Aan die begin van 1988 is prof. G.J. van Wyk as waarnemende departementshoof vir 'n periode van drie jaar aangestel omdat die werklas as departementshoof en direkteur van die Instituut vir Sportnavorsing te veel geword het vir een persoon. Prof. Van Wyk is van die begin van 1990 as permanente en voltydse departementshoof van die Departement Menslike Bewegingskunde aangestel, terwyl prof. Botha reeds van 1979 af as Direkteur van die Instituut vir Sportnavorsing diens doen. Beide hierdie persone het teen 1992 nog in hierdie hoedanighede gedien.

Van 1983 af was daar 'n afname in die getal permanent-voltydse poste en is tydelik-deeltydse aanstellings gemaak om probleemsituasies te oorbrug. Hierdie beginsel het teen 1992 nog gegeld en die posteverdeling was soos volg: twee permanent-voltydse professore, een permanent-voltydse medeprofessor, vyf permanent-voltydse senior lektore (almal reeds gedoktoreer voor 1990), twee permanent-voltydse lektore (beide besig met magisterstudies), een tydelik-deeltydse lektoraat waarteen vier persone diens lewer, een permanent-voltydse senior navorser (besig met doktorale studies), twee tydelik-deeltydse tegniese assistente (honneurs- of magisterkandidate), twee tydelik-deeltydse onderwysassistente (honneurskandidate) en een administratiewe pos.

Gedurende die laaste gedeelte van die sewentigerjare was daar 'n toename in studentegetalle en personeel is aangestel om die situasie te hanteer. Studentegetalle het van 1979 tot 1982 sodanig verminder dat poste wat vakant geraak het nie weer gevul is nie. Sedert 1985 het die studentetal gestabiliseer en dit het tot 1992 voortgeduur. Meer nagraadse studente, veral op honneursvlak, het afgestudeer.

Dieselfde omstandighede as wat in die jare 1986-87 gegeld het toe besluit is dat die Departement nie net op onderwysstudente gerig moet wees nie, het weer in 1989 ingetree. Dat die studentegetalle stabiel gebly het in die moeilike tye van die negentigerjare toon dat die herkurrikulering baie tydig en sinvol was. Baie moeite is gedoen om studente op 'n moreel verantwoordbare wyse te werf vir sowel voorgraadse as nagraadse studie.

G.J. van Wyk
Departementshoof

Departement Musiek

Gedurende 'n dekade waarin universitêre kunstedepartemente in toenemende mate onder die vergrootglas geplaas is, kon die Departement Musiek aan die Universiteit van Pretoria steeds daarin slaag om 'n betekenisvolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse kultuurlewe in die algemeen, en die musieklewe in die besonder, te lewer. Dwarsdeur die eeue-oue geskiedenis van die mensdom was die materiële opbrengs van die kunste meestal gering in vergelyking met dié van ander menslike aktiwiteite. Die kunste was inderdaad onder die eerste gesneuweldes wanneer die ekonomiese veldslae van die wêreld gevoer is. Desnieteenstaande oorleef die kunste nog steeds, as getuienis van die *bewese waarheid* dat die beskawingspeil van 'n volk deur daaropvolgende geslagte gemeet word aan sy kuns- en kultuuruitinge.

Die Departement Musiek het dus in die tydperk 1983-1992 sensitief ingestel gebly op die eise en behoeftes van die wydvertakte kulturele beroepsveld waarbinne hy funksioneer. Voorgraadse kursusse soos die Universiteitsdiploma in Musiek (Individuele Onderwys) is derhalwe aan die einde van 1989 afgeskaf en so ook die spesialiseringsrigting Kamermusiek binne die BMus-graad (1983). Daarenteen is verskeie nuwe nagraadse kursusse ingestel ten einde te voldoen aan veranderde eise van die beroepsveld. Op honneursvlak is spesialisering in Uitvoerende Kuns (1984), Klavierdidaktiek (1987) en Musiekopvoeding (1987) bygevoeg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. C.E. Lamprecht, Hoof: Departement Musiek, 1 Mei 1984 - 31 Desember 1987.

Eweneens is die spesialiseringskeuse op magistervlak uitgebrei deur die toevoeging van Uitvoerende Kuns (1984), Musiekopvoeding (1988) en Klavierdidaktiek (1988).

Sedert 1986 is die ontstaan en ontwikkeling van Suid-Afrikaanse kunsmusiek 'n verpligte kursus op honneursvlak. Studente wat hul jaarliks hiervoor inskryf, bestaan grotendeels uit skoolverbonde musiekonderwysers met heelwat onderrigervaring agter die rug. Die fakkel van kennis wat elk van hulle iedere jaar na aflegging van die kursus na verskillende landstreke uitdra, help mee tot die uitbouing van 'n verwaarloosde kultuursegment. 'n Nuwe geslag, bewus van ons eie prestasies, word nou reeds deur hierdie 'sendelinge' in ons skole gekweek.

'n Wye verskeidenheid navorsingsgebiede is deur verskeie personeellede ondersoek. Prof. Elsbeth Hugo het opgetree as voorsitter van die afdeling "Onderwysopleiding vir Klasmusiek" vir die RGN se navorsingsprojek "Doelmatige Musiekopvoeding in Suid-Afrika". Prof. Hugo het saam met mej. Suzette van Eeden uitgebreide navorsing onderneem met die oog op die uitdagings wat in die verwagte nuwe onderwysbedeling in Suid-Afrika aan Musiekopvoeding gestel sal word. Ander navorsingsonderwerpe was onder andere Afrikaanse volksliedere (prof. C. Lamprecht), klavierbladlees (dr. E. Fourie), rekenaargesteunde onderrig van harmonie en kontrapunt (mev. M.A. Brits), die ornamentasie in die "Fitzwilliam Virginal Book" (dr. W.D. Viljoen) en die liedere van Hubert du Plessis (dr. H.H. van der Mescht). Die mikrogerekenariseerde ontsluiting van die F.Z. van der Merwe-musiekversameling in die Africana-afdeling van die Merensky-biblioteek is aangepak deur dr. G.C. Olivier.

Buitelandse navorsing (oor die liedere van Josef Rheinberger) is onderneem deur dr. Van der Mescht. Dr. Olivier het 'n buitelandse studiereis onderneem om die moontlikhede van rekenaargesteunde musiekteoretiese onderrig op tersiêre vlak te ondersoek.

Die universiteitsbeleid van samewerking met buurlande het onder andere gelei tot die Departement Musiek se betrokkenheid by 'n doktorale studie oor 'n moontlike opleidingsprogram vir onderwysers in Musiekopvoeding in Botswana.

Verskeie personeellede was in die onderhawige tydperk bekend vir hulle gereelde optredes in musiekuitvoerings oor die radio en op sowel plaaslike as buitelandse konsertverhoë. Hieronder tel die pianiste Marian Friedman, Heinrich van der Mescht en Wessel van Wyk, die orrelis Wim Viljoen en die sopraan Ina Snyman.

Die personeel sluit verder ook komponiste in, waaronder die internasionaal bekende Stefans

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Grové wat gedurende die betrokke dekade 'n besonder vrugbare skeppingsperiode beleef en verskeie pryse en opdragte ontvang het. In 1989 is 'n eredoktorsgraad deur die UOVS aan prof. Grové toegeken. Gerrit Olivier, wie se *Konsert vir orrel en orkes* in 1990 deur die UP-orkes met Wim Viljoen as solis uitgevoer is, het ook twee nasionale komposisiepryse verower.

Die Departement is besonder trots op die sukses wat sy studente behaal en die bydrae wat hulle tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse musieklewe gelewer het. Die UP-simfonie-orkes onder leiding van Alan Solomon het jaarliks twee konsertprogramme ingestudeer. Concerto-aande is gehou waartydens uitblinker-studente die geleentheid gekry het om as soliste saam met die orkes op te tree. 'n Beduidende aantal pryswenners van die belangrikste Suid-Afrikaanse musiekkompetisies het gereeld in die betrokke dekade uit die geledere van UP-musiekstudente gekom. Hieronder tel die volgende: *SAUK-musiekprys*: Liesbet Kurpershoek (orrel); *Unisa Oorsese Beurse*: Amarillie Brink (harp), Liesbet Kurpershoek (orrel), Susan Mouton (tjello), Riaan Steyn (orrel), Anneke van Heerden (klavier) en André Wessels (orrel); *SAMRO-beurs vir buitelandse studie*: Bennie Fourie (klavier), Liesbet Kurpershoek (orrel), Anneke van Heerden (klavier) en Etienne van Rensburg (komposisie); *Forté-prys*: Suzanne Swanepoel (viool) en Niel van der Watt (komposisie); *Universiteit van Natal-musiekprys*: Jeanne-Louise Malan (altviool) en André Swanepoel (viool); *Fullbright-beurs* (VSA): Pieter Jacobs (klavier).

Die belowende jong komponiste Alexander Johnson, Niel van der Watt en Etienne van Rensburg, asook die sopraan Hanli Stapela, was gedurende die afgelope dekade studente van die Departement Musiek. Daarbenewens studeer of werk verskeie oudstudente gereeld in die buiteland. Ander beklee sleutelposte op verskeie gebiede van die Suid-Afrikaanse musieklewe of staan hulle plek vol in Suid-Afrikaanse orkeste.

Sedert die ontstaan van die Departement in 1961 ken die Pretorium Trust-koopvereniging jaarliks agt studiebeurse vir voorgraadse praktiese musiekstudie toe. Sedert 1985 is een van die beurse aan 'n nagraadse student op grond van uitmuntende akademiese prestasie toegeken. Die waarde van die beurse beloop tans R4 000 elk per jaar.

Verskeie lede van die personeel het in die betrokke dekade op gereelde basis met sowel plaaslike as oorsese universiteitsdepartemente geskakel. Hulle het ook diens gelewer as eksterne eksaminatore by sowel praktiese eksamens as die beoordeling van verhandelings en proefskrifte.

Die Departement voorsien 'n gebalanseerde opleiding wat die teoretiese en praktiese vakgebiede van musiek insluit ten einde doelmatig aan te sluit by Suid-Afrikaanse omstandighede en behoeftes. Voorgraadse kursusse is sodanig ingerig dat studente kan spesialiseer in die uitvoerende kuns, die musiekwetenskap, komposisie of kerkmusiek. Daar bestaan steeds 'n goeie balans tussen teoretiese en praktiese werk binne elke spesialiteitsrigting. In die honneurskursusse is daar 'n goeie ewewig tussen teorie en praktyk binne die rigtings Uitvoerende Kuns, Klavierdidaktiek en Musiekopvoeding. Die studierigting Musiekwetenskap is volledig teoreties georiënteerd en die rigting Komposisie vereis skeppende talent.

Vir magister- en doktorsgrade geld slegs teoretiese vereistes, met uitsondering van die graad MMus (Uitvoerende Kuns) waar die klem oorwegend op praktiese musiekbeoefening val en die M- en D-grade in Komposisie waar oorspronklike skeppende werk vereis word.

Die Departement het ook in die betrokke dekade daarna gestreef om sy onderrigmetodes deurlopend onder die soeklig te plaas, in ooreenstemming met bewese nuwe ontwikkelinge op dié gebied. Daar is dus onder andere gebruik gemaak van video-opnames, rekenaarge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

steunde gehooropleiding en ander onderwyshulpmiddels. 'n Groter mate van rekenaargesteunde onderrig word tans deur middel van 'n magisterstudie deur 'n personeellid ondersoek.

Lede van die Departement Musiek was gesog as aanbieders van meesterklasse en lesings vir vakverenigings: dr. Caroline van Niekerk het referate en lesings gelewer in 1988 (Brisbane), in 1989 (Winnipeg, Kanada) en in 1990 (Wene, Lahti en Helsinki). Radioprogramme oor musiek is vir die SAUK saamgestel deur Stefans Grové, Gerrit Olivier, Bertha Spies en Heinrich van der Mescht.

Personeellede het gereeld in die beoordelaarspanele van kunswedstryde en ander nasionale kompetisies gedien. Daarbenewens het proff. Solomon (Pretoria), Stanford (Praag) en Van de Geest (Pretoria) opgetree as beoordelaars by internasionale kompetisies. Personeellede was betrokke by 'n verskeidenheid musiekorganisasies en het dikwels uitvoerende posisies beklee. Die nuutgestigte Fluitfederasie van Suid-Afrika is gestig deur mnr. John Hinch en die Tweede Afrikaanse Liedfees het op inisiatief van dr. Van der Mescht plaasgevind. Dr. Olivier het in die uitvoerende bestuur van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging gedien en was lid van die Interkerklike Psalmhersieningskommissie.

Sedert 1982 het die Departement jaarliks klavierhulpklasse vir skoliere aangebied. Deelnemers vanoor die hele Transvaal het gewoonlik vir twee dae in Augustus bymekaar gekom om aandag te skenk aan klaviersillabusse vir gevorderde leerlinge. In 1992 is by wyse van proefneming 'n uiters geslaagde bykomende kursus in Klavierdidaktiek vir onderwysers aangebied.

Die Departement Musiek poog verder om gebruik te maak van die kundigheid van buitelandse kunstenaars en akademici. Gaste wat meesterklasse aangebied het, was onder andere Marie-Claire Alain (orrel, Konservatorium Reuil-Malmaison, 1983), Heidi Litschauer (tjello, Mozarteum, 1987), Edith Hiltbrandt (klavier, Genève, 1988), Gabriel Verschraegen (orrel, Konservatorium van Gent, 1989), Kamiel de Hooghe (orrel, Konservatorium van Brussel, 1990), James Parsons (orrel, Oundle School of Music, 1991) en Daniel Matrone (orrel, Konservatorium van Bordeaux, 1992).

In April 1990 is 'n driedaagse Musiekopvoederskonferensie deur die Departement aangebied. Meer as vierhonderd afgevaardigdes het 'n groot verskeidenheid lesings, besprekings en konserte bygewoon. Gassprekers het onder andere deskundiges uit die VSA en Australië ingesluit.

Na die uitdienstreding van prof. S. Paxinos in 1983 is prof. Chris Lamprecht in Mei 1984 as departementshoof aangestel. Hy was een van die eerste dosente verbonde aan die Department en later vir etlike jare direkteur van die Kultuurburo aan UP. Gedurende sy hoofskap het hy veral aandag gewy aan die bevordering van musiek uit eie bodem. Prof. Gerard van de Geest is sedert 1965 aan die Departement verbonde en is in April 1988 as departementshoof aangestel.

Aan die einde van 1989 het die bekende prof. Stephanus Zondagh uit die diens van die Departement getree na 'n besonder betekenisvolle en vrugbare tyd as orrelpedagoog. Prof. Grové, wat in 1973 by die Departement aangesluit het, het in 1991 afgetree, maar sy verbintenis met die Universiteit is voorgesit met sy benoeming as buitengewone professor. Proff. Elsbeth Hugo (1989) en Josef Stanford (1991) is tot medeprofessore bevorder. Ná die aftrede van prof. Henri Arends in 1985 het die bekende violis, prof. Alan Solomon, in 1986 as viooldosent en dirigent van die UP-simfonie-orkes by die Departement aangesluit. Onder sy leiding het die orkes die geleentheid aan orkesspelers gebied om toepaslike beroepservaring op te doen en verder ook geleenthede vir solooptredes verskaf aan sowel personeellede as studente. Onder die belangrikste uitvoerings van die betrokke dekade was 'n Concertofees in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1989, waartydens twaalf studente as soliste opgetree het, en die eerste openbare uitvoering van die *Konsert vir Orrel en Orkes* van Gerrit Olivier met Wim Viljoen as solis (1990).

Teen die einde van 1992 het die personeel bestaan uit twaalf deeltydse dosente, twee onderwysassistente, drie navorsingsassistente en dertien voltydse dosente, naamlik mev. M.A. Brits, dr. E. Fourie, mej. M. Friedman, mnr. J. Hinch, prof. E. Hugo, dr. G.C. Olivier, prof. A. Solomon, prof. J. Stanford, mev. J. Theron, dr. H.H. van der Mescht, mej. S.M. van Eeden, mnr. W. van Wyk, en dr. W.D. Viljoen. Hieronder ressorteer, benewens die departementshoof, drie medeprofessore, ses senior lektore en vier lektore.

Ten spyte van heersende ongunstige ekonomiese toestande is die periode 1983-1992 gekenmerk deur stygende studentegetalle. Met die invoering van 'n groter verskeidenheid BMus(Hons)-studierigtings het die aantal inskrywings vir hierdie kursusse (veral in Musiekopvoeding) beduidend toegeneem. Daar was verder ook 'n bestendige toename in die aantal magister- en doktorale kandidate. Teenoor een magistergraad in 1982 is dertien in 1991 toegeken. In dieselfde periode het die aantal suksesvolle honneursstudente per jaar van drie tot agttien (1992) toegeneem. Teen 1992 was twee en dertig honneurs-, sewe-en-dertig magister- en nege doktorale studente by die Departement ingeskryf. Dit vergelyk uiters gunstig met die vyf-en-tagtig voorgraadse studente wat terseldertyd by die Departement ingeskryf was.

G. van de Geest
Departementshoof

Departement Semitiese Tale

Deur die inisiatief van die departementshoof (destyds nog in waarnemende hoedanigheid) is die eerste vakindaba vir departemente van Semitiese Tale in Suid-Afrika op 8 Oktober 1987 by die Universiteit van Pretoria gehou. Hiertydens is 'n loodskomitee op die been gebring met die oog op die stigting van 'n vakvereniging vir Semitistiek. Die stigting van SAVSEM (Suider-Afrikaanse Vereniging vir Semitistiek) het vervolgens op 25 Mei 1988 by Unisa tydens die eerste jaarlikse kongres plaasgevind. Teen 1992 het twee lede van die Departement in die bestuur gedien, te wete prof. J.H. Potgieter (Ondervoorsitter) en dr. G.T.M. Prinsloo (Sekretaris).

Die stigting van hierdie vakvereniging het daartoe bygedra dat groter samewerking tussen die verskillende departemente van Semitiese Tale aan Suid-Afrikaanse universiteite bewerkstellig is. Daar is sedertdien elke jaar 'n vakkongres gehou en uit die vereniging is ook 'n tydskrif gebore, die *Journal for Semitics*, waarin kongresbydraes en ander navorsing gepubliseer word. Lededepartemente het in beginsel besluit om saam te werk aan 'n nuwe verwysingsgrammatika vir Bybelse Hebreeus.

In hulle navorsing was lede van die Departement in die tydperk 1983-1992 veral geïnteresseerd in poëtiese konvensies in die Semitiese taalgroep. Bydraes oor aspekte van die Akkadiese, Arabiese, Ugaritiese, Aramese, Hebreeuse en Siriese digkuns is reeds in verskeie vaktydskrifte gepubliseer. Die Departement het in 1990 'n navorsingsprojek geloods oor poëtiese konvensies in die Bybelse psalms in samewerking met die Departement Ou Testament van die Fakulteit Teologie van UP (Afdeling B) en die Departement Ou Testament van die Universiteit van Suid-Afrika. Hiervoor het die navorsingsgroep 'n ad hoc-toekenning van die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die RGN vir die tydperk 1990-1991 en weer vir 1993-1994 ontvang. Twee navorsingsverslae oor poëtiese konvensies is in 1991 deur lede van die Departement gepubliseer en deur die RGN aanvaar: *Polêre strukture in die himnes van Afrem die Siriër: hulle konstruksie en funksie* (dr. P.J. Botha) en *Poëtiese konvensies in die eerste veertig psalms*, waarby al die lede van die Departement betrokke was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.H. Potgieter, Hoof: Departement Semitiese Tale, sedert 1 Desember 1988.

Benewens kwalifikasies in die vak Semitiese Tale, het al die lede van die Departement teen 1992 ook oor 'n doktorsgraad in Teologie (Ou Testament) beskik. Hierdie kundigheid is reeds deur die Bybelgenootskap en ander instansies benut. So het prof. Potgieter 'n bydrae tot die skryf van die *Verklarende Bybel (Nuwe Afrikaanse Vertaling)* gelewer, en hy, dr. Botha en dr. Prinsloo het meegewerk aan 'n Afrikaanse verwerking van die *New Life Application Bible*, die *Bybel in praktyk*. Al vier lede van die Departement was betrokke by die skryf van die *Nuwe Afrikaanse Verwysingsbybel*, terwyl prof. Potgieter en dr. Prinsloo genader is om kommentare te skryf in die reeks *Historical Commentary on the Old Testament*. Drie lede van die Departement het ook uitnodigings ontvang om bydraes te lewer in die Ned.Geref. Kerk se reeks *Bybelverklarings van die Ou Testament*.Al die permanente lede van die Departement het gedurende die onderhawige tydperk as gasdosente in die Fakulteit Teologie opgetree waar hulle lesings in die vak Ou Testament en voordragte in die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding gelewer het. Hierdie voordragte het sowel kursusse vir geïnteresseerde lede van die publiek as opfrissingskursusse vir predikante oor aspekte van Hebreeuse taalkunde, eksegese en teologie behels.

Die vak Hebreeus is gerig op die praktiese opleiding van predikante en het as doelstelling om studente binne die bestek van vier semesterkursusse 'n taalvaardigheid in Bybelse Hebreeus te gee waarmee hulle Ou-Testamentiese tekste in die grondtaal kan beheers. Die aanleer van Hebreeus is dus nie gerig daarop om studente die taal te leer praat nie, maar om tekste te interpreteer. Die Ned. Herv. Kerk van Afrika vereis van sy teologiestudente om 'n derdejaarkursus in Hebreeus te volg, en daarbenewens was daar elke jaar 'n aantal studente van die Ned. Geref. Kerk en ook nieteologiestudente wat vrywillig vir 'n kursus in Hebreeus 300 ingeskryf het. Op derdejaarsvlak is ook een van die ander Semitiese tale op rotasiebasis aangebied. 'n Aansienlike persentasie derdejaarstudente het daarna vir 'n honneurskursus ingeskryf, waar twee ander Semitiese tale gewoonlik ook onderrig is. Gevolglik is daar ook 'n teoretiese gerigtheid in die Departement Semitiese Tale. Sonder die nodige navorsing oor teoretiese aspekte van die verskillende tale wat gedoseer word, sou die praktyk gou uit voeling raak met nuwere ontwikkelings op die terrein van die taalkunde.

Een van die dosente, dr. A.A. da Silva, was gedurende die onderhawige dekade ten nouste betrokke by die opleiding van leraars vir die inheemse Hervormde Kerk in Suidelike Afrika. Hy het naamlik Hebreeus by die Kerk se opleidingsentrum te Klipdrif, noord van Pretoria gedoseer. Die drie ander voltydse dosente het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in 1991 elk 'n bydrae tot 'n kursus in Ou Testament vir die Sentrum vir Teologie en Diens gelewer, 'n instansie wat formele opleiding bied aan lekepredikers van die vele inheemse Christelike kerke in Suid-Afrika.

Die Departement het in die betrokke tydperk van tradsionele onderrigmetodes gebruik gemaak en 'n hoë premie op 'n groot aantal kontakure met eerstejaarstudente geplaas. Hierdie klem het tot 'n dramatiese verhoging in die slaagsyfer van studente in Hebreeus 1 gelei. Daarbenewens is egter ook van oefenklasse, seminare en aanbiedings deur studente self gebruik gemaak. Die aantal kontakure in die tweede jaar was veel minder en die benadering was dat studente die taal self ontdek en leer verstaan deur 'n analitiese en sintetiese omgang met die Hebreeuse teks. Die gebruik van rekenaargesteunde onderrig is teen 1992 nog ondersoek aangesien Hebreeuse lettertekens spesiale programme vereis vir grafiese voorstelling op 'n rekenaarskerm. Die rekenaar het egter reeds gedurende die periode 1983-1992 die werk van dosente in Hebreeus vergemaklik aangesien daar woordverwerkingsprogramme op die mark gekom het wat dit moontlik maak om die Departement se eie Hebreeuse grammatika gereeld te hersien en aan te pas en om soektogte in en manipulasie van Hebreeuse tekste te doen.

Dosente van die Departement het in die onderhawige tydperk gereeld by nagraadse seminare van die Fakulteit Teologie (Afdeling B), Bybelskole, leeskringe, kerkverenigings en aksies van die Ned. Geref. Kerk opgetree. Verskeie voordragte is gelewer as deel van kursusse van die C.B. Powell-Bybelsentrum aan die Universiteit van Suid-Afrika. Die departementshoof, prof. Potgieter, het by twee geleenthede opgetree met 'n voordrag voor mediese studente in hul tweede jaar oor etiese probleme waarmee hulle gekonfronteer mag word. Hy het ook van tyd tot tyd voordragte by byeenkomste van die Christen-Geneesherebond gelewer.

Lede van die Departement was in die betrokke tydperk ook kerklik betrokke. Al die permanente lede van die Departement het feitlik deurlopend as predikante in deeltydse hoedanigheid of in pastorale hulpposte in verskillende gemeentes van die Ned. Geref. Kerk, die Ned. Herv. Kerk in Afrika en die Ned. Geref. Sendingkerk opgetree.

Prof. J.H. Potgieter was teen 1992 die departementshoof. Hy is op 1 Desember 1988 in hierdie posisie aangestel nadat hy sedert 1 Januarie 1985 as hoof van die Departement waargeneem het. Die vorige departementshoof, prof. W.C. van Wyk, is op 1 Julie 1983 as dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte benoem, maar het nog agtien maande lank as departementshoof waargeneem. Daarbenewens het prof. Van Wyk steeds by die Departement betrokke gebly deurdat hy van 1984 af jaarliks as eredosent een module van die derdejaarskursus aangebied het. In 1983 het die personeel gevolglik uit 'n waarnemede departementshoof (prof. Van Wyk), twee senior lektore (van 1 Julie af drie), drie lektore (van 1 Julie af net twee) en twee junior lektore bestaan. Teen 1992 het die postestruktuur van die Departement een professoraat (hoofskap), een senior lektoraat en twee lektorate behels. Dr. A.A. da Silva is reeds op 1 Julie 1980 tot senior lektor bevorder en is met ingang 1 Januarie 1993 tot medeprofessor bevorder. Sedert 1982 is 'n verdere drie lede van die Departement tot senior lektor bevorder (verbonde aan elkeen se persoon). Die eerste was dr. L.C. Bezuidenhout op 1 Julie 1983, wat die diens van die Universiteit in Julie 1990 verlaat het. Dr. P.J. Botha en dr. G.T.M. Prinsloo is onderskeidelik op 1 Januarie 1988 en 1 Desember 1989 ook tot senior lektor bevorder. Die junior lektorate het aan die einde van 1991 verval. Daar is gevolglik in 1992 een professor en hoof en drie senior lektore.

Gedurende die tydperk 1983 tot 1992 het daar eers 'n skerp toename en daarna 'n geleidelike afname in die aantal inskrywings van nuwe eerstejaarstudente in die Departement plaasgevind. Die sowat honderd eerstejaarstudente van 1983 het in die volgende jaar tot 138 aangegroei, maar sedert 1988 geleidelik afgeneem tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

75 in 1992. Die aantal derdejaarstudente en honneurstudente toon gedurende dieselfde tydperk egter 'n stygende eerder as 'n dalende tendens. Daar was teen 1992 ongeveer tien honneursstudente per jaar, terwyl agt magisterstudente met navorsing besig was.

In 1990 is daar deur bemiddeling van prof. Potgieter 'n jaarlikse prys vir die beste derdejaarstudent en die beste honneursstudent ingestel. Dit is die Abe Getz-prys wat in 1991 die eerste keer toegeken is.

J.H. Potgieter
Departementshoof
Opsteller: P.J. Botha

Departement Sielkunde

Sielkunde het te doen met die psige, die innerlike of wesenlike van die menslike natuur. Globaal gestel, verteenwoordig Sielkunde die studie van menswees. Die vakgebied het met verloop van tyd allerlei vertakkinge ontwikkel as gevolg van die kompleksiteit van die mens, asook omrede die verskeidenheid toepassingsterreine van die Sielkunde.


Aan die Universiteit van Pretoria is Sielkunde van die begin af as 'n dissipline bestudeer, hoewel dit aanvanklik nie in 'n aparte departement gehuisves is nie. In 1960 was prof. B.J. Schlebusch professor in en hoof van die Departement Sielkunde. Sy departement het gedy tot een van die grootstes aan die Universiteit. In 1964 was daar byvoorbeeld 1 631 voorgraadse en 45 nagraadse studente met 210 studente per dosent. Hierin het mettertyd 'n verbetering gekom deur die aanstelling van meer personeel. In 1982 was daar 25 dosente in die Departement. Prof. Schlebusch is in Junie 1976 oorlede en deur prof. D.J. Swiegers opgevolg. Prof. Swiegers is in 1984 as Studentedekaan aangestel en deur prof. W.v.d. M. Herholdt as professor in en hoof van die Departement opgevolg. Die volgende jaar is prof. Herholdt as Direkteur: Personeel aan die Universiteit van Pretoria aangestel en is hy deur prof. S.I. du Toit as hoof van die Departement opgevolg. Met sy aftrede aan die einde van 1990 het prof. W.J. Schoeman sy plek geneem.

Die personeel van die Departement Sielkunde het teen 1992 bestaan uit sewentien voltydse dosente en vier junior dosente. Daar was ses professore, te wete proff. J.A.K. Erasmus, J.B. Schoeman, W.J. Schoeman, G.J. Smit, J.S. Uys en R.J. van Vuuren, en twee medeprofessore, te wete proff. R.P. de la Rey en J.P. Piek. Slegs twee van die sewentien voltydse personeellede se doktorale studies is nog nie voltooi nie. Daar is tien onderwysassistente en drie sekretariële personeellede.

Sedert 1983 het die studentegetalle gegroei tot 2 521 voorgraadse en 252 nagraadse studente. Hierdie toename het plaasgevind ten spyte daarvan dat die afdeling Bedryfsielkunde in 1984 afgestig het en onder die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe as die Departement Personeelbestuur ressorteer.

In reaksie op die toenemende erkenning in die land deur die gemeenskaps- en gesondheidsdienste van die rol wat die sielkundige op remediërende terrein speel, is die kursus MA-(Kliniese Sielkunde) in 1963 ingestel, as eerste in Suid-Afrika, wat naas een jaar voltydse teoretiese opleiding op meestersvlak ook 'n verdere twaalf maande voltydse praktiese internskap by 'n sielkundige inrigting vereis. Die promulgering van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe (Wet 56 van 1974) en die gevolglike stigting van 'n Beroepsraad vir Sielkunde en die beroepsregistrasie van sielkundiges by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad het 'n groot invloed op die opleiding in die vak Sielkunde gehad. 'n Behoefte het onder andere ontstaan aan beroepsgerigte opleiding wat verband hou met die verskillende registrasiekategorieë. Die Departement Sielkunde het gevolglik in 1973 die kursus MA(Voorligting-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. S.I. du Toit, Hoof: Departement Sielkunde, 1 Oktober 1985 - 31 Desember 1990.

sielkunde) ingestel wat na voltooiing aan studente die reg verleen om by die Beroepsraad vir Sielkunde as voorligtingsielkundige te registreer.

Die Departement Sielkunde het in die tydperk tussen 1983 en 1992 'n besondere rol gespeel in die uitbouing van geestesgesondheidsdienste in die land. Die Departement beklemtoon veral die rol van psigometrie in die geestesgesondheidsdiens wat deur voorligtings- en kliniese sielkundiges gelewer word. Met die instelling van die kursus MA(Navorsingsielkunde) in 1986 het die Departement die eerste in Suid-Afrika geword wat ook die navorsingsbasis van geestesgesondheidsdienste geprofessionaliseer het. Hiermee is die opleiding van sielkundiges dan ook duidelik binne die totale konteks van Suid-Afrika geplaas, met klem op Gemeenskapsielkunde, Kulturele Sielkunde en Organisasieontwikkeling. Naas die remediërende funksie het die Departement teen 1992 ook die voorkomende en ontwikkelingsfunksie van die vakgebied beklemtoon. Omgewingsielkunde as 'n nuwe ontwikkeling van die dissipline is ook teen 1992 gedoseer en nagevors.

Formele samewerking met Unisa, RAU, Medunsa, die PU vir CHO, UOVS en die Universiteit Rhodes het gereeld plaasgevind.

Die Sentrum vir Gemeenskapsielkunde het in 1986 tot stand gekom en veral navorsing en gemeenskapsdiens gekoördineer. Hieruit het die tydskrif *Propersona* in 1990 voortgespruit. Hierdie vakkundige tydskrif verskyn twee keer per jaar.

Die Departement se betrokkenheid by Afrika het in die onderhawige tydperk in verskeie projekte uiting gevind wat in KwaZulu en Lebowa onderneem is. Daar was ook klinieke by die Hospitaal Groothoek, Eersterust en Laudium wat op 'n gereelde basis bedryf is.


In die tydperk 1983-1992 is in die Departement se onderrig klem gelê op beide teoretiese en praktiese opleiding aangesien die meerderheid nagraadse studente as professionele sielkundiges opgelei word.

W.J. Schoeman
Departementshoof

Departement Sosiologie

'n Belangrike ontwikkeling in die Departement Sosiologie was die verdeling van die enkele algemene honneurskursus in die jare 1981 tot 1982 in drie kursusse op nagraadse vlak, te wete Sosiologie (vir algemene sosiologiese studie), en twee gespesialiseerde rigtings, naamlik Bedryfsosiologie en Ontwikkelingsosiologie. Laasgemelde rigting het in 1987 'n naamsverandering ondergaan: Demografie. Veral die gespesialiseerde rigtings (Bedryfsosiologie en Demografie) is met groot sukses uitgebou. Betreffende die opleiding in die demografie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.S. Oosthuizen, Hoof: Departement Sosiologie, 1 Januarie 1980 - 31 Desember 1991.

word daar hoofsaaklik van buitengewone professore en dosente se dienste gebruik gemaak. Elkeen van die honneurskursusse kan deur magister- en doktorale studie opgevolg word.

Studie- en navorsingsterreine waarop in die besonder gedurende die dekade 1983-1992 gekonsentreer is, behels arbeidsverhoudinge, groot organisasies (met nadruk op die organisasiekultuur), kerklik-demografiese verskynsels, retoermigrasie van Nederlanders, politieke sosiologie en afwykende gedrag. Veral na 1987 is 'n fase van noue samewerking met die eertydse Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM), tans bekend as die Groep: Samelewingsdinamika van die RGN, insonderheid op die gebied van navorsingsmetodologie en demografie ingelui. Sedert 1989 is prof. J.S. Oosthuizen ook 'n vennootskapsnavorser by die bogemelde Groep van die RGN.

Prof. Oosthuizen, wat sedert 1980 die departementshoof is, het gedurende die onderhawige tydperk op talle terreine gepresteer en erkenning en eerbetuiging het nie uitgebly nie, byvoorbeeld: president van die Suid-Afrikaanse Sosiologievereniging (SASOV) in 1982-1983, 1987-1988; erelidmaatskap van SASOV in 1989; redakteur van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie* (*SATS*) (sedert 1980) tot hy in 1990 versoek het om van dié taak onthef te word; redakteur van die Kongresbundel (gebundelde referate) van SASOV tussen 1981 en 1989; en lid van die Bevolkingsraad van die Departement Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling sedert 1988.

Prof. I.J. van Eeden is in 1987 as professor in Sosiologie aangestel met spesiale verantwoordelikheid vir die kursusse in Demografie, sowel voor- as nagraads. In die kort tyd tot met sy onverwagse siekte en dood in 1988 het hy baanbrekerswerk verrig met die herstrukturering van veral die honneurskursus in Demografie. Hy het in samewerking met erkende spesialiste die grondslag gelê van die veel omvattender kursus waarop tans voortgebou word. Prof. Van Eeden was ook die assistentredakteur van die bogemelde *SATS* van 1986 tot 1988, asook 'n lid van die Bevolkingsraad van die Departement Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling.

In 1990 is prof. J.P. Groenewald as professor in die Departement aangestel. Hy het prof. Oosthuizen, wat drie jaar lank vrygestel is van sy departementele hoofskapverpligtinge met die oog op navorsing plaaslik en in die buiteland, in 1992 as departementshoof opgevolg. Tydens die kongres van die Assosiasie van Sosioloë in Suid-Afrika (ASSA) in 1992 met die Departement as gasheer het die besondere eer prof. Groenewald te beurt geval om tot president van ASSA verkies te word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ten spyte van die mode om prakties gerigte opleiding te verskaf, het die Departement Sosiologie steeds teoreties, eerder as prakties gerig gebly.

Die Departement was toenemend besig om kontak te maak met navorsers en navorsingsinstellinge en studente in Afrika, Asië, Europa en Noord-Amerika. In dié tydperk het studente uit Taiwan, die Volksrepubliek China (die Chinese vasteland) en Ghana nagraads in die Sosiologie /Demografie gestudeer of is tans nog besig om te studeer. Uit hul geledere is reeds een doktorsgraad toegeken. Prof. Oosthuizen het in 1992 na 'n tydperk van sewe maande van navorsing aan die Taiwanese Provinsiale Instituut vir Gesinsbeplanning teruggekeer.

Verder het die Departement verskeie akademici en kollegas uit ander departemente en van ander universiteite, sowel binnelands as buitelands as gasdosente of gassprekers tydens prestigelesingaanbiedinge ontvang - uit die VSA, Kanada, Rusland, Nederland, ens.

Al die kursusse in die Departement is volledig gekurrikuleer en van studie- en praktikahandleidings voorsien. In die tydperk 1983-1992 is met rasse skrede gevorder om die onderrig in navorsingsmetodes aan te vul met opleiding in rekenaargebruik tydens praktiese klasse op sowel voorgraadse as nagraadse vlak. Studente is dus nou beter toegerus om selfstandig navorsingsprojekte aan te pak - as studente, maar ook in hul toekomstige beroepe.

Naas die genoemde professore is die personeel aangevul deur vier buitengewone professore, te wete proff. P.C. Kok, W.P. Mostert, J.L. Sadie en J.L. van Tonder en dr. J.L. Olivier as buitengewone dosent, proff. E. Fischer (tussen 1986 en 1991) en A.J. van der Merwe (sedert 1992) as medeprofessore, drr. S. van Wyk (1958-1992) en T. van der Walt (1971-1992) as senior lektore, dr. T. Coetzee (1980-1992) en mev. A.J. Korkie (1980-1992) as lektore, drie junior dosente en tien onderwysassistente.

Op voorgraadse vlak het die Departement gedurende die onderhawige dekade ervaar dat die studentegetalle met geringe skommelinge min of meer konstant gebly het. By benadering was daar jaarliks seshonderd in die eerste jaar, 350 in die tweede jaar en 120 in die derde jaar, dus altesame 1 070 voorgraadse studente. Wat honneursstudente betref, was daar sedert die instelling van die gespesialiseerde kursusse in Demografie en Bedryfsosiologie 'n toename van gemiddeld tien tot dertig per jaar. Magister- en doktorale studente het 'n geringe toename getoon maar heelwat gewissel. Teen 1992 was daar op magistervlak tien en op doktorale vlak vyf studente.


J.S. Oosthuizen
Departementshoof
Opsteller: S. van Wyk

Departement Spraakheelkunde en Oudiologie

Die aanvanklike filosofiese uitgangspunt vir onderrig by die Departement Spraakwetenskap, Spraakheelkunde en Oudiologie het ten nouste saamgehang met die agtergrond en opleiding van die vestiger hiervan, prof. P. de V. Pienaar. Hy het die missie van die Departement gesien as hoofsaaklik gerig op die opleiding van die spraakterapeut-oudioloog. Sy benadering was dan ook 'n holistiese benadering tot kommunikasiepatologie en in die onderrig het hy gestreef om die idee van 'n "idealistiese roeping" by die studente te vestig.

Hierdie benadering het in die tien jaar sedert 1983 in 'n groot mate verander - wat ook in die naamsverandering van die Departement weerspieël word. So het die naam in 1984 verander na die Departement Spraakheelkunde en Oudiologie met die weglating van Spraakwetenskap hoofsaaklik as gevolg van die groter beklemtoning van die hoofvakke.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. I.S. Hay, Hoof: Departement Spraakheelkunde, 1970 - 1992.

In 1991 is, as uitvloeisel van herkurrikulering en in samehang met die nuutste tendense in die internasionale vakwetenskap wat voorkeur gee aan terme soos "communication science" en "communication pathology" voorgestel dat die Departement se naam verander na Departement Kommunikasiepatologie. Die rede hiervoor was dat kommunikasiepatologie 'n wye begrip is wat nie net die enkele aspek van spraak ten koste van die ander komponente van kommunikasie soos taal, stem en gehoor beklemtoon nie, maar die totale wetenskapsterrein van die Departement weerspieël. Daarbenewens verbeeld dit die filosofie van onderrig en wetenskapsbeoefening van die Departement deurdat dit twee terme saamvoeg naamlik **kommunikasie** (wat dui op die essensieel menslike aspek - dus nie dier of masjien nie) en **patologie** (met klem op die afwykende in teenstelling tot aspekte soos spraakkunde - as deel van drama, of kommunikasie in die lig van skakelwerk en die perswese).

Die belangrikste ontwikkeling van die Departement in die onderhawige dekade het saamgehang met die herkurrikuleringsoefening van die Departement. Dit het in 1987 begin en gekulmineer in 'n kurrikuleringsdokument opgestel deur I.C. Uys en S.R. Hugo in 1990. Die nuwe kurrikulum is in 1992 op eerstejaarsvlak geïmplementeer. Die herkurrikulering hou verband met ontwikkelinge in die vakgebiede op internasionale terrein soos die betrokkenheid by minderheidsgroepe en 'n behoefte aan die totstandbrenging van 'n beroepskorps wat spraaktaalterapeute en oudioloë in 'n onafhanklike beroep stel waar hulle onmiddellik na afloop van die basiese opleiding oor al die nodige beroeps- en bestuursvaardighede beskik om onafhanklik en toerekenbaar op te tree sonder verdere indiensopleiding. In samehang met die ontwikkelinge op internasionale terrein het daar veral drie tendense op nasionale gebied na vore gekom wat herkurrikulering genoodsaak het. Eerstens het dit duidelik geword dat die eise van 'n ontwikkelende Derdewêreldland dit noodsaaklik maak dat onderrig daarby moet aanpas, veral in terme van 'n gemeenskapsoriëntasie tot onderrig. Dit impliseer dat 'n eiesoortige opleidingsmodel, toepaslik vir die RSA-konteks, aandag moes kry. Tweedens het dit in samehang met die spesifieke ontwikkeling van gesondheidsdienste van die RSA en die gebrek aan kultureel gevestigde basiese wetenskapskennis noodsaaklik geword dat die afgestudeerde student beter toegerus sal word vir navorsing. Gevolglik is 'n sterker akademiese opleiding in wetenskapsmetodologie genoodsaak. Derdens stel die multikulturele, veeltalige bevolking van die RSA spesifieke eise aan die kurrikulum van diegene wat gemoeid is met die habilitasie en rehabilitasie van kommunikasiegestremdes. Dit beteken dat sulke persone nie alleen oor 'n diepgaande kennis van die taal van die kliënt moet beskik nie, maar ook 'n goeie begrip van die sosiokulturele eienskappe van die betrokke bevolkingsgroep behoort te hê.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Teen hierdie agtergrond is die nuwe kursuskurrikulum ontwikkel om in te pas by die algemene eise van die universiteitswese, asook die spesifieke karakter van die Universiteit van Pretoria. Binne hierdie raamwerk is die algehele kursusdoel van die Departement soos volg geformuleer: om gegradueerdes te lewer wat die problematiek van kommunikasieafwykings en die kommunikasieafwykende kan hanteer deur probleemidentifikasie, probleemoplossing, kritiese en kreatiewe denke, en spesifieke vakvaardighede.

Meer spesifiek is die belangrikste veranderinge van die nuwe kurrikulum die instelling van 'n nuwe eerstejaarsvak, Menslike Kommunikasie, om as basis te dien vir die twee hoofvakke Spraak-taalpatologie en Oudiologie wat albei van die tweede jaar af aangebied word, asook die verpligte insluiting van 'n eenjarige kursus in enige Afrikataal. Daarbenewens is die departementele vakke se sillabusse sodanig verander dat dit klem gelê het op die ontwikkeling van basiese wetenskaplike inhoude en kennisverwerwing met die oog op probleemoplossing, en dat beroepsgerigte vakke as aparte komponent aangebied is met die oog op die uitbreiding van die wetenskaplik-teoretiese aspekte in die hoofvakke.

Hierdie herkurrikulering is net die begin van 'n departementele besluit om kurrikulumontwikkeling en -evaluering as blywende deel van die totale funksionering van die Departement te sien.

Wat nagraadse kursusse betref, het 39 studente sedert die ontstaan van die Departement in 1958 tot 1991 'n meestersgraad by hierdie Departement behaal. Hoewel hierdie getal redelik groot is, as in ag geneem word dat die personeel beperk is en dat daar maar jaarliks sowat 22 voorgraadse studente afstudeer, is dit veral die feit dat studente baie lank neem om hulle nagraadse studie te voltooi wat die personeel bekommer het. Daarbenewens was daar ook 'n redelike groot verlies aan nagraadse studente, asook 'n groot groep onaktiewe magisterstudente. Hierdie verskynsel het die personeel genoop om hulle nagraadse onderrig in oënskou te neem.

Dit was duidelik dat die unieke kenmerke van nagraadse studente in ag geneem moet word by die ontwikkeling van 'n nagraadse kursus. Van die belangrikste hier is die feit dat die nagraadse studente feitlik almal vroue is wat sowel 'n gesin het as 'n beroep beoefen. Desnieteenstaande is hulle akademies sterk as in ag geneem word dat meer as 75% van alle eerstejaarstudente by hierdie Departement 'n gemiddelde B-simbool vir matriek behaal het terwyl daar nooit 'n student geneem word met 'n laer gemiddelde as 'n C-simbool nie.

In 'n poging om nagraadse studente aan te moedig en om die tydperk van nagraadse studie te verkort, is besluit om 'n magisterkursus te ontwikkel wat spesifieke struktuur aan die nagraadse studie sal bied.

Die MLog-kursus is nie 'n gedoseerde meestersgraad nie, maar die belangrikste komponent is dat dit gestruktureer is in terme van hoofvakke, byvakke en tydskedules. Dit bestaan daaruit dat, wat die eksamenkomponent betref, die student spesifieke modules kan selekteer wat saamhang met die personeel se spesialisrigtings. Die student selekteer, in ooreenstemming met die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte se vereistes, 'n hoofvak en 'n byvak wat 50% van die totale punt vorm terwyl 'n verhandeling, gebaseer op onafhanklike navorsing, vir die ander 50% verantwoordelik is. Die hoofvak is Kommunikasiepatologie en bestaan daaruit dat die student enige twee uit 'n moontlike sestien modules, gebaseer op spesialisrigtings van dosente, kan kies. Die byvak is 'n verpligte module in navorsingsmetodiek. Hierdie twee vakke moet eers bevredigend afgehandel word voordat die student toestemming kry om oor te gaan tot eie navorsing.

Die nagraadse kursus is vir die eerste keer in 1991 geloods en sedert 1992 word dit ook in Engels aangebied. Hoewel dit baie meer insette

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die personeel vereis, het dit die getal ingeskrewe nagraadse studente in 1992 tot veertig verhoog.

Die Departement is ten nouste betrokke by navorsing op die gebied van kommunikasiepatologie. Hierdie navorsing is sowel basies as toegepas en word gedoen op voorgraadse vlak (finalejaarskripsies), nagraads en vir niegraaddoeleindes.

In die dekade 1983 tot 1992 is enkele belangrike groter departementele navorsingsprojekte uitgevoer wat eksterne steun geniet het. Die eerste hiervan was "Die aard, voorkoms en implikasies van middeloorpatologie op hoërisikogroepe" in 1989 van S.R. Hugo, B. Louw en S.E. Meyer. Hierdie navorsing is uitgevoer met die finansiële bystand van die RGN (projeknommer 15/1/3/3/791). Dit het bestaan uit 'n ondersoek na die verskynsel van *otitis media* onder sekere hoërisikogroepe soos kinders met 'n gesplete lip en/of verhemelte, kinders wat kognitief gestremd is, kinders met serebrale gestremdheid en kinders in skole vir gehoorgestremdes. Daar is ook spesifieke aandag gegee aan die prevalensie van die toestand in verskillende bevolkingsgroepe, ouderdomsgroepe en onderwysstelsels. Op grond van die versamelde inligting is voorstelle gemaak met betrekking tot die bekamping en hantering van *otitis media*, veral ten opsigte van die sekondêre probleme wat uit 'n kroniese toestand kan spruit. Uit hierdie projek het nege voorgraadse skripsies, sewe artikels, drie nasionale kongresvoordragte en een voordrag op 'n internasionale kongres voortgespruit.

'n Tweede groter departementele navorsingsprojek was "Die sosiaal-kulturele taalverwerwing van die Afrikaanssprekende gehoorgestremde kleuter" in 1990 van I.C. Uys, S.R. Hugo en B. Louw. Hierdie RGN-projek, Nr. 15/1/3/3/791, was daarop gerig om die verskynsel van taalverwerwing by die Afrikaanssprekende gehoorgestremde kind te bestudeer. Dit is hoofsaaklik basiese navorsing, hoewel heelwat aanbevelings op grond van die data gemaak is met betrekking tot die voorskoolse taalverwerwingsonderrig vir gehoorgestremde kinders. Hierdie navorsing het vyf voorgraadse skripsies, een nagraadse verhandeling, drie publikasies en twee kongresvoordragte tot gevolg gehad.

'n Derde projek was "Die ouditiewe en kommunikatiewe ontwikkeling van hoërisiko-neonate" in 1992 van S.R. Hugo, B. Louw en I.C. Uys. Hierdie ad hoc-toekenning van die RGN is gebruik om die verskynsel van hoërisikoneonate te bestudeer met die oog daarop om die moontlike negatiewe invloed van risikotoestande soos lae geboortegewig op kommunikasieontwikkeling te bestudeer. Dit was grootliks 'n longitudinale projek wat spesifiek gepoog het om voorkomende en terapeutiese strategieë te ontwikkel vir kinders wat gevaar loop om in hul kommunikasieontwikkeling belemmer te word.

'n Vierde projek was "'n Spektrografiese analise van klankdistorsie by verbale apraksie" (RGN Nr. 15/1/3/3/00980) in 1992 deur A. van der Merwe. Die oorhoofse doel van die projek was om hoogs gesofistikeerde akoestiese apparaat, naamlik die digitale Kay-seinprosesseringsonograaf, in gebruik te stel en om 'n akoestiesefonetiek-laboratorium te vestig. Dit is onder andere gedoen deur die analise van normale Afrikaanssprekendes se uitinge, asook van 'n groep persone met verbale apraksie. Sodoende is kenmerkende formantfrekwensies en formantverhoudingspatrone van agt Afrikaanse enkelvokale bepaal en die toepassings is op patologiese spraakproduksie gemaak.

Die vyfde projek was "Die taal van die voorskoolse kind in Eersterust" deur E. Alant, S.M. Beukes, S.E. Meyer, H. van den Berg, A. Kritzinger, R. Gous, M. Hurter, F. van Rensburg en I. van Zyl. Hierdie projek, wat in twee fases uitgevoer is, het hoofsaaklik die taal van die voorskoolse kind in Eersterust bestudeer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die sesde projek was oor "Die narratiewe vermoëns van voorskoolse kinders", deur E. Alant, H.E.C. Tesner en E. Taljaard in 1992. Hierdie projek het gekonsentreer op narratiewe vermoëns van Noord-Sothosprekende kinders in Mamelodi. Die verslag is aanvaar vir 'n internasionale publikasie.

'n Kogleêre inplantingsprogram deur S.R. Hugo en S. Cummings was die sewende projek (aanvangsdatum 1991) en het onder leiding van prof. J. Swart van die Departement Oor-, Neus- en Keelheelkunde plaasgevind. Dit is 'n gesamentlike gemeenskaps- en navorsingsprogram wat interdepartementeel van aard is. In sy geheel word die projek gerig en ondersteun deur die firma Cochlear Pty Ltd van Sydney in Australië, terwyl die ander departemente van UP wat hier 'n rol speel die Departemente Sielkunde, Maatskaplike Werk en Oor-, Neus- en Keelheelkunde insluit. Die doel van die projek is om die parameters rondom kogleêre prostese vir erg gehoorgestremdes te bestudeer en terselfdertyd te verseker dat sodanige dienste op wetenskaplike wyse beskikbaar gestel word. Daarbenewens word die projek ook gebruik om studente op te lei in die rehabilitasie van sulke gevalle aangesien dit 'n uiters belangrike ontwikkeling is wat die mediese en terapeutiese behandeling van gehoorgestremdes betref.

'n Agtste projek het gehandel oor aanvullende en alternatiewe kommunikasie. Die Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (SAAK) onder leiding van prof. E. Alant bedryf 'n reeks navorsingsprojekte wat deel van die sentrum se jaarlikse aktiwiteite vorm. Navorsing wat hier uitgevoer word, sluit in: die ontwikkeling van 'n gemeenskapsdiens vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (AAK); die gebruik van Bliss-simbole in die ontwikkeling van leesvaardigheid van voorskoolse Downskinders en, in samewerking met die Departement Sosiologie van Unisa, die ontwikkeling van 'n sisteem waardeur 'n "betekenisvolle ander" persoon in 'n Derdewêreldkonteks geïdentifiseer kan word.

Die Departement Kommunikasiepatologie se onderrig- en navorsingsmissie kan nie op geslaagde wyse verwerklik word sonder die noodsaaklike basis van gemeenskapsdiens nie. Gemeenskapsdiens is nie alleen die fondament vir onderrig en navorsing nie, maar dit dien ook as die maatstaf waaraan die sukses van navorsing en onderrig gemeet kan word. Om hierdie rede is die Departement se gemeenskapsdienskomponent hoofsaaklik geleë in die aktiwiteite van die Kliniek vir Spraak, Taal en Gehoor. Daarbenewens poog die Departement ook deur uitreikprogramme soos die gehoorsiftingsprojek wat in plattelandse gebiede in samewerking met die Departement van Gesondheid en die Nasionale Raad vir Dowes uitgevoer word, om aktief by wyer Afrikagemeenskappe betrokke te raak.

Twee spesifieke gemeenskapsprojekte moet nader beskryf word omdat dit die filosofie van gemeenskapbetrokkenheid van die Departement weerspieël. Eerstens is daar die Kleutergroep vir Kinders met Gehoor- en Taalgestremdheid. Die Kleutergroep bied 'n unieke kleuterprogram in die RSA aan en voorsien in 'n uiters belangrike behoefte naamlik om die voorskoolse kommunikatief gestremde kind op te lei. Die groep is gesetel in 'n huis wat die Universiteit beskikbaar gestel het en die diens word deur kleuteronderwysers en spraaktaalterapeute en oudioloë aangebied. Die hoofdoel van die Kleutergroep is om deur 'n verrykte taalopleidingsprogram kleuters met ernstige kommunikasieprobleme daartoe in staat te stel om in die hoofstroom van normale onderwys in te skakel. Daarbenewens word die Kleutergroep ook gebruik vir studenteopleiding en navorsing. Wat laasgenoemde betref, het die Kleutergroep dan ook al materiaal vir agt voorgraadse skripsies, een nagraadse verhandeling en een departementele navorsingsprojek gebied.

Die Kleutergroep is in April 1981 in die lewe geroep en sedertdien het reeds 85 kinders opleiding hier ontvang. Dat hierdie projek deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die gemeenskap as van groot waarde geag word, blyk nie alleen uit die feit dat daar tans so 'n groot behoefte aan die diens is dat daar 'n waglys vir opname is nie, maar ook uit die feit dat die gemeenskap (en in die besonder groot donateurs soos die Herman Althaver-trust en Anglo American Chairman's Fund) sedert die aanvang daarvan reeds meer as 'n halfmiljoen rand geskenk het om die projek te ondersteun.

Die tweede belangrike gemeenskapsprojek word aangebied deur die Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie. Die direkteur van SAAK is prof. E. Alant. Die doel van die Sentrum is eerstens om inligting oor simbole en gebaresisteme (insluitend rekenaartegnologie vir kommunikasiedoeleindes) te versamel en te versprei. Dit impliseer ook dat die Sentrum navorsing oor AAK uitvoer en stimuleer. Ten einde hierdie doelwitte te bereik, is interdissiplinêre samewerking met bv. rehabilitasieingenieurs, sielkundiges, onderwysers, arbeidsterapeute en fisioterapeute noodsaaklik en word die Sentrum se aktiwiteite hoofsaaklik bedryf deur middel van konferensies, werkwinkels en kursusse. Sedert die Sentrum se ontstaan in 1991 is reeds drie werkwinkels aangebied en het die Sentrum ook twee oorsese besoekers wat wêreldkenners op die gebied is, ontvang.

Die studente van die Departement Kommunikasiepatologie word al sedert 1976 gekeur op grond van hulle skoolprestasie in samehang met die resultate van 'n persoonlike onderhoud en sekere groeppsigometriese toetsresultate. Aanvanklik is net 25 studente gekeur, maar sedert 1988 is hierdie getal tot dertig verhoog in ooreenstemming met erkenning van die feit dat daar so 'n groot behoefte aan goed gekwalifiseerde spraaktaalterapeute en oudioloë in die RSA is. Die gevolg van hierdie keuring is dat die Departement oor 'n studentekorps met bogemiddelde intellektuele vermoëns beskik - iets wat ook onderskryf word deur die feit dat studenteslytasie oor die vier jaar so gering soos 15% is. Tans word hierdie keuring aangevul met doelbewuste pogings om studente van ander kulture te werf, weer eens in erkenning van die behoeftes in die gemeenskap. Die Departement het dan ook in opvolging van die behoefte by bepaalde studente begin om 'n spesiale steunprogram vir eerstejaars aan te bied.

Die personeel van die Departement is ook 'n hoogs geselekteerde en toegewyde groep mense. Wat veral kenmerkend is, is dat hulle nie alleen ten nouste by UP se aktiwiteite betrokke is nie, maar dat hulle ook 'n aktiewe rol speel in die verskillende beroepskomitees en organisasies. Daarbenewens is die personeel goed opgelei (die sewe doserende personeellede van 1992 het vyf doktorsgrade en twee magistergrade) wat daarop dui dat hulle uitmuntende dosente en navorsers is. Sommige personeellede het nagraadse studies by oorsese universiteite voltooi, terwyl ander gesogte navorsingsposte by internasionale buitelandse institute beklee het. Prof. I.S. Hay wat sedert 1 Januarie 1970 die departementshoof was, het in Februarie 1992 afgetree. Prof. I.C. Uys het hom opgevolg.


Die Departement het sedert sy totstandkoming in 1960 heelwat belangrike bydraes tot die wetenskap in die breë en UP in die besonder gelewer. Waarskynlik is die belangrikste bydrae op taalgebied. As die enigste Afrikaanstalige departement tot 1989 is daar veral gewerk aan die skepping van 'n nuwe vaktaal en tans is die Afrikaanse spraaktaalterapeute en oudioloë werklik daartoe in staat om hulle trots in hul eie taal uit te druk.

I.C. Uys
Departementshoof

Departement Staatsleer en Internasionale Politiek

Die era 1983-1992 was vir die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek 'n periode van vernuwing en aanpassing by veranderende sosio-ekonomiese en politieke omstandighede. Rasionalisasie het reeds in 1982 plaasgevind

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.L. Ackron, Hoof: Departement Staatsleer, sedert 1983.

met die verdeling van die destydse Departement Staatsleer, Publieke Administrasie en Internasionale Politiek in twee departemente nl. die Departement Staats- en Munisipale Administrasie en die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek, laasgenoemde aanvanklik met prof. C.F. Nieuwoudt en later met prof. F.L. Ackron as die departementshoof.

As gevolg van hierdie rasionalisasie en die eise wat 'n veranderende omgewing aan die Universiteit en insgelyks ook aan die Departement gestel het, is verskeie nuwe kursusse ingestel, vakinhoude vernuwe en die onderrigmetode meer studentgerig gemaak. As 'n algemene riglyn is aanvaar dat wetenskaplike kennis nie net teoreties van aard moet wees nie, maar ook in die praktyk toegepas moet kan word. Die Departement het gedurende hierdie periode veral op drie terreine gekonsentreer, nl. onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens.

In beide die vakke Staatsleer en Internasionale Politiek het belangrike vak- en leerinhoudontwikkeling plaasgevind. In Staatsleer is die histories-beskrywende benadering wat veral ten opsigte van Suid-Afrikaanse politiek gevolg is, vervang deur 'n praktykgefundeerde en kontemporêre vraagstuk-ontledende benadering. Staatsleer is vir analitiese doeleindes in drie besprekingsterreine verdeel nl. politieke denke en opvattings, politieke instellings met die klem op staats-, owerheids- en regeringsvorme en politieke dinamika met 'n beklemtoning van proses- en ontwikkelingsverskynsels. As gevolg van nuwe samelewingseise is nagraadse vakkursusse soos Kommunisme, Rewolusie en Suid-Afrikaanse Politiek vervang deur kursusse soos Politieke Beleidstudies, Moderne Politieke Denke en Metateorie en Navorsingsmetodiek.

Internasionale Politiek het gedurende hierdie periode nie net toenemende belangstelling by studente ontlok nie, maar in ooreenstemming met die behoeftes in die openbare sektor en as deel van voortgesette rasionalisasie is 'n drieledige vakkursusindeling gemaak op beide voorgraadse en nagraadsevlak. Internasionale Politiek is gedurende die tydperk 1990-1992 onderverdeel in Internasionale Politieke Teorie, Internasionale Politieke Dinamika (mikro) met die klem op buitelandse beleid, Strategiese Studies en Internasionale Politieke Dinamika (makro) met die klem op globale interaksiepatrone en internasionale instellings. Op nagraadse vlak is sekere vakkursusse uitgefaseer of gekonsolideer, waaronder Geopolitiek, Regionale Interaksiepatrone en Internasionale Vraagstukke, terwyl nuwe kursusse ontwikkel is bv. Internasionale Politieke Teorie, Metateorie en Navorsingsmetodiek en Internasionale Politieke Dinamika.

Lede van die Departement was gedurende hierdie periode by verskeie navorsingsprojekte betrokke en hierdie navorsing het tot etlike vakwetenskaplike publikasies aanleiding gegee. In die tydperk 1985-1987 is 'n staatkundige oorsig bevattende verskeie artikels met 'n fokus op Suid-Afrika se hervormingsproses deur die Departement gepubliseer. Twee voorgeskrewe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

handboeke is deur lede van die Departement geskryf nl. C.F. Nieuwoudt, G.C. Olivier en M. Hough (reds), *Die politieke stelsel van Suid-Afrika* (1981-1982) en T. Bekker, *Enkele staatkundige konsepte* (1991). Prof. A. du Plessis was ook 'n medewerker aan die vakwoordeboekprojek van die Nasionale Vakterminologiediens van die Departement Nasionale Opvoeding en van die daaruit voortspruitende *Staatkundige en verwante terminologie* (1989). Tydens hierdie periode het lede van die Departement meer as 130 tydskrifartikels, bydraes in handboeke en vakkundige ad hoc-publikasies gelewer. Verskeie voordragte tydens kongresse is sowel binnelands as buitelands gelewer.

Wat samewerking met buite-instansies betref, is hierdie periode nie net gekenmerk deur verhoogde navorsingsuitsette nie, maar was lede van die Departement ook as vakkundiges by verskeie vakverenigings, institute, staatsdepartemente en rade betrokke. Prof. Du Plessis het sedert 1987 in die bestuur van die Staatkundige Vereniging van Suid-Afrika gedien. Mnr. J.T. Bekker het in die vakkundige komitee vir Staatsleer van die Departement Buitelandse Sake gedien (1987) en was ook adviseur vir die Staatkundige Komitee van die Presidentsraad (1991-1992).

Interdissiplinêre skakeling het in die tydperk 1983-1992 in 'n toenemende mate met ander universiteite, sowel binne- as buitelands, plaasgevind. In 1990 het mnr. Bekker op uitnodiging van die regering van Israel verskeie universiteite in Israel besoek en die volgende jaar as 'n nagraadse gasdosent by die Universiteit Tamkang (Republiek van China) opgetree. Prof. Du Plessis het in 1991 'n voordrag by die Universiteit van Leicester (Verenigde Koninkryk) gelewer. In 1993 is lede van die Departement en sowel voorgraadse as nagraadse studente uitgenooi om 'n Winterskool oor die invloed van ekonomiese strukturele aanpassingsprogramme by die Universiteit van Zimbabwe by te woon en referate te lewer. Nie net is hierdie byeenkoms deur afgevaardigdes uit verskeie Afrikastate bygewoon nie, maar dit was ook 'n historiese byeenkoms waarna 'n Afrikaanstalige universiteit vir die eerste keer uitgenooi is. Sodoende het die Departement 'n bydrae gelewer tot die realisering van die Universiteit se Afrika-missie. Mej. M. Dye, 'n derdejaarstudent in Staatsleer, het ook in 1992 die Universiteit van St. Gallen besoek. Keuring daarvoor op grond van 'n akademiese bydrae het op internasionale vlak plaasgevind en die geleentheid is deur studente uit verskeie wêrelddele bygewoon.

Voortgesette samewerking is met internasionale akademici en gemeenskapsleiers gehandhaaf. Op nasionale vlak het lede van die Departement reeds as vakkundiges erkenning van verskeie universiteite ontvang waar hulle as eksterne eksaminatore opgetree het. Van hierdie universiteite sluit in Unisa, die Universiteit van die Noorde, RAU, US, UOVS en PU vir CHO.

Die Departement het gedurende die betrokke periode stelselmatig begin wegbeweeg van 'n dosentgesentreerde onderrigbenadering na 'n studentgerigte begeleidingsmodel. Die kurrikulering van leerinhoude met duidelike studietemas en leerdoelwitte het nuwe uitdagings aan dosente gestel. Die strewe na voortreflikheid en uitnemendheid is deurgaans as riglyn gebruik ten einde uitmuntende afgestudeerde studente te lewer.

Die Departement se betrokkenheid by die gemeenskap is duidelik weerspieël in verskeie kongresbydraes, simposia wat aangebied is en publikasies wat gelewer is. Tussen sewentig en honderd voordragte is jaarliks buite die universiteit op uitnodiging gelewer en die aantal buitelandse besoekers het gewissel tussen sestig en honderd.

Die permanente-voltydse dosente in die Departement het gedurende die betrokke periode gewissel tussen ses en agt. In 1984 is prof. C.F. Nieuwoudt deur prof. F.L. Ackron as departementshoof opgevolg. Professore en medeprofessore in die Departement was proff. G.C. Olivier (tot 1987), M. Hough (medepro-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

fessor, bevorder tot professor in 1984) en A. du Plessis (medeprofessor, 1989). Laasgenoemde twee was teen 1992 nog aan die Departement verbonde.

Die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek het onder die leiding van prof. Ackron 'n kliëntgeoriënteerde benadering teenoor die studente gevolg. In die praktyk het dit daarop neergekom dat akademiese begeleiding mens- en studentgerig was. Nie net is die klem voorgraads op toepaslike teoretiese kennis geplaas nie, maar is die uitbouing van 'n nagraadse program beklemtoon. Nagraadse studente, veral op die magistervlak, het gevolglik gedurende hierdie periode 'n aansienlike toename getoon. Vakinskrywings, ná verwerking, het voorgraads in die omgewing van eenduisend studente en nagraads rondom tweehonderd gefluktueer. Die persentasie finalejaarstudente wat teen 1992 met nagraadse studies in die Departement besig was, was jaarliks ongeveer 20%.

In die Departement is tot op honneursvlak gepoog om die agtergrond van studente so wyd as moontlik te hou, met die nodige verdieping wat op honneursvlak plaasvind en uiteindelik op magister- en doktorale vlak 'n hoogtepunt bereik. Die doel was nie om lessenaarvaardige afgestudeerde studente te lewer nie, maar wel om afgestudeerdes toe te rus met 'n breë akademiese agtergrond en die basiese vaardighede wat as grondslag dien vir verdere ontwikkeling.

F.L. Ackron
Departementshoof
Opsteller: J.T. Bekker


Departement Volkekunde en Argeologie

Binne die vakdissiplines van die Volkekunde en Toegepaste Volkekunde (Ontwikkelingskunde) was dit moontlik om op die fondamente wat in die voorafgaande jare (sedert 1950) gelê is, voort te bou en steeds erkenning te verleen aan die ideaal om 'n ewewigtige eie vakbenadering te beoefen en om so deur geen internasionale stroming op sleeptou geneem te word nie. Daar was in 1982 en weer in 1993 die geleentheid vir prof. R.D. Coertze om hierdie benadering op verskillende punte in Europa te toets; en dit ondanks die sogenaamde akademiese boikot. Dit was nie nodig om verstellings na aanleiding van hierdie skakeling in te voer nie.

Ná prof. J.F. Eloff die tuig in 1985 neergelê het as departementshoof van die Departement Argeologie, kon daar met waardering deur prof. A. Meyer as waarnemende departementshoof ook hier op die koers van die verlede voortgegaan word. In 1988 is die Departement Argeologie met Volkekunde gekombineer as deel van die Universiteit se rasionaliseringsproses ondanks die feit dat die Argeologie in 1985 'n driejarige hoofvak vir die BA-graad geword het. Hiermee is die reeds bestaande verbintenis tussen Volkekunde en Argeologie wat op studie oor die Ystertydperk gekonsentreer het, verder versterk en kon daar gebou word aan 'n geïntegreerde etno-argeologiese opleiding en navorsing. In 1990 was daar geleentheid vir proff. Coertze en Meyer om die eie opgrawingstegniek aan 'n internasionale standaard in Israel te toets. Daar was 'n algemene erkenning dat ons gunstig met andere op hierdie punt vergelyk.

Gedurende die tagtigerjare het veranderinge in Suid-Afrika in die Volkekunde-afdeling van die Departement tot 'n groter beklemtoning van die proses van kultuurverandering en verstedeliking gelei asook die invoering van 'n komponent oor die Psigiese Volkekunde in die leerplan. Binne die Toegepaste Volkekunde (Ontwikkelingskunde) het die klem verskuif van die bestudering van 'n administratiewe sisteem na 'n studie van die problematiek van geleide kultuurverandering en veral die tegnieke vir die evaluering van sukses by ontwikkelingsprojekte.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. R.D. Coertze, Hoof: Departement Volkekunde, sedert 1973.

Van 1979 het die personeel begin om in toemende mate studente die geleentheid te bied om kennis te maak met die lewenspraktyk van ander bevolkingsgroepe. Dit het met eenvoudige dagekskursies na stedelike gebiede en die destydse nasionale state begin en is uitgebou tot die huidige weeklange ervaring in die navorsingsveld vir finalejaarstudente in sowel die Volkekunde en die Toegepaste Volkekunde (Ontwikkelingskunde) as die Argeologie.

In 1993 is die naam van die Departement verander na Antropologie en Argeologie om in ooreenstemming te kom met naamsveranderinge elders in Suid-Afrika. Die vakbenadering in albei afdelings van die Departement het egter onveranderd gebly.

Afgesien van beredeneerde navorsingsprojekte van besondere personeellede was dit gedurende die onderhawige tydperk die beleid in die Departement om op 'n ad hoc-basis vir elke nagraadse student 'n navorsingsprojek rondom persoonlike belangstelling te bou. Vanuit 'n hele reeks voorafgaande projekte van personeel en studente oor die optekening van inheemse reg is die ontginning van hierdie studieveld afgesluit met 'n verdere twee proefskrifte asook twee belangrike publikasies: R.D. Coertze, *Bafokeng family law and law of succession* (1988; hersiene uitgawe in 1990) en J.B. Hartman, *Aspects of Tsonga law* (1991).

Die voorstudie in die Departement oor 'n stelselanalitiese evaluering van ontwikkelingsprojekte in 1986 het daarna gelei tot twee magisterverhandelings en die verwerwing van 'n aansienlike aantal navorsingstoekennnings van die Departement Streek- en Grondsake in 1992 en die voltooiing in 1993 van 'n omvangryke navorsingsverslag (71p. met 237p. bylaes) oor plattelandse plaaslike bestuur in Gazankulu vir die regering van Gazankulu. Prof. J.B. Hartman was die leier van albei hierdie projekte.

Die bestudering van waardesisteme en wisseling in wêreldbeskouing het in die onderhawige tydperk in die Volkekunde in betekenis toegeneem en in ons Departement tot twee voltooide proefskrifte gelei - die een deur dr. Ansie Hoff oor die Khwekhwen en die ander deur dr. Johan Kriel oor die Noord-Sotho. 'n Derde lopende projek deur mnr. Herman Els het die andersoortige beoordeling van natuurbewaring onder die Tsonga geraak. 'n Ondersoek na die waarde van inheemse tegniese skeppinge as basis vir 'n eie tuisnywerheid het tot drie magisterverhandelings (Bamolepo, AmaSwati en AmaNdebele) en een navorsingsverslag (Vhatsonga) gelei. Die samestelling van 'n vakwoordeboek in Volkekunde waarmee prof. P.J. Coertze in 1979 begin het, is mettertyd deur prof. R.D. Coertze voortgesit en het teen 1992 voltooiing genader.

As die bogenoemde projekte beoordeel word, is dit duidelik dat elkeen daarvan gerig was op die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verkryging van begrip van die probleme waarmee daar ook in ander Afrikalande geworstel word. Die bydraes wat vanuit die plaaslike omstandighede gelewer is, verskaf perspektief op oplossings wat verder noord in Afrika toegepas sou kon word.

In die Argeologie-afdeling van die Departement is daar op navorsing oor die Ystertydperk in die Transvaal gekonsentreer en is die navorsing rondom die Mapungubwe/K2-kultuur voortgesit. Dit het in die periode 1989 tot 1991 tot die opvulling van die ou opgrawings gelei. Hiermee is ingeskakel by die nuwere eise van natuur- en kultuurhulpbronbestuur omdat die terrein waar vroeër opgrawings gedoen is, tans as 'n natuurbewaringsgebied ontwikkel word. Hierdie werk is onder leiding van prof. Meyer uitgevoer.

Sedert 1984 is die argeologiese navorsing vir enkele jare op ondersteuning van die restourasie van Schoemansdal deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie gerig. Die ervaring wat hier binne die terrein van die historiese argeologie opgedoen is, het tot 'n voltooide magisterstudie en verskeie verslae oor restourasie van woonstrukture in die omgewing van Pretoria gelei.

'n Argeologiese streekopname van die Nasionale Krugerwildtuin in 1968 het gelei tot 'n proefskrif deur prof. Meyer. Dié werk vorm tans die basis vir alle verdere argeologiese opgrawings in die gebied en het aanleiding gegee tot twee verdere voltooide proefskrifte - die eerste tot metaalbewerking in die Phalaborwa-omgewing (Pistorius, 1984) en 'n tweede oor die analise van die argeologiese faunareste in die Nasionale Krugerwildtuin (Plug, 1988). In 1992 het 'n verdere belangrike navorsingspoging aan die Argeologiekant van die Departement 'n vrugbare einde bereik toe prof. Meyer sy *Inligtingformate vir argeologiese veldwerk* voltooi het. Dit bevat 'n sistematiese aanduiding vir die rekenaarmatige verwerking en dokumentering van argeologiese vondse in die veld en vorm ook die sleutel tot 'n rekenaarmatige klassifisering van argeologiese museumstukke. Daar word verwag dat hierdie navorsing mettertyd met groot vrug in argeologiese veldwerk in Suid-Afrika gebruik sal kan word.

Ingevolge die aansienlike befondsing wat sedert 1988 vanuit KwaNdebele vir ondersoek en opgrawing van ou Ndebelewoonterreine ontvang is, is die verklaring van 'n vyftiental terreine tot Nasionale Gedenkwaardighede ondersoek en waar toepaslik aan die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede voorgelê. Dit is duidelik dat daar hier besondere hulp aan die mense van KwaNdebele gelewer is. Dit is dan ook vanuit hierdie dienslewering dat proff. Coertze en Meyer sedert 1988 in die KwaNdebele-monumentekomitee gedien het.

Volkekunde, Toegepaste Volkekunde (Ontwikkelingskunde) en Argeologie word reeds lank aan sowel die binnemuurse as die nauurse afdeling van die Universiteit aangebied. Sedert 1989 word Volkekunde ook op Witbank aangebied. Die eis dat akademiese standaarde ondanks beperkte kontaktyd gehandhaaf word, het 'n omwenteling in die doseermetode van die Departement tot gevolg gehad. Dit het weer gelei tot verantwoorde leerbestuur gerig op die bereiking van geformuleerde leerdoelwitte. Die Departement het in die tydperk 1983 tot 1992 sy betrokkenheid by die opleiding van studente vir die Nagraadse Diploma in Museumkunde behou.

Alhoewel prof. P.J. Coertze reeds in 1972 as departementshoof uitgetree het, het hy steeds 'n verbintenis as emeritus-professor met sy ou Departement behou. As erkenning vir sy bydrae tot die bevordering van die Volkekunde is die Stalsprys van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1981 aan hom toegeken.

Aan die begin van die jare tagtig het die Departement Volkekunde oor sewe, en die Departement Argeologie oor drie leerkragte beskik. Die verloop van die rasionalisasieproses ná 1988 het die Volkekunde-afdeling een personeellid ten gunste van die Argeologie-afdeling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.F. Eloff, Hoof: Departement Argeologie, 1970 - 1985.

laat verloor. Hiermee is die kritiese minimumsyfer van drie dosente per vak wat nodig is vir die volvoering van doeltreffende onderrig en navorsing bereik. Ondanks hierdie ingryp kon 'n hoë standaard en goeie navorsing oor die periode 1983 tot 1992 gehandhaaf word omdat vier van die sewe dosente aan die Volkekundekant en twee van die drie aan die Argeologiekant van die Departement in diens van die Universiteit gebly het. Die aantal gepromoveerdes het teen 1992 ses teenoor die drie in 1982 getel en so 'n stewige basis vir nagraadse opleiding gebied.

Naas die departementshoof is prof. J.B. Hartman mettertyd tot 'n tweede volle professor in die Departement bevorder. Prof. A. Meyer het medeprofessor geword, terwyl die ander gepromoveerdes (drr. J.D. Kriel, C.C. Boonzaaier en J.C.C. Pistorius) tot senior lektore bevorder is. Die Universiteit se verklaarde beleid om personeellede volgens kwalifikasie en meriete te bevorder, is só sigbaar in die Departement gedemonstreer. Die belangrikste personeelverskuiwings wat in die Departement plaasgevind het, sluit in die verlies in 1985 van prof. J.F. Eloff, grondlegger van die Departement Argeologie. Hiernaas het dr. C.M. de Villiers in 1986 na 28 jaar arbeid as dosent in die Volkekunde en Toegepaste Volkekunde uitgetree. Aan die Argeologiekant het ons van 1987 tot haar dood op 21 Februarie 1991 die dienste geniet van mev. Engela J. du Plessis (Tannie Dup). Sy was vermoedelik Suid-Afrika se enigste ware saadkenner en daartoe in staat om die sade wat uit argeologiese opgrawings herwin is, korrek onder die mikroskoop te identifiseer. Haar bevindinge het só ons eie opgrawingsresultate uitgebou en dieselfde diens gelewer aan argeoloë van Kimberley tot Durban en van Kaapstad tot Pretoria. Gedurende haar lewe was sy vir ons 'n waardevolle skakel met die navorsing van kollegas aan ander universiteite en verskillende museums. Daar is steeds niemand wat haar plek kan vul nie. In 1993 is die Stalspys vir Volkekunde ook aan prof. R.D. Coertze toegeken.

Tot 1987 was daar as vakvereniging in Volkekunde slegs die Vereniging van Afrikaanse Volkekundiges. Sedert die stigting van die Vereniging in 1977 het prof. R.D. Coertze deurlopend tot 1993 in die Raad van die Vereniging gedien. Die laaste vier jaar het hy as voorsitter gedien. Sedert die vroeë tagtigerjare dien ook prof. Hartman in verskillende hoedanighede in die Raad. Tussen 1984 en 1993 is die redakteurskap van die *SA Tydskrif vir Etnologie* deur prof. R.D. Coertze behartig, met dr. Kriel as hulpredakteur.

Die studentegetalle in die Departement het in ooreenstemming met die afname in die belangstelling in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 'n dalende tendens getoon om teen 1990-1992 te stabiliseer op ongeveer 220 eerstejaars in die Volkekunde, honderd in die Argeologie en vyftig in die Toegepaste Volke-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kunde (Ontwikkelingskunde). In die derde jaar was daar veertig vir Volkekunde, 25 vir Argeologie en tien vir Toegepaste Volkekunde (Ontwikkelingskunde). Gedurende die dekade 1983 tot 1992 was daar elf magister- en ses doktorale kandidate aan die Volkekundekant van die Departement. Die Argeologie het vier magister- en drie doktorale kandidate gelewer. Dit is in albei gevalle meer as dié van al die ander Afrikaanstalige universiteite.

Dit was die voorreg van die Departement om gedurende die onderhawige dekade 'n verskeidenheid skenkings te ontvang en 'n reeks verbandhoudende uitstallings te reël. Só het ons in 1984 van mnr. J.P. Schutte van George replikas ontvang van 'n hele reeks Afrikamaskers uit die erflating van Theo Westphal, vroeër restourateur aan die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria. Deur die navorsing van mev. Naka Pillman is daarna 'n deel van die gegewens byeengebring wat ons in dieselfde jaar in staat gestel het om 'n openbare uitstalling van die maskers te reël. Die materiaal is tans deel van die permanente volkekundige uitstalling in die Departement.

In 1988 is daar suksesvol met dr. Barbara Tyrrell onderhandel om 59 van haar skilderye oor die tradisionele kleredrag van verskillende Suid-Afrikaanse swart volke aan te koop. Die openbare uitstalling van hierdie skilderye wat vir Januarie en Februarie 1989 gereël is, is deur die Visekanselier en Rektor, prof. D.M. Joubert, geopen en deur die kunstenares bygewoon. Ook hierdie versameling het deel van die permenente departementele uitstalling geword. Verdere onderhandelinge met dr. Tyrrell het in 1990 tot die aankoop van haar omvangryke versameling kralewerk van verskillende Ngunivolke gelei. Die uitstalling waarop die materiaal aan die publiek vertoon sal word, moet nog plaasvind.

In 1988 is daar met mnr. H.C. Woodhouse onderhandel om 'n keur uit sy kleurskyfies van Suid-Afrikaanse rotskuns oorsee uit te stal. In samewerking met die Departement Nasionale Opvoeding het dit tot die samestelling van vieren-vyftig kleurplate van Suid-Afrikaanse rotskuns gelei wat in 1989 as die Universiteit se Woodhouse-versameling in Europa uitgestal is. Die drie stelle afdrukke wat oorsee gestuur is, is van 1989 tot 1993 op verskeie plekke in Pole, Oostenryk, Duitsland, België, Engeland en Denemarke vertoon. Die hoogtepunt was sekerlik die uitstalling in 1991 tydens die Mozartfees in Salzburg toe 'n geraamde honderdduisend besoekers die uitstalling besigtig het. Die rugsteunkopie van hierdie versameling wat by die Universiteit as deel van die Departement se permanente uitstalling bewaar word, is gedurende dieselfde periode gereeld aan buitelandse besoekers vertoon. Só kon besoekers uit Chili en die Verenigde State van Amerika, Israel, Taiwan en 'n groot aantal lande in Europa dit besigtig.

R.D. Coertze
Departementshoof


Instituut vir Sportnavorsing

Mnr. F.W. de Klerk het hom in 1979 in sy hoedanigheid as Minister van Sport en Ontspanning soos volg uitgelaat in die amptelike bekendstellingsbrosjure van die Instituut vir Sportnavorsing:

Die vestiging van 'n Sportinstituut wat voortvloei uit die Hoekverslag wat in 1978 deur my Departement van Sport en Ontspanning vrygestel is, weerspieël besondere ondernemingsgees aan die kant van die Universiteit van Pretoria. Dit is die eerste van sy soort in die Republiek. Mag hierdie geskiedkundige ontwikkeling aanleiding gee tot soortgelyke institute by ander opvoedkundige inrigtings in ons land. Ek wil die vertroue uitspreek dat nasionale sportsoorte van hierdie Sportinstituut se dienste gebruik sal maak waar moontlik. U kan staatmaak op my en my Departement se hartlike samewerking.

'n Hele aantal belangrike ontwikkelings het tussen 1983 en 1992 in die Instituut vir Sport-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.L. Botha, Direkteur: Instituut vir Sportnavorsing en -opleiding, sedert 1 Januarie 1988, voorheen Hoof: Departement Menslike Bewegingskunde, 1973 - 1987.

navorsing plaasgevind. Ten eerste het die SA Vereniging vir Biokinetika amptelike erkenning aan die Instituut as opleidingsentrum vir studente in die Biokinetika verleen. Tweedens is 'n amptelike samewerkingsooreenkoms tussen die Fakulteit Geneeskunde en die Instituut beklink. Die Instituut is ook erken as 'n amptelike opleidingspunt vir MSc-Sportgeneeskundestudente. Voorts is die Instituut aangewys as die eerste nasionale toetssentrum vir Suid-Afrika se Olimpiese span na Barcelona in 1992. Sedert 1979 is borgskappe en donasies vir navorsing en gemeenskapsdiens ten bedrae van meer as R1 miljoen ontvang.

Verskeie belangrike navorsingsprojekte is in die onderhawige tydperk deur die Instituut afgehandel, naamlik Volume 12 van die RGN se Nasionale Sportondersoek deur prof. J.L. Botha wat oor sportopleiding gehandel het; Toepassings van die elektromiografie in die oefenkunde deur prof. G.J. van Wyk; Didaktiese riglyne vir die sportpraktyk deur dr. A.E. Goslin, prof. J.L. Botha, mevv. C. Olivier en A.E. Coetzee; 'n Wetenskapmodel vir die Menslike Bewegingskunde deur dr. P.A.B. van der Merwe; Sport- en rekreasiebestuur: strategiese bestuursmodelle deur dr. Goslin; Sportsielkunde: vervreemding en transendering deur dr. B.J.M. Steyn; Fundering van die Menslike Bewegingskunde ook deur dr. B.J.M. Steyn; Kinestetiese geheue en liggaamshouding deur prof. J.M. Loots; en Norme vir Cybex-evaluering deur dr. P.E. Kruger.

Deurlopende samewerking is in die onderhawige tydperk met die volgende instansies gehandhaaf: die SA Federasie vir Beweging- en Vryetydwetenskappe, die SA Vereniging vir Biokinetika, die SA Vereniging vir Bewegingsopvoedkunde, Rekreasie Suid-Afrika, die SA Vereniging vir Sportwetenskap, die SA Vereniging vir Oefenkunde, die Konfederasie van SA Sport, die Nasionale Olimpiese Komitee van Suid-Afrika (NOKSA), Life Style Management, die Direktoraat: Sport en Ontspanningsbevordering van die Departement Nasionale Opvoeding, die Departement van Onderwys en Kultuur, die SA Gimnasiumeienaarsfederasie, die SA Buitelugavontuurvereniging, en die Geneesheer-Generaal van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag.

Binne bovermelde konteks het 'n aantal personeellede verskeie bestuursposisies beklee. Prof. Botha was president van die SA Federasie vir Beweging- en Vryetydwetenskappe, lid van die keurkomitee van die Nasionale Olimpiese Komitee van SA en lid van die SA Sportraad. Prof. Van Wyk was visepresident van die SA Federasie vir Beweging- en Vryetydwetenskappe, prof. Loots visepresident van die SA Vereniging vir Biokinetika, en dr. Goslin president van Rekreasie Suid-Afrika. Verskeie toekennings is in bovermelde verband gemaak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gedurende die genoemde tydvak was daar samewerking met al die Suid-Afrikaanse universiteite waar departemente van Menslike Bewegingskunde en/of Sportinstitute gesetel is, via die onderskeie vakverenigings hierbo vermeld. Daar was ook interdissiplinêre samewerking met verskeie vakgebiede, onder andere Interne Geneeskunde, Ortopedie, Psigiatrie, Fisiologie en Anatomie, Fisioterapie, Arbeidsterapie, Farmakologie, Ingenieurswese, Statistiek, Opvoedkunde, Geografie, Dieetkunde, Sielkunde, Sosiologie, en Filosofie.

Die Instituut was in die onderhawige tydperk teoreties en prakties gerig, veral ten opsigte van Sportkunde, Rekreasiekunde, Oefenkunde, Biokinetika, Opvoedkunde en Filosofie (laasgenoemde veral die teorie). Voorts is die Instituut se infrastruktuur deur die Departement Menslike Bewegingskunde gebruik vir die onderrig van voor- en nagraadse studente in hierdie dissiplines. Dit het veral laboratoriumfasiliteite en verwante toerusting ingesluit. Die sportwetenskap het toenemend aandag geniet vanweë sterk nasionale fokus wat op die Instituut gerig is.

Wat die uitvoering van sy Afrikamissie betref, is geskakel met Venda ten aansien van die beskikbaarstelling van kundigheid en akademiese hulpverlening. Die Noord-Transvaalse Atletiekunie het die Instituut ook genader om sportwetenskaplike diens te lewer aan besoekende atlete en afrigters van Kenia.

Gemeenskapsdiens het sedert 1983 voorsiening gemaak vir aspekte soos bestuursfiksheid, sportaanleg, verslanking, hidrokinetiese oefeninge, hardloopstylontleding, algemene fiksheidstoetse, oefenprogramvoorskrifte, 'n verskeidenheid van voorligtingsdienste betreffende die vakdissiplines Sportkunde, Oefenkunde, Bewegingsopvoedkunde en Rekreasiekunde.

Ten opsigte van navorsing en gemeenskapdiens het die Instituut sy missie in die onderhawige tydperk volvoer. Vyf-en-sewentig navorsingsprojekte is voltooi, 435 gemeenskapsdiensprojekte met 'n bywoningsyfer van 56 167 is van stapel gestuur, 10 745 laboratoriumtoetse en konsultasies is gedoen. Daar was 413 voordragte by konferensies en openbare lesings, 56 buitelandse gaste is ontvang en 184 publikasies het die lig gesien. Die personeel het bestaan uit prof. J.L. Botha as direkteur, mnr. C.du P. Heunis as senior organiseerder, elf dosente van die Departement Menslike Bewegingskunde wat almal bygedra het tot die navorsingsprogram en gemeenskapdiens, twee tydelike administratiewe personeellede en drie tydelike laboratoriumassistente. Die Instituut onderskraag die Departement Menslike Bewegingskunde in die opleiding van voor- en nagraadse studente.


J.L. Botha
Direkteur

Instituut vir Strategiese Studies

In die tydperk 1983-1992 het die Instituut vir Strategiese Studies 'n paar belangrike veranderinge ondergaan. Met ingang van 1989 is die Adviesraad van die Instituut vir Strategiese Studies deur 'n Advieskomitee vervang. Die Komitee het teen 1992 uit die volgende UP-lede bestaan: prof. F.L. Ackron (Voorsitter), proff. J.J. Stadler, T. Erasmus, W.C. van Wyk, W.J. van Biljon en M. Hough (Direkteur). Daar was ook twee nie-UP-lede in die Komitee, te wete lt.genl. H.de V. du Toit (RAU) en prof. D.F.S. Fourie (Unisa). Prof. P. Smit was van 1986 tot met sy ampsaanvaarding as Visekanselier en Rektor ook 'n lid van die Adviesraad en later Advieskomitee.

Van 1988 af is die *ISSUP Strategiese Oorsig* 'n geakkrediteerde vaktydskrif en verskyn dit onder die titel *Strategiese Oorsig vir Suider-Afrika*. Binnelands het die redaksionele komitee bestaan uit prof. M. Hough, Direkteur van die Instituut (hoofredakteur), lt.genl. H.de V. du Toit (RAU), prof. D.F.S. Fourie (Unisa), prof. S.F. Coetzee wat dr. G.M.E. Leistner in 1992 opgevolg het (Afrika-Instituut) en mev. M.A. van der Merwe in haar hoedanigheid as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. Mike Hough, Direkteur: Instituut vir Strategiese Studies, sedert 1 Julie 1979.

redakteur en navorsingsbeampte van die Instituut. Prof. D.T. Kunert (Universiteit van die Witwatersrand) was tot met sy afsterwe in 1991 ook lid van die komitee. Die woordverwerking en uitleg van die publikasies is in die onderhawige tydperk deur die Instituut se sekretaresse, mej. W.A. Pulles, behartig. Die buitelandse lede van die redaksie was mev. J. Becker (outeur: Londen), dr. R.S. Cline (voorsitter: US Global Strategy Council, Washington DC), prof. J.C. Garnett (departementshoof: Department of International Politics, University College of Wales), dr. A. Merari (direkteur: Political Violence Research Unit, Tel Aviv University), dr. J.A. Miller (president: World Technology Foundation, Vienna, VSA), dr. M. Radu (Foreign Policy Research Institute, Philadelphia), en prof. P. Wilkinson (direkteur: Research Institute for the Study of Conflict and Terrorism, Londen en professor: International Relations, University of St. Andrews, Skotland).

Diens aan die gemeenskap het onder andere by wyse van die volgende geskied: sitting wat die Direkteur in die Appèlraad oor Publikasies het; die beantwoording van navrae (telefonies en skriftelik); media-onderhoude asook onderhoude met sowel binne- as buitelandse besoekers; die lewer van referate tydens byvoorbeeld konferensies, asook lesings aan byvoorbeeld ander opleidings- en akademiese inrigtings soos Unisa se Skool vir Bedryfsleiding, UP se Bedryfskool en die onderskeie militêre kolleges; die verspreiding van publikasies, sowel binne- as buitelands; die aanbied van konferensies en lesings/paneelbesprekings/seminare (gewoonlik met 'n buitelandse spreker). Die Instituut het ook kontrakwerk onderneem met die oog daarop om fondse te genereer. Die Direkteur was verder by sowel voor- as nagraadse lesings in die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek betrokke en het as studieleier vir magister- en doktorale studente opgetree.

Die multi- en interdissiplinêre aard van die Instituut se navorsingsveld blyk duidelik uit die publikasie- en navorsingsprogram vir die onderhawige tydperk. Een van die belangrikste verwikkelinge op die vakgebied van Strategiese Studies was die uitbreiding daarvan om ook die omgewing in te sluit. In Maart 1991 is daar 'n internasionale konferensie deur die Instituut aangebied met as tema "Die Suid-Afrikaanse omgewing in die 1990's: standpunte en strydvrae". Van die referate het in die daaropvolgende *Strategiese Oorsig vir Suider-Afrika* verskyn.

Navorsingsprojekte (teen 1992 afgehandel sowel as lopend) het ingesluit bewapening en ontwapening, die wapenverbod en -boikot teen die RSA, strategiese leerstellinge in Suider- en Suid-Afrika, gewapende magte, politieke onrus, geweld, dwang en intimidasie, rewolusionêre optrede (insluitende terreurinsidente), insurgensie, burgerlike ongehoorsaamheid en verset, onderhandelinge, omgewingspolitiek en strategiese hulpbronne.

Uit die publikasies en skakeling met praktykbeoefenaars (wat lede uit sowel die private as die openbare sektor insluit) blyk dit dat die vakge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bied beide teoreties en praktykgerig is. Sedert 1982 bied die Instituut ook 'n jaarlikse konferensie in samewerking met die Noord-Transvaalse tak van die Sekuriteitsvereniging van Suid-Afrika (SASA) aan.

Die temas van konferensies en lesings wat deur die Instituut aangebied is asook sy publikasies is 'n duidelike weerspieëling van die dinamiese aard van politieke verwikkelinge, sowel internasionaal as binnelands. Op 1 November 1989 is daar byvoorbeeld 'n konferensie aangebied met as tema "Namibië: Huidige en toekomstige perspektiewe", waartydens mnr. M. Ahtisaari, die Verenigde Nasies se toenmalige spesiale verteenwoordiger in Namibië, ook 'n referaat gelewer het. "Onderhandelinge in die RSA: Geselekteerde strydvrae en standpunte" was die onderwerp van 'n konferensie wat op 28 Augustus 1990 aangebied is. Op 26 November 1991 het die Instituut, in samewerking met die nuutgestigte Defence Institute of Southern Africa (DISA) en die Hanns Seidel-stigting van Duitsland in Suid-Afrika 'n internasionale konferensie aangebied met as tema "Southern Africa's security relations towards the year 2000". Benewens die jaarlikse konferensie wat in samewerking met SASA (NTvl-tak) aangebied is (waarvan twee internasionaal was), het die Instituut sedert 1982 'n verdere twaalf konferensies (waarvan elf internasionaal was) aangebied. In dié tydperk is 41 lesings/paneelbesprekings aangebied. By 34 van dié lesings het buitelandse sprekers opgetree.

Wêreldbekende akademici wat konferensiereferate en lesings gelewer het, sluit die volgende in: die reeds vermelde prof. Paul Wilkinson (Skotland), dr. R.S. Cline (VSA) en prof. Y. Alexander (VSA) wat al drie wêreldkundiges op die gebied van terrorisme is, prof. M. Sharon van die Hebreeuse Universiteit, Israel, prof. Garnett (Wallis), prof. W.F. Gutteridge (Verenigde Koninkryk), prof. D.E. Albright (VSA) en prof. R.E. Osgood (VSA). Verskeie hooggeplaaste buitelandse militêre besoekers (sowel dienend as afgetree) het ook referate of lesings gelewer. Hulle sluit in genl. C.J. Dijkstra van Nederland (voorheen verbonde aan NAVO), viseadmiraal Ta-tsai Liu (adjunkminister van die Ministerie van Verdediging, Taiwan), skoutadmiraal R.J. Hanks (VSA), genl.maj. D.M. Butler (Australië), kol. R.F. Hallerbach (Duitsland), mnr. A. Gende (skimminister van Verdediging, Namibië), lt.kol. R. Gissin (Israel) en lt.kol. J. Steinemann (Duitsland). Referaat- en lesingonderwerpe het 'n wye spektrum gedek, soos kernwapens, wapenbeheer, landmyn-, rewolusionêre en chemiese oorlogvoering, die VSA se verdedigingsbelange in Afrika, die Grondwet van Namibië, wetgewing met betrekking tot die omgewing, onderhandeling en konflikoplossing in rewolusionêre situasies, betrekkinge tussen die RSA en onder andere die VSA, Brittanje en Duitsland, die Sowjet-Unie se strategie in die Derde Wêreld, asook terrorisme: huidige en toekomstige tendense. Die meeste van die referate wat tydens konferensies gelewer is, het daarna in geredigeerde vorm in Instituutpublikasies verskyn.

Die Instituut het ook drie prestigelesings aangebied. Mnr. Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake, het in 1985 'n lesing oor die onderwerp "Die RSA se diplomatieke strategieë in Suider-Afrika" gelewer. Genl. M.A.de M. Malan het, in sy hoedanigheid as Minister van Verdediging, twee lesings in 1988 en 1990 gelewer. Die titel van die 1988-lesing was "Die huidige strategiese situasie in Suider-Afrika" en dié van 1990 "'n Veiligheidsvisie vir Suider-Afrika".

Gedurende Januarie 1992 was dr. V.I. Tikhomirov, voormalige Direkteur van Studies, Instituut vir Afrika-studies, Russiese Akademie vir Wetenskappe, Moskou, wat vir ongeveer ses maande 'n besoekende navorsingsgenoot by die International Freedom Foundation was, ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n besoekende navorsingsgenoot by ISSUP. Op 28 Januarie het hy 'n lesing gelewer oor "Die Afrika-beleid van die nuwe Gemenebes van Onafhanklike State". Sowel dié lesing as 'n latere studiestuk het as *ISSUP Bulletins* verskyn.

Onderhoude is aan talle buitelandse besoekers toegestaan uit onder andere die Verenigde State, Kanada, Verenigde Koninkryk, Ierland, al die Wes-Europese state, Denemarke, Noorweë, Rusland, Joego-Slawië (voormalige), Pole, Hongarye, Israel, Iran, die Republiek van China (Taiwan), Hongkong, Australië, Nieu-Seeland, Brasilië, Peru, Chili, Angola, die Ivoorkus en Kenia.

Die Instituut se Afrika-betrokkenheid het hoofsaaklik die vorm aangeneem van besoeke aan die Instituut, waartydens onderhoude toegestaan is, en die lewer van referate. Sommige van hierdie referate is deur ISSUP gepubliseer, soos dié van mnr. A. Gende, skimminister van Verdediging, Namibië, wat onder die titel "The experience in Namibia: Fears, perceptions and expectations regarding regional security" as *ISSUP Bulletin 2/92* verskyn het. Mnr. G. Kamissoko, 'n internasionaal bekende joernalis, het op 22 Maart 1989 'n lesing gelewer oor "Persverslaggewing in Afrika oor Suid- en Suider-Afrika".

ISSUP-publikasies is aan onder andere die volgende instansies in Afrika versprei: SARDC (Harare, Zimbabwe), Centro de Estudos Africanos (Universiteit Eduardo Mondlane, Maputo, Mosambiek), National University of Lesotho (Roma, Lesotho), Chancellor College (Zomba, Malawi) en aan mnr. M. Kabote in Libreville, Gaboen.

Die Direkteur het by sewe geleenthede referate tydens internasionale konferensies gelewer, te wete op 22 Julie 1983 in Kent (Foreign Affairs Research Institute), op 21 Oktober 1983 in Bonn (Friederich Ebert-stigting), op 18 Julie 1986 in Taipei (Instituut vir Internasionale Betrekkinge), op 28 November 1988 in München (Hanns Seidel-stigting), op 26 November 1991 in Pretoria (konferensie aangebied deur ISSUP en DISA in samewerking met die Hanns Seidel-stigting van Duitsland in Suid-Afrika); op 11 Junie 1992 in Bophuthatswana en op 19 Augustus 1992 in Transkei. In Oktober 1990 het prof. Hough en mev. Van der Merwe op uitnodiging van die Sentrum vir Beleidstudies van die Nasionale Universiteit Sun Jatsen 'n weeklange besoek aan Taiwan gebring.

Die aankoop van boeke geskied in oorleg met mej. E. Weyers van die Merensky-biblioteek. Vanweë die multidissiplinêre aard van die vakgebied gebeur dit egter dat die meeste van die boeke wat op die rekening van Strategiese Studies aangekoop word, nie net by Staatsleer en Internasionale Politiek nie, maar ook by ander vakdissiplines beland, te wete Regte, Publieke Administrasie, Sosiologie, Sielkunde, Geskiedenis, Kriminologie en selfs Ingenieurswese.

Die Instituut het publikasie-uitruilooreenkomste met 81 instellings (waarvan 32 in die buiteland). Verskeie van dié instansies publiseer meer as een tydskrif. Die publikasie-uitruilooreenkomste bring vir die Instituut 'n aansienlike kostebesparing mee, terwyl die beeld van die Instituut ook op dié wyse uitgedra word.

Vir die doeleindes van die Instituut se knipseldiens word die volgende koerante ontvang: een Sondagblad, vier dagblaaie (waarvan een uit Namibië), vier weekblaaie (waarvan een uit Namibië en een uit Duitsland) en een tweeweeklikse blad. 'n Wye reeks onderwerpe word gedek wat strek van internasionale en binnelandse politieke, ekonomiese en militêre verwikkelinge tot misdaad. Elke aspek wat 'n invloed op nasionale veiligheid kan uitoefen, insluitende vigs en die omgewing, word in die knipseldiens vervat.

M. Hough
Direkteur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Die tydperk 1983-92 was vir die Fakulteit Regsgeleerdheid 'n tydperk van stabiliteit en tog 'n tydperk van groot verandering. Die Fakulteit was in sy nuwe tuiste gevestig, die personeel het baie staties gebly, en daar was geen wisseling in die dekaanskap nie. Die personeel het slegs van 29 in 1983, toe die studentetal maar 1 155 was, tot 34 in 1992 gegroei, toe die studentetal 2 170 bereik het. Prof. David J. Joubert wat deeltydse dekaan was, het op 1 Mei 1984 die eerste voltydse dekaan geword. Die veranderinge het op ander terreine gelê.

Die studentetal het aansienlik uitgebrei en ook die getal afgestudeerdes. As gevolg van studentedruk het die Fakulteit reeds in 1988 begin met die keuring van studente, enersyds om die gehalte van die studente-inname te verhoog, en andersyds ook om die getal te beheer en te beperk tot dit wat die Fakulteit met sy beskikbare personeel kon behartig. Toe die Fakulteit weer as gevolg van demografiese faktore 'n daling in sy inname begin ervaar, is die keuring behou, en het die klem na die werwing van geskikte kandidate begin verskuif. Die Fakulteit is al hoe meer by sulke aksies betrek en het aktief op dié terrein begin optree.

Die afgestudeerdes het in die tien jaar van 125 gegroei tot 447 in 1992. Hieronder het al hoe meer nagraadse studente getel. Die Fakulteit het in 1986 'n gedoseerde LLM-program ingestel wat in 1990 hersien is. 'n Groot aantal studente het via hierdie program gevorderde spesialisopleiding in die regte bekom, veral in die Publiekreg, Handelsreg, Privaatreg, Prosesreg en Menseregte.

Die personeel het weinig gewissel en het steeds in ervaring toegeneem. Bevorderings het daartoe gelei dat die status van die personeel toegeneem het, sodat die getal professore van elf tot 25 toegeneem het terwyl die personeel slegs met vyf gegroei het.

Die Fakulteit het sy aanbieding van die Diploma Iuris in 1990 gestaak en homself toegelê op graadopleiding. Die veranderings wat ingetree het, was dat sekere vakke onderverdeel is en dat nuwe keusevakke met die oog op die LLB-studie toegevoeg is. Onder die nuwe vakke vind ons praktyksgerigte vakke soos Praktiese Regskunde en Toegepaste Allemansreg, maar die Fakulteit kon nie daarin slaag om hierdie vakke vir al sy studente aan te bied nie. Die mees omstrede en dramatiese ontwikkeling was egter dat Latyn I in 1992 as vereiste vir die LLB-graad laat vaar is ooreenkomstig die nuwe nasionale benadering tot die vereistes vir toelating tot die advokatuur. Daar was verder vername veranderings in die onderrigproses: die Fakulteit het in 1989 die gebruik van studiehandleidings aanvaar en al hoe meer op gepubliseerde studiemateriaal staatgemaak. Dosente-evaluering is ingestel en daar is op groot skaal gebruik gemaak van eksterne eksaminatore. Die tydskrif *De Jure* wat deur die Fakulteit uitgegee word, het in status toegeneem en daar is besluit om dit deur 'n buiteuitgewer te laat druk en versprei. Hierdie blad het 'n belangrike forum vir die publikasie van navorsingsverslae geword. Die personeel het 'n trotse rekord in hierdie verband gehandhaaf. Die Fakulteit was ook betrokke by die stigting van die gelyste tydskrif *SA Publiekreg* en het dit gedurende die aanvangsjare finansieel gesteun. Geleenthede vir kort tydperke van buitelandse studie het toegeneem en van die laat tagtigerjare af het aansienlike getalle dosente in die buiteland navorsing gaan doen en buitelandse kontakte gemaak. Hierdie dekade het ook gesien dat daar groot vordering was op die gebied van die skryf en uitgee van studentehandboeke en ander studiemateriaal. Die koms van rekenaargeletterdheid en die beskikbaarwording van hierdie middel het veel daartoe bygedra om administratiewe take te vergemaklik.

Die Fakulteit het al hoe meer betrokke geraak by nasionale en internasionale konferensies en nie net bydraes nasionaal en internasionaal gelewer nie, maar self 'n aantal belangrike konferensies aangebied. Die Sentrum vir Menseregtestudies het hierin 'n groot rol gespeel. Die Fakulteit was ook in 1991, die jaar toe prof. Johan Scott president was, gasheer vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die kongres van die Vereniging van Universiteitsdosente in die Regte.

'n Kenmerk van die laat tagtiger- en vroeë negentiger jare was dat 'n steeds toenemende getal buitelandse regsgeleerdes en regsdosente die Fakulteit besoek het en heelwat van hulle het gaslesings vir die studente en/of Fakulteit aangebied. Die Fakulteit het ook begin met 'n program om buitelandse gasdosente na die Fakulteit te bring - van wie prof. Jack van Doren van die Universiteit van Florida in die VSA in 1988 die eerste was - om aan sekere projekte of programme deel te neem.

Op die terrein van gemeenskapsdiens het die Fakulteit ook belangrike bane begin betree. Die Fakulteit het reeds in 1980 sy eie regshulpkliniek onder aanvoering van prof. Henning Viljoen gestig en begin bedryf. Met buitefinansiering is dit opgegradeer en is daar vanaf 1984 eers 'n deeltydse en later 'n voltydse direkteur aangestel en is dit ingelyf in die onderrigprogram van die Fakulteit. Insgelyks is daar in 1989 met behulp van buitefinansiering 'n Allemansregprogram ingestel en 'n voltydse koördineerder aangestel. Die program se doel is gemeenskapsopvoeding en studente word betrek deur die werksaamhede by die akademiese program van die Fakulteit te integreer.

Die Fakulteit het verskeie sentra tot stand gebring: die Sentrum vir die Dokumentasie van Ou Bronne (in 1984), die Sentrum vir Toegepaste Handels- en Arbeidsreg (ook in 1984), die Sentrum vir Regspraktyk (vanaf 1985), die Sentrum vir Staatsregtelike Navorsing (1986) en die reeds vermelde Sentrum vir Menseregte. Hierdie sentra het deur navorsing, gemeenskapsonderrig, -opvoeding en -diens baie gedoen om die Fakulteit se kundigheid in diens van die gemeenskap te stel.

Die Regspersoneelvereniging het die Dekaan se personeelkonferensies oorgeneem en die sosiale bedrywighede van die Fakulteit en sekere ander fakulteitsaktiwiteite, soos fakulteitslesings, begin orden. 'n Baie geslaagde fees is in 1988 gehou om die Fakulteit se sewentigste bestaansjaar te vier met sowel sosiale funksies as gedenklesings en simposia, waar alumni onder andere weer betrek kon word.

As deel van die nuwe bestuursmeganisme van die Fakulteit het die Dekaan van 1988 begin om al om die ander jaar konferensies van die departementshoofde en van alle fakulteitslede te hou ten einde almal te betrek, geleentheid tot inspraak te bied en die ontvangs van inligting meer vaartbelyn te maak.

D.J. Joubert
Dekaan

Departement Handels- en Arbeidsreg

Hierdie Departement het gedurende die tien jaar van 1983 tot 1992 'n gematigde groei ten aansien van personeel- en studentegetalle ervaar met 'n gepaardgaande vermeerdering in doseer- en navorsingsaktiwiteite. Die ingrypende herstrukturering van die ou BA(Regte) en die gepaardgaande vervanging van Romeinse reg deur Handelsreg as hoofvak van die nuut gevormde BLC-kursus, het sy volle beslag gedurende hierdie dekade gekry.

Die Departement se BCom-studentegetalle het buite verhouding tot dié van regstudente toegeneem as gevolg van die sterk groei wat in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die tien jaar plaasgevind het. Die newewerking hiervan was dat die getal studente wat vir vakke wat deur die Departement aangebied word, ingeskryf het van sowat 3 500 in 1983 tot ongeveer 4 900 in 1992 toegeneem het. In

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. S.R. van Jaarsveld, Hoof: Departement Handels- en Arbeidsreg, sedert 1974.

dié verband dien vermeld te word dat die LLB-student in hulle finale jaar ook skerp toegeneem het van sowat honderd in 1983 tot ongeveer 180 in 1992. In teenstelling met die situasie in die res van die Fakulteit Regsgeleerdheid, is bykans al die vakke (ongeveer twintig), op 'n semesterbasis aangebied. Hierdie stelsel het ten spyte van sekere nadele beduidende bestuurs- en organisatoriese voordele meegebring.

'n Grootse departementele projek, waarby enkele dosente van die Departement Handelsreg van RAU ook betrokke was, was die voltooiing van die tweede en derde uitgawe van *Suid-Afrikaanse Handelsreg*, 'n standaardhandboek bestaande uit twee volumes van ongeveer duisend bladsye elk wat aan talle Suid-Afrikaanse universiteite voorgeskryf word en ook wye aanwending in die praktyk geniet. Verder het daar ook wye samewerking tussen hierdie Departement en verskillende staatsdepartemente bestaan. So byvoorbeeld is prof. P.A. Delport sedert 1989 lid van die Vaste Advieskomitee oor Maatskappyereg en is prof. S.R. van Jaarsveld gedurende 1990 en 1991 na die Departement van Mannekrag gesekondeer om behulpsaam te wees met die konsolidasie en herstrukturering van die Wet op Arbeidsverhoudinge van 1956.

Die vakke wat deur dosente van die Departement aangebied is, was sterk prakties gerig en op nagraadse vlak is ook aandag geskenk aan die teoretiese grondslag of onderbou van 'n bepaalde beginsel of statuut. By die aanbied van voorlesings is gebruik gemaak van besprekingsklasse, kernaantekeninge, truprojektors en in 'n beperkte mate van meervoudige keusevrae.

In 1985 is die Sentrum vir Toegepaste Handels- en Arbeidsreg tot stand gebring. Die Sentrum met prof. S.R. van Jaarsveld as die hoof, is hoofsaaklik afgestem op gemeenskapsdiens, hoewel baie van die funksies en aktiwiteite ook 'n sterk onderrig- en 'n navorsingskomponent bevat. In 1988 is die E.M. Hamman-simposium as deel van die Fakulteit se feesjaar deur die Sentrum aangebied. 'n Wye spektrum van handelsregtelike onderwerpe is hier bespreek. Die volgende jaar is 'n seminaar oor die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge van 1988, en in 1992 'n simposium oor Maatskappyereg onder die beskerming van die Sentrum aangebied.

Verder is 'n velerlei konsultasies, opinies, onderhandelinge en ander opdragte rakende handelsregtelike probleme in die tydperk deur die Sentrum gehanteer.

Die Departement het gedurende die onderhawige dekade 'n gematigde personeelomset ervaar. Die aantal professore en senior lektore het van 1983 tot 1992 van nege tot twaalf toegeneem, terwyl die totale personeel van die Departement - d.w.s. junior dosente, onderwysassistente, navorsingsassistente en sekretaresses

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ingesluit - in 1992 op 25 te staan gekom het. Gedurende hierdie tydperk het die Departement onder andere die dienste van proff. W.N. Coetzee, J.D. Fourie, D.H. Botha en J.N. Piek verloor, terwyl proff. P.A. Delport, C.J. Nagel, R.C.D. Franzsen en H.B. Klopper in hulle plek aangestel is. Prof. S.R. van Jaarsveld was gedurende hierdie periode departementshoof.

S.R. van Jaarsveld
Departementshoof

Departement Inheemse Reg


Die Departement Inheemse Reg was in die tydperk 1983-1992 voortdurend besig met navorsing, veral ten aansien van die inheemse huweliksreg en deliktereg. Interdissiplinêre navorsing is ook van tyd tot tyd aangepak.

Die Departement was betrokke by die Komitee vir Inheemse Reg (KION) wat verskeie projekte betreffende die optekening van die Inheemse Reg geloods het.

Die medalje vir akademiese voortreflikheid van die Raad van die Universiteit van Pretoria is in 1989 aan prof. J.M.T. Labuschagne toegeken.

Lede van die Departement was by verskeie projekte betrokke wat op gemeenskapsdiens ingestel was. Navorsing en kundigheid is andersins beskikbaar gestel deur veelvuldige wetenskaplike publikasies. Lede van die Departement het in verskeie redaksies van wetenskaplike tydskrifte gedien en as eksterne eksaminatore by verskeie universiteite opgetree.

Wat die personeel betref, was prof. Labuschagne teen 1992 steeds die departementshoof nadat hy in 1973 in hierdie hoedanigheid aangestel is. Prof. F.J. van Heerden wat sedert 1981 aan die Departement verbonde was, het 'n medeprofessoraat beklee, terwyl die senior lektoraat



Prof. J.M.T. Labuschagne, Hoof: Departement Inheemse Reg, sedert 1973.

wat adv. D.J. Swanepoel tot en met sy dood in 1986 beklee het in 'n juniordosentskap omskep is wat jaarliks gevul is - gewoonlik deur 'n nagraadse student.

Studentegetalle het gegroei tot ongeveer agthonderd studente in 1992 (Inheemse Reg 200, ongeveer driehonderd studente; Inheemse Reg 310 en 320, ongeveer vyftien studente en Uitleg van Wette ongeveer vyfhonderd studente). Uitleg van Wette wat 'n verpligte vak vir BLC, BProc, Blur en LLB is, is sedert 1976 organisatories by die Departement Inheemse Reg ingeskakel.

J.M.T. Labuschagne
Departementshoof


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Privaatreg

Hierdie departement het vroeër bekend gestaan as die Departement Romeins-Hollandse Reg en Internasionale Privaatreg. Prof. T.J. Scott wat die departementshoofskap sedert 1 Julie 1984 beklee, het onmiddellik ná sy aanstelling in hierdie hoedanigheid die inisiatief geneem om die naamsverandering te bewerkstellig en sedert 1 Januarie 1985 is die naam Departement Privaatreg amptelik aanvaar. Deur hierdie naamsverandering is die klem verskuif van die historiese herkoms van hierdie dissipline tot die materiële aard daarvan, hoewel daar in die departementele opleiding en navorsing steeds klem gelê word op die historiese grondslae van ons privaatregtelike instellings. Die term "Privaatreg" as naam vir die betrokke dissipline is by die oorgrote meerderheid van ander Suid-Afrikaanse universiteite in gebruik.

'n Belangrike ontwikkelende vakgebied binne hierdie dissipline was die sogenaamde Skadevergoedingsreg. Erkenning is gedurende die middel tagtigerjare daaraan gegee deur dit as keusevak in die finale LLB-studiejaar aan te bied, asook deur dit as 'n module aan te bied van die gedoseerde LLM-graadkursus. Die departementele klem op praktyksgerigte vakkursusse blyk verder uit die instelling van die modules Huweliksgoederereg as deel van die Privaatreg 410-vakkursus en Sessiereg as deel van Privaatreg 420. Die laat tagtigerjare sien ook die instelling van Huweliksgoederereg as komponent van die gedoseerde LLM-graadkursus. Sedert 1991 het die LLM-modules uitgebrei om Verbruikersbeskermingsreg en Sekerheidsreg in te sluit.

Die Departement was besonder aktief op die gebied van navorsing en sedert die laat tagtigerjare is onder meer op die volgende velde gekonsentreer: Deliktereg, Erfreg, Aksies van Afhanklikes (subgebied van die Deliktereg), Onderhoudsreg, Egskeidingsreg, Skadevergoedingsreg, Persone- en Familiereg, Saaklike Sekerheidsreg en Verbruikerskrediet. Die pennevrug van hierdie aktiwiteite is gereeld in



Prof. T.J. Scott, Hoof: Departement Privaatreg, sedert 1984.

wetenskaplike artikels in vaktydskrifte gepubliseer, asook in praktykgerigte handboeke wat in die meeste gevalle geskik is vir aanwending in die onderrigproses.

In ooreenstemming met die missie van die Fakulteit was dit departementele beleid om kundigheid beskikbaar te stel ten einde navorsing op 'n breër front te stimuleer en ten einde regspublikasies in die algemeen te bevorder. In hierdie verband kan verwys word na prof. Scott wat reeds sedert 1982 dien as ad hoc-lid van die subkomitee van die Suid-Afrikaanse Regskommissie belas met die beskikbaarstelling van ou regsbronne, terwyl prof. N.J. Grové sedert 1989 in 'n spesialistekomitee van die Regskommissie dien wat aangeleenthede rondom die doeltreffendheid van verbruikerskredietreg, in die besonder die doeltreffendheid van die Woekerwet, bestudeer en aanbevelings aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wetgewer gemaak het. Die bevindings van laasvermelde komitee is tussen 1992 en 1993 as Werkstuk 46 van die Suid-Afrikaanse Regskommissie gepubliseer.

Verder het lede van die Departement redaksionele werk onderneem: prof. Scott was sedert 1982 redakteur van die grootste ensiklopediese regswerk in Suid-Afrika, te wete *The Law of South Africa*; daarbenewens het hy ook sporadies as redakteur van die regstydskrif *De Jure* en as subredakteur van die *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* gedien. Sowel prof. Grové as prof. C.J. Davel het die redakteurspos van *De Jure* vir enkele termyne beklee, met prof. M.C. Schoeman as assistentredakteur.

Daar het in die onderhawige tydperk noue skakeling met vakgenote aan ander universiteite bestaan. Departementslede het byvoorbeeld as eksterne eksaminatore vir voor- en nagraadse kursusse by Unisa, die RAU, die Universiteit van die Witwatersrand, PU vir CHO, die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van Natal, die Universiteit van die Noorde en die Universiteit van Venda gedien. Verder is dosente uit die Departement gereeld genader om lesings aan veral die buuruniversiteite aan te bied, terwyl kollegas van daardie instansies ook byna jaarliks vakkursusse of gedeeltes daarvan in die Departement waargeneem het.

Die meeste van die departementslede is aktief betrokke by die nasionale regsdosenteforum, bekend as die Vereniging van Universiteitsdosente in die Regte. Prof. Scott was vir die periode 1990-1991 waarnemende president, en daarna tot 1993 president van die vermelde vereniging.

Die klemverskuiwing in die departementele missie, soos vergestalt in die naamsverandering sedert 1985, kulmineer uiteindelik in die "fragmentering" van die voorgraadse vakkursusse Privaatreg 100, 200 en 300 sedert 1 Januarie 1993. Ten einde 'n sinvoller praktiese opleiding 76te bied, het Privaatreg 100 verval en die vakkursusse Familiereg 100 en Personereg 100 in die plek daarvan gekom. Privaatreg 200 is vervang deur Sakereg 200 en Erfreg 200; en Kontraktereg 300 en Deliktereg 300 het die plek van Privaatreg 300 ingeneem.

Wat die onderrig betref, was die uitgangspunt nog grondliggend soos die huidige dekaan, prof. D.J. Joubert, dit in 1982 in sy destydse hoedanigheid as departementshoof geformuleer het: "Die opleiding is akademies, maar gerig op die opleiding van denkende praktisyns." Afgesien van die gebruik van gedupliseerde studiedoelwitte, is op 'n breë front gebruik gemaak van hand- en werkboeke waarvan departementslede die outeurs of mede-outeurs was. Veral die sogenaamde "case book method" het sedert die negentigerjare al hoe meer aan die orde van die dag gekom. Ten spyte daarvan was die onderrig daarop toegespits om die individuele student vertroud te maak met die vakliteratuur en om die benutting van die biblioteek aan te moedig.

Gemeenskapsdiens was ook 'n hoë prioriteit van die Departement. Afgesien van die beskikbaarstelling van kundigheid aan liggame soos die Suid-Afrikaanse Regskommissie, het departementslede gereeld voorlesings gelewer by vrouevereenigings, kerkgroepe, kultuurorganisasies en skole. Gedurende die dekade is ook verskeie simposia aangebied, alleen of in samewerking met ander departemente/instansies, waaronder byvoorbeeld een oor praktiese aspekte van die implementering van die Wet op Kindersorg, 1983; 'n ander oor ontwikkelinge op die gebied van die Huweliks- en Huweliksgoedereg. 'n Simposium oor rekreasie met die tema Sport en die Reg is gedurende 1991 in samewerking met die Departement Menslike Bewegingskunde en in oorleg met die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Rekreasie en Toerisme gereël. Dit was die eerste werklike simposium hier te lande oor Sport- en Rekreasiereg en het gevolglik groot belangstelling gaande gemaak.

Die Departement is bevoorreg dat daar gedurende die betrokke dekade 'n baie klein personeelomset was en dat die progressiewe bevor-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

deringsbeleid van die Universiteit daartoe meegewerk het dat hoogsopgeleide personeel behou kon word. Prof. D.J. Joubert is in 1984 as departementshoof opgevolg deur prof. T.J. Scott, toe prof. Joubert as permanente Dekaan aangestel is. In daardie stadium was ander voltydse lede van die departementele personeel: mnr. L.N. van Schalkwyk, senior lektor, wat vervolgens bevorder is tot medeprofessor (1986) en professor (1992); mev. C.J. Davel, senior lektrise wat vervolgens bevorder is tot medeprofessor (1985) en professor (1991); mev. M.C. Schoeman, senior lektrise, wat vervolgens bevorder is tot medeprofessor (1991) en professor (1993); dr. D.W.R. Hertzog, senior lektor, wat in 1985 bedank het om voltyds lid te word van die Pretoriase Balie. In 1985 sluit mnr. B. Bergenthuin hom as lektor by die personeelkorps aan, dog verlaat die diens in 1987, insgelyks om in Pretoria as advokaat te praktiseer. Dr. P.J. Visser sluit hom in 1985 as professor by ons aan. Die jaar 1987 sien die aanstelling van twee verdere departementslede, te wete prof. N.J. Grové as professor en mnr. P.de W. van der Spuy as senior lektor. Verder is daar lank reeds 'n toedeling van twee onderwysassistente en een navorsingsassistent aan die Departement gemaak.

Uit die aard van die regsopleiding asook die loopbaangerigtheid van gegradueerde regsgeleerdes, het die voorgraadse studentegetalle (waarby LLB's insluit) baie hoër vertoon as dié van nagraadse studente (dié ingeskryf vir LLM en LLD). Wat voorgraadse getalle betref, was daar sedert 1983 'n progressiewe styging van 1 680 tot 2 435 in 1989; in 1990 was die getal laer op 2 411. Die getal vir 1992 was 1 221. Nagraadse studente-inskrywings het 'n progressiewe groei van ses in 1983 tot sestien in 1992 getoon.

T.J. Scott
Departementshoof

Departement Prosesreg en Bewysleer


Gedurende die tydperk 1983-1992 het die uitbreiding van die Departement se akademiese werksaamhede ingesluit die instelling van Praktiese Regskunde as keusevak wat aan studente die geleentheid bied om sowel praktiese ervaring in die Regshulpkliniek op te doen as akademiese krediete te verwerf. Op nagraadse vlak het die instelling van 'n praktyksgerigte, gedoseerde LLM-graad in Gevorderde Litigasie baie populêr geblyk.

Lede van die Departement het in die periode self, of as mede-outeurs, twee handboeke die lig laat sien, terwyl beide prof. Frans van der Merwe en prof. Dirk Kotzé hul LLD-grade verwerf het. Prof. Van der Merwe het dan ook oorgeneem as departementshoof by dr. Cor Eckard wat hom by die Pretoriase Balie aangesluit het. Prof. Jan Horn het in 1990 van die Universiteit van Venda gekom en hom by die bestaande span aangesluit. Die Regshulpkliniek het 'n voltydse direkteur as hoof gekry en in 1992 die eerste kandidaat-prokureur aangestel. Die Departement se verdere lede het bestaan uit 'n lektor en 'n onderwysassistent asook 'n ereprofessor in die persoon van Sy Edele Regter P.J.J. Olivier.

Gemeenskapsdiens is op 'n wye front gelewer. Die Regshulpkliniek was hier die primêre akteur, terwyl die Sentrum vir Regspraktyk vir kursusse in onder andere Aktevervaardiging en afronding vir die Prokureurstoelatingeksamen gesorg het. Daar is jaarliks ook 'n prokureursdag gereël om voornemende werkgewers en studente aan mekaar bekend te stel. Lede van die Departement het ook as kommissarisse vir die Hof vir Klein Eise en as bemiddellaars in die Hof vir Kort Prosesse opgetree.

Die Departement se verklaarde beleid was steeds om akademies gefundeerde praktykgerigte onderrig te verskaf sowel op voorgraad-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. C.F. Eckard, Hoof: Departement Prosesreg en Bewysleer, 1981 - 1989.

se as nagraadse vlak en het in dié opsig ten nouste met instansies soos die Prokureursorde, Balierade, Staatsdiens, ens., geskakel. Lede van die Departement het ook as lede van verskeie projekkomitees van die Suid-Afrikaanse Regskommissie diens gedoen. Prof. Horn het as voorsittende beampte by die verhoor van interne tugondersoeke by die Universiteit opgetree.

Laastens kan net gemeld word dat die Departement die hoogste dosent-studentverhouding in die Regsfakulteit het.

F.E. van der Merwe
Departementshoof

Departement Publiekreg

Vir hierdie Departement was die oorsigperiode (1983-1992) 'n tydperk van stewige groei. Die aantal voorgraadse studente het toegeneem van 281 in 1983 tot 888 in 1992, terwyl die aantal nagraadse studente toegeneem het van nege in 1986 tot veertien in 1992. Vier navorsingsprojekte is sedert 1986 aangepak, terwyl daar agt boeke, twee hoofstukke in boeke en 27 tydskrifartikels uit die pen van personeellede verskyn het. Die Departement het 'n gemiddeld van agt persent van die gesubsidieerde tydskrifartikels van die Fakulteit gelewer.


Wat personeel betref was die departementshoof prof M.P. Vorster. Daar was deurgaans drie dosente. Die ander professore aan die Departement was H.P. Viljoen en D.A. Basson.

Departement Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie

Vir hierdie Departement was die oorsigperiode (1983-1992) 'n tydperk van stewige groei. Die aantal voorgraadse studente het toegeneem van 541 in 1983 tot 1707 in 1992, terwyl nagraadse studente toegeneem het van twee in 1989 tot ses in 1992. Nege navorsingsprojekte is sedert 1986 aangepak, terwyl die personeellede drie boeke, twee hoofstukke in boeke en 84 tydskrifartikels gelewer het. Die Departement was vir gemiddeld 12,25% van die Fakulteit se gesubsidieerde tydskrifartikels verantwoordelik.

Wat personeel betref was die departementshoof prof J.V. van der Westhuizen. Die aantal dosente het tussen vier en vyf gewissel. Die ander professore aan die Departement was P.J. Thomas, D.H. van Zyl en D.G. Kleyn.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.V. van der Westhuizen, Hoof: Departement Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie, sedert 1980.

Departement Strafreg

Hierdie twee-man departement, wat in die tydperk 1983-1992 uit proff. Kobus van Rooyen S.C. en Ferdinand van Oosten bestaan het, het gedurende die betrokke dekade nasionaal en internasionaal presteer by wyse van publikasies, voordragte by konferensies (nasionaal en internasionaal), en buitelandse navorsing en kontak. Die Departement het voorts in die vyftien jaar tot 1992 vyftien doktorsgrade op die gebied van die Strafreg en Mediareg gelewer. Prof. Van Oosten het naas 'n doktorsgraad in die Strafreg ook 'n doktorsgraad in Geneeskundige Reg verwerf en het dus besondere leiding op hierdie moderngerigte vakgebied gegee. Hy is reeds internasionaal bekend op hierdie terrein en het as uitvoerende redakteur van die internasionale tydskrif *Medicine and Law* opgetree. Prof. Van Rooyen is ook 'n deskundige op die gebied van die Mediareg (wat uitsaaireg en publikasiebeheer insluit) en verskeie studente het op hierdie gebied onder sy leiding gepromoveer. Beide dosente is deur die Universiteit vereer vir hulle prestasies deur toekenning van die Kanseliersmedalje vir Uitnemende Prestasie.

Strafreg is in die betrokke tydperk op voorgraadse vlak vir BProc- en BIur-studente en op LLB-vlak vir voor-finale en finalejaarstudente aangebied. Alhoewel die Departement studente op 'n beginselgrondslag onderrig, is die kursusse prakties gerig. Finalejaarstudente het ook oor 'n breë terrein skripsies in die Departement geskryf. Oor die driehonderd skripsies is in die onderhawige dekade in die Departement voltooi.

Die Departement het dikwels as gasheer vir buitelandse dosente opgetree en deurlopend geskakel met veral Duitse, Amerikaanse en Britse regsgeleerdes. Hierdie kontak was veral van belang vir nagraadse studente. Die Departement was dan ook behulpsaam by die reël van buitelandse studie en beurse, en verskeie doktorale studente het reeds by die *Max-Planck-Institüt für äuslandisches und internationales Strafrecht* te Freiburg in Duitsland navorsing gedoen. Die feit dat beide departemenslede beurshouers van die Alexander von Humboldt-Stiftung was, het ook geleenthede vir navorsing in Duitsland bevorder.

Die Departement het 'n oopdeur-beleid gevolg. Studente is aangemoedig om hul studieprobleme met die dosente te bespreek. Studente is ook aangemoedig om hofsake te lees en strafverhore by te woon. Op dié manier is belangstelling vir die praktyk gekweek.

Die Departement het ook, as deel van die kursus, lesings oor straftoemeting aangebied. Ander moontlikhede as gevangenisstraf en veral die doodstraf is ondersoek en behandel. Dr. Len Els, van die Kantoor van die Prokureur-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Generaal, het dan ook sy doktorale proefskrif oor dié onderwerp in die Departement voltooi.

Prominente afgestudeerdes van die Departement is dr. J.A.van S. D'Oliveira, Prokureur-Generaal van Transvaal, wat ook 'n buitengewone professor in die Departement is, prof. Johann van der Westhuizen wat direkteur van die bekende Sentrum vir Menseregte aan die Universiteit van Pretoria is, dr. Berthus Bergenthuin wat aan die Pretoriase Balie praktiseer, prof. Luanda Hawthorne wat aan Unisa doseer, oudstreekhof-president dr. Willem van Zyl, dr. Dawie de Villiers van die Justisie-kollege (wat ook op tydelik-deeltydse grondslag in die Departement doseer), prof. Sunette Lötter, dosent aan Unisa, en dr. Suwil Rudolph wat aan die Kantoor van die Staatsprokureur in Pretoria verbonde is. Prof. Van Oosten, volle professor in die Departement, het ook sy eerste doktorsgraad in die Departement verwerf. Prof. Ren van Rooyen van die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit het 'n LLM-graad in die Geneeskundige Reg onder leiding van prof. Van Oosten verwerf.

Om te verseker dat 'n hoë standaard gehandhaaf word, is eksterne eksaminatore bekom uit die geledere van Unisa, UOVS en die Universiteit van die Noorde.

J.C.W. van Rooyen
Departementshoof

Sentrum vir die Dokumentasie van Ou Regsbronne

Die Sentrum vir die Dokumentasie van Ou Regsbronne is in 1985 deur die departement Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie van die Regsfakulteit gestig. Die missie van die Sentrum is om die beskikbaarheid van ou regsbronne (voor 1900) in Suid-Afrika te dokumenteer en sodanige regsbronne te publiseer.

Die Sentrum het teen 1992 die ou regsbronne van die Merensky-biblioteek op rekenaar vasgelê en was met die redigering hiervan besig.

Internasionale samewerking is aangegaan met die *Max-Planck Institut für Europäische Rechtsgeschichte* van Frankfurt-am-Main en die Merensky se regsmateriaal is opgeneem in die Census van 16de-eeuse regsbronne wat deur dr. D. Osler van bogenoemde Instituut gehanteer is. Jacobus Voorda se Voorlesings, 'n 18de-eeuse Nederlandse regsbron, word getranskribeer, vertaal en gepubliseer deur die Sentrum en die eerste deel het in 1993 verskyn.

Ph.J. Thomas
Direkteur

Sentrum vir Menseregte

Die Sentrum vir Menseregte het in 1986 tot stand gekom, nadat een van die eerste nasionale konferensies oor 'n moontlike handves van menseregte deur lede van die Regsfakulteit aangebied is. Sedertdien het die Sentrum gegroei tot 'n omvangryke en prominente organisasie wat 'n verskeidenheid van aktiwiteite wat verband hou met menseregte, bedryf.

* 'n Groot verskeidenheid van nasionale en internasionale kongresse en seminare is byvoorbeeld aangebied oor die volgende temas: *'n Nuwe regsbenadering vir 'n toekomstige Suid-Afrika (Oktober 1989); Grondbelasting en streekbelasting (April 1992);* en *De facto rassediskriminasie en die reg (Oktober 1992);* en verskillende lesingreekse oor menseregte reg. Lesings is ook vir gemeenskappe in en om Pretoria aangebied oor die onderwerp: *Berei jou voor vir 'n nuwe grondwet.* Soortgelyke lesings word gereeld oor verskillende aspekte van menseregte, insluitend vroueregte, aangebied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

* Die Sentrum bied ook sedert 1992 die Suider-Afrikaanse Menseregte Skynhof-kompetisie aan, waar spanne van die Regsfakulteite van meer as 30 Afrika-universiteite sake voor hoofregters van 10 Afrikalande beredeneer.

* Die *Integrated Bar Project* het in 1989 ontstaan, toe die Sentrum, in samewerking met Yale Law School in die VSA en die Regsfakulteit van die Universiteit van die Noorde, begin het om swart studente die geleentheid te gee om kort vakansie-internskappe by die land se grootste prokureursfirmas te doen. Gedurende 1992, byvoorbeeld, is 70 studente so geplaas.

* Die Allemansregprojek beoog om lede van die algemene publiek - veral skoolkinders - meer bewus te maak van hulle regte. Studente van die Regsfakulteit hou werkwinkels en skynhowe by skole (en in tronke).

* Ten einde die rassekomposisie van die Regsfakulteit meer verteenwoordigend te help maak, ken die Sentrum sedert die laat tagtigerjare spesiale beurse toe. Teen 1992 is ongeveer 15 sulke beurse jaarliks toegeken.

* Die Sentrum het verskeie publikasies die lig laat sien, onder andere oor 'n handves van menseregte vir Suid-Afrika, grondbelasting en sosiale en ekonomiese regte.

* Die Sentrum se bedrywighede word hanteer deur die direkteur, prof. J.V. van der Westhuizen, 'n adjunk-direkteur, eers prof. Henning Viljoen en later prof. Christof Heyns, 2 projekkoördineerders, 'n Allemansregkoördineerder, 'n komitee van ongeveer 5 lede van die Fakulteit, en administratiewe en navorsingsassistente. Die beheerraad is verteenwoordigend van die breë regsberoep.

* Die Sentrum is afhanklik van donasies en fondse van buite die Universiteit.

Prof. C.H. Heyns
Sentrum vir Menseregte

Sentrum vir Regspraktyk (1982-1992)

'n Behoefte aan voortgesette regsopleiding vir kandidaatprokureurs en prokureurs wat verdere professionele kwalifikasies wil verwerf, is gedurende 1979 geïdentifiseer. Aanvanklik is op informele wyse lesings vir sodanige persone gereël. Weens die geweldige aanvraag vir sodanige lesings wat ontstaan het, is die Sentrum vir Regspraktyk onder leiding van prof. F.E. van der Merwe as direkteur tot stand gebring. Aanvanklik is slegs kursusse aan kandidaatprokureurs gebied ten einde hulle in staat te stel om die prokureurstoelatingseksamen aan te durf en te slaag. Gedurende 1984 is 'n aanvang gemaak met kursusse in aktes- en notariële praktyk vir reeds toegelate prokureurs wat hulle as aktevervaardigers en notarisse wil bekwaam. Benewens genoemde kursusse het die Sentrum vir Regspraktyk ook van tyd tot tyd ander tipe kursusse aangebied, soos byvoorbeeld 'n kursus in straflitigasie vir prokureurs en advokate. Weens die geweldige omvang van die werk verbonde aan die kursusse word sedert 1991 in hoofsaak gekonsentreer op aktes- en notariële kursusse. Sedert die ontstaan van die Sentrum vir Regspraktyk het meer as 3 000 persone kursusse van die sentrum bygewoon. Kursusse wat aangebied word dra by tot die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram deurdat geleenthede gebied word aan prokureurs om op 'n behoorlike gestruktureerde basis, terwyl hulle reeds praktiseer, verdere professionele kwalifikasies te kan bekom ten einde hulle dienste oor 'n breër spektrum te kan aanbied.

Prof. F.E. van der Merwe
Hoof: Sentrum vir Regspraktyk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

FAKULTEIT TEOLOGIE

AFDELING A: NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Die Teologiese Fakulteit (Afdeling A) het in 1992 sy 75-jarige bestaan gevier. Gedurende dié tydperk van sy bestaan is 'n trotse teologiese tradisie opgebou en 'n teologiese paradigma ontwikkel wat uniek is in die Suid-Afrikaanse konteks.

In 1982 het die gesprek oor rasionalisasie binne die Fakulteit 'n aanvang geneem. Die bedoeling was voortdurend om binne veranderde omstandighede op die bes moontlike manier met die beskikbare fondse steeds teologie te bedryf. Verskillende sake wat van belang is, het hieruit na vore getree en moes binne die Fakulteit en die departemente verreken word. Eerstens het die Fakulteit sy personeel tot die absolute minimum verminder, naamlik ses departemente met een voltydse hoof/dosent per departement. Net in die Departemente Ou- en Nuwe-Testamentiese Wetenskap is twee dosente per departement behou. Tweedens, omdat die voorgraadse studentetal klein is, is daadwerklike pogings aangewend om die nagraadse komponent te verhoog. Derdens het herkurrikulering van die kursus plaasgevind, aanbiedingsmetodes is aangepas en die onderrigstruktuur is meer vaartbelyn gemaak. Die veranderinge het onder andere meegebring dat die Fakulteit in 1985 besluit het om die graad MDiv in te stel. Hierdie graad het die doktorale eksamen en skripsie onder die ou bedeling vervang wat in daardie stadium tussen die grade BD en DD gefunksioneer het. Die jaarboek van 1988 was die eerste om die regulasies wat op die nuwe graad betrekking gehad het, te weerspieël. In die vierde plek is groter klem op navorsing geplaas en die teologiese tydskrif van die fakulteit (*Die Hervormde Teologiese Studies*) is uitgebou tot 'n akademiese sieraad.



Prof. J.P. Oberholzer, Dekaan: Teologie A, 1989 - 1992.

Vyfdens is die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting in 1987 tot stand gebring met die doel om indiensopleiding van predikante te hanteer, die praktiese opleiding van studente te behartig en gemeenskapsdiens uit te bou. Die werksaamhede van die Sentrum het nie alleen oudstudente op 'n gereelde basis na die Fakulteit toe teruggebring nie, maar deur middel van kursusse en simposia ook 'n lewendige gesprek oor 'n wye terrein oor belangrike sake laat plaasvind.

Aangesien die Fakulteit 'n fakulteit van die Universiteit is, het hy sy visier ook wyer gerig as dié van die kerk vir wie hy predikante oplei. Met die oog hierop was die volgende werksaamhede van kardinale belang: eerstens het 'n samewerkingsooreenkoms met die Hervormde Teologiese Op-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

leiding te Klipdrift die ruimte geskep om sy kennis ook na ander gemeenskappe in Suid-Afrika uit te dra. In die tweede plek is Bybelkunde in samewerking met Afdeling B as vak binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangebied. Derdens is daar in samewerking met Afdeling B ook uitgereik na ander kerke en denominasies ten einde behulpsaam te wees met teologiese opleiding en die opgradering van teologiese kwalifikasies. Voorts is gesprek gevoer met ander teologiese fakulteite, vakgenote en ander wetenskaplike dissiplines. Laastens is beplanning om die kursus te herstruktureer en te moduleer teen 1992 onderneem. Hierin is beoog om selfs vir deeltydse studie en afstandonderrig voorsiening te maak. Daar is verder geoordeel dat modulering en ekstensie-onderrig baie kan bydra tot wye dienslewering en om sodoende die kundigheid van die Fakulteit toegankliker te maak. Modulering kan dit moontlik maak dat 'n student sy kursus volgens sy behoefte en sy eie kerk se voorskrif struktureer, terwyl ekstensieonderrig die teologiese opleiding toeganklik kan maak vir 'n groter deel van die algemene publiek.

Die universele konteks van kerk en teologie vereis 'n klimaat wat ruimte bied vir die spontane belewing van 'n wêreldwye gemeenskap van gelowiges en vir vrye akademiese wisselwerking. Naas die hoë waarde van wedersydse besoeke en gaslesings wat in die onderhawige tydperk gereeld plaasgevind het, is die bestaan van akademiese werkgemeenskappe en die bywoning van nasionale en internasionale vakkongresse binne die Fakulteit sterk bevorder. Teologiese gesprek met opleidingsentra buite universitêre verband was teen 1992 ook 'n prioriteit.

Omdat die teologie rekening hou met sowel die empiriese as met 'n geloofswerklikheid, weet die Fakulteit dat hy sy taak net sinvol kan uitvoer in 'n deurlopende gesprek met die universum van wetenskappe. Hierdie gesprekvoering het in die onderhawige dekade plaasgevind en was nie alleen vir die teologie van betekenis nie, maar het ook daartoe bygedra dat die Universiteit van Pretoria in sy poging om die werklikheid te begryp die teologiese interpretasie nie ontbeer het nie.

Die Fakulteit was bevoorreg dat twee van sy emeriti-professore op 'n besondere wyse deur die Universiteit vereer is toe aan hulle eredoktorsgrade toegeken is. Prof. A. van Selms het op 23 April 1982 en prof. B.J. Engelbrecht op 3 April 1992 eregrade ontvang. Na aanleiding van 'n ruim finansiële skenking van wyle mev. Van Selms is daar in 1992 'n leeskamer by die Fakulteit ingerig wat na wyle prof. Van Selms vernoem is.

As gevolg van die afskaling van voltydse personeel wat deur die rasionalisasieproses bewerk is, het die Fakulteit ruim van spesialistehulp op deeltydse basis gebruik gemaak om sy werk effektief te verrig. Die kwalifikasieprofiel van beide voltydse en deeltydse personeel het besonder goed gelyk. Die elf permanent-voltydse dosente het almal oor 'n D-graad beskik, terwyl tien van die dertien deeltydse dosente 'n D-graad en drie 'n M-graad besit het. Prof. B.J. Engelbrecht het aan die einde van 1988 geëmeriteer. Hy is op 1 Januarie 1989 deur prof. J.P. Oberholzer as dekaan en in 1989 deur prof. J.H. Koekemoer as hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek opgevolg.

Die dekaanstyd van prof. Oberholzer was vir die Fakulteit een van vernuwing op onderrig- en navorsingsterrein. Aan die begin van 1992 het beide hy en prof. A.D. Pont geëmeriteer en is hulle as permanentdeeltydse dosente vir die 1992 akademiese jaar aangestel. Prof. Koekemoer is sedert 1 Februarie 1992 benoem as dekaan van die Fakulteit, terwyl prof. A.P.B.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Breytenbach die hoof van die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap geword het. Prof. S.J. Botha het op 1 Januarie 1993 oorgeneem as hoof van die Departement Kerkgeskiedenis. Dit dien ook vermeld te word dat prof. G.M.M. Pelser van 1982 tot 1989 hoof van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap was en in 1989 deur prof. A.G. van Aarde opgevolg is. Die hoofskap van Bybelkunde was sedert 1991 in die hande van prof. J.J. Engelbrecht.

Die personeel het in die onderhawige tydperk oor 'n wye terrein - akademies, kerklik en binne die breë gemeenskap - 'n leidende rol gespeel. Deur die bywoning van kongresse, studiereise, voordragte, optredes op die elektroniese media, publikasies en so meer, is werk van hoogstaande gehalte gelewer in diens van kerk, teologie, gemeenskap en universiteit. Die plek en rol van die teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria word steeds met waardigheid verdedig en uitgebou.

J.H. Koekemoer
Dekaan

Departement Bybelkunde

Die ontstaan van die vak Bybelkunde en later die Departement Bybelkunde gaan terug na meer as veertig jaar gelede. In 1952 is 'n poging aangewend om 'n graadkursus in Bybelse geskiedenis in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ingestel te kry. Daarin is nie geslaag nie, waarskynlik omdat daar teenkanting gekom het van albei afdelings van die Fakulteit Teologie. Danksy die instelling van Bybelkunde as 'n keusevak in die skole van onder andere die Transvaalse Onderwysdepartement, het daar tog 'n groeiende behoefte ontstaan aan universiteitsopleiding vir onderwysers om kinders op skool in die vak te onderrig. Gevolglik is Bybelkunde



Prof. J.J. Engelbrecht, Hoof: Departement Bybelkunde, sedert 1991.

in 1958 aan die Universiteit van Pretoria as vak ingestel, veral met die oog op die opleiding van onderwysers.

'n Ooreenkoms is tussen die Universiteit en die Ned.Herv. Kerk en die Ned.Geref. Kerk aangegaan waarvolgens die onderskeie Teologiese Fakulteite die dosente sou voorsien, terwyl die vak in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangebied word. Met die uitbreiding van studentegetalle is addisionele personeel in die Fakulteit Teologie aangestel met opdrag Bybelkunde.

Mettertyd het dit duidelik geword dat die vak beter tot sy reg kan kom indien dit in 'n selfstandige departement gehuisves sou word. Gevolglik het die Departement Bybelkunde op 1 Januarie 1987 tot stand

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gekom. Dit is 'n unieke departement, aangesien dit aan twee fakulteite verbonde is, naamlik primêr by Teologie en sekondêr by Lettere en Wysbegeerte. Al die dosente word by Teologie aangestel en die meeste studente is by Lettere en Wysbegeerte geregistreer. Leerplanne moet by sowel die Fakulteit Teologie as by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte goedgekeur word. Die departementshoofskap roteer driejaarliks tussen dosente van die twee afdelings van die Teologiese Fakulteit (die Ned.Herv. Kerk van Afrika en die Ned.Geref. Kerk van Suid-Afrika) en val saam met die rotasie van die dekane by Teologie.

Hoewel aspirant predikante van die betrokke twee kerke in hulle voorgraadse studiejare in 'n mindere of meerdere mate as studente by Bybelkunde betrokke is (sommige selfs op nagraadse vlak tot met doktoraal), is die vak nie primêr gerig op die vorming van aspirant predikante van 'n bepaalde kerk nie. Dit is gerig op 'n veel wyer teikengehoor soos onderwysers en aspirant onderwysers, studente uit ander vakrigtings en ander belangstellendes wat om akademiese of geloofsredes geïnteresseerd is om die Bybel op wetenskaplike wyse te bestudeer.

Twee belangrike navorsingsprojekte is deur die Departement onderneem. Getrou aan die doel van die Departement, naamlik om die Bybel vir die leek toeganklik te maak, was twee personeellede, te wete proff. P.M. Venter en W. Vosloo (wat ook redakteur was) betrokke by die skryf van 'n wetenskaplik-gefundeerde kommentaar op die Bybel in leketaal. Landwyd het daar 'n behoefte by departemente van Bybelkunde ontstaan om die normerende funksie van die Bybel met betrekking tot eietydse etiese vraagstukke by die leerplanne van die vak in te sluit. Die Departement het gevolglik besluit om dit as navorsingsprojek te aanvaar.

Samewerking met buite-instansies het nie uitgebly nie. In 1981 het personeellede van die latere Departement die inisiatief geneem in die totstandkoming van 'n vereniging vir Bybelkundedosente. Sedert die stigting daarvan in 1982 het die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging baie vinnig uitgebrei en speel dit vandag 'n belangrike rol as mondstuk van dosente in die Bybelkunde in Suider-Afrika. Lede van die Vereniging verteenwoordig feitlik al die universiteite en kolleges in die land en sluit mense van verskillende denominasies, tale en bevolkingsgroepe in. Gedurende die dekade 1983-1992 het die Departement Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria 'n leidende rol in die Vereniging gespeel. Tydens die stigting is prof. Vosloo as voorsitter verkies en daarna telkens herkies, terwyl prof. Venter twee termyne in die bestuur gedien het.

Die Departement het 'n besonder noue verbintenis met die Departemente Ou en Nuwe Testament in die twee afdelings van die Teologiese Fakulteit gehad deurdat die dosente bepaalde lesings in die Fakulteit Teologie waargeneem en nagraadse studente in die teologie begelei het. Die aard van die vak het ook 'n noue skakeling met die Departemente Semitiese Tale en Grieks in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, asook met sommige departemente in die Fakulteit Opvoedkunde, vereis.

Wat die gerigtheid van Bybelkunde betref, was die beleid om nie die dogmatiese beskouings van die betrokke kerke voorop te stel nie, al was die vak vanweë sy verbintenis met die Fakulteit Teologie normatief aangebied. Studente van ander kerke en geloofsoortuigings is geakkommodeer sonder enige noemenswaardige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

probleme. Die dosente is lojale lidmate en ampsdraers van hul onderskeie kerke, maar eksaminering het 'n kennistoets en nie 'n geloofstoets nie gebly!

Die vak het 'n sterk teoretiese komponent behels, maar in die afdeling Skrifuitleg is daar besondere aandag gegee aan die uitbou van vaardighede. Verder is die studente afgerig om die Bybel op 'n verantwoordbare wyse te gebruik in diens van hulle eie geloofslewe, hantering van eietydse lewensproblematiek en die uitbouing van 'n gesonde lewenstyl.

Waar die vak oorspronklik in die lewe geroep is met die oog op aspirant onderwysers, het daar geleidelik 'n verandering in gerigtheid gekom. Die Departement het hom al meer toegespits op diegene wat die vak vir eie persoonlike ontwikkeling wil bestudeer, afgesien van die beroep wat die student uiteindelik gaan beoefen. Gevolglik is daar al meer aandag aan sistematisering en etiese problematiek gegee. Die veranderende skoolsituasie het vereis dat daar ook al meer aandag aan ander godsdienste gegee moes word. In hierdie verband was daar teen 1992 onderhandelings met die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap van die Teologiese Fakulteit aan die gang.

Die Departement het ook sy Afrikamissie ten uitvoer gebring. Afgesien van die al groter wordende getalle studente uit ander bevolkingsgroepe in die voor- en nagraadse klasse, was die personeellede op verskeie maniere besig met die uitvoering van dié missie. Die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging was 'n besonder geskikte kanaal waarlangs navorsing en kundigheid oorgedra is. Verder was personeellede op grond van hulle kerklike verbintenisse ook by sodanige projekte betrokke. Prof. Venter was etlike jare verantwoordelik vir die opleiding van swart predikante en prof. Vosloo het indiensopleiding deur middel van die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding onderneem.

Wat onderrig en onderrigmetodes betref, is alle voorgraadse en honneursklasse - in ooreenstemming met die beleid van die Universiteit - aan die hand van studiehandleidings aangebied. Daardeur is gepoog om studentgerig te wees en studente tot selfwerksaamheid en kritiese denke te lei. Die Departement beplan om die honneurskursus wyer te bemark deur middel van afstandsonderrig.

Alle departementslede was in die onderhawige tydperk by gemeenskapsdiens betrokke - veral by kerklike werksaamhede soos prediking en kerklike kommissies. Verder is belangrike bydraes op konferensies en simposia en deur middel van publikasies gelewer. Almal het aan die voortgesette teologiese opleiding van predikante deelgeneem. Prof. Vosloo was die deeltydse direkteur van die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding van die Ned.Geref. Kerk en was ook een van die personeellede wat die weeklikse radioprogram "Wat sê die Bybel?" behartig het. Almal het aan godsdienstige uitsendings van Radio Suid-Afrika deelgeneem.


Wat die personeelsamestelling betref, is prof. P.A. Kotze van die Ned.Geref. Afdeling van die Fakulteit Teologie in Januarie 1987 aangestel as die eerste departementshoof van die selfstandige Departement Bybelkunde. Ná sy vervroegde aftrede het prof. Vosloo hom met ingang 1 Februarie 1989 opgevolg vir die oorblywende tydperk voordat die rotasie moes plaasvind. Hy is op 1 Januarie 1991 deur prof. J.J. Engelbrecht van die Afdeling van die Ned.Herv. Kerk vir die volgende termyn van drie jaar opgevolg. In die begin was proff. Kotze en Engelbrecht vir die Nuwe-Testamentiese deel verantwoordelik, en proff. Vosloo en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Venter vir die Ou-Testamentiese deel. Weens baie bykomende verpligtinge wat die Fakulteit Teologie op prof. Vosloo se skouers geplaas het, is daar jare lank by Bybelkunde gebruik gemaak van tydelik-deeltydse dosente om dele van prof. Vosloo se werk te doen. Prof. Kotze se doseerpos is deur prof. S.J. Joubert gevul, terwyl mnr. Dirk Human tydelik-voltyds prof. Vosloo se voorgraadse klasse in Ou Testament waargeneem het.

'n Geleidelike daling in studentegetalle het in die tydperk tussen 1987 en 1992 plaasgevind. Die Departement het in 1987 begin met 579 voorgraadse en sewentien nagraadse studente. Die getal voorgraadse studente het geleidelik afgeneem tot 406 inskrywings in die tweede semester van 1992. Hierdie daling was aan twee faktore te wyte: al minder aspirant predikante wat die kursus volg; en die onsekerheid rondom die aard van Bybelkunde op skool in die toekoms. Die nagraadse getal studente het egter op ongeveer sewentien per jaar gestabiliseer. Die Departement beoog om hierdie groep verder uit te bou deur middel van afstandsonderrig.

J.J. Engelbrecht
Departementshoof



Prof. J.H. Koekemoer, Hoof: Departement Dogmatiek en Christelike Etiek, (Afdeling A), sedert 1989; Dekaan, sedert 1992.

Departement Dogmatiek en Christelike Etiek

Die beoefening van Dogmatiek en Christelike Etiek aan die Teologiese Fakulteit Afdeling A val duidelik in twee fases uiteen. Die eerste fase het aan die begin van 1952 met die benoeming van prof. B.J. Engelbrecht ten einde geloop. Prof. Engelbrecht het as eerste voltydse departementshoof die vak uitgebou tot 'n sieraad in die Fakulteit. Sewe-en-dertig jaar lank tot 31 Desember 1988, het hy die gang van die Departement bepaal en 'n direkte invloed gehad op die beoefening van Dogmatiek en Christelike Etiek binne sowel die Fakulteit as elders buite die Universiteit. Hy het 'n eie stempel op die vak afgedruk wat moeilik na waarde geskat kan word.

Prof. Engelbrecht het hom sterk aangetrokke gevoel tot die teologie van Karl Barth. Hy het elemente van die teologie dwarsdeur sy loopbaan in sy eie teologiese mondering opgeneem. Aan die ander kant was hy erg aangetrokke tot Calvyn se denke. Derhalwe het hy sedert 1982 sterk kritiek gelewer op die "Social Gospel" en die "Nuwe Teologie". Hy het die hoop uitgespreek dat hy die dag sal beleef dat die Bybel weer "volgens sy natuurlike sin", soos Calvyn dit genoem het, "in sy volle omvang verstaan en tot spreke gebring sal word en dat die transendente dimensies van die evangelie weer tot volle reg sal kom". Die aanbieding van die vak het dan ook hierdie gees geadem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1987 is G.C. Velthuysen as medeprofessor in die Departement aangestel. Aangesien hy slegs agtien maande dosent was, was sy invloed in die gang van die Departement beperk. In 1989 het prof. J.H. Koekemoer departementshoof geword en is die vak doelbewus in die rigting van die dialektiese teologie gestuur. Nuwe verstaanshorisonne vir die verstaan van die belydenisskrifte word gevolglik geopen en hierdie teologiese paradigma dus vir die huidige konteks vrugbaar gemaak.

Navorsing het gedurende die tydperk 1983-1992 op 'n verskeidenheid terreine gefokus. Die volgende kan in dié opsig as belangrik aangedui word: die teologie as aktuele wetenskap, ekklesiologiese vernuwing, Dogmatiek binne konfessionele verband, 'n teologiese verstaan van die werklikheid, en die geskiedenis van en teologiebeoefening in die Departement sedert 1917.

Gemeenskapsdiens en samewerking met buite-instansies was hoog op die voorkeurlys. Die Departement was baie nou betrokke by die Ned.Herv. Kerk van Afrika. 'n Hele aantal studierapporte is vir die kerk gereed gemaak en predikante van die kerk is twee keer per jaar by die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting op hoogte gebring met die nuutste ontwikkelinge op dié vakterrein. Prof. Koekemoer was tussen 1989 en 1992 lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Ned.Herv. Kerk. Hy was sedert 1988 ook gemoeid met die weeklikse aanbieding van die program "Wat sê die Bybel?" wat oor die Afrikaanse diens van Radio Suid-Afrika uitgesaai is. Verder was hy ook betrokke by 'n hele aantal televisieprogramme oor verskeie aktuele sake. Hy het gereeld by eredienste van gemeentes en by verskillende kerklike byeenkomste opgetree.

Skakeling met ander fakulteite en departemente het nie agterweë gebly nie. Dosente van die Departement het gereeld as eksterne eksaminatore vir ander teologiese fakulteite in die land opgetree. Gedurende 1992 het prof. A.I.C. Heron van die Universiteit van Erlangen as gasdosent in die Departement opgetree. 'n Jaarlikse gesprek met Nuwe Testamentici en Dogmatici in Suid-Afrika asook 'n jaarlikse gesprek met die Departement Filosofie aan die Universiteit van Pretoria was 'n hoë prioriteit in die Departement. Daar is op 'n gereelde basis kongresvoordragte gehou en wetenskaplike artikels gepubliseer. Sedert 1983 het prof. Koekemoer verskeie besoeke aan die buiteland gebring en so buitelandse kontak versterk.

Wat betref die gerigtheid van die vak, is daar gepoog om - ten spyte van die geweldige aandrang tot aktualiteit - die balans so te handhaaf dat die tyd nie die ewigheid verslind nie. Die vak het diensbaar aan die Woord probeer wees, ook in die konflik tussen Woord en tydsvraag. Die aktuele vrae word omgebuig na Christus toe en nie andersom nie. Op hierdie wyse is gepoog om aktualiteit en ewigheid in 'n dialektiese spel te laat saamgaan. Juis in die spel is die vraag na die plek van die vak aan die universiteit ook gestel en beantwoord.

Die Departement het sy Afrikamissie uitgeleef. Noue samewerking tussen die Departement en die Teologiese opleiding te Klipdrift kan geboekstaaf word. Gesprekke met swart predikante van die HKSA het veral gefokus op die eie dogmatiese idioom binne Afrikakonteks. Verder was prof. Koekemoer betrokke by die Sentrum vir Teologie en Diens waar predikante vir die onafhanklike kerke teologies geskool word.

Baie aandag is aan onderrig en onderrigmetodes geskenk. Op 'n fakulteitsberaad gehou in 1988, is gekyk na die hele struktuur van teologiese opleiding. Hierdie beraad is in 1990 opgevolg deur 'n tweede beraad. Die uitvloeisel van albei dié

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


berade was dat oorgeskakel is na 'n stelsel van bloklesings. Kontakure is verminder met groter ruimte vir selfwerksaamheid, seminare en besprekingsklasse. By 'n opvolgberaad in 1992 is besluit om die kursus te moduleer omdat geoordeel is dat modulering en ekstensie-onderrig kan bydra tot wyer dienslewering om so die kundigheid van die Departement wyer beskikbaar te stel.

Die Departement is beman deur een departementshoof, prof. J.H. Koekemoer, en twee deeltydse dosente, drr. J. Buitendag en I.W.C. van Wyk. In die dekade (1983-1992) het voorgraadse studente bykans verdubbel. Teen die einde van die tydperk was die tendens egter 'n afname in studentegetalle, ook vanweë die feit dat 'n keuringsproses vir voornemende studente ingestel is. Die nagraadse komponent is egter verhoog om te vergoed vir die verwagte afname in voorgraadse studente. Gedurende die onderhawige tydperk het drie doktorale studente hulle studies afgehandel, terwyl drie DD-proefskrifte in 'n proses van afhandeling was. Een MDiv-graad is toegeken en agt studente was met M-studie besig.

J.H. Koekemoer
Departementshoof

Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap

Soos die naam aandui, word twee vakke in hierdie Departement onderrig, te wete Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap. Dit is vakke wat nie wesenlik met mekaar saamhang nie, maar wat om praktiese redes in een departement saamgevoeg is. Dié samevoeging geld maar eers sedert 1952 en die Departement is eers van 1953 as die Departement Godsdiens- en Sen-



Prof. P.J. van der Merwe, Hoof: Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap, (Afdeling A), sedert 1979.

dingwetenskap bekend. Van 1917 tot op daardie datum het dit bloot as Godsdienswetenskap bekend gestaan.

Die onderrig en handhawing van minimum kundigheidsvlakke ten opsigte van hierdie twee vakgebiede stel hoë eise aan die Departement aangesien dit nog nooit oor meer as een permanent-voltydse hoogleraar beskik het nie. Sedert 1978 word hy bygestaan deur 'n aantal tydelik-deeltydse dosente.

Sinds die middel tagtigerjare het die Universiteit van Pretoria met 'n beleid van desentralisasie en later ook met rasionalisasie begin. Ofskoon die beleid vrugbaar was sover dit bestuursaangeleenthede betref, het dit ook beteken dat die departementshoof geleidelik met al meer admini-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stratiewe pligte wat vroeër deur die Universiteitsadministrasie gehanteer is, belas is. Terselfdertyd is 'n nuwe klem op onderrigvernuwing en -effektiwiteit geplaas, terwyl navorsing en gemeenskapsdiens as ewe belangrike fokuspunte beklemtoon is.

Die effek hiervan op eenman-departemente is voor die hand liggend en die volle betekenis daarvan sal waarskynlik eers geleidelik duidelik word. Nogtans is dit interessant dat hierdie fakulteit per capita sedert daardie tyd van die hoogste publikasiekoerse aan die Universiteit gehandhaaf het. Eenman-departemente in hierdie Fakulteit het in sommige jare meer publikasies die lig laat sien as sommige departemente in ander fakulteite met 'n uitgebreide personeelbesetting.

Daar was sedert 1983 belangrike ontwikkelinge op albei vakgebiede. Hier moet onderskei word tussen ontwikkelinge op die vakgebiede as sodanig en dié binne die Departement.

Die vak Godsdienswetenskap het sedert die sestigerjare 'n diepgaande metodologiese herstrukturering beleef. In die Departement het dit die gevolg gehad dat opnuut nagedink is oor die aard van die vak, veral binne die teologiese ensiklopedie. Dit het weerklank gevind in die nuwe departementshoof, prof. P.J. van der Merwe, se intreerede in 1979.

Die nuwe rigting waarmee só begin is, het eers in 1983 op dreef gekom. Daarvolgens is doelbewus gestreef na die herstrukturering van die vak Godsdienswetenskap ten einde dit ensiklopedies met Teologie te integreer. Vir die eerste keer is erns gemaak met die nalatenskap van die *duplex ordo*. Dit het beteken dat Godsdienswetenskap nie langer as gewone letterevak in Teologie aangebied kon word nie, maar dat dit 'n teologiese vak moes word. Onderafdelings soos *Theologia Religionum* en *Theologia Religionis* is in bestaande kursusse ingevoer en het 'n bepaalde prominensie geniet. Die vakbeoefening sou spesifiek afgestem word op 'n teologiese besinning oor, en na aanleiding van die verskynsel godsdiens, asook bepaalde historiese godsdienste.

Wat Sendingwetenskap betref, het daar nie sulke dramatiese ontwikkelinge plaasgevind nie. In die Fakulteit Teologie (Afdeling A) is van 1980 af oorweging geskenk aan die invoer van 'n nuwe subvak Evangelistiek. In 1981 is dit met medewerking van die Departement Praktiese Teologie (Afdeling A) die eerste keer aangebied. Sedert 1984 is die subvak geheel en al deur Praktiese Teologie oorgeneem, maar in 1989 is dit deur hierdie Departement teruggeneem en self aangebied as deel van Sendingwetenskap.

In die Fakulteit Teologie (Afdeling A) is van die begin van die tagtigerjare af met 'n herkurrikuleringsprojek begin - een van die eerste fakulteite aan die Universiteit van Pretoria om dit op 'n wetenskaplike en deurtastende wyse te doen.

In 1985 het die Fakulteit Teologie (Afdeling A) besluit om 'n nuwe kursus genaamd Magister Divinitatis (MDiv) in te stel. Dit sou die doktorale eksamen en skripsie vervang wat tot in daardie stadium tussen BD en DD gefunksioneer het. Die Jaarboek van 1988 was die eerste om die regulasies wat op die nuwe graad betrekking gehad het, te weerspieël. In dieselfde jaar het daar ook vir die eerste keer 'n fakultêre *Handleiding vir Nagraadse Studie* verskyn. Daarin is die leerplanne van Afdeling A se MDiv- en DD-kursusse in besonderhede uiteengesit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Gebrek aan behoorlike vordering op navorsingsgebied moet as een van die swakpunte van die Departement aangeteken word, en moet weer met die mannekrag-posisie in die Departement in verband gebring word. Nogtans is enkele beskeie navorsingsprojekte suksesvol geloods en afgehandel.

Navorsingsprojekte wat afgehandel is, het ingesluit: "Die geskiedenis van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap 1917-1992." Hierdie projek is in 1988 begin en is in 1992 voltooi. Verskeie artikels het daaruit voortgevloei, waarvan die meeste verskyn het in die *Hervormde Teologiese Studies*, jaargang 48, nommer 1&2 (1992), die vyf-en-sewentigjarige feesnommer van hierdie Fakulteit.

Twee projekte wat teen 1992 nog aan die gang was, is "Die fenomeen godsdiens en die teologiese draagwydte daarvan", en "Die sending van die Nederduitsch Hervormde Kerk". Laasgenooemde projek het voortgevloei uit 'n besluit van die Algemene Kerkvergadering van die NHK van 1986.

Skakeling met ander universiteite en ander vakgebiede het in die betrokke tydperk gereeld plaasgevind. Prof. Van der Merwe het as eksterne eksaminator vir Unisa en die Universiteit van die Noorde opgetree. Hartlike verhoudinge is met die Departement Godsdienswetenskap van Unisa gehandhaaf en konsultasie het gereeld oor en weer plaasgevind. Binne die Fakulteit Teologie (Afdeling A) van die Universiteit van Pretoria is op 'n gereelde en gestruktureerde wyse met ander vakgebiede geskakel. Ook met die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap (Afdeling B) aan die Universiteit is goeie verhoudinge gehandhaaf en op 'n beperkte skaal doseer- en eksamineerkragte uitgeruil. Daar is 'n Vakkomitee tussen die twee Departemente gestig wat hom beywer het vir groter rasionalisasie en samewerking tussen die twee fakulteitsafdelings van die Fakulteit Teologie. Dieselfde komitee het ook biblioteekbestellings en navorsingsbeplanning tussen die twee Departemente en die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) gekoördineer.

Vrugbare samewerking het ook met buite-instansies plaasgevind. Daar was goeie kontak met die Association for the Study of Religion (Southern Africa) en die Suider-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap (in albei gevalle via die departementshoof wat lid van die genootskappe was). Noue relasies is gehandhaaf met die Hervormde Teologiese Vereniging wat die amptelike vereniging is wat vir *Hervormde Teologiese Studies* verantwoordelik is. Oor die jare heen het voltydse en deeltydse dosente van hierdie Departement etlike voordragte voor die jaarkongres van die Vereniging gelewer. Voorts het prof. H.G. van der Westhuizen 'n goeie verhouding met die Kwasiza-Bantu-Sending van eerwaarde Erlo Stege gehandhaaf en het hy ook al by hulle jaarlikse kongresse opgetree. Hartlike samewerking is gehandhaaf met die ISWEN gesetel in die Fakulteit Teologie (Afdeling B). Prof. Van der Merwe was ook jarelank lid van die Advieskomitee van ISWEN. Gesamentlike ontsluitings- en indekseringswerk is onderneem.

'n Aantal buite-universitêre projekte is in die onderhawige tydperk onderneem. Vanweë die kerklike verbintenis van hierdie Fakulteit en Departement is verskeie studiestukke en adviese aan regeerliggame van die NHK gelewer. Prof. Van der Merwe was sedert 1986 voorsitter van die Raad vir Godsdienste van die NHK waar ook etlike ad hoc-studies gedoen en afgehandel is. 'n Belangwekkende studie het byvoorbeeld gehandel oor die vraag na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

watter God die Aanhef van die Grondwet van 1984 verwys.

Twee tydelik-deeltydse dosente in die Departement het in die onderhawige tydperk belangrike posisies in die NHK beklee. Dr. D.J.C. van Wyk is in 1989 tot voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die NHK verkies en prof. H.G. van der Westhuizen in 1992 tot lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Godsdienswetenskap was as vak hoofsaaklik teoreties gerig. Dit was toegespits nie net op direkte toepassing nie, maar ook wel om teologiese kandidate te oriënteer ten opsigte van die Teologie in die algemeen en Sendingwetenskap in die besonder. Sendingwetenskap was sowel teoreties as prakties gerig.

Die Departement se sendinggerigtheid stem hom uiteraard ten gunste van die Afrikamissie van die Universiteit. In die persone van proff. H.G. van der Westhuizen en E. Engelbrecht was die Departement betrokke by die Hervormde Teologiese Opleiding (HTO), 'n sendingseminarie van die NHK waar predikante vir die Hervormde Kerk in Suidelike-Afrika opgelei word. Prof. Van der Westhuizen is trouens aangewys as hoof van die HTO met ingang van 1993. Prof. Van der Merwe het as sekretaris van die skakelkomitee gedien wat nouer bande tussen die Fakulteit en die HTO ondersoek, asook weë moet help bedink waarvolgens die Fakulteit betrokke kan raak by oorbruggingsonderrig tussen sekondêre onderwys en die universiteit.

In die onderhawige tydperk was die Departement saam met die Fakulteit besig om weë en middele te ondersoek waarvolgens teologiese opleiding wyer as net die NHK beskikbaar gestel kan word. Die dag word voorsien dat onderrig verskaf sal word aan mense van uiteenlopende kerklike agtergronde en tradisies.

Wat onderrig en onderrigmetodes betref, is daar reeds na die kurrikuleringsprojek van die Fakulteit verwys. Dié projek het aan die begin van die tagtigerjare op dreef gekom, mede as gevolg van die inisiatief van prof. Van der Merwe. Hy het dan ook as voorsitter van die Kurrikulum-komitee tot in 1989 gedien toe die stoel in ooreenstemming met riglyne van die Afdeling Onderrigontwikkeling aan die Dekaan oorhandig is. Die kurrikuleringsprojek het vroeg reeds daadwerklike resultate begin toon. Een daarvan was die instelling van die MDiv-graad waarna reeds verwys is. Aan die einde van die tagtigerjare het die herkurrikuleringsprogram egter op dreef gekom en is leerplanne ingrypend gewysig. Aangesien kurrikulering 'n voortgaande proses is, duur hierdie projek voort.

Sedert 1989 is begin met 'n skerp vermindering van onderrigkontakure. Daar is egter gevind dat dit die las op die dosent nie noemenswaardig verminder nie, aangesien die fokusverskuiwing van dosentgesentreerde onderrig na studentgerigte onderrig onderrigbeplanning strategies baie belangrik maak. Die groter klem op studiehandleidings, seminare, studiestukke en so meer verg veel van dosente.

Sedert 1991 is ook begin met die aanbieding van blokkursusse. In plaas van sewe jaarkursusse wat parallel met mekaar vir die duur van die akademiese jaar aangebied word, is die akademiese jaar in sewe kursusblokke verdeel. Onmiddellik kon groter aanspraak op die studente gemaak word en was dit ook die algemene indruk dat studente meer getrouer werk. Die nadeel van die stelsel is egter dat 'n dosent nie kan bekostig om gedurende sy blok siek te word nie. 'n Verdere nadeel is dat algemeen teologiese oorsigtelikheid ingeboet is.

Die Fakulteit Teologie (Afdeling A) is per definisie in diens van 'n bepaalde gemeenskap, te wete die Nederduitsch Hervormde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kerk van Afrika. Sy dosente is almal predikante van die Kerk en verskeie is ook as pastorale hulpe in gemeentes betrokke. Almal preek gereeld. Hulle dien ook in sinodale kommissies en rade van die NHK waar hulle spesiale kundighede goed te pas kom. Hierdie beginsel het in die onderhawige tydperk vir al die dosente van hierdie Departement gegeld.

Departementslede het gereeld oor die radio en op die TV opgetree. Hulle opinies is dus in die media weerspieël en, soos reeds genoem, het hulle op gestruktureerde wyse die regeerliggame van die NHK van advies bedien.

In die onderhawige tydperk is konferensies gereeld bygewoon, veral dié van vakkundige werkgemeenskappe, dikwels om voordragte te lewer. Prof. Van der Merwe was as sekretaris betrokke by die reël van die Feessimposium van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) wat in Junie 1992 plaasgevind het. Hierdie simposium het deel uitgemaak van die vyf-en-sewentig-jarige jubileum van die Fakulteit en het gehandel oor kerklik-teologiese opleiding aan die Universiteit.

Sedert 1983 het 'n bestendige stroom publikasies uit die pen van departementslede gevloei. 'n Oorsig van prof. Van der Merwe se publikasies het verskyn in die *Hervormde Teologiese Studies* jaargang 48, nommer 1&2, pp. 419-423. Die hoof is ampshalwe lid van die redaksie van *Hervormde Teologiese Studies*, tydskrif van die Fakulteit. Die bestaan van die tydskrif word as 'n groot bate beskou en alles is in werking gestel om die standaard daarvan op 'n hoë wetenskaplike peil te hou.

Die Departement het in die betrokke tydperk uit een permanent-voltydse dosent - prof. P.J. van der Merwe - bestaan wat sedert 1979 die departementshoof was, plus 'n aantal tydelik-deeltydse dosente en een navorsingsassistent. Laasgenoemde was ds. P.C. Swanepoel, terwyl die tydelike dosente dr. D.J.C. van Wyk (1983-1992), dr. C.J. Viljoen (1983-1988), prof. H.G. van der Westhuizen, prof. E. Engelbrecht en dr. J.D. Gericke (almal 1983-1992) was.

Vanweë die predikante-oorskot wat sedert 1988 gedreig het en sedert 1990 akuut begin raak het, het die NHK besluit om met 'n program van studentekeuring te begin wat enersyds daarop gemik was om die getal kandidate te verminder en ook die gehalte van die kandidate te beheer. Prof. Van der Merwe was sedert die begin van hierdie projek daarmee gemoeid. Die direkte gevolg van die keuring was 'n dramatiese daling in studentegetalle in die propedeutiese fase. Hierdie daling behoort gedurende 1993-1994 na die BD-fase deur te werk. Gedurende 1990-1991 het die Departement die hoogste totale studentetal ooit - te wete meer as sewentig. Van 1992 af was dit heelwat minder en sal dit bestendig daal, mits omstandighede dieselfde bly. Die groei wat ander departemente in die MDiv-kursus ondervind, het nog ietwat aan hierdie Departement verbygegaan. Groter belangstelling in Sendingwetenskap sal bepaald aangewakker moet word. Die Departement was tevrede met die getal doktorale studente sedert 1983 in die lig van sy beskikbare mannekrag.

P.J. van der Merwe
Departementshoof

Departement Kerkgeskiedenis

Die Departement Kerkgeskiedenis Afdeling A kan met trots op die tydperk 1983-1992 terugkyk.

In 1988 is die nuwe MDiv-graad in die Fakulteit ingestel wat in die plek gekom het van die ou doktorale eksamen wat in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die DD-studie die doktorale proefskrif voorafgegaan het. Die instelling van hierdie M-graad het die studie van die Kerkgeskiedenis ook bevoordeel omdat daar nou 'n graaderkenning was vir al die werk wat vroeër vir die doktorale eksamen gedoen is. Die doktorale eksamen het geen aparte erkenning gekry nie en het eintlik net waarde gehad indien 'n proefskrif ook ingedien is. Vandat die MDiv ingestel is, het een student dit al behaal, terwyl 'n tweede sy studies in 1992 voltooi het en nog drie studente met die studie besig is.

Aangesien Algemene Kerkgeskiedenis die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot vandag omvat, en Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis die periode 1652 tot vandag dek, was daar nie juis sprake van uitbreiding nie. Wat wel in die Departement gebeur het, was dat verskillende fasette van die geskiedenis van die kerk behandel is en ook aangepak is met verdere navorsing deur MDiv- en DD-studente.

Op navorsingsgebied was die oorkoepelende projek van die Departement die wordingsgeskiedenis van die NHK. Afgesien van die navorsing wat departementeel op hierdie vlak onderneem is, is daar in hierdie projek drie proefskrifte deur doktorale studente gelewer wat grotendeels op nuwe navorsing van argief- en ander historiese materiaal gebou is. Daarmee is veral aandag gegee aan die periode 1835-1930. Dit het 'n aanmerklike uitbreiding van kennis meegebring.

As onderdeel van die wordingsgeskiedenis van die NHK is ook uitvoerige navorsing onderneem oor die organisatoriese struktuur van die Kerk en sy orde. Dit het tot gevolg gehad dat minstens een proefskrif en twee handboeke oor die kerklike reg gepubliseer is. Hiermee is daar baanbrekerswerk in die RSA gedoen. Afgesien van die monografieë is 'n deel van die navorsingsresultate ook by wyse van artikels in vaktydskrifte bekend gemaak.

Die Departement het hom ook toegelê op die reformatoriese kerkgeskiedenis en die werk en invloed van Martin Luther. In 1984 is daar twee monografieë oor Luther gepubliseer. Op die vlak van Calvynnavorsing is kontak behou met die Internasionale kongres vir Calvynnavorsing waar bydraes in 1990 by Grand Rapids in die VSA gelewer is. Slegs honderd van die toonaangewendste Calvynnavorsers in die wêreld is hierheen genooi. Die internasionale kongresse van 1982 en 1986 is ook deur lede van die Departement bygewoon. Terselfdertyd het die Departement leiding gegee aan die SA Kongres vir Calvynnavorsing wat in 1984, 1988 en 1992 kongresse in die RSA gehou het, telkens met waardevolle bydraes deur hierdie Departement se personeel. Langs hierdie weg is ook goeie betrekkinge opgebou met internasionale geleerdes op hierdie vlak. Geleerdes uit Duitsland, Nederland en die VSA het gevolglik as gasdosente in die Departement opgetree. Só is internasionale skakeling uitgebou en in stand gehou en is lede van die Departement, veral prof. A.D. Pont en dr. J.J. Steenkamp al gevra om by te dra tot internasionale publikasies.

Aandag is ook deurlopend gewy aan die aard, inhoud en gerigtheid van die sogenaamde "ekumeniese teologie" en afgesien van drie proefskrifte wat in hierdie Departement voorgelê is, is ook aan kerklike en ander liggame memoranda voorgelê en ander navorsingsresultate beskikbaar gestel. Die Kerkhistoriese Genootskap van die NHKA is voorts in stand gehou en jaarliks 'n kongres georganiseer. Die kongresresultate wat meestal in die *Hervormde Teologiese studies* gepubliseer word, het vandat die Genootskap in 1958 gestig is, geweldig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

baie gedoen om die saak van die geskiedenis van die Kerk lewend te hou in die Kerk. Deur navorsing en die voordra van die navorsingsresultate is die aansien van die Departement uitgebou. Dit is interessant dat hierdie Departement Kerkgeskiedenis die enigste sodanige departement is wat sy oudstudente probeer betrek in 'n kerkhistoriese genootskap. Die Genootskap het ook al aan die Fakulteit 'n penning geskenk waarmee die beste BD-skripsie elke derde jaar bekroon word, terwyl daar ook 'n kontantprys beskikbaar gestel is, die A.D. Pont-prys vir Kerkgeskiedenis, wat jaarliks toegeken is aan die student wat die beste prestasie in die BD-eksamens vir Kerkgeskiedenis behaal het.

Skakeling is reëlmatig onderhou met die Departement Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en PU vir CHO. Prof. Pont het in dié tyd ook as gasdosent by die Teologiese Fakulteit te US opgetree.

In die volbrenging van sy Afrikamissie het die Departement veral daaraan aandag gegee om kundigheid en navorsingsresultate beskikbaar te stel aan die Hervormde Teologiese Opleiding waar sendelinge en predikante vir die Hervormde Kerk in SA se Sotho- en Zulusprekendes opgelei word.

Onderrig in die Departement is hoofsaaklik gegee deur middel van voorlesings en seminare. Al die lesings op BD-vlak is reeds gekurrikuleer en daar bestaan uitvoerige studiehandleidings wat daarop gerig is om selfwerksaamheid en navorsing te stimuleer.

Diens aan die gemeenskap het sy regmatige plek in die werksaamhede van die Departement ingeneem. Binne die raamwerk van die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting is daar in die onderhawige tydperk jaarliks in Junie en in November 'n opfrissingskursus in Kerkreg aangebied vir predikante van die NHKA. Deurlopend is memoranda, veral op die vlak van die kerklike orde, aan kerklike vergaderings voorgelê. Prof. Pont was vir die tydperk lid van die NHKA se Raad vir Regsadvies en die Kommissie vir die herskryf van die Kerkwet. Die Departement het elke jaar deelgeneem aan simposia en konferensies van historiese, kerkregtelike en kerklike aard. Veral is baie Ringsouderlingvergaderings voorgelig en toegespreek. Verder is op populêr-wetenskaplike vlak artikels op die gebied van die geskiedenis, kerkreg en kerklike aard in *Die Hervormer*, *Die Almanak* en *Konteks* gepubliseer.

In 1986 is prof. Pont deur die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding van die NHKA vereer met die toekenning van die H.C.M. Fourie-Erepenning vir bevordering van die Bybels-reformatoriese teologie in die RSA.

Van 1957 tot 1992 was prof. A.D. Pont professor en hoof van hierdie eenmandepartement. Van kerklike kant is doseer- en navorsingshulp moontlik gemaak deur die aanstelling van predikante as deeltydse dosente, te wete drr. J.M.G. Storm, J.P. Labuschagne, J.J. Steenkamp, S.P. Pretorius, met ds. E. Olivier as navorsingsassistent.


Die feit dat die Departement 'n eenmandepartement was en tog nog daarin geslaag het om reëlmatig van die meeste navorsingsuitsette per jaar in die Fakulteit te produseer, het daartoe bygedra dat verhoudingsgewys 'n bevredigende getal nagraadse studente in die Departement hulle studie met 'n DD-graad afgerond het. Dit terwyl in ag geneem moet word dat feitlik alle DD-studente diensdoende predikante was wat deeltyds gestudeer het en navorsing moes doen. Tog het die buitelandse eksaminatore baie gunstig geoordeel oor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die kwaliteit van die proefskrifte wat hier ingelewer is. In die periode 1983-1992 is ses DD-proefskrifte by die Departement ingedien, terwyl nog twee teen 1992 in voorbereiding was. Een MDiv-graad is behaal, terwyl heelwat MDiv-studente Kerkgeskiedenis as 'n byvak gevolg het. Wat nagraadse studente betref, was daar 'n effense toename in getalle. Voorgraads was daar jaarliks sowat sewe eerstejaar-BA-studente, nege tweedejaars en agtien derdejaars.

Hoewel die departement Kerkgeskiedenis 'n klein departement is, is alles in die betrokke tydperk gedoen om gehaltegewys die voortbestaan van die Departement te verseker. Daarom is daar naas die onderrig en opleiding, baie aandag gegee aan navorsing, publikasie en gemeenskapsdiens. Laasgenoemde dan veral in die NHKA en ook op vakverwante terreine in die samelewing.

A.D. Pont
Departementshoof



G.M.M. Pelser, Hoof: Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap, (Afdeling A), 1972 - 1989.

Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap

Vanuit 'n vroeëre tydperk waar die klem sterk geval het op 'n sinchroniese benadering tot die bestudering van tekste met die besondere aandag op linguisties-strukturele aspekte van taalgebruik in tekste, is daar in die tydperk 1983-1992 na 'n meer holistiese benadering beweeg waarbinne gepoog is om beide die diachroniese (historiese) en sinchroniese (teksimmanente) dimensies van tekste goed te verantwoord. Dit was 'n voortvloeisel van die besondere belangstelling in die Departement in metodologiese aangeleenthede. Een van die besondere uitvloeisels hiervan was dat die benadering wat bekend geword het as die sosiaal-wetenskaplike lees van tekste meer op die voorgrond getree het. Dit het gelei tot 'n doelbewuste gebruikmaking van gegewens uit ander vakgebiede buite die teologie soos (steeds die linguistiek en literêre wetenskap) die antropologie, sielkunde en veral sosiologie.

Publikasies in 1992-1994 deur prof. A.G. van Aarde voortspruitend uit navorsingsprojekte in die Departement was onder meer die volgende: *God-with-us: The dominant perspective in Matthew's story, and other essays*, en *Nuwe-Testamentiese kultuurgeskiedenis: Die eerste-eeuse Mediterreense sosiale konteks*.

Samewerking met buite-instansies in Suid-Afrika het oor 'n wye terrein geskied. Dit was veral met die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prakties-Teologiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Literatuurwetenskap, die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap, en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Patristiese en Bisantynse Studies.

Prof. Van Aarde het ook referate by verskeie konferensies gelewer. In Suid-Afrika was dit by die C.B. Powell-Bybelsentrum (Unisa), die RGN en die Universiteit van Natal. In die buiteland was die referate voor die Society of Biblical Literature in agtereenvolgens Sheffield, Engeland (1988), Wenen, Oostenryk (1990) en San Francisco, VSA (1992), en by die Colloquium Biblicum Lovaniense, Leuven, België (1988), die Context Group, Portland, VSA (1991 en 1992), en die Institute for Ecumenical and Cultural Research, Collegeville, VSA (1992).

Prof. Van Aarde het op uitnodiging gedurende die Noord-Amerikaanse akademiese jaar 1992-1993 opgetree as "Resident Scholar" aan die St. John's University, Collegeville, VSA, en gedurende dié tydperk navorsing gedoen aan die Institute for Ecumenical and Cultural Research. Hy is in 1993 deur die Universiteit van Pretoria as uitnemende presteerder bekroon.

Lidmaatskap van internasionale vakverenigings het behels die internasionale seminaargroep van die Studiorum Novi Testamenti Societas oor 'The role of the reader in the interpretation of the New Testament' (1986-1988 - proff. Van Aarde en Pelser), die Society of Biblical Literature (VSA): lid van die Matthew Group (prof. Van Aarde), Westar Institute: Fellow van die Historical Jesus Research Task Group (prof. Van Aarde). Prof. Van Aarde was sedert 1992 volle lid van die internasionale vereniging Studiorum Novi Testamenti Societas, en van die internasionale vereniging The Context Group - A project on the Bible in its cultural environment.

Interdissiplinêre skakeling in die onderhawige tydperk was vrugbaar. Op die Departement se inisiatief het 'n projek in 1989 op die UP-kampus 'n aanvang geneem wat ten doel gehad het om die verhouding tussen die Bybelwetenskap en die Sistematiese Teologie te bevorder. Toonaangewende teoloë van die Universiteit van Port Elizabeth, die Universiteit van Wes-Kaapland, die Universiteit van Suid-Afrika, die Universiteit van Stellenbosch en die twee afdelings van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria het as navorsingsgenote deelgeneem. Die Departement het in 1989 ook die inisiatief geneem met die eerste simposium tussen die lede van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) en die Departement Wysbegeerte (UP) met die oog op die bevordering van die verhouding tussen teologie en filosofie. Op die Departement se inisiatief is 'n gesamentlike projek tussen UP, UPE en PU vir CHO afgehandel waarby prof. J.H. Elliot van die Universiteit van San Francisco as RGN-navorsingsgenoot ingeskakel het. Die projek het oor die sosiologie van die Nuwe Testament gehandel en dit het geskied deur die resultate van MDiv-seminare tussen die drie Suid-Afrikaanse universiteite uit te ruil.

Die Departement het sy Afrikamissie vervul deur deelname aan 'A Conference on Religion in the Coming South Africa' aan die Universiteit van Natal in 1991. Sedert 1986 het prof. Van Aarde jaarlikse gaslesings oor die grammatika van Nuwe-Testamendese Grieks by die Hervormde Teologiese Opleiding te Klipdrif, Hammanskraal aangebied vir swart predikante.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vroeër is daar byna uitsluitlik van lesings as onderrigmedium gebruik gemaak. Vandaar het dit in die onderhawige tydperk ontwikkel tot die benutting van seminaarsessies naas die lesings. In die nuwe stelsel van bloklesings is studente veel meer as vroeër op selfstudie aangewese. Seminaarsessies dien dan as geleentheid vir verdere bespreking. Die doel van die gewysigde onderrigmetodiek was dat studente groter vaardighede ontwikkel met die verwerwing van kennisinhoude en die toepassing op die onderskeie terreine in die vertroue dat dit voortgesette navorsingsvaardighede sal meebring.

Prof. G.M.M. Pelser was tot Mei 1989 departementshoof, waarna hy deur prof. A.G. van Aarde wat tussen 1984 en 1988 medeprofessor was, opgevolg is. Tydelikdeeltydse hulpdosente was di. P.A. Geyser, E. van Eck en drr. P. van Staden en P.B. Boshoff.

Voorgraads het studentegetalle in hierdie dekade bykans verdubbel. Teen 1992 was die tendens egter dat studentegetalle begin afneem. Nagraads is in hierdie tydperk twee doktorale studies afgehandel en was vyf DD-proefskrifte teen 1992 byna afgehandel. Vier MDiv-grade is in die tydperk toegeken, terwyl vyf kandidate teen 1992 nog besig was. Op nagraadse vlak was daar dus 'n groot toename.

A.G. van Aarde
Departementshoof

Departement Ou-Testamentiese Wetenskap

Daar het sedert 1983 op internasionale gebied verskillende ontwikkelings plaasgevind wat 'n invloed gehad het op die beoefening van die vak Ou-Testamentiese Wetenskap in die Fakulteit Teologie (Afdeling A) gedurende die tydperk 1983-1992. In die eerste plek het 'n stroom literatuur gewy aan die verstaansproses verskyn en sodoende Hermeneutiek as subdissipline na vore gedwing. Daarmee saam het nuwe weë oopgegaan vir Eksegese en Eksegetiese Metodeleer. Tweedens het die voortgaande ontsluiting en publikasie van die Qumran-materiaal nuwe insigte gebring op die terrein van teksgeskiedenis en tekskritiek. 'n Beter beeld kon gevolglik gevorm word van die kanonbeskouing van die Jodedom aan die begin van die Christelike jaartelling. Derdens het die ontwikkeling op die terrein van Eksegese, Hermeneutiek en Kanonkritiek op sy beurt weer die moontlikhede, probleme en haalbaarheid van 'n teologie van die Ou Testament prominent na vore laat kom. Pogings om die teologiese boodskap van die Ou Testament onder een noemer tuis te bring, word allerweë as gedwonge en daarom as onaanvaarbaar beskou. Dieselfde geld vir pogings om die teologie van die Ou Testament in te dwing in 'n sogenaamde Bybelse teologie waar die eenheid van Ou en Nuwe Testament beklemtoon word. Daar is tans onder internasionale akademici 'n baie groter bewustheid van die diversiteit binne die Ou Testament.

Die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap (Afdeling A) het nie net van hierdie ontwikkeling kennis geneem nie, maar dit ook positief benut in die onderrigprogram, veral op die vlak van seminaaronderrig.

Die verskyning van 'n Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling in 1983 was 'n besondere hoogtepunt, aangesien lede van die Departement vir meer as 'n dekade aktief daaraan meegewerk het. Prof. J.P. Oberholzer was lid en later ondervoorsitter van die Kommissie en die eindredaksie van die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Hy het byna een derde van die konsepvertalings

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die Ou Testament voorberei, terwyl prof. A.P.B. Breytenbach twee boeke in konsepvertaling gedoen het. Die publikasie van die Verklarende Bybel in 1989 was eweneens 'n belangrike mylpaal, aangesien vier van die boeke van die Ou Testament deur lede van die Departement van kommentaar voorsien is. Prof. Oberholzer was voorsitter van die eindredaksie vir die hersiening van die 1983-vertaling en ook voorsitter van die redaksie wat met die beplande Verwysingsbybel gemoeid was. Hy het onder andere die volgende toekennings ontvang: die H.C.M. Fourie-erepenning vir die bevordering van die Bybels-Reformatoriese Teologie (1983), die oorkonde vir Bybelvertaling van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (1984), en die Orde vir Voortreflike Diens, Klas I, Goud (1988).

Op internasionale vlak was die Departement betrokke by die argeologiese opgrawings in Israel in die Bybelse stede Lagis en Jisreël. Dit is gedoen in samewerking met en onder die toesig van die Institute of Archaeology van die Universiteit van Tel Aviv.

Die verbondenheid van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Nederduitsch Hervormde Kerk het meegebring dat die opleiding 'n sterk teoretiese inslag het, maar tog ook gerig is op die praktiese werk van die predikant. In samehang hiermee het die Departement as deel van 'n omvattende aksie in die Fakulteit Teologie (Afdeling A) 'n volledige herkurrikulering voltooi. Studiehandleidings is saamgestel en die rooster is so georganiseer dat lesings blokgewys aangebied en afgehandel word. Die rigtinggewende faktore by hierdie totale reorganisasie was die missies van die Universiteit en die Fakulteit, die profiel van die student wat sy studies voltooi en die groter klem op leergesentreerde onderrig. Die instelling van 'n MDiv-graad in 1988 het deel van hierdie reorganisasie gevorm.

Ten opsigte van die Universiteit se Afrikamissie verdien die volgende sake vermelding: prof. Oberholzer het in 1990 'n besoek aan Zaïre gebring met die oog op 'n ondersoek na die stand van teologiese opleiding aldaar. Hierdie besoek het saamgehang met die vestiging van die Sentrum vir Teologie en Diens by Hammanskraal waar die Didache-Instituut basiese teologiese opleiding verskaf aan voornemende leraars en evangeliste van "onafhanklike kerke". Die Sentrum vir Diens en Teologie was volledig die produk van prof. Oberholzer se inisiatief. Prof. Venter het tot in 1988 en prof. Breytenbach sedert 1989 as gasdosent by die Hervormde Teologiese Opleiding te Klipdrift opgetree waar leraars van die Hervormde Kerk in Suidelike-Afrika opgelei word. Die lede van die Departement het op 'n deurlopende grondslag advies gegee en voorligting verskaf aan die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, die Kerklike Instituut vir die Toerusting van Ampsdraers en Lidmate en kerklike rade en kommissies. Dit is gedoen op navraag, deur voordragte op simposia, kongresse en vergaderings en deur die publikasie van populêr-wetenskaplike artikels in *Die Hervormer*, *Konteks* en *Die Almanak*, en die publikasies van wetenskaplike artikels in die *Hervormde Teologiese Studies*.

Prof. J.P. Oberholzer was vir die grootste gedeelte van die onderhawige tydperk departementshoof. Op 31 Januarie 1992 het hy geëmeriteer en op 1 Februarie as tydelik-voltydse dosent diens aanvaar. Hy is as departementshoof deur prof. A.P.B. Breytenbach opgevolg, en prof. P.M. Venter is as tweede dosent in die Departement aangestel. Prof. W.C. van Wyk en drr. A.A. da Silva en L.C. Bezuidenhout het as hulpdosente opgetree.

Die getal voorgraadse studente het in die onderhawige tydperk redelik konstant gebly. Daar was 'n sterk toename in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


getal nagraadse studente: op MDiv-vlak het die getal studente wat Ou Testament as byvak neem, skerp gestyg. Vyf doktorsgrade is in die Departement voltooi onder die leiding van prof. Oberholzer.

A.P.B. Breytenbach
Departementshoof

Departement Praktiese Teologie

Na die afsterwe van prof. J.I. de Wet, hoof van die Departement Praktiese Teologie (Afdeling A), op 27 April 1985, is prof. T.F.J. Dreyer deur die Nederduitsch Hervormde Kerk as sy opvolger benoem en deur die Universiteit as hoof van die Departement aangestel.

Die aanstelling van 'n nuwe departementshoof het gelei tot bepaalde aksentverskuiwings in die aanbieding van die vak. Gedurende die De Wet-era is veral gekonsentreer op die vestiging van die vak as teologiese dissipline, met die gevolg dat veral die teologiese begronding en teoretiese onderbou die aanbieding van die vak oorheers het. Sedert 1983 is gepoog om nie slegs te konsentreer op die teoretiese begronding van die vak nie, maar om in die prakties-teologiese teorievorming ook die praxis te verdiskonteer. Resultate van aanverwante dissiplines is, in soverre dit relevant en vir die Praktiese Teologie diensbaar was, in die aanbieding van die vak verwerk. 'n Aanvanklike module in Psigo-pastoraat is in die kurrikulum opgeneem en het gegroei tot 'n vaste komponent in beide voor- en nagraadse kursusse. Gemeentebou en die jeugpastoraat is as nuwe komponente tot die kursus bygevoeg. Op grond van 'n profiel van die predikant wat as basis vir herkurrikulering gedien het, is verskeie terreine van die pastoraat geïdentifiseer wat ook as sillabustemas in die onderrigprogram opgeneem is.



Prof. T.F.J. Dreyer, Hoof: Departement Praktiese Teologie (Afdeling A), sedert 1985.

Navorsing het gedurende die tydperk 1983-1992 op verskillende terreine gefokus. Op doktorale vlak is verskeie projekte soos: 'Wondergenesings' (Labuschagne, 1990), 'Die kerk en die onderwys'(Van Deventer, 1987), 'Siekepastoraat in hospitaalkonteks'(Van Biljon, 1984), reeds voltooi. Talle navorsingsprojekte soos gemeenteanalise, die vrou as pastorale berader, pastorale modelle, krisispastoraat, die kind in die erediens, prediking en leerteorieë, was teen 1992 in verskillende stadia van voltooiing. 'n Gesamentlike navorsingsprojek van die Departement oor bedieningstrukture is voltooi. Dit het as basis gedien vir 'n rapport aan die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk wat in beginsel aanvaar is. Verskeie aspekte van die prediking is ondersoek en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die resultate is in vaktydskrifte in artikelvorm gepubliseer.

Wat samewerking met buite-instansies en gemeenskapsdiens betref, was dit veral die kerklike gemeenskap van die Ned.Herv. Kerk waarby die Departement ten nouste betrokke was. Talle studierapporte is op versoek aan rade en kommissies van die kerk voorgelê. Dosente het as lede van kerklike rade gedien. Prof. M.J.du P. Beukes was grootliks verantwoordelik vir die verskyning van 'n nuwe reeks kategesehandleidings vir kategete en katkisante. Lesings en voordragte is gereeld voor kerklike vergaderings, kongresse en simposia gehou. Die Departement het twee maal per jaar in die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding kursusmodules in prediking en erediens vir predikante aangebied. Prof. Dreyer het sedert 1986 as lid van die Kommisssie van die Algemene Kerkvergadering (en van 1992 af as visevoorsitter) gedien.

Daar was in die onderhawige tydperk gereeld interdissiplinêre skakeling. Dosente van die Departement het op gereelde basis as eksterne eksaminatore vir eksamens en die beoordeling van proefskrifte en skripsies opgetree. Dosente van ander universiteite is ook vir eksterne eksaminering binne die Departement genooi. Al die dosente van die Departement was lede van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika en het gereeld die jaarlikse kongres bygewoon. Verskeie lede verbonde aan die Departement het op uitnodiging voordragte by die kongresse gelewer. Prof. Dreyer het ook as lid van die redaksie van die vaktydskrif van die Werkgemeenskap diens gedoen.

Beroepsgerigte opleiding het sedert 1983 ook skerper na vore getree. Naas formele klaspreke is preekoefeninge vir studente ook uitgebrei om gemeentepreke onder toesig van die plaaslike predikant in te sluit. Geleentheid vir praktiese werk in gemeentes met evaluering en terugvoering na die Departement is ook t.o.v. verskeie ander fasette van die werk van die predikant ingestel. Hierdie uitgebreide beroeps- en praktykgerigtheid was ook deels verantwoordelik vir die instelling van die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting in 1987, waarvan een been in 1988 op praktiese opleiding gerig is. Die teoretiese onderbou wat in die akademiese onderrigprogram aangebied is, het nou uitgekristalliseer in praktiese werk in die Sentrum.

In die onderhawige tydperk het die Afrikagerigtheid van die Departement gelei tot sy betrokkenheid by die swart dogterkerk, die Hervormde Kerk in Suidelike-Afrika. Op uitnodiging is by verskeie geleenthede lesings aangebied en hulp verleen met toerustingsgeleenthede vir predikante.

Tydens 'n fakulteitsberaad is na deeglike oorweging besluit om die onderrigprogram te herskeduleer. Blokkursusse is sedert 1991 ingestel. Die totale aantal lesings wat voorheen oor die akademiese jaar versprei was, is nou in kursusblokke van ses weke elk vir elke departement saamgegroepeer. Dit het die voordeel ingehou dat die student vir dié ses weke net met een vak besig was. Dit het intensiewe onderrig en studie moontlik gemaak. Alle vakinhoude is aan die hand van studiehandleidings met leerdoelwitte en bronne, plus aanvullende kernaantekeninge aangebied. Kontaksessies is benut vir seminare, groepbesprekings en kritiese kennisinsette.

Die Departement is sedert 1983 beman deur een voltydse en twee deeltydse dosente. Teen 1992 het die dosentekorps soos volg daaruit gesien: prof. T.F.J. Dreyer (hoof), prof. M.J.du P. Beukes (tydelik-deeltyds) en dr. J.A. van Biljon (tydelik-deeltyds).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat studentegetalle betref, was die voedingsbron en afsetgebied vir die Departement 'n vaste gegewe, naamlik die Ned. Herv. Kerk. In die periode 1983-1992 het daar ongeveer 'n 15% styging t.o.v. voorgraadse studente voorgekom. As gevolg van die ooraanbod van predikante het die Kuratorium van die Ned. Herv. Kerk in 1985 met 'n strenger keuringsprogram begin om sodoende die getal studente te probeer beperk. Die effek van die keuringsprogram en die ooraanbod van predikante sal waarskynlik in die nabye toekoms tot 'n daling in studentegetalle lei. Met die oog daarop is gepoog om die nagraadse komponent te versterk. Die getal nagraadse studente, in verhouding tot voorgraadse studente, het van 1983 af tot 1992 met 47% gestyg sodat die nagraadse komponent teen die einde van die tydperk 38% van die totale aantal studente uitgemaak het.

T.F.J. Dreyer
Departementshoof

Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting (SVTT)

In die sewentigerjare van hierdie eeu het 'n indringende gesprek in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op dreef gekom oor die vraag of die teologiese opleiding daarin slaag om teologiese studente só op te lei dat hulle die eise van die moderne ampspraktyk met vertroue tegemoet kan gaan. Die aktualiteit en dringendheid van hierdie vraag het direk daartoe gelei dat die Dosentevergadering van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Universiteit van Pretoria in 1981 'n komitee vir kurrikulumondersoek en hersiening aangewys het wat die parameters vir 'n kurrikulum vir teologiese opleiding moes oorweeg.

Die Kurrikulumkomitee het hom gedurende die tagtigerjare indringend met hierdie opdrag besig gehou. Naas die riglyne wat neergelê is met die oog op 'n kurrikulumontwerp, is die doel en oogmerke uiteengesit wat behoort te geld by die Fakulteit se teologiese opleiding en vorming van predikante. Hiermee is daar direk by die Kerkwet (Bepaling 78) aangeknoop omdat dit vir die komitee primêr gegaan het oor predikantopleiding met die oog op die bediening in die kerk.

Die Dosentevergadering het in 1983 'n verslag van die Kurrikulumkomitee aanvaar wat later op 'n Fakulteitsberaad bygewerk en goedgekeur is. Uit hierdie verslag het 'n aantal belangrike uitgangspunte na vore gekom. Eerstens, dat die teologiese student by voltooiing van sy akademiese opleiding (BD) iemand behoort te wees wat wetenskaplik gevorm is, in staat is om krities-analities waar te neem, te interpreteer, sinteties te dink, kontak met die wetenskap te behou en voortdurend daarheen terug te keer om self daartoe in staat te wees om sy denke terug te anker in die wetenskaplike basis. Tweedens moet die klem in sy opleiding op die konsepmatige val, maar dit moet tog ook ruimte laat vir die aanleer van sekere vaardighede. Hy behoort met sy wetenskaplike benaderingstyl daartoe in staat te wees om hom prakties te rig na gelang van 'n veranderende situasie. Voorts moet die kurrikulum die vorming van gesindheid in aanmerking neem, veral waar dit gaan om die kandidaat se geloof en geloofshouding. Laastens moet die opleiding daarop afgestem wees om iemand te lewer wat na voltooiing van sy studie algemeen gevorm is en wat 'n konstruktiewe en leidinggewende rol in die gemeenskap kan speel.

In die kurrikulumontwerp is die behoeftebepaling nie net deskriptief gedoen nie, maar ook normatief. Dit het dus nie net

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gegaan om wat die kerkvolk van die predikant verwag nie, maar ook wat teologies van die predikant verwag kan word. Dit het gegaan om 'n bepaalde balans wat in die proses van kurrikulumontwerp bereik moes word. Uit 'n verslag van die Kurrikulumkomitee het dit geblyk dat die opleiding nooit so volledig kan wees dat dit elke gestelde behoefte kan bevredig nie. 'n Haalbare en gebalanseerde opleidingsprogram moes ontwerp word. Op hierdie punt was dit reeds duidelik dat 'n groot deel van die doelstellings en inhoude nie binne die beperkte bestek van die opleidingsperiode aan die orde sou kon kom nie. Die moontlikheid is hier gestel dat sulke doelstellings en inhoude in latere toevoegingskursusse bygebring kon word.

Die noodsaak van die voortgesette toerusting vir predikante word baie sterk onderskryf deur die praktyk van die ampsbediening. Dit is so dat die praktyk die student of professionele persoon eers regtig moet leer om die regte en relevante vrae te vra. Eers vanuit die praktyk begin 'n afgestudeerde sy formele opleiding objektief beoordeel. Die beste opleidingsresultate word eers bereik waar 'n gesonde wisselwerking bestaan tussen akademiese vorming en praktykbeoefening. Só kan predikante wat na 'n tydperk terugkeer vir verdere studies hulle behoeftes veel beter identifiseer en relevante vrae aan hulle teoretiese opleiding stel. Dit is daarom 'n proses wat groot waarde kan hê vir die evaluering van die Teologiese Wetenskap vanuit die praktyk self.

Die Universiteit van Pretoria het die administratiewe struktuur geskep om voortgesette opleiding op 'n gesonde grondslag te plaas. Die besluit om die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting (SVTT) aan die Fakulteit Teologie (Afdeling A) te vestig, kon daarom sonder haakplekke geïmplementeer word. Die eerste vergadering van die Adviesraad van die SVTT het op 30 Maart 1987 by die Universiteit van Pretoria plaasgevind onder die voorsitterskap van die destydse dekaan, prof. B.J. Engelbrecht. Tydens hierdie vergadering is die Adviesraad van die SVTT gekonstitueer en is 'n reglement van orde vir die SVTT goedgekeur.

Prof. J.H. Koekemoer is as eerste direkteur van die SVTT aangestel, 'n pos wat hy van 1 Januarie 1987 tot in 1989 beklee het. Daarna is hy aangestel as hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek (Afdeling A). Prof. Koekemoer het volgens 'n reëling van die kerk aangebly as senior direkteur van KITAL terwyl hy direkteur van die SVTT was. Op hierdie wyse het die kerk 'n verbinding tussen KITAL en die SVTT (Fakulteit Teologie) bewerkstellig deur middel van die senior direkteur van KITAL wat tegelyk ook die pos van direkteur by die SVTT beklee het. Hierdie reëling het groot voordele ingehou vir die effektiewe bedryf en administrasie van die SVTT. Op dié wyse het die kerk die kennis en infrastruktuur wat deur KITAL opgebou is in verband met toerustingkundigheid en navorsingmoontlikheid sinvol in verband gebring met die werk van die voortgesette opleiding van predikante aan die Fakulteit. Die probleem van die finansiering van so 'n sentrum is terselfdertyd met die reëling aangespreek. Prof. Koekemoer het met sy ervaring as senior direkteur van KITAL 'n goeie grondslag vir die SVTT gelê deur die akademiese begronding en die praktyk van die bediening in 'n gesonde balans te vestig.

Prof. L.J.S. Steenkamp is op 1 Mei 1989 aangestel as senior direkteur van KITAL en in dieselfde jaar, op 10 Oktober 1989, aangestel as direkteur van Voortgesette Teologiese Toerusting (VTTT) by die SVTT.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gedurende 1988 het die SVTT reeds verskeie kursusse in fakulteitsverband vir sowel predikante as lidmate aangebied. Die geformuleerde doelwitte van die kursusse is in hoofsaak gemik op die heropleiding van leraars, asook gemeenskapsdiens in die algemeen.

In 1989 het die Algemene Kerkvergadering besluit dat die VTT-kursusse vir alle predikante na toetreding tot die amp verpligtend gemaak word vir 'n tydperk wat aan die hand van behoeftes en praktiese omstandighede vasgestel sal word. Met die oog op die verpligte voortgesette teologiese toerusting het elke departement van die Fakulteit, saam met KITAL, gedurende 1989 gekurrikuleer ten einde voortgesette programme te ontwerp. Die vyf VTT-kursusse wat daaruit voortgevloei het, is sedert 1990 jaarliks in Junie en November aangebied. Die beplanning was dat al die predikante van die kerk oor 'n periode van vyf jaar al vyf die kursusse sou volg. Daarna sou daar opnuut vir 'n volgende siklus gekurrikuleer word.

Naas hierdie deurlopende algemene kursus gemik op voortgesette opleiding, het die SVTT ook kursusse aangebied wat veral gerig was op die behoeftes van die kerk se predikante, soos siekepastoraat, beplanning en aftrede. As deel van KITAL het dit met die opstel en aanbieding van kursusse groot kerklike gemeenskapsdiens gelewer. In hierdie verband het 'n hele reeks kursusse reeds die lig gesien.

Deur die loop van jare het die praktiese opleiding van predikante agterweë gebly. Eers van 1963 af is Praktiese Teologie as 'n selfstandige teologiese wetenskap aan die Fakulteit beoefen. Hierdie wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van die kerk se verkondiging, het aan die Teologiese Fakulteit nie ten volle tot beroepsgerigte opleiding gekom nie. Enersyds was daar seker steeds die vrees dat Praktiese Teologie sou verword tot opleiding in 'n paar nuttige tegnieke. Andersyds was dit steeds die algemene neiging onder Praktiese Teologiebeoefenaars om die praktiese opleiding slegs te sien as 'n teoretiese aangeleentheid. Vanaf 1977 is die Praktiese Teologie hoe langer hoe meer as 'n teologiese handelingswetenskap gesien. Hierdie teologiese wetenskap beskryf in die besonder God se handelinge soos dit tot uitdrukking kom in die aktiwiteite van die kerk se 'kerygma, didache en paraklese'. Dié handelingswetenskap wat baie sterk gerig is op die funksionering binne bepaalde sisteme, het in wese teologiese wetenskapsbeoefening gebly maar het hom baie sterk begin rig op die sisteme waarbinne hy funksioneer en die praktykbeoefening wat nodig is om met sy bepaalde aktiwiteit handelend binne die bepaalde sisteme te funksioneer. In die tagtigerjare het 'leer-uit-ervaring' 'n populêre metode aan universiteite geword. Dit het daartoe gelei dat Praktiese Teologie met spesifiek praktykoefening daarby die meeste belangstelling in teologiese fakulteite gaande gemaak het. Op baie plekke het Praktiese Teologie sy teologiese onderbou verloor en het dit grootliks vorm gekry deur die metodes en die inhoude van die psigo-sosiale wetenskappe. Die Fakulteit het vanweë prof. J.I. de Wet se teologiese uitgangspunte grootliks hiervan gespaar gebly.

Aan die ander kant het die werklike praktykgerigte opleiding ook uitgebly. Die enigste praktykbeoefening was die hou van een klaspreek in die BD-jare. Die Fakulteit het opnuut die predikant en sy werk onder die loep geplaas. Tesame met die kerk se visie bekom uit sy studie *Kerk en Wêreld 2000* het die Fakulteit en die kerk besef dat 'n predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie net oor die nodige kennis en gesindheid moet beskik nie, maar ook oor die nodige vaardigheid. Hierdie visie het aanleiding

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gegee tot die geboorte van 'n nuwe baken in 1989 in die Fakulteit - SVTT-praktiese opleiding.

Gemeet teen die ander afdelings van die Fakulteit het SVTT-praktiese opleiding 'n agterstand van bykans 75 jaar gehad. SVTT-praktiese opleiding worstel sedert 1989 om nie vas te steek in ou, goed gefundeerde strukture, maar wat nogtans kant nog wal raak nie. Daar is geworstel met die vrees dat die handelswyse oorskat kon word en die vaste gefundeerde inhoude prysgegee word. Dit moes enersyds die opleiding vrywaar van 'n algehele opgaan in die psigo-sosiale wetenskappe en andersyds nie so wêreldvreemd wees dat niemand die boodskap hoor nie.

Met die oog op die implementering van hierdie metode is prof. M.J.du P. Beukes in 1989 by die SVTT aangestel. Sy funksie sou primêr wees om die studente te begelei met die oog op praktykbeoefening met hulle teoretiese agtergrond as vertrekpunt. Hierdie afdeling van die SVTT sou bekend staan as SVTT-praktiese opleiding.

SVTT-praktiese opleiding vorm die studente veral met die oog op prediking, kategese, pastoraat en kerkbestuur. Gedurende die BD-jare woon die studente elke jaar vier weke lank die SVTT-praktiese opleidingskursusse by. Gedurende hulle BD-jare werk die studente ook in gemeentes waar die teoretiese kennis wat daar opgedoen is in die praktyk toegepas word.

Aangesien beide SVTT-praktiese opleiding en SVTT-voortgesette opleiding met die praktiese werk van die predikant te doen het, is hulle binne een struktuur gehou met die dekaan as hoof en 'n beheerraad wat die aktiwiteite koördineer en evalueer.

Behalwe deur die twee genoemde direkteure is lesings by die SVTT deur tydelik-deeltydse dosente aangebied.

J.H. Koekemoer
Dekaan

AFDELING B: NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Hierdie fakulteit, wat in 1938 gestig is en in 1988 sy 50-jarige bestaan gevier het, het gegroei tot die grootste fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die Fakulteit bestaan uit ses akademiese departemente, naamlik Dogmatiek en Christelike Etiek, Godsdiens- en Sendingwetenskap, Kerkgeskiedenis en Kerkreg, Nuwe Testament, Ou Testament en Praktiese Teologie. 'n Sewende departement, Bybelkunde is ook deel van die Fakulteit en roteer wat departementshoofskap betref, tussen die twee afdelings (A en B) van die Fakulteit.

Hoewel daar vanweë die oorskot predikante en die algemene ekonomiese toestand in die land 'n spontane afname in studentegetalle in die laaste paar jaar was, het die totale studentegetalle in die tydperk 1983-1992 gewissel (nagraadse studente ingesluit) tussen 350 en 400. Aangesien die leraarsamp in 1990 vir vroue oopgestel is, was daar 'n toenemende aantal vroue wat hulle vir teologiese studies ingeskryf het. 'n Interessante ontwikkeling wat nagraadse studente betref, was die belangstelling uit Afrika en Suid-Korea.

Hoewel relatief min, het die teologiese studente in die onderhawige tydperk 'n belangrike rol op die kampus en in die studentelewe gespeel. Soos tevore was 'n teologiese student dikwels voorsitter van die Verteenwoordigende Studenteraad.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. W.S. Prinsloo, Dekaan: Teologie B, sedert 1989; Hoof: Departement Ou Testament, sedert 1987.

Ook op sport- en kulturele gebied, die verenigingslewe en in die *Perdeby*-redaksie het teologiese studente 'n prominente rol gespeel.

Die eerste studente wat die geïntegreerde teologiese kursus ten volle deurloop het, het aan die einde van 1988 afgestudeer. Hierdie kursus het 'n verkorting van die studietydperk van sewe tot ses jaar tot gevolg gehad, die BA-graad is vervang deur 'n BA(Teologie)-graad en teologiese studente het nou nie eers in hulle vierde studiejaar met die teologie en die teologiese dosente kennis gemaak nie, maar reeds van hulle eerste jaar. Dit het 'n geweldig positiewe uitwerking op die teologiese en akademiese vorming van die studente gehad. Die Fakulteit was verder ook deurgaans met herkurrikulering besig ten einde aan die eise van die tyd te voldoen. Daar is voortdurend aan die inhoude van kursusse aandag gegee en selfs aan die verbreding van die gradestruktuur gewerk.

Een van die trotse tradisies en kenmerke van die Fakulteit was die hoë premie wat op akademiese standaarde geplaas word. Die Fakulteit was gelukkig dat al sy personeellede hoogs gekwalifiseerd is. Die Fakulteit het 'n trotse navorsings- en publikasierekord en het in die onderhawige tydperk wat navorsingsuitsette betref uitstekend met die ander fakulteite aan die Universiteit vergelyk. Die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) het 'n belangrike rol in dié verband gespeel. Die Fakulteit het gebou aan 'n selfstandige Suid-Afrikaanse teologie. Dit is in die onderhawige tydperk veral bewerkstellig deur die publikasie van teologiese handboeke. Verskeie dosente het dan ook erkenning en toekennings gekry vir hul uitstekende boeke.

Internasionale skakeling was in die tydperk ook belangrik en dit is bewerkstellig deur die lewering van referate by buitelandse vakkongresse, artikels in internasionale tydskrifte en die uitnodiging van buitelandse gasdosente.

Die Fakulteit het ook in die tydperk rede gehad om baie trots te wees op sy oudstudente. Nie alleen het hulle 'n belangrike persentasie van die predikantekorps van die Ned. Geref. Kerk uitgemaak nie, maar het hulle ook leidende posisies in die kerk en in die akademiese wêreld beklee. Talle van die oudstudente van die Fakulteit het professorate aan veral teologiese fakulteite hier in Suid-Afrika en selfs in die buiteland beklee. Van die dosente van die Fakulteit het ook die afgelope aantal jare sterk leiding in die kerk geneem. Voorbeelde hiervan was prof. J.A. Heyns wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

moderator was van die Algemene Sinode en die Sinode van Noord-Transvaal en prof. P.B. van der Watt wat as moderator van Noord-Transvaal opgetree het.

Vanselfsprekend bestaan daar 'n noue band tussen die Fakulteit en die Ned. Geref. Kerk. Kragtens ooreenkoms betaal die kerk 'n deel van die salarisse van die dosente. Die kieskollege van die kerk lê ná 'n beroepsvergadering die naam van 'n dosent aan die Universiteit voor vir aanstelling. Die kerk se belange word deur 'n kuratorium behartig wat verantwoordelik is vir alle sake rakende studente en dosente. Die dosente is ook almal predikante van die kerk en verrig ook diens in terme van prediking en pastorale hulp in gemeentes.

Huidige en voormalige lede van die Fakulteit het 'n leeueaandeel gehad aan die Afrikaanse Bybelvertaling van 1983. Hier word veral gedink aan professore E.P. Groenewald, A.H. van Zyl, F.J. Botha, A.B. du Toit en W.S. Prinsloo.

Naas doseerwerk en navorsingswerk was gemeenskapsdiens in die onderhawige tydperk een van die belangrikste take van die Fakulteit. Dié werksaamheid is veral deur die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO) behartig en gekoördineer. Die Fakulteit beskou diens aan die kerklike en ook breër Suid-Afrikaanse gemeenskap as baie belangrik en daarom is daar ook na die gemeenskap uitgereik veral om samewerkingsooreenkomste te sluit en om die teologie as wetenskap diensbaar te maak vir die gemeenskap.

Die Fakulteit se leuse is *Soli Deo Gloria* (Aan God alleen die eer) en hy het in die lig daarvan uitnemendheid op alle terreine nagestreef. Die dekaanskap roteer gewoonlik driejaarliks en die volgende persone het in die onderhawige dekade in dié pos gedien: proff. J.A. Heyns (1982-1984), A.B. du Toit (1985-1987), P.B. van der Watt (1988-1989) en W.S. Prinsloo (1989-1993).

W.S. Prinsloo
Dekaan


Departement Dogmatiek en Christelike Etiek

Waar die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek gedurende die sewentigerjare 'n aansienlike wisseling van permanent-voltydse personeel beleef het, is die jare 1983 tot 1992 in hierdie verband deur 'n besondere bestendigheid gekenmerk. Weliswaar het prof. J.A. Heyns op 31 Januarie 1992 sy emeritaat aanvaar, maar hy het ingewillig om nog voorlopig op 'n tydelik-voltydse basis in die Departement aan te bly. Hy is as hoof van die Departement opgevolg deur prof. C.J. Wethmar.

Saam met die hele Fakulteit waarvan dit deel is, het die Departement met ingang van 1983 nuut ontwikkelde leerplanne as deel van 'n nuwe geïntegreerde teologiese kursus begin implementeer. Dit het meegebring dat die vakke Dogmatiek en Christelike Etiek nou vir die eerste keer ook op voorgraadse vlak aangebied kon word. Hierdeur is die moontlikheid gebied om in die BA-jare aan die studente 'n algemene en omvattende inleiding tot, en oorsig van die Gereformeerde geloofs- en sedeleer te bied. Sodoende is 'n grondslag gelê wat dit moontlik gemaak het om die BD-kursusse wat op die BA-graad volg baie uit te brei en te verbeter.

Teen die einde van die tagtigerjare is hierdie nuwe bedeling aan 'n intensiewe evalueringsproses onderwerp. Die bevinding was dat die studente nou by die aanvang van die BD-kursus heelwat ryper as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.A. Heyns, Hoof: Departement Dogmatiek en Christelike Etiek, (Afdeling B), 1971 - 1992; Dekaan: Teologie B, 1982 - 1984.

voorheen was. In hierdie stadium is ook begin om van die meer studentgerigte onderrigmodel wat algemeen aan die Universiteit van Pretoria na vore getree het, gebruik te maak. Hiervolgens word toenemend groter klem gelê op die selfwerksaamheid van die student.

Toe prof. Heyns in 1971 die hoof van die Departement geword het, was een van die doelwitte wat hy hom gestel het om Afrikaanse handboeke vir die verskillende onderafdelings van die dogmatologiese groep van vakke te skryf. Met vasberadenheid en volharding het hy hierdie doelwit oor die jare heen nagestreef. Na 'n hele paar ander publikasies het sy bekende handboek *Dogmatiek* in 1978 die lig gesien. Van die einde van die sewentigerjare af het prof. Heyns hom, wat sy navorsings- en skryfwerk betref, veral op die Teologiese Etiek toegelê en in onderskeidelik 1982, 1986 en 1989 verskyn die drie omvangryke bande van hierdie magnum opus. Ten einde materiaal te voorsien wat spesifiek bedoel is vir die dogmatiekkomponent van die BA(Teologie)-kursus, waarna hierbo verwys is, publiseer prof. Heyns aan die begin van 1992 sy *Inleiding tot die Dogmatiek*.

Erkenning vir prof. Heyns se werk het nie uitgebly nie. Só is die Andrew Murray-prys vir wetenskaplik teologiese werk drie maal, te wete in 1981, 1985 en 1989 aan hom toegeken, terwyl hy in 1982 ook die Totius-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang het. In 1985 is verder ook die Credo-prys aan hom toegeken en met name vir sy *Teologiese Etiek I*. By geleentheid van prof. Heyns se sestigste verjaardag in 1988 het 'n aantal binne- en buitelandse vriende en kollegas vir hom 'n feesbundel gepubliseer met die titel *'n Woord op sy tyd*.

Aan prof. Wethmar is naas die Dogmatiek spesifiek die moderne tendense in die Sistematiese Teologie as navorsingsterrein opgedra. In hierdie verband het hy 'n hele aantal artikels in binne- en buitelandse tydskrifte en bundels gepubliseer.

Dat navorsingswerk gedurende die dekade wat vir hierdie oorsig in aanmerking kom, sterk nadruk ontvang het, blyk uit die feit dat in hierdie tydperk nie minder nie as agtien studente in die Departement doktorsgrade verwerf het, terwyl meestersgrade aan vier studente toegeken is. Hierdie verhandelinge en tesisse maak deel uit van omvattende navorsingsprogramme wat deur die dosente van die Departement geïnisieer is en wat ooreenstem met hulle spesialisasieterreine waarna hierbo verwys is.

Dat die vermelde navorsingsprogramme ook erns wil maak met die behoeftes en probleme van die kerke in Afrika, blyk daaruit dat ds. H.Y. Hara van die "Church

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

of Central Africa Presbyterian" in 1988 'n doktorsgraad in die Dogmatiek behaal met 'n proefskrif getiteld *Reformed theology and the Malawian context*.

Groot belang word in die Departement daaraan geheg om in verbinding te bly met vakgenote in die buiteland. Dit het daartoe gelei dat daar gedurende die onderhawige tydperk besoek ontvang is van geleerdes soos proff. Eberhard Jüngel, Hans Küng, Gordon Kaufman, Reinhard Slenczka, Alasdair Heron, J.B. Torrance, Wolfgang Huber, Karoly Tödt en W.H. Velema, om slegs enkeles uit 'n wye spektrum van teologiese oriëntasie te noem. Die dosente van die Departement kon op hulle beurt ook verskillende buitelandse besoeke aan akademiese kollegas bring.

Die gemeenskapsbetrokkenheid van die Departement het tot uitdrukking gekom in die feit dat albei dosente van die Departement in verskillende kerklike kommissies gedien het en veral ook intensief betrokke was by die werksaamhede van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Ned.Geref. Kerk. Albei dosente het hierdie kerk ook enkele male by vergaderinge van die Gereformeerde Ekumeniese Raad in die buiteland verteenwoordig. In 1983 was prof. Heyns die moderator van die sinode van die Ned.Geref. Kerk in Noord-Transvaal en in 1986 van die Algemene Sinode in Kaapstad.

Die gemeenskapsbetrokkenheid van die Departement is egter nie beperk tot die kerklike terrein nie. Dit blyk sowel uit die feit dat prof. Heyns sedert 1987 lid was van die hoofbestuur van die FAK, as daaruit dat hy van 1985 tot 1987 voorsitter was van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. In 1988 het hy die toekenning van die Orde vir Voortreflike Diens (Klas 1: Goud) van die Staatspresident ontvang.

Ook tot die bestuur van die Fakulteit en die Universiteit is daar vanuit die Departe- Dogmatiek en Christelike Etiek bydraes gelewer. Van 1981 tot 1984 het prof. Heyns as dekaan van die Fakulteit Teologie (Ned.Geref. Kerk) gedien, terwyl hy sedert 1987 tot met die aanvaarding van sy emeritaat ook 'n verteenwoordiger van die Senaat in die Raad van die Universiteit van Pretoria was. Sedert 1991 dien prof. Wethmar in die Universiteit se Komitee vir Navorsingsmetodologie.

Die Departement kan met dankbaarheid terugkyk op die werk van 'n besonder vrugbare dekade met die stellige hoop dat die saad wat gesaai is ook vir die toekoms goeie vrugte sal oplewer.

C.J. Wethmar
Departementshoof

Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap

Die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap sien dit as sy missie om die Sendingwetenskap so te beoefen dat God, kerk en wêreld in die regte verhouding tot mekaar staan. Die omvattende heilswerk van God wat vergestalt word in Christus en deur die Heilige Gees, moet deur die kerk as instrument op die doeltreffendste wyse aan 'n sondige en lydende wêreld oorgedra word tot redding en heelmaking. Daarby lei die Departement predikante en sendelinge op vir 'n missionêre bediening. Predikante se toerusting moet sodanig wees dat hulle missionêre en dienende gemeentes kan opbou as draers van God se heil in die wêreld. Nagraadse studie in die Sendingwetenskap word aangemoedig sodat vak spesialiste opgelei kan word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. C.W.H. Boshoff, Hoof: Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap, (Afdeling B), 1967 - 1988.

Die groot klem wat die Departement op navorsing lê, het in 1979 gelei tot die stigting van die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) wat 'n gesamentlike onderneming van die Ned.Geref. Kerk en die Universiteit van Pretoria is. Dr. J.M. Cronjé was die eerste deeltydse direkteur en van 1983 het prof. D. Crafford as direkteur opgetree. Op 1 Januarie 1986 is dr. J.J. Kritzinger as navorser by die Instituut aangestel en vanaf Januarie 1989 is hy bevorder tot medeprofessor en direkteur. Aangesien die Instituut die navorsingsarm van die Departement is, kan die geskiedenis van die Instituut vir 'n beskrywing van belangrike 76navorsingsprojekte geraadpleeg word.

Prof. C.W.H. Boshoff het op 1 April 1988 uitgetree as hoof van die Departement. Prof. Boshoff het gedurende sy hoofskap die Departement tot wasdom uitgebou en was ook grootliks verantwoordelik vir die instelling van die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing. Prof. Boshoff is as departementshoof opgevolg deur prof. D. Crafford.

Op 1 Julie 1988 is prof. P.G.J. Meiring as medeprofessor in die Departement aangestel en op 1 Januarie 1991 is hy bevorder tot volle professor. In Januarie 1992 is prof. Meiring ook deur die Ned. Geref. Kerk benoem in die pos van predikant in Algemene Sinodale diens vir ekumene en inligting. Daar is ooreengekom dat prof. Meiring gesekondeer mag word om 'n deel van sy tyd aan die kerklike betrekking te bestee. As kompensasie vir prof. Meiring se ingekorte diens is mnr. A.G.S. Gous van Januarie 1992 as tydelik-deeltydse junior dosent aangestel.

Die Departement bied binne die raamwerk van die grade BA(Teol) en BD verskeie kursusse aan in o.a. Sendingwetenskap, Godsdienswetenskap en Ekumenika. Nagraadse spesialisasie met Sendingwetenskap, Godsdienswetenskap of Ekumenika as hoofvakke lei tot die verwerwing van die grade MDiv en DD.

Die lede van die Departement is almal lede van die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap en skakeling met die International Association for Mission Studies is in die tydperk 1983-1992 gehandhaaf. Daar was voortdurend skakeling met Sendingdepartemente in die RSA asook in die buiteland. Dosente het deurlopend as eksterne eksaminatore vir ander universiteite opgetree. Daar was veral noue samewerking met die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afdeling A aan die Universiteit van Pretoria en kursusse is oor en weer aangebied.

Aangesien Sendingwetenskap nie net teoreties is nie, maar ook prakties gerig, is studente aangemoedig om by praktiese sendingwerk betrokke te raak. Studenteekskursies na swart woongebiede, moskees, Hindoe-tempels en sinagoges is deur die Departement gereël. Die studente is ook jaarliks op 'n sendingtoer geneem om hulle praktiese blootstelling aan die sendingsituasies te gee. So is daar al besoeke aan verskeie buurlande gebring soos Botswana, Lesotho, Zimbabwe en Zambië. Binnelandse sendingvelde is ook besoek. Tydens die toere is groot klem gelê op skakeling met jong kerke wat uit sendingaksies gebore is. Gesonde mense-, volkere- en kerklike verhoudinge is 'n belangrike voorvereiste vir doeltreffende kommunikasie van die evangelie oor kulturele grense heen.

Die Departement se gemeenskapsdiens was veral gerig op aktiewe deelname aan die werk van sendingkommissies van die Ned.-Geref. Kerk. Op die terreine van studie, navorsing en beplanning het die personeel 'n bydrae tot praktiese sendingwerk gelewer. Prof. J.J. Kritzinger is ook 'n tentmakerpredikant van die Ned.Geref. Kerk in Afrika in die gemeente Mamelodi-Oos. Die personeel van die Departement is dikwels gevra om in gemeentes by sendinggeleenthede en vir die behandeling van sendingonderwerpe op te tree. Die kundigheid van die personeel is ook al dikwels deur ander kerke, institute en departemente benut. Die Departement het ook 'n bydrae tot voortgesette teologiese opleiding gelewer wat by die fakulteit Teologie aangebied word.

Die Departement het dit as sy taak gesien om die Evangelie en die resultate van teologiese besinning by die regte adres uit te bring - by 'n gebroke wêreld met al sy geestelike en liggaamlike behoeftes.


D. Crafford
Departementshoof

Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg

Hierdie Departement is in sy doseertaak teerantwoordelik vir die doseer van die volgende onderdele van die vak, nl. Algemene Kerkgeskiedenis, Dogmageskiedenis, Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis, Kerkreg en 'n gedeelte van Ekumeniese Studies. Daar is dus gedurende die tydperk 1983-1992 nie wesenlik aan die vakinhoude verander nie, maar die benadering tot die vak het wel deeglik met nuwere ontwikkelinge wêreldwyd tred gehou. Daar word tans veel meer aandag geskenk aan die wisselwerking tussen kerk en samelewing asook meer kaleidoskopiese en met 'n breëre perspektief gekyk na die kerk van Jesus Christus. Langs hierdie weg is voor- en nagraadse studente by wyse van klas- en seminaargeleenthede goed voorberei om die nodige kundigheid in hierdie vakgebied te verwerf. Die onlangse instelling van meer formele seminaargeleenthede vir nagraadse studente is veral besonder waardevol in hierdie verband.

Die navorsingsprojekte waarby die Departement in die onderhawige tydperk betrokke was, hang in 'n groot mate saam met die bekleërs van die twee hoogleraarsposte. Tussen 1983 en 1989 is die twee poste steeds beklee deur proff. P.B. van der Watt en C.F.A. Borchardt, maar op 1 Julie 1989 het eersgenoemde die verantwoordelike taak as Studentedekaan van die Universiteit van Pretoria aanvaar. Hy is op 1 Februarie 1990 opgevolg deur prof. J.W. Hofmeyr.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. C.F.A. Borchardt, Hoof: Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg, (Afdeling B), sedert 1989.

Prof. Van der Watt se navorsingsarbeid was steeds sterk afgestem op die geskiedskrywing van die Ned. Geref. Kerk. In 1987 is die vierde en laaste deel van hierdie geskiedenis gepubliseer. Uit erkenning vir sy arbeid veral op hierdie terrein het hy in 1988 die Totius-prys vir Teologie ontvang. Prof. Borchardt se navorsing het steeds op die Vroeë Kerk toegespits gebly. In hierdie verband het hy een van 'n baie klein kring in Suid-Afrika gebly wat deeglike bydraes in hierdie veld lewer. Hy het intussen ook medeverantwoordelik vir die *Suid-Afrikaanse Teologiese Bibliografie* gebly. Prof. Hofmeyr se navorsings- en skryfarbeid het op die terrein van 'n nuwe en breëre perspektief op die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis gelê. Verskeie belangrike publikasies in hierdie verband, soos bibliografieë, 'n dokumentebundel en 'n gidsboek het reeds die lig gesien. Intussen is ook goed gevorder om gegewens oor die meer as 1 200 oudstudente te versamel wat reeds aan die Fakulteit afgestudeer het en hierdie gegewens te ontsluit.

Die betrokkenheid van departementslede by buite-instansies en by gemeenskapdiens het steeds besonder goed gebly. Prof. Van der Watt was in die loop van die betrokke tydperk lid van die breë Moderatuur van die Ned.Geref. Kerk en die moderator van die Sinode van Noord-Transvaal. Proff. Borchardt en Hofmeyr het weer albei belangrike bydraes in die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika gelewer, onder andere as president van die vereniging en as tydskrifredakteur en sekretaris.

Departementslede het intussen op verskillende maniere voortdurend in verbinding gebly met ander Kerkgeskiedenisdepartemente en vakgenote asook algemene historici elders in Suid-Afrika, maar ook in Afrika en elders. Die samewerking het steeds hartlik gebly. Prof. Hofmeyr was intussen ook betrokke by 'n Afrika-werkgroep wat hom besig hou met die skrywe van 'n omvattende Afrika-kerkgeskiedenis. Op internasionale vlak was departementslede steeds aktief betrokke by internasionale konferensies, publikasies en navorsingsprojekte en veral gedurende die onderhawige tydperk het nog meer deure in dié verband oopgegaan.

Die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg het intussen veel om voor dankbaar te wees. Die taak en uitdagings om hierdie vakgebied verder as bloot 'n teologiese wetenskap met 'n bepaalde relevansie uit te bou, bly eweneens groot.

C.F.A. Borchardt
Departementshoof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Nuwe Testament

Die benaming van hierdie Departement is in 1986 van "Nuwe-Testamentiese Eksegese en Teologie" in "Nuwe Testament" verander omdat laasgenoemde die inhoud van hierdie vakgebied beter dek.

Die belangrikste oorhoofse vakkundige ontwikkeling in die Departement in die tydperk 1983-1992 was 'n verbreding van toespitsingsgebied. Waar die swaartepunt voorheen sterk op metodologiese teorie, waaronder die hermeneutiek, geval het, is die ondersoekbasis verbreed na inhoudelike ondersoek, in besonder van die teologiese inhoude van die Nuwe-Testamentiese boeke. Die metodologiese ondersoek het ondertussen egter voortgegaan. Prof. J.G. van der Watt het besondere aandag aan die literêr-teoretiese paradigma gewy en prof. A.B. du Toit aan die retoriese analise van die Nuwe Testament.

Die koms van geïntegreerde teologiese opleiding in 1983 en die instelling van die vakke Ou en Nuwe Testament binne die BA(Teologie)-kurrikulum het 'n nuwe dimensie by die departementele werksaamhede gevoeg. Terselfdertyd is die onderrig van Nuwe Testament op sewendejaarsvlak tesame met die Nagraadse Diploma geleidelik uitfaseer en is dit aan die einde van 1988 gestaak.

Geregistreerde navorsingsvelde van die Departement was teen 1992 onder meer "Die Paulusbriewe", "Die metodiek van eksegese", "Die opbou en boodskap van die Hebreërbrief", "Die teologie van Johannes", "Enkele literêre benaderings toegepas op die Johannesevangelie", en "Die verstaan van die Bybel in Afrikakonteks". Enkele afgehandelde projekte gaan oor oorreding in die inleiding van die Romeinebrief, die opbou van Galasiërs en Hebreërs, retoriese aspekte van Galasiërs, die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament, die gebruik van die term "aionias" in die Johannesevangelie, die linguistiese en literêre aspekte van die Markusevangelie, die kanon van die Nuwe Testament, die Kolossensebrief, metafore in die Johannesevangelie, "lewe" in 1 Tessalonisense, en versoening by Paulus.



Prof. A.B. du Toit, Hoof: Departement Nuwe Testament, (Afdeling B), sedert 1971; Dekaan: Teologie B, 1985 - 1987.

Besondere spesialisasietemas in die onderhawige tydperk was die Romeinebrief, binne die breër veld van die Pauliniese brief-corpus (navorser: prof. Du Toit), en die Johannesevangelie binne die breër veld van die Johannese literatuur (navorser: prof. Van der Watt). Ook prof. Van der Watt se voorganger, prof. F.J. Botha, het hom op die Johannese literatuur toegespits. Op nasionale gebied was die Departement aktief betrokke by die Nuwe-Testamentiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Werkgemeenskap van Suid-Afrika. Binne hierdie konteks is aan navorsingsprojekte deelgeneem en het departementslede gereeld referate gelewer. Op internasionale vlak is albei dosente lede van die Societas Novi Testamenti Studiorum. Referate is ook gereeld by hierdie en ander internasionale kongresse aangebied. Prof. Van der Watt het gedurende 1991 as Alexander von Humboldt-stipendiaat in Duisburg navorsing gedoen. Internasionaal is saamgewerk met teologiese inrigtings te Duisburg en Berlyn. Prof. J.C. Breytenbach van die Theologische Hochschule in Berlyn het jaarliks vir drie weke lesings in hierdie Departement aangebied.

As instansie wat aanstaande predikante sowel as teoloë moet oplei, is 'n gesonde balans tussen teorie en praktyk gehandhaaf. Produkte van die Departement staan hulle plek op kansels dwarsoor ons land en ook elders in Afrika en oorsee vol. Nagraadse studente van die Departement is of was gewaardeerde dosente aan twaalf ander fakulteite en opleidingsinrigtings.

Die Departement was in die onderhawige tydperk aktief betrokke by die Suid-Afrikaanse gemeenskap en ook, by geleentheid, elders in Afrika. Op kerklike gebied is diens gelewer by talle eredienste, konferensies en skolingsbyeenkomste, asook deur betrokkenheid by kerklike besture, kommissies en ondersoeke (waaronder die bekende verslag *Kerk en Samelewing*). Veral prof. Botha het op kerklike terrein buitengewone diens gelewer. Die Departement het aktief aan die werksaamhede van die Sentrum vir Voortgesette Opleiding deelgeneem. Hier ontvang predikante en kerklidmate toegespitste verdere teologiese onderrig. Die reeks teologiese handboeke, wat onder die titel *Handleiding by die Nuwe Testament*, onder leiding van prof. A.B. du Toit die lig gesien het, het in 'n besondere behoefte voldoen ten opsigte van basiese teologiese literatuur vir studente en predikante. Die Engelse vertaling hiervan word ook elders in Afrika en aan sekere oorsese inrigtings gebruik.

Erkenning vir die werk wat in die Departement gedoen is, het onder meer gekom deurdat van die departementslede vereer is met die Von Humboldt-toekenning, erelidmaatskap van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, die verwerwing van die toekenning Uitnemende Presteerder van die Universiteit van Pretoria en die toekenning van die Pieter van Drimmelen-medalje deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die Departement het in die onderhawige tydperk intensief deelgeneem aan onderwys- en bestuursvernuwingstrategieë op interdepartementele, fakulteits- en universitêre vlak. Op onderriggebied getuig die voortgaande herkurrikuleringsproses en die steeds verbeterende studiehandleidings van harde werk.

Prof. A.B. du Toit was teen 1992 steeds die departementshoof. Prof. F.J. Botha wat diep spore in die vorming van honderde wordende predikante en teoloë getrap het, is in 1985 in die tuig oorlede. Hy is in 1986 opgevolg deur prof. J.G. van der Watt wat in 1989 tot volle professor bevorder is. Departementele werksaamhede is verder bevorder deur die werk van prof. J.C. Breytenbach van Berlyn wat as buitengewone professor gedien het, asook 'n onderwysassistent en twee navorsingsassistente.

Na 'n hoogtepunt ten opsigte van studentegetalle op BA- en BD-vlak in die tagtigerjare het die getalle teen die einde van die onderhawige tydperk ietwat afgeplat, maar minder as wat die dalende ekonomie en die ooraanbod van proponente sou kon laat vermoed het. Ook die aantal MDiv- en doktorale studente het verminder. Aksie-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stappe om laasgenoemde tendens om te swaai was teen 1992 aan die gang. Belowende groeitekens was waarneembaar.

A.B. du Toit
Departementshoof

Departement Ou Testament

Sedert die ontstaan van die universiteitswese in die Middeleeue het die studie van die Bybel en veral die Ou Testament 'n sentrale plek ingeneem. Aan die Universiteit van Pretoria is hierdie eeue-oue tradisie voortgesit. Aangesien die Teologiese fakulteit onder die toesig van die Ned.Geref. Kerk staan en hierdie kerk 'n baie hoë prys op die Bybelwetenskappe plaas, het die Departement Ou Testament in die tydperk 1983-1992 'n onmisbare rol in die wetenskapsvorming van studente vervul.

In 1986 het die Departement 'n naamsverandering ondergaan. Voor daardie datum was dit bekend as die "Departement Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie". Daarna is dit net die "Departement Ou Testament" genoem. Soos die naam ook aandui, het die Ou-Testamentiese wetenskap te make met die studie en uitleg van die literatuur van ou-Israel soos vervat in die Ou Testament. 'n Belangrike voorvereiste vir die wetenskaplike bestudering van die Ou Testament is 'n tweejaarskoling in Hebreeus.

Soos die Universiteit, streef die Departement Ou Testament ook na uitnemendheid en in die lig daarvan is die volgende doelwit geformuleer: die wetenskaplike vorming van studente sodat hulle aan die hand van die grondtaal, Hebreeus, en met behulp van die nuutste wetenskaplike metodes van uitleg die Ou Testament sal kan hanteer en gebruik vir die doel waarvoor hulle dit ook wil aanwend. Die klem val steeds op die wetenskaplike aanwending



Prof. A.H. van Zyl, Hoof: Departement Ou Testament, (Afdeling B), 1966 - 1986; Dekaan: Teologie B, 1975 - 1977.

van die Skrif as 'n teenvoeter vir 'n onwetenskaplike en emosionele hantering daarvan.

Aan die begin van 1983 het die personeelposisie soos volg daaruit gesien: prof. A.B. van Zyl (departementshoof) en prof. W.S. Prinsloo met prof. W. Vosloo wat Bybelkunde gedoseer en enkele klasse vir die teologiese studente aangebied het. Op 1 Januarie 1987 het Bybelkunde 'n volwaardige departement binne die Teologiese fakulteit geword en was prof. Vosloo saam met 'n lid van Afdeling A verantwoordelik vir die dosering van die Ou Testament aan Bybelkundestudente. Aan die einde van 1986 het prof. Van Zyl afgetree en is hy deur prof. J.H. le Roux van Unisa opgevolg. Die departementshoofskap is op 1

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Januarie 1987 deur prof. Prinsloo oorgeneem wat sedert 1989 ook as dekaan van die Fakulteit Teologie gedien het.

Al die lede van die Departement Ou Testament is lede van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika. Dit is die enigste vakvereniging van sy soort in Suid-Afrika en dit geniet ook wye buitelandse erkenning. Teen die einde van die betrokke tydperk was prof. Prinsloo sekretaris van die Werkgemeenskap. Hy het gereeld internasionale kongresse oor die Ou Testament bygewoon en telkens 'n referaat gelewer. Voorts is hy ook aangewys as medewerker van die beroemde vaktydskrif *Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft*.

Daar het in die onderhawige tydperk noue skakeling met die departemente van ander universiteite bestaan en daar is gereeld oor en weer as eksaminatore opgetree. Dikwels is van die departementslede genooi om gasvoorlesings te lewer.

Aangesien albei lede van die Departement predikante van die Ned.Geref. Kerk is, is daar gereeld by gemeentes, ringe en sinodes opgetree. Verder is lesings gelewer by die Instituut vir Voortgesette Teologiese Opleiding wat aan die universiteit gesetel is.

Al die lede van die Departement het gereeld artikels in binnelandse en buitelandse vaktydskrifte gepubliseer. Hulle het ook bydraes gelewer tot 'n belangrike handboekreeks oor die Ou Testament. In die baie belangrike *Verklarende Bybel* het die betrokke dosente kommentare op 'n paar Bybelboeke geskryf. Van prof. Prinsloo het ook boeke oor die Psalms en die profeet Joël verskyn.

Al die dosente het bygedra tot 'n wetenskaplike besinning van die Ou Testament in Suid-Afrika. Prof. Van Zyl was dosent in 'n tyd toe die Bybelwetenskap nog nie so bewus was van 'n bepaalde eksegetiese metode nie. Hy het egter oor 'n uitstekende kennis van die taal en die literatuur van die Ou Testament beskik en het die Ou-Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria op 'n baie stewige grondslag geplaas. Prof. Van Zyl sal egter veral onthou word vir sy lewenswerk: sy groot aandeel in die vertaling van die Afrikaanse Bybel wat in 1983 verskyn het. Sedert 1958 was hy sekretaris van die Kommissie vir die Bybelvertaling en was ook lid van die eindredaksie van vyf wat vir die publikasie van hierdie vertaling verantwoordelik was. Hy was ook hoofredakteur van die *Verklarende aantekeninge* wat in 1988 verskyn het.

Prof. Prinsloo het 'n besondere bydrae tot die beoefening van die Ou-Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria gelewer. Sedert 1971 gebruik Suid-Afrikaanse Bybelwetenskaplikes 'n bepaalde metode wat as die "immanente benadering" bekend staan. Soos weinig ander het prof. Prinsloo hierdie metode van uitleg verinnerlik, dit verfyn, in sy werk toegepas en dit aan sy studente geleer. In wese kom hierdie benadering op die volgende neer: die teks word in sy finale gestalte ontleed, die teks soos dit voor ons lê, word as uitgangspunt geneem, en die struktuur daarvan aan die hand van bepaalde kriteria bepaal. Op hierdie manier word die betekenis van die teks dan bepaal. Hierdie metode was 'n teenvoeter vir die historieskritiese benadering wat tweehonderd jaar lank die Ou-Testamentiese Wetenskap oorheers het. Volgens hierdie metode is 'n teks in sy historiese wording bestudeer. Dit beteken dat die oorsprong en die groei daarvan baie belangrik vir die verstaan daarvan geag is. Prof. Prinsloo het 'n besondere bydrae daartoe gelewer om die immanente benadering die dominante metode van uitleg aan die Universiteit van Pretoria te maak. Hy het veral bekendheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verwerf vir sy werke oor die profeet Joël en die Psalms wat op hierdie immanente metode gegrond is. Hierin het hy sy metode geïllustreer en dit ook vir andere toeganklik gemaak. 'n Werk van hom oor die profeet Joël is ook in 'n internasionale reeks opgeneem en as gevolg van sy werk oor die Psalms is hy genooi om mee te werk aan 'n internasionale kommentaarreeks en verantwoordelik te wees vir die boek Psalms.

Prof. Le Roux het weer 'n historiese benadering tot die teks en daarom het hy die histories-kritiese benadering gebruik. Hy stel daarin belang om die teks in sy historiese konteks te probeer begryp. Tekste het in 'n bepaalde sosiale konteks ontstaan en moet as 'n integrerende deel daarvan gesien word. In die teks word genoeg aanduiding aangaande die sosiale omstandighede gegee sodat dit op 'n kreatiewe manier aangewend kan word. Prof. Le Roux was teen 1992 besig met die skrywe van 'n navorsingsgeskiedenis in verband met die bydraes van Suid-Afrikaanse Ou-Testamentici. Hy was ook lid van die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika en die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika.

Ongeveer dertig nagraadse studente (MDiv en DD) was teen 1992 by die Departement ingeskryf. In die genoemde dekade het daar gemiddeld een student per jaar in die Ou Testament gepromoveer.

W.S. Prinsloo
Departementshoof

Departement Praktiese Teologie

Op die gebied van die Praktiese Teologie het 'n daar in die tydperk 1983-1992 'n aantal belangrike ontwikkelinge plaasgevind. Meer aandag is op voorgraadse en doktorale vlak aan die metodologiese basis van die vak gegee. Dit is gedoen om aan die vereistes van die nuwere wetenskapsontwikkelinge te voldoen. 'n Hermeneuties-kommunikatiewe model wat die geloofspraxis navors, is voorgestaan. Hiervoor is 'n basisteorie ontwerp wat empiries getoets moet word ten einde geldige praktykteorieë te ontwerp.


In die Homiletiek is voorkeur gegee aan 'n hermeneuties-kommunikatiewe model. Op die gebied van die Homiletiek het die eksegetiese metodes, literêre teorieë, retoriese analises, kommunikasie teorieë en hoordersanalises 'n nuwe dinamika en vitaliteit aan die vak gegee.

Die kerklike ontwikkeling en vereistes van die praktyk het daartoe gelei dat vakke soos Gemeentebou, Evangelistiek, Kategetiek, Jeugwerk en Kybernetiek in die betrokke tydperk binne die Praktiese Teologie gegroei het. Sake soos die wese en doel van die kerk, die veranderingsproses in gemeentes, visie en missies, die begeleiding van geloofsgroei, die werking van die gemeente en die soeke na 'n praktiese Teologiese Ekklesiologie is onder die loep geneem.

Op die terrein van die Pastoraat was daar in die betrokke dekade 'n duidelike ontwikkeling weg van 'n eensydige een-tot-een pastoraat deur die pastor. Die betekenis van die onderlinge pastorale sorg deur die nie-professionele mense in die gemeente is meer beklemtoon. Daar het ook 'n groter bewustheid gegroei vir die ekosistemiese perspektief. Dit beteken dat die gemeente, die gemeenskap en al die samelewingsverbande deel vorm van die pastorale studieveld.

Op die terrein van die Diakoniek was daar dinamiese ontwikkelinge. Die politieke diakonaat en wêrelddiakonaat het in die onderhawige tydperk in die sentrum gestaan. Sake soos armoede, neerdrukkende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.C. Barnard, Hoof: Departement Praktiese Teologie, (Afdeling B), 1976 - 1989.

ekonomiese en politieke strukture en betrokkenheid oor kerk- en landsgrense heen, kon nie meer op die diakonale agenda van die kerk ontbreek nie.

'n Navorsingsprojek oor die Homiletiek, die huweliks- en gesinspastoraat wat deel vorm van 'n reeks handboeke wat deur die RGN uitgegee word, was teen 1992 in wording. Empiriese ondersoeke oor die denke van die lidmaat en leierskap is beplan. Die Departement het in 1992 begin met 'n nuwe MDiv-kursus in die huweliks- en gesinspastoraat. In hierdie kursus is daar gekonsentreer op sowel teorie as die aanleer van vaardighede met die oog op die beoefening van gespesialiseerde huweliks- en gesinspastoraat.

Samewerking na buite het in die onderhawige tydperk geskied met organisasies en fasiliteerders in die Bestuurswetenskappe. Die studente het vir kursusse, begeleiding en supervisie na die H.F. Verwoerd-hospitaal, 1 Militêre Hospitaal, Staanvas-sentrum vir Alkoholiste en Magaliesoord-sentrum vir Alkoholiste en Dwelmafhanklikheid gegaan. Die dosente was ook betrokke by kerklike kommissies op Sinodale en Algemeen Sinodale vlak.

Interdissiplinêr is daar in belang van die Himnologie geskakel met die Departement Musiek aan die Universiteit van Pretoria. Die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria het 'n belangrike diens aan die Homiletiek gelewer. In verband met die gespesialiseerde MDiv-kursus is daar ten nouste saamgewerk met die Departemente Sielkunde en Maatskaplike Werk.

•

Die Praktiese Teologie het 'n teoretiese en praktiese komponent. Daar word basisteorieë ontwerp wat eventueel kan lei tot praktykteorieë. Die teoretiese en praktiese ontwerpe geskied in belang van die kerk en samelewing. Daar is van studiehandleidings gebruik gemaak. 'n Truprojektor is ook aangewend, terwyl video-opnames in die Homiletiek benut is. In die Pastoraat is van rolspel en groepbespreking gebruik gemaak. Seminare en groepsupervisie is deurentyd ingespan. Die Departement was ook dankbaar om van die Departement Sielkunde se lokale gebruik te maak waar eenrigtingglas en video-apparaat die studente kon help om hul vaardighede te verbeter. Die aard van die onderrig was op dialoog geskoei en die oogmerk selfwerksaamheid en kreatiwiteit.

Wat diens aan die gemeenskap betref, het die dosente as referente en sprekers by verskeie geleenthede opgetree, onder andere eredienste, konferensies en simposia.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gemeentebouseminare en konferensies oor gemeentebou is gereeld aangebied. Evangelisasie-konferensies is ook aangebied. Simposia oor die erediens is jaarliks gehou. Deur die publikasie van boeke en tydskrifartikels het die dosente 'n diens aan die gemeenskap gelewer.

Prof. A.C. Barnard was van 1980 tot 1989 departementshoof. Nadat hy bedank het, is hy deur prof. A.J. Smuts van 1989 tot 1990 as departementshoof opgevolg. Prof. M. Nel was ten tye van sy bedanking in 1988 medeprofessor. Prof. C.J.A. Vos is in 1989 as medeprofessor aangestel. Sedert 1 April 1990 is hy professor en departementshoof. Prof. J.C. Müller is op 1 Julie 1990 as medeprofessor aangestel, terwyl prof. H.S. Breytenbach sedert 1 Januarie 1991 as medeprofessor in die Departement werksaam is.

Die nagraadse studentegetalle het in die onderhawige tydperk konstant gebly. Teen 1992 was daar 62 nagraadse studente in die Departement wat Praktiese Teologie as hoofvak gevolg het en sewentien studente met Praktiese Teologie as byvak.

C.J.A. Vos
Departementshoof

Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO)

Die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk het in 1978 en weer in 1982 besluite geneem oor die noodsaaklikheid van verdere teologiese opleiding. Intussen het prof. A.J. Smuts van die departement Praktiese Teologie in 1978 en prof. A.B. du Toit van die departement Nuwe Testament in 1981 (na 'n oorsese studiereis) die saak in memoranda aan die Fakulteit Teologie bepleit. Die Fakulteit het 'n studiekomitee bestaande uit proff. A.B. du Toit, M. Nel, P.P.A. Kotzé en W. Vosloo aangewys wat in samewerking met prof. C. Pottas die saak onder meer met behulp van uitgebreide vraelyste ondersoek het en voorstelle geformuleer het. In November 1983 het die Raad van die Universiteit van Pretoria die instelling van die Sentrum goedgekeur sonder finansiële implikasies vir die Universiteit.

Reeds in die tweede semester van 1983 is die eerste kursus aangebied vir lidmate, en op 31 Januarie 1984 die eerste volwaardige predikante-kursusse in gemeentebou, pastorale sorg en prediking. Prof. M. Nel van die departement Praktiese Teologie was die eerste deeltydse direkteur. Hy is in Augustus 1988 opgevolg deur prof. W. Vosloo van die departement Bybelkunde.

Die belangrikste doelwit van SEVTO in die tydperk 1983-1992 was die voortgesette opleiding van predikante, hoewel kursusse vir lidmate ook aangebied is. Hoofkursusse vir predikante het bestaan uit drie tematiese kursusse, nl. gemeentebou, pastorale sorg en prediking wat oor drie weke gedurende die jaar aangebied is. Van 1990 is net een van die drie per jaar aangebied. Spesialiteitskursusse vir predikante was: die Diens van Barmhartigheid, Middestadbediening, Huweliksverryking, Taalkunde (Grieks en Hebreeus), Rekenaarbekendstellingskursus, Mediahomiletiek (in samewerking met die SAUK-TV), Verkondiging 2000 (in samewerking met die Technikon Pretoria), en kursusse oor gemeentebou (in samewerking met Grace Community Church, VSA).

Aktualiteitseminare vir predikante het ingesluit: die taal van die Bybel en die predikant, wedergeboorte en bekering in verbondsperspektief, moraliteit, uitdagings vir gemeentes in die negentigerjare, Cottesloe ná dertig jaar, die kerk ná Bloemfontein (1990), die kerk en musiek, en gemeentes sonder grense.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vir lidmate en predikante was daar aktualiteitskursusse soos temas uit die belydenisskrifte, die doop, 'n venster op die wêreld, kommunikasie, denominasies buite die hoofstroomkerke, Satanisme, en 'n eietydse Christelike lewenstyl. Bybelkursusse vir lidmate het behels die Bybel en sy boodskap, die Persoon en werk van die Heilige Gees, en verskeie Bybelboeke. En dan was daar kursusse vir predikantsvroue en vroueleidsters, kursusse vir gemeentelike saakgelastigdes, en 'n lenteskool oor tienerberading.

Nouer samewerking met kerklike kommissies, ander kerke, en buite-instansies is doelbewus nagestreef. Kursusse is vir wyer kerklike gebruik beskikbaar gestel. 'n Paneel van die Sentrum het 'n konsultasiediens aan gemeentes verskaf. Die ontwikkeling van 'n Jeugbedieningskool, opleiding van leraars van swart onafhanklike kerke, en opleidingsprogramme vir die bestryding van armoede was teen 1992 in wording.

W. Vosloo
Direkteur

Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN)

Nadat in die voorafgaande jare indringend onderhandelinge gevoer is, het die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) op 1 September 1979 in die Departement Godsdiens-en Sendingwetenskap van die Fakulteit Teologie (Afdeling B) tot stand gekom. Dit het geskied omdat daar besef is dat daar 'n gans nuwe situasie ten opsigte van sendingwerk in die postkoloniale Afrika ontstaan het, 'n situasie wat nog nie genoegsaam verreken en nagevors is nie.

As eerste direkteur is dr. J.M. Cronjé aangestel. Hy het toe pas uitgetree uit die Ned.Geref. Kerk se algemene sinodale diens as sekretaris van die Sendingkommissie. Die eerste voorsitter van die Adviesraad, en die drywende krag agter die totstandkoming van die Instituut, was prof. C.W.H. Boshoff, destydse hoof van die Departement. In 1983 het prof. D. Crafford die direkteurskap by dr. Cronjé oorgeneem, terwyl laasgenoemde aangebly het as navorsingsbeampte.

Intussen, in 1981, het dr. J.J. Kritzinger (BSc, DD) as (tydelike) navorsingsbeampte in ISWEN se diens getree, 'n posisie wat in 1986 permanensie verkry het. Van 1981 af het die Universiteit 70% en die verskillende sinodes van die Ned.Geref. Kerk 30% van hierdie navorsingspos befonds. In 1989 het prof. Kritzinger die direkteurskap oorgeneem toe prof. Crafford by die aftrede van prof. Boshoff die departementshoof geword het.

In uitvoering van die missie van die Instituut is daar sedertdien ten opsigte van navorsing hoofsaaklik gekonsentreer op probleme en uitdagings wat die sending in Suider-Afrika raak. Die ontwikkeling van jong kerke, die veranderende konteks, die uitdagings van die ander godsdienste, en die groeiende sosio-ekonomiese nood in Suider-Afrika het steeds die aandag geniet.

Ter ondersteuning van, en as gevolg van die versamelingsaksie van die spesifieke projekte, waarvan sommige hieronder genoem gaan word, is daar gaandeweg 'n databank van dokumente opgebou en ontsluit. Dit het teen die einde van die onderhawige tydperk na jare se stille werk bekendheid begin verwerf onder die navorsingsgemeenskap. Met meer as 13 000 dokumente reeds ontsluit, is waardevolle hulp aan sowel studente as buite-instansies verleen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Aantal van die groter navorsingsprojekte van die Instituut kan genoem word. Die eerste paar jaar het die klem op historiese navorsing geval. Dit het eindelik uitgeloop op die publikasie van twee standaardwerke deur prof. Crafford en dr. Cronjé, *Aan God die dank*, 2 dele, 1982 en 1983, respektiewelik oor die binnelandse en buitelandse sendingwerk van die Ned.Geref. Kerk. Daarna het dr. Cronjé 'n samevatting in Engels gepubliseer (*Born to witness*), asook 'n boek oor die bydrae van vroue in die sending. Prof. Crafford se jarelange navorsing oor swart pioniers in die sending het in 1992 gelei tot 'n eerste bundel biografieë, *Trailblazers for the Gospel*.

Die koms van dr. Kritzinger na ISWEN was ten nouste gekoppel aan 'n omvattende projek genaamd "Die onvoltooide sendingtaak in Suid-Afrika". Hierdie navorsing het van 1981 tot 1988 gestrek, en het ongeveer drie dosyn verslae en boeke van dr. Kritzinger en 'n landswye netwerk van medewerkers opgelewer. Dit het die uitdagings vir die kerk in Suid-Afrika op 'n breë terrein uitgespel. In die proses is ook 'n deeglike verwerking van die godsdienstige gegewens van die sensusopname van 1980 gemaak. Dit het geblyk die mees gebruikte navorsingsresultaat van die Instituut te wees.

Aangesien die navorsing die sosio-ekonomiese nood van groot dele van die Suid-Afrikaanse bevolking "ontdek" het, het 'n volgende navorsingsprojek hierop ingegaan: watter bydrae kon die kerk tot ontwikkeling lewer, oftewel "Die invloed van religie op ontwikkeling". Uit hierdie navorsing het belangrike resultate gespruit en het dit gelei tot 'n nog omvattender ondersoek oor die "Kerk/teologie en die (welsyn van die) omgewing". In 1992 is nog 'n projek begin oor die "Kerk in die werksplek". Tussendeur is verskeie ander projekte deurgevoer, op versoek van allerlei kerklike instansies, of op eie inisiatief.

Die Instituut het ook navorsing op die terrein van die Ekumene (die verhouding en samewerking tussen kerke en Christene) as deel van sy missie aanvaar. Hieruit het ook reeds rigtinggewende publikasies gevloei.

Gedurende die eerste dertien jaar van sy bestaan het die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing dus reeds vir hom 'n plek verwerf in die akademiese en kerklike wêreld. Die personeel (en dit sluit in die dosente van die Departement wie se navorsing grootliks deur ISWEN gekanaliseer word) word gedurig geraadpleeg en is gesog as sprekers by inligtingsvergaderings. Die Instituut koördineer landswye navorsing, het reeds verskeie konferensies gereël, en publiseer eie en ander medewerkers se werk wat moeilik kommersieel kan geskied. Onder hierdie medewerkers tel van die bekendste name op sendinggebied. Deur hierdie publikasies en gereelde ISWEN-lesings word betekenisvol bygedra tot die uitbou van die Sendingwetenskap in Suider-Afrika.

J.J. Kritzinger
Direkteur

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Een van die kernwoorde wat gebruik kan word om die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sedert sy ontstaan in 1920 te beskryf, is "groei". Hierdie Fakulteit, wat aanvanklik slegs lesings op die buitemuurse kampus aangebied het, het deur die loop van die jare dinamies gegroei en ontwikkel tot die grootste Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die dekade 1983-1992 word as een van die bloeitydperke in die geskiedenis van die Fakulteit beskou. Die groei en ontwikkeling wat gedurende hierdie tydperk plaasgevind het, is 'n toonbeeld van hoe die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe met kundigheid en vernuf bestuur is om in kwantiteit, kwaliteit én diversiteit te groei.

Kenmerkend van die Fakulteit was sy kundige bestuur. Die eerste voltydse dekaan is in 1982 aangestel. Hoewel prof. C.F. Nieuwoudt, voormalige hoof van die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek (vroeër Staatsleer en Publieke Administrasie), reeds in 1974 as dekaan van die Fakulteit aangestel is, is dié pos eers in 1982 in 'n permanent-voltydse pos omskep. As dekaan het prof. Nieuwoudt veral 'n groot bydrae gelewer om die verskuiwing van die Buitemuurse Afdeling in 1986 na die hoofkampus moontlik te maak. Ná meer as 35 jaar se aktiewe betrokkenheid by die Fakulteit - as student, dosent en dekaan - het prof. Nieuwoudt op 31 Desember 1985 afgetree.



Prof. S. Marx, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, sedert 1991; Hoof: Departement Bedryfsekonomie, 1985 - 1991.

Prof. J.J. Stadler wat op 1 Januarie 1986 as hoof van die Departement Ekonomie aangestel is, volg prof. Nieuwoudt op 13 Oktober 1986 as dekaan op. Gedurende die volgende vyf jaar het prof. Stadler as dekaan hom veral daarvoor beywer om die naam van die Fakulteit van Ekonomiese en Staatswetenskappe in 1988 na Ekonomiese en Bestuurswetenskappe te verander. Die oprigting van 'n eie gebou en moderne fasiliteite vir die Fakulteit, die instelling van sowel nuwe departemente as 'n aantal nuwe spesialiseringsrigtings, die herkurrikulerings- en onderrigontwikkelingsprogram van die Fakulteit, die verhoging van toelatingsvereistes, asook die uitbreiding van nagraadse opleiding en die bemarking van die Fakulteit, was van sy ander prestasies. Op 1 Julie 1991 is prof. Stadler as Viserektor: Akademies (Geesteswetenskappe) van die Universiteit van Pretoria aangestel.

Prof. S. Marx, voormalige hoof van die Departement Ondernemingsbestuur (vroeër Bedryfsekonomie) het prof. Stadler op 1 Julie 1991 opgevolg. As dekaan het prof. Marx gedurende die tydperk Julie 1991 - Desember 1992 'n bydrae gelewer veral met betrekking tot die herstruktureringsprogram van die Fakulteit, die aanbieding van sekere vakkursusse op 100-vlak ook in Engels, die instelling van nuwe departemente en 'n aantal nuwe spesialiseringsrigtings, die sluit van vennootskappe met die praktyk (soos die RGN-ondersoek na die bemarking van varsprodukte in die RSA), die uitbreiding van nagraadse asook veral nauurse/deeltydse opleiding en die bemarking van die Fakulteit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onder leiding van hierdie drie dekane is dinamiese groei in kwantiteit, kwaliteit en diversiteit moontlik gemaak. In kwantiteit was daar 'n jaarlikse groei. Die studentegetalle in die Fakulteit was 3 059 in 1982. Sedert 1988 het die persentuele studentegroeikoers van die Fakulteit egter geleidelik afgeneem. Die 1988-studentetal van 4 832 groei met 8% in vergelyking met 'n toename van 12% die vorige jaar. Hoewel die studentetal in 1989 met slegs 4% gegroei het, is die 5 000-kerf reeds in hierdie jaar oorskry (5 010 studente).

In 1990 het die Fakulteit se studentetal vir die eerste keer in baie jare 'n daling getoon toe die studentetal (4 908) met ongeveer 2% daal. In 1991 en 1992 het die studentetal van die Fakulteit egter weer met ongeveer 3% per jaar toegeneem (5 076 in 1991 en 5 234 in 1992).

Die geleidelike afname van 1988 tot 1990 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die afname in blanke geboortes sedert 1970. Desondanks het die Fakulteit sedert 1991 weer gegroei. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die verhoging in kwaliteitstudente (meer A-, B- en C-gemiddelde kandidate), die toename in die markaanbod (nuwe spesialiseringsrigtings en sekere vakkursusse wat ook in Engels aangebied word), die uitbreiding van die nauurse en nagraadse komponente en doelgerigte bemarkingsaksies wat geloods is.

In 1992 het die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se groei in studentegetalle die grootste uitbreiding in die Geesteswetenskaplike fakulteite, veral ten opsigte van nuwelingeerstejaars, getoon. Die Fakulteit se totale studentetal het dan ook in hierdie jaar 22,4% van die totale UP-studentetal verteenwoordig.

Daar was ook groei in kwaliteit op 'n verskeidenheid terreine. In die eerste plek is uitstekende fisiese fasiliteite vir die Fakulteit geskep met die oprigting van 'n eie gebou wat kantore, lesingsale en ander geriewe insluit. Die verkoop van die Buitemuurse gebou in 1985 en die verskuiwing van die Buitemuurse Afdeling na die hoofkampus in 1986, het die behoeftes van die Fakulteit sterk beklemtoon. Goedkeuring is in 1987 verleen dat die Universiteit die opbrengs uit die verkoop van die Buitemuurse gebou mag gebruik vir die oprigting van 'n gebou vir die Fakulteit, wat by sy besondere behoeftes aangepas is. Op 1 Augustus 1988 het die bouery 'n aanvang geneem. Teen die middel van 1990 was die meeste departemente in die gebou gehuisves. Op 8 Maart 1991 is die Ekonomiese en Bestuurswetenskappegebou deur die destydse Staatspresident, mnr. F.W. De Klerk, geopen.

Die Fakulteit het in die onderhawige tydperk veral in sy onderrig verbeter. In 1988 is 'n omvattende program van herkurrikulering van stapel laat loop om duplisering uit te skakel en studiehandleidings met duidelike leerdoelwitte is vir die onderskeie kursusse opgestel. Spesifieke aandag is ook geskenk aan onderrigontwikkeling. Daar is weg beweeg van 'n dosentgesentreerde kontakonderrigmodel na 'n studentgerigte onderrigmodel met minder kontakure.

Die uitbreiding van nagraadse opleiding het gedurende hierdie tydperk ook aandag gekry. Van 1988 tot 1989 het die Fakulteit se nagraadse komponent byvoorbeeld met 10% gegroei.

Verder is die toelatingsvereistes vir graadkursusse in die Fakulteit ook met ingang 1988 verhoog. Reeds in 1989 was daar 'n merkbare verandering in die samestelling van die Fakulteit se studentekorps. Die getal nuwelingeerstejaars wat gemiddeld A, B en C simbole in matriek behaal het, het van 1989 met 14% toegeneem (van 458 in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1988 tot 524 in 1989), terwyl die aantal met laer simbole met ongeveer 11% gedaal het.

Voorts het die Fakulteit sy bedrywighede gediversifiseer sodat aan die dinamiese eise en behoeftes van die sakewêreld en praktyk voldoen kon word. Die groei in diversiteit is veral weerspieël in die nuwe departemente, buro's en spesialiseringsrigtings wat gedurende hierdie tydperk ingestel is. In 1983 is die BCom(Handelsrekenaarswetenskap)-spesialiseringsrigting (teen 1992 BCom(Informatika)) ingestel. Twee jaar later is die Departement Personeelbestuur (teen 1992 Departement Menslike Hulpbronbestuur) gestig. In 1986, 1987 en 1988 was daar die stigting van onderskeidelik die Departement Handelsrekenaarwetenskap (sedert 1988 Departement Informatika), die Skool vir Rekenmeestersopleiding, en die Momentum Lewensversekeraarsleerstoel in Versekeringswese. In 1988 het ook enkele ander ontwikkelings plaasgevind soos die oorplasing van die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek na die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, die naamsverandering van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe na Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en die instelling van sowel die BCom(Algemeen) as drie nuwe BCom-spesialiseringsrigtings, naamlik BCom(Versekeringswese), BCom(Finansiële Bestuur) en BCom(Landbou-ekonomie). In 1989 het die instelling van die BCom(Interne Ouditkunde)-spesialiseringsrigting en die Volkskas-leerstoel in Bankwese by die Departement Ekonomie plaasgevind. In dieselfde jaar is die endossement by alle grade in Bedryfsekonomie vervang met Ondernemingsbestuur. Voorts het die naam van die Departement Handelsrekenaarwetenskap na Informatika verander. Verder het die BCom(Bankwese)-spesialiseringsrigting, en die Southern Sun-leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur by die Nagraadse Bestuurskool in 1990 tot stand gekom. Die BCom(Statistiek)- en BCom(Hotel- en Toerismebestuur)-spesialiseringsrigtings het in 1991 gevolg, asook die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie (SOBA), die Buro vir Statistiese en Opnamemetodologie (Statomet) in die Departement Statistiek, en die Sentrum vir Ekonomiese Politiek en Analise in die Departement Ekonomie in 1992.

Daar is ook enkele ander hoogtepunte gedurende die tydperk 1983-1992 wat die trotse tradisie en dinamiese groei van die Fakulteit weerspieël het. In Oktober 1988 het die eerste uitgawe van *Communiké*, skakelblad van die Fakulteit, verskyn. In November 1988 het die eerste uitgawe van die *Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe* wat deur die Fakulteit uitgegee word die lig gesien. Hierdie tydskrif het in 1991 gerefereerde status verwerf.

Die Nagraadse Bestuurskool, die oudste Bestuurskool in Suid-Afrika en sover bekend ook die oudste buite die VSA, het in 1989 sy 40ste verjaarsdag gevier. Die volgende jaar het die Fakulteit sy sewentigste bestaansjaar gevier met 'n besondere program wat onder meer 'n internasionale konferensie, 'n nasionale simposium en 'n reeks gedenklesings ingesluit het. In 1991 het Bemarkingsbestuursopleiding mondig geword. Prof. Sieg Marx, dekaan teen 1992, is in 1970 as die eerste bekleër van die Leerstoel in Bemarkingsbestuur aangestel.


In 1991 is die eerste BCom-grade toegeken aan studente by die Sentrum vir Nauurse Onderrig in Witbank. Dit was 'n besondere hoogtepunt aangesien die Fakulteit in 1987 betrokke was by die ondersoek na die vestiging van 'n Sentrum vir Nauurse Onderrig in Oos-Transvaal.

S. Marx
Dekaan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Bedryfsekonomie

In 1983 het gespesialiseerde voorgraadse opleiding in Bedryfsekonomie wat in 1982 aangevoor is, gelei tot die instelling van volwaardige BCom-grade in Ekonomie en Bedryfsekonomie en is die graad BCom-(Ekonomiese Wetenskappe) afgeskaf. Die instelling van die BCom(Bedryfsekonomie)-graad in 1983 was die eerste aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Terselfdertyd het die verandering in die jare wat sou volg, gedien as motivering om borgskappe te werf vir die erkenning en beloning van besondere akademiese prestasie deur studente in die twee studierigtings waarvoor die Departement verantwoordelik was, naamlik Bedryfsekonomie en Bemarkingsbestuur. 'n Aantal prestasiepryse is in 1984 van die privaatsektor ontvang om besondere akademiese prestasie van studente te beloon. Teen 1992 het die Departement reeds oor twaalf verskillende prestasiepryse beskik. In 1990 is die EBI (Eerstejaar-Bemarkingsinisiatief)-toekenning ingestel vir die beste reklametaak vir Bemarkingsbestuurstudente op die eerstejaarsvlak.



Prof. D.C. van Rooyen, Hoof: Departement Bedryfsekonomie, sedert 1 Oktober 1991.

As hoof van die Departement het prof. F.W. Marx ook besondere aandag geskenk aan die inhoud van die vak Bedryfsekonomie op skoolvlak en die verhoging van die status daarvan. Op grond van sy vertoë het die Gemeenskaplike Matrikulasieraad die moontlikheid om Bedryfsekonomie ook op hoërgraad aan te bied, verder gevoer. Prof. Marx is gevra om as voorsitter op te tree van die landswye komitee wat nuwe sillabusse moes opstel.

Van 1983 af is daar vir die eerste keer van 'n semesterstelsel in die Fakulteit gebruik gemaak. Die inhoude van die vakkursusse wat deur die Departement Bedryfsekonomie aangebied is, het 'n aantal belangrike onderwerpe ingesluit. In die eerstejaar is 'n breë oorsig van die vak gegee met inleidende leerstof oor die werking van die verskillende afdelings van 'n sakeonderneming. Aankoopbestuur is as selfstandige deelgebied die eerste keer vir 'n volle semester in 1983 aangebied en gevolglik het die Departement die leiding geneem by bedryfsekonomiese opleiding in die RSA. Operasionele Bestuur en Bemarkingsbestuur is in die tweede semester aangebied, terwyl die Administratiewe Funksie in die eerste semester van die derdejaar en Ondernemingsbestuur in die tweede semester aangebied is.

Sedert 1988 is Finansiële Bestuur vir die eerste keer as selfstandige deelgebied aangebied en kon studente die BCom-graad

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

met die endossement Finansiële Bestuur behaal. Die benaming van die BCom(Bedryfsekonomie)-graad is in 1989 na BCom-(Ondernemingsbestuur) verander. Die BCom(Hons)-graad in Finansiële Bestuur is vir die eerste keer in 1990 ingestel. In 1992 is "Produksie" en "Produktiwiteit" wat vroeër onder Bedryfsekonomie 310 geressorteer het, na die 200-vlak verskuif in die vakkursus Bedryfsekonomie 213 en is Mannekragbestuur 313 die eerste keer in die derdejaar aangebied. Goedkeuring is in 1992 verleen om 'n BCom-graad in Kommunikasiebestuur aan te bied, sodat daar vyftien verskillende BCom-grade was wat deur die Fakulteit aangebied is.

Onder die leiding van prof. S. Marx en bygestaan deur lede van die Departement is 'n omvangryke studie in 1983 oor die geldbestedingspatroon van studente aan die Universiteit van Pretoria onderneem. Die bevindinge van die projek is in elf verskillende verslae, vir elk van die fakulteite gerapporteer. 'n Oorkoepelende verslag is op 21 November 1984 aan die Rektoraat oorhandig. Die bevindings van hierdie ondersoek het aanleiding gegee tot die vestiging van talle sakeondernemings in die onmiddellike omgewing van die Universiteit en het geblyk 'n waardevolle bydrae te wees vir die sakegemeenskap.

Die Departement het in 1985 'n opdrag van die Rektoraat ontvang om ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n satelliet-kampus in Oos-Transvaal te vestig. Die ondersoek is in 1987 deur die Departement voltooi en die aanbevelings wat gedoen is, het daartoe gelei dat 'n kampus op Witbank gevestig is. Die eerste lesings het in 1989 'n aanvang geneem.

Talle ander navorsingsprojekte is ook sedert 1983 deur individuele lede van die Departement onderneem en die bevindinge is in vakwetenskaplike tydskrifte gepubliseer. Die Departement het ook 'n leidende rol gespeel by die stigting in 1987 van die Suider-Afrika Instituut vir Bestuurswetenskaplikes. Proff. S. Marx, D.C. van Rooyen en J.A. de Villiers het reeds in die Nasionale Raad van die vermelde Instituut gedien.

Daar is ook saam met buite-instansies aan projekte meegewerk. Aan die einde van 1989 is prof. S. Marx deur die Minister van Landbou versoek om 'n omvattende ondersoek te doen na die moontlikhede om die varsproduktebedryf in die RSA te rasionaliseer en nuwe strategieë daarvoor te ontwikkel. Prof. Marx is vir 'n jaar na die Raad vir Geeswetenskaplike Navorsing gesekondeer waar hy as projekleier opgetree het vir die veertien afsonderlike navorsingsprojekte voortspruitend uit die opdrag. Die ondersoek is in Augustus 1991 afgehandel. Lede van die Departement, die Nagraadse Bestuurskool en kundiges van buite die Universiteit het aan die projek meegewerk.

Interdissiplinêre skakeling en samewerking met ander universiteite het gereeld plaasgevind. 'n Hele aantal van die dosente in die Departement het as eksterne eksaminatore vir ander universiteite opgetree. Periodiek is van die senior personeel gevra om teenwoordig te wees by die aanstelling van personeel op professoraatvlak. Kennisgewings van lesings deur buitelandse besoekers is bekend gemaak sodat lede van die departemente dit kon bywoon, konferensies is ondersteun en 'n hele aantal handboeke is met die medewerking van vakgenote van ander universiteite in die RSA geskryf. Referate is gereeld deur lede van die Departement by konferensies en kongresse gelewer. Op die plaaslike front is dit veral die navorsingskonferensies van die EBM (Ekonome, Bedryfsekonome en Mannekrag) en die Suider-Afrika Instituut vir Bestuurswetenskaplikes (SAIBS) wat as forum gebruik is om referate oor voltooide navorsing te lewer. Lede van die Departe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ment het gedurende die tydperk 1983-1992 ook konferensies in die buiteland bygewoon en lesings daar aangebied. Op hierdie wyse is internasionale skakeling wat betref die vakgebied uitgebou.

Die vakkursusse wat deur die Departement aangebied is, was in wese fundamenteel wetenskaplik, maar prakties gerig om die potensiële sakeman toe te rus met kennis en vaardighede om besluite aangaande bestuursvraagstukke te neem. Hiervoor is ruim van gevallestudies, veral op derdejaarsvlak, gebruik gemaak.

Die Departement het ook sy Afrikamissie uitgeleef. In enkele gevalle is van sy lede versoek om lesings aan te bied in Namibië en Swaziland. In 1988 is 'n omvattende ondersoek ook deur drie lede van die Departement vir die Akademie in Windhoek gedoen. Individuele navorsingsprojekte is periodiek deur lede van die Departement op versoek van die selfregerende tuislande en onafhanklike state gedoen.

Die onderrig in die Departement het ontwikkel van 'n dosent-gesentreerde onderrigmodel na een waar die onderrig studentgerig is. Studiehandleidings is van 1987 af vir die afsonderlike vakkursusse in gebruik geneem. Ten einde in bepaalde terreine die nodige leerstof wat in die opleiding verlang word aan die student beskikbaar te stel, is talle Afrikaanse handboeke vir voorgraadse studente van die Departement selfstandig of in medewerking met vakgenote van ander universiteite geskryf. Sommige hiervan is ook in Engels vertaal om die behoefte van Engelssprekende studente wat vakkursusse in die Departement volg tot hulp te wees. Gedurende 1992 is reeds die nodige aanvoorwerk gedoen om van 1993 af lesings ook in Engels aan te bied.

Ten einde die opleiding by die taalmedium van die Universiteit aan te pas, is 'n handboek oor Bemarkingsbestuur in Afrikaans deur prof. S. Marx, hoof van die bemarkingsbestuursopleiding en prof. H.J. Dekker geskryf. Hierdie boek is in die jare wat gevolg het met groot vrug in die opleiding van Bemarkingsbestuurstudente aan hierdie Universiteit gebruik. Onder redaksie van prof. C.L. Koekemoer het 'n boek *Marketing communications management: a South African perspective* in 1987 verskyn. In dieselfde jaar het prof. Van Rooyen 'n bydrae tot die skryf van enkele hoofstukke in 'n boek oor Finansiële Bestuur onder redaksie van prof. I.J. Lambrechts van die Universiteit van Stellenbosch gelewer. Prof. Van Rooyen en prof. W.M.J. Hugo van Unisa het in 1983 'n boek getiteld *Aankoopbestuur - beginsels in perspektief* gepubliseer wat by 'n hele aantal universiteite as standaardteks gebruik word. Hierdie handboek is in 1990 ingrypend hersien en het onder die titel *Aankope en Materiaalbestuur* verskyn.

Om by die nuwe leerplan aan te pas, het 'n nuwe handboek vir eerstejaarstudente in 1990 onder redaksie van proff. S.Marx en W.F. Rademeyer en dr. H.J.J. Reynders, getiteld *Bedryfsekonomie* verskyn. Die onderskeie hoofstukke is deur personeel van die Departement en die Randse Afrikaanse Universiteit geskryf. Dieselfde teks is omvattend hersien en aangepas en verskyn in 1991 onder die titel *Bedryfsekonomie - riglyne vir Ondernemingsbestuur*. Dié handboek is in 1992 ook in Engels vertaal. By dié boeke was lede van die Departement gedurende 1992 betrokke.

Prof. P.W.C. de Wit het in medewerking met mev. S.A. Hamersma van die departement Bedryfsekonomie aan Unisa 'n handboek getiteld *Produksie en Operasionele Bestuur: 'n praktiese beskouing* geskryf. Hierdie boek is voorgeskryf vir studente van die vakkursus Bedryfsekonomie 213.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. A.E. Marx was die outeur van 'n boek met die titel *A practical guide on implementing suggestion systems*. Prof. E. Oost skryf in samewerking met prof. G.A. du Toit van Unisa en prof. E. Neuland van Vista 'n boek met die titel *Langtermyn finansiële besluitneming*.

Diens aan die gemeenskap is veral gelewer deur kortkursusse aan te bied waarin die geleentheid geskep is om die kundighede waaroor die Departement beskik aan die bedryfslewe beskikbaar te stel. In die tien jaar van 1983 tot 1992 is 'n reeks sodanige kortkursusse met sukses aangebied. Hiervoor was 'n formele infrastruktuur nodig. Die instelling van 'n Instituut vir Bedryfsekonomiese Studies (IBES) deur die Universiteitsraad in 1983 was egter onderworpe aan die voorwaarde dat dit die Universiteit niks sou kos nie. Die Instituut was dus verantwoordelik vir sy eie bedryfsonkoste uit fondse verkry uit navorsingsprojekte, kortkursusse en konsultasiewerk. Dr. De Wit is as die eerste direkteur van die Instituut aangestel. 'n Beheerraad is vir die Instituut saamgestel uit lede van die Departement en vooraanstaande sakemanne uit die bedryfslewe.

In 1985 is begin met drie kortkursusse wat deur lede van die Departement en deskundiges van buite die Universiteit aangebied is. Die kursusse was die "Certificate programme in industrial marketing management", "Certificate programme in marketing for non-profit organisations" en die "Certificate programme in marketing of services". 'n Sertifikaatkursus in Aankoopbestuur is in 1985 in samewerking met Yskor vir Yskorpersoneel ontwikkel en aangebied. Tot 1992 het meer as driehonderd werknemers van Yskor die kursus voltooi. Die Aankopersinstituut van Suid-Afrika (IPSA) het prof. Van Rooyen in 1986 genader om 'n kursus vir lede van die Instituut te ontwikkel. Sedert die eerste kursus in 1986 het meer as tweehonderd kandidate die kursus voltooi. In 1988 is 'n Sertifikaatkursus in Kleinsakebestuur van die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie vir die kleinsakeman deur die Departement ontwikkel en sedert die instelling daarvan het meer as tagtig kursusgangers die kursus bygewoon en sertifikate behaal. 'n Sertifikaatkursus in kredietbestuur vir landboukoöperasies is op versoek van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie vir koöperasieamptenare ontwikkel en aangebied. 'n Sertifikaatkursus in Finansiële Bestuur is ook sedert 1992 aangebied.

Prof. F.W. Marx wat op 1 Julie 1973 hoof van die Departement geword het, het op 31 Desember 1984 afgetree. Sy opvolger, prof. S. Marx, beklee die pos tot 30 Junie 1991 waarna hy aangewys is as dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Prof. S. Marx is op 1 Oktober 1991 as departementshoof opgevolg deur prof. D.C. van Rooyen. Teen 1992 was die ander professore in die Departement proff. E.F.de V. Maasdorp, P.W.C. de Wit, E. Oost, G. Puth, J.A. de Villiers en A.E. Marx. Die Departement het verder oor nog veertien dosente beskik. Altesame 21 doserende personeellede was aan die Departement verbonde. Voorts was daar drie sekretaresses, twee navorsingsassistente en nege junior dosente. Die navorsingsassistente is toegewys aan bepaalde dosente wat met navorsingsprojekte besig was, terwyl die junior dosente nasienwerk en ondersteuningsdienste gelewer het. Die groei in die Departement is weerspieël deur die feit dat sy personeel van elf dosente in 1982 tot die huidige 21 toegeneem het.

Op voorgraadse vlak het die Departement negentien verskillende vakkursusse met Bedryfsekonomie, Bemarkingsbestuur en Finansiële Bestuur as die hoofrigtings aangebied. Dienskursusse in Ondernemingsbestuur is in elk van die semesters aangebied vir hoofsaaklik die Ingenieurstu-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dente asook 'n semesterkursus al om die ander jaar vir nagraadse mediese studente. Op honneursvlak is 27 semesterkursusse aangebied en studieleiding is aan MCom- en DCom-kandidate gegee.

Die toename in studentegetalle word weerspieël deur die feit dat sowat 5 500 voorgraadse vakkursusgangers in 1982 deur die Departement gedien is, teenoor net minder as sesduisend in 1987 en net meer as agtduisend in 1992. Op honneursvlak het eweneens 'n aanmerklike groei plaasgevind - van sowat twintig studente in 1982 tot 110 studente in 1992. Teen 1992 was 25 studente vir magistergrade en vier vir doktorale studie ingeskryf.

Op 4 Junie 1987 het prof. S. Marx in sy intreerede as departementshoof, getiteld "Opleiding in die Bedryfsekonomie: verlede, hede en toekoms", geredeneer dat die vaknaam "Bedryfsekonomie" verander behoort te word na "Ondernemingsbestuur" en dat die departement Bedryfsekonomie en die Nagraadse Bestuurskool moet saamsmelt. Hierdie voorstel is in 1992 ernstig oorweeg.

D.C. van Rooyen
Departementshoof

Departement Bestuurswese en Nagraadse Bestuurskool


Aangesien die doel van nagraadse bestuursopleiding aan hierdie Universiteit van meet af aan die lewering van opgeleide bedryfsleiers was, is aanpassings in die opleidingsmetode en veral die inhoud van die MBA-program, met behoud van hoë akademiese standaarde, deurgaans in die dekade 1983-1992 gemaak om by die veranderde behoeftes van die sakelewe aan te pas. 'n Herkurrikulering van die MBA-program is in 1992 onder leiding van prof. A. Chadwick van die Universiteit van Surrey volledig deurgevoer. Die Departement Bestuurswese het ook in 1992 deelgeneem aan 'n fakulteitswye rasionalisasie-oefening waar duplisering van kursusse ondersoek is en nouer samewerking tussen verskillende departemente bewerkstellig is.

Die Bestuurskool is lid van sowel die Europese Stigting vir Bestuursontwikkeling (EFMD) as die Amerikaanse Assosiasie van Bestuurskole (AACSB). Prof. M.J.C. van Vuuren het in 1990 'n seminaar vir bestuurskoolhoofde in die VSA bygewoon, terwyl prof. J.H. de la Rey in 1992 vyf Europese bestuurskole besoek het en 'n konferensie oor die bestuur van bestuurskole bygewoon het. Die Nagraadse Bestuurskool behoort ook tot die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bestuurskole en beywer hom vir samewerking tussen die onderskeie bestuurskole.

Prof. L.M. Brümmer het in Julie 1984 die leisels as hoof van die Departement Bestuurswese en as tweede direkteur van die Nagraadse Bestuurskool by prof. C.W.I. Pistorius oorgeneem. Gedurende prof. Brümmer se termyn het hy 'n nuwe era ingelui deur gereelde personeelvergaderings te hou, die eerste fase van 'n doktorale program in te stel, die leerstoele vir Logistiek en Entrepreneurskap goedgekeur te kry en die Senior Bestuursprogram te loods.

In Junie 1988 is prof. M.J.C. van Vuuren as Direkteur aangestel en skep hy vir die eerste keer 'n tweede bestuursvlak deur prof. N.F. Alberts as Adjunkdirekteur Opleiding, prof. A.B. Boshoff as Adjunkdirekteur Navorsing en prof. J.H. de la Rey as Bestuurder Ondersteuningsdienste, aan te stel. Prof. Van Vuuren het die advieskomitee beduidend uitgebrei, strategiese beplanningsessies gehou, 'n alumnivereniging geloods, poste vir buitengewone professore geskep, vakprystoekennings vir MBA-presteerders ingestel, die korpo-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. L.M. Brümmer, Hoof: Departement Bestuurswese en Direkteur: Nagraadse Bestuurskool, 1984 - 1988.

ratiewe beeld van die Nagraadse Bestuurskool gevestig, en die kortkursusse aansienlik uitgebrei.

In 1990 het die Departement na die nuwe Ekonomiese en Bestuurswetenskapgebou verhuis en 'n uitgebreide infrastruktuur gevestig, waaronder 'n rekenaarlaboratorium wat self befonds word.

Sedert 1992 het prof. De la Rey as Direkteur waargeneem na die bevordering van prof. Van Vuuren, en prof. R. Erwee het as Adjunkdirekteur Navorsing oorgeneem. Prof. De la Rey het die finansiële beplanning en beheer verder uitgebrei, terwyl prof. Erwee die doktorale en navorsingsprogramme voortgesit het.

Die vakke Bestuursrekeningkunde, Finansiële Bestuur, Beleggingsbestuur en Gevorderde Finansiële Vraagstukke is onderskeidelik deur proff. De la Rey, H.A. Lambrechts en Brümmer uitgebou. Die rekenaar as hulpmiddel by Finansiële Bestuur het veroorsaak dat veel meer inligting by besluitneming betrek kon word. Die netbetyds-metode van vervaardiging het ook beteken dat bestuursbeplanning en beheer gesofistikeerder geword het. Aktiwiteitsgebaseerde koste wat kosteoorsake, kostenoodsaaklikheid en kostebesparing ontleed, is ook sedert 1990 deel van die leerplan.

Prof. Lambrechts het sy proefskrif oor finansiële termynmarkte in 1990 afgehandel nadat hy ook aan die Universiteit van New York gestudeer het. Hy het in 1988 die gesaghebbendste effektetrustsopname in Suid-Afrika gevestig en is deur die Minister van Finansies in die Advieskomitee van effektetrusts van die Raad op Finansiële Dienste aangestel. Hy het ook as voorsitter van die Navorsingsdepartement van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Termynmarkte gedien. In 1992 het hy 'n toekenning uit die Stimulasiefonds vir Belowende Jong Dosente ontvang vir navorsing in die Verenigde State en Brittanje.

Beide proff. Lambrechts en Brümmer het as mede-outeurs referate by kongresse in Taiwan (1991) en Denver, VSA (1992) gelewer. Voorts het beide in die tydperk 1983-1992 vele referate op nasionale kongresse gelewer en was outeurs van artikels in finansiële tydskrifte.

Die handboeke waarvan prof. Brümmer in die onderhawige tydperk redakteur of mede-outeur was, is *Finansiële bestuur* (J.L. van Schaik, 1985 en 1990), *Financial management* (1990), en 'n hoofstuk "Risiko en die finansiële beoordeling van investeringsprojekte" in *Die investeringsbesluit* (HAUM, 1986). Sedert 1990 het hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

as redakteur die eerste reeks praktiese bestuursgidse vir die uitgewer J.L. Van Schaik geïnisieer. Hy is van April 1991 tot hoof van die Buro van Finansiële Analise bevorder en het 'n unieke finansiële databasis, BFA-NET, geskep wat deur MBA- en DBA-studente landswyd in hul navorsing aangewend word.

Die vakke Arbeidsverhoudinge, Mannekragbestuur en Organisatoriese Gedrag is in die onderhawige tydperk deur onderskeidelik proff. N.F. Alberts en R. Erwee 76aangebied. Mannekragbestuur is sedert 1983 uitgebrei om benewens die bestuur van personeelfunksies ook opleiding as tema in te sluit en die vak Arbeidsreg as deel van die kursus aan te bied. Met die aanstelling van prof. Alberts in 1986 het die klem geval op die rol en verantwoordelikheid van elke bestuurder om toe te sien dat die mens as hulpbron gesien en doeltreffend ingespan word. Aanpassings is gedoen met behulp van kundiges uit die private en openbare sektore. Met die herkurrikulering in 1990 is temas soos personeelvermindering, heropleiding, werkgeleentheidskepping en die verrekening van menslike hulpbronne ingesluit. In die lig van druk op gelyke geleenthede sal die vak voortaan as Werkkragbestuur bekend staan om beide geslagsgroepe tot hulp te wees.

Ten einde die bestuur en benutting van die menslike hulpbron in die toekoms doeltreffender te maak, was prof. Alberts in 1990 en 1991 betrokke by 'n nasionale opleidingstrategie, geïnisieer deur die RGN en die Nasionale Opleidingsraad. Hierbenewens het gereelde skakeling met die Nasionale Produktiwiteitsinstituut, die departement van Mannekrag en verskeie universiteite plaasgevind.

Van die instelling van die vak Arbeidsverhoudinge as afsonderlike vak in 1986 is daar op gereelde grondslag aanpassings aangebring. In 1988 is die vak hersien in samewerking met die departemente Personeelbestuur en Sosiologie van die Universiteit sodat studente van elke departement sekere kernkundighede opdoen maar ook blootgestel word aan unieke benaderings. Verskeie kundiges uit die beroepswêreld is betrek in die aanbieding van lesings, soos byvoorbeeld 'n vakbondsekretaris tydens praktiese opleiding in onderhandeling. 'n Verdere innovasie deur prof. Alberts was die totstandbrenging van 'n "Law line", in samewerking met die Merensky-biblioteek, sodat 'n lys van alle wetswysigings en artikels beskikbaar kom. Die vakke Mannekragbestuur en Organisatoriese Gedrag was die eerste vakke wat in 1983 doelwitgerigte studiehandleidings in die Fakulteit ingestel het en wel onder leiding van proff. Pottas en Erwee. Die eerste portuurgroepevaluering van studiehandleidings in die vak Organisatoriese Gedrag deur dosente van ander universiteite het in 1987 plaasgevind en is in 1992 herhaal. Dit het verseker dat benewens die bekende internasionale benadering tot die vak, Suid-Afrikaanse gevallestudies, navorsing en tendense in die kurrikulum verskyn het. Aktuele onderwerpe soos stereotipering, *ubuntu*, kruiskulturele kommunikasie, *township*-stres, tweeloopbaangesinne, herskeppende leierskap en organisasievernuwing is sedert 1990 ingesluit. Prof. Erwee was ook die eerste dosent in die Departement wat interaktiewe video's as opleidingshulpmiddels benut het en self ervaringsleer- en klasoefeninge ontwikkel het om teoretiese konsepte prakties toe te lig.

Navorsing in die vak Organisatoriese Gedrag het sedert 1983 veral gefokus op loopbaanbeplanning in ondernemings, vroue in bestuursposte, prestasiemotivering, leierskap, entrepreneurskap, groepdinamika en organisasiekultuur. Sekere

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stukke navorsing het gelei tot voordragte op internasionale kongresse in Washington (1983), Chicago (1986) en New Orleans (1987) en het as hoofstukke in die handboek *Women in management worldwide* (red. M.E. Sharpe, 1988 en 1992) verskyn. Ander navorsingsverslae is voorgedra op plaaslike kongresse of in vakkundige tydskrifte gepubliseer.

Ten einde die navorsing te inisieer of lesingmateriaal te bekom, het prof. Erwee van 1987 af gedien in onder andere die Direksie van die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie, die Direksie van die Vroueburo, die Publikasieraad van die Instituut vir Personeelbestuur, die Mannekragkomitee van die Afrikaanse Handelsinstituut, die Werkgroep oor die Herstrukturering van die Nasionale Mannekragkommissie en nog vele meer. Gereelde internasionale skakeling het deur bogenoemde komitees plaasgevind, maar ook deur die European Women's Management Development Network en die Academy of Management, VSA. Gasdosente in die vak Organisatoriese Gedrag kon vanweë hierdie skakelaksies genooi word.

Die vak Bemarkingsbestuur en Inkopebestuur is tot 1989 deur prof. Van Vuuren aangebied, maar met die aanstelling van prof. T. de Wet het verdere ontwikkelinge plaasgevind. Bemarkingsnavorsing, bemarkingsbevordering en uitvoerbemarking is as keusevakke aangebied. Sedert die laat tagtigerjare toe privatisering en kommersialisering by groot Suid-Afrikaanse korporasies plaasgevind het, is veral klem gelê op bemarkingsoriëntasie, teikenbemarking, herposisionering en bemarkingsherorganisasie. Spesiale aandag is ook gegee aan die toepassing van bemarkingsteorie op professionele firmas en nie-winsgerigte organisasies.

Prof. De Wet was betrokke by 'n bemarkingsondersoek in 1991 van die Universiteit van Pretoria wat gelei het tot die herstrukturering van die Universiteit se bemarkingsfunksie. Van 1989 af het hy ook reeds drie bemarkingsnavorsingondersoeke onderneem na die opleidingsbehoeftes van MBA-studente, hul persepsies en ervaringe en studiestrome. Hierdie ondersoeke het die Nagraadse Bestuurskool se korporatiewe en bemarkingsbeplanning gevestig en is ook as referate op 'n plaaslike en internasionale kongres in 1992 aanvaar.

In 1989 is 'n skakelkomitee by die Bestuurskool onder leiding van prof. De Wet tot stand gebring wat die bemarkingsfunksie bestuur het. 'n Nuwe embleem, slagspreuk, advertensie- en publisiteitstrategie het tot die professionaliteit van dié funksie bygedra.

Met die aanstelling van prof. P. Steyn in 1990 is 'n nuwe benadering tot die vak Operasionele Bestuur gevestig. Die gedagte van internasionale handel in vervaardigde artikels in terme van die "Global village"-benadering en die belangrikheid van tegnologie word beklemtoon. Hierdie benadering het gelei tot vele skripsies en proefskrifte onder prof. Steyn se leiding en hy publiseer in 1990 ook 'n hoofstuk in die handboek *International handbook of production and operations management* (Cassell, Londen). Artikels oor die invloed van vervaardiging en tegnologie het in finansiële tydskrifte verskyn. In 1991 het prof. Steyn as gasdosent in Taiwan opgetree. Die volgende jaar het hy 'n projekbestuuroudit vir 'n afdeling van die WNNR en 'n herorganiseringstudie van Ciskei se departement Openbare Werke onderneem.

Die vakgebied Strategiese Bestuur kan moontlik beskryf word as die gebied binne Bestuurswese wat internasionaal die meeste prominensie sedert die middel tagtigerjare

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geniet. Ondernemingsbeleid is die oorkoepelende vak in die MBA-leerplan, terwyl Strategiese Bestuur een van die hoekstene van Ondernemingsbeleid is. Prof. G.K.A. Roodt is in 1986 aangestel om die vakgebied in die Suid-Afrikaanse konteks uit te bou. Hy het verskeie innovasies in die leerplan aangebring, onder andere die vestiging van 'n mentorprogram en van Bestuursetiek asook interaktiewe student-dosent-evaluering. Ten einde die vakkundige standaard en praktykskakeling te verseker, het prof. Roodt as vertroulike raadgewer van die president van Mintek opgetree en in die Raad van Trustees van die Vaaldriehoekse Opleidingsentrum en as Assosiaat van Deloitte & Touche gedien, terwyl hy ook lid van die Harvard Business School Club of South Africa was. Prof. Roodt het ook in 1992 as besoekende professor aan die Nagraadse Sakeskool van die Universiteit van Kaapstad opgetree. Hy was 'n medewerker van die handleiding *Inleiding tot die Bedryfsekonomie* en het verder gedurende 1992 meegehelp in die vestiging van entrepreneuriese besighede in Mosambiek.

Mnr. W.A. de Villiers het die vak Algemene Bestuur in 1984 by prof. Pistorius oorgeneem en tweetalige studiehandleidings, gegrond op volwasse doelwitgerigte onderrigmodelle, is opgestel. Die verdeling van die vakke Algemene Bestuur en Organisasiestrukturering is in 1986 in werking gestel. Die fokus van Algemene Bestuur val op die algemene integrasie van alle bestuurs- en ondernemingsfunksies op alle bestuursvlakke, terwyl Organisasiestrukturering weer gerig is op die skep, bedryf en aanpassing van 'n onderneming waarin alle bestuursaktiwiteite neerslag vind. Die leerdoelwitte van die vakke is gerig op hoërorde-leervlakke, naamlik begrip, toepassing, ontleding en sintese. Inhoude is op gereelde herkurrikuleringsvergaderings met kollegas bespreek.

Nuwe ontluikende paradigmas oor ondernemingsbestuur is sedert 1990 deur mnr. De Villiers as deel van sy doktorale studies bestudeer. Alhoewel beide vakke nie in dieselfde formaat by ander bestuurskole aangebied is nie, het gereelde skakeling tog met ander universiteite plaasgevind. Mnr. De Villiers het verskeie organisasies en instellings van advies bedien betreffende hierdie nuwe ontluikende paradigmas.

Die kursus Entrepreneurskap is deur prof. Pottas ingestel om internasionale en nasionale tendense in entrepreneurskapontwikkeling en werkgeleentheidskepping in die MBA-leergang te inkorporeer. Navorsing oor prestasiemotivering en verwante konsepte is onderneem en MBA-studente het besigheidsplanne ter evaluering voorberei.

Die kursus in Navorsingsmetodiek is sedert 1987 deur prof. Boshoff as verpligte byvak vir die DBA-program aangebied. 'n Nuwe struktuur vir die DBA-program is in 1990 deur proff. Alberts en Boshoff ontwerp en is sedert 1992 deur prof. Erwee voortgesit.

In 1982 is die Frans Cronjé-leerstoel in Entrepreneurskap gevestig met prof. A.B. Boshoff as eerste bekleër van die leerstoel. Navorsing oor aspekte van entrepreneurskap wat landswyd en internasionaal bekend gestel is, byvoorbeeld in Taiwan (1991) en Duitsland (1992), is met medewerkers onderneem. Prof. Boshoff het in 1992 'n medalje van die Raad van die Universiteit ontvang as een van die agt uitnemende presteerders in die dosentekorps vir sy navorsing oor werkstevredenheid en werksbetrokkenheid. Hy het ook referate hieroor in Florida in die VSA in 1992 gelewer.

Die Leerstoel in die Logistiek is in 1987 ingestel met prof. P.J.A. Nagel as die eerste bekleër. Onder sy leiding is die vakgebied in Suid-Afrika uitgebou, 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

advieskomitee is aangestel en kortkursusse is ontwikkel. Mnr. W.W. Cilliers het sedert 1991 in dié leerstoel waargeneem, navorsing in die gebied gelei en in opleidingsbehoeftes van korporatiewe kliënte voorsien.

Die eerste Leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur in Suid-Afrika is in 1991 gevestig ten einde die heropening van internasionale markte en binnelandse toerisme te ontgin. Mnr. B. Morris is as bekleër aangestel. Mnr. W.W. Cilliers was ook deurgaans betrokke en het 'n opleidingstrategie geformuleer wat bedryfsgerig was. Hy het ook die bestaande kurrikula met behulp van 'n advieskomitee herontwerp en keuringsprosedures ingestel.

Gemeenskapsdiens het in die onderhawige tydperk hoë prioriteit geniet. Die Nagraadse Bestuurskool was die enigste Suid-Afrikaanse instansie wat 'n kortkursus vir vrouebestuurders, genaamd "Vroue as bedryfsleiers", aangebied het. Die kursus is ontwikkel volgens internasionale modelle nadat prof. Erwee in 1989 opleiding by Ashsidge Management College in Brittanje ontvang het. Enkele innovasies wat nog nie in ander kortkursusse benut is nie, was portuurgroepevaluering van projekvoordragte, werksessies oor netwerke, kruiskulturele kommunikasie en loopbaan- en lewensbeplanning. Van 1992 af is die kursus ook aangepas om in die behoeftes van spesifieke ondernemings te voorsien. Vir haar gemeenskapsdiens het prof. Erwee 'n aantal toekennings ontvang, naamlik Four Outstanding Young South Africans (JAYCEES 1989), Laureatus van die Bond van Oud-Tukkies (1990), en die Erkentlikheidstoekenning van die Pretoriase Afrikaanse Sakekamer (1990).

Die Nagraadse Bestuurskool het benewens die algemene kortkursusse ook sedert 1989 op versoek van korporatiewe kliënte soos Southern Sun, Nedbank, Middelburg Staal, Volkskas, ens., bestuursontwikkelingsprogramme aangebied. Só het prof. De Wet in 1990 sowel die kortkursus in Bemarkingsbestuur as die bestuursontwikkelingsprogram vir die Southern Sun-groep ontwikkel en het sedertdien as kursusleier vir beide kursusse opgetree.

Die Nagraadse Bestuurskool het ook in 1990 'n alumniklub, onder leiding van prof. Roodt gestig wat voorsien in afgestudeerde studente se behoeftes aan heropleiding en die bou van 'n professionele netwerk. Proff. Roodt en De Wet het opgetree as redakteurs van die *Alumninuus* wat deur hulle bemoeienis die lig gesien het.


J.H. de la Rey
Waarnemende Departementshoof

Departement Ekonomie en die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA)

Die onderrigfunksie van die Departement Ekonomie is tussen 1983 en 1992 gekenmerk deur deurlopende evaluering, aanpassing en vernuwing in onderrigprogramme. Hierdie aksies is aangepak met inagneming van die Departement se eie hulpbronne en snelle groei in die studentegetalle (veral nagraads) en die mensekragbehoeftes van die private en openbare sektore.

Die instelling van die semesterstelsel in die Fakulteit in 1985, asook algemene rasionaliseringsaksies, het meegebring dat alle vakkursusse hersaamgestel en geherkurrikuleer moes word. Daarbenewens het die Departement baanbrekerswerk in die Fakulteit gedoen met die instelling van omvattende studiehandleidings vir elke kursus, voor- en nagraads. Dit is hierna as beleid na die Fakulteit en die Universiteit uitgebrei. Dienskursusse soos Elementêre Ekonomie, Ekonomie Spesiaal en Ekonomie van Grondgebruik het verdwyn in die rasionalisasieproses, terwyl daar gedurende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J. Lombard, Hoof: Departement Ekonomie, 1961 - 1985.

die herkurrikuleringsproses in die normale kursusse voorsiening gemaak is vir die behoeftes van studente wat vroeër hierdie uitgefaseerde dienskursusse gevolg het.

In 1988 is Versekeringswese (geborg deur Momentum Lewensversekeraars) as vak en die studierigting BCom (Versekeringswese) in die Departement ingestel. Die leerstoel in Versekeringswese is beklee deur prof. George Marx. In 1989 is Bankwese as vak en die studierigting BCom (Bankwese) ingestel, gefinansier deur 'n skenking van Volkskas. Dit het onder andere meegebring dat die voorgraadse kursusse in Ekonomie van nege tot sewe verminder is, terwyl vier nuwe voorgraadse rigtings in Bankwese ingestel is. Bankwese is ook op nagraadse vlak aangebied.

Die nauurse aanbieding van 'n BCom-studierigting te Witbank in 1989 het beteken dat Ekonomie daar aangebied moes word. Die eerste formele aanbieding by die Witbanksentrum was die kursus Ekonomie 110 met ongeveer 130 studente. In 1990 en 1991 is die aanbieding van Ekonomie aldaar onderskeidelik na die tweede en derde jaar uitgebrei.

Toelatingsvereistes tot die BCom-graadstudie en Ekonomie as vakkursus is verskerp en het beslis bygedra tot verbeterde prestasies, veral op eerstejaarsvlak. Ten spyte van die verhoging in toelatingsvereistes vir nagraadse studie in die Departement, het die studentegetalle 'n steeds stygende tendens getoon - heel moontlik juis as gevolg van die verhoogde standaard. Meesters- en doktorsgraadopleiding is vaartbelyn gemaak. Ou hout is uitgesny en prosedures is in werking gestel om studente te help om hul studies gouer te voltooi. Sedert 1990 het dit vrugte afgewerp en het agt tot twaalf studente jaarliks hul verhandelinge en tesisse voltooi. Die gemiddelde aantal M- en D-studente het van dertig tot sestig verdubbel, terwyl die honneursstudente tussen 1987 en 1992 van ongeveer dertig tot negentig toegeneem het.

In 1991 het die Departement, in samewerking met prof. Renate Lippert van die departement Didaktiese Pedagogiek, die voortou in die Fakulteit geneem met die instelling van rekenaargesteunde onderrig en toetsing.

Om vir die groterwordende getal Engelssprekende studente voorsiening te maak en veral om die Departement se deure oop te stel vir swart studente, nie net uit Suid-Afrika nie, maar ook van elders in Afrika, is 'n oorbruggingsmaatreël in 1992 ingestel waarvolgens een van die tien klasse op 100-vlak in Engels aangebied is. Dit het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

studente in staat gestel om daarna met gemak na Afrikaans as medium oor te skakel. In 1992 is die Sentrum vir Ekonomiese Politiek en Analise (SEPA) gestig. Nagraadse opleiding, met Ekonomiese Ontwikkeling as fokuspunt is toe ook van honneursvlak af in Engels aangebied gerig op veral studente uit Afrika.

Veral op nagraadse vlak het die Departement van verskeie ekonomiese kenners in die private en openbare sektore gebruik gemaak om voorlesings of kursusse aan te bied. Die band tussen die akademie en praktyk wat hiermee tot stand gekom het, het die student en werkgewer tot voordeel gestrek. Oorsese akademici is ook gereeld na die Departement genooi en veral sedert 1990 is akademiese skakeling met die VSA, Duitsland, Rusland en Afrika verskerp.

Sedert 1983 het die Departement drie hoofde gehad, naamlik prof. Jan Lombard tot 1985, prof. Koos Stadler tot 1986 (en daarna Dekaan tot 1991 waarna hy Viserektor geword het) en sedert 1987 prof. Geert de Wet. Die professore en medeprofessore in die Departement gedurende dié tyd was P.J. van der Merwe (later direkteur-generaal van Mannekrag en nog later voorsitter van die Kommissie vir Administrasie), J.C. van Zyl (later uitvoerende direkteur van die Gefedereerde Kamer van Nywerhede en nog later hoof van Opleiding by die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika), P.J. Haasbroek (later hoofekonoom by Barlows), J.A. du Pisani (later hoofekonoom by Senbank en nog later weer professor in Ekonomie by Unisa), M.L. Truu (vroeër hoof van die departement Ekonomie by Rhodes), D.J.J. Botha (vroeër hoof van die departement Ekonomie by Wits), F.G. Steyn, N.J. Schoeman en C. Harmse. Sedert 1991 dien J.A. Lombard wat uiteindelik afgetree het as senior visepresident van die SA Reserwebank, C.L. Stals, president van die SA Reserwebank, S.F. Coetsee, uitvoerende direkteur van die Afrika-Instituut en G.G. Maasdorp van die Universiteit van Natal as buitengewone professore.

Twee professore van die Departement, naamlik M.L. Truu en G.L. de Wet, is in 1989 deur die Universiteit aangewys as buitengewone presteerders op grond van hul navorsing, nasionale en internasionale vakkundige betrokkenheid en algemene statuur.

Soos in die verlede het die Departement sedert 1983 deur sy navorsingsarm, die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA), op verskeie terreine navorsing gedoen. Op veral die gebied van monetêre beleid, die ekonometrie, arbeidsvraagstukke en die ekonomiese implikasies van konstitusionele hervorming en modelle, het die navorsingspan van die Departement besondere bydraes gelewer. Omvangryke navorsing is onder andere ook onderneem rondom die rol van die owerheid in die ekonomie en dit het beleidsrigtings dikwels beïnvloed. Die oorhoofse tema van die navorsing het veral gewentel om die bevordering van die idee van die desentralisering van besluitnemingsprosesse binne die kader van die vryemarkbenadering.

Gedurende die laaste paar jaar voor 1992 is die navorsing van die Departement verder uitgebrei om ook Suid-Afrika se ekonomiese bande met die wêreld en veral met Afrikalande onder die soeklig te plaas. In dié verband is die Sentrum vir Ekonomiese Politiek en Analise (SEPA) in 1992 op die been gebring met die doel om gespesialiseerde nagraadse opleiding in ekonomiese politiek en toegepaste ekonomie aan te bied. Hier het die klem veral geval op die problematiek van ontwikkeling in Suid- en Suider-Afrika. Die ekonometriese navorsingsprogramme van die Departement het sedert 1990 groter internasionale erkenning gekry deurdat ons

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ingeskakel is by die aktiwiteite van die VN-gefinansierde organisasie Project Link. Die doel van Project Link is om ekonometriese modelle wêreldwyd met mekaar te verbind sodat veral vooruitskattings betreffende die internasionale handel gemaak kan word. Dit het die wêreld se voorste modelbouers byeengebring. Trouens, die projek is geloods en is teen 1992 nog gelei deur die Nobelpryswenner, prof. Lawrence Klein van die Universiteit van Pennsylvania.

Navorsingsresultate van die Departement is deurlopend in verskeie publikasiereekse bekend gestel en is wyd deur belanghebbendes aangehaal en gebruik. Een sodanige publikasie wat nou in sy 20ste jaargang is, is *Fokus op ekonomiese kernvrae* wat uiteenlopende en aktuele ekonomiese vraagstukke behandel. Verskeie handboeke in Afrikaans het in die onderhawige tydperk uit die pen van dosente van die Departement verskyn wat tot voordeel van die studente gestrek het. Die Departement was ook instrumenteel in die totstandbrenging van 'n nuwe vaktydskrif vir die ekonomiese en bestuurswetenskappe. As deel van die Fakulteit se 70-jarige bestaan het die Departement in 1990 'n internasionale kongres ter plaatse aangebied waarby kundiges van die VSA, Kanada, Wes-Europa en Suid-Afrika hul navorsingsresultate bekend gestel het oor die verband tussen 'n veranderende sosio-ekonomiese klimaat en ekonomiese ontwikkeling in Suider-Afrika. Verskeie dosente het oorsese navorsingsinstitute en universiteite besoek om op die hoogte te bly met navorsingstendense en -resultate in die wêreld. Oorsese vakkonferensies is ook gereeld bygewoon en bydraes is gelewer. Hierdeur is waardevolle verhoudinge opgebou en gereelde uitruiling van navorsingsresultate het plaasgevind.

Lede van die Departement was betrokke by 'n verskeidenheid nasionale ondersoek- en navorsingsprogramme, naamlik: die paneel van kundiges wat Suid-Afrika se nywerheidsontwikkelingsbeleid ondersoek het (proff. Truu en De Wet), 'n RGN-ondersoek na mannekragbehoeftes en -opleiding (prof. Steyn), die Raad van Handel en Nywerheid se ondersoek na Suid-Afrika se handelsbeleid (prof. Truu) en die Komitee van Ondersoek na die Bemarkingswet (prof. De Wet). Uit hoofde van hul navorsing en vakkennis, is prof. Jan Lombard in die vroeë tagtigerjare, en in die vroeë negentigerjare prof. Geert de Wet, as lede van die Staatspresident (vroeër die Eerste Minister) se Ekonomiese Adviesraad benoem. Prof. Truu het ook hierin gedien toe hy nog aan die Universiteit van Rhodes verbonde was. Prof. De Wet is ook in 1991 benoem as lid van die Mededingingsraad. Prof. Truu is in 1991 benoem as lid van 'n spesiale hof oor mededingingsaksies.

Prof. Joubert Botha was in die onderhawige tydperk uitvoerende redakteur van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie* (die oudste ekonomiese vaktydskrif in die land en 'n tydskrif wat internasionale bekendheid en erkenning geniet). Proff. Truu en De Wet was redakteurs van die nuwe *Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe* en adviserende redakteurs vir die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*. Saam met prof. Botha het hulle ook in 'n paar ander ekonomiese vaktydskrifte se redaksionele panele gedien.

Die Departement en sy dosentekorps het deurlopend daarna gestrewe om uitnemende gemeenskapsdiens te verrig en het op vele nie-akademiese terreine 'n sinvolle bydrae gelewer. Sedert 1988 is die stelsel van skakeling met skole aktiewer by die program van die Departement betrek. Dosente was gereeld betrokke by akademiese verrykingsdae by skole en uitstallings en besoeke van skole aan die Universiteit. Dosente van die Departement is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dikwels betrek in radio- en TV-programme waar 'n verskeidenheid nasionale en internasionale besprekingspunte gedebatteer is. Hulle is ook gereeld deur die pers aangehaal en 'n paar het selfs gereelde rubrieke in finansiële blaaie geskrywe. In 1989 is 'n besondere toekenning deur die Federasie van Rapportryerskorpse aan proff. Jan Lombard en Koos Stadler gedoen deurdat hulle die Rapportryersprys ontvang het vir 'n verdienstelike Afrikaanse vakpublikasie met hul boek, *Die ekonomiese stelsel van Suid-Afrika*. In 1985 is die Stalsprys vir Ekonomie deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns aan prof. Lombard toegeken. In 1992 is dit aan prof. Koos Stadler, vroeër van die Departement, toegeken.

Bydraes van dosente op binnelandse en buitelandse konferensies en simposia was 'n gereelde verskynsel. In 1990 het prof. Mike Truu selfs 'n reeks voorlesings in Estland gegee en prof. Geert de Wet het in 1991 'n besoek aan Moskou gebring as deel van die aktiwiteite van Project Link.

Verskeie dosente van die Departement het ook op nie-akademiese terreine soos byvoorbeeld die AHI-hoofbestuur, sportorganisasies, kerkrade en 'n verskeidenheid kultuurliggame hul bydraes gelewer. Op sportgebied het die Departement ook presteer. Pieter Nel het tydens sy jare as dosent Noord-Transvaal op die rugbyveld verteenwoordig. Chris Harmse het in 1990 'n silwermedalje losgehardloop in die Comrades-marathon en in 1992 die Noord-Transvaallandloopspan as veteraan gehaal. Oor die jare is ouddosente van die Departement, soos dr. Gerhard de Kock, dr. Piet van der Merwe en dr. Jan Lombard met eredoktorsgrade vereer.

G.L. de Wet
Departementshoof en Voorsitter van die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise.

Departement Informatika


Nadat klasse in Handelsrekenaarwetenskap deur die departemente Rekenaarwetenskap en Rekening- en Ouditkunde 'n aantal jare lank aangebied is, is die departement Handelsrekenaarwetenskap formeel in 1986 gestig.

'n Voltydse departementshoof kon aanvanklik nie aangestel word nie. Gevolglik is prof. G. Wiechers in Oktober 1986 deeltyds aangestel. Die eerste personeel het in Januarie 1987 diens aanvaar, en die eerste voltydse hoof van die Departement, prof. J.D. Roode, is op 1 Augustus 1988 aangestel.

Die naam van die Departement is op 1 Januarie 1989 verander na Informatika. Hierdie naam het waarskynlik sy oorsprong in Nederland, en word deur Verrijn-Stuart aan Zoutendijk, destyds hoogleraar aan die Rijksuniversiteit van Leiden, toegeskryf. Zoutendijk het met die naam, wat 'n saamtrekking is van "informatie" en "mathematica", waarskynlik 'n vakgebied aangedui wat nader was aan die hedendaagse Rekenaarwetenskap as aan dit wat tans by die Universiteit van Pretoria met Informatika bedoel word.

Met hierdie naamsverandering het die Departement ook indringend besin oor wat die vakgebied behels en watter vraagstukke aandag moes kry. Vanweë die verbintenis met die tegnologie moet verwag word dat Informatika 'n dinamiese vakgebied sal wees wat ook moeilik onder 'n vaste noemer gebring kan word. Nogtans kan gesê word dat Informatika gesien word as 'n interdissiplinêre vakgebied waarin inligting, inligtingstelsels en die integrasie daarvan met die organisasie bestudeer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.D. Roode, Hoof: Departement Informatika, sedert 1988.

word ten einde die doelmatigheid en effektiwiteit van die totale sisteem te verbeter.

Sedert die laat sestigerjare word aan die meeste universiteite, beide hier en oorsee, onderrig in Rekenaarwetenskap gegee. Die ontwikkeling van hierdie vakgebied het veral momentum gekry met die publisering in 1968 van 'n gesaghebbende kurrikulum deur die Amerikaanse Association for Computing Machinery. Rekenaarwetenskap het met die jare eerstens goed gevestig geraak as vakdissipline, maar ook meer en meer gekonsentreer op tegniese probleme rakende die programmatuur en apparatuur van die rekenaarwêreld, terwyl die probleme van die toepassing en aanwending van rekenaargebaseerde stelsels dikwels oor die hoof gesien is. Daarby is Rekenaarwetenskap feitlik uitsluitlik aangebied as deel van 'n BSc-graadstudie wat beteken het dat die studente van die vak meestal geen of weinig kennis van die ekonomiese en bestuurswetenskappe gehad het nie. Daardeur was hulle dikwels minder suksesvol in hulle uiteindelike werk indien hulle daar gekonfronteer is met probleme van 'n nie-tegniese aard wat hulle oorsprong in menslike of organisatoriese sake gehad het.

Dié situasie het dus 'n ander benadering genoodsaak. Niemand ontken die uitstekende bydrae van rekenaarwetenskaplikes nie, en niemand wil te kenne gee dat die bedryfswêreld nie sulke gekwalifiseerdes nodig het nie. Maar daar was 'n prima facie-saak vir gegradueerdes wat hulle kon toespits op die aanwending van die rekenaar, en wat beskik oor 'n handelsgeoriënteerde agtergrond sodat die bedryfsake van 'n onderneming nie vir hulle vreemd sou wees nie.

Dit is vreemd dat dit wêreldwyd - nie net in Suid-Afrika nie - taamlik lank geduur het om besef te word dat dit steeds so is dat min departemente Informatika soos hierbo beskryf, onderrig. In Suid-Afrika word Rekenaarwetenskap aan feitlik elke universiteit onderrig, maar die Universiteit van Pretoria is die enigste universiteit met 'n afsonderlike departement Informatika. By die RAU word weliswaar 'n graad BCom(Informatika) toegeken, maar die onderrig word deur die departement Rekenaarwetenskap gehanteer, en by ander universiteite is die vakgebied óf deel van rekeningkunde, óf deel van Rekenaarwetenskap, óf bestaan glad nie.

Daar bestaan 'n formele assosiasie tussen die departement Informatika en die konsultasiefirma INBEKON wat in die veld van inligtingbestuursdienste aktief is. Hierdeur is dit vir personeel van die Departement moontlik om betrokke te raak by uitdagende konsultasie-opdragte. Een so 'n voor-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beeld was die betrokkenheid van personeel van die Departement by 'n ondersoek wat deur die RGN vir die Nasionale Opleidingsraad uitgevoer is, en waarin die opleiding van rekenaarkundiges en rekenaargeletterdes in die RSA ondersoek is. INBEKON het as navorsingskontrakteur opgetree, terwyl die ondersoekspan buiten een persoon van die RGN uit personeellede van die Departement bestaan het.

Hierdie ondersoek het tot 'n omvattende publikasie, en verskillende nagraadse studies gelei. Prof. Roode is voorsitter van die direksie van INBEKON, terwyl prof. N.F. du Plooy, bekleër van die Persetel-leerstoel in die Departement, asook prof. L.J. Raubenheimer, buitengewone professor verbonde aan die Departement, direkteure is.

Die Departement het in die onderhawige tydperk jaarliks deelgeneem aan die bedrywighede van die Suid-Afrikaanse Rekenaardosentevereniging. Al die dosente in Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels/-Informatika aan Suid-Afrikaanse universiteite is in dié vereniging saamgesnoer.

Binne die Universiteit van Pretoria is die Departement deel van die unieke Skool vir Inligtingstegnologie, wat in 1990 tot stand gekom het en wat die departemente Rekenaarwetenskap, Informatika, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Inligtingkunde en Bedryfs- en Sisteemingenieurswese insluit, en wat dus vier fakulteitsgrense oorspan. Binne die Skool word ongeëwenaarde rekenaargeriewe aan veral nagraadse studente gebied. Studente kan hulle nagraadse kursusse saamstel uit 'n wye keusespektrum uit al die departemente. Die Skool is enig in sy soort in Suid-Afrika en open deure in feitlik enige rigting in die inligtingstegnologie.

Informatika is uiteraard 'n vak met 'n baie sterk praktiese komponent. Die Departement het dus in die onderhawige tydperk oor 'n aantal laboratoria beskik waarin studente gereeld praktiese ondervinding kon opdoen. Van die eerste jaar af sluit die kursusse weeklikse praktika in die laboratoria in. In die derdejaar word van studente verwag om 'n omvattende projek te voltooi. Heelwat tyd word in laboratoria of tuis deurgebring voordat hierdie projek gereed is om deur studente gedemonstreer te word.

In 1991 het studente van die Departement die eerste keer ingeskryf vir 'n landswye programmeringskompetisie waaraan studente van verskillende universiteite en technikons jaarliks deelneem. Die eerste prys, wat behalwe 'n kontantprys vir die wenner ook 'n stewige bydrae vir die Departement insluit, is deur 'n student van die Departement verower wat in 1992 ook as dosent aan die Departement verbonde was.

Die Departement het in 1992 aan die jaarlikse konferensie van CISNA (Computers in Southern Africa) deelgeneem. Dit is 'n niewinsgewende organisasie wat in 1989 gestig is om rekenarisering en die gebruik van rekenaars in Suidelike Afrika te bevorder. Adviseurs van meer as twintig lande wêreldwyd is betrokke by CISNA. Die Departement sal behulpsaam wees met die aanbieding van die volgende konferensie in 1993 deur die Botswanase Polytechnic. Die beplanning is dat die konferensie in 1994 op die kampus van die Universiteit van Pretoria aangebied sal word.

Die Departement moes sy kursusmateriaal opnuut in oënskou neem. Informatikastudente in die eerstejaar word sedert 1991 intensief blootgestel aan 'n inleidende kursus in laterale denke. Dit is op tweede- en derdejaarsvlak voortgesit, met meer klem op kreatiwiteit. Studente is doelbewus gekonfronteer met situasies waarin

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

probleme vaag, dubbelsinnig en onsamehangend beskryf word ter voorbereiding van tipiese werksituasies. Dit stimuleer die toepassing van kennis wat nie noodwendig direk verband hou met die konteks waarbinne die vaardighede aangeleer word nie. 'n Uitgebreide gevallestudie wat deur die Departement ontwikkel is, word voorts in al drie jaarvlakke gebruik om kreatiewe denke verder te stimuleer. Waar moontlik is daar van die rekenaar self gebruik gemaak in die onderrigproses.

Personeel van die Departement was in die onderhawige tydperk betrokke by die gereelde aanbieding van kortkursusse aan beroepslui in die openbare sektor. Die Departement beplan ook om dit binnekort na die private sektor uit te brei.

Naas prof. J.D. Roode as hoof van die Departement en prof. N.F. du Plooy wat die Persetel-leerstoel beklee, was daar teen 1992 twee buitengewone professore, vier senior lektore, drie lektore, twee lektore en twee junior lektore. 'n Aantal gasdosente is veral op nagraadse vlak gebruik. 'n Groot aantal studente is as studente-assistente by die onderrigproses betrek.

In 1987 was daar net minder as vyfhonderd studente in die eerstesemesterkursus op eerstejaarsvlak, en in 1992 het dit gestyg tot net meer as eenduisend. Die Departement se studentegetalle het elke jaar toegeneem. Meer en meer studente besef dat 'n algemene rekenaargeletterdheid noodsaaklik is in die hedendaagse sakewêreld. Sulke studente volg die vak dan minstens op eerstejaarsvlak, terwyl die student wat homself as informatikus wil bekwaam die graad BCom met die endossement Informatika volg.

Op nagraadse terrein verskaf die Departement sedert 1987 onderrig. Ongeveer twintig honneursstudente volg jaarliks die kursus. Jaarliks skryf vyf-en-twintig tot dertig studente vir die BCom(Hons)-graad in Informatika in. Die eerste M- en D-studente het in 1992 hulle grade ontvang toe twee meestersgrade en vier doktorsgrade toegeken is. Ongeveer tien tot twaalf studente het teen die einde van 1992 aan meestersgrade en net soveel aan doktorsgrade gewerk.


J.D. Roode
Departementshoof

Departement Personeelbestuur

Personeelbestuur wat aan ander universiteite in Suid-Afrika bekend staan as Bedryfsielkunde, het betrekking op die studie van hoe die mens binne werksverband funksioneer en benut kan word. Personeelbestuur kan beskou word as die primêre funksie van die personeelpraktisyn. 'n Netwerk van interafhanklike prosesse en stelsels moet deur hom ontwerp en toegepas word met die oog daarop om 'n onderneming en sy werknemers se doelwitte te verwesenlik. Die vakgebied is dus veranker in die wetenskap van die Bedryfsielkunde met sy eie teoretiese beginsels en uitgangspunte terwyl dit ook toegepaste wetenskaplike inhoude insluit.

Sedert 1973 is die vak in die Departement Sielkunde aangebied vir studente in die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe. Prof. D.J. Swiegers, hoof van die departement Sielkunde, het saam met proff. W.v.d. M. Herholdt en L.P. Vermeulen die vakgebied stelselmatig uitgebou. Prof. Swiegers is in 1984 as studentedekaan aangestel en is deur prof. Herholdt as hoof opgevolg, 'n posisie wat hy slegs een jaar beklee het tot sy aanstelling as Direkteur: Personeel van die Universiteit van Pretoria in Januarie 1985. In 1981 het die Fakulteitsraad van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe versoek dat 'n afsonderlike Departement Personeelbestuur ingestel word. In 1983 is die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof.L.P. Vermeulen, Hoof: Departement Personeelbestuur, sedert 1986.

verdeling van die departement Sielkunde in twee selfstandige departemente, naamlik 'n departement Sielkunde in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en 'n departement Personeelbestuur gesetel in die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe in beginsel deur die Senaat goedgekeur.

In Julie 1985 het die Departement Onderwys en Kultuur die instel van die nuwe Departement Personeelbestuur goedgekeur. In September 1985 het prof. Vermeulen opdrag van prof. C.F. Nieuwoudt, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe, ontvang om die nodige onderhandelinge vir die verdeling van die Departement Sielkunde in twee selfstandige departemente te doen. 'n Ooreenkoms met die waarnemende hoof van die Departement Sielkunde, prof. S.I. du Toit, is gou bereik. Agt doserende personeellede en een administratiewe personeellid het verkies om hulle werksaamhede in die beoogde Departement Personeelbestuur voort te sit. Hulle was die kerngroep wat beslag aan die nuwe departement sou gee, naamlik prof. Vermeulen, mnre. J.S. Basson, H.E. Brand, M.A. Buys, J.J. de Beer, S.W. Theron, F.M.P. Timmermans en A.C. van der Heever, asook mev. J. Lange. Prof. Vermeulen is op 1 Januarie 1986 as die eerste professor in en hoof van die Departement aangestel.

Op 3 Januarie 1986 het die nuwe Departement met sy werksaamhede begin. By dié geleentheid was hulle saam met ander departemente van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe gevestig in die Geesteswetenskappegebou. Die Departement was gesetel op die dertiende verdieping - 'n gelukkige nommer, want die Departement het sedert sy instelling gegroei tot 'n sterk akademiese en navorsingsgerigte eenheid. In Junie 1990 het die Departement saam met ander departemente in die Fakulteit, waarvan die naam in 1988 gewysig is tot die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, hulle intrek geneem in die E&B-gebou wat spesiaal vir die Fakulteit opgerig is en waarvan die moderne doseer-, seminaar- en kantoorgeriewe met die beste in Suid-Afrika vergelyk.

In 1986 het die Departement sy missie en doelstellings geformuleer in terme waarvan dit as koste-eenheid bestuur moes word. Doelgerigte aksieplanne is ingestel om te verseker dat die Departement uitnemend sou presteer ten opsigte van sy onderrig-, navorsings- en gemeenskapsdiensprogramme. Die doelgerigte bestuur het meegebring dat al die voorgraadse vakkursusse in 1988 en al die nagraadse kursusse teen 1989 geherkurrikuleer was en studiehandleidings vir 32 vakkursusse in 1990 voltooi was. Die Departement word sedert 1988

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aktief bemark. Hierdie aksies het daartoe gelei dat die studentegetalle sedert 1988 aansienlik toegeneem het van altesaam 680 ingeskrewe studente tot 931 studente in 1992. Die effektiewe subsidie-studente het sedert 1985 van 189 (ESS) gegroei tot 386 (ESS) in 1991. Die toename van 204% is veral bewerkstelling deur middel van 'n doelgerigte program om die nagraadse komponent te versterk en die uitsette te verhoog met die behoud van standaarde. Spesiale aandag is gegee aan die akademiese vordering van veral die magisterstudente. Tussen 1986 en 1992 het byvoorbeeld 69 magisterstudente hulle studies voltooi teenoor slegs nege magisterstudente wat van 1980 tot 1985 afgestudeer het. Op 20 Januarie 1989 het die Departement ook by die nauurse onderrig van studente te Witbank in die Oos-Transvaal ingeskakel.

Weens die snelle groei in die aantal studente het die student/dosent-verhouding in die Departement drasties toegeneem van 1:20 in 1986 tot 1:32 in 1991. Twee addisionele poste is aan die Departement toegeken, asook deeltydse poste om die druk te verlig. Twee dosente, te wete mnre. A.C. van der Heever en F.M.P. Timmermans, het onderskeidelik in 1987 en 1988 bedank en vier nuwe dosente is aangestel, naamlik G.J. Steyn (1 Januarie 1986), S.S. Lemmer (1 Julie 1987), dr. M.S. Wiesner (1 April 1989) en L.I. Ehlers (1 Junie 1990). Sedert 1987 is daar jaarliks vyf mense uit die praktyk op 'n deeltydse basis aangestel om spesialislesings op nagraadse vlak aan te bied. Twee deeltydse buitengewone professoraatposte in Ergonomika (1990) en in Organisasiegedrag (1991) is ingestel. Die poste is onderskeidelik gevul deur prof. J.A. van Tonder (1990-1992) van Ergotech en prof. J.S. Uys (1991) van Krygkor. Prof. R. Eberlein is op 1 Mei 1992 in die plek van prof. Uys aangestel nadat laasgenoemde 'n professoraat in die departement Sielkunde van die Universiteit aanvaar het. Twee lede van die voltydse personeel is ook tot professore bevorder. Prof. J.S. Basson is in 1988 tot medeprofessor bevorder en van 1991 af volle professor en prof. H.E. Brand is van 1991 af medeprofessor. Dr. Wiesner was die eerste lektrise wat in die Departement aangestel is, asook die eerste vrou in Suid-Afrika wat 'n doktorsgraad (DCom) in Personeelbestuur (1991) verwerf het.

In 1986 is 'n navorsingsbeleid vir die Departement opgestel om die navorsingsuitsette te verhoog en te verseker dat die navorsing aktueel en van praktiese nut sal wees. Van 1986 tot 1992 het die personeel, nieteenstaande hulle hoë doseerlading, 46 wetenskaplike en dertien populêrwetenskaplike publikasies die lig laat sien. Die personeel het in samewerking met die nagraadse studente veral sedert 1989 navorsing gedoen op die gebied van die organisasie- en personeelsielkunde, asook arbeidsverhoudinge binne die Suid-Afrikaanse konteks. Verskeie navorsingsverslae en referate het hieruit gevolg. In die laaste vier jaar (1989-1992) is twintig referate aangebied by nasionale kongresse en vier referate by internasionale kongresse. Die navorsingsuitsette is in samewerking met verskeie instansies soos Alusaf, Anglo American Corporation of SA Ltd, Eskom, Spoornet, Yskor en ander moontlik gemaak.

Die dinamiese aard van die vakgebied asook die behoeftes van die praktyk het meegebring dat die vakinhoud van verskeie van die vakkursusse deur die loop van die jare gewysig is. Die belangrikste veranderinge is van 1988 af aangebring toe beide die honneurs- en magistergrade geherstruktureer is en enkele nuwe vakkursusse ingestel is om eietydse eise uit die werksomgewing te verreken. Die veranderinge het veral neerslag gevind in die ontwikkeling van vakkursusse vir die opleiding van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

studente in arbeidsverhoudinge, konflikbestuur, onderhandeling en die bestuur van diversiteit. Die ontwikkeling het in 1992 gelei tot die instel van 'n volwaardige MCom- en MAdmin-graad in Arbeidsverhoudingebestuur wat op 13 Mei 1993 deur die Senaat goedgekeur is om nog dieselfde jaar deurgevoer te word. Mnr. S.S. Lemmer wat in 1987 as buitengewone lektor in Arbeidsverhoudinge aangestel is, het 'n groot bydrae gelewer in die saamstel van die vakkursusse vir die grade. In Junie 1992 het hy 'n uitgebreide studiereis na Oos- en Wes-Europa onderneem om meer inligting oor resente arbeidspraktyke te bekom vir insluiting in die kursusse.

In aansluiting by voorgenoemde het die Departement in 1988 ook as deel van sy gemeenskapsdiens 'n sertifikaatkursus in Arbeidsverhoudinge, en in 1990 'n gevorderde sertifikaatprogram in Arbeidsverhoudingebestuur ingestel. Die Departement het self die ontwikkelingskoste van die sertifikaatprogramme gedra en uit eie fondse R90 000,00 bestee in die ontwikkeling van die kursusse, asook 'n verdere R50 000,00 vir die opknapping van die lesinglokale waarin die kursusse aangebied sou word. Sedert 1988 het 432 persone die sertifikaat in Arbeidsverhoudinge verwerf en in 1991 het 35 die sertifikaatprogram in Arbeidsverhoudingebestuur suksesvol afgelê. Van Maart 1985 af is die Departement ook betrokke by die Fakulteit se Openbare Bestuursprogram vir die Kommissie vir Administrasie (KVA). In dié verband het die Departement gedurende die afgelope sewe jaar lesings aangebied in arbeidsverhoudinge, groepdinamika, leierskap en interpersoonlike kommunikasie aan senior staatsamptenare as deel van die Departement se bydrae tot die gemeenskapsdiens van die Fakulteit.

Op grond van die Departement se uitnemende onderrig en opleidingsprogramme word dit erken as 'n belangrike instansie vir die opleiding van personeelpraktisyns en bedryfsielkundiges in Suider-Afrika. As sodanig het dit goeie betrekkinge gevestig met al die universiteite in die RSA en die TBVC-lande asook die Akademie van Namibië. Twee beroepsrade erken die graadkursusse van die Departement vir die professionele registrasie van studente. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktyk (SARPP) het die honneursgraad in 1991 amptelik erken vir registrasie van studente as personeelpraktisyns, terwyl die Beroepsraad vir Sielkunde van die SAGTR die magistergraad reeds vóór 1983 erken het vir die registrasie van studente as bedryfsielkundiges.

L.P. Vermeulen
Departementshoof

Departement Publieke Administrasie

Lank was dit die beleid om die bestuursfilosofie uit die Publieke Administrasie te weer omdat die bestuursfilosofie die aanwending van produksiemiddele vir die verkryging van wins bestudeer, terwyl Publieke Administrasie gerig is op die studie van owerheidsinstellings wat diensgerig is. Algaande is besef dat administrasie as georganiseerde institusionele groepsaksie ook bestuur kan word. Binne die terrein van die Publieke Administrasie is dus intussen ook bepaalde bestuursfunksies toegevoeg. Openbare Bestuur maak dus nou deel uit van die leerplanne in Publieke Administrasie en die BAdmin-graad staan bekend as die BAdmin(Openbare Bestuur). Intussen het hierdie Departement ook 'n nuwe normatiewe rigsnoer toegevoeg tot die bestaande rigsnoere in Publieke Administrasie wat bekend staan as sosiale gelykstelling en sosiale geregtigheid. In 'n nuwe Suid-Afrika sou hierdie nuwe normatiewe rigsnoer as 'n inisiatief in Publieke Administrasie beskou kan word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.S. Botes, Hoof: Departement Publieke Administrasie, sedert 1983.

Verskeie belanghebbende navorsingsprojekte (lopend en afgehandel) is sedert 1983 deur die personeel van die Departement onderneem, naamlik: P.S. Botes en P.A. Brynard, "Navorsingsprioriteite in Publieke Administrasie" (RGN-verslag, 1986); Botes, "The anatomy of administration" (lopend); Brynard (projekleier), Y. Andrews en N.L. Roux, "Die vloei van openbare ontwikkelingshulp binne die Republiek van Suid-Afrika" (nasionale projek onderneem namens die Universiteit van Pretoria vir die Departement van Ontwikkelingshulp, 1988); Botes en Roux, "Desentralisering van onderwys aan swart leerlinge in Suid-Afrika" (navorsingsverslag vir Departement Onderwys en Opleiding, 1988); Andrews, "Bedryf van die Hoofdirektoraat: verkrygingsadministrasie in die Departement Finansies" (1988); Andrews, *The personnel function* (Pretoria, HAUM, 1988); Botes, "Die opstel van wetgewing vir munisipale regering en administrasie in Lebowa" (navorsingsverslag, 1989); Botes, "Die opstel van wetgewing vir stedelike rade vir die Republiek van Venda" (navorsingsverslag, 1989); Botes, "Die voorbereiding van wetgewing vir plaaslike owerhede in die Republiek van Bophuthatswana" (navorsingsverslag, 1989); Botes en Brynard, *Key aspects of Public Administration* (Johannesburg: Macmillan. 1990); Botes, Brynard, (koördineerder), Fourie, D.J., & Roux, M.L., *Publieke Administrasie en Bestuur: 'n Handleiding in Sentrale, Regionale en Munisipale administrasie en bestuur* (Pretoria: HAUM-De Jager. 1992) (Laasgenoemde is die eerste eerstejaarshandboek wat in hierdie departement geskryf is sedert sy totstandkoming in 1982), en Andrews, *Geneeskundiges en verpleegkundiges as openbare bestuurders* (hersiene uitgawe, Pretoria: HAUM. 1990).

Samewerking met ander vakgebiede en verenigings het gereeld in die betrokke tydperk plaasgevind. Prof. Brynard het as deeltydse dosent by die Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke gedien en was behulpsaam met die aanbieding van die Tersiêre Onderwysdiploma. Prof. Botes was in hierdie tydperk Voorsitter van die Vereniging van Dosente in Publieke Administrasie, President van die Suider-Afrikaanse Instituut vir Organisasie en Metode, en direksielid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie (SAIPA).

Prof. P.S. Botes was steeds die hoof van die Departement en is bygestaan deur 'n personeel van vier dosente, naamlik proff. P.A. Brynard en Y. Andrews en drr. N.L. Roux en D.J. Fourie. Al die personeel in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Departement het teen 1992 reeds hulle doktorale proefskrifte voltooi.

Sedert 1956 is daar jaarliks 'n eendaagse somerskool gehou, maar intussen bestaan hierdie somerskool nie meer nie. Van 1984 af is daar jaarliks ten minste vyf sesweeklikse Kursusse in Openbare Bestuur aan senior amptenare aangebied. Hoewel hierdie kursusse 'n gesamentlike poging van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe was, was die aandeel van die Departement ongeveer 37%, wat die grootste aandeel in hierdie kursus was. Heelwat van die beplanning van die kursus in Openbare Bestuur is ook deur hierdie Departement onderneem.

Wat studentegetalle betref, was daar teen 1992 949 studente in die Departement, waarvan 758 voorgraads en 191 nagraads was. Die grootste studentegetal was 200 studente by Publieke Administrasie 110. Op honneursvlak het Finansiële Administrasie 28 studente gehad, terwyl daar 45 magister- en twaalf doktorale studente ingeskryf was.

P.A. Brynard

Departement Rekening- en Ouditkunde

Hierdie departement was wat studentegetalle betref, nog altyd die grootste departement in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en het ook 'n belangrike bydrae gelewer in die opleiding van geoktrooieerde rekenmeesters.

Op 15 Maart 1982 het prof. G.van N. Viljoen 'n memorandum aan die dekaan, prof. C.F. Nieuwoudt, voorgelê waarin versoek is dat 'n handelsgerigte rekenaarkursus in die Fakulteit op eerste-, tweede- en derdejaarsvlak aangebied word.

Op grond van hierdie voorlegging het die Fakulteit 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die wenslikheid van die instel van 'n BCom-graad met Handelsrekenaarwetenskap as hoofvak. Hierdie kommissie het bestaan uit proff. Nieuwoudt (dekaan), C.W.I. Pistorius, H. Schoeman en G.van N. Viljoen (sameroeper). Die kommissie se verslag van 6 Mei 1982 het as stuk (S1513/82) op die Fakulteitsraad se buitengewone vergadering van 11 Mei 1982 gedien, waar eenparig besluit is om sodanige kursus in te stel.

Die resultaat was dat die graad BCom-(Handelsrekenaarwetenskap) van die begin van 1984 af amptelik ingestel is. Nieamptelik het studente reeds sedert 1983 vakke begin volg wat dit vir hulle moontlik sou maak om in 1984 vir die tweede akademiese jaar van die graad in te skryf.

Die vak Handelsrekenaarwetenskap is aanvanklik gesamentlik deur die departemente Rekenaarwetenskap en Rekening- en Ouditkunde aangebied. Toe die departement Rekening- en Ouditkunde op 21 September 1984 gevra het vir addisionele personeel vir die aanbied van die vak Handelsrekenaarwetenskap, het die Dekaan in 'n skrywe van 26 September 1984 aan die Viserektor voorgestel dat die versoek van die departement Rekening- en Ouditkunde toegestaan word, maar dat "... vir 'n meer permanente oplossing die Universiteit vriendelik versoek word om die instelling van 'n departement Handelsrekenaarwetenskap te oorweeg".

Die departement Handelsrekenaarwetenskap is dus op 1 Januarie 1987 ingestel. In hierdie stadium was daar selfs BCom-(Hons) Handelsrekenaarwetenskapstudente ingeskryf in die Departement.

In Desember 1985 het die rekenmeestersprofessie die Universiteit genader met die versoek dat die moontlikheid van 'n Rekenmeesterskool ondersoek behoort te word. Die Viserektor (Akademies), prof.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. G. van N. Viljoen, Hoof: Departement Rekening- en Ouditkunde, sedert 1976.

P. Smit, het proff. G.van N. Viljoen en H. de Jager wat in daardie stadium onderskeidelik as dekaan en hoof van die departement Rekening- en Ouditkunde waargeneem het, versoek om voor 15 Januarie 1986 in hierdie verband 'n verslag op te stel. Op 'n vergadering wat op 24 September 1986 gehou is (en waarop teenwoordig was proff. Smit en Pistorius namens die Rektoraat, mnre. J.H. du Plessis, W.E. Johnson, B. Nel en C.H.H. Scheepers namens die rekenmeestersprofessie, en proff. Viljoen, J.J. Stadler en De Jager namens die Fakulteit) is daar besluit dat die BCom(Rekeningkunde)-graad in die toekoms slegs deur studente gevolg mag word met die oog op die Kwalifiserende Eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad. Voorts is besluit dat 'n ander graad ingestel sou word vir die ander studente wat tradisioneel die BCom-(Rek)-graad gevolg het. Derdens is beslis dat 'n direkteur: Rekenmeestersopleiding aangestel moes word wat verantwoordelik sou wees vir die opleiding.

Die departement Rekening- en Ouditkunde het op hierdie vergadering die opdrag gekry "om die besluite in sover daar regulasiewysigings verlang word, op die eerskomende Fakulteitsraadsvergadering voor te stel". Die gevolg was dat die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) in 1987 ingestel is met prof. H. de Jager as direkteur. Die verdere ontwikkeling van die SRO word onder die betrokke afdeling behandel.

Die eerste gedoseerde magistergraad wat in die Departement aangebied is, naamlik dié in Belasting, is vanaf 1 Januarie 1987 aangebied. Die ontwikkeling van die kursus is deur die Departement gedoen, maar die kursus is saam met die ander vakke oorgeplaas na die Skool vir Rekenmeestersopleiding.

Die grade BCom(Finansiële Bestuur) en BCom(Honneurs)(Finansiële Bestuur) is in 1988 ingestel. Die rede hiervoor was dat die BCom(Rekeningwetenskappe)-graad net gereserveer is vir die opleiding van studente wat die STR-sertifikaat wou behaal. Die grade BCom(Interne Ouditkunde) en BCom(Honneurs)(Interne Ouditkunde) is op 12 Januarie 1992 ingestel.

Die Departement het in die onderhawige tydperk met verskeie buite-instellings geskakel, naamlik die SA Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters, die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad, die Pretoriase Streeksvereniging van die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters, die Instituut van Interne Oudiiteure, die Instituut van Rekeningkun-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dige Tegnici, en die Suider-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging.

Teen 1992 was die Departement besig met 'n projek waarvolgens Rekeningkunde deur middel van rekenaargesteunde programme op die 100-vlak aangebied kon word. Hierdie projek bring mee dat studente die vak kan bemeester deur die program teen hul eie tempo deur te werk. Daar word verwag dat hierdie programme ook van groot waarde sal wees vir die agtergeblewe gemeenskappe.

Gedurende die tydperk 1983-1992 was prof. G. van N. Viljoen die departementshoof. Volle professore in die Departement was proff. H. de Jager (1984 totdat hy in 1987 hoof van die SRO geword het), G.M. Dekker (sedert 1988), en B.P. Botha (vir 1984). Medeprofessore was proff. P.A. du Plessis (sedert 1988) en J.A.J. Loots (sedert 1986, waarna hy in 1987 na die SRO is). Daar was sedert 1983 gemiddeld nege senior lektore, waarvan ses in 1987 na die SRO oorgeplaas is, en vier lektore.

Studentegetalle het teen 1986 'n hoogtepunt bereik om daarna te daal totdat daar teen 1992 ietwat minder studente as tien jaar tevore was. Indien die semesterkursusse 'n telling van 0,5 gegee sou word, en 'n jaarkursus 1,0, blyk dit dat daar in 1982 3 329 studente vir voorgraadse kursusse ingeskryf was, 4 767 in 1986 (Handelsrekenaarwetenskap uitgesluit), 3 088 in 1987 (die SRO uitgesluit), en 3 077 in 1992 (die SRO uitgesluit). Op nagraadse vlak was daar teen 1992 65 honneurstudente, vyf magisterstudente en twee doktorale kandidate.

G. van N. Viljoen
Departementshoof

Departement Statistiek

Statistiek word dikwels beskryf as dié dissipline wat "sin maak uit syfers".


Gedurende die tydperk 1983-1992 is hierdie stelling weer eens as waar bewys en het die dissipline talle interessante nuwe terreine betree. Van die opwindenste terreine was dié van die persoonlike rekenaar met sy wye toepassings op die gebied van statistiese sagteware wat vinnige en doeltreffende analises asook gesofistikeerde grafiese voorstellings vir elke gebruiker toeganklik gemaak het - selfs in die veld onder 'n boom of in 'n straler op die skoot.

Met die herstrukturering van graadkursusse in die Fakulteit Natuurwetenskappe in verskillende studieprogramme, is daar ook 'n studieprogram in Wiskundige Statistiek ingestel. Benewens Wiskundige Statistiek wat tot op die 300-vlak gevolg word, volg studente in dié program vakke soos Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap asook vakke uit die studieprogramme van die Biologiese, Fisiese, Chemiese, Aard- en ander wetenskappe.

Die instel van die graadkursus BCom(Versekeringswese) het as belangrike stimulus gedien om groter getalle studente vir die vakkursusse in Wiskundige Statistiek te laat inskryf, asook vir die instel van 'n spesiale kursus Aktuariële Statistiek. Studente wat hierdie kursusse suksesvol afgelê het, het gedeeltelike vrystelling gekry van die vereistes wat deur die internasionale institute van aktuarisse gestel is om as aktuaris te kwalifiseer.

Die Statistiek kon al jare lank as hoofvak vir die BCom-graad gevolg word, maar die sterk toename in studentegetalle en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. H.S. Schoeman, Hoof: Departement Statistiek, 1981 - 1990.

sterk toename in studentegetalle en die aanvraag na opgeleide statistici in die onderhawige periode het die instelling van die graadkursus BCom(Statistiek) sedert die begin van 1992 wenslik gemaak.

Weens die wyd uiteenlopende dissiplines waarin statistiese metodiek toegepas word, het daar in die Departement verskeie terreine bestaan waarop personeel en studente navorsing gedoen het. Hieronder kan vermeld word: meerveranderlike statistiek, tydreeksanalise, biostatistiek, ekonometrie en verdelingsvrye metodes. Lede van die Departement het gereeld bydraes tot nasionale en internasionale vakkonferensies gelewer. In hierdie verband kan veral melding gemaak word van prof. Stephen du Toit wat in 1990 deur die Raad van die Universiteit aangewys is as uitnemende presteerder en wat oor 'n wye terrein navorsing in samewerking met buitelandse vakgenote gedoen het. Dié navorsing het onder andere op die terreine van kovariansiestrukture, modelle vir die voorspelling van groei en optimeringstegnieke geskied.

Senior personeel in die Departement was betrokke by gesamentlike navorsingsprojekte van verskeie buite-instansies soos die RGN, MNR, Krygkor, Staatsdepartemente (Departement Binnelandse Sake, Buitelandse Sake en Finansies), die SAUK en die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika. Uit hierdie samewerking is onder andere vele nagraadse studente gewerf en het die verskyning van publikasies voortgespruit. Die Departement het ook sedert die ontstaan van die Kursus in Openbare Bestuur wat vir senior staatsamptenare aangebied word, 'n bydrae tot dié kursus gelewer. Die Departement het 'n aktiewe rol gespeel in die gereelde byeenkomste van Pretoriase statistici waarby navorsingslesings gelewer word en vakverwante kontakte uitgebrei word. Verskeie lede van die Departement was lank betrokke by die bestuur en komitees van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging. Van die belangrikste bydraes wat gelewer is, sluit in die opstel en ontwerp van 'n inligtingsbrosjure en muurplakkaat vir die bekendstelling van loopbane vir statistici wat landswyd onder skoliere en studente versprei is. Aan die begin van 1984 het lede van die Departement in hulle hoedanigheid as komiteelede van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging 'n nasionale simposium oor die Onderrig van Statistiek in Suid-Afrika aangebied. Rigtinggewende voordragte is by dié geleentheid gelewer. 'n Baie geslaagde jaarlikse konferensie van hierdie vereniging is aan die einde van 1991 deur UP se departement Statistiek op die Ooskampus van die Universiteit aangebied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die departement Statistiek was in die onderhawige tydperk by baie ander departemente van die Universiteit bekend vir sy interne konsultasiediens. Hierdie diens wat reeds baie jare lank gelewer word aan studente en navorsers met betrekking tot die beplanning, uitvoer, analise en interpretasie van eksperimente en vraelysopnames, is in 1992 tot 'n nuwe hoogtepunt gevoer met die stigting van die Buro vir Statistiese en Opnamemetodologie. Die missie van hierdie Buro behels die bevordering van statistiese en opnamemetodiek binne en buite die Universiteit en die verskaffing van ondersteuning in statistiese analise aan die gemeenskap van sowel Suid-Afrika as Afrika in die algemeen. Prof. D.J. Stoker, hoof van die Departement tot 1981 en voormalige visepresident van die RGN, is as eerste voltydse direkteur van dié Buro aangestel. Saam met prof. Stoker is mnr. D. Herbst, voormalige direkteur van Markdata by die RGN, aangestel as voltydse direkteur van die afdeling Opnamenavorsing.

Die personeel van die Departement het sy opleidingstaak in die betrokke tydperk as 'n spanpoging gesien. Sowel die teorieklasse, die praktikumsessies en oefenklasse, as die werkopdragte en projekwerk het 'n eenheid gevorm in die strewe na goedopgeleide wetenskaplikes. Die nuwe moontlikhede wat deur rekenaargesteunde onderrigmetodes gebied is, is ook sedert 1992 by die toetsing van studente se vakkennis gebruik. Al hierdie aktiwiteite is aan die hand van studiehandleidings en gereelde vakvergaderings gekoördineer. 'n Besondere faset van die opleiding by senior voorgraadse en nagraadse studente het die selfstandige uitvoering van projekwerk behels. Benewens die geleentheid wat aan studente gebied is om navorsing te doen oor 'n onderwerp van hul eie keuse (wat byvoorbeeld gewissel het van studiemetodes onder studente tot die invloed van die Golf-krisis op Suid-Afrika), het studente ruim geleentheid gekry om teoretiese kennis en praktykrealiteite te integreer en daaroor op professionele wyse skriftelik en by wyse van seminare verslag te doen. Die Departement het die trotse rekord gehou dat sy beste voorgraadse projekte verreweg die meeste keer as die beste in 'n landswye kompetisie tussen universiteite bekroon is.

Die Departement was bevoorreg om oor die dienste van 'n groot aantal toegewyde personeellede te beskik. Aan die hoof van die Departement het prof. N.A.S. Crowther gestaan, wat prof. H.S. Schoeman aan die begin van 1991 opgevolg het. Prof. Crowther was voorheen Uitvoerende Direkteur van die Instituut vir Statistiese Navorsing van die RGN. Benewens prof. Crowther, was die volgende akademiese en navorsingspersoneel teen 1992 voltyds aan die Departement verbonde: proff. S.H.C. du Toit, H.T. Groeneveld, C.F. Smit, D.J. Stoker en F.L. Vivier, een direkteur (Opnamenavorsing), drie senior lektore, vyf lektore, een tegniese assistent en een sekretaresse. Die Departement was ook besonder bevoorreg om prof. H.S. Steyn as buitengewone professor te hê. Ten slotte is die Departement bedien deur sewe junior dosente (twaalf uur per week-poste), sestien onderwysassistente (ses uur per week-poste) en twee tydelik-deeltydse dosente: altesame veertig personeellede wat in een of ander kapasiteit aan die Departement verbonde was! Die werksaamhede van die Departement is deur 'n bestuurskomitee en vyf subkomitees behartig, te wete 'n komitee vir elk van die volgende sake: Wiskundige Statistiek (BSc-rigting), Statistiek (BCom-rigting), Gerigte Opleiding, Navorsing, en Statistiese en Opnamemetodologie.

Gedurende 1992 het die Departement 1 323 studente op die 100-vlak gehad, 168 op die 200-vlak en 76 op die 300-vlak, terwyl daar teen die einde van 1992 vyftig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nagraadse studente was, waarvan sestien op magister- en doktorale vlak. Benewens die normale lesings, besprekingsklasse, praktika en toetse, is daar talle individuele onderhoude/konsultasies met studente gevoer en gemiddeld meer as 25 000 werkstukke per semester ingedien en nagesien.


N.A.S. Crowther
Departementshoof

Leerstoel in Versekeringswese

Die graadkursus BCom(Versekeringswese) is in 1988 ingestel. Die rede vir die instel van die kursus was dat die Universiteit van Pretoria nie voorheen voorsien het nie in die behoefte om die grondslag te help vorm vir persone wat hulleself mettertyd as aktuarisse wou bekwaam. Die Universiteit van Kaapstad het reeds in 1975 met afgestemde kursusse in hierdie verband begin en is mettertyd deur die Universiteit van die Witwatersrand, Stellenbosch en die RAU hierin nagevolg.

Aktuariële wetenskap het aan die einde van die vorige eeu sy beslag in veral Engeland gekry. Tradisioneel tree aktuarisse in die lewensversekeringsomgewing op met die uitwerk van lewensversekeringspremies. Tog is dit opvallend dat Prediker 11:2 lees: "Hou jou besittings op sewe, selfs agt plekke want jy weet nie watter teëspoed oor die land kan kom nie."

Die kursus lok studente wat toppresteerders is en daarom was dit belangrik dat UP ook in hierdie behoefte sou voorsien. Na samesprekings met kundiges in die bedryf is besluit om die kursus nie alleen te rig op die sterk kandidate wat in staat sou wees om mettertyd aktuarisse te word nie, maar om ook aktuariële tegnici op te lei. In laasgenoemde opsig was die ontwikkeling by UP uniek.



Prof. George L. Marx, Bekleër Leerstoel in Versekeringswese, sedert 1988.

Die instel van die Leerstoel in Versekeringswese is moontlik gemaak deur die ruim borgskap van Momentum Lewens. Die Leerstoel is administratief onder die departement Ekonomie gesetel ofskoon dit van die begin af besef is dat Versekerings- en Aktuariële Wetenskap - soos dit mettertyd bekend sou staan - 'n eie departement sou vorm. Dit het inderdaad in 1994 'n werklikheid geword. Die eerste bekleër van die leerstoel was prof. George L. Marx, 'n aktuaris wat by Sanlam gewerf is om die ontwikkeling by UP te onderneem.

Omdat goed opgeleide aktuarisse moeilik te vinde is, is daar sedert die ontstaan van die Leerstoel grootliks staatgemaak op praktiserende aktuarisse om behulpsaam te wees met die onderrig. Die Leerstoel was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voortdurend met die bedryf in verbinding om sodoende tred te hou met die snel veranderende omgewing van die versekerings- en aktuariële praktyk.

Skakeling met die professionele Britse aktuariële liggame, waarby die meeste aktuarisse in Suid-Afrika geaffilieer is, het deurgaans plaasgevind. Prof. Marx het ook meegewerk in die opstel van hierdie liggame se studie-aantekeninge vir die internasionale eksamen in Korttermynversekering. Die plaaslike universiteite het saamgewerk in die opstel van gemeenskaplike eksamenvraestelle vir die betrokke vakke in die aktuariële wetenskap.

Studente is sterk aangespoor tot voortdurende selfstudie. Lesings is grootliks toegespits op die behandeling van praktiese gevalle van probleemoplossing.

Wat gemeenskapsdiens betref, was raadgewing op grond van die onafhanklikheid van die Leerstoel baie gesog en daarom kon heelwat werk op hierdie terrein gedoen word. Veral met betrekking tot die kwessie van mediese skemas, is baie werk reeds gedoen.

Prof. Marx was teen 1992 steeds die enigste voltydse personeellid. Studente wat vir die eerstejaar inskryf, het toegeneem van sowat 22 in 1988 tot meer as 55 vir 1993.

G.L. Marx
Bekleër van die Leerstoel

Buro vir Finansiële Analise (BFA)

Die Buro vir Finansiële Analise is in 1965 gestig as deel van die destydse Instituut van Bedryfsadministrasie wat later die departement Bestuurswese en die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria geword het. Sedertdien het dit wyd bekend geword as die BFA.

Die doelstellings van die BFA is om daadwerklike steun aan die handel en nywerheid te verleen in sy strewe na doeltreffender bestuur. Dit het die vorm aangeneem van ondersoeke en verslae aangaande finansiële verhoudingsgetalle vir verskillende bedryfstakke, finansiële beleid, asook rekeningkundige beleid, en die invloed daarvan op gepubliseerde finansiële state deur die beleggingspubliek.

In 1968 is begin met die ontleding van die finansiële jaarstate van die maatskappye wat toe op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer was. Later is daar ook 'n databank begin tot voordeel van die handel en nywerheid. In 1991 het dit inligting oor nagenoeg sewehonderd genoteerde maatskappye bevat. Die doelstellings van die Buro is drieledig van aard, naamlik navorsing oor moderne bestuurstegnieke, die opvoeding van bestuurders om hul taak na hulle beste vermoë uit te voer, en diens aan die handel en nywerheid.

In 1991 is begin om inligting uit die verskillende databanke onder die handelsmerk "BFA-NET" kommersieel te bemark deur hierdie inligting elektronies beskikbaar te stel. Die gepaardgaande programmatuur stel die verbruiker daartoe in staat om die inligting wat weekliks elektronies bygehou word, op 'n feitlik onbeperkte aantal maniere volgens eie keuse te verwerk. Gevolglik lei hierdie diens deur die BFA tot wetenskapliker finansiële- en beleggingsbesluite.

Die BFA ressorteer onder die departement Bestuurswese en die Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. 'n Advieskomitee dien die BFA van raad oor sy navorsingsprogram en help om sy navorsing te evalueer. Dié advieskomitee bestaan uit die hoof van die departe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ment Bestuurswese (voorsitter), die Viserektor (Geesteswetenskappe), die Direkteur (Navorsing), die Dekaan (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), die Direkteur van die BFA en minstens twee kundiges op die gebied van die bestuurswese van binne of buite die Universiteit.

Veral proff. Reynders, C.W.I. Pistorius en Zevenbergen het 'n reuse-aandeel in die ontwikkeling van die BFA gehad. Laasgenoemde was Direkteur van die BFA van 1976 tot sy aftrede aan die einde van 1991 toe hy deur prof. L.M. Brümmer opgevolg is.

Sedert 1981 is die BFA in die Opvoedkunde/Regsgeleerdheid-gebou gevestig. In 1991 het die personeel uit tien voltydse of deeltydse personeellede bestaan, terwyl daar ook voortdurend van die dienste van sowel dosente as nagraadse en voorgraadse studente gebruik gemaak is. Reeds sedert 1977 het die BFA sy eie rekenaarterminaal wat met die hoofrekenaarsentrum van die Universiteit verbind is.

Die bedryfskoste van die BFA is hoofsaaklik gefinansier uit toekennings van die Universiteit en die Departement van Handel en Nywerheid asook uit inkomste van BFA-NET en ad hoc-navorsing.

Oor die jare is talle projekte afgehandel. Teen 1991 was nagenoeg tweehonderd gepubliseerde en/of vertroulike verslae afgehandel. Hoewel die meerderheid van dié projekte bedryfsvergelykend of finansieel-analities van aard was, was daar ook enkele ander projekte soos toerisme-ondersoeke, meningspeilings en mannekragondersoeke asook drie omvattende projekte in verband met die varsproduktebedryf. Laasgenoemde projekte is in opdrag van die RGN uitgevoer.


Met verloop van tyd het die BFA 'n aansienlike biblioteek opgebou wat onder andere bestaan uit finansiële state van sowel Suid-Afrikaanse as oorsese maatskappye, en gepubliseerde resultate van navorsingsprojekte. Gedurende studiereise oorsee is ook heelwat navorsingspublikasies versamel wat in die biblioteek tuisgebring is. Al hierdie publikasies vorm nuttige studiemateriaal vir studente in bestuurswese, navorsers, finansiële ontleders en konsultante.

L.M. Brümmer
Direkteur

Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO)

Op 5 Junie 1986 het die waarnemende hoof van die departement Rekening- en Ouditkunde, prof. Herman de Jager, 'n verslag aan die Viserektor (Geesteswetenskappe) voorgelê getiteld *Departement Rekening- en Ouditkunde: voorgestelde struktuurverandering*. Die aanbevelings van die verslag is aanvaar en regulasiewysigings is op die fakulteitsvergadering van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op 17 Maart 1987 goedgekeur. Die belangrikste aanbevelings van die verslag wat aanvaar is, was die volgende: die beginsel van 'n rekenmeesterskool; die aanstelling van 'n direkteur: Rekenmeestersopleiding; strenger keuring vir toelating tot die BCom(Rek)-graad; die bestaande BCom(Rek)-graad sal spesifiek op rekenmeestersopleiding gerig wees; die instelling van 'n nuwe BCom-graad vir persone wat Finansiële Rekeningkunde as hoofvak neem, maar nie in die rekenmeesterspro-fessie belangstel nie; dat klasgroottes beperk gaan word; dat daar van die eerste jaar af aan 'n eie identiteit by die studente gebou gaan word; dat daar van die tweede studiejaar af in alle vakkursusse vir die BCom(Rek)-graad, wat deur die Departement Rekening- en Ouditkunde aangebied

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. Herman de Jager, Direkteur: Skool vir Rekenmeestersopleiding, sedert 1987.

word, reeds teen die middel van Januarie met lesings begin sal word; dat praktiese werk gedurende die derde studiejaar 'n geïntegreerde deel van die leerplan sal vorm; dat aansienlik meer aandag aan rekenaars in die opleiding gegee gaan word; dat alle vakkursusse vir die BCom(Rek)-graad van semesterkursusse na jaarkursusse verander sal word; en dat die professie in 'n hoër mate betrokke moet wees.

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) is op 1 Januarie 1987 gestig en prof. Herman de Jager is as eerste direkteur aangestel.

Die toenemende gebruik van rekenaars in die sakewêreld het die behoefte aan rekenaaropleiding sodanig gestimuleer dat 'n verpligte tweejaarkursus in Handelsrekenaarwetenskappe ingestel is. Die kursusnaam is later gewysig na Informatika. 'n Ondersoek wat die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad in 1992 gedoen het, het aangetoon dat die Skool vir Rekenmeestersopleiding aan die Universiteit van Pretoria die leiding op hierdie gebied geneem het.

Die SRO het die behoefte aan verdere opleiding vir geoktrooieerde rekenmeesters geïdentifiseer en vier nuwe gedoseerde meestersgrade ingestel, naamlik MCom-(Belasting) in 1987, MCom(Rekenaarouditering en -konsultasie) in 1988, MCom-(Bestuursrekeningkunde) in 1989, en MCom(Owerheidsfinansies en -ouditering) in 1990.

Oor die laaste jare het die aantal Engelssprekende studente geleidelik toegeneem. Hierdie tendens en die begeerte van die SRO om sy puik fasiliteite en kundigheid aan die breër gemeenskap beskikbaar te stel, het daartoe gelei dat daar van 1993 lesings vir die Engelssprekende studente in Engels aangebied word. Die Engelse groep is ingefaseer sodat die hele kursus ten opsigte van rekenmeestersopleiding in 1996 in Engels aangebied sal word.

Aangesien navorsing een van die grondliggende kenmerke van 'n universiteit is, het die SRO in 1992 weer eens intensief oor sy navorsingsverantwoordelikhede besin. Vier terreine is afgebaken waarop spesifiek gekonsentreer gaan word. Die eerste is sosiale verantwoording. Die aspekte wat hier deurlopend aandag kry, is die konseptuele raamwerk vir sosiale verantwoording, die verslagdoeningspraktyke in Suid-Afrika ten opsigte van sosiale verantwoording en meningspeilings oor sosiale verantwoordelikheid van Suid-Afrikaanse sake-ondernemings. Die tweede terrein is Openbaresektorrekeningkunde. Daar is 'n wêreldwye tendens om Algemeen Aanvaarde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Rekeningkundige Praktyk ook in die openbare sektor toe te pas. Die toepassing hiervan is nie eenvoudig nie aangesien die besondere eienskappe van die openbare sektor verreken moet word. Derdens is daar rekenaargesteunde onderrig. Die ontwikkeling van tegnologie die afgelope aantal jare pleit om die toepassing daarvan in die onderrigproses. Die laaste terrein is tendense in ouditgelde. In die buiteland is daar deurlopende navorsing wat tendense betreffende ouditttariewe monitor. Aangesien hierdie inligting in Suid-Afrika ontbreek, is besluit om in dié behoefte te voorsien.

Daar was in die eerste ses jaar van sy bestaan heelwat skakeling met buite-instansies. Die Skool vir Rekenmeestersopleiding ag skakeling met die rekenmeestersprofessie uiters belangrik. Om hierdie skakeling ten beste te rig is 'n advieskomitee formeel saamgestel om die SRO te adviseer ten opsigte van die opleiding van openbare rekenmeesters en ouditeure, toepaslike en relevante navorsingsprojekte, en verdere professionele opleiding. Die SRO is aktief betrokke by aktiwiteite van die Kantoor van die Ouditeur-generaal. In 1987 is proff. De Jager en Bertie Loots en mnr. Lucas van Vuuren, direkteur van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad, aangestel om die onafhanklikheid van die Kantoor van die Ouditeur-generaal te ondersoek. Hierdie verslag het tot die Wet op die Ouditeur-generaal, 1989, gelei. Sedert 1989 is dosente van die SRO op nasionale vlak betrokke by die opleiding van personeel van die Kantoor van die Ouditeur-generaal.

Diens aan die gemeenskap was in die onderhawige tydperk deel van die SRO se missie. Hierdie aktiwiteit vind op die volgende vlakke plaas: aktiewe betrokkenheid in komitees van die rekenmeestersprofessie, die tweejaarlikse aanbieding van 'n konferensie vir Rekeningkunde-onderwysers, en die aanbieding van 'n verskeidenheid sertifikaatprogramme aan die breë sakegemeenskap.

Dit is vir die SRO belangrik om die gemeenskap van kennis te bedien deur hulle publikasies. Daarom het hulle 'n drietal publikasies uitgegee. *Audire* het een keer per jaar met 'n oplaag van agtduisend verskyn. Dit is die skakelblad van die Skool vir Rekenmeestersopleiding. *Podium*, 'n tegniese nuusbrief waarin die jongste ontwikkelinge op die gebied van rekeningkundige dissiplines aandag kry, het vyf keer per jaar met 'n oplaag van vierduisend verskyn. *Meditari*, 'n vakwetenskaplike tydskrif, is een keer per jaar met 'n oplaag van tweeduisend gepubliseer.

Prof. Herman de Jager is sedert 1987 die direkteur van die Skool vir Rekenmeestersopleiding. Op 31 Desember 1992 was ook die volgende professore werksaam in die SRO: proff. W.J. Buys, J.D. Gloeck, M. Koen en Q. Vorster. Die getal doseerposte in die SRO het sedert 1987 van agtien gestyg tot 25 in 1992. Teen 1992 was sewentien poste permanent-voltyds gevul.

Met die stigting van die SRO is strenger keuringsvereistes vir studente ingestel. Die getal BCom(Rek)-studente het gevolglik van 390 in 1987 tot 188 die volgende jaar gedaal. Die aantal inskrywings vir nuwelingeerstejaars het sedertdien gestyg tot 354 in 1992. Die verwerwing van die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningwetenskappe (STR) het sedert 1986 meer as drievoudig toegeneem - van 24 in 1986 tot 87 in 1991.

H. de Jager
Direkteur

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Dit is histories betekenisvol dat 1982 die eerste volle akademiese jaar was waartydens die nuwe Opvoedkunde/Regsgeleerdheid-gebou met sy moderne, uitgebreide fasiliteite in gebruik was. Die jaarlikse kongres van die destydse Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Opvoedkunde is dan ook in Januarie 1982 in die Fakulteit en sy nuwe gebou aangebied.

Deur middel van studie, navorsing, onderrig en publikasies deur dosente van die Fakulteit het heelwat vernuwing, ontwikkeling en uitbreiding in die dekade 1983-1992 plaasgevind. Hierdie veranderinge het veral plaasgevind op die gebied van die wetenskapstruktuur van die Opvoedkunde en die opleiding van studente in hoofstroomonderwys en in talle gespesialiseerde Opvoedkunderigtings.

Wat onderrig en onderrigmetodes betref, is vir die eerste keer 'n sterk studentgerigte onderrigmodel in teenstelling tot 'n dosentgesentreerde benadering gevolg. Vir hierdie doel is studiehandleidings vir alle vakkursusse in 1990 ingevoer en is die kurrikulums vir alle vakkursusse hersien en verfyn.

Die praktyk van dosente-evaluering deur studente is in 1991 ingestel met die doel om hoë-kwaliteitonderrig in die Fakulteit te verseker. Teoretiese uitbouing in die verskillende vakgebiede het ook in die onderwyspraktyk neerslag gevind. Nuwe kursusse wat in die onderhawige tydperk in die Fakulteit ingestel is, was die volgende: BA(Ed)(Skoolvoorligting) in 1983, BEd-(Kurrikulumstudies) in 1984, BEd(Psig) en MEd(Psig) in 1986, MEd(Onderwysbestuur) in 1989, BEd(Rekenaargesteunde Onderwys) in 1991 en MEd(Rekenaargesteunde Onderwys) die volgende jaar. In 1992 is die vakkursus Navorsingsmetodologie vir alle MEd-studente verpligtend gemaak ten einde hulle met die oog op die suksesvolle voltooiing van verhandelings en proefskrifte navorsingsvaardig te maak. Wat die departementele struktuur van die Fakulteit betref, is die departement Fundamentele Pedagogiek in 1989 opge-doek. 'n Nuwe departement wat in Julie 1982 tot stand gekom het, is die departement Skoolvoorligting.



Prof. M.J. Bondesio, Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde, sedert 1989; Hoof: Departement Onderwysbestuur, Historiese en Vergelykende Pedagogiek, 1982 - 1988.

In die tydperk 1983-1992 is 'n aantal omvattende navorsingsprojekte deur dosente en studente van die Fakulteit onderneem, onder andere oor die volgende navorsingsterreine: skoolgereedheidsevaluering en -programme vir kleuters, ouerbegeleiding (makro-opvoedkundige strate-

gieë), uitsaai-onderwys, kompensatoriese onderwys, gemeenskapsonderwys, voortgesette onderwys, multikulturele onderwys, onderwys vir swart gestremdes, navorsingsmetodologie, opleiding vir die gestremde skool- en hospitaalverlater, verkeersveiligheidsopvoeding van die sekondêre skoolkind, kinders met probleme, geremdhede en gestremdhede, Koester Ons Jeug 2000-projek, die opgradering van swart onderwysers se kwalifikasies, vakdidaktiese aspekte van chemie-onderrig, struktuur en funksionering van onderwysstelsels, onderwysfinansiering en -ontwikkeling, onderwysbestuur en onderwysreg.

Met betrekking tot navorsing oor aspekte van nie-formele onderwys het die Navorsingseenheid: Nie-formele Onderwys van die Fakulteit 'n betekenisvolle bydrae gelewer ten opsigte van die generering en beskikbaarstelling van navorsingsfondse, die werwing van navorsers, beplanning en toesig ten opsigte van navorsingsprojekte, verslagdoening oor navorsing, ens. Prof. F. van der Stoep het aanvanklik as projekleier van die navorsingseenheid opgetree, waarna prof. L.P. Calitz tydens die afronding van die navorsingsprojek projekleier was.

Die dekade 1983-1992 was uiters vrugbaar wat betref die lewering van artikels en boekpublikasies deur personeellede van die Fakulteit. Op dié wyse is 'n aansienlike bydrae tot die Opvoedkundeliteratuur hier te lande gelewer. Personeellede het veral die publikasiegeleenthede in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde* goed benut, terwyl publikasie van die Fakulteit se eie *Pedagogiek-joernaal* steeds onder die redakteurskap van prof. W.J. Louw voortgesit is.

Die Fakulteit het gemeenskapsdiens deur middel van die verskeie aktiwiteite, instansies en projekte gelewer. Simposiums en kursusse is gereeld aangebied vir diegene wat by opvoeding, onderwys en navorsing betrokke is. Personeellede het dikwels opvoedkundige voordragte voor ouer- en onderwysergroepe en deur middel van die massamedia gelewer. Kursusse in navorsingsmetodologie is gereeld aan studente en dosente in die geesteswetenskappe aangebied. Personeellede van die Fakulteit was in die onderhawige dekade aktief betrokke by 'n aantal groter en kleiner gemeenskapsdiensprojekte waarvan die KwaNdebele-projek en die Eersterus-projek as die belangrikstes vermeld kan word. Instansies waardeur die Fakulteit veral gemeenskapsdiens gelewer het, was die Kinderleidingkliniek, die Loopbaanontwikkelingsentrum en die Sentrum vir Gemeenskapsonderwys.

In geen vorige tydperk in die geskiedenis van die Fakulteit was personeellede so intensief internasionaal betrokke nie. Daar is veral deur middel van studiebesoeke aan buitelandse universiteite en ander opvoedkundige instellings en die bywoning van internasionale kongresse en simposiums in die buiteland en hier te lande by die internasionale gemeenskap van opvoedkundiges betrokke geraak. Verder het talle buitelandse akademici die Fakulteit vir langer of korter tydperke gedurende die dekade besoek.

In 1992 het 'n permanente kurrikuleringskomitee vir die Fakulteit onder voorsitterskap van prof. P.M. Kachelhoffer begin funksioneer om vakkursusse deurlopend te herkurrikuleer. Elke departement in die Fakulteit het 'n verteenwoordiger op dié komitee gehad.

Wat personeelsake betref, het prof. F. van der Stoep wat sedert 1970 Dekaan van die Fakulteit was, op 28 Februarie 1989 afgetree, waarna prof. M.J. Bondesio as Dekaan aangewys is. Prof. Bondesio was vanaf 1982 tot 1988 Hoof van die Departement Onderwysbestuur, Historiese en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vergelykende Pedagogiek. Verder het die volgende departementshoofde afgetree: prof. M.C.H. Sonnekus (Hoof: Departement Psigo- en Sosiopedagogiek) aan die einde van 1985, prof. W.A. Landman (Hoof: Departement Fundamentele Pedagogiek) in 1989, en prof. C.J. Joubert (Hoof: Departement Skoolvoorligting) aan die einde van 1985. Die volgende persone is gedurende die tydperk 1983-1992 tot departementshoofde bevorder: prof. J.W.M. Pretorius (Hoof: Departement Psigo- en Sosiopedagogiek) op 1 Januarie 1986, prof. C.D. Jacobs (Hoof: Departement Skoolvoorligting) op 1 Januarie 1986, en prof. L.P. Calitz (Hoof: Departement Onderwysbestuur en Fundamentele Pedagogiek) in 1989.

Weens rasionalisasie in die onderwys het voorgraadse studentegetalle in die Fakulteit van 1988 af geleidelik afgeneem. Hierdie probleem is teen 1992 deur 'n doelgerigte bemarkingstrategie reggestel. Wat magister- en doktorale studente betref, het die getalle in die tydperk 1983-1992 aansienlik toegeneem.

Die onderskeie kursusse in Onderwysbestuur asook kursusse vir die opleiding van opvoedkundige sielkundiges is groeipunte in die Fakulteit.

In die tydperk 1983-1992 is die volgende komitees van die Fakulteit saamgestel om verskillende noodsaaklike funksies te vervul: Onderrigkomitee, Navorsingskomitee, Magister- en Doktorale Beheerkomitee, Voorgraadse Studenteskakelkomitee, BEd-studenteskakelkomitee, Skakelkomitee vir Akademiese Inligtingsdiens, Redaksie van *Pedagogiek-joernaal*, en die Reëlingskomitee vir die OVSA-kongres, 1993.

In die onderhawige tydperk het die Fakulteit sy funksies onder andere verrig deur middel van skakeling met die volgende instansies in verband met navorsing en opleiding: skole (vir Skoolpraktyk), die SAUK, die RGN, die SAGTR, universiteite, kolleges, onderwysdepartemente, die Departement van Mannekrag, en Opvoedkundige hulpdienste. Skakeling met ander tersiêre inrigtings is ook bewerkstellig deur die aktiewe betrokkenheid van personeellede in die aktiwiteite van die Opvoedkunde Vereniging van Suid-Afrika (kongresse, belangegroepe, nuusbriewe, ens.).


M.J. Bondesio
Dekaan

Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke

Afgesien van die uitbreiding van die vakgebied by wyse van navorsing, soos gereflekteer in die temas van magisterverhandelings, doktorale proefskrifte en publikasies van dosente, was daar in die tydperk 1983-1992 veral twee ontwikkelings wat gelei het tot die instelling van nuwe nagraadse kursusse. In 1984 is die BEd(Endossement Kurrikulumstudies) ingestel en in 1991 die BEd(Vakdidaktiek: Rekenaargesteunde Onderwys). Modules van hierdie twee vakrigtings is geïnkorporeer in die HOD-opleiding. In 1992 is die gedoseerde MEd(Rekenaargesteunde Onderrig) ingestel en die eerste groep van 24 studente is in Januarie 1992 vir hierdie kursus ingeskryf. Wat Kurrikulumstudies betref, het 'n hele aantal magister- en doktorale studente sedert 1986 afgestudeer.

Deurlopende personeelnavorsing op die gebied van Didaktiese Pedagogiek, Vakdidaktieke, Kurrikulumstudies, Tersiêre Didaktiek en Onderwysmediakunde het uitgeloop op verskeie publikasies in nasionale en internasionale tydskrifte. In 1984 het prof. W.J. Louw as leier en in samewerking met proff. A. Mawasha (UN), M. Mphalele (UN) en R.A. Yule (PCE) 'n groot toekenning van die RGN

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. W.J. Louw, Hoof: Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke, sedert 1980.

ontvang vir navorsing oor die opgradering van swart onderwysers se kwalifikasies. Die navorsing het gelei tot drie besoeke aan die buiteland deur prof. Louw: in 1983 na die VSA, in 1984 na die VSA, Japan en Thailand, en in 1985 na die VSA en Kanada. Die verslag is in 1986 voltooi.

In 1989 is die Departement op uitnodiging van die regering van KwaNdebele versoek om verrykingskursusse vir matriekonderwysers in probleemvakke aan te bied. Voordat die program egter aangebied kon word, moes indringende navorsing gedoen word na al die verbandhoudende faktore. Hierdie navorsing is gelei deur prof. Louw bygestaan deur proff. N.J.S. Basson, C.D. Jacobs, P.M. Kachelhoffer, W.L. Oosthuizen en drr. R. Snyman en M.J. Kühn. Die navorsing is in Junie 1990 afgehandel.

Onder leiding van prof. Basson en in noue samewerking met die departement Chemie van die Universiteit van Pretoria en die Transvaalse Onderwysdepartement is 'n navorsingsprojek oor vakdidaktiese aspekte van chemie-onderrig deur Yskor geborg. Hierdie navorsing het teen 1992 besonder goed gevorder.

'n Baie noue verbintenis is al die jare gehandhaaf met kollegas van ander universiteite, nasionaal en internasionaal, veral deur wedersydse eksterne eksaminering op sowel voor- as nagraadse vlak. Hierdie samewerking is verder versterk tydens nasionale en internasionale kongresse en simposia.

Die teoretiese grondslae van die Didaktiese Pedagogiek, Vakdidaktieke en Kurrikulumstudies is hoofsaaklik gedurende die dekade 1970-1980 nagevors. In die tydperk 1983-1992 is teoretiese aspekte verder bestudeer, maar was die fokus veral gerig op die praktyk. In hierdie verband kan gemeld word dat sedert 1987 praktykgerigtheid veral ondersoek is deur op onderwyspraktykverbetering en die verfyning van kurrikulering te konsentreer.

Sedert 1989 is die Departement ten nouste gemoeid met die Departement Onderwys en Kultuur: KwaNdebele-regering. In 1990 is 'n ooreenkoms tussen die Universiteit en die KwaNdebele-regering gesluit wat die aard en omvang van die onderwyskundige hulp van die Universiteit aan KwaNdebele beskryf. Hierdie hulp is deur vakdidaktici van hierdie departement aangebied in die vorm van verrykingskursusse vir matriekonderwysers in die skoolvakke Afrikaans, Biologie, Engels, Wetenskap, Wiskunde en Skoolvoorligting.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

As gevolg van politieke spanninge tussen die minister en onderwysersvakbonde, is die verrykingsprogram vir onderwysers aan die einde van 1990 gestaak. In die plek daarvan is 'n verrykingsprogram vir departementshoofde van die Ndebele-onderwyskollege in 1991 aangebied wat in 1992 herhaal is vir dosente van die kollege. Na aanleiding van die positiewe terugvoering oor die program is beplan om die program in 1993 voort te sit met die doel om al die dosente van die kollege te betrek.

Weens die aard van die akademiese fokus het die Departement en sy personeel gedurende die onderhawige dekade 'n beduidende bydrae gelewer in die ontwikkeling van onderrigmetodes. Wat voorgraadse onderwysersopleiding betref, was die meeste veranderinge veral afgestem op mikro-onderrig (1985), 'n verskuiwing van die onderrigfokus na 'n meer studentgerigte leerstrategie deur studiehandleidings vir alle vakkursusse in te voer (1990) en kurrikulêre verfyning (1990-1991). Vir laasgenoemde doel is 'n vaste kurrikuleringskomitee wat as 'n subkomitee van die Fakulteit se Onderrigkomitee onder voorsitterskap van prof. Louw funksioneer vir die Fakulteit onder voorsitterskap van prof. Kachelhoffer gestig. Laasgenoemde komitee is ná 1989 ingestel. Teen 1992 was die kurrikulumkomitee besig met die herkurrikulering van sowel die BEd-opleiding as voorgraadse Pedagogiekkursusse.

Gedurende 1988 is 'n omvattende navorsingprojek onder leiding van prof. Louw oor alle sake rakende magister- en doktorale studie onderneem. Die uitkoms hiervan was onder andere die instel van die Fakulteit se Magister- en Doktorale Beheerkomitee wat 'n wakende oog hou oor alle aspekte rakende hierdie opleiding.

Benewens die Departement se verbintenis met die Departement Onderwys en Kultuur van KwaNdebele was individuele dosente in die onderhawige tydperk besonder betrokke by die programme wat deur die Sentrum vir Gemeenskapsdiens van die Fakulteit aangebied is. Dit kan ook vermeld word dat dr. Kühn die leier was van die Pretoriase Kinderkoor wat onder die voogskap van die Fakulteit gestaan het en drr. Snyman en Kühn en mev. D.M. de Kock op streeks- en nasionale vlak kunswedstryde beoordeel het. Al die personeel het ook in die verskillende verbandhoudende vakkomitees van die Transvaalse Onderwysdepartement gedien. Personeel van die Departement was ook intensief betrokke by konferensies en simposia van vak- en dissiplineverwante organisasies, byvoorbeeld die Onderwysvereniging van Suid-Afrika, die Transvaalse Onderwysersvereniging en die Wiskundegenootskap van Suid-Afrika.

Vir die hele tydperk 1983-1992 was prof. W.J. Louw hoof van die Departement. Ander senior personeel in hierdie periode was prof. C.J. van Dyk (volle professor) wat in 1988 afgetree het, prof. N.J.S. Basson (volle professor), prof. A.K. Möller (medeprofessor wat in 1988 oorlede is), prof. W.L. Oosthuizen (medeprofessor) en prof. P.M. Kachelhoffer (volle professor).

In 1983 was die postestruktuur van die Departement soos volg: twee volle professore, een medeprofessor, nege senior lektore, vier lektore, drie onderwysassistente en vier tegniese assistente. Teen 1992 het die Departement uit drie volle professore, een medeprofessor, ses senior lektore, drie lektore, een onderwysassistent en drie tegniese assistente bestaan. Tussen 1983 en 1992 was daar 'n daling in die aantal permanente en voltydse personeel van sestien tot dertien. Die aantal vakkursusse waarvoor die Departement verantwoordelik was, het in dieselfde tydperk van 73 tot 98 toegeneem. Die implikasie is enersyds dat permanent-voltydse dosente individueel meer vakkurssuse moes aanbied en andersyds dat toenemend van tydelik-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

deeltydse personeel gebruik gemaak is. In hierdie verband kan gemeld word dat elf tydelik-deeltydse dosente in 1992 aangestel is.

Omdat voorgraadse studente-inskrywings (HOD Nagraads en Vierjarig) nie departementeel geskied nie, is syfers nie beskikbaar nie. Daar het egter 'n dramatiese afname van hierdie inskrywings veral gedurende die twee jaar 1991-1992 plaasgevind - 'n daling van 13% op die inskrywing van 1990 in 1991 en 'n verdere daling van 14% op die 1991 inskrywing in 1992. Hierdie daling weerspieël faktore buite die beheer van die Departement, byvoorbeeld rasionalisasie van onderwysposte in skole onder beheer van die Departement Onderwys en Kultuur (AV). Die verwagting was dat daar 'n verdere daling in 1993 op die 1992 inskrywing sou wees. Hierdie tendens is deeglik in aanmerking geneem in die strategiese toekomsbeplanning van die Departement.

Wat nagraadse inskrywings betref (BEd, MEd, DEd/PhD), was daar van 1983 tot 1992 'n merkbare algemene styging, soos die statistiese gegewens van die departement Inligtingsbestuur aandui. In 1983 het dertien kandidate vir die BEd(Vakdidaktieke) ingeskryf wat in 1992 tot 24 toegeneem het. In 1985 was daar 'n besondere toename in die BEd-inskrywing as gevolg van die instel van die BEd(Kurrikulumstudies) in 1984 (altesame 56 kandidate). In 1986 het hierdie tendens voortgeduur en is 'n verdere styging ondervind met die instel van die BEd(Technika) (136 kandidate). Met die toepassing van die nuwe toelatingsvereistes vir BEd(Technika) in 1989 het hierdie kategorie kandidate drasties gedaal, van 63 in 1987 tot dertig in 1989. Vir die drie jaar tussen 1990 en 1992 het die BEd-inskrywing (Vakdidaktieke, Kurrikulumstudies en Technika) gestabiliseer rondom die 45-merk. In die tydperk 1982-1992 is 192 BEd-grade in die drie spesialiseringsrigtings toegeken.

Die inskrywingspatroon vir die MEd-graad (spesialiseringsrigtings Didaktiese Pedagogiek, Tersiêre Didaktiek, Vakdidaktieke, Kurrikulumstudies en Technika) was baie egaliger en konstanter. In 1982 was daar 22 MEd-studente (alle rigtings) en in 1992 het 46 studente ingeskryf. In die periode 1982-1992 is 43 MEd-grade (alle rigtings) toegeken.

Tot en met 1986, met die instelling van die PhD-graad, het die DEd-inskrywings konstant rondom agtien studente per jaar gebly. Na 1986 het die DEd-inskrywing gedaal, maar die PhD-inskrywing het toegeneem (in 1982 was daar 10 DEd-kandidate en in 1992 slegs een; in 1986 was daar vier PhD-kandidate en 22 in 1992). Gedurende hierdie tydperk is twaalf DEd- en agtien PhD-grade toegeken. Teen 1992 was 23 doktorale kandidate ingeskryf.

W.J. Louw
Departementshoof

Departement Onderwysbestuur en Fundamentele Opvoedkunde

Aanvanklik het die twee departemente, naamlik Fundamentele Pedagogiek en Onderwysbestuur, Historiese en Vergelykende Pedagogiek, as twee afsonderlike departemente binne die Fakulteit Opvoedkunde bestaan. Prof. W.A. Landman was hoof van die departement Fundamentele Pedagogiek en prof. M.J. Bondesio hoof van die departement Onderwysbestuur, Historiese en Vergelykende Pedagogiek. Deur die rasionalisasieproses is die twee departemente egter met die aftrede van prof. Landman in 1989 tot een departement saamgesnoer. Prof. Bondesio was toe hoof van die gesamentlike departement. Met die bevordering van prof. Bondesio tot dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. L.P. Calitz, Hoof: Departement Onderwysbestuur, sedert 1989.

is hy deur prof. L.P. Calitz as departementshoof opgevolg en het die benaming van die Departement verander in Departement Onderwysbestuur en Fundamentele Opvoedkunde soos wat dit teen 1992 nog bekend gestaan het.

As gevolg van veranderende behoeftes in die onderwyspraktyk het daar noodwendig nuwe studierigtings ontstaan. Só is 'n gedoseerde MEd-kursus in Onderwysbestuur ingestel. 'n Latere ontwikkeling was die instelling van 'n Verdere Diploma in Onderwys: Gesins- en Geslagsopvoeding wat in 1993 'n aanvang sou neem. 'n Tweede Verdere Diploma in Onderwys: Onderwysbestuur is vir 1994 in die vooruitsig gestel.

Die lede van die Departement was in die tydperk 1983-1992 aktief betrokke in navorsing soos deur die volgende navorsingsvelde geïllustreer word: die struktuur en funksionering van onderwysstelsels, onderwysfinansiering en -ontwikkeling, onderwysbestuur, onderwysreg, indiensopleiding van skoolhoofde, klasbestuur, Fundamentele Opvoedkunde, gesins- en geslagsopvoeding, en Historiese Pedagogiek.

Voorts was die Departement ook by 'n groot aantal kontraknavorsingsprojekte betrokke. Slegs enkeles word vermeld: die lewensvatbaarheid van 'n universiteit/akademie/technikon vir KwaNdebele, opvoedkundige informasie-uitsending vir M-Net, nie-formele gebeeldsende onderwysprogramme vir die SAUK, en vaardigheidsopleiding in die RSA vir die RGN.

As gevolg van meer navorsing het die aantal publikasies in die Departement ook toegeneem. Gedurende 1991 het die volgende publikasies verskyn: tydskrifartikels (9), kongresse, konferensies en simposia (13), boeke (1). 'n Groot aantal afgehandelde navorsingsuitsette is ook deur studente gelewer, soos blyk uit die feit dat twaalf skripsies, tien verhandelings en nege proefskrifte voltooi was.

Teen 1992 het daar ook 'n aantal lopende navorsingsprojekte binne die Departement bestaan, soos: die implikasies van veranderinge en verwagte veranderinge in die onderwysstelsel, 'n klaringshuis vir die personeelontwikkeling van onderwysbestuurders, personeelevaluering in 'n nuwe onderwysbestel, finansiering van die onderwys, multikulturele onderwys, en gesins- en geslagsopvoeding vanuit 'n histories-pedagogiese perspektief.

Die Departement was voorts betrokke by 'n groot aantal buite-instansies en bepaalde projekte is gesamentlik onderneem. Hier-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

onder het jeugleierskapkursusse, geslagsopvoedingskursusse en personeelontwikkelingskursusse vir die bestuursliggame van veral model C-skole geressorteer.

Interdissiplinêre skakeling het in die onderhawige tydperk gereeld tussen hierdie departement en departemente aan Unisa, RAU, PU vir CHO en onderwyskolleges plaasgevind. In 1992 het 'n aantal buitelandse akademici die Departement besoek, naamlik dr. R. McCarthy, prof. W. Wielemans en prof. I. Vogelsang.

Die Departement het van buitedosente gebruik gemaak by die aanbieding van veral bestuursontwikkelingskursusse vir bestuursliggame. Teen 1992 het drie lede van die Departement as voorsitters van belangegroepe van die Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika (OVSA) opgetree, naamlik prof. L.P. Calitz (voorsitter, belangegroep Onderwysbestuur en Vergelykende Opvoedkunde), prof. J.L. Beckmann (voorsitter, belangegroep Fundamentele Opvoedkunde), en dr. L. van Rooyen (voorsitter, belangegroep Historiese Opvoedkunde).

Die onderrig en opleiding in hierdie departement is op 'n behoorlike teoreties wetenskaplik gefundeerde wyse aangepak, maar omdat daar in 'n groot mate gefokus is op die opleiding van nagraadse studente in veral die Onderwysbestuur, Vergelykende Opvoedkunde en Historiese Opvoedkunde en Onderwysreg, het elke teoretiese komponent ook 'n besondere toepassingswaarde gehad. Voorts is daar kwistig gebruik gemaak van die modernste onderwystegnologie. Onderrigmetodes wat gevolg is, was byvoorbeeld voordragte, lesings, werkseminare, groepbesprekings en forumgesprekke wat van tyd tot tyd met studente gevoer is. Studente het ook die geleentheid gekry om voordragte te lewer veral waar dit gaan om die aanbieding van navorsingsartikels deur hulleself op grond van eie navorsing.

Die lede van die Departement was ook in 'n hoë mate gemoeid met Afrika-aangeleenthede deur opleiding en navorsing. Sodoende is met ander akademici in Afrika geskakel. Navorsing wat hiermee verband gehou het, was die volgende: die herstrukturering van die onderwys om gelyke onderwysgeleenthede te voorsien, geslagsopvoeding in Bophuthatswana, afstandsonderrig in die Transkei, die evaluering van Bo-na-onder-programme, en die wenslikheid van 'n universiteit vir KwaNdebele.

Die huidige dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, prof. M.J. Bondesio, was van 1982 tot en met 1988 die hoof van die Departement. Hy is deur prof. L.P. Calitz as departementshoof opgevolg. Teen 1992 was daar 'n verdere twee volle professore aan die Departement verbonde, naamlik proff. J.L. Beckmann en S.J. Berkhout. Daar was ook drie senior lektore, naamlik drr. T. Möller, L. van Rooyen en A. van der Bank. Ondersteuningsdiens is deur een navorsingsassistente (mev. A. Breytenbach) en vier onderwysassistente gebied. Mev. R. Barkhuizen was die voltydse sekretaresse van die Departement.

Tussen 1983 en 1992 was daar 'n groot toename in nagraadse studente. Die aantal MEd-studente het met nagenoeg 155% toegeneem en die aantal PhD-studente met nagenoeg 28%. Op voorgraadse vlak was die Departement veral gemoeid met die opleiding van HOD-studente in Skoolorganisasie en Administrasie, Vergelykende Opvoedkunde en Historiese Opvoedkunde en Fundamentele Opvoedkunde.

L.P. Calitz
Departementshoof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Departement Ortopedagogiek en Kinderleidingkliniek

Die Departement Ortopedagogiek en Kinderleidingkliniek kan vir die tydperk 1983-1992 terugkyk op 'n akademies vrugbare dekade. Verskeie hoogtepunte is in dié periode bereik.

Die Eersterustprojek was 'n onderwysvennootskapsprogram tussen die Universiteit van Pretoria en die skole van Eersterust. Die doel was om bystand aan onderwysers en leerlinge te verleen met die oog daarop om die oorgang tussen skool en universiteit, of enige ander tersiêre opleidingsinstansie te vergemaklik. Hulp is aan die onderwysers verleen om hulle onderrigvaardigheid te verbeter in die vakke Afrikaans, Engels, Wiskunde, Rekeningkunde, Ekonomie, Bedryfsekonomie en Aardrykskunde. Die leerlinge is gehelp met die vakinhoudelike komponente, leerstrategieë en kursus- en loopbaanbeplanning. Aspekte van onderwysbestuur het ook aandag geniet met die oog daarop om die meer ervare onderwysers aan te spoor om nuutverworwe insigte aan die junior personeel oor te dra.

Die Eersterustprojek het daarin van alle ander soortgelyke projekte verskil dat die Universiteit hom ten doel gestel het om waar nodig die onderwys sodanig te verbeter dat alle leerlinge, die onderwys én die gemeenskap daarby baat vind, en nie slegs die leerlinge wat beoog het om aan die Universiteit van Pretoria te studeer nie. Wanneer die doelstellings van die program verwesenlik is, sou ontvoogding kon plaasvind in dié sin dat die bystand van die Universiteit nie meer nodig sou wees nie.

Hierdie doelwit is in 'n mate reeds bereik deurdat die hulpverlening by een van die hoërskole van Eersterust beëindig kon word.



Prof. P.A. van Niekerk, Hoof: Departement Ortopedagogiek en Kinderleidingkliniek, sedert 1977.

In die onderhawige tydperk is 'n universiteitsklimaat in die gemeenskap van Eersterust geskep deur ope dae en fakulteitsdae op die kampus asook deur loopbaanskoue en inligtingsdae wat deur die Universiteit by die skole gereël is. Leerlinge en onderwysers het die universiteitslaboratoria, die Gold Fields-rekenaarsentrum en die Sentrum vir Rekenaargesteunde Onderrig benut. Die program vir ingeskrewe studente is opgevolg deur die advies en steun van die Afdeling Studente-inligting.

Sedert die eerste leerlinge as eerstejaarstudente by UP ingeskryf het, was daar 'n merkbare verbetering in die slaagsyfer van die studente uit Eersterust afkomstig. Die doel met die projek was om riglyne vir die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ontwerp van 'n onderwysbystandsmodel te ontwerp, met die oog daarop om sodanige hulp na enige ander gemeenskap uit te brei.

Die inisiatief vir die Eersterustprojek is in 1989 deur prof. P. Smit in sy hoedanigheid as Viserektor geneem en deur prof. P.A. van Niekerk van stapel gestuur. Mnr. W. Arends, die toenmalige hoof van die hoërskool in Eersterust, het ook 'n versoek in dié verband gerig. Sedert 1991 het prof. R.A. Coetzee die leiding geneem. Die koste van die projek is gedra deur ruim skenkings van Sanlam, Siemens en die D.G. Murray-trust.

Vyf personeellede van die Universiteit, twee dosente van die Technikon Pretoria, vyf onderwysers en een navorser wat ook as hulporganiseerder opgetree het, was betrokke. 'n Gemiddeld van ongeveer 25 leerlinge in ses vakke het jaarliks hulp gekry. Gedurende 1991 is hulp verleen aan 650 leerlinge. Aangesien hierdie hulpverlening naskools geskied het, getuig dit van 'n bereidwilligheid by onderwysers én leerlinge om die geleentheid aan te gryp.

Die beginsels, strategieë en kundighede wat deur die onderskeie projekte tot stand gebring is, sal met groot vrug by soortgelyke projekte in ander gemeenskappe toegepas kan word sodat alle voornemende studente wat oor die nodige potensiaal beskik, die geleentheid tot universiteitsopleiding kan hê.

'n Tweede belangrike projek was 'n kognitiewe ontwikkelingsprogram vir Tswanasprekende skoolkinders op die junior primêre vlak. Dit is geïnisieer deur Pretoria Portland Cement Co. en dr. Petra Engelbrecht van die Departement. Dit is moontlik gemaak deur 'n skenking ten bedrae van R36 000 deur Pretoria Portland Cement Co. vir die tydperk 1 Mei 1992 tot 31 Desember 1993. Leerlinge van graad een en twee is geëvalueer, 'n program gebaseer op kognitiewe kontroleterapie is ontwikkel, onderwysers wat die program binne klasverband moes aanbied is opgelei, die program is deurlopend geëvalueer deur navorsers, en die kinders na vyftien maande weer geëvalueer. Dr. Engelbrecht is tydelik deur mej. V. Davel bygestaan. Dit was nie 'n eenmalige projek nie en die gedagte was dat dit nie net vir hierdie spesifieke groep kinders van belang moes wees nie, maar dat dié spesifieke ontwikkelingsprogram ook vir ander kinders in Afrika aangewend sou kon word.

'n Derde belangrike projek van die Departement was 'n loodsprojek in Venda oor die bevordering van vroeë geletterdheid in ontwikkelende landelike omgewings. Die inisieerder daarvan was prof. S.M. Kriegler in samewerking met prof. P. Smit (Viserektor) en die Departement Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling.

Drie neweprojekte is geïdentifiseer, naamlik geletterdheidsontwikkeling by skoolbeginners, geletterdheidsonderwys in die klaskamer, en informele ondersteuning in die huis. Die projek waaraan slegs prof. Kriegler gewerk het, is gefinansier deur 'n ad hoc-toekenning van R15 000 deur die RGN en die projek het van 1988 tot 1992 geduur.

Die nie-formele onderwysbehoeftes van die swart vrou in die stad was 'n vierde projek binne die Departement. Prof. F. van der Stoep, leier van die Nie-formele Onderwysnavorsingseenheid in die Fakulteit, was die inisieerder en die projek, wat van 1988 tot 1992 geduur het, is met R25 000 deur die Nie-formele Onderwysnavorsingseenheid gefinansier. Twee mense was by die projek betrokke, naamlik proff. P.A. van Niekerk (toekenninghouer) en S.M. Kriegler (projekleier). Die navorsing het sewe newe-projekte behels, wat elk 'n ander

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aspek van die oorhoofse vraagstelling nagevors het.

'n Laaste departementele projek was die verryking van aanvangsgeletterdheid in Qwaqwa-laerskole. Prof. Kriegler wat op versoek van 'n private onderneming die inisiatief vir die projek geneem het, was alleen hiervoor verantwoordelik en die geld daarvoor is deur die private onderneming voorsien. Die projek het in 1991 'n aanvang geneem en was teen 1992 nog nie voltooi nie.

Die Departement glo sy Afrika-betrokkenheid moet uitgebrei word. Die probleem is egter 'n gebrek aan fondse en die veiligheid van personeel weens onrus. Daar behoort 'n leerstoel in Kruiskulturele studies of Multikulturele Onderwys tot stand te kom, asook 'n Sentrum vir Gemeenskapsontwikkeling (multidissiplinêr). Voorts word gepoog om 'n konstruktiewe bydrae te lewer tot die verhoging van persoonsfunksionering in die besonder en die lewenskwaliteit van agtergeblewenes.

P.A. van Niekerk
Departementshoof

Departement Psigo- en Sosiopedagogiek


Teen 1992 is daar vier vakke in die Departement aangebied, te wete Psigopedagogiek, Sosiopedagogiek, Kleuteropvoeding en Opvoedkundige Navorsingsmetodologie. In Psigopedagogiek is die studie, navorsing, opleiding en publikasie met betrekking tot die psigiese lewe van die kind in verband met opvoeding, in die tydperk 1983-1992 voortgesit. Die bestaande wetenskapstruktuur van die vak is verder uitgebou en vernuwe. In dié verband het die fokus op nuwe temas soos die volgende geval: selfkonsep, opvoedingsgedrag en die psigiese lewe van die kind, leermotivering, ens. Die teoretiese vernuwing in die vakgebied het ook in die onderwyspraktyk neerslag gevind. In die aanbieding van Psigopedagogiek as vak is 'n sterk leergesentreerde benadering ontwikkel in teenstelling tot die onderriggesentreerde benadering van voorafgaande tydperke.

Wat akademiese bedrywigheid in die Sosiopedagogiek betref, is die studie- en navorsingsterrein in die onderhawige tydperk tweeledig beskou: dit het om die sosiale lewe van die kind in die opvoedingsituasie gegaan, asook om 'n bestudering van verbande tussen opvoeding en samelewing. Uitbouing en vernuwing in hierdie vakgebied het die volgende ingesluit: 'n uitbreiding en vereenvoudiging van die begripstruktuur van die vak, die bywerk van nuwe studie- en navorsingstemas soos die volgende: die kind-vyandigheid van die hedendaagse samelewing, die swart straatkind, anorexia nervosa, kindermishandeling, jeugselfmoord, en opvoeding en persoonlikheidsontwikkeling beskou vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief.

In Kleuteropvoeding is voortgegaan met die prakties gerigte opleiding van kleuteronderwyseresse. Met betrekking tot navorsing en opleiding in Kleuteropvoeding is in hierdie tydperk besondere aandag gewy aan skoolgereedheidsondersoeke en skoolgereedheidsprogramme.

Vierdens is die vak Navorsingsmetodologie sedert Januarie 1990 in hierdie departement aangebied. Die doel van die vak was om nagraadse studente in die Fakulteit Opvoedkunde navorsingsvaardig te maak sodat 'n groter persentasie studente hul nagraadse studies binne die aanvaarde minimumtydperk kan voltooi. Die vak was sedert 1992 verpligtend vir alle magisterstudente in die Fakulteit. Voorheen is die vak slegs aangebied as deel van die gedoseerde magisterstudie in Onderwysbestuur. Sedert die vak verpligtend gemaak is vir alle magisterstudente, het die stu-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.W.M. Pretorius, Hoof: Departement Psigo- en Sosiopedagogiek, sedert 1986.

dente van ongeveer agtien per jaar toegeneem tot om en by 95.

Teen 1992 was navorsing aan die gang oor die dimensies van opvoedkundenavorsing, te wete die ontologiese, metodologiese, teleologiese, epistemologiese en sosiologiese dimensies. Dit spruit voort uit navorsing op die terrein van Navorsingsmetodologie en het 'n sterk wetenskapsfilosofiese inslag. 'n Doktorale student was reeds teen 1992 by hierdie langtermynprojek ingeskakel. Kursusse in Navorsingsmetodologie is gereeld vir studente en dosente in die geesteswetenskappe aangebied.

In die tydperk 1983-1992 is 'n aantal omvattende navorsingsprojekte deur personeellede en studente van die Departement onderneem. Navorsingsvelde het die volgende ingesluit: ouerbegeleiding (makro-opvoedkundige strategieë), die aanwending van die radio en televisie in kompensatoriese onderwys, onderwys vir swart gestremdes, gemeenskapsonderwys, voortgesette onderwys, kleuteropvoeding, longitudinale ondersoek van kinders, en navorsingsmetodologie. Hierdie navorsingsprojekte is in samewerking met die SAUK, die RGN, Unisa, die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding, die Departement Onderwys en Opleiding, en die Navorsingseenheid vir Nieformele Onderwys van ons Universiteit onderneem.

Wat gemeenskapsdiens betref, is daar in die onderhawige tydperk op 'n jaarlikse grondslag simposia aangebied vir ouers en onderwyseresse, bv. oor verskillende aspekte van kleuteropvoeding, gesinsopvoeding, geslagsopvoeding, kinderontwikkeling en ouerskapsvaardighede. Die personeellede van die Departement het ook gereeld opvoedkundige voordragte vir ouer- en onderwysergroepe gelewer.

Nadat prof. M.C.H. Sonnekus vyftien jaar lank (1971-1985) aan die hoof van hierdie departement gestaan het, is hy op 1 Januarie 1986 deur prof. J.W.M. Pretorius as departementshoof opgevolg. Prof. Pretorius het op 26 Augustus daardie jaar sy intreerede gelewer oor die tema: "Opvoeding en onderwys onder maatskaplike druk". Ander senior personeellede van die Departement teen 1992 was prof. G.V. Ferreira (volle professor) en prof. J. le Roux (medeprofessor), drie senior lektore, 'n sekretaresse en 'n onderwysassistent.

Wat studentegetalle betref het voorgraadse studentegetalle vanweë rasionalisering in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die onderwys van 1988 'n geleidelike afname getoon. Wat magister- en doktorale studie betref, het studentegetalle egter in die onderhawige tydperk geleidelik toegeneem.

J.W.M. Pretorius
Departementshoof

Departement Skoolvoorligting


Hierdie departement het op 1 Julie 1982 tot stand gekom. Vantevore was dit deel van die Departement Psigo-, Sosio- en Beroepsoriënteringspedagogiek. Die laasgenoemde afdeling het onder prof. C.J. Joubert die aparte Departement Skoolvoorligting geword.

As gevolg van die uitbreiding van die Beroepsoriënteringspedagogiek sedert 1982 is die voorgraadse kursus BA(Ed)Skoolvoorligting in 1983 ingestel. Hierna volg die instelling van die BEd(Psig)- en MEd-(Psig)-kursus in 1986.

Etlike nasionale kontraknavorsingsprojekte is deur lede van die Departement onderneem waarvan die opleiding van die gestremde skool- en hospitaalverlater as deel van die RGN/NOR-ondersoek na strategieë vir opleiding en plasing van die gestremde persoon in 1989 as die belangrikste beskou kan word. Verder is daar in 1986 kontraknavorsing vir die Nasionale Verkeersveiligheidsraad gedoen oor verkeersveiligheidsopvoeding van die sekondêre skoolkind. In 1992 is die sukses van die Junior Achievement Programme geëvalueer. Hierdie navorsingsprojek is in samewerking met die RGN onderneem.

Op interdissiplinêre vlak is op veral die opleidings- en navorsingsterrein met die Departement van Mannekrag, die Pretoriase Onderwyskollege, Vista Universiteit en die RGN saamgewerk.

'n Internasionale netwerk is uitgebou met die doel om navorsingsgenote en eksterne



Prof. C.D. Jacobs, Hoof: Departement Skoolvoorligting, sedert 1986.

eksaminatore by die Departement se navorsingsaksies en kurrikuleringstrategieë te betrek. Die volgende buitelandse universiteite is by die netwerk ingeskakel, naamlik die Universiteit van Surrey en Brookuniversiteit in Engeland. Daar was in die tydperk 1983-1992 noue samewerking met die Universiteit van Kalifornië (Daviskampus) in die VSA en die Universiteit van Kenyatta in Kenia. Gereelde skakeling het verder met die "Guidance and Careers Service" in Southampton in Engeland plaasgevind.

Die Beroepsoriënteringspedagogiek het 'n basiese teoretiese onderbou met 'n praktiese gerigtheid. Die BEd(Psig)- en MEd(Psig)-studente het in die onderhawige tydperk praktiese opleiding in die Loopbaanontwikkelingsentrum ontvang wat aan die Departement Skoolvoorligting gekoppel is. Hierdie praktiese opleiding het aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hand van die minimum kriteria geskied wat deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR) gestel word vir sekere registrasiedoeleindes.

Daar is heelwat interdissiplinêre skakeling onder andere met die huidige Kinderleidingkliniek en die Afdeling : Voornemende studente van dieselfde Universiteit. Gereelde skakeling het ook plaasgevind met die Lebone- en S.G. Lourens-verplegingskolleges in Pretoria.

Lede van die Departement het aan die Universiteit se Afrikamissie uitvoering gegee deur die beskikbaarstelling van hul kundigheid. In hierdie konteks is die volgende belangrikste projekte en navorsingsverslae afgehandel, naamlik 'n voorligtingsverrykingsprogram in Eersterust, Pretoria, 'n voorligtingsverrykingsprogram in KwaNdebele, en die opheffing van plaasskoolleerlinge en -arbeiders in die Transvaalse landboudistrik Davel.

Die Departement het sedert 1983 wegbeweeg van 'n dosentgesentreerde onderrigmodel na 'n meer studentgerigte model. Dosente-evaluering deur studente met die doel om die onderrigkwaliteit in die Departement te verhoog, is hoog aangeslaan.

Lede van die Departement het gereeld as sprekers, referente en voorsitters by nasionale en internasionale vaksaamtrekke opgetree. 'n Groot aantal wetenskaplike en populêr-wetenskaplike artikels is deur die Departement gepubliseer. Hierdie publikasies was primêr gerig op onderwyseropleiding en ouer-en-kindverhoudinge, en het onder meer loopbaanvoorligting, kurrikulering en lewenskundighede en -vaardighede as teikenterreine ingesluit.

Op 1 Januarie 1986 is professor C.D. Jacobs as hoof van die departement Skool voorligting aangestel. Hy beklee die Ou Mutual-professoraat in Skoolvoorligting. Benewens die hoof het die personeel van die Departement teen 1992 uit twee senior lektore, 'n lektor, 'n tegniese assistent, 'n tikster-sekretaresse en drie onderwysassistente bestaan.

Sedert 1983 was daar só 'n toename in magister- en doktorale studente dat die Departement genoodsaak was om kandidate sedert 1991 vir hierdie studierigtings streng te keur. 'n Afname is egter in die voorgraadse studentegetalle ondervind, maar hierdie probleem is teen 1992 deur 'n doelgerigte bemarkingstrategie reggestel.

Die Departement Skoolvoorligting het sedert 1983 hard gewerk om relevant te bly in 'n hoogs kompeterende nasionale en internasionale akademiese bestel. Hierdie ideaal is net moontlik deur 'n doelgerigte strewe na navorsing, opleiding en dienslewering van hoogstaande gehalte.

C.D. Jacobs
Departementshoof

Loopbaanontwikkelingsentrum

Die Loopbaanontwikkelingsentrum het op 2 Januarie 1989 tot stand gekom en het dus maar 'n betreklike kort geskiedenis. Voorheen was dit deel van die destydse Kinderleidinginstituut. Die Loopbaanontwikkelingsentrum ressorteer outonoom onder die Departement Skoolvoorligting van die Fakulteit Opvoedkunde. Die huidige hoof van die Departement is gelyktydig ook hoof van die Sentrum.

Teen 1992 is die Loopbaanontwikkelingsentrum gefinansier deur dienslewering aan ouers, leerlinge en die breë gemeenskap. Die Sentrum strewe daarna om

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

uitmuntende professionele diens te lewer aan die ouers van kinders wat beroepskeuseprobleme ondervind.

'n Omvattende gerekenariseerde databasis was reeds teen 1992 opgebou en het bestaan uit die persoonlike inligting van die groot getal ouers en leerlinge wat die Loopbaanontwikkelingsentrum jaarliks besoek het. Hierdie inligting word op 'n vertroulike en professionele wyse in spesifieke navorsingsprojekte gebruik.

'n Groot groep BEd(Psig)- en MEd(Psig)-studente het jaarliks hul praktiese opleiding in Beroepsoriënteringspedagogiek aan die Sentrum ontvang. Laasgenoemde vakgebied is gerig op die ondersteuning van leerlinge sodat hulle tot selfkennis kan kom en verantwoordelike beroepskeuses kan uitoefen.

Die Loopbaanontwikkelingsentrum het dus reeds in sy kort bestaan as 'n laboratorium vir die praktiese opleiding van die betrokke studente gedien. Hierdie opleiding het ooreenkomstig die minimum kriteria geskied wat deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR) gestel word vir spesifieke registrasiedoeleindes.

Onder begeleiding van dosente is studente deeglik prakties onderrig in onderhoudvoering, inskakeling van psigometriese toetse en die ontwerp van toepaslike terapeutiese strategieë.

Daar was heelwat interdissiplinêre skakeling met onder andere die huidige Kinderleidingkliniek en die Afdeling: Voornemende Studente van die Universiteit van Pretoria. Die Sentrum is jaarliks deur 'n aansienlike getal binne- en buitelandse akademici besoek.

Die Loopbaanontwikkelingsentrum se visie vir die onmiddellike toekoms is om deur plaaslike en internasionale netwerke sy kernmissie en doelwitte verder te ontwikkel en uit te bou om sodoende relevante dienslewering te verseker.

C.D. Jacobs
Departementshoof

Sentrum vir Gemeenskapsonderwys (SGO)

In 1990 is die moontlikheid ondersoek om 'n eenheid of sentrum vir voortgesette onderwys in die Fakulteit Opvoedkunde te vestig. 'n Opname is gemaak van lopende en afgehandelde navorsing wat moontlik verband kon hou met aktiwiteite rakende die verdere opleiding van onderwysers, asook talle ander gemeenskapsdiensprogramme.

Voorts is 'n ondersoek geloods na die lewensvatbaarheid van oorbruggingsprogramme met matriekleerlinge as teikengroep. Die oogmerk was iets soortgelyks as wat jaarliks deur Beeldskool geloods is. 'n Derde strategie was 'n opname ten opsigte van die lewensvatbaarheid vir voortgesette onderwys op departementele vlak binne die Fakulteit Opvoedkunde.

Die dringende behoeftes wat deur hierdie opnames geïdentifiseer is, is op 24 September 1990 in 'n skrywe deur die dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, prof. M.J. Bondesio, aan die destydse Viserektor, prof. P. Smit, bekend gemaak. Na 'n versoek om amptelike magtiging vir die stigting van 'n Sentrum vir Gemeenskapsonderwys in die Fakulteit Opvoedkunde het prof. Smit die dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde op 14 November 1990 skriftelik verwittig dat die Rektoraat die stigting van 'n Sentrum vir Gemeenskapsonderwys in beginsel goedgekeur het.

In die tweede helfte van 1991 is die Sentrum vir Gemeenskapsonderwys (SGO),

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verbonde aan die Fakulteit Opvoedkunde amptelik in die lewe geroep met prof. Johann le Roux as direkteur.

Die missie van die Sentrum was uit die staanspoor om binne die verklaarde missies van sowel die Universiteit van Pretoria as die Fakulteit Opvoedkunde beslag te gee aan die Universiteit se gemeenskapsdiensfunksie. Sedert 1991 is daar gestreef na die handhawing van uitnemendheid, relevantheid en gemeenskapsdienslewering. Hierdeur het die SGO hom daartoe verbind om eerstens deur beroepsverwante onderwys, onderwysverryking en voorbereidende remediërende onderwys, gemeenskapsdiens van waarde aan alle bevolkingsgroepe te lewer om die lewensgehalte van individue en gemeenskappe te verhoog, en in gemeenskapsbehoeftes te voorsien om sodoende gemeenskapsprobleme te help oplos. Tweedens strewe die SGO daarna om deur die aanbieding van wetenskaplik gefundeerde programme wat uit wetenskapbeoefening in akademiese departemente spruit in die vorm van kortkursusse, simposia en seminare aan geïdentifiseerde behoeftes te voldoen. Derdens is dit die SGO se strewe om deur die aanbieding van verrykingsprogramme die Universiteit van Pretoria se sosiaal-kulturele verantwoordelikheid teenoor die breë gemeenskap gestand te doen. Ten slotte is die Sentrum vir Gemeenskapsonderwys gestig om bogenoemde strewes te koördineer, te beplan, te administreer en te help verwesenlik.

Die Sentrum vir Gemeenskapsonderwys het sedert 1991 alle vorme van nieformele onderwysvoorsiening op aanvraag gehanteer, voortspruitend uit die kundigheid van sowel die Fakulteit Opvoedkunde, as dié van buite-instansies. Gemeenskapsonderwys is gevolglik beskou as enige vorm van vrywillige dienslewering buite die formele onderwystaak van die Universiteit van Pretoria wat voortspruit uit die akademiese kundigheid.

Akademici het sedert 1991 op 'n vrywillige basis by gemeenskapsdiensprogramme betrokke geraak. Prof. Le Roux beklemtoon dat dit aanvullend en sekondêr tot die primêre taakopgawe van onderrig en navorsing geskied het. Laasgenoemde aspekte bly steeds die hoogste prioriteite in die Universiteit se missienastrewing, ofskoon gemeenskapsdiens, spesifiek ten opsigte van agtergeblewe gemeenskapsektore, toenemend belangrik word.

J. le Roux
Direkteur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

In die tydperk 1982-92 het talle veranderinge op die pad van die Fakulteit gelê: Die Fakulteit Wis- en Natuurkunde se naam het in 1989 verander na Fakulteit Natuurwetenskappe. Dit het twee Dekane, vier Viserektore en twee Rektore beleef, in 1983 na 'n semesterstelsel oorgeskakel, navorsingsevaluering deur die Sentrum vir Navorsingsontwikkeling (SNO) beleef en die eerste stappe in die rigting van studieprogramme vir die BSc-graad gedoen.

Die jaar 1982 het begin met 'n nuwe Dekaan toe prof. P.J. Zietsman vir prof. H.P. van der Schijff, wat Viserektor geword het, opvolg. Prof. Zietsman se dekaanskap het gepaard gegaan met 'n tydperk van oorgang vanaf 'n ad hoc-bestuurstelsel na 'n gestruktureerde stelsel, die formulering van doelstellings en missies en die stelselmatige afwenteling van bevoegdhede na fakulteite. Die eerste SNO-evaluerings van navorsers het met skok in 1985 bekend geword toe 'n baie klein aantal van die akademiese personeel in die Fakulteit as geëvalueerdes aangewys is. Onder hulle was proff. Victor Pretorius (Chemie) en Jan van der Merwe (Fisika) wat die hoogste evaluasie, naamlik Kategorie A, ontvang het. 'n Oorgang vanaf 'n oorwegend onderwysgedrewe fakulteit na een met 'n sterk betrokkenheid by navorsing, was voorhande.

In Junie 1986 lê prof. Zietsman na 'n lang verbintenis met die Universiteit die tuig neer en word hy deur prof. Niko Sauer, toe reeds bekend vir sy wiskundige werk op die gebiede van Hidrodinamika en Evolusievergelykings, opgevolg. Met die aanvoorwerk wat deur die voorgangers gedoen is as grondslag, kon die navorsingsarm van die Fakulteit nou ontwikkel



Prof. P.J. Zietsman, Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe, 1981 - 1986.

word. Die aantal wetenskaplike publikasies deur personeellede van die Fakulteit het jaarliks toegeneem en die aantal SNO-geëvalueerdes ook. Nuwe personeellede met sterk akademiese rekords het by die Fakulteit aangesluit en gesofistikeerde navorsingsfasiliteite is ontwikkel. Om betrokkenheid by navorsing, veral onder junior personeel, te stimuleer, is die jaarlikse toekenning *Jong Navorser van die Jaar* vanaf 1987 ingestel met prof. A.E. van Wyk as die eerste ontvanger.

Benewens klem op navorsing is daar hard gewerk aan bestuurstelsels vir die Fakulteit sodat volledig gedokumenteerde beleidsdokumente oor personeel, navorsing en na-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. N. Sauer, Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe, sedert 1986.

graadse studie opgestel en geïmplementeer kon word. Om die Fakulteit meer toeganklik vir studente te maak, is daar sedert 1991 jaarliks 'n *Bulletin* van die Fakulteit gepubliseer.

Met die instelling van die semesterstelsel in 1983 was die tyd ryp vir verandering aan die stelsel van voorgraadse studie. Eers is daar afgesien van die tradisionele "tweehoofvak"-stelsel vir die BSc en in 1991 het die eerste studieprogramme in Biologiese Wetenskappe ontstaan waarin daar gepoog is om studie in die Biologie sterk te struktureer. In 1992 is daar na 'n stelsel van eenhede vir die BSc-graad oorgeskakel en is daar vir die eerste keer die moontlikheid geskep dat studente kursusse buite die natuurwetenskappe tot hul krediet kon neem.

Nagraadse studente is toenemend by die navorsingsaktiwiteite in die Fakulteit betrek waar daar vantevore redelik gesteun is op navorsing wat studente by formele navorsingsinstansies gedoen het. 'n Stelsel van opgradering van magister- na doktorale studie is met sukses ingevoer en het 'n daadwerklike bydrae tot 'n akademiese atmosfeer binne die Fakulteit gelewer. Toe daar in 1987 in ooreenstemming met wêreldwye praktyk oorgegaan is na die graad *Philosophiae Doctor* (PhD), het die Fakulteit sy eerste kandidate tydens die herfspromosieplegtigheid voorgestel: drr. J.P. Engelbrecht (Geologie) en P.M. Tilney (Plantkunde).

N. Sauer
Dekaan

Departement Argitektuur

Rasionalisering van die vakkursusse in die Departement Argitektuur het gedurende die oorsigtydperk op 'n deurlopende grondslag in veral die Bouwetenskappe en Omgewingsgeskiedenis geskied deur dit toenemend by die ontwerpproses te betrek. Die nuwe vak Ontwerpteorie het bygedra tot groter akademiese verankering in ontwerp soos uit resente skripsies blyk. Groter belangstelling in navorsing is reeds onder voorgraadse studente gewek deur die doseer van navorsingsmetodologie. Gevorderde tegnieke is in seminare met nagraadse studente behandel. Die groter aantal meesters- en doktorale grade wat teen 1992 toegeken is, was die vrug hierop.

Argitektuurtegnologie en -geskiedenis was twee navorsingsgebiede waarin personeellede hulself onderskei het en wat nagraadse studente gelok het. Die toepassing van alternatiewe energiebronne in die boubedryf, passiewe omgewingsklimaatfaktore, alternatiewe boumateriaal en konstruksiemetodes deur die toepassing van die jongste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. D. Holm, Hoof: Departement Argitektuur, sedert 1986.

teoretiese kennis op ou en nuwe boumateriaal en -metodes, is deur navorsingsresultate gerugsteun. In 'n paar gevalle is hierdie resultate gepatenteer en nasionaal bekroon. Studies oor argitektuurteorie en -geskiedenis het gelei tot doktorale verhandelinge, boeke en gepubliseerde artikels. Dosente het gereeld by nasionale en internasionale kongresse bydraes oor sodanige onderwerpe gelewer. Dat die dosente via beperkte praktyke nietemin in voeling met die praktyk gebly het, word bewys deur die verwerwing van verskeie merietetoekennings van die Instituut van Argitekte vir geboue wat deur dié dosente ontwerp is.

Die Departement het noue samewerking met buite-instansies gehandhaaf. Dosente het onder meer studies onderneem vir, of in samewerking met, die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, die Pretoriase Argitektuurvereniging, die Stigting Simon van der Stel en komitees oor 'n breë spektrum soos "Red Kerkplein", die Transvaalse Provinsiale Instituut van Argitekte, die Raad op Argitekte en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Skone Kunste-kommissie. Skakeling met die openbare sektor het nie alleen deur middel van advieskomiteewerk geskied nie, maar ook deur gangbaarheidstudies en werkopdragte. Privaatsektorskakeling is bewerkstellig deur die organisasie en assessorskap van argitektuurkompetisies en merietebeoordelaarskappe en werkopdragte vir private persone, instansies en maatskappye.

Interdissiplinêre skakeling met ander universiteite, departemente en vakgebiede het in die oorsigtydperk toenemend plaasgevind op voorgraadse doseervlak en op nagraadse navorsings- en projekvlakke. Dit het skakeling met ander departemente binne hierdie en ander fakulteite aan hierdie en ander universiteite soos Huishoudkunde, Opvoedkunde, Stads- en Streekbeplanning, Landskapargitektuur, Rekenaarwetenskap, Regte, Kuns- en Kultuurgeskiedenis, Semitiese Tale, Teologie en Geografie, ingesluit. Dosente het gereeld aan ander universiteite in die land gëeksamineer en gedoseer.

Die Departement was akademies gerig met die besef dat argitektuur 'n vergestalting is van teorieë, kennis en vaardighede wat driedimensioneel verbeeld word in die praktiese wêreld; dat strukture binne die raamwerk van kliënte se opdragte en begrotings moet geskied; en dat dit 'n uitbeelding van hul drome en aspirasies is. Om dit te vermag, is kennis van konstruksiemetodes en alle verwante vaardighede en vereistes in die bouproses as noodsaaklik geag om die hoogste kultuurverwagtings te bewerkstellig. Hoewel die kursusse nie uitsluitlik professioneel gerig was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nie, is hierdie aspek van die opleiding as van die beste in die land gereken.

Vrugte is in die oorsigtydperk afgewerp ten opsigte van die Universiteit se Afrikamissie. Skakeling is met Namibië bewerkstellig en studente het gereeld deelgeneem aan kompetisies vir projekte in die destydse tuislande.

Diens aan die gemeenskap het in die oorsigtydperk oor 'n breë front geskied. Dosente het gedien in rade, komitees en besture van uiteenlopende instansies soos die Raad van Argitekte se Onderwysadvieskomitee, die Transvaalse Instituut van Argitekte, die Sonenergie-vereniging van Suid-Afrika en die International Solar Energy Society, die Skone Kunstekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en die Pretoriase Argitektuurvereniging. Die dosente het gereeld as eksterne eksaminatore aan ander universiteite opgetree, in vakverwante subkomitees van die Transvaalse Instituut van Argitekte en verenigings gedien en bydraes op simposia en konferensies gelewer. Artikels deur dosente het verskyn in vaktydskrifte soos *Argitektuur SA*, kultuurtydskrifte soos *Lantern* en andere, en drie boeke is deur dosente gepubliseer.

Prof. Dieter Holm het in 1986 vir prof. Alewyn Burger as derde departementshoof opgevolg en Johan Kemp was sedert 1987 medeprofessor. Van die elf permanent-voltydse dosente aan die einde van 1992 het vier doktorsgrade en ses meestersgrade gehad. Dit het die hoogs gekwalifiseerde dosentekorps aan enige Suid-Afrikaanse universiteit met 'n argitektuurdepartement verteenwoordig. Verder het een permanent-deeltydse dosent, ses deeltydse dosente en twee dosente uit ander departemente kursusse in die Departement aangebied. Twee spesialiste van buite die Universiteit het kursusse op 'n tydelik-deeltydse grondslag aangebied.

Voorgraadse studentegetalle het in die dekade onder bespreking min of meer konstant gebly op 125. Meewerkende faktore was die keuringsproses, beskikbare ruimte en personeel. Dit was opvallend dat vyftig persent van nuwelingeerstejaars teen 1992 vroue was. In teenstelling met hierdie tendens het nagraadse inskrywings 'n aansienlike toename getoon. Sedert 1982 is ses doktorsgrade, sestien magistergrade en 215 Baccalaureusgrade in Argitektuur toegeken.

D. Holm
Departementshoof


Departement Boubestuur

Gedurende die oorsigtydperk (1983-1992) het die klem in die studierigting Boubestuur stelselmatig verskuif van die aanvanklike oogmerk om bloot bestuurders vir die boubedryf op te lei tot die breër ontwikkeling van entrepeneurs wat die volle spektrum van eiendomsontwikkeling, konstruksie en gepaardgaande infrastruktuurontwikkeling kan hanteer.

Die voor- en nagraadse samestelling van leergange was sodanig dat beide as waarlik multidissiplinêr beskryf kon word. Studente het vakkursusse gevolg in die fakulteite Ingenieurswese, Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, Regsgeleerdheid en in ander departemente in die Fakulteit Natuurwetenskappe, waaronder Rekenaarwetenskap, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Bourekenkunde, Argitektuur en Statistiek.

Die Departement Boubestuur het aktief geskakel met die ander vyf Suid-Afrikaanse universiteite wat grade in Boubestuur aanbied, te wete die universiteite van die Witwatersrand, Port Elizabeth, Natal,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.C. Hauptfleisch, Hoof: Departement Boubestuur, sedert 1980.

Kaapstad en Oranje-Vrystaat. Dosente het oor en weer as eksterne eksaminatore opgetree op voor- en nagraadse vlak.

Navorsingsprojekte in die Departement het sterk toegeneem. Teen 1992 was dit op die volgende terreine gerig, nl. die

* ontwikkeling en kommersialisering van trogdakstelsels;
* ontwikkeling van bouprosesverhoudings;
* ontwikkelings- en beleggingskriteria in eiendomsontwikkeling;
* evaluering van opbrengspotensiaal van winkelsentra;
* optimering van infrastruktuurkoste vir nuwe dorpsgebiede; en die
* bestuur van eiendomsportefeuljes.

Die Departement het wyd geskakel met buite-instansies, waarvan die volgende veral belangwekkend was:

* Bou-industrieë Federasie van Suid-Afrika;
* Bou-industrieë Assosiasie (Transvaal Noord);
* Suid-Afrikaanse Bou-instituut; en
* Vereniging van Eiendomseienaars van Suid-Afrika.

Op die gebied van diens aan die gemeenskap het die personeel deurlopend konsultasiedienste en opleidingsprogramme direk en in samewerking met buite-instansies aangebied. Deelname aan konferensies en simposia as sprekers, organiseerders en afgevaardigdes het ook deurlopend plaasgevind.

Die Departement Boubestuur was aktief betrokke by die skep van literatuur oor die vakgebied. Teen 1992 was 'n aantal handboeke in wording. Van die literatuur wat toe reeds geskep was, is deur verskeie tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika aangewend.

Die Departement het homself ook na die buitewêreld gerig. Ten minste een personeellid het jaarliks saam met die finalejaarklas 'n buitelandse studiereis onderneem. Hierdie program het daartoe gelei dat kennis opgedoen is van, en skakeling opgebou is met universiteite, navorsingsinstansies, sake-ondernemings, owerheidsinstansies en individue in die Verenigde State van Amerika, Brittanje, Europa en die Verre-Ooste.

Die Departement Boubestuur het sedert 1982 steeds 'n toename in studentegetalle ervaar. Die groei in voorgraadse aansoeke was so sterk dat daar in 1991 oorgegaan is tot akademiese keuring wat die eerstejaarsinname tot vyftig studente beperk het. Op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nagraadse vlak het die Universiteit se doelwit dat 35% van die studentetal teen die jaar 2000 nagraadse studente moet wees, en met inagneming van die voorgraadse klem, in die Departement beslag gekry met die instel van 'n gedoseerde MSc(Boubestuur)-graad in Eiendomswese in 1990. Van die ingeskrewe getal studente van 211 in 1992, was 13% nagraadse studente en was die aanduiding dat dit steeds vinnig sou toeneem. Altesaam 55 studente was in 1982 ingeskryf.

Personeel het toegeneem tot vier voltydse dosente (proff. A.C. Hauptfleisch (Hoof) en C.E. Cloete en mnre. H. Cronjé en J.G. de Beer), ses deeltydse dosente, talle gasdosente en 'n voltydse sekretaresse. Die doserende personeel het sover moontlik in sekere vakkursusse gespesialiseer. In elke vakkursus is van eksterne eksaminatore van buite die Universiteit gebruik gemaak.

A.C. Hauptfleisch
Departementshoof

Departement Bourekenkunde


Die bourekenaar het veral in die jare tagtig ontwikkel van 'n beramer van hoeveelhede tot 'n bou-ekonoom wie se insig en advies tot pro-aktiewe optrede kan lei en sodoende 'n positiewe invloed op die koste van geboue en ander konstruksiewerk kan uitoefen. Die Departement Bourekenkunde het homself in die oorsigtydperk (1983-1992) as dinamiese instelling onderskei deur met hierdie en ander kontemporêre tendense tred te hou by wyse van die progressiewe aanpassing van bestaande vakinhoude, die instel van nuwe vakke en die groter beklemtoning van vakrigtings soos bestuur en eiendomsontwikkeling. Die hantering van meganiese en elektriese installasies en veral in dié mate waarin dit die koste en kostebeheer daarvan betref, het ook sedert 1982 al hoe meer aandag begin geniet.

Nadat prof. J.T.B. Viljoen afgetree het, is hy in Julie 1985 deur prof. H.M. Siglé as departementshoof opgevolg. Terselfdertyd is een van die senior lektorsposte tot 'n medeprofessoraat opgegradeer en is prof. P.C. Botha in dié hoedanigheid bevorder. In 1987 is 'n buitengewone professoraat geskep met die uitsluitlike doel om nagraadse opleiding te bevorder. Prof. C.H. Klopper was die bekleër van die pos totdat dit in 1989 in 'n permanent-voltydse professoraat omgeskep is. Professor Klopper is toe as medeprofessor in hierdie nuwe pos aangestel. Die Departement het verder oor drie voltydse senior lektore, 'n aantal tydelik-deeltydse dosente en 'n voltydse sekretaresse beskik.

Die dosente van hierdie Departement was almal betrokke by private bourekenaarspraktyke waar hulle medeverantwoordelik was vir bourekenkundige dienste op verskeie groot en belangrike projekte. Buiten hierdie betrokkenheid was hulle almal nou betrokke by die bestuur en komitees van die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars en die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars. Prof. Siglé was van 1985 tot 1988 President van die Raad. Prof. Botha was vir 1988 President van die Vereniging en is vir die termyn 1992-1994 tot Visepresident van die Raad verkies. Daarbenewens het dosente van die Departement Bourekenkunde die grootste bydrae gelewer tot die landswye seminare en lesings wat in die oorsigtydperk as deel van die gevorderde opleidingsprogram van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars aangebied is.

Die betrokkenheid van dosente van hierdie Departement as eksaminatore vir raadseksamens en as outeurs en mede-outeurs van belangrike dokumente soos die *Standaardstelsel vir die Opname van Bouwerk,* die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.T.B. Viljoen, Hoof: Departement Bourekenkunde, 1974 - 1985.

Standaardstelsel vir die Opname van Bouwerk vir Klein of Eenvoudige Geboue, die nuwe *Boukontrak* en vele ander geskrifte, het getuig van die samewerking van die Departement met ander instansies en van die hoë aansien wat die dosente in die professie geniet het. Artikels deur die dosente het boonop gereeld in *Quantum*, die amptelike joernaal van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars, verskyn.

Die betrokkenheid van die Departement in Afrika het beslag gekry deur seminare en lesings wat op versoek van bourekenaars en ander betrokkenes by twee geleenthede deur drie dosente van hierdie Departement in Namibië aangebied is.

Die Departement is in 1988 deur inspeksiekomitees van die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars en die Royal Institution of Chartered Surveyors van Groot Brittanje besoek. Die kwalifikasie in Bourekenkunde is, sonder enige voorbehoud, vir 'n verdere termyn van vyf jaar vir registrasie deur dié twee liggame erken.

Prof. Siglé het in 1991 slegs die tweede ontvanger geword van die Goue Eremedalje van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars vir sy voortreflike bydrae tot die bounywerheid in die algemeen en tot die professie van bourekenkunde in die besonder. In 1992 het hy ook die Erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

Die studente aan hierdie Departement het in hierdie tien jaar gepresteer en verskeie van die nasionale pryse verower, waaronder die Goue Medalje van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars.

Studentegetalle op voorgraadse vlak het redelik konstant gebly. Nagraadse kwalifikasies daarenteen, het 'n bloeitydperk beleef. Nie alleen het die personeel uitgeblink nie - almal het teen die einde van 1992 oor doktors- of magistergrade beskik - maar die Departement het 'n besondere kwota nagraadse kwalifikasies gelewer. Die instel van 'n gedoseerde opsie vir die magistergraad in 1989 naas die lank reeds bestaande navorsingsopsie, het grootliks tot hierdie oplewing bygedra. Die leerplan van die gedoseerde opsie het teen 1992 steeds uitgebrei en drie spesialisrigtings is aangebied, te wete Algemene Bestuur, Projekbestuur en Eiendomswese.

H.M. Siglé
Departementshoof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Departement Chemie

Vir die Departement Chemie was die oorsigtydperk (1983-1992) 'n tydperk van geleidelike groei. Die getal dosente het toegeneem van agtien in 1983 tot 22 in 1992. Prof. A. Wiechers was tot aan die einde van 1985 die departementshoof, waarna hy deur prof. A.M. Heyns opgevolg is. Die volgende personeellede was in die oorsigtydperk as buitengewone professore, ereprofessore, professore en/of medeprofessore aan die Departement verbonde: R.G. Böhmer (1983 - 1991); T.S. Buys (tot 1983); S. Lotz (1983-); R.R. Arndt (1983 - 1989); D.J.J. van Rensburg (1983 - 1986); H.F. Strauss (1983 - 1985); C.P. Jansen van Vuuren (1983 - 1988); G.J. Lourens (1983 - 1985); A. Strassheim (1983 - 1987); K.J. Range (1986-); T.A. Modro (1988-); M.O. Albers (1988 - 1989); C.J. Rademeyer (1988-); J.F. van Staden (1988-); P.H. van Rooyen (1989-); W. Robb (1989); P.L. Wessels (1990-); G.N. Krynauw (1990-); E.R. Rohwer (1992-); R. Vleggaar (1992-); J.L.M. Dillen (1991-).

Die Departement was sedert 1986 by sestien navorsingsprojekte betrokke. Personeellede was vir 'n groot aantal publikasies verantwoordelik, waaronder twee hoofstukke in boeke en 261 tydskrifartikels. Dit het bykans agtien persent van die Fakulteit Natuurwetenskappe se tydskrifartikels in gesubsidieerde tydskirfte sedert 1987 verteenwoordig.

Wat studentegetalle betref, het dit op voorgraadse vlak toegeneem van 1 999 in 1983 tot 2 759 in 1992, met 'n hoogtepunt van 3 309 in 1986. Nagraads was daar deurgaans 'n stygende tendens van sestien studente in 1983 tot 44 in 1986 en 53 in 1992.

A.M. Heyns
Departementshoof



Prof. A. Wiechers, Hoof: Departement Chemie, 1980 - 1985.

Departement Dierkunde

Die vakgebied Dierkunde het gedurende die oorsigtydperk (1983-1992) merkwaardige verandering by die Universiteit van Pretoria ondergaan. Dit het van 'n beskrywende wetenskap verander in 'n kwantitatiewe en eksperimentele wetenskap ingestel op verklaring en voorspelling. Rasionalisasie het in 1991 tot die implementering van 'n kursus in Sellulêre Biologie vir alle voornemende biologiestudente gelei. Terselfdertyd is BSc-honneurs en voorgraads in 1990 herkurrikuleer met die klem op die funksionele, ewolusionêre, omgewing en bewaring. Die bewaringsinslag van die Departement Dierkunde is versterk deur die ontwikkeling van 'n module in Bewaringsgenetika. In 1992 het die Fakulteit Natuurwetenskappe as geheel oorgeska-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. F.C. Eloff, Hoof: Departement Dierkunde, 1954 - 1985.

kel na 'n modulêre onderrigbenadering. Hierdie Departement was verantwoordelik vir die studieprogram Dierkunde en het 'n bydrae gelewer in die ekologie-studieprogram.

Die klem van navorsing in die Departement het steeds op die gebied van Soogdierkunde gebly, maar Parasitologie en Ewolusionêre Biologie het ook aandag geniet. Sedert 1972 is toenemend klem gelê op die interaksie tussen diere en hul omgewings (ekologie en gedrag), en terselfdertyd is fisiologiese studies deur middel van tegnologiese ontwikkeling aangepas om voortplantingsmonitering en metaboliese bepalings van 'n afstand moontlik te maak.

Die Afrikabetrokkenheid van die Departement is in die oorsigtydperk grootliks deur die destydse klimaat van akademiese boikotte gekortwiek. Enkele studente uit Afrika het wel vir nagraadse studie by die Departement geregistreer. Op navorsingsgebied is persoonlike skakeling met dierkundiges elders in Afrika deur middel van internasionale kongresbywoning en -deelname behou.

Binne die Departement het onderrig drasties verander. Sterk klem is geplaas op studentgerigte onderrig in plaas van die tradisioneel dosentgesentreerde formele lesings. Studiehandleidings is vir elke kursus in gebruik geneem ten einde die beginsel van selfstudie te bevorder.

Prof. F.C. Eloff het in 1985 as departementshoof afgetree en is opgevolg deur prof. J.D. Skinner, wat teen die einde van die oorsigtydperk steeds aan die hoof van die Departement gestaan en as Direkteur van die Soogdiernavorsingsinstituut gedien het. Ná die vertrek van prof. J.A.J. Nel in 1987, is prof. O.A.E. Rasa in 1988 as hoogleraar in dieregedrag aangestel, maar hy het in 1991 na Duitsland teruggekeer. Prof. R.J. van Aarde is in 1990 tot volle professor in die Departement bevorder. Hy het sy endokrinologiese en ekologiese ondervinding wat hy van Nottingham, Cambridge, Göttingen, Haifa en die Zoological Institute of the London Zoological Society saamgebring het, deel van hierdie Departement gemaak. Hierdie skommelinge het gelei tot voortdurende veranderinge in beide dosente- en studentegetalle gedurende die dekade. In 1983 was daar drie professore, een medeprofessor, drie senior lektore en drie lektore, terwyl daar teen die einde van 1992 twee professore en ses senior lektore in die Departement was. Navorsingsondersteuningspersoneel het drasties afgeneem van vier tot een en 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

halwe poste tussen 1982 en 1992. In 1989 is die Eugéne Marais-leerstoel vir Natuurlewebestuur onder leiding van proff. J. du P. Bothma en W. van Hoven na die Landboufakulteit oorgeplaas.

Ten spyte van minder doserende personeel het die aantal nagraadse studente wat per jaar gegradueer het konstant gebly op ongeveer twaalf nagraadse studente (BSc-honneurs, MSc en PhD). Sedert 1990 het dit beduidend toegeneem na agtien grade per jaar.

J.D. Skinner
Departementshoof

Departement Entomologie

Die oorsigtydperk (1983-1992) is in die Departement Entomologie gekenmerk deur heelwat verwikkelings wat betref nuwe studierigtings, navorsingsaktiwiteite, prestasies deur personeellede, samewerking met buite-instansies en ander universiteite en gemeenskapsdiens. In 1988 is die nuwe studierigting, Insekbewaring, vir die eerste keer aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit ingestel. Dit behels die bestudering en bewaring van insekte en hul habitatte. Die ekologiese belang van insekte soos miskruiers wat 'n kritiese rol in die ekologiesisteem vervul, asook die ekologie van bedreigde insekspesies, is nagevors.

'n Ander nuwe vakrigting was Ekologiese Fisiologie. Die belangrikste ontwikkeling op hierdie gebied in die oorsigtydperk was die interpretasie van fisiologiese en ekologiese data in 'n filogenetiese verband. Dit het dit moontlik gemaak om te onderskei tussen hedendaagse aanpassings en historiese of filogenetiese beperkings. Die ontwikkeling van 'n metodiek om die abiotiese invloede op die gemeenskapstruktuur deur middel van 'n ekofisiologiese benadering te bepaal, was ook van groot belang en is deur die Amerikaanse Ekologiese Vereniging se Ekologiese Navorsingsagenda as 'n prioriteit geïdentifiseer. Dit het dan ook gelei tot die instel van 'n Ekofisiologie-kursus op honneursvlak en gewysigde leerplanne voorgraads.


'n Nuwe kursus in Insek-plantinteraksies in die biologiese beheer van plaagplante (onkruide) en landbou-ekosisteme is op honneursvlak ingestel. Dit het die ondersoek behels van probleme soos byvoorbeeld waarom sekere plante onkruide word, asook watter soorte insekte hulle die doeltreffendste sal beheer. Vir sowel plantplaag- as insekplaagbeheer in die landbou, was 'n ondersoek na die effek(te) van plantvretende insekte op plante net so belangrik as om te verstaan watter faktore die diëte van hierdie insekte bepaal.

Die nuutste verwikkeling was dat die Departement in 1992 betrek is by honneursopleiding in die Plantbeskermingskursus van die onlangs gestigte Nagraadse Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling.

Op die gebied van navorsing is die Skool vir Insektaksonomie wat aanvanklik onder prof. E. Holm se leiding tot stand gekom het, verder uitgebou onder leiding van proff. Holm en C.H. Scholtz om die taksonomie van Cetoniinae (Coleoptera: Scarabaeidae) en Buprestidae van Afrika in te sluit. Verder is die taksonomie van primitiewe Scarabaeoidea en filogenie op superfamilievlak, asook die ekofisiologie van geselekteerde groepe van woestyn-Scarabaeoidea in die Kalahari, nagevors.

Van 1983 tot en met 1989 is 'n Marioneiland-entomologiese navorsingsprogram onderneem. Dit het 'n ondersoek na die ekologie, fisiologie en evolusionêre geskiedenis van sub-Antarktiese insekte behels. Dit het bygedra tot 'n multi-dissiplinêre studie van die Marioneiland-ekostelsel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. E. Holm, Hoof: Departement Entomologie, 1980 - 1989.

Die navorsing op Marioneiland het onder andere samewerking met die Departement van Omgewingsake nodig gemaak om 'n bestuursplan vir die eiland saam te stel. Verder is met die Departement Plantkunde van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Departement Dierkunde van hierdie Universiteit saamgewerk in 'n studie oor die effek van klimaatsverandering op Marioneiland, en met die Percy Fitzpatrick-instituut vir Voëlkundige Navorsing om 'n Suid-Afrikaanse Biologiese Antarktiese Navorsingsubprogram te ontwerp. Die program het besondere belangstelling van Antarktiese bioloë uitgelok. Uit hierdie navorsingsprogram alleen het daar twee doktorale studies en twintig wetenskaplike publikasies gespruit.

'n Ander navorsingsprojek wat van stapel gestuur is, was 'n ondersoek na die effek van die sogenaamde nuwe generasie chemiese insekdoders, soos byvoorbeeld insekgroeireguleerders en orale antiparasitiese veemiddels op nieteikenorganismes.

'n Nuwe navorsingsterrein wat onlangs betree is, is die monitering van omgewingsbeskadiging, -besoedeling en -herstel deur middel van insekopnames, en wel vir die landbou, industrie en die mynbou. Een navorsingsprojek het die monitering van die inseksuksessie in die hervestigingsekosisteem by die Richards Baai-myn aan die Noord-Natalse kus behels. Insekte is gebruik om die sukses van die duinehervestigingsprogram te moniteer. In 'n ander projek is die mikro-Lepidoptera (motjies) wat met fungusgalle op soetdoring *(Acacia Karroo)* geassosieer is, gebruik om die effekte van besoedeling en klimaatsveranderings te moniteer.

Navorsing is ook onderneem op insekplantassosiasies in landbou-ekosisteme (onkruide sowel as oesgewasse), die effekte van insekherbivore op plante (insluitende ekonomiese skadebepaling), effektiewe biologiese beheeragente vir onkruide en insekplae, asook die gasheerplantreekse van plantvretende insekte. In die tydperk 1983-1992 het daar sowat 130 wetenskaplike publikasies in joernale en ongeveer vyftig referate wat op nasionale en internasionale kongresse en simposia gelewer is, uit hierdie navorsingsprojekte gespruit.

Die tydperk 1983 tot 1992 is gekenmerk deur die groot aantal oorsese studiebesoeke wat deur doserende personeel afgelê is, en wel na Brittanje (vyf besoeke), Nederland (vier), België (drie), Frankryk (vyf), Swede (een), Denemarke (een), Oos- en Wes-Duitsland (drie), Switserland (twee), Oostenryk (twee), Tsjeggo-Slowakye (een),

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Spanje (twee), Kanada (drie), die VSA (drie), Israel (een), China (drie), Australië (drie) en Nieu-Seeland (twee).

In 1982 het die Departement die inisiatief geneem met die opstel van 'n omvattende, goed geïllustreerde handboek, *Insects of Southern Africa*, onder redaksie van proff. Scholtz en Holm, waarvan sewentien uit die 47 spesialisouteurs personeellede en oudstudente van die Departement was. In 1992 het *Fruit chafers of Southern Africa*, 'n gesaghebbende, ryklik geïllustreerde boek oor vrugtetorre - die eerste monografie oor hierdie kewergroep sedert 1907 - verskyn. Dit is deur proff. Holm en E. Marais (van die Staatsmuseum in Windhoek) geskryf.

Prof. Holm het oor die afgelope twaalf jaar bekendheid onder die breë publiek verwerf vir sy weeklikse radio-optredes in die program "Hoe verklaar u dit?". Hy het ook gepresteer deur hom te begeef op die gebied van opvoedkundige televisieprogramme oor die natuur. So was hy verantwoordelik vir twee programme vir die weeklikse "50/50"-reeks (oor termiete en bye), vir tien programme oor woestyndiere vir "Tekkies", twee insekprogramme vir TV3, 'n vermaaklike natuurdokumentêr getiteld "Born Losers", asook twee filmreekse oor insekte en ander geleedpotige diere, naamlik "Insekgedrag menslik betrag". Laasgenoemde twee reekse is in Suid-Afrika en in Brittanje gebeeldsend. Prof. Holm het voorts as ontwerper en konsultant van die Insektarium van die Nasionale Dieretuin in Pretoria opgetree; was verantwoordelik vir die ontwerp en uitvoer van twee seëlreekse vir Suid-Afrika en Namibië met insekte as tema; en was van 1987 tot en met 1990 Nasionale President van die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap. In 1985 het hy die Ad Educandum-toekenning ontvang vir die filmreeks "Insekgedrag menslik betrag", in 1986 die Eugene Marais-erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en in 1988 en 1990 merietesertifikate vir voortreflike diens van die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap.

Prof. Scholtz was van 1986 tot en met 1989 redakteur van die *Journal of the Entomological Society of Southern Africa*. In 1990-1991 was hy Visepresident van die Entomologiese Vereniging van Suidelike Afrika, en in 1992 is hy tot President daarvan verkies. Dr. S.L. Chown het in 1992 die Fakulteit Natuurwetenskappe se toekenning *Jong Navorser van die Jaar* (onder 35 jaar) ontvang.

Oor die afgelope tien jaar was daar heelwat skakeling tussen hierdie Departement en ander universiteite en buite-instansies. Só is daar koöperatiewe navorsing gedoen oor die filogenie van Scarabaeoidea saam met die Carleton-universiteit in Ottowa, Kanada; die Universiteit van Western Ontario in London, Kanada; die Universiteit van Kalifornië in Berkeley, VSA; die Université Paul Valéry in Montpelier, Frankryk; die Ben-Gurion Universiteit van die Negev in Beer-Sheva, Israel; en die University of New South Wales in Canberra, Australië.

Wat die taksonomie van die kewergroepe Buprestidae en Cetoniinae betref, is daar gesamentlike navorsingsprojekte met die Staatsmuseum in Windhoek en met die Bulawayo-museum in Zimbabwe onderneem. Navorsing oor die biologiese beheer van onkruide en plaagplante is in samewerking met die Landbounavorsingsentrum in Finland, die Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming op Stellenbosch, en die Universiteit van Kaapstad uitgevoer. Wat navorsing op insekplaagbeheer betref, is daar met die Suid-Afrikaanse Avokadokwekersvereniging, die Navorsingsinstituut vir Groente en Sierplante en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Suid-Afrikaanse Mangokwekersvereniging saamgewerk.

Benewens gesamentlike navorsingsprojekte in Venda met die Universiteit van Venda en navorsingskontakte met die universiteite van Botswana, Malawi, Zambië en Zimbabwe, het leerkragte van hierdie Departement as eksterne eksaminatore en/of eksterne medeleiers op nagraadse vlak opgetree vir die Universiteit van Stellenbosch, Witwatersrand, Rhodes, Kaapstad, Natal, Venda, Bophuthatswana, asook die Albert Ludwigs Universität in Freiburg, en Universität Tübingen in Duitsland.

Afgesien van die konvensionele onderrigmetodes, het hierdie Departement 'n rekenaargesteunde onderrigprogram ontwikkel en in werking gestel in die onderrig van voor- en nagraadse studente in insekplaagbeheer. Verder is daar op eerstejaarsvlak ook van vakgerigte video's gebruik gemaak om dele van die kursus beter toe te lig.

Op die gebied van gemeenskapsdiens het daar 26 populêrwetenskaplike boeke, asook 'n aantal artikels in tydskrifte oor insekte uit die pen van personeellede verskyn. Verder is daar talle populêrwetenskaplike praatjies en lesings en buitekursusse aangebied.

Prof. Holm was van 1980 tot 1989 Hoof van die Departement. Hy is deur vier dosente bygestaan. Prof. Scholtz is in 1989 as Hoof van die Departement aangestel onder die nuwe stelsel van wisselende hoofskap. In dieselfde jaar is 'n bykomende dosent aangestel.

Voorgraadse studentetalle het van 66 in 1982 tot 152 in 1988 gestyg, waarna dit weer skerp afgeneem het tot 49 in 1992, waarskynlik vanweë die insinking in die landsekonomie. Hierdie tendens het in 'n mindere mate onder nagraadse studente voorgekom met 'n gemiddeld van ses honneurs-, vyf magister- en twee doktorale studente per jaar. Sedert 1983 het ses oorsese studente in hierdie Departement vir die doktorsgraad ingeskryf, naamlik twee uit die VSA, een uit Kanada en drie uit Duitsland.

C.H. Scholtz
Departementshoof

Departement Fisika

Gedurende die jare tagtig het daar wêreldwyd 'n klemverskuiwing in die navorsingsprioriteite van die Fisika plaasgevind. Die Kernfisika wat die belangstelling van navorsers in die jare vyftig en sestig oorheers en gevolglik in daardie tyd geweldig vinnig ontwikkel het, het reeds in die middel van die jare sewentig 'n veld geword waar daar min werklik interessante probleme oorgebly het. Die gevolg was dat gedurende die oorsigtydperk (1983-1992) fondse vir navorsing en ontwikkeling in die belangrike nywerheidslande al hoe minder tot die beskikking van probleme rondom die Kernfisika gestel is. Die meeste van die lae- en mediumenergieversnellers is derhalwe gesluit of aangepas om tot nut van ander studierigtings te wees. Gelyktydig het Materiaalwetenskappe al hoe meer op die voorgrond getree - 'n ontwikkeling wat sterk gestimuleer is deur die belangrikheid van nuwe materiale vir hoëtegnologienywerhede. 'n Besondere kenmerk van die Materiaalwetenskap was die interdissiplinêre aard daarvan wat noue samewerking tussen fisici, skeikundiges en ingenieurs dikwels noodsaaklik gemaak het.

'n Ander navorsingsrigting wat in die oorsigtydperk groot belangstelling geniet het, was Hoë-energie- en Deeltjiefisika wat vrae oor die wese en oorsprong van die heelal probeer beantwoord het. Veral die ontwikkeling van kragtige rekenaars en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. E.K.H. Friedland, Hoof: Departement Fisika, sedert 1980.

nuwe versnellerkonsepte het hierdie veld vinnig laat ontwikkel. Die koste daaraan verbonde was egter enorm en eksperimentele toerusting kon selfs deur groot nywerheidslande nie meer individueel gefinansier word nie. Dit het tot grootskaalse internasionale samewerking op hierdie gebied gelei.

Benewens die basiese funksie daarvan om natuurwetenskaplikes op te lei, het die Departement Fisika 'n wesenlike bydrae gelewer tot die opleiding van studente in 'n aantal ander professionele rigtings, waarvan Ingenieurswese, Mediese Wetenskappe en Landboukunde die belangrikstes was. Gevolglik is 'n groot aantal dienskursusse deur die Departement aangebied en het die meerderheid van sy studente nie aan die Fakulteit Natuurwetenskappe behoort nie. Terwyl dit sekerlik noodsaaklik was om vir hierdie studente lesings aan te bied wat spesifiek aan hul vakgerigte behoeftes voldoen het, het daar tog met verloop van tyd 'n oormatige fragmentasie van kursusse plaasgevind wat 'n buitengewoon hoë doseerverpligting op die akademiese personeel van die Departement geplaas het. 'n Aantal dienskursusse, veral vir klein groepe wat dikwels net uit enkele studente bestaan het, het tot 'n oneffektiewe benutting van die personeel gelei. Gedurende die oorsigtydperk is hierdie situasie krities in oënskou geneem. Na samesprekings met die betrokke departemente of fakulteite is 'n aantal van die dienskursusse saamgevoeg of afgeskaf.

Die besonder vinnige ontwikkeling van Fisika het dit noodsaaklik gemaak dat die kursusse deurlopend aangepas moes word sodat studente so opgelei kon word dat hulle daartoe in staat sou wees om internasionaal mee te ding. Laasgenoemde doelstelling, wat veral die nagraadse kursusse geraak het, het dit noodsaaklik gemaak dat die personeel voortdurend op hoogte moes wees van nuwe gedagterigtings en bevindings. Dit was een van die redes waarom Wilhelm von Humboldt reeds vroeg in die vorige eeu daarop aangedring het dat die opleiding en navorsing by universiteite nooit geskei mag word nie. Benewens hierdie algemeen geldige stelling, moes plaaslike ontwikkelings ook in aanmerking kom wat direk die belangstelling van studente in die vakgebied beïnvloed het. Die belangrikste gebeurtenis in hierdie verband was sekerlik die herstrukturering van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en die Atoomenergiekorporasie (AEK), asook die inkorting van Krygkorse aktiwiteite wat werkgeleenthede vir fisici in Suid-Afrika nadelig geraak het. Die gevolg was dat die getal voor- en nagraadse studente met Fisika as hoofvak oor die laaste jare minder geword het. Aan die ander kant egter het die veranderde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

omstandighede saam met die implementering van 'n nuwe beleid oor finansiering van universiteitsnavorsing deur die Sentrum vir Navorsingsontwikkeling (SNO), ook nuwe moontlikhede vir die Departement geskep.

Die Departement het reeds sedert die jare vyftig navorsing as een van die twee hooftake van 'n volwaardige universteit beskou en sy personeel dienooreenkomstig ondersteun en aangemoedig. Een van die swakhede was egter dat 'n aantal individuele navorsingsprojekte mettertyd ontwikkel het wat redelik los van mekaar gestaan het. Hierdie toedrag van sake het die doeltreffende benutting van bestaande fondse en fasiliteite, asook die skepping van 'n stimulerende navorsingsklimaat, bemoeilik. Met inagneming van die internasionale en plaaslike ontwikkelings was dit derhalwe 'n prioriteit van die Departement om sy bewese navorsingspotensiaal rondom enkele belangrike hooftemas te konsolideer. By die keuse van die temas moes, benewens die bestaande infrastruktuur en kundigheid van die Departement, ook die relevansie van die onderwerp in aanmerking geneem word aangesien laasgenoemde nie slegs van belang vir moontlike eksterne befondsing was nie, maar ook as 'n suksesvolle werwingsinstrument vir nagraadse studente gebruik kon word.

Teen hierdie agtergrond was dit redelik duidelik dat die Materiaalwetenskap een onderwerp sou wees wat aan al bogenoemde verwagtinge kon voldoen. Wat hierdie tema besonder aantreklik gemaak het, was die feit dat die bestaande kundigheid van Vastetoestandfisika uitmuntend hiervoor benut kon word, terwyl dit gelyktydig vir die Departement se Van de Graaff-versneller wat met relatief min koste in 'n doeltreffende analitiese ioonstraalfasiliteit vir oppervlakstudies omgeskep is, 'n navorsingsgebied ontsluit het wat wye internasionale aandag sou geniet. Om die Departement se kundigheid ook op elektroniese materiale van toepassing te maak, is gedurende die laaste jare 'n reeks gesofistikeerde elektriese karakteriseringsfasiliteite opgebou. Ná die aanstelling van prof. F.D. Auret as deskundige op dié gebied, het die Departement vinnig erkenning ontvang as een van die voorste halfgeleierlaboratoria in Suid-Afrika.

Verder moes die Departement gedurende die oorsigtydperk voorsiening maak vir die aftrede van prof. J.H. van der Merwe wat as teoretiese fisikus plaaslik en internasionaal hoog aangeslaan is en in die Departement, nadat hy op eie versoek afstand gedoen het van die hoofskap, steeds die mentor van die Teoretiese Fisika-groep was. Met die aanstelling van prof. H.G. Miller is 'n waardige opvolger as leier van die Teoretiese Groep gevind wat met sy kundigheid in Deeltjiefisika die Departement ook op hierdie belangrike gebied internasionaal bekend gemaak het.

Sowel die Eksperimentele as die Teoretiese Groep in die Departement het op 'n aantal navorsingsprojekte saam met plaaslike en oorsese groepe by verskillende institute en universiteite gewerk. Daar is lank reeds vrugbaar saamgewerk met die Schonlandinstituut asook die Departement Fisika van die Universiteit van die Witwatersrand. In die laaste jare het verdere intensiewe kontakte tussen die Departement se Eksperimentele Groep en ooreenstemmende groepe by die WNNR, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Universiteit van Port Elizabeth, asook met groepe by die Max Planck Institute in Heidelberg en Stuttgart en die DBP-laboratorium in Darmstadt in Duitsland, ontwikkel. Soortgelyke verbindings is deur die Teoretiese Groep met die Universiteit Buenos Aires in Argentinië, die Universiteit van Moskou in Rusland en die Academica Sinica in Taiwan aangeknoop. Hierdie verbintenisse het tot 'n aansienlike aantal wedersydse besoe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ke gelei en 'n hele reeks gemeenskaplike publikasies tot gevolg gehad.

Lede van die Departement was ook aktief betrokke by plaaslike vakorganisasies en het onder andere in die rade en komitees van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en die Suid-Afrikaanse Stigting vir Natuurwetenskappe gedien. Die jaarlikse konferensies van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika is in 1983 en 1989 deur die Departement by die Universiteit van Pretoria aangebied.

Die Exploratorium wat reeds in die jare sewentig deur prof. L. Strauss in die Departement gestig is, het toenemende belangstelling by skole ontlok. Sedert die Departement Fisika in 1985 sy intrek in die nuwe NW1-gebou geneem het, kon heelwat meer ruimte hieraan afgestaan word. 'n Klein ouditorium is onder andere ingerig wat geskik was vir die aanbieding van voordragte en demonstrasies vir skoolklasse. Verder het die Departement in 1990 met die hulp van ELOPTRO 'n Camera Obscura op die dak van die NW1-gebou opgerig. Aangesien die oorspronklike doelstelling van die Exploratorium was om die belangstelling van skoliere in Natuurwetenskappe as geheel te bevorder, is dit in 1990 administratief as 'n fakulteitsinrigting onder die direkte beheer van die Dekaan geplaas.

Twee van die Departement se personeellede het gedurende die verslagtydperk gesogte toekennings van buite die Universiteit ontvang. Die eerste was prof. J.H. van der Merwe wat in 1984 die Goue Medalje van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika ontvang het; die tweede dr. R.M. Carter wat in 1990 die Presidentstoekenning van die SNO ontvang het.

Binne die raamwerk van die SNO se spesiale programme het proff. F.D. Auret en E. Friedland vir die tydperk van 1990 tot 1994 'n toekenning van R150 000 per jaar vir navorsing oor elektroniese materiale ontvang. Verder is tien personeellede, waarvan drie omvattend binne die kernprogram van die SNO, finansieel ondersteun.

Benewens die gemelde personeellede het die Departement in 1992 bestaan uit proff. H.W. Alberts, H.L. Gaigher, J.B. Malherbe, J.F. Brink en L.J. Bredell, asook sewe senior lektore en twee lektore bygestaan deur twee tegnici, een voltydse en een deeltydse sekretaresse, asook tien tegniese assistente.


E. Friedland
Departementshoof

Departement Genetika

In Genetika word 'n studie gemaak van die beginsels wat die grondslag lê vir ons kennis van oorerwing en die aard van die erflike materiaal wat hierby betrokke is. Die afgelope aantal dekades het daar veral ten opsigte van Molekulêre Genetika en die toepassingsgebiede daarvan, 'n kennisontploffing plaasgevind wat die Departement Genetika in 'n hoë mate op sowel voorgraadse as nagraadse gebied beïnvloed het. Die ontwikkelinge het ook gepaard gegaan met 'n toenemende besef dat Genetika 'n belangrike rol kan speel in al die vertakkings van die biologie.

Die veranderinge op voorgraadse gebied is veral gekenmerk deur die instel van nuwe en veranderde kursusse wat gelei het tot nuwe kursussamestellings en studieprogramme vir studente in Genetika. In 1990 is daar 'n nuwe eerstejaarskursus in Molekulêre Selbiologie ingestel wat gesamentlik deur vyf verskillende departemente aangebied is en waarin die Departement Genetika 'n belangrike rol gespeel het. Die kursus is deur alle studente in die biolo-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.M.P. Geerthsen, Hoof, Departement Genetika, 1980 - 1986.

giese en mediese wetenskappe gevolg. Daarmee saam was daar ook drastiese aanpassings in die Genetikakursusse in die tweede en derde jaar. Nuwe kursusse soos Chemiese en Analitiese Meiose en Eukariote Geenbeheer is ingestel. Die nuwe belangstelling in Genetika en nuwe leerplanne het ook 'n groot groei in voorgraadse studentegetalle meegebring. Daar was eweneens ook 'n groot toename in die aantal voltydsnagraadse studente. Die aantal dosente het egter nie ooreenkomstig toegeneem nie en het op vyf voltydse dosente bly staan. Van die belangrikste klemverskuiwings op nagraadse gebied in die oorsigtydperk het plaasgevind in 1987 toe prof. Henk Huismans Hoof van die Departement geword het. In hierdie tydperk is 'n omvattende molekulêre biologienavorsingsprogram gevestig aan die hand waarvan studente in sowel die Departement Genetika as ander departemente nagraadse opleiding ontvang het. In die program is veral van rekombinante DNA-tegnologie gebruik gemaak om virusgene en geenprodukte te bestudeer. Van die belangrikste toepassings van die navorsing het in die ontwikkeling van 'n nuwe generasie rekombinante entstowwe gelê. Die tipe navorsing is ook ingespan om 'n beter begrip te kry van die proses van virusreplikasie. Die navorsingswerk het internasionale erkenning geniet en is omvattend befonds deur die Sentrum vir Navorsingsontwikkeling. Die sukses van die program het berus op 'n wye vlak van samewerking met ander departemente by die Universiteit, asook met buite-instansies soos die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut by Onderstepoort. 'n Groot aantal voltydse magister- en doktorale studente was teen die einde van 1992 by die program betrokke.

Ook op die gebied van Sitogenetika het daar in die oorsigtydperk grootskaalse ontwikkeling plaasgevind. Molekulêre tegnologie het ook hier 'n toenemend belangrike rol gespeel in die tipe navorsing wat gedoen kon word. Dié benadering is veral ondersteun deur die groot vordering wat op die gebied van Mensgenetika gemaak is. Dr. Annabel Fossey het veral gespesialiseer in die gebruik van moderne chromosoomtegnologie om die proses van meiosè in sprinkane te bestuur. Verskeie unieke waarnemings is gemaak waarvoor sy ook in die buiteland erkenning gekry het. Goeie samewerking is bewerkstellig met 'n aantal van die voorste oorsese navorsers op dié gebied. Haar navorsingsresultate is gereeld in die buiteland deur middel van publikasies en kongresbydraes bekend gestel.

Die Departement se deurlopende betrokkenheid by plant- en diereteling is ook in die oorsigdekade toenemend uitgebou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. Hein Liebenberg het die navorsing op die gebied van die Sitotaksonomie van inheemse blomme en grasse gelei. Dié tipe inligting is deur verskillende instansies gebruik in gevorderde teelprogramme op die gewasse. Die navorsing is gedoen in samewerking met die Nasionale Botaniese Instituut. Diereteeltnavorsing het ook nie agterweë gebly nie. Prof. Pieter Geerthsen het in die jare tagtig in samewerking met die Roodeplaat-navorsingslaboratoria en die Elektrisiteitvoorsieningskommissie baanbrekerswerk gedoen op die gebied van die ontwikkeling van hoëvlakteelprogramme vir werkershonde vir die sekuriteitsbedryf. Die klem op diereteelt is voortgesit met die aanstelling van prof. C.Z. Roux in die Departement Genetika in 1991. Hy het wye erkenning geniet vir navorsing oor die ontwikkeling en gebruik van wiskundige modelle in die teel van diere. Sy navorsing het in die besonder gewentel om die wyses waarop die gevare van inteling in 'n wye reeks bevolkings bekamp kon word.

Ten einde te voorsien in die behoefte na geskikte navorsingslaboratoria, het die Departement vyf laboratoria feitlik volledig nuut toegerus en voorsien van alle nodige apparaat en fasiliteite vir beide voor- en nagraadse opleiding. Daar is in die opleiding veral klem gelê op die noodsaak om studente vertroud te maak met goeie wetenskaplike metodiek en om hulle op te lei as selfstandige, kreatief-denkende wetenskaplikes. Om dié uitgangspunt te ondersteun, is voorgraadse, en in besonder ook nagraadse, kursusse herkurrikuleer om selfwerksaamheid te bevorder. In die honneurskursus veral is die fokus byna volledig gerig op die student se betrokkenheid by die proses van kennisversameling, -verwerking en -toepassing. Nuwe hulpmiddele is in die opleidingsproses ingespan. Die Departement het twee onderrigvideo's vervaardig en toenemend van die rekenaar as onderrighulpmiddel gebruik gemaak.

Verskeie dosente van die Departement het in die oorsigtydperk aktief deelgeneem aan verskillende vakverenigings deur onder andere as bestuurslede te dien. Van die dosente het ook as gassprekers by 'n verskeidenheid van geleenthede opgetree en het die bedryf in al die verskillende toepassingsgebiede van die Genetika van raad gedien. Instansies in Zimbabwe en Kenia is onder meer geadviseer ten opsigte van genetiese probleme by landboukundige gewasse.

Benewens die gemelde voltydse dosente, is mev. J.M. Uitenweerde in 1992 in die plek van mnr. Jacobs aangestel. In die tydperk 1983 tot 1989 het die aantal genetikastudente in hul finale jaar gewissel van twaalf tot twintig, met eerstejaarsgetalle aan die orde van 150. Die getalle het daarna gestyg tot 'n gemiddeld van ongeveer veertig finalejaarstudente, met eerstejaarsgetalle in die omgewing van tweehonderd.


H. Huismans
Departementshoof

Departement Geografie

Die Departement Geografie, voorheen bekend as die Departement Aardrykskunde, staan vierkantig binne die omgewingskrisis van 'n soms dramaties veranderende samelewing. Dit behels die studie van die onderlinge verhouding en interafhanklikheid tussen die mens en sy omgewing. As mensgerigte wetenskaplikes hou geograwe hulle veral besig met omgewingsprobleme wat die mensdom konfronteer om 'n beter lewenskwaliteit vir alle mense te probeer bewerkstellig.

Gedurende die oorsigtydperk (1983-1992) het tegnologiese ontwikkeling in die gebruik van die rekenaar om, onder andere, Geografiese Inligtingstelsels (GIS) as hulpmiddel in geografie te vestig, baie belang-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.S. Hattingh, Hoof: Departement Geografie, sedert 1980.

rik geword. Die opkoms van die sogenaamde Groen Rewolusie wêreldwyd en die konsep van volgehoue ontwikkeling het 'n belangrike bydrae gelewer om nuwe denkrigtings en benaderings in die vak te rig. Die Departement Geografie het van hierdie nuwe benaderings en konsepte wat die vak ten seerste raak, kennis geneem en het op studie- en navorsingsterreine verskeie aanpassings gemaak sodat dosente en studente op genoemde en ander terreine van die vak 'n bydrae kon lewer.

Nuwe kursusse is voor- sowel as nagraads ingestel, terwyl bestaande kursusse nuwe struktuur gegee is om by veranderende benaderingswyses aan te pas. Voorgraads is die kursus in Ontwikkelingstudies uitgebrei om indringend aandag te skenk aan ekonomiese, stedelike en politieke probleme van veral Derdewêreldlande, met die klem op die posisie van Suid-Afrika in dié verband. Kursusse in Ontspanning en Toerisme is op voorgraadse sowel as op nagraadse vlak ingestel. Rekenaargeletterdheid is by nagraadse studente gekweek, terwyl ander honneurskursusse gefokus het op Omgewingsbestuur en Omgewingsouditering. In alle voorgraadse sowel as nagraadse kursusse is daarna gestrewe om die inhoud sover moontlik probleemgerig aan te bied sodat studente in staat sou wees om in die praktyk 'n bydrae te lewer tot die oplossing van omgewingsprobleme wat die gemeenskap bedreig.

Onderrig het by wyse van formele lesings, praktika en groepbesprekings en ander formele en nie-formele aktiwiteite geskied. Kenners oor bepaalde onderwerpe is periodiek genooi om lesings en praatjies in die Departement aan te bied. Teen die einde van die oorsigtydperk het dosente ook gebruik gemaak van die Sentrum vir Rekenaargesteunde Onderrig vir studentetoetsing en -opleiding. Die weeklikse praktiese werk, wat binne die laboratorium geskied het, het aangesluit by die teorie en 'n wesenlike deel van elke semester se werksaamhede uitgemaak. Met die praktiese werk, werkkampe asook ekskursies wat aangebied is, is gepoog om die Geografie uit die lesinglokaal na die wêreld daarbuite te dra en andersom. Verskeie ekskursies is die afgelope aantal jare onderneem na onder andere die VSA, Malawi, Botswana, Suidwes-Kaap, Oos-Kaap, Noord- en Oos-Transvaal, Natal en Kwazulu. Studentegetalle het sedert 1982 redelik konstant gebly. Die voorgraadse studentetal was 245 en 252 in 1982 en 1992 onderskeidelik. Die getal nagraadse studente het in dieselfde tydperk toegeneem van 24 tot 42. Die registrasie van swart nagraadse studente kom sedert 1990 algemeen voor. Wat die personeelkorps betref, was net mej. C.E. Ferreira en prof. P.S. Hattingh wat in 1982 aan die Depar-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tement verbonde was, in 1992 steeds daar. 'n "Nuwe" departement het tot stand gekom met die aanstelling van proff. J. Cooks (1983) en M.L. Hugo (1988), drr. G.D.H. Wilson (1986), U.J. Fairhurst (1987) en mnr. A.C. Horn (1987). Die volgende persone is ook voltyds in diens: mevv. I. Booysen (senior kartograaf, sedert 1982), M.M. Geringer (kartograaf, sedert 1987), R. van Niekerk (sekretaresse, sedert 1987) en N. Vivier (tegniese assistent, sedert 1989). Oor die afgelope dekade het twee poste as gevolg van herstrukturering en rasionalisasie verval.

Behalwe opleiding aan studente het die personeel gereeld referate op konferensies en simposia, plaaslik sowel as in die buiteland, gelewer. Dosente was ook aktiewe lede van en het gedien in komitees van vak- en ander akademiese verenigings, soos in die Raad van die Suid-Afrikaanse Geografiese Vereniging en komitees van die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling. Lede was ook nou betrokke by aktiwiteite van die International Geographic Union.

Die Departement het op drie navorsingsvelde gefokus waarby spesifieke projekte van dosente sowel as derdejaar- en nagraadse studente ingeskakel is. Eerstens was daar ondersoeke na die ruimtelike patrone van die bevolking, verstedeliking en besluitneming in Suid-Afrika. Tweedens is die prosesse en wisselwerkings van die fisiese omgewing en ruimtelike analises van ontspanning en derdens toerisme, nagevors. In die loop van 1987 het die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie (Satoer) se Navorsingseenheid vir Natuurlike Hulpbronne, Fasiliteite en Infrastruktuur binne die Departement tot stand gekom. Die Departementshoof, prof. Hattingh, het as navorsingskoördineerder opgetree. Dié eenheid is in 1990 ontbind.

Personeel van die Departement het kontraknavorsing vir staatsdepartemente, provinsiale en plaaslike owerhede, asook vir private instansies uitgevoer. Dit het ingesluit navorsing vir die Stadsraad Brits, Alberton en Randburg; medewerking aan 'n gidsplan vir die Nasionale Dieretuin; navorsing vir die Stedelike Stigting, die voormalige Departement Ontwikkelingshulp, die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Rekreasie en Toerisme, en die Voetslaanpadraad; asook omgewingsimpakstudies ten opsigte van ontspanningsoorde.

Die Departement het interdissiplinêr geskakel met ander UP-departemente soos Landskapargitektuur, Plantkunde en Landbou. In 1991 het die Departement die lesingreeks van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangebied waaraan verskeie ander departemente deelgeneem het. Die vierjaarlikse konferensie van die Vereniging vir Geografie is in 1989 met groot sukses deur hierdie Departement aangebied. 'n Opleidingskursus in Toponimie van die Verenigde Nasies se Group of Experts on Geographical Names (UNGEGN) is gedurende 1992 deur onder andere verskeie plaaslike en oorsese kundiges aangebied. 'n Kursus vir dosente en nagraadse studente in omgewingsouditering en 'n GIS-IDRISI-kursus is ook in 1992 aangebied.

Talle skoolgroepe, onder andere uit die destydse Bophuthatswana en KwaNdebele, het die Departement besoek ten einde op hoogte te kom van die aktiwiteite van die Departement. Dosente het ook deelgeneem aan 'n afstandsonderrigprojek waardeur lesings met behulp van direkte televisieuitsending na leerlinge van 'n hoërskool in Eersterust gebeeldsend is. Daar was ook skakeling met akademici van Kenia met die oog op samewerking aan projekte.

Die Departement het oor gesofistikeerde apparaat en goed toegeruste laboratoria vir onderrig- en navorsingsaktiwiteite beskik. Die Kartografiese Eenheid het 'n diens aan die hele Universiteit gelewer, asook op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kontrakbasis aan ander instansies, en was aktief by die Departement se onderrig- en navorsingsaksies betrokke.

P.S. Hattingh
Departementshoof

Departement Geologie

In die begin van 1983 het die Departement altesaam twaalf personeellede gehad. Onder die leiding van prof. Gerhard von Gruenewaldt, die departementshoof van 1978 tot 1991, en Direkteur van die Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks, het die personeelkorps redelik konstant gebly oor die volgende tien jaar en is dit gekenmerk deur 'n lae personeelomset. Oor dié tydperk het die voorgraadse studentegetalle afgeneem in ooreenstemming met die algemene tendens in die natuurwetenskappe, terwyl die nagraadse studentegetalle met ongeveer twintig persent gestyg het. Globaal was daar egter 'n skerp styging in effektiewe subsidie-studentegetalle (ESS). Prof. S.A. de Waal is in 1992 as departementshoof aangestel.



Prof. G. von Gruenewaldt, Hoof: Departement Geologie, 1978 - 1991; Direkteur Instituut Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks, 1975 - 1991.

Die behoefte in die private industrie aan vakkundiges op die gebied van die Ingenieursgeologie en Toegepaste Geofisika is reeds in die jare sewentig besef. Ten einde tred te hou met die ontwikkeling van die geologiese wetenskap en tegnologie, asook om geologie as wetenskap meer beroepsgerig te maak, is hierdie twee praktykgeoriënteerde vakrigtings verder ontwikkel en uitgebou.

Die Afdeling Ingenieursgeologie wat reeds in 1979 onder die hoofskap van prof. A. van Schalkwyk begin is, is in 1986 verder versterk deur 'n kursus in Geotegniek op derdejaarsvlak in te stel. Geotegniek bied agtergrondkennis in vakrigtings soos grondmeganika, rotsmeganika, geohidrologie, terreinondersoekmetodes en die ingenieursgeologie van Suid-Afrika. Hierdie kursus was ook van toepassing op studente in ander vertakkings van die Geologie en sowat sestig persent van alle derdejaarstudente het Geotegniek saam met Geologie as hoofvak gevolg. Die gewildheid van Ingenieursgeologie soos dit in die Departement aangebied is, het die aanstelling van meer personeellede genoodsaak en in 1984 is mnr. J.L. van Rooy as dosent aangestel. Sedert 1982 is 42 honneurs-, dertien magister- en agt doktorsgrade in Ingenieursgeologie toegeken.

Prof. P.J. Hattingh wat veral bekendheid verwerf het in die veld van Geomagnetisme, was reeds sedert sy aanstelling in 1976 aan die stuur van die Geofisika. Dit was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

egter eers met die instel van die Leerstoel in Eksplorasiegeofisika in 1983 dat die derde afdeling in die Departement, naamlik die Afdeling Geofisika, volledig beslag gekry het. In 1984 is prof. W.J. Botha aangestel in hierdie leerstoel en is begin om Eksplorasiegeofisika as 'n spesialiteitsrigting binne die Departement Geologie uit te bou. Die fasiliteite in die Afdeling is met aansienlike ondersteuning uit die private sektor, staatsdepartemente en die Universiteit uitgebou tot die bes toegeruste opleidings- en navorsingsfasilitiet vir Eksplorasiegeofisika in Afrika en kan meeding met enige soortgelyke fasiliteit ter wêreld. Sedertdien het twintig studente honneurs-, ses magister- en twee doktorsgrade in Eksplorasiegeofisika verwerf.

Hierdie nuwe ontwikkelinge in die Departement Geologie het geensins veroorsaak dat die onderrig van Geologie in die Afdeling Geologie afgeskeep is nie. Nougesette aandag aan die leerplanne, die onderrigvermoë van die personeel, asook die ontwikkeling van die bestaande kundigheid, het gelei tot die vestiging van 'n sterk kerngroep dosente. Proff. C.P. Snyman (Ekonomiese Geologie), E.B. Förtsch (Mineralogie en Kristallografie), P.G. Eriksson (Sedimentologie), S. McCourt (Struktuurgeologie); mnr. G. Grantham (Metamorfe Petrologie) en, tot einde 1991, mev. Nola McNerney (Stollingspetrologie) het deurgaans hoë standaarde gehandhaaf in hul onderskeie vakgebiede. In die tydperk 1982 tot 1992 is 25 honneurs-, 33 magister-en veertien doktorsgrade toegeken.

Enige organisasie van dié aard steun sterk op sy tegniese en administratiewe personeel. Mnr. L.J. Jacobs was tot met sy aftrede in 1990 verantwoordelik vir die maak van slyp- en poleerpreparate. Hy is in 1992 deur mnr. J. Mahlangu opgevolg. Mnr. G.P. Murfin was in beheer van die museum en het dit uitgebou tot 'n gereelde besoekspunt op die kampus. Mevv. M. Fischer en R. Kuschke het die Departement as sekretaresses ondersteun. Geen verslag oor die personeel in die Departement Geologie in die oorsigtydperk sal volledig wees sonder vermelding van mnr. Simon Zagt, wat in 1990 oorlede is, nie. Hy was meer as 36 jaar lank 'n dosent in Fisiese Geologie, sowel as Kristallografie en Mineralogie, Grondwaterhidrologie en Karteerwerk.

Op die gebied van navorsing was die Departement Geologie besonder aktief. Die Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks, of Bosveldinstituut soos dit algemeen bekend staan, het sedert die stigting daarvan in 1975 met rasse skrede gegroei en rondom 1982/3 'n hoogtepunt in aktiwiteite bereik. Bekende personeellede van die Bosveldinstituut, by name drr. M.R. Sharpe, C.J. Hatton, D. Twist, R.E. Harmer en R.K.W. Merkle, het meegedoen aan hierdie navorsing wat grootliks moontlik gemaak is deur die samewerking van die private mynbouindustrie.

Gesamentlike navorsingsprojekte met bekende aardwetenskaplikes van buitelandse inrigtings soos die Universiteit van Toronto, die Geofisiese Laboratorium in Washington, die Universiteit van Manchester, die Universiteit van Exeter en NASA, het meegehelp om die Bosveldinstituut bekend te maak in die internasionale wetenskaplike wêreld. Ander permanenter samewerkingsooreenkomste is opgebou met die Ben-Gurion-universiteit, die Hahn Meitner Instituut vir Kernnavorsing, die Geologiese Opnameinstituut in die VSA en die Universiteit van München.

Die grootskaalse bedrywighede by die Bosveldinstituut het in 1983 aanleiding gegee tot 'n simposium oor gelaagde mafiese liggame. Die simposium is georganiseer deur die Bosveldinstituut en is aangebied deur die Universiteit van Pretoria in samewerking met die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nasionale Komitee van die Internasionale Unie vir Geologiese Wetenskappe en die Vereniging van Ekonomiese Geoloë. Die konferensie is bygewoon deur internasionaalbekende wetenskaplikes op die gebied van gelaagde mafiese opeenvolgings en die resultate is uiteindelik in die bulletin van die Vereniging van Ekonomiese Geoloë, naamlik *Economic Geology*, gepubliseer. In 1987 is 'n verdere konferensie oor die Bosveldkompleks deur die Bosveldinstituut aangebied.

Buite die Bosveldinstituut het die Afdeling Ingenieursgeologie intussen hul navorsingsaktiwiteite toegespits op ingenieursgeologiese aspekte van brug- en hellingswigtings tydens die oorstromings van 1987/88 in Natal waar 'n navorsingsprojek vir die Geologiese Opname afgehandel is. Daar is voorts vir die Waternavorsingskommissie navorsing gedoen oor die erodeerbaarheid van verskillende rotsformasies onder variërende vloeitoestande in onbelynde damoorlope. Terselfdertyd het die Afdeling Geofisika sy navorsing veral op drie rigtings afgestem, naamlik elektromagnetiese tegnieke, hoëresolusie seismiese tegnieke en paleomagnetisme. Die Afdeling het ook in 1992 die Nasionale Fisiese Modelleringsfasiliteit vir die modellering van seismiese en elektromagnetiese data tot stand gebring. Hierdie fasiliteit het navorsers in staat gestel om ingewikkelde driedimensionele geologiese modelle te bou en die geassosieerde geofisiese responsies te bepaal.

Skakeling met medewetenskaplikes in Afrika het in 1991 gestalte gekry met die aanbieding van 'n konferensie met die titel "Voor-Kambriese komme in Suidelike Afrika". Hierdie geleentheid is deur prof. P.G. Eriksson en ander personeel van die Departement georganiseer. Onder die uitgenooide sprekers was prof. C. Kogbe, President van die Geologiese Vereniging van Afrika. Prof. Eriksson is sedertdien aangestel in die redaksionele adviesraad van die *Journal of African Earth Sciences*.

Ook binne die Universiteit is nuwe grense oorgesteek. In 1989 het die Skool vir Mynbou en Mineraalwetenskap tot stand gekom ten einde studente steeds beter op te lei in die dissiplines geologie, metallurgie en metallurgiese ingenieurswese en mynbou-ingenieurswese. Navorsingsprojekte in dié Skool was gemik op die verbetering van ontginningsmetodes en die skep van toegevoegde waarde.

S.A. de Waal
Departementshoof

Departement Huishoudkunde en Dieetkunde

Die vakgebied Huishoudkunde en Dieetkunde is uniek in dié opsig dat al die teorie op die een of ander manier betrekking het op die individu en gesin. Dit is onder andere weerspieël in die klem wat geplaas is op opleiding van huishoudkunde- en dieetkundestudente wat as deel van hul opleiding verantwoordelikheid aanvaar het vir die hantering van onderwyskursusse vir volwassenes, gemeenskapsontwikkelingsaksies, grootskaalse voedselvoorsieningsdienste en dieetkundige klinieke. Kenmerkend van die groei en aanpassings wat in die oorsigtydperk (1983-1992) in die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde plaasgevind het, was 'n al groter toespitsing op die mens, gesin en samelewing. Die verstaan en verklaring van menslike optrede ten opsigte van voeding, kleding, behuising, benutting van hulpbronne in die tuisomgewing en verbruikers se gedrag is toenemend beklemtoon en weerspieël in die verandering van vakkursusinhoude en die samestelling en instel van nuwe kursusse, asook in die navorsing in die Departement in hierdie tydperk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. E. Boshoff, Hoof: Departement Huishoudkunde en Dieetkunde, sedert 1976.

Die grootste verandering het ingetree in die bestudering van en navorsing oor die sosiaal-sielkundige en kulturele aspekte van kleding, voeding en behuising. Die bestuursprosesse wat in die tuisomgewing na vore kom en die gedrag van verbruikers tydens die aankoop van huishoudelike tekstielstowwe en toerusting, het ook besondere aandag geniet.

Die spesifieke behoeftes van die handel en nywerheid aan spesifieke kundighede en bekwaamhede het ook daartoe gelei dat daar indringend gekyk is na die samestelling van kursusse. Die instel van twee bemarkings- en sakebestuursgerigte graadkursusse, naamlik BHuishoudkunde (Kleding en Interieur) en BHuishoudkunde (Voedselbestuur) in 1983 het in die behoeftes van die sakewêreld voorsien. Behalwe dat die afgestudeerdes as geëmplojeerdes 'n eie plek in die sakewêreld gevind het, het dit hulle ook in staat gestel om 'n baie belangrike funksie in die hedendaagse ekonomie te verrig, naamlik dié van werkskeppers.

Die toenemende behoefte aan mense wat die agtergeblewe deel van die samelewing kan help om deur opleiding hul lewensgehalte te verhoog, het ook tot gevolg gehad dat in die BHuishoudkunde (Algemeen)-kursus groter klem geplaas is op volwasseonderwys en gemeenskapsontwikkeling.

Met die groeiende kundigheid in die Departement oor die grondslae van die sosiaal-sielkundige, kulturele en verbruikers aspekte van menslike gedrag, en die ontwikkeling van nuwe kursusse om aan beroepspesifieke behoeftes te voldoen, het die Departement hom ten doel gestel om gedifferensieerde en doelgerigte kursusse aan te bied.

Wat Dieetkunde betref, is 'n vierjarige Dieetkundegraad in 1983 geïmplementeer wat voldoen aan al die vereistes wat deur sowel die Beroepsraad vir Dieetkunde as deur 'n universiteit gestel word.

Personeellede van die Departement het met verskeie instansies op die gebied van raadgewing en produkontwikkeling saamgewerk. Personeellede het boonop in die oorsigtydperk in die advieskomitees van verskeie instansies gedien.

Interdissiplinêre skakeling het al hoe relevanter geword, veral waar gevorderde studente betrokke was by navorsing in die toepassing en interpretasie van die basiese dissiplines in die huishoudkundevelde van kleding, behuising, voedsel en voeding.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die personeel is op die hoogte gebring van die nuutste onderrigmetodiek en -tegnologie deur toepaslike kursusse gereeld by te woon. Die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde stel reeds sedert 1976 studiehandleidings op. Die rekenaar is ook toenemend in 'n paar van die vakkursusse ingespan, byvoorbeeld in die uitwerk van spesifieke diëte vir kliniekpasiënte. 'n Hele stel onderwyshulpmiddels in die vorm van transparantreekse, onderwysspeletjies, handleidings en videobande is deur die Departement ontwikkel en is tot die beskikking van huishoudkunde-onderwysers in Suid-Afrika gestel. Dit was 'n diens wat groot aftrek gekry het.

Die personeel van die Departement was betrokke by verskillende professionele verenigings asook by nuusbriewe en tydskrifte wat deur die professionele verenigings gepubliseer is. Hulle het gedien in die nasionale en die plaaslike besture en in die redaksies. Simposia en kongresse is gereeld georganiseer en bygewoon en referate of navorsingsverslae is gelewer. Gedurende die oorsigtydperk is daar jaarliks gemiddeld tien wetenskaplike artikels deur die doserende personeel van die Departement gepubliseer. Die navorsing in die Departement het gefokus op die verklaring van menslike gedrag ten opsigte van sy kleding, behuising, voeding in die verskillende lewenstadia, op die gedrag van verbruikers ten opsigte van die aankoop van huishoudelike toerusting, tekstielgoedere, en so meer, asook op die bestuursprosesse in huishoudings.

Die Departement het teen die einde van 1992 oor veertien doseerposte beskik waarvan tien voltyds gevul is. Prof. Elizabeth Boshoff was die departementshoof en sy is bygestaan deur een medeprofessor, drie senior lektore en vyf lektore. Die personeelkorps in 1992 het uitsluitlik uit vroue bestaan.

Voorgraadse studentegetalle het van 1982 tot 1991 van 152 tot 320 toegeneem. Dit het die Departement genoodsaak om in 1991 met keuring te begin. Wat spesifieke rigtings betref, het voorgraadse studentegetalle in Dieetkunde tussen 1982 en 1991 toegeneem van 48 tot 79; in Huishoudkunde van 35 tot 85; in Huishoudkunde (Kleding en Interieur) van geen tot 122; in Huishoudkunde (Voedselbestuur) van geen tot vyftien; terwyl dit in Huishoudkunde (Onderwys) van 69 tot 19 afgeneem het. Die studentegetalle weerspieël die verandering wat in die arbeidsmark ingetree het, asook die verandering wat as gevolg van groter differensiëring in die huishoudkundekursusse ingetree het.


Die Departement het sedert 1982 gemiddeld vyf honneursgrade per jaar toegeken in vergelyking met baie min vantevore. Daar is ook gedurende die afgelope dekade agtien magistergrade in Huishoudkunde en Dieetkunde toegeken. Die eerste doktorsgraad in Huishoudkunde aan die Universiteit van Pretoria is in 1983 toegeken en daarna het nog drie gevolg.

E. Boshoff
Departementshoof

Departement Landskapargitektuur

Die term "Landskapargitek" is in 1828 vir die eerste keer deur Gilbert Meason in sy boek *On the Landscape Architecture of the Great Painters of Italy*, gebruik. Frederick Law Olmsted, 'n Amerikaanse landskapontwerper, het die term "landskapsargitek" in 1858 professioneel bevestig. Die American Society of Landscape Architects (ASLA) het in 1899 tot stand gekom, waarna universiteitopleiding in Landskapargitektuur reeds sedert 1900 aan die Universiteit van Harvard in die VSA aange-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. W.F. van Riet, Hoof: Departement Landskapargitektuur, sedert 1988.

bied is. Die International Federation of Landscape Architects (IFLA) is in 1948 gestig. Die Instituut van Landskapargitekte van Suidelike-Afrika (ILASA) het in Mei 1962 tot stand gekom.

Die Departement Landskapargitektuur aan die Universiteit van Pretoria het sy ontstaan te danke gehad aan ILASA wat die instel van so 'n kursus in Suid-Afrika bepleit het. Die Fakulteit Natuurwetenskappe aan UP het die instel daarvan aanbeveel, maar dit het tot 1968 geduur voordat die Universiteitsraad, ILASA en die Minister van Nasionale Opvoeding die nodige fondse daarvoor kon bekom. In 1970 het die Universiteit 'n skenking van die Sentrale Ondernemingskorporasie ontvang vir die instel van 'n leerstoel in Landskapargitektuur. Só het die Sentrakor-leerstoel op 1 Januarie 1971 tot stand gekom. Die Departement Landskapargitektuur is egter eers in 1987 onder die waarnemende hoofskap van prof. Michael Murphy as 'n onafhanklike departement binne die Fakulteit Natuurwetenskappe erken.

Landskapargitektuur kan beskryf word as die wetenskap, tegnieke en kuns van ekologiese, funksionele en estetiese beplanning en ontwerp van buitenshuise oop ruimtes vir die gebruik en genot van die mens en ter bewaring van die omgewing. 'n Vierjarige baccalaureusgraad (BL) in Landskapargitektuur, gevolg deur 'n magistergraad (ML) is ingestel. UP was die enigste universiteit in Suid-Afrika waar hierdie graadkursus aangebied is.

'n Hoogtepunt in die Departement se geskiedenis was die ontstaan van die Geografiese Inligtinstelsellaboratorium in 1991 met as hoofdoelstelling navorsing in verband met hierdie tegnologiese hulpmiddel en die ontwikkeling van omgewingsdatastelle. Die laboratorium is spoedig plaaslik en in die buiteland hoog aangeslaan. 'n Volgende hoogtepunt was die verhuising van die Departement na die Suidkampus in 1991.

Die belangrikste uitdaging wat die Departement hom gestel het, was om te beplan vir die toekoms. Om dit te vermag is verbeterde doelstellings en doelwitte vir die Departement ontwikkel en is studente van oral in Suid-Afrika en ander state in Suider-Afrika by die Departement verwelkom.


Wat personeelaangeleenthede betref, was mnr. (later prof.) P.R. Botha die bekleër van die Sentrakor-leerstoel en Hoof van die Afdeling Landskapargitektuur sedert die instel daarvan tot en met sy bedanking in 1985. Sy opvolger was prof. Murphy. Prof. W.F.van Riet is in 1988 as departe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mentshoof aangestel. Hy was 'n jaar later die eerste persoon aan wie 'n doktorsgraad in die Departement toegeken is. Aan die einde van 1992 het hy oor 'n personeel van een medeprofessor (B.A. Farrell), drie senior dosente (C.C.C. Meintjies, K. Fourie en G. Young) en twee navorsingsbeamptes (J.D. Janse van Rensburg en S. Slabbert) beskik.

Die belangstelling in die vakkursus Landskapargitektuur het sedert die instelling daarvan so stewig gegroei dat keuring ingestel moes word om die getalle tot twintig studente per studiejaar te beperk. Die voorgraadse studentegetalle is tot tagtig beperk. Nagraads het die getal aansoeke om toelating ook só toegeneem dat toelating tot studente met BL-grade beperk moes word. In die oorsigtydperk as geheel is altesaam 123 BL-grade, 23 ML-grade en drie PhD-grade in Landskapargitektuur toegeken.

W.F. van Riet
Departementshoof



Prof. A. Eicker, Hoof: Departement Plantkunde, sedert 1986.

Departement Plantkunde

Prof. N. Grobbelaar wat in 1975 as Hoof van die gekonsolideerde Departement Plantkunde aangestel is, was tot met sy versoek in 1986 om van die hoofskap onthef te word, ook die bekleër van die Bertha Stoneman-leerstoel. Prof. Albert Eicker is vervolgens as Hoof van die Departement, asook in die Bertha Stonemanleerstoel aangestel. Prof. P.J. Robbertse was gedurende die hele oorsigtydperk (1983-1992) die bekleër van die Louis Botha-leerstoel.

Prof. Grobbelaar het, as plantfisioloog, veral belang gestel in stikstofbinding by plante. Die H.G.W. Schweickerdt-herbarium van die Departement kon dan ook spog met 'n besonder groot aantal eksemplare van peulplante wat gedurende sy talle veldekspedisies versamel is. Die botaniese tuin van die Departement kon ook spog met 'n volledige versameling Encephalartos-spesies (broodbome). In die 1991-1992 wêreldsensus van sikadeë word 22 botaniese tuine genoem wat groot versamelings broodbome het. Op hierdie lys het die tuin van die Universiteit van Pretoria die elfde grootste versameling gehad wat aantal soorte betref. Afgesien van prof. Grobbelaar se navorsing oor stikstofbinding by broodbome, is daar ook navorsing oor die taksonomie, fenologie en voortplanting van dié plantgroep deur veral die Margaretha Mes-instituut vir Saadnavorsing gedoen.

Weens die beperkte aantal vol professore in die Departement wat as groepleiers kon optree, kon studente tot 1982 slegs in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Plantfisiologie óf in Algemene Plantkunde spesialiseer. Laasgenoemde het in hierdie stadium hoofsaaklik Taksonomie, Morfologie en Ekologie ingesluit. As gevolg van die belangstelling en spesialisering van die vyf volle professore wat sedertdien in die Departement aangestel is, en die werklike behoefte wat geskep is deur die wyer toepassingsvelde vir die vak, is die moontlikhede vir spesialisering uitgebrei en kon studente teen 1992 op nagraadse vlak in die volgende rigtings spesialiseer: Mikologie, Plantfisiologie, Taksonomie, Ekologie en Voortplantingsbiologie.

Die Spesialiteitsgroep Mikologie het onder die leiding van prof. Albert Eicker gestaan. Hy is bygestaan deur dr. J.V. van Greuning. Die kursus het voortgebou op die voorgraadse Mikologie en gepoog om aan studente 'n grondige kennis van die belangrikste aspekte van die swamme te laat opdoen, insluitende hul morfologie, taksonomie en algemene biologie. Daar is veral aandag gegee aan die belangrike rol wat swamme in die ekosisteem, industrie, farmaseutiese bedryf en die mens se alledaagse lewe speel. Patogene van die mens, diere en plante is ook bestudeer. Prof. Eicker was ook aktief betrokke by die Suid-Afrikaanse sampioenbedryf. Hy het gereeld buitelandse kongresse toegespreek en institute besoek. Sedert 1982 het hy meer as vyftig referate by nasionale en internasionale kongresse voorgedra, en as besoekende professor in die VSA en in die Republiek van China opgetree. Hy het nou saamgewerk met internasionaal bekende mikoloë wat op hul beurt gereeld sy laboratorium besoek het. Die mikologiespan was ook aktief op die gebied van publikasies met meer as tagtig artikels wat sedert 1982 in gekeurde tydskrifte verskyn het. In dié periode het tien magister- en vyf doktorale studente hul grade in die Mikologie behaal. Prof. Eicker is boonop deur die Universiteit van Pretoria met 'n Medalje vir Buitengewone Prestasie vereer.

Die Afdeling Plantfisiologie het tot 1984 onder leiding van prof. J.G. Small en daarna onder prof. H.A. van de Venter gestaan. Hy is bygestaan deur dr. J.J.M. Meyer en mnr. S. de Meillon. Prof. J.N. Eloff was as ereprofessor aan hierdie Afdeling verbonde. Prof. Van de Venter was ook sedert 1987 Direkteur van die Margaretha Mes-instituut vir Saadnavorsing. Alhoewel die studente op voorgraadse vlak 'n breë fisiologiese agtergrond ontvang het, het hulle op nagraadse vlak hoofsaaklik in saadfisiologie gespesialiseer. Prof. Van de Venter het op grond van sy B-evaluering ondersteuning van die Sentrum vir Navoringsontwikkeling (SNO) geniet en is, soos in die geval van prof. Eicker, met 'n Medalje vir Buitengewone Prestasie vereer. Hy het gereeld die driejaarlikse kongresse en ander byeenkomste van die Internasionale Saadtoetsvereniging (ISTA) bygewoon en gedien in 'n komitee van die vereniging wat groeikragtigheid van saad bestudeer. Afgesien van die SNO-fondse, is fondse vir kontraknavorsing ook van die Departement Landbou, die saadhandel en ander instansies verkry.

Die Spesialiteitsgroep Ekologie het onder die leiding van prof. G.K. Theron gestaan. Hy is bygestaan deur prof. G.J. Bredenkamp en dr. N. van Rooyen. Studente het op voorgraadse vlak opleiding in algemene ekologiese beginsels en metodes gekry, maar die klem het op Suid-Afrikaanse plantegroei geval. Op nagraadse vlak het die klem op Fitososiologie, Bevolkingsdinamika, Ekofisiologie en Ekologiese Bestuur geval. Die groep was aktief betrokke by spesiale programme van die SNO en die Departement van Omgewingsake, vanwaar die befondsing hoofsaaklik bekom is, oor die graslande en Namakwaland. Proff. Theron en Bredenkamp het gereeld binne-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sowel as buitelandse kongresse bygewoon en met navorsers in Italië en Israel saamgewerk.

Die Afdeling Taksonomie het tot 1989 onder leiding van prof. P.D.F. Kok gestaan. Hy is toe opgevolg deur prof. A.E. van Wyk. Dr. M.I. Claassen, wat vir die taksonomie van laer organismes, veral die alge, verantwoordelik was, was tot met sy aftrede in 1991 aan die Afdeling verbonde. Prof. Van Wyk het ook opgetree as die kurator van die Schweickerdt-herbarium van die Departement. Hy het aktief saamgewerk met verskillende Suid-Afrikaanse universiteite en inrigtings asook buitelandse navorsers. Hy het reeds talle nuwe spesies beskryf en is in 1989 deur die Fakulteit Natuurwetenskappe aangewys as die *Jong Navorser van die Jaar*. Daarbenewens het hy die Medalje vir Buitengewone Prestasie van die Universiteit ontvang. Die botaniese tuin van die Departement staan sedert 1986 as die Manie van der Schijff Botaniese Tuin bekend en werk nou saam met die Schweickerdt-herbarium. In die tuin is daar onder andere gekonsentreer op die kweek van inheemse plante vir studie en navorsing. Daar is ook 'n volledige versameling van bepaalde groepe soos die broodbome en skaars en bedreigde spesies.

Die behoefte aan meer kennis oor saadproduksie het daartoe gelei dat die morfoloë onder leiding van prof. P.J. Robbertse en dr. L.A. Coetzer meer begin konsentreer het op die voortplantingsbiologie van saadplante. In 1988 is daar vir die eerste keer formeel 'n nagraadse kursus in Voortplantingsbiologie aangebied. Die kursus is mettertyd ook aan honneursstudente in Tuinbou voorgeskryf. Prof. Robbertse en dr. Coetzer het hul navorsing toegespits op die vrugset by avokado's, mango's en lietsjies, alhoewel ook aandag gegee is aan die voortplanting van broodbome en ander inheemse plante. Albei bogenoemde persone was lede van die International Association for Sexual Plant Reproduction en het verskillende buitelandse kongresse wat oor die onderwerp handel, bygewoon en toegespreek. Ten opsigte van mango's en avokado's het daar aktiewe samewerking tussen die groep en navorsers in Israel bestaan. Die groep is bygestaan deur dr. I. von Teichman, wat 'n permanent-voltydse navorser in die Margaretha Mes-instituut was. Sy het veral oor vrug- en saadmorfologie van die Anacardiaceae gewerk en het reeds internasionale bekendheid verwerf. Fondse vir die navorsing is bekom van die Landbounavorsingsraad van die Departement Landbou, die SNO en die subtropiese vrugtebedryf. Soos in die geval van die ander spesialiteitsgroepe, is van die projekte aan nagraadse studente opgedra om dit as onderwerpe vir verhandelings en proefskrifte te gebruik.

A. Eicker
Departementshoof

Departement Rekenaarwetenskap

Die Departement Rekenaarwetenskap is gedurende die oorsigtydperk (1983-1992) gekenmerk deur sy strewe om telkens op die voorpunt van akademiese en tegnologiese ontwikkeling te bly. Dit was byvoorbeeld in 1986 die eerste rekenaarwetenskapdepartement in Suid-Afrika wat afgesien het van die gebruik van 'n hoofraam vir opleiding en begin het om mikrorekenaars te gebruik. Verder was die Departement wyd bekend vir sy navorsingswerk op gebiede soos rekenaarnetwerke, masjienvertaling en programmatuuringenieurswese. Talle referate is oor hierdie onderwerpe by internasionale simposia aangebied en in vaktydskrifte gepubliseer.

Deur die Eenheid vir Programmatuuringenieurswese (EPI) wat in 1981 in die Departement Rekenaarwetenskap gestig is, is nou saamgewerk met die industrie en is akademiese aktiwiteite sodoende verryk en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. R.J. van den Heever, Hoof: Departement Rekenaarwetenskappe, sedert 1977.

uitgebou. Gevolglik was die kursusse veel relevanter as voorheen.

Die Skool vir Inligtingstegnologie (IT) is in 1989 gestig en het teen 1992 die gesamentlike aktiwiteite en hulpbronne van 'n hele aantal departemente, naamlik Bedryfs- en Sisteemingenieurswese, Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, Informatika, Inligtingkunde, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap verteenwoordig. Die doel van die Skool was om samewerking tussen departemente te vestig en te verbreed. Dit het die instel van 'n buigbaarder vakkeuse teweeggebring sodat kursusse meer behoeftegerig saamgestel kon word. In die Skool het die klem op interdissiplinêre onderrig en navorsing op nagraadse vlak geval. Leerplanne vir honneursgrade is saamgestel uit kursusse van die deelnemende IT-departemente. Navorsing vir meestersgrade kon deur een of meer dosente in die Skool gelei word. Die omvang van hulpbronne op onderrig- en navorsingsvlak in die Skool het die strewe ondersteun om aan te sluit by nasionale behoeftes en om nasionale erkenning te verwerf.

Die Departement het reeds in 1987 besef dat swart studente ook geakkommodeer sou moes word. Daar is in 1988 begin met die aanbied van Rekenaarstudie as skoolvak by swart en kleurlingskole, met onder andere die doel om verdienstelike studente aan te moedig om na die Universiteit van Pretoria te kom. Teen 1992 is daar gereeld klasse in Rekenaarstudie aangebied in Mamelodi waar daar ook 'n rekenaarlaboratorium gevestig is. Die Departement het ook die oprig van 'n tweede laboratorium in Eersterust in die vooruitsig gestel.


Die Departement Rekenaarwetenskap se voorgraadse studentegetalle het in die jare tagtig meer as verdubbel. Van 1990 af het die klem al hoe meer geskuif na nagraadse studente. Die aantal studente wat hul honneursgrade aan hierdie Departement verwerf het, was veel meer as aan enige ander departement in die Fakulteit Natuurwetenskappe. Die departementshoof, prof. R.J. van den Heever, is bygestaan deur 'n doserende personeel bestaande uit twee professore, twee medeprofessore, 'n senior lektrise en 'n lektor. Prof. Van den Heever was die mede-outeur van 'n handboek vir eerstejaarstudente, getitel *Programontwerp: Objekte en Planne*.

D. Kourie
Waarnemende Departementshoof

Departement Stads- en Streekbeplanning

Die Departement Stads- en Streekbeplanning is op 1 Januarie 1991 as 'n selfstan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. N. Maree, Hoof: Departement Stads- en Streekbeplanning, 1978 - 1986.

dige departement in die Fakulteit Natuurwetenskappe gevestig. Sedert daar in 1959 met onderrig in dié vakdissipline aan die Universiteit van Pretoria begin is, het dit 'n afdeling uitgemaak van wat later as die Departement Opmeetkunde en Stads- en Streekbeplanning in die Ingenieursfakulteit bekend gestaan het.

Met die aftrede van prof. N. Maree as departementshoof in 1986, het die universiteitsowerhede erkenning verleen aan 'n lang gevoelde behoefte dat Stads- en Streekbeplanning 'n selfstandige departement met 'n eie hoof regverdig. Met ingang van 1987 is die twee afdelings van die Departement Opmeetkunde en Stads- en Streekbeplanning afsonderlik van mekaar bestuur. Terselfdertyd is die masjinerie in werking gestel om die verdeling van die Departement te bewerkstellig. Die nodige toestemming hiertoe is in 1990 verleen. Intussen het prof. A.W. Rohde, Hoof van die Departement Siviele Ingenieurswese, as departementshoof waargeneem.

Dr. M.S. Badenhorst is in 1987 bevorder tot permanent-voltydse professor en Afdelingshoof: Stads- en Streekbeplanning, nadat hy sedert 1 Januarie van dieselfde jaar as afdelingshoof waargeneem het. Prof. Badenhorst was dan ook die eerste departementshoof van die nuwe Departement Stads- en Streekbeplanning. Die Departement is in die Stads- en Streekbeplanningsgebou op die suidkampus gehuisves waarheen dit in 1990 verhuis het.

In Suid-Afrika het die stads- en streekbeplanningsprofessie uit die landmeetkunde ontwikkel, want landmeters was tradisioneel vir dorpsuitleg verantwoordelik. Die dinamiese aard van die stadsomgewing en van stedelike ontwikkeling as sodanig, tesame met die ingewikkelde aard van gemeenskappe, het mettertyd meegebring dat die fokus toenemend van "uitleg" na "beplanning" verskuif het. Dit het tot gevolg gehad dat 'n steeds groterwordende kloof tussen stads- en streekbeplanning en die moederdissipline ontwikkel het. Die finale breuk het met die inwerkingtreding van die Wet op Stads- en Streekbeplanners van 1984 (Wet nr.19 van 1984) gekom, toe stads- en streekbeplanning in Suid-Afrika finaal geprofessionaliseer is. Dit het meegebring dat niemand sedertdien die titel "stads- en streekbeplanner" mag gebruik het, tensy sodanige persoon by die Suid-Afrikaanse Raad vir Stads- en Streekbeplanners geregistreer was nie.

Een van die registrasievereistes was dat 'n persoon oor 'n erkende akademiese kwalifikasie moes beskik. Dit het meegebring dat die stads- en streekbeplanningskursusse van die onderskeie beplanningskole aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voortdurende inspeksie deur die Raad onderhewig was. Kursusse moes gevolglik ook 'n element van praktykgerigtheid bevat. Aan die Universiteit van Pretoria is die klem oorwegend op die akademiese inhoud geplaas en is 'n probleemoplossing- en studentgerigte benadering in die opleiding gevolg.

Een van die belangrikste hulpmiddels in beplanningsbesluitneming wat in onlangse jare ontwikkel het, was geografiese inligtingstelsels (GIS). Ten einde kennis en vaardighede op hierdie terrein te ontwikkel, het die Departement in 1988 begin met nagraadse opleiding in die betrokke subdissipline. Danksy 'n skenking deur Perseus Computer Systems kon 'n GIS-laboratorium in die Departement ingerig word. Omvangryke kontraknavorsing in GIS is teen 1992 vir onder meer TELKOM onderneem. Twee dosente was in 'n raadgewende hoedanigheid by verskeie stadsrade en die Lebowa-regeringsdiens betrokke met die oog op die vestiging van 'n GIS in hul onderskeie organisasies.

Deur die betrokkenheid van lede van die personeel, het die Departement 'n belangrike bydrae gelewer ten opsigte van aangeleenthede wat die professie as sodanig geraak het. Só het lede in die oorsigtydperk gedien in die Raad van die Suid-Afrikaanse Instituut van Stads- en Streekbeplanners, die Adviserende Onderwyskomitee van die Suid-Afrikaanse Raad van Stads- en Streekbeplanners, die Komitee van Hoofde van Beplanningskole, die Raad van die Omgewingsbeplanningsprofessies, die Interdissiplinêre Komitee, die staande Verstedelikingsadvieskomitee van Streek "H" (die PWV-gebied), die Komitee van die Transvaalse Tak van die Instituut van Behuising vir Suider-Afrika en die Stigting Simon van der Stel. Die Departement het twee voorsitters en een onder-voorsitter van die Transvaalse tak van die Suid-Afrikaanse Instituut van Stads- en Streekbeplanners opgelewer en twee redakteurs van die instelling se nuusbrief.

Die Departement was deurlopend met kontraknavorsing besig. Langs hierdie weg is fondse vir departementele aanwending gegenereer. Benewens die TELKOM-projek waarna reeds verwys is, het die Departement in 1990 'n omvattende ondersoek na woonontwikkeling in Germiston onderneem en in 1991/92 na sakeontwikkeling in Brits.

Met die oog op internasionale skakeling het die Departement in 1991 as mede-organiseerder opgetree van 'n internasionale konferensie wat op die kampus van die Universiteit van Pretoria aangebied is. Die Departement was teen die einde van die oorsigperiode gemoeid met die totstandbrenging van skakeling met beplanningskole in Afrika, onder meer met die oog op deelname aan 'n projekkompetisie wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Stads- en Streekbeplanners beplan en deur twee personeellede van die Departement gereël is.

Die aantreklikheid van stads- en streekbeplanning as professie is weerspieël in die toename in die aantal studente wat dit hul loopbaan wou maak. In die dekade sedert 1982 het die voorgraadse studentegetalle gegroei van 22 tot 115, met 'n maksimum van 249 in 1989. Sedert 1990 is keuring egter toegepas en net dertig nuwelingkandidate is jaarliks tot die kursus toegelaat. In dieselfde tydperk het die nagraadse studente eweneens van vyftien tot 28 toegeneem, veral danksy die studente in GIS. Die Departement het teen die einde van 1992 beskik oor sewe doserende personeellede van wie een 'n professor, een 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J. Swart, Hoof: Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, sedert 1982.

medeprofessor, vier senior lektore en een 'n lektor was.

M.S. Badenhorst
Departementshoof

Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde

Die aanstelling van prof. Johan Swart as Hoof van die Departement Wiskunde aan die begin van 1982 het saamgeval met die begin van 'n era van strategiese beplanning. Nuwe idees het neerslag gevind in die Departement. Gou is 'n bosberaad vir die personeel gereël waar die toekoms in oënskou geneem is. Daar is ook begin met die formulering van 'n missie vir die Departement. Strategieë is beplan met die oog op 'n swaarder aksent op navorsing en probleemgerigte onderrig.

Met die aanstelling van meer navorsingsgerigte personeel het nuwe kundigheid die Departement verryk. So is die gebied Diskrete Wiskunde deur prof. W.L, Fouché uitgebou. Dit was een van die moderne rigtings in die Toegepaste Wiskunde wat wêreldwyd groot groei beleef het. Dit het ontwikkel in 'n gewilde vak vir voorgraadse studente, veral omdat dit goed met Rekenaarwetenskap gekombineer het, maar ook omdat dit 'n groot bydrae tot die algemene opleiding van die student gelewer het. Daar was teen 1992 'n sterk navorsingsgroep op hierdie gebied wat ook nou saamgewerk het met Elektroniese Ingenieurs.

Die Numeriese Wiskunde was 'n ander gebied wat met die beskikbaarheid van rekenaars en rekenaarpakkette gegroei het. Berekenings wat voorheen langsaam met die hand gedoen is, kon deur studente met behulp van rekenaarpakkette gedoen word. Meer tyd was dus beskikbaar vir die bestudering van teoretiese aspekte. Die oorsigtydperk kan die rekenariseringstydperk van die Departement genoem word. Tikmasjiene is deur mikrorekenaars en laserdrukkers vervang en personeellede is toegerus met sentraal gekoppelde persoonlike rekenaars.

'n Ander opsig waarin die nuwe gees in die Departement vaardig was, was die oper houding teenoor die buitewêreld wat begin posvat het. So byvoorbeeld is 'n eentalige Engelssprekende dosent, prof. E.E. Rosinger, aangestel om veral nagraadse kursusse te doseer. Nou bande is gesluit met die Kent State University in die VSA deurdat prof. Joe Diestel van daardie universiteit aangestel is as ereprofessor in die Departement. Verskeie van die Departement se dosente het die Kent State University

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

besoek of daar gestudeer en ook omgekeerd.

Belangstellingsgroepe binne die Departement het gereeld saamgekom om kennis uit te ruil. Verskeie seminaargroepe het ontstaan en was óf navorsingsgerig óf onderriggerig. Van elke personeellid is verwag om by minstens een so 'n seminaargroep in te skakel waar hy dan 'n bydrae kon maak. Daarbenewens is 'n algemene seminaarreeks oor die loop van etlike jare gehou waar personeellede die geleentheid gekry het om oor algemene onderwerpe te gesels. In 1991 is die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging se jaarlikse kongres vir die eerste keer sedert 1978 by die Departement aangebied.

Tot en met 1986 het die Departement Wiskunde en die Departement Toegepaste Wiskunde afsonderlik gefunksioneer, alhoewel daar toenemend op gebiede soos die Numeriese Wiskunde saamgewerk is. Daar is toenemend gevoel dat die samesmelting van die twee departemente voordelig vir beide sou wees. Met prof. Niko Sauer, Hoof van die Departement Toegepaste Wiskunde, se aanstelling as Dekaan in 1986 en met prof. P.J. Zietsman se aftrede, was die tyd ryp om dit deur te voer. In Augustus 1986 het die nuwe Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde tot stand gekom met prof. Johan Swart as hoof. Dit is in die bestaande Wiskundegebou gehuisves.

Hoewel die nuwe Departement aanvanklik bra lywig was, het die personeeltal mettertyd weer gekrimp. Die grootste bydraende faktor hiertoe was die oorplasing aan die begin van 1990 van die Statikakursus na die Departement Siviele Ingenieurswese en van die Dinamikakursus na die Departement Meganiese Ingenieurswese. Etlike personeellede is terselfdertyd verplaas.

Die Departement het op verskillende vlakke in die onderwys 'n belangrike rol gespeel. Die nuutste op hierdie terrein was die Wiskundekompetisie vir standerdses- tot -negeleerlinge wat in 1991 geloods is. Die motivering hiervoor was 'n behoefte onder skoliere om meer voorbereid tot die jaarlikse Wiskunde-olimpiade toe te tree. Die kompetisie was suksesvol en gewild en het in sy kort bestaan reeds die inskrywingstal verdubbel. In 1992 is die eerste interprovinsiale wiskundekompetisie vir skoliere gehou.

Die Departement het sedert 1978 'n weeklange opknappingskursus vir voornemende studente aan die begin van elke jaar aangebied. Mettertyd het die behoefte ontstaan na 'n rekenaargesteunde kursus oor 'n langer tydperk. In 1990 is sodanige oorbruggingskursus ingestel. Die kursus het oor een semester gestrek en was algeheel rekenaargesteund. In 1991 en 1992 het ongeveer eenhonderd studente die kursus bygewoon met goeie resultate. In die tweede semester is die sentrum hoofsaaklik benut deur diegene wat hul matriekwiskunde wou opknap en die matriekeksamen weer wou aflê.


Twee personeellede wat sedert die ontstaan van die Departement Toegepaste Wiskunde deel daarvan was, het gedurende die afgelope jare afgetree. Hulle is prof. Jurie Geldenhuys wat die Universiteit in 1987 verlaat het na 47 jaar van klasgee, en mnr. Koos de Swardt in 1990. Ook mev. Ans van Rensburg wat lank sekretaresse was, het afgetree.

J. Swart
Departementshoof

Afdeling Elektronmikroskopie

Die bestaan van elektronmikroskope hou regstreeks verband met die werk waarvoor Ernst Ruska in 1987 die Nobelprys vero-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J. Coetzee, Hoof: Afdeling Elektronmikroskopie, sedert 1988.

wer het. Hy het sy bekroonde werk reeds meer as vyftig jaar vroeër afgehandel, maar dit is eers onlangs werklik na waarde geskat. Sy werk oor die ontwerp van elektronlense het meegebring dat een tipe elektronmikroskoop, te wete die deurstraalelektronmikroskoop, reeds kort na 1940 'n praktiese navorsingsinstrument geword het. Die tweede tipe elektronmikroskoop, die sogenaamde aftaselektronmikroskoop, het eers heelwat later teen ongeveer die begin van die jare sestig 'n alledaagse navorsingsapparaat geword.

Aan die Universiteit van Pretoria het die Departement Fisika die leiding geneem om Elektronmikroskopie as 'n ondersoekmetode te vestig. 'n Zeiss-deurstraalmikroskoop is destyds deur prof. Verleger aangeskaf. Dit is in 1965 op sy beurt vervang deur 'n Hitachi-mikroskoop wat eers in 1992 in onbruik geraak het. Die Departement Fisika het ook die eerste aftaselektronmikroskoop as fakulteitsfasiliteit bedryf. In 1976 is 'n deurstraalmikroskoop deur die Departement Plantkunde aangekoop en dit is deur hierdie Departement bedryf totdat die sentrale Afdeling vir Elektronmikroskopie aan UP in 1983 in die lewe geroep is onder die vaandel van die Fakulteit Natuurwetenskappe. Die fasiliteite wat in daardie stadium in die Fakulteit bestaan het, is toe onder beheer van die nuwe Afdeling geplaas en is tot die beskikking van al die personeel en studente van die Universiteit gestel.

Die primêre funksie van die Afdeling Elektronmikroskopie is die verskaffing van 'n elektronmikroskopiediens van uitmuntende gehalte aan die navorsingsgemeenskap van UP en ook aan die industrieë in die omgewing. Elektronmikroskopie is die aangewese ondersoekmetode wanneer enige materiaal, biologies of niebiologies, struktureel ondersoek moet word op 'n vlak wat meer detail vereis as wat met enige ander tipe mikroskoop verkry kan word, of wanneer die samestelling van uiters klein areas van die materiaal bepaal moet word. 'n Elektronmikroskopiese ondersoek bestaan dus uit twee komponente, naamlik die visualisering van uiters fyn strukturele detail, en die analise van die samestelling van die dele daarvan. Om dit te doen vir navorsers wat uit 'n verskeidenheid van dissiplines kom, is toepaslike apparatuur, hoogs bekwame personeel en 'n werkomgewing wat ingestel is op dienslewering, nodig.

Die Afdeling se apparaat, waaronder twee aftasmikroskope en een deurstraalinstrument, was gedurende die oorsigtydperk (1983-1992) toegerus met analitiese en visualiseringstoerusting. Die apparaat was geskik vir die ondersoek van beide biologiese en niebiologiese materiale. Geasso-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sieerde ligmikroskopiese en rekenaarfasiliteite was ook tot die beskikking van navorsers. Ondersteunende instrumentasie, veral dié wat nodig was vir die voorbereiding van die materiaal, was beskikbaar.

Die Afdeling se personeel het hulself bewys as leiers in meer as een spesialisveld. Só is hulle erken as leiers op die gebied van die voorbereiding van biologiese materiaal vir elektronmikroskopiese ondersoek. Ook op die gebied van kwantitatiewe en kwalitatiewe X-straalanalise van materiale was die bekwaamheid van die personeel welbekend. Die Afdeling was ten nouste gemoeid met die Elektronmikroskopie-vereniging van Suidelike Afrika. Van die personeellede het jare lank gedien in die bestuur van dié Vereniging wat aktief gewerk het aan die bevordering van hierdie wetenskap, beide in Suid-Afrika en in die buiteland.

Gedurende die oorsigtydperk was die personeel van die Afdeling betrokke by meer as sestig voordragte tydens nasionale en internasionale vakkonferensies. In dieselfde tyd was van die personeel outeurs of medeouteurs van 27 publikasies in vaktydskrifte. Hierdie publikasies het gewissel van beskrywings van nuwe tegnieke tot bydraes oor die reaksie van biologiese materiale op chemiese stowwe. Bydraes is ook gemaak in die vorm van hoofstukke wat ingesluit is in standaardverwysingshandboeke. Verskeie bundels navorsingsreferate het ook onder redakteurskap van die personeel verskyn.

Die primêre doelstelling met die vestiging van die Afdeling was dié van dienslewering aan die navorsingsgemeenskap van UP. Teen 1992 het navorsers en studente uit die fakulteite Natuurwetenskappe, Ingenieurswese, Landbouwetenskappe, Tandheelkunde, Geneeskunde en Veeartsenykunde van hierdie dienste gebruik gemaak. Personeel en nagraadse studente uit genoemde fakulteite het jaarliks meer as 'n duisend navorsingsbesoeke aan die fasiliteit gebring en gesamentlik meer as vyfduisend uur daar deurgebring.

Die navorsing wat by die Afdeling verrig is, het 'n wye impak binne die Universiteit gehad deur die oplossing van basiese en toegepaste probleme. Vele nagraadse studente het in die oorsigtydperk hul eerste blootstelling aan elektronmikroskopie hier gekry. Elektronmikroskopie het dan ook 'n integrerende deel van die nagraadse kursusse van verskeie akademiese departemente gevorm. Spesialiteitskursusse deur die personeel van die Afdeling, of deur personeel van die departemente self, is gereeld aangebied. Vir die industrie was die fasiliteite van die Afdeling van belang aangesien dit gespesialiseerde hulp teen 'n billike koste beskikbaar gestel het. 'n Verskeidenheid van sodanige gebruikers het gereeld van hierdie dienste gebruik gemaak.

J. Coetzee
Afdelingshoof

Gold Fields-rekenaarsentrum vir Onderwys

"The catch phrase for education has to be TECHNOLOGY-BASED EDUCATION and the time-scale has to be TODAY.....

In this facility Gold Fields and the University of Pretoria are partners, helping to shape the future of our country."

Dit was die woorde van Robin A. Plumbridge, Voorsitter en Hoof Uitvoerende Beampte van Gold Fields van Suid-Afrika tydens die amptelike opening van die Sentrum op 7 November 1990.

Sedert die vroeë jare tagtig het prof. Lötz Strauss, bekende fisikus en leermeester,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hom beywer vir die totstandkoming van 'n sentrum vir rekenaargesteunde onderwys by die Universiteit van Pretoria. Na vele terugslae en teleurstellings het hy daarin geslaag om die broodnodige, maar moeilik bekombare befondsing vir die projek te verkry. In Maart 1989 het die Gold Fields-stigting in positiewe reaksie op prof. Strauss se voorlegging besluit om 'n aansienlike bedrag aan die Universiteit van Pretoria te skenk vir die oprigting van so 'n sentrum. Dit was voldoende om die bewese PLATO-stelsel en die CYBER 810-hoofraamrekenaar met sestien swart-en-wit werkstasies te bestel. Die aanstelling van personeel en die voorbereidings vir die installering van die masjiene kon begin. Hoewel prof. Strauss destyds oor die aankoop van die effens verouderde PLATO-stelsel gekritiseer is, het die sukses en goeie resultate wat in die daaropvolgende jare by die Sentrum behaal is, bewys dat dit 'n wyse besluit was. Die Sentrum is in November 1990 amptelik geopen tydens 'n geleentheid wat bygewoon is deur 'n aantal hooggeplaastes, waaronder die Rektor en Visekanselier van die Universiteit van Pretoria, prof. Danie Joubert; die Direkteur-Generaal van Nasionale Opvoeding, dr. J.C. Garbers; mev. Celia Kraatz as verteenwoordiger van ADCIS (VSA); verteenwoordigers van die ambassade van die Verenigde State van Amerika, asook vele opvoeders van oraloor.

Die eerste fase van die projek het begin met die aflewering van die masjiene. Gedurende die daaropvolgende maande is die hardeware geïnstalleer, die netwerke vir die beste moontlike werkverrigting ingestel, en die bedryfstelsel onder die knie gekry. Die swart-en-wit skerms is in 'n vroeë stadium vervang deur volkleur-VGA-skerms belangrik vir effektiewe rekenaargesteunde onderwys. In Augustus 1990 is die Sentrum vir die eerste keer tot die beskikking van studente gestel om dit op 'n eksperimentele en vrywillige basis te gebruik. Dit is geesdriftig ontvang en teen November 1990 het die gebruikstatistiek reeds op 2 047 studentkontakure gestaan.

Die Sentrum is in 1991 verder uitgebrei, eers tot 25 werkstasies in April en later tot 31 in Augustus. Teen die einde van 1991 is die kerf van 8 650 studentkontakure behaal.

Die doelstelling van die tweede fase was om die Sentrum uit te brei tot ongeveer tagtig werkstasies. Verdere befondsing was hiervoor nodig. Gedurende 1992 is 'n verdere skenking van die Gold Fields-stigting vir dié doel ontvang. Gedurende die laaste helfte van 1992 was vyftig werkstasies in bedryf. Daar is ook besluit om 'n tweede been waarop die Sentrum kon staan - afgesien van PLATO - te skep deur die bestaande werkstasies by 'n lokale netwerk in te skakel met 'n lêerbediener. Só het MS-DOS-programmatuur ook toeganklik geword. By dié geleentheid is die oorspronklike sestien XT-masjiene deur nuwe 386SX-modelle vervang. In die tussentyd is die opvolger van PLATO, naamlik die CYBIS-stelsel, bekend gestel en ingevolge die onderhoudskontrak by die Sentrum in gebruik geneem.

Gedurende 1992 is altesaam 18 550 studentekontakure aangeteken. Die rekord vir een dag was 433. Die Sentrum is bedien deur drie voltydse personeellede met baie jare ondervinding in wetenskaponderrig, rekenaarwese en rekenaargesteunde onderwys, asook 'n aantal deeltydse studente-assistente wat van die programmeertake behartig het.

Die CYBER 810-hoofraam het beskik oor 'n elektroniese geheue van sestien megagreep en twee gigagreep- magnetiese skyfspasies. Die grootste gedeelte van die ruimte op die skywe is gebruik vir die CYBIS-biblioteek van lesmateriaal. Hierdie biblioteek het sowat 30 000 lesse bevat oor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

elke denkbare onderwerp van vreemde tale soos Chinees en Russies, mediese onderwerpe, Besigheidsbestuur en Rekeningkunde tot by die vakke wat die meeste gebruik word soos Fisika, Chemie, Wiskunde en Engels. Die beskikbaarheid van hierdie groot bron lesmateriaal het die aanvanklike sukses van die Sentrum verseker. Die mees gebruikte lesse is sistematies aangepas deur resente materiaal wat plaaslik by die Sentrum ontwikkel is.

'n Vyftig MHz 486DX-lêerbediener het die hart van die NOVELL-netwerk gevorm. Dieselfde werkstasies wat deur die CYBER bedien is, was ook die werkstasies in hierdie netwerk. Die lêerbediener het oor 'n dinamiese geheue van sestien megagreep en 'n vinnige magnetiese skyf van twee gigagreep beskik. Die bedryfstelsel was NOVELL V3.11. Dit was betekenisvol dat hierdie lêerbediener die CYBER-hoofraam wat betref werkvermoë en kapasiteit verbygesteek het. 'n Verskeidenheid kommersiële sagteware was op die netwerk beskikbaar.

Onderwys kan in twee komponente verdeel word, te wete onderrig en leer. Die uitsluitlike doel van die onderwys is om leer te laat plaasvind. As niemand iets daardeur leer nie, is die begrip "onderwys" betekenisloos. Die klem by die Gold Fields-rekenaarsentrum is grootliks op rekenaargesteunde leer geplaas. In hierdie verband is rekenaarkundigheid geensins as 'n voorvereiste beskou nie. Die effektiewe aanleer van Chemie, Fisika en Engels was die hoofaktiwiteit by die Sentrum. Studente het 'n kurrikulum wat bestaan het uit geselekteerde lesse deurgewerk. Soms was dit aanvullend tot hul klaswerk, maar in sommige gevalle was dit die enigste onderrig wat hulle ontvang het. Verder het hulle interaktiewe tutoriale gedoen wat bestaan het uit geprogrammeerde probleme uit hul handboek. Hierdie tutoriale wat deur die personeel van die Sentrum ontwerp en geprogrammeer is, was gewild en het baie gedoen om begripsprobleme uit die weg te ruim.

Die kurrikulum in Engels is opgestel in samewerking met die Departement Engels van die Universiteit van Pretoria. 'n Beduidende persentasie van die lesse is plaaslik ontwerp en geprogrammeer. Dit was noodsaaklik omdat die Amerikaanse Engels van die CYBIS-biblioteek in baie opsigte verskil het van die Engels wat in Suid-Afrika gebruik word.

Die veelsydige aktiwiteite van die Sentrum blyk daaruit dat die Departement Musiek aktief betrokke was by die ontwikkeling van rekenaarsagteware vir gebruik in musiekonderrig.

'n Verdere diens was die anti-semesterstelsel in die vakke Chemie en Fisika. Hierdie anti-semesterkursus kon gevolg word deur studente wat in een semester gedruip het, maar in die ander geslaag het. Hulle is die geleentheid gebied om die betrokke semester gedurende dieselfde jaar met behulp van rekenaargesteunde onderrig (RGO) by die Sentrum te herhaal. Voor die totstandkoming van die Sentrum is hierdie kursusse saans as gewone lesings aangebied. Uit 'n vergelyking van die resultate van destyds met die eerste RGO-resultate het geblyk dat die studente van die vroeëre bedeling nie 'n goeie prognose gehad het nie, aangesien meer as vyftig persent van hulle weer gedruip het. Ná die instelling van die RGO-kursus het sake dramaties verander. Feitlik geen formele dosentekontak het bestaan nie. Die studente het in hul eie tyd, teen hul eie tempo deur die kurrikulum gewerk en die normale eksamen aan die einde van die semester afgelê. Gedurende die eerste drie jaar tot einde 1992 is 'n slaagsyfer van meer as negentig persent gehandhaaf.

Die laaste diens van die Sentrum was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

psigometriese toetse. 'n Stel psigometriese toetse is in 1990 op die CYBER se skywe geplaas. Hierdie toetse het omtrent veertig persent uitgemaak van die toetsbattery wat gereeld deur studente van die Universiteit gebruik is. Die oorblywende sestig persent van die toetse is op grond van geskrewe weergawes deur die personeel van die Sentrum geprogrammeer. Die toetse is vir keuring en beroepsvoorligting gebruik.

Margaretha Mes-instituut vir Saadnavorsing (Departement Plantkunde)

Wyle prof. Margaretha G. Mes het as Hoof van die destydse Departement van Plantfisiologie en Biochemie (1944 - 1959) 'n navorsingsinstituut vir plantfisiologie en -biochemie tot stand gebring sonder dat dit ooit amptelik deur die universiteitsowerheid goedgekeur is. Die Universiteit het egter verskeie donasies spesifiek vir die Instituut amptelik in ontvangs geneem. Wyle dr. Gerrit Mes, vader van prof. Mes, het in sy testament geld aan die Instituut bemaak. Prof. Mes het egter in 1959, voor haar vader, tot sterwe gekom. Die naam van die Instituut is daarna verander na die Margaretha Mes-instituut vir Plantfisiologie en -biochemie. Die Instituut het in die daaropvolgende negentien jaar slegs in naam bestaan. In 1978 is die voortbestaan daarvan selfs deur die destydse Viserektor bevraagteken. Die oorgrootte meerderheid doserende personeellede van die Departement Plantkunde het egter ten gunste van die voortbestaan daarvan gestem. In opvolging van 'n besluit dat die Instituut hom voortaan op saadnavorsing sou toespits, is die naam daarvan verander na die Margaretha Mes-instituut vir Saadnavorsing.

Prof. P.J. Robbertse is as eerste Direkteur aangestel. In 1980 is prof. J.G.C. Small as Adjunkdirekteur aangestel, maar na sy verhuising aan die einde van 1983, is hy deur prof. H.A. van de Venter opgevolg. Na 'n termyn van nege jaar as Direkteur van die Instituut, het prof. Robbertse die direkteurskap in 1987 om gesondheidsredes neergelê en is prof. Van de Venter in dié pos aangestel, met prof. Robbertse as Adjunkdirekteur.

Ten spyte van amptelike erkenning, en 'n aktiewe navorsingsprogram, het die Instituut 'n redelike diffuse organisasie, sonder 'n identifiseerbare infrastruktuur gebly. Met die betrekking van die derde vlak van die Natuurwetenskappe II-gebou in 1988, asook die aanstelling van 'n permanent-voltydse sekretaresse, het die Instituut uiteindelik 'n sigbare identiteit verwerf. Benewens die poste van direkteur, adjunkdirekteur en sekretaresse, het die Instituut teen die einde van die oorsigtydperk oor 'n permanent-voltydse senior navorsingsbeampte, asook 'n assistentnavorser beskik. Verskeie dosente van die Departement Plantkunde het sedert die ontstaan van die Instituut in sy huidige vorm by die Instituut se navorsingsprogram ingeskakel. Hulle is nie-amptelik as deel van die Instituut se struktuur aanvaar. Talle tydelik-deeltydse navorsingsassistente, hoofsaaklik nagraadse studente, het poste in die Instituut beklee.

Die Instituut se doelstellings het die verwerwing van fundamentele en toegepaste kennis oor alle aspekte van saad en saadontkieming, insluitend die prosesse van bestuiwing, bevrugting en vrugontwikkeling omvat. Navorsingsprojekte oor inheemse spesies was toegespits op skaars en bedreigde soorte, asook spesies van potensieel ekonomiese belang. Spesies wat ondersoek is, het ingesluit die stamvrug, smutsvingergras, maramaboontjie (gemsbokboontjie) en broodbome. Saadontkiemingstudies is uitgevoer op Strelitzia- en Suid-Afrikaanse Cucurbitaceae-spesies asook op verskeie Acacia-, fynbos- en Namakwalandse efemeerspesies.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Navorsing oor spesies van landboukundige belang het ingesluit studies oor die reproduktiewe biologie van mango's, avokado's en lietsjies; saadbehandelings en -opberging van kool, uie en tamaties; saadgroeikragtigheid van mielies, sorghum en koring en die invloed van steenkool-afgeleide humienprodukte op saadontkieming en saailinggroei van verskeie ekonomies belangrike spesies. Hierdie projekte is in noue samewerking met die saad- en vrugtebedryf en verskeie navorsingsinstitute van die Departement Landbou uitgevoer. Ruim navorsingstoekennings van verskeie organisasies in hierdie sektore het die navorsing moontlik gemaak.

Talle navorsingsartikels het uit die Instituut se navorsingsprogram voortgespruit en gereelde voordragte is op plaaslike kongresse gelewer. In die tydperk 1982 tot 1992 is voordragte op altesaam dertien internasionale kongresse in die buiteland (Argentinië, Australië, Engeland, Malawi, Rusland, Skotland en die Verenigde State van Amerika) aangebied. Twee personeellede van die Instituut was vir tydperke van ses maande elk met navorsingsverlof in die buiteland, terwyl vier akademici uit die buiteland die Instituut op uitnodiging besoek het.

Die Margaretha Mes-instituut het 'n betekenisvolle bydrae tot die voor- en nagraadse opleiding van studente in die Plantkunde gelewer deur hulle by die Instituut se navorsingsprogram te betrek. Altesaam 24 magister- en twee doktorale studies is in die tydperk 1983-1992 onder die leiding van Instituutpersoneel voltooi. Die Margaretha Mes-bronsmedalje is jaarliks sedert 1986 aan die beste BSc(Honneurs)-student wat 'n skripsie oor saadnavorsing ingedien het, toegeken. Die Margaretha Mes-silwermedalje is toegeken aan diegene wat buitengewoon in die saadwetenskap gepresteer het. Wyle mev. E.J. du Plessis het die medalje in 1987 vir haar uitnemende bydraes ten opsigte van saadidentifisering ontvang en in 1988 is dit aan mnr. J.F. van Wyk toegeken op grond van 'n loopbaan wat toegewy was aan die verbetering van saadkwaliteit.

'n Belangrike diens wat die Instituut aan die gemeenskap gelewer het, was die jaarlikse kursus in saadwetenskap. Hierdie weeklange kursus was hoofsaaklik gerig op werknemers in die saad- en kwekerybedryf. Suksesvolle kandidate het 'n diploma ontvang. Die kursus was 'n voorvereiste om as saadanalis geregistreer te word, asook om lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Assosiasie van Saadanaliste te verkry. Die kursus is die eerste keer in 1982 aangebied en ongeveer dertig inskrywings is jaarliks ontvang. Hierdie kursus is ook al deur persone uit Zimbabwe en Madagaskar bygewoon. Saadsimposiums wat goed deur verteenwoordigers van die saadbedryf en navorsingsinrigtings ondersteun is, is in 1986, 1987 en 1989 gereël.

H.A. van de Venter
Direkteur

Soogdiernavorsingsinstituut

Prof. J.D. Skinner was gedurende die hele oorsigtydperk (1983-1992) Direkteur van die Instituut en was van 1985 af ook aan die hoof van die Departement Dierkunde. Sedert 1985 het die Instituut 'n ongekende groeifase beleef, met uitbreidings wat tred gehou het met toenemend indringende navorsing. Die aantal permanente navorsers verbonde aan die Instituut het gegroei tot vyf. Die nuwe navorsingsvelde wat betree is, het ingesluit mariene soogdiere, met dr. M.N. Bester aan die hoof van robnavorsing en dr. P.B. Best se Walvisnavorsingseenheid wat sedert 1985 werksaam was; bewaringsgenetika deur die stigting van 'n molekulêre genetikalaboratorium onder prof. T.J. Robinson; voort-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

plantingsfisiologie deur die oprigting van 'n endokrinologielaboratorium onder prof. R.J. van Aarde en beeldverwerkings- en analitiese bedryfstelsels onder dr. H.M. Dott. 'n Uitgebreide metaboliese fasiliteit was teen 1992 in ontwikkeling. Prof. T.J. Robinson het molekulêre genetiese kundigheid vanuit die VSA (University of Texas, Houston) na die Instituut gebring en is in 1987 as volle professor aangestel. Verskeie personeellede verbonde aan die Departement Dierkunde het hul navorsing onder die vaandel van die Instituut verrig. Die honneurskursus in Soogdierkunde wat in samewerking met die Departement Dierkunde aangebied is, is gedurende 1990 herkurrikuleer om elemente van bewaringsbiologie, fisiologie, ekologie en gedragstudies in te sluit.

'n Omvattende hersiene uitgawe van die uitgebreide verwysingsbron, *Mammals of the Southern African Subregion*, is gedurende 1990 deur prof. J.D. Skinner en dr. R.H.N. Smithers voltooi en deur UP gepubliseer. Die voortgesette publikasie van hierdie unieke boek is deur die Universiteit as 'n prestigeprojek beskou.

Uitgebreide samewerking met ander plaaslike instansies het plaasgevind. Projekte is tesame met die Departement Omgewingsake, die Suid-Afrikaanse Natuurstigting, die Afdeling Natuurbewaring van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, die Nasionale Parkeraad, die Transvaalse Museum, die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, die Johannesburgse Dieretuin, die Natuurlewevereniging van Suid-Afrika, Richards Bay Minerals, Safmarine en ander private maatskappye onderneem. Finansiële bystand is teen 1992 grootliks deur die Stigting vir Navorsingsontwikkeling verleen.

Internasionale samewerking het gesamentlike projekte met Botswana se Nasionale Parke, die Universiteit van Maputo, die African Preservation Programme van IUCN (Captive Breeding Specialist Group) en die TAAF ingesluit. Met die verbetering van akademiese skakeling met ander Afrikalande, het vroeëre samewerking weer begin toeneem. Twee projekte is in Botswana afgehandel en volgehoue ondersteuning en samewerking is uit Namibië ontvang. Walvisnavorsing langs die Suid-Afrikaanse ooskus is uitgebrei na Mosambiek en onderhandelinge oor samewerking met Madagaskar is aangeknoop. Buite Afrika het die Instituut uitruilooreenkomste en samewerking op navorsingsgebied met die Londense Soölogiese Vereniging, die Departement Dierkunde van die Universiteit van Aberdeen, en die Diere-ekologienavorsingsgroep van die Universiteit van Oxford gehad. Teen die einde van die oorsigtydperk is soortgelyke bande met die Departement Dierkunde van die Universiteit van Cambridge, die Primaatnavorsingsinstituut van die Universiteit van Göttingen en die Natuurlewe-navorsingsinstituut van die Von Humbolt-universiteit van Berlyn in werking gestel.

Gedurende die oorsigtydperk het die Instituut twee mylpale herdenk. Die 21ste gedenkjaar is in 1986 met 'n internasionale simposium op die kampus gevier. Tien buitelandse sprekers het dié glansgeleentheid bygewoon. In 1991 het die Instituut sy 25ste bestaansjaar herdenk met 'n nasionale simposium wat die stand van die Suid-Afrikaanse Soogdierkunde geëvalueer het.


Sedert 1982 het personeel en studente verbonde aan die Instituut aan 110 internasionale en 142 nasionale wetenskaplike kongresse deelgeneem. In dieselfde tydperk het hulle meer as 350 wetenskaplike publikasies in vakkundige tydskrifte gepubliseer. Daarbenewens het die Instituut talle magister- en doktorale studente onder sy vleuels gehad. Dit het die belangrike rol onderskrywe wat die Instituut in die opleiding van hoëvlakmannekrag gespeel het. Talle buitelandse wetenskaplikes van topuniversiteite en vooraanstaande wetenskaplike inrigtings in die wêreld het hul sabbatsverlof by die Instituut deurgebring. Dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het onder andere twee uit die VSA, elf uit die Verenigde Koninkryk, agtien uit Europa en Israel en tien uit Australië ingesluit. Studente van ander wêrelddele wat hul studies aan die Instituut voltooi het of in 1992 hier geregistreer was, was onder andere van die VSA, die Verenigde Koninkryk, Duitsland, Switserland, Australië, Nieu-Seeland en Israel afkomstig. Die Instituut was veral trots op die agt studente van Afrikastate wat hier gestudeer het.

Die honneurskursus in die Soogdierkunde het gesentreer om informele besprekingsklasse, seminare en projekte wat studente gedurende die jaar moes afhandel. Van magister- en doktorale studente is verwag om uitgebreide navorsingsprojekte binne 'n bepaalde tydperk af te handel.

J.D. Skinner
Direkteur



Prof. J. van Zyl, Dekaan: Fakulteit Landbouwetenskappe, sedert 7 Julie 1991.

FAKULTEIT LANDBOUWETENSKAPPE

Opleiding en navorsing in die Landbouwetenskappe is gedurende die oorsigperiode (1983-1992) betekenisvol en toenemend deur veral die volgende tendense en verwikkelinge geraak: die gees van politieke verandering en vernuwing in Suid-Afrika; die droogte en resessie in veral die landboubedrywe; die toenemende druk op finansiële bronne binne die landbou en die universiteitswese; en die toenemende aanwending van veral mikrorekenaars in opleiding en navorsing. Hierbenewens het die vooruitgang in veral elektroniese apparatuur nuwe gesigseinders vir sekere tipes navorsing, byvoorbeeld die biotegnologiese veld, gestel. Ten spyte van die droogte wat gedurende die hele tydperk onder beskouing geheers het en die groter druk op finansiële bronne binne die landbou en die universiteitswese, was die tydperk 1983-1992 'n tydperk van bloei vir die Fakulteit Landbouwetenskappe. Studentegetalle, beide voor- en nagraads, het nuwe hoogtes bereik en navorsingsuitsette het indrukwekkend toegeneem. 'n Belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Fakulteit is ook in 1991 bereik met die 75-jarige herdenking van sy totstandkoming in 1916.

Drie groot veranderings het van 1983 tot 1992 in die studentesamestelling plaasgevind. Eerstens het die persentasie nagraadse studente gegroei van 30,1 persent in 1982 tot 48,2 persent in 1992. Ten tweede was daar 'n dramatiese toename in die getal vrouestudente, naamlik van 16,4 persent in 1982 tot 30,4 persent in 1992. Derdens was daar 'n aansienlike toename in swart studente, veral op nagraadse vlak. Die totale studentegetalle het met 26,7 persent toegeneem van 561 tot 711. Tabelle 1 en 2 toon hierdie tendense in onderskeidelik die getalle ingeskrewe studente en graduandi.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tabel 1: Ingeskrewe studente in die Fakulteit Landbouwetenskappe, 1982 - 1992

Jare	Voor-graads	Hon-neurs	Magis-ter	Dokto-raal	Spesiaal	Totaal	Mans	Dames
1982	392	64	60	42	3	561	469	92
1983	443	75	70	35	9	633	494	139
1984	416	102	79	37	7	641	516	125
1985	441	73	107	38	15	674	533	141
1986	438	93	104	41	15	691	556	135
1987	467	78	114	44	5	708	546	162
1988	476	69	132	52	9	738	547	191
1989	437	86	127	48	7	704	511	194
1990	428	81	156	50	6	721	489	232
1991	410	86	147	55	9	707	468	239
1992	369	120	160	59	4	711	495	216

Tabel 2: Graduandi in die Fakulteit Landbouwetenskappe, 1982 - 1992

Jaar	Voorgraads	Honneurs	Magister	Doktoraal	Totaal	Mans	Dames
1982	73	45	13	7	138	122	16
1983	69	46	12	7	134	109	25
1984	88	75	6	8	177	134	43
1985	80	49	17	11	157	130	27
1986	65	71	15	4	155	123	32
1987	52	58	16	5	131	101	30
1988	69	43	23	5	140	100	40
1989	82	55	19	6	162	115	47
1990	67	58	26	9	160	118	42
1991	89	63	33	7	192	127	65
1992	76	64	34	9	183	123	60

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Navorsingsuitsette het ook gedurende dié tydperk 'n dramatiese toename getoon, deels omrede befondsing gekoppel is aan uitsette. Tabel 3 toon hoe navorsingsuitsette toegeneem het. Hierdie navorsingsuitsette was nie alleen meer nie, maar die gehalte daarvan het ook deurentyd toegeneem. Die Fakulteit het deur hierdie navorsingspoging toenemend 'n groter impak op die landbou- en verwante bedrywe gehad. Dit word ook gereflekteer in die verhoogde befondsing van projekte deur buite-instansies gedurende dié periode.

Tabel 3: Navorsingsuitsette in die Fakulteit Landbouwetenskappe, 1982 - 1992

Jare	Gepubliseerde Navorsing		Verhandelings, proefskrifte en ongepubliseerde navorsingsverslae		
	Wetenskaplik	Populêr	Verhandelings	Proefskrifte	Navorsingsverslae
1982	26	30	13	7	16
1983	34	35	12	7	18
1984	51	32	6	8	14
1984	47	36	17	22	21
1986	82	74	15	4	24
1987	81	83	16	5	25
1988	91	139	23	5	29
1989	84	112	19	6	25
1990	125	136	26	9	32
1991	114	142	33	7	35
1992	138	145	34	9	38

'n Kenmerk van dié periode was die toenemende klem op 'n holistiese en multidissiplinêre navorsingsbenadering en opleiding. Verskeie groeperinge het dan ook tot stand gekom om sodanige navorsing en opleiding te vergemaklik. Die Sentrum vir Natuurlewebeheer is in 1989 van die Fakulteit Natuurwetenskappe na die Departement Veekunde oorgeplaas, terwyl die Sentrum vir Omgewingsbiologie en Biologiese Beheer in 1992 gestig is met prof. J.M. Kotzé, hoof van die Departement Mikrobiologie en Plantpatologie, as eerste direkteur.

Navorsing en opleiding in die Fakulteit kon teen 1992 onder vyf groeperings ingedeel word, naamlik produksie, omgewing, ontwikkeling, voedsel en biotegnologie. Veral die omgewing en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ontwikkeling het twee belangrike fokuspunte weg van die tradisionele meer produksiegerigte rigtings gevorm. Die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling wat in 1991 gestig is en wat in 1992 met nagraadse studie in ses hoofrigtings begin het, getuig hiervan. Hierdie studierigtings was Plantbeskerming, Plantproduksie (Agronomie, Tuinboukunde en Weidingkunde), Diereproduksie, Landbouekonomie, Grondgebruiksbeplanning en Voorligting. In 1992 het 56 studente, waarvan die meeste swart was, by die Skool ingeskryf. Prof. Johan van Zyl is as die eerste direkteur van die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling aangestel.

In 1990 is die Departement Tuinboukunde opgeneem in die Departement Plantproduksie en in 1991 het die Departemente Landbou-ekonomie en Voorligting saamgesmelt om 'n nuwe Departement Landbouekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling te vorm. Dit het die aantal departemente in die Fakulteit op sewe te staan gebring, naamlik Biochemie, Grondkunde en Plantvoeding, Landbouekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling, Mikrobiologie en Plantpatologie, Plantproduksie, Veekunde en Voedselwetenskap. Benewens die voortdurende vernuwing wat deurgaans binne die kurrikula van elkeen van hierdie departemente plaasgevind het, is 'n verpligte kursus in die gebruik van mikrorekenaars en mikrorekenaarpakkette ook ingestel. In 1990 is 'n mikrorekenaarlaboratorium geskep waarin sodanige opleiding plaasgevind het en in 1992 is alle mikrorekenaars verbind met 'n netwerk wat ook met die res van die Universiteit, asook die nasionale en internasionale netwerk, geskakel het. Hierdie verwikkeling het die Fakulteit tegnologies 'n groot hupstoot gegee.

Die Fakulteit het in die jare negentig 'n toenemende toevloei van buitelandse besoekers ontvang. Daar is ook met verskeie hoog aangeskrewe buitelandse universiteite en instansies geskakel en sterk bande is telkens in die vorm van ooreenkomste gesmee. Die uitruil van studente en personeel was 'n prioriteit.

Prof. D.J.J. Potgieter was van die begin van die oorsigperiode af tot aan die einde van 1988 dekaan van die Fakulteit. Sy opvolger, prof. T.E. Erasmus, was dekaan tot met sy aanstelling as een van die Universiteit se Viserektore op 1 Julie 1991. Prof. Johan van Zyl was daarna die dekaan.


J. van Zyl
Dekaan

Departement Agrariese Voorligting

Die Departement Agrariese Voorligting het in die periode 1983-1992 'n tydperk van gemengde welslae, en uiteindelik 'n gedaanteverwisseling beleef. Sedert sy totstandkoming in 1958 (grotendeels op aandrang van die Staatsdepartement Landbou) tot die middel tagtigs, was nagraadse opleiding in Voorligtingkunde 'n hoeksteen van daardie Staatsdepartement se voorligtingpoging, en was die meeste studente wat hul honneurs-, magister- of doktorsgrade ontvang het, in diens van die staat. Beamptes het met behulp van sekondering en staatsbeurse die graadkursusse deurloop. Die opleiding was in 'n groot mate geskoei op die behoeftes van die staat, alhoewel die behoeftes van ander instansies soos koöperasies en maatskappye in die privaatsektor toenemend die opleiding en navorsing beïnvloed het.

In die latere jare tagtig het die staatsdepartement van Landbou sy opleidingsbeleid drasties verander, met die gevolg dat min studente vanuit daardie oord hulle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. G.H. Düvel, Hoof: Departement Agrariese Voorligting, 1982 - 199 .

vir studies kom aanmeld het. Intussen het die behoefte aan opleiding by koöperasies en die privaatsektor gegroei, maar kon werknemers nie voltyds vir studie afgestaan word nie. Studentegetalle het drasties gedaal.

Die Departement Agrariese Voorligting het toenemend daarvan bewus geword dat daar 'n ernstige leemte bestaan het vir voorligtingkundige opleiding vir die minder ontwikkelde sektor. Beide die opleidings- en navorsingsprogramme het toenemend hiervoor voorsiening gemaak. Gemeenskapsontwikkeling het as subdissipline toenemend aandag begin kry.

Ten einde nuwe markte doeltreffend te dien, is van 1982 geëksperimenteer met 'n kombinasie van afstandonderrig en blokkursusse. Na aanvanklike probleme is die tegniek dermate aangepas dat daar teen 1992 tevredenheid bestaan het dat dieselfde standaard langs hierdie weg as met voltydse onderrig verkry kon word. Veral met die stigting in 1992 van die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling, waarin hierdie Departement die sleutelrol vervul het, en waar hierdie opleidingsmodel ook deur sommige ander departemente nagevolg is, kon die nuwe ontwikkelings beskou word as 'n bevestiging van die model, en beloning vir die pogings.

Die Departement Agrariese Voorligting het voorts ook oor die afgelope aantal jare die gemeenskap gedien deur middel van winterskole waartydens die essensiële beginsels van Voorligtingkunde, Gemeenskapsontwikkeling en Landelike Sosiologie vir niegraaddoeleindes aangebied is.

Die navorsing in die Departement het gedurende die oorsigperiode toenemend ook die eise van die tyd weerspieël. Dit het oor 'n wye gebied gestrek, van gedragskundige navorsing oor persepsie, aanvaarding en leierskap tot die wyer velde van Gemeenskapsontwikkeling, Planologie, Groepsdinamika en Landelike Sosiologie. Internasionale skakeling is uitgebou en benewens plaaslike referate is ook vakkonferensies in Afrika, Asië, Europa en Australasië toegespreek.

Ten einde die bydrae en impak van die Departement op veral die terreine van navorsing en nieformele opleiding te versterk, is die Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting in 1980 deur die inisiatief van prof. Düvel en met die ondersteuning van die Departement Landbou-Tegniese Dienste en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Landbouvoorligting gestig. Die Instituut het sedert sy ontstaan onder die direkteurskap van prof. Düvel gestaan en, bo die behalwe die talle navorsingsprojekte op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

veral die terrein van tegnologie-oordrag, 'n groot bydrae deur die reeds gemelde jaarlikse winterskole gelewer. Vanweë die groot aanvraag, is die skole teen die einde van die oorsigperiode ook gedesentraliseer aangebied met inagneming van spesifieke behoeftes, veral ook dié wat in die ontwikkelende swart landbousituasie gegeld het.


In 1992 is die Departement Agrariese Voorligting verenig met die Departement Landbou-ekonomie in 'n nuwe gekonsolideerde Departement Landbou-ekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling. Daar is verwag dat die gemeenskaplike kennis en belangstelling in hierdie twee verwante, dog afsonderlike dissiplines, beter benut sou kon word.

Sedert die stigting van die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling het die opleidingsbasis verbreed. Só kon voortgebou word op die prestasie van meer as 500 honneursgrade, meer as 100 magistergrade en meer as 25 doktorsgrade wat oor die afgelope 30 jaar in Agrariese Voorligting toegeken is.

G.H. Düvel
Departementshoof (1982-1991)

Departement Biochemie

Opleiding en navorsing in Biochemie is sedert 1982 betekenisvol geraak deur veral drie nuwe ontwikkelings, naamlik die aanwending van rekenaars vir ondersteunende onderrig in Biochemie, die ontdekking van monoklonale teenliggame as verfynde immunologiese middels vir navorsings-, diagnostiese en terapeutiese doeleindes, en die vestiging van Molekulêre Biologie/Biotegnologie as interdissiplinêre gebied vir die bestudering en direkte manipulering van die genetiese materiaal van lewende sisteme.



Prof. L. Visser, Hoof: Departement Biochemie, sedert 1984.

Die Departement Biochemie het sedert 1984 toenemend gebruik gemaak van rekenaargesteunde-onderrigen-programme in sy vakkursusse vir beide voor- en nagraadse studente. Die RGO-programme was afgestem daarop dat 'n student self sy kennis, begrip en toepassingsvermoë van die voorgeskrewe vakinhoude kon inoefen op 'n effektiewe, interessante en individuele wyse. In samewerking met die Universiteit Delaware in die Verenigde State van Amerika (VSA) is 'n nuwe en baie bruikbare program vir nagraadse opleiding in die gesofistikeerde navorsingstegniek van hoëdoeltreffendheidsvloeistofchromatografie deur dr. Apostolides as deel van sy doktorale proefskrifstudies ontwikkel. Op die gebied van Monoklonale Teenliggame het prof. J. Verschoor uitgebreide ondervinding in die bereiding en gebruik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daarvan opgedoen tydens oorsese navorsingsbesoeke. Daarna is die nodige fasiliteite binne die Departement geskep sodat monoklonale teenliggame teen 1992 algemeen aangewend is in die Departement (en ander departemente) se navorsing op proteïene, parasiete, bakterieë en virusse.

Onderrig in Molekulêre Biologie het in 1985 formele beslag gekry met die instel van 'n interdepartementele honneurskursus wat daarna gesamentlik deur die Departemente Biochemie, Genetika en Mikrobiologie/Plantpatologie aangebied en deur ongeveer 150 studente voltooi is. Die verwante rekombinante DNA-tegnologie is onder andere toegepas in die Departement se navorsing op die gebied van malaria- en bosluisparasiete. 'n Uitvloeisel van die belangrikheid van Molekulêre Biologie was dat 'n nuwe eerstejaarskursus in Sel- en Molekulêre Biologie in 1991 vir alle studente in die biologiese wetenskappe (medies, landbou, veeartsenykunde, natuurwetenskappe) ingestel is. Hierdeur het die Departement Biochemie as 'n mede-aanbieder van die kursus vir die eerste keer betrokke geraak by die opleiding van eerstejaars.

Afgesien van interdepartementele samewerking, is die oorsigdekade ook gekenmerk deur 'n sterk navorsingsbetrokkenheid van die Departement by buiteinstansies, plaaslik sowel as internasionaal. Navorsing is onderneem in samewerking met die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde (Onderstepoort), die Oliesaadraad, die Teeraad, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, die Mediese Navorsingsraad, Natalse Instituut vir Immunologie en kollegas by die universiteite van Göttingen, Giessen en München in Duitsland, Wisconsin, Washington State, Ruttgers en Delaware in die VSA, Erasmus in Nederland en die Weizmanninstituut vir Wetenskap in Israel. Gedurende hierdie tydperk het 'n nuwe nasionale evalueringskema gebaseer op ewekniebeoordeling van universiteitsnavorsers in werking getree. Op grond hiervan kon vier departementslede naamlik proff. A. Louw, A. Neitz, J. Verschoor en L. Visser, kwalifiseer vir navorsingsbefondsing deur die Stigting vir Navorsingsontwikkeling. Die nasionale BP-toekenning vir oorsese navorsing is by drie geleenthede, naamlik in 1983, 1988 en 1992, deur departementslede verower, terwyl 'n Ernst Oppenheimer Memorial Trusttoekenning in 1990 prof. Visser te beurt geval het.

Die navorsingsprogram van die Departement is gerig op die bestudering van biochemiese en immunologiese aspekte van proteïene in die algemeen, maar met die klem op die rol van proteïene in parasitiese infeksies soos malaria en bosluisoordraagbare veesiektes - beide van groot belang in die Afrikakonteks. Die navorsingsaktiwiteit van die Departement word gunstig weerspieël daarin dat 77 vakkundige publikasies oor die afgelope tien jaar in gekeurde navorsingstydskrifte verskyn het. Talle bydraes is ook by konferensies en kongresse gelewer, waaronder internasionale byeenkomste te Amsterdam, Berlyn, Colombo, Hamburg, Harare, Jerusalem, Londen, Melbourne, München, Oxford, Praag, St. Paul en Toronto.

'n Belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Departement is in 1990 bereik met die vyftigjarige herdenking van sy totstandkoming in 1940 as die eerste onafhanklike Departement Biochemie aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Ter viering hiervan is 'n simposium met die tema "Struktuur en Funksie" aangebied. Lesings is voorgedra deur 'n aantal plaaslike wetenskaplikes en 'n oorsese Nobelpryswenner, prof. Robert Huber van die Max Planck-instituut vir Biochemie, München. Die verrigtinge is bygewoon deur ongeveer 160 belangstellendes, waaronder beide die vorige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


departementshoofde, te wete prof. Jack Kellerman (1940-1956) en prof. Dan Potgieter (1956-1983). Tot op daardie tydstip het die Departement reeds veertien oudstudente opgelewer wat professore aan plaaslike of oorsese universiteite geword het.

Benewens die gemelde professore, het die doserende personeel teen die einde van 1992 uit een senior lektor en twee lektore bestaan. Hulle is deur twee voltydse tegniese en drie navorsingsassistente bygestaan. In die oorsigperiode as geheel het 102 studente afstudeer met Biochemie as hoofvak vir die driejarige BSc-graad, terwyl 51 die vierjarige BSc(Agric)- of BSc(Hons)-graad behaal het. Op nagraadse vlak is negentien magistergrade en ses doktorsgrade in die Biochemie toegeken. Die inskrywingstatistiek vir Biochemiestudente oor die afgelope jare het 'n geleidelike styging van 69 "subsidieeenhede" in 1983 tot honderd in 1991 getoon.

L. Visser
Departementshoof

Departement Grondkunde en Plantvoeding

Die Departement Gondkunde en Plantvoeding poog sedert 1986 doelbewus daarna om meer aandag aan grondklassifikasie en -kartering en aan grondagteruitgang, insluitende erosie en grondbesoedeling, te gee. Nuwe kursusse is spesifiek vir die doel ingestel. In 1988 is Grondkunde ingesluit as een van die hoofvakke in die Fakulteit Natuurwetenskappe. Daardeur is dit moontlik gemaak vir studente om toelating tot die Fakulteit Landbouwetenskappe te verkry vir nagraadse studies al het hulle voorgraadse opleiding die klem anders laat val. Dié stap het ook 'n herstrukturering van die



Prof. W.J. Fölscher, Hoof: Departement Grondkunde en Plantvoeding, 1956 - 1986.

voorgraadse leerplanne en leergang genoodsaak. Tegelyk hiermee is 'n nuwe hoofrigting, te wete Grondkunde Plantproduksie, in die Fakulteit Landbouwetenskappe ingestel.

Gedurende die jare 1986 tot 1992 is die Departement geweldig uitgebrei, soos gemeet aan beide die navorsingsaktiwiteite en verkreë fondse van buite die Universiteit. In 1986 is ongeveer R15 000 van buite die Universiteit verkry, en in 1992 nagenoeg R450 000. Bestaande projekte oor grondsuurheid en plantvoeding is uitgebrei, terwyl nuwe projekte oor korsvorming, grondverbrakking, grondplant-water verhoudings, gronderosie en humiese produkte aangepak is. Hierdie uitbreidings het die aanstelling van 'n vyftal navorsingsassistente en 'n senior

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

navorser wat met buitefondse besoldig is, moontlik gemaak. Omvattende verslae oor twee van die projekte het die lig gesien: 'n verslag oor besproeiingsbestuur deur prof. M.C. Laker en dr. F.M.G. Vanassche en 'n verslag oor korsvorming en verbrakking op die Makatinivlakte deur prof. H.v.H. van der Watt en dr. A.S. Claassens. 'n Plakkaatreferaat deur laasgenoemde twee personeellede het by 'n internasionale konferensie in Pole 'n toekenning gekry vir een van die drie beste referate.

Die H. Pistorius-wisseltrofee vir uitmuntende publikasies oor grondsuurheid is reeds twee keer aan die Departement toegeken: in 1990 aan prof. R.O. Barnard en in 1992 aan prof. Van der Watt. Dr. Claassens se navorsing oor die voedingsbehoeftes van inheemse struike en bolplante, naamlik proteas, lachenalias en ornithogalums, kan as baanbrekerswerk op dié terrein beskou word. Wat die ondersoeke oor die landboutoepassings van steenkoolafgeleide humiese produkte betref, het prof. Barnard en sy medewerkers baie belowende resultate met Feoksiprodukkomplekse op sitrus en veral suikerriet verkry. Hierdie produkte was belowend in dié opsig dat dit moontlik wêreldwyd van groot ekonomiese belang kon wees.

Uiteraard het die uitbreiding van die departementele navorsingsprogram beter skakeling met buite-instansies in die hand gewerk. Voorbeelde hiervan was:

* Departement Landbou- en Watervoorsiening: Navorsing oor grondsuurheid, plantvoeding en grondbesoedeling.

* Departement Landbou-ontwikkeling: Navorsing oor grondtoestande en -verbrakking op die Makatinivlakte.

* Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en die Nasionale Energieraad (later Departement Mineraal- en Energiesake): Navorsing oor die landboukundige toepassings van steenkoolafgeleide humiese produkte.

* Waternavorsingskommissie:Navorsing oor besproeiingsbestuur en grondplantwaterverhoudings onder nat grondtoestande.

* Ook is met talle instansies in die private sektor saamgewerk, waaronder die Suid-Afrikaanse Suikervereniging, Avokadokwekersvereniging, Mangokwekersvereniging, Teeraad, landboukoöperasies en instansies soos die Misstofvereniging van Suid-Afrika en die Sitrusbeurs.

Buitelandse samewerking en skakeling het uitgebrei. Prof. Van der Watt het in samewerking met dr. C. Valentin van ORSTOM in Frankryk 'n oorsigartikel oor korsvorming geskryf, en prof. Laker het meegewerk aan die *World map of the status of humaninduced soil degradation* en die Suid-Afrikaanse verslag aan die Verenigde Nasies se Kongres oor die Omgewing en Ontwikkeling in Rio de Janeiro gedurende Junie 1992.

Skakeling met die Grondkundevereniging van Suid-Afrika (GVSA), die Navorsingsinstituut vir Grond en Besproeiing, die Misstofvereniging van Suid-Afrika en ander universiteite was besonder goed en vrugbaar. Uit samewerking van hierdie aard is bydraes tot drie belangrike boeke/handleidings gemaak:

* Prof. Van der Watt, in medewerking met prof. T.H. van Rooyen van Unisa - *'n Verklarende Woordeboek vir*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Grondkunde / A Glossary of Soil Science.

* Prof. Laker as medewerker aan *Grondklassifikasie: 'n Taksonomiese Sisteem vir Suid-Afrika/Soil Classification: A Taxonomic System for South Africa.*

* Prof. Barnard as voorsitter van die werkgroep wat die *Handbook of Standard Soil Testing Methods for Advisory Purposes* saamgestel het.

Die Departement het deurgaans gestreef na 'n goeie balans tussen teorie en praktyk. Terwyl sommige kursusse, veral die gevorderde kursusse in Grondchemie en -fisika meer teoreties van aard was, was kursusse soos dié in Grondklassifikasie en in Grondvrugbaarheid meer praktykgerig. Daar is toenemend probeer om grond as komponent van die omgewing te beklemtoon, en Grondkunde tot sy reg te laat kom in omgewingsgerigte studies.

Deur die projek oor korsvorming en verbrakking van gronde op die Makatinivlakte is 'n direkte bydrae gelewer tot 'n ontwikkelingsprojek in een van Suid-Afrika se destydse selfregerende state. Daar is by talle geleenthede met die Ciskei, Lebowa, Bophuthatswana, Venda, Gazankulu en Namibië geskakel, veral ook deur die kanale van die Departement van Ontwikkelingshulp. 'n Groepie studente van Mosambiek het die Departement in 1991 besoek, terwyl van die personeel kort besoeke aan Swaziland en Namibië gebring het. 'n Laboratorium in Namibië is van advies oor handboeke en laboratoriumtegnieke gedien. Só het die Departement ingeskakel by die Universiteit se Afrikamissie.

Die Departement het geleidelik oorgeskakel van die tradisionele onderrigmetodiek, waarin die dosent 'n lesing voordra, tot 'n stelsel waar meer selfstandige studie van die student vereis is en die formele lesing verander het in 'n besprekingsklas. Om dit te bewerkstellig is studiehandleidings vir feitlik al die kursusse saamgestel en is naslaanwerke en ander studiemateriaal intensiewer benut. Meer en beter oudiovisuele materiaal is voorberei of bekom.

Die personeel was besonder aktief wat gesprekvoering/skakeling met die gemeenskap betref en het by talle geleenthede die publiek, skoliere en belangegroepe toegespreek. Gedurende 1982 tot 1986 het prof. W.J. Fölscher 'n groot impak op die landboubedryf gemaak deur daarop te wys dat veral wat mielieproduksie betref, onnodig hoë misstoftoedienings die boer se ekonomiese posisie verswak het.

Die Departement het telkens 'n leidende rol vervul by nasionale kongresse van die Grondkundevereniging van Suid-Afrika by wyse van talle referate en die voorsiening van ampsdraers. Prof. Barnard was gedurende 1984 tot 1986 president van die GVSA, en prof. Laker gedurende 1987 tot 1989. Personeellede het aan verskeie internasionale konferensies deelgeneem: prof. Barnard aan die 13de Internasionale Grondkundevereniging (IGV) se Kongres in Wes-Duitsland in 1986, asook aan die 14de IGV-kongres in Japan; prof. Laker aan internasionale kongresse oor water in Utah, in die VSA en oor erosie in Bangkok (Thailand); dr. Claassens oor plantvoeding in Nederland en die VSA; prof. Barnard oor humiese verbindings in Japan; en prof. Van der Watt in 1990 aan die 14de IGV-kongres in Japan en aan 'n kongrestoer deur Rusland en China, asook in 1991 aan 'n kongres oor korsvorming in die VSA waar hy op uitnodiging 'n referaat gelewer het.

Personeellede het 66 publikasies die lig laat sien, waarvan 51 navorsingsartikels en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vyftien van populêr-wetenskaplike aard was. Drie patente vir die benutting van steenkoolafgeleide humiese produkte is in meer as tien lande geregistreer, met die Nasionale Energieraad as eienaar van die patentregte.


Prof. Fölscher was departementshoof tot Junie 1986 en is deur prof. Van der Watt opgevolg. Prof. Barnard is in 1986 van medeprofessor tot professor bevorder, en prof. Laker is in 1987 as professor aangestel. Benewens die genoemde professore was daar in 1982 poste vir een lektor, een navorsingsbeampte en vier tegniese assistente. Hierdie poste is in 1992 tot een lektoraat en twee tegniese assistente verminder. Met die uitbreiding van die navorsingsprogram en gepaardgaande verkryging van buitefondse kon vyf navorsingsassistente en 'n senior navorser in 1988 aangestel word.

Oor die jare het gemiddeld een of twee studente jaarliks met Grondkunde as hoofvak grade verwerf. Hierdie gemiddelde is nagenoeg gehandhaaf, dog met 'n merkbare verbetering teen 1990 vanweë die instel van Grondkunde as hoofvak vir die BSc-graad en die Grondkunde-Plantproduksie hoofrigting. Die aantal nagraadse studente het egter betekenisvol toegeneem van nagenoeg vyf per jaar in die vroeë jare tagtig tot veertien in 1992.

H. van H. van der Watt
Departementshoof

Departement Landbou-ekonomie

Die Departement Landbou-ekonomie het na 1982 'n periode van groei beleef in terme van voor- en nagraadse studentegetalle, navorsingsuitsette en in trefwydte, beide in terme van opleiding en navorsing. Die eise van die moderne tyd het gelei tot



Prof. J.A. Groenewald, Hoof: Departement Landbou-ekonomie, sedert 1992: Landbou-ekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling, sedert 1968.

'n groter bewuswording van die algemene belangrikheid van die dissipline. Binne die ekonomiese wetenskappe het 'n bewuswording gegroei dat die landbou as deel van die ekonomie uiters belangrik is in terme van beide die makro-ekonomie, die handel, die ontwikkeling van landelike gebiede en die welvaart in beide stedelike en landelike omgewings. Dit het daartoe gelei dat benewens die BSc(Agric)-, BSc(Agric)-(Hons)-, MSc(Agric)- en PhD-grade in die Fakulteit Landbouwetenskappe, die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sedert 1987 ook Landbou-ekonomie as hoofrigting vir die grade BCom, BCom-(Hons), MCom en DCom aangebied het. Hierbenewens het kursusse in Landbou-ekonomie sedert 1987 ook as keusevakke

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir 'n verskeidenheid grade in daardie Fakulteit gegeld.

Die groeiende bewussyn van die belangrikheid van ekonomiese verhoudings in dienslewering aan boere het ook daartoe gelei dat kursusse in Landbou-ekonomie teen 1992 ingesluit is in die leerplanne vir sekere hoofrigtings vir die graad MMedVet, Fakulteit Veeartsenykunde. Die Departement was teen 1992 ook deur middel van kortkursusse betrokke by die opleiding van landboubankiers.

Die navorsing in die Departement het tred gehou met veranderende tye. Die finansiële nood van die kommersiële landbousektor het gelei tot 'n aantal geslaagde navorsingsprojekte oor boerderybestuur (met die klem op bestuursoptrede, finansiële bestuur, toepaslike tegnologie en produksie-ekonomie), bemarking, landboubeleid en internasionale verhoudings in die landbou. Die wêreldwye beweging na ekonomiese liberalisering het ook neerslag gevind in studies oor deregulering, openbare keuse en privatisering. Teoretiese bydraes is gelewer in terme van publikasies wat veral die verwantskap tussen bestuur en bedryfsgrootte-opbrengs en bestuursprosesse teoreties en empiries ontleed het. Bronne en produktiwiteit is ook nagevors in studies betreffende aspekte op makro- en streeksvlak.

'n Aspek wat toenemende navorsings- en opleidingsaandag ontvang het, was die ontwikkeling van die agtergeblewe landbousektor. Landbou-ondersteuningsprogramme, bestuur, bemarking, beleid, bronbeskikking, tegnologie en ekonomiese integrasie binne hierdie sektor is spesifiek beklemtoon. Die Departement se personeel het ook toenemend internasionaal geskakel. Artikels en hoofstukke in boeke is beide binne- en buitelands gepubliseer. Hierbenewens is bydraes gelewer by 'n verskeidenheid binnelandse en buitelandse vakkonferensies. Bande is met 'n verskeidenheid van universiteite in die VSA, Europa en Australië, asook met ander instansies soos die Wêreldbank gesmee.

In 1992 is twee nuwe mylpale bereik. Die eerste was die amalgamering met die Departement Agrariese Voorligting in 'n nuwe Departement Landbou-ekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling. Daar is voorsien dat die almagamering 'n sinergistiese uitwerking sou hê in dié sin dat navorsing en opleiding in albei velde en tussen die twee hierdeur verder sou ontwikkel.

Die tweede mylpaal was die stigting van die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling met die hoofdoel om aandag te gee aan probleme in landelike streke om sodoende die Suid-Afrikaanse en Afrikagemeenskappe beter te dien. Hoewel die Skool in 1992 ses hoofrigtings bedien het, was die grootste klem in terme van studente-inskrywings in Landbou-ekonomie, Voorligting of 'n kombinasie van die twee.


Laastens moet gemeld word dat veral sedert die tweede helfte van die tagtigs 'n groeiende getal swart en buitelandse studente nagraadse studie in die Departement aangepak en suksesvol voltooi het. 'n Besondere geleentheid was toe die eerste swart student, dr A.T. Naledzani, in 1992 in die Landbou-ekonomie gegradueer het.

J.A. Groenewald
Departementshoof

Departement Mikrobiologie en Plantpatologie

Die studiegebiede binne die Departement Mikrobiologie en Plantpatologie is gedurende die tydperk 1983-1992 aansienlik uitgebrei. Een van die belangrikste ontwikkelinge was die motivering en kurri-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.M. Kotzé, Hoof: Departement Mikrobiologie en Plantpatologie, sedert 1968.

kulering vir die instel van Mikrobiologie as eerstejaarsvak in 1993. Hierdie verandering, saam met die modulering van alle Mikrobiologie- en Plantpatologievakke in 1991 om dié vakke meer toeganklik te maak vir studente vanuit 'n wyer spektrum studiegebiede, het meegebring dat veral die nagraadse spesialisasiegebiede binne die Departement baie uitgebrei het.

Die wye spektrum mikrobiologiesgeoriënteerde navorsingsprojekte binne die Departement kan saamgevat word onder die sambreelbeskrywing "Biologiese beheer en Omgewingsbiotegnologie". Die meeste van hierdie projekte is in noue samewerking en met die finansiële steun van organisasies in die industrie en die landbou bedryf.

Dit was veral die chemiese en biologiese beheer van plantsiektes by koring en subtropiese gewasse wat besondere aandag geniet het. Verder het 'n sterk belangstelling in, en betrokkenheid by, die breër ekologie gelei tot die stigting van 'n omgewingsbiotegnologiegroep. Hierdie groep het hom toegespits op die gebruik van mikroörganismes as indikators en korrigeerders van omgewingsbesoedeling, metodes om fosfate uit afvalwater te verwyder en om sulfaatreduseerders vinnig en effektief in watersisteme te identifiseer en dit te beheer deur die toevoeging van biosiede.

Die Departement het verskeie laboratoriums spesiaal toegerus en ingerig ten einde gevorderde navorsing in molekulêre biologie moontlik te maak. Dit het gelei tot die ontwikkeling van navorsingsvelde so uiteenlopend as sintese van peilers vir die vinnige en effektiewe opsporing van belangrike mens- en plantpatogene, molekulêre bestudering van virusse van veeartsenykundige en plantpatologiese belang, en die genetiese manipulering van bakterieë vir industriële produksie van ensieme, kofaktore en ander farmaseutiese middels. Ook die navorsing vir die effektiewe beheer van voedselbederf en verlengde rakleeftye ten opsigte van verskeie voedselsoorte is baie uitgebou. Só het 'n sterk sentrum van kundigheid ten opsigte van die bepaling van taksonomiese verwantskappe van veral plantgeassosieerde bakterieë en heparinaseproduseerders tot stand gekom.

Aangesien die navorsing in die Departement regstreeks op die bedryf betrekking gehad het, is die resultate gereeld met groot sukses op beide nasionale en internasionale kongresse voorgedra. Die navorsingsuitsette van die Departement is ook verwoord in 'n groot aantal publikasies. Dit was veral op die gebied van die aanwending van biologiese antagoniste vir die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beheer van verskeie plantpatogene dat die Departement nasionale en internasionale erkenning geniet het. Etlike dosente het gedien in die bestuur van die belangrike Suid-Afrikaanse vakverenigings, asook op die Suid-Afrikaanse Raad vir Natuurwetenskaplikes, die Gesamentlike Raad vir Natuurwetenskaplike Verenigings en op internasionale verenigings vir die Mikrobiologie en Plantpatologie. Verdere erkenning vir uitmuntende navorsing het gevolg in die vorm van toekennings soos die "Landbouwetenskaplike van die Jaar" in 1990 aan prof. J.M. Kotzé, "Buitengewone presteerder" by UP in 1990 ook aan hom en in 1992 aan prof. T.E. Cloete, die BP-Beurs vir Landbounavorsing in 1990 aan dr. L.H. Nel en die uitnodiging om as gasnavorser by die Universiteit van Kalifornië te werk in 1990 aan mev. L. Korsten. Voorts is 'n bedryfstoekenning in 1992 deur prof. Cloete verwerf vir sy uitmuntende navorsing in die veld van watersuiwering. Prof. P.L. Steyn het ook belangrike navorsingsamewerking bewerkstellig met die Rijks-universiteit van België tydens sy sabbatsverlof in 1991. Die dosente van die Departement was heg betrokke by gemeenskapsonderrig deur gereëlde TV- en radio-optredes en die aanbieding van werkwinkels oor verskeie spesialisonderwerpe.

Op inderdepartementele vlak is die Departement Mikrobiologie en Plantpatologie sedert 1985 saam met die Departemente Genetika en Biochemie mede-aanbieder van die Honneurskursus Molekulêre en Sellulêre Biologie. Hierdie samewerking is aansienlik uitgebrei met die aanstelling van prof. J.P. Schumann as molekulêre bioloog in 'n pos wat aanvanklik gedeeltelik befonds is deur die Hans Merensky-stigting. Hierdie aanstelling het dit ook vir studente moontlik gemaak om formeel gevorderde grade in die spesialisasierigting Molekulêre Biologie te behaal. Nouer interdepartementele samewerking met vier ander departemente het ook gevolg met die instelling in 1991 van die nuwe kursus in Molekulêre en Selbiologie wat verpligtend was vir al die eerstejaarstudente van Biologie.

Die modulering van alle vakke binne die Departement het nie alleen gelei tot die groter blootstelling van studente aan beide vakrigtings binne die Departement en die instel van voorgestelde studiepakette nie, maar het ook gelei tot die ontwikkeling van heel nuut gekurrikuleerde kursusse soos Giskunde en Plantpatologiese Ekologie. Hierdie kursusse het byvoorbeeld ook gelei tot die sterk betrokkenheid van die Departement by die nuwe BInstAgrar (Hons)-graad en die nuwe BSc-graad in Molekulêre Biologie. Die Departement was ook steeds meer betrokke by Afrika.

Die kursusse in die Departement was baie praktikum-geörienteerd. Daar is gebruik gemaak van die nuutste onderrighulpmiddels soos video's en rekenaars in die aanbieding van lesings. Die Departement was dan ook die aktiefste departement in die Fakulteit Landbouwetenskappe ten opsigte van mensekragaanwending vir formele onderrig. Van 1986 tot 1990 het die studentegetalle byvoorbeeld met 9,2% toegeneem (teenoor die 5,5% vir Landbouwetenskappe as geheel) met die grootste styging in die getal derdejaars (28%). Die Departement het gemiddeld 48 ingeskrewe nagraadse studente per jaar gehad waarvan die helfte MSc studente was.

Die dosente van die Departement het in verskeie fakultêre en interfakultêre komitees gedien. Prof. Kotzé was van 1991 af en teen die einde van die oorsigperiode steeds plaasvervangende dekaan vir Landbouwetenskappe. Al die senior dosente was ook ten nouste betrokke by die strategiese toekomsbeplanning van beide die Fakulteite Natuurwetenskappe en Landbouwetenskappe.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Departement se doserende personeel het teen 1992 bestaan uit agt gedoktoreerde dosente asook uit prof. F.C. Wehner en dr. N. Labuschagne. Die postestruktuur is oor die afgelope paar jaar uitgebrei om teen die einde van 1992 sewe tegnici, een tikster, een senior operateur, vier navorsingsassistente en vyf navorsingsassistente in te sluit. Laasgenoemde twee kategorieë is besoldig uit fondse wat van buite die Universiteit bekom is.

J.M. Kotzé
Departementshoof
Opsteller: J.P. Schumann

Departement Plantproduksie

Gedurende die afgelope dekade het 'n belangrike verandering in die struktuur van die Departement plaasgevind. Van die begin van 1991 af het die vorige Departement Plantproduksie en Tuinboukunde as een departement, naamlik die Departement Plantproduksie gefunksioneer. Na hierdie verandering het die vakgebied Plantproduksie die produksie van alle kommersiële plante, met uitsondering van bosbou, gedek. Onder hierdie breë sambreel is hoofvakstudie op voor- en nagraadse vlak aangebied in Agronomie, Onkruidwetenskap, Siertuinboukunde, Tuinboukunde en Weidingkunde. Die sinkronisasie van kursusmateriaal en fasiliteite het gelei tot die uitskakeling van oorvleueling en beter opleiding van studente. In 1992 is ook kursusse in Agronomie, Onkruidwetenskap, Tuinboukunde en Weidingkunde aangebied vir BInstAgrar-(Hons)-studente ten einde hulle toe te rus met die oog op landelike ontwikkeling. In die hoofstroomopleiding (BScAgric) is ook twee nuwe keusekombinasies ingestel, naamlik Grondkunde-Plantproduksie in 1988 en Veekunde-Plantproduksie in 1991. Nuwe voorgraadse kursusse wat in die



Prof. P.C. Nel, Hoof: Departement Plantproduksie, sedert 1967.

oorsigsdekade ingestel is, was Sooiraskunde, 'n tweede kursus in Onkruidwetenskap en verskeie kursusse in Siertuinboukunde.

'n Belangrike toevoeging tot die fitotronkompleks was die ingebruikneming van drie hoogs gesofistikeerde, gerekenariseerde glashuiskompartemente in 1988. Saam met die goed toegeruste veldproefseksie, laboratoria en so meer het die Departement beskik oor fasiliteite wat goed met soortgelyke inrigtings in die res van die wêreld vergelyk het.

Deur die navorsing op enkele spesialiteitsgebiede toe te spits, het die Departement daarin geslaag om kundigheid en fasiliteite op te bou wat volgehoue uitsette en opleiding gebaseer op eerstehandse kennis,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

moontlik gemaak het. Personeellede en nagraadse studente het gereeld referate op nasionale en internasionale kongresse gelewer en hulle publikasies is gereeld in internasionale vakliteratuur aangehaal.

Die Departement het op verskeie navorsingsgebiede gepresteer. Op die gebied van onkruide en hul beheer, met klem op chemiese beheer, het dr. R. Meissner uitgeblink. Na aanleiding van vorige navorsing in die Departement is hy uitgenooi om 'n hoofstuk oor allelopatie tot 'n boek onder redaksie van dr. S. Rizvi van die Rajendra Agricultural University in Indië by te dra. 'n Internasionale projek oor die nawerking van metribusien en metsulfuron waaraan prof. P.C. Nel en mnr. C.F. Reinhardt medewerkers was en waaraan 26 lande deelgeneem het, is suksesvol afgehandel en die resultate is gepubliseer. Daar is ook, na baie jare se navorsing met atrasien, daarin geslaag om 'n model te ontwerp wat die aktiwiteit van atrasien op 'n bepaalde grondsoort akkurater voorspel as vorige norme wat plaaslik en oorsee gebruik is, en wat die belofte ingehou het om die landboubedryf miljoene rande te bespaar. Hierdie projek is lank finansiëel ondersteun deur die Departement Landbou.

Met die oog op doeltreffender waterverbruik is verbeterde waterskeduleringsnorme vasgestel vir mielies, koring, kopkool, tamaties en 'n aantal eenjarige voergewasse wat na verwagting in die toekoms groot besparings van hierdie skaars kommoditeite sou meebring. Ruim finansiële steun vir kontraknavorsing is van die Waternavorsingskommissie vir hierdie projekte ontvang. Die Departement Plantproduksie is dan ook deur hierdie instansie as 'n sentrum van kundigheid geïdentifiseer. Dit het bepaalde voorregte by die bedinging van kontrakte ingehou. Prof. Nel en drr. H.H. Fischer, R.E. Steynberg en J.G. Annandale was intiem met hierdie projekte gemoeid. 'n Ander faset wat deur die Sentrum vir Navorsingsontwikkeling ondersteun en onder leiding van prof. P.S. Hammes uitgevoer is, was die identifisering van droogtebestande gewasse/kultivars vir verbouing in marginale reëngebiede en die uiteindelike karakterisering van droogtebestandheidseienskappe.

'n Ander belangrike projek het die invloed van die omgewing en bestuurspraktyke op die groei en ontwikkeling van gewasplante ondersoek. Die projek was daarop gerig om die fisiologiese basis van gewasproduktiwiteit beter te verstaan en te ontgin. Bydraes is gemaak oor die kwantifisering van fotosintese op plaasskaal en die rol van straling, fotoperiode en temperatuur by gewasproduksie, veral in die geval van aartappels, mielies en koring. Prof. Hammes het reeds by verskeie geleenthede op internasionale kongresse oor navorsingbevindings verslag gedoen. Hierdie projek is ruim befonds deur die Aartappelraad.

Die verbouing en benutting van aangeplante weidings- en voergewasse is nader ondersoek. Die projek het die evaluasie van 'n groot verskeidenheid voerplante en die totstandbrenging van verbeterde bestuurspraktyke behels. Veral prof. N.F.G. Rethman en mnr. P.A. Pieterse was hiermee gemoeid. Die seleksie van droogtebestande plante het hierby aangesluit. Plantmateriaal van oor die hele wêreld is in die projek ingesluit. Samewerkingsooreenkomste is met instansies in die Verenigde State van Amerika en Australië gesluit. Twee goed aangeplante *Eragrostis curvula*-kultivars, naamlik Advantage en Delite, is in 1990 in samewerking met die firma Advance Seeds geregistreer.

Prof. Rethman is genooi om mee te werk aan weidingshandboeke oor die RSA deur die Universiteit van Natal. Hy het ook kragte saamgesnoer met die USDAARS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Society of Range Management oor *Cenchrus ciliaris*; en met die National Academy of Sciences, Washington DC oor *Eragrostis tef* en *Vetivaria zizanioides*. Finansiële steun vir fasette van hierdie projek is ontvang van, onder andere, Advance Seeds, die Nasionale Wolkwekersvereniging, Anglo American, die Johannesburgse Stadsraad en die Departement van Landbou.

Vrugmorfogenese en veredeling by sekere tuinboukundige plante was 'n ander navorsingsterrein waarop die Departement hom toegespits het. Vrugmorfogenesestudies is reeds ten opsigte van 'n verskeidenheid vrugtegewasse uitgevoer. Besondere aandag is gewy aan sitrus, wingerd, maroelas, kasjoeneute, kiwivrugte, turksvye en macadamianeute. Prof. L.C. Holtzhausen was die leier van die projek en hy is teen 1992 bygestaan deur dr. A.B. Wessels en mej. E. Swart. Vyf seleksies van die maroela is vir kommersiële aanplantings vrygestel. So ook is onder leiding van mnr. D.F.A. von Staden, 'n voormalige dosent, twee kiwivrugkultivars, by name Diki en Toeki, vrygestel vir verbouing onder Suid-Afrikaanse toestande. Finansiële steun is ontvang van onder meer die Atoomenergiekorporasie, die Departement Landbou, die Departement Streeksontwikkeling en Grondsake en die Macadamiakwekersvereniging. Verskeie referate oor navorsingsbevindings is reeds op internasionale kongresse in Brasilië, Italië, Suid-Afrika, Zimbabwe en Malawi gelewer.

Die departementshoof teen die einde van die oorsigperiode, prof. Nel, was slegs die vierde departementshoof sedert die stigting van die vroeëre Departement Agronomie. Hy was ook die leier van die dissipline Onkruidwetenskap. Prof. Hammes was leier van Agronomie; prof. Holtzhausen, die vorige hoof van Tuinboukunde, van Tuinboukunde en Siertuinboukunde; en prof. Rethman van Weidingkunde. Laasgenoemde is in 1986 aangestel na die oorlyde in 1985 van prof. J.O. Grunow wat 'n waardevolle bydrae tot die vakgebied Weidingkunde in Suid-Afrika gelewer het. Mnr. Von Staden wat in 1989 afgetree het, het die grondslag gelê vir die vestiging van Siertuinboukunde as studieveld. Dr. H.H. Fischer, senior navorsingsbeampte, wat die waterbehoeftes van groentegewasse nagevors het, het die diens van die Universiteit in 1992 verlaat.

Behalwe die vier professore, het die departement oor die dienste van vyf senior lektore, een lektrise, sewe tegniese assistente en een tikster beskik, terwyl twee navorsers en verskeie deeltydse assistente uit kontrakfondse vergoed is.


'n Besondere kenmerk van die Departement Plantproduksie was die toonaangewende rol wat sy personeellede in die aktiwiteite van wetenskaplike tydskrifte en vakverenigings in die afgelope dekade gespeel het. Prof. Nel was sewe jaar lank redakteur van *Toegepaste Plantwetenskap/Applied Plant Science* en prof. Hammes vir vier jaar van *Plant en Grond/Plant and Soil*. Personeellede het ook gereeld as redaksielede of keurders vir hierdie joernale opgetree. Personeellede wat langer as 'n enkele termyn president van wetenskaplike vakverenigings was, sluit in prof. Nel (die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onkruidwetenskap); prof. Hammes (die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gewasproduksie); proff. Grunow en Rethman (Weidingkunde Vereniging van Suid-Afrika); en prof. Holtzhausen (die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Tuinbouwetenskap). Personeellede het ook bykans deurlopend as raadslede van hul onderskeie vakverenigings gedien. Verskeie is bekroon as outeurs of medeouteurs van voortreflike referate en artikels en is as genote van vakverenigings benoem. Prof. Nel is bekroon met die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hoogste toekenning van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Onkruidwetenskap vir voortreflike wetenskaplike bydraes tot die vakgebied, terwyl proff. Nel en Hammes gelykwaardige toekennings in die vorm van goue medaljes van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gewasproduksie ontvang het. Vanuit die bedryf is prof. Rethman bekroon met die silwermedalje van die Misstofvereniging van Suid-Afrika. In die oorsigtydperk was dosente en nagraadse studente van die Departement outeurs van 138 wetenskaplike artikels in gesubsideerde plaaslike en oorsese joernale, terwyl ongeveer dieselfde getal referate in kongresbundels opgeneem is.

Die voorgraadse studentegetalle in Plantproduksie het redelik konstant gebly, terwyl nagraadse studente 'n beduidende toename getoon het. Sowat twintig voorgraadse en honneursstudente en sowat ses magister- en doktorale studente het jaarliks gegradueer.

P.C. Nel
Departementshoof



Prof. C. Maree, Hoof: Departement Veekunde, sedert 1978.

Departement Veekunde

In die Departement Veekunde is navorsing tydens die oorsigperiode (1982-1992) as 'n hegte deel van studente-opleiding beskou. Studente is reeds op voorgraadse vlak aangemoedig om naspeurend ingestel te wees. Suksesvolle navorsing deur personeel en nagraadse studente het daartoe bygedra dat die Departement nasionale en internasionale erkenning geniet het - veral op die gebied van Herkouer- en Monogastriese Voeding, Vleiskunde en Groeifisiologie, Grootvee- en Kleinveetelingkunde.

'n Herevaluering van die Departement se akademiese en wetenskaplike doelstellings en die aanwending van die proefplase het daartoe aanleiding gegee dat die vleisbees-, skaap- en perdestoeterye deur die Universiteit afgeskaf is. Die afskaffing het egter geensins beteken dat die Departement tradisioneel die verbintenis met die veebedryf verbreek het nie. Die bande met die veebedryf was kosbare lewensare en is uitgebrei en versterk deur voortgesette opleiding en gesamentlike navorsing.

Prof. C. Maree was aan die einde van 1992 die departementshoof. Sy medepersoneellede was prof. N.H. Casey wat in 1983 as senior lektor by die departement aangestel, in 1987 tot medeprofessor en in 1988 tot professor bevorder is. Sy navorsingsveld was Groeifisiologie en Vleiskunde. Hy was die mede-outeur en redakteur van die omvattende handboek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Livestock Production Systems - Principles and Practice.

Die akademiese en wetenskaplike bedrywighede van die Departement was gebasseer op die wetenskaplike dissiplines van Fisiologie, Voedingkunde en Teelkunde en was veral gerig op spesie-, ras- en ekologiestudies. Navorsing in die ekologie is uitgebrei om wildekologie, geïntegreerde vee- en wildproduksie en die bestuur van natuurlike weidings en die watergehalte vir vee en wild in te sluit.

Die Departement se akademiese en wetenskaplike aktiwiteite is verder uitgebou deur ook vir ontwikkelingslandbou voorsiening te maak. Opleiding is gegee deur die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling van die Fakulteit Landbouwetenskappe.

C. Maree
Departementshoof
Opsteller: N.H. Casey

Departement Voedselwetenskap

Die Departement Voedselwetenskap het in 1980 tot stand gekom uit die eertydse Departement Suiweltegnologie. Gedurende die periode onder bespreking (1983-1992) is die dosenteposte van twee tot vier vermeerder, terwyl 'n groot toename in studentegetalle plaasgevind het. Voorsiening is gemaak vir spesialisasie gedurende die finale studiejaar vir die eerste graad deur ook die rigtings Plantproduktetegnologie en Vleistegnologie te voeg by die bestaande spesialisasie in Suiweltegnologie.

Vir Plantproduktetegnologie is dr. A.E.J. McGill, voorheen van die Universiteit Surrey in Engeland, in 1983 aangestel. Sy belangstelling was die graanwetenskap en deur sy bemiddeling het die Koringraad van 1986 af fondse beskikbaar gestel vir die instel van die Koringraadleerstoel in Voedselwetenskap, waarvan hy die eerste bekleër was. Aangesien dit 'n addisionele pos meegebring het, kon die aantal dosente in die Departement tot vyf vermeerder word.

In 1989 het die Navorsingseenheid vir Graanvoedsel, ook met befondsing deur die Koringraad, tot stand gekom. Die navorsingsvelde van hierdie Navorsingseenheid het die volgende onderwerpe ingesluit: Graankorrelsamestelling; Graanvoedsels van Afrika; en Graanallergieë. Prof. McGill was die eerste direkteur daarvan. Toe hy die diens van die Universiteit aan die einde van 1991 verlaat het, is hy as professor en direkteur van die Eenheid opgevolg deur dr. J.R.N. Taylor, 'n biochemikus uit Engeland wat reeds geruime tyd spesialisnavorsing gedoen het en projekleier was vir Graanwetenskap in die Divisie vir Voedselwetenskap en -tegnologie van die Wetenskaplike en Nywerheids Navorsingsraad (WNNR).

Die instel van 'n graad in Vleiskunde onder die Departement Veekunde, het noue samewerking met daardie Departement meegebring. Ten einde Vleistegnologie as studie- en navorsingsrigting uit te bou, is 'n professoraat vir Vleistegnologie geskep. Die eerste bekleër van die pos was prof. J.J. Roberts, 'n oudstudent van die Departement, met ingang van 1991. Prof. Roberts het vanweë sy belangstelling in die verwerking van sojabone en die gebruik daarvan in verwerkte vleisprodukte, in 1992 'n navorsingstoekenning van die Oliesaderaad ontvang. Saam met prof. B.H. Bester het hy ook die bakteriese ekologie van krokodilvleis, afkomstig van krokodilplase waar die jong krokodille vir hulle velle geslag is, ondersoek. Prof. Bester het ook navorsing gedoen oor ongewenste gasvorming in kaas en die voorkoms van biogeniese amiene in suiwelprodukte.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Mev. Amanda Minnaar, die lektrise in die Departement verantwoordelik vir die rigting Groente- en Vrugteverwerking, het die preservering van sampioene deur 'n kombinasie van bestraling en hitte bestudeer sodat 'n aanvaarbaarder rakstabiele produk gelewer kon word. Haar werk het die aan-dag van die Internasionale Atoomenergie-agentskap (IAEA) getrek. Hulle het haar in 1991 na hulle eerste tegniese byeenkoms in Strassbourg, Frankryk uitgenooi om verslag oor haar bevindings te lewer. Sy was daarna 'n medewerker van die IAEA op die gebied van bestraalde voedsel. Onder die leiding van prof. McGill en mev. Minnaar is kundigheid oor die sensoriese evaluering van voedsel opgebou en die nodige geriewe vir dié doel met behulp van eie fondse en skenkings deur die voedselbedryf tot stand gebring. Die Departement kon gevolglik 'n verskeidenheid projekte op hierdie gebied vir voedselfirmas onderneem.

Die Departement is deur Krygkor gekontrakteer vir 'n projek oor die ontwikkeling en evaluering van rakstabiele geregte vir die voeding van militêre personeel. Dit het die Departement in staat gestel om navorsingspersoneellede spesiaal vir hierdie doel aan te stel. Die kundigheid wat sodoende opgebou is, kon ook aangewend word in die evaluering van voedselitems wat op tender vir die Staat se Verkrygingsadministrasie aangebied is.

Personeellede het gereeld by plaaslike en internasionale vakkonferensies opgetree en was aktief in sowel die besture van onderskeidelik die suiwel- en voedselvakverenigings, as in die redaksiekomitees van die onderskeie vaktydskrifte. Die Departement is dikwels deur die voedselbedryf genader om advies oor die verwerking en ontwikkeling van voedselprodukte, die ontleding van produkte en bestanddele en die aanbied van lesings. Kortkursusse is gereeld deur personeellede aangebied. Die volgende onderwerpe is behandel: die bestuur van voedselkwaliteit; produkontwikkeling; voedselprosesingenieurswese; vleistegnologie; sensoriese evaluering en kaasbereiding. Die meeste van hierdie aktiwiteite het aan die Departement 'n welkome bron van addisionele inkomste gebied.

Prof. S.H. Lombard het aan die einde van Julie 1992 met pensioen afgetree en die hoofskap van die Departement na meer as 35 jaar neergelê. Hy is in hierdie hoedanigheid opgevolg deur prof. J.R.N. Taylor wat slegs die derde hoof van die departement in sy 72-jarige bestaan was.

J.R.N. Taylor
Departementshoof
Opsteller: S.H. Lombard

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting (SAIL) was enig in sy soort en het 'n navorsings-, advies- en opleidingsdiens aan die hele Suider-Afrikaanse gemeenskap gelewer. Sedert sy ontstaan in 1980 het die Instituut onder die direkteurskap van prof. G.H. Düvel gestaan. Oor die jare heen het die aktiwiteite in belangrikheid aansienlik toegeneem, ten spyte van 'n negatiewe groei in navorsings- en ander ondersteunende personeel.

Een van die eerste omvangryke projekte van die SAIL was 'n ondersoek na die wolskaapbedryf. Ofskoon hierdie navorsing probleem- en praktykgerig was, het dit in terme van die tegnieke en modelle wat ontwikkel is die weg gebaan vir talle soortgelyke studies deur ander instansies.

Die SAIL het hom veral toegelê op gedragsverandering wat verband hou met die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aanvaarding van innovasies of tegnologie-oordrag soos veral van toepassing in landbouontwikkeling. Deur sistematiese beplanning van verskeie basiese en probleemgerigte projekte is 'n model ontwikkel wat as basis vir die sistematiese ontleding van gedragsdeterminante kon dien. Nog belangriker was die praktiese moontlikhede hiervan. Dit is landswyd gebruik in die sistematiese verandering van aanvaardingsgedrag in landbouontwikkeling. Hierdie behoefte- en persepsie-georiënteerde model is teen die einde van die oorsigperiode internasionaal bekend gestel en met groot belangstelling ontvang.

Belangrike bydraes is ook op die terrein van die diffusie van innovasies gelewer; veral op die terrein van opinieleierskap. Insae wat verkry is het gelei tot heeltemal nuwe aanbevelings wat betref voorligtings- of ontwikkelingstrategieë gemik op die gebruik van opinieleiers. Daarmee is antwoorde verskaf op die vrae wat wêreldwyd gestel is oor die teleurstellende impak van opinieleiers.

Wat die tradisionele of swart landbouontwikkeling betref, het die Instituut waardevolle bydraes gemaak tot die ontleding van die rol van stamhoofde in landbouontwikkeling, terwyl ook ver gevorder is met die identifikasie van suksesbepalende faktore by die opkomende kommersiële boer. Die doel was om daardie bevindings uiteindelik vir keurings-doeleindes aan te wend.

In 1988 is die eerste winterskool aangebied. Die doel daarvan was indiensopleiding vir reeds praktiserende voorligters. Van meet af was dit 'n groot sukses. Waar aanvanklik slegs twee van ses modules of kursusse per jaar aangebied is, is dit spoedig uitgebrei om die volledige reeks kursusse in te sluit. Na die suksesvolle voltooiing van al die kursusse is diplomas aan die kandidate uitgereik wat deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Landbouvoorligting onderskryf en erken is. Die groot belangstelling in hierdie winterskool wat gewoonlik in Junie aangebied is, het mettertyd daartoe gelei dat dit ook op 'n gedesentraliseerde basis aangebied is vir groter voorligtings- of ontwikkelingsorganisasies. In sulke gevalle was dit moontlik om die opleiding by die besondere spesifieke behoeftes van 'n organisasie of sy voorligters aan te pas.

Die mees resente ontwikkeling betreffende opleiding, was intensiewe prakties georiënteerde kursusse in geprogrammeerde voorligting vir voorligters in die swart ontwikkelende of bestaansboerdery-situasie. Die opleiding het ongeveer agt kortkursusse behels waartydens die nodige teoretiese agtergrond verskaf is. Voorts is van die kandidate verwag om nagenoeg vyftien take in te lewer. Hierdie take het die verskillende aspekte verteenwoordig van 'n voorligtingsprogram wat betrekking het op die voorligter se besondere omgewing. Tydens die kursus is aanpassings en regstellings gemaak ten einde te verseker dat die opleiding effektief en praktykgerig is. Terugvoer en evaluering het daarop gedui dat die impak van hierdie opleiding geweldig groot was met ooglopende oplossingsmoontlikhede vir die opheffing van die agtergeblewe gebiede of gemeenskappe veral ook binne die omvattender Afrika-konteks.

Hieruit blyk duidelik die erns waarmee die Instituut die behoeftes van die ontwikkelende gemeenskappe bejeen. Dit het ook geblyk uit die toenemende getal navorsingsprojekte wat hierop gefokus het en vanweë die komplekse aard, groot interdissiplinêre eise en uitdagings wat daardeur gestel word.

Wat adviesbediening aanbetref, het die Instituut 'n diens gelewer aan die staatsdepartemente van landbou, landboukoö-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

perasies en ander organisasies wat met landbouontwikkeling of enige ander vorm van tegnologieoordrag te make gehad het. Noue skakeling met die bedryf het ook geblyk uit die hegte verbintenis met die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Landbouvoorligting waarvan die hoofkantoor by die Instituut gesetel was wat van sekretariële en administratiewe dienste voorsien is. Die internasionaal erkende en bekende tydskrif, *The South African Journal of Agricultural Extension*, is gesamentlik deur die SAIL en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Landbouvoorligting uitgegee.

G.H. Düvel
Direkteur: SAIL

Die Sentrum vir Natuurlewenavorsing

Die Sentrum vir Natuurlewenavorsing het op 1 April 1989 formeel sy beslag gekry as outonome opleidings- en navorsingsentrum, administratief gekoppel aan die Departement Veekunde van die Fakulteit Landbouwetenskappe. Die Sentrum se naam dui sy betrokkendheid by alle fasette van natuurlewenavorsing aan. Die klem val nietemin hoofsaaklik op plant- en werweldierekologie en ekofisiologie.

Die Sentrum het uit die Eugene Marais-Leerstoel in Natuurlewebestuur ontstaan. Hierdie leerstoel wat eers in die Departement Dierkunde van die Fakulteit Natuurwetenskappe gesetel was, was teen 1992 steeds 'n belangrike onderdeel van die Sentrum. Die Sentrum het hom ten doel gestel om voortreflike navorsing en opleiding te verskaf sodat kundiges in die ekologie en die bewaring, benutting en bestuur van die natuurlewe van veral Suidelike Afrika opgelei kon word. 'n Belangrike doelstelling was die ontwikkeling van Afrikagerigte perspektiewe, kennis en kundigheid ten opsigte van die oordeelkundige benutting en bewaring van natuurlike hernieubare hulpbronne.

Die Sentrum vir Natuurlewenavorsing het die enigste nagraadse opleiding aangebied in die bestuur van die natuurlewe van Suidelike Afrika. So is 'n tradisie wat in Januarie 1965 ontstaan het, voortgesit. Talle van die Sentrum se oudstudente het topposte in natuurbewaringskringe in Suidelike Afrika beklee. Teen 1992 is daar toenemend aandag gegee aan die rol van landelike gemeenskappe. Die klem het hier geval op die wyse waarop landelike gemeenskappe by tradisionele en nuwe vorms van natuurbewaring betrek kon word.

Wildboerdery het in die oorsigperiode (1983-1992) 'n steeds belangriker bydrae tot natuurbewaring in Suid-Afrika gelewer. Die ontwikkeling van hierdie bedryf in Suid-Afrika was deels te danke aan die ywer van die Sentrum se navorsing- en opleidingspan. Daarbenewens het daar in 1986 'n pionierwerk onder die vaandel van die Eugène Marais-leerstoel oor wildboerdery verskyn, getiteld *Wildplaasbestuur*. Prof. J.du P. Bothma, bekleër van die Leerstoel en Hoof van die Sentrum was medeskrywer en redakteur. Hierdie boek wat reeds in 1988 herdruk is, het in 1989 ook onder die Engelse titel *Game Ranch Management* verskyn. Daardie weergawe moes binne een jaar herdruk word weens die besondere aanvraag daarvoor ook vanuit die buiteland.

Prof. Wouter van Hoven het aan die voorpunt van die snelontwikkelende studie gestaan oor die rol van chemiese verdedigingsmeganismes in die verweer van plante teen oorbeweiding. Hy het internasionaal bekend geword en talle uitnodigings uit die buiteland ontvang om sy navorsing daar bekend te stel. Prof. Guillaume Theron het weer pionierswerk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oor die ekologie van dorpsgebiede en veral oor die blomme van Namakwaland gedoen.

Finansieël was die Sentrum in 'n hoë mate onafhanklik daar 'n aansienlike bedrag deur wyle mev. Gertruida Drotské van Villiers aan die Leerstoel bemaak is. Hierdie fondse het die basis van die Gertruida Drotské-trustfonds gevorm. Dit, tesame met die voortgesette gewaardeerde finansiële steun van Ou Mutual via die Suid-Afrikaanse Natuurstigting, het die Sentrum daartoe in staat gestel om 'n wye veld van kundigheid en navorsing te ontwikkel en te bedryf.

Die Sentrum het bande geknoop met 'n wye verskeidenheid internasionale organisasies soos onder andere die International Council for Game and Wildlife Conservation, die United States Wildlife Society en die International Union for the Conservation of Nature. Vesoeke is toenemend gerig dat ook mense van buite Suid-Afrika opgelei moes word. Binne universiteitsverband het die Sentrum met personeellede uit 'n verskeidenheid departemente uit vier fakulteite geskakel. Die gevolg was dat die Sentrum interdissiplinêre praktykgerigte opleiding kon verskaf en navorsing doen. Daarbenewens het die personeel van die Sentrum in verskillende vakverenigings en direksies gedien.

Die Sentrumhoof, prof. Bothma, en prof. Van Hoven was die enigste voltydse personeellede, maar prof. G.K. Theron het veertig persent van sy tyd aan die Sentrum bestee. Daarbenewens was daar twee sekretaresses/assistente, een tegniese assistent en een navorsingsassistent. Die Sentrum was ook bevoorreg om oor die dienste te beskik van prof. F.C. Eloff en drr. G. de Graaff, F.M.C. Gilchrist en P.J. Viljoen as senior navorsingsgenote.

Tot aan die einde van 1991 is 191 honneurs-, veertig meesters- en vyftien doktorsgrade in Natuurlewebestuur toegeken. In 1992 was daar 'n verdere sestien honneurs-, twintig meesters- en een doktorskandidaat besig met hulle studie aan die Sentrum. Dit het 'n steeds groeiende getal studente verteenwoordig en was 'n toonbeeld van die aansien van, en aanvraag na opleiding by die Sentrum.

J. du P. Bothma
Sentrumhoof


FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE

Gedurende die periode 1983-1992 is die geskiedenis van die Fakulteit grotendeels deur 'n fase van hernuwing en groei van fisiese geriewe gekenmerk. Onder leiding van twee dekane, proff. J.M.W. le Roux (1982-1986) en R.I. Coubrough sinds 1987 is die beplanning van nuwe geboue en die renovering van bestaande geboue uitgevoer. As gevolg van hierdie uitgebreide bouprogram is die fisiese geriewe van die hele Fakulteit hernieu. Die skep van die nuwe geriewe en die herbeplanning van die kampus het verseker dat die Fakulteit met die beste ter wêreld vergelyk kan word en het moderne fasiliteite vir veterinêre opleiding, navorsing en dienslewering verskaf wat die Fakulteit die fokuspunt gemaak het van veterinêre opleiding in Afrika.

Die spil van die nuwe ontwikkeling was die Sir Arnold Theilergebou wat die lesingsaalkompleks, biblioteek, administrasie en kafeteria huisves. Die gebou is in 1987 amptelik deur staatspresident P.W. Botha in gebruik geneem.

Om hierdie middelpunt van die kampus is daar die Veterinêre Akademiese Hospitaal met die departemente Chirurgie, Geneeskunde en Geslagskunde asook die ander akademiese departemente. Buiten die Sir Arnold Theilergebou is nuwe geboue vir die Veterinêre Akademiese Hospitaal,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. R.I. Coubrough, Dekaan: Fakulteit Veeartsenykunde, sedert 1987; Hoof: Departement Geslagskunde, 1981 - 1986.

Patalogie/Veterinêre Volksgesondheid en Pluimveesiektes/Kuddegesondheid opgerig. Die Veterinêre Akademiese Hospitaal kan as die vlagskip van die Fakulteit beskou word en is vergelykbaar met die beste in die wêreld. Die hospitaal is in 1992 in gebruik geneem.

Gedurende die periode 1983 tot 1986 is die Departement Farmakologie en Toksikologie asook die Departement Pluimveesiektes weer as onafhanklike departemente ingestel. In 1992 is die Departemente Infeksiesiektes en Parasitologie as die Departement Veterinêre Tropiese Siektes saamgesnoer.


In 1988 is 'n pos van permanent-voltydse adjunkdekaan by die Fakulteit ingestel met prof. P. Bland van den Berg as die eerste bekleër van die pos. Die adjunkdekaan het ook as direkteur van die Veterinêre Akademiese Hospitaal geageer. Alhoewel die drie kliniese departemente in aparte geboue gevestig is, het die Veterinêre Akademiese Hospitaal sedert 1989 administratief as 'n eenheid begin funksioneer.

Tydens die oorsigperiode was kurrikulering aan die orde van die dag. Studiehandleidings in elke vakgebied het die lig gesien. Kurrikuleringskomitees vir veterinêre verpleegsters, voorgraadse BVSc-studente asook nagraadse studente is gestig om sake in dié verband aan te voor. Onder leiding van 'n navorsingskomitee asook 'n etiekkomitee is die Fakulteit se navorsingsprogram opnuut georden en spesifieke fakulteitsnavorsingstemas is geformuleer. Die rekenarisering van die Fakulteit is noukeurig deur die Rekenaarkomitee beplan.

Twee nuwe leerstoele is ingestel, naamlik die Abe Bailey-leerstoel in Perdechirurgie en Geneeskunde en die Price Forbes-Federale Volkskas-leerstoel in Wildsiektes. Die Leerstoel in Wildsiektes was die eerste van sy soort in Afrika en een van min soortgelyke leerstoele ter wêreld. Sodoende vervul die Fakulteit 'n leidende rol in die bewaring van ons unieke wildserfenis. In 1990 is die Perdenavorsingsentrum gestig met ruim finansiële ondersteuning van die Transvaalse Wedrenontwikkelingsfonds. Prof. Alan Guthrie is as eerste Direkteur van die Sentrum aangestel.

Die oorsigperiode is ook gekenmerk deur 'n uitbreiding van die Fakulteit se betrokkenheid by voortgesette opleiding. Op nagraadse vlak is 'n MSc- en PhD-graad ingestel wat 'n nuwe dimensie in nagraadse opleiding teweeggebring het. Op voorgraadse opleidingsvlak is studentgerig-te/probleemgeoriënteerde opleiding ingestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P. Bland van den Berg, Adjunkdekaan: Hospitaal, sedert 1988; Hoof: Departement Geneeskunde, 1984 - 1988.

Die periode 1983-1992 kan dus as 'n aktiewe groeiperiode in terme van die skepping van fisiese geriewe, asook op akademiese gebied beskou word. Met die kurrikuleringsprogram is daarna gestrewe om relevante opleiding te verseker, terwyl op navorsingsgebied gepoog is om relevante en indringende navorsing te stimuleer. Die Fakulteit het tydens hierdie periode by wyse van spreke van 'n familiesaak in 'n groot veelsydige korporasie ontwikkel.

R.I. Coubrough
Dekaan


Departement Anatomie

Die Departement Anatomie het in die dekade onder bespreking groot omwentelinge meegemaak. Die mees uitstaande hoogtepunt van hierdie periode was waarskynlik die ingebruikneming van nuwe, moderne geriewe vir die opleiding van voor- en nagraadse studente.

Die Departement Anatomie het kursusse in drie vakgebiede, naamlik anatomie, histologie en embriologie, aangebied. As gevolg van die rasionalisering van kursusse en 'n deurlopende proses van kurrikulering, het daar groot vernuwing in die kursusse op voor- en nagraadse vlak plaasgevind. Die verskuiwing van anatomie van die tweede- na die eerste jaar het vir die Departement besondere probleme en hoë eise gestel. Vir die voorgraadse kursusse moes die onderrigmetodes aangepas en nuwes ontwikkel word om aan die missie van die Departement, Fakulteit en Universiteit te voldoen. Veral die gebruik van oudiovisuele materiaal is uitgebrei. Prof. M.M.S. Smuts en mev. J. van Vuren van die Departement het, met tegniese hulp van die Oudiovisuele Afdeling van die Universiteit, video's vir dié doel vervaardig. Twee van die video's is bekroon met die Ad Educandum-toekenning en is aangewys as die beste opvoedkundige films vir onderskeidelik 1989 en 1992. Daar is ook 'n baie duideliker onderskeid tussen wat in voor- en nagraadse kursusse aangebied moet word.

Die nagraadse kursusse is aangepas om tred te hou met die klemverskuiwing van 'n breë algemene opleiding gebaseer op al die huisdiere na 'n spesiegerigte opleiding. Om hierdie veranderinge te verwesenlik, moes die Departement hegte interdepartementele en interdissiplinêre bande smee

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.J. Bezuidenhout, Hoof: Departement Anatomie, sedert 1986.

met ander departemente van die Fakulteit. Al die vakgebiede is nou veel praktykgerigter.

Ook navorsing in die Departement het veranderinge ondergaan. Spesifieke navorsingsprogramme is ontwikkel om aan te pas by die breë navorsingsmissie van die Fakulteit. Belangrike navorsing oor die morfologie van volstruise is gedoen. Dit behoort die volstruisindustrie van Suid-Afrika ten goede te strek.

Die erkenning van die vermoëns van die personeel word weerspieël in die feit dat prof. A.J. Bezuidenhout genooi is om gedurende 'n hele jaar die anatomie van *Marmota monax* aan die Universiteit Cornell in New York te bestudeer en te dokumenteer.

Soos met enige ontwikkelende wetenskap, moes die Departement hom gedurende die afgelope dekade aanpas om tred te hou met die ontwikkeling van moderne tegnieke. Die Departement moes in hierdie verband byvoorbeeld 'n nuwe laboratorium vir immunositochemie inrig en vaardig word in die bedryf daarvan. Om dit te doen moes die Departement ten nouste saamwerk met soortgelyke laboratoria by onder andere die Potchefstroomse Universiteit.

Die voorgraadse studentegetalle van die Departement het in die dekade konstant gebly as gevolg van die beperkte aantal plekke beskikbaar vir veeartsenykundige opleiding. Omdat die studente baie streng op akademiese prestasie gekeur is, was die slaagsyfer van die eerstejaars besonders hoog. Die Departement se nagraadse komponent het wel 'n klein, dog konstante styging getoon.


Die departementshoof aan die einde van 1992 was prof. A.J. Bezuidenhout. Die ander doserende personeellede was proff. M.M.S. Smuts en N.J. van der Merwe, asook drr. M. Hornsveld, H.B. Groenewald en P. Turner en mnr. J.T. Soley. Die Departement is verder ondersteun deur twee veterinêre tegnoloë, 'n biomediese illustreerder, 'n deeltydse sekretaresse en vyf dienswerkers. Die Departement het gedurende die dekade 'n klein personeelomset gehad. Gedurende hierdie periode is die vorige hoof, prof. J.M.W. le Roux, as dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde aangestel, het een dosent en een tegnikus met pensioen afgetree en twee dosente het die diens van die Universiteit verlaat.

A.J. Bezuidenhout
Departementshoof

Departement Chirurgie

Prof. Douw Gerbrand Steyn was hoof van die Departement Chirurgie van 1976 tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. D.G. Steyn, Hoof: Departement Chirurgie, 1976 - 1986.

1986 waarna prof. Sybrand Smit van den Berg die leisels oorgeneem het. Tesame met prof. Van den Berg was daar aan die einde van 1992 twaalf akademiese personeellede waarvan vier volle professore, vyf mede-professore, drie senior lektore en een 'n lektrise was. Die wye spektrum van departementele aktiwiteite het oor die jare tot die skepping van verskeie onderafdelings gelei. Aan die einde van 1992 was die onderafdelings Kleindierchirurgie (afdelingshoof: prof. Frank Verstraete), Perdechirurgie (afdelingshoof: prof. Roy Gottschalk), Radiologie (afdelingshoof: prof. Robert Kirberger), Anestesiologie (afdelingshoof: prof. Frik Stegmann), Oftalmologie (afdelingshoof: prof. Siegfried W. Petrick) en Veterinêre Verpleegkunde (afdelingshoof: dr. Ingrid Wolleschak).

Op voorgraadse vlak het die klem in die opleiding van studente verskuif van 'n dosentgesentreerde na 'n studentgerigte benadering wat, tesame met die praktiese komponent van die kliniekjaar, studente goed voorberei het in die basiese vaardighede van chirurgie, diagnostiek (insluitend radiografiese en ultrasonografiese beelddiagnostiek) en narkosetegnieke.

Die Departement was ook verantwoordelik vir nagraadse opleiding tot op spesialisvlak in die verskeie afdelings. Drie of meer kliniese assistente het jaarliks in die Departement vir spesialisgrade gestudeer, tesame met tien tot twintig deeltydse studente op honneursvlak. Die hoë vlak van vakkundigheid van die dosente is gehandhaaf deur gereelde uitnodigings na buitelandse kongresse en die uitnodiging van buitelandse vakspesialiste om as gasdosente in die Departement op te tree. Hierdie hoë standaard is gerugsteun deur aktiewe navorsing op die volgende terreine:

* Biomateriale en spesiale tegnieke in veterinêre chirurgie;

* Veterinêre radiologie en eggografie;

* Studiegroep vir vergelykende odontostomatologie; en

* Die akute abdomen sindroom in die perd.

Hierdie navorsing het gelei tot die publikasie in 1992 van twaalf wetenskaplike artikels in gesubsidieerde joernale.

Dienslewering aan die publiek is verbeter ná die ingebruikneming van die nuwe veterinêre akademiese hospitaal in 1992. Vanoor die hele land is gevalle na hierdie departement verwys vir diagnostiese en chirurgiese doeleindes. Voortgesette opleiding vir praktiserende veeartse het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

deurlopend in die hospitaal plaasgevind deur middel van kursusse, onder andere in Diagnostiese Ultraklank, Koliek-chirurgie by perde, Hoefsmidkursusse en Narkose. Verskeie dosente is jaarliks uitgenooi om gaslesings en kursusse vir takke van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging in groter stede aan te bied.

S.S. van den Berg
Departementshoof

Departement Farmakologie en Toksikologie

Farmakologie en Toksikologie was voor 1986 deel van die Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie. Die vakke is deurgaans deur twee dosente aangebied. Die Leerstoel in Farmakologie en Toksikologie is in 1982 met 'n borgskap van Coopers-dieregesondheid ingestel. Prof. A. Immelman was die eerste bekleër van die pos, maar het die Universiteit in 1983 verlaat. Prof. T.W. Naudé het hom in 1984 opgevolg toe hy die aanstelling as die Coopers-dieregesondheidsprofessor in Farmakologie en Toksikologie in die Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie aanvaar het.

Aan die begin van 1986 het die afdelings Farmakologie en Toksikologie van Fisiologie afgeskei en as selfstandige departement beslag gekry. Prof. Naudé het die eerste hoof daarvan geword - 'n pos wat hy beklee tot met sy aftrede aan die einde van 1992.

Dit was 'n relatief klein Departement. Benewens die hoof was daar net een volle professoraat, naamlik die Hoechst-dieregesondheidsprofessoraat in Farmakologie (voorheen deur Coopers geborg) wat deur prof. G.E. Swan beklee is, een senior lektoraat, twee poste vir tegnici, een vir 'n sekretaresse en twee vir dienswerkers. Prof. T.S. Kellerman, hoof van die Seksie Toksikologie van die Onderstepoortse Veterinêre Instituut, is in 1992 ook professor honorêr in hierdie Departement aangestel.

Sedert die ontstaan van hierdie Departement is 'n aktiewe navorsingsprogram in beide die dissiplines Farmakologie en Toksikologie uitgebou. Die vernaamste navorsingsvelde was:

* bekende en onbekende vergiftiging;
* patofisiologie en behandeling van vergiftiging;
* diagnose en epidemiologie van vergiftiging;
* farmakokinetiese studies; en
* die veiligheid en effektiwiteit van middels by diere.

Lede van die Departement was betrokke by nie minder nie as 23 publikasies in gekeurde joernale wat gedurende 1986-1992 verskyn het, asook bydraes tot twee handboeke.

Wat navorsing betref, maar ook diagnostiek en selfs tegniese advieslewering vir die dissiplines Farmakologie en Toksikologie, was daar besonder hegte samewerking met die Seksie Toksikologie van die Onderstepoortse Veterinêre Instituut (Landbou Navorsingsraad - tevore Departement Landbou). Die Departement kon daarop aanspraak maak dat hy 'n sentrum van uitnemendheid in beide hierdie dissiplines in Suider-Afrika help vestig het. Die Departement kon op dié twee vakgebiede die res van die Fakulteit en Universiteit, asook veterinêre en ander kollegas in die praktyk, navorsing en industrie en aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. T.W. Naudé, Hoof: Departement Farmakologie en Toksikologie, 1986 - 1992.

breër publiek en die boeregemeenskap van advies bedien.

Die Departement se beleid was deurgaans dat deskundigheid by ander instansies erken en benut moes word en dat onnodige duplisering van werk en fasiliteite onaanvaarbaar was. In die lig hiervan is daar dan ook saamgewerk met ander departemente en gesamentlike navorsing onderneem met talle departemente van die Universiteit van Pretoria, asook met Medunsa, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoë Onderwys, die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit Stellenbosch, die Witwatersrandse Universiteit, die Universiteit van Port Elizabeth en die Universiteit van Durban-Westville.

In die oorsigperiode het die Departement verder ten nouste betrokke geraak by die registrasie en beheer van medisynes, veral veeartsenykundige geneesmiddels. Beide die senior lede het in sowel die Medisynebeheerraad, as verskeie van die Raadskomitees gedien. Die drie vakkundiges het die kern gevorm van die Veterinêre Komitee van daardie Raad. Sodoende het die Departement voortdurend op die hoogte gebly van die nuutste ontwikkelings in daardie belangrike veld.


In die vakgebied Toksikologie was die belangrikste ontwikkeling in die oorsigperiode die verskyning in 1989 van die handboek *Plant poisoning and mycotoxicoses of livestock in Southern Africa* deur proff. T.S. Kellerman, J.A.W. Coetzer en T.W. Naudé. In hierdie werk is die kennis wat oor veertig jaar bekom is in 'n relatief vinnig ontwikkelende gebied saamgevat in 'n vorm wat vir sowel voor- as nagraadse studente bevatlik is en dus in 'n besonder groot behoefte voorsien het. Die vorige handboek in dié verband is in 1949 gepubliseer. 'n Onderdeel van die Afrikamissie van die Departement was om deur kontakte in ander Suider-Afrikaanse gebiede, die genoemde handboek wat die enigste gesaghebbende bron van kennis vir die hele Suider-Afrikaanse streek is, uit te brei en toepasliker te maak vir ander lande in die streek.

G.E. Swan
Departementshoof
T.W. Naudé
Prof Emeritus

Departement Fisiologie

Hierdie Departement het tot 1986 as die Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie bestaan. In daardie jaar het die Departement Farmakologie en Toksikologie weer afsonderlik tot stand gekom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.F.W. Grosskopf, Hoof: Departement Fisiologie, 1978 - 1989.

Die Departement Fisiologie het vervolgens die onderrig op die gebied van Veterinêre Fisiologie en Biochemie behartig.

Sedert 1982 is daar 'n aantal veranderinge gemaak aan die verskillende kursusse wat die Departement aangebied het. Die voorgraadse Fisiologiekursus wat ook Biochemie ingesluit het, is van 'n tweejaarkursus verander in 'n kursus wat oor drie semesters gestrek het. Hierdie aanpassing is in 1988 en 1989 gedoen. Die derde semester was gerig op die bespreking en verwerking van inligting. Daar was slegs een eksamen na voltooiing van die kursus.

Die nagraadse Fisiologie 700-kursus is vroeër op 'n ad hoc-basis *per capita* aangebied. In 1989 en 1990 is die kursusbeskrywing hersien en die aanbieding formeel geherstruktureer. Die kursus het teen 1992 bestaan uit die bespreking van probleemgerigte stellings ten einde die hoër kognitiewe vlakke te stimuleer.

Tesame met die instelling van die nuwe diplomakursus in Veterinêre Verpleegkunde, is daar ook 'n nuwe kursus in Fisiologie ingestel. Hierdie kursus (FSG104) is vir die eerstejaarstudente van die Diploma in Veterinêre Verpleegkunde aangebied. Die kursus het oor een jaar gestrek en was gemik op die oordrag van basiese inligting en beginsels. Die kursusse is ondersteun deur studiehandleidings wat deur die dosente opgestel is.

Voorgraadse studentegetalle is in die oorsigperiode, soos in die verlede, deur die gekeurde inname bepaal. Met die verandering in die struktuur van die nagraadse kursus het die getalle studente vanaf 1989 toegeneem. Daar was elke jaar groot belangstelling in die kursus omdat die onderwerpe vir bespreking gereeld verander is.

Navorsing het tot en met 1984 min aandag geniet. Vervoerverwante steurnisse is ondersoek en klein projekte oor perd- en hondfisiologie is aangepak. Stelselmatig is meer projekte aangepak en die kwaliteit van die navorsing verbeter. Basiese navorsing asook meer prakties gerigte projekte het aandag gekry. Gedurende die laaste drie jaar het die klem veral geval op die funksie van die agterderm in herkouers. Teen 1992 is stikstofmetabolisme en die rol van die agterderm, lewer, en bloedvloei intensief bestudeer. Verdere projekte het ingesluit: die effek van droogte, waterbeperking en elektrolietsteurnisse op nierfunksie en algemene liggaamshomeostase. Die rol van die kolon in die suurbasisbalans is ook ondersoek. Die effek van galkoors op die bloed van honde het ook aandag geniet.

Die Departement het 'n aantal projekte in samewerking met buite-instansies afgehandel. Die beheer van melkproduksie by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

varke is in samewerking met die Navorsingsinstituut vir Suiwel- en Veekunde te Irene ondersoek, terwyl verskeie aspekte van skaapvoeding in samewerking met UP se Departement Veekunde aangepak is. Metabolismebeheer is in samewerking met personeel van die Grassland Research Centre te Roodeplaat ondersoek. Daar is ook goed saamgewerk met verskeie buitelandse universiteite, veral die Suiwelnavorsingseenheid, Departement Veekunde aan die universiteit van Sydney in Australië; die Departement Biochemie, Universiteit van New England te Armidale ook in Australië; die Departement Veekunde, La Trobe-universiteit te Melbourne ook in Australië; en die Departement Landboubiochemie, Universiteit van Nottingham in Engeland.

Die samewerking met ander dissiplines was ook goed. Medewerking met veral mediese fisioloë en landboukundiges was verblydend. 'n Gesamentlike projek met tandheelkundiges oor die invloed van fluoried in melk is in 1990 afgehandel. Teen 1992 is basiese fisiologiese ondersoeke ook uitgebrei om wilde herkouers in te sluit. Bewaringsinstansies asook navorsingsinrigtings is hierby betrek.

'n Primêre doelwit van die Departement was om projekte aan te pak wat betrekking het op Afrika. Die invloed van droogtetoestande en die invloed daarvan op produksie is nagevors. Hierdie doelstelling is mettertyd uitgebrei om die Afrikamissie van die Universiteit gestand te doen. In 1992 het twee van die personeellede Afrikalande op verskillende tye besoek. Skakeling is op akademiese vlak met die doserende personeel van die Universiteit van Nairobi bewerkstellig. Verskillende projekte is bespreek en die moontlikheid van samewerking ondersoek. Sodoende kon kundigheid wat in die Departement ontwikkel is tot die beskikking van ander Afrikalande gestel word.

Die hoof van die Departement, prof. J.F.W. Grosskopf, het in 1989 afgetree. Hy is opgevolg deur prof. J.G. van der Walt, wat twee jaar tevore as mede-professor in die Departement aangestel is. Vanaf 1987 was daar drie senior dosente, vier tegnici, een navorsingsassistent en een sekretaresse in die Departement. Die navorsingspos is teen die einde van 1991 geskrap. Die personeel was almal betrokke by die ontwikkeling van rekenaargesteunde onderrig en het bydraes by simposia en kongresse gelewer. Voordragte binne die vakgebied Veterinêre Fisiologie asook wild en veekundig georiënteerde seminare is gelewer by beide plaaslike en internasionale kongresse. Die dosente is aangemoedig om buitelandse besoeke af te lê en voorsiening is gemaak dat sodanige besoeke elke jaar gereël kon word.

J.G. van der Walt
Departementshoof

Departement Geneeskunde

Die grootste ontwikkeling in Interne Geneeskunde was die oorskakeling van 'n multispesiebenadering na 'n spesiebenadering. Met hierdie verandering kon dosente nou ontwikkel tot spesialiste in een van die drie spesiegroepe, naamlik kleindiere (honde en katte), perde en produksiediere. Groter werkstevredenheid, asook verhoogde nasionale en internasionale aansien en 'n gevolglike groter akademiese betrokkenheid op nasionale en internasionale gebied het gevolg. Dit het noodwendig gelei tot meer navorsing, en dus tot groter diensbaarheid met 'n meegaande toename in die aantal verwysde pasiënte wat weer gelei het tot beter studenteonderrig en blootstelling. Met hierdie verandering kon die Departement tred hou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. S.R. van Amstel, Hoof: Departement Geneeskunde, sedert, 1988.

met die nuutste ontwikkeling in diagnostiese en behandelingsmetodes van die verskeie spesies.

In hierdie verband het Kliniese Patologie wat ook deel is van die Departement dinamies ontwikkel gedurende hierdie tydperk. Só vergelyk hierdie laboratorium volgens internasionale kwaliteitskontrole ondersoeke reeds teen 1992 met die beste in die wêreld.

Die instel van 'n meestersgraad in Kliniese Laboratoriumdiagnostiek en die skep van voltydse nagraadse poste in hierdie afdeling het getoon dat 'n behoefte in die professie vir nagraadse studie in Kliniese Patologie gestimuleer kan word. Dit het onteenseglik geblyk uit die gevolglike gewildheid van hierdie deeltydse nagraadse program.

Die sukses van die spesiebenadering in Geneeskunde het ook belangstelling in nagraadse studie laat toeneem. Teen 1992 is nagraadse studente van hoë akademiese kaliber van sowel binne die land, as oorsee gewerf. In die oorsigperiode het die Departement altesaam elf magistergrade toegeken.

In 1988 het die Departement sy navorsingsbeleid hersien en besluit om sy navorsingsaktiwiteite in drie kategorieë te verdeel, naamlik eerstens kliniese navorsing, tweedens kontraknavorsing en derdens indringende navorsing gerig op drie navorsingstemas, te wete babesiose by honde, hartwater (Cowdriose) by beeste en koliek by perde. Hierdie temas is gekies op grond van die beskikbaarheid van kliniese gevalle en omdat babesiose en hartwatersiektes van groot ekonomiese belang in Afrika is. Teen 1992 was veertien geregistreerde navorsingsprojekte reeds afgehandel.

Die Departement Geneeskunde het nou saamgewerk met verskeie instansies. Die doel daarvan was primêr om dienslewering, studente-onderrig en navorsing te bevorder. Met die Epol-voermaatskappy is saamgewerk oor salinomisien-vergiftiging by perde. Lede van die Departement het as raadgewers opgetree om die probleem op te los. Een wetenskaplike publikasie en een oorsese kongresvoordrag het daaruit voortgevloei. Noue samewerking met Kanhym Eiendoms Beperk het gelei tot verbeterde studente-opleiding as gevolg van deurlopende praktiese blootstelling. Etlike navorsingspublikasies het hieruit voortgevloei. Hegte samewerking met die farmaseutiese bedryf het gelei tot kontraknavorsing waaruit etlike publikasies, insluitende twee MMedVet-verhandelings,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voortgevloei het. Laastens het samewerking met die Lloyds-versekeringsmaatskappy en die Jokkieklub van Suid-Afrika gelei tot vooruitgang in die perderesiebedryf, veral ten opsigte van sportsfisiologie, diagnostiese- en behandelingstegnieke van siektetoestande by die renperd en die kontrole ten opsigte van die gebruik van middels.

Op interdissiplinêre vlak het die Departement gereeld met die volgende instansies geskakel: die Navorsingsinstituut van Veeartsenykunde van die Landbounavorsingsraad oor diagnostiese dienslewering; die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (Medunsa) ter wille van akademiese interaksie, veral op nagraadse vlak; die Instituut van Patologie van die H.F. Verwoerd-hospitaal oor diagnostiese diensondersteuning; die Mediese Navorsingsraad oor diagnostiese diensondersteuning; die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging se Perdepraktisynsgroep, die Veterinêre kliniese groep en Veegesondheid en produksiegroep oor gemeenskapsdiens, kongresbydraes en voortgesette onderrigprogramme; en met Veeartsenykundige fakulteite in die Verenigde State van Amerika, naamlik by die Universiteit van Philadelphia (New Bolton Center), die Universiteit van Tennessee (Knoxville), die Universiteit van Kalifornië (Davis) en die Texas A&M (College Station), oor gasdosente, die uitruil van dosente, studietoere en nagraadse besoekende studente.

Die gerigtheid van die vakgebied Geneeskunde was sowel teoreties, as praktiès. Wat die teoretiese aspekte betref, het die kursusinhoud in die oorsigperiode baie uitgebrei - in só 'n mate dat kurrikuleringsaksies van 1988 onder leiding van die kurrikulumkomitee ingestel is. Hierdie kurrikulering het grootliks onnodige besonderhede uit die kursus verwyder, asook onnodige interdepartementele oorvleueling uitgeskakel. Verder is beter onderskei tussen voor- en nagraadse werk.

Die aanbieding van lesings in die departement het ook heelwat verander van 'n dosentgesentreerde na 'n studentgerigte onderrigbenadering. Gevallestudies en oopboek-evaluering is toenemend gebruik as aanvaarde onderrigmetodes. Die instel van interdissiplinêre, spesiegerigte sindroombesprekings was 'n verdere nuwigheid.

Die praktiese blootstelling van studente aan kliniese gevalle het ook baie verbeter. Studente is op 'n rotasiebasis blootgestel aan kliniese gevalle in die volgende geneeskunde klinieke: die produksiedierbinnepasiëntekliniek, die produksiedier-mobiele kliniek, die perde-binnepasiëntekliniek, die perde-mobiele kliniek, die buitepasiëntekliniek, die kleindierbinnepasiëntekliniek en die intensiewesorgkliniek. Bo en behalwe hierdie klinieke het studente deelgeneem aan demonstrasies van sekere praktiese prosedures.

Die belading deur beide buite- en binnepasiënte het baie toegeneem, sodat studente teen 1992 optimale blootstelling ervaar het. Hierdie Departement het bekend geword vir klem op praktiese blootstelling. Gevolglik is daar toenemend belangstelling ondervind van buitelandse (veral Europese) studente wat graag hierheen wou kom. Dieselfde het vir Afrika gegeld. Reeds voor die oopgaan van deure na Afrika teen die einde van die oorsigperiode het hierdie Departement sy navorsingsbeleid aangepas ten einde 'n gemeenskapliker basis te vind met ander veeartsenykundige fakulteite in Afrika. Teen 1992 is talle navrae ontvang van studente uit Afrika wat belang gestel het in nagraadse studie aan hierdie Departement.

Die diens van die Departement Geneeskunde aan die gemeenskap het in die oorsigperiode grootliks uitgebrei as gevolg van 'n groot toename in pasiëntegevalle, 'n toename in spesiegerigte kundigheid en gevolglik ook 'n toename in professionele

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aansien en internasionale erkenning. Gemeenskapsdiens is wyd gelewer insluitende kliëntevoorligting aan diereeienaars, boere en bemarkingsagente; voortgesette onderrigkursusse op nagraadse vlak; asook nasionale en internasionale kongresbydraes.

Wat die personeel betref, was prof. K. van der Walt tot in 1984 die departementshoof. Hy is opgevolg deur prof. P. Bland-van den Berg wat op sy beurt in 1988 deur prof. S.R. van Amstel opgevolg is. Ander professore en medeprofessore in hierdie Departement het ingesluit proff. F. Reyers, R.K. Loveday, B.C. Jansen, P. Stadler, W.L. Berry en J.S. van den Berg. Die personeelkorps het in die oorsigperiode stewig uitgebrei. In 1982 was daar altesame sewe dosente, maar geen kliniese assistente nie. In 1992 was daar elf dosente en vyf kliniese assistente.

Die postestruktuur van die Departement Geneeskunde het terselfdertyd groot wysigings ondergaan. Met die aanstelling van 'n adjunkdekaan is die akademiese en hospitaalpersoneel van die Departement geskei. Twee akademiese poste is oorgeplaas na die Afdeling Kuddegesondheid van die Departement Geslagskunde. Die bekleërs van daardie twee poste was betrokke by die kuddegesondheid van skape en varke. Die postestruktuur binne die Departement is ook gewysig om by die spesiebenadering aan te pas. As gevolg van die tekort aan personeel en die hoë kliniese lading, moes daar in 1991 tussen die Departement Geneeskunde en Chirurgie verdere rasionalisasie toegepas word. Geen poste-uitruiling het plaasgevind nie, maar 'n gedeelte van die leerplan van Beeschirurgie is na Geneeskunde oorgeplaas.

Aangesien voorgraadse studente-inname sedert 1982 weinig verander het, het voorgraadse studentegetalle in die Departement Geneeskunde min verander. Met die instel van die klinieseassistenteprogram het voltydse nagraadse studie toegeneem. Teen 1992 het nege studente reeds daardie program heeltemal of gedeeltelik voltooi. Die aantal nagraadse studente het soos volg toegeneem:

* in Geneeskunde 700 van twee in 1982 tot veertien in 1992;

* in Geneeskunde 800 van vier in 1985 tot nege in 1992 met 'n hoogtepunt van dertien in 1991;

* in Kliniese Patologie 700 van twee in 1982 tot nege in 1992 met 'n hoogtepunt van dertien in 1985, 1987 en 1991; en

* in Kliniese Laboratoriumdiagnostiek van een in 1988 tot vier in 1992.


S.R. van Amstel
Departementshoof

Departement Geslagskunde

Hierdie Departement het in 1961 op aanbeveling van prof. J.A.R. Bisschop tot stand gekom. Prof. Bisschop se mening was destyds dat nie 'n groter veestapel nie, maar kwalitatiewe verbetering, selektiewe teelt en die instandhouding van geslagsgesondheid in die toekoms nagestrewe moes word. Die Departement het aanvanklik bekend gestaan as die Departement Geslagskunde en Kunsmatige Inseminasie. In 1961 is die benaming verkort na Departement Geslagskunde.

Destyds is prof. J.S. van Heerden aangestel as die eerste hoof van die Departement. In 1981 is hy opgevolg deur prof. R.I. Coubrough. Prof. H.J. Bertschinger is in 1987 as departementshoof aangestel nadat prof. Coubrough die dekaan van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. H.J. Bertschinger, Hoof: Departement Geslagskunde, sedert 1987.

Fakulteit Veeartsenykunde geword het. In 1992 was daar tien doserende veeartse, een doserende veterinêre verpleegster, twee kliniese assistente, een navorser, vier tegniese assistente, twee sekretariële beamptes en vyf dienswerkers in die Departement werksaam.

Aanvanklik het die Departement die kliniese velde van Ginekologie, Andrologie en Obstetrie by alle huisdiere gehanteer en 'n dienooreenkomstige voorgraadse kursus vir veeartsenystudente aangebied. In die pe-riode van 1980 tot 1985 is daar in verskeie departemente van die Fakulteit aan die ontwikkeling van kuddegesondheidsprogramme gewerk. Aangesien sulke programme hoofsaaklik gerig is op die reproduktiewe prestasies van 'n groep diere, is alle kuddedissiplines (uitgesonderd pluimveesiektes) in 1986 in 'n nuwe seksie van die Departement Geslagskunde verenig. Vervolgens was daar dus twee seksies in die Departement, naamlik Kliniese Ge-slagskunde (Seksiehoof: prof. D.H. Volkmann) en Kuddegesondheid (Seksie-hoof: prof. D.C. Lourens). Laasge-noemde het sedert 1986 'n formele kursus in Kuddegesondheid by melkbeeste, vleis-beeste, skape en varke in die negende semester van die BVSc-kursus aangebied. In die laaste paar jare het die kuddegesondheidsdissipline veel verder uitgebrei sodat dit teen 1992 alle bestuurs-, produksie-, voedings-, reproduksie- en selfs finansiële fasette van die betrokke boerderye gehanteer het. 'n Rekenaarprogram van internasionale aansien is aangeskaf en aangewend om verskeie melkkuddes onder leiding van die Seksie te bestuur.

Kliniese Geslagskunde is as 'n vak oor drie semesters van die BVSc-kursus aangebied. Die kursus het bestaan uit 'n inleidende gedeelte oor geslagskundige fisiologie van manlike en vroulike diere. Daarna het vier gedeeltes gevolg wat onderskeidelik die toegepaste geslagskunde by beeste, perde, skape, bokke en kleindiere behandel het.

Gedurende die tiende en elfde semesters van die BVSc-kursus het elke student vier weke gespandeer in elk van die twee Seksies om kliniese en praktiese opleiding te ontvang. Die Seksie Geslagskunde het klinieke vir alle huisdiersoorte in die Veterinêre Akademiese Hospitaal te Onderstepoort bedryf. Hier is studente aktief betrek by die ondersoek en behandeling van geslagskundige gevalle. Gedurende die studente se sewende tot negende semesters asook gedurende hulle internjaar het hulle verdere praktiese opleiding gerig op perde, koeie, skape en honde ontvang. 'n Ambulantoriese diens vir die diere van omliggende boere is ook bedryf.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Al twee seksies van die Departement het dus hulle opleiding gekombineer met dienslewering aan die publiek. Kuddeprobleme of kliniese probleemgevalle is boonop gereeld deur private veeartse na die Departement verwys.

Die Departement Geslagskunde was in 1992 die enigste departement aan die Fakulteit wat 'n veterinêre verpleegster in 'n doserende hoedanigheid aangestel het. Sr. Ester Botha het die Geslagskundige Verplegingkursus gekoördineer wat oor twee semesters vir die veterinêre verplegingstudente (Diploma in Veterinêre Verpleging) aangebied is. Daarbenewens het sy 'n Algemene Verplegingkursus vir daardie studente aangebied en hulle kliniese opleiding in die Geslagskundige Klinieke van die opleidingshospitaal behartig.

Op nagraadse vlak het die Departement 'n MMedVet-kursus in vier verskillende spesialiteitsvelde aangebied. Dit het Geslagskunde en Kuddegesondheid in beeste, kleinvee (bokke en skape) en varke ingesluit. Baie nagraadse studente aan die Fakulteit het byvakopleiding in die Departement Geslagskunde ter ondersteuning van hulle MMedVet-kursusse in ander Departemente of as deel van 'n BVSc(Hons)-kursus ontvang. MSc, PhD en DVSc-grade kon ook onder promosie van die Departement behaal word. Laasgenoemde drie grade was meer navorsingsgeorienteerde grade terwyl die MMedVet bedoel was om vee-artse as kliniese spesialiste op bepaalde vakgebiede op te lei.

Voortgesette opleiding van veeartse en boere het 'n baie belangrike deel van die Departement se opleidingspoging uitgemaak. Jaarliks is daar kortkursusse aangebied wat gehandel het oor spesifieke probleme en/of kliniese prosedures by beeste, skape, perde en honde.

Besondere prestasies op die navorsingsgebied is in die oorsigperiode veral ten opsigte van kunsmatige inseminasie met bevrore honde- en perdesemen behaal. Prof. Bertschinger was aktief betrokke by navorsing oor die vrugbaarheid van manlike volstruise. Verskeie projekte oor die merrie se geslagsfisiologie was op dreef. Lede van die Departement het gereeld aan nasionale en internasionale kongresse deelgeneem waar hulle oor hulle navorsingsresultate verslag gedoen het. Vir sulke navorsing asook as 'n diens aan die veeartsprofessie en die opleidingshospitaal, het die Departement oor 'n moderne laboratorium vir hormoonbepalings beskik. Dr Lilian Westlin, wat dié laboratorium bedryf het, was 'n deskundige op die gebied van knaagdiervoortplantingsfisiologie.

Na aanleiding van die Universiteit van Pretoria se besluit om primêr betrokke te wees by navorsing oor onderwerpe en probleme wat eie is aan Suid-Afrika en die res van die kontinent, was die Departement teen 1992 besig om 'n grootskaalse navorsingsprogram vir die ontwikkeling van kunsmatige teelmetodes vir bedreigde diersoorte op die been te bring. Die strewe was om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die bewaring van diersoorte wat deur natuurlike voortplanting alleen nie hulle voortbestaan sou kon verseker nie.

Opleidingsprogramme is ook ontwikkel wat spesifiek gemik was op die veearts se betrokkenheid by bestaansboerderystelsels.

H.J. Bertschinger
Departementshoof

Departement Infeksiesiektes

Die aantal dosente aan hierdie Departement verbonde, het in die oorsigperiode gewissel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.G. Howell, Hoof: Departement Infeksiesiektes, 1983 - 1991.

tussen vyf en sewe. Die departementshoof sedert 1983 was prof. P.G. Howell. Ander professore wat in hierdie periode aan die Departement verbonde was, is proff. B.C. Jansen (professor honorêr tot 1984); L. Abrams (medeprofessor tot 1986); G.S.V. Turner (medeprofessor van 1987 tot 1988); en J.A.W. Coetzer (medeprofessor sedert 1989).

Studentegetalle het dwarsdeur die oorsigperiode konstant gebly op om en by sewehonderd voorgraadse en tien nagraadse studente.

Die Departement was sedert 1986 by nege navorsingsprojekte betrokke. Een hoofstuk in 'n boek en veertig tydskrifartikels het in hierdie periode uit die pen van personeellede verskyn. Dit het gemiddeld bykans vyf persent van die gesubsidieerde tydskrifartikels van die Fakulteit behels.

P.G. Howell
Departementshoof


Departement Parasitologie

Na sterk motivering deur die Wildsgroep van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging en deur bemiddeling van die Suid-Afrikaanse Natuurstigting, het die Price-Forbes-Federale Volkskas-leerstoel in Wildsiektes op 1 Mei 1988 in die Departement tot stand gekom. Die naam is later verander in die Price-Forbes-leerstoel in Wildsiektes. Die doelwitte van die leerstoel was eerstens om veeartse nagraads op te lei, tweedens om navorsing in alle veterinêre aspekte van wild te onderneem en derdens diens aan die gemeenskap te lewer in die vorm van advies aan veeartse, natuurbewaringsliggame, wildboere en wildorganisasies. Prof. D.G.A. Meltzer was die eerste bekleër van die leerstoel. 'n Spesialisgraad in wildsiektes MMedVet-(Fer) word sedert 1989 aangebied en waarvoor die nagraadse kursus Wildsiektes 800 ingestel is. Dié kursus kon slegs as hoofvak gevolg word.

Die kursus in Protosoïese Siektes wat vroeër gedurende die vierde en vyfde studiejare aangebied is, is in 1981 in die kursus Protosoölogie 300 geïnkorporeer. Die laaste eksamen in Protosoïese Siektes is in 1982 afgeneem. Sedert 1983 is daar dus 'n enkele kursus in Protosoölogie in die derde studiejaar aangebied.

Die kursus Parasitologie CS 700 wat voorheen slegs as byvak vir MMedVet(Hyg) gegeld het, is uitgebrei om voorsiening te maak vir wild, kleindiere, kleinvee, beeste en perde.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. R.K. Reinecke, Hoof: Departement Parasitologie, April 1973 - Junie 1986.

Dr. R.D. Bigalke en dr. V. de Vos is op verskillende tye tot honorêre professore in die Departement benoem. Dr. De Vos was aktief gemoeid by die praktiese opleiding van MMedVet(Fer)-kandidate in die Nasionale Krugerwildtuin. Drr. K.D. Murrell (VSA), G.A. Schad (VSA) en P.D. Hudson (Skotland) was gasdosente uit die buiteland wat die Departement op uitnodiging besoek het.

Die Departement was baie aktief wat navorsing betref. Die navorsing was toegespits op ekto- en endoparasiete by wild, wurms by perde, wurms en ektoparasiete by skape en bokke, bloedparasiete by kleindiere, en lintwurms. Van besondere belang was die ontdekking van kolonies bakterieë wat kommensalisties op verskeie wurmsoorte by kwaggas lewe. Die ontwikkeling van hierdie kolonies is elektronmikroskopies en bakteriologies nagevors om die moontlike rol van dié bakterieë vir biologiese beheer van die wurms te probeer vasstel. Die Departement het ook 'n projek oor die beheer van skaapparasiete in die Overberg, 'n baie belangrike wolproduserende streek, uitgevoer. 'n Navorser van die Departement, prof. R.C. Krecek, het in 1986 'n jaar lank besoek gebring aan die laboratoriums van die Verenige State van Amerika (VSA) se Departement van Landbou te Beltsville. 'n Hoogtepunt was dr. G.F. Bennett van die International Reference Centre for Avian Haematozoa van die Gedenkuniversiteit van Newfoundland in Kanada se besoek aan die Departement gedurende Oktober tot Desember 1990 as genoot van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO). Verskeie projekte is in samewerking met dr. Bennett van stapel laat loop. Vyf lede van die Departement is gunstig deur die SNO geëvalueer, naamlik proff. Horak en Reinecke (kategorie B) en proff. Krecek, Penzhorn en Verster (kategorie C).

Navorsingsprojekte is in samewerking met die volgende instansies uitgevoer: die Nasionale Parkeraad, die Onderstepoortse Veeartsenykunde-instituut, Medunsa, die Universiteit Rhodes, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die VSA se Departement van Landbou, die Universiteit van Kentucky, die Universiteit van Illinois, en die Gedenkuniversiteit van Newfoundland.

Benewens befondsing deur die Universiteit self is navorsingstoekennings ontvang van die SNO, Bayer-dieregesondheid, Pfizer, die Vleisraad, die Departement Landbou, en die Landbounavorsingsraad.

Al die dosente van die Departement het gereeld aan binnelandse simposia en kongresse deelgeneem. Buitelandse kongresse is bygewoon in Aberdeen (Skotland), Calgary (Kanada), College Station (VSA),

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Perth (Australië), Boedapest (Hongarye), Parys (Frankryk), Atlanta (VSA), Windhoek (Namibië), Swakopmund (Namibië), Okaukuejo (Namibië) en Victoria Falls (Zimbabwe). Prof. Meltzer het die Nasionale Dieretuin van Havana (Kuba) gedurende 1990 twee maande lank op uitnodiging as konsultant besoek. Prof. Krecek het in 1990 'n seminaar op uitnodiging aan die Universiteit van Kentucky gelewer en ook die Spykerwurmuitroeiprogram in Mexiko besoek.

Die beheer van parasiete of siektes wat deur parasiete oorgedra word, speel 'n belangrike rol in dieregesondheid in tropiese of subtropiese gebiede. Daar is dus reeds in die voorgraadse opleiding klem gelê op hierdie vakgebiede. Die aandag is toegespits op die herwinning en uitkenning van die parasiet. Sowel diagnose as die behandeling en voorkoming van besmettings het dus aandag gekry.

Die Department het die Fakulteit se kurrikulerings- en rasionaliseringsaksie geesdriftig ondersteun en het vroeg reeds studiehandleidings vir die verskillende vakke voorberei. Die omskakeling in 1991 na formele studentgerigte onderrig in die Fakulteit het teweeggebring dat naleeswerk, selfstudie en tutoriale in 'n veel groter mate in die kursusse ingevoer is. Een van die dosente (prof. B.L. Penzhorn) is in 1989 deur die studente as die Fakulteit se Dosent van die Jaar aangewys.

Prof. R.K. Reinecke was hoof van die Departement tot sy aftrede in 1986. In 1983 het 'n handboek *Veterinary Helminthology* uit sy pen verskyn. Hy is na sy aftrede nog drie jaar as tydelike navorser in die Departement aangestel en het na Hermanus verhuis waar hy die reeds gemelde Overberg-navorsingsprojek gelei het. Die Elsdon-Dew-medalje van die Parasitologiese Vereniging van Suider-Afrika (PARSA) is in 1991 aan prof. Reinecke toegeken. Prof. B.L. Penzhorn is met die aftrede van prof. Reinecke as professor in Parasitologie en hoof van die Departement aangestel. Twee ander ontvangers van die Elsdon-Dew-medalje van PARSA in die Departement was prof. I.G. Horak, wat boonop van 1989 tot 1992 'n verkose lid van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad was, en prof. A.J.M. Verster.

Aangesien daar geen voorgraadse keusevakke was nie, het die voorgraadse studentetal in Parasitologie konstant gebly. Die instelling van MMedVet(Fer) en die toelating van nie-veeartse vir MSc of PhD het tot 'n toename in nagraadse studente gelei. In 1992 was daar 18 geregistreerde nagraadse studente in die Departement. Die eerste DVSc op grond van publikasies in die Fakulteit is in Junie 1989 aan 'n lid van die Departement toegeken en die eerste twee MSc-grade in die Fakulteit is in April 1992 aan kandidate van die Departement Parasitologie toegeken.


B.L. Penzhorn
Departementshoof

Departement Patologie

Die getal dosente aan hierdie Departement was in die oorsigperiode gemiddeld sewe. Die departementshoof tot 1990 was prof. R.C. Tustin en sy opvolger sedert 1991 prof. N.P.J. Kriek. Ander professore gedurende hierdie periode was proff. L.W. van den Heever (tot 1983); I.B. Jansen van Rensburg (medeprofessor van 1990); A.L. de Lange (medeprofessor van 1987 tot 1990); J.W. Nesbit (medeprofessor van 1989) en M.G. Collett (medeprofessor van 1991).

Die personeel binne die Departement het in die oorsigperiode min verander. Die depar-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. R.C. Tustin, Hoof: Departement Patologie, 1973 - 1990.

tementele laboratoriumbedrywighede het 'n deurlopende toename getoon asook die sofistikasie van die tegnieke vir diagnostiese roetineondersoeke. Weens die innamebeleid van die Fakulteit het die studentegetalle konstant op ongeveer 95 per jaar gebly. Die posisie van die vak Patologie het eweneens onveranderd gebly en oor drie en 'n halwe jaar gestrek.

Belangstelling in die nagraadse MMedVet-(Path)-kursus het toegeneem, want daar was in 1992 sewe ingeskrewe studente in teenstelling tot die altesame elf wat oor die voorafgaande dertien jaar gegradueer het.

Gedurende die loop van die periode is twee nuwe nagraadse kursusse ingestel, te wete 'n MSc in Patologie in 1991, en 'n Phd in 1988. Die spesialisgraad MMedVet(Path) het egter die grootste aftrek gekry.

Die Departement was sedert 1986 by 31 navorsingsprojekte betrokke. Die studie van wildsiektes het veral in samewerking met die onderskeie Parkerade, dieretuine en privaatpraktisyns groot aandag geniet. Daar is ook binne die Departement klem gelê op die studie van babesiose by honde, die oorsaak van aborsies by perde, asook gespesialiseerde diagnostiese tegnieke met die klem op toepassing van immunoperoksidase by diagnostiese roetineondersoeke.

Altesaam 53 tydskrifartikels het in hierdie periode uit die pen van perso-neellede verskyn. Dit het 'n gemiddeld van bykans ses persent van die gesubsidieerde tydskrifartikels van die Fakulteit verteenwoordig.

In September 1987 het die Departement die nuwe, ruim en goed toegeruste kantoor- en nekropsiesaalkompleks betrek na 'n jarelange verblyf in tydelike geboue wat ver weg was van die res van die fakulteit. Hierdie geriewe het gelei tot die beter integrasie van die Departement met die res van die Fakulteit. Die verwagting was dat dit op die lange duur sou bydra tot 'n beter kursuspakket asook doeltreffender dienslewering.

N.P.J. Kriek
Departementshoof

Departement Pluimveesiektes

Opleiding in pluimveesiektes geskied in die meeste veeartsenykundefakulteite, anders as in die geval van ander plaasdiere, volgens 'n spesiebenadering. In die geval van die Universiteit van Pretoria (UP) en elders oorsee het departemente Pluimveesiektes dus tot stand gekom. Met die kursusdoel van die Departement Pluimveesiek-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. L. Coetzee, Hoof: Departement Pluimveesiektes, sedert 1989.

tes sedert sy stigting in 1989 in gedagte, sou die naam Pluimveegesondheid waarskynlik gepaster gewees het.

In Pluimveesiektes is voorgraadse studente onderrig in die algemene beginsels van die ontwerp, implementering, monitering en regstelling van 'n omvattende gesondheidsplan vir verskillende pluimveeproduksiestelsels ten einde doeltreffendheid te bevorder. Die mededingendheid van pluimveeprodukte as bekostigbare voedselproteïen is hiermee bevestig. Die pluimveebedryf was teen die einde van die oorsigperiode (1983-1992) die grootste landboubedryf in Suid-Afrika en pluimveeproduksie het uitstekend in 'n ontwikkelingsprogram ingepas.

Die uitgangspunt van die kursus was die uitbouing van die vak Pluimveesiektes en was veral gerig op gesondheidsrisiko's wat die verwagtinge van die pluimveeprodusent ten opsigte van produksie kon verydel. Die hoofdoel was om gesonde pluimvee gesond te hou, eerder as om terapeuties op te tree. Natuurlik sonder die prysgawe van diagonostiese en terapeutiese vaardighede. Die beginsels wat in die kursus onderrig is, is met praktiese opleiding vasgelê. Nagraadse spesialis- en navorsingsopleiding is ook verskaf.

Alhoewel opleiding in die vak Pluimveesiektes reeds in die dertigerjare 'n aanvang geneem het, is die kursus eers van 1989 af aangebied soos soos dit hierbo uiteengesit is. Die denkrigting wat sedert 1989 gevolg is, het by prof. L. Coetzee ontstaan gedurende sy private professionele loopbaan as voltydse spesialis in pluimveegesondheid. Voorheen is die tradisionele internasionale benadering gevolg wat hoofsaaklik op probleemondersoek en terapie geskoei was.

Die belangrikste ontwikkeling op die vakgebied sedert 1982 het die ontwikkeling van 'n omvattende gesondheidsplan gerugsteun deur moderne laboratoriumtegnologie behels. Teen 1992 was die enigste kommersiële veterinêre diagnostiese eenheid wat die polimerase-kettingreaksie met DNA in Suid-Afrika uitvoer, in die Departement gevestig. Ander molekulêre tegnologie is ook ter ondersteuning van gesondheidsplanne vir pluimvee in navorsing en as roetinediens uitgevoer. Die Departement het 'n volledige moniterings- en diagnostiese laboratorium gehuisves.

Die besondere studiegebied van die Departement was toegespits op gesondheidsrisiko's van die asemhaling- en spysverteringstelsel van hoenders, met spesiale verwysing na aansteeklike siektes en die invloed van die uiters droë klimaatstoestande in die binneland van Suid-Afrika. 'n Nagraadse student het die rol van monoklonale teenliggame nagevors by die karakterisering van die belangrike *Haemo-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

philus paragallinarum bakterium wat groot verliese in pluimvee veroorsaak het. Navorsing is ook onderneem oor metodes om die bakteriese kontaminasie van die doppe van broeieiers betyds (binne sestien uur) kwalitatief en kwantitatief te evalueer. Met die beskikbare tegnologie het dit tot ses dae geduur. Dit was té lank om van waarde vir gehaltebeheer van broeierye te wees.

Gedurende die kort bestaanstyd van die Departement het daar vir die eerste keer in die Fakulteit se geskiedenis gereeld wetenskaplike publikasies verskyn. In 1991 is die virus wat EDS in hoenders veroorsaak, die eerste keer in Suid-Afrika by die Verwysingslaboratorium geïsoleer.

Die Universiteit van Pretoria het in 1990 'n kontrak met die Direktoraat Dieregesondheid van die Departement Landbouontwikkeling gesluit om die Sentrale Pluimveeverwysingslaboratorium in die Departement Pluimveesiektes te bedryf. Hierdie laboratorium het reeds groot sukses behaal met diens aan pluimveeprodusente binne en buite Suid-Afrika. Finansieel het dit teen 1992 besonder goed gegaan en vyf personeellede is uit die inkomste van die laboratorium besoldig. Uiters belangrike studiemateriaal was hierna geredelik beskikbaar vir voor- en nagraadse opleiding, terwyl die staat 'n gratis diens gekry het. Die diens wat aan pluimveeprodusente gelewer is, het reeds in 1992 die bedryfskostes van die laboratorium gedelg.

Noue samewerking is met die Departement Biochemie bewerkstellig en gesamentlike nagraadse opleiding het daarby baat gevind. Skakeling met prof. G.A. Smith van die Fakulteit Landbouwetenskappe het plaasgevind. Samewerking het met die Departement Etologie plaasgevind in verband met voeranalises.

Bo en behalwe die opleiding van studente, het die Departement klem gelê op diens aan die gemeenskap. Die Verwysingslaboratorium het deurlopend hulp verleen aan bestaansboere, asook opleiding in pluimveegesondheid aan beginnerboere wat hulp van die Nasionale Mynwerkersunie ontvang na afdanking in die mynbedryf. Die Departement was ook by 'n "eiers vir kinders"-projek betrokke in samewerking met die superintendent van die Acornhoekhospitaal in die Maladistrik van Oos-Transvaal. Gereelde gesondheidsdae is in samewerking met die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging gehou. Voortgesette opleiding aan kollegas en produsente is gereeld aangebied. Technikon-studente (Hoërdiploma) in Pluimveeproduksiebestuur het jaarliks hulle opleiding in pluimveesiektes aan die Departement ontvang. Kortkursusse is gereeld aangebied vir 'n verskeidenheid teikengroepe.

Die Departement het teen die einde van die oorsigperiode oor twee voltydse doserende personeellede en een navorsingsbeampte beskik. Hulle is bygestaan deur verskeie ander persone, waarvan die meerderheid deur die Departement self, of deur die Direktoraat Dieregesondheid besoldig is. Hulle het veeartse, tegnici, sekretariële beamptes en dienswerkers ingesluit. Prof. L. Coetzee was sedert 1989 die departementshoof. Voor die stigting van Departement in daardie jaar, het prof. L. Abrams en dr. H.N. van der Made die kursus aangebied. Beide het sedertdien afgetree. Mnr. J. Carstens was die tegniese assistent. Nuwe aanstellings na die stigting van die Departement was mnr. R.R. Bragg as navorsingsbeampte (1991); dr. F.E. le Roux as veearts by die verwysingslaboratorium (1992) en mev. R. Spamer as departementele sektretaresse (1990).

Die aantal voorgraadse studente in die Departement het sedert die stigting daarvan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op ongeveer driehonderd gebly. Die voorgraadse studentegetalle was gekoppel aan die aantal studente wat in die vierde, vyfde en sesde jaar by die Fakulteit ingeskryf was, en het deurgaans op ongeveer 300 gebly. Die voorgraadse kursus in Pluimveesiektes is gedurende die laaste agttien maande van die BVSc-kursus aangebied. Studentgerigte onderrig is toegepas deur middel van selfstudie van die teorie opgevolg deur probleem- en sindroombesprekings. Elke student het een week intensiewe praktiese onderrig gedurende die finale jaar ontvang. Kennis van verskillende produksiestelsels en die beginsels van toepaslike gesondheidsplanne is geïntegreer.

Die eerste nagraadse program in die Departement het in 1990 begin. Dit was die eerste formele nagraadse opleidingsprogram oor pluimveegesondheid by die Fakulteit sedert sy stigting 'n driekwarteeu tevore. Die nagraadse studentegetal was ongeveer tien per jaar. Dit is betekenisvol dat van die ongeveer 1800 geregistreerde veeartse in Suid-Afrika net dertig voltyds met pluimveegesondheid gemoeid was. In die lig hiervan was 'n bykomende getal van tien per jaar 'n groot toename.

Louis Coetzee
Departementshoof

Departement Veterinêre Etologie

Hierdie Departement wat tot in 1991 as die Departement Soötegnologie bekend gestaan het, het sedert 1982 'n aantal merkwaardige prestasies gelewer. 'n Sitogenetiese Laboratorium is in 1982 op die been gebring vir 'n jong Switserse wetenskaplike, dr. U. Märki, wat chromosoomstudies by plaasdiere gedoen het. Binne die bestek van drie jaar het hy drie publikasies die lig laat sien.

'n Nuwe professoraat in Geselskapsdiersoötegnologie en -voeding is ingestel. Die Epol-maatskappy het 'n groot finansiële bydrae tot die totstandkoming van die professoraat gemaak. Prof. J.S.J. Odendaal is in 1986 as die eerste bekleër van die leerstoel aangestel. Hy het die vakgebied uitgebrei om moderne aspekte van veeartsenykunde in te sluit soos die mensdierverhouding, asook die versorging, bestuur, seleksie, voeding en behandeling van gedragsprobleme van die verskillende honde- en katrasse.

'n Voedingslaboratorium is in 1989 tot stand gebring om 'n lang gevoelde leemte vir die veeartsprofessie te vul. Die laboratorium is 'n verwysingslaboratorium vir voeranalises gekoppel aan voedingskonsultasies.

Die jarelange studies van die bloedgroepe van plaasdiere het daartoe gelei dat daar in 1989 'n kontrak met die Jokkieklub van Suid-Afrika gesluit kon word om jaarliks vaderskapbepalings van tweeduisend volbloedperde te doen. Veeartse van die Perdepraktisynsgroep, die Jokkieklub en die Departement was deurlopend vir die projek verantwoordelik. Soortgelyke dienste is ook aan die Saalperd- en Arabierperdverenigings gelewer, asook vir ander perderasse. Samewerking is voortgesit met die Internasionale Vereniging vir Dieregenetika wat onder andere internasionale vergelykingstoetse organiseer en waaraan die Bloedgroeplaboratorium van die Departement reeds sedert die jare vyftig deelgeneem het.

'n Besondere studie wat in 1989 deur die Departement afgehandel is, naas etlike bloedgroepstudies, was die evaluasie van Langfos-fosfaatprodukte met betrekking tot hulle fluoorinhoud as gifstof.

Tien buitelandse kollegas uit Europa, Nieu-Seeland en Amerika het die Departe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. D.R. Osterhoff, Hoof: Departement Veterinêre Etologie, 1973 - Junie 1990.

ment as gasdosente besoek. Ten opsigte van die Universiteit se Afrikamissie is probeer om skakeling wat vroeër met die Veeartsenyskool in Maputo bestaan het, te hervat.

Departementslede het in die oorsigperiode 28 wetenskaplike en 28 populêre artikels gepubliseer. Daarbenewens het departementslede veertien buitelandse kongresse bygewoon en by verskeie buitelandse universiteite as gasdosente opgetree.

Studente is deur middel van ekskursies en kursusse gereeld blootgestel aan boere- en dieretelersverenigings. Twee spesiale Boerbokdae is gereël vir boere en amptenare uit die destydse tuislande. Hier is in besonder klem gelê op die beter benutting van weiding. Studentegetalle het voorgraads gewissel van 98 tot 105 per jaargroep, en nagraads van drie tot ses per jaar.

Op 30 Junie 1990 het prof. Osterhoff as departementshoof afgetree na 27 jaar van hoofskap en 'n leeftyd in diens van die Universiteit van Pretoria. Op 1 Julie 1991 is prof. J.S.J. Odendaal aangestel as die nuwe hoof van die Departement. In dieselfde jaar is die naam van die Departement en die vak verander in Veterinêre Etologie. Etologie is die wetenskaplike studie van diere se gedrag en behoeftes in hul gewone omgewing. In veterinêre verband het dit beteken dat daar op 'n gespesialiseerde wyse na die behoeftes van mak diere in 'n mensgemaakte omgewing omgesien sou word. Die aspekte van dierewelsyn wat ter sprake was, het die versorging, hantering, behuising, voed en teling van diere ingesluit. Die praktiese opleiding is deur studentebetrokkenheid by vyf diere-eenhede vir vleis- en melkbeeste, kleinvee, perde, honde en katte gedoen. Die kursus is in drie dele aangebied, naamlik-

1. kennis van die diere se verwagte interaksie (gedrag) met hul omgewing (in die gedomestikeerde omgewing speel die mens 'n deurslaggewende rol en daarom is mens-dierinteraksies ook bestudeer);

2. die bestuur en versorging gebaseer op die kennis van die dier in 1 hierbo genoem, om die dier se welsyn te verseker (daar word na 'n balans tussen die dier en sy omgewing gestreef);

3. produkte en gebruike van die diere wat volg op die versorging in 2 genoem (daar word eerder na optimums as na maksimums gestreef, omdat maksimums meestal newe-effekte het op dieregesondheid).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Veterinêre Etologie wys kliniese probleme en swak produksie/gebruike uit wat kan ontstaan as gevolg van die gebrekkige kennis van die diere se gedrag en die onvoldoende bestuur wat daarop gebaseer is. Die uitgangspunt in die Departement was die sisteembenadering wat diere in hul omgewing holisties evaleer. Die kursus was markgerig en het die studente voorberei vir die kliniese opleiding wat in die kursus volg, asook vir die veeartspraktyk. Die vak is sowel voor- as nagraads algeheel geherkurrikuleer om 'n nuwe Departement tot stand te bring. Voorts is 'n MMedVet-graad ingestel.

'n Nuwe bestuurstelsel is geïmplementeer. Dit het gelei tot 'n personeelrasionalisasie wat deur die Departement self uitgevoer is. Die Departement het ook sy eie bedryfsrekening gedelg. Sowel die bloedgroep- as die voedingslaboratorium het uitgebrei en inkomste gegenereer deur die dienste wat hulle aan die professie gelewer het. Beide het ook fasiliteite vir nagraadse studente en navorsing beskikbaar gestel. Behalwe Voeding en Genetika is die ander navorsingsveld Mens-dierinteraksies.

Die Departement het deelgeneem aan interdissiplinêre skakeling binne die veterinêre veld, asook op die gebied van verskillende rigtings in die landbou en medisyne. Die studie van mens-dierinteraksies het ook brûe gebou na die menswetenskappe en daar is geskakel met dissiplines soos Sielkunde, Maatskaplike Werk, Teologie, Opvoedkunde, Kriminologie, Argitektuur, Bedryfsielkunde en Sosiologie. Skakeling is in die onlangse verlede met verskeie ander Suid-Afrikaanse universiteite asook met die Pretoriase Technikon bewerkstellig. Veeartsenykundige fakulteite oorsee waarmee bande gesmee is, het dié by California-Davis, Washington; Tufts Universiteit in Boston; Cornell in New York; Utrecht in Nederland; Gent in België; Liverpool in Engeland; Glasgow in Skotland; Massey in Nieu-Seeland; Newfoundland in Kanada en Queensland in Australië ingesluit. Plaaslike seminare oor mens-dierinteraksies en boeredae vir die vleisbedryf is jaarliks gereël.

Na die naams- en aksentverandering van die Departement in 1991, was daar benewens die hoof nog drie dosente, 'n sekretaresse, vyf tegniese assistente en vyf dienswerkers. Studentegetalle was toe negentig tot honderd studente vir BVScII en BVScIII onderskeidelik en sowat 25 per jaar vir DipVetVerPl I. Nagraadse studente het tussen tien en vyftien per jaar gewissel.

'n Veld waarin besonder gepresteer is, was mens-dierinteraksies. Prof. Odendaal was die baanbreker van hierdie studieveld in Suid-Afrika. Hy was die stigtingsvoorsitter van die Studiegroep van Mens-dierkontak en redakteur van hul tydskrif, *Metgesel*. Sy doktorale studie was die eerste ter wêreld wat in die veterinêre veld oor dié onderwerp gehandel het. Die titel daarvan was *Die rol van geselskapsdiere in die moderne gemeenskap, met spesiale verwysing na die betrokkenheid van die veearts*. Internasionaal is sy bydraes ook erken. Hy was 'n stigter, eerste visepresident en Afrikaverteenwoordiger van die International Association of Human-Animal Interaction Organizations en het aktief aan vier internasionale kongresse oor hierdie studieveld deelgeneem. Hy was ook die eerste Suid-Afrikaner wat genooi is om 'n referaat oor sy vakgebied tydens die gesamentlike openingsitting van die Wêreld-Veterinêre Kongres te lewer. Hy het in die redaksie gedien van die internasionale tydskrif vir die vakgebied *Antrhozoös*. Prof. Odendaal het mens-dierinteraksies by die veterinêre kurrikulum gevoeg en dit is teen 1992 by ten minste sewe ander departemente in Suid-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afrika as 'n studieveld gedoseer. Die Veeartsenykunde het dus op dié wyse sy visie breër gestel.

J.S.J. Odendaal
Departementshoof
en D.R. Osterhoff

Departement Veterinêre Volksgesondheid

Wat is Veterinêre Volksgesondheid? Hierdie term word die beste verduidelik deur die definisie wat die Wêreldgesondheidsorganisasie daaraan gegee het naamlik:

> "Veterinêre Volksgesondheid is daardie gedeelte van Volksgesondheid wat gebruik maak van professionele veeartsenykundige vaardighede, kennis en hulpbronne ter beskerming en bevordering van die mens se gesondheid."

Deur die jare het hierdie dissipline onder verskeie name bekend gestaan. Van 1941, toe daar vir die eerste keer van hierdie dissipline as 'n volwaardige vakgebied kennis geneem is, het dit as Spesiale Vleis- en Melkhigiëne bekend gestaan. Mettertyd het die vakgebied uitgebrei met die insluiting van mastitis en die vakgebied is toe hernoem tot Veterinêre Voedselhigiëne en Volksgesondheid. In 1973 is dr. L.W. van den Heever aangestel as medeprofessor en hoof van die afdeling Veterinêre Volksgesondheid van die Departement Patologie. In 1984 is die selfstandige Departement Veterinêre Volksgesondheid gestig met prof. Van den Heever as die eerste hoof daarvan. Hy het hierdie posisie behou tot en met sy aftrede in 1987.


Die personeel van die Departement het met sy stigting in 1984 bestaan uit die hoof, twee voltydse en drie deeltydse senior lektore, een senior tegniese assistent, een tegniese assistent, een deeltydse tikster en een dienswerker.

Sedertdien is een pos van senior lektor omgeskep in dié van medeprofessor en die pos van tydelike deeltydse lektor (prakties) aansienlik uitgebrei om 144 drie-uur praktiese sessies per jaar te dek. Mense van munisipaliteite en die Direkteur Vleishigiëne is op grond van hulle ervaring en ondervinding in hierdie pos aangestel vir die praktiese opleiding van studente in hulle intern- of kliniekjaar. In 1991 is die eerste kliniese assistent in die Departement aangestel. Hy was dr. Hung-Wei Lee wat van Taiwan afkomstig was en die graad MMedVet(Hyg) behaal het.

Prof. Van den Heever is in 1988 deur prof. G.V.S. Turner opgevolg. Onder sy leiding is aandag geskenk aan die herkurrikulering van die vakgebeid (veral in melkhigiëne, met die uitskakeling van mastitis). 'n Bestuurshandleiding is ontwerp met 'n missiestelling, doelwitte vir doserende personeel en taakbeskrywings. Die Departement word sedert 1988 in 'n splinternuwe gebou gehuisves met ultramoderne fasiliteite (insluitend die eerste rekenaarnetwerk op kampus!). Prof. Turner het ook skakeling met buitelandse universiteite bevorder. As gevolg daarvan is prof. John Bleby van die Royal Veterinary College in Londen in 1990 as buitengewone professor in dié Departement aangestel. Hy is 'n deskundige op die gebied van proefdierwetenskap en het die departement in Augustus 1990 besoek met die doel om 'n nagraadse kursus in Proefdierkunde op die M-vlak saam te stel. Prof. Turner het in 1992 die diens van die Universiteit van Pretoria verlaat na 'n jaar sabbatsverlof waartydens, en ook daarna, prof. C.M. Veary as waarnemende hoof opgetree het.

Die kurrikulum van Veterinêre Volksgesondheid het in 1992 onder andere die volgende behels:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. L.W. van den Heever, Hoof: Departement Veterinêre Volksgesondheid, 1984 - 1987.

* Veterinêre voedselhigiëne, voedselverwante siektes van veeartsenykundige belang met betrekking tot voedsel van dierlike oorsprong en soönones (siektes wat van diere oorgedra word aan mense);

* vleis- en melkhigiëne - alle maatreëls wat geneem word om voedsel van dierlike oorsprong veilig, heilsaam en sonder gebrek gedurende al die stadia van produksie en vervaardiging tot by die verbruiker te verseker;

* veterinêre aspekte van omgewingsgesondheid - dit behels die invloed wat intensiewe produksiemetodes op die omgewing uitoefen;

* mens-dierinteraksies met betrekking tot die beskerming en bevordering van die gesondheid van die mens; en

* 'n inleiding in die gebruik van proefdiere in biomediese navorsing en die veeartsenykundige bestuur en beheer van proefdierfasiliteite ter versekering van die optimum resultate en die mees humane en oordeelkundige gebruik en versorging van proefdiere.

Beide die teorie en die praktiese aspekte van die bogenoemde is in die oorsigperiode op die voorgraadse vlak behandel en nagraads verder uitgebrei. Voorgraads is lesings in vleis- en melkhigiëne op die Gemeenskapsgesondheid 400-vlak by Geneeskunde aangebied.

Nagraads is die volgende kursusse in die oorsigperiode aangebied, maar met steeds minder studente: MMedVet(Hyg), MMedVet(LAS), PhD, DVSc, DGG en DGA.

Diplomakursusse in Veterinêre Gemeenskapsgesondheid en Veterinêre Gesondheidsadministrasie is in samewerking met die Departement Gemeenskapsgesondheid van die Fakulteit Geneeskunde aangebied.

Die Departement het hom in die oorsigperiode op die volgende navorsingsvelde toegespits:

* Epidemiologie en die voorkoming/beheer van siektes met spesiale verwysing na die soönoses en siektes van voedseldiere van ekonomiese belang;

* veterinêre voedselhigiëne en die faktore geassosieer met die voorsiening

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van voedsel van dierlike oorsprong wat veilig, heilsaam em sonder gebrek is;

* die etiese, wettige en wetenskaplike gebruik van laboratoriumdiere as 'n metode om die gesondheid van die mens te beskerm en te bevorder;

* die ekonomiese belang van afkeurings in die rooivleisbedryf; en

* die aanwending en ekonomiese belang van die monitorsisteem bekend as die kritiese gevaaranalise-kontrolepunte (HACCP) in die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf.

Lede van die Departement was in die oorsigperiode aktief in hulle samewerking met buite-instansies. So byvoorbeeld het een of meer departementslede gedien in die Konsulterende Gesondheidskomitee van die Witwatersrand en Pretoria, Kernkor se Subkomitee vir Stralingstoepassing, die Witwatersrandse Landbougenootskap se Beurskomitee, die Deskundige Advieskomitee (Veterinêre Middels) van die Medisynebeheerraad, die Mastitistaakspan van die Departement Landbou, die Redaksiekomitee van die Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging, die navorsingskomitee van die Fakulteit Veeartsenykunde, die Raad van Kuratore van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Stigting, die Algemene Raad van die Gemeenskapsgesondheidsvereniging van Suider-Afrika (CHASA), die redaksionele komitee van die amptelike wetenskaplike joernaal van CHASA, naamlik *Journal of Comprehensive Health*, die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad, die Opleidingskomitee van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad, die Komitee van Ondersoek na afkeurings van die Direktoraat Veeartsenydienste van die Departement Landbou-ekonomie en Bemarking, die Abattoiropleidingsbeheerkomitee, die Organisasie van Rooivleisprodusente van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie se komitee vir afkeurings en die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Wildorganisasie van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie.

Personeellede se internasionale vakkundige betrokkenheid het ingesluit prof. Van den Heever se erelidmaatskap van die *Association of Teachers of Veterinary Public Health and Preventive Medicine* wat in die Verenigde State van Amerika gesetel is; prof. Turner se lidmaatskap van die komitee van dieselfde vereniging en prof. Veary se lidmaatskap van die redaksionele adviesraad van *Preventative Medicine* wat in Nederland gepubliseer word.

Departementslede het voorts by verskeie kongresse, konferensies en simposia, beide plaaslik en buitelands, opgetree. Boerestudiegroepe is van raad bedien en boeredae asook groepe uit die vleishandelsektor is toegespreek. Hulle het ook meegedoen aan studiegroepe van die Fakulteit by Fakulteitsdae en as eksterne eksaminatore vir ander tersiêre instansies opgetree.

C.M. Veary
Waarnemende Departementshoof

Perdenavorsingsentrum

Die Perdenavorsingsentrum het in 1990 tot stand gekom op inisiatief van die Fakulteit Veeartsenykunde, die destydse Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) en verskeie individue in die perdewedrenbedryf. In Februarie 1990 het die Universiteit van Pretoria (UP) en die TPA 'n kontrak vir die duur van tien jaar oor hierdie kwessie onderteken. Die eerste navorsingsdirekteur van die Sentrum was prof. Alan Guthrie wat op 1 Oktober 1990 aangestel is. Die Sentrum is geadministreer deur 'n bestuurskomitee bestaande uit verteenwoordigers van die TPA, die Hoëveldse Wedrenbestuur en UP. Die missie van die Sentrum was navorsing wat die gesondheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en welsyn van opreggeteelde renperde in Suid-Afrika sou verbeter.

Die Universiteit van Pretoria het die fasiliteite verskaf waarin die Sentrum gehuisves is. Dit het aanvanklik bestaan uit 'n enkele kantoor wat deur die Departement Veterinêre Volksgesondheid beskikbaar gestel is. In 1991 het die Sentrum voorafvervaardigde tydelike geboue betrek, en eers in Augustus 1992 was die permanente fasiliteite gereed.

Die Sentrum se fasiliteite het aan die einde van die oorsigperiode bestaan uit kantore, drie laboratoria - insluitende 'n Sportmedisynelaboratorium, ander ondersteuningsfasiliteite en toegang tot stalle. Die Sportmedisynelaboratorium het beskik oor 'n hoëspoedtrapmeul, asook toerusting vir die evaluasie van die hart-, long-, metaboliese en bewegingsfunksie van perde. Hierdie fasiliteit is aangewend vir navorsingsdoeleindes, asook deur die personeel van die Perdekliniek vir die evaluasie van perde wat swak presteer het. Die Sentrum het primêr op vier hoofnavorsingsgebiede gekonsentreer, naamlik perdesportmedisyne, aansteeklike perdesiektes, perdekoliek en wedrenbaanoppevlaktes. Daarbenewens het personeellede van die Sentrum gesamentlike navorsing met ander departemente van UP, ander universiteite en inrigtings onderneem.

Beurse vir nagraadse studie is jaarliks toegeken om spesifieke navorsingsprojekte deur die Sentrum moontlik te maak. Die eerste sodanige beurs is in 1991 toegeken en 'n tweede in 1992.

Personeellede van die Sentrum was in die kort tydperk van Oktober 1990 tot aan die einde van 1992 by verskeie publikasies en ander navorsingsaktiwiteite betrokke. Dit het ingesluit nege artikels in gesubsidieerde tydskrifte, twee artikels in populêre tydskrifte, drie referate by vakkundige kongresse en voordragte by fakulteitsdae en simposia.

A. Guthrie
Direkteur

FAKULTEIT GENEESKUNDE


Deur die eeue heen was Geneeskunde 'n belangrike afdeling van universitêre onderrig. Dit was ook een van die oorspronklike fakulteite waarmee die eerste universiteit in die Middeleeue in Italië tot stand gekom het. Die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria (UP) is in 1943 gestig en was die eerste geneeskundige fakulteit wat opleiding in Afrikaans aangebied het. Dit het, ondanks probleme en groeipyne, teen 1968 ontwikkel tot die grootste mediese fakulteit in Suid-Afrika.

In 1960 het die Fakulteit uit agtien departemente bestaan. Aan die einde van 1992 was daar 33 departemente, elf afdelings, drie institute en twee navorsingsentrums. Sommige departemente het met ander saamgesmelt en nuwe departemente het ontstaan soos:

* Geregtelike Geneeskunde,
* Hematologie,
* Huisartskunde,
* Verpleegkunde,
* Immunologie,
* Mensgenetika, en
* Ontwikkelingsbiologie.

Hierdie ontwikkelinge het tot die ontstaan van verskeie nuwe kursusse, grade en diplomas gelei soos Mediese Fisika, Geneeskundige Administrasie, Sportgeneeskunde, BCur, MCur en DCur in die verpleegstersopleiding, die MMed-kursusse in verskeie rigtings en Farmaseutika. Die Aptekerskollege, Arbeids- en Fisioterapie en Bedryfsgeneeskunde het uit Farmaseu-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.V. van der Merwe, Dekaan: Fakulteit Geneeskunde, sedert 1 Julie 1987; Hoof: Departement Obstetrie en Ginekologie, 1 Julie 1981 - 30 Junie 1987.

tika ontstaan. Die Departemente Huisartskunde en Verpleegkunde was die eerste van hulle soort in Suid-Afrika.

Studente is op akademiese meriete gekeur. Die keuring vir die MBChB-graad is aanvanklik aan die begin van die tweedejaar gedoen. Daar was eers net 120 studente, maar in 1965 het dit vermeerder tot 150 en uiteindelik tot 230 studente. Sedert 1972 word studente in sowel hulle eerste- as tweedejaar gekeur. Dit het meegebring dat studente wat akademies besonder presteer uitgesoek kon word.

Die graadkursusse wat die Fakulteit in 1992 aangebied het, was Verpleegkunde, Radiografie, Arbeidsterapie, Fisioterapie, Geneeskunde en 'n BSc-graad in Mediese Wetenskappe. In 1960 het daar altesame 778 studente aan die Fakulteit gestudeer. Teen die einde van 1992 het die getal studente tot ongeveer 2 500 gestyg wat die ongeveer vyfhonderd nagraadse studente ingesluit het.

In 1960 was 93 dosente verbonde aan die Fakulteit en die getal het tot 824 in 1993 toegeneem. Aangesien die Fakulteit aangewese was op die fasiliteite en pasiënte van die Algemene Hospitaal (die latere H.F. Verwoerd-hospitaal) en nog ander hospitale onder die beheer van die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA), is die dosente op 'n dubbele diensstaat aangestel (by die Universiteit sowel as by die TPA). 'n Gesamentlike komitee wat sulke aanstellings behartig het, is gestig.

Gedurende die oorsigperiode hier ter sprake (1982-1992) het die Fakulteit Geneeskunde net twee dekane gehad, naamlik proff. F.G. Geldenhuys (1980-1986) en J.V. van der Merwe (van Julie 1986), albei professore in Ginekologie en Obstetrie. Beide het in voltydse hoedanigheid as dekaan gedien. Prof. Geldenhuys se voorganger as dekaan was prof. H.W. Snyman en hy het na sy aftrede in 1980 'n eredoktersgraad van UP ontvang. Prof. Geldenhuys was lid van verskeie liggame en het prof. Snyman as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad opgevolg.

Akademiese geneeskunde bestaan uit drie afdelings, naamlik onderrig, navorsing en dienslewering. Laasgenoemde omsluit die totale spektrum van primêre tot tersiêre dienslewering. As 'n akademiese instituut is 'n mediese fakulteit verantwoordelik vir sowel die ontdekking en bevordering van nuwe kennis as die oordra daarvan aan studente op die voor- en nagraadse vlak. Die H.F. Verwoerd-hospitaal was die bron van hospitaalpasiënte vir die praktiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

onderrig. Aangesien swart en bruin pasiënte na die nuwe Kalafong-hospitaal by Atteridgeville en na ander hospitale verwys is, het die pasiënte van die H.F. Verwoerd-hospitaal nie alle moontlike siektetoestande weerspieël nie. Die Fakulteit het gedeeltelik na Kalafong-hospitaal verskuif waar daar in 1976 'n nuwe kliniese gebou, Klinikala, opgerig is. 'n Aantal satellietHospitale soos Tembisa, Holy Cross, die Daspoortkliniek en die Weskoppieshospitaal is gebruik. Gevorderde studente is ook na sendinghospitale in die eertydse tuislande gestuur.

Die akademiese mediese sentra, die Fakulteit Geneeskunde en sy akademiese hospitaal vorm 'n unieke inrigting. Die kompleksiteit van 'n mediese fakulteit en akademiese hospitaal met dosente wat 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid het en op 'n gesamentlike diensstaat is, verskil totaal van enige ander sosio-tegnologiese stelsel.

Intussen is daarna gestrewe om 'n volwaardige akademiese hospitaal op te rig. 'n Paar terreine is oorweeg, naamlik die Universiteit se proefplaas oos van Pretoria, of Erasmusrand suidoos van Pretoria. Die keuse het egter op die terrein van die H.F. Verwoerd-hospitaal geval. In November 1991 is die Universiteit egter deur Staatspresident F.W. de Klerk verbied om met die bou van die beoogde nuwe akademiese hospitaal voort te gaan. Suid-Afrika kon nie drie nuwe akademiese hospitale (Medunsa, Universiteit van Natal en UP) bekostig nie, want die verhoogde bedryfsuitgawe sou te hoog wees. 'n Komitee onder die voorsitterskap van prof. J.V. van der Merwe het opnuut 'n behoeftebepaling gedoen na die moontlikheid van 'n akademiese hospitaal van internasionale standaard vir UP. Hierdie nuwe plan is deur die kabinet aanvaar en 'n opknappings- en opgraderingsprogram vir die akademiese hospitaal is ontwerp. Alle geboue van die bestaande kompleks wat gerenoveer kon word, is behou en 'n nuwe kompleks bestaande uit klinieke vir buitepasiënte, 'n daghospitaal, Fakulteitskantore, laboratoria en seminaarkamers is gebou. Hierdie kompleks het ook vir 415 beddens voorsiening gemaak.

Die navorsingsgeriewe was nietemin onvoldoende en die gevaar het ontstaan dat nagraadse studente die Universiteit sou verlaat om hulle werk elders voort te sit. Die H.A. Grové-proefdierafdeling wat na heelwat moeilikhede in 1978 deur die Universiteit en die TPA by die H.F. Verwoerd-hospitaal opgerig is, was 'n stap in die regte rigting. Daar is onder andere ook met die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), die Raad op Atoomkrag en die Mediese Navorsingsraad saamgewerk. In 1982 is die Instituut vir Sellulêre Fisiologie en die Hans Snyckersinstituut as selfstandige institute aan die Universiteit in gebruik geneem. Voorts is navorsingseenhede gestig vir Mikrogenetika onder prof. J.B. Coetzee, vir Neuro- en Elektrofisiologiese Mikrogenetika onder prof. J.N. Coetzee, vir Neuro- en Elektrofisiologie onder prof. B.J. Meyer, vir Fotobiologie onder prof. G.H. Findlay en vir Tuberkulose onder dr. H.H. Kleeberg.

Pas ná die aanstelling van prof. J.V. van der Merwe in 1986 as dekaan is 'n missie van die Fakulteit Geneeskunde geformuleer. Dit lui as volg:

Missie van die Fakulteit Geneeskunde

Binne die verklaarde missie van die Universiteit van Pretoria strewe die Fakulteit daarna om, in 'n intellektueel stimulerende atmosfeer:

1. *graduandi vir uitmuntende en omvattende gesondheidsorg asook vir die akademiese geneeskunde (insluitend navorsing) te lewer;*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

2. *die wetenskap meetbaar te verryk deur die vestiging, ontwikkeling en handhawing van uitmuntende navorsing in 'n proaktiewe navorsingsklimaat; en*

3. *die lewenskwaliteit van die bevolking te verhoog deur gesondheidsopvoeding, omvattende en hoogstaande gesondheidsorgprogramme en gesofistikeerde dienste van die hoogste gehalte.*

In 1989 is 'n skakelafdeling in die Fakulteit tot stand gebring wat ondertussen gegroei het en vyf mense in diens het. 'n Doeltreffende bemarkingsprogram is ontwerp wat die Fakulteit se waardesisteem help vestig het. Die alumni was 'n besondere teikengroep vir die skakelafdeling en gedurende 1992 is alumnistreke bepaal en verteenwoordigers gekies.

Die Buro vir Voortgesette Gesondheidsonderrig (BUVGO) is in 1990 gestig om opknappingskursusse aan te bied sodat mense in die gesondheidsberoepe op die hoogte gehou kon word. Hierdie afdeling wat finansieel selfonderhoudend moes wees, het hom gou gevestig as 'n voortreflike eenheid in die Fakulteit.

'n Uitreikprogram is in 1988 deur die Fakulteit van stapel laat loop. Uitreikaksies het gereeld plaasgevind na hospitale in die Noord- en Oos-Transvaal. In 1992 is 'n beginselbesluit deur die Fakulteit geneem om geleidelik meer na probleemgerigte en gemeenskapgebaseerde onderrigprogramme te beweeg en weg van formele voorlesings.

J.V. van der Merwe
Dekaan

Departement Anatomie

Die Departement Anatomie is in die middel van die oorsigperiode (1983-1992) deur 'n snelle verwisseling van departementshoofde gekenmerk. Nadat prof. I.J.M. van Niekerk in 1984 'n gesondheidsprobleem ontwikkel het, is prof. P.P.C. Nel wat reeds op 1 Julie 1983 as medeprofessor in die Departement aangestel is, van 1 Januarie 1985 as waarnemende departementshoof aangestel. Prof. Van Niekerk se kwynende gesondheid het hom genoodsaak om op 30 April 1985 met pensioen af te tree. Aan die einde van dieselfde jaar het prof. Nel bedank. Dr. J.D. Ackermann, eggenote van die welbekende Pretoriase chirurg, dr. Jan Lion-Cachet, het vir 1986 as waarnemende departementshoof opgetree. Vervolgens is dr. J.H. Meiring op 1 Julie 1986 as professor en met ingang 1 Januarie 1987 ook as departementshoof, aangestel.

Die heuglike gebeurtenis van prof. Van Niekerk se termyn as departementshoof was die vernoeming van die anatomiemuseum na die eerste volwaardige hoof van die Departement, prof. W.G. de Haas. Hierdie besluit is geneem nadat prof. De Haas se weduwee, mev. G. de Haas, 'n aansienlike bedrag geld aan die Universiteit oorgedra het met die bedoeling om op 'n tasbare wyse haar man se verbintenis met die Departement permanent te bevestig. Na deeglike besinning is ooreengekom dat die geld in 'n trust geplaas sou word waarvan die inkomste vir die bevordering van Anatomie en die uitbouing van die museum aangewend sou word. Die skenking het op 28 November 1983 tydens 'n geselligheid in die BMW-gebou plaasgevind. Die museum is op 22 Mei 1984 amptelik na wyle prof. W.G. de Haas vernoem.

Na prof. Meiring se aanstelling as departementshoof, het die Departement 'n projek vir die opstel en voorsiening van studiehandleidings aan studente van al die Anatomiekursusse van stapel laat loop en binne twee jaar afgehandel. Dit het die opstel van tien handleidings behels. Tussen die jare 1990 en 1992 het prof. Meiring en sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. I.J.M. van Niekerk, Hoof: Departement Anatomie, 1981 - 1984.

personeel boonop altesame nege studiehandboeke vir die verskillende Anatomiekursusse in Afrikaans geskryf en gepubliseer. Die billike prys waarteen die boeke aan studente voorsien is, tesame met die feit dat die kurrikulums getrou gevolg is en ook dat die boeke in Afrikaans geskryf is, het vir die studente baie voordele ingehou.

Aangesien Anatomie as vak prakties gerig is, was dit besonder geskik vir die medium van video-onderrig. Gevolglik het die Departement 'n veldtog begin om geskikte videobande te vervaardig. Teen die einde van 1991 was ses bande reeds vervaardig en op 'n uitleenstelsel aan die studente beskikbaar gestel. So is 'n nuwe en ingewikkelde opleidingstegniek in die Departement baasgeraak.

Prof. Meiring het as dosent by twee geleenthede interne eerbewyse ontvang. Die tweedejaarsklas in Geneeskunde en Tandheelkunde het hom naamlik in 1986 en in 1988 as Dosent van die Jaar aangewys. Ook op administratiewe vlak het hy interne erkenning vir sy toewyding ontvang toe hy in 1991 deur die Fakulteit Tandheelkunde uitgesonder is met die Dekaanstoekenning vir Uitnemende Akademiese Bestuur.

Op navorsingsgebied was die Departement deurentyd betrokke by drie tot vyf navorsingsvelde. In die afdeling Histologie is met behulp van elektronmikroskopie en immunositochemie verskillende ondersoeke na die maagslymvlies van die mens, sekere visse en die krimpvarkie gedoen. Hierdie navorsing het deels in samewerking met prof. R.C. Franz van die Departement Chirurgie geskied en het gelei tot 'n gesamentlike aanbieding van navorsingsresultate by twee kongresse.

Die onderwerp van siliogenese in die neusslymvlies en choroiedpleksus van die rot en die konyn is deur prof. G.P. Loots ondersoek en het tot verskeie publikasies gelei. Op die gebied van Fisiese Antropologie het die Departement in samewerking met die Departement Argeologie opgrawings by UP se Mapungubwe-terrein in Noord-Transvaal gedoen waar waardevolle artifakte en menslike reste gevind is. 'n Nuwe terrein is deur die Departement betree toe 'n projek geloods is om die invloed van lithium op die embriologiese ontwikkeling van die hoender te ondersoek. Die resultate van hierdie studie het gelei tot 'n uitnodiging aan dr. W. Vorster, senior lektor, om vir 'n periode van ses maande in 1991 saam met dr. J. Mattias Starck aan die Universiteit Eberhard Karls in Tübingen aan 'n soortgelyke projek deel te neem. Al hierdie navorsingswerk het gelei tot sowel wetenskaplike publikasies wat jaarliks tussen twee en dertien gewissel het, as gereelde referate

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

by kongresse van die AVSA, EMVSA en ander verenigings.

Die Departement Anatomie het nie dienslewering na buite en samewerking met ander instansies agterweë gelaat nie. In April 1984 is 'n driedaagse werkwinkel oor die moderne preserveringstegnieke van plastinering aangebied. Dit is deur tien deelnemers van agt universiteite bygewoon. Sedert 1987 is jaarliks aan die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) hulp verleen met die opleiding van studente in Optometrie deur die aanbieding van 'n vierdaagse kursus oor die anatomie van die oog. Studentegetalle vir hierdie kursus het tussen 21 en 56 gewissel. In 1987 is 'n behoefte vir verdere opleiding by biologie-onderwysers in Transvaal geïdentifiseer. Hieruit het 'n eendaagse kursus in die Anatomie en Histologie, spesifiek vir hoërskoolonderwysers, gevolg. Die kursus het soveel byval gevind dat dit in 1988 en 1989 herhaal moes word.

'n Bespreking met die personeel van die Departement Anatomie van die Universiteit van die Witwatersrand se Fakulteit Tandheelkunde in 1989 oor die gemeenskaplike probleem van praktiese evaluering van studente, het gelei tot 'n jaarlikse UP-WITS-forum tussen die twee departemente. Sedertdien het dit 'n instelling geword.

Die Departement het in 1990 'n voorligtingsaand vir ouers van tweedejaarstudente in Geneeskunde en Tandheelkunde geïnisieer. By hierdie geleentheid kon die ouers die fasiliteite wat vir die studente se opleiding gebruik word van nader beskou, die dosente ontmoet en nadere inligting oor die kursusse inwin. Loopbaanmoontlikhede vir afgestudeerdes in hierdie rigtings is ook met die ouers bespreek. Hierdie aanbieding is met soveel waardering deur die ouers ontvang dat dit ook 'n jaarlikse instelling geword het.

In April 1992 is 'n vierdaagse werkwinkel oor Anatomietegnieke in die Departement aangebied en drie weke later in die Departement Anatomie by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS) in Bloemfontein herhaal. Hierdie projek is gesamentlik deur die twee Departemente aangebied en het dertig deelnemers van elf universiteite gelok.

In 1990 het die Departement met die Weefselbank wat deur die Departement Ortopedie bedryf is, in gesprek getree met die oog op die konsolidering van die onderskeie pogings ter verkryging van menslike weefsel en liggame vir doeleindes van oorplanting, navorsing en opleiding. Hierdie gesprek het na vele beraadslagings en konsultasies uitgeloop op die publikasie van 'n inligtingsbrosjure wat aan voornemende skenkers en ander betrokkenes beskikbaar gestel is. Die resultaat was dat die werwing van skenkers van menslike materiaal aan die Fakulteit Geneeskunde daarna deur slegs die Weefselbank bedryf is. Hierdie reëling was tot voordeel van beide Departemente en het grootliks die verwarring voorkom wat voorheen by voornemende skenkers en hulle naasbestaandes bestaan het.

Wat die personeel van die Departement betref, het dr. J.D. Ackermann wat in 1986 tot medeprofessor bevorder is, op 31 Desember 1987 met pensioen afgetree. Ná haar aftrede het sy deur middel van 'n skenking die twee J.D. Ackermann-pryse moontlik gemaak wat jaarliks aan die beste student in Anatomie 102 vir BCur en Anatomie 200 vir MBChB, BChD en BMedSci toegeken is. Die status van emeritusprofessor is aan haar toegeken.

Saam met haar het ook dr. M.E. Olivier afgetree. Mnr. G.P. Loots, senior lektor, is in Januarie 1987 tot medeprofessor bevorder. Hy het reeds sedert 1 Februarie 1972 as hoof van die Afdeling Histologie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gedien. Dr. H. Marais het in 1991 met pensioen afgetree. Benewens hierdie veranderinge het die personeel van die Departement feitlik konstant gebly op dertien doserende, elf administratiewe en tegniese en elf dienspersoneellede.


J.H. Meiring
Departementshoof

Departement Anatomiese Patologie

Die aantal dosente verbonde aan die Departement Anatomiese Patologie het in die oorsigperiode (1983-1992) gewissel tussen vier en ses. Die departementshoof was prof. I.W. Simson, met prof. L. Dreyer as medeprofessor tot 1986 toe sy tot volle professor bevorder is. In dieselfde jaar het sy die graad MD behaal.

Die getal voorgraadse studente in die Departement met eksamentoelating het afgeneem van 851 in 1983 tot 369 in 1986, 324 in 1989 en 317 in 1992. Hierdie drastiese afname in die tydperk 1983-1986 kan toegeskryf word aan die feit dat van 1978 tot 1983 die kurrikulum oor twee en 'n halwe jaar gestrek het, en dat tweede-, derde- en vierdejaarstudente betrokke was. Van 1984 is die kursus in Anatomiese Patologie slegs tot die derde studiejaar beperk soos wat die geval vóór 1978 was. Gevolglik het aansienlik minder voorgraadse studente per jaar vir Anatomiese Patologie ingeskryf. Die getal ingeskrewe studente op nagraadse vlak is deur die beskikbare gesamentlike poste bepaal, asook deur die vakkeuse van die ingeskrewe studente in die Patologiegroep as geheel. Die getalle het in die tydperk 1982-1992 tussen twee en vier per jaar gewissel.

Die Departement was sedert 1986 by agt navorsingsprojekte betrokke waaruit onder meer twee hoofstukke in boeke en 22 artikels in gesubsidieerde tydskrifte voortgespruit het.



Prof. I.W. Simson, Hoof: Departement Anatomiese Patologie, sedert 1970.

Aan die einde van 1986 het dr. Teertse Hamersma as senior lektor afgetree. Hy is egter die volgende jaar heraangestel en het in 'n tydelike hoedanigheid tot sy finale aftrede in 1992 gewerk. Dr. Hamersma was verantwoordelik vir die instandhouding van die Departement se rekenaardatabasis, aanvanklik op die Universiteit se hoofraamrekenaar en later op die gerigte patologierekenaars. Sy toegewyde bestuur van die databasis het beteken dat die Departement aan die einde van 1992 oor gekodeerde patologiediagnoses vir die tydperk 1974-1992 beskik het. Hierdie databasis het aansienlike betekenis gehad, nie net ten opsigte van navorsing in die Departement Anatomiese Patologie nie, maar ook ten opsigte van kliniese navorsing in die Fakulteit Geneeskunde as 'n geheel. Dit was waarskynlik die grootste gekodeerde patologiedatabasis in die land.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1987 is prof. Simson uitgenooi om die Louis Mirvich-gedenklesing van die Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika te lewer en in 1991 het hy die toekenning ontvang as een van die uitnemende presteerders van die Universiteit.


I.W. Simson
Departementshoof

Departement Anestesiologie

Verskeie belangrike ontwikkelinge het hierdie Departement in die oorsigperiode (1983-1992) gekenmerk. Sedert 1989 is daar baie tyd gespandeer aan die hersiening van die voorgraadse onderrig in Anestesiologie. 'n Diktaat met relevante lesings is opgestel, individuele kontak is beklemtoon en praktiese blootstelling van die studente is sover moontlik uitgebrei. Nagraadse studente se belangstelling in die vak het sodanig toegeneem dat al 45 beskikbare poste in 1990 gevul is en dat daar 'n waglys opgebou het. Die Departement het klem gelê op tutoriale in die basiese vakke en regstreekse skakeling tussen dosent en student is sover as moontlik bevorder ten einde effektiewe kommunikasie in die hand te werk.

Dienslewering deur die Departement het veral ná die oopstelling van hospitale vir mense van alle rasse dramaties toegeneem. Die gevolg was dat meer kliniese assistente vir nauurse diens beskikbaar moes wees om die groeiende werklas te hanteer. Die toename in dienslewering het egter die navorsingspoging van die Departement in die wiele gery.

Sedert 1989 het die Departement begin met die versameling van oudhede wat verband hou met narkosepraktyke sodat dit vir die nageslag bewaar kan word. Weens 'n gebrek aan uitstalruimte kon 'n funksionerende museum nie ingerig word nie, maar bly dit steeds die Departement se strewe.



Prof. A.J.P. Lessing, Hoof: Departement Anestesiologie, 1975 - 1988.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Departement het 'n konsultant in 1989 vir nagraadse studie en navorsing oorsee vertrek. Hy was dr. Robert Koorn wat van 1 Julie 1989 tot 30 Junie 1991 in 'n navorsingskapasiteit in kardiotorakale narkose werksaam was in die Mediese Sentrum Mt. Sinai in New York onder die leiding van prof. Joel Kaplan. Van 1 Julie 1991 tot aan die einde van die oorsigperiode het hy 'n spesiale navorsingspos by hospitaal St. Lukes/Roosevelt en die Universiteit Columbia in New York beklee. Hy het waardevolle ondervinding opgedoen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en verskeie navorsingsvoordragte en publikasies het uit sy pen verskyn. In 1991 het hy boonop 'n tweede prys vir 'n navorsingsprojek by "The New York Academy of Medicine, Section on Anesthesiology and Resuscitation", asook 'n prestasietoekenning vir uitmuntende navorsing as 'n genoot in narkose by die Mediese Sentrum Mt. Sinai verwerf. Daarbenewens het hy in Januarie 1992 die eerste prys vir 'n plakkaatvoordrag by die Vierde Internasionale Simposium oor Narkose vir Kardiale Pasiënte in Acapulco, Mexiko gewen. In Desember 1992 het dr. Koorn boonop tydens die "Residents' Research Contest" van die New York State Society of Anesthesiologists se 46ste "Postgraduate Assembly" die eerste prys verower vir die beste navorsingsvoordrag.

Die Departement het narkose en prosedure-geassosieerde sterfgevalle asook die suksesvolle resussitasie van intra-operatiewe kardiale arres gedokumenteer. Die insidensie en verloop van masseterspierspasma na die toediening van suksametonium het interessante navorsingsmateriaal oor 'n relatief seldsame onderwerp gebied. Onder die leiding van prof. Chris Venter is verskeie projekte rondom farmakoterapie en narkose gedoen. Die klimaat en gevoel vir navorsing was besig om in die Departement pos te vat. Prof. J.M. Hugo het byvoorbeeld die voorkoms van Hepatitis C tussen narkotiseurs in die privaatpraktyk en akademiese poste vergelyk met die voorkoms daarvan by 'n kontrole groep bloedskenkers.

Die Departement Anestesiologie was teen die einde van die oorsigperiode saam met die chirurgiese dissiplines betrokke by uitreikaksies na die eertydse swart tuislande. Nie alleen is 'n noodsaaklike diens gelewer nie, maar 'n betekenisvolle bydrae ten opsigte van die praktiese opleiding van geneeshere uit Afrikastate is in die teater gedoen. So is die beeld van die Departement uitgebou en terselfdertyd is noodsaaklike naastediens verrig. Noue skakeling is veral bewerkstellig met die Mankwenghospitaal naby Pietersburg. Die Departement het ook jaarliks kursusse vir huisartse aangebied en in 1992 het meer as 120 artse 'n tweedaagse kursus bygewoon.

Verskeie departementslede was betrokke by die Raad van Akademiese Narkotiseurs, die Suid-Afrikaanse Vereniging van Anestesioloë asook die Fakulteit van Narkotiseurs van die Suid-Afrikaanse Kollege van Geneeskunde.

Wat die personeel van die Departement betref, was prof. A.J.P. Lessing van 1975 tot en met sy aftrede aan die einde van 1988 die departementshoof. Gedurende sy dienstermyn het hy 'n prominente rol gespeel as assessor by geregtelike mediese ondersoeke waarby narkosetoediening betrokke was. Sy opvolger in 1989 was prof. J.M. Hugo. Hy en lede van die Departement was in Maart 1991 verantwoordelik vir die aanbied van 'n uiters geslaagde jaarlikse internasionale narkosekongres. Meer as 320 kongresgangers was teenwoordig, waaronder persone uit Nederland, Duitsland, België, Engeland, Kanada en die Verenigde State van Amerika.

Die ander senior departementslede gedurende die oorsigperiode het ingesluit proff. T.B. de Bruyn, P. le Grange, J.W. Mostert (wat veral onthou sal word vir sy navorsing oor die geslote narkosebaan), Thys Ungerer, Chris Venter en P.N. Smit (wat onthou sal word vir sy vaardigheid met blinde intubasies asook sy suksesvolle ingebruikneming van die sirkelsisteme in al die teaters by die Kalafong-hospitaal). Prof. Venter het van 1 Januarie 1991 tot 30 November 1992 die pos van kliniese hoof by die Kalafong-hospitaal beklee en 'n waardevolle bydrae tot navorsing in die Departement gelewer. Benewens bogenoemde dosente het 'n groep senior lektore

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gedurende die afgelope dekade 'n betekenisvolle bydrae op die gebied van dienslewering en onderrig gelewer, naamlik drr. A.E. Hanekom, P.J.H.L. Fourie, R. Koorn en F.J. Smith.

J.M. Hugo
Departementshoof


Departement Chemiese Patologie

Die grootste verandering op die vakgebied gedurende die oorsigperiode (1983-1992) het verband gehou met die tegniese ontwikkeling van veral die mikroprosesseerder. Hierdeur het die apparaat wat gebruik was om die roetine-analises in 'n kliniese laboratorium te verrig aansienlik in grootte en omvang gekrimp. Sekere ondersoeke wat vantevore slegs gedurende werksure verrig kon word, kon daarna op 'n deurlopende 24-uurbasis beskikbaar gestel word. 'n Korter omdraaityd en ook 'n vinniger diens aan die klinikus en veral die pasiënt was dus moontlik. Die ontwikkeling van die apparaat het die Departement voorts daartoe in staat gestel om 'n roetinediens 24 uur per dag beskikbaar te stel in gebiede wat vantevore as hoë spesialiteitsgebiede beskou was, byvoorbeeld die beheer van terapeutiese geneesmiddels, toksikologie en ook die aangebore afwykings van metabolisme. As gevolg van kleiner en goedkoper laboratoriumapparaat kon baie van hierdie analitiese vermoëns uitgebrei in kleiner laboratoria gedoen word en 'n vollediger diens beskikbaar gestel word. Die Kalafong-laboratorium wat in die jare sewentig ontwikkel is en slegs as 'n noodlaboratorium gebruik is, kon gevolglik geleidelik omgeskakel word in 'n laboratorium wat feitlik 'n volledige repertoire van laboratoriumdienste aangebied het.

Die ontwikkeling in rekenaartegnologie het meegebring dat die hele Patologie-instituut mettertyd gerekenariseer is en feitlik al die apparaat met die rekenaar verbind is. Gevolglik is oorskryffoute grootliks uitgeskakel. Nuwe tegnologie in molekulêre biologie het die Departement verder in staat gestel om siekteafwykings op 'n genetiese vlak na te gaan. Polimerase kettingreaksies (PKR) het in so 'n mate ontwikkel dat verskeie oorgeërfde siektes op die DNA-vlak gediagnoseer kon word. Die verdere ontwikkeling was om hierdie afwykings reeds voor geboorte te probeer opspoor. 'n Verdere betekenisvolle verandering in die oorsigperiode was dat toenemende klem in die vakgebied geplaas is op die akkuraatheid en herhaalbaarheid van analises van al die laboratoria deur die land en selfs in die wêreld. Standaardisasies het 'n steeds groter rol gespeel aangesien die ontwikkeling in die tegnologie baie van die handbewerkinge uitgeskakel het en dit moontlik geword het vir laboratoria om akkurate herhaalbare waardes op 'n nasionale en selfs 'n internasionale vlak te verkry. In hierdie verband het die Departement Chemiese Patologie 'n leidende rol in Suid-Afrika gespeel om gehalteanalises aan te bied wat volgens internasionale kriteria en onafhanklike evaluasies as toonaangewend beoordeel is.

Gedurende die laaste termyn van prof. L.S. de Villiers, die eerste hoogleraar van hierdie Departement aan die Universiteit van Pretoria, is begin om die risikofaktore vir koronêre hartvatsiektes na te vors. In hierdie tydperk was die hoofklem op faktore soos lipiedes, rook en hoë bloeddruk geplaas. Prof. De Villiers en sy medewerkers het begin om ook die rol van homosisteïen as 'n oorsaak van aterosklerose te ondersoek. Na aanvanklike teenstand vanuit die wetenskaplike gemeenskap, het navorsing wêreldwyd oor hierdie onderwerp so uitgekring dat daar vandag 'n baie groot deel van die energie en hulpbronne Jop verhoogde homosisteïen gefokus word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. L.S. de Villiers, Hoof: Departement Chemiese Patologie, 1975 - 1988.

Sedert prof. De Villiers se aftrede in 1988 het die Departement daarin geslaag om 'n metode te ontwikkel om homosisteïenvlakke te meet en is aangetoon dat daar 'n besliste verband bestaan met koronêre hartvatsiektes. Veelvuldige publikasies van hierdie Departement is dan ook opgeneem in verskeie gesaghebbende oorsigte oor hierdie aangeleentheid. Dit het die Departement die besondere eer te beurt laat val om deel te word van 'n gesamentlike program deur die Europese gemeenskap na die rol van homosisteïen in aterosklerose. In 'n epidemiologiese konteks is prospektiewe studies van groot belang, maar feitlik onbekostigbaar duur veral vir 'n land soos Suid-Afrika. UP se Departement Chemiese Patologie is deur 'n afdeling van die Britse Mediese Navorsingsraad genader om 'n prospektiewe studie wat reeds uitgevoer was, maar waarvan daar nog bevrore sera teenwoordig was te ontleed vir homosisteïen. Daaruit het dit voorlopig geblyk dat homosisteïen 'n belangrike faktor is in die vroeë veroudering van die slagare. Hierdie navorsing is in samewerking met die Epidemiologiese Eenheid in Suid-Wallis asook met die Adelaide-hospitaal in Dublin, Ierland, uitgevoer.

Verdere navorsingsgebiede van die Departement wat redelike wye aandag in die internasionale mediese pers geniet het, was die etniese verskille ten opsigte van vitamienmetabolismes. Publikasies deur hierdie Departement is teen die einde van die oorsigperiode twee maal bekroon as die beste publikasie in die Fakulteit Geneeskunde.

Die Departement Chemiese Patologie het 'n samewerkingsooreenkoms met die Eierraad aangegaan, asook met die Departement Fisiologie van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en met die Departement Chemiese Patologie van die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit van Natal. Die Eierraad het 'n Navorsingstigting tot stand gebring waaruit die opbrengs van die belegging beskikbaar gestel is vir projekte deur die drie Departemente. Hierdie aktiwiteite het in 1991 begin. In daardie jaar reeds het die Departement Chemiese Patologie van UP tien publikasies oor die spesifieke onderwerp die lig laat sien.

Prof. W.J.H. Vermaak wat prof. De Villiers in Januarie 1989 as departementshoof opgevolg het, was een van die eerste dosente van 'n Fakulteit Geneeskunde in Suid-Afrika om genooi te word om as eksterne eksaminator op te tree vir die Departement Chemiese Patologie van die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit van Nairobi. Vroeër het daardie universiteit eksterne eksaminatore uit Brittanje bekom. Daar is ook tydens wedersydse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

skakeling 'n samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van Nairobi gesluit, veral ten opsigte van navorsing. By die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) is gesamentlik aansoek gedoen om die effektiwiteit van die lipiedmetabolisme by die Masai te bestudeer. Afrika, met sy vele siektes, bied unieke navorsingsgeleenthede. Met die hegter samewerkingsooreenkomste en groter toeganklikheid tot Afrika kon geleenthede geskep word en kundigheid uitgeruil word wat tot opwindende navorsingsmoontlikhede gelei het. Verder was die Departement ook betrokke by 'n opleidingsprogram waardeur personeellede van die Universiteit van Nairobi op 'n rotasiebasis deur die Departement opgelei is deur middel van opknappingskursusse veral ten opsigte van die handhawing van sekere minimumstandaarde. Die Departement was laastens ook interdissiplinêr gemoeid met navorsing oor die impak van die Namibiese Boesmans wat in Suid-Afrika hervestig is en oorspronklik van Angola gekom het.

Benewens prof. Vermaak, het die Departement in 1992 beskik oor die dienste van twee volle professore, te wete proff. P. Hurter en J.B. Ubbink, asook twee voltydse spesialiste, naamlik drr. J.P.J. Ungerer en H. Rossouw en vier voltydse navorsingbeamptes, naamlik drr. H. Potgieter, S. Bissbort en M. Bester en mnr. R. van Brummelin. Die professionele komponent van die Departement het aanmerklik afgeneem gedurende die oorsigperiode sodat daar teen 1992 net drie medies gekwalifiseerde patoloë in die Departement was, terwyl daar voorheen vyf professore voltyds aan hierdie Departement verbonde was. Hierdie tendens het die algemene situasie in Suid-Afrika weerspieël. 'n Uittog van uiters bekwame lui na die privaatpraktyk en/of die buiteland was algemeen. Nieteenstaande die afname in voltydse geneeskundiges, het die Departement egter daarin geslaag om navorsing en opvoedkundige uitsette te handhaaf en selfs te verhoog.


W.J.H. Vermaak
Departementshoof

Departement Chirurgie

Een van die belangrikste ontwikkelings op die vakgebied Chirurgie in die oorsigperiode (1983-1992) was die klem wat op Chirurgiese Gastro-enterologie geplaas is. Alhoewel die Chirurgie-departement reeds vir lank by die diagnostiese endoskopiediens van die H.F. Verwoerd-hospitaal betrokke was, het daar 'n behoefte ontstaan na 'n vollediger betrokkenheid van chirurge by Gastro-enterologie. Met die verkiesing van prof. C.J. Mieny tot president van die Suid-Afrikaanse Gastro-enterologievereniging (SAGEV) in 1981, was daar 'n sterk stimulus vir nouer skakeling tussen chirurge en interniste in hierdie vakgebied. Dr. N.J. Laage het aan die einde van 1981 met 'n SAGEV-beurs vir studie na Londen vertrek. Met sy terugkeer het hy Chirurgiese Gastro-enterologie as 'n akademiese dissipline gevestig. Die volgende fase van ontwikkeling het in 1990 gevolg toe endoskopiese galblaaschirurgie ontwikkel is. Twee lede van die Departement, drr. N.J. Laage en Hennie Pienaar het hulle op dié vorm van nieindringende chirurgie toegespits. Dr. Pienaar het begin met 'n primaatnavorsingsprogram en het in 1991 'n volledige kursus in die Departement aangebied vir kliniese assistente en praktiserende chirurge verbonde aan die Departement. Dr. Laage het met ander prosedures vorendag gekom wat ingesluit het laparoskopiese simpatektomie en laparoskopiese herstel van hiatusbreuke.

Belangrike ontwikkelinge het ook in die veld van orgaanoorplanting plaasgevind. Dit was weer eens prof. Mieny wat hom as departementshoof onverpoosd beywer het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. C.J. Mieny, Hoof: Departement Chirurgie, sedert 1977.

vir die ontwikkeling van 'n leweroorplantingsprogram in Pretoria. Eksperimentele leweroorplantings is op bobbejane uitgevoer met die oog op tegniese voorbereiding en beplanning vir 'n kliniese leweroorplantingsprogram. Na 'n geslaagde buitelandse navorsingsbesoek deur drr. Otho Karusseit en Hennie Pienaar is die eerste twee geslaagde leweroorplantings in Pretoria in 1990 en 1991 uitgevoer.

Oorplantingschirurgie het ook navorsing oor verskeie aspekte van immuunonderdrukking ingesluit. Ewekansige prospektiewe vergelykings tussen Prednisoon plus Azothioprien en Prednisoon plus Siklosporien ná nieroorplanting is getref en neweeffekte en die langtermyn oorlewingskans beoordeel. Die resultate van hierdie navorsing is in 1988 by die vergadering van die Internasionale Oorplantingsvereniging in Helsinki voorgedra. Die eksperimentele oorplanting van byniere en paratiroïedweefsel is in die Kaapse bobbejaan nagevors. Die oorplanting van paratiroïedsegmente in die spiere van die voorarm van pasiënte met tersiêre hiperparatireose na 'n algehele paratireodektomie was teen 1992 'n gevestigde kliniese praktyk. Tussenspesieoorplantings van die harte van blou-ape en die Kaapse bobbejaan is in samewerking met lede van die Departement Chirurgie van die Universiteit van Cambridge uitgevoer. Beide die komplementsisteem en die B-sel-populasie verantwoordelik vir antiliggaambemiddelde hiperakute verwerping is gemanipuleer en onderdruk. Die doel van die studie was om primate as eventuele bron vir menslike orgaanoorplantings te oorweeg. In 1990 het prof. Mieny op uitnodiging die D.J. du Plessis-lesing met die titel: "Liver preservation for Transplantation", voor die Suid-Afrikaanse Chirurgiese Navorsingsvereniging gelewer.

Die derde noemenswaardige ontwikkeling waarvoor die Departement verantwoordelik was, was die brandwondeenheid by die Kalafong-hospitaal. Nadat prof. Bauling 'n studiereis deur die VSA onderneem het, het hy 'n aantal nuwe maatreëls en moderne behandelingsmetodes by die eenheid gevestig. Die benadering was gebaseer op vroeë eksisie van die brandwond met onmiddellike veloorplanting. Hierdie benadering het dadelik die voorkoms van sekondêre wondinfeksie met verlies van bestaande en oorgeplante vel drasties verminder en hospitalisasie só verkort. Dit het ook 'n groot kosmetiese verbetering bewerkstellig en komplikasies as gevolg van sekondêre infeksies verminder.

Ook in die veld van Kinderchirurgie het belangrike ontwikkelinge plaasgevind. Prof. J.H.R. Becker wat in 1982 aangestel is as professor in, en voltydse hoof van die Afdeling Kinderchirurgie, het Afdeling 20

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

by die H.F. Verwoerd-hospitaal laat opknap en volgens sy voorskrifte as moderne kindersaal beplan en ingerig. Sy eie belangstellingsveld was pelviese kongenitale afwykings. Om hierdie moeilike pasiënte ten beste te hanteer, is 'n Enkoprese-kliniek geskep waar kinders met hardlywigheid beoordeel en behandel is. Die Afdeling Kinderchirurgie het nou geskakel met Pediatriese Onkologie.

Die Departement Chirurgie het hom ook in die oorsigperiode toegespits op trombose en haemostase. 'n Goed toegeruste en aktiewe fibrinolisenavorsingslaboratorium is onder leiding van prof. R.C. Franz in die Departement gevestig. Navorsing was veral toegespits op na-operatiewe veneuse trombo-emboliese siektes met spesifieke verwysing na die ontoereikende vrylating van die plasminogeenaktiveerder, antitrombien III, en proteïen S-gebrek. Granulosiet-fibrinolise as deel van die fibrinolitiese aktiwiteit van bloed is ondersoek. Die etniese verskille met betrekking tot die diagnostiek van die hiperstolbare staat en haemostatiese versaking het aandag geniet. Die effek van verskillende agense op die bloedplaatjiefunksie by pasiënte wat antistolterapie ondergaan, is nagevors. Die rol van bloedplaatjieroom by die genesing van hardnekkige chroniese wonde is ook ondersoek.

Die anti-rombogenetiese funksie van bloedvatendoteel insluitend die histochemiese bepaling van weefsel-plasminogeenaktiveerder, prostasikliensintese in die endoteel en die effek van tromboksaansintese op tromboksaanbloedvlakke, is in primate nagevors. Prof. Franz het op grond van sy navorsing nasionale en internasionale erkenning geniet. Hy het in 1984 op uitnodiging die D.J. du Plessis-lesing getitel: "Venous Thrombogenesis - a century after Virchov", voor die Chirurgiese Navorsingsvereniging van Suid-Afrika gelewer. Die Oostenrykse Vereniging van Chirurgie het in 1986 'n oorkonde aan hom oorhandig uit erkentlikheid vir die groot bydrae wat hy tot hierdie vakgebied gelewer het.

'n Sesde ontwikkelingsveld van die Departement Chirurgie het gekonsentreer op septiese skok. Dr. Jan Pretorius het sedert 1985 in samewerking met prof. G. Schlag van die Ludwig Boltzmann-troumainstituut in Wenen, 'n navorsingsprojek oor septiese skok in die primaatmodel onderneem. Hy het in 1989 nege maande by die Instituut in Wenen deurgebring ten einde die rol van biochemiese merkers in die ontwikkeling van septiese skok en die effek van septiese skok op die miokard- en longfunksie met behulp van 'n rekenaargesteunde model te bepaal. Hy het ook op uitnodiging 'n voordrag gelewer by die Internasionale Kongres oor Intensiewe Sorg in Wenen.

Die Departement het laastens wyd meegedoen aan navorsingsprojekte in die Departement Mediese Onkologie. 'n Vergelykende analise van verskillende behandelingsmodaliteite vir maligne tumore van die vel, vroulike bors, die mondvloer, slukderm en die res van die maagdermkanaal is uitgevoer.

Die Departement Chirurgie het bygedra tot die ontwikkeling van die Fakulteit Geneeskunde se uitreikprogram na Afrika. In 1991 is meegedoen aan die besoek van die Mediese Fakulteit van die Universiteit van Maputo en is voordragte daar gelewer. In 1992 het prof. Mieny sy studieverlof gewy aan 'n ondersoek na die praktiese vereistes vir chirurgiese dienslewering in landelike en agtergeblewe gemeenskappe.

Wat onderrig en onderrigmetodes betref, het die Departement 'n duidelike benadering tot die onderrig en evaluering van studente in die verskillende chirurgie-dissiplines ontwikkel. Gemeenskaplike voorver-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

eistevakke vir al die chirurgie-dissiplines is onderrig en geëksamineer. Hierdie benadering het verseker dat al die studente onderrig is in die algemene beginsels van Chirurgie wat vir al die dissiplines gegeld het. Hierdie benadering het uiteindelik nasionale erkenning ontvang toe die Kollege vir Geneeskunde dit in 1985 aanvaar het. Proff. Mieny en Ulrich Mennen se handleiding in twee volumes, *Principles of Surgical Patient Care,* is landswyd voorgeskryf vir alle studente in die chirurgiese dissiplines vir die voorvereiste vakke.

Op voorgraadse onderrigvlak is daar volledig gekurrikuleer met die verskyning van prof. Mieny se handleiding in Algemene Chirurgie in 1989. Verder is daar in 1991 vir die eerste keer begin met interdissiplinêre simposia waar daar raakpunte was.

Die Departement Chirurgie was in die oorsigperiode by verskeie simposia en konferensies betrokke. In 1983 het die eerste Kliniese Assistent-simposium in Pretoria plaasgevind. Dit is daarna om die beurt deur die ander Chirurgie-departemente in Suid-Afrika aangebied. Dit was die enigste akademiese aktiwiteit waar kliniese assistente die geleentheid gekry het om al die voordragte te lewer.

In September 1992 het die Departement Chirurgie 'n kongres oor trombose en hemostase aangebied. By dié geleentheid het twee internasionale kenners aan die verrigtinge deelgeneem. Hierdie geslaagde kongres het voortgevloei uit die aktiwiteite van die internasionaal erkende fibrinolise-laboratorium onder beheer van prof. R.C. Franz.

Wat die personeel betref, was prof. Mieny gedurende die hele oorsigperiode (1983-1992) die departementshoof asook hoofchirurg by die H.F. Verwoerd-hospitaal. Onder die departementslede wat tydens die oorsigperiode in die Departement gedien het, tel onder meer proff. U.E. Schmid, P.C. Bauling, John Lodder, F.A.K. van Wyk, S.J. de Villiers en Dirk du Plessis, asook drr. J.D. Erlank, Pieter Coetzee en Gert Cloete.

Die nagraadse studentegetalle het sedert 1982 konstant gebly. Daar was 'n volgehoue aanvraag vir nagraadse opleiding in Algemene Chirurgie.

C.J. Mieny
Departementshoof

Afdeling Kardiotorakale Chirurgie

Hierdie Afdeling van die Departement Chirurgie het in 1990 tot stand gekom. Dr. D.J. du Plessis was destyds die enigste voltydse dosent en ook die waarnemende hoof van die Afdeling. Hy is deur vyf deeltydse dosente (almal spesialiste) en vier kliniese assistente (almal nagraadse studente) bygestaan. In 1991 is hy tot professor bevorder en as voltydse afdelingshoof aangestel. Een deeltydse dosent is terselfdertyd tot sy personeel toegevoeg. Dit was steeds die geval teen die einde van die oorsigperiode (1992).

D.J. du Plessis
Afdelingshoof

Afdeling Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie

Plastiese en rekonstruktiewe chirurgie het nie net wêreldwyd en in Suid-Afrika 'n bloeitydperk belewe nie, maar het in die oorsigperiode (1983-1992) aan die Universiteit van Pretoria (UP) 'n gedaantewisseling ondergaan. Twee superspesialisasiegebiede in Plastiese Chirurgie is uitgebou. Rekonstruktiewe Mikrovaskulêre Chirurgie het geweldig uitgebrei en dit moontlik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gemaak om veral defekte in gekompliseerde groot sagteweefsel en benige ortopediese en post-eksisie kanker funksioneel en esteties te herstel. 'n Geslagshertoewysingsprogram wat in onbruik geraak het, is heringestel en het as een van twee in die land gefunksioneer.

Die Afdeling het teen die einde van die oorsigperiode nuwe skakeling bewerkstellig met die Universiteit van die Witwatersrand en die Mediese Universiteit van Suider-Afrika deur gereelde gesamentlike kwartaallikse akademiese vergaderings. Dit het steeds uitgebrei en die laaste instelling was interdissiplinêre vergaderings vir die behandeling van hoof- en nekkanker. Rekonstruktiewe chirurgie is wesenlik 'n diensspesialiteit. Daar is nou geskakel met 'n menigte departemente in die gesamentlike behandeling van pasiënte. Daar het uitstekende samewerking met verskeie departemente geheers, in besonder Ortopedie, Oor-, Neus- en Keelheelkunde, Chirurgie, Radioterapie, Urologie, Ginekologie en Psigiatrie.

Beide die senior en junior lede van die Afdeling was teen die einde van die oorsigperiode betrokke by 'n uitreikaksie ter ondersteuning van die Swazilandse Departement van Gesondheid. Twee tot drie keer per jaar is 'n kliniese spesialisdiens vir 'n tydperk van vier dae by die Mbabanehospitaal gelewer. Die Afdeling se inisiatief het bygedra tot die totstandkoming van 'n fakulteitsuitreikaksie deur spesialiste na Swaziland. Verder het die Afdeling meegedoen aan die Fakulteit se uitreikaksies na hospitale in Oos-Transvaal.

Sedert die stigting van die Afdeling in die jare sestig, was daar twee deeltydse hoofde, naamlik drr. Pierre Hugo en J.D. Erlank. Laasgenoemde het aan die einde van 1986 die tuig neergelê en dr. P.F. Coetzee het by hom oorgeneem as eerste voltydse hoof. Sedertdien is die Afdeling uitgebou, het kliniese aktiwiteite verdriedubbel, is voor- en nagraadse opleiding versterk en is 'n navorsingsgesindheid gevestig.

'n Aktiewe voor- en nagraadse akademiese program is drasties uitgebou. Daar was teen die einde van 1992 een voltydse en nege deeltydse dosente, drie kliniese assistente en een mediese beampte werksaam in die drie opleidingshospitale, naamlik die H.F. Verwoerd-, Kalafong- en 1 Militêrehospitaal. Van die totale aantal van agt nagraadse graduandi, het vyf die MMed (Plast en Rekonstr)-graad gedurende die oorsigperiode verwerf, een *cum laude*. Negentien publikasies het in hierdie tydperk verskyn. 'n Voorgraadse kurriculum in Plastiese Chirurgie het in die Fakulteit die lig gesien en 'n nagraadse kurriculum, volgens internasionale standaarde, was bykans voltooi.


P.F. Coetzee
Afdelingshoof

Departement Farmakologie

Die Departement Farmakologie het in 1945 as 'n selfstandige departement ontstaan. Onder leiding van professor De Klerk Sommers wat in 1976 as departementshoof aangestel is, het die Departement met vier senior dosente, een senior navorsingsbeampte, drie tegniese assistente en 'n sekretaresse gefunksioneer.

Farmakologie met al sy onderafdelings word as 'n basiese wetenskap van die Geneeskunde beskou. Voorgraadse kursusse in Farmakologie is vir MBChB III, BChD III, BCur III, Dieetkunde III asook BPharm III en IV aangebied. Laasgenoemde graadkursus in aptekerswese is reeds van 1981 in samewerking met die Technikon van Pretoria aangebied. Tot en met 1991 het 324 studente die graad BPharm verwerf.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. De K. Sommers, Hoof: Departement Farmakologie, sedert 1976.

Sedert 1982 het die voorgraadse mediese en tandheelkundestudentegetalle redelik konstant gebly, maar die BPharm-studentegetalle het afgeneem.

Die Departement Farmakologie het gepoog om sy studente toe te rus met kennis van die grondbeginsels van Farmakologie sodat hulle daartoe in staat kon wees om die kennis toe te pas en sinvol in hulle beroep aan te wend. Hierdie doelwit is nagestreef deur die aanbieding van formele lesings en groepbesprekings. Twee handboeke, naamlik *Farmakologie* en *Die Behandeling van Akute Vergiftiging*, is deur prof. Sommers self geskryf en het as studiemateriaal vir voor- en nagraadse studente gedien. Sinvolle, deurlopende evaluering van studente is as 'n hoë prioriteit beskou. Praktiese opleiding in Farmakologie is vir BPharm III-studente aangebied en het proefdierstudies, farmakokinetika en kliniese proewe ingesluit. Laasgenoemde proewe het die studente die geleentheid gebied om self die effek van sekere geneesmiddels waar te neem.

Nagraadse onderrig is in verskillende MMed-studierigtings, naamlik MMed Anestesiologie, Geregtelike Geneeskunde en Interne Geneeskunde aangebied. Die Departement was die enigste in Suid-Afrika wat 'n deeltydse nagraadse kursus vir medici in Farmakologie (MPharmMed) aangebied het. Hierdie kursus wat oor drie jaar gestrek het, is in 1974 ingestel en sedertdien het 84 geneeshere hierdie kwalifikasie verwerf.

Die Departement se navorsingsmissie is bepaal deur die aard van die vakgebied en het die bestudering van alle fasette van geneesmiddelterapie by die mens behels. Met hierdie toegepaste kliniese Farmakologie is daar gepoog om 'n betekenisvolle bydrae tot die samelewing te maak. Hierdie doelwit is nagestreef deur die uitvoering van dinamiese en kinetiese studies in gesonde vrywilligers, pasiënte of sekere etniese groepe. Die navorsingsaktiwiteite van die Departement het ten nouste saamgehang met die Glaxo-instituut vir Kliniese Farmakologie. Die navorsingsaktiwiteite van die Departement is gemeet aan die groot aantal publikasies wat in oorsese en plaaslike tydskrifte verskyn het. Hierbenewens het een van die personeellede, dr. J.R. Snyman, in 1991 die prys vir die Jong navorser van die Jaar op die Fakulteitsdag ontvang.

Bo en behalwe sy pligte as departementshoof, het professor Sommers in 'n aantal komitees gedien waaronder dié van Transvaalse Provinsiale Administrasie en Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Twee van die departementslede was lede van die uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Farmakologievereniging.

Die Departement het met die nuutste ontwikkelings in die vakgebied van Farmakologie tred gehou deur die bywoning van plaaslike en internasionale kongresse.

Prof. K. Sommers
Departementshoof

Departement Fisiologie

Fisiologie is een van die basiese dissiplines in die biologiese en mediese wetenskappe, want dit beskryf die normale funksies van organismes, hetsy die totale organisme of net sekere dele van die organisme. Die woord fisiologie is van beide Griekse en Latynse herkoms, naamlik *physio* van *phusis* (natuur) en *phuein* (groei) en *logia* van *légein* (praat). In die Geneeskunde is die Fisiologie 'n sleuteldissipline wat die normale funksies van die menslike liggaam beskryf op vlakke wisselend van stelsels tot molekules. Wanneer die normale Fisiologie verstaan word, is dit uit die aard van die saak soveel makliker om die Patofisiologie te begryp.

Aan die Universiteit van Pretoria (UP) het Fisiologie aanvanklik net onder die destydse Fakulteit Wis- en Natuurkunde geressorteer, maar ná die Fakulteit Geneeskunde tot stand gekom het resorteer dit ook daaronder.

Onder die personeel wat in die Departement gedurende die tydperk 1983-1992 gedien het, kan die volgende name genoem word. Prof. B.J. Meyer was professor en hoof van die Departement Fisiologie van 1954 tot en met sy aftrede aan die einde van Junie 1984. Hy was jare lank direkteur van die Eenheid vir Neuro- en Elektrofisiologie wat deur die Mediese Navorsingsraad binne sy Departement ingestel is. Terselfdertyd was hy ook direkteur van die Instituut vir Sellulêre Fisiologie van UP. Gedurende sy aktiewe loopbaan is verskeie toekennings, insluitend twee eredoktersgrade (MD en DSc) aan hom toegeken.

Na prof. Meyer se aftrede het prof. J.J. Theron die leisels oorgeneem en wel van 1 Julie 1984 tot 31 Desember 1990. Ook hy het sy stempel op die Departement afgedruk. Hy was etlike jare lank direkteur van die Instituut vir Sellulêre Fisiologie asook voorsitter van NAVKOM (die Navorsingskomitee van die Fakulteit Geneeskunde). Sedertdien was prof. D.H. van Papendorp in beheer van sake. Hy is in 1986 tot medeprofessor in die Departement Fisiologie benoem en het in 1990 as waarnemende hoof opgetree voordat hy op 1 April 1991 aangestel is as professor in, en hoof van die Departement Fisiologie.

Na jare se voortreflike diens het prof. J.M.M. Brown op 1 Julie 1982 'n betrekking aan die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (MEDUNSA) aanvaar. Op 1 November 1982 het dr. M.J. Pitout van die Afdeling Lewenswetenskappe van UP se Instituut vir Patologie oorgeskuif na die Departement Fisiologie waar hy as volle professor aangestel is. Die belangstellingsveld van prof. H.S. Meij wat in 1980 al bevorder is tot medeprofessor, was Neuroelektrofisiologie. Sy het talle publikasies oor hierdie spesifieke navorsingsveld die lig laat sien. Dr. S.V. Grey, senior lektrise in die Departement, was sedert 1983 die departementele verteenwoordiger van Fisiologie op die Hoofkampus. Sy is op 1 Januarie 1984 tot medeprofessor bevorder. Prof. C.M.L. Steinman is op 1 Januarie 1992 as medeprofessor in die Departement Fisiologie aangestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.J. Theron, Hoof: Departement Fisiologie, 1984 - 1990.

Die Departement Fisiologie was in die oorsigperiode in 'n hoë mate aan die gemeenskap diensbaar. Departementslede het gereeld deelgeneem aan kongresse van wetenskaplike verenigings op die gebied van Fisiologie, Biochemie, Chemiese Patologie, Elektronmikroskopie, Urologie, Endokrinologie, Immunologie en Weefseloorplanting. Tientalle publikasies in plaaslike asook internasionale vakjoernale het die lig gesien. Daarvan het 76 subsidieerbare publikasies en 52 opsommings in tydskrifte verskyn. In 1990 het dr. L.H. Böhmer, 'n lektrise in die Departement, die eerste prys ontvang vir die beste publikasie in die Fakulteit Geneeskunde.

Navorsing het hoë prioriteit in die Departement geniet. Die verskillende navorsingsvelde het ingesluit: beenfisiologie, die struktuur en funksie van die pineaalklier, die struktuur en funksie van atriumgranules, die invloed van gammabestraling op hartfunksie en die werkingsmeganismes van biogeniese metaboliete. Laasgenoemde behels die rol van katesjolestrogene in seldeling, vitamien D-metabolisme in pasiënte met chroniese nierversaking, die eienskappe van en moontlike toepassing vir 'n unieke heparinase, die verband tussen sekretoriese ABO-bloedgroepdeterminante en heterofiele antiliggaamaktiwiteit en sekere parameters vir weefselskade. Die Departementslede het in hierdie en ander aspekte van die Fisiologie in die oorsigperiode 'n noemenswaardige bydrae tot die Afrikaanse vakliteratuur gelewer deur hulle betrokkenheid by nege handboeke oor Mediese Fisiologie. Die *Fisiologiese Basis van Geneeskunde* is 'n handboek wat reeds sy vierde hersiene uitgawe beleef het en die *Fisiologie van die Mens* sy derde hersiene uitgawe.

Soos dit in die Departement beoefen is, was die dissipline hoofsaaklik gerig op die opleiding van geneeshere en tandartse, asook paramedici soos aptekers, fisioterapeute, arbeidsterapeute en verpleegsters. Terselfdertyd was die Departement verantwoordelik vir die opleiding van Fisiologiestudente in die Fakulteit Natuurwetenskappe. Uiteraard is daar met talle verwante departemente binne UP asook van ander universiteite saamgewerk.

Gedurende 1983 tot 1992 het die Departement die volgende nagraadse kwalifikasies toegeken: DSc (4); PhD (1); DMedSci (2); MD (1); MSc (14); MMedSci (2) en BSc(Hons) (17).

Benewens die gemelde personeellede, het die dosentekorps aan die einde van 1992 bestaan uit vier senior lektore (drr. J.C. Seegers, M. Haag, M. Viljoen en M.C. Kruger) asook vier lektore (drr. N. Wil-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

lemse en L.H. Böhmer asook mev. M.E. Steyn en mnr. N. Claassen).

D.H. van Papendorp
Departementshoof

Departement Gemeenskapsgesondheid

Gemeenskapsgesondheid as 'n wetenskap en akademiese dissipline het hom gedurende die oorsigperiode (1983-1992) eerstens besig gehou met die meting van die bestaande gesondheidstatus van bepaalde menslike gemeenskappe. Hierdie metings het geboorte-, sieklikheids- en sterftekoerse ingesluit en is uitgevoer met behulp van die subdissiplines Epidemiologie en Biostatistiek. Die proses het bekend gestaan as Gemeenskapsdiagnose en die resultaat was 'n kliniese profiel. So 'n profiel wat bestaan het uit 'n ontleding van die siektes wat onder 'n gemeenskap voorkom, afgebreek in ouderdomsgroepe, bevolkingsgroepe en geslag, was noodsaaklik vir gesondheidsdiensbeplanning. Mediese Ekologie, Mediese Demografie, Epidemiologie en Mediese Geografie was verskillende fasette van dieselfde wetenskap.

Gemeenskapsgesondheid het hom tweedens besig gehou met die meting van die stand van omgewingshigiëne, met veral aandag aan die potensiaal om epidemiese siektes of bedryfsiektes ten gevolge te hê. 'n Gemeenskap kan slegs in 'n omgewing bestaan. As die omgewing ongesond is, is die gemeenskap ook ongesond. Derdens was die vakdissipline gemoeid met die beplanning, evaluering, uitbreiding, totstandbrenging, korrigering en administrasie van omvattende gesondheidsdienste vir 'n gemeenskap. Dit het die subdissipline van Publieke Gesondheidsadministrasie behels, tesame met voortdurende inligting van die Epidemiologie en Omgewingsgesondheid.

Die drie divisies van Gemeenskapsgesondheid (Gesondheidsadministrasie, Epidemiologie/Biostatistiek en Omgewingsgesondheid) het nou saamgewerk en die optimum gesondheid van elke individu in 'n gemeenskap nagestrewe.


Op voorgraadse vlak het onderrig in die Gemeenskapsgesondheid aan mediese studente teen 1992 in die vierde studiejaar geskied. Tot 1990 is Gemeenskapsgesondheid aangebied in die derde jaar (dertig lesings) en die vierde jaar (sestig lesings). Die inkorting tot 56 lesings in die vierde jaar is moontlik gemaak as gevolg van die groter prominensie wat aan onderrig in die gemeenskap gegee is deurdat studente vir 'n periode van vyf dae na afgeleë gemeenskappe geneem is waar die belang van gemeenskapsgesondheid sowel as die rol van primêre sorg aan hulle gedemonstreer is. 'n Verdere inkorting van formele lesings is moontlik gemaak deurdat die onderrig van Epidemiologie en Biostatistiek met gemeenskapsdiagnoses geïntegreer is by wyse van navorsingsprojekte deur die studente self. Hierdie navorsingsprojekte het gereeld pryse verower by die Akademiese Dag vir Studente en 'n belangrike bydrae gelewer om 'n navorsingsingesteldheid by die studente aan te wakker.

Op nagraadse vlak het die Departement die volgende vyf kursusse aangebied:

1. DTG (Diploma in Tropiese Gesondheid). Deeltyds oor een jaar. Dit was gerig op die militêre sektor, geneeshere in die destydse nasionale state en algemene praktisyns in die tropiese korridor. Die studente is onderrig in die Mikrobiologie, Parasitologie, Entomologie, Tropiese Patologie, Tropiese Geneeskunde asook water en voedsel.

2. DGG (Diploma in Gemeenskapsgesondheid). Deeltyds oor twee jaar. Dit was gerig op geneeshere in die openbare sektor en private praktisyns met groot deeltydse aanstellings, asook tandartse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.M. Coetzee, Hoof: Departement Gemeenskapsgesondheid, 1982 - 1985.

en veeartse. Dit het onderrig in administrasie, wetgewing, Epidemiologie, Biostatistiek en Omgewingsgesondheid behels en was gemik op direkteure van openbare gesondheidsdiens, mediese gesondheidsbeamptes, superintendente of distriksgeneeshere.

3. DGA (Diploma in Gesondheidsadministrasie). Deeltyds oor twee jaar. Dit was gerig op superintendente, mediese gesondheidsbeamptes en direkteure in gesondheidsdienste, asook op tandartse. Hulle is onderrig in vakke soos Didaktiek, Rekenaarwetenskap, Publieke Administrasie, Rekeningkunde, Bedryfsekonomie, Mediese Sosiologie en Bedryfsielkunde.

4. DBG (Diploma in Bedryfsgesondheid). Deeltyds oor twee jaar. Dit was gerig op die praktisyns betrokke by deeltydse of voltydse bedryfsgeneeskundige sessies by fabrieke. Hulle is onderrig in Bedryfschemie, -fisika en -geologie, -epidemiologie, -gesondheidstatistiek, -fisiologie, -patologie, -sosiologie asook in Personeelbestuur, die administrasie van 'n bedryfsgesondheidsdiens, Bedryfshigiëne, Bedryfsiektes en -beserings en Bedryfsgeneeskundige Reg.

5. MMed(Civ). Dit was 'n vierjarige magistergraad gekoppel aan 'n voltydse kliniese assistentskap wat gelei het tot registrasie as spesialis. 'n Verhandeling is vereis. Hierdie graad het toegang verleen tot die hoogste betrekkinge in die openbare sektor. Veral die bepaling van finansiële prioriteite in die omvattende gesondheidsdiens het aandag gekry.

Op nagraadse vlak het die Departement verskeie projekte onderneem waarvan die belangrikste 'n opname van die gesondheidsdienste in Swaziland was; gesondheidsdiensbeplanningsopnames in Mamelodi en Atteridgeville; 'n opname van die immuniseringstatus van kinders in Noord-Transvaal; 'n opname van navorsing in tropiese siektes in Suid-Afrika vir die Wêreldgesondheidsorganisasie; 'n verslag met aanbevelings oor immunisering teen masels en Duitse masels vir die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling; 'n verslag met aanbevelings oor immunisering teen Hepatitis-B; kennis van VIGS onder gesondheidswerkers in Pretoria; 'n ondersoek na uitbrekings van Rubella in die Polisiekollege, tifoïede-koors in die Weskoppies-hospitaal en virushepatitis in Witrand; ondersoeke, persoonstoesig en afsondering van hemoragiese koorssiektes; die reël van konferen-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sies; en gesondheidsopnames in die destydse Kwandebele met die oog op oprigting van 'n kliniek te Leeukuil, Moutsi.

Die Departement se dienslewering aan die gemeenskap het in die oorsigperiode onder andere die volgende ingesluit: nie-persoonlike konsultasies (telefoon, brief, in loco) oor 'n verskeidenheid onderwerpe; navrae oor chemoprofilakse immunisering; konsultasies oor tropiese siektes; bedryfsgeneeskundige konsultasies; bedryfshigiëniese konsultasies; nosokomiese infeksiebeheer by die H.F. Verwoerd- en Kalafong-hospitaal; oproepe in verband met hemorragiese koorssiektes en infeksiebeheer asook gesondheidsdienste en -beplanning.

Die Departement se navorsing het onder andere die volgende onderwerpe gedek: navorsing oor die etiologie van Testiskarsinoom; 'n opname van Bedryfsgesondheidsdienste in Pretoria; 'n opname oor verstedeliking en trauma; ondersoeke oor die invloed van lugbesoedeling op die groei van kinders; rook en die gesondheid van geneeshere; die ontwerp van groeikaarte vir die Derdewêreld; 'n ontleding van die situasie rondom die Pretoriase straatbom van 20 Mei 1983 en die beplanning van nooddienste.

Al die lede van die Departement was aktief betrokke by verskeie verenigings en organisasies, binne- en buitelands. Daaronder het getel die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bedryfsgeneeskunde, die Epidemiologiese Vereniging van Suid-Afrika, die Gemeenskapsgesondheidsgroep van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika, die Raad en Evalueringspanele van die Mediese Navorsingsraad (MNR); die Loodskomitee: Transvaalse Skool vir Openbare Gesondheid; die Navorsingskakelkomitee vir Voedselhigiëne van die Landbounavorsingsraad; die Genootskap van die Verenigings vir Bedryfsgesondheid en Veiligheid; die Internasionale Vereniging vir Bedryfsgesondheid en die International Union Against Tuberculosis and Lung Diseases (IUATLD).

Die Departement het ook 'n leidende rol gespeel in die beplanning en uitvoering van die Fakulteit se uitreikaksies, byvoorbeeld na Swaziland en na die destydse Lebowa, KaNgwane en Bophuthatswana.

Wat die personeel van die Departement gedurende die oorsigperiode betref, het prof. A.M. Coetzee in 1982 die departementshoof geword in opvolging van prof. Dolf Strating. Prof. Coetzee was die stigterspresident van die Genootskap van die Verenigings vir Bedryfsgesondheid en Veiligheid van Suid-Afrika. Na sy aftrede in 1985 is hy opgevolg deur prof. Erik Glatthaar. Laasgenoemde het, benewens sy suiwer akademiese werk, groot bydraes gelewer in sy vakgebied buite die Universiteit. Hy was die stigter en eerste president van CHASA (Community Health Association of Southern Africa), president van die Gemeenskapsgesondheidsgroep van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika en voorsitter of lid van 'n aantal verenigings gerig op gemeenskapsgesondheid. Hy is 'n erkende deskundige op die gebied van Tuberkulose en is die outeur van twee boeke daaroor.

Aan die begin van 1986 het die personeel van die Departement Gemeenskapsgesondheid bestaan uit die departementshoof en twee senior lektore, twee kliniese assistente en een sekretaresse. Daar is in die loop van die volgende jaar vier bykomende kliniese assistentposte geskep. 'n Verdere pos vir 'n konsultant is geskep. In 1989 is vier bykomende kliniese assistentposte geskep, en in 1992 nog twee. Teen die einde van daardie jaar was al die poste vir assistente en kliniese assistente gevul.

E. Glatthaar
Departementshoof


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Geneeskundige Mikrobiologie

Geneeskundige Mikrobiologie het tradisioneel die onderafdelings Bakteriologie, Parasitologie, Mikologie en Immunologie ingesluit. Sinds die jare sestig het die verskillende afdelings egter geneig om onafhanklik te ontwikkel. In 1990 het Immunologie dan ook die voorbeeld van Virologie gevolg om as onafhanklike departement af te stig. Die voorgraadse kursus in Geneeskundige Mikrobiologie word dus in samewerking met die Departemente Immunologie en Virologie aangebied.

Die oorsigperiode (1983-1992) is in die Departement Geneeskundige Mikrobiologie gekenmerk deur die toenemende ontwikkeling van antibiotiese bestandheid by verskeie bakterieë wat voorheen besonder gevoelig vir antibiotika was. Hierdie verskynsel het gelei tot ernstige probleme by die behandeling van infeksiesiektes. Die probleem was veral algemeen by hospitaalverworwe infeksies waar die veroorsakende bakterieë geneig was om bestand te wees teen die meeste antibiotika. As gevolg van doelgerigte navorsing is daarin geslaag om verskeie nuwe antibiotika soos die fluorokinolone te ontwikkel.

Navorsing in die Departement was gerig op die identifikasie van die meganismes van verskeie tipes antibiotiese bestandheid by bakterieë asook die ontwikkeling van metodes om die uitbreiding daarvan te bekamp. 'n Studie op metisillien-bestande stafilokokke het daartoe gelei dat aangetoon kon word hoe penisillien-bindende proteïene in hulle selwande verandering ondergaan. Hierdie tipe bestandheid het veral 'n probleem in die hospitaalomgewing geskep, sodat dit nodig was om die stryd teen sodanige bakterieë aan te knoop.



Prof. A.J. van Rensburg, Hoof: Departement Geneeskundige Mikrobiologie, sedert 1977.

Breë spektrum penisillien soos ampisillien was dikwels die keuse by die behandeling van infeksies deur *Haemophilus influenzae* veroorsaak, maar bestande isolate is toenemend by die organisme gevind. By hierdie organismes kon die Departement aantoon dat die bestandheid nie slegs deur ensieme veroorsaak is nie, maar dat bindingsetels in die selwand ook moontlik 'n rol gespeel het. Projekte teen die einde van 1992 het ingesluit 'n studie oor die meganismes van bestandheid teen Vankomisien wat 'n besondere kragtige antibiotikum teen stafilokokke is.

Verskeie van die projekte oor bakteriële bestandheid is in noue samewerking met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Antibiotiese Studiegroep van Suidelike-Afrika onderneem. Hierdie groep het hom beywer om tegnieke te standaardiseer en om nuwe antibiotika te evalueer. Verskeie gesamentlike projekte saam met Mikrobiologie-departemente by ander fakulteite is só uitgevoer. Die bestandheidspatrone by verskillende hospitale is vergelyk met die doel om aan klinici 'n aanduiding van die bestandheidsneigings by hulle onderskeie hospitale te gee, sodat antimikrobiese terapie daarvolgens beplan kon word.

Verskeie projekte, veral met betrekking tot hospitaalverworwe infeksies, is in samewerking met kliniese departemente onderneem. Die Antibiotika-beheerkomitee, waarin klinici, farmakoloë en mikrobioloë gedien het, het die gebruik van antibiotika in die H.F. Verwoerd-hospitaal gemonitor. Dié komitee het ook aanbevelings oor antimikrobiese terapie opgestel.

Geneeskundige Mikrobiologie was grootliks 'n praktiese dissipline, betrokke by die isolasie en/of identifikasie van patogene bakterieë om sodoende die geskikste antimikrobiese terapie te bepaal. Resultate van die navorsing is gereeld by internasionale kongresse aangebied. Ten opsigte van gemeenskaplike probleme, soos byvoorbeeld die bekamping van malaria, was daar goeie skakeling met Suid-Afrika se buurlande.

Die voorgraadse opleiding was op die mediese en tandheelkundige studente in hul derdejaar toegespits. Die opleiding het bestaan uit lesings, groepbesprekings, praktika en demonstrasies. Klem is op die praktiese aspekte van die kursus gelê. In 'n groot mate het die vak as voorbereiding vir die aanbieding van Infeksiesiektes later in die mediese kursus gedien. Nagraadse opleiding het bestaan uit indiensopleiding in die laboratorium wat gereeld deur probleemgerigte besprekings aangevul is.

Die Departement het noue samewerking en skakeling met patoloë en klinici in die privatepraktyk gehandhaaf. Die Antibiotika-studiegroep het gereeld simposia gereël oor probleemsituasies, soos hospitaalverworwe infeksies. Sekere gespesialiseerde ondersoeke is op aanvraag vir private patoloë en mediese praktisyns uitgevoer.

Die postestruktuur van die Departement het in die oorsigdekade onveranderd gebly. Prof. A.J. van Rensburg was die departementshoof en enigste voltydse dosent. Daar was ses vakante dosentposte waarteen vier private patoloë op 'n sessiebasis aangestel is. Behalwe die poste vir dosente, was daar een vakkundige beampte en 32 geneeskundige tegnoloë.

Die aantal voorgraadse studente is bepaal deur die keuringsbeleid van die Fakulteite van Geneeskunde en Tandheelkunde. Die studentgetalle het dus beperk gebly en gewissel van 180 tot 200 vir Geneeskunde en 35 tot 50 vir Tandheelkunde.


Tussen 1982 en 1992 het een kandidaat die MD-graad, twee kandidate die MMed-graad en een kandidaat die MMedSci-graad in Geneeskundige Mikrobiologie behaal. Twee kandidate het die MMed-graad in Kliniese Patologie behaal.

A.J. van Rensburg
Departementshoof

Departement Geneeskundige Virologie

Die vakgebied Geneeskundige Virologie het betrekking op virusse wat die mens infekteer en die wetenskap wat daarop gemik is om hierdie infeksies te beheer. Alhoewel virussiektes sedert die vroegste tye 'n verreikende impak op die gesondheid en geskiedenis van die mens gehad het, is die spesialiteitsvak Geneeskundige Virologie relatief jonk omdat die tegnologie en kundigheid om virusse te identifiseer en te bestudeer eers onlangs betekenis-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. W.O.K. Grabow, Hoof: Departement Geneeskundige Virologie, sedert 1988.

vol ontwikkel het. Onderrig in Geneeskundige Virologie het aan die Universiteit van Pretoria begin met die stigting van die Fakulteit Geneeskunde in 1943 toe die vak as 'n onderafdeling van Geneeskundige Mikrobiologie aangebied is as deel van 'n kursus in Patologie. Teen 1984 het die omvang van diagnostiese dienste, onderrig en navorsing in so 'n mate toegeneem dat afstigting geregverdig was en is 'n selfstandige Departement Geneeskundige Virologie gestig.

Die werksaamhede van die Departement was in die oorsigperiode (1983-1992) gemik op diagnostiese dienste, onderrig en navorsing. Virologiese aspekte van primêre gesondheidsorg en voorkomende geneeskunde het besondere aandag geniet. Die verskyning van die verworwe immuungebreksindroom (VIGS) het uiteraard betekenisvolle implikasies vir die vak gehad. Verskeie ander virusse was ook van toenemende belang vir die openbare gesondheid.

Die Departement het sedert sy stigting 'n bydrae tot voor- en nagraadse onderrig gelewer. Voorgraadse onderrig het hoofsaaklik betrekking gehad op bydraes tot kursusse in Geneeskunde, Tandheelkunde, Verpleegkunde en Laboratoriumtegnologie. Die nagraadse onderrig het betrekking gehad op bydraes tot verskeie kursusse in die Geneeskunde. In 1992 is volwaardige MSc- en PhD-kursusse in die Geneeskundige Virologie ingestel. Bydraes tot voortgesette geneeskundige onderrig het werksessies en simposia oor onderwerpe soos virusinfeksies oor die algemeen, die laboratoriumdiagnose van virusinfeksies, virushepatitis, enteriese virusse en die rol van virusse in die chroniese moegheidsindroom ingesluit. Diagnostiese dienste het toegeneem van minder as tienduisend ondersoeke in 1984 tot meer as 33 000 ondersoeke in 1991.

Naas diagnostiese dienste en onderrig waarmee die vakgebied Geneeskundige Virologie op die breedste moontlike vlak gemoeid was, is in navorsing spesiale aandag gegee aan enteriese virusse. Hierby ingesluit, was virusse wat gastro-enteritis en hepatitis veroorsaak het. Hierdie virusse het voorrang geniet omdat hulle van besondere openbare gesondheidsbelang was. In Suider-Afrika is hoofsaaklik die ontwikkelende gemeenskappe deur hierdie virusse geraak, maar die virusse het ook verreikende sosio-ekonomiese implikasies vir ontwikkelde gemeenskappe gehad. Navorsing is ook gedoen oor die rol van papilloom-virusse in esofageale en laringeale kanker, wat verteenwoordigend was van die algemeenste en belangrikste vorms van kanker in Suid-Afrika. In hierdie navorsing het die klem geval op die ontwikkeling van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gevorderde tegnieke vir die identifisering van virusse. Van die jongste molekulêre tegnieke vir die identifikasie van virus-nukleïensuur is aangewend.

Nuwe tegnologie is op verskeie terreine in die praktyk toegepas. Onder andere is die virologiese veiligheid van drinkwater ondersoek. In 1992 het hierdie werk betrekking gehad op die drinkwater van sowat vyftien miljoen mense in Suid-Afrika. Daarbenewens is navorsing gedoen oor seebesoedeling, veral ten opsigte van die oordrag van siektes deur oesters en mossels wat gekontamineer is deur die storting van afvalwater in die see. Die resultate van hierdie navorsing is aangewend in die formulering van riglyne vir gradering van drinkwater, asook vir die bepaling van die kwaliteit van oesters en mossels wat geskik was vir menslike gebruik, die regulering van die storting van afvalwater in die see, en die bepaling van die kwaliteit van water wat geskik was vir ontspanningsdoeleindes.

Daar is op verskeie gebiede saamgewerk met ander departemente aan UP. Hierby was ingesluit die Departemente Biochemie en Genetika wat hoofsaaklik bystand verleen het met die ontwikkeling van tegnieke vir die bepaling van virusse. Op soortgelyke manier is daar geskakel met ander plaaslike instansies soos die Nasionale Instituut vir Virologie, die Instituut vir Veeartsenykundige Navorsing op Onderstepoort, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en departemente van ander universiteite. Op internasionale vlak is daar ooreenkomste vir samewerking aangegaan met deskundiges aan onder andere die Universiteit van Barcelona; die Hospital for Sick Children in Londen; die Universiteit van North Carolina; die Baylor College of Medicine in Houston; die Environmental Protection Agency en die Centers for Disease Control in die Verenigde State van Amerika; die Universiteit van Nancy in Frankryk; die Universiteit van Tübingen en die Heidelbergse Sentrum vir Kankernavorsing in Duitsland. As deel van hierdie ooreenkomste het proff. A. Bosch en J. Jofre Barcelona en dr. W.D. Cubitt Londen in 1991 en 1992 besoek vir gesamentlike navorsing en onderrig.

Professor W.O.K. Grabow was voorsitter van 'n internasionale studiegroep oor mikrobiologiese gesondheidsaspekte van water waarby sowat driehonderd navorsers in 48 lande wêreldwyd betrokke was. Hierdie skakeling het 'n waardevolle meganisme gebied om op hoogte te bly met die jongste internasionale vooruitgang in tegnologie, navorsing en onderrig oor enteriese virusse.

Die eerste hoof van die Departement was prof. O.W. Prozesky. Hy het daarin geslaag om 'n omvattende en gevorderde diagnostiese diens tot stand te bring, 'n uitnemende program van onderrig aan voor- en nagraadse studente te vestig, en baanbrekerswerk te doen op verskeie navorsingsgebiede. Prof. Prozesky het onder andere bekendheid verwerf toe hy in 1982 'n sleutelrol gespeel het in die diagnose by die H.F. Verwoerd-hospitaal van die eerste twee bekende VIGS-pasiënte in Suid-Afrika. Ander baanbrekerswerk het ingesluit belangrike vordering in die isolasie van die hepatitis A-virus, en die evaluasie van hepatitis B-entstowwe. Prof. Prozesky is vir prestasies op hierdie en verwante gebiede bekroon met talle toekennings soos die Eugene Marais-gedenkmedalje, die Mediese Navorsingsraad (MNR) se goue toekenning vir uitmuntende diens vir geneeskundige navorsing, die Hans Snyckersgedenkmedalje, en die Havengaprys vir Geneeskunde. In 1987 is prof. Prozesky aangestel as Viserektor van UP. In 1989 het hy egter by die MNR aangesluit, waar hy in 1992 bevorder is tot President.

Sedert 1988 was prof. Grabow hoof van die Departement. Hy het hom beywer vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die bevordering van navorsing oor enteriese virusse. Werk op hierdie gebied het gelei tot die eerste identifisering in Suid-Afrika van die Norwalk-, Hawaii- en astrovirusse wat 'n belangrike rol by gastro-enteritis speel. In 1992 is prof. Grabow deur UP aangewys as uitnemende presteerder, en in dieselfde jaar het die Internasionale Assosiasie oor Watergehalte die Samuel H. Jenkins-medalje vir uitmuntende dienste aan hom toegeken. Hy is in 1992 uitgenooi om op te tree as konsultant oor gesondheidsaspekte van drinkwatervoorsiening aan Windhoek. Hierdie werk het hoofsaaklik betrekking gehad op die herwinning van drinkwater uit afvalwater.

Wat onderrigmetodes betref, is kurrikula en kernaantekeninge opgestel vir voorgraadse onderrig. In die onderrig op nagraadse vlak was navorsingsprojekte gerig op vraagstukke van hoë prioriteit ten opsigte van openbare gesondheid, primêre gesondheidsorg en voorkomende geneeskunde. Die resultate van die navorsing en onderrig kon dus in die praktyk toegepas word ter bevordering van die gesondheid van al die gemeenskappe in Suid-Afrika.

Diens aan die gemeenskap het bestaan uit voorligting- en besprekingsessies, asook lesings en seminare oor aktuele aspekte van virusinfeksies en verwante aangeleenthede. Onderwerpe wat in 1991 en 1992 gedek is, het algemene virusinfeksies, VIGS, enteriese virusse, hepatitis-virusse en die chroniese moegheidsindroom ingesluit.

Met sy stigting in 1984 het die Departement bestaan uit die hoof, een lektor, 'n sekretaresse, en vier geneeskundige tegnoloë. Die Departement het geleidelik gegroei en in 1992 het permanente poste voorsiening gemaak vir die hoof, 'n senior lektrise (dr. M.B. Taylor), 'n senior spesialis (dr. E. Janse van Rensburg), 'n beheertegnoloog (mnr. C. Swanevelder), 'n sekretaresse en vyf geneeskundige tegnoloë wat by diagnostiese dienste betrokke is. Daarbenewens was daar tydelike personeel wat betrokke was by navorsingsprojekte en uit selfverkreë fondse besoldig is. In 1992 het hierdie personeel bestaan uit twee navorsers, vier navorsingsassistente en 'n deeltydse datatikster.


Die Departement se bydrae tot die opleiding van voorgraadse studente het betrekking gehad op bykans driehonderd studente in Geneeskunde, Tandheelkunde en Verpleegkunde. Gedurende die periode 1984 tot 1990 is twee MSc- en twee DSc-studente opgelei. Die getal nagraadse studente het sedert 1990 toegeneem en in 1992 was daar vyf MSc-studente.

W.O.K. Grabow
Departementshoof

Departement Geregtelike Geneeskunde

Geregtelike Geneeskunde behels al die kennis sowel met betrekking tot die veld van geneeskundige wetenskappe, as die veld van ander wetenskappe wat die Geneeskunde onderlê en wat in die Regswetenskap toepassing vind in die verheldering van regsvraagstukke. Die Geneeskundige Kriminilastiek, daarenteen, is die toepassing van kennis uit die veld van die geneeskundige wetenskappe in die Bewysleer as gespesialiseerde Regswetenskap. In die lig van hierdie sambreelomskrywing is die totale aanwins van kennis in die Geneeskunde dan ook, wanneer toepaslik, ontwikkeling op die vakgebied Geregtelike Geneeskunde. Wanneer dit betrekking het op Geneeskundige Kriminilastiek is die grootste sprong sekerlik die reusevooruitgang wat in die veld van die uitkenningswetenskap gevolg het met die suksesvolle toepassings van menslike DNS-tipering gedurende die afgelope dekade.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.D. Loubser, Hoof: Departement Geregtelike Geneeskunde, sedert 1975.

Die besondere studie- of navorsingsgebiede van die Departement Geregtelike Geneeskunde het gedurende die oorsigperiode die volgende ingesluit: beseringspatrone by verskillende tipes verkeersdeelnemers met verwysing na noodlottig beseerde voetgangers, motorfietsryers en motorvoertuigbestuurders; die beskikbaarheid van alkohol in die onmiddellike omgewing van mense wat gewelddadig gesterf het; "drinkbestuurders" en die rol van alkohol by voertuigongelukke; sterfgevalle as gevolg van die hang van slagoffers; skielike en onverwagte suigelingdood; die histologiese uitkenning van skietwonde; en die histologie van elektriese wonde.

Die Departement Geregtelike Geneeskunde het voorts opgetree as 'n gespesialiseerde verwysingsentrum vir Geregtelike Patologie en het die konsultasiegebied daaraan toegesê deur die Direktoraat Forensiese en Navorsingsdienste van die Departement Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling bedien. Binne die gesamentlike aanstellingsopset was daar uiteraard noue skakeling met Departement Justisie en die Suid-Afrikaanse Polisie in die ondersoek van, en wetenskaplike evaluering van ander dan natuurlike sterfgevalle. Hartlike en wedersyds stimulerende samewerking het ook oor baie jare plaasgevind met die Nasionale Verkeersveiligheidsraad, asook met die Nasionale Instituut vir Vervoer en Padnavorsing van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), totdat herstrukturering van die WNNR in 1988 die einde beteken het van die Loodskomitee vir Padveiligheidsnavorsing.

Met die susterdepartemente aan die ses ander fakulteite van Geneeskunde in Suid-Afrika is goeie verhoudinge gehandhaaf. Gedurende die oorsigperiode het elk van die departementshoofde van Geregtelike Geneeskunde óf as eksterne eksaminator óf as Inspekteur van Eksamens vir die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad by hierdie Departement opgetree. Die departementshoof, prof. J.D. Loubser, het op sy beurt dan ook op nagraadsvlak as eksterne eksamineerder opgetree vir doktorale en magisterstudente van die Universiteite van Kaapstad, Stellenbosch, die Witwatersrand, die Oranje-Vrystaat en by Unisa. Prof. Loubser het insgelyks by verskeie plaaslike universiteite as eksterne eksaminator tydens voorgraadse eksamens opgetree.

Min geleenthede het sig gedurende die oorsigperiode voorgedoen om UP se Afrikamissie uit te dra. 'n Eenmalige blootstelling en kruisbestuiwing met Geregtelike Geneeskunde soos in Gaberone gepraktiseer, was in 1986 moontlik toe prof. Loub-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ser aldaar in 'n siviele verhoor voor die Hoofregter van Botswana deskundige getuienis gelewer het.

Wat onderrig betref, het die Departement op voorgraadse vlak sistematiese voorlesings tydens die derde en vierde studiejare aan studente in die Geneeskunde aangebied. Die aksent op die praktiese onderrig van die vak vir voorgraadse studente soos vereis deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR) is gedemonstreer tydens lykskouings by die Pretoriase Staatslykshuis waar aan elke student 'n verskeidenheid gevalle en nekropsietegnieke voorgehou is.

Nagraadse opleiding op magistervlak het ten doel gehad om die nagraadse student se ervarings- en verwysingsraamwerk in die vakgebied so breed moontlik te stel. Die registreerbare spesialiteit by die SAGTR was Geregtelike Patologie wat die hoofvak in die vier jaar lange gevorderde nagraadse studie was.

Prof. Loubser was vir die volle duur van die oorsigperiode die hoof van die Departement. Daar was in hierdie tydperk geen aanwinsveranderinge in verband met die postestruktuur nie. Die ander senior personeellede wat vir gedeeltes van die tydperk aan die Departement verbonde was, was drr. J.A. Malan, G. Saayman en A.S. Potgieter. Op nagraadse vlak was daar twee kliniese assistentposte vir opleiding in Geregtelike Patologie. Beide was in 1992 gevul.

J.D. Loubser
Departementshoof


Departement Hematologie

Die konvensionele Hematologie is gebaseer op die morfologiese beskrywing van hematologiese siektetoestande, tesame met die gepaardgaande mikroskopiese veranderinge in die bloed. Teen 1992 was daar 'n verandering na verduideliking van siekteprosesse op 'n molekulêre vlak. Hierdie verandering is in 'n groot mate bevorder deur die nuwe, hoogs gesofistikeerde apparatuur wat sedert die jare sewentig beskikbaar geword het. Die gebruik van daardie apparaat en die daarmee gepaardgaande outomatisering het groot veranderinge in die laboratoriumpraktyk in hematologie teweeggebring.

Afdelings van die vakgebied Hematologie was teen 1992 so vinnig aan die ontwikkel dat dit op die vooraand van selfstandigheid as aparte dissiplines gestaan het. So het bloedoortappingsdienste in sekere lande asook in Suid-Afrika selfstandig geword. Stollingstegnologie het dieselfde pad gevolg. Alhoewel nuwe kursusse nie ingestel is nie, was daar 'n duidelike verskuiwing van klem in die opleiding van veral nagraadse studente, waar daar twee duidelik onderskeibare rigtings ontwikkel het. Die een was die meer tradisionele kliniese rigting en die ander 'n meer basiese wetenskaplike rigting. Dit was nie teen 1992 duidelik of die nagraadse student van die toekoms albei rigtings sou moes bemeester en of die student die een of die ander sou moes kies nie.

Die Departement se vroeëre belangstelling in bloedplaatjie-immunologie is in die oorsigperiode (1983-1992) voortgesit. Na die ontwikkeling in die vroeë jare tagtig van 'n metode om plaatjiegebonde immunoglobulien te bepaal, is hierdie metode deurgaans gebruik om pasiënte te ondersoek. Hierdie metode, asook metodes deur ander werkers beskryf, is op morfologiese vlak ondersoek deur elektronmikroskopie in samewerking met die Elektronmikroskopie-eenheid van die Fakulteit Natuurwetenskappe. Ernstige besware is as gevolg van hierdie ondersoek teen die bestaande metodes ingebring. Die belangstel-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. K. Stevens, Hoof: Departement Hematologie, sedert 1975.

ling in elektronmikroskopie wat deur hierdie ondersoeke gekweek is, het gelei tot 'n belangstelling in die ondersoek van leukosiete in verskeie siektes op ultrastruktuurvlak.

Die Departement Hematologie was by geen ander projekte in samewerking met ander fakulteite van die Universiteit van Pretoria of met buite-instansies betrokke nie.

Die Hematologie was tradisioneel 'n kliniese, prakties gerigte dissipline. Akademiese hematologie is op 'n praktiese wyse in die konteks van 'n opleidingshospitaal beoefen. Een van die neigings in die Hematologie was na 'n meer klinies georiënteerde opleiding vir MMed-kandidate. Terselfdertyd moes die kandidate ook heelwat aandag aan 'n basiese wetenskaplike benadering skenk.

Op voorgraadse vlak het die Departement praktiese klasse vir vyfdejaarstudente aangebied. Op nagraadse vlak het opleiding hoofsaaklik deur middel van besprekingsklasse en seminare geskied. Formele lesings is nie aangebied nie, behalwe enkele lesings wat vir ander departemente aangebied is. Die basiese soort opleiding in die Hematologie, soos by al die patologievakke, was indiensopleiding. Gevolglik het die diagnostiese diens aan die gemeenskap in die H.F. Verwoerd-hospitaal die basis vir die Departement se werksaamhede gevorm.

Die departementslede het hulle navorsingsresultate op verskeie binnelandse kongresse voorgedra. Daarbenewens was lede van die Departement mede-outeurs van tien artikels in wetenskaplike tydskrifte en een hoofstuk in 'n mediese handboek. Die mediese personeel het in 1992 bestaan uit die departementshoof, prof. K. Stevens, en een senior lektor/senior spesialis, dr. O.N. Beck. Die volgende senior lektore/senior spesialiste en lektore/spesialiste was ook gedurende die oorsigperiode aan die Departement verbonde: drr. C.S. Kingsley, C. Cehreli, J.D. Nel, W.J.H. Louw, J.D. Welgemoed, M.J. Coetzee, N. Nel, M.I. Ginsburg, S. Potgieter en A.M. Swart. Die tegniese personeel gedurende hierdie tydperk het bestaan uit dertien geneeskundige tegnoloë en een vakkundige beampte.

Wat studentegetalle betref, het die Departement geen voorgraadse studente gehad nie, maar wel 'n aantal nagraadse studente in die MMed-kursus. Gedurende die oorsigperiode het sewe studente die Hematologie as hoofvak en 35 die Hematologie as byvak gevolg.

K. Stevens
Departementshoof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Huisartskunde

'n Belangrike ontwikkeling op die vakgebied Huisartskunde gedurende die oorsigperiode (1983-1992) was die wêreldwye ontwaking tot die sleutelbelang van primêre gesondheidsorg waarvan huisartskunde 'n noodsaaklike deel uitmaak. Daarbenewens het die opstel van duidelike "beginsels van Huisartskunde" 'n veel duideliker begripomlyning meegebring van hoe die vak Huisartskunde verskil van ander spesialisgebiede.

Primêre Noodgeneeskunde, oftewel die aanvangshantering van ernstig siek of beseerde pasiënte, is een van die fokuspunte van Huisartskunde in die noodgevalle-afdelings van die akademiese hospitaalkompleks. Huisartskunde wentel om die mens wat siek is, sy gesin en omgewing - vandaar dat aanbiedinge prakties gerig was. Voorgraadse onderrig was dus waar moontlik toegespits op werklike pasiënte en daar is aangetoon hoe siekte die persoon en sy gesin beïnvloed. Die inhoud en aanbieding van die kursusse was leerdoelwitgerig. Vir die vierdejaarstudente was 'n weeklange verpligte besoek aan geselekteerde huisartspraktyke 'n gewilde en nuttige praktiese leergeleentheid naas die praktiese onderrig in die akademiese hospitale se noodgevalle- en buitepasiënteafdelings. Praktiese onderrig in die Mamelodi-gemeenskapshospitaal is hoog deur studente aangeslaan.

Nagraads was daar veel groter klem op selfstudie, werkstukke, groepbesprekings en eie navorsing, asook pasiëntstudies. In 1992 is begin met voltydse opleiding vir die MPraxMed-kwalifikasie van medici op die diensstaat van die Departement. 'n Navorsingsprojek in huisarts- of 'n ander primêre geneeskundige praktyk gebaseer op kliniese gebied of gerig op die praktyk self was 'n voorvereiste vir toelating tot die finale MPraxMed-eksamens.


Personeellede van die Departement Huisartskunde het verskeie belangwekkende navorsingsartikels op hierdie gebied gepubliseer. Daarbenewens was prof. C.J. van der Merwe verantwoordelik vir die publikasie van die eerste volwaardige handleiding oor primêre noodgeneeskunde in Afrikaans, getiteld *Noodgeneeskunde*. Die bygewerkte Engelse weergawe, *Emergency medicine* het in 1990 verskyn.

Ander navorsingsuitsette van departementslede het ingesluit *Slangbyt*, deur prof. C.J. Reitz; *Hipertensie*, deur dr. L.J. van Gelder en medewerkers; *Interkollegiale konsultasies en verwysing van pasiënte* en *Kliniese rekordstelsels* deur prof. A.D.P. van den Berg. Aan prof. R.J.E. Erasmus is 'n MD toegeken vir sy hoogs toepaslike doktorale proefskrif, getiteld "Rolverwagting en rolvervulling in Huisartspraktyk in Suid-Afrika".

Die Departement het noue samewerking met professionele instansies gehandhaaf. Prof. Coen van der Merwe was sedert 1988 voorsitter van die Trouma-vereniging van Suid-Afrika en is van 1989 af redakteur van die noodgeneeskunde-tydskrif *Trauma*. Prof. Andries van den Berg was ampsdraer in die Suid-Afrikaanse Akademie vir Huisartspraktyk / Primêre Sorg, die Federale Raad van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika (MVSA) en president van die Noord-Transvaalse tak daarvan.

Voor die instel van die Fakulteit Geneeskunde se Buro vir Voortgesette Onderrig (BUVGO) is die meeste VGO (Voortgesette Geneeskundige Onderrig)-kursusse - ook dié deur spesialiste - in die Fakulteit Geneeskunde deur die Departement Huisartskunde geïnisieer en georganiseer. Daar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.D.P. van den Berg, Hoof: Departement Huisartskunde, sedert 1976.

was deurentyd 'n behoefte dat dosente van die Departement by kliniese byeenkomste van huisartse voordragte lewer, veral oor noodgeneeskundige onderwerpe. In hulle voorbereiding vir die diploma in primêre noodsorg van die Suid-Afrikaanse Kollege van Geneeskunde, het prof. Coen van der Merwe sedert 1989 tweejaarliks noodgeneeskunde-kursusse aan praktisyns en noodgevalle-medici oor agt naweke aangebied. Hy het ook na aanleiding van publikasies oor die hantering van bomslagoffers verskeie uitnodigings vir voordragte hieroor in die buiteland aanvaar.

Wat diens aan die gemeenskap betref, het die Departement nie-amptelik toenemend saamgewerk met die Jubilee-hospitaal in die toenmalige onafhanklike Bophuthatswana. Die Makapan-hospitaal in die destydse Lebowa het veral gebaat deur onderrig in noodgeneeskunde.


Wat die personeel van die Departement betref, was prof. A.D.P. van den Berg gedurende die hele oorsigperiode departementshoof. Sy personeel in poste van senior huisarts/senior lektor of hoër was proff. D.A. van Staden, H.P. Meyer, C.J. Reitz, C.J. van der Merwe en R.J.E. Erasmus en drr. J.S.S. Marx, H.W. Snyman en S.J. Loots. Die aantal poste vir senior personeel met 'n nagraadse huisartskwalifikasie het toegeneem van ses in 1982 tot sewentien in 1992. Daarbenewens was daar dertig poste vir junior lektore.

A.D.P. van den Berg
Departementshoof

Departement Immunologie

Die Departement Immunologie (voorheen Afdeling Immunologie, Departement Geneeskundige Mikrobiologie), insluitend die Mediese Navorsingsraad (MNR) se Eenheid vir die Studie van Fagosietfunksie, het in Januarie 1990 'n selfstandige departement geword. Dit was een van net twee formele, onafhanklike universitêre Immunologie-departemente in Suid-Afrika. Immunologie is die studie van alle aspekte van die immuunrespons. Dit het 'n betekenisvolle bydrae tot die moderne geneeskunde gelewer ten opsigte van bloedoortapping, immunisasie, orgaanoorplantings en diagnose en die behandeling van infektiewe siektes, allergiese siektes, outoïmmuunsiektes en kanker. Kennis van Immunologie, en meer spesifiek immunologiese selle, het ook 'n aansienlike bydrae tot selbiologie gelewer as gevolg van 'n beter begrip van die meganismes van seldifferensiasie, sel-selinteraksies en -samewerking, en die inisiëring van selproliferasie en -differensiasie deur membraan-reseptorbemiddelde meganismes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. R. Anderson, Hoof: Departement Immunologie, sedert 1990.

Alhoewel primitiewe immunisasie sedert die vroegste tye beoefen is, is Immunologie 'n relatiewe jong vakgebied van die mediese wetenskappe. Die ontwikkeling van die moderne wetenskap van Immunologie kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die vroeë pioniers van bakteriologie soos Louis Pasteur, Robert Koch en Emil von Behring wat baanbrekerswerk tussen die jare 1880 en 1910 in Immunologie gedoen het. Aktiewe immunologiese navorsings- en opleidingsprogramme is tydens die vroeë jare sewentig by die Universiteit van Pretoria (UP) ingestel. Die klem en denkrigting van die moderne navorsingsprogramme is beïnvloed deur die bekende pioniers van Sellulêre Immunologie soos Eli Metchnikoff en sir Peter Medawar, alhoewel 'n gebalanseerde opleidingskursus wat verteenwoordigend van al die belangrike aspekte van teoretiese en toegepaste Immunologie was, aan voorgraadse mediese studente aangebied is.

In terme van wetenskaplike ontwikkeling was Immunologie teen die jare tagtig in die "vinnige baan", met 'n konstante toename van nuwe kennis. Die wetenskap van Immunologie het inderdaad 'n kennisontploffing beleef met eerstens die ontrafeling van selinteraksies tydens noodsaaklike ring van die immunopatogenetiese meganismes betrokke by die inisiëring en handhawing van weefselskade by outoimmuunsiektes soos rumatoïede artritis en tipe I insulienafhanklike diabetes, derdens immunogenetika, vierdens die ontwikkeling van 'n reeks nuwe, doeltreffende antiverwerpingsmiddels wat 'n aansienlike bydrae tot eksperimentele en kliniese orgaanoorplanting gelewer het, vyfdens die beskrywing van nuwe immuungebreksiektes en sesdens 'n hoogtepunt deurdat sowel die molekulêre basis van immunologiese spesifisiteit as die verfyning van monoklonale antiliggame as eksperimentele, diagnostiese en terapeutiese middels beskrywe is.

In Januarie 1989 is 'n nuwe navorsingseenheid, die MNR se Eenheid vir die Studie van Fagosietfunksie, in die destydse Afdeling Immunologie gestig. Lede van hierdie eenheid was hoofsaaklik betrokke by navorsingsprojekte oor die rol van fagosietafkomstige reaktiewe oksidante (vrye radikale) in die patogenese van menslike siektes soos kanker, kardiovaskulêre siektes, outoïmmuunsiektes en longskade wat met die blootstelling aan sigaretrook of lugbesoedeling geassosieer is, asook die moontlike beskermingsaktiwiteit van antioksidante soos vitamiene E en C en betakaroteen. Latere navorsingsprioriteite was die ontwikkeling van nuwe antikanker- en immuunonderdrukkende middels en die beskrywing van die werking van die molekulêre meganisme.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gesamentlike navorsingsprojekte is met 'n paar ander universiteite en navorsingsinstansies onderneem. Dit het die Universiteit van Stellenbosch se Departement Interne Geneeskunde, die Universiteit van die Witwatersrand se Departemente Immunologie, Mikrobiologie en Geneeskunde, die Universiteit van Kaapstad se MNR-lewersentrum in die Departement Geneeskunde, die Health Research Board Laboratories van die Departement Chemie van die Universiteit van Dublin in Ierland en die Host Defence Unit van die Nasionale Hart- en Longinstituut in Londen ingesluit. Dit het tot 'n reeks gesamentlike publikasies in internasionale biomediese tydskrifte gelei. Finansiële ondersteuning vir navorsingsprojekte is op 'n gereelde basis deur UP sowel as buite-instansies soos die MNR, die Nasionale Kankervereniging, die Artritisstigting en verskeie internasionale farmaseutiese firmas gebied. 'n Aktiewe nagraadse opleidingsprogram, met die klem op praktiese laboratoriumimmunologie, is aangebied. Die getal studente met nagraadse kwalifikasies soos MSc, PhD en MD het sedert 1980 konstant toegeneem. Nagraadse studente van ander universiteite (Medunsa en die Universiteit van die Witwatersrand) het PhD-grade behaal op die basis van navorsing wat in hierdie Departement gedoen is.

Sedert 1982 het lede van die Departement Immunologie UP by verskeie internasionale en nasionale wetenskaplike konferensies en simposia verteenwoordig. Daar is ook teen die einde van die oorsigperiode voordragte gelewer by internasionale konferensies in Zimbabwe en Kenia. Die Sellulêre Immunologie-navorsingsprogram het ook tot 'n reeks publikasies in internasionale biomediese tydskrifte gelei.

Wat personeel betref, was die departementshoof in 1992 prof. R. Anderson. Die ander lede van die Departement was prof. C.E. Medlen (medeprofessor), een senior lektor, een senior vakkundige beampte, drie vakkundige beamptes en een navorsingsbeampte. Hulle was verantwoordelik vir opleiding, basiese en toegepaste navorsing, toesighouding oor navorsingstudente en roetine-laboratoriumstudente.

Wat studentegetalle betref, het die Departement se aantal voorgraadse studente sedert 1982 effens verminder, terwyl die aantal nagraadse studente konstant toegeneem het.

R. Anderson
Departementshoof

Departement Interne Geneeskunde

Die getal doserende personeellede verbonde aan die Departement het in die oorsigperiode (1983-1992) gewissel van veertig tot vyf-en-veertig. Die departementshoof sedert 1985 was prof. A.L. van Gelder. Hy is teen die einde van 1992 bygestaan deur proff. D.S. Rossouw (professor sedert 1983), R.J. van Rooyen (medeprofessor sedert 1992), D.P. Myburgh (medeprofessor sedert 1990), S.W. Brighton (medeprofessor sedert 1989) en G.J. Ras (medeprofessor sedert 1989).

Die getal voorgraadse studente in die Interne Geneeskunde wat eksamentoelating gekry het, het afgeneem van 1 064 in 1983 en 1 026 in 1986 tot 697 in 1989 en 700 in 1992. Daarenteen het die getal ingeskrewe nagraadse studente toegeneem van 19 in 1983 tot 29 in 1986 en 36 in 1992.

Die Departement het sedert 1986 altesaam 55 navorsingsprojekte aangepak. Een boek en sowat 190 tydskrifartikels in gesubsidieerde en ongesubsidieerde tydskrifte is in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.L. van Gelder, Hoof: Departement Interne Geneeskunde, sedert 1985.

dieselfde tydperk deur departementslede gepubliseer.

A.L. van Gelder
Departementshoof

Afdeling Dermatologie

Die Afdeling Dermatologie was gedurende die oorsigperiode (1983-1992) by drie hoofaktiwiteite betrokke, naamlik:

1. Dienslewering aan die twee akademiese hospitale (H.F. Verwoerd en Kalafong) en aan 'n menigte pasiënte.

2. Opleiding van beide voor- en nagraadse studente. Op voorgraadse vlak het ongeveer 250 vierdejaars jaarliks by die Departement onderrig ontvang, en op nagraadse vlak was daar ruimte vir drie kliniese assistente. Hulle opleiding het vier jaar geduur en is afgesluit met 'n eksamen waardeur hulle spesialisstatus verwerf het mits hulle suksesvol was.

3. Navorsing, veral op kliniese gebied. As gevolg van 'n tekort aan personeel weens 'n inperking van poste was basiese navorsing nie moontlik nie.

Die Afdeling het hom veral op twee terreine toegepsits, naamlik eerstens op *Eosinophilic dermatitis* waaroor daar saam met die Departement Dermatologie van die Mayo-kliniek in Rochester in die Verenigde State van Amerika navorsing gedoen is; en tweedens op die rol van menslike papillomavirus in velpatologie waarmee daar met die Instituut vir Papillomavirus-navorsing in Heidelberg, Duitsland, saamgewerk is. Twee artikels in gerekende internasionale publikasies het uit laasgenoemde navorsing voortgevloei. Daarbenewens het die Departement hom toegepsits op velprobleme by VIGS-pasiënte, *Lupus erythematosus* en *sarcoidosis*.

Die Afdeling het as 'n subeenheid van die Departement Interne Geneeskunde gefunksioneer. Dit het telkens met ander departemente by die Universiteit van Pretoria saamgewerk en gereeld wetenskaplike samesprekings gevoer met die Departemente Anatomiese Patologie, Mikrobiologie, Virologie, Mensgenetika, Immunologie, Hematologie en Interne Geneeskunde, asook met die Farmasie-departement van die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (Medunsa), met die Potchefstroomse Universiteit en met die Universiteit van die Witwatersrand se Departement van Dermatologie. Daar was ook noue bande met die Suid-Afrikaanse Psoriasisvereniging.

Die Afdeling het aan die einde van die oorsigperiode bestaan uit die hoof en enig-


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ste voltydse konsultant, naamlik prof. W.K. Jacyk, een deeltydse konsultant, drie kliniese assistente en 'n sekretaresse.

W.K. Jacyk
Afdelingshoof

Afdeling Fisiese Geneeskunde

Die Afdelingshoof, prof. S.W. Brighton wat in 1990 tot daardie rang bevorder is, was die enigste personeellid van die Afdeling teen die einde van die oorsigperiode (1983-1992). Altesaam drie navorsingsprojekte is tot 1990 in die Afdeling aangepak en tien artikels is vir gesubsidieerde en ongesubsidieerde tydskrifte gelewer.



Prof. D.P. Myburgh, Hoof: Departement Kardiologie, sedert 1991.

Departement Kardiologie

Die spesialiteitsrigting Kardiologie as deel van die Departement Interne Geneeskunde bestaan reeds sedert die jare vyftig. Die Afdeling Kardiologie in gemelde Departement het in 1982 formeel tot stand gekom met prof. A.L. van Gelder as Afdelingshoof. Hy is opgevolg deur prof. M.J. Bennett wat op sy beurt weer in 1990 deur prof. D.P. Myburgh opgevolg is. Die volwaardige Departement Kardiologie het in 1991 tot stand gekom.

D.P. Myburgh
Departementshoof

Departement Kerngeneeskunde

Kerngeneeskunde omsluit alle aanwendings van radioaktiewe materiale - diagnosties, terapeuties of skeppend (navorsing) - met as enigste uitsluiting die gebruik van verseëlde stralingsbronne. Dit word verder gedefinieer as dié spesialiteit van geneeskunde wat te doen het met die diagnostiese, terapeutiese (verseëlde stralingsbronne uitgesluit) en navorsingsaanwending van radionukliede.

Kerngeneeskunde op sigself word in alledaagse praktykvoering as 'n kliniese diens beskou. Dit het te doen met die opklaring van spesiale diagnostiese probleme in verband met siektes. Soms het dit te doen met probleme rakende die langtermynbehandeling van pasiënte, en af en toe met supervisie. Die omvang van die werk wat binne die Kerngeneeskunde omvat word, kan in drie afdelings verdeel word:

(a) In vivo-ondersoeke - radioaktiewe materiaal word diagnosties aangewend en aan pasiënte toegedien.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(b) In vitro-ondersoeke - die ondersoeke word uitgevoer op monsters (serum, urine, of ander materiaal) van die pasiënt; die radioaktiewe merkers word dus analities aangewend en nie aan die pasiënt toegedien nie.

(c) Terapie - met onverseëlde stralingsbronne.

Die Departement Kerngeneeskunde aan die Universiteit van Pretoria het op 5 Oktober 1984 tot stand gekom. Daar was egter 'n veel langer aanloop tot die ontstaan van die departement. In 1948 was radioaktiewe fosfor en jodium beskikbaar vir die Nasionale Fisiese Laboratorium van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) in Pretoria en is dit gebruik in die ondersoek en behandeling van pasiënte by die Pretoriase en Johannesburgse Algemene Hospitaal. Geen radioaktiewe telapparate was toe in die hospitale beskikbaar nie en heelwat pionierswerk moes nog gedoen word. Nadat die natrium-jodied-kristal as detektor vir radioaktiewe tellers ontwikkel is, is daar in 1952 twee aftasapparate vir die Algemene Hospitaal in Pretoria aangekoop. In 1953 is mnr. D.J. Savage as voltydse fisikus aangestel en was radio-isotope vir die eerste keer in die geneeskunde beskikbaar. Die eerste ondersoek en behandeling het ^{131}I-opnames van die skildklier en ^{32}P-opnames vir terapeutiese doeleindes behels. In die daaropvolgende jare het radiofarmaseutiese middels meer en meer beskikbaar geraak en is daar begin met die diagnostiese gebruik van ^{50}Fe- en ^{60}Co-gemerkte vitamien B_{12}. In 1956 is ^{51}Cr gebruik vir rooibloedseloorlewing- en -afbraakstudies.

Hierdie diens was aanvanklik onder die beskerming van die Departement Radioterapie en die ondersoeke is deur fisici gehanteer in die kliniese gebou van die Pre-



Prof. M.P. Iturralde, Hoof: Departement Kerngeneeskunde, sedert 1985.

toriase Algemene Hospitaal. In Januarie 1963 is dr. Chris Jansen aangestel as medeprofessor op 'n sessie-basis, terwyl hy 'n voltydse aanstelling beklee het as direkteur van die afdeling Lewenswetenskappe van die Raad op Atoomkrag (RAK).

In 1960 is die Buitepasiënte-Oos-gebou opgerig en die aktiwiteit het toe as subafdeling van die Departement Radiologie (Radiodiagnostiek) na die nuwe perseel verskuif. In 1962 is prof. B.J. Meyer wat destyds die voltydse hoof van die Departement Fisiologie was, op honorêre basis deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) in die subafdeling Kerngeneeskunde aangestel. In 1965 het die Universiteit van Pretoria (UP) sy regulasies rakende buitewerk deur voltydse do-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sente gewysig en is prof. Meyer volgens die normale TPA-regulasies in Kerngeneeskunde aangestel. Hy was teen die einde van die oorsigperiode (1983-1992) nog steeds aan die Departement verbonde.

In 1962 is die eerste skandeerapparaat aangekoop en is daar begin met tiroïedskanderings. In Januarie 1964 is mej. D. du Toit (mev. D. van der Westhuizen) aangestel as die eerste voltydse "tegnoloog" in die afdeling. Ook sy was in 1992 steeds aan die Departement verbonde as Beheerradiograaf (Kerngeneeskunde). Later in 1964 is meer gesofistikeerde skandeerders aangekoop met natriumjodiedkristalle en dubbel gekollimeerde kristalsisteme vir studies soos renografie, breinbloedvloeistudies en plasentalokalisasies (laasgenoemde studies het bekend gestaan as die "Pretoria-tegniek" vir plasentalokalisasie). Met die gesofistikeerder apparate het flikkergrafie van die lewer, brein en skelet vinnig toegeneem. Die negende heelliggaamteller in die wêreld is in gebruik geneem, en vetabsorpsiestudies, protëinverliesstudies, totale liggaams-K-bepalings en vitamien B_{12}-absorpsiestudies het roetine-ondersoeke geword. Met die aankoop van 'n outomatiese bloedvolumeapparaat het meervoudige bloedvolumebepalings toe ook moontlik geword.

Dr. I. Dormehl van die RAK (Afdeling Lewenswetenskappe) was van 1974 tot 1978 deeltyds as fisikus aan die Afdeling verbonde. In 1977 is die eerste hoogs gesofistikeerde gammakamera toegerus met 'n rekenaarstelsel aangekoop en onder haar leiding in gebruik geneem. Van 1978 tot 1980 was dr. S. Greyling van die Departement Radiologie die waarnemende hoof van die Afdeling totdat prof. Mario Iturralde in 1981 oorgeneem het. Op sy beurt is hy op 1 April 1985 aangestel as professor in, en eerste hoof van die Departement Kerngeneeskunde.

Die Departement was baie aktief, beide op die gebied van dienslewering en navorsing. Meer as tienduisend diagnostiese aftas- en in vitro-prosedures is jaarliks met moderne gammakameras, ontwerp vir enkelfotonemissie-tomografie en radioaktiewe tellers, op bykans alle orgaanstelsels uitgevoer om hulle morfologie en funksionele status kwantitatief te evalueer. Terapie met onverseëlde radioaktiewe bronne is ook uitgevoer. In samewerking met die Atoomenergiekorporasie (AEK) se Isotoopproduksiesenter is talle nuwe radiofarmaseutiese middels vir die eerste maal getoets vir gebruik in hospitale. ^{131}I-metajodobensielguanidien is in 1981 geproduseer vir die diagnose van neuro-adrenergiese tumore in samewerking met die Departement Chirurgie. Dit was die eerste keer dat die middel buite die VSA aangewend is.

Radionukliedhartfunksiestudies by hartoorplantingspasiënte is vir die eerste keer in Suid-Afrika in hierdie Departement uitgevoer. Die toetse is ook gedoen op kankerchemoterapie-pasiënte wat kardiotoksiese sitostatika ontvang het. Radionukliedevaluasie van penisbloedvloei by pasiënte met impotensie en histerosalpingografie vir die beoordeling van die buise van infertiele vroue is uitgevoer.

Agt verhandelings is reeds voorgelê vir meesters- of doktorsgrade wat voortgespruit het uit navorsing in die Departement. Daarbenewens is meer as vyftig oorspronklike publikasies in erkende nasionale en internasionale mediese joernale gepubliseer. In 1990 het daar 'n boek getitel *A Dictionary and Handbook of Nuclear Medicine and Clinical Imaging* uit die pen van prof. Iturralde verskyn. Hy het ook sewe hoofstukke bygedra tot boeke

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oor Kerngeneeskunde wat oorsee gepubliseer is.

M. Iturralde
Departementshoof

Departement Kindergeneeskunde

Kindergeneeskunde is die Dietse benaming vir die Afrikaanse woord pediatrie wat van die Grieks afgelei is: (*pais* - 'kind' en *iatreia* 'genees'). In Engels heet dit *Paediatrics*, in Nederlands *Kindergeneeskunde* (ook *Pediatrie*) en in Duits *Kinderheilkunde*. Die dissipline behels die studie van kindersiektes, asook die normale fisiese en psigiese ontwikkeling van kinders en die voorkoming van siektes. Die doelwit is die bereiking deur die kind van sy volle, inherente potensiaal.

Tot ongeveer die helfte van die negentiende eeu is Kindergeneeskunde as deel van óf Interne Geneeskunde óf Obstetrie gedoseer. Sedertdien het dit tot 'n onafhanklike dissipline ontwikkel. Aan die Universiteit van Pretoria (UP) was Kindergeneeskunde sedert die ontstaan van die Fakulteit Geneeskunde een van die kliniese hoofvakke. Soos elders in Suid-Afrika, het opleidingsmetodes soos deur Britse mediese skole voorgestaan, die grootste invloed op die aard van die opleiding gehad.

Sedert 1982 het Kindergeneeskunde merkwaardig uitgebrei. In die Departement is onderafdelings van pediatriese kardiologie, neurologie, pulmonologie, endokrinologie, hematologie, genetika en neonatologie gevestig. Navorsingsprojekte wat deur die Departement onderneem is, het veral oor pediatriese kardiologie en neonatologie en die opleiding van voorgraadse studente gegaan. Wetenskaplike publikasies wat in die oorsigperiode gelewer is, sluit twee boeke en 102 wetenskaplike artikels in.

Die lede van die Departement het aktief aan bedrywighede van buite-instansies deelgeneem. Die hoof van die Departement was voorsitter van die Gesondheidskomitee van die Suid-Afrikaanse Raad vir Kindersorg, lid van die uitvoerende rade van die Suid-Afrikaanse Pediatriese Vereniging, die Hartstigting van Suid-Afrika, die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Mediese Onderwys en die Noord-Transvaalse Takraad van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika, en het in die Provinsiale Skakelkomitee vir Moeder- en Kindgesondheid gedien. Verder was hy voorsitter van die reëlingskomitee vir die Suid-Afrikaanse Pediatriese Kongres van 1988 wat deur die Departement Kindergeneeskunde in Pretoria gereël is. Prof. O.J. Ransome en dr. S.P.E. Naude het in die uitvoerende raad van die Suid-Afrikaanse Pediatriese Vereniging gedien, waar prof. Ransome tot president verkies is. Hy was ook lid van die Nasionale Reëlingskomitee van die Borsvoedingsweek. Dr. Naude was 'n lid van die Kistifibrose-vereniging se Mediese en Wetenskaplike Komitee asook van die Kinderasmawerkgroep van die Suid-Afrikaanse Allergiese Vereniging.

Omdat Kindergeneeskunde 'n holistiese benadering nagestreef het, was samewerking met ander dissiplines uiters belangrik. Skakeling met ander universiteite deur middel van werksgroepe oor onder andere kindermishandeling, long- en bloedsiektes en met ander departemente van die Universiteit binne asook buite die Fakulteit Geneeskunde, en met 1 Militêre-hospitaal, is deur verskeie lede van die Department onderneem. Inrigtings en skole vir gestremde kinders, asook nie-akademiese hospitale in Transvaal en sekere van die destydse tuislande en buurstate is gereeld deur lede van die Departement besoek. Voorligtingsessies en simposiums vir ouers van diabetiese kinders en kinders met kistifibrose is gehou. Simposiums oor die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. R.E. Cronje, Hoof: Departement Kindergeneeskunde, sedert 1980.

pasgeborene, voeding van kinders en kindermishandeling is gereël.

Die Departement het in die oorsigperiode doelbewus daarna gestrewe om weg te beweeg van didaktiese onderwys. Klem is gelê op 'n stelsel waar studente geleer is om kliniese probleme op te los. Dit is gedoen deur middel van studiehandleidings, kleingroepbesprekings en saalrondtes. Interdepartementele vergaderings is gereeld gehou om voor- en nagraadse opleiding te bespreek. Lede van die Universiteit se Buro vir Akademiese Steundienste is gereeld betrek om die departementslede toe te spreek oor onderrigmetodiek.

Die veranderinge in die onderrig in die Departement is moontlik gemaak deur die toename in dosente. In 1992 was daar in die Departement twee volle professore, twee medeprofessore, sewe senior lektore, drie lektore, drie junior lektore en vyf deeltydse lektore. Die departementshoof was prof. R.E. Cronje. Prof. O.J. Ransome is in 1989 as tweede professor en kliniese hoof by die Kalafong-hospitaal aangestel. Emeritusprofessor J.G. Prinsloo het in 1989 as kliniese hoof by die Kalafong-hospitaal afgetree en is kort daarna as medeprofessor in 'n tydelik-voltydse hoedanigheid aangestel. Medeprofessor C. van Heerden was by die H.F. Verwoerd-hospitaal werksaam. Van 1982 af het die getal nagraadse studente geleidelik toegeneem. In 1992 het sewe nagraadse studente hul opleiding voltooi.

R.E. Cronje
Departementshoof

Departement Mediese Onkologie

Ontwikkeling op die vakgebied Mediese Onkologie gedurende die oorsigperiode (1983-1992) het 'n evolusie in die hantering van kankerpasiënte meegebring. Siektes wat etlike jare gelede gewis 'n doodsvonnis beteken het, kon teen 1992 suksesvol behandel word. Die beste weerspieëling van die vooruitgang wat daar op die gebied van kankerbehandeling gemaak is, was waarskynlik die feit dat hoewel daar elke jaar 'n groter getal nuwe kankerpasiënte gediagnoseer is, die aantal pasiënte wat jaarliks gesterf het as gevolg van kanker afgeneem het. Die aantal pasiënte wat by die Departement Mediese Onkologie aangemeld het, het jaarliks gegroei - nie net omdat kanker so 'n algemene siekte is nie, maar ook omdat die pasiënte wat langer gesond gebly het, of selfs volkome genees is, steeds toegeneem het.

Die Departement Mediese Onkologie het 'n toonaangewende rol gespeel by interna-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sionale koöperatiewe kankernavorsingsgroepe wat gesamentlike pogings aangewend het om kanker te bestudeer, nuwe middels op die proef te stel en beter behandelingsmetodes te ontwikkel. Ten einde sinvolle inligting te bekom, is die kwaliteit van data streng beheer. Databeheer en statistiese analise was rekenaarafhanklik. As lid van die belangrike Amerikaanse navorsingsgroep, die Eastern Cooperative Oncology Group (ECOG), het die Departement rekenariseringsbystand van die Universiteit Harvard se biostatistiese fasiliteite bekom. In November 1991 is die datapersoneel van die Departement Mediese Onkologie aangewys as die span wat die hoogste punte behaal het in die evaluering van die kwaliteit van data wat aan ECOG se statistiese sentrum voorgelê is.

Die Departement Mediese Onkologie was in die oorsigperiode die enigste lid van ECOG van buite Noord-Amerika. Bekende Amerikaanse instansies soos die Universiteit van Boston, die Johns Hopkinsuniversiteit, die Universiteit van Stanford, die Universiteit van Wisconsin, die Fox Chase-kankersentrum en die Mayo-kliniek was onder andere ook lede van ECOG. Die Departementshoof, prof. Geoffrey Falkson, is in 1991 in die wetenskaplike adviesraad van ECOG aangestel. Beide hy en prof. Hendré Falkson was sedert 1976 gereeld besoekende professors in die Departement Menslike Onkologie van die Universiteit van Wisconsin. Albei was ook betrokke by die stigting van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mediese Onkoloë (SASMO). In 1990 is prof. G. Falkson vir 'n periode van drie jaar as voorsitter van hierdie vereniging herkies.

Die Departement Mediese Onkologie het sowat 70 000 pasiëntbesoeke per jaar hanteer. Hiervan was 1 500 nuwe pasiënte. Die primêre doelwit van die Departement was om op die effektiefs moontlike manier pasiënte met kanker te behandel. Kliniese navorsing en onderrig het hand aan hand gegaan hiermee. Daardie navorsing het gelei tot 'n beter begrip van kankers en die ontwikkeling van beter behandelingsmetodes. Meer as 560 wetenskaplike publikasies het getuig van die navorsingswerk wat nie slegs onderneem is nie, maar ook uitgevoer is.

Lede van die Departement Mediese Onkologie het 'n aktiewe rol gespeel om saam met die Nasionale Kankervereniging van Suid-Afrika betrokke te wees by publieke voorligting, asook om die Mediese Vereniging van Suid-Afrika by te staan in hulle voorligtingsveldtog op televisie. Gedurende die oorsigperiode het al die lede van die Departement gereeld binnelandse en buitelandse kongresse bygewoon en bydraes in die vorm van voordragte of plakkate gelewer. Voorts het proff. G. en H. Falkson asook dr. Carla Falkson etlike buitelandse bydraes op spesiale uitnodiging gelewer. Die mees onlangse was toe prof. G. Falkson as genooide spreker opgetree het by 'n kongres oor die gebruik van Aromataseinhibeerders in mammakarsinoom, te Bologna in Italië gedurende Junie 1992. Dr. Carla Falkson het op uitnodiging "Grand Rounds" waargeneem by die M.D. Anderson-kankerinstituut in Houston, Texas asook uitnodigingslesings gegee by universiteite in Dallas en Tucson in die VSA gedurende Mei, 1992.

Gedurende die oorsigperiode het die Departement die volgende nagraadse promovendi gelewer: vier doktorsgrade en twee magistergrade.

Benewens die gemelde personeel het die Departement in 1992 beskik oor die dienste van een spesialispediater, naamlik dr. L.C. de Jager, twee spesialiste, naamlik M.R. Chasen en B.L. Rapoport, nege

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mediese beamptes en agt natuurwetenskaplikes/navorsingsbeamptes.


G. Falkson
Departementshoof

Departement Mensgenetika en Ontwikkelingsbiologie

Die Departement Menslike Genetika het op 1 Junie 1989 sy beslag gekry met die aanstelling van die eerste voltydse departementshoof, prof. G.S. Gericke. Die Sitogenetikalaboratorium van die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) is tot die Departement toegevoeg, en eertydse lede van die Radiobiologie-afdeling van die Atoomenergiekorporasie (AEK) se Instituut vir Lewenswetenskappe is oorgeplaas na die Departement met die oogmerk om 'n molekulêre genetikalaboratorium hieruit te ontwikkel. Hierdeur is 'n ideaal verwesenlik wat meer as 'n dekade lank nagestreef is deur proff. H.W. Snyman en F.G. Geldenhuys, twee van die eertydse dekane van die Fakulteit. 'n Deurbraak is gemaak toe die Universiteit van Pretoria (UP) besluit het om sonder die gebruiklike vennootskap met die TPA tot die stigting van so 'n Departement oor te gaan.

Hierdie ontwikkeling het voortgespruit uit die aktiewe bydraes van die dekaan, prof. J.V. van der Merwe en die Viserektor, prof. O.W. Prozesky om 'n onafhanklike departement van hierdie aard binne die Fakulteit te vestig. Nadat taalkundige advies ingewin is, is die naam verander in die Departement Mensgenetika. Die Ontwikkelingsbiologie-komponent is bygevoeg om die hegte verwantskap met genetiese beheer van ontwikkelingsmeganismes te beklemtoon.

Nadat die sitogenetiese fasiliteite uitgebrei is, waarvan mev. E. Myburgh die hoof was, en 'n molekulêre genetikalaboratorium van die grond af ontwikkel moes



Prof. G.S. Gericke, Hoof: Departement Mensgenetika en Ontwikkelingsbiologie, sedert 1989.

word, met dr. E.J. van Rensburg as hoof, kon die Departement reeds binne drie jaar daarin slaag om die eerste projekte op internasionale grondslag te bedryf. Dit is gewis 'n bevestiging van die lewenskragtigheid van, en geleenthede binne hierdie fundamentele vakgebied. Teen 1992 was die opleiding en vaardighede op so 'n peil dat 'n sentrale diensfunksie beplan kon word, naamlik 'n driejarige ontwikkelingsplan vir 'n diagnostiese en navorsingseenheid ten opsigte van kankergenetika wat op multidepartementele wyse bedryf sou word. Dr. Van Rensburg was in beheer van die laboratoriumaspekte van hierdie program.

'n Verdere kernaktiwiteit het die hantering van genetiese klinieke in afgeleë gebiede in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Verre Noord-Transvaal behels. 'n Komitee is gestig waarvan die Departement Nasionale Gesondheid, en die Universiteit van die Noorde medevennote was. Al die plaaslike gesondheidsleiers is betrek. Die ontvangs daarvan deur die plaaslike bevolkings het alle verwagtinge oortref. Dit is moontlik dat die tydsamer aard van 'n genetiese beradingskliniek, met die hulp van al die bekende lewende familielede, aan 'n behoefte voldoen het wat vanweë die beklemtoning van die siekteproses en met minimale kommunikasie, deur die moderne Westerse geneeskunde agterweë gelaat is. Op 15 Augustus 1992 is 'n kursus oor genetiese klinieke by die Universiteit van die Noorde aangebied. Dit is deur sowat veertig geneeshere van veral hospitale wat die swart bevolking dien, bygewoon.

'n Derde belangrike diensaspek was die bydrae in die hantering van swangerskappe waar 'n fetale abnormaliteit bevind is. Die snelle toename in kennis van fetale genetiese patologie en die beskikbaarheid van 'n toenemende aantal moontlike laboratoriumbepalings, het die bydrae van die kliniese genetikus in hierdie verband sinvol gemaak. Hierdie aspek is deur dr. A. Christianson hanteer. Hy was voor sy aanstelling as senior lektor in Julie 1992 in beheer van 'n soortgelyke multidissiplinêre span by die Universiteit van die Witwatersrand.

Die Departement was in 1992 ook betrokke by die afronding van beoogde kursusse in Mediese Genetika vir voorgraadse mediese studente, en 'n semesterkursus in Kraniofasiale Genetika vir nagraadse tandheelkundestudente.

Die missie van die Departement was:

1. Die ontwikkeling van 'n breed gefundeerde kompeterende mediese genetiese diens tot heil van alle bevolkingsgroepe in Suider-Afrika.

2. Die opvoeding van gesondheidspersoneel en oordrag aan die publiek, van die praktiese toepassing en benutting van genetiese dienste.

3. Die aktiewe bevordering van internasionale navorsing op genetiese en/of molekulêr biologiese vlak in toepaslike vertakkings van die geneeskunde.

G.S. Gericke
Departementshoof

Departement Neurochirurgie

Die Afdeling Neurochirurgie van die Departement Chirurgie het in 1986 departementele status verwerf onder leiding van prof. M.J. van Rensburg. Hy was sedert 1978 die eerste professor in, en voltydse afdelingshoof van Neurochirurgie. As vakgebied wat te make het met aandoenings van die senuweestelsel waar operatiewe behandeling 'n opsie is, het die Departement ten nouste saamgewerk met die Departement Neurologie, en inderdaad ook met al die ander departemente van die Fakulteit Geneeskunde. Die Departement was 'n diensdepartement, met pasiëntesorg as die belangrike missie. Meer as negehonderd pasiënte met ernstige breinbeserings is jaarliks vir behandeling opgeneem.

Vanweë die swaar dienslas, asook die intense praktiese aard van die vakgebied, was die opleiding van die magisterstudente, op wie se skouers die werklas gerus het, gedurende die oorsigperiode (1983-1992) ongelukkig bykans uitsluitlik op diens afgestem. Fasiliteite vir voldoende en kundige onderrig van magisterstudente in die uiters belangrike, basiese neurologiese wetenskappe Neuroanatomie, Neurofisiologie, Neurofarmakologie en Neuropatologie, was gebrekkig. Die tyd wat daar-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan afgestaan kon word weens die poste-struktuur van die Departement was inderdaad onvoldoende. Nietemin het vier van die ses magisterstudente wat in die oorsigperiode afgestudeer het, hulle MMed-grade met lof verwerf. Teen die einde van 1992 was vyf magisterstudente in kliniese assistentposte. Die skakeling met voorgraadse studente was ongelukkig gering. Dit het bloot bestaan uit vyf lesings in die vyfde studiejaar en een week se rotasie deur die Departement as studentinterns in hulle finale studiejaar.


Die enigste dosent van die Departement Neurochirurgie was die departementshoof, prof. Van Rensburg. Hy is deur die jare met tussenposes bygestaan deur verskeie konsultante in voltydse poste. Die drie vakante spesialisposte wat aan die einde van 1992 bestaan het, is gedeeltelik en deeltyds gevul deur neurochirurge uit die private praktyk, almal afgestudeerdes van die Departement. Sover moontlik is bande met ander universiteite gehandhaaf. In 1991 het dr. S. Mokgokong, 'n neurochirurg van die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (Medunsa), ses maande as besoekende lektor in die Departement deurgebring.

Bo en behalwe die kliniese filosofie dat elke pasiënt se aandoening as 'n navorsingsprobleem benader moes word, is die monitering, beïnvloeding van, en beheer oor intrakraniale druk deurentyd ondersoek. Meer as een publikasie en kongresvoordrag het dan ook in dié verband die lig gesien. Hierdie ondersoek het teen die einde van die oorsigperiode voortgeduur.

M.J. van Rensburg
Departementshoof

Departement Neurologie

Die oorsigperiode (1983-1992) was vir die Departement Neurologie 'n tydperk van



Prof. C.H. van der Meyden, Hoof: Departement Neurologie, 1979 - 1989.

ontwikkeling en groei. Dit is moontlik gemaak deur die volgehoue, bekwame en lojale bydraes van ons private neuroloë, drr. W.M. Güldenpfennig, A.P. Rossouw en H.P. van der Merwe. Mev. E.J. Booyens het die simpatieke hart en kundige senuweestelsel van die Departement gevorm.

Verskeie nagraadse studente, naamlik drr. P.H. Kritzinger, B.P. Lotz, K.D. Rosman, M.K. Baker, N.A. Mafoyane, M. Greyling, C.C. Coetzee, L.D. Biermann en J.P. Stübgen, het in hierdie tydperk hulle MMed-grade in Neurologie behaal. Dr. Rosman het in 1990 ook die MD-graad behaal en drr. Kritzinger en Lotz het hulle MMed-grade met lof verwerf. Beide drr. Lotz en Stübgen het in 1988 en 1992 respektiewelik die gesogte Phyllis-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Knocker-Bradlow-beurse van die Kollege van Geneeskunde verwerf. Drr. Coetzee en Stübgen het elk 'n voltydse navorsingspos vir twee jaar in die Departement beklee.

Prof. P.R. Bartel se koms na die Departement in 1981 en sy aanstelling as medeprofessor in 1984 en hoof van die Neurofisiologie laboratorium was van kritieke belang vir die vestiging van standaarde en 'n navorsingsmetodiek en -klimaat. Kliniese assistente en neurofisiologie-tegnoloë is opgelei in laboratoriumtegnieke en 'n deurlopende navorsingsuitset is gelewer. Mev. E. Robinson wat in 1979 by die Departement aangesluit het, was deurgaans 'n staatmaker in die neurofisiologie-laboratorium en het waardevolle ervaring uit die Verenigde State van Amerika na die laboratorium teruggebring.

Die Departement het ryklik geput uit wetenskaplike kennis en ervaring uit die buiteland. Prof. R.F. Gledhill van Engeland het van 1985 tot 1987 as hoofneuroloog by die Kalafong-hospitaal gewerk en veral waardevolle navorsingsinsette gelewer. Dr. Lotz het na vier jaar ondervinding by die Mayo-kliniek deskundigheid in die velde van Elektromiografie en Spiersiektes teruggebring na Suid-Afrika en dr. M.K. Baker na twee jaar aan dieselfde instituut ervaring en kundigheid oor Perifere Neuropatië. Dit was 'n sterk stimulus vir navorsing in die Departement.

Prof. C.H. van der Meyden wat sedert 1979 in bevel was, is in 1988 deur prof. Lotz as departementshoof opgevolg. Prof. N.A. Mafoyane is in 1991 as afdelingshoof by die Kalafong-hospitaal aangestel. Dr. A.G. Eloff se aanstelling as voltydse neuroloog in 1992 het die Departement op 'n kritieke fase versterk. Miskien was die belangrikste stimulus in die Departement Neurologie gedurende 1983 tot 1992 sy ereneuroloog, prof. M.J. van Rensburg, hoof van die Departement Neurochirurgie by die Universiteit van Pretoria. Met sy deeglike kennis in die basiese wetenskappe en met sy grondige waardesisteem het hy nie net 'n onuitwisbare indruk gelaat nie, maar was hy 'n ware rolmodel.

Prof. Lotz het in 1992 'n professoraat in neuromuskulêre siektes in die VSA aanvaar en het die Departement se "ambassadeur" in die buiteland geword.


C.H. van der Meyden
Departementshoof

Departement Obstetrie en Ginekologie

Onder die hoofskap van prof. J.V. van der Merwe, aangestel in 1980 nadat prof. F.G. Geldenhuys die amp van dekaan aanvaar het, het die Departement 'n tyd van groei en akademiese verdieping ondergaan. Prof. Van die Merwe het egter op 1 Julie 1987 die derde departementshoof van hierdie Departement geword wat as dekaan van die Fakulteit aangestel is. Hy is deur professor P.F. Venter as die vierde departementshoof opgevolg. Prof. Venter was van 1985 hoof by die Kalafong-hospitaal na die aftrede van prof. W.B.D.I. Evans. Prof. Venter het self in 1989 afgetree. Op 1 Januarie 1990 is prof. B.G. Lindeque in sy plek as departementshoof aangestel.

Die Departement het gedurende die oorsigperiode (1983-1992) diens gelewer by die H.F. Verwoerd-, Kalafong- en Tembisahospitaal. Die aantal kliniese assistentposte is uitgebrei in 'n poging om tred te hou met die styging in pasiëntgetalle. Teen die middel van die jare tagtig was daar 25 sulke poste wat as opleidingsposte deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad goedgekeur was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.F. Venter, Hoof: Departement Obstetrie en Ginekologie, 1987 -1989.

Opleiding in 'n praktiese vak soos Obstetrie en Ginekologie het, benewens die teoretiese komponent, ook 'n prominente praktiese komponent ingesluit. Obstetrie-prakties was inderdaad dikwels vir mediese studente in hul vierde jaar die eerste persoonlike kontak met die kliniese praktyk. Studente moes bevallings self onder toesig hanteer. Terwyl hierdie praktiese opleidingsprogram tevore oor ses hospitale oor die land versprei was, is dit gesentraliseer om kontrole te verbeter. Die volle lading is toe aan die Kalafong- en Tembisa-hospitaal toegedeel.

Wat subspesialiteitsgroepe betref, was die Ginekologiese Onkologie-eenheid baie bedrywig. Prof. Van der Merwe se besondere belangstelling in infertiliteit het gelei tot die stigting van 'n In Vitro-bevrugtingseenheid in die Departement. 'n Goeie laboratorium is van kardinale belang in 'n moderne infertiliteitspraktyk. Die departementele Reproduktiewe Biologielaboratorium wat in 1981 gestig is, het uitgebrei wat betref dienslewering, navorsing en ook opleiding van tegnoloë.

Sekere diensuitbreidings is bewerkstellig en 'n program is in 1982 begin om laparoskopiese sterilisasies op die platteland uit te voer. Dit het die voordeel ingehou dat die diens na die pasiënt geneem is. Pasiënte is vooraf ingelig en deur veldwerkers van die Direktoraat Gesinsbeplanning van die destydse Departement van Nasionale Gesondheid gewerf. Teen 1992 het die span twaalf tot veertien hospitale per maand besoek en tussen vier- en vyfhonderd sterilisasies maandeliks uitgevoer, terwyl die somtotaal reeds meer as 28 000 was. Verder is die Kliniek vir Volwasse Vroue in 1982 gestig as spesiale sorgkliniek vir pasiënte in die klimakteriese jare.

Die beplanning van 'n nuwe akademiese hospitaal het in hierdie tyd begin. Só ook die uitbreidings aan die kraameenheid en die buitepasiënte-afdeling by Kalafong-hospitaal. In die H.F. Verwoerd-hospitaal was daar veranderinge in die toedeling van beddens wat die Departement besonder nadelig getref het. Dit het onder andere ingehou dat groot beperkings op private beddens in die akademiese hospitale geplaas is. Daar was van owerheidsweë af al hoe groter beperkings op finansiële toewysings. Dit het moeiliker geword om dienste te bedryf, en byna onmoontlik om dienste uit te brei. Verder is al hoe groter beperkings geplaas op die beskikbaarheid en die grootte van die bedrae navorsingsgelde ten spyte van die groter druk om navorsingsuitsette te lewer. Die spanningsvolle jare vir akademiese hospitale het begin. Daar het gevolglik 'n groot moontlikheid vir konflik geheers. Al hierdie sake het 'n era ingelui van strategiese beplanning en bestuur.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die tydperk van finansiële druk het voortgeduur en probleme is ondervind om gebreekte of verouderde toerusting te vervang of nuwe toerusting te bekom. Ten spyte van die geldelike besnoeiings is dienslewering voortgesit en selfs uitgebrei. 'n Mikrochirurgiediens is beskikbaar gestel, terwyl ander gespesialiseerde dienste voortgesit is. Hierdie tydperk was gemik op die konsolidering van die Departement se aktiwiteite te midde van finansiële druk.

Die strategies belangrike aspekte het ingesluit verdere beplanning vir 'n nuwe akademiese hospitaal. Die nuwe kraameenheid en buitepasiëntafdeling by Kalafonghospitaal is gebou en in gebruik geneem. Dit is na prof. Evans vernoem. Die dienslas in terme van pasiëntgetalle het baie toegeneem maar geen addisionele poste is toegeken nie. Hierdie probleme is met omsigtigheid hanteer om vooruitgang in die Departement te verseker. Die dienslewering in die Departement is steeds op baie hoë vlak gehou en uitgebou. Baie aandag is gewy aan die ontwikkeling van spesiale eenhede. Die belangrikste ligpunt was 'n toename in die getal voltydse konsultante. Die werksaamhede van die Ginekologiese Onkologie-eenheid is veral uitgebrei. 'n Perinatologie-eenheid is gestig. Dit is grootliks moontlik gemaak deur die aanstelling van prof. R.C. Pattinson wat ook later as hoof by die Kalafong-hospitaal aangestel is ná die aftrede van prof. Knobel in 1992. 'n Mate van heropbou was nodig in die Infertiliteitskliniek as gevolg van bedankings van ervare personeel. Hierdie uitdaging het nuwe geleentheid geskep vir die bemeestering van moderne tegnieke. Nuwe apparaat was steeds skaars, maar belangrike aankope sluit in 'n CO2-laser, lusdiatermie en verbeterde ultraklanktoerusting.

Die Departement het sy skakeling met die ewedepartement by die Universiteit van Leuven in België uitgebou. Behalwe die jaarlange besoeke van Belgiese kliniese assistente, het etlike voorgraadse studente uit Leuven hulle elektiewe opleidingsperiode hier deurgebring. Later is ook kontak gemaak met die Universiteit van Utrecht. Studente van daardie instansie het hulle elektiewe opleidingsperiode in Pretoria deurgebring.

Aspekte wat druk geplaas het op dienslewering in die algemeen was die oopstelling van staatshospitale vir alle rassegroepe, die politieke veranderinge in Suid-Afrika wat meer vakbondaktiwiteite tot gevolg gehad het, verstedeliking en plakkery, en die opgradering van die H.F. Verwoerd-hospitaal. Laasgenoemde was noodsaaklik nadat die bou van 'n nuwe akademiese hospitaal op die lange baan geplaas is. Steeds is geen nuwe poste geskep nie.

Nuwe maniere moes gevind word om navorsing te befonds en te stimuleer. Teen 1992 het dit reeds begin vrugte afwerp. Voorgraadse opleiding is ernstig hersien om by die behoeftes van die tyd aan te pas. Veral die lesingprogram is krities onder oë geneem. Nagraadse opleiding in Obstetrie en Ginekologie is grootliks volgens gestruktureerde opleidingsprogramme aangebied wat in pas was met die internasionale praktyk. Die aanvraag vir kliniese assistentposte was baie groot.

Die voorgraadse studentegetal was deurentyd onderhewig aan die Fakulteit se keuringsbeleid. Die aanvanklike ongeveer tweehonderd plekke per jaar het in later jare tot ongeveer 230 toegeneem. Weens die ontwikkeling in die leergang met die insluiting van Kliniese Geneeskunde as vak in die derdejaarskursus, het hierdie Departement dus elke jaar verantwoordelikheid aanvaar vir opleiding van derde-, vierde-, vyfde- en sesdejaarstudente. Teen 1992 het dit altesame ongeveer sewehonderd studente behels. Die opleiding van studente is baie vergemaklik deur die ver-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

skyning van Afrikaanse handboeke in beide Obstetrie en Ginekologie.


Op die gebied van opleiding moes daar ten opsigte van die voorgraadse kursus beding word vir nuwe lesingtye en praktiese blokke. Die hele kursus moes voorts gekurrikuleer word. Dit is in 1990 afgehandel. Die grondslag is gelê vir die skryf van 'n departementele boek, *Praktiese Obstetrie,* wat as addisionele leerstof deur studente gebruik kon word, en wat in 1992 verskyn het onder die redakteurskap van prof. J. Knobel.

B.G. Lindeque
Departementshoof

Departement Oogheelkunde

Die belangrikste ontwikkeling op die vakgebied Oogheelkunde gedurende die oorsigperiode (1983-1992) was die tegnologiese vooruitgang van die elektroniese en ander hulpmiddels wat vir diagnostiese en terapeutiese doeleindes gebruik word. So byvoorbeeld, is die fako-emulsifiseerderapparaat gebruik om katarakchirurgie uit te voer sodanig dat geen steke nodig was om die oog toe te werk nie. Dit het die visuele rehabilitasie dramaties verkort en aangehelp. Die Departement het oor verskeie laserapparate beskik, naamlik die Argon/Krypton-, YAG- en Smarag-lasers waarmee sekere oogsiektes behandel kon word. Die Laserskanderingsoftalmoskoop waarmee 'n dinamiese beeld van die binnekant van die oog verkry is, was veral nuttig om bloedvatsiektes te diagnoseer.

Op navorsingsgebied is daar in die Departement oor 'n wye verskeidenheid toestande navorsing gedoen. Dit het trouma by swart pasiënte, die behandeling van gloukoom, suurstofbehoeftes gedurende katarakchirurgie onder lokale verdowing, sekere geneesmiddels, katarakchirurgie



Prof. P. Roux, Hoof: Departement Oogheelkunde, sedert 1992.

deur middel van fako-emulsifisering en retinopatie van prematuriteit ingesluit.

Die Departement Oogheelkunde het goeie verbintenisse met private instansies, waaronder die Suid-Afrikaanse Raad vir Blindes (SARB), gehandhaaf, en was ook ex officio betrokke by die Retinitis Pigmentosa-stigting van Suid-Afrika en die Oogbankstigting. Die Departement was boonop baie jare lank betrokke by oogsorgtoere na die platteland. Hierdie oogsorgtoere is gereël deur die Buro vir die Voorkoming van Blindheid wat 'n onderafdeling van die SARB was.

Personeellede het oor die jare die naam van die Departement, Fakulteit en Universiteit hoog gehou. Die departementshoof van 1961 tot 1991 en daarna 'n deeltydse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

senior lektor, prof. Hennie Meyer, het 'n stewige fondament gelê waarop die Departement kon voortbou. Hy het onder andere in die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR) en in die bestuur van die Oftalmologiese Vereniging van Suid-Afrika gedien. In 1988 het hy die Presidentsorde vir voortreflike diens, klas 1, Goud, ontvang. In 1990 is die eerste internasionale toekenning vir voortreflike diens in Oogheelkunde in Hawaii aan hom toegeken. Prof. Meyer, tesame met dr. S.F.J. van Rensburg, 'n deeltydse lektor van 1965 tot 1989, het jare lank gewerk aan 'n Afrikaanse Oogheelkunde-woordeboek. Nog 'n besondere prestasie was die kwaliteit van nagraadse studente wat onder prof. Meyer se leiding by UP afstudeer het.

Die Departement Oogheelkunde se interdissiplinêre samewerking met ander universiteite was goed gevestig. 'n Nagraadse akademiese bespreking is elke termyn saam met die Departement Oogheelkunde van die Universiteit van die Witwatersrand gehou. Die Departement was ook betrokke by eksaminering van nagraadse studente by die ander mediese skole in Suid-Afrika, asook vir die Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika. Daar was uitstekende samewerking met die Pretoriase Ooginstituut. 'n Nagraadse bespreking is weekliks daar aangebied en 'n joernaalbespreking en bespreking van probleemgevalle is weekliks bygewoon.

Deur die bemiddeling van prof. Meyer is uitstekende en waardevolle verbintenisse met buitelandse spesialiste van die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk en van Europa opgebou. Dosente en nagraadse studente het so die geleentheid gekry om van die wêreld se leidende oftalmoloë persoonlik te ontmoet tydens besoeke aan professor Meyer se wildplaas.

'n Verdere opwindende geleentheid vir nagraadse studente was 'n uitruilooreenkoms wat in 1992 aangegaan is met die Departement Oogheelkunde van die Universiteit Gent in België. Kliniese assistente sou daarvolgens vir 'n tydperk van ses maande oor en weer uitgeruil word.

Die onderrig en opleiding van die vakrigting was prakties gerig en gebaseer op 'n goeie teoretiese grondslag. Voorgraads is Oogheelkunde aan die vyfdejaar- mediese studente gedoseer. Klem is gelê op die algemene oogtoestande en veral die vroeë tekens en simptome van die verblindende oogsiektes. Die nagraadse studie was insgelyk prakties en teoreties met die klem op die praktiese. Die kursus is oor 'n periode van vier jaar voltooi. Die ses nagraadse studente het jaarliks na raming meer as tienduisend pasiëntbesoeke en meer as 'n duisend operasies gedoen. Dienste is aangebied by die H.F. Verwoerd-, Kalafong-, 1 Militêre en Mamelodi-hospitaal.

Diens aan die gemeenskap was 'n belangrike strewe van die Departement. In samewerking met die Buro vir die Voorkoming van Blindheid is hierdie doelwit nagejaag, eerstens deur die meedoen aan oogsorgtoere. Die afgelope aantal jare het hierdie diens geweldig uitgebrei van 'n paar toere per jaar tot tien tot twaalf toere per jaar. Die deeltydse dosente verbonde aan die Pretoriase Ooginstituut het sedert 1991 vyf toere per jaar na die Groothoek-hospitaal in die destydse Lebowa onderneem. Die voltydse dosent en nagraadse studente het op hulle beurt vyf besoeke by die Mokopane-hospitaal in Lebowa asook enkele ander besoeke in die destydse Gazankulu en Nylstroom afgelê. Tydens elke besoek is tussen 250 en 350 pasiënte ondersoek en ongeveer vyftig katarak- en ander operasies uitgevoer.

Verdere diens aan die gemeenskap is gelewer tydens die oogsorgweek wat jaarliks

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

deur die SARB gereël is. Gedurende dié week het die nagraadse studente en dosente 'n telefoonnavraediens aan die publiek gelewer. In 1992 het die Departement gedurende die oogsorgweek 'n simposium oor gloukoom aangebied.

Die personeel van die Departement was in 1992 soos volg saamgestel: benewens die departementshoof, prof. Polla Roux, was daar tien deeltydse dosente, ses kliniese assistente en mediese beamptes, 'n sekretaresse en 'n tikster.

Die UP-Oogheelkunde-alumni is by 'n stigtingsvergadering op 12 Maart 1992 in Pretoria in die lewe geroep. Prof. Meyer is tot erepresident en prof. Roux tot voorsitter daarvan verkies. Die alumni het bestaan uit 29 volle lede wat sedert 1959 by UP in die Oogheelkunde afstudeer het, asook ses kliniese assistentlede. Die doelwitte van die alumni was om onderlinge kontak te behou en om akademiese betrokkenheid te bevorder.

P. Roux
Departementshoof

Departement Oor-, Neus- en Keelheelkunde

Hierdie Departement het gedurende die oorsigperiode (1983-1992) daarna gestrewe om kliniese versorging van die hoogs moontlike gehalte te lewer. Fondse was egter nie geredelik beskikbaar nie en vanweë algemene ekonomiese faktore was die werwing en behoud van opgeleide personeel 'n probleem. Die landspolitiek het verander en moes in ag geneem word.

Een van die hoogtepunte vir die Departement was die totstandkoming van 'n kogleêre inplantingsprogram vir geskikte persone wat heeltemal doof geword het.



Prof. J.G. Swart, Hoof: Departement Oor-, Neus-, en Keelheelkunde, sedert 1983.

'n Span onder leiding van prof. J.G. Swart het op 13 Oktober 1991 die eerste inplanting op 'n jong man van Eersterus uitgevoer. Sedertdien is verskeie ander soortgelyke operasies suksesvol uitgevoer. Die gevorderdste tegnologie ter wêreld is aangewend. Die span het nou saamgewerk met The Ear, Nose and Throat Institute in Johannesburg en die Departement Oor-, Neus- en Keelkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, asook met Cochlear (Pty) Ltd van Sydney in Australië.

Die Departement het daarna gestrewe om by aktiwiteite buite die Universiteit betrokke te raak. In hierdie verband het die Departement in 1992 saam met die Suid-Afrikaanse Raad vir Dowes en die Departement Oor-, Neus- en Keelkunde van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Universiteit van die Witwatersrand 'n opsporingsaksie in die Ellisrasgebied geloods. Dit was 'n primêre gesondheidsorgaksie wat die vroeë identifisering van probleme ten doel gehad het. Die ore van tweeduisend skoolkinders is ondersoek en hulle gehoor getoets. Etlike operasies het gevolg. Hierdie program was teen die einde van die oorsigperiode nog in volle gang. Die Departement was dus gemoeid met die primêre versorging van die gemeenskap asook gerig op hoogs verfynde tegnologiese, tersiêre sorg gegrond op die nuutste tegnologie.

Die Departement het ten nouste geskakel met die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Otorinolaringologie en die Suid-Afrikaanse Verening vir Kop- en Nekonkologie. Die departementshoof was by twee geleenthede die organiserende sekretaris vir nasionale kongresse, naamlik in 1987 en 1992. Departementslede het in die bestuurskomitees van beide organisasies gedien.

Buitelandse skakeling is sover moonlik opgebou en gehandhaaf. Die mees onlangse voorbeeld was 'n besoek in 1991 aan die British Academic Meeting waartydens 'n personeellid op uitnodiging 'n opleidingsessie oor Tuberkulose en Leprose in Oor-, Neus- en Keelkunde te Dublin in Ierland aangebied het. Noue verbintenis is ook gehandhaaf met 1 Militêre-hospitaal, die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (Medunsa) en die Universiteit van die Witwatersrand se Departement van Oor-, Neus- en Keelheelkunde asook die Suid-Afrikaanse Kollege vir Geneeskunde.

Benewens dienslewering en opleiding het die Departement hom ook toegespits op die uitbouing van navorsing. Regulasiewysigings is met ingang 1992 in werking gestel wat eksamens in die beginsels van chirurgie verpligtend gemaak het en daarmee saam uiteraard ook spesiale intensiewesorg-opleiding. Dit het in 1991 'n vereiste geword dat MMed-kandidate twee artikels in 'n erkende joernaal moes publiseer of een publikasie en 'n M-verhandeling moes lewer vir die verwerwing van die MMed-graad in Oor-, Neus- en Keelkunde. Nagraadse navorsing is verder aangewakker deurdat voordragte by die jaarlikse kongresse van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Otorinolaringologie en die Vereniging vir Kop- en Nekonkologie verpligtend gemaak is vir senior kliniese assistente en konsultante. In hierdie verband is daar ongeveer vyftig wetenskaplike voordragte in die oorsigperiode gelewer.

Die graad MMed(ORL) met endossement Militêr is in 1990 beëindig. Met ingang 1 Oktober 1983 is prof. J.G. Swart aangestel as departementshoof in die plek van prof. H. Hamersma wat in sy termyn 'n baie stewige grondslag gelê het. In 1991 is die graad MD toegeken aan prof. Swart na sy proefdiernavorsing oor Meniere se siekte wat hy in samewerking met prof. H.F. Schuknecht, die Walter August le Compte Professor Emeritus van die Harvard Medical School in Boston in die Verenigde State van Amerika, uitgevoer het.

Die Departement het in 1992 oor die dienste van vier spesialiste by die H.F. Verwoerd-hospitaal en Kalafong-hospitaal beskik, naamlik prof. D.R. Haynes en drr. G.E. Kuschke, P.F. Visser en J.L. Mahoney. Daarbenewens was daar vyf kliniese assistente in diens van die Departement, naamlik drr. D.A. Bosman, R.P. Allden, C.H. van Rooy, E.C.M. Burden en C.S. Meyer. Vyftien nagraadse studente het in die periode 1982-1992 afgestudeer en as spesialiste die private praktyke betree.


J.G. Swart
Departementshoof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Ortopedie

Gedurende die oorsigperiode het daar veral drie belangrike ontwikkelinge in die Departement plaasgevind. In die eerste plek het dr. B.G.P. Lindeque, nadat hy intensief opgelei is by verskillende instansies in die Verenigde State van Amerika, die eenheid vir die behandeling van spier- en beenkankers in die Departement op die been gebring. Hierdie eenheid was die enigste van sy soort in Suid-Afrika. Dit het in 'n geweldig belangrike behoefte in die land voorsien en verwysings na die eenheid het van heinde en verre ingestroom. In hierdie eenheid is die nuutste metodes vir die behandeling van spier- en gewrigskanker toegepas. Die hele benadering tot hierdie gevreesde siektes is tot groot voordeel van die pasiënte radikaal deur die totstandkoming van hierdie eenheid gewysig. Dit is veral belangrik om daarop te let dat sogenaamde ledemaatsparende chirurgie vir sommige kankers dikwels toegepas is in teenstelling tot amputasie wat in die verlede algemeen uitgevoer is. Hierdie werk is so hoog aangeslaan dat dr. Lindeque hiervoor die Paul Harris-toekenning van die Rotariërs ontvang het. Dit is die hoogste eerbewys wat hulle toeken. Hierbenewens het Standard Bank R100 000 aan hom geskenk om sy werk voort te sit. Met die totstandkoming van hierdie baie besondere eenheid, met sy geweldige hoë akademiese standaard, is die gesig van kankerchirurgie radikaal verander.

In die Departement is daar voorts in hierdie tydsvak baie aandag gegee aan navorsing op beensement. Dr. C.J. Grobbelaar en prof. L.M. Jonck het belangrike insette gelewer in die ontwikkeling van die sogenaamde glasionomeersement. Tesame hiermee is baie aandag gegee aan die ontwikkeling van poreuse glaspartikels wat gebruik is om groot beendefekte mee te vul. Hierdie materiale het 'n wye kliniese



Prof. R. Gräbe, Hoof: Departement Ortopedie, sedert 1979.

gebruik in medisyne en is in verskeie klinieke in oorsese lande deur neurochirurge gebruik om skedeldefekte mee in te vul en deur oor-, neus- en keelartse om gehoorbeentjies mee te vervang. Dit is ook gebruik in kaak- en mondchirurgie. In die geval van ortopediese operasies het dit wye belangstelling gewek veral wat betref die invulling van groot beendefekte, byvoorbeeld na reseksie van beenkankers. Hierdie glasmateriale het besondere biologiese eienskappe en word wonderlik goed deur die liggaam aanvaar. Navorsing op hierdie gebied het wye internasionale belangstelling geniet en lede van die Departement het verskeie uitstekende artikels hieroor in internasionale tydskrifte gepubliseer. Prof. Jonck het wyd geskakel met verskeie oorsese lande. Dit was 'n regstreekse gevolg van bogenoemde navorsing.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Volgende belangrike navorsingsprojek wat in hierdie tydvak aangepak is, was kriochirurgie. Dit hou in dat beenweefsel met behulp van vloeibare stikstof tot by baie lae temperature afgekoel word. Die effekte hiervan op been- en kraakbeenweefsel is dan bestudeer. Vir hierdie werk het dr. Lindeque 'n PhD-graad verwerf. Vanweë sy betrokkenheid by die Muskulo-Tumorale Eenheid, sy navorsingswerk aldaar en sy publikasies is 'n medeprofessoraat aan dr. Lindeque toegeken.

Lede van die Departement Ortopedie het gereeld besoek afgelê by die enigste skool vir fisiese gestremdes in die destydse Bophuthatswana, geleë tussen Lichtenburg en Mafikeng. Groot getalle fisies gestremde kinders is daar klinies ondersoek, waarna operasies aldaar op talle van hulle uitgevoer is. Hierdie diens is baie hoog aangeslaan en was goud werd vir die plaaslike bevolking. Dit is gelewer deur 'n span van die Departement Ortopedie onder leiding van prof. R.P. Gräbe. Lede van die Departement Narkose was behulpsaam in die teater.

Die departementshoof teen die einde van die oorsigperiode was prof. Gräbe en die kliniese hoof by die Kalafong-hospitaal prof. N.G.J. Maritz. Prof. Lindeque was die medeprofessor. Spesialisposte is as gevolg van die groot aantrekkingskrag van die privaatpraktyk op 'n roterende basis gevul. Daar was om daardie rede voortdurend vakante spesialisposte in die Departement. Die uittog na die privaatpraktyk het in die jare wat verby was, groot leemtes in die Departement gelaat. Dit is belangrik dat spesialisposte deurlopend gevul moet wees ten einde dit vir geneeshere moontlik te maak om kliniese en basiese navorsingsprojekte aan te pak en te voltooi. Dit was onmoontlik in die lig daarvan dat poste dikwels net vir ses of nege maande gevul was.

Benewens die bogenoemde personeellede, het die Departement oor 29 kliniese assistentposte beskik. Studentegetalle het redelik konstant gebly.

R.P. Gräbe
Departementshoof


Departement Psigiatrie

Voor 1983 is Psigiatrie op voorgraadse vlak slegs aangebied vir MBChB V-studente in 'n teoretiese en praktiese kursus. Sedert 1983 is Psigiatrie ingesluit in die MBChB IV-kurrikulum en sedert 1990 in 'n Gedragswetenskapkursus wat vir MBChB II-studente aangebied is. In 1990 is Psigiatrie bykomend tot die vierde- en vyfdejaarkursusse ingesluit as 'n blokkursus in die sesde jaar van die MBChB-kursus. Hierdie ontwikkeling het die algemene praktisyn daartoe in staat gestel om 'n beter en omvangryker psigiatriese diens as deel van primêre gesondheidsorgprogram aan die pasiënt te lewer. Psigiatrie is ook as vak aangebied in die fisio- en arbeidsterapiekursusse.

Depressie by swart pasiënte, aggressie in geestesversteurde pasiënte, oorsake van selfmoord by skisofreniese pasiënte, oorsake van selfmoord by psigiatriese pasiënte, transkulturele psigiatrie, geneesmiddelstudies op internasionale basis en kindermolestering is bestudeer.

Die opleidingshospitaal van die Departement is 'n psigiatriese hospitaal met 1 400 beddens wat in 1992 sy eeufees gevier het. Forensiese psigiatriese pasiënte het steeds onder die destydse Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling geressorteer. Daar was noue skakeling met die Departement van Justisie, die Nasionale Psigiatriese Vereniging van Suid-Afrika, die Noord-Transvaalse Psigia-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. W. Bodemer, Hoof: Departement Psigiatrie, sedert 1973.

triese Subgroep, die Psigiatriese Genootskap van Suid-Afrika en die Noord-Transvaalse Vereniging vir Geestesgesondheid.

Departementslede was onder andere president van die Nasionale Psigiatriese Vereniging van Suid-Afrika en voorsitter van die bestuur van die Noord-Transvaalse Psigiatriese Subgroep. Departementslede was ook betrokke by navorsing vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor geestesgesondheidsdienste in Suid-Afrika - 'n ondersoek na die oorsake van gesinsmoord en kindergeestesgesondheidsdienste in Suid-Afrika.

Daar was skakeling met die Departement van Psigiatrie van die Mediese Universiteit van Suider-Afrika en van die Universiteite van die Witwatersrand, die Oranje-Vrystaat, Stellenbosch, Natal en Kaapstad. Daar was ook skakeling met die Departement Sielkunde en die Fakulteit Opvoedkunde van UP en die Departemente Sielkunde en Kriminologie van Unisa. Skakeling was onder andere op die gebied van navorsing en eksaminering.

Onderrig op die voorgraadse vlak was meer prakties van aard ten einde mediese praktisyns, fisioterapeute en arbeidsterapeute toe te rus om psigiatriese dienste op 'n primêre gesondheidsorgvlak te lewer. Op nagraadse vlak is psigiaters in 'n biopsigo-sosiale model opgelei in alle vertakkings van die Psigiatrie.

Daar was samewerking met die Universiteite van Maputo, Venda en die Transkei. Hierdie samewerking was op akademiese vlak. Daar is ook besoek ontvang van die hoof van Departement Psigiatrie van die Universiteit van Nairobi in Kenia.

'n Biopsigo-sosiale psigiatriese model is in alle onderrigmetodes gevolg. Formele lesings is aan groot groepe studente gegee, maar in die praktiese situasie is studente onderrig in groepe wat wissel van twee tot twintig.

Departementslede was betrokke by radiopraatjies, televisieoptredes en die toespreek van verskillende maatskaplike en kerkorganisasies oor aktuele geestesgesondheidsprobleme. Daar was ook skakeling met steungroepe vir skisofreniese en bipolêre affektiewe pasiënte.

Die departementshoof was prof. W. Bodemer en die medeprofessor was prof. J.L. Roos. Verder was daar drie senior lektore in 1982 wat gegroei het tot ses in 1992; agt lektore in 1982 wat gekrimp het tot ses in 1992; vyf juniorlektore in 1982 wat gegroei het tot ses in 1992; drie deeltydse senior dosente in 1992 en vyf deeltydse dosente.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

MBChB, Fisioterapie en Arbeidsterapie se getalle het gedurende 1983 tot 1992 tred gehou met die studentegetalle in die Fakulteit Geneeskunde. In 1982 was daar dertien kliniese assistente en in 1992 sestien. Sedert 1982 het 33 psigiaters die MMed(Psig)-kursus voltooi en vyf het MD(Psigiatrie) behaal.


J.L. Roos
Medeprofessor

Departement Radiologie

Die belangrikste ontwikkeling in die Radiologie was die fasiliteite wat vir rekenaartomografie by die H.F. Verwoerd-hospitaal aangekoop is. Vele nagraadse kliniese assistente asook Radiografie-studente wat die BRad- en BRad(Honneurs)-kursus gevolg het, is met behulp hiervan opgelei. Hierdie apparaat wat teen die einde van 1983 geïnstalleer is, het in 1992 steeds gewerk en het gemiddeld 20 pasiënte per dag bedien. Dit het agtien tot twintig uur per dag in beslag geneem.

Die tweede belangrike ontwikkeling was die Sonar-departement wat aansienlik uitgebrei het. Aan die hoof was dr. Z. Koch wat reeds afgetree het maar ingewillig het om terug te kom. Dan was daar nog vier mediese beamptes.

In 1983 het prof. P.A. Fourie die leisels oorgeneem. Sy belangstellingsveld was veral die intervensie-radiologie. Dit behels hoogs tegniese en uiters gevaarlike ondersoeke waar kateters in pasiënte se are geplaas word ten einde blokkasies met behulp van 'n ballon te verwyder, of te open, of te blokkeer in die geval van 'n ernstige bloeding wat nie wil stop nie. Op hierdie gebied het hy groot sukses behaal en het hy verskeie kursusse te Parys in Frankryk en ander lande bygewoon. Hy het ook enkele kongresse gereël soos die



Prof. S.F. Prinsloo, Hoof: Departement Radiologie, 1980 - 1982 en sedert 1992.

Internasionale Kongres van Intervensie-radiologie wat in Februarie 1991 in die Reserwebank-gebou gehou is en waaraan verskeie oorsese sprekers deelgeneem het. Die vorige jaar is 'n kongres met die tema Imaging into the Nineties gehou waar verskeie oorsese sprekers lesings aangebied het en wat gehou is by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) se konferensiesentrum. Hier is veral aandag gegee aan magnetiese resonansie as tegnologie van die toekoms. Die Departement het hom ten doel gestel om 'n geskikte lokaal te vind en natuurlik die nodige finansies om die apparaat aan te skaf sodat UP weer in pas kon wees met ander universiteite wat reeds oor die nodige apparaat beskik het. Die gebrek aan die apparaat het meegebring dat die Departement se nagraadse studente die wêreld

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ingestuur is sonder behoorlike opleiding in hierdie modaliteit.

Gedurende die tydperk 1983 tot 1992 het prof. Prinsloo 'n sertifikaat van die Universiteit van Kalifornië in San Diego verwerf asook lewenslange lid van die Nasionale Seereddingsinstituut geword. In 1983 is prof. Prinsloo verkies tot sekretaris van die Radiologiese Vereniging van Suid-Afrika, wat al die belange van radioloë in die land verteenwoordig het. In 1985 is hy eenparig verkies tot president daarvan. Hy het daarna die enigste en eerste persoon geword wat vir drie termyne na mekaar as president van die Vereniging gedien het.

Gedurende hierdie tydvak het die getal kliniese assistente, dit wil sê nagraadse MMed-studente, baie dieselfde gebly en min of meer tussen vier en ses per jaar gewissel. In 1982 het vier persone die MMed-graad verwerf. In 1983 was daar twee kandidate, in 1984 slegs een en in 1985 drie, in 1986 vyf, in 1987 sewe, in 1988 vier, in 1989 vier, in 1990 vyf en in 1991 ses.

'n Ander terrein waaraan die Departement ook heelwat aandag gewy het, was die museum wat teen 1992 oor 'n hele paar duisend patologiegevalle op X-straalplate beskik het. Dit is geklassifiseer volgens die normale internasionale standaard aangegee deur die Internasionale Kommissie vir standaarde van museumplate.

S.F. Prinsloo
Departementshoof

Departement Radioterapie

Belangrike ontwikkelings het sedert 1982 in die vakgebied Radioterapie plaasgevind. Daar word al meer besef dat beter kontrole van kanker verkry kan word deur kleiner dosisse radioterapie op 'n gereelder basis



Prof. A.G. Sandison, Hoof: Departement Radioterapie, 1973 - 1985.

toe te dien (hiperfraksionering) en dat die normale weefsel beter daardeur gespaar kan word. Die doeltreffender bepaling van die kritieke kankerteikenvolume het die aankoop van 'n rekenaartomogram en gesofistikeerde simulatorapparaat genoodsaak. Kragtige elektronversnellers is aangekoop om die groeiende pasiëntbevolking te bedien. Die integrasie van radioterapie met chemoterapie het nuwe hoop gebring vir die besparing van kritieke organe wat dan nie noodwendig chirurgies verwyder moes word nie. Sistemiese isotope is ontwikkel wat na die spesifieke area van kanker in die skelet gaan (Samarium-153) en goeie lokale kontrole daar met 'n minimum newe-effekte tot gevolg gehad het.

Die Departement het voorts nie die belangrikheid van internasionale koöperatiewe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

groepe onderskat nie en aktief met die Departement Mediese Onkologie saamgewerk om pasiënte op die beste internasionale protokolle te plaas.

Die Departement Radioterapie het hom in die oorsigperiode (1983-1992) op die volgende navorsingsvelde toegelê:

1. Die waarde van radioterapie as 'n spesifieke behandelingsmodaliteit in die behandeling van kanker. Hierby was die hele Departement betrokke.

2. Die sensitering van radioterapie deur chemiese middels. Dit het behels dat radioweerstandige tumore meer sensitief gemaak is vir bestraling deur die chemiese middels 5-FU + isovorin - SVK-tumore, waarby H. Westerink en A.S. Alberts betrokke was, en Gemcitabine-servikstumore, waarby G. Cilliers, C.J. Louw en A.S. Alberts betrokke was.

3. Neutrone en hoë LET-bestraling. Die Departement het aktief deelgeneem aan verskeie Faure-protokolle om die waarde van neutrone in weerstandige tumore te bepaal, byvoorbeeld in speekselkliertumore. A. van Beek was die koördineerder. Die Departement het die leiding met die maligne mesotelioom-protokol geneem.

4. Die verbetering van die terapeutiese indeks van radioterapie deur verandering in bestralingskedules. Dit het daarmee verband gehou dat twee tot drie fraksies (in plaas van een fraksie) die respons van tumore verbeter en die komplikasies verminder het.

5. Die rol van radioterapie as 'n palliatiewe behandelingsmetode. Die kombinasie van chemoterapie plus radioterapie in gewone skedules is ondersoek vir die palliatiewe effek daarvan. F.J. Pretorius en H. Westerink was betrokke. Ook Samarium-153 vir die behandeling van benige metastases is ondersoek. A.S. Alberts, A.J. van Rensburg en A.S. Muller was hierby betrokke.

Om navorsing en inligting te stimuleer, is daar aktief meegewerk met verskeie nasionale en internasionale liggame. Die M.D. Anderson-hospitaal in Texas het gereeld kwaliteitskontroles van die lokale bestralingsapparaat uitgevoer. Daar is aktief meegewerk met die Eastern Cooperative Oncology Group (ECOG) om pasiënte op internasionale protokolle te plaas.

Op 'n nasionale vlak is aktief met die Tygerberg-hospitaal meegewerk om sistemiese isotope-terapie verder uit te brei. Noue samewerking met die Faure-hospitaal vir neutron-terapie het ook 'n essensiële deel van navorsing in die Departement gevorm. Skakeling met die Atoomenergiekorporasie van Suid-Afrika het die ontwikkeling van isotope bevorder.

Die Departement was besonder aktief by die gemeenskap betrokke, veral by die Nasionale Kankervereniging en het gereeld kongresse en simposia vir verenigings oor die vakgebied gereël. Die Afrikamissie van die Universiteit is deur die Departement uitgebou deur aktiewe skakeling met onkoloë in Zimbabwe en Kenia in samewerking met die Wêreldgesondheidsorganisasie.

Radioterapie as 'n dissipline is in die besondere posisie dat basiese navorsing (Radiobiologie) direk klinies toegepas kan word. Die Departement het vanweë die kliniese aard van die vakgebied, onderrig primêr interpersoonlik benader. Onderrig is egter in klasverband vir honneursstudente gegee. Nagraadse opleiding op magister- en doktorale vlak is ook aangebied.

Wat personeelsake betref, het die Departement dit na prof. Sandison se aftrede in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1985 moeilik gevind om 'n geskikte opvolger te benoem. Hy het gevolglik tydelik as hoof waargeneem totdat dr. G.F.G.O. de Mûelenaere in 1986 benoem is as deeltydse professor en hoof van die Departement. Op 1 Mei 1990 is prof. Albert Alberts aangestel as voltydse professor in, en hoof van die Departement Radioterapie. Die ander personeellede van die Departement in 1992 was drr. D. Friediger, R.A. Shiels en C.J. Louw, almal senior lektore, een lektrise, twee navorsingsassistente en dr. G.D. Cilliers as navorser. Die studentegetalle het konstant gebly omdat studenteposte gekoppel was aan aanstellings by die provinsiale owerhede.


A.S. Alberts
Departementshoof

Departement Urologie

Tradisioneel was die Afdeling Urologie deel van die moederdissipline Algemene Chirurgie. Die Afdeling Urologie was die derde eenheid van sy soort om in Suid-Afrika tot stand te kom. In 1978 is 'n voltydse Raad/Uroloogpos geskep vir die destydse afdeling Urologie. Die eerste bekleër van dié pos was prof. D.J. du Plessis wat sy pos aanvaar het op 1 November 1978. Die Afdeling Urologie het terselfdertyd departementele status ontvang.

Gedurende die oorsigperiode (1983-1992) het beide voor- en nagraadse opleiding in die Departement Urologie plaasgevind. Lesings aan die voorgraadse studente het in die vierde en vyfde studiejaar plaasgevind. Tydens die sesde jaar het die studentinterns vir twee weke deur die Departement gesirkuleer.

Nagraadse opleiding is aan ses nagraadse kliniese assistente gegee. Die meeste van die kliniese assistente het ongeveer agtien



Prof. D.J. du Plessis, Hoof: Departement Urologie, sedert 1978.

tot 24 maande opleiding as mediese beamptes ontvang voordat hulle toegelaat is om as kliniese assistente diens te doen. Oor die jare heen het die nagraadse studente verskeie van die medaljes vir uitmuntende prestasies van die Suid-Afrikaanse Kollege van Geneeskunde ontvang.

Die Departement het diens gelewer aan sowel buite- as binnepasiënte. Die Departement het vir sy voor- en nagraadse opleiding gebruik gemaak van die H.F. Verwoerd-, Kalafong- en 1 Militêre-hospitaal. Verskeie spesiale klinieke is ook in die Departement Urologie tot stand gebring, naamlik klinieke vir-

1. urinêre inkontinensie,
2. urodinamiek,
3. manlike infertiliteit,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

4. manlike impotensie,
5. psigo-seksuele disfunksie,
6. metaboliese steenvorming, en
7. pediatriese urologie.

Daar is ook gestalte gegee aan nuwere ontwikkelinge op die gebied van Kliniese Urologie met die ingebruikneming van endourologie en laser-tegnologie. Die Departement het beskik oor 'n sonarafdeling waar veral aandag gegee is aan transrektale ultrasonografie. Weens die uiters bevoorregde posisie waarin die Departement homself bevind ten opsigte van patologie in urologie, het verskeie buitelanders reeds nagraadse werk by die Departement gedoen.

Die Departement het 'n aktiewe navorsingsprogram en het reeds talle artikels die lig laat sien. Die Wolmaranslaboratorium het tot stand gekom waarin vier voltydse navorsers hulle besig gehou het met navorsing op die gebied van nierstene en kanker van die prostaat. Navorsing is voorts gedoen in die Manlike Infertiliteitsnavorsingslaboratorium. Verskeie navorsingsprojekte is in die Departement geregistreer. Die Departement was bevoorreg om 'n goed toegerusde navorsingslaboratorium te hê waar navorsing van internasionale gehalte uitgevoer is. Verskeie sake was teen 1992 onder die loep. Van die belangrikstes sluit die volgende in:

1. Die rol van urokinase en sialidase in niersteenformasie;
2. die rol van sialidase en urokinase in die ontstaan van geïnfekteerde nierstene;
3. die rol van katesjolestrogene in prostaatkarsinoom;
4. prostaatreseptore;
5. ATP in Urologie;
6. merkers in manlike infertiliteit;
7. lactobacillus in urienweginfeksies; en
8. prostese in Urologie.

Die belangrikste ontwikkeling op die gebied van die Urologie in die oorsigdekade was die bekendstelling van die Ekstra-Korporale Skokgolfapparaat vir die hantering van nierstene. Perkutane nefrolithotomie waar gebruik gemaak is van ultraklankoplossing van die stene het die skokgolfterapie gekomplementeer. Die behandeling van ureterstene met lasertegnologie het die verhaal van stene van die urinêre traktus voltooi. Die gebruik van dermweefsel in urologie sedert 1956 het 'n dramatiese verandering teweeggebring in die hantering van urinêre omleidingsprosedures. Kontinente omleiding, asook die skep van 'n neo-blaas, het urinêre omleiding 'n nuwe moontlikheid in die moderne Urologie gemaak. Die gebruik van intrakaverneuse inspuitings in die penisse van impotente mans het groot verligting gebring. Die gebruik van urodinamiese studies het 'n groot verandering gebring in die hantering van funksionele toestande van die urinêre traktus. Die ingebruikneming van die motiliteitsrekenaar in die spermatologie-afdeling het die evaluering van infertiele mans baie vergemaklik.

'n Besondere navorsingsgebied in die Departement was die studie van urokinase en sialidase in die patogenese van nierstene. Veelvuldige artikels is reeds gepubliseer en aandag is gegee aan die ontstaan van geïnfekteerde nierstene in die urinêre traktus. Die Ser-toets het groot belofte ingehou vir die vroeë diagnose van maligniteit van die prostaat.

Die samewerking met ander departemente in die Fakulteit en Universiteit sover dit navorsing betref het hoë voorkeur geniet. Teen 1992 was daar samewerking met die Departement Mikrobiologie, Ginekologie en Obstetrie en Fisiologie. Daar was ook interuniversitêre samewerking met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se Departement Urologie waar 'n kliniese navorsingsprojek oor prostaatkarsinoom aan die gang was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die vakgebied Urologie was 'n teoretiese en prakties gerigte vak waar kliniese assistente die geleentheid gekry het om toegerus te word vir 'n akademiese of private urologiese praktyk. Die onderrigmetodes wat gebruik is, was hoofsaaklik dié van seminare en praktiese voorligting deur middel van saalrondtes en teaterwerk. Die gemeenskap is gedien deur middel van voorligting, konferensies en publikasies gerig op Jan Alleman.

Die personeelkorps van die Departement het aan die einde van die oorsigperiode bestaan uit die hoof, prof. D.J. du Plessis, die kliniese hoof, prof. S. Reif, vier ander voltydse konsultante, (drr. A.E. Vercueil, L.J.E. Coetzee, H. Botha en C. Lech), vyf kliniese assistente (drr. D. de Bruin, G.E. Pieterson, J.A.W. Becker, J. Strydom en H.E.A. Förtch), vier mediese beamptes (drr. W.U. Pakendorf, M. Scholtz, G.F. Duvenhage en E. Kok), asook ses susters betrokke by Urodinamika en inkontinensie; tien personeellede onder leiding van prof. M.S. Bornman betrokke by Spermatologie; drie personeellede onder leiding van dr. C.H. van Aswegen betrokke by die Wolmarans-laboratorium; en sewe sekretaresses.

D.J. du Plessis
Departementshoof

Departement Verpleegkunde

Vir hierdie Departement was die oorsigperiode (1983-1992) 'n tydperk van verandering en vernuwing. In 1985 is daar samewerkingsooreenkomste tussen die Universiteit van Pretoria (UP) en die twee verplegingskolleges van die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) in Pretoria onderteken. Dit was 'n baie belangrike stap omdat daar sodoende verseker is dat hierdie Departement inspraak sou hê in die opstel en handhawing van verpleegstandaarde. Hierdie ooreenkoms is verder uitgebou deur 'n gesamentlike werwingsveldtog wat goeie resultate opgelewer het.



Prof. W.J. Kotzé, Hoof: Departement Verpleegkunde, 1973 - 1983.

Tydens Jeugjaar (1985) is daar nouer bande met die gemeenskap gesnoer deurdat twee kinderhuise en 'n aantal kankerpasiënte "aangeneem" is. Dit is later verder gevoer met die "aanneem" van 'n groep bejaardes van 'n nabygeleë dienssentrum. Sodoende is gepoog om die teorie in die praktyk te verwesenlik.

In 1988 het die Departement 'n driekuns behaal met die verowering van die Nasionale Juta Studentenavorsingstoekenning. Ook in 1990 het een van die studente die toekenning verwerf. Lede van die Departement en studente was ook betrokke by navorsingsprojekte in Noord-Transvaal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

soos byvoorbeeld by Tshikundamalema, en ook elders in Venda. Navorsing het 'n hoë prioriteit geniet en daar is daarna gestreef om 'n navorsingsingesteldheid by elke student aan te kweek.

Skakeling met buite-instansies was goed. Die Departement het, waar moontlik, bygedra tot onderwysprogramme en in ander spesifieke areas waar leemtes geïdentifiseer kon word. Verskillende staatsdepartemente asook private gesondheidsdienste het die personeel se kundigheid benut. Simposia, wat meer op die breë publiek se behoeftes gerig was, is periodiek aangebied, waaronder "Stres, Vriend of Vyand?", "Uitbranding" en "Sterwensbegeleiding".

Interdissiplinêr is daar met universiteite dwarsoor die land geskakel. So byvoorbeeld is die vergadering van die Komitee vir Universiteitsverpleeghoofde tydens die eeufeesvieringe van Staatsregistrasie vir Verpleegkundiges in 1991 in Pretoria gehou. 'n Oorspronklike eksemplaar van prof. Charlotte Searle, die eerste professor in Verpleegkunde, se proefskrif is in dieselfde jaar aan die Henriëtte Stockdalemuseum van die Departement Verpleegkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat oorhandig.

Na die aftrede van prof. W.J. Kotzé as departementshoof, is prof. J.G.P. van Niekerk op 1 Januarie 1984 as haar opvolger aangestel. Laasgenoemde was die eerste hoof van die Departement Verpleegkunde by die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (Medunsa). Sy het gedien in die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging, was lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en is twee keer genomineer vir die Pretorianer van die Jaar-toekenning.

In 1990 het die Departement met die BCur(IetA) Verpleegadministrasiekursus by die Witbankse nauurse kampus begin. Teen 1992 was dié Departement die enigste een in die Fakulteit Geneeskunde wat daar betrokke was. Die eerste groep studente het toe gegradueer en die studentegetalle het jaarliks toegeneem.

Die personeelsterkte van die Departement het toegeneem van agt voltydse doserende personeel en een sekretaresse/tikster tot tien voltydse doserende personeel en een sekretaresse/tikster. Al hierdie personeel het deelposte tussen UP en die TPA beklee. Wanneer dit moontlik was, is gebruik gemaak van navorsingsassistente en/of tydelik/deeltydse personeel plaaslik sowel as op Witbank.

Studentegetalle op basies voorgraadse vlak het relatief konstant gebly tot 1990, maar sedert 1991 'n styging getoon. In 'n stadium het voorgraadse studentegetalle na afloop van die registrasieproses 'n geleidelike afname getoon. Dit is enersyds toegeskryf aan die feit dat werkgewers nie meer geneë was om voltydse studieverlof toe te staan nie. Andersyds was die kombinering van die twee spesialisasievelde, naamlik Verpleegonderwys en Verpleegadministrasie, ook 'n rede daarvoor. Ná deeglike besinning is geherkurrikuleer en het die studentetal 'n toename getoon. Op nagraadse vlak was daar ook 'n aanvanklike afname, waarna bemoedigende groei ervaar is.

J.G.P. van Niekerk
Departementshoof

Afdeling Arbeidsterapie

In die mitologiese geskiedskrywing word reeds so vroeg as 600 vC na arbeidsterapie verwys toe Aescupapius delirium deur sang, musiek en klugspel gekalmeer het. Hippocrates (460 - 370 vC) het reeds die skakel tussen liggaam en gees benadruk en het stoei, perdry en strawwe oefening

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aanbeveel. Die terapeutiese waarde van aktiwiteitsdeelname is reeds vroeg besef.

Arbeidsterapie word vandag deur arbeidsterapeute beoefen. Tot vroeg in die twintigste eeu was dit egter nie die geval nie. Geneeshere het terapie self voorgeskryf en met behulp van verpleegpersoneel en ambagslui is arbeidsterapieprogramme veral in psigiatriese inrigtings bedryf. Die nadruk op psigiatriese arbeidsterapie het tot die jare twintig geduur en eers na die Tweede Wêreldoorlog het arbeidsterapie in die rehabilitasie van gewonde soldate algemeen geword. Suid-Afrika was die wêreld voor in die aanstellings van arbeidsterapeute in algemene hospitale. In die destydse Pretoriase Algemene Hospitaal het Vona van Straaten in 1947 'n arbeidsterapiediens tot stand gebring. Agt jaar later het die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) die Pretoriase Kollege vir Arbeidsterapie onder haar leiding opgerig. Daardie kollege is later na haar vernoem.

Tydens haar loopbaan het Vona (van Straaten) du Toit haar teorie oor die vlakke van motivering en aksie as 'n belangrike denkrigting in die beroep gevestig. Hierdie teorie het die individu se motivering beklemtoon om aan sy wêreld deel te neem asook dié en faktore wat hierdie wil tot deelname beïnvloed. Arbeidsterapeute weet dat 'n kliënt se siektetoestand en beperkings sy motivering beïnvloed wat op sy beurt weer sy herstelproses en rehabilitasie affekteer. Ná die heengaan van Vona du Toit in 1974 het Judith Farrell haar as prinsipale van die Kollege opgevolg. Mej. Farrell was in 1972 die eerste arbeidsterapeut wat by die H.F. Verwoerd-hospitaal aangestel is.

In 1982 het Arbeidsterapie 'n graadkursus in die Fakulteit Geneeskunde by die Universiteit van Pretoria (UP) geword. Mej. Farrell was die eerste afdelingshoof. Sy het die Universiteit in 1986 verlaat waarna Imme Shipham as afdelingshoof aangestel is. Die eerste nege studente het hulle BArb-grade in 1983 verwerf. Studentegetalle het sedertdien gegroei tot gemiddeld 26 finalejaarstudente per jaar. Vandat nagraadse studie in die Arbeidsterapie by UP aangebied is, het 28 studente honneurs- en magistergrade verwerf. Die ontwikkeling van gegradeerde kliniese vaardighede het besondere klem in die opleiding ontvang. Na graduering kon studente onafhanklik as arbeidsterapeute optree.

I. Shipham
Afdelingshoof

Afdeling Fisioterapie

Wanneer die beginsels en behandelingstegnieke van die Fisioterapie ontleed word, blyk dit dat die Fisioterapie die toepassing van biomeganiese, elektrobiomeganiese en elektro-chemiese beginsels en behandelingstegnieke binne 'n intersubjektiewe verhouding behels. Dit hou in dat persoonlike vaardighede soos kommunikasie, onderrig, voorligting, en so meer, met eersgenoemde beginsels en behandelingstegnieke geïntegreer moet word. Die doel van fisioterapeutiese behandeling is om 'n pasiënt se fisiese funksionering te behou, te herstel of ten beste te ontwikkel deur die behoud, herstel, en/of optimalisering van die pasiënt se fisiologiese en biomeganiese funksionering van selle, strukture en organe/sisteme in die konteks van sy lewenstyl, sosio-ekonomiese en geografiese omgewing.

Die Eerste Wêreldoorlog was die dryfkrag agter die totstandkoming van die Fisioterapie as beroep. In 1921 het 'n groep masseurs in Kaapstad die Certified Masseurs' Association gestig. In dieselfde jaar is 'n tak van die United Kingdom Chartered Society of Massage and Medical Gymnastics in Natal gestig. Die twee groepe smelt in 1924 saam om die South African

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Society of Massage and Medical Gymnastics te vorm. Na die Tweede Wêreldoorlog is die naam in die huidige Suid-Afrikaanse Vereniging vir Fisioterapie/South African Society of Physiotherapy verander.

Die opleiding van fisioterapeute in Pretoria het in 1950 aan die destydse Pretoriase Algemene Hospitaal as die Pretoriase Skool vir Fisioterapie begin. Dit het 'n driejarige diplomakursus behels wat deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad toegeken is. Die opleiding is later beheer en gekoördineer deur die voormalige staatsdepartement Nasionale Opvoeding en die naam verander van die Pretoriase Skool vir Fisioterapie in die Pretoriase Kollege vir Fisioterapie. In 1981 is die opleiding van fisioterapeute oorgeneem deur die Universiteit van Pretoria (UP) as die Afdeling Fisioterapie in die Departement Interne Geneeskunde. Die diplomakursus is terselfdertyd verander in 'n vierjarige beroepsgerigte Baccalaureusgraad.

Aangesien Fisioterapie 'n toegepaste wetenskap is, is die opleiding gebaseer op 'n sterk akademiese komponent, aangevul deur 'n kliniese komponent waar die studente geleer word hoe om die wetenskaplike beginsels in die praktyk toe te pas. Die uitgangspunt van die Afdeling was om die studente bloot te stel aan die omvattende toepassing van wetenskaplike beginsels in die praktyk ten einde hulle in staat te stel tot optimale kundigheid in probleemoplossing. Dit was dus nodig om 'n verskeidenheid van kliniese areas te identifiseer waar studente die toepaslike ervaring kon kry.

Die postestruktuur van die Afdeling, waarvan UP volgens 'n ooreenkoms met die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) vyftig persent moes bydra, het bestaan uit een senior lektoraat, nege lektorate en vier junior lektorate. In 1992 is een junior lektoraat afgeskaf om twee van die junior lektorate tot lektorate om te sit omdat poste weens die lae besoldiging van die junior lektoraat nie meer gevul kon word nie. Die eerste waarnemende hoof van die Afdeling Fisioterapie in 1981 was mev. M.A. Beattie. In Januarie 1986 is mej. C.A. Eksteen aangestel as senior lektrise en hoof van die Afdeling.

Weens die beperkte aantal studente wat kliniese opleiding in die hospitale kon ontvang, is die studente vir die kursus gekeur. Die keuringsvereistes vir studente is aangepas by die vereistes van die Fakulteit Natuurwetenskappe. In 1981 is die groep eerstejaarstudente van daardie jaar die keuse gegee om die diplomakursus te voltooi, of om oor te skakel na die graadkursus. Die eerste tien graduandi het in Maart 1984 die BPhysT-graad ontvang. Aansoeke om die graadkursus aan UP te volg, het toegeneem van ongeveer tagtig in 1986 tot sowat 530 in 1993. Sedert 1983 is 25 studente per jaar gekeur wat geleidelik vermeerder het tot 36 in 1986 en veertig in 1991.

'n Formele akademiese dag is sedert 1986 ingestel waartydens die klein navorsingsprojekte wat deur finalejaarstudente voltooi is voor eksterne beoordelaars voorgedra is. Die drie beste projekte is jaarliks bekroon met pryse geskenk deur Van Schaik- en HAUM-boekhandelaars. In dieselfde jaar is 'n formele geleentheid geskep waarby die finalejaarstudente 'n diensbelofte aflê op die vooraand van die gradeplegtigheid.

Die fasiliteite waar die studente opleiding ontvang het, was volgens 'n ooreenkoms tussen UP en die S.G. Lourens-kollege vir Verpleging voorlopig in die gebou van die Verpleegsterskollege tot tyd en wyl ander fasiliteite deur die Universiteit ingerig kon word. In 1988 is die kliniese opleidingsgeriewe vir die derde- en vierdejaarstudente uitgebrei deurdat 'n area in die keldergim-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nasium van die Sportinstituut van UP ingerig is waar studente kliniese onderrig in die behandeling van sportbeserings ontvang het. Die instansies waar studente kliniese onderrig ontvang het, was die H.F. Verwoerd- en Kalafong-hospitaal, die Ou en Nuwe 1 Militêre-hospitaal, die Nuwe Hoop-skool en die Pretoriase skool vir serebraalgestremde kinders, Huis Piek en Ons Tuis-tehuise vir bejaardes, die UP-sportinstituut en enkele private praktyke.

In 1991 het die studente twee hospitale in KaNgwane besoek om die moontlikheid van die ontwikkeling van 'n gemeenskapgebaseerde fisioterapiediens aldaar te ondersoek. In 1992 is die Jubilee-hospitaal by Hammanskraal met dieselfde doel besoek. Waardevolle inligting oor die ontwikkeling van 'n gemeenskapgebaseerde diens is so opgedoen.

Sedert 1989 het die finalejaarstudente 'n ondersteuningsdiens langs die roete van die Comrades-marathon gelewer aan atlete wat daaraan deelneem. Die ondersteuningsaksie aan die atlete is finansieel ondersteun deur Ciba Geigy.

Die eerste student wat die BPhysT-graad met lof aan UP behaal het, was H.C. Viljoen in 1987. Studente wat dieselfde prestasie behaal het was W. Marais en M.K. van Zyl in 1990 en R. Jordaan, S. Botha en I. Swart in 1991.

In 1986 is ook die BPhysT(Hons)-graad deur Nasionale Opvoeding goedgekeur. Die eerste studente het in 1987 daarvoor ingeskryf. 'n Meestersgraad, die MPhysT-graad, is kort daarna ingestel en in 1991 die eerste keer toegeken.

In 1987 is om onafhanklike departementele status vir die Afdeling Fisioterapie aansoek gedoen. Die Afdeling is in dieselfde jaar verskuif van Interne Geneeskunde na 'n Afdeling van die Dekaanskantoor. Uitsluitsel oor departementele status vir die Afdeling Fisioterapie is egter vertraag weens 'n ondersoek na die sinvolheid daarvan om die opleiding van studente in die Verpleegkunde en ander aanvullende gesondheidsdiensberoepe na 'n Technikon te verskuif. Die ondersoek is in Desember 1991 afgehandel met die aanbeveling dat fisioterapeute steeds aan UP opgelei word. Die aansoek om departementele status is vervolgens weer by Nasionale Opvoeding aanhangig gemaak. Teen die einde van 1992 was die saak nog hangende.

In Oktober 1990 het die Afdeling 'n simposium met die titel "Reik Uit" aangebied. Dit het gehandel oor die rol van Fisioterapie in die onderontwikkelde gemeenskappe. Dit was die begin van die ontwikkeling van 'n gemeenskapsgeoriënteerde benadering tot die opleiding van fisioterapeute in Pretoria.


Die eerste buitelandse gas wat deur die Afdeling uitgenooi is, was mej. Joan Mohr van die VSA wat in 1990 'n drieweekse kursus kom aanbied het. Die tema van die kursus was die Neuro-ontwikkelingsbenadering tot die behandeling van volwasse hemiplegiese pasiënte. Die eerste buitelandse gasdosent van die Afdeling was prof. Joan Cole van die Curtin University of Technology in Perth, Wes-Australië in September 1990.

C.A. Eksteen
Afdelingshoof

Aptekerskollege

Op 1 Desember 1980 het die Universiteit van Pretoria (UP) en die Technikon Pretoria die ooreenkoms vir die oprigting van die Aptekerskollege van Pretoria bevestig. Hierdie ooreenkoms is in die Staatskoerant van 26 Maart 1982 bekragtig en het op 1 Januarie 1982 in werking getree.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof H.H. Dürrheim, Hoof: Aptekerskollege, sedert 1982.

Binne die verklaarde missie van die Universiteit van Pretoria en die Technikon Pretoria was dit die strewe van die Aptekerskollege om graduandi vir uitmuntende en omvattende farmaseutiese sorg asook vir die akademiese aptekerswese (insluitende navorsing) te lewer; om die wetenskap meetbaar te verryk deur die vestiging, ontwikkeling en handhawing van uitmuntende navorsing in 'n proaktiewe navorsingsklimaat; en om die lewenskwaliteit van die bevolking te verhoog deur gesondheidsopvoeding, omvattende en hoogstaande gesondheidsorg-programme en gesofistikeerde dienste van die hoogste gehalte.

Die eerste voorgraadse aptekerstudente het in Januarie 1982 geregistreer en in 1986 het die eerste 36 MPharm- en vier DPharm-studente geregistreer. In 1983 het die Aptekerskollege 'n navorsingsbeleid gevestig wat onder andere ingehou het dat daar slegs in bepaalde studierigtings gedoseer sou word en dat studente dienooreenkomstig toegelaat sou word. Die spesialisgebiede het die volgende ingesluit:

1. Farmaseutika:
   * Vaste dosseervorme. Die ontwikkeling van Geneesmiddeloordrag deur die vel en ander mukusmembrane.
2. Farmaseutiese chemie:
   * Rekenaargesteunde geneesmiddelontwerp.
3. Farmasie praktyk.
4. Hospitaalapteekwese.
5. Industriële farmasie.

Tydens die formulering en vervaardiging van bruistablette is vogsensitiwiteit 'n bepalende faktor. Deur die aanwending van spesiale tegnieke is gepoog om 'n produk saam te stel wat nie van vogbeheer afhanklik is nie.

Die sintese en evaluering van geneesmiddels is 'n duur en lang proses. Deur van 'n rekenaargesteunde geneesmiddel-ontwerpprogram gebruik te maak, is gepoog om nuwe geneesmiddels te identifiseer waarvan die reaksie by reseptore voorspel sou kon word. Die benadering was veel kosteeffektiewer en die kanse op sukses baie groter. Eksperimente met proefdiere was grootliks onnodig.

'n Instituut vir Farmaseutiese Dienste is in 1983 gestig en was ingestel op dienslewering gerig op die farmaseutiese en veterinêre industrieë asook op die praktyk van die apteekwese. Vir 'n geneesmiddel om veilig, doeltreffend en effektief te wees, moes dit aan sekere vereistes voldoen soos neergelê deur die Medisynebeheerraad. In dié verband was die Instituut betrokke by die ontwikkeling, formulering, vervaardi-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ging en evaluering, asook registrasie van geneesmiddels. Hierdie betrokkenheid het die plaaslike medisynemark bevorder en het Suid-Afrika grootliks onafhanklik gemaak van internasionale voorsiening.

In 1983 het die aptekerstudente vir die eerste keer by die Daspoort Polikliniek betrokke geraak. Waar die kliniek tot op daardie tydstip slegs deur studente van die mediese en aanverwante beroepe beman was, het die aptekerstudente daarna ook 'n bydrae ten opsigte van die verskaffing van medisyne gelewer.

Die opleidingsapteek is gedurende 1985 voltooi en in gebruik geneem. Die apteekbeplanning en uitleg is in samewerking met 'n internasionale maatskappy uitgevoer. Studente is vervolgens vir die eerste keer in Suid-Afrika met behulp van 'n rekenaargesteunde onderrigprogram in 'n opleidingsapteek opgelei. Die rekenaarprogram was so ontwerp dat gegewens van apteke in Pretoria aan die rekenaar voorsien is en daar dan van die studente verwag is om met behulp van die rekenaar 'n apteek te bedryf. Die prestasie van die studente is gemeet aan die werklike situasie en bekroon met die toekenning van pryse.

In dieselfde jaar is die skoonkamerkompleks wat aan internasionale standaarde voldoen het, in gebruik geneem. In hierdie kompleks is studente opgelei in 'n milieu soortgelyk aan dié van die industrie.

Die dosente van die Aptekerskollege van Pretoria was verantwoordelik vir, en betrokke by die skryf van drie handboeke wat in 1986 gepubliseer is. Hierdie handboeke het gehandel oor onderwerpe waaroor daar geen handboeke vir plaaslike omstandighede bestaan het nie en waaraan daar lank 'n behoefte was by die opleidingsinrigtings vir aptekers.

Die finale kurikulêre wysigings en aanpassings is gedurende 1986 aangebring. In 1986 is die sentrum vir "Advanced Pharma Training" gestig wat voortgesette en verdere opleidingsprogramme aan die farmaseutiese industrie en die aptekerswese gebied het.

Die Aptekerskollege het bestaan uit vier departemente, te wete die Departemente Farmaseutika, Farmaseutiese Chemie, Farmasie Praktyk en Farmasie Bestuur. Die postestruktuur het voorsiening gemaak vir die hoof van die Aptekerskollege, vier departementshoofde, vier senior lektore en vyf lektore.

Gemiddeld sewentig BPharm- en dertig MPharm-studente, asook 'n enkele DPharm-student is jaarliks toegelaat. Beurse en toekennings aan voorgraadse studente het ongeveer R17 000 per jaar beloop. Die departementslede het gedurende die oorsigtydperk 118 kongres- en ander besoeke aan die buiteland gebring en 132 publikasies in internasionale en nasionale publikasies laat verskyn.

Informele samewerkingsooreenkomste is gesluit met die "Centrum voor Bio-Pharmaseutische Wetenschappen" aan die Universiteit van Leiden en met die Upjohnmaatskappy in Kalamazoo in die Verenigde State van Amerika. Hier is saamgewerk met betrekking tot geneesmiddeloordrag deur die vel en ander membrane soos mukusmembrane.

Samewerking het ook geskied met ander staatsinstansies waaronder die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad waartydens 'n lokaasmiddel vir bilharziaslakke ontwikkel is. Vervat in die lokaastablet is 'n bio-ensiem wat die slakke lok. Die lokaastablet self is onoplosbaar in water en bevat die gifstof wat die slakke dood as hulle daaraan vreet.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Aptekerskollege het 'n praktykgerigte onderrigprogram gehandhaaf en die blootstelling van die studente aan kliniese materiaal bevestig. Onderrigmetodes was in 'n groot mate gerig op selfstudie toegepas op die praktyksituasie. In dié verband was die Aptekerskollege van Pretoria bevoorreg om toegang tot meer as 200 apteke in sy onmiddellike omgewing te hê. Hierdie toegang het die standaard van onderrig verhoog en die onderrigproses vergemaklik. Hierdie benadering het tot gevolg gehad dat studente van uitmuntende kwaliteit by die Aptekerskollege afgestudeer het.

H.H. Dürrheim
Hoof: Aptekerskollege

Die AEK-instituut vir Lewenswetenskappe

Die AEK-instituut vir Lewenswetenskappe was sedert 1960 'n afdeling van die destydse Raad op Atoomkrag, later die Atoomenergiekorporasie van Suid-Afrika (AEK). Met die verandering van die klem van die aktiwiteite van hierdie instansie het die Instituut na onderhandelinge op hoë vlak in 1982 aangesluit by die Fakulteit Geneeskunde van die Universiteit van Pretoria. Aanvanklik was die volle befondsing van salarisse en bedryfsaktiwiteite steeds van die AEK afkomstig.

Die Instituut het destyds uit drie afdelings bestaan. Die Afdeling Radiobiologie was verantwoordelik vir die ontwikkeling van biochemiese tegnieke in die bepaling van die stralingsgevoeligheid van stralingswerkers, en vir navorsing op klinies biochemiese, diagnostiese prosedures vir die aantoon van blootstelling aan ioniserende straling. Die personeel van die Afdeling het bestaan uit twee senior navorsingsbeamptes, een assistentnavorsingsbeampte (al drie was Biochemici), 'n eerste tegniese assistent en 'n senior tegniese assistent. Hierdie Afdeling was gemoeid met die bestudering van prosesse wat betrekking het op sellulêre DNA-beskadiging en -herstel, differensiële radiosensitiwiteit en radiosensitisering. Die resultate was prakties toepasbaar op gebiede soos radioterapie, stralingsbeskerming en prospektiewe en retrospektiewe stralingsdosimetrie. In hierdie verband is die betrokkenheid van verskillende ensieme in die DNA-herstelprosesse ondersoek deur inkubering van gamma-bestraalde B- en T-limfosiete in die teenwoordigheid van verskillende metaboliese inhibeerders. Die DNA-herstelkinetika is deur middel van nukleoïdesedimentasie ondersoek.

Die Afdeling Hormoonreseptoranalises was betrokke by ondersoeke oor die rol wat steroïed-hormoonreseptore en karsinogene in die etiologie van hormoonafhanklike kankers soos bors-, uterus- en prostaatkanker gespeel het. Die oogmerk van hierdie studies was om laboratoriumresultate relevanter ten opsigte van die mens te maak. Hierdie navorsing was hoofsaaklik toegespits op die ontwikkeling van eksperimentele proefdiermodelle wat filogenies nader aan die mens verwant is as wat die geval is by klassieke knaagdiermodelle. Op grond van eie bevindings en dié van ander navorsers is op die aap besluit.

Die Afdeling Eksperimentele Kerngeneeskunde het bestaan uit 'n mediese fisikus, prof. I.C. Dormehl as direkteur, 'n beherende tegniese assistent, mnr. N. Hugo, 'n tegniese assistent en 'n sekretaresse. Hierdie groep was gesetel in die H.A. Grové-navorsingsentrum van die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) en die Instituut van Patologie. Die beskikbaarheid van 'n moderne tomografiese gammakamera en dataverwerkers het die Afdeling daartoe in staat gestel om nuwe ontwikkelings in kerndiagnostiek te ondersoek en te onderneem met die oog op kliniese toepassings. Hier is veral gewerk aan ontwikkelings in dataverwerkingstegnieke asook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nuwe farmaseutiese middels. Fisiologiese en patofisiologiese, asook biochemiese en farmakologiese probleme is deur dié afdeling ondersoek deur van radioaktiewe spoorders en kerndiagnostiese tegnieke gebruik te maak - dikwels in samewerking met navorsers uit ander departemente van die Fakulteit, asook ander instansies. Só is deur die jare samewerking bewerkstellig en gehandhaaf met die Instituut van prof. W.E. Adam van die Universitätsklinikum Ulm in Duitsland. Hier is abnormale elektriese konduksiepatrone deur middel van radionuklied ventrikulogramme en Fourier-fase-analises in pasiënte en diermodelle ondersoek. Wedersydse besoeke tussen die twee Institute het in 1984, 1988, 1989 en 1991 plaasgevind. Sodanige besoeke het ook plaasgevind tussen die AEK-instituut vir Lewenswetenskappe en die Ludwig Boltzman-Institut für Traumatologie te Wenen in Oostenryk. Prof. Günther Schlag, die direkteur van laasgenoemde instituut, was konsulterend betrokke by die projek oor septiese skok in die bobbejaanmodel. Resultate wat hier verkry is, kon direk toegepas word in sy instituut. Prof. L.E. Feinendegen van die Institut für Medizin, Forschungzentrum Jülich in Duitsland het die Instituut gedurende Maart en April 1990 besoek en sedertdien is begin om saam te werk deur die gebruik van gemerkte vetsure by hartletsels te ondersoek.

Waar die Afdelings Radiobiologie en Hormoonreseptoranalises deels ontbind en deels ingeskakel het by die Departemente Mensgenetika en Chemiese Patologie, het die Afdeling Eksperimentele Kerngeneeskunde bly voortbestaan as die AEK-instituut vir Lewenswetenskappe in die Departement Interne Geneeskunde.

'n Aktiewe program van inskakeling van, en hulp aan nagraadse studente in die Fakulteit, onder andere deur hulle deelname aan klinies toepaslike proewe, is gedurende die oorsigperiode (1983-1992) gevolg. Sedert 1982 is sewe meesters- en drie doktersgrade deur bemiddeling van die Instituut toegeken. Die personeel was sedert 1987 betrokke by nagraadse lesings in Kerngeneeskundige Wetenskappe.

Die navorsingsprojekte wat teen die einde van 1992 aan die gang was, het die volgende ingesluit:

* Fase-analisesvanradionuklied-ventrikulogramme in gevalle van patologies elektries kardiale konduksie;

* ondersoeke in verband met neutrofiele, plaatjies en mediatorvrystellings in die geval van septiese skok by bobbejane;

* die standaardisering en toepassing van die bobbejaanmodel vir *in vivo*-breinstudies deur SPECT-tegnieke;

* prekliniese evaluering van ^{153}Sm-EDTMP as pynstiller by beenmetastases;

* die optimalisering van die produksie en gebruik van ^{99m}Tc-IgG om inflammatoriese letsels te diagnoseer; en

* gemerkte vetsure by die diagnose van miokardletsels, asook vetsuurmetabolisme in die bobbejaanmodel.

Kontraknavorsing, asook kwaliteitskontroles van radiofarmaseutiese produkte, is teen vergoeding vir private instansies onderneem.

I.C. Dormehl
Direkteur

Die Glaxo-instituut vir Kliniese Farmakologie

Die Glaxo-instituut, verbonde aan die Departement Farmakologie, het in 1980 tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stand gekom. Die Universiteit van Pretoria het 'n skenking van die maatskappy Glaxo-Allenbury SA (Edms) Bpk vir die instel van 'n instituut vir Kliniese Farmakologie aanvaar. Prof. De Klerk Sommers, hoof van die Departement Farmakologie, is as direkteur van die Instituut aangestel. Die Departement het ten tye van die instel van die Glaxo-instituut reeds oor 'n navorsingsgerigte analitiese laboratorium beskik. Laasgenoemde was op die sewende vlak van die gebou vir Basiese Mediese Wetenskappe geleë, terwyl die Glaxo-instituut in die kelderverdieping van dieselfde gebou ingerig is. Hierdie lokaal kon aanvanklik vier proefpersone huisves, maar teen 1992 is daar vir tien proefpersone voorsiening gemaak. Die Instituut was selfversorgend en elke moontlike gerief is vir sowel proefpersone as personeel aangebring.

Die doel van die Instituut was die ondersoek van die dinamika en kinetika van nuwe en bestaande geneesmiddels in gesonde vrywilligers. Daar is van tyd tot tyd ook proefdierstudies deur sommige van die departementslede uitgevoer. Gedurende die eerste jare van die Instituut is daar in samewerking met die Raad op Atoomkrag en die H.A. Grové-proefdiersentrum studies op primate en honde uitgevoer.

Sewe projekte is in 1981 aangepak en vyf hiervan is nog in dieselfde jaar voltooi. Die nuwe Instituut is deur verskeie oorsese besoekers van raad gedien. Dr. S.M. Harding, hoofnavorsingsbeampte van Glaxo-Allenbury in Engeland, het die Instituut besoek om die Departement Farmakologie te adviseer. Die vereistes ten opsigte van kliniese geneesmiddel-proewe soos deur die "Food and Drug Administration" van die Verenigde State van Amerika voorgestel, asook chromatografiese bepaling van geneesmiddels in biologiese vloeistowwe en die koördinering van kliniese navorsing is bespreek.

Sedert die totstandkoming van die Instituut is verskeie navorsingsprojekte deur departementslede aangepak, waarvan sommige in samewerking met kliniese departemente. Hierdie navorsingsaktiwiteite het sedert 1980 tot en met 1991 reeds tot 173 publikasies in plaaslike en oorsese tydskrifte gelei, terwyl die departementslede gedurende dieselfde tydperk ook sowat tweehonderd kongresvoordragte gelewer het.

Die navorsingsvelde wat in die oorsigperiode (1983-1992) bestudeer is, het die volgende ingesluit:

1. Farmakogenetiese studies onder die Venda en die San asook die Barakwena Boesmans. Vir laasgenoemde studie het die departementslede die Omega-kamp in die Caprivistrook besoek. Die Venda-studies is in Tshikundamalema uitgevoer. Hierdie studies het die interetniese verskille in geneesmiddel-biotransformasie tussen die Kaukasiese rasse en bogenoemde etniese groepe ondersoek.

2. Neuropsigofarmakologie-studies by gesonde vrywilligers is in samewerking met die Departement Neurologie uitgevoer. Die gesofistikeerde apparaat wat vir hierdie studies gebruik is, is deur die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese van UP ontwerp en vervaardig.

3. Immunofarmakologie is 'n navorsingsveld wat die effek van geneesmiddels op onder andere die immuunrespons by allergiese vrywilligers nagaan. Die immuunrespons ten opsigte van infestasie met die Bilharziaparasiet is in endemiese gebiede ondersoek. Die navorsingsentrum van die Mediese Navorsingsraad in Nelspruit was behulpsaam en die Potchefstroomse Universiteit het die Bilharzia-allergeen verskaf waarmee die studies uitgevoer is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

4. Navorsing op gastro-intestinale gebied is by gesonde vrywilligers gedoen en die fraksie parasetamol geabsorbeer, is as maatstaf van maaglediging gebruik. Hierdie kennis is toegepas om die maaglediging van pasiënte met diabetiese gastroparese na te gaan.

5. Geriatriese farmakoterapie behels 'n studie van geneesmiddeleffekte by pasiënte ouer as 65 jaar. Hierdie studies is in samewerking met sekere kliniese departemente asook tehuise vir bejaardes uitgevoer.

6. Behalwe bogenoemde navorsingsvelde, is daar ook aandag geskenk aan kardiovaskulêre, renale, endokrinologiese en analitiese farmakologie.

Die werksaamhede van die Glaxo-instituut is jaarliks deur die Beheerraad onder voorsitterskap van die dekaan geëvalueer. Sedert 1988 is adviseurs van ander universiteite en die industrie, asook die departementslede by 'n driejaarlikse evaluasie betrek. Verslag is gelewer ten opsigte van die werksaamhede van die Instituut asook die besteding van fondse gedurende die bepaalde jaar. 'n Vooruitskouing van beplande navorsingsprojekte vir die volgende drie jaar is dan ook bespreek.

De Klerk Sommers
Direkteur

Die Hans Snyckers-instituut

Die Hans Snyckers-instituut was gedurende die oorsigperiode (1983-1992) baie aktief en het etlike unieke geleenthede in Suider-Afrika geïdentifiseer en benut. Die doelstelling van die Instituut was om siektes en siektepatrone eie aan Suider-Afrika te bestudeer en al die navorsingspublikasies wat daaroor verskyn het (in plaaslike en oorsese tydskrifte) op te spoor en te indekseer. Hierdie indeks het in die loop van die dekade gegroei van seweduisend verwysings in 1982 tot byna vyftienduisend in 1992. Die volledige indeks van vyftienduisend is voorts gerekenariseer en aan die hoofraam van die Universiteit van Pretoria gekoppel. Dit het meegebring dat soektogte vinnig en effektief afgehandel kon word. Honderde sodanige literatuursoektogte is sedert 1982 afgehandel vir kliënte wat referate en lesings moes voorberei, met magister- of doktorale skripsies besig was, voorberei het vir oorsese kongresdeelname en dies meer. Hierdie informasiebron van die Instituut is 'n kosbare en waardevolle erfenis ook aan toekomstige geslagte wat mediese navorsing wil doen. Die afdeling Bio-kommunikasie van die Mediese Navorsingsraad (MNR) het sedert 1991 jaarliks ongeveer 'n duisend geïndekseerde artikels by die Hans Snyckers-instituut vir hulle sisteem "gekoop".

Die siekteprofiel van binnepasiënte by die Kalafong-hospitaal wat in 1976-77 gedoen is, is in 1987-88 herhaal. Dit het behels dat 37 657 pasiëntkaarte oor 'n periode van 365 opeenvolgende dae deur medici aangeteken, gekodifiseer en gerekenariseer is. Deur vergelykende studies kon die invloed van verwestering op die siekteprofiel van 'n groot swart stedelike hospitaal vervolgens bepaal word. 'n Soortgelyke projek met so 'n omvang is nooit tevore in Suid-Afrika gedoen nie. Dit het relevante informasie aan gesondheids- en hospitaalbeplanners verskaf.

Vir die langtermyn, interdissiplinêre Vendaprojek het die Instituut twee of drie besoeke jaarliks aan dié afgesonderde gebied gereël. UP het saam met vier ander Suid-Afrikaanse universiteite daaraan deelgeneem. Departemente uit sewe verskillende fakulteite van UP, insluitend die meeste van die departemente van die Fakulteit Geneeskunde, was betrokke. Die resultate het aangetoon dat die invloed van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verwestering en 'n veranderende lewenstyl oor 'n periode van tien jaar 'n besliste verandering getoon het in die Venda se lewenstyl wat tot onlangs nog baie tradisioneel was. Die faktore wat waarskynlik verantwoordelik is vir die sogenaamde siektes van verwestering kon hieruit geïdentifiseer word en was van onskatbare waarde vir die mediese wetenskap. Deur die bemiddeling van die Hans Snyckersinstituut is 'n kliniek in hierdie afgeleë gebied gebou en voltyds deur 'n klinieksuster beman. Sy het daagliks vir die Instituut 'n verslag gehou van siektes wat sy daardie dag teëgekom het. Ook dít was 'n unieke navorsingsgeleentheid afgesien van die uiters noodsaaklike en gewaardeerde mediese diens wat gelewer is.

Die Vendaprojek het voorts gedetailleerde studies van die dieet, antropologiese beeld en gesondsheidspatroon van skoolkinders ingesluit. Dit is gedoen met die oog op skoolvoedingsprogramme en spesiale projekte, soos byvoorbeeld die uitwissing van bilharzia. Laasgenoemde was in 1992 eers moontlik omdat daar ná jare se bemiddeling toe vir die eerste keer skoon drinkwaterbronne vir die gemeenskap beskikbaar was. As gevolg van die besoedelde rivierwater as die enigste waterbron vroeër, het feitlik die hele gemeenskap, insluitende die skoolkinders, bilharzia opgedoen. Die data wat in Venda versamel is, was 'n unieke en waardevolle kontrolebasis vir studies wat op ander etniese groepe in stedelike gebiede gedoen is, asook vir ondersoeke oor siektes en siektepatrone, oor metaboliese en farmakologiese middels, en dies meer. Oor hierdie Vendaprojek is daar in verskeie lande by internasionale kongresse verslag gedoen en het daar in die oorsigdekade 36 publikasies verskyn.

Die Instituut het by die Boesmansoldate te Omega in die destydse Suidwes-Afrika, vir die eerste keer ontdek dat hulle ook tekens van hipertensie getoon het, terwyl die wêreldliteratuur na die Boesmans verwys het as dié besondere etniese groep by wie daar geen hipertensie was nie. Hierdie bevindinge by die Boesmansoldate, wat tydens hulle Omega-verblyf blootgestel was aan 'n Westerse lewenstyl en Westerse dieet, is in etlike publikasies bekend gemaak. Die hervestiging van die Boesmangesinne uit Namibië by Schmidtsdrift, naby Kimberley, het boonop 'n unieke geleentheid gebied vir die studie van die invloed van so 'n dramatiese verandering op die gesondheidsbeeld van daardie mense. Die Instituut het die geleentheid benut. Interdissiplinêre spanne van vyf universiteite, waaronder ook UP, het daarheen gegaan en 'n omvattende, langtermyn studieprojek by daardie ontwortelde gemeenskap begin. Hulle dieet, sosiologie, sielkundige parameters, biochemie, siektebeeld, algemene lewenspatroon en ander aspekte is ondersoek. Dertien publikasies het reeds hieroor verskyn.

Korter, afgehandelde projekte van die Instituut sluit in 'n studie oor die voorkoms van alkoholisme onder stedelike swartmense, die voorkoms van spesifieke soorte karsinome by verskillende etniese groepe, fleboliete by wit en swart groepe, die voorkoms van beta-hemolitiese streptokokkale faringitis by verskillende etniese groepe in Pretoria, en die voorkoms van iskemiese hartsiekte by stedelike swartmense. Die Hans Snyckers-instituut was die eerste om aan te dui dat iskemiese hartsiekte inderdaad 'n ernstige toestand by stedelike swartes was, terwyl daar algemeen aanvaar was dat die toestand nie by swartmense teenwoordig was nie. Al hierdie ondersoeke tesame met bevindinge is in plaaslike en oorsese tydskrifte gepubliseer. Die aantal publikasies van die Instituut in die oorsigdekade was 73, terwyl by 54 kongresse referate gelewer is oor die navorsingswerk wat die Instituut geïnisieer en onderneem het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die personeel van die Instituut het in die oorsigperiode vanweë 'n tekort aan fondse bloot oor 'n deeltydse direkteur beskik. Hy was slegs 'n paar uur per week beskikbaar en is bygestaan deur 'n administratiewe assistente en 'n tikster/sekretaresse. Prof. D.A. van Staden het die pos die hele dekade lank beklee, met die uitsondering van twee jaar in 1989-1991, toe prof. W.J.H. Vermaak waargeneem het. Dr. P.J. Kloppers was die eredirekteur. Professionele medewerkers is volgens hulle spesifieke belangstelling en bekwaamheid vir die navorsingsprojekte genooi om aan afsonderlike projekte met die Instituut saam te werk. Ses senior mediese studente is jaarliks gekeur om daaraan deel te neem. Dit het hulle waardevolle praktiese blootstelling aan navorsing in afgeleë gebiede gegee.

Oor die jare is daar goeie kontak opgebou en behou met navorsers in ander lande. Sommiges het selfs die Instituut se projekte in die afgeleë Tshikundamalema in Venda gaan besoek.

Die Instituut kon nie funksioneer met net die rente op die aanvanklike Snyckerstoekenning by sy stigting nie, en moes fondse werf by ander instansies. In die oorsigdekade het Noristan Bpk, die Vleisraad, die De Beers Chairman's Fund, die MNR, die Navorsingsfonds van UP en The Employment Bureau of Africa Ltd die Instituut finansieël ondersteun. Daarbenewens het die Instituut fondse bekom uit die verkoop van geïndekseerde mediese publikasies.

Die Instituut het oor die jare unieke navorsingsgeleenthede in Suider-Afrika geïdentifiseer, uitbeweeg na afgeleë swart gebiede en verskillende dissiplines bymekaargebring om saam te werk aan omvattende navorsingsprojekte. Die resultaat was nie alleen uiters sinvolle navorsingsbevindinge nie, maar ook gemeenskapsdienste soos mediese kliniekdienste en skoon drinkwater vir afgesonderde, onderontwikkelde gebiede. Uit die projekte het daar reeds ses magistergrade gevolg.


Prof. D.A. van Staden
Direkteur (deeltyds)

FAKULTEIT TANDHEELKUNDE

Prof. P.C. Snijman, wat sedert 1972 die dekaan van hierdie Fakulteit was, het aan die einde van 1982 vroeg afgetree. Dit het die einde van 'n era beteken omdat afskeid geneem is van iemand wat diep spore in die vakgebied Tandheelkunde, eers as kaak-, gesig- en mondchirurg en later as dekaan getrap het. Die Fakulteit se komiteekamer is vervolgens na hom vernoem en in 1986 het die Universiteit die DChD Honoris Causa aan hom toegeken. Prof. S.T. Zietsman, die voormalige hoof van die Departement Ortodonsie, het prof. Snijman in 1983 as dekaan opgevolg.

Vanweë snelle uitbreidings en ontwikkelings in Tandheelkunde was die vergrote hospitaalgebou wat in 1972 in gebruik geneem is, weldra ontoereikend. Dit het 'n knellende beperking op die werksaamhede van die Fakulteit geplaas. In 1984 moes daar byvoorbeeld eensklaps akkommodasie vir die Staat se administrasie-komponent asook vir 'n nuwe Departement Diagnostiek en Röntgenologie en die verskuiwing van die Sentrum vir Stomatologiese Navorsing gevind word. Beperkte fondse het wel sekere herindelings van die akkommodasie in 1985 en 1986 moontlik gemaak. Die oordeelsfout in 1972 om die Röntgenologiekliniek in die kelder te huisves, is daarna vererger deurdat die magasyn ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. S.T. Zietsman, Dekaan: Fakulteit Tandheelkunde, sedert 1983; Hoof: Departement Ortodonsie, 1976 - 1982.

daar ingerig is asook bykomende kantore vir dosente.

Na uitgerekte onderhandelings het die Universiteit en die destydse Departement van Gesondheid en Welsyn 'n ooreenkoms gesluit wat op 1 Januarie 1984 in werking getree het. Daarvolgens het die Staat de bedryf van die hospitaal oorgeneem. Doserende personeel is op 'n gesamentlike diensstaat geplaas, maar op Staatsdienstvoorwaardes. Niedoserende personeel, met die uitsondering van die fakulteitsadministrasie, is algeheel op die Staat se diensstaat geplaas. Navorsingspersoneel het by die Universiteit gebly. Die fakulteitspersoneel was feitlik eenparig gekant teen hierdie stap - vandaar die samesprekings oor etlike jare heen. Die Fakulteit was egter 'n groot las op die Universiteit vanweë die toereikende subsidie. Dit en lokmiddels deur die Staat het die akademiese personeel genoop om tog toe te gee. Daardie lokmiddels is egter enkele jare later opgehef.

Vanweë die staatkundige ontwikkelings wat die konsep "eiesake" geskep het, is die hospitaal op 1 April 1985 onder die beheer van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn: Administrasie Volksraad geplaas. Sewe jaar later was die skrif egter reeds aan die muur dat alles weer omgekeer sou word.

Van 1976 af is 'n sogenaamde dubbelrooster vir BChD-studente ingestel sodat vir klasse van 64 in die kliniese opleiding voorsiening gemaak kon word nadat 92 eerstejaars jaarliks toegelaat is. In 1988 is weer teruggekeer tot 'n enkelroosterstelsel met 52 BChD-studente in die kliniese jare, maar eerstejaartoelating moes tot 72 verminder word.

Vernuwing en modernisering het die volgende veranderings in die kwalifikasiestruktuur van tandartse genoop:

1. 1982: DTVG is deur die DGG(Dent) vervang en 'n DGA(Dent) is ingestel.
2. 1986: Die BChD(Hon) en MDent is deur die MSc(Odont) vervang en 'n PhD is ingestel.
3. 1988: Die DChD is deur DSc vervang.
4. 1989: 'n DipOdont is ingestel asook 'n "lang" MChD-kursus in kaak-, gesig- en mondchirurgie wat basiese kwalifikasies in beide geneeskunde en tandheelkunde behels het.

Sedert 1986 het die Fakulteit 'n herkurrikuleringsprogram in ooreenstemming met die Universiteit se nuwe onderwysmodel onderneem. Voorgraadse kursusse is binne vyf jaar geherkurrikuleer en studiehandleidings is opgestel met 'n klemverskuiwing van 'n dosentgesentreerde na 'n studentgerigte benadering.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In dieselfde periode is die Fakulteit se bestuur onderwerp aan indringende ondersoeke en die personeel opgelei in aanvaarde bestuursbeginsels, gebaseer op doeltreffende doelwitbestuur. Die belangrikste aanpassing was die aanvaarding van 'n funksionele matrikskonsep en die aanstelling van deeltydse funksionele hoofde in die drie primêre funksies van onderwys, navorsing en steundienste (wat pasiëntesorg insluit). Hulle benamings is later verander in programbestuurders.

S.T. Zietsman
Dekaan

Departement Diagnostiek en Röntgenologie


Die Diagnostiek strewe na die ontwikkeling van 'n ontledende vermoë (by die student) waarmee 'n probleemgerigte pasiëntesorgstelsel bedryf kan word. Die naam Diagnostiek is afgelei van die woord "diagnose" wat op sy beurt afgelei is van die Grieks *dia* "deur" + *gnosis* "kennis".

Die Röntgenologie omvat tegniese en interpretasieprosedures waarby röntgenstrale gebruik word ten einde tot akkurate diagnoses te geraak. Die Röntgenografie behels die suiwer tegniese uitvoering van hierdie prosedures. Die naam Röntgenologie is afgelei van die naam van die ontdekker van röntgenstrale naamlik W.C. Röntgen (1845-1922) en die Griekse woord *logos* wat "verhandeling" beteken. Dit omvat daardie gedeelte van die Radiologie wat betrekking het op die diagnostiese en terapeutiese gebruik van röntgenstrale. Die dissipline Röntgenologie het sy bestaan te danke aan die ontdekking van x-strale (later bekend as röntgenstrale) deur Wilhelm Conrad Röntgen. Twee weke na die ontdekking daarvan is die heel eerste tandheelkundige opname deur 'n Duitse geneesheer, ene Walkoff, gedoen. Vir hierdie kroonopname van sy eie tande het hy 'n beligtingstyd van 25 minute gebruik.

Alhoewel die Departement Diagnostiek en Röntgenologie eers in 1984 amptelik tot stand gekom het, was daar 'n lang voorgeskiedenis. Reeds vóór 1972 het daar al 'n afdeling "Radiodonsie" in die Fakulteit Tandheelkunde bestaan, maar dit het geen volwaardige kursus in Tandheelkundige Radiologie aan voorgraadse studente gebied nie. Dit was eers toe hierdie afdeling in 1972 'n heenkome in die destydse Departement Mondpatologie en Mondgeneeskunde gevind het dat formeler opleiding in die Radiologie aangebied kon word. Met die voltooiing van die herbouing van die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde in September 1972 is deel van die kelderverdieping aan die splinternuwe afdeling Radiologie afgestaan. In 1974 is die afdeling om organisatoriese redes van die Departement Mondpatologie en Mondgeneeskunde verskuif na die Departement Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie. Hier het dit gebly tot aan die einde van 1983.

Die Diagnostiek het binne die Fakulteit Tandheelkunde inderdaad nog 'n korter geskiedenis as die Röntgenologie. Die eerste vergadering van 'n komitee wat belas was met 'n ondersoek na 'n "diagnostiese diens" het in 1974 in die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde plaasgevind. Die vergadering het aanbeveel dat 'n afdeling Diagnostiek aan die Afdeling Radiologie gekoppel word. Etlike verslae en voorleggings het uit die aanbeveling voortgespruit, maar geen konkrete stappe het gevolg nie. 'n Pleidooi in 1979 vir die stigting van 'n selfstandige departement Röntgenologie en Diagnostiek was deel van bovermelde voorleggings. Die aansoek om die stigting van dié nuwe departement is weens 'n tekort aan fondse in 1981 deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.E. Seeliger, Hoof: Departement Diagnostiek en Röntgenologie, sedert 1984.

die Universiteit afgekeur. Intussen is daar ná uitgerekte onderhandelinge besluit dat die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde op 1 Januarie 1984 deur die Staatsdepartement van Gesondheidsdienste en Welsyn "oorgeneem" sou word. Aangesien die Staat vir die bedryf van die Hospitaal, en dus ook die diensstaat, verantwoordelik sou wees, het die Universiteit sy posisie teenoor die stigting van 'n nuwe departement hersien. Op 15 September 1983 het die Direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding die Universiteit verwittig dat die minister die samesmelting van die twee onderafdelings van die Departement Konserverende Tandheelkunde en die Departement Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie tot 'n selfstandige departement, naamlik Departement Diagnostiek en Röntgenologie, goedgekeur het met ingang 1984. Prof. J.E. Seeliger wat van 1973 die afdelingshoof van Röntgenologie was, is as die eerste departementshoof van die pasgestigte Departement aangewys. Prof. L.W. Combrink van die Departement Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie is as professor en afdelingshoof van Diagnostiek benoem. Waar die postestruktuur van beide die onderafdelings onder die Universiteit uiteraard baie beperk was, is dit ten tyde van die oorname ruim uitgebrei. Die diensstaat van die Departement was in 1984 soos volg: Professoraat (Hoof); Professoraat (1); Medeprofessoraat (1); Senior Lektor (2); Lektor (4); Hoofradiograaf (1); Radiograaf (3); Senior Verpleegkundiges (2); Verpleegkundiges (2); Persoonlike Sekretaresse (1).

Die afdeling Diagnostiek was verantwoordelik vir die evaluering van alle nuwe pasiënte in terme van hulle algemene gesondheid, tandheelkundige behoeftes, verwagtinge, die bepaling van hoofklagtes, en die voorgestelde behandelingsbeplanning en monitering. Baie belangrik was die didaktiese komponent wat tot die integrering van die tandheelkundestudent se kennis moes lei. Medies-gekompromitteerde pasiënte wat van die Departemente Kardiologie en Nefrologie van die H.F. Verwoerd-hospitaal vir pre-operatiewe konsultasies verwys is, is ook deur die afdeling Diagnostiek gehanteer.

Van gelyke belang was die beplanning, ontwerp en implementering van 'n pasiëntebestuurstelsel vir die Hospitaal wat deur Diagnostiek aangepak is. Die rekenarisering van die verskillende pasiëntebeheer- en rekenkundige stelsels het ook as gevolg van die harde werk van dié afdeling tot stand gekom. As gevolg van die kundigheide en vaardighede van die personeel het hulle die leiding geneem op die gebied van pasiëntesorgbestuur in die land. Geslaagde simposia, gereël deur dosente in die afdeling, het grootliks bygedra tot die hoë aansien wat die Departement geniet het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die afdeling Röntgenologie het ook daarin geslaag om as leier op grond van eweknie-beoordeling in sekere gebiede beskou te word. Veral die navorsing van die departementshoof oor stralingsbeskerming in tandheelkundige praktyke in Suid-Afrika waarvoor hy in 1985 'n doktorsgraad ontvang het, het baie aandag getrek. Die kundigheid van die departementslede op vele gebiede, asook hul navorsingsresultate, het daartoe gelei dat daar 'n toenemende aanvraag was na konsultasies en raad van die privaat tandheelkundige praktyk.

Teen 1992 is 'n volwaardige kursus in Röntgenologie deur die Departement Diagnostiek en Röntgenologie vir BChD-studente aan hierdie Fakulteit aangebied, asook vir nagraadse studente tot op doktorale vlak. 'n Doelgerigte kursus in Röntgenografie vir diplomastudente in Mondhigiëne is ook sedert 1972 aangebied.

In die tydperk 1982 - 1985 is die meeste navorsing in die volgende velde gedoen:

1. Beskerming teen oorbestraling in die tandheelkundige praktyk;
2. die beplanning en implementering van 'n komprehensiewe pasiëntesorgstelsel; en
3. die geneeskundige evaluering van tandheelkundige pasiënte in die Afdeling Diagnostiek.

Van 1986 af het die klem na ander navorsingsvelde verskuif, soos byvoorbeeld-

1. kwaliteitversekering in tandheelkundige radiografie; en
2. die risiko en voorkoming van nosokomiese kruisinfeksie by tandheelkundige radiografie.

In 1988 het addisionele navorsingsvelde soos Pasiëntesorgbestuur en Onderrigontwikkeling bygekom. Die Fakulteit Tandheelkunde was een van die baanbrekerfakulteite op die gebied van kurrikulumontwikkeling met die oog op 'n meer student- en probleemgerigte onderrigbenadering. As gevolg van die bydrae deur verskeie van die senior dosente in hierdie Departement, is daar gedurende die oorsigperiode belowende resultate behaal met hierdie nuwe onderrigmetodes.

J.E. Seeliger
Departementshoof


Departement Gemeenskapstandheelkunde

Vordering op die vakgebied Gemeenskapstandheelkunde in die oorsigperiode (1983-1992) het die moontlikheid van 'n ongeskonde gebit binne die bereik van die individu geplaas. Nuwe ontwikkelings in die Voorkomende Tandheelkunde gepaard met die beginsel van bestuurde mondgesondheidsorg het hierdie ideaal binne die bereik van iedereen geplaas.

Die Gemeenskapstandheelkunde het kundighede en vaardighede gebied op die terrein van Voorkomende Tandheelkunde, Mondepidemiologie, Openbare Tandheelkunde en Mondgesondheidsbestuur wat die stel van gevorderde mondgesondheidsdoelwitte in 'n Nasionale Mondgesondheidsplan vir die Republiek van Suid-Afrika moontlik gemaak het.

Navorsing op die gebied van primêre mondgesondheidsorg het heelwat aandag in die Departement geniet. Projekte is in Pretoria en in Atteridgeville geloods. Primêre gesondheidsorg is as strategie deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) voorgehou as die waarskynlikste oplossing vir die probleme op die gebied van gesondheidsdienslewering in die wêreld. Hierdie strategie is reeds deur die destydse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. W.D. Snyman, Hoof: Departement Gemeenskapstandheelkunde, sedert 1978.

Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling in Suid-Afrika aanvaar.

Dr. J.H. Viljoen wat van die Suid-Afrikaanse Weermag gesekondeer is as kliniese assistent in die Departement, het twee belangrike navorsingprojekte binne die konteks van die Weermagpopulasie uitgevoer, te wete-

1. die beplanning, implementering en evaluering van 'n fissuurseëlprogram vir laerskoolkinders; en
2. die beplanning, implementering en evaluering van 'n doelwitmatriksmodel ter verbetering van produktiwiteit in die Tandheelkunde.

In die tien jaar sedert 1983 het die vakgebied Gemeenskapstandheelkunde hom al hoe meer prakties gerig. Die Departement het 'n aktiewe rol vervul in die eerste Nasionale Mondgesondheidsopname wat in die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer is gedurende 1988 en 1989. Hierdie opname het sorg gedra dat 'n volledige stel mondgesondheidsdata ten opsigte van Suid-Afrika vir die eerste keer gestuur kon word aan die wêreldbank vir mondgesondheidsinligting by die WGO in Genève. Die Nasionale Mondgesondheidsopname is uitgevoer deur die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling in samewerking met die departemente van Gemeenskapstandheelkunde aan die verskillende universiteite.

Dr. L.M. Rossouw, senior lektor en senior spesialis in Gemeenskapstandheelkunde, is in April 1992 gekies as voorsitter van 'n loodskomitee ondersteun deur die Mediese Navorsingsraad (MNR) met betrekking tot 'n ondersoek na die wenslikheid en uitvoerbaarheid van waterfluoridering in gebiede waar hierdie uiters doeltreffende strategie moontlik teen tandkaries aangewend kon word. Onder aansporing van dr. Rossouw is 'n eenheid ook op die gebied van Mondgesondheidsbestuur met die oog op kontraknavorsing in die Departement gevestig.

Wat die Universiteit se Afrikamissie betref, kan die volgende gemeld word:

1. Twee lede van die Departement, naamlik drr. Rossouw en J. Kroon, het in 1991 wetenskaplike voordragte gelewer op die jaarlikse konferensie van die "Southern and East African Division of the International Association for Dental Research", gehou te Gaborone in Botswana.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

2. Dr. Rossouw het op versoek van die Namibiese Sentrale Regering opgetree as adviseur met betrekking tot die eisprofiele van verskaffers van mediese, tandheelkundige en farmaseutiese dienste.

Die departementshoof, prof. W.D. Snyman, is in 1989 deur die Fakulteit Tandheelkunde aangewys as programbestuurder vir Onderwys. Hy was destyds ingeskryf vir 'n PhD-graad in Opvoedkunde met as proefskriftitel "Kurrikulum-ontwikkeling in die Tandheelkunde". Hy het in 1989 die Elida Ponds-genootskapstoekenning vir sy navorsing op hierdie gebied ontvang. Onder sy leiding is 'n nuwe, innoverende kurrikulum vir die Tandheelkunde ontwikkel wat in die behoeftes van die "Nuwe Suid-Afrika" moes voorsien. Tegelykertyd is daar wegbeweeg van 'n dosentgesentreerde onderrigmodel na 'n kreatiewe studentgerigte onderrigmodel. Die doel was om tandartse op te lei wat as onafhanklike denkers lewenslank leerders sou wees.

Op die gebied van die gemeenskapsdiens was die Departement gedurende die oorsigperiode besig met die volgende aksies:

1. Navorsingsprojekte van die Departement op die gebied van mondgesondheid, wat meestal buite die Fakulteit in die gemeenskap geloods is, en altyd met gemeenskapsdiens gepaard gegaan het. Hierdie projekte is nie slegs in Pretoria en omgewing uitgevoer nie, maar ook in afgeleë landelike gemeenskappe.

2. Dienslewering van hoë gehalte ten opsigte van mondhigiëne wat voorsien is aan pasiënte in die Spinale Eenheid en Chirurgiese Intensiewe Eenheid van die H.F. Verwoerd-hospitaal. Dié diens is deur senior studente in die Mondhigiëne verskaf onder die leiding van die dosente, mejj. S.J. Booyens en E. Oosthuizen.

3. Voortgesette opleidingskursusse aan tandartse en mondhigiëniste werksaam in die private en in die openbare sektor. In 1991 en 1992 is die volgende suksesvolle kursusse en simposia ook onder leiding van die departementshoof en van dr. Rossouw van stapel gestuur:

   i. Die bemarking van professionele dienste;
   ii. stelselnavorsing ten opsigte van Mondgesondheidsdienslewering;
   iii. tandheelkundige Informatika;
   iv. algemene tandheelkundige praktykbestuur vir die private sektor;
   v. 'n simposium oor waterfluoridasie; en
   vi. die implementering van die belasting op toegevoegde waarde deur tandartse.

Die tandheelkundige professie bestaan net soos enige ander onderneming binne 'n eksterne en 'n interne omgewing. Daarom vereis die heersende klimaat dat aandag gegee moet word aan aspekte wat buite die kliniese sfeer val, soos byvoorbeeld die kwessie van praktykbestuur. Sonder die toepassing van behoorlike praktykbestuurbeginsels mag professionele druk selfs die uitnemendste praktisyn tegnies en klinies in die wiele ry. Die oplossing van hierdie probleem lê daarin om aan hom te leer om die omgewing te evalueer, verandering te interpreteer en vroegtydig daarop te reageer. Die doseer van die vak Praktykbestuur vir Tandheelkunde-studente (BChD-studente) is aan die Departement Gemeenskapstandheelkunde toevertrou. Die vakgebied is deur dr. G. White behartig. 'n Doelmatige rekenaarsentrum is in hierdie verband ingerig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die personeel van die Departement het in 1992 bestaan uit die departementshoof, prof. Snyman, bygestaan deur twee professore (P.J. van Wyk en H.K. van Rooy), drie lektore, een lektor, een sekretaresse en een navorsingsassistent. Wat die toekenning van nagraadse kwalifikasies sedert 1982 betref, het drie studente die MChD in Gemeenskapstandheelkunde verwerf, twee die BChD(Hons) in Gemeenskapstandheelkunde en vyftien die nagraadse diplomas DTVG/DGG(Dent) en DGA. Die aantal voorgraadse Tandheelkundestudente (vir die graad BChD) het 'n afname getoon wat betref gegradueerdes. Ongeveer twintig studente het jaarliks in die Mondhigiëne gekwalifiseer.

W.D. Snyman
Departementshoof

Departement Herstellende Tandheelkunde

Die vakgebied Herstellende Tandheelkunde het in die tydperk 1983 tot 1992 opwindende en buitengewone ontwikkelinge beleef. Veral op twee gebiede, naamlik Adhesie aan Tandstruktuur en Inplantologie is ongekende vooruitgang gemaak. Die Departement was aan die voorpunt van navorsing en opleiding in hierdie gebied in Suid-Afrika. Die koms van ware adhesiemiddels het ook nuwe vergesigte geskep in die veld van estetiese tandheelkunde. Dit het nou moontlik geword om tande natuurlik en esteties te herstel.

In die vroeë jare tagtig het die kliniese gebruik van titaniuminplantate wêreldwyd posgevat. Dié tegniek van osseo-integrasie wat ontwikkel is deur prof. Brånemark van Göteborg in Swede het soos 'n veldbrand versprei. Prof. Hannes Nel, hoof van die Departement, het besoek gebring aan die Brånemark-kliniek en het die tegnologie en kundigheid met hom saam gebring na die Universiteit van Pretoria. Noue samewerking het tussen die Departement Herstellende Tandheelkunde en die Departement Periodonsie en Mondgeneeskunde bestaan. Veral op die gebied van Inplantologie was daar wedersydse interafhanklikheid en dit is sterk beklemtoon in die opleiding van voor- en nagraadse studente.

Tesame met osseo-geïntegreerde inplantate het verskeie nuwe dentienbindmiddels op die mark verskyn. Die jare tagtig het ongeveer vyf sogenaamde tweedegenerasiedentienbindmiddels sien kom en gaan. Sedert 1990 het meer as twintig moderne derdegenerasie-dentienbindmiddels op die mark verskyn. Al hierdie moderne en duur tegnologie het hoë eise aan die Departement se toegewyde navorsingspan onder leiding van die immergroen en wêreldberoemde emeritusprofessor Maryna Ferreira gestel. Hierdie merkwaardige vrou het ná haar aftrede steeds toegewyd aan haar navorsing op hierdie gebied van dentienbindmiddels gewerk. Die snelle vooruitgang op die gebied het 'n voortdurende soeke na kennis en inligting deur die privaatsektor, handel, nywerheid en akademiese instellings gestimuleer. Die Departement het 'n groot rol gespeel om hierdie behoefte te bevredig, en wel deur middel van publikasies, voortgesette opleiding, en informele en persoonlike kontak.

Die behoefte aan estetiese tandheelkunde en die eise wat die gemeenskap in dié verband stel, het sterk op die voorgrond gekom. Die moderne adhesietegnieke het ware tandkleurige herstel moontlik gemaak. Die tydperk 1983 - 1992 het die koms beleef van nuwe tandkleurige harse, direkte en indirekte tandkleurige inlegsels, porseleininlegsels, finere, porseleinkrone en -brûe en uiteindelik ook gerekenariseerde tandheelkunde met die bekendstelling van die Cerec-Cam-rekenaar.

Alhoewel die Departement sy eie Cerecmasjien eers in 1993 in ontvangs geneem

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.C. Nel, Hoof: Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie, 1974 - 1983, en Herstellende Tandheelkunde, sedert 1983.

het, is daar teen die einde van 1992 reeds drie kursusse oor die Cerecmasjien vir Suid-Afrikaanse tandartse deur professor Nel en sy span aangebied. Verskeie navorsingsprojekte oor dié tegniek was by die Departement aan die gang. Daar was ook noue skakeling met die ontwikkelaars van die Cerec.

Die Departement het elke jaar tussen dertig en vyftig BChD-graduandi en gemiddeld een MChD-spesialis prostodontis gelewer. Daarbenewens is verskeie BChD(Hons)- en MSc(Odont)-grade toegeken. Navorsing en wetenskaplike publikasies is hoog aangeslaan en die voortgesette opleiding van uitmuntende gehalte is deurlopend aangebied. Eerbewyse het dan ook nie uitgebly nie. Professor Nel het in 1992 die diplomaatstatus van die International College of Oral Implantology ontvang.

J.C. Nel
Departementshoof


Departement Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie

Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie is 'n spesialiteitsrigting in die Tandheelkunde soos geregistreer by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. Die vakgebied behels die bestudering van en vaardighede in chirurgiese ingrepe van die mond, kake en die gesig. Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie is sedert 1961 'n volwaardige departement aan die Universiteit van Pretoria.

Die vakgebied Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie is in die oorsigperiode (1983-1992) voorgraads sowel as nagraads gedoseer met inagneming van beide die teoretiese en praktiese aspekte. Die praktiese aspekte het bestaan uit kliniese werksaamhede ten opsigte van chirurgiese ingrepe. Navrae is gedurig verkry van ander Afrikalande ten opsigte van opleiding en ook chirurgiese pasiëntesorg met spesifieke skakeling in Namibië. Ekstensiewe vakkurrikulering het voorgraads en nagraads plaasgevind met die implementering van voorgraadse en nagraadse studiehandleidings.

Sedert 1982 is 'n nuwe kursus in die nagraadse spesialiteitsopleiding in Kaak-, Gesig- en Mondchirugie ingestel. Die nagraadse spesialiteitsopleiding het voor die instel van die nuwe kursus 'n vierjarige kursus vir die graad MChD behels. Die nuwe kursus het die moontlikheid geopen dat sowel 'n tandarts, as 'n geneesheer (of persone met beide kwalifikasies) die spesialiteitsrigting kon volg. Na afloop van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. K.W. Bütow, Hoof: Departement Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie, sedert 1984.

die opleiding as spesialis in Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie sou die kandidaat dus oor 'n BChD, 'n MBChB en 'n MChD-(Chir.Max.-Fac.Med) beskik. 'n Navorsingsgerigte MChD (Chir.Max.-Fac.Dent) oor 'n periode van vyf jaar was ook moontlik vir 'n tandarts.

Wat besondere studie- en navorsingsgebiede betref, het die Departement hom in die oorsigperiode toegespits op-

1. gesplete gesigsdeformiteite;
2. traumatologie;
3. temporomandibulêre gewrig- en gesigspyne;
4. inplantologie en rifaugmentasie;
5. kraniofasiale groeideformiteite;
6. geringe mondchirurgie;
7. chirurgiese patologie; en
8. ortognatiese chirurgie.

Die Departement was voorts verantwoordelik vir 'n voorgraadse handboek, die eerste en enigste kliniese tandheelkundige boek deur Suid-Afrikaners, naamlik *Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie vir die Algemene Praktisyn.*

Daarbenewens was die Departement betrokke by die Gesplete-Gesigsdeformiteitskliniek, 'n multidissiplinêre kliniek wat deur drie universiteite gesamentlik beheer is. Drie fakulteite van die Universiteit van Pretoria wat elf dissiplines/departemente en spesialiteitsgebiede behels het, was hiermee gemoeid.

Lede van die Departement het in die oorsigperiode meer as honderd lesings by konferensies en simposia gelewer. Daarbenewens het prof. K.W. Bütow alleen meer as 'n honderd publikasies die lig laat sien. Ook prof. J.G. Duvenage en dr. N. van Vuuren was elk vir tientalle publikasies verantwoordelik. Prof. Duvenage was van 1983 tot 1984 die departementshoof, waarna prof. Bütow hom opgevolg het. Hulle is deur enkele dosente, konsultante en kliniese assistente bygestaan.


Wat studentegetalle betref, was daar in 1983 tot 1992 altesaam 187 voorgraadse studente. Meer as veertig studente het in die oorsigperiode nagraadse kwalifikasies verwerf.

J.G. Duvenage
Waarnemende departementshoof

Departement Mondpatologie en Mondbiologie

Die Departement het voor die huidige naam aanvaar is, bekend gestaan as die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.J. Ligthelm, Hoof: Departement Mondpatologie en Mondbiologie, sedert 1981.

Departement Mondpatologie en Mondgeneeskunde. In 1982 is die naam verander in die Departement Mondpatologie en Mondbiologie. Mondgeneeskunde is toe by die Departement Periodonsie gevoeg as 'n nuwe departement.

Forensiese Odontostomatologie is in die jare tagtig goed gevestig in die Departement. Beide prof. A.J. Ligthelm en dr. P.J. van Niekerk was reeds president van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Forensiese Odontostomatologie. Die nasionale massaramp-identifikasiesentrum is ook sedertdien in die Departement gesetel met prof. Ligthelm as die nasionale koördineerder.

Driedimensionele ondersoeke van forensies-odontologiese gevalle en mondpatologiese toestande is ontwikkel en verskeie publikasies het daaruit voortgevloei. 'n Eksperimentele sistmodel om sistontwikkeling, -groei en die interafhanklikheid van sistweefsel te evalueer, is in die Departement ontwikkel. Dit het gelei tot die PhD-proefskrif van prof. Ligthelm oor hierdie onderwerp. Laasgenoemde is in 1992 aangewys as 'n uitnemende presteerder van die Universiteit van Pretoria. Daarbenewens was hy president van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing waardeur skakeling met verskeie Afrikalande gevestig is, asook die identifisering en uitvoering van gesamentlike projekte gestimuleer is.

'n Speekselversamelapparaat is deur prof. A. Weber ontwikkel en gepatenteer. Die apparaat maak dit moontlik om suiwer parotisspeeksel te versamel waaruit belangrike diagnostiese data bekom kan word.

'n Internasionale histopatologie uitruilprogram is met verskeie oorsese universiteite gevestig. Dit het 'n belangrike opleidingsrol in die Departement vervul. Gesamentlike projekte is saam met die volgende instansies uitgevoer: die Fakulteit Veeartsenykunde, die Soogdiernavorsingsinstituut en die Sentrum vir Natuurlewebestuur van die Universiteit van Pretoria; die Mediese Universiteit van Suid-Afrika; die Universiteit van Stellenbosch en die Roodeplaatnavorsingslaboratorium. 'n Studiegroep vir Vergelykende Odontologie is in 1992 op die been gebring.

Wat personeelaangeleenthede betref, was prof. Ligthelm die hoof van die Departement, proff. Arno Weber, J.V.A. Leppan (tot 1988) en E. Blignaut medeprofessore (laasgenoemde ressorteer sedert die middel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 1992 direk onder die dekaan) en was daar verskeie deeltydse personeellede. Vier kliniese assistente in Mondpatologie het in hierdie periode hulle studies voltooi.

A.J. Ligthelm
Departementshoof

Departement Ortodonsie

Nuwe MSc(Odont)- en Dip (Odont)-kursusse is ingestel in Tandheelkunde vir niespesialiteitsrigtings en Ortodonsie kon as hoofvak in albei studierigtings gevolg word. 'n Aantal nagraadse studente was ingeskryf vir beide rigtings, waarvan sommige die graad en diploma met sukses afgelê het. In 1992 het prof. S.J.P. Nel, Buitengewone Professor in die Departement Ortodonsie, die PhD(Odont)-graad verwerf. Dit was die eerste doktorale graad wat in die geskiedenis van die Departement Ortodonsie toegeken is.

Vooruitgang in epidemiologiese navorsing is gemaak en die okklusale status van die Vendas is beskryf. Navorsing oor die antikariogenisiteit van ortodontiese bindingsmateriale is gerapporteer en verskeie publikasies in hierdie verband het die lig gesien.

Wat buitengewone prestasies in die Departement betref, het dr. W.A. Wiltshire in 1984 die Colgate-prys van die Suid-Afrikaanse Divisie van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing (IVTN) verower, asook 'n Elida-Gibbs-toekenning van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika en die "Coors Biomedical Novice Prosthodontic Award" in Las Vegas in die Verenigde State van Amerika terwyl hy nog aan die Departement Herstellende Tandheelkunde verbonde was. As kliniese assistent in Ortodonsie het hy in 1986 die "Quintessence of Dental Technology Editorial Award" in Chicago in die VSA verower vir die beste wetenskaplike artikel; die Julius-Staz-studiebeurs van die Tandheelkundige Vereniging van Suid Afrika in 1987 en 'n Dekaanstoekenning vir uitnemendheid as 'n jong lektor/-navorser in 1988.

In 1991 is Dekaanstoekennings ook aan deeltydse professore in die Departement gemaak vir hul aandeel in die nagraadse opleiding deur die jare. Toekennings is gemaak aan proff. M. Grobler, E. Mizrahi en S.J.P. Nel.

Lede van die Departement het gedurende die tydperk 1983-1992 in topbestuursposisies in vakkundige verenigings gedien. Onder hulle was prof. J.J.G.G. de Mûelenaere wat as President van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Ortodontiste (1987-1989) en prof. Wiltshire wat as eerste President van die Tandheelkundige Materialegroep van die IVTN (1988-1990) gedien het. Prof. Wiltshire het ook in die paneel van adviseurs van die Internasionale "Dental Materials Group" (1990-1991) gedien en is ook wetenskaplike redakteur van die *Hands-On*-tydskrif sedert 1991. Prof. Wiltshire was daarbenewens ook resensent van die *Joernaal van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika*, *Journal of Dental Research* en die *American Journal of Orthodontics and Dentofacial Orthopaedics*.

Interdissiplinêr is daar in 1990 geskakel met die Departement Ortodonsie van die Universiteit van Gent in België. Dit was toe die destydse hoof van die Departement, prof. De Mûelenaere en twee kliniese assistente, drr. J.P. Roux en P.W. van Heerden daar navorsing gedoen het om die skeletale terugval van behandelde ortodonsiegevalle tussen die twee skole te evalueer.

Skakeling op akademiese vlak is gehandhaaf deurdat kongresse in die buiteland gereeld bygewoon en navorsingsreferate daar gelewer is. Proff. De Mûelenaere en Wiltshire het referate gelewer in Engeland,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.J.G.G. de Mûelenaere, Hoof: Departement Ortodonsie, 1983 - 1992.

Italië, België, Duitsland en die VSA. Prof. Luc Dermaut van België en dr. Herman van Beek van Nederland het in 1989 en 1990 onderskeidelik as gasdosente besoek aan die Departement gebring.

Onderrig is verbeter deurdat die voorgraadse kursusse in Ortodonsie geherkurrikuleer is. Daar is ook begin met die kurrikulering van nagraadse kursusse. Die Departement Ortodonsie kon jaarliks met kliniese assistente van hoogstaande gehalte spog omdat dié spesialiteitsrigting so gewild was. Gedurende die oorsigperiode het al die kliniese assistente minstens een nagraadse graad of diploma verwerf terwyl sommige reeds oor 'n magistergraad beskik het. Agttien spesialisortodontiste het in daardie tyd aan die Universiteit van Pretoria afgestudeer.

Gemeenskapsdiens is bevorder deurdat voorgraadse studente meer as 200 pasiënte behandel het, terwyl nagraadse studente 'n verdere tweehonderd behandel het. Verskeie geslaagde opknappingskursusse vir die algemene praktisyn en ortodontis is aangebied. Verskeie praktykgerigte publikasies het ook die lig gesien.

Prof. S.T. Zietsman, hoof van die Departement Ortodonsie sedert Januarie 1976, is met ingang 1 Januarie 1983 aangestel as voltydse Dekaan/Direkteur van die Fakulteit Tandheelkunde. Prof. De Mûelenaere het hom op 1 Januarie 1983 opgevolg as departementshoof. Hy het op sy beurt met ingang 31 Januarie 1992 bedank om die sakewêreld voltyds te betree, maar is as buitengewone professor in die Departement Ortodonsie aangestel. Met ingang 1 Februarie 1992 is prof. Wiltshire aangestel as waarnemende hoof van die Departement.

Die Departement Ortodonsie het teen die einde van 1992 beskik oor drie buitengewone professore, naamlik proff. De Mûelenaere, Grobler en Nel; een besoekende professor, naamlik prof. Mizrahi van die Universiteit van die Witwatersrand, en vyf besoekende senior spesialislektore. 'n Voltydse lektorspos is deur 'n nie-spesialis gevul en hy was hoofsaaklik behulpsaam met die voorgraadse opleiding. Daar was ook vier kliniese assistentposte in die Departement. Die aantal nagraadse studente vir beide die spesialiteitstudierigting en die niespesialiteitsrigting het konstant gebly gedurende die tydperk 1983-1992. Alhoewel daar 'n groot aanvraag na die spesialiteitstudierigting was, is hierdie op-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

leiding beperk tot die vier kliniese assistentposte in die Departement.

W.A. Wiltshire
Departementshoof

Departement Periodonsie en Mondgeneeskunde

Een van die belangrikste ontwikkelings in die Tandheelkunde gedurende die oorsigperiode (1983-1992) was die fenomenale vooruitgang op die gebied van osseo-integreerde inplantate. Die personeel van die Departement het die aanwendingsmoontlikhede van die prosedure ingesien en uitgebou. Geen nuwe voor- of nagraadse kursusse is ingestel om hierdie ontwikkeling bekend te stel nie, maar dit is in die bestaande kurrikula geïnkorporeer.

Alhoewel die ontwikkeling gerugsteun is deur jare se navorsing, het dit tog geblyk dat daar in die bestaande kennis van osseo-integreerde inplantologie sekere afdelings was waar verdere navorsing 'n belangrike rol kon speel om die prosedure uit te bou en te verbeter. Soms is daar nie genoeg been beskikbaar om inplantate te ondersteun nie. Dit is in hierdie opsig dat die navorsing in die Departement 'n besondere bydrae gemaak het deur metodes te ontwikkel om beengroei te bevorder. Hierdie werk is nasionaal en internasionaal erken.

Allergieë vir moderne lokaalanestetika het nie dikwels voorgekom nie. Tog was daar baie lede van die publiek wat onder die indruk verkeer dat hulle allergies was vir lokaalanestetika. In hierdie opsig het die navorsing in die Departement oor die waarde van intradermale toediening van geneesmiddels om allergieë te diagnoseer, 'n besondere diens aan die gemeenskap gelewer.

Interdissiplinêre skakeling het gereeld plaasgevind met die betrokke departement van ander Tandheelkundefakulteite in Suid-Afrika. Senior personeel is gereeld oor en weer genooi om as eksterne eksaminatore op te tree. In Februarie 1991 het die Departement in samewerking met die Departement Herstellende Tandheelkunde 'n kursus oor Inplantologie in Durban aangebied. Die bywoning hiervan was die beste nog van 'n kursus aangebied deur 'n Tandheelkundefakulteit in Suid-Afrika. Die personeel van die Departement, in samewerking met die Departement Herstellende Tandheelkunde, het in November 1991 in Durban 'n baie geslaagde simposium vir praktisyns oor Estetiese Tandheelkunde aangebied. In samewerking met die betrokke personeel van die Fakulteit Tandheelkunde van die Universiteit van die Witwatersrand is 'n kursus oor Inplantologie in November 1992 aangebied.

Vir lede van die Departement was skakeling met buitelandse universiteite baie belangrik. Prof. J.A. Pretorius het by twee geleenthede Tandheelkundefakulteite in die VSA besoek. Prof. P.J. Germishuys het dergelike skakeling gehad met Tandheelkundefakulteite in die VSA en die Verenigde Koninkryk. In Maart 1991 het die Departement op versoek van die Tandheelkundefakulteite van die Universiteite van Lissabon en Porto asook van die Akademie van Inplantologie in Portugal 'n driedaagse kursus oor Inplantologie in Porto aangebied.

Met betrekking tot die uitvoering van die Universiteit se Afrikamissie het senior personeellede by twee geleenthede vir navorsingsdoeleindes besoeke gebring aan Tshikundumalema in die destydse Republiek van Venda. Epidemiologiese opnames oor die voorkoms van periodontale siektes en die letsels as gevolg van snuif-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.A. Pretorius, Hoof: Departement Periodonsie en Mondgeneeskunde, sedert 1980.

tabak op die mondslymvlies van inwoners is ondersoek.

Op die plaaslike vlak was daar gereelde skakeling met die Departemente Dermatologie en Immunologie van die Fakulteit Geneeskunde. Diens aan die gemeenskap het op 'n gereelde grondslag geskied deur deelname van die Departement se senior personeel aan die jaarlikse opknappingskursusse wat deur die Fakulteit Tandheelkunde aangebied is.

Soos met die meeste ander dissiplines in die Fakulteit Tandheelkunde, was die vakgebied baie prakties gerig. In April 1988 is die nuwe kliniese saal van die Departement in gebruik geneem. 'n Besondere kenmerk van die saal was die aanwesigheid van spesiale TV-kameras waarmee chirurgiese ingrepe aan studente gedemonstreer kon word.

Wat personeel betref, was prof. Pretorius sedert die stigting van die Departement in 1980 hoof. Saam met prof. Germishuys was hulle vir enkele jare die enigste doserende personeel. Prof. A.P. Dippenaar het in 1989 by die Departement aangesluit. Dr. J.A. Muire het sedert die begin van 1991 'n lektoraat in die Departement beklee en prof. S. Pretorius het in April 1992 diens aanvaar in die Departement. Verder is die personeel in die kliniese onderrig van voorgraadse studente deur vier kliniese assistente bygestaan.


'n Gemiddeld van 56 Baccalaureusgrade is gedurende die tien jaar jaarliks toegeken. 1986 met sy 76 was 'n hoogtepunt en die 33 in 1992 'n laagtepunt. Wat nagraadse studie betref, het daar sedert 1986 elke twee jaar twee MChD-kandidate gekwalifiseer. Ander nagraadse studente het tussen een en drie per jaar oor die afgelope tydperk gewissel.

J.A. Pretorius
Departementshoof

Departement Prostetika en Tandtegnika

Prostetika en Tandtegnika, wat een van die oudste vakgebiede in die Fakulteit Tandheelkunde verteenwoordig, het in die tien jaar tot einde 1992 geweldig vooruit gegaan. Daar is van meet af geherkurrikuleer. Verskeie onderafdelings van die vakgebied is toenemend van belang geag. Dit het Geriodonsie en Inplantologie ingesluit. Geriodonsie neem die probleme wat gepaard gaan met die verouderingsproses onder die loep. Die voorkoming en behandeling van sodanige probleme word in die vakgebied in fyner besonderhede nagevors.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.J. Potgieter, Hoof: Departement Prostetika en Tandtegnika, sedert 1974.

Inplantologie handel oor inplantings wat as 't ware kunsmatige tandwortels is. Inplantologie is dus die studie wat handel oor die kunsmatige plasing van metaalpenne of inplantate wat 'n prostese of die kunsmatige vervanging van tand- en mondweefsel sal ondersteun. Inplantologie is al van 1970 af 'n afdeling van die vakgebied Prostetika, maar was net tot die nagraadse studie beperk en is net in die Departemente Prostetika en Tandtegnika en Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie aangebied. Die vakgebied is uitsluitlik by die Universiteit van Pretoria aangebied en ontwikkel. Addisionele inplantaatsisteme is al van 1986 af by die Universiteit gebruik. Vier van die departemente van die Fakulteit Tandheelkunde was daarmee gemoeid naamlik Prostetika en Tandtegnika, Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie, Herstellende Tandheelkunde en Periodonsie. Op die gebied van die Inplantologie is navorsing gedoen wat in die Suid-Afrika van die toekoms van besondere belang mag wees. Twee van die grootste nadele verbonde aan inplantate, was die koste en die hoeveelheid nodige operasies. Sisteme om hierdie probleme te oorkom is egter ontwikkel.

Die Departement Prostetika en Tandtegnika moes tandtegniese dienste aan die hele Tand-en-Mondopleidingshospitaal bied. Die kundighede van die Departement het dus prostetiese, ortodontiese, herstellende asook kaak-, gesigs- en mondchirurgiese rigtings ingesluit. Die Pretoriase Opleidingshospitaal was inderdaad, danksy die Departement se kundigheid, lank die enigste hospitaal in die land wat die kundigheid bemeester gehad het om Titaan te giet.

Die Departement Prostetika en Tandtegnika het nou met die volgende instansies in Suid-Afrika saamgewerk:

1. Sedert 1988 met die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) met betrekking tot titaantegnologie wat in inplantate aangewend is om dit meer bio-aanvaarbaar te maak sonder dat die raamwerk verswak.

2. Met technikons met die oog daarop om raakpunte met betrekking tot veral opleiding te vind. Die Departement het dan ook in die Sertifiseringsraad vir Technikononderwys (SERTEC) gedien.

3. Interdissiplinêre samewerking met al die tandheelkundige fakulteite aan Suid-Afrikaanse universiteite het deurgaans aandag geniet, veral wat betref evaluering. Eksterne eksaminering het oor en weer plaasgevind. Die uitruil van informasie het veral interdissiplinêr en op nagraadse vlak

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

plaasgevind. Nagraadse studente van Stellenbosch moes die Departement 'n week lank besoek alvorens hulle kon kwalifiseer.

Die Departement Prostetika en Tandtegnika het dit as sy taak gesien om studente voorgraads en nagraads teoreties, prakties en klinies op te lei ten einde die tandheelkundige beroep te dien. In hierdie verband het onderrig in die Departement gedurende die tydperk onder bespreking merkbaar verander. Die neiging tot 'n studentgerigte onderrigbenadering is nagestreef. Die deurlopende evaluering van praktiese en kliniese werkstukke is eweneens nagestreef. 'n Intensiewe navorsingsprojek wat 'n model vir die kliniese evaluering van werkstukke moes ontwerp, is deurgevoer. 'n Deurlopende en vormende evalueringsisteem is dus nagestreef.

Wat personeel betref, was die departementshoof steeds prof. P.J. Potgieter. Hy is in 1992 deur een professor, drie senior lektore en ses sessiewerkers bygestaan, benewens ses tandtegnici en drie verpleegkundiges. Dit verteenwoordig minder poste as waaroor die Departement in 1982 beskik het. Die tandtegniciposte het veral verminder van elf in 1982 tot vyf voltydse poste in 1992. Die afname in tandtegniciposte het meegebring dat die kliniese komponent van die opleiding en gevolglik ook dienslewering erg gekniehalter is.

Nagraadse studentegetalle het dwarsdeur die tydperk onder bespreking redelik konstant gebly, maar voorgraads het studentegetalle aansienlik afgeneem. In 1982 was prof. Potgieter die eerste persoon om sy doktorsgraad (DChD) aan die Fakulteit Tandheelkunde te verwerf. Dit is moontlik gemaak deur bystand van die Universiteit van Londen wat sedert 1976 tot 1980 sowel die medepromotor as biblioteekfasiliteite beskikbaar gestel het vir periodes van tot ses maande op 'n keer. Prof. Potgieter het daarbenewens die basiese kursus in die Inplantologie aan die Universiteit van Leuven in België, gedurende 1990 bygewoon. Daarna het hy die gevorderde kursus in Osseogeïntegreerde Inplantate te Gothenburg in Swede deurloop.

P.J. Potgieter
Departementshoof

Afdeling Mondmikrobiologie

Met die herstrukturering van die Departement Mondpatologie in 1982 en die aanstelling van prof. E. Blignaut, het die vak Mondmikrobiologie sy beslag gekry. Die aanbieding van die vak is tot 1990 deur prof. Blignaut behartig. Daarna is sy bygestaan deur mnr. S.P. Botha, 'n mikrobioloog verbonde aan die Sentrum vir Stomatologiese Navorsing. Mikro-organismes speel 'n belangrike veroorsakende rol in die twee algemeenste tandheelkundige siektes, naamlik tandkaries en periodontitis. Daarom is kennis van die vak 'n belangrike voorvereiste vir verskeie ander dissiplines. Leiding is op nasionale vlak deur prof. Blignaut geneem met die aanbieding van kurrikuleringskursusse vir Mondmikrobiologie en Mikrobiologie vir tandheelkunde-studente.

Unieke navorsing ten opsigte van mondgiste is gedoen wat wye belangstelling tydens nasionale sowel as internasionale kongresse uitgelok het.

E. Blignaut
Afdelingshoof

Afdeling Tandheelkundige Materiale

Hierdie Afdeling het in 1974 begin funksioneer as 'n afdeling van die Departement Konserverende Tandheelkunde en Pedodonsie. Die hoof van hierdie Afdeling was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir baie jare die bekende prof. Maryna Ras Ferreira - die eerste vroulike professor in Tandheelkunde in Suid-Afrika. Met die samesmelting van die voormalige Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie met die Departement Konserverende Tandheelkunde en Pedodonsie in 1983, het die Afdeling Tandheelkundige Materiale bly funksioneer in hierdie nuwe verenigde Departement (Herstellende Tandheelkunde) waarvan prof. J.C. Nel steeds die hoof is. Op 1 Januarie 1991 het prof. Francois Alwyn de Wet hoof van die nuwe "onafhanklike" Afdeling Tandheelkundige Materiale wat direk onder die dekaan funksioneer het, geword. Dit het dus nie meer as 'n onderafdeling van die Departement Herstellende Tandheelkunde gefunksioneer nie. Hierdie verwikkelling was 'n geweldige stap vorentoe vir die Afdeling Tandheelkundige Materiale en is as 'n groot tree in die rigting van 'n selfstandige Departement waarvoor prof. De Wet hom ernstig beywer het, beskou.

Prof. De Wet het reeds verskeie navorsingstoekennings ontvang, waaronder die hoogste toekenning van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika, naamlik die Middleton-Shaw- toekenning, asook die hoogste navorsingstoekenning van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing (Suid-Afrikaanse Afdeling), naamlik die Colgate-prys. Hy is die outeur van meer as sewentig wetenskaplike artikels, het reeds twee hoofstukke in handboeke geskryf, en meer as 'n honderd wetenskaplike voordragte plaaslik en in twaalf oorsese lande gelewer. In 1992 was hy een van slegs ses Suid-Afrikaanse tandheelkundige Wetenskaplikes wat genooi is om 'n wetenskaplike colloqium in Israel by te woon, en het hy ook die eerste Suid-Afrikaanse tandheelkundige akademikus geword wat uitgenooi is as eksterne eksaminator in Kenia. Verder was hy al president van die Tandheelkundige Materialegroep (Suid-Afrikaanse Afdeling), president van die Noord-Transvaaltak van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika en ook sekretaris van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing (Suid-Afrikaanse Afdeling). Hy was ook lid van die Staande Komitee van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde betreffende tandheelkundige produkte. Hy het openbare bekendheid verwerf met sy navorsing op die gebied van mondskerms en was lid van die mediese komitee van die Noord-Transvaalse Rugby-unie, waar hy navorsing gedoen het op die gebied van gesigsareabeserings.

Die Afdeling Tandheelkundige Materiale was teen die einde van 1992 nog maar in sy kinderskoene, maar het reeds diep spore in die Tandheelkunde in Suid-Afrika getrap. Dosente van tandheelkundige materiale is dikwels genooi as gassprekers by 'n verskeidenheid geleenthede soos opknappingskursusse regoor die land. Omdat 'n personeeltekort 'n ernstige probleem was, het die Afdeling Tandheelkundige Materiale gebruik gemaak van gasdosente en is uitstekende werk oor die jare gedoen deur mense soos proff. Manfred Dannheimer en Piet van Vuuren en dr. Jan Steenekamp, almal van die Departement Herstellende Tandheelkunde, asook dr. Linda van der Merwe van die Departement Prostetika. Dr. P.A.J. van der Vyver is in 1992 aangestel as lektor/tandarts in die Afdeling Tandheelkundige Materiale.

Die missie van die Afdeling Tandheelkundige Materiale was om die fundamentele aspekte rakende die Chemie en Fisika, wat van toepassing is op die vakgebied, sodanig aan te bied dat 'n deeglike kennis van die natuur en geaardheid van tandheelkundige materiale aan studente oorgedra kon word. Verder moes studente ook onderrig word in die kliniese aspekte van materiale, naamlik die hantering, plasing, vermenging en so meer van hierdie produkte. Die studente moes verstaan hoe sowel labora-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

toriumtoetse, as kliniese navorsing bydra tot die verbetering van moderne materiale. Die personeel van die Afdeling Tandheelkundige Materiale het doelgerig daarna gestrewe om die vak so aan te bied dat studente daartoe in staat sou wees om sinvolle keuses ten opsigte van die aankoop van tandheelkundige materiale te maak wanneer hulle in die praktyk beland, en ook presies sou weet hoe om hierdie produkte tot die beste voordeel van die pasiënt te hanteer.

Tandheelkundige Materiale is 'n vakgebied wat sy wortels na omtrent elke ander vakgebied in Tandheelkunde uitsprei. Bykans elke dissipline in die Tandheelkunde maak gebruik van materiale. Daarom is hierdie Afdeling as 'n onmisbare dienskomponent in 'n Fakulteit Tandheelkunde beskou.

F.A. de Wet
Afdelingshoof

Sentrum vir Stomatologiese Navorsing

Die Fakulteit Tandheelkunde het tot en met 1983 beskik oor 'n Instituut vir Beenbiologie. Die Fakulteit het egter in hierdie tyd 'n behoefte geïdentifiseer dat navorsing op 'n breër basis aangepak moet word. Die Instituut vir Beenbiologie is derhalwe in 1983 ontbind en die Sentrum vir Stomatologiese Navorsing het in 1984 tot stand gekom. Die taakopdrag van die Sentrum was om navorsing in die Fakulteit wyd te ondersteun, te koördineer en te bevorder, terwyl navorsingspersoneel ook daarvoor verantwoordelik was om selfstandige navorsing in die tandheelkundige wetenskap te doen.

Die Sentrum het in die tydperk onder bespreking 'n aktiewe en deurslaggewende rol gespeel in die navorsingsaktiwiteite van die Fakulteit Tandheelkunde. Personeel van die Sentrum was aktief betrokke by die koördinering, bevordering en ondersteuning van navorsing. Sedert die ontstaan van die Sentrum is 'n effektiewe en funksionele infrastruktuur ontwikkel. Die Sentrum het teen 1992 beskik oor 'n algemene laboratorium, 'n mikrobiologielaboratorium, 'n driedimensionele-analiselokaal en verskeie kantoorruimtes.

Selfstandige navorsing het in die Sentrum ontwikkel en voortgegaan na aanleiding van behoeftes wat in die Suid-Afrikaanse tandheelkundige gemeenskap bestaan het. Die Sentrum het teen 1992 in vyf geïdentifiseerde hoofrigtings navorsing gedoen, naamlik:

1. driedimensionele tandheelkundige analises;
2. fluoriedmetabolisme en aspekte wat daarmee verband hou;
3. mikrobiologiese funksies, meganismes en interaksies van die mondflora;
4. tandmateriale; en
5. biologiese meganismes van tandbeweging, tanderupsie en wortelresorpsie, waarby ingesluit was die biologiese meganismes wat betrokke is by Inplantologie.

Die Sentrum het self en deur skenkings 'n navorsingstelsel vir driedimensionele-analiserekenaars gevestig wat enig in Suid-Afrika was. Die stelsel, tesame met die Sentrum se refleksmikroskoop (waarvan daar net twee in Suid-Afrika was) het die Sentrum daartoe in staat gestel om by uitstek driedimensionele biologiese navorsing te doen. Gevolglik was die Sentrum die leier op hierdie gebied in Suid-Afrika.

Die Sentrum is teen 1992 nasionaal en internasionaal erken op die gebied van Tandheelkundige Materiale. Suid-Afrika was een van vyf lande wat deelgeneem het aan 'n internasionale navorsingsprojek oor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die evaluering van tandheelkundige materiale. 'n Multitoetsstelsel vir tandheelkundige materiale, die "Bencor Multi T" is in die Sentrum ontwikkel deur 'n nagraadse student in noue samewerking met die personeel. Hierdie stelsel is reeds deur topnavorsers in die Verenigde State van Amerika aangekoop.

Die Sentrum het teen 1992 ook erkenning geniet as een van die topsentra vir fluoriednavorsing in Suid-Afrika. Navorsing ten opsigte van die biologiese meganismes betrokke by Inplantologie het baie aandag in die Sentrum geniet. Dié navorsing asook ander inplantologienavorsing in die Fakulteit het die Fakulteit Tandheelkunde een van die leiers op hierdie gebied in Suid-Afrika gemaak.

Personeel van die Sentrum het binne die Fakulteit in verskeie komitees, waaronder die navorsingskomitee, die etiekkomitee en die rekenaaradvieskomitee gedien. Proefdiernavorsing is hoofsaaklik in samewerking met Roodeplaat Navorsingslaboratoriums uitgevoer, terwyl kontraknavorsing wat vir, en in oorleg met private maatskappye gedoen is, toenemend deur die Sentrum uitgevoer is.

Navorsingsprojekte in die Sentrum is dikwels op interdissiplinêre en interuniversitêre vlak onderneem. Bo en behalwe interdepartementele projekte binne die Fakulteit, het die Sentrum projekte saam met die volgende departemente van verskillende instellings uitgevoer:

1. Universiteit van Pretoria
   Mikrobiologie en Plantpatologie
   Siviele Ingenieurswese
   Fisiologie
   Elektronmikroskopie
   Anatomie

2. Universiteit van die Witwatersrand
   Mondpatologie
   Herstellende Tandheelkunde

3. Medunsa
   Stomatologiese Studies
   Herstellende Tandheelkunde

Die hoof van die Sentrum in 1992 was prof. W.J.C. Coetzee. Sy personeel het twee voltydse navorsingsbeamptes en twee assistente ingesluit. Benewens navorsingstake het die voltydse personeel in die tydperk onder bespreking 'n beperkte leeropdrag gehad waartydens hulle lesings aan voorgraadse studente gegee het met dien verstande dat sodanige opdrag nie meer as tien persent van hulle totale werktyd in beslag mog neem nie. Teen 1992 was die personeel betrokke by die doseer van die vakke Fisiologie en Mikrobiologie aan studente in Mondhigiëne, terwyl prof. Coetzee die vak Navorsingsmetodiek aan Tandheelkundestudente aangebied het en deurlopend by die nagraadse opleiding van studente betrokke was. Twee personeellede was teen 1992 met doktorale studie besig.

Personeel van die Sentrum was jaarliks betrokke by die Fakulteitsdag en ander wetenskaplike konferensies as organiseerders, terwyl hulle ook telkens voordragte by sodanige geleenthede gelewer het. Die konferensies het internasionale byeenkomste ingesluit waar aktiewe skakeling met Afrika, Europa en die VSA bewerkstellig is. Prof. Coetzee was van 1989 af 'n lid van die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing. In 1990 is hy verkies as Sekretaris van die Vereniging en in 1992 tot Aangewese President. Hy het ook in die Mediese Navorsingsraad se evalueringpaneel vir korttermyn-navorsingstoekennings in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tandheelkunde gedien. Die permanente navorsingspersoneellede het al drie in die verlede navorsingstoekennings ontvang en in 1992 is toekennings deur die Mediese Navorsingsraad van Suid Afrika weer aan hulle gemaak. Sedert die ontstaan van die Sentrum het die personeel reeds meer as twintig wetenskaplike publikasies die lig laat sien.

W.J.C. Coetzee
Sentrumhoof

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Die opvallendste kenmerk van die Suid-Afrikaanse gemeenskap gedurende die jare 1980 tot 1990 was sekerlik die internasionale isolasie op feitlik alle gebiede, insluitend sport, kultuur, en veral die Ingenieurswese en nywerheid. Sowel die wapenboikot, as die boikotte van verskeie internasionale nywerheidsorganisasies en die daarmee gepaardgaande onttrekking aan Suid-Afrika het 'n geweldige toename in die aanvraag na plaaslike kundigheid tot gevolg gehad, veral in die sektore van Elektroniese en Meganiese Ingenieurswese. Aan die ander kant het die geleidelike afname in die belastingsbasis 'n vermindering in die aanvraag na ander kundighede teweeggebring. Tegelykertyd het twee ander Afrikaansmediumuniversiteite hulle deure vir die opleiding van ingenieurs geopen. Vanselfsprekend het dit sy stempel op die Fakulteit Ingenieurswese van die Universiteit van Pretoria afgedruk.

In die dekade tot 1992 het die Fakulteit verskeie kere van dekaan verwissel. Prof. D.J. Schoeman, dekaan sedert 1975, het in Maart 1987 afgetree. Hy is opgevolg deur prof. L. van Biljon wat die dekaanskap net beklee het tot in Mei 1989, toe hy as Viserektor: Akademies (Natuurwetenskappe) aangestel is. Prof. J.A.G. Malherbe het die dekaanskap in Julie 1989 by hom oorgeneem.



Prof. J.A.G. Malherbe, Dekaan: Ingenieurswese, sedert 1989; Hoof: Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, Julie 1988 - April 1989.

Die Fakulteit Ingenieurswese het in die oorsigperiode drie eredoktorsgrade toegeken: in 1986 aan Paul Meerholz en Henri Rubin en in 1990 aan Marthinus Jacobus Dewald Steyn. Daarbenewens het die Fakulteit die doktorsgraad op grond van publikasies in 1987 ingestel. Dit is DIng genoem, terwyl die benaming van die doktorsgraad gebaseer op navorsing van DIng in PhD verander is ten einde die graadbenaming in ooreenstemming met die internasionale gebruik te bring. Die instel van die evalueringsmeganisme vir die ondersteuning van akademiese navorsing het meegebring dat verskeie akademici van die Fakulteit toenemend deur die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) ondersteun is. In 1984 het prof. J.A.G. Malherbe, destyds van die Departement Elektro-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

niese Ingenieurswese, die eerste dosent in die Fakulteit geword om omvattende ondersteuning van die SNO te geniet. In 1988 is die Navorsingsgroep in Elektromagnetisme as een van die eerste vyf sentra van uitnemendheid deur die SNO geïdentifiseer en op gepaste wyse ondersteun. Die gesogte Presidentstoekenning van die SNO is in die oorsigperiode aan vier personeellede van die Fakulteit toegeken: in 1990 aan prof. D.A. McNamara, in 1991 aan prof. E. Barnard, en in 1992 aan proff. E.H. Mathews en C.W.I. Pistorius.

In 'n poging om uitnemendheid onder dosente aan te moedig, het die Universiteit in 1990 die toekenning vir buitengewone presteerders ingestel. Proff. P.C. Haarhoff, J.A.G. Malherbe, E.H. Mathews, D.A. McNamara en R.J. Dippenaar is tot aan die einde van 1992 daarmee vereer.

Vooruitgang in die tegnologie bring ook vooruitgang in die onderrig mee. In 1989 het die Fakulteit 'n algehele herkurrikuleringsaksie onderneem. Die grondbeginsel daarvan was dat die student net vyf doenbare aktiwiteite per semester behoort te hê. Die implikasie was dat die aantal vakke per semester tot vyf beperk is. Dit het uiteraard 'n groot impak op die kursusinhoud meegebring. Ander belangrike akademiese veranderinge wat die Fakulteit beïnvloed het, was die afskaffing van hereksamens en die instel van herevaluering in 1989/1990, asook die instelling van 'n fakulteitstoetsweek in 1990.

Tot voor 1990 kon studente die eerste twee jaargange van Ingenieurswese deeltyds voltooi. Vanweë 'n daling in aanvraag, is dit gestaak en kon studente daarna net die eerste jaargang deeltyds afhandel, en wel deur middel van 'n antisemesterstelsel. Ten einde 'n geleidelike oorgang te verseker, is die vakke Wiskunde en Dinamika volgens 'n antisemesterstelsel nauurs aangebied.

Die struktuur van die Fakulteit het ook verander om by die veranderende omstandighede aan te pas. In 1989 is die leerstoel in Weerkunde as deel van die Departement Siviele Ingenieurswese ingestel, en opleiding in Weerkunde na dié Fakulteit oorgeplaas. In reaksie op versoeke en ondersteuning van buite, is die meestersgraad in Ingenieursbestuur in 1989 tesame met die leerstoel in Ingenieursbestuur ingestel. In 1990 het die Afdeling Stads- en Streekbeplanning verskuif om 'n afsonderlike departement binne die Natuurwetenskappe te word, terwyl opleiding in Statika (eerstejaarsvlak) en Dinamika (tweede jaargang) onderskeidelik oorgeplaas is na die Departemente Siviele en Meganiese Ingenieurswese. Hierdie kursusse is voorheen deur die Departement Wiskunde aangebied.

Die beginsel van interdepartementele en interfakultêre samewerking het in 1989 gelei tot die stigting van die Skool vir Mynbou en Mineraalwetenskappe, waarin noue samewerking op opleidings- en navorsingsgebied tussen die Departemente Mynbou-ingenieurswese, Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese, asook met die Departement Geologie bevorder is. Die Carl en Emily Fuchs-instituut vir Mikro-elektronika (CEFIM) het in 1988 'n onafhanklike afdeling met die status van 'n departement binne die Fakulteit geword, maar met die ekonomiese verandering van die laat jare tagtig, weer in 1990 by die Departement Elektroniese en Rekenaaringenieurswese ingeskakel. In 1992 het dit, nadat die hoofskap van die Departement Elektriese Ingenieurswese vakant geraak het, moontlik geword om die laasgenoemde twee departemente saam te voeg in die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.

Saam met kurrikulumveranderinge het daar ook veranderinge in die behoefte na fisiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

fasiliteite ontwikkel. In 1987 is die ou Fisikagebou algeheel gerenoveer en as die Mineraalwetenskappegebou in gebruik geneem om die Departemente Mynbou-ingenieurswese en Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese te huisves. Die laboratoria van die J.G. Strijdomgebou asook die Swaarmasjienlaboratorium is ook opgeknap en opnuut aan departemente toegedeel. In 1989 het die Universiteit die terrein van die eertydse Brandstofnavorsingsinstituut bekom en na aansienlike veranderinge aan geboue, is dit as die Suidkampus in gebruik geneem. Die leerstoel in Ingenieursbestuur het in 1989 kantore op die Suidkampus betrek. Dit is gevolg deur die Afdeling Waterbenutting van die Departement Chemiese Ingenieurswese in 1991, en die Departement Bedryfsingenieurswese in 1992.

In 1991 het die Fakulteit besluit om 'n sentrale benadering tot die verskaffing van rekenaarfasiliteite te volg. Ruimte hiervoor is in die Natuurwetenskappe II-gebou ingerig. In dieselfde jaar is 'n netwerkstelsel in gebruik geneem wat die rekenaarlaboratorium, sowel as die Ingenieurswesegebou en die Mineraalwetenskappegebou bedien het. Hierdie fasiliteite is in 1992 voltooi en uitgebrei om die J.G. Strijdomgebou en die Suidkampus in te sluit.

Op navorsingsgebied is fasiliteite aansienlik verbeter. As gevolg van 'n skenking deur die Fuchs-stigting, was dit moontlik om 'n nuwe gebou op die kampus op te rig en kon die CEFIM in 1982 sy eie gebou betrek. In dieselfde jaar is die Sasollaboratorium in die Departement Meganiese Ingenieurswese in gebruik geneem. Nog 'n mylpaal in die ontwikkeling van navorsingsfasiliteite was die oprigting van die kompakte meetbaan wat in 1990 op die Suidkampus in gebruik geneem is.

In 1989 is nuwe BSc(Honneurs)- en MSc-grade ingestel wat toegang tot die nagraadse studie van die Fakulteit verleen het aan studente wat nie oor voorgraadse ingenieurskwalifikasies beskik het nie. Studentegetalle in die Fakulteit het deurgaans gegroei, behalwe vir 'n afplatting in 1982 met die totstandkoming van die twee nuwe ingenieurswesefakulteite by Afrikaansmediumuniversiteite. Die getalle het gegroei van 1 669 voorgraadse en 439 nagraadse studente in 1980, tot 2 421 voorgraadse en 822 nagraadse studente in 1992. Die totale aantal grade wat per jaar toegeken is, het gegroei van 238 BIng, 44 BIng(Honneurs), sestien MIng en vier DIng in 1980 tot 375 BIng, 99 BIng(Honneurs), 75 MIng en nege PhD in 1992. Altesame vier DIng-grade (op grond van publikasies) is sedert die instelling daarvan in 1988 toegeken.

Die personeelsamestelling van die Fakulteit het ook aansienlik verander gedurende die oorsigtydperk. Die aantal doserende personeel het toegeneem van 109 in 1980 tot 136 in 1992. As gevolg van die desentralisasie van administrasie in 1986 is daar 'n bykomende vier administratiewe personeellede wat slegs met studente-aangeleenthede gemoeid was, in die Fakulteit aangestel.

'n Aantal navorsingseenhede het navorsing ondersteun. Op navorsingsgebied het die aantal publikasies deur dosente toegeneem van 29 in 1987 tot 74 in 1992.

Die betrokkenheid by die gemeenskap het 'n groot aantal kortkursusse ingesluit wat jaarliks op die kampus aangebied is, terwyl dosente hulle professionele ondervinding uitgebrei het deur op spesialisgebiede raadgewend op te tree en kontraknavorsing te doen.

J.A.G. Malherbe
Dekaan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Bedryfs- en Sisteemingenieurswese

Die Departement Bedryfs- en Sisteemingenieurswese het in 1975 as 'n selfstandige departement tot stand gekom. Dit was in daardie stadium die eerste sodanige departement in Suid-Afrika. Sedert 1982 is die vakgebied gekenmerk deur snelle ontwikkeling op verskeie terreine waarvan die volgende noemenswaardig is:


* Eerstens het die ontwikkeling op die gebied van die Rekenaartegnologie, soos in vele ander vakgebiede, 'n omvangryke en blywende invloed gehad op die Bedryfsingenieurswese. Teen 1992 was rekenaarapparatuur en veral toepassingsprogrammatuur een van die belangrikste stukke gereedskap wat gebruik is in bykans alle fasette van die Bedryfsingenieurswese professie en dus ook by die opleiding. Die gepaardgaande ontwikkeling in die omvang en gebruik van informasiestelsels in die industrie het daartoe aanleiding gegee dat informasie met reg beskou kan word as een van die primêre hulpbronne tot die beskikking van 'n onderneming. Net so is die toepasbaarheid en bruikbaarheid van vele bestaande subvakgebiede, soos byvoorbeeld simulasiemodellering, nie alleen verhoog nie, maar tot groter ontwikkeling aangespoor. Daarbenewens het die beskikbare rekenaartegnologie aanleiding gegee tot die ontwikkeling en toepassing van verskeie relatief nuwe vakgebiede soos byvoorbeeld Kunsmatige Intelligensie en Rekenaargeïntegreerde Vervaardigingstelsels.

* Tweedens het die steeds toenemende kompleksiteit van die stelsels waarmee die bedryfsingenieurswese professie gemoeid was, tot gevolg gehad dat 'n hoë premie geplaas is op 'n globale stelselbenadering en die gepaardgaande effektiewe stelselintegrasie. Die noodsaaklikheid vir die Suid-Afrikaanse industrie om internasionaal mededingend te bly, het terselfdertyd die noodsaak van die ontwikkelings op gebiede soos die Gehalteversekering, die Produksiebeplanning en bowenal die hooftaak van die bedryfsingenieur, naamlik globale produktiwiteitsverbetering beklemtoon.

Genoemde ontwikkelings het sedert 1982 aanleiding daartoe gegee dat die naam van die Departement verander is van "Bedryfsingenieurswese" in "Bedryfs- en Sisteemingenieurswese". Daarbenewens is op voorgraadse vlak omvangryke aanpassings gemaak in die vakinhoude terwyl verskeie nuwe vakkursusse op voor- en nagraadse vlak ingestel is in vakgebiede soos byvoorbeeld Vervaardigingstelsels, Stelselingenieurswese, Gehalteversekeringsbestuur, Simulasiemodellering, Informasiestelselontwerp, Stelselintegrasie en Ingenieurslogistiek. Om soortgelyke redes is daar, benewens die bestaande BIng(Honneurs)-, MIng- en PhD-grade, nagraadse kwalifikasies in die Gehalteversekering en Betroubaarheidskunde asook 'n BSc(Honneurs) (Bedryfstelsels) en MSc(Bedryfstelsels) ingestel. Laasgenoemde twee kwalifikasies is ingestel met die spesifieke doel om aan behoeftes van nie-ingenieurstudente te voldoen.

Wat navorsing betref, was dit die Departement se strewe om gedurende die oorsigperiode ten opsigte van sekere gekose vakgebiede binne die Bedryfsingenieurswese 'n betekenisvolle bydrae te maak tot die ontwikkeling van nuwe kennis, die praktiese uitbouing van bestaande kennis en om hierdie kennis en ondervinding effektief oor te dra. In die nastreef van hierdie doelwit het die personeel van die Departement sedert 1982 meer as dertig artikels in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.S. Kruger, Hoof: Departement Bedryfs- en Sisteemingenieurswese, sedert 1989.

goedgekeurde tydskrifte gepubliseer en is meer as veertig referate by nasionale en internasionale konferensies gelewer. In 'n poging om 'n bydrae te maak tot die bevordering van die navorsingskultuur in die Departement en die professie in die algemeen is die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Bedryfsingenieurswese* in 1987 gestig. Hierdie tydskrif was teen 1992 die amptelike vaktydskrif van die Suid-Afrikaanse Instituut van Bedryfsingenieurs. Die stigter en redakteur was teen die einde van 1992 steeds 'n lid van die personeel. Die Suid-Afrikaanse Instituut van Bedryfsingenieurs is in 1981 gestig en sedertdien het verskeie lede van die personeel in die Raad en ander komitees van die Instituut gedien. Sedert 1982 was twee van die presidente personeellede, terwyl drie van die vier lede van die uitvoerende komitee in 1992 lede van die personeel was.

Verskeie lede van die personeel het voorts ingeskakel by die werksaamhede van organisasies en vakverenigings soos byvoorbeeld die Ingenieursraad van Suid-Afrika, die Operasionele Navorsingsvereniging van Suid-Afrika, die Quality Management Consultancy Association of South Africa, asook die Society of Logistic Engineers. Daarbenewens was die meeste van die personeellede op die een of ander wyse betrokke by raadgewende ondernemings. Dit het hulle daartoe in staat gestel om praktykgerigter opleiding aan studente te verskaf. Verskeie buitelandse besoeke is gedurende die oorsigperiode deur personeellede onderneem terwyl 'n aantal besoekers van buitelandse universiteite deur die Departement ontvang is.

Die Departement was betrokke by, en het deelgeneem aan die aktiwiteite van die Skool vir Informasietegnologie aan die Universiteit van Pretoria. Lede van die personeel het gereeld opgetree as eksterne eksaminatore vir ander departemente en universiteite en het gaslesings en kortkursusse aangebied vir byvoorbeeld die Bestuurskool. Op nagraadse vlak was dit departementele beleid om studente aan te moedig om 'n beperkte aantal vakke in ander departemente te volg terwyl studente uit ander departemente kursusse by Bedryfsingenieurswese gevolg het.

Diens aan die gemeenskap het hoofsaaklik bestaan uit die aanbied van kortkursusse aan die industrie, aktiewe bydraes tot die funksionering van professionele vakverenigings, die aanbied van gaslesing en referate, terwyl verskeie dosente gereeld betrokke was by die uitvoer van raadgewende werk van gespesialiseerde aard.

Prof. J.P. Botha, departementshoof sedert 1975, het aan die einde van 1989 afgetree

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en is opgevolg deur prof. P.S. Kruger. Prof. K. Adendorff het in 1991 afgetree. Beide proff. Botha en Adendorff was, sedert daar met Bedryfsingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria begin is, direk betrokke by die opleiding. Benewens prof. Kruger was die ander departementslede teen die einde van 1992 proff. S.J. Claasen en A.J. Lubbe, vier senior lektore, twee lektore, 'n tegnikus, 'n sekretaresse, twee onderwysassistente en 'n dienswerker. In 'n stadium het die Departement 'n relatief hoë personeelwisseling ondervind, maar groter stabiliteit het sedert 1991 ingetree.

Die voorgraadse studentegetalle het toegeneem van 110 in 1982 tot bykans 300 in 1992. Net so was die toename in nagraadse studente van tien tot tagtig studente en die inname van nuwelingeerstejaarstudente het toegeneem van veertig tot ongeveer tagtig. In 1982 is ongeveer twintig grade toegeken, terwyl die ooreenstemmende syfer vir 1992 meer as vyftig was. Die eerste vroue-student in die Departement het in 1983 gegradueer en sedertdien het die persentasie vrouestudente toegeneem tot ongeveer twintig persent van die totaal.

'n Toenemende belangstelling in nagraadse studie uit ander dissiplines is deur die Departement waargeneem. Ten einde hierin te voorsien, is probeer om die nagraadse studie in die Departement toegankliker te maak. Die toename in studentegetalle sedert 1982 het tot gevolg gehad dat die Departement teen 1992 die grootste van sy soort in Suid-Afrika was.

Die opleiding was streng akademies van aard en so wyd as moontlik binne die vakgebied van die Bedryfsingenieurswese, maar daadwerklike pogings is aangewend om die opleiding in sekere opsigte meer praktykgerig te maak. Daarbenewens het die klem op 'n globale stelselbenadering gemik op probleemidentifikasie en -oplossing gelê, terwyl 'n entrepreneursbenadering en/of 'n kliëntoriëntasie benadruk is.

Die onderrigmetodiek was daarop afgestem om begrip en insig te beklemtoon en 'n wetenskaplik kritiese denkproses te ontwikkel eerder as blote feitekennis. Daar is toenemend gebruik gemaak van rekenaargesteunde onderrig, selfstudie, take, projekte en praktykgerigte oefenklasse. Daarbenewens is die gedeelte van die kursus wat deur die Departement self aangebied is, aansienlik uitgebrei. Strenger keuring asook 'n beperking op studentegetalle is in 1992 ingestel.


Die Departement het in 1992 nuwe kantoor- en laboratoriumfasiliteite op die Suidkampus betrek.

P.S. Kruger
Departementshoof

Departement Chemiese Ingenieurswese

Chemiese Ingenieurswese is tradisioneel gemoeid met nywerheidsprosesse wat deur middel van fisiese, chemiese, termiese, biochemiese en meganiese prosesse grondstowwe omskakel in produkte met 'n hoër geldwaarde. Sulke prosesse lewer neweprodukte wat potensieel besoedelend en nadelig vir die omgewing kan wees. Om hierdie nadele te bekamp, het daar gedurende die oorsigperiode (1983-1992) 'n merkwaardige verskuiwing in die prosesseringstegnologie plaasgevind: niebesoedelende biochemiese prosesse het belangriker geword en die beskerming van die omgewing het baie meer aandag geniet. Die chemiese ingenieursopleiding moes ook hierby aanpas. Die aard van sy opleiding maak die chemiese ingenieur besonder geskik om probleme rakende die omgewing te bestudeer en op te los. 'n Natuurlike klemverskuiwing in die rigting van die Omgewingsingenieurswese het gevolglik in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. U.H.J. Grimsehl, Hoof: Departement Chemiese Ingenieurswese, sedert 1980.

die Departement Chemiese Ingenieurswese plaasgevind. Hieronder tel die volgende:

* Daar is begin met onderhandelings oor die moontlikheid om die Departement se naam te verander in die Departement Chemiese- en Omgewingsingenieurswese;

* die Afdeling Waterbenutting van die Departement het 'n nuwe perseel op die Suidkampus betrek waar behoorlike fasiliteite tot hulle beskikking is;

* 'n vakkursus Vaste-afvalbestuur is op nagraadse vlak ingestel;

* 'n vakkursus Lugbesoedelingsbeheer is op nagraadse vlak ingestel;

* benewens die bestaande nagraadse kwalifikasie in Waterbenuttingsingenieurswese, was ook 'n nagraadse kwalifikasie in Omgewingsingenieurswese teen 1992 moontlik; en

* in 'n poging om die toelating tot opleiding in Omgewingsingenieurswese toeganklik te maak ook vir diegene wat nie oor voorgraadse ingenieurswesekwalifikasies beskik het nie, is die nodige regulasiewysigings aangebring om die nagraadse kwalifikasies in die Departement ook aan wetenskaplikes toe te ken. Die sukses hiervan blyk daaruit dat 'n groot aantal wetenskaplikes teen 1992 vir nagraadse kwalifikasies in Waterbenutting ingeskryf was.

Gedurende die oorsigperiode is die navorsingsbeleid van die Departement gewysig om meer klem te lê op navorsing in spesialiteitsgebiede. Die Afdeling Waterbenutting het groot sukses behaal met die produksie van enkelselproteïen uit nywerheidsafvalwater met die hoofdoel om die water te suiwer. Prosesse vir spesifieke uitvloeisels is in die laboratorium ontwikkel, op loodsskaal aan die nywerheid gedemonstreer en vir volskaalse toepassing oorweeg. Ondersoeke na die benutting van die produk as dierevoedsel was bykans afgehandel en het belowende resultate gelewer.

Daar is ook 'n sterk navorsingsgroep in die Tribologie gevestig. Die Tribologielaboratorium was afgestem op die evaluering en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ontwikkeling van smeermiddels en het, in noue samewerking met die nywerheid, reeds verskeie bydraes gemaak tot die oplossing van probleme waar smering en smeermiddels belangrik was. Verskeie duur apparate wat aangekoop is met fondse wat van die nywerheid verkry is, het die laboratorium enig in sy soort gemaak.

Navorsing op die gebied van korrosiebekamping het ook goed vooruitgegaan. Die klem het geval op ondersoeke ter behandeling van korrosiewe mediums deur die toevoeging van korrosie-inhibitore. 'n Nuwe tegniek vir die evaluering van vlugtige korrosie-inhibitore is ook ontwikkel.

'n Belowende begin is gemaak met navorsing om die industriële gebruike van mikrogolfverhitting te bevorder.

Besonder goeie samewerking is met private instansies en professionele institute gehandhaaf. Prof. U. Grimsehl het sedert 1980 in die raad van die Suid-Afrikaanse Instituut van Chemiese Ingenieurs gedien en was twee jaar lank president van die Instituut. Hy was aan die einde van 1992 ook raadslid van die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese en het gedien as voorsitter van drie van die Raad se komitees. Prof. P. de Vaal was president van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Tribologie en raadslid van hierdie Instituut. Mnr. G. Kornelius het gedien in die Raad van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Skoon Lug en was redakteur van die Vereniging se tydskrif. Ander personeellede was betrokke by die werksaamhede van onder andere die Suid-Afrikaanse Korrosie-instituut, die Waterinstituut van Suid-Afrika, die Instituut vir Afvalbestuur (Suidelike Afrika) en die Waternavorsingskommissie. Proff. W.A. Pretorius en J. van Leeuwen het geakkrediteerde navorserstatus beklee by die Stigting vir Navorsingsontwikkeling en prof. Van Leeuwen het sedert 1979 gedien in die bestuur van die International Ozone Association.

Die nuwe navorsingsbenadering het gelei tot beter samewerking met ander departemente in die Universiteit. Die biologiese werk het baie gebaat by goeie skakeling met die Departemente Mikrobiologie en Biochemie. Op die gebied van prosesbeheer is ook hegter saamgewerk met die Departemente Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese. Dit het daartoe gelei dat 'n graad in Beheeringenieurswese op nagraadse vlak ingestel is. Op die gebied van korrosie het beter samewerking met die Departement Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese gelei tot die instel van 'n nagraadse kwalifikasie in Korrosie-ingenieurswese en die ontstaan van 'n Sentrum vir Korrosie-ingenieurswese. Die Sentrum se missie was om deur opleiding, ontwikkeling, en die vestiging van kundigheid die Suid-Afrikaanse nywerheid op die gebied van Korrosie-ingenieurswese te dien.

Die onderrig- en navorsingswerk van die Afdeling Waterbenutting is in 'n hoë mate deur die Randwaterraad geborg deurdat 'n leerstoel in Waterbenuttingsingenieurswese ingestel en onderhou is. Die Waternavorsingskommissie en verskeie ander private instansies het ook groot finansiële en materiële bydraes gemaak vir navorsing in die Afdeling.

Ten einde die Universiteit se Afrikamissie te verwesenlik is 'n groep chemiese ingenieurswesestudente in hul finale jaar en die departementshoof van die Universiteit Eduardo Mondlane in Maputo in 1991 na die Departement genooi. Hierdie samewerking het geleidelik ontwikkel tot op 'n punt waar die Departement teen einde 1992 besig was om mee te werk ten einde die opleiding aan die Universiteit Eduardo Mondlane te verbeter.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Diens aan die gemeenskap het steeds 'n belangrike departementele missie gebly. Die kontraknavorsingsaktiwiteite is uitgebou en kortkursusse is gereeld aangebied oor onderwerpe so wyd uiteenlopend soos lugbesoedelingsbeheer, die gebruik van die persoonlike rekenaar in die prosesnywerheid, watersuiwering en rioolwaterbehandeling. In laasgenoemde twee gevalle was die klem veral op die rol van 'n doeltreffende aanlegbedryf in die besnoeiing van uitgawes vir afvalbeskikking in Suid-Afrika.

Met die toekenning van 'n addisionele pos van senior lektor in die Afdeling Waterbenutting in 1987, het die Departement oor tien doserende poste beskik. Benewens die vermelde personeellede, was die posbekleërs proff. W. Skinner en A.A. Ponelis en mnre. A.T. Tolmay, J. Botha en W.M.K. van Niekerk.

Studentegetalle het gedurende die oorsigtydperk aansienlik toegeneem. Eerstejaarsgetalle van nuwelinge het gestyg van ongeveer 25 in 1985 tot 75 in 1992. Die aantal studente wat die Baccalaureusgraad behaal het, het toegeneem van 15 in 1985 tot 42 in 1992. Die aantal nagraadse studente het toegeneem van ongeveer dertig in 1985 tot 65 in 1992. Die Departement Chemiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria was inderdaad in 1992 die grootste departement van chemiese ingenieurswese in Suid-Afrika.

U.H.J. Grimsehl
Departementshoof

Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese en die Carl en Emily Fuchs Instituut vir Mikro-elektronika

In 1982 was die Departement Elektroniese Ingenieurswese en die Departement Elektriese Ingenieurswese twee verskillende departemente binne die Fakulteit Ingenieurswese, met prof. L. van Biljon en prof. N. Wessels onderskeidelik aan die hoof. Die Carl en Emily Fuchs-instituut vir Mikro-elektronika (CEFIM) was in daardie stadium gesetel in die Departement Elektroniese Ingenieurswese, met prof. Van Biljon as die direkteur. In 1986 is die naam van die Departement Elektroniese Ingenieurswese verander in die Departement Elektroniese en Rekenaaringenieurswese om beslag te gee aan die inisiatief in rekenaaringenieurswese wat in die Departement ontstaan het. Die twee departemente het in 1991 weer saamgesmelt en die nuwe Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese het op 1 April 1992 tot stand gekom.

Ná prof. Van Biljon se bevordering tot dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese met ingang 1 April 1987, is hy as departementshoof opgevolg deur prof. P. Rademeyer, wat terselfdertyd aangestel is as die direkteur van CEFIM. Hy is ook aangewys as die bekleër van die Carl en Emily Fuchs-leerstoel in Mikro-elektronika. Die aktiwiteite van CEFIM het in die loop van 1987 en die begin van 1988 baie toegeneem, in so 'n mate dat die behoefte aan 'n voltydse direkteur ontstaan het. Nadat CEFIM dan ook in Julie 1988 van die Departement Elektroniese en Rekenaaringenieurswese losgemaak is, het dit as 'n aparte navorsingseenheid in die Fakulteit Ingenieurswese gefunksioneer. Grade vir studente wat navorsing gedoen het in CEFIM is steeds toegeken in die Departement Elektroniese en Rekenaaringenieurswese. Prof. Rademeyer is aangestel as die voltydse direkteur van CEFIM en prof. J.A.G. Malherbe is aangestel as hoof van die Departement Elektroniese en Rekenaaringenieurswese met ingang 1 Julie 1988. Laasgenoemde is egter in April 1989 as Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese aangestel, waarop prof. C.W.I. Pistorius aangestel is as hoof van die Departement met ingang 1 September 1989. Op 31-jarige ouderdom was hy een van die jong-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. N. Wessels, Hoof: Departement Elektriese Ingenieurswese, 1981 - 1988.

ste departementshoofde wat nog aan die Universiteit aangestel is.

In Februarie 1990 het die Universiteit besluit dat CEFIM weer by die Departement Elektroniese en Rekenaaringenieurswese geïnkorporeer moes word. Die departementshoof het derhalwe verantwoordelikheid vir die akademiese aangeleenthede daarvan aanvaar. Mnr. W.R. Malan is aangestel as bestuurder van die Instituut om die aspekte rakende kontraknavorsing te hanteer. Prof. Rademeyer het die Universiteit se diens aan die einde van Oktober 1990 verlaat.

In die loop van 1990 het dit egter duidelik geword dat die kontraknavorsing in CEFIM besig was om baie af te plat. Aangesien 'n groot gedeelte van die infrastruktuur in die Instituut deur kontraknavorsing gefinansier was, het dit 'n ernstige probleem geskep. Ten einde die probleem te oorkom, is 'n strategie ontwikkel om CEFIM se aktiwiteite met betrekking tot kontraknavorsing in te kort en 'n suiwerder akademiese missie na te strewe. Kontraknavorsing deur die Instituut het op 31 Maart 1991 ten einde geloop en sedert 1 April 1991 is die Instituut met sy nuwe akademiese missie weer ten volle in die Departement geïntegreer. Prof. M. du Plessis wat gedurende die oorgangsperiode as waarnemende direkteur gedien het, is in 1991 aangewys as die nuwe direkteur van CEFIM.

Intussen het prof. Wessels in Junie 1988 afgetree as hoof van die Departement Elektriese Ingenieurswese. Hy is deur prof. J.H.R. Enslin opgevolg. Laasgenoemde het in Februarie 1991 aangedui dat hy die tuig as departementshoof wou neerlê en verder bloot as professor in die Departement wou funksioneer. Na samesprekings tussen die Fakulteit Ingenieurswese en die universiteitsowerhede is gevolglik besluit om die Departement Elektroniese Ingenieurswese en die Departement Elektriese Ingenieurswese saam te voeg. Dit het geblyk 'n sinvolle besluit te wees. Al was daar in daardie stadium heelwat duplisering van kursusse tussen die twee departemente, was dit moeilik vir studente om tussen die twee departemente van rigting te verander; dit desondanks daarvan dat Elektroniese en Elektriese Ingenieurswese as akademiese dissiplines grotendeels op dieselfde beginsels geskoei was. In wese was die verskil tussen Elektroniese en Elektriese Ingenieurswese in die toepassing van die beginsels. Elektroniese Ingenieurswese was meer toegespits op die verkryging, verwerking en versending van informasie, terwyl Elektriese Ingenieurswese meer toegespits was op die opwekking, verspreiding en aanwending van energie. Die samevoeging

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die twee departemente het rasionalisasie moontlik gemaak.

Op 1 Maart 1991 is die hoof van die Departement Elektroniese en Rekenaaringenieurswese, prof. Pistorius ook aangestel as waarnemende hoof van die Departement Elektriese Ingenieurswese met die spesifieke opdrag om die twee departemente so vinnig moontlik te herenig. Daar is onmiddellik begin met herkurrikulering van kursusse en met die integrasie van die personeel en fasiliteite. Die twee departemente is onmiddellik as 'n eenheid bestuur alhoewel dit prakties nog twee departemente was. Daar is nietemin besluit om steeds beide die grade BIng (Elektronies) en BIng (Elektries) aan te bied. Die nuwe kursusleergange is egter só ontwerp dat vorige oorvleuelings uitgeskakel is. Studente wat vir die twee grade ingeskryf was, sou voortaan tot in die derde jaar presies dieselfde leergang volg. Heelwat van die keusevakke in die finale jaar kon egter deur studente van beide groepe gekies word.

Dit het ongeveer 'n jaar geduur om die nodige reëlings te tref en toestemming te kry om die twee departemente te herenig. Die nuwe Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese het op 1 April 1992 formeel tot stand gekom met prof. Pistorius as die hoof. Prof. Enslin het die Universiteit se diens aan die einde van September 1991 verlaat. Sy pos is op 1 Januarie 1992 gevul deur prof. I.E. Lane wat die Sentrum vir Nuwe Elektrisiteitstudies (SNES) in die Departement gevestig het en daarmee saam 'n nuwe navorsingsrigting in Elektriese Ingenieurswese geloods het. SNES het hom toegespits op navorsing in die effektiewe bestuur van elektriese energie.

Verskeie nuwe grade is sedert 1982 ingestel. In 1989 is besluit dat die Fakulteit Ingenieurswese ook die BSc(Honneurs)- en MSc-graad sou aanbied ten einde in die behoeftes te voorsien van nagraadse studente sonder voorgraadse kwalifikasies in Ingenieurswese. In 1990 is die grade BIng Hons(Bio-ingenieurswese) en MIng(Bioingenieurswese) ingestel en in 1991 die grade BIng Hons (Rekenaaringenieurswese) en MIng(Rekenaaringenieurswese).

Die nagraadse kwalifikasies in Rekenaaringenieurswese is ingestel om beslag te gee aan die behoefte om nagraadse rekenaaringenieurs op te lei. Die grade het verskil van die normale MIng(Elektronies)-grade in dié sin dat daar heelwat meer elemente van Rekenaarwetenskap in vervat was. Hierdie rigting het in die laat jare tagtig en die vroeë jare negentig ontwikkel in die dissipline wat as Informasietegnologie begin bekend staan het. Dit het dan ook aanleiding gegee tot die stigting van die Skool vir Informasietegnologie — 'n inisiatief om die rekenaar- en inligtingsverwante aktiwiteite van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, die Departement Rekenaarwetenskap, die Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, die Departement Informatika en ander te koördineer.

Sedert 1982 is verskeie nuwe leerstoele in die Departement ingestel en het nuwe hoogleraars sommige van die bestaande leerstoele beklee. Prof. P.J. Cilliers is in 1988 aangestel as medeprofessor en ook bekleër van die Goldbergleerstoel in Bioingenieurswese. In 1990 is die LGI-leerstoel in Fotonika, die LGI-leerstoel in Millimeter- en Mikrogolftegnieke en die LGI-leerstoel in Seinverwerking ingestel om erkenning te gee aan die firma Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese (Edms.) Bpk., kortweg LGI, vir die fondse en apparaat wat die firma aan die Universiteit geskenk het. Proff. F.W. Leuschner, W.J. Louw en J.J.D. van Schalkwyk is aangewys as die eerste bekleërs van dié leerstoele. Prof. Louw het egter aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

einde van 1992 afgetree weens swak gesondheid. Die firma Grinaker Electronics het in 1990 die instel van die Grinaker Electronics-leerstoel in Elektromagnetisme aan die Departement moontlik gemaak. Prof. D.A. McNamara is aangewys as die eerste bekleër. In 1992 is prof. M. du Plessis aangewys as die bekleër van die Carl en Emily Fuchs-leerstoel in Mikroelektronika. Prof. G.J. Kühn het sedert 1980 die Telkomleerstoel in Telekommunikasie beklee.

Die Departement het deurentyd na uitnemende navorsing gestreef. Die strewe is beliggaam in die vestiging van uitstekende fasiliteite en ook navorsingsprestasies van individuele dosente en navorsingsgroepe. Die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) het op versoek navorsers kom evalueer deur hulle navorsingsuitsette aan eweknieë wêreldwyd voor te lê. Volgens hierdie stelsel is die werk van verskeie dosente in die Departement baie hoog aangeslaan. So byvoorbeeld is proff. J.A.G. Malherbe en Y. Yavin as wêreldklasnavorsers gereken. Drie dosente in die Departement, te wete proff. D.A. McNamara, E. Barnard en C.W.I. Pistorius het ook Presidensiële toekennings van die SNO ontvang. Hierdie toekennings is gemaak aan belowende jong navorsers. Dat drie sodanige toekennings gelyktydig uit die Departement se geledere was, terwyl die SNO sedert sy ontstaan tot in 1992 net nege sodanige toekennings vir prestasies in die Ingenieurswese toegeken het was veelbetekenend. Die navorsingsgroep in Elektromagnetisme is boonop in 1988 deur die SNO as 'n Sentrum van Uitnemendheid aangewys.

In 1990 is die Departement se kompakte antennemeetbaan amptelik in gebruik geneem. Die baan is gebruik om navorsing te doen oor die straling en verstrooiing van elektromagnetiese golwe. Die meetbaan is gehuisves in 'n gebou wat spesiaal daarvoor op die Suidkampus opgerig is. Dit was die enigste van sy soort in die suidelike halfrond en het navorsers in Elektromagnetisme daartoe in staat gestel om metings te doen wat nooit voorheen in Suid-Afrika moontlik was nie.

Die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese was teen die einde van 1992 die grootste ingenieursdepartement in enige dissipline van Ingenieurswese aan enige universiteit in Suid-Afrika. Binne die konteks van die Universiteit van Pretoria self, was dit veel groter as sommige van die ander fakulteite, beide in terme van personeel en studentegetalle. Daar was 39 doserende personeellede waarvan 28 professore en medeprofessore was, tesame met twintig ondersteunende administratiewe, tegniese en sekretariële personeellede. Daar was 643 studente ingeskryf vir voorgraadse kwalifikasies in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese asook 154 studente vir nagraadse kwalifikasies. Die Departement het 'n langtermynstrategie ontwikkel om die uitdagings van die jare negentig die hoof te bied en sig te posisioneer vir die 21e eeu.


C.W.I. Pistorius
Departementshoof

Departement Landbou-ingenieurswese

Die vakgebied Landbou-ingenieurswese was 'n uitgebreide vakgebied wat 'n deeglike kombinasie van praktiese en teoretiese ingenieurskennis vereis het. Daar is in die besonder klem gelê op die paraatheid van landbou-ingenieurs en voedselingenieurs wat die Universiteit verlaat het. Dit is hulle op die hart gedruk dat hulle hulself as entrepreneurs moes sien eerder as werknemers, en dus eerder werk moes skep as om werk te soek.

Die Landbou-ingenieurswese was gedurende die oorsigperiode (1983-1992) die inge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. G. Venter, Hoof: Departement Landbou-ingenieurswese, sedert 1988.

nieursdissipline wat alle ingenieursaspekte van landbouproduksie, asook die verwerking van landbouprodukte bestudeer het.

Dit het sowel die toepassing van ingenieurskennis op die totale landbou behels, as aspekte van die verwerking van landbouprodukte in die nywerheid en op 'n koöperatiewe basis.

Derdewêreldomstandighede gekombineer met sy Eerstewêreldtegnologie het ook neerslag gevind in die landbou-ingenieursterrein. Hoogs gesofistikeerde landbouproduksievlakke in die intensiewe produksiegebiede is nagestrewe in weerwil daarvan dat probleme ten opsigte van ontwikkelende gebiede en Derdewêreldomstandighede ook aandag moes kry.

Die landbou-ingenieur was uit die aard van sy aktiwiteite baie nou gemoeid met 'n verskeidenheid ander vakgebiede soos die Akkerboukunde, Voedselwetenskappe, die Grondkunde en ander vakrigtings wat betrekking het op biologiese aspekte van landbouproduksie en die verwerking van landbouprodukte. Sy werksterreine het hoofsaaklik gelê op die gebied van meganisasie, besproeiing, grond- en waterbewaring, landboustrukture asook op die prosessering van voedsel en die Voedselingenieurswese.

Daar moes voortdurend tred gehou word met nuwe ontwikkelinge. Deregulering in die landbou het soveel druk geplaas op die gebied van die Voedselingenieurswese dat die Departement Landbou-ingenieurswese dit in 1992 oorweeg het om sy naam te verander na Landbou- en Voedselingenieurswese en met die kurrikulering van 'n aparte voedselingenieursbaan begin het. Die eerste studente in Voedselingenieurswese is toe reeds op beide voor- en nagraadse vlak onderrig.

Die Departement Landbou-ingenieurswese is gevolglik ook uitgebrei om beter in die voedselingenieursektor verteenwoordig te word. Dit het direk daartoe bygedra dat die Voedselingenieurswese as 'n sterk groeikomponent vir die toekoms beskou is, veral in die lig van die destydse deregulering van die landbou en wat dit vir landboukundiges moontlik gemaak het om die pryse van hul produkte duurder te bemark. In hierdie verband het die uitvoer van landbouprodukte na die Europese markte ernstig aandag geniet en is heelwat navorsing in dié verband onderneem.

Die volgende navorsingsprojekte was teen die einde van 1992 reeds afgehandel:

* Die ontwikkeling van 'n nywerheidsmikrogolfoond vir die detoksifisering van ongemaalde volvetsojabone;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

* alternatiewe bloeddrogingsmetodes by abattoirs in Suid-Afrika;
* die ontwerp van abattoirs vir Suid-Afrikaanse toestande;
* 'n ondersoek na graderingsvereistes en verwante toerusting vir die oliesadebedryf (grondbone); en
* langtermynverkoeling, opberging en vervoer van vrugte en groente met spesiale verwysing na uitvoervereistes.

Afgesien van navorsingsprojekte in die Voedselingenieursveld, is daar ook verskeie navorsingsprojekte in die volgende velde voltooi:

* Meganisasie:

  - traksie en traksie-eienskappe van gestuurde trekker- en implementbande;
  - navorsing oor energievereistes van grondbewerkingstoerusting;
  - die ontwikkeling van vibrasietipe-grondbrekers vir die herwinning van ou sitrusboorde;
  - die ontwikkeling van 'n relatief goedkoop tee-oesmasjien;
  - die ontwikkeling van 'n twaalf meter wye landboutrekker vir die tuinboubedryf; en
  - die ontwikkeling van 'n verskeidenheid meganiese werktuie vir verskillende gebruike in die landbou;

* Voedselingenieurswese:

  - die ontwikkeling van lugmesse waarmee vog in die verpakkingsbedryf van vrugte en groente verwyder kan word sonder om van hitte gebruik te maak;

* Plaasstrukture:

  - 'n nuwe metode vir hoësterktebeton is ontwikkel deur die toepassing van die beginsels wat by die verkorreling van veevoer gebruik word, naamlik om die beton onder druk te plaas terwyl stolling aan die gang is;
  - Betonnavorsing om metodes ten opsigte van laekostebehuising te ondersoek en ook die toename in sterkte vir voor- en nagespande beton verder te bestudeer;

* Besproeiing:

  - die volgende besproeiingsprojekte is in die oorsigperiode in samewerking met die Waternavorsingskommissie onderneem:

    + die ontwikkeling van 'n laedruk reguleerklep vir vloedbesproeiing;
    + navorsing oor die impak van besproeiingsdruppels op verskillende grondtipes (in samewerking met die Departement Grondkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys);
    + 'n ondersoek na die geskikste vloedbesproeiingsmetode en die rekenarisering daarvan;

* Algemeen:

  - 'n groot verskeidenheid navorsingsprojekte is oor verskillende fasette van die Landbou-ingenieursveld onderneem en dit het onder andere projekte soos die volgende behels:

    + 'n ondersoek na hidrostatiese aandrywing vir gesleepte voertuie;
    + 'n ondersoek na die moontlikheid om landbouwerktuie met behulp van aktivering van kabels elektries aan te dryf;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

+ hystoerusting met parallelle platforms vir die vrugtebedryf;
+ die ontwikkeling van nuwe meganisasiebeplanningstegnieke; en
+ die rekenarisering van meganisasiebeplanning vir Suid-Afrikaanse plase.

Soos uit die voorgaande projekte duidelik blyk, is noue samewerking bewerkstellig met verskeie instansies soos onder andere die Oliesaderaad, die Sitrusbeurs, die Waternavorsingskommissie, die Nasionale Energieraad, verskeie staatsdepartemente, landboukoöperasies, asook die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Eskom). Hierdie samewerking het gelei tot bystand betreffende rekenaartoerusting, laboratoriumfasiliteite en werksgeleenthede vir nagraadse studente. In hierdie verband kan gemeld word dat prof. G. Venter 'n hele reeks tegniese publikasies vir Agrelek, die landbougerigte komponent van Eskom, saamgestel het ten einde tegniese begrippe aan die boerderygemeenskap oor te dra en te verseker dat elektrisiteit doelmatig en effektief op plase benut word. Dit het regstreeks aanleiding gegee tot die publikasie van 'n volledige handboek oor die gebruik van elektrisiteit en elektriese toerusting op plase.

Noue skakeling is bewerkstellig tussen die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Natal se Departement Landbouingenieurswese op Pietermaritzburg. Verder is daar ook saamgewerk met die Universiteit van die Noorde in Pietersburg, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in Bloemfontein, die Potchefstroomse Universiteit en die Universiteit van Fort Hare. Die meeste skakeling was op die gebied van tegnologie-ontwikkeling met die oog op die Derde Wêreld. Ook ekonomiese beginsels en beplanning vir landboutoestande in Suid-Afrika het aandag geniet.

Ten opsigte van die Universiteit se Afrikamissie, is daar teen die einde van die oorsigperiode nou saamgewerk met onder andere Mosambiek, Namibië, Zambië en Zimbabwe. Die Departement het vertrou dat verdere skakeling in die toekoms sou lei tot geskikte navorsingsprojekte waardeur plaaslike kundigheid op beide akademiese en praktiese vlak aan die res van Afrika oorgedra sou kon word.

Ten opsigte van onderrig en onderrigmetodes het die Departement toenemend klem gelê op rekenaarvaardigheid en die gebruik van persoonlike rekenaars - hulpmiddels wat teen 1982 nog glad nie by opleiding gebruik is nie. Kursusse is so aangepas dat rekenaars toenemend gebruik kon word om tegnies moeilike probleme op te los. Die kurrikulum is jaarliks aangepas en hersien om tred te hou met die jongste verwikkelinge en tegnologie op die gebied van Landbou- en Voedselingenieurswese.

Sinds 1987 het die Departement met rasse skrede vooruitgegaan ten opsigte van die voorligtingsaksie op die gebied van Landbou-ingenieurswese. 'n Groot verskeidenheid kortkursusse is aangebied. Werkwinkels oor 'n verskeidenheid onderwerpe waaronder ook Voedselingenieurswese is aangebied en ook bygewoon. Plaaslike en buitelandse konferensies, simposia en ander byeenkomste is gereeld deur die personeel bygewoon en verskeie referate is gelewer. Ten opsigte van publikasies en ander navorsingsuitsette het die Departement sterk gegroei. Waar daar in die middel van die jare tagtig min verrig is, het die posisie teen 1992 so verander dat die Departement van die hoogste navorsingsuitsette per capita in die Ingenieursfakulteit gelewer het. Afgesien hiervan het daar boonop verskeie handboeke oor landbou-ingenieursaspekte uit die pen van prof. Venter verskyn.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat personeelwisseling betref, het prof. B.J.G.W. Grobler in 1985 afgetree, maar steeds hegte bande met die Departement gehandhaaf deur as eksterne eksaminator vir magister- en doktorale studente op te tree. Hy is opgevolg deur prof. B.v.D. Boshoff, wat in 1987 bedank het. Sy opvolger in 1988 was prof. G. Venter wat aan die einde van 1992 steeds die departementshoof was. Prof. H.L.M. du Plessis is in 1992 as medeprofessor aangestel. Daarbenewens het die Departement oor nog twee voltydse en twee deeltydse dosente beskik.

Die Departement het in 1992 'n besonder groot aantal nagraadse studente gehad. Alhoewel daar 'n tydelike insinking in die voorgraadse studenteregistrasie was weens die abnormaal swak landboutoestande in Suid-Afrika teen die einde van die jare tagtig, was daar in die oorsigperiode as geheel 'n stewige toename in voorgraadse studentegetalle en is voorsien dat die toename sou voortduur as gevolg van die besondere belangstelling in die Voedselingenieurswese as 'n studierigting.

G. Venter
Departementshoof

Departement Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese

Gedurende die periode 1983 tot 1992 het hierdie Departement, soos ander departemente in die Fakulteit Ingenieurswese, belangrike veranderinge in sy kursusse aangebring en in ooreenstemming met die Universiteit se beleid gerasionaliseer. Voorgraadse kursusse se kontaktyd is verminder en van die kursusse is gekonsolideer. Daar was slegs ten opsigte van die bestuursgerigter kursusse soos Bedryfsielkunde en Ekonomiese Geologie 'n inkorting van kursusinhoud. In 1990 is die aantal vierdejaarkursusse waaruit studente kon kies ten einde voorgraads te spesialiseer in óf Vervaardigingsmetallurgie óf Ekstraktiewe Metallurgie uitgebrei tot vier kursusse per spesialiseringsrigting. Die vyf ander kursusse is deur al die studente gesamentlik gevolg. Geen uitbreiding of groot veranderinge is andersyds aan die vakgebied Metallurgiese Ingenieurswese aangebring nie.

Wat onderrigmetodes betref, het daar gedurende die oorsigperiode 'n drastiese verandering ingetree. Saam met die rasionalisasie waarna hierbo verwys is, is vakkursusse geherkurrikuleer en studiehandleidings opgestel. Met die beskikbaarstelling van hierdie studiehandleidings aan studente het die leerproses meer studentgerig geword met die dosent as studiekoördineerder.

Wat navorsing en publikasies betref, is gewoeker. Die aantal publikasies in erkende plaaslike en oorsese joernale en tydskrifte asook kongresbydraes deur personeel van hierdie Departement het van twee in 1982 toegeneem tot 25 in 1992; altesame negentig oor die periode van tien jaar. 'n Oorsig van hierdie publikasies dui daarop dat die studievelde van Korrosie, Pirometallurgie en Fisiese Metallurgie baie aandag gekry het in die navorsingsbedrywighede van die Departement.

Personeel van hierdie departement was in die bevoorregte posisie dat hulle in hulle navorsing deur die nywerheid onderskraag is. In hierdie verband het ondernemings soos Sasol, Genmin, Yskor, Columbus, Moh 9, Eskom en andere besondere bydraes gelewer. Samewerking met buite-instansies het ook op ander terreine geskied. In hierdie verband kon die Advieskomitee van die Skool vir Mynbou en Mineraalwetenskappe, studentetoere en beurse aan voorgraadse studente vermeld word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Departemente Metallurgiese en Mynbou-ingenieurswese het in Junie 1987 weens 'n tekort aan ruimte in die J.G. Strijdomgebou en die Ingenieurstoringblok na die ou Fisikagebou verhuis. Nadat die ou Fisikagebou teen 'n koste van bykans R2 miljoen opgeknap is, is dit tot die Mineraalwetenskappegebou herdoop. Die Departement Geologie was toe al 'n geruime tyd in dieselfde gebou gehuisves. 'n Logiese uitvloeisel van die ruimtelike samevoeging van die drie departemente, was die stigting van die Skool vir Mynbou en Mineraalwetenskappe. Die geskiedkundige eerste vergadering van die Advieskomitee van die Skool het in Augustus 1989 plaasgevind. Dit is onder andere deur vooraanstaande bestuurslui uit die nywerheid bygewoon. Die skool se Bestuurskomitee het bestaan uit die drie departementshoofde en 'n sekretaris.

Die doelstellings van die Skool vir Mynbou en Mineraalwetenskappe was om as forum te dien vir nouer interaksie en samewerking tussen die drie akademiese departemente enersyds, en met die mineraalbedryf andersyds. Verder moes werwing gedoen word en sinvolle opleiding aan studente in die Mineraalwetenskappe vir die Suid-Afrikaanse mineraalbedryf verskaf word. Ten einde uitvoering aan dié doelstellings te gee, is twee sentra van kundigheid met ondersteuning van die nywerheid gestig. Die gedagte was om binne hierdie sentra van kundigheid, spesialisopleiding op voorgraadse vlak by wyse van skripsies en op nagraadse vlak by wyse van verhandelinge en proefskrifte te verskaf. 'n Sentrum vir Korrosie-ingenieurswese is in samewerking met Yskor, Sastech, Columbus en Eskom gestig. 'n Sentrum vir Sweisingenieurswese is in samewerking met Yskor, Eskom, Sastech, UTP Welding Materials en Afrox gestig. Onderhandelinge vir die stigting van 'n interdissiplinêre Sentrum vir Hoë-temperatuurstudies (Pirometallurgie, Vuurvaste Materiale en Hoë-temperatuurmineralogie) was teen die einde van 1992 aan die gang.

'n Besondere geleentheid waarop die interdissiplinêre samewerking tussen die drie Departemente binne die Skool na die buitewêreld uitgedra is, was die jaarlikse navorsingseminaar van die Skool. By hierdie geleentheid het dosente, voor- en nagraadse studente asook kundiges uit die nywerheid voordragte gelewer oor hul onderskeie vakgebiede. Die seminaar is gewoonlik deur ongeveer 100 tot 150 gaste uit die nywerheid bygewoon.

Om uitvoering te gee aan die Universiteit se missie tot meer kontak met Afrikalande, het mnre. J. Becker en N. Vegter van die Departement in November 1992 referate by 'n konferensie te Chingola in Zambië gelewer. Daarbenewens het prof. G. Pienaar as eksterne eksaminator aan die Universiteit van Zambië opgetree.

Afgesien van die normale lidmaatskap van professionele liggame, het verskeie lede van die personeel besondere bydraes gelewer. Prof. G.T. van Rooyen wat aan die einde van 1992 die departementshoof was, was vir die duur van die oorsigperiode lid van die Metallurgiese Advieskomitee van die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (SARI). Prof. R. Dippenaar was sedert 1985 'n raadslid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Mynbou en Metallurgie (SAIMM) en later ook alternatiewe lid van die raad van SARI. Hy het gedien in, en was ook voor- en ondervoorsitter van verskeie komitees van SAIMM. Voorts het hy die onderskeiding behaal om in 1986 asook in 1990 die SAIMM-silwermedalje vir navorsing saam met twee van sy nagraadse studente, drr. M.J.U.T. van Wijngaarden en W.H. van Niekerk respektiewelik, te ontvang. Verder is die UP-toekenning van Uitnemendheid in 1991 aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hom toegeken. Prof. R. Sandenbergh was teen 1992 visepresident van die Suid-Afrikaanse Korrosie-instituut asook voorsitter van die Pretoria-tak van SAIMM. Hy was ook 'n raadslid van laasgenoemde vereniging. Prof. G. Pienaar was 'n raadslid van SAIMM tot 1984. Hy was in 1992 lid van die Advieskomitee vir Metallurgiese Ingenieurswese van die Pretoriase Technikon asook sedert 1977 lid van die Nasionale Phoenix-komitee.

Hierbenewens het die personeel aan die einde van 1992 bestaan uit een ereprofessor, naamlik prof. C.J.C. Janse van Vuuren, een buitengewone professor, naamlik prof. W.E. Stumpf, vier medeprofessors en vier senior lektore. Aanvullende akademiese ondersteuning is aan die dosente verleen deur vier studente-assistente. Sedert 1982 het vyf dosente, by name D. Kotze, C. Grobler, R. van Wyk, J. van Tonder en M. van Wijngaarden die diens van die Universiteit verlaat om bestuursposte in die nywerheid te aanvaar.

Daar was 'n geleidelike toename in die getal studente wat aan hierdie Departement, sedert die stigting daarvan in 1959, afgestudeer het. Sedert 1982 het die getalle redelik konstant gebly op 'n gemiddeld van twintig studente per jaar met 'n maksimum van 27 in 1992 en minimum van agt in 1988. Die totale aantal B-grade wat deur hierdie departement in die oorsigperiode toegeken is, was 197, terwyl 77 honneurs- en magistergrade en nege doktorsgrade in dieselfde periode toegeken is.

G.T. van Rooyen
Departementshoof


Departement Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese

Die Departement Meganiese Ingenieurswese het in die dekade 1983-1992 'n tydperk van merkwaardige groei beleef. Die sleutel hiertoe was die deelname van die Departement onder leiding van wyle prof. P.C. Haarhoff aan die aktiwiteite van die destydse Barlow-laboratorium. Die naam van die laboratorium is later verander in die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese (LGI). Dit het die raadgewende aktiwiteite van deelnemende dosente in Elektroniese en Meganiese Ingenieurswese saamgesnoer in 'n kragtige navorsings- en ontwikkelingseenheid gerig op die nywerheid. Deur die fondse wat so gegenereer is, is onder andere poste opgegradeer en bybetalings gemaak sodat dit moontlik was om ingenieurs in die praktyk as dosente te werf.

Hierdie benadering het reeds in die aanvangsjare gelei tot die aanstelling van dosente wat mettertyd 'n sleutelrol in die verdere uitbouing van die Departement vervul het. Hieronder het getel prof. J.L. Steyn wat prof. Haarhoff as departementshoof opgevolg het; prof. G.C. Klintworth wat vermoeidheidstoetsing van strukture gevestig het en 'n leidende rol gespeel het in die opbou van die Sasollaboratorium vir Struktuurmeganika, die Goldfields-sentrum vir Rekenaargesteunde Onderrig en die Samcor-rekenaarstelsel vir rekenaargesteunde ontwerp; prof. P.S. Heyns wat die leier op die gebied van Struktuurmeganika geword het; asook prof. E.H. Mathews wat later as buitengewone presteerder deur die Universiteit en Presidentstoekenninghouer van die Sentrum vir Navorsingsontwikkeling (SNO) aangewys is vanweë sy uitnemende prestasie, veral op die gebied van navorsing oor gebouklimaatreëling.

Die navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite van die personeel in die Departement was toegespits op bepaalde spesialisasiegebiede wat as Toegepaste Meganika beskrywe kan word. Die besondere studie- en navorsingsgebiede van die Departement het gesentreer rondom eindige-elementontleding van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.C. Haarhoff, Hoof: Departement Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese, 1983 - 1990.

strukture, vermoeidheidstoetsing van strukture, voorspelling van die termiese gedrag van geboue, die opbou van 'n nuwe konsephangsweeftuig en programmatuur vir die voorspelling van voertuigdinamika. Navorsings- en onwikkelingsprojekte van 'n gespesialiseerde aard in die hoofnavorsingsgebiede is vir die nywerheid uitgevoer. Hierdeur is fondse vir salarisaanvulling, die aankoop van toerusting, en beurse aan voltydse nagraadse studente bekom. 'n Tradisie van voltydse nagraadse studie wat onontbeerlik is vir navorsingwerk van gehalte, is so gevestig. 'n Aansienlike toename in studentegetalle, asook in die aantal personeellede is ervaar.

Naas die fasiliteite wat reeds hierbo genoem is, is die Sasol-leerstoel in Voertuigingenieurswese in 1984 gevestig danksy 'n skenking van Sasol. Dit het gelei tot die instel van die nuwe kursusse in Voertuig ingenieurswese, Voertuigtermostroming, Voertuigstrukture en Voertuigaandrywing.

Voorts het die Departement 'n windtonnel opgebou wat as die beste by enige departement in die land beskou word. Die opleiding in aspekte van Lugvaartkundige Ingenieurswese is gekonsolideer in 'n keuserigting op beide voorgraadse en nagraadse vlak. Dit het in 1991 gelei tot die verandering van die Departement se naam in die Departement Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese.

'n Leerstoel in Kerningenieurswese is in 1985 ingestel nadat die AEK onderneem het om jaarliks 'n bydrae hiervoor te maak. Prof. W.A. Schumann was die bekleër van die leerstoel sedert die ontstaan daarvan tot met sy oorlyde in Desember 1990, waarna die leerstoel afgeskaf is. Die vakke wat op hierdie gebied aangebied is, was Kerningenieurswese, Reaktortegnologie, Verrykingstegnologie, Kragreaktoringenieurswese, Kernchemieseingenieurswese en Eksperimentele Kerntegnologie.

Van 1988 tot 1991 is daar onder leiding van prof. S.J. Meijers en met die hulp van eksterne spesialiste soos prof. R.D. Marcus 'n aantal nagraadse vakke in materiaalhantering aangebied, naamlik Pneumatiese Vervoer, Hidrouliese Vervoer, Toevoerstelsels, Fabrieksoutomatisasie, Padvervoeroperasies, Pakhuisbestuur- en Distribusie en Silo- en Storttregterontwerp. In hierdie tyd is daar ook honneurs- en magistergrade in die spesialisasierigting Materiaalhantering toegeken.

In 1988 is herkurrikulering in die Departement aangevoor. Dit het 'n invloed op die hele Fakulteit gehad. Die belangrikste mikpunte van die herkurrikulering was die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vermindering in die sogenaamde passiewe kontaktyd (lesings), die vermeerdering van die aktiewe kontaktyd (oefenklasse en praktika), die rasionalisering en konsolide ring van kursusse sodat daar slegs vyf eksamenvakke per semester aangebied kon word asook die bevordering van 'n selfstudiebenadering onder studente. Hierdie daadwerklike poging tot onderrigontwikkeling het gelei tot toeligtingsessies deur opvoedkundige adviespersoneel ter voorbereiding van bogenoemde selfstudiebenadering, die bywoning van kursusse in Onderrigmetodiek deur al die dosente en die opstel van studiehandleidings vir al die voorgraadse vakke.

Sedert 1990 is die voorgraadse vak Dinamika 210 deur dosente in die Departement aan alle studente in die Fakulteit aangebied. Dit het gepaard gegaan met die oorplasing van twee dosente, prof. J.A. Snyman en mnr. J.J. de Swardt van die Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde na Meganiese Ingenieurswese.

Die totale aantal ingeskrewe voorgraadse studente het in die oorsigperiode steeds gestyg. Daar was egter 'n afname in die aantal nuwelingeerstejaars, asook in die aantal nagraadse studente. Ten einde hierdie tendens teë te werk het die Departement in 1992 begin met 'n miniblokstelsel in die aanbied van nagraadse kursusse. Met die instel van die miniblokstelsel is daar gepoog om heelwat meer nagraadse studente te werf, veral uit gebiede buite Pretoria. Dit het die aanbied van twee kursusse in een miniblok behels. Elke blok het bestaan uit vier fases, twee dae per fase versprei deur 'n semester, gevolg deur 'n eksamen.

Die Departement het in die oorsigperiode navorsing oor 'n wye gebied van dissiplines binne Meganiese Ingenieurswese gedoen. Dit het die volgende ingesluit:

* Simulasie van voertuigdinamika - die ontwikkeling en bevestiging van simulasieprogrammatuur om voertuigdinamika as 'n funksie van suspensiestelselontwerp te voorspel;

* impakvergruising - navorsing op die gebied van hoëspoed-impakvergruising met die oog op die ontwikkeling van 'n kompakte vergruiser vir ondergrondse toepassings;

* die statiese en dinamiese sterkte van strukture - navorsing in verband met die analise, meting en toetsing van strukture vir statiese en dinamiese sterkte;

* breukmeganika-analises van gesweisde strukture - navorsing op breukmeganika-analise en materiaaltoetsmetodes vir gesweisde strukture;

* rotordinamika - 'n studie van die oorgangsdinamika van rotorstelsels onder toestande van versnelling;

* die optimering van mynhyserdinamika - die optimering van die dinamiese gedrag van mynhysers ten einde hysspoed te verhoog. (Dit behels rekenaarsimulasie sowel as eksperimentele karakterisering van leirollerstelsels);

* eksperimentele modale analises - eksperimentele resultate is gebruik om die vibrasie van numeriese modelle van strukture te verbeter, en vir die bepaling van vervorming, modale analise en modale identifikasie tydens operasionele toestande;

* die simulasies van vloei en warmteoordrag - numeriese voorspelling van turbulente, viskeuse, multi-fase-vloei met warmte-oordrag, verbranding en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ander chemiese reaksies. (Hierdie simulasies is onontbeerlik in die ontwerp van nuwe termovloeisels);

* optimering - die ontwikkeling van optimeringsalgoritmes en hul toepas sing op ingenieursprobleme. (In hoofsaak is aandag gegee aan sowel struktuuroptimerings- en beheerprobleme, as die oplos van groot stelsels nie-lineêrevergelykings);

* berekeningsmeganika - die ontwikkeling en toepassing van die eindige-elementmetode vir statiese en dinamiese analise van strukture. (Klem is gelê op numeriese struktuuroptimering, soos byvoorbeeld vir minimum gewig, en op die analise van strukture vervaardig uit saamgestelde materiale);

* die termiese gedrag van geboue - die tekort aan toegangklike ontwerpsgereedskap vir termies effektiewe geboue het veroorsaak dat groot hoeveelhede elektriese energie vermors word. (Die QUICK-rekenaarprogram, wat in 45 lande verkoop is, is uitsluitlik vir dié doel ontwikkel en was gebaseer op simulasieprosedures).

Die volgende kundigheidsentra het die afgelope dekade in die Departement tot stand gekom:

* Sentrum vir Eksperimentele en Numeriese Termostroming (SENT) in 1987;

* Centre for Structural Optimization Research Group (SORG) in 1991; en

* Sentrum vir Struktuurmeganika in 1989.

Verskeie van die Departement se personeellede was aktief betrokke op die besture van institute soos die Suid-Afrikaanse Instituut van Meganiese Ingenieurs, die Suid-Afrikaanse Instituut van Lugvaartkundige Ingenieurs, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurs en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Prof. J.L. Steyn was President van die Suid-Afrikaanse Instituut van Meganiese Ingenieurs vir die 1991/1992-termyn - die eerste keer dat 'n UP-dosent daardie amp vervul het.

Gemeenskapsdiens is veral deur LGI uitgevoer. LGI se missie was die ondersteuning van die akademie deur die verskaffing van gespesialiseerde kundigheid aan die nywerheid. Sy aktiwiteite het onder andere bestaan uit navorsing en ontwikkeling in struktuuranalise, struktuurvermoeidheidstoetsing, vibrasie, voertuigdinamika, voertuigaandrywing, prototipe-opbou en stelselondersoeke. Sekere aktiwiteite het sodanig gegroei dat twee maatskappye daaruit ontstaan het en in 1989 weg van die kampus beweeg het, naamlik Mecalc, wat gekonsentreer het op die ontwikkeling van rekenaartoerusting en -programmatuur vir struktuurtoetse van veral voertuie, en Teqnovo, wat gespesialiseer het in masjienontwerp en industriële probleme wat uit die ontwerp daarvan voortspruit. In 1991 het TEMMI ontstaan as 'n maatskappy wat op die kampus funksioneer en wat in termovloei spesialiseer.

Die Departement het in die oorsigperiode verskeie kortkursusse aangebied, en wel oor onderwerpe soos nievernietigende toetsing, fisiese en chemiese dampdeponering, voertuighantering en hitte-oordrag.

Die Departement het van die jare negentig af deelgeneem aan die Universiteit se Afrikamissie. Die eerste nagraadse student uit 'n ander Afrikaland, naamlik Ghana,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het in 1991 aan die Departement begin studeer. Verkennende samesprekings met die oog op samewerking is met die ingenieursfakulteit van die Universiteit Eduardo Mondlane in Maputo gevoer.

Die personeelkomponent van die Departement het in die oorsigperiode beduidend gegroei. In 1982 was daar 26 personeellede waarvan vier professore was en in 1992 was daar 35 waarvan tien professore was. Prof. J. Visser was in 1982 die Departementshoof. Hy is in 1983 deur prof. P.C. Haarhoff opgevolg. Na sy oorlyde in 1990 is prof. J.L. Steyn as departementshoof aangestel. Verskeie dosente het besondere prestasies behaal, waaronder prof. Haarhoff wat in 1988 die Eugene Marais-prys vir Letterkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verower het en in 1990 as 'n buitengewone presteerder by UP aangewys is. Prof. H.G. Denkhaus het in 1984 die Havengaprys vir Ingenieurswese verower. Prof. E.H. Mathews het in 1987 en 1989 die Austin Whillier-toekenning en in 1987 die ICBEM-prys in Switserland ontvang. Verder is hy in 1990 en in 1992 as 'n buitengewone presteerder by UP aangewys, en het hy in 1992 die SNO-presidentstoekenning ontvang.

J.L. Steyn
Departementshoof

Departement Mynbou-ingenieurswese

Die Departement was tot in 1988 in die Ingenieurstoringblok gesetel, maar het daardie jaar saam met die Departement Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese in die Ou Fisika-gebou ingetrek. Die Departement Geologie het in die gebou gebly om die aardwetenskappe bymekaar te bring.

In die dekade van 1983-1992 het die Departement aansienlik meer studente gehad as in die vorige twintig jaar. Van 1982 af het die aantal voorgraadse studente gegroei van 78 tot 132 in 1991. In hierdie tydperk was daar 135 graduandi wat 'n gemiddelde koers van veertien per jaar verteenwoordig het. Weens die wêreldwye ekonomiese resessie van die laat jare tagtig en die bykomende probleme wat die hele mynboubedryf ervaar het, het die getal nuwelingeerstejaars ná 1991 skerp gedaal. Daar was oor die jare bykans geen mynboustudente wat sonder 'n beurs gestudeer het nie. Die afname in studentgetalle was die gevolg van 'n skerp afname in die getal beurse wat sedert 1991 deur die mynhuise toegeken is.

Daar was 'n aantal studentepryse beskikbaar vir presteerders. Een werklik besondere prestasie was die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mynbou en Metallurgie (SAIMM) se toekenning vir die beste Mynbouskripsie deur 'n finalejaarstudent. Die afgelope tien jaar is dit steeds deur studente van hierdie Departement verower.

In 1989 is die leerplanne in die hele Fakulteit Ingenieurswese geherkurrikuleer. Met die doelwit dat die student 'n leervennoot moet wees, is die aantal vakke in elke studierigting verminder of opnuut saamgestel. Die volwaardige Mynbouvakke is van sewentien tot elf verminder. Met 'n vindingryke benadering is die oorskakeling binne 'n enkele jaar bewerkstellig.

Die eerste akkreditasiebesoek van die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Ingenieurs (SARPI) aan die Fakulteit Ingenieurswese het in 1981 plaasgevind. Die span het die Departement Mynbou-ingenieurswese weer in 1983 afsonderlik besoek om hulle daarvan te vergewis dat die aanbevole veranderinge wel ingevoer is. Die tweede akkreditasiebesoek het in 1987 plaasgevind en soos vantevore is 'n gunstige verslag oor die Departement ingedien. Sedertdien het SARPI verandering onder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.N. Brown, Hoof: Departement Mynbou-ingenieurswese, sedert 1981.

gaan en staan nou bekend as die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese. 'n Derde akkreditasiebesoek het in 1992 plaasgevind.

Een van die besondere aspekte van die kursus vir mynbou-ingenieurs was die jaarlikse studietoer wat tydens die winter-reses gehou is. Dit het aan senior studentedie geleentheid gebied om 'n ver-skeidenheid myne in verafgeleë plekke te besoek en te bestudeer. In 1990 is myne in Botswana besoek en in 1992 het die finale-jaarstudente die eerste keer in 25 jaar 'n toer na Zimbabwe onderneem. Hierdie twee toere vorm deel van die Universiteit se Afrikamissie.

Tot in 1982 was daar maar min voor-graadse en gevolglik ook min nagraadse studente in die Departement. Hieraan is daadwerklik aandag gegee. 'n Lys van twaalf kursusse op honneursgraadvlak is opgebou waarvan 'n beperkte aantal jaar-liks aangebied is. Oor die laaste dekade het gemiddeld tien nagraadse studente hulle hiervoor ingeskryf - almal op 'n deeltydse basis. Studentegetalle was aansienlik laer as in die ander ingenieursrigtings. Die hoofredes hiervoor was die besondere negatiewe houding van maatskappye in die mynboubedryf teenoor nagraadse studies en die feit dat die mynbou-senuweesentrum in Johannesburg geleë is. Twee besondere prestasies op nagraadse vlak is nogtans in 1987 behaal toe twee studente die PhD-graad verwerf het.

Die Departement was sedert 1981 onder die hoofskap van prof. A.N. Brown. Daar was teen 1982 vyf dosente. Die besondere navorsingsvelde van die personeel was sperpilare in steenkoolmyne, stabiliteit van skagte, stabiliteit van trekpunte in diamant-myne, die ontwerp van vervoerpaaie in dagboumyne, stabiliteit van wande en afvalhope in dagboumyne, en die strate-giese beplanning van goudmyne. Twee geldelike toekennings vir kontraknavorsing is van die Nasionale Energieraad ontvang. In die laaste dekade het personeellede 'n aantal publikasies oor hierdie onderwerpe in tydskrifte, konferensie- en simposium-handelinge gepubliseer.

In die vroeë jare van die Departement se bestaan is 'n nagraadse diploma in Mynbou aangebied. Die doel was om graduandi in ander verwante ingenieursrigtings in die mynbourigting te bekwaam. Die kursus het die mynbouvakke van die derde- en vierde studiejare ingelyf in een beknopte studiejaar. Tot in 1985 het 26 studente hierdie diploma verwerf. Oor 'n tydperk van ses jaar daarna was daar geen verdere aanvraag na hierdie diploma nie en is dit in 1991 afgeskaf. Sedertdien het graduandi in ander ingenieursrigtings by wyse van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die voltooiing van die derde en vierde studiejaar 'n tweede BIng-graad verwerf.

Wat kortkursusse betref, het die Departement in 1986 'n kursus oor boor- en skietwerk in dagboumyne in samewerking met die SAIMM gehou. In 1985 is 'n kursus oor ontploffingsgevare in steenkoolmyne aangebied. Ook vier kursusse oor stratabeheer is gehou. Hierdie werkwinkelkursusse het ten doel gehad om in die veld van Rotsmeganika die filosofie uit te beeld oor watter rekenaaranalises moontlik was en wat deur die gebruik daarvan bereik kon word. In 1992 is 'n kortkursus oor hellingstabiliteit van wande in dagboumyne gehou.

Voor 1982 was die enigste rekenaarfasiliteit in die Departement die Universiteit se hoofraamrekenaar. Boonop was terminale skaars. Die dekade van die persoonlike rekenaar het gevolg. Van die eerste eenvoudige persoonlike rekenaar af wat in 1984 gekoop is, het verandering teen 'n ongelooflike pas ingetree. Teen 1992 het die Departement beskik oor 'n rekenaarfasiliteit van sewe persoonlike rekenaars tesame met 'n groot verskeidenheid sagteware. Mynboukundige sagteware is van die Kamer van Mynwese se Navorsingsorganisasie (COMRO), mynboumaatskappye en leweransiers bekom. Ruim fasiliteite, toegerus met persoonlike rekenaars is deur die Universiteit aan studente beskikbaar gestel.

Die Oudmynboustudentevereniging van UP (MOVUP) het in 1982 'n Adviesraad in die lewe geroep om die Departement van raad en hulp te bedien. Hierdie Raad het onder voorsitterskap van die Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese gefunksioneer en het bestaan uit veertien lede van verskillende sektore van die mynboubedryf. Hulle het een keer per jaar vergader om die Departement se jaarverslag en gemeenskaplike probleme van die mynboubedryf te bespreek.

Twee instansies het die Departement oor die jare besonder ondersteun. Die Kamer van Mynwese het die salarisse van dosente aangevul met die doel om die salarisgaping tussen doserende en praktiserende mynbouingenieurs te vernou. Vanaf 1984 is 'n junior pos van navorsingsbeampte ondersteun en sedert 1990 is twee senior lektorsposte volledig gefinansier. Vandat die Oudmynboustudentevereniging in 1979 gestig is, was hulle hoofdoel om die Departement te ondersteun en sy belange te bevorder. Mnr. B.C. Alberts, een van die Departement se eerste gegradueerdes en lid van die Universiteitsraad, het hierin 'n leidende rol gespeel. MOVUP het die Departement op finansiële en morele vlak ondersteun, en uitstekende samewerking is met die Departement se personeel bewerkstellig.

In 1989 is die Skool vir Mynbou en Mineraalwetenskappe deur drie departemente, naamlik Mynbou-ingenieurswese, Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese en Geologie gevorm. Die Departement Mynbou-ingenieurswese het met geesdrif deelgeneem. In 1991 het proff. G. von Gruenewaldt en A.N. Brown 'n internasionale simposium oor die geologiese en mineralehulpbronne in Suider-Afrika te Lubumbashi in Zaïre bygewoon. Dit was deel van die Universiteit se Afrikamissie. Verder het prof. Brown in 1991 in sy hoedanigheid as president van die Geassosieerde Wetenskaplike en Tegniese Verenigings (GW & TV) die Internasionale Konferensie van die African Academy of Science in Mbabane, Swaziland bygewoon.

Oor die afgelope tien jaar het lede van die personeel talle konferensies, kongresse en simposiums bygewoon. In die besonder is die Internasionale APCOM-simposia (Ap-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

plication of mathematics and computers in the minerals industry) ondersteun. Tydens oorsese besoeke is mynboudepartemente by verskeie universiteite besoek en skakeling bewerkstellig. In 1982 is die twaalfde kongres van die Council of Mining and Metallurgical Institutions (CMMI) in Suid-Afrika gehou en al die dosente van die Departement het daaraan deelgeneem. 'n Besondere hoogtepunt was die Internasionale Konferensie "The planning and operation of open pit and strip mines" wat in 1984 deur MOVUP in samewerking met die SAIMM op die Tukkiekampus aangebied is. Afgevaardigdes uit dertien lande het dit bygewoon.

Die personeel was almal lede van die SAIMM. Prof. Brown het in 1982/83 as president daarvan gedien en is in 1987 as lewenslange genoot gekies. Personeellede was ook lid van sowel die Suid-Afrikaanse Nasionale Groep vir Rotsmeganika, as die Suid-Afrikaanse tak van die Institute of Quarrying. Almal is ook lid van die Mynbestuurdersvereniging van Suid-Afrika en MOVUP. Prof. Brown het in 1987/88 as president van die Federasie van Verenigings van Professionele Ingenieurs gedien en dit is opgevolg deur sy presidentskap van die GW & TV in 1991. Hy het ook in verskeie komitees van ECSA asook die Mynbou- en Nywerheidskamer van die Afrikaanse Handelsinstituut gedien. Die Departement het dus 'n besondere aandeel gehad in die bedrywighede van hierdie organisasies.

A.N. Brown
Departementshoof

Departement Opmeetkunde

Met die eerste treë van hoër onderwys in Suider Afrika het Wet no. 5 van 1858 van die Kaapse Parlement voorsiening gemaak vir bevoegdheidsertifikate in Landmeetkunde, Natuurwetenskappe, Lettere, Regte, Ingenieurswese en Skeepvaartwetenskap. Die Europese tradisie van grondverdeling, kartering en geodesie is hierheen oorgeplant. Dit blyk duidelik uit ons nasionale geodetiese netwerke gebaseer op die Gauss-konformestelsel.

Alhoewel Landmeetkunde sedert 1921 aan die Universiteit van Pretoria gedoseer word, is die Departement Landmeetkunde eers in 1949 gestig en in die Departement Wiskunde van die Fakulteit Natuurwetenskappe gesetel. In 1957 is dit na die Fakulteit Ingenieurswese oorgeplaas. In 1959 is 'n formele kursus in Stads- en Streekbeplanning ingestel. Agt jaar later is die Departement se naam verander in Opmeetkunde en Stads- en Streekbeplanning. Prof. N. Maree was van 1978 tot 1986 die departementshoof. Hy was beide 'n landmeter en 'n stadsbeplanner en het albei hierdie afdelings gelei. Die landmeters wat deur die jare as dosente gedien het, was proff. W. Maré en D. Page en mnre. I.H. van der Walt, J.L. Williams, N.B. van Dyk, P.C. de Jager, H.B. Kemp en N. Swart wat ook 'n fotogrammetriese ingenieur was. A.J. de Villiers was die tegnikus wat ook as hoofinstrukteur gedien het.

Met prof. Maree se aftrede aan die einde van 1986 het 'n periode van rasionalisasie ingetree. Die twee afdelings Landmeetkunde en Stads- en Streekbeplanning is weer afsonderlik bestuur met prof. A.W. Rohde, die Hoof van die Departement Siviele Ingenieurswese, as waarnemende hoof. In Maart 1988 is N. Swart bevorder tot professor in en hoof van die Afdeling Landmeetkunde. Met die afstigting en oorplasing van die Departement Stads- en Streekbeplanning na die Fakulteit Natuurwetenskappe in Januarie 1991 het prof. Swart hoof van die Departement Opmeetkunde geword. Die naamsverandering na Departement Landmeetkunde en Kartering het kort daarna plaasgevind.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. N. Maree, Hoof: Departement Opmeetkunde en Streekbeplanning, 1978 - 1986.

Daar het 'n behoefte bestaan om 'n struktuur te skep wat eie is aan die landmeterspraktyk sodat die opmetingsindustrie buite die universiteit 'n aandeel in die opleiding van landmeters kon hê. 'n Algehele herkurrikulering is gedoen om die moderne tegnologie en rekenaars te benut en 'n breë fundamentele opleiding aan te bied. 'n Stapelkursus is só georden dat die tweede helfte van die voorgraadse kursus in vyf semesters van ses maande elk verdeel is, waar semesters 1, 3 en 5 normale akademiese kursusse in die Landmeetkundige en Geodetiese Wetenskappe gedek het, terwyl semesters 2 en 4 aan ervaringsopleiding bestee is. Só is periodes van landmeter-in-opleiding en ervaringsopleiding ten beste benut. Sedert 1989 is die nuwe kurrikulum ingefaseer en het prof. K.N. Greggor by die departement aangesluit. Landmeter F.J. van der Merwe (1991) en instrukteur J. Esterhuizen (1984) het die res van die personeelkorps teen 1992 gevorm.

Die Departement Landmeetkunde en Kartering kon met sy nuwe kurrikulum sy plek volstaan in die era van die rekenaar, die byderwetse globale posisioneringsisteem, geografiese inligtingsisteme en elektroniese apparatuur. Die Departement se navorsing op hierdie gebiede het internasionale organisasies, staatsdepartemente, die destydse tuislanddepartemente en private organisasies betrek. Omdat die dissiplines van Landmeetkunde en Geodesie 'n noodsaaklike deel van die ontwikkeling van die infrastruktuur van enige land vorm, was die aard van die Departement se navorsing spesifiek gerig op die probleme van Suider-Afrika en ook op die res van Afrika.


Die stapelkursusstruktuur het dit moontlik gemaak om die dosente se tyd vir voorgraadse en nagraadse kursusse ten beste te benut, asook om navorsing en konsultasie te bevorder. Die studentegetalle het in die oorsigperiode steeds gegroei.

N. Swart
Departementshoof

Departement Siviele Ingenieurswese

Die departmentshoof in 1982 was prof. G.P.R. von Willich. Hy was in 1983 die president van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs, wat die grootste ingenieursinstituut in Suid-Afrika is. Nadat hy aan die einde van Januarie 1984 afgetree het, is hy opgevolg deur prof. A.W. Rohde wat aan die einde van 1992 steeds die pos beklee het. Hy was boonop in daardie stadium die Universiteit van Pretoria se verteenwoordiger in die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Ingenieurs en die voorsitter van die Professio-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. G.P.R. von Willich, Hoof: Departement Siviele Ingenieurswese, 1981 - 1984.

nele Advieskomitee vir Siviele Ingenieurswese van die Ingenieursraad van Suid-Afrika.

Die Departement Siviele Ingenieurswese het gedurende die oorsigtydperk verskeie stappe gedoen om die voorgraadse studie te moderniseer en doeltreffender te maak. Die doseerwerk in die Departement is in ses afdelings verdeel, elkeen met 'n professor aan die hoof. Sekere vakke wat voorheen deur ander departemente aan die studente in Siviele Ingenieurswese aangebied is, is deur dosente binne die Departement self gedoseer. Die vak Toegepaste Wiskunde in die eerste en tweede studiejaar, wat voorheen in die Fakulteit Natuurwetenskappe geressorteer het, is hernoem tot Statika en Dinamika. Die vak Statika is deur die Departement Siviele Ingenieurswese aan al die ingenieurstudente in die eerste studiejaar aangebied. Kursusse in Siviele Ingenieurspraktyk is deurlopend van die eerste tot die vierde studiejaar aangebied.

Terwyl die voorgraadse studie gemik was op 'n deeglike inleiding in al die afdelings van die Siviele Ingenieurswese, het die Departement besef dat die uitbreiding van die kennis in die verskillende vertakkings van die studieveld nagraadse spesialisasie noodsaaklik gemaak het. Gevolglik is die benaming van die spesifieke afdeling in die nagraadse kwalifikasies aangedui. Die woord "siviel" het in die benaming verval. Nagraadse kwalifikasies is in die rigtings Geotegniese Ingenieurswese, Konstruksieprojekbestuur, Stedelike Ingenieurswese, Struktuuringenieurswese, Vervoeringenieurswese en Waterboukunde toegeken. Die personeel van die Departement is volgens hierdie afdelings ingedeel:

Prof. Leon Maree was in 1992 die hoof van die afdeling Geotegniese Ingenieurswese. Hierdie afdeling het wyd navorsing gedoen en het in samewerking met buiteinstansies soos die Suid-Afrikaanse Padraad, die staatsdiens en firmas in die private sektor ingesluit. Een van die personeellede in die afdeling, mnr. Eben Rust het 'n apparaat, bekend as 'n diepsondeerder, vir die bepaling van ondergrondse grondeienskappe ontwikkel wat wye internasionale belangstelling uitgelok het. Verskeie studente uit buurstate in Afrika was teen 1992 besig met nagraadse studies in Geotegniese Ingenieurswese en raadgewende dienste is aan buurstate voorsien.

Die afdeling Konstruksieprojekbestuur was gemoeid met die beplanning en bestuur van die konstruksiefase van ingenieurswerke. Dit het dus met meer as net die suiwer tegniese aspekte van Siviele Ingenieurswese gehandel. Prof. Ferdinand Fourie was in 1992 die hoof van hierdie afdeling.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die nagraadse kursusse wat in hierdie rigting aangebied is, het groot getalle studente uit die konstruksiebedryf gelok. Die afdeling het jaarliks, in samewerking met die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch, 'n kursus in konstruksieprojekbestuur wat oor ses weke strek, aangebied. Die afdeling het ook met die Bestuurskool en die Departemente Boubestuur en Bourekeningkunde van die Universiteit van Pretoria geskakel aangesien sekere vakke wat deur dié afdeling aangebied is, ook vir hulle rigtings van belang was, en andersom.

Stedelike Ingenieurswese het te doen met die ontwikkeling en instandhouding van die infrastruktuur wat grootliks die taak van die siviele ingenieur is. Die afdeling het in 1992 onder die leiding van die departementshoof, prof. Rohde, en van prof. R.A.F. Smith gestaan.

'n Groot aantal praktiserende siviele ingenieurs was teen 1992 in die veld van Struktuuringenieurswese werksaam. Die Afdeling Struktuuringenieurswese het gevolglik 'n groot aantal nagraadse vakke aangebied. Prof. B.W.J. van Rensburg was in 1992 die afdelingshoof. Prof. Vernon Marshall van die Afdeling was in 1992 die voorsitter van die struktuurafdeling van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs. Prof. Walter Burdzik van die Afdeling het hom veral toegelê op navorsing in houtstrukture, en het 'n navorsingslaboratorium vir hierdie doel uitgebou waar waardevolle basiese en toegepaste navorsing gedoen is. Prof. Von Willich was, na sy aftrede as departementshoof, aan die Afdeling verbonde as deeltydse buitengewone professor. Die Afdeling het sekere voorgraadse vakke aan studente in die Argitektuur, die Boukunde en die Bourekenkunde aangebied. 'n Aantal nagraadse studente uit buurstate, en selfs twee uit Bangladesh, het in 1992 die Struktuuringenieurswese bestudeer.

Prof. P.W. Jordaan het vir die hele duur van die oorsigperiode die leerstoel in Vervoeringenieurswese beklee. Die personeel van hierdie afdeling is gedeeltelik deur die Suid-Afrikaanse Padraad gefinansier. Die ander professore in die afdeling in 1992 was proff. H.S. Joubert, S.C. van As, A.T. Visser en R.A.F. Smith. Die liggaam VIAED het in 1990 deur die inisiatief van die Departement tot stand gekom. Dit was 'n assosiasie wat kragtens artikel 21 van die Maatskappywet geïnkorporeer is, en het die bevordering van die onderrig en toepassing van Vervoeringenieurswese en verwante dissiplines, die uitvoering van navorsing en die aanbieding van kursusse ten doel gehad. Die Suid-Afrikaanse Padraad het die leerstoel in Vervoeringenieurswese in samewerking met VIAED as 'n sentrum van kundigheid in Vervoeringenieurswese erken. VIAED het onder beheer van 'n beheerraad gestaan waarin prominente ingenieurs uit die praktyk gedien het. Prof. Jordaan was in 1992 die besturende direkteur, en prof. Van As uitvoerende direkteur van hierdie liggaam. Prof. Joubert was in 1992 die voorsitter van die afdeling vir vervoer van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs. Hy was ook betrokke by Protec, 'n organisasie in die ingenieursprofessie wat daarna gestrewe het om belangstelling te stimuleer in tegniese gebiede in dié sektore van die Suid-Afrikaanse gemeenskap wat tradisioneel nie voorheen daarby betrokke was nie. Prof. A.T. Visser het in verskeie aspekte van padplaveisel gespesialiseer. Hy was in November 1990 'n genooide spreker by 'n seminaar oor plaveiselwerkverrigting te Santiago in Chili. Voorts het hy lesings in Zimbabwe en Maputo aangebied.

Die Afdeling vir Waterboukunde het in 1992 onder leiding van prof. W.J.R. Alexander gestaan. Hy was as 'n internasionale deskundige in sy vakgebied gereken. Die dosente in hierdie afdeling is op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n deeltydse basis bygestaan deur 'n buitengewone professor, naamlik dr. J.M. Jordaan wat in 1992 die hoofingenieur (ontwerpdienste) van die Departement Waterwese was.

Die leerstoel in Weerkunde het sedert 1989 in die Departement Siviele Ingenieurswese geressorteer. Dit is as 'n gepaste reëling beskou omdat die studierigtings Weerkunde en Hidrologie nou by mekaar aangesluit het. Die Afdeling vir Weerkunde het onder leiding van prof. J. van Heerden gestaan. Hy was in die oorsigtydperk betrokke by die sogenoemde Safari-projek wat ondersoek ingestel het na die uitwerking van veldbrande op die klimaat en waarby verskeie Afrika-state betrokke was. Ander belangstellingsvelde in hierdie Afdeling was langtermyn weervoorspelling, rekenaarmodellering van die klimaat en reënvalanalise met behulp van satellietwaarnemings. 'n Vierjarige graad in Weerkunde is aangebied. Daar was in 1992 twaalf voorgraadse studente, waarvan een uit 'n buurstaat, asook ses nagraadse studente.

Die aantal studente in die Departement was die afgelope tien jaar tussen vier- en vyfhonderd. In 1982 was daar 254 voorgraadse en 156 nagraadse studente. Die ooreenstemmende getalle in 1992 was 294 en 179. In 1992 was die doserende personeel 27 sterk, bestaande uit elf professore, twee medeprofessore, vyf senior lektore en nege lektore.

A.W. Rohde
Departementshoof

Die Leerstoel vir Ingenieursbestuur

Gedurende 1987 is daar op grond van versoeke deur die nywerheid 'n studie gedoen na die behoefte aan, en die moontlike inhoud van 'n nagraadse program in Ingenieursbestuur aan die Universiteit van Pretoria. Hierdie studie het gelei tot die stigting van die Leerstoel vir Ingenieursbestuur in die Fakulteit Ingenieurswese in November van dieselfde jaar.

Die wye veld wat vandag deur die Ingenieursbestuur gedek word, het internasionaal sy beslag gekry sedert die Tweede Wêreldoorlog. Dit was hoofsaaklik die gevolg van die toenemende kompleksiteit en omvang van ingenieurstelsels. Waar prestasie voorheen deur enkele individue bepaal is, was dit toe nodig om in groot multidissiplinêre spanne te begin saamwerk om doelwitte te bereik. Nie alleen was dit nou belangrik om hulpbronne soos geld en personeel professioneel te bestuur nie, maar veral ook die proses van ingenieurswese; dit wil sê die geordende en gekoördineerde wyse waarop tegniese aktiwiteite gedurende die lewensiklus van stelsels, produkte en dienste uitgevoer is. Hieruit het die veld van Ingenieursbestuur ontstaan. Hierdie veld is dus uit 'n akademiese oogpunt relatief jonk. Teen 1992 was daar egter reeds meer as 120 nagraadse programme in hierdie rigting regoor die wêreld, meestal met 'n magistergraad in die Ingenieurswese as eindkwalifikasie.

'n Makrokurrikulum vir 'n deeltydse magisterprogram is deur UP ontwikkel en 'n nywerheidsborgskap is bekom vir die vestiging van 'n leerstoel. Dr. Gideon de Wet, destyds werksaam by die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese by die Universiteit, is aangestel as die eerste professor in die Leerstoel. Sy opdrag was om tydens 1988 verdere aanvoorwerk te doen ten einde die eerste groep studente in 1989 te hanteer.

Die eerste groep van 45 studente het in 1989 begin studeer. Hierdie getal nuwe inskrywings is oor die volgende paar jaar ongeveer elke jaar gehandhaaf, ten spyte van 'n sterk afplatting in die ekonomie. Die werwing en inskrywing van 'n groep

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van ses studente van Taiwan in 1991 was 'n eerste stap wat sou bevestig dat die program meer as net die behoefte van die Suid-Afrikaanse mark bevredig het. In 1992 het 'n tweede groep van tien Taiwannese studente ingeskryf. Tot aan die einde van 1992 is 23 magistergrade toegeken.

Die magisterprogram is deeltyds aangebied. Studente moes, benewens voorgeskrewe vakkursusse, ook 'n skripsie in die veld van Ingenieursbestuur voltooi. Hierdie kursus is Engelseentalig aangebied. Só kon studente ook in die buiteland gewerf word.

'n Hele aantal doktorale kandidate het sedert 1990 vir verdere studie ingeskryf. Die eerste PhD-kandidaat het in 1992 gepromoveer.

In Januarie 1992 is dr. Antonie de Klerk in die Leerstoel aangestel nadat prof. De Wet 'n ander betrekking aanvaar het. Benewens hierdie voltydse professoraat, was daar toe 'n voltydse senior lektoraat, 'n deeltydse buitengewone professoraat (wat deur prof. De Wet beklee is) en die ekwivalent van twee halwe senior lektorate, waarvan een aangewend is om 'n wye reeks spesialisdosente uit die praktyk te betrek. Ongeveer 'n derde van die vakkursusse in die program is deur die Nagraadse Bestuurskool aangebied.

A.M. de Klerk
Leerstoel vir Ingenieursbestuur

G. de Wet
Buitengewone Professor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

AKADEMIESE ADMINISTRASIE

Desentralisasie

Die verdeling van funksies wat gevolg het op aanbevelings van die konsultante (1984) het sedert 1985 sigbare gestalte in die departement Akademiese Administrasie gevind. 'n Vernuwende bestuursmodel wat gesagslyne hervestig het en meegebring het dat personeel van die Registrateur (Akademies) uitgeplaas is na fakulteite onder direkte beheer en gesag van die dekaan, was teen 1986 afgehandel. Dit het noodwendig daartoe gelei dat die funksionele bevoegdheid van die Registrateur (Akademies) volgens 'n eiesoortige bestuursgrondslag gereël moes word. Fakulteitsekretarisse wat die akademiese administratiewe ondersteuning aan fakulteite verleen het, het nou aan die hoof gestaan van die akademiese administratiewe aktiwiteite van die fakulteit in die dekaan se kantoor. Nuwe administratiewe koördineringsmeganismes moes ingestel word om voorsiening te maak vir die administrasie van daardie aktiwiteite waaroor dekane afhandelingsbevoegdheid verkry het. Gedurende 1990 is die posbenaming van fakulteitsekretaris dan ook na dié van Hoof: Fakulteitsadministrasie gewysig.

B.J. Espach, die Adjunkregistrateur (Akademies) tot en met 1988, het ampshalwe fakulteitsraadaangeleenthede vir voorlegging aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat en die Senaat gekoördineer. Sy opvolger in 1989, dr. D.D. Marais, het die noodsaaklikheid van ordelike bestuur ten opsigte van akademies administratiewe aktiwiteite verder beklemtoon deur die uitgee van taakhandleidings ten einde gekoördineerde funksionering tussen fakulteite te bevorder. Wisselwerking tussen die kantoor van die Registrateur (Akademies) - later slegs Registrateur (1991) - en die onderskeie akademiese administratiewe kantore by die fakulteite het meegewerk om unieke entiteite te ontwikkel en is die enigste ondersteuningsdiens wat op sodanige wyse funksioneer.

Rekenarisering

Die nuwe bestuursmodel het ook die ontwikkeling van eiesoortige rekenaarprogramme nodig gemaak sodat die administratiewe prosesse die nodige rugsteun kon geniet. Vanweë die toename in die studentegetal van 16 854 in 1983 tot 23 375 in 1992, is daar ook na die nuwe omvangryker Natural Adabas-databasis oorgeskakel. As gevolg van dié omvangryke akademies administratiewe prosesse is die pos van 'n stelselkoördineerder in die kantoor van die Registrateur (Akademies) ingestel. Hierdie persoon moes toesien dat die rekenaarstelsel die akademiese administrasie by fakulteite integreer met die noodsaaklike funksies wat sentraal hanteer is.

Verskeie substelsels om aktiwiteite soos aansoeke, registrasie van studente, toekenning van beurse en lenings, asook 'n puntestelsel te hanteer, is ontwikkel. Teen die einde van 1992 is daar ook gevorderde gebruikerspesifikasies vir die ontwerp van 'n roosterstelsel en 'n kurrikulum-kontrolestelsel opgestel. Laasgenoemde moes dien as die hartklop van 'n akademies administratiewe stelsel vir studente.

Toelatingsvereistes

Teen 1989 was die gebruiklike wyse waarvolgens studente tot die Universiteit toegelaat is, uitgedien. Om voorsiening te maak vir groter inspraak deur dekane het die Senaat tydens sy laaste vergadering in 1989 besluit om alle aansoeke wat deur die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Universiteit ontvang word aan 'n keuringsproses te onderwerp. 'n Potensiaaltoets is ingestel om hoërisiko-kandidate wat nie aan die vereistes vir keuring op grond van hulle eindeksamenpunte in st. 9 gekwalifiseer het nie, nietemin 'n kans op toelating te gun. Keurreglemente wat deur dekane van jaar tot jaar hersien word, is sedert 1989 in werking. Benewens volle matrikulasievrystelling en toepaslike vakvoorvereistes, moet kandidate ook aan addisionele vereistes voldoen om keuring na aflegging van die matrikulasie-eksamen te behou. Alleen as hieraan voldoen is, is 'n kandidaat toegelaat om te registreer.

Beurse en lenings

In die tagtigerjare het die aandrang toegeneem om studente in hulle studiefinansieringsbehoeftes by te staan. Groter mededinging om studente tussen konkurrerende universiteite het ook tot 'n toename in beurse vir akademiese prestasie gelei. Waar daar in 1983 R2 031 330 uit Universiteitsfondse vir beurse en lenings aan studente bewillig is, het dié bedrag in 1992 tot R14 034 918,33 toegeneem. Die afdeling Beurse en Lenings het ook die administrasie van talryke ander beurse en lenings gedurende hierdie tydperk behartig, waarvan die omvang R8 195 775,54 in 1983 was, teenoor R18 562 005,96 in 1992. Hieruit blyk dit dat die finansiering van studente in die tydperk swaar gesteun het op die welwillendheid van buite-instansies om te voorsien in die finansieringsbehoeftes van studente, terwyl die druk op Universiteitsfondse ook dramaties toegeneem het.

Teen 1992 het sosiopolitieke veranderinge in die land so ver gevorder dat daar reeds voorsiening gemaak is vir 'n verwagte toename in studente wat nie oor die finansiële vermoëns beskik om self vir hulle studies te betaal nie. Ooreenkomste met banke om behoewende studente te help wat oor die nodige akademiese meriete beskik, is in die vooruitsig gestel. Aanpassings in die kriteria vir die toekenning van fondse aan studente moes noodwendig teen 1992 aangebring word om die finansiering van studies toegankliker te maak vir die breë bevolking.

Grade en diplomas toegeken

Die beduidende toename in die studentegetal van meer as 6 500 in die dekade tussen 1983 en 1992, het meegebring dat daar ook 'n aanmerklike toename was in die getal grade en diplomas wat toegeken is. Waar 3 355 grade en diplomas in 1983 toegeken is, het dit in 1992 tot 5 471 toegeneem. In hierdie tydperk is 44 403 grade en diplomas toegeken; 'n getal wat goed vergelyk met die totale getal grade en diplomas wat deur die Universiteit tot en met 1982 toegeken is.

Waar graadsertifikate tot in die tagtigerjare met die hand geprosesseer is, moes daar noodwendig aanpassings gemaak word om groot hoeveelhede sertifikate vinnig en korrek gereed te maak. 'n Rekenaarprogram is in 1989 in gebruik geneem waarmee sertifikate en diplomas met behulp van 'n laserdrukker regstreeks gedruk kon word. Die toename in graduandi het ook meegebring dat daar 'n nuwe reeks somerplegtighede aan die einde van elke jaar in Desember ingestel is. Teen 1992 het die getal studente wat gedurende die Novembereksamens aan graad- en diplomavereistes voldoen het só toegeneem dat meer as tien seremonies hiervoor gereël moes word. Aansienlike aanpassings in prosesse en prosedures het dit egter moontlik gemaak om hierdie geleenthede op uitnemende wyse aan te bied.

D.D. Marais

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

AKADEMIESE INLIGTINGSDIENS

Ter inleiding

Die tien jaar van 1983 tot 1992 verteenwoordig 'n dinamiese tydperk in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Akademiese Inligtingsdiens. Dit is gekenmerk deur:

* die verandering van die benaming "Biblioteekdiens" in "Akademiese Inligtingsdiens;"
* die toepassing van 'n strategiese bestuursbenadering en die ontwikkeling van 'n strategiese raamwerk;
* doelgerigte organisasie-ontwikkeling en -transformasie;
* voortgesette rekenarisering en die benutting van inligtingstelsels en -tegnologie;
* uitdagings voortspruitend uit sanksies teen die RSA en die verswakking van die rand teenoor ander geldeenhede;
* 'n leidende betrokkenheid op die nasionale en internasionale beroepsterrein;
* 'n voortdurende toename in die gebruik van dienste en fasiliteite; en
* die optimalisering van personeel, fondse, ruimte en tegnologie as basiese hulpbronne.

Strategiese bestuur

'n Strategiese bestuursbenadering is sedert 1986 met die ondersteuning van kundiges uit die Universiteit van Pretoria se Departement Bestuurswese ingefaseer. 'n Missiestelling is aanvaar; aksieplanne is ontwikkel en 'n handleiding vir strategiese beplanning is in 1988 aan alle afdelings, takke en seksies beskikbaar gestel. Aan die hand daarvan kon doelwitbestuur toegepas word en is doelwitbegrotings sedert 1988 voorgelê. Verder het die Direkteur se betrokkenheid by die Universiteit se oorhoofse strategiese bestuursliggame geslaagde strategiese bestuur deur die Akademiese Inligtingsdiens self bevorder. Die sukses wat behaal is, blyk uit duidelik waarneembare fases in organisasie-ontwikkeling en -transformasie en die ontwikkeling van 'n strategiese raamwerk.

Die rekenarisering van bedryfsfunksies met behulp van die DOBIS/LIBIS-programpakket vroeg in die tagtigerjare was 'n belangrike eerste fase. Die tradisionele kaartkatalogus is deur 'n intydse gerekenariseerde katalogus vervang en alle bedryfsfunksies, uitgesonderd die administrasie van tydskrifte, is gerekenariseer. Tien jaar later het die Universiteit se Departement Inligtingbestuur die biblioteekrekenariseringsprojek steeds as een van sy suksesvolste projekte bestempel. Dit word veral toegeskryf aan die wetenskaplike benadering en samewerkingsmodel wat ontwikkel en toegepas is. Daarbenewens het die betrokkenheid van die Direkteur by 'n Internasionale DOBIS/ LIBIS-gebruikersgroep verseker dat die Universiteit van Pretoria inligting oor die toepassing en gebruik van die DOBIS/ LIBIS-programpakket wêreldwyd kon uitruil.


'n Volgende fase in organisasie-ontwikkeling word gekenmerk deur die doelgerigte beweging na 'n inligtingsdiens. Behoeftes van die sogenaamde inligtingsgemeenskap en verwikkelinge op die terrein van inligtingstelsels en -tegnologie, het daarop gedui dat die verskaffing van inligtingsdienste voortaan meer aandag sou moes geniet. 'n Omvattende navorsingsprojek, getiteld "Die Universiteitsbiblioteek as Inligtingsdiens", is van April 1984 tot April 1987 gesamentlik deur die Biblioteekdiens en die Departement Inligtingkunde geloods. Die projek, met 'n navorsingsbegroting van R190 000, is met finansiële steun van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Universiteit van Pretoria afgehandel. 'n Navorsingspan van 25 persone, bestaande uit biblioteekpersoneel, dosente van die Departement Inligtingkunde en nagraadse studente, is by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sewe subprojekte betrek. Ondersoek is ingestel na die invloed van ekstern beskikbare gerekenariseerde inligtingsdienste op die infrastruktuur van die universiteitsbiblioteek; apparatuur en programmatuur vir kommunikasie met eksterne gerekenariseerde inligtingsdienste; die gebruik van videoteks deur die universiteitsbiblioteek; 'n program vir voortgesette opleiding in die benutting van eksterne inligtingsdienste; die verskaffing van inligtingsdienste aan die gemeenskap; gerekenariseerde mikroindeksering, asook na die aanbieding van formele opleidingsprogramme vir gebruikers. Op 25 - 26 Junie 1987 is die bevindinge van die projek op 'n simposium behandel. Verskeie artikels is na aanleiding van die projek in erkende vaktydskrifte gepubliseer.


Die navorsingsprojek het die weg gebaan tot betekenisvolle veranderinge in die daaropvolgende paar jaar. Die benaming "vakbibliotekaris" is deur dié van "inligtingkundige" vervang en om die soort bedrywigheid waarby die Biblioteekdiens nou betrokke was beter te omskryf, is die benaming "Biblioteekdiens" op 1 Januarie 1990 verander in "Akademiese Inligtingsdiens". Die klem het nou minder op die bestuur van papiergebaseerde versamelings in 'n biblioteekgebou geval. Die uitdaging was om akademiese inligting voortaan as 'n hulpbron te bestuur en om die optimale benutting en toeganklikheid daarvan met behulp van inligtingstelsels en -tegnologie te verseker. Sedert 1982 is daar vir die eerste keer, benewens vir boeke en tydskrifte, ook vir die aankoop van elektroniese inligting betaal. Die aantal soektogte op oorsese databasisse *(figuur 1)* en die koste daarvan *(figuur 2)* toon in die periode 1982 - 1992 'n volgehoue styging. Die besparing wat met die aankoop van kompakskywe sedert 1989 teweeggebring is, is duidelik waarneembaar. Die aantal soektogte wat daarna intern op databasisse gedoen kon word, het dramaties gestyg *(figuur 1)*.

Fig. 1
Aantal soektogte op oorsese databasisse
1982 - 1992



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fig. 2
Koste van soektogte op oorsese databasisse 1982 - 1992



'n Derde fase in organisasie-ontwikkeling het op 12 en 13 Februarie 1990 begin. Senior personeellede van die Akademiese Inligtingsdiens het met prof. C.D. Pottas van die Departement Personeel as fasiliteerder te Warmbad vergader om oor die toekoms van die Akademiese Inligtingsdiens te besin. Hierdie Warmbad-beraad was 'n waterskeidingsgebeurtenis in die ontwikkeling van die Akademiese Inligtingsdiens. 'n Scenario is ontwikkel van die verwagtinge wat kliënte teen die jare 1995 en 2000 van inligtingsdienste van hierdie aard sou koester. Om te verseker dat die Akademiese Inligtingsdiens daaraan voldoen, is besluit om 'n organisasie-ontwikkelingsprojek te loods. Riglyne vir verdere organisasie-ontwikkeling is geïdentifiseer. Dit het onder andere ingesluit:

* 'n vervanging van die bestaande piramidale organisasiestruktuur deur 'n matriksstruktuur;
* die infasering van 'n bemarkings- en kliëntgerigte bestuursbenadering.
* die bestuur van akademiese inligting as 'n hulpbron; en
* die totstandkoming van 'n Groep Bemarking met ondersteunende Groepe.

Twee UP-kundiges, naamlik prof. J.S. Uys van die Departement Sielkunde en prof. C.D. Pottas van die Departement Personeel het as fasiliteerders by die infasering van 'n nuwe organisasiestruktuur en die bestuur van die organisasietransformasie opgetree. Teen die einde van 1992 was 'n Groep Bemarking bestaande uit Dienseenhede vir verskillende marksegmente, asook 'n Eenheid vir Markontwikkeling en -skakeling gevestig en was drie ondersteunende Groepe, naamlik vir Inligtingstelsels en -tegnologie, Inligtingsbronne en die Algemene Hulpbronne reeds gevestig.

Inligtingstelsels en -tegnologie

Die tagtigerjare is gekenmerk deur 'n toename in die gebruik van gerekenariseerde stelsels en 'n wyer benutting van inligtingstelsels en -tegnologie. Die uitdaging om akademiese inligting as 'n hulpbron kliëntgerig te bestuur, het gelei tot verskillende navorsings- en ontwikkelingsprojekte. Die voorsiening van persoonlik geïntegreerde elektroniese inligtingstelsels en -werkstasies is nagevors en verskillende aspekte van institusionele

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

inligtingbestuur is ondersoek. Enkele magisterverhandelings, referate en artikels in erkende vaktydskrifte het daaruit voortgespruit. Daarbenewens is verskeie ontwikkelingsprojekte rondom die aanwending van inligtingstegnologie en -stelsels geloods.

Teen 1987 is stappe gedoen om inligtingstegnologie as 'n hulpbron te bestuur. 'n Koördineringskomitee vir Tegnologie (KKT) is in die lewe geroep om die Direkteur oor die bestuur van inligtingstegnologie te adviseer. Werkgroepe is geskep om die uiteenlopende ontwikkelingsterreine te dek.

In Mei 1987 het die Eenheid vir Tydskrifadministrasie 'n rekenaarprogram in gebruik gestel. 'n Databasis met subskripsieinligting en inligting oor die betalingsgeskiedenis van tydskriftitels is geskep en voorsiening is gemaak vir die voorspelling van pryse. Belangrike bestuursinligting soos projeksies van verwagte uitgawes, bestedings per akademiese departement en prysvergelykings kon nou verskaf word.

Aan die begin van 1989 is die Reprografiese Dienste in die Merenskyblioteek gerekenariseer. Die beskikbaarstelling van 'n "kredietkaart" vir die maak en betaling van fotokopieë het die tussenkoms van 'n kassier uitgeskakel. Fotokopiëringsmasjiene is na die gekonsolideerde tydskrifversamelings op verskillende vlakke van die Merenskybiblioteek gedesentraliseer om dienslewering en beheer oor die gebruik van tydskrifte te verbeter.

Sedert die begin van 1989 is selektief op databasisse op kompakskyf (Engels *CD-ROM*) ingeteken. Die eerste vier databasisse was *Medline on Disc (1984 - 1988), ERIC on Disc (1966 - 1989), Books in print Plus* en *Science Citation Index*. Die interne beskikbaarheid van hierdie databasisse het 'n aansienlike besparing op telekommunikasiekoste verbonde aan die intydse benutting van oorsese databasisse meegebring.

Teen die helfte van 1989 is 'n unieke kompakskyfstelsel bekend as die *"Thesaurus Linguae Graecae"* in gebruik geneem. Dit het die Griekse tekste wat wêreldwyd beskikbaar was, en waarvan UP in daardie stadium slegs $\pm$ 10% gehad het, binne die mure van die Merenskyblioteek gebring. 'n Spesiale mikrorekenaarstelsel, bekend as *Ibycus*, (die enigste in daardie stadium in Suid-Afrika) is deur bemiddeling van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika bekom en op 29 Augustus 1989 aan vooraanstaande akademici in die Teologie en Klassieke Tale bekend gestel.

Die aanskaf van kompakskywe het hierna toegeneem en in 1992 kon die Akademiese Inligtingsdiens reeds op 35 bibliografiese databasisse op kompakskyf soektogte doen. Om die toeganklikheid van inligting op kompakskywe te bevorder, het die voorsiening van 'n netwerk wat 'n tiental alleenstaande kompakskyfwerkstasies sou koppel, in 1992 aandag geniet. Ondersoek is ook ingestel na die ontwikkeling van 'n kampuswye kompakskyfnetwerk. Na evaluering van verskillende produkte is besluit om die CD NET-programmatuur en -apparatuur vir dié doel aan te skaf. 'n Interne kompakskyfnetwerk vir die Merenskybiblioteek is op 13 November 1992 amptelik in gebruik geneem en teen die einde van 1992 is goedkeuring verleen vir die aankoop van apparatuur en programmatuur wat die installering van 'n kampuswye kompakskyfnetwerk in 1993 moontlik sou maak. Intussen het die aantal soektogte wat op kompakskywe gedoen is reeds van 884 in 1989 tot 9 462 in 1992 gestyg. *(Figuur 1)*

Teen die einde van 1989 is ook besluit om 'n Lokale Area-netwerk (LAN) in die Merenskybiblioteek te installeer. Die LAN

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is op Maandag 18 Junie 1990 in bedryf gestel en personeel is van 29 tot 31 Augustus as netwerkadministrateurs opgelei. 'n Jaar later, op 10 Junie 1991, is die PROFS (Professional Office Systems)-elektroniese posstelsel as amptelike interne kommunikasiemedium vir die Akademiese Inligtingsdiens aanvaar. Alle interne pos sou daarna waar moontlik elektronies gehanteer word. Aan die einde van 1992 is besluit om met ingang van 1993 na 'n ander elektroniese posstelsel, p-mail (Pegasus Mail), oor te skakel.

In die periode 1983 - 1992 is goeie vordering met die benutting van die inligtingstegnologie gemaak. In 1982 het die somtotaal van alle elektroniese apparaat bestaan uit 'n paar terminale wat toegang tot die DOBIS/LIBIS-stelsel moes verleen. Teen die einde van 1992 het die vervangingswaarde van inligtingstegnologie in die Akademiese Inligtingsdiens R2 105 220 beloop - R1 224 720 vir apparatuur en R880 500 vir programmatuur. Die volgende was onder andere beskikbaar: 87 rekenaareindpunte, 68 mikrorekenaarwerkstasies met netwerk- en stelseltoegang, 62 drukkers, 20 kompakskyfspelers, 15 lynkodelesers, 8 faksmasjiene en 27 gleuflesers vir gerekenariseerde fotokopiëring.

Ten spyte van 'n doeltreffende en stabiele gerekenariseerde biblioteekbedryfstelsel het die vraag ontstaan of die DOBIS/LIBIS-stelsel, waarvan die argitektuur in die sewentigerjare ontwikkel is, in die negentigerjare nog aan die verwagtinge van kliënte en bestuur sou voldoen. Daar was veral kommer oor die beperkte aantal toegange wat kliënte buite die biblioteek tot die stelsel kon verkry. In die tweede helfte van 1989 is besluit om die moontlikheid van 'n plaasvervangende stelsel nader te ondersoek. Die behoefte aan 'n geïntegreerde akademiese inligtingbestuurstelsel sou swaar weeg by die evaluering van stelsels.

In 1991 is goeie vordering gemaak met die ondersoek na 'n alternatiewe stelsel. Volgende op 'n deeglike literatuurstudie en 'n oorsigtelike binnelandse verkenning het drie personeellede, naamlik prof. H. de Bruin en mev. E. Langkilde van die Akademiese Inligtingsdiens, en mnr. J. de Wet van die Departement Inligtingbestuur, op 12 Oktober 1991 na die buiteland vertrek om toonaangewende stelsels in die VSA, asook 'n Spaanse stelsel in Madrid nader te ondersoek. Die Sekretariaat van die Internasionale DOBIS/LIBIS-gebruikersgroep in België is ook besoek om die jongste inligting oor die toekoms van die DOBIS/LIBIS-stelsel in te win. Op 13 Februarie 1992 het lede van die werkgroep wat die ondersoek na 'n alternatiewe stelsel gelei het saam met die Direkteur Akademiese Inligtingsdiens, die Direkteur Inligtingbestuur en die betrokke Viserektore, proff. C.W.I. Pistorius (Viserektor: Bestuursdienste) en T. Erasmus (Viserektor: Akademies: Natuurwetenskappe) bevindinge en aanbevelings oorweeg. Die voortsetting van die ondersoek is goedgekeur met einde 1992 as doelwit vir aanbevelings oor die keuse van 'n stelsel.

Ekonomiese en internasionale politieke faktore

Ingevolge sy missie is die Akademiese Inligtingsdiens deel van 'n nasionale en internasionale inligtingsbedryf. Die periode 1983 - 1992 is gekenmerk deur die toepassing van sanksies teen die RSA. Dit het die vrye vloei van internasionale, akademiese inligting na die RSA belemmer en beperkings is op die beskikbaarstelling van die jongste inligtingstegnologie geplaas. Die Akademiese Inligtingsdiens kon nietemin daarin slaag om die gehalte van dienste te handhaaf en om benodigde inligtingsbronne vir kliënte te bekom. Die prys van inligtingsbronne is egter nadelig beïnvloed. Daarbenewens het die swakker posisie van die Suid-Afrikaanse rand

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

teenoor ander geldeenhede 'n buitensporige styging in boek- en tydskrifpryse tot gevolg gehad. Die gemiddelde prys per tydskrifintekening het tienvoudig toegeneem - van R139 in 1982 tot R1 026 in 1992.

Nasionale en internasionale betrokkenheid

Die Akademiese Inligtingsdiens het 'n leidende rol in die Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingsberoep en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (SAIBI) gespeel. Verskeie personeellede het op die Raad, Vaste Komitees en Bestuur van die Noord-Transvaalse Tak van SAIBI gedien - onder andere prof. E.D. Gerryts (Vaste Komitees en ononderbroke Raadslid), prof. H. de Bruin (Vaste Komitees, Raadslid en redakteur van die *SA Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde*), mnr. W.W. Duminy (Eresekretaris), mev. E. Langkilde (Vaste Komitees en Raadslid) en mej. A. Pienaar (Takbestuur).

Daarbenewens was die Akademiese Inligtingsdiens 'n sleutelfaktor in die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteekwese. Proff. E.D. Gerryts en H. de Bruin is onder meer deur die Komitee van Universiteitshoofde gekontrakteer om moontlikhede vir rasionalisasie en samewerking tussen Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke te ondersoek. Die ondersoek is in 1986 - 1987 afgehandel en het 'n gewysigde bestuursinfrastruktuur by die Interuniversitêre Biblioteekkomitee tot gevolg gehad. Geïdentifiseerde sleutelareas is met die oog op die eventuele sluiting van 'n formele samewerkingsooreenkoms tussen Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke aan taakgroepe toegewys. Verskeie referate is na aanleiding van die ondersoek gelewer en artikels is in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde* gepubliseer.

Benewens bogenoemde projek en die navorsingsprojek insake die "Universiteitsbiblioteek as Inligtingsdiens", waarna reeds verwys is, het verskeie ander navorsings- en ontwikkelingsprojekte bygedra tot die beroeps- en vakwetenskaplike beeld van die Akademiese Inligtingsdiens. Die suksesvolle en doeltreffende bedryf van die DOBIS/LIBIS-stelsel het internasionale erkenning en blootstelling tot gevolg gehad. In 1982 het die Direkteur, prof. E.D. Gerryts, tydens 'n vergadering by die Katolieke Universiteit van Leuven, 'n leidende rol in die totstandbrenging van 'n internasionale DOBIS/LIBIS-gebruikersgroep gespeel. Hy is tot Raadslid van die Internasionale Gebruikersgroep verkies - 'n amp wat hy tot aan die einde van 1988 beklee het. As Voorsitter van die Suid-Afrikaanse DOBIS/LIBIS-gebruikersgroep moes hy by die jaarlikse vergaderings van die internasionale gebruikersgroep oor DOBIS/LIBIS-aktiwiteite in Suid-Afrika verslag doen en het hy by verskeie geleenthede referate gelewer, naamlik in Parys (1983), Cork (1984) en Bregenz (1986).

Ook die organisasie-ontwikkelingsprojek wat sedert Februarie 1990 geloods is, het tot internasionale blootstelling en erkenning gelei. In Augustus 1990 het prof. Gerryts 'n referaat oor die projek by 'n konferensie van die International Association of Technological University Libraries (IATUL) in Finland gelewer en in Oktober 1992 het hy by die konferensie van die International Federation for Documentation (FID) in Madrid oor die tema "The Modern Information Professional" gepraat.

Verskeie ander personeellede het deur die lewering van referate, die bywoning van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


konferensies en besoeke aan verskaffers internasionale blootstelling geniet. In Desember 1990 het mej. M. Brassel van die Mediese Biblioteek die "On-Line Information"-konferensie in Londen bygewoon en mediese biblioteke besoek; mev. M. Hammes, Leier van die Eenheid van Tydskrifadministrasie, het sleutelverskaffers in Oxford en Amsterdam besoek. Mnr. Rolf Tönsing het in 1987 'n referaat voor die jaarvergadering van die internasionale DOBIS/LIBIS-gebruikersgroep in Nice gelewer en in Julie 1992 het die Leier van die Dienseenheid Veeartsenykunde, mev. E. van der Westhuizen, 'n referaat by die "First International Conference of Animal Health Information Specialists" in Londen gelewer. Teen die einde van 1992 het die Akademiese Inligtingsdiens ook in Afrika aansien begin geniet.

Op versoek van die Copperbelt University in Zambië is gereël dat 'n senior personeellid in 1993 in die Akademiese Inligtingsdiens werksaam sou wees om kundigheid en ervaring met betrekking tot biblioteekrekenarisering op te doen. Boekskenkings het 'n belangrike rol begin speel by onderhandelinge tussen die Universiteit van Pretoria en Afrika-universiteite.

Gebruik van dienste en fasiliteite

Die tydperk 1982 - 1992 is gekenmerk deur 'n groot toename in die gebruik van dienste en fasiliteite. Die totale aantal besoeke aan die Merenskybiblioteek plus takbiblioteke het in 1985 vir die eerste keer die miljoen-kerf oorskry. In 1989 is vir die eerste keer meer as een miljoen besoeke net aan die Merenskybiblioteek gebring - 'n styging van 173 603 besoeke of 20% bo die syfer van 1988. Die week 4 tot 9 Mei 1992 was die besigste week in die geskiedenis van die nuwe Merenskybiblioteek toe 'n gemiddeld van 7 469 besoeke per dag aan dié biblioteek gebring is. Die besigste dag was egter op 27 April 1992 toe 11 233 gebruikers deur die hekke van die nuwe Merenskybiblioteek gestroom het. Daarvan het ongeveer 50% die Gereserveerde Versameling besoek. *Figure 3 - 6* gee 'n aanduiding van die voortdurende styging in die gebruik van dienste en fasiliteite. As gevolg van 'n geweldige toename in die gebruik van die Gereserveerde Versameling in die Merenskybiblioteek tot 1989 *(figuur 3)* is 'n selfbedieningstelsel in 1992 ingestel. Die aantal fotokopieë wat studente van biblioteekmateriaal gemaak het, het van 1,89 miljoen in 1982 gestyg tot 5,67 miljoen in 1992.

Fig. 3
Gebruik van Gereserveerde Versameling
1982 - 1989



Geen statistiek word tans meer by die Merensky-, Mediese en Landbou-biblioteke geneem nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Desgelyks het die aantal boeke uitgeleen *(figuur 4)* en die aantal konsultasies deur personeel gehanteer *(figuur 5)* voortdurend toegeneem. Die eskalerende druk op fasiliteite en dienste het verband gehou met aanpassings in die Universiteit se akademiese strategieë. Groter klem is op navorsingsuitsette geplaas en ingevolge 'n nuwe onderrigbenadering is lesings afgeskaal en selfstudie gestimuleer.

Fig. 4
Boeke uitgeleen 1982 - 1992





Fig. 5
Konsultasies 1991 - 1992



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Die Akademiese Inligtingsdiens het 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse biblioteekwese gespeel. Tussen 25 000 en 34 000 interbiblioteekleningsaansoeke is jaarliks van ander biblioteke ontvang. Die aantal stukke wat per interbiblioteeklening vanaf ander biblioteke verkry moes word, het ook van 9 356 in 1982 tot 15 733 in 1992 toegeneem. Verder was daar 'n toename in internasionale interbiblioteekleenings: waarskynlik vanweë 'n geleidelike verswakking van Suid-Afrika se biblioteek- en inligtingsvoorraad.

Om die gehalte van dienste aan kliënte te handhaaf, is besluit om strategieë te aktiveer wat die beskikbaarheid van eksterne inligtingsbronne sou verseker. Toegang tot internasionale stelsels en verskillende aspekte betreffende elektroniese dokumentlewering is nader ondersoek. In 1991 het 'n grootskaalse kansellasie van tydskrifintekeninge vanweë 'n tekort aan fondse plaasgevind. Dit het die dringendheid beklemtoon van alternatiewe reëlings wat die beskikbaarheid van tydskrifartikels vir die UP-navorser sou verseker. In Oktober 1992 het proff. Gerryts en De Bruin 'n besoek aan die VSA gebring. Onderhandelings is gevoer met netwerke en ander sleutelinstansies en prof. Gerryts kon 'n konferensie van die American Society for Information Science bywoon waar verskeie referate in verband met elektroniese dokumentlewering gelewer is. Perspektiewe wat verskry is en inligting wat ingesamel is, het die finalisering van 'n strategiese raamwerk vir die Akademiese Inligtingsdiens bevorder.

Inligtingsbronne en versamelingsgroei

Wat inligtingsbronne en versamelingsgroei betref, vergelyk die Universiteit van Pretoria besonder gunstig met ander universiteitsbiblioteke. In 1988 het die biblioteek naas Unisa die grootste versameling boekbande gehad, gevolg deur die universiteite van die Witwatersrand, Stellenbosch en Kaapstad - in daardie volgorde. In dieselfde jaar is naas die Universiteit van die Witwatersrand, op die grootste aantal tydskrifte ingeteken en is meer boek- en tydskrifbande aan die versameling toegevoeg as deur enige ander universiteitsbiblioteek in Suid-Afrika. Hoewel UP in terme van aantal boekbande per student swakker as alle ander Suid-Afrikaanse universiteite daaraan toe was, dui die groei in inventariswaarde van die versameling in die tydperk 1982 - 1992 op 'n voortgesette omvangryke belegging in die versameling inligtingsbronne *(figuur 6)*.

Fig. 6
Inventariswaarde van versameling
1982 - 1992



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


In die periode 1982 tot 1986 het die aantal tydskrifintekeninge toegeneem om daarna, vanweë die styging in intekenpryse, te daal. Alhoewel die Akademiese Inligtingsdiens in 1992 op 70 tydskriftitels minder as in 1982 ingeteken was, het die totale bedrag aan intekeninge bestee, met meer as R5 miljoen toegeneem *(figuur 7)*. Oor die eerste vyf jaar het die gemiddelde prys per intekening van R139 tot R228 gestyg, om daarna, veral vanweë die verswakking van die rand teenoor ander geldeenhede, dramaties tot R1 026 te styg. Hierdie styging in die tydskrifkoste, het die fondse wat vir boekaankope beskikbaar was, nadelig geraak. Nietemin is 'n bedrag van R10 293 117 oor die tien jaar bestee om 141 291 boekbande aan te koop.

Die versameling inligtingsbronne is deur verskeie boekskenkings aangevul. Skenkings was onder andere afkomstig van prof. Douw Steyn, me. Rhoda Barry, prof. Geoff Cronjé, die boekery van wyle prof. A. van Selms, prof. G.F. Dommisse, dr. Kenneth Birch, mev. Bettie Celliers-Barnard, dr. Hilgard Muller, mev. M. Diedericks (weduwee van oud-Staatspresident N. Diedericks), dr. Anton Rupert, prof. J.C. Bonsma, prof. Stefans Grové, prof. B. Loonstra (Den Haag, Nederland), dr. Gerhard de Kock (oud-President van die Reserwebank), mnr. C. de Jongh, dr. J. Schutte (voormalige Direkteur-generaal van die SAUK) en andere.

Na aanleiding van probleme wat studente met die beskikbaarheid van verpligte en aanbevole handboeke by boekhandelaars ondervind het, is in 1992 besluit dat die Akademiese Inligtingsdiens voortaan 'n gerekenariseerde lys van UP se voorgeskrewe en aanbevole boeke sou saamstel. 'n Eerste weergawe van die lys is op 3 Augustus 1992 aan verteenwoordigers van die boekhandel oorhandig.

Dit was teen die einde van die tagtigerjare duidelik dat die bestuur van versamelings hoër eise stel as in die verlede. 'n Werkgroep vir Versamelingsbestuur (later genoem Inligtingsbronnebestuur) is geskep.

Fig. 7
Besteding aan tydskrifintekeninge
1982 - 1992



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Navorsing is onder meer gedoen oor die gebruik van formules as 'n basis vir begroting en toedeling van fondse vir die aankoop van boeke, asook op die stand van sake ten opsigte van geskrewe beleid oor inligtingsbronnebestuur by Suid-Afrikaanse universiteite. Op 14 Maart 1990 het die Werkgroep sy eerste vergadering gehou. Drie-en-dertig sake is vir aandag geïdentifiseer. Daar is besluit om beleid oor die bestuur van die versameling inligtingsbronne ooreenkomstig die Universiteit se onderrig- en navorsingsbeleid as hoogste prioriteit te hanteer. Daar is verder bevind dat die klem voortaan eerder op die bestuur van toegang tot inligting as op die uitbouing van 'n plaaslike inligtingsversameling moes val. In die toepassing van hierdie beleid sou die gebruik van die Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk (SABINET) 'n belangrike rol speel. Die netwerk het in 1983 as 'n onafhanklike nutsmaatskappy sonder winsbejag tot stand gekom en die Akademiese Inligtingsdiens se gebruik daarvan het binne vyf jaar tot 16 812 soektogte per jaar gegroei.

Fisiese fasiliteite

Teen die einde van 1988 is ondersoek ingestel na die beskikbaarheid van biblioteekruimte by verskillende Suid-Afrikaanse universiteite. Daar is bevind dat die Universiteit van Pretoria verhoudingsgewys oor veel minder ruimte beskik. Na oorweging van die aangeleentheid deur die Dekanekomitee, die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat en die Senaat, het die Raad op 26 Junie 1989 besluit om die aanbeveling te aanvaar dat die uitbreiding van die Merenskybiblioteek as hoogste en eerste prioriteit op UP se bouprogram sal geld. 'n Taakgroep onder voorsitterskap van die Viserektor (Akademies: Natuurwetenskappe), prof. O.W. Prozesky, is aangewys om die Rektoraat ten opsigte van die beplanning en voorsiening van addisionele ruimtes en toepaslike infrastruktuur te adviseer. Samesprekinge op 25 Oktober 1989 met die Viserektore (Akademies), prof. L. van Biljon en prof. P. Smit, en weer op 16 November 1989 met die Viserektor (Besigheidsbestuur), prof. C.W.I. Pistorius, het daarop gedui dat besondere strategieë en aksieplanne in werking gestel sou moes word om die krisis wat teen 1995 verwag word, die hoof te bied. Alvorens die aangeleentheid veel verder gevoer kon word, is besluit dat 'n Studentesentrum eers gebou moes word.

Die tydvak 1983 - 1992 is, wat fisiese fasiliteite betref, gekenmerk deur strategieë en aksieplanne vir die bes moontlike benutting van die beskikbare ruimte. Verskeie faktore het die druk op die beskikbare ruimte op die hoofkampus verhoog. In November 1985 is die MacFadyenbiblioteek van die Buitemuurse Afdeling na die Merenskybiblioteek oorgeplaas. Die beklemtoning van selfstudie het biblioteekgebruik deur veral voorgraadse studente laat toeneem. Teen 1992 het die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe reeds tot meer as 5 000 studente gegroei en dit was duidelik dat 'n afsonderlike Dienseenheid vir die Fakulteit in die Merenskybiblioteek voorsien sou moes word. Faktore soos die verslegting van die land se ekonomie en die verhoging van akademiese standaarde het groter druk op studente geplaas. 'n Groter studie-erns was by studente waarneembaar en het die behoefte aan studiesitplekke laat toeneem. Daarbenewens het druk om navorsingsuitsette en die aantal nagraadse studente te verhoog, gunstiger navorsingsfasiliteite in die biblioteek vereis.

In die tweede helfte van 1986 het die Departement Beeldende Kunste die ou Merenskybiblioteekgebou ontruim. By die herinrigting van ruimtes in die hele Merenskygeboukompleks was die tekort aan studiesitplekke en ruimte vir die berging

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van biblioteekmateriaal deurslaggewend. Die keldervlak van die ou Merenskybiblioteekgebou is van 'n tussenvloer voorsien en met kompaktusrakke toegerus. Gevolglik kon die versamelings in die kelderverdieping van die nuwe Merenskybiblioteek, asook afgeslote tydskrifreekse en tydskrifreekse van 1980 en ouer as 'n gekonsolideerde versameling van mingebruikte materiaal na die ou Merenskybiblioteekgebou oorgeplaas word. Verder is studiesitplekke ingerig en toegang tot die Gereserveerde Versameling en fotokopiëringsentrum in die nuwe Merenskybiblioteek voorsien. Van Augustus 1987 is die studieruimte op die basis van 24 uur per dag elke dag van die week aan studente beskikbaar gestel.

Op 3 Junie 1987 is die ou Merenskybiblioteekgebou as 'n integrerende deel van die Merenskybiblioteekkompleks in gebruik geneem. Sorgvuldige restourasiewerk het die gebou se kultuurhistoriese karakter behoue laat bly. Oorspronklike houtstudietafels is opgespoor en gerestoureer en bypassende houtstoele is vervaardig. Op 7 September 1990 is die ou Merenskybiblioteek amptelik tot historiese gedenkwaardigheid verklaar en het die Kanselier van die Universiteit, dr. A.E. Rupert, 'n gedenkplaat van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede by die hoofingang onthul.

'n Borsbeeld van dr. Hans Merensky, geskenk deur die Merenskystigting, is by dieselfde geleentheid deur die Visekanselier en Rektor, prof. D.M. Joubert, onthul. Reeds op 11 Oktober 1988 is die hoeksteenlegging vyftig jaar gelede, herdenk deur prof. Joubert se onthulling van 'n borsbeeld van genl. J.C. Smuts.

Die keldervlak in die nuwe Merenskybiblioteek is hierna as 'n gebruikersruimte ingerig en die vakversamelings vir Teologie en Opvoedkunde asook die Sosiale, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is daarheen oorgeplaas. 'n Ondersoek na die omvang en groei van die oorblywende vakversamelings op vlakke 5 en 6 het gelei tot die oorplasing van die vakversamelings vir Natuurwetenskappe en Ingenieurswese na vlak 5 en die verskuiwing van die Geesteswetenskaplike vakversamelings na vlak 6. Albei vlakke is herbeplan om onder meer vir die konsolidasie van tydskrifversamelings, beter personeelfasiliteite en elektroniese werkstasies voorsiening te maak.

Op die toetredingsvlak van die nuwe Merenskybiblioteek is 'n aansienlike ruimtebesparing bewerkstellig. Die hoofingang en uitleentoonbank is herontwerp en onnodige verkeersruimte is uitgeskakel. Hierdie herbeplanningsprojek is teen die einde van 1989 afgehandel.

As gevolg van onder meer die druk gebruik van die nuwe Merenskybiblioteekgebou is probleme met die lugversorgingstelsel ondervind. Teen die einde van 1989 is tussentydse oplossings gevind. Die toestand het gaandeweg sodanig versleg dat die Akademiese Inligtingsdiens 'n kontrak met die Departement Meganiese Ingenieurswese aan UP gesluit het om 'n omvattende wetenskaplike ondersoek na die lugreëlingstelsel te loods. Die ondersoek wat teen die einde van 1993 afgehandel moes wees, sou die skepping van 'n diagnostiese rekenaarprogram, asook 'n klimaatreëlingstelsel vir die gebou insluit.

In die periode 1983 - 1992 is ook wat sommige takbiblioteke betref, aanpassings in fisiese fasiliteite gemaak. 'n Verbeterde en uitgebreide Klinikala-biblioteek by die Kalafonghospitaal is in Oktober 1986 in gebruik geneem en in April 1987 is die nuwe Veeartsenykundebiblioteek betrek. Met die oog op die beplanning van 'n nuwe Mediese biblioteek is inligting reeds teen die einde van die sewentigerjare ingesamel. Behoeftespesifikasies kon egter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

eers in 1988 aan die argitekte voorgelê word. Met die oog op die beplanning van die nuwe biblioteek, het die Direkteur, prof. Gerryts, in Augustus-September 1988 verskeie mediese biblioteke in die VSA besoek en kon argitekte die eerste konsepplanne teen die einde van 1988 voorberei. Die biblioteek sou na verwagting teen die begin van 1994 voltooi wees.

Planne vir 'n omvattende uitbreiding van die fisiese fasiliteite van die Departement Musiek, wat ook 'n nuwe Musiekbiblioteek sou insluit, is in die tagtigerjare voorberei. Die projek is gekanselleer. Om die ruimtenood van die Musiekbiblioteek tydelik te verlig, is goedkeuring verleen vir die inskakeling van die aanliggende ingangsportaal en twee kantore by die biblioteek.

Met die totstandkoming van die Witbankkampus is ook vir 'n biblioteek voorsiening gemaak. Dienste is as 'n verlengstuk van die Merenskybiblioteek se Afdeling vir Voorgraadse Dienste aangebied en werkstasies vir die raadpleging van oudiovisuele bronne is voorsien.

Personeel

Op 12 Junie 1987 is prof. P.C. Coetzee, wat van 1939 tot 1958 die pos van universiteitsbibliotekaris beklee het, oorlede. 'n Eredoktorsgraad in die Lettere en Wysbegeerte is in 1982 deur die Universiteit van Suid-Afrika aan hom toegeken. Op 20 Augustus 1984 is 'n borsbeeld van prof. Coetzee in die Merenskybiblioteek onthul as blyk van waardering vir sy bydrae tot die Afrikaanse wetenskaplike biblioteekkunde.

Mnr. A.J. van den Bergh, universiteitsbibliotekaris tot 30 Junie 1975, is op 29 April 1989 oorlede. Mnr. Van den Bergh is in 1934 as assistent-bibliotekaris aangestel en het prof. P.C. Coetzee in 1959 as universiteitsbibliotekaris opgevolg.

Op 1 Mei 1990 is mnr. W.W. Duminy oorlede. Hy is in Januarie 1968 as onderuniversiteitsbibliotekaris aangestel en in 1975 bevorder tot Adjunkdirekteur - 'n pos wat hy tot met sy aftrede in November 1987 beklee het. Hy het 'n leidende aandeel gehad in verskeie belangrike bouprojekte van die Akademiese Inligtingsdiens - onder meer van die nuwe Merenskybiblioteek. Hy was vir tien jaar Eresekretaris van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (SAIBI) en sy bydrae tot die biblioteekberoep is in 1984 amptelik erken toe die hoogste toekenning van SAIBI, die Socius-status, aan hom toegeken is.

In die periode 1983 - 1990 was die samestelling van die topbestuur as volg: prof. E.D. Gerryts (Direkteur), prof. H. de Bruin (Adjunkdirekteur, Navorsings- en Ontwikkelingsdienste vanaf 1986), mnr. W.W. Duminy (Adjunkdirekteur, Ondersteuningsdienste tot 1987), mev. E. Langkilde (Assistentdirekteur, Interne Dienste), mej. A. Pienaar (Adjunkdirekteur, Gebruikers- en Inligtingsdienste), mnr. A. de V. Meintjes (Adjunkdirekteur, Ondersteuningsdienste vanaf 1988), mnr. Von B. de V. Otto (Senior Bibliotekaris, Fisiese Fasiliteite en Toerusting). Ingevolge die organisasieontwikkelingsprojek wat in Februarie 1990 begin is, is 'n nuwe organisasiestruktuur geskep. Die bestaande piramidale bestuurstruktuur, met voorsiening vir top- en middelbestuur, is deur 'n plat matriksstruktuur vervang. In plaas van 'n topbestuur is vir 'n groepbestuur voorsiening gemaak wat as volg saamgestel is: prof. E.D. Gerryts (Leier: Groep Bestuur) met onder hom leiers van verskillende groepe: mej. A. Pienaar (Leier: Groep Bemarking), prof. H. de Bruin (Leier:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Groep Bestuur 1992
Staande v.l.n.r.: mev. E. Langkilde, prof. H. de Bruin, mnr. V.B. de V. Otto en mnr. A. de V. Meintjes.
Sittende: prof. E.D. Gerryts (Direkteur) en mej. A. Pienaar.

Groep Inligtingstelsels en -tegnologie), mev. E. Langkilde (Leier: Groep Inligtingsbronne), mnr. A. de V. Meintjes (Leier: Groep Algemene Hulpbronne), asook mnr. Von B. de V. Otto, verantwoordelik vir Fisiese Fasiliteite en Toerusting).

Aanstellings, bedankings en bevorderings ten opsigte van senior personeel:

* Prof. J.A. Boon, Adjunkdirekteur: Navorsings- en Ontwikkelingsdienste, bedank Desember 1982 om die hoofskap van die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit te aanvaar.
* Prof. H. de Bruin, aangestel as Adjunkdirekteur: Navorsings- en Ontwikkelingsdienste vanaf 1986.
* Mej. A. Pienaar, bevorder tot Assistentdirekteur: Gebruikersdienste in 1982 en tot Adjunkdirekteur in 1988.
* Mev. E. Langkilde, bevorder tot Assistentdirekteur: Interne Dienste in 1983.
* Dr. P.D. de Kock, Senior Bibliotekaris: Gebruikersdiens, bedank Februarie 1990 na 'n dienstermyn van 27 jaar om 'n senior lektoraat in Regsgeleerdheid by die Universiteit van Vista te beklee.
* Mev. M.S.J. Viviers, Vakbibliotekaris: Regsgeleerdheid, tree met bereiking van ouderdomsgrens op 30 September 1990 uit diens na 'n dienstermyn van meer as dertig jaar.
* Mnr. W. Porter, Hoof van die bindery, tree met bereiking van ouderdomsgrens

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op 30 September 1986 uit diens na 'n dienstermyn van net meer as 43 jaar.

* Mnr. T. du Toit, Hoof van die Mac-Fadyenbiblioteek by Buitemuurs tree op 31 Maart 1984 met die bereiking van ouderdomsgrens uit na 24 jaar diens.
* Mnr. A. de V. Meintjes, aangestel as Adjunkdirekteur, Ondersteuningsdienste vanaf Maart 1988.

Toekennings

Die volgende personeellede het universiteitstoekennings vir 25 jaar diens ontvang: mev. M.S.J. Viviers, mej. A. Pienaar, mej. E.G. Klopper, mev. E. Langkilde, dr. P.D. de Kock, mnr. W. Porter, mej. S.S. Möller, mej. A.M. van Zijl, mev. M.C. Meyer en mnr. D.J. Hughes.

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (SAIBI) het die volgende toekennings aan personeel gemaak:

Aan prof. E.D. Gerryts, prof. H. de Bruin en mev. E. Langkilde die Socius-status; aan prof. H. de Bruin die Sertifikaat vir Navorsing (1982) en die Navorsingsbekroning (1992). Met prof. De Bruin se aanstelling as buitengewone professor in die Departement Inligtingkunde by UP is verdere erkenning vir sy bydrae as akademikus en navorser verleen.

Omvang en samestelling van personeel

Die personeelstruktuur en -samestelling het in die tydperk 1983 - 1992 aansienlik verander *(tabel 1)*. Druk op optimalisering van personeelkoste het tot die aanstelling van 22 uurliks besoldigde personeellede en 'n drievoudige vermeerdering in tydelikdeeltydse personeel gelei. Alhoewel die totale aantal personeellede met 51 toegeneem het, was die groei in VE-personeel 14,77% teenoor 'n styging in die aantal VE-studente van 22,88%.

Die afname in bedankings hou verband met 'n vermindering in werksgeleenthede as gevolg van 'n verswakkende Suid-Afrikaanse ekonomie. Vanweë die hoë persentasie vroulike personeellede het die meeste bedankings verband gehou met verhuising as gevolg van die eggenoot se verandering van werk.

Vennootskappe en ooreenkomste

Op 24 April 1991 is geskiedenis op die gebied van biblioteeksamewerking gemaak toe 'n formele UP-WNNR/inligtingsvennootskap (UWIV) tussen die Akademiese Inligtingsdiens en die Divisie vir Inligting van die WNNR tot stand gekom het. Twee terreine vir samewerking is vir onmiddellike aandag geïdentifiseer, naamlik hulpbron-optimalisering, meer spesifiek ten opsigte van tydskrifte, en die benutting van inligtingstegnologie. Op 4 Mei 1992 het 'n geskiedkundige byeenkoms in die Merenskybiblioteek plaasgevind toe personeellede van UP se Akademiese Inligtingsdiens en die WNNR se Divisie vir Inligting mekaar ontmoet het. As teken van die "geopende deure" tussen die twee instansies is 'n simboliese sleutel aan prof. Gerryts van UP en mej. Lodder van die WNNR oorhandig. Op 11 Augustus 1992 het die Visekanselier en Rektor, prof. P. Smit, en die President van die WNNR, dr. B. Clarke, 'n formele ooreenkoms vir samewerking tussen die twee organisasies se inligtingsdienste onderteken.

Reeds in 1985 is 'n eerste ooreenkoms met Roodeplaat Navorsingslaboratoriums (Edms.) Bpk. aangegaan en teen die middel van 1992 is 'n verdere ooreenkoms met die Pretoriase Ooginstituut gesluit.

In 1992 het die Interuniversitêre Biblioteekkomitee ook goeie vordering met die beklinking van 'n formele samewerkingsooreenkoms tussen alle Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke gemaak. Verwikke-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

linge van hierdie aard het die Direkteur, prof. Gerryts, se standpunt bevestig, naamlik dat die sukses van die Akademiese Inligtingsdiens eerder getoets moet word aan sy vermoë om toegang tot 'n nasionale en wêreldwye sisteem van akademieswetenskaplike inligting te verleen as om 'n omvattende biblioteekversameling te probeer opbou wat steeds deur onvolledigheid, veroudering en 'n tekort aan bergingsruimte gekortwiek word.

Om die nuwe missie en kultuur van die Akademiese Inligtingsdiens bekend te stel, is 'n dubbeltalige glansbrosjure in Maart 1990 vrygestel. Op 18 April 1991 is 'n televisie-opname oor die Akademiese Inligtingsdiens uitgesaai. Die boodskap van albei, wat op die eerste bladsy van die brosjure saamgevat is, weerspieël die belangrikste ontwikkeling wat in due jare 1982 - 1992 plaasgevind het: "Deur die benutting van oudiovisuele hulpmiddels, elektroniese inligtingsbronne en rekenaarnetwerke word dienste gelewer wat veel wyer as die biblioteekgebou met sy boeke en tydskrifte strek. 'n Infrastruktuur wat verseker dat die jongste internasionale wetenskaplike inligting beskikbaar is, word ontwikkel. Die klem val op die bestuur van akademiese inligting as hulpbron van die Universiteit..."

E.D. Gerryts


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

NAVORSINGSADMINISTRASIE

Die administrasie van navorsingsaangeleenthede het in 1982 steeds onder die Departement Sentrale Akademiese Administrasie (SAA) - en dus by implikasie onder die Registrateur - geressorteer. Mnr. André Maree, Hoof van die Afdeling Beurse en Lenings, was verantwoordelik vir die destydse subafdeling Akademiese Navorsing. Toe hy aan die einde van 1982 die diens van die Universiteit verlaat, is hy deur mnr. B.D. Moolman as Hoof van Beurse en Lenings opgevolg. Op daardie tydstip is besluit om Akademiese Navorsing bestuursmatig tydelik onder mnr. J.J.E. Greyling van die Departement Personeel te plaas. Hierdie ongewone reëling is sowat 'n jaar later beëindig met die aanstelling van mnr. J.H. Dippenaar as Afdelingshoof van Akademiese Navorsing. Voortaan sou die Afdeling, soos vroeër, weer onder SAA ressorteer. In 1988 is die Afdeling se naam in Navorsingsadministrasie verander. Mnr. Dippenaar het die diens van die Universiteit in Mei 1990 verlaat en vir die volgende dertien maande is die pos van afdelingshoof nie gevul nie. Gedurende dié tyd is die Afdeling Navorsingsadministrasie van SAA geskei om 'n onafhanklike afdeling, verantwoordelik aan 'n viserektor, te word. In Julie 1991 is dr. Pieter van Breda as Afdelingshoof aangestel.

In April 1987 het prof. P. Smit, Viserektor, voorgestel dat 'n pos van Direkteur: Navorsing ingestel word. Hierna is prof. Theuns Erasmus met ingang 1 Januarie 1988 deur die Raad as die eerste Direkteur: Navorsing aangestel.

Prof. Erasmus is in Julie 1989 as Dekaan van die Fakulteit Landbouwetenskappe aangestel. Hierna was die pos van Direkteur: Navorsing vakant tot 1 Maart 1990 toe prof. Willem J. van Biljon, in daardie stadium Suid-Afrika se Raad (Wetenskap



W.J. van Biljon, Direkteur: Navorsingsadministrasie, sedert 1990.

en Tegnologie) aan die Suid-Afrikaanse Ambassade in Bonn, Wes-Duitsland, aangestel is.

Gedurende 1990 en 1991 is die Afdeling geherstruktureer om beslag te gee aan 'n stelsel waarvolgens 'n bepaalde persoon ten opsigte van sekere funksies as kontakpersoon vir drie fakulteite optree. Dié persoon sou ook die enigste persoon wees wat met 'n bepaalde statutêre raad skakel. Op dié wyse is groter spesialisasie en beter dienslewering bewerkstellig.

Missie en die implementering daarvan

Met sy diensaanvaarding het die eerste Direkteur: Navorsing opdrag ontvang om op hoë vlak met die nasionale navorsingsrade, staatsdepartemente, semi-staatsinstan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sies, die privaat sektor en ander universiteite te skakel. Hy moes ook die inisiatief neem om interdissiplinêre navorsingsprogramme saam te stel en om navorsingsfondse vir die Universiteit van Pretoria te beding. Verder sou dit sy taak wees om 'n strategie vir navorsing aan die Universiteit te ontwerp en navorsingsapparaat sistematies aan te koop.

Op 30 Maart 1988 het die Direkteur: Navorsing die taak en funksies van die Afdeling Navorsingsadministrasie soos volg saamgevat: om in samewerking met dekane besprekings en samesprekings rakende die navorsingsproses te reël; om hulp te verleen met die prosedures en indiening van aansoeke vir fondse by die nasionale rade en ander instansies; om inligting oor navorsingsgeleenthede en navorsingsbehoeftes van buite-instansies aan departemente deur te gee; om aansoeke vir nagraadse beurse te hanteer; om hulp en advies te verleen met die koördinering van interdissiplinêre programme; en om behulpsaam te wees met die reël van vergaderings en die hou van notules vir die advieskomitees van navorsingsinstitute, sentra en buro's.

In 1992 is die verantwoordelikheid vir die hou van notules weens praktiese oorwegings na die institute, sentra en buro's oorgeplaas.

Benewens bogenoemde take van die Direkteur: Navorsing en Navorsingsadministrasie het navorsingsbevordering deur die jare 'n hoë prioriteit geniet. In Maart 1989 is 'n kursus gereël in navorsingsmetodiek wat gerig was op nagraadse studente en personeel van die sogenaamde biologiese fakulteite. Die kursus was geskoei op 'n voorbeeld van 'n soortgelyke kursus wat deur die Fakulteit Veeartsenykunde begin is. Die kursus is jaarliks herhaal en in 1992 reeds vir die vierde keer aangebied. In dié jaar is 'n soortgelyke kursus, spesifiek gerig op die geesteswetenskappe, vir die eerste keer aangebied.

Interdissiplinêre navorsing het aan die begin van die jare negentig toenemend belangrik geword. Op 31 Oktober en 14 November 1991 is as gevolg van die inisiatief van die Direkteur: Navorsing simposiums in die CEFIM-ouditorium oor onderskeidelik omgewings- en materialenavorsing gehou. Daarna is interdissiplinêre komitees saamgestel wat gedurende 1992 by verskeie geleenthede onder die voorsitterskap van die Direkteur: Navorsing vergader het. Dit was die begin van die materiale- en omgewingsprogramme by die Universiteit. In die loop van 1992 het Navorsingsadministrasie twee groot simposiums beplan - een oor materiale en een oor volhoubare ontwikkeling in Afrika (omgewing) - wat in 1993 gehou sou word.

Navorsingsadministrasie is jaarliks verantwoordelik vir die samestelling, redigering, publikasie en verspreiding van die Universiteit se *Navorsingsverslag*. Dit verskaf 'n omvattende beeld van navorsingsaktiwiteite en -uitsette van die Universiteit. Die verslag het vir die eerste keer in 1986 verskyn en bestaan uit twee aparte verslae - een in Afrikaans en die ander in Engels - met die uitsondering van die 1987-verslag wat slegs in Afrikaans gepubliseer is. Prof. P. Smit was vir die eerste verslag verantwoordelik en prof. T. Erasmus vir die daaropvolgendes. Dr. P. van Breda tree sedert 1991 as redakteur op. Met die oog op die bemarking van die navorsingskundigheid van die Universiteit is die verslag sedert 1991 meer gebruikersvriendelik saamgestel, onder meer deur die insluiting van 'n onderwerpregister en die bind van afsonderlike verslae vir die onderskeie fakulteite. Verder is 'n omvattende verspreidingslys in 1992 ingestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sedert prof. Van Biljon as Direkteur: Navorsing en dr. Van Breda as Afdelingshoof aangestel is, is die missie van die Afdeling Navorsingsadministrasie uitgebou. In 1991 is met die hulp van 'n patentekonsultant, dr. D.H.R. Hurlin, begin om 'n strategie vir die registrasie en kommersialisering van patente te ontwerp. Die gevolg was dat talle patente geregistreer is. Verder is talle inisiatiewe ten opsigte van kontraknavorsing en die administrasie daarvan geneem.

Een van die tradisionele funksies van die Afdeling is om inligting te versamel oor publikasies met die oog op subsidie by die Departement van Nasionale Opvoeding. Die stelsel wat sedert 1985 gebruik is om dié inligting te versamel, is in 1992 deur Navorsingsadministrasie gewysig met die doel om groter effektiwiteit en akkuraatheid te verseker.

Toe die eerste Direkteur: Navorsing aangestel is, was hy vir die goedkeuring van alle nagraadse beurse verantwoordelik. Dit het noodwendig meegebring dat daar noue skakeling tussen hom en die Afdeling Beurse en Lenings van SAA moes wees. Met die ontstaan van Navorsingsadministrasie as 'n onafhanklike afdeling in 1990 het die beursafdeling by SAA gebly, maar die Direkteur: Navorsing was steeds die verantwoordelike persoon vir die goedkeuring van nagraadse beurse. Verder was die personeel van Navorsingsadministrasie steeds verantwoordelik vir die hantering van alle MNR-beurse, SWO-toekennings en in die geval van die SNO vir nagraadse beurse, studentskappe en toekennings. Gedurende 1992 het die Afdeling ook die SNO se voorgraadse beurse hanteer. Teen die einde van 1992 is op inisiatief van Navorsingsadministrasie gereël dat alle voor- en nagraadse beurse, met die uitsondering van MNR-beurse, na die Afdeling Beurse en Lenings oorgeplaas word. Navorsingsadministrasie sou egter steeds verantwoordelik wees vir alle toekennings aan doserende personeellede. Ook in 1990 is vir die eerste keer tien navorsingsassistentskappe van R10 000,00 elk plus vrystelling van klasgelde vir belowende buitelandse studente ingestel. Dié beurse word ook deur Navorsingsadministrasie hanteer.

Die verantwoordelikheid vir die bestuur van navorsing aan die Universiteit is grootliks aan die dekane gedelegeer en elke fakulteit het dus sy eie meganisme waardeur navorsing in die fakulteit geïnisieer, geïmplementeer en gekontroleer word. Die meeste fakulteite het navorsingskomitees wat toesig hou oor die navorsing, maar in die kleiner fakulteite word hierdie taak deur die departementshoofde of individue behartig.

Die toesig oor die navorsingsprogram van die Universiteit as geheel word sedert 5 Augustus 1991 deur 'n klein Navorsingsbeheerkomitee(laterNavorsingkoördineringskomitee) behartig. Hierdie komitee wat uit die twee Viserektore (Akademies), die Direkteur: Navorsing en die Afdelingshoof van die Afdeling Navorsingsadministrasie bestaan, vergader maandeliks. Sake van gemeenskaplike aard of probleme met die navorsingsprogram word hier ondersoek, asook die aanwending van die Universiteit se navorsingsfondse.

'n Belangrike ontwikkeling die afgelope dekade was die ontwikkeling van 'n liasseerstelsel binne die Afdeling met die doel om die vlak van dienslewering deur die Afdeling te verbeter. Benewens die sentrale dokumentasiestelsel is persoonlike korrespondensie oor navorsing steeds in die sogenaamde NPK-lêers by Sentrale Rekords gehuisves.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Navorsingsbeleid

Die navorsingsbeleid van die Universiteit van Pretoria wat in 1982 gegeld het, was gegrond op 'n beleid wat reeds in 1972 geformuleer is. In 1984 is die beleid egter deeglik hersien en het prof. C.W.I. Pistorius, Viserektor: Besigheidsbestuur, 'n dokument getiteld "Riglyne vir 'n navorsingsbeleid" vir oorweging voorgelê. Dit was 'n omvattende dokument wat aspekte ondersoek het soos die definisie en klassifikasie van navorsing, aard van navorsing, finansiering van navorsingsprogramme, navorsingspersoneel, navorsingsbestuur en die vorming van institute, buro's en eenhede as deel van 'n opdrag om 'n strategie vir die Universiteit te ontwikkel. Na 'n omvattende bestuursrasionalisasie in 1986 is die volgende nuwe navorsingsmissie geformuleer:

> *Die Universiteit van Pretoria beskou dit as sy navorsingsmissie om deur basiese navorsing in samewerking met die opleiding van nagraadse studente nuwe kennis oor natuur- en sosiale verskynsels te ontwikkel, bestaande kennis te versamel, te orden, te bewaar en beskikbaar te stel, en om fundamentele kennis oor die hele spektrum van die wetenskap waarop die Universiteit akademies aktief is, aan te wend.*
>
> *Die Universiteit beskou die opleiding van sy personeel en sy nagraadse studente in navorsing as deel van sy navorsingsmissie. In erkenning van die feit dat universiteite hul basiese navorsing moet uitvoer binne die raamwerk van die nasionale navorsingsinfrastruktuur, en van die beginsel dat die eenheid tussen onderrig en navorsing aan die Universiteit gehandhaaf moet word, stel die Universiteit van Pretoria hom dit ten doel om primêr as 'n sentrum van voortreflikheid in basiese navorsing te ontwikkel.*
>
> *In erkenning, verder, van sowel die behoeftes van die samelewing as van die unieke vermoëns waaroor die Universiteit ten opsigte van menslike hulpbronne en infrastruktuur beskik, beskou die Universiteit dit as deel van sy missie om deur toegepaste navorsing en ontwikkelingswerk tot die volle potensiaal wat sy hulpbronne toelaat, 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling en welsyn van die samelewing te maak.*
>
> *Die Universiteit voer op versoek kontraknavorsing teen vergoeding uit op daardie gebiede waarop hy by uitstek oor die vermoëns beskik wat vir die uitvoering daarvan nodig is.*

Die 1984-dokument was teen 1992 steeds die enigste amptelike dokument waarin alle basiese riglyne ten opsigte van die navorsingsbeleid van die Universiteit saamgevat word.

Navorsingsbefondsing en -uitsette

Die navorsingsbegroting van die Universiteit het volgens die Navorsings- en Ontwikkelingsopname van die Wetenskapskantoor sedert 1982 skerp gestyg. In die 1982/83 boekjaar was dit R17,9 miljoen, R25 miljoen in 1986, R43,6 miljoen in 1990 en R54 miljoen in 1992. Die aankoop van navorsingsapparaat het jaarliks miljoene rand beloop en die Universiteit het in die tydperk 1981 tot 1991 meer as R35 miljoen aan groter navorsingsapparate bestee. Navorsingsuitsette in die vorm van publikasies in erkende tydskrifte het in 1985 altesaam 419 eenhede by die Departement Nasionale Opvoeding verdien en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het gestyg tot 730 eenhede in 1990, waarna dit in 1991 tot 660 verminder het. In 1992 was daar egter weer 'n aansienlike toename in dié getal eenhede. Die getal eenhede wat met boeke en gepubliseerde kongreshandelinge verdien word, het ook geleidelik toegeneem vanaf byvoorbeeld 23 in 1990 tot 45 in 1991. Hierdie eenhede verdien nie alleen vir die Universiteit subsidie by die Departement Nasionale Opvoeding nie, maar word ook deur die Direkteur: Navorsing as basis gebruik om navorsingsfondse aan die onderskeie dekane toe te ken. In dié verband word daar sedert 1989 'n randwaarde aan eenhede toegeken wat verskil van fakulteit tot fakulteit. Dit is onder meer gebaseer op die koste van navorsing in die verskillende fakulteite.

Die Direkteur: Navorsing administreer die Navorsingsreserwefonds wat op 'n ad hoc-grondslag gebruik word om akademiese personeel te steun om hulle navorsing te finansier. In dié verband is 62 persone in 1990, 55 in 1991 en 72 in 1992 gesteun. 'n Deel van die Navorsingsreserwefonds word spesifiek aangewend om akademici te help om kapitaalitems aan te koop. Dit is nie bekend presies wanneer die Reserwefonds ontstaan het nie, maar dit was voor die aanstelling van die eerste Direkteur: Navorsing. Die Afdelingshoof van Navorsingsadministrasie administreer die Stimulasiefonds wat ten doel het om dosente wat aan die begin van hulle navorsingsloopbaan staan oor 'n tydperk van drie jaar finansieel te steun sodat hulle 'n navorsingsrekord kan opbou. Die eerste toekennings is in 1989 gedoen. Ongeveer 60 personeellede word jaarliks op dié wyse gesteun.


W.J. van Biljon

AKADEMIESE STEUNDIENSTE

Die eerste mylpale

Die ontwikkelingslyn van die Buro vir Akademiese Steundienste kan tot ver in die geskiedenis van die Universiteit teruggevoer word. Reeds voor die vyftigerjare is adviserende ad hoc-komitees oor verskillende onderwysaangeleenthede deur die Senaat aangewys. In 1963 is 'n afvaardiging na die *First National Conference on Teaching Machines and Programmed Instruction* gestuur om die didaktiese moontlikhede hiervan te ondersoek. Die aanbeveling was dat dié nuwighede hulself eers moet bewys voordat dit geïmplementeer kon word. Op 5 April 1967 is 'n vaste Senaatskomitee vir Akademiese Onderwysmetodes, onder voorsitterskap van prof. F. van der Stoep, in die lewe geroep. Hierdie aktiewe komitee het reeds in 1968, na 'n dosentekonferensie, aanbeveel dat die oorsake van studenteslytasie indringend ondersoek moet word en dat die totstandbrenging van 'n Departement Universiteitsdidaktiek oorweeg moes word. Gedurende 1969 is 'n indringende ondersoek na die onderrigmoontlikhede van geslotebaantelevisie geloods. Dr. L. van Biljon is na die VSA en Europa gestuur om die aangeleentheid verder te ondersoek. Die bevinding was dat die gebruik van geslotebaantelevisie didakties wenslik is, maar daar is op gewys dat dit implikasies vir die ontwerp van toekomstige geboue sou hê. Hierdie aanbeveling het nie alleen die weliswaar beperkte ingebruikneming van geslotebaantelevisie tot gevolg gehad nie, maar het ook tot die skep van 'n gesofistikeerde televisie-ateljee (die latere Oudiovisuele Dienste) gelei. In 1969 het die Van der Stoepkomitee ook indringende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Dr. S.P.T. Malan, Direkteur: Akademiese Steundienste, sedert 1 Sept. 1984.

samesprekings met die Registrateur (Akademies), prof. E.M. Hamman, oor die moontlike instelling van 'n Buro vir Hoër Onderwys gevoer. Vooruitsigte vir die stigting van 'n buro om die pligte van die komitee oor te neem, is hier genoem. Latere besluite het egter tot die stigting van die Studentediensburo gelei. Hierdie Buro sou ook vir die reël en aanbied van kursusse vir dosente in universiteitsdidaktiek verantwoordelik wees. Die eerste formele jaarlikse dosentekursus is in Februarie 1973 aangebied. Voortaan sou voortreflike diens hierdeur aan dosente gebied kon word.

'n Sigbare begin

Die konkrete oorsprong van die Buro vir Akademiese Steundienste kan na die instelling van die toenmalige Studentediensburo op 1 Julie 1973 teruggevoer word. As deel van die struktuur van die Studentediensburo is die Afdeling Universiteitsonderwysbeplanning geskep en dit is hiérdie afdeling wat mettertyd aan die huidige Buro vir Akademiese Steundienste vorm gegee het. Van die begin van 1980 af het die fokus begin verskuiwe van die Afdeling Universiteitsonderwysbeplanning se navorsing oor universiteitsonderwys na 'n onderriggerigte ondersteuningsdiens aan dosente. Daar is besef dat die eenmalige aanbieding van die dosentekursus aan die begin van 'n jaar onvoldoende was om in die deurlopende behoeftes van dosente te voorsien. Die aanbiedings was ook buite die konteks van die akademiese milieu van die dosent. Een van die eerste instrumente wat ingestel is om hierdie nuwe benadering te ondersteun, was die verskyning van die semesterbulletin *UP-dosent* in Januarie 1980. Die verskyning van hierdie bulletin oor hoër onderwys aan die Universiteit was gewis 'n mylpaal langs die latere ontwikkelingspad en het baie positiewe kommentaar ontlok. Dit het onder meer aan die behoefte voldoen om dosente in te lig oor tersiêre onderwysaangeleenthede en die suksesse wat met vernuwende onderrigbenaderings behaal is.

Die nuwe gees vir verbetering van die gehalte van onderrig aan die Universiteit het wyer begin uitkring. Tydens 'n vergadering van die beheerkomitee van die voormalige Oudiovisuele Dienste op 26 Februarie 1981 is besluit dat nouer samewerking tussen die Afdelings Universiteitsonderwysbeplanning en Oudiovisuele Dien-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ste moes plaasvind. Die bedoeling was spesifiek om metodes te vind en prosedures in te stel wat daartoe sou lei dat die Universiteit sou tred hou met nuwe tendense in oudiovisuele onderrig.

'n Nuwe tydvak

'n Nuwe fase in die geskiedenis van die Afdeling Universiteitsonderwysbeplanning het in 1981 met die aanstelling van mnr. S.P.T. Malan as die derde hoof van hierdie Afdeling begin. Op 22 Junie is 'n organisasieontwikkelingseminaar gereël om die funksies van die bestaande Afdeling te ontleed en te herbeskryf in die lig van die nuwe momentum vir en behoefte aan ondersteuning van dosente in onderrigvernuwing. Dit was duidelik dat die Afdeling Universiteitsonderwysbeplanning sy besondere doel gedien het en nuwe behoeftes moes bevredig. Tydens hierdie seminaar is voorgestel dat die naam in die Afdeling Onderrigontwikkeling verander moes word en dat die fokus van die afdeling voortaan op die ontwikkeling van die onderrigkundighede, -vaardighede en -gesindhede van dosente moes val.

'n Jaar later, op 21 Junie 1982, is tydens 'n Raadsvergadering 'n nuwe reglement vir die Studentediensburo goedgekeur. Die nuwe naam en nuwe taakbeskrywing van die Afdeling Onderrigontwikkeling is hierin opgeneem. Naas die publisering van inligtingstukke vir dosente oor onderrigaangeleenthede, is sterk gefokus op die ontwerp en ontwikkeling van kortkursusse en werkseminare, byvoorbeeld op die terrein van die gebruik van onderrigmedia, eksaminering van studente, evaluering van dosente se onderrig deur studente, voorbereiding en aanbieding van lesings, ontwerp van studiehandleidings, kurrikulumontwikkeling, ensovoorts.

In die nuwe Afdeling Onderrigontwikkeling is daar vir die eerste keer (ook 'n eerste in Suid-Afrika) *onderrigadviseurs* aangestel. Benewens die hoof van die Afdeling, mnr. Malan, was hulle mnre. P.M. Kachelhoffer, H.W. Jorissen, J.G. Knoetze en L.J. van Niekerk. Hulle het elkeen unieke bydraes gelewer om die filosofie en praktyk van onderrigontwikkeling aan die Universiteit uit te dra. Om onderrigontwikkeling so na as moontlik aan dosente te bring, is die diens gedesentraliseer en is die onderrigadviseurs aan spesifieke fakulteite toegewys.

Dit was van meet af aan duidelik dat 'n nuwe eenheid vir *onderrig*ontwikkeling nie 'n tuiste in 'n *Studente*diensburo kon hê nie. Op 22 Junie 1982, 'n dag nadat die Afdeling Onderrigontwikkeling onder die nuwe vaandel begin vaar het, het die hoof 'n memorandum, *Oorwegings vir die stigting van 'n Buro vir Universiteitsonderwys aan die Universiteit van Pretoria*, aan die destydse direkteur van die Studentediensburo, dr. André Breedt, gerig. 'n Volledige memorandum oor die wenslikheid van die stigting van 'n onafhanklike Buro vir Universiteitsonderwys is op 30 Junie 1982 aan die Rektor, prof. D.M. Joubert, vir oorweging voorgelê. Dit was die eerste formele stap in die rigting van die stigting van die latere Buro vir Akademiese Steundienste.

Die Afdeling Onderrigontwikkeling het dit van meet af aan as doel gestel om deur sy aktiwiteite 'n bewustheid by dosente te skep oor die noodsaaklikheid vir effektiewe onderrig en sodoende 'n strewe na die hoogste mate van onderrigkwaliteit te vestig. Die leuse was dan ook: *Laat ons saamwerk om onderrig 'n saak van kwaliteit aan UP te maak.* Die entoesiastiese span onderrigadviseurs het begin om 'n kernpakket van opleidingskursusse vir dosente saam te stel. Van die begin af is die standpunt gehuldig dat deelname van dosente aan die opleidingsprogramme vrywillig en die vlak van aanbieding prak-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tykgerig moes wees. Die vroeë sukses van die Afdeling en die belangstelling van dosente om aan die opleidingsprogramme deel te neem, word weerspieël in die 192 kursusse wat in 1983 aangebied is en waarby nie minder nie as 923 kontakte met dosente bewerkstellig is.

Die Rektoraat het intussen 'n komitee, onder voorsitterskap van prof. W.A. Landman, versoek om ondersoek in te stel na die moontlike stigting van 'n Buro vir Universiteitsonderwys. Gelyklopend hiermee was die bekende ondersoek deur privaatkonsultante na die doeltreffendheid en doelmatigheid van die Universiteit aan die gang. Op 5 Maart 1984 het die Rektor prof. Landman en die komitee bedank vir die memorandum en aanbevelings wat voorgelê is. In die skrywe wys hy daarop dat die stigting van so 'n Buro as 'n saak van dringende erns intussen ook aan die span konsultante opgedra is en dat aanbevelings ontvang is.

Die verslag van die konsultante is in Januarie 1984 aan die betrokke Raadskomitee van die Raad oorhandig. Die aanbeveling van belang vir die totstandkoming van 'n nuwe burostruktuur was die instelling van 'n ondersteuningsdepartement wat direkte onderrigondersteuning aan die akademiese lynfuksie moes verleen. Na hierdie departement word in die konsultanteverslag as *Onderrigsteundienste* verwys en die aanbeveling is verder dat alle funksies en werksaamhede wat hierby tuishoort daarin saamgesnoer moet word. Dr. S.P.T. Malan is met ingang van 1 Maart 1984 as die waarnemende direkteur van Onderrigsteundienste aangestel met die opdrag om aandag aan die struktuur en benaming van die voorgestelde Buro te gee. Die Afdeling Onderrigontwikkeling is terselfdertyd uit die struktuur van die Studentediensburo na die kantoor van die waarnemende direkteur oorgeplaas. Tydens 'n vergadering van die Vaste Komitee van die Raad op 26 Oktober 1984 is kennis geneem dat die voorgestelde organisasiestruktuur vir Onderrigsteundienste amptelik as die Buro vir Akademiese Steundienste geïmplementeer word en aan die Viserektor: Akademies (Geesteswetenskappe) verantwoordelik sou wees. Dr S.P.T. Malan is met ingang van 1 September 1984 as die eerste direkteur van die nuutgestigte Buro vir Akademiese Steundienste aangestel.

Onderrigontwikkeling

Met die uitbreiding van dienste, waaronder ook grafiese en videodienste, na die Fakulteit Geneeskunde, Tandheelkunde en Veeartsenykunde, het die behoefte ontstaan om 'n selfstandige bestuursafdeling vir onderrigondersteuning op die buitekampus te vestig. Só het dit dan gekom dat die Afdeling Onderrigontwikkeling (Buitekampusse) onder die beheer van 'n adjunkdirekteur op 1 Junie 1986 tot stand gekom het. Mnr. P.M. Kachelhoffer is as die eerste adjunkdirekteur aangestel. Hy is later deur dr. D. Roos in dieselfde hoedanigheid opgevolg. Wat die hoofkampus betref, het dr. Malan, benewens die direkteurskap, ook as hoof van die Afdeling Onderrigontwikkeling opgetree totdat dr. H.W. Jorissen op 1 Januarie 1989 as adjunkdirekteur van dié afdeling aangestel is. Na aanleiding van 'n organisasieondersoek na die doeltreffendheid en struktuur van die Buro in 1992, is besluit dat die twee onafhanklike afdelings vir onderrigontwikkeling tot 'n enkele afdeling onder die hoofskap van dr. Jorissen saamgesnoer moes word.

Die werksaamhede van die Afdeling Onderrigontwikkeling het mettertyd geweldig toegeneem, nie alleen omdat die belangstelling in die dienste konstant toegeneem het nie, maar veral omdat die gedemonstreerde suksesse wat departemente of fakulteite deur hul onderrigontwikkelingsaksies behaal het, die aandag op die voor-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dele van vernuwende onderrig gevestig het. Met die kurrikulumontwikkelingsmodel wat vir die Universiteit ontwikkel is, is veral besondere sukses behaal. Die toepassing van hierdie model het oor 'n paar jaar heen daartoe gelei dat besonder groot insette deur departemente en fakulteite gedoen is om leerplaninhoude te herstruktureer. Hiermee is só goed gevorder dat die aksies gedurende hierdie tydperk beskryf kan word as die grootste enkele vakinhoudelike herstrukturerings- en vernuwingsaksie in die geskiedenis van die Universiteit. Trouens, dit was ongeëwenaard in Suid-Afrika. Die sukses wat aan die Universiteit van Pretoria behaal is, het ook ver buite die Universiteit begin uitkring en die model is ook as basis vir kurrikulumontwikkeling deur ander tersiêre instellings aanvaar.

Die praktykervaring wat mettertyd deur dié Afdeling verwerf is, was so waardevol dat versoeke gerig is dat dié inligting te boek gestel moes word. 'n Handboek, *Suksesvolle onderrig: Riglyne vir dosente, onderwysers en opleiers*, het in 1990 verskyn. Hierdie handboek, die eerste van sy soort in Suid-Afrika, dek die wye terrein van praktykervaring strekkend vanaf die prosesse vir kurrikulumontwikkeling, ontwerp van studiehandleidings, doelwitstelling, rekenaargesteunde onderrig, die gebruik van onderrigmedia in onderrig, asook die vervaardiging van video- en klankskyfiereekse, die verskillende vorms van evaluering van leerprestasie tot die evaluering van die dosent as aanbieder van die onderrig. Die handboek dien nou ook die belangrike funksie van opleidingsmateriaal vir dosente wat hulself in die fyner kunsies van onderrig wil skool.

Onderrigmedia

Die onafhanklike Afdeling Oudiovisuele Diens is ook gedurende 1984 na die nuwe Buro oorgeplaas. Na 'n reorganisasie van hierdie Afdeling, is dit as die Afdeling Onderrigmedia heringestel en is dr. I.J. Lötter op 1 Mei 1985 as eerste Adjunkdirekteur: Onderrigmedia aangestel. Hierdie Afdeling het sedertdien 'n besondere bydrae gelewer tot die tipe onderrigmediadienste wat vir dosente gelewer word. So het die eer die Afdeling in 1989 die eerste keer te beurt geval om die gesogte *Ad Educandum*-toekenning van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) te verower vir die beste tersiêre videoprogram wat daardie jaar in Suid-Afrika vervaardig is. Dit was 'n produksie vir prof. Malie Smuts van die Departement Anatomie van die Fakulteit Veeartsenykunde. Sedertdien is verskeie toekennings ontvang vir opleidingsvideo's wat vir dosente vervaardig is.

Die grafiese kunstenaars van die Afdeling het ook 'n besondere vaardigheid en kundigheid ontwikkel in die maak van konferensieplakkate vir dosente. Verskeie toekennings is al deur dosente ontvang en talle pryse is op internasionale konferensies verower vir die kwaliteit plakkate wat aangebied is. Die fotografiese seksie lewer ook 'n knap ondersteuningsdiens aan navorsers met die neem en ontwikkeling van navorsingsfoto's. Ook mikroskoopfotografie word deur die fotograwe gedoen. Hierbenewens word 'n wye reeks ander dienste aan die lynfunksie gelewer, waaronder die bestelling en uitreik van mediavoorraad aan dosente, beplanning en plasing van media-apparatuur in lokale en ook die instandhouding van apparatuur.

Rekenaargesteunde onderrig

'n Unieke ontwikkeling het in Januarie 1985 plaasgevind toe die eerste Afdeling vir Rekenaargesteunde Onderrig in die Buro in die lewe geroep is. Dr. Nelia Boshoff is as die eerste adjunkdirekteur vir hierdie Afdeling aangestel met die opdrag om rekenaargesteunde onderrig aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Universiteit te bevorder. Die *Phoenix*-stelsel, 'n hoofraamgebaseerde rekenaargesteunde onderrigstelsel, is in bedryf gestel om hierdie funksie te vervul. Van meet af aan is daar besonder hard gewerk om hierdie nuwe tegnologie en benadering in onderrig aan dosente bekend te stel. Vordering was weliswaar stadig, maar dit was eerder 'n geval van onvoldoende hulpbronen begrotingsondersteuning vir die taak, as wat dit 'n gebrek aan belangstelling by dosente was om hierdie nuwe tegnologie in die onderrig te implementeer. Die funksie van dié Afdeling is teen die einde van Mei 1989 na die Afdeling Rekenaardienste oorgedra met die aanstelling van dr. Boshoff as Adjunkdirekteur: Navorsing- en Onderrigondersteuning in die Departement Inligtingsbestuur.

Die behoefte aan rekenaargesteunde onderrig, as 'n verryking van die wyse waarop studente onderrig kan word en studente self kan leer, het egter behoue gebly. 'n Sameloop van omstandighede het daartoe gelei dat hierdie diens weer in 1990 beskikbaar gestel is met die aanstelling van dr. Renate Lippert as direkteur van die nuutgestigte Sentrum vir Rekenaargesteunde Onderrig op 1 April 1990. Hierdie sentrum het aanvanklik nie onder die Buro geressorteer nie, maar is sedert Februarie 1991 in opdrag van die Rektoraat by die Buro ingeskakel. Die Sentrum moes 'n dubbele funksie vervul, naamlik steun aan en opleiding van sowel dosente in die gebruik van die rekenaar as onderrig- en leerinstrument, as die opleiding van studente in rekenaargesteunde onderrig. Vir die uitvoer van die laasgenoemde funksie, is dr. Lippert aangestel as buitengewone professor in die Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktiek van die Fakulteit Opvoedkunde. Benewens opleiding van voorgraadse onderwysstudente in fasette van die onderwysgebruike van rekenaars, is 'n BEd-graad met spesialisering in Rekenaargesteunde Onderwys en 'n gedoseerde MEd(RGO)-graad ook ingestel. Die belangstelling van studente in hierdie kursusse het alle verwagtinge oortref.

'n Mikrorekenaarlaboratorium, toegerus met 80 mikrorekenaars, is die spilpunt van bedrywighede van die Sentrum. Gedurende 1991 het tot 2 500 studente die laboratorium per week besoek. In die kort bestaan van die Sentrum het meer as twintig departemente hulle reeds aktief tot rekenaargesteunde onderrig verbind. Dit is veral departemente met groot studentegetalle wat die rekenaar vir toetsing van studente inspan. Ook wat gemeenskapsdiens betref, lewer die Sentrum waardevolle diens. Swart matrikulante uit skole in woonbuurte rondom groter Pretoria het byvoorbeeld reeds by verskillende geleenthede die Sentrum besoek en rekenaargesteunde wiskundeprogramme deurgewerk. Die reaksie van hierdie kinders was telkens baie positief en dit het ook 'n belangrike bydrae gelewer om die persepsie en beeld van die Univers iteit by hierdie gemeenskappe te bevorder. Met ingang van 1993 is die akademiese funksies van die Sentrum volledig na die Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke oorgedra. Hiermee het prof. Lippert 'n aanstelling in die Departement aanvaar. Mnr. J.J. Möller het prof. Lippert as hoof opgevolg.

Voorligting en leerontwikkeling

Namate die bydraes van onderrigontwikkeling gevestig geraak het, het die besef ook begin posvat dat die onderrig van dosente en leer van studente twee kante van dieselfde muntstuk is. Doelgerigte programme het egter nog ontbreek om die leerontwikkeling van studente te stimuleer en dosente te lei om in die beplanning van onderrig ook die leer van studente in ag te neem. Om onderrig- en leerontwikkeling nader aan mekaar te bring, is die proaktiewe stap in Augustus 1992 deur die Rektoraat gedoen om ook die Afdeling Studente-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voorligting by die struktuur van die Buro in te sluit. Dié Afdeling is aanvanklik ingestel as een van die eerste afdelings van die voormalige Studentediensburo. Dit is later na die kantoor van die Studentedekaan oorgeplaas nadat die Studentediensburo as 'n instelling verdwyn het.

Met die groter klem op leerontwikkeling is die naam van die Afdeling in dié van die Afdeling Voorligting en Leerontwikkeling verander. Dit was nou moontlik om aandag te gee aan die kombineer van onderrig en leer vanuit dieselfde bestuurshoek en om ontwikkelingswerk te koördineer. So, byvoorbeeld, is met 'n navorsingsprojek oor leerontwikkeling van studente in 1992 begin. Psigometriese data oor 'n geselekteerde groep studente word ingesamel. Die bedoeling hiermee is om insig te kry in die leervermoë en leerprestasie van studente. Weinig is oor die leerprofiele van studente aan die Universiteit van Pretoria bekend en hierdie navorsing sal vorentoe nog van groot waarde wees.

Die nuwe Afdeling behou die funksies waarvoor dit jare reeds bekend is, maar 'n nuwe inslag sal gevolg word. Drie funksionele eenhede word onderskei, naamlik voorligtingsdienste aan studente en twee nuwe komponente, te wete leerontwikkeling en akademiese ondersteuning van studente. Die toenemende klem wat op die sukseskoerse van studente geplaas word, het daartoe gelei dat die toelatingsvereistes van die Universiteit en ook die individuele fakulteite gaandeweg verhoog is. Dit het egter ook die besef laat deurdring dat die standaard van sekondêre onderwys nie orals in die land dieselfde is nie en dat sommige studente met die nodige potensiaal moontlik nie tot die Universiteit toegelaat sou kon word op grond van hierdie hoër toelatingsvereistes nie. Dit het daartoe gelei dat 'n stelsel van akademiese potensiaaltoetsing ingestel is vir studente wat nie aan sekere minimum toelatingsvereistes voldoen nie. Dít het 'n belangrike funksie van die Afdeling geword en sal toenemend so wees in dié mate waarin die Universiteit 'n sosiale verantwoordelikheid openbaar teenoor potensiële studente wat kwaliteitonderwys moes ontbeer.

Televisie-onderrig

Parallel met die gedagte van groter gemeenskapsbetrokkenheid en die moontlikhede van oorbruggings- en ondersteuningsprogramme vir studente, is nog 'n interessante toevoeging tot die funksie van die Buro aan die begin van 1992 gemaak. 'n Eksperimentele eenheid, genaamd die *Eenheid vir Elektroniese Afstandonderrig*, is ingestel met die opdrag om die gebruik van tegnologie in afstandonderrig te ondersoek. Interessante moontlikhede kan deur benutting van hierdie tegnologie bereik word. Vir 1992 is drie projekte geïdentifiseer om die beginsels rondom die gebruik van hierdie medium in sekere onderrigtoepassings te ondersoek. 'n Eerste projek in die Fakulteit Ingenieurswese het gekyk na die moontlikhede van die uitsending (beeld en klank) van nagraadse lesings na 'n hoëtegnologie-werkgewersorganisasie. 'n Tweede projek het die uitsending van lesings van die hoofkampus na die Witbankkampus behels en 'n derde projek was gerig op die moontlikhede van gemeenskapsdiens, soos aanvullende onderwys aan skoliere en die opleiding van onderwysers in agtergeblewe gemeenskappe. Terwyl die tegnologie in die eksperimentele fase nog beperk is tot die gebruik van mikrogolfgeleiding na die punt van ontvangs en 'n telefoonlyn vir terugkommunikasie, is die toekomstige moontlikhede van die gebruik van satelliettegnologie nie uitgesluit nie. Na aanleiding van 'n besluit van die Rektoraat in September 1992, is die funksie van die ontwikkeling en bedryf van televisie-onderrig aan die Afdeling Onderrigontwikkeling opgedra.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die struktuur van die Buro het geleidelik ontwikkel ten einde die missie van die Buro te ondersteun. Hierdie missie en dryfveer van die Buro is soos volg:


> *Ondersteunend tot die missie van die Universiteit van Pretoria, is dit die Buro se besondere missie om deur opleidingsprogramme en ander vorms van ondersteuning, aan studente, dosente, departemente en fakulteite, 'n professionele onderrig- en leerondersteuningsdiens te lewer wat spesifiek daarop afgestem is om die hoogste mate van akademiese potensiaalontwikkeling van voor- en nagraadse studente aan UP moontlik te maak.*

Dit is die strewe van die Buro om in vennootskap met die lynfunksie die onderwysaanslag en -kwaliteit só te vestig en te ondersteun dat die *akademiese potensiaal* waaroor elke student beskik ten beste ontwikkel sal word. Sodoende kan die missie van die Universiteit volvoer word, nl. dat hoëvlak-mensekrag gelewer word wat 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van die wetenskap en diens aan die breë samelewing.

S.P.T. Malan

BEMARKING EN OPENBARE BETREKKINGE

Mnr. C.J. Rossouw wat vanaf 1981 as Direkteur vir Openbare Betrekkinge aangestel is, het hom beywer vir die koördinering en bevordering van die Universiteit se Openbare Betrekkinge-program. Hy het hom veral toegepsits op die Universiteit van Pretoria se beeld na buite. Met die oog hierop is die Buro gaandeweg gestruktureer in afdelings vir mediaskakeling, skoleskakeling, promosie-aangeleenthede, alumni-aangeleenthede en ontwikkeling.



Mnr. C.J. Rossouw, Direkteur: Openbare Betrekkinge, 1981 - 1987; Direkteur: Buro vir Ontwikkeling, 1987.

Teen die einde van 1986 het die Universiteit besluit om die Afdeling Skoleskakeling onder die vleuels van die Studentedekaan te plaas, terwyl die Afdeling Alumniaangeleenthede onder die sorg van die Raad van die Bond van Oudstudente geplaas is. Die fondswerwingsaktiwiteite van die Universiteit is dermate van belang geag dat 'n selfstandige Buro vir Ontwikkeling geskep is met mnr. C.J. Rossouw as die Direkteur. Vanaf 1987 was hy derhalwe Direkteur van die Buro vir Ontwikkeling en waarnemende Direkteur van die Buro vir Openbare Betrekkinge.

Dr. André Breedt is op 1 Augustus 1987 as die nuwe Direkteur van die Buro vir Openbare Betrekkinge aangestel. Onder die leiding van dr. Breedt het die Buro vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Openbare Betrekkinge en sy personeel daarna gestreef om deur die effektiewe en doeltreffende bestuur van toepaslike skakelaksies die gewenste beeld van die Universiteit van Pretoria by sy geïdentifiseerde teikengroepe te skep en deurlopend uit te bou.

Aan die einde van 1991 het die Universiteit besluit om 'n doeltreffende struktuur vir die effektiewe bemarking van die Universiteit tot stand te bring. Met die oog hierop is die Buro vir Openbare Betrekkinge en al sy afdelings, die administratiewe struktuur van die Bond van Oudstudente en die Afdeling Studente-inligting wat met skoleskakeling gemoeid was, in een Departement vir Bemarkingsdienste gekonsolideer.

Fondswerwing

Mnr. J.S.K. Scheepers is op 1 September 1986 as Hoof van die Afdeling aangestel.

Oor die afgelope paar jaar het die taak om fondse vir die Universiteit te werf al hoe moeiliker geraak. Die kwynende ekonomie en dit wat daarmee verband hou, het tot gevolg dat tersiêre inrigtings oorwegend om dieselfde (beperkte) bronne vir broodnodige fondse meeding.

Ondanks hierdie omstandighede was die Afdeling Ontwikkeling oor die afgelope aantal jare behulpsaam in die verkryging van uiteenlopende fondse vir verskillende projekte. Dit het ook duidelik geword dat potensiële donateurs al hoe meer daarop ingestel is om geld vir spesifieke projekte, eerder as vir algemene ongebonde fondse te bewillig. Hierby moet in gedagte gehou word dat, benewens die universiteite en technikons in Suid-Afrika, verskeie onderwys- en tegniese kolleges, asook sekondêre en primêre skole begin meeding het om fondse. Die aanspraak van 'n magdom welsynsorganisasies word nie eens genoem nie. Ten spyte van die groeiende en strawwe kompetisie is die Universiteit van Pretoria in dié gelukkige posisie dat hy om verskillende redes buitengewone welwillendheid onder die donateurspubliek geniet. Voorts beskik die Universiteit oor 'n enorme bron van alumni wat tot dusver nie effektief genoeg vir fondswerwingsaksies benut is nie.

Die Universiteit het in 1987 die firma Downes Murray International aangestel om die Universiteit met fondsinsameling en die Tukkietrust van raad te bedien. Die Universiteit het naamlik reeds in 1982 die behoefte geïdentifiseer om 'n sogenaamde Tukkietrust 2000 tot stand te bring wat ten doel sou hê om 'n bedrag van R20 miljoen in te samel. Die ingesamelde bedrag sou hoofsaaklik in trust geplaas word, terwyl die renteverdienste daaruit oorwegend aangewend sou word om lenings vir behoeftige studente beskikbaar te stel. Die konsultante Downes Murray International het hulle verslag gedurende Februarie 1988 ingedien. Na oorweging hiervan het die Universiteit besluit om sy eie organisasie te gebruik met die oog op fondsinsameling en is 'n trustakte vir Tukkietrust opgestel. Op 2 Oktober 1989 het die Meester van die Hooggeregshof magtiging verleen aan die trustees van die trust om met hierdie aksie voort te gaan. Op 1 Julie 1989 is die firma Metz en Genote as konsultante aangestel om veral op die Witwatersrand met fondsinsameling vir Tukkietrust behulpsaam te wees. Terselfdertyd is besluit om die kantore van Metz en Genote te gebruik as basis in Johannesburg vir die Universiteit van Pretoria en sy uiteenlopende aktiwiteite. Op inisiatief van prof. D.M. Joubert, Visekanselier en Rektor, het die volgende persone ingewillig om as beskermhere vir Tukkietrust op te tree: Drr. Anton Rupert, Alwyn Schlebusch, Chris Stals en prof. Meyer Khan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Met die konsolidering van die Afdeling Fondswerwing onder die Departement Bemarkingsdienste in 1992, het die Universiteit sy verbintenis met Metz en Genote beëindig.

Skakeldienste

Hierdie Afdeling, wat vroeër as Promosie-aangeleenthede bekend gestaan het, was in 1982 veral betrokke by die inhuldiging van prof. D.M. Joubert as Visekanselier en Rektor. Hierbenewens het die Buro ook die sekretariaat behartig van die Sentrale Komitee wat gemoeid was met die halfeeufeesviering van die Universiteit se Afrikaanswording. Die fees het onder meer aktiwiteite ingesluit soos die toekenning van eredoktorsgrade, 'n huldigingsaand op 13 September 1982, 'n vakkongres oor Afrikaans, die samestelling van 'n brosjure oor die Afrikaanswording van die Universiteit, 'n filmfees en 'n poësie-aand opgevolg deur 'n drama-opvoering van drie eenbedrywe, twee simfonie-orkesuitvoerings, 'n kunsuitstalling, 'n kultuurhistoriese uitstalling en 'n wydingsdiens. Die Suid-Afrikaanse Munt het ook vir hierdie geleentheid 'n spesiale embleem ontwerp en pennings geslaan.

Gedurende 1983 het die Afdeling 'n groot bydrae gelewer tydens die ingebruikstelling van die UP Sportsentrum, terwyl die ingebruikneming van die Mikro-elektronikagebou in 1984 hoog op die sakelys gestaan het. In 1985 is 'n spesiale geleentheid gereël om met die ingebruikneming van Kya Rosa gepaard te gaan. Ook in hierdie opsig het die Afdeling 'n prominente rol gespeel.

Met die herstrukturering van die Buro vir Openbare Betrekkinge aan die einde van 1987 het 'n volwaardige Afdeling Skakeldienste in 1988 behoorlik op dreef gekom. Mnr. B.K. Hellberg is met ingang 1 Julie 1988 as hoof van die Afdeling aangestel en gedurende September 1991 deur mnr. F.C. van der Merwe opgevolg. Hoewel die Buro vir Openbare Betrekkinge reeds vroeër in 'n groot mate betrokke was by die aanbieding van kongresse, simposia en seminare, is daar in 1988 op 'n beskeie wyse begin met die implementering van 'n infrastruktuur en 'n behoorlike ondersteuningsdiens vir departemente aan die Universiteit wat aktiwiteite van hierdie aard aanbied. Op daardie tydstip was 'n eie konferensiesentrum vir die Universiteit van Pretoria nog 'n droom. Gevolglik kon die Buro kwalik voldoen aan elke versoek om konferensiefasiliteite te voorsien.

Die Buro vir Openbare Betrekkinge het vroeër op 'n beskeie wyse by die hantering van internasionale besoekers betrokke geraak (byvoorbeeld 6 in 1982). Met 'n volwaardige skakelbeampte vir die hantering van Internasionale Betrekkinge vanaf Maart 1988, is momentum verleen aan die Buro se doelwit om groter, doeltreffender en konstruktiewer internasionale kontak vir die Universiteit van Pretoria te bewerkstellig. Die diens was gou 'n sukses en aan die einde van 1988 is 152 internasionale gaste reeds deur hierdie Afdeling ontvang. Verskillende instansies wat ook met buitelandse besoekers gemoeid was, is geïdentifiseer en skakeling is met hulle bewerkstellig, onder meer die RGN, die Departemente van Buitelandse Sake, Nasionale Opvoeding en Binnelandse Sake, die Buro vir Inligting, Krygkor, SABS, WNNR en die Nasionale Parkeraad. 'n Program is van stapel laat loop om die personeel van die verskillende ambassades hegter by die Universiteit te betrek. Benewens verskillende individuele besoeke deur ambassadepersoneel aan die Universiteit, is twee programme gereël waartydens groepe ambassadeurs en hulle gades op die kampus deur die Visekanselier en Rektor, asook ander personeel ontvang is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daar kan met groot vrymoedigheid verklaar word dat die verantwoordelikheid van die Afdeling om alle amptelike geleenthede en onthale op die kampus aan te bied met groot onderskeiding nagekom is. Die Afdeling het hom deur die jare onderskei in die gehalte van die geleenthede en onthale wat aangebied is en waardeur die beeld van die Universiteit voortreflik bevorder is.

Onder leiding van dr. Breedt het die Buro vir Openbare Betrekkinge van 1988 af begin met 'n stelsel van interne skakeling waardeur gepoog is om by wyse van 'n gedesentraliseerde interne skakeldiens 'n doeltreffende ondersteuningsdiens aan fakulteite te bied om sodoende die gewenste beeld van die betrokke fakulteit doelmatig uit te bou en te bevorder. 'n Belangrike gedeelte van hierdie diens is die koördinering van die verskillende skakelaksies in die fakulteit enersyds en die sinchronisering daarvan met die aktiwiteite van die Buro vir Openbare Betrekkinge andersyds. Twee personeellede van die Buro vir Openbare Betrekkinge is heeltyds vir hierdie diens afgesonder en toegewys aan die Fakulteite van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Geneeskunde. Die ander fakulteite is onder die bestaande Buropersoneel verdeel met die opdrag dat hulle bo en behalwe hulle normale verpligtinge ook interne skakeling in die betrokke fakulteite moet behartig.

Les bes was die Afdeling Skakeldienste ook deurentyd betrokke by aktiwiteite soos promosieplegtighede, professorale intreeredes, die Puniva Damesklub en die hantering van die Universiteit se verskeidenheid reklame-items.

Alumni-aangeleenthede

Die Universiteit van Pretoria het nog altyd die uitbou van bande met sy afgestudeerdes hoog geag. Die sleuteltake van die Afdeling vir Alumni-aangeleenthede in die Buro vir Openbare Betrekkinge het eers net gesentreer om die verskaffing van sekretariële en rekenpligtige dienste aan die Bond van Oudstudente, die reël en organiseer van 'n groot aantal saamtrekke en sporttoernooie, die byhou van lede- en adreslyste, die bestelling en verkope van aandenkings en die instandhouding van die boekhouding vir eksterne ouditering.

In 1985 het die Alumni-afdeling van die Buro 'n mylpaal in sy bestaan bereik toe Kya Rosa op 25 Oktober 1985 in gebruik geneem is. Die huis is as blyk van waardering en voortgesette trots deur die Oudstudente van die Universiteit hier op die kampus herbou.

Mediaskakeling en Publikasies

Die Buro vir Openbare Betrekkinge het van die begin af 'n hoë standaard gehandhaaf wat sy publikasies betref. Vanaf 1982 was die Afdeling Media-skakeling en Publikasies betrokke by die Universiteit se amptelike *Jaarverslag;* die prestige kwartaalblad, *Tukkiewerf; Tukkievaria* wat in 1983 vir die eerste keer verskyn het en wat ten doel het om as interne personeelblad of huisjoernaal te dien; en die *Gids van Deskundiges* waardeur deskundiges op die kampus aan die media bekendgestel word. Gedurende 1988 het daar vir die eerste keer 'n donateursblad, bekend as *UP-Amici*, verskyn wat daarna gestrewe het om erkenning te verleen aan donateurs wat finansiële en ander bydraes aan die Universiteit van Pretoria gemaak het. Die betrokke publikasie het twee keer gedurende 1988, asook twee keer in 1989 verskyn. Vanweë 'n gebrek aan die nodige fondse kon die blad van 1990 af nie meer verskyn nie.

'n Publikasie, genaamd *Link-UP*, wat saamgestel is om inligting oor die Universiteit van Pretoria na sy internasionale vriende uit te dra, het twee keer gedurende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1990 verskyn. Oorweldigende positiewe reaksie is hierop ontvang.

Benewens bogenoemde publikasies was die Afdeling ook betrokke by algemene drukwerk waaronder die prospektus, kampuskaarte, kalenders, kerskaartjies, lisensiehouers, lêers en skryfblokke, uitnodigingskaartjies, briefhoofde vir nuusvrystellings en enkele brosjures vir departemente en afdelings van die Universiteit.

Uitgebreide skakeling met sowel die elektroniese media as die pers word op 'n kontinue grondslag deur die Buro vir Openbare Betrekkinge bewerkstellig. Dit word onderstreep deur die omvattende dekking wat die Universiteit, ten spyte van strawwe mededinging van ander tersiêre inrigtings, asook groot navorsings- en staatsinstansies in Pretoria, in die koerante en oor die radio en televisie ontvang.

Mnr. E.H. Ward was van 1 Januarie 1986 tot 31 Desember 1986 die hoof van die Afdeling. Hy is op 1 September 1987 deur mnr. H.K. Myburgh opgevolg.

Skoleskakeling

Die Afdeling Skoleskakeling het tot aan die einde van 1987 onder die vaandel van die Buro vir Openbare Betrekkinge gevaar. Daarna is dit aan die sorg van die Studentedekaan toevertrou en die naam in Afdeling Studente-inligting verander. Mnr. G.S. Hauptfleisch hou nou die leisels.

As Afdeling in die Buro vir Openbare Betrekkinge het Skoleskakeling homself hoofsaaklik toegespits op leerlinge en ander voornemende studente om die vloei van studente na die Universiteit van Pretoria te bevorder. Hierdie doelwit is bereik deur uitgebreide skoolbesoeke regdeur die Republiek en Namibië, deur advertensies in verskillende jaarblaaie, kampusbesoeke deur uiteenlopende groepe leerlinge, deelname aan loopbaanuitstallings, skyfieprogramme wat in samewerking met die Fakulteit Opvoedkunde vertoon is, filmvertonings, briewe van gelukwensinge met uitsonderlike prestasies deur leerlinge, die samestelling van 'n reeks reklame- en inligtingsliteratuur, inligting- en oueraande en openbare optredes deur die betrokke skakelbeamptes.

Internasionale betrekkinge

Nieteenstaande die strawwe sanksies, ook op kulturele gebied, het die Universiteit van Pretoria voortdurend aktiewe pogings aangewend om sterk bande met die buiteland te vestig.

Hoewel internasionale verhoudinge veral op 'n interpersoonlike vlak ontwikkel is, is amptelike samewerkingsooreenkomste met die volgende universiteite gesluit: Pontificia Universidad Catolica van Chili (1979); Nasionale Universiteit van Taiwan (1990); Universidad de la Plata in Argentinië (1990); Nasionale Universiteit van Asuncion in Paraguay (1991), Ben-Gurion Universiteit van die Negev in Israel (1991) en die Katolieke Universiteit, Leuven in België (1991).

Na 2 Februarie 1990 het die akademici wat die Universiteit van Pretoria per jaar besoek het aansienlik toegeneem. Dit is veral verblydend dat mense uit Oos-Europa, Rusland en Afrika 'n aktiewe belangstelling begin toon het in samewerking en kontak met die akademici van hierdie Universiteit. Selfs die Skandinawiese lande doen mee en besoek is reeds ontvang van onder andere die Kanselier van die Universiteit van Helsinki, asook parlementariërs en akademici van Denemarke en Swede.

Hierdie besoeke is nie beperk tot dié van akademici nie. Verskeie studentegroepe besoek die Universiteit gereeld. So word die Chinese Jeugkorps, die groep jong

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

meningsvormers wat jaarliks as staatsgaste na die RSA genooi word en onlangs ook verskeie groepe uit Nederland op die kampus ontvang.

Formele studente-uitruilskemas, waaronder die *International Association for the Exchange of Students for Technical Experience* (IAESTE) is besig met aktiewe programme om studente die geleentheid te bied om praktiese ondervinding in die buiteland op te doen.

In 'n toenemende mate word buitelandse studente by Tukkies ingeskryf. Dit is veral duidelik dat studente uit Afrika 'n groot behoefte aan onderrig het. Hier is die Fakulteit Landbou met sy Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling sekerlik die baanbreker.

Verskeie aktuele internasionale kongresse is ook oor die afgelope tyd op die kampus aangebied. So het *Languages in Contact and Conflict in Africa* van die Departement Afrikaans gedurende 1991 'n kongres oor die taalregte van minderheidsgroepe gehou. 'n Ander gewilde tema vir kongresse is omgewings- en natuurbewaring. Die studente van die Fakulteit Veeartsenykunde hou jaarliks 'n internasionale simposium oor wildlewebenutting wat studente van dwarsoor die wêreld lok.

Deur middel van verskeie bewusmakingsaksies word lede van die ambassades aangemoedig om met UP saam te werk en selfs sommige van die fasiliteite te gebruik. Gevolglik is daar in die verlede reeds verskeie kere op dié wyse fondse vir spesifieke projekte bekom.

Skakeltegnologie

Die Direkteur: Buro vir Openbare Betrekkinge het reeds vroeg in 1988 die Buro se behoefte aan groter gebruikmaking van veral rekenaartegnologie onder die aandag van die Departement Inligtingbestuur gebring. Toevallig het hierdie behoefte ooreengestem met die wens wat mnr. F.C. van der Merwe van die Departement Inligtingbestuur uitgespreek het om na die Buro vir Openbare Betrekkinge gesekondeer te word. Op 1 Augustus 1988 is mnr. Van der Merwe na die Buro gesekondeer as hoof van die Afdeling Skakeltegnologie.

Die Afdeling Skakeltegnologie is in die lewe geroep om die behoeftes vir die gebruik van tegnologie vir die verskeie afdelings van die Buro vir Openbare Betrekkinge te identifiseer en sorg te dra dat alle tegnologie wat binne die Buro aangewend word, asook dit wat vir die Buro ontwikkel word, aan die behoeftes voldoen. Daar moes ook sorg gedra word dat die personeel van die Buro vir Openbare Betrekkinge behoorlik opgelei word om die beskikbare tegnologie doeltreffend te benut.

Gedurende 1991 is mnr. Van der Merwe aangestel as hoof van die Afdeling Skakeldienste en is die funksies, wat hy vroeër in die Afdeling Skakeltegnologie hanteer het, by die Afdeling Skakeldienste geïnkorporeer.

Kultuurbevordering

Op 21 Februarie 1989 het die Rektoraat van die Universiteit goedgekeur dat 'n Afdeling vir Kultuurbevordering onder leiding van prof. Murray Schoonraad in die struktuur van die Buro vir Openbare Betrekkinge geskep word. Hierdie besluit en bepaalde gebeure wat daarop gevolg het, het daartoe gelei dat die volgende kultuuraktiwiteite aan die Buro se sorg opgedra is:

* Oorhoofse verantwoordelikheid vir alle kunsuitstallings in die Rektor- en Intersaal.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

* Aanvaarding van verantwoordelikheid vir die instandhouding, bewaring en uitbouing van die Universiteit se kunsbesit.
* Beheer en toesig oor die Van Tilburg-versameling.
* Beheer en toesig oor die Van Gybland Oosterhoff-versameling.
* Instandhouding en versorging van die Van Wouwhuis.
* Die aktiwiteite van die Pretoriase Universiteitskoor.
* Die aktiwiteite van die UP-simfonieorkes en die etensuur- en aandkonserte.

Van April 1990 af het die Afdeling Kultuurbevordering in die Buro vir Openbare Betrekkinge ook beheer en toesig oor die Aula/Rautenbachsaalkompleks, die Amfiteater en die Musaion. Hierdeur het die betrokke Afdeling vir Teaters en Sale 'n sinvolle tuiste gevind waar hulle met die hoogste vrug in die uitbouing van kultuur op die kampus gebruik kon word.

In Mei 1992 is die Afdeling vir Kultuurbevordering uit die struktuur van die Buro vir Openbare Betrekkinge geneem met die totstandbrenging van 'n selfstandige Kultuurburo met dr. André Breedt as Direkteur.

André Breedt



Dr. V.E. Hesse, Voorsitter van die Bond van Oud-Tukkies, 1984 - 1988; Ondervoorsitter van die Universiteitsraad, sedert Okt. 1990; Voorsitter van die Vaste Komitee van die Universiteitsraad, sedert Okt. 1990.

DIE BOND VAN OUD-TUKKIES

In 1985 het die Rektor, prof. D. M. Joubert, die Bond van Oudstudente bestempel as "die mees aktiewe en bes georganiseerde alumni-organisasie hier te lande" en vier jaar later het die Adjunkdirekteur (Alumnisake) dit beskryf as "seker die sterkste openbare arm wat 'n universiteit kan hê". Hierdie twee uitsprake beklemtoon enersyds die belangrikheid van die organisasie in die universiteitsopset en andersyds die sterk organisatoriese beslag wat in die tagtigerjare aan die organisasie gegee is.

Organisatoriese vernuwing

Die tagtigerjare het in die teken gestaan van besinning oor die rol van die Bond en die hantering van Alumni-aangeleenthede in die algemeen. Reeds in 1981 het 'n aksiekomitee, bestaande uit dr. P. A. Olivier en mnre. C. H. Cilliers en C. J. Rossouw, 'n verslag hieroor uitgebring en aanbevelings oor 'n hele reeks aangeleenthede gemaak. Dit het sake ingesluit soos lidmaatskap, werwing van lede, 'n nuusbrief, die erkenning van prestasies, lid-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

maatskapvoordele en spesiale projekte. Die proses is in 1983 voortgesit toe 'n groepie honneursstudente onder leiding van mnr. Rex van Vuuren van die Departement Sielkunde in opdrag van die Raad van die Bond 'n strategiese ondersoek uitgevoer het. Hulle het van 'n vraelys gebruik gemaak en veral gekonsentreer op faktore wat moontlik aanleiding kon gee tot 'n gebrek aan belangstelling in, en deelname aan Bondsaktiwiteite. In sy verslagdoening aan die Raad in April 1984 het mnr. Van Vuuren veral klem gelê op die doelstellings van die Bond. By dié geleentheid is 'n komitee onder leiding van mnr. Ben Alberts aangewys om die doelstellings verder te ondersoek.

Die komitee het van wetenskaplike bestuurstegnieke gebruik gemaak en in September 1984 'n konsephandves voorgelê. Daarin is leemtes, doelstellings, strategieë om die spesifieke doelwitte te bereik en aksiestappe in dié verband geïdentifiseer. Voortvloeiend hieruit is weer eens 'n komitee, onder voorsitterskap van mnr. Alberts, aangewys. Die ander lede was proff. Karel Kemp en Dirk van Rooyen, en prof. Piet Oosthuizen, Viserektor, as verteenwoordiger van die Rektor. Die komitee se opdrag was om krities na die konsephandves te kyk en aan te dui watter van die doelstellings met die beskikbare personeel en finansiering nagestreef kon word, asook waarvoor oor die mediumtermyn finansieel begroot moes word sodat die Universiteit formeel vir voorsiening in dié verband genader kon word. In November van daardie jaar het die Bondsvoorsitter, dr. C. G. Coetzee, in sy jaarverslag gewys op die behoefte aan streeksverteenwoordiging in die Raad van die Bond en versoek dat die komitee ook daaraan aandag gee. In daardie stadium was daar ook, as deel van die rasionalisering van die bestuurstelsel van die Universiteit, 'n ondersoek na die Buro vir Openbare Betrekkinge aan die gang. Aangesien die bykomende werklas van Bondsaktiwiteite groot druk op die Buro se personeel geplaas het, het die Voorsitter die hoop uitgespreek dat personeelversterking vir die Buro uit dié ondersoek sou voortvloei.

In April 1985 het die Albertskomitee 'n voorlopige verslag voorgelê. As deel van sy ondersoek het die komitee 'n opname gemaak van die stand van konvokasie- en alumni-aangeleenthede aan Suid-Afrikaanse universiteite. Die bevinding was dat hier te lande weinig voorbeelde van goedontwikkelde alumni-afdelings bestaan en dat moontlik oorsee kers opgesteek sou moes word in dié verband. Die komitee is versoek om voort te gaan met sy ondersoek en in September finale voorstelle voor te lê. Die opdrag was spesifiek om 'n omvattende ondersoek na alumni-aangeleenthede aan die Universiteit van Pretoria te onderneem ten einde te bepaal watter aksies nodig was om 'n groter mate van betrokkenheid van oudstudente by aktiwiteite van die Universiteit en ander algemene universitêre aangeleenthede te verseker.

In verband met twee kwessies was dit vir die komitee nodig om met die Universiteitsbestuur te skakel: die opklaring van die raakvlakke tussen die Konvokasie en die Bond; en die herorganisasie van die Buro vir Openbare Betrekkinge ten opsigte van oorvleuelinge met die Bond. Mnr. Alberts en dr. Viktor Hesse, Voorsitter van die Bond, het met prof. Piet Oosthuizen, Viserektor, hieroor beraadslaag en tot 'n besluit geraak.

Die aanbevelings van die komitee wat in September 1985 voor die Raad van die Bond gedien het, kan soos volg opgesom word: 1) betaling van 'n eenmalige bedrag by registrasie vir die eksamenjaar maak 'n student daarop geregtig om by afstudering lid van sowel die Konvokasie as die Bond van Oudstudente te word; 2) ander belan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gegroepe in oudstudentegeledere moet saam in die Raad van die Bond verteenwoordig word, terwyl die Juniorbond sy bestaande verteenwoordiging behou; 3) streeksorganisasies van die Bond moet landwyd tot stand gebring word en moet ook in die Raad van die Bond verteenwoordig word; 4) formele skakeling moet tussen die Raad van die Universiteit en die Bond tot stand gebring word. Dit kon geskied deurdat die gelde wat in 1) genoem is in 'n alumnifonds gestort sou word wat deur die Universiteitsraad beheer en bestuur sou word. Sodanige fondse moes dan volgens 'n begroting wat deur die Universiteitsraad goedgekeur is, deur die Bond aangewend word; en 5) 'n Hoof, Alumni-aangeleenthede moes aangestel word wat aan die Direkteur van die Buro vir Openbare Betrekkinge sou rapporteer en wat deur twee permanente beamptes bygestaan moes word.

Die aanbevelings omtrent 'n hegter band tussen die Konvokasie, die Bond van Oudstudente en die Universiteit en omtrent die wyse waarvolgens iemand lid van die Bond en die Konvokasie kon word, was die ingrypendste. Hierdie aanbevelings en die ander in die Albertsverslag is deur die Rektoraat oorweeg en vroeg in 1986 het prof. Piet Oosthuizen namens die Rektoraat sekere amendemente daarop voorgelê.

Die Rektoraat se voorstelle het die volgende behels: 1) alle afgestudeerdes van die Universiteit - gegradueerdes en gediplomeerdes - word outomaties en gratis lede van die Konvokasie, maar lidmaatskap van die Bond moes vrywillig wees; 2) die Bond ontvang statutêre erkenning as dié liggaam wat die belange van konvokasielede bevorder en dien terselfdertyd as spreekbuis van die Konvokasie; 3) die Konvokasie verkies steeds 'n President en die Kanselier van die Universiteit en die President van die Konvokasie tree op as beskermheer van die Bond van Oud-studente en dien ook in die Raad van die Bond; 4) die wette en/of statute van die Universiteit sou gewysig word sodat die president van die Konvokasie vir 'n ampstermyn van vyf jaar verkies word; 5) al die lede van die Konvokasie sou uitgenooi word om vrywillig teen betaling van 'n eenmalige lidmaatskapsheffing lid van die Bond te word. Dit sou skriftelik geskied wanneer 'n student in kennis gestel word dat hy aan die vereistes vir 'n graad of diploma voldoen het; 6) die lede van die Universiteitsraad wat tot in daardie stadium deur die Konvokasie genomineer is, sou voortaan deur die Bond van Oudstudente genomineer word; 7) die Universiteit sou die nodige fasiliteite en personeel aan die Bond verskaf om hom daartoe in staat te stel om sy missie, doelstellings en doelwitte te bereik. Die personeel van die Bond sou op die diensstaat van die Universiteit aangestel word, maar uitsluitlik aan die Raad van die Bond verantwoordelik wees.

Die voorstelle is in April 1986 deur die Raad van die Bond aanvaar en in November 1986, net voor die algemene jaarvergadering van die Bond, ook deur die Konvokasie aanvaar. Daarna kon die voorstelle uitgevoer word.

Die eerste praktiese uitvloeisel van al hierdie verwikkelinge was dat die Universiteit laat in 1986 'n bedrag vir die 1987-boekjaar goedgekeur het. Daarna kon die pos van Adjunkdirekteur (Alumnisake) geadverteer word. Die res van die postestruktuur het voorsiening gemaak vir twee skakelbeamptes, een administratiewe beampte en een sekretaresse/klerk. In Januarie 1987 kon bekend gemaak word dat mnr. T.A.P. du Plessis as Adjunkdirekteur aangestel is.

In die loop van 1987 is die statuut van die Bond hersien om aan die veranderinge beslag te gee en tydens die algemene jaar-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vergadering van November daardie jaar is die wysiginge goedgekeur. Sedertdien het die voorsitter van die Studenteraad sy plek in die Raad van die Bond ingeneem. In Junie 1988 is die gewysigde Wet op die Universiteit van Pretoria deur die Parlement goedgekeur. Van toe af het die Konvokasie van die Universiteit al die afgestudeerdes ingesluit. Daarmee het die Raad van die Bond ook wetlik omskrewe verpligtinge gekry, onder meer om vier lede van die Konvokasie in die Raad van die Universiteit van Pretoria te benoem. In 1988 is dr. C.G. Coetzee, voormalige Voorsitter van die Bond, herbenoem en saam met hom mnr. Ben Alberts, in daardie stadium ondervoorsitter.

Die wetlike veranderinge het ook beteken dat die Bond aan die verskillende belangegroepe in oudstudentegeledere in sy Raad verteenwoordiging moes gee. In November 1988 is besluit om twee verteenwoordigers aan te wys, naamlik een vir koshuisverenigings en een vir vakverenigings en ander belangegroepe. Hierdie verandering is ook in die statute opgeneem. Nog 'n uitvloeisel van al dié verwikkelinge was dat daar sedert 1988 beter koördinasie tussen die Raad van die Bond en die Rektoraat was deur die instelling van 'n jaarlikse koördineringsvergadering tussen die twee liggame. Voorts is daar ook 'n kwartaallikse vergadering met prof. Piet Oosthuizen ingestel ten einde beter koördinering van buro's en institute te bewerkstellig.

'n Ander aangeleentheid waaraan sedert 1988 besondere aandag gegee is, was die ontwikkeling van streeksorganisasies en hulle verteenwoordiging in die Raad. Stigtingsvergaderings het in die loop van dié jaar in 'n hele aantal dorpe plaasgevind. Om die streeksorganisasies goed te laat funksioneer, is 'n konsepreglement vir streekskomitees opgestel. By die algemene jaarvergadering van November 1989 is die streeksorganisasies formeel by die Bond ingeskakel deurdat aan die streeksvoorsitters sitting in die Raad van die Bond verleen is. Die statuut van die Bond is ook dienooreenkomstig gewysig. In April 1990 het streeksvoorsitters die eerste keer 'n Raadsvergadering bygewoon. Van die 24 streke waarin die land verdeel is, het 23 teen die einde van 1990 reeds streekskomitees gehad.

Twee ander konstitusionele wysiginge is in hierdie tyd aangebring. Die doel met die eerste was om kontinuïteit in die bestuur van die Bond te verseker. Dit was moontlik dat 'n nuutverkose voorsitter onervare kon wees wat bestuurskwessies betref. Om hierdie moontlike probleem te oorkom, is die samestelling van die dagbestuur gewysig om uit die volgende lede te bestaan: 'n junior visevoorsitter, 'n senior visevoorsitter, dienende voorsitter en die pas uitgetrede voorsitter. Die tweede wysiging was dat voorsiening gemaak is vir die koöptering van persone wat vanweë hulle kundigheid daartoe in staat sou wees om nuttige bydraes in die Raad te lewer. Albei hierdie wysigings is tydens die jaarvergadering van November 1989 goedgekeur.

Die Raad van die Bond het ná al hierdie wysiginge uit die volgende lede bestaan: 'n voorsitter; 'n senior visevoorsitter; 'n junior visevoorsitter; tien verkose lede; die Rektor van die Universiteit van Pretoria; die Viserektore soos deur die Raad gekoöpteer; die verteenwoordigers van die Konvokasie in die Universiteitsraad; die President van die Konvokasie wat ook as beskermheer van die Bond van Oudstudente sou optree; die Voorsitter van die Studenteraad; een verteenwoordiger van die geaffilieerde vakverenigings; een verteenwoordiger van die geaffilieerde koshuisverenigings; die voorsitters van die Streekskomitees; die pas uitgetrede voorsitter; 'n maksimum van 'n verdere vier gekoöp-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

teerde lede en 'n erepenningmeester en -sekretaris.

Gedurende 1990 is nog 'n belangrike verandering aangebring wat, hoewel nie streng konstitusioneel van aard nie, tog met die vernuwing van die organisasie saamgehang het: die naam van die Bond van Oudstudente is gewysig. Tydens die beraadslagings van 'n beeldboukomitee is besluit dat die bestaande naam, "Bond van Oudstudente", niksseggend en te verwyderd van die Universiteit is. Gevolglik is aanbeveel dat dit in "Bond van Oud-Tukkies" verander word. Dit is dan die amptelike benaming sedert Augustus 1992.

Die oprigting van Kya Rosa

Min aksies het in die dekade sedert 1982 die Bond van Oud-Tukkies so prominent onder die aandag van die breë studentekorps gebring as die heroprigting van Kya Rosa. Die voorgeskiedenis van hierdie projek is reeds in *Ad Destinatum II* behandel. Hier kan egter genoem word dat op aanbeveling van 'n oud-Bondsvoorsitter, prof. D. M. Joubert en toenmalige Viserektor, die Universiteitsraad in 1980 goedkeuring verleen het dat 'n replika van Kya Rosa op die kampus opgerig kon word. Grootliks deur sy toedoen is die Bond betrek en hy het enduit persoonlik daarby betrokke gebly. Nadat die eerste sooi vir die projek op 10 Februarie 1983 deur die Rektor, prof. Joubert, omgekeer is presies 75 jaar nadat die Transvaalse Universiteitskollege, voorganger van die Universiteit van Pretoria, sy eerste studente ontvang het, het die Kya Rosa-komitee onder leiding van mnr. Ben Alberts berge versit. Die bouwerk het bestendig gevorder, maar die fondsinsameling was 'n veeleisender taak.

Die gebou is op 25 Oktober 1985 amptelik in gebruik geneem. Dit was 'n luisterryke geleentheid waartydens die sleutel seremonieel aan die Kanselier oorhandig is en sipres- en roosbome geplant is deur diegene wat nou betrokke was by die projek. Daarna het die derde fase van die insamelingsveldtog 'n aanvang geneem en 'n vierde fase het gevolg. Aan die einde van 1986 is die insameling afgesluit. Nadat die Bond tydens die beplanning van die Kya Rosa-projek onderneem het om vir die oprigting R150 000 in te samel, kon daar met 'n bedrag van R200 000 afgesluit word. Later is ook spreiligte by die gebou aangebring. In 'n sekere sin is die projek bekroon toe die Kanselier, dr. Anton Rupert, op 10 Februarie 1988 'n gedenkplaat van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede by die gebou onthul het.

Aanvanklik was die gedagte dat die gebou deur die Buro vir Openbare Betrekkinge benut sou word en dat die Bond ook kantoorruimte daarin sou ontvang. Uiteindelik het personeelbesnoeiings in die Buro veroorsaak dat die oorspronklike voorneme nie meer uitgevoer kon word nie. Gevolglik het dit die uitsluitlike setel van die Bond geword. Die sierlike gebou het gevolglik simboliese waarde vir die Bond verkry en 'n fokuspunt op die kampus geword. Dit het 'n soort tuiste vir oud-Tukkies geword en al hoe meer van hulle het daar besoek afgelê. Dit het ook mettertyd die gebruik geword vir departemente om gaste daar te onthaal.

Filiale

Tradisioneel het sekere sport- en ander groepe onder die vleuel van die Bond vir sosiale verkeer en ontspanning gesorg. Hiervan was die *Oud-Tukkiegholfklub* die aktiefste. In 1983 het die klub, soos in 1982, 'n gholftoer na Spanje onderneem. In dieselfde jaar het die klub ook aan ses bilaterale wedstryde teen oud-studentespanne van ander universiteite deelgeneem, asook aan die Davisbekerkampioenskap waaraan nege universiteite meedoen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daarbenewens het die jaarlikse toernooi tydens die Novemberfees, wat met die algemene jaarvergadering saamval, gereeld gelyktydig op twee bane plaasgevind. Die klub se aktiwiteite het toegeneem en in 1988 het hy, byvoorbeeld, aan 12 toernooie deelgeneem. In1987 is 'n klubdas in gebruik geneem. Die klub het hom ook op ander terreine as gholf laat geld en van 1988 af 'n studiebeurs van R500,00 per jaar beskikbaar gestel. Teen 1991 het die klub 'n beursfonds van R15 000 opgebou. Van tyd tot tyd is finansiële hulp ook aan die UP-gholfklub verleen. Nadat mnr. Bags Cilliers langer as tien jaar tot 1983 die klubkaptein was, het mnr. Hancke Scheepers tot in 1986 die posisie beklee, waarna hy deur prof. Wim Skinner opgevolg is.

Ander sportklubs het ook in die dekade onder bespreking tot stand gekom. Van 'n tennisklub word die eerste keer in 1988 verneem. Aan 'n toernooi in Maart 1989 het reeds 40 spelers deelgeneem. In 1988 het ook 'n muurbalklub tot stand gekom en vroeg in 1989 kon die eerste kampioenskapstoernooi met elf spelers spog. Rolbal was eweneens gewild en in September 1989 het 44 oud-Tukkies aan die jaarlikse kampioenskap meegeding. In 1989 is ook met die UP-marathonklub 'n ooreenkoms bereik waarvolgens lede van die Bond kon aansluit en in Tukkiekleure kon meeding. Teen 1991 het twintig lede reeds van die geleentheid gebruik gemaak. Twee wedlope per jaar sou ook vir oud-Tukkies gereël word.

Nie al die sportklubs was op aktiewe mededinging deur lede van die Bond ingestel nie. In Julie 1988 is 'n rugby-ondersteunersklub gestig. Nadat daar aanvanklik 'n soortgelyke klub deur die rugbyklub tot stand gebring is, is in die loop van 1989 besluit op 'n enkele klub. Die voorsitter van die klub het sitting gekry in die bestuursvergaderings van die UP-rugbyklub, wat saam met die Bond die administrasie sou hanteer. Sitplekke in die rugbyklub se losie by Loftus Versfeld is aan die Bond teen betaling toegestaan.

Een van die sterkste organisasies wat in die dekade sedert 1982 onder die vleuel van die Bond ontwikkel het, was die *Junior Bond van Oudstudente*. 'n Loodsingsvergadering het in September 1983 plaasgevind. Die doel van die organisasie was wesentlik dieselfde as dié van die Bond van Oudstudente, maar dit was spesifiek gerig op diegene tot die ouderdom van ongeveer 35 jaar waarna normaalweg eers by die Bond aangesluit word. 'n Reglement is opgestel waarin onder meer bepaal is dat 'n aansoeker om lidmaatskap van die Bond outomaties 'n lid van die Junior Bond word indien hy jonger as 35 is.

Op die aand van Lentedag, 12 September 1984, is 'n geslaagde bekendstellingsfunksie gehou waar 'n bestuur gekies is met mnr. Neil Crafford as voorsitter. Hy het ook ampshalwe in die Raad van die Bond gedien. Die Junior Tak van die Bond van Oudstudente, soos dit amptelik bekend was, het uit die staanspoor by gemeenskapsdiens betrokke geraak. In Mei 1986 is 'n rekreasiedag vir gestremdes gereël en meer as 200 gestremdes na die Tukkie-Matie-wedstryd geneem. Hierdie aktiwiteite het spoedig uitgebrei om 'n wynkursus en wynproegeleentheid en die totstandbrenging van 'n wyngilde in te sluit, asook kenmekaaraande en 'n boeredag. Probleme het mettertyd opgeduik in verband met ledegeld en ouderdomsperk. Na 'n baie aktiewe en belowende wegspring is in 1987 besluit dat die Junior Tak sou ontbind, maar dat die aktiwiteite wat geïnisieer is onder 'n te stigte Pretoriastreek van die Bond tuisgebring sou word. Die voorsitter van die Wyngilde wat uit die Junior Tak ontstaan het, sou in die nuwe streekskomitee sitting hê.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Reeds voor die stigting van die Wyngilde in 1987 is binne Bondsgeledere gedink aan 'n huiswyn met 'n eie etiket. In Julie daardie jaar is die Wyngilde gestig met mnr. Johan de Bruyn as voorsitter. Baie geslaagde wynproegeleenthede het sedertdien plaasgevind. Mettertyd is verskeie uitstallers by wyndae betrek en afslag is by sekere drankhandelaars vir lede beding. Teen 1989 was die Wyngilde naas die gholfklub die sterkste en aktiefste klub van die Bond.

Danksy die aanvoorwerk deur die sekretariaat van die Bond ná sy totstandkoming in Februarie 1987, is verskeie ander belangeroepe gestig. 'n Woonwaklub het deur die toedoen van mnr. T. A. P. du Plessis in Februarie 1988 tot stand gekom en gereelde naweeksaamtrekke is gehou. 'n Jaar later was dit die beurt van 'n Safariklub wat in 1992 herdoop is tot Oud-Tukkie Eksploratio. Ander klubs wat in die loop van 1988 en 1989 tot stand gekom het, was dié vir Senior Oud-Tukkies, die Tukkie-koorbond, EensTuks en die Damesaksie.

Die Senior Oud-Tukkies, of Senior60+, is vir oud-Tukkies oor die ouderdom van sestig tot stand gebring. Die aktiwiteite het die vorm van sosiale byeenkomste, uitstappies, teaterbesoeke en besigtigingstoere aangeneem. Na 'n beskeie begin het die ledetal sterk toegeneem. In Julie 1989 het die eerste *Nuusblad* vir senior oud-Tukkies verskyn wat positief ontvang is. Spoedig is 2 000 senior oud-Tukkies dwarsoor die Republiek geïdentifiseer waarvan 1 200 in die Pretoria-omgewing woonagtig was. Die klub het beslis in 'n bepaalde behoefte voorsien en was 'n uitstekende skepper van positiewe gesindhede teenoor die Bond.

'n Tukkie-koorbond het in November 1988 tot stand gekom en redelik onafhanklik van die Bond gefunksioneer, maar tog logistieke steun ontvang. In 1990 is affiliasie by die Bond aangevra. 'n Behoefte aan 'n fokusgroep vir enkellopendes het gelei tot die stigting van EensTuks. Lede het een keer per week vergader en uitstappies is oor naweke onderneem. In 1991 het 'n aantal lede van die groep onder leiding van dr. F. Lategan 'n reis na die Balkanlande onderneem. Die Damesaksie is in 1989 deur mev. A. Joubert, eggenote van die Rektor, geloods. Prof. Ronel Erwee is as voorsitter verkies. 'n Vonkelwynontbyt vir vroue is vroeg in 1990 aangebied wat deur tweehonderd oud-Tukkies bygewoon is en in 1991 is twee kamermusiekkonserte deur vierdejaarstudente van die Departement Musiek aangebied.

Die gedagte aan 'n suiwer sosiale klub vir oudstudente is die eerste keer in 1985 geopper. Dit sou voorsien in die behoefte om gereeld bymekaar te kom en 'n ligte ete te geniet. 'n Stigtingsvergadering van die Oud-Tukkieklub is in Augustus 1987 gehou en mnr. Leon de Bruyn is tot voorsitter verkies. Geselligheide het mettertyd die vorm aangeneem van kenmekaargeleenthede, danse en gesinsdae. Mettertyd het die klub in EensTuks opgegaan.

Afgesien van sport- en sosiale klubs, was daar ook liggame wat oudstudente op die basis van hulle voormalige koshuise saamgesnoer het. Een van die eerstes hiervan was die Bond (later Broerskap) van Oud-Kollegemanne, waarvoor 'n loodsingsvergadering reeds in 1983 plaasgevind het. Ander wat sedert 1985 tot stand gekom het, was die Oud-Mopane, Oud-Taaibosstudente, Oud-Voortrekkermanne en Oud-Sonopstudente. Die oudinwoners van 'n koshuis het normaalweg self die inisiatief geneem met die stigting van so 'n organisasie, maar soms is die bystand van die sekretariaat van die Bond ook benut.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Benewens koshuisgebonde liggame was daar ook binne die geledere van oudstudente dié wat binne 'n bepaalde vak- of professionele verband geopereer het. Voorbeelde hiervan is Geologiese Vereniging, Mynbou-oudstudentevereniging, Deo Gloria en die Verpleegstersvereniging.

Die Bond was begerig om aan alle belangegroepe erkenning en geleentheid te gee om hulle belange uit te leef. Terselfdertyd was die Bond egter die struktuur waarbinne die oudstudenteverbintenis van sulke liggame met die Universiteit behoort te geskied. Met die wetlike wysiginge van Junie 1988 het die Bond trouens ook sekere verpligtinge in dié verband gekry. Daarom is daar aan die einde van 1988 twee verteenwoordigers vir alle geaffilieerde liggame toegestaan: een vir koshuisverenigings en een vir vakverenigings en ander belangegroepe soos uit die samestelling van die Raad hierbo geblyk het. Tot in daardie stadium het mnr. Bags Cilliers al die geaffilieerde verenigings verteenwoordig. 'n Reglement is opgestel om die verhouding tussen die filiale en die Bond te reël, asook die wyse waarop die filiale sou funksioneer.

Studiebeurse en fondsinsameling

Die beskikbaarstelling van studiebeurse vir behoeftige en verdienstelike studente was 'n prioriteitsaak vir die Bond wat uitgeloop het op die stigting van die herdenkingstudiefonds in 1980. Nadat die eerste nege beurse in 1982 toegeken is, was daar teen 1986 reeds 23 beurse van R600 elk toegeken. Hierdie diensaksie het deur die dekade voortgeduur.

Gedurende die tagtigerjare het die bestuur besef dat die Bond al hoe meer by fondsinsamelingsaksies van die Universiteit betrokke moet raak. Die finansies van tersiêre inrigtings het in die tagtigerjare onder al hoe groter druk gekom en dit het duidelik geword dat die Universiteit in 'n toenemende mate op eie bronne aangewese sou wees en studente finansieel sou moes bystaan. Gevolglik is planne beraam om 'n trustfonds op die been te bring. In 1989 is 'n trustakte opgestel en 'n bedrag van R20 miljoen is as mikpunt gestel vir Tukkietrust. 'n Raadsvergadering van die Bond is in 1990 deur die Rektor toegespreek om inligting oor die trustfonds te verskaf.

Die Bondsbestuur het sy bereidwilligheid verklaar om met die Universiteit saam te werk wat fondsinsameling betref, maar het deurgaans die standpunt ingeneem dat hy die Bond se funksie nie as fondsinsameling as sodanig sien nie. Sy rol het eerder op die terrein van klimaatskepping vir fondsinsameling gelê. Die Bond was bereid om sy adreslyste - ook dié in die streke - tot die Universiteit se beskikking te stel vir die Tukkietrustprojek, maar nie vir algemene fondsinsameling nie. Die streeksorganisasies kon voorts ook 'n fasiliteringsrol ten opsigte van die Trust speel. Die Johannesburgse streekskantoor was veral belangrik en alle moontlike hulp is aan die Universiteit se verteenwoordiger in die goudstad, mnr. J. Metz, verleen. Nadat die Tukkietrust-gholfdag twee jaar agtereenvolgens deur die Johannesburgse komitee aangebied is en die winste aan die Trust oorhandig is, is dit sedert 1990 deur mnr. Metz georganiseer.

Ondersoeke

Verskeie aangeleenthede is in die loop van die tagtigerjare deur die Bond ondersoek. Twee sake wat die Universiteit ewe seer as die Bond self raak, was die kwessies van voortgesette onderrig en studentegees.

Dr. Viktor Hesse, Voorsitter van 1985 tot 1989, het sterk gevoelens gekoester oor die uitbouing van voortgesette onderrig deur die Universiteit. In 1988 is 'n taakspan deur die Universiteit saamgestel om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

moontlikheid van voortgesette onderrig-aksies by groot sentra buite Pretoria te ondersoek. Dit kon skole-aksies soos sielkundige en aanlegtoetsing en beroepsleiding insluit, asook sportafrigtingskursusse. Die Bond was ook in die taakspan verteenwoordig. By meer as een geleentheid is inligting oor voortgesette onderrig ook deur die Rektoraat tydens Raadsvergaderings op versoek van die voorsitter verskaf. Afgesien van Tuksforum, waarby die Bond betrokke was en wat 'n vorm van voortgesette onderig was, is versoeke uit die streke ontvang na voortgesette onderrig op die platteland. Gevolglik het die streekskomitees van die Bond sedert 1989 geleenthede gereël waar beroepsvoorligting deur professionele lui aan skoolgroepe gegee is. Inligting oor nuwe navorsing en ontwikkeling aan die Universiteit is voorts deur 'n paneel van universiteitspersoneellede verskaf en voorligting oor studiemetodes gegee.

'n Ondersoek na die studentegees is gedurende 1988 geloods na aanleiding van die swak gees tydens die Tuks/Rau-intervarsity. Die ondersoek is deur die toedoen van prof. Karel Kemp van die Department Sielkunde deur agt studente uitgevoer. Dit het geblyk dat daar 'n verandering by studente plaasgevind het ten opsigte van lojaliteit en deelname wat in die "gees" uitdrukking vind. Dit is veroorsaak deur 'n versplintering in belangegroepe op grond van sport, politiek, sosiale interaksie en godsdienstige kwessies, asook inkomste. Lojaliteite op kleiner vlak soos dié teenoor koshuise het ook 'n rol gespeel. Die verskynsel was bestem om toe te neem en die tradisionele verbintenisse sou al meer verflou. In September 1989 het die Studentedekaan, prof. Flip van der Watt, die Raadsvergadering van die Bond oor die kwessie toegespreek en uiteindelik is sekere gevolgtrekkings en aanbevelings aan die Rektor oorgedra.

'n Derde saak wat ondersoek is, was die beeld van die Bond. 'n Komitee is in 1989 vir dié doel onder voorsitterskap van prof. Wim Skinner aangewys. Dit was grootliks as gevolg van hierdie komitee se aanbevelings dat die naam van die Bond verander is. Tydens 'n strategiese sessie in Junie 1990 is verdere aandag aan die kwessie van die Bond se beeld gegee.

Inspraak by universiteitsaangeleenthede

Afgesien van fondsinsameling en die Tukkietrust, waaroor die Bond deur die Universiteitsowerheid geraadpleeg en ingelig is, het die Bond hom ook oor ander sake uitgespreek. Twee van die belangrikste kwessies was die Kanselierskap en die beleid rakende anderskleurige studente.

Toe die Kanseliersamp in 1985 vakant geraak het, het die Bond daaroor standpunt ingeneem. Ook in November 1986 toe mnr. Alwyn Schlebusch die amp neergelê het, was dit die geval. Mnr. Schlebusch het self die algemene jaarvergadering toegespreek en sy bedanking verduidelik. In Januarie 1987 het die Bondsraad op 'n spesiale vergadering dr. Anton Rupert eenparig as Kanselier genomineer.

In 1989 het die Rektor 'n spesiale Raadsvergadering toegespreek om die Bond in te lig omtrent die Universiteit se beleid oor die huisvesting van anderskleurige studente. Dit het gevolg op 'n verklaring van die betrokke Minister in Junie daardie jaar dat elke universiteit self sy beleid hieroor moes formuleer. Nadat die Universiteitsraad 'n beginselbesluit geneem het, is die Rektoraat opdrag gegee om dit te bespreek met die Senaat, die Komitee van Koshuishoofde, die Studenteraad en belangrik, die alumni, verteenwoordig deur die Raad van die Bond.

'n Derde saak waaroor die Bond ingelig is en waarby dit betrek is, was die behoefte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die Universiteit om die Oos-Transvaalse kampus op Witbank te bemark. In Julie 1990 is al die voorsitters van die Oos-Transvaalse streek deur die Viserektor, prof. Flip Smit, in Kya Rosa onthaal en hieromtrent ingelig. Die gedagte was om 'n forum te skep vir skakeling en wisselwerking tussen die Universiteit en sy oudstudente as meningsvormers in plaaslike gemeenskappe. Hierin was die Bond met sy streekstruktuur dus van aktuele waarde vir die Universiteit.

In 1991 is die Bond weer deur die Rektoraat geraadpleeg toe 'n konsultfirma 'n verslag oor die bemarking van die Universiteit voorgelê het. Voordat 'n finale besluit hieroor geneem is, is samesprekings met die Bond gevoer. In die verslag self is die Bond as 'n baie belangrike rolspeler erken en is sterk steun vir sy aktiwiteite uitgespreek.

Dienste aan lede

Een van die tradisionele maniere waarop die Bond dienste aan sy lede gelewer het, was deur die organisering van saamtrekke. Die Novemberfees wat met die jaarvergadering gepaard gegaan het, was die grootste en is gewoonlik deur 'n paar honderd lede bygewoon. Die Algemene Jaarvergadering het gewoonlik op 'n Vrydag plaasgevind met 'n sportdag op die Saterdag daarna. Dit het deelname aan 'n hele aantal sportsoorte ingesluit en is gewoonlik met 'n skaapbraai of ander geselligheid afgesluit.

Ander saamtrekke het die vorm aangeneem van gesinsnaweke by plekke soos Warmbad en Swadini. In 1991 was daar nie minder nie as ses gesinsnaweke. Daarbenewens is streeksaamtrekke op verskillende plekke gehou in die vorm van skemerkelke, bankette, sportdae. Soms het dit gepaard gegaan met stigtingsvergaderings vir streekorganisasies. In 1986 is selfs 'n bustoer na Graaff-Reinet onderneem waar 'n saamtrek plaasgevind het. In 1987 is uiters geslaagde saamtrekke in die Wes-Kaap, Bloemfontein en Windhoek gehou. Die sekretariaat was ook behulpsaam met die reël van reünies. In 1989 is hulp byvoorbeeld verleen met vier reünies, naamlik 1949 se finale jaar mediese studente, Magrietjie, Buitemuurs en die Nagraadse Bestuurskool; in 1990 met dié van die Fakulteit Landbou, die Broederskap van Oud-Kollegemanne, Dagstudente, die rugbyspan van 1960, Mopanie en Taaibos, en in 1991 met dié van Klaradyn, Siviele Ingenieurs, finale jaar mediese studente van 1967, Dagstudente en Oud-Tukkie-Springbokrugbyspelers.

'n Ander diens wat aan lede gelewer is, was die beskikbaarstelling, teen baie billike tariewe, van die Bond se twee vakansiehuise by Vaaloewer naby Vanderbijlpark. Omdat die gebruiksfrekwensie van hierdie geriewe laag was, is reeds so vroeg as 1984 oorweeg om dit van die hand te sit. Die volgende jaar is egter besluit om dit op te knap en in 1986 is 'n reklamebrosjure daarvoor opgestel. In die lig van stygende koste en herstelwerk het die Dagbestuur hom egter in 1987 bereid verklaar om die eiendomme te verkoop en dit is toe gedoen.

Die uitgee van publikasies was 'n ander wyse van dienslewering aan Bondslede. In 1988 het 'n projek waarmee mnr. Bags Cilliers reeds in 1979 begin het, vrugte afgewerp toe die herinneringe van oud-Tukkies in boekvorm verskyn het. Dit is deur prof. Louis de Villiers geredigeer en is te koop aangebied. 'n Ander publikasie wat die lig gesien het, was 'n bundel van studenteliedjies wat deur mnr. Jan Kitshoff op eie inisiatief saamgestel en geborg is. Dit is steeds gewild. Deurgaans is daar ook bydraes vir *Tukkiewerf* deur die sekretariaat gelewer en het die nuusbrief van die Bond, *Alumnuus*, gereeld verskyn.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Kredietkaart vir lede is nog 'n fasiliteit wat vir Bondslede beklink is. Die kaart is deur Volkskasbank vir lede beskikbaar gestel en is in 1990 geloods. Die Bond ontvang 'n persentasie van die kaartgelde.

Indirek is dienste natuurlik ook deur die Bond aan sy lede gelewer deur die aktiwiteite van sy filiale. So, byvoorbeeld, het EensTuks in 1991 'n baie geslaagde toer na die Balkanlande gereël wat deur 48 mense meegemaak is.

Eretoekennings

Die Bond het in die dekade van 1983 tot 1992 voortgegaan om lede wat hulle op die een of ander gebied onderskei het, deur middel van lourierkranstoekennings te vereer. In hierdie tyd is aandag gegee aan die hersiening van die norme. In 1985 is bevestig dat buitengewone diens of prestasies met betrekking tot die Bond, die Universiteit van Pretoria en/of die nasionale belang in die algemeen steeds as norme sou geld. Die volgende jaar is beklemtoon dat diegene in ander provinsies as Transvaal en alle oud-Tukkies wat aan die kriteria voldoen in aanmerking sou kom. In 1989 is riglyne neergelê en daar is besluit dat die uitdra van die beeld van die Universiteit die belangrikste oorweging sou wees en dat toekennings voortaan net aan Bondslede gemaak sou word. Sedert 1990 word na die lourierkranstoekenning as die *Laureatus* verwys. 'n Indrukwekkende lys persone het in die afgelope dekade die *Laureatus*-toekenning ontvang. Raadpleeg in dié verband die bylae.

Ander toekennings is in die tagtigerjare bygevoeg. In 1986 is besluit om 'n toekenning aan die Junior Oud-Tukkie van die Jaar in te stel. Alle jong oud-Tukkies sou kwalifiseer en kandidate moes buitengewoon in hulle gemeenskap of werkverband presteer het om in aanmerking te kom. 'n Ouderdomsperk van 35 is aanvanklik gestel, maar later laat vaar. Die ontvangers sedertdien was dr. V. Prins (1986), mnr. Jan Kitshoff (1987), mnr. Marinus Daling (1988), mnr. Naas Botha (1989), prof. Ronel Erwee (1990) en prof. J. van Zyl (1991).

Sedert 1989 word wisseltrofeë ook jaarliks toegeken aan die aktiefste streek, die streek wat die meeste lede gedurende die jaar gewerf het en die aktiefste oud-Tukkie(s). In 1990 is ook 'n merietesertifikaat ingestel vir oud-Tukkies wat goed presteer, maar nie vir die lourierkranstoekenning kwalifiseer nie. Die eerste ontvangers was mnr. G.C. (Gert) Potgieter, Adjunkdirekteur (Sportpromosie), en mnr. M.C. van Zyl, voorsitter van die Johannesburgse streekskomitee. Daarbenewens is eenmalige diskresionêre toekennings ook van tyd tot tyd gemaak. In 1986 het dr. Viktor Hesse twee voorsitterstoekennings gemaak: aan mnr. Ben Alberts vir sy toegewyde diens in verband met die Kya Rosa-projek en aan mnr. Chris Kleyngeld vir die gratis oudit van die Bond se boeke. Tydens 1989 se jaarvergadering is twee persone ook eenmalig vereer. Die eerste was mnr. B. Botha, die oudste buitemuurse student wat die buitemuurse reünie vroeër daardie jaar bygewoon het; die tweede was mev. Bettie Cilliers-Barnard, die bekende kunstenares en eggenote van mnr. Bags Cilliers, van wie 'n beeld aan die Universiteit geskenk is.

Ledetal en lidmaatskap

Die ledetal van die Bond het deur die jare 'n betreklike klein gedeelte van die afgestudeerdes uitgemaak. Teen 1982 was daar 4 626 Bondslede uit 'n getal van sowat 50 000 afgestudeerdes. Teen Oktober 1992 het die getal lede op 8 695 gestaan, 'n vermeerdering van 356 teenoor 1991 (teenoor toenames van 630 in 1991 en 457 in 1990). Dit was duidelik dat die jaarlikse getal nuwe lede ná die instelling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 'n sekretariaat vir die Bond in 1987 weens bemarkingswerk en advertensieveldtogte toegeneem het.

Die toename was egter nog nie bevredigend nie, veral nie as in ag geneem word dat 'n universiteit se alumni as sy grootste bate beskou kan word. Daarom is daar sedert 1988 gereeld oor hierdie moontlikheid van outomatiese lidmaatskap besin. 'n Uitvoerige memorandum oor die kwessie is ook in dié jaar deur mnr. T.A.P. du Plessis opgestel. Voorleggings in dié verband is aan die Rektoraat gemaak en teenvoorstelle het ook uit daardie oord gekom. Die saak het daarna nog veel bespreking uitgelok. Teen die einde van 1990 was die gevoel dat outomatiese lidmaatskap sou lei tot 'n groot aantal onbetrokke lede en dat 'n kleiner getal aktiewer en meelewende lede verkieslik is. Daar was egter nog kommer oor die feit dat potensiële lede in die jare direk na hul afstudering verlore raak en voeling met die Universiteit verloor.

In 1991 is daar gevolglik tydens 'n strategiese sessie weer eens oor outomatiese lidmaatskap besin. 'n Kompromisbesluit is toe geneem. Alle graduandi sou voortaan kwalifiseer vir outomatiese lidmaatskap vir 'n oorgangsperiode van drie jaar; en na afloop van genoemde drie jaar het 'n persoon dan die keuse om formeel aan te sluit; indien hy dit nie doen nie, bly hy slegs lid van die Konvokasie en verval sy lidmaatskap van die Bond. Hierdie besluit het in 1992 van krag geword.

Bestuur

Die bestuur van die Bond van Oud-Tukkies het, getrou aan tradisie, dieselfde bestendigheid en kontinuïteit getoon wat dit al die jare gekenmerk het. In die dekade 1983-1992 was daar slegs drie voorsitters: dr. C.G. Coetzee (1979-1984); dr. V.E. Hesse (1984-1988); en mnr. B.C. Alberts (1988-1992). Sedert 1989 is die termyn van die Voorsitter twee jaar. Die konstitusionele wysiging wat in 1989 aangebring is en wat hierbo onder *Organisatoriese vernuwing* bespreek is, het ook stabiliteit en kontinuïteit bevorder. Ook die instelling van 'n sekretariaat vir die Bond in 1987 het permanentheid aan die organisasie verleen.

Die Bond van Oud-Tukkies het in die dekade 1983-1992 dieselfde lewenskragtigheid getoon wat dit voorheen gekenmerk het. In dié tydperk het hy sy energie egter daarop gerig om 'n nuwe verhouding met die Universiteit en die breër konvokasie tot stand te bring en sy funksies helderder as tevore uit te spel. Die toewyding van sy bestuurslede, en spesifiek dié van mnr. Ben Alberts met sy ervaring in die sakebedryf het 'n groot bydrae daartoe gelewer om 'n nuwe bedeling in dié verband in te lui en die interne organisasie van die Bond op 'n vaste grondslag te plaas. Sodoende het die Bond hom daarvoor beywer om sy missie, soos in 1991 bygewerk, doelgerig waar te maak, naamlik om-

* die oudstudente van die Universiteit van Pretoria in 'n hegte eenheid saam te snoer;
* die heil van sy lede te bevorder;
* sy lede te verteenwoordig;
* toepaslike Bondsaksies te onderneem;
* lojaliteit teenoor die Alma Mater te versterk;
* mee te werk tot die groei van die Universiteit;
* prestasies van die Universiteit en sy studente bekend te stel;
* steun te verleen in die handhawing van hoë akademiese standaarde;
* die beeld van die Universiteit oral en altyd uit te dra;
* toepaslike aksies van die Universiteit te ondersteun; en
* deurlopend tot die godsdienstige, poli-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tieke, ekonomiese, sosiale en kulturele sektore in die land by te dra.

Dié missie omvat drie belangegroepe: die eerste vier punte het betrekking op die Bond en sy lede, die volgende ses op die Universiteit van Pretoria en die laaste een op die breër landsbelang.

Bylae: Ontvangers van die Laureatus-toekenning (Lourierkrans-toekenning), 1983-1992

1983 Dr K.E.W. Penzhorn
Mev. E.P. (Bettie) Cilliers-Barnard
Prof. T.H. (Tobie) Louw
Mnr. A.J. (Braam) Raubenheimer

1984 Mev. H.A.J. Hoek
Mnr. W.A. Cruywagen
Mnr. A.L. Schlebusch
Mnr. G.J. Vosloo

1985 Mnr. R.F. (Pik) Botha
Dr. C.G. Coetzee
Mnr. S.M. (Steve) de Villiers
Prof. J. Howell
Mnr. P.R. Nel
Mnr. H.A. Sloet
Dr. J.A. Stegmann

1986 Dr. W.A. van Niekerk
Dr. P.W. Venter
Prof. J.A. Crafford
Dr. P.A. Olivier
Prof. Anna S. Pohl

1987 Dr. C.L. de Bruyn
Dr. G.P.C. (Gerhard) de Kock
Dr. F.J. du Plessis
Mnr. D.P. Kirstein
Mev. H.J.F. Myburgh
Prof. K.J. Pienaar
Mnr. F.J. Raubenheimer
Mev. Huberte G. Rupert
Mnr. C.H.H. Scheepers

1988 Mev. I.E. Schlebusch
Prof. J.C. Bonsma
Prof. F.N. Bonsma
Dr. C.F. Garbers
Dr. J.G. Garbers
Prof. H.P. van der Schijff

1989 Mnr. J. de Villiers
Dr. V.E. Hesse
Dr. C. Stals
Mnr. M.H.W. Maré
Mnr. J.H. van Deventer

1990 Mnr. B.C. Alberts
Prof. F.C. Eloff
Dr. O.W. Prozesky
Mnr. C. du P. Kuun

1991 Prof. G. Cronjé
Prof. G. Falkson
Prof. H.C. Falkson
Prof. C.F.B. Hofmeyr
Mej. Carike Keuzenkamp (mev. Van Zyl)
Prof. C.W.I. Pistorius
Prof. P. Smit
Mnr. K. Scholtz

1992 Dr. G.J. Davidtsz
Mnr. J.M. Kahn
Mnr. R.J. Marnitz
Mnr. P. Steyn
Prof. D.J. Swiegers
Regter D.H. van Zyl


T.A.P. du Plessis en D.H. Heydenrych

KULTUURAANGELEENTHEDE

Teen die einde van 1982 het die Buro uit die volgende funksionele afdelings en onderafdelings bestaan:

* Uitvoerende Kunste (Musiek): Universiteitskoor, Simfonieorkes, Blaasorkes en die Pretoriase Kinderkoor;
* Uitvoerende Kunste (Drama en Toneel): amateurdramaverenigings, Tuks

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Dr. A. Breedt, Direkteur: Kultuurburo, sedert 1 Jun. 1992; Direkteur: Buro vir Openbare Betrekkinge, 1 Aug. 1987 - 31 Mei 1992.

82, filmfeeste en operettes;

* Skeppende Kunste (Beeldend, Musiek, Drama): Kunsuitstallings en -versamelings, etensuur- en aandkonserte, Mimi Coertse-beurskompetisies, Pretorium Trust-beurswenners en fakulteits- en departementele projekte; en
* Reklame en Administrasie.

Die Direkteur van die Kultuurburo, prof. Chris Lamprecht, ondersteun deur 'n personeelkorps van dertien, het daarna gestrewe om "die kuns en die kultuur aan die Universiteit van Pretoria te bevorder asook om die buitekurrikulêre studentekunsaktiwiteite te koördineer, te administreer of bystand daartoe te verleen, te bevorder en kontinuïteit te verseker".

Die Pretoriase Universiteitskoor

Prof. Petru Gräbe hanteer steeds die koor saam met sy taak as professor in Wiskunde. Mnr. Chris Gunter het egter in 1983 as koorbestuurder bedank en is deur mnr. Kobus Rossouw opgevolg. Gedurende dieselfde jaar is die koor as pryswenners van die SAUK TV-koorkompetisie aangewys. Tydens die Europese konserttoer in Desember 1984 is Oostenryk, Duitsland, België en Frankryk besoek en Händel se "Messias" is uitgevoer. In Oktober 1985 is die koor na die Afdeling Studente-ontwikkeling oorgeplaas. 'n Belangrike fase in die koor se geskiedenis is in 1986 betree toe Momentum Lewens besluit het om die koor as enigste borg finansieel te ondersteun. Hierdie verbintenis duur reeds sewe jaar en het die koor daartoe in staat gestel om menige projek te onderneem wat andersins nie moontlik sou gewees het nie. Tydens die 1987 Internasionale Roodepoort-Eisteddfod is die eerste plek vir gemengde kore aan die Tukkiekoor toegeken. 'n Baie genotvolle en geslaagde 25-jarige feeskonsert is gedurende Oktober 1988 in die Opera aangebied, waartydens alle oudkoorlede en oudkoorleiers opgetree het.

In Maart 1989 is die koor na die Afdeling Kultuurbevordering in die Buro vir Openbare Betrekkinge oorgeplaas met prof. Murray Schoonraad as Afdelingshoof. Mnr. Kobus Rossouw het in Maart 1989 as koorbestuurder bedank en is deur mnr. Jacques Strydom opgevolg. Op die koor se verjaarsdag op 19 Maart 1990 is die Koorkamer in die Ou Letteregebou in gebruik geneem. Gedurende Desember 1990 is 'n konserttoer na Hongarye, Oostenryk, Italië, Wes-Duitsland, België en Frankryk onderneem waartydens 'n uitvoering van Bach se "Kersfees-oratorium" gelewer is. Binnelandse toere is na die Oos-Kaap, Noordwes-Kaap, Suidwes-Afrika (tans Namibië), Kaappunt, Natal en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verre Noord-Transvaal onderneem. Die koor het tans 'n diskografiese versameling van elf klankbane en verskeie TV-opnames.

Sedert Junie 1992 het die koor 'n tuiste in die nuutgestigte Kultuurburo gevind. Die koor het ook tydens die Oos-Kaaptoer in Julie 1992 aan die Grahamstadse Kunsfees deelgeneem. Gedurende Oktober 1992 was Tukkies die gasheer van die Spoornet-Kuesta waartydens kore van tien van die land se tersiêre instellings opgetree het.

Die UP-simfonieorkes

Die UP-simfonieorkes wat reeds in 1972 gestig is, bied beroepsgerigte opleiding aan jong musici. Benewens musiekstudente is daar ook studente uit ander studierigtings, skoliere en vooraanstaande Pretoriase musici wat in die orkes speel. Dit bewys weer eens dat musiekmaak 'n behoefte van die hart is wat te midde van 'n besige dagprogram die nodige aandag moet kry.

Die administrasie van die orkes wat van 1979 af deur die Kultuurburo behartig is, is in 1984 na die Departement Musiek oorgeplaas. In 1989 is die orkes na die Buro vir Openbare Betrekkinge oorgeplaas, waar 'n Afdeling Kultuurbevordering met prof. Murray Schoonraad as hoof in die lewe geroep is. Sedert 1992 funksioneer die bestuur van die orkes binne die struktuur van die Kultuurburo onder die leiding van mnr. Piet Moolman.

Aangesien die UP-Simfonieorkes twee konsertprogramme per jaar instudeer, brei sy repertoire aansienlik uit. In 1983 het die orkes onder leiding van prof. Henri Arends vir die eerste keer 'n volwaardige simfonie, Simfonie nr. 1 van Beethoven, uitgevoer.

Prof. Alan Solomon is sedert 1986 dirigent van die UP-simfonieorkes en medeprofessor in die Departement Musiek. Hy is een van ons land se hoogs aangeskrewe viooldosente, asook 'n gevierde dirigent.

Gedurende 1987 het die UP-simfonieorkes vir die eerste keer 'n Concertofees aangebied waartydens twaalf studente van die Departement Musiek as soliste in concerti (of dele uit concerti) opgetree het. Soortgelyke feeste is ook in 1989 en 1992 gehou. 'n Hoogtepunt in die bestaan van die orkes was 'n uitvoering in 1991 saam met twee internasionaal befaamde Chinese musici, Wen Chin-long en Chen Chung-shen. Tydens dié geleentheid het elkeen 'n concerto van Mozart op tradisionele Chinese instrumente gespeel.

UP-strykensemble

'n Strykensemble wat onafhanklik van die Simfonieorkes funksioneer, is in 1989 gestig. Dié groep staan ook onder die leiding van prof. Alan Solomon.

Aand- en etensuurkonserte

Gepaardgaande met die ontbinding van die eertydse Kultuurburo is reëlings ten opsigte van konsertaanbiedings sedert 1984 na die Departement Musiek oorgeplaas. Daar word gemiddeld een aandkonsert per maand aangebied. Die aandkonserte word sedert 1981 deur die Oude Meester-stigting geborg. In 1989 en 1990 is die aandkonserte in samewerking met TRUK aangebied. 'n Aantal aandkonserte (die uitvoerings deur die UP-simfonieorkes, Personeelkonserte waartydens personeel van die Departement Musiek opgetree het, en Pretorium Trust-beurskonserte) is egter onafhanklik van TRUK aangebied.

Alle sake rakende die organisasie en publisiteit vir die Mimi Coertse-beurskompetisie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is in 1984 deur die Departement Musiek en in 1990 deur die Afdeling Kultuurbevordering behartig.

Daar word gereeld etensuurkonserte op Donderdae (eksamen- en studentevakansietye uitgesonder) aangebied. Die rol wat die etensuurkonserte op die Tukkiekampus vervul, het verskeie fasette. Deur die jare het dit gevestig geraak as 'n noodsaaklike kulturele aktiwiteit op die kampus. Voorts bied dit aan musiekstudente noodsaaklike verhoogervaring en dien as 'n besondere bron van motivering aangesien 'n besondere hoë standaard vereis word voordat 'n student genooi word om op te tree.

Die etensuurkonserte word sedert 1986 vir vyf jaar deur Saambou geborg. Van 1991 af tot op hede word die konserte deur Leo Haese BMW geborg.

Musiekverrykingskursusse

Sedert 1987 word verrykingskursusse jaarliks vir sowel jong musici, as vir musiekonderwysers aangebied. Verskeie internasionaal bekende musici is genooi om meesterklasse aan te bied. Die Oostenrykse tjelliste Heidi Litschauer het die kampus in 1987 besoek. In 1991 het sowel die Engelse orrelis James Parsons, as die Italiaanse pianis Fabio Bidini, meesterklasse gegee wat besonder suksesvol verloop het. Meesterklasse deur internasionale besoekers word afgewissel deur verskillende kursusse wat deur personeel van die Departement Musiek aangebied word.

Die Pretoriase Kinderkoor

In 1988 is 'n suksesvolle toer in samewerking met die SWA-gebiedsmagte na Suidwes-Afrika (tans Namibië) onderneem. Gedurende dieselfde jaar is daar egter besluit dat die Universiteit nie meer administratiewe of finansiële ondersteuning aan hierdie koor kon lewer nie. Die koor, tans onder leiding van dr. Tinus Kuhn, staan sedert 1989 onder die beskerming van die Fakulteit Opvoedkunde. Ander binnelandse toere is na Natal (1990) en die Kaapprovinsie (1992) onderneem.

Tuks 82

Met die ontbinding van die eertydse Kultuurburo is Tuks 82 na die Afdeling Studente-ontwikkeling oorgeplaas. Mnr. Jannie du Toit het as Beampte: Studentekultuur hierin die leiding geneem. Verskeie geslaagde produksies is op 'n tweejaarspeelvakgrondslag aangebied, byvoorbeeld "Luister na die Liedjies", "Loeloeraai", "Gansdans" en "RIP". Met die bedanking van mnr. Du Toit in 1987 het hierdie projek ten einde geloop.

Studentekultuur

In 1990 is mnr. Leon van der Merwe by die Universiteit aangestel. Hy is saam met die VSR-lid vir Studentekultuur daarvoor verantwoordelik om die tradisionele studentekultuuraktiwiteite te bestuur. Daar word 'n onderskeid getref tussen drie kategorieë aktiwiteite: interhuiskompetisies, met inbegrip van die ienkkonsert, toneelfees, koorkompetisie en serriekompetisie; kampusprojekte, soos die ligte-liedjiefees en letterkundefees; asook algemene projekte soos filmfeeste en die koffiekroeg. Die eerste Tuks-Nedbank-filmfees is gedurende April 1991 in die Aula aangebied en weens die sukses daarvan is die speelvak vir die 1992-seisoen verdubbel. Daar het 'n behoefte aan 'n ligte musiekgroep ontstaan en in November 1991 is die kabaretgroep, Tuksedo, in die lewe geroep. Hulle eerste formele uitvoering het tydens die Grahamstadse Kunsfees in Julie 1992 plaasgevind.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aan die begin van 1992 is die opgegradeerde koffiekroeg onder die nuwe naam Houdenbek oopgestel.

Teaters en sale

Die teaterbestuurder, mnr. Francois Jacobs, en sy personeel is met die ontbinding van die Kultuurburo na die Departement Musiek oorgeplaas. Hierdie subafdeling is egter in 1986 na die Afdeling: Studenteontwikkeling oorgeplaas. Gedurende April tot September 1990 is daar bykans 'n miljoen rand aan die opgradering van die Aula se beligting- en klankfasiliteite gespandeer. Gedurende dieselfde jaar is die subafdeling na die Afdeling Kultuurbevordering van die Buro vir Openbare Betrekkinge oorgeplaas. Tweedefase-opknapwerk het gedurende Julie tot September 1992 in die Aula en Rautenbach-saal plaasgevind. Die Musaion en Aula is gereeld deur organisasies soos Pro Arte (oftewel die vroëre Kuns-, Musiek- en Balletskool), die FAK, ATKV, ATKB, SAUK en TRUK vir aand- en etensuurkonserte gebruik. Die Musaion word vanweë sy besonder goeie akoestiek deur kore en orkeste gebruik. Die Departement Musiek is 'n groot kliënt van die Musaion aangesien die Departement dit vir musiekopleiding gebruik. Buite-instansies wat gereeld opvoerings in die Aula aanbied, is die Alabama-studentegeselskap en die Rondomtalies. 'n Verskeidenheid kunstenaars tree ook jaarliks hier op wat wissel van operasterre soos Manuel Escorsio tot die alternatiewe musikante soos Johannes Kerkorrel. Die sale word dikwels vir kongresse en sinodesittings gebruik. Gemiddeld maak 30 000 tot 40 000 mense jaarliks van die fasiliteite gebruik.

Die Rautenbachsaal word hoofsaaklik vir onthale en uitstallings gebruik, terwyl die Amfiteater vir die informeler geleenthede gebruik word soos die tradisionele eerste dag tydens die oriëntering van nuweling-eerstejaars. Die Amfiteater sal waarskynlik die beste onthou word vir die opspraakwekkende toesprake van die Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, en mnr. Nelson Mandela in 1991.

Kunsuitstallings en -versamelings

Daar kan sonder vrees vir enige teëspraak beweer word dat die dekade tussen 1982 en 1992 sekerlik as 'n bloeitydperk op die gebied van kunsbevordering aan die Universiteit van Pretoria beskryf kan word. In hierdie opsig het die toenmalige Visekanselier en Rektor, prof. Danie Joubert, 'n deurslaggewende rol gespeel. Gedurende sy ampstermyn het prof. Joubert hom veral vir drie dinge rondom die beeldende kunste beywer:

* die bevordering van kuns in die algemeen, die bekendstelling van kunstenaars en die gereelde uitstalling van kunswerke op die kampus;
* die uitbouing van die Universiteit van Pretoria se kunsversameling; en
* die verbetering van die Van Wouwmuseum, asook die uitbreiding van die Universiteit se Van Wouwversameling.

Aanvanklik is kunsuitstallings aan die Universiteit hoofsaaklik in die Van Wouwhuis en die galery van die Departement Beeldende Kunste gehou. Op inisiatief van prof. Joubert is die Intersaal van die Ou Letteregebou omskep in 'n galery wat vir uitstallings gebruik kon word en in 1985 is hierdie uitstalruimte vergroot met die toevoeging van die sogenaamde Rektorsaal.

Met die ingebruikneming van die Intersaal (in 1983) en die Rektorsaal (in 1985) as galerye het heelwat vooraanstaande uitstallings hier plaasgevind. Die volgende dien as voorbeelde hiervan:

* 'n oorsigtentoonstelling van die werk van Enslin du Plessis: Mei 1983;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

* 'n oorsigtentoonstelling van die werk van Bettie Cilliers-Barnard: Oktober 1984;
* 'n huldigingsuitstalling van Gregoire Boonzaier se werk: September 1985;
* die Zakkie Eloff-uitstalling in November 1985;
* 'n oorsigtentoonstelling van die werke van Alexander Rose-Innes: Februarie 1986;
* 'n uitstalling van die skilderye van Pierneef in die Universiteit se kunsbesit: Augustus 1986;
* 'n gesamentlike uitstalling van die werk van Zakkie en René Eloff: Mei 1987;
* 'n oorsiguitstalling van die werk van Anna Vorster: September 1987;
* die Jack Lugg-uitstalling: September 1987;
* die uitstalling in Maart 1988 wat verteenwoordigend is van Bettie Cilliers-Barnard se hele oeuvre wat sy aan die Universiteit van Pretoria geskenk het;
* die June te Water-uitstalling: Mei 1988;
* 'n uitstalling deur die Suidwes-kunstenaar Heinz Pulon: Augustus 1988;
* die Barbara Tyrrell-uitstalling: Januarie 1989;
* Christo Coetzee se uitstalling: April 1989;
* die uitstalling van Thijs Nel: April 1990;
* 'n oorsigtentoonstelling van keramiekwerk van Hym Rabinowitz: Augustus 1990;
* 'n oorsigtentoonstelling van skilderye van Dick Findlay: Augustus 1990;
* die uitstalling van Elza Laubscher: Oktober 1990;
* 'n verdere uitstalling van die werke van Zakkie Eloff: Maart 1991;
* 'n uitstalling van 54 skilderye van Nico Roos: Mei 1991;
* die Elwin Buchel-uitstalling: Julie 1991; en
* 'n uitstalling van keramiekwerk van die Bosch-familie: September 1991.

By elkeen van die hierdie uitstallings het prof. Joubert die openingsrede op 'n uitsonderlike wyse behartig. So het hy bewys gelewer van sy buitengewone kennis van die Suid-Afrikaanse kuns. Terselfdertyd het prof. Joubert 'n tradisie laat voortleef wat in die dertigerjare deur prof. M.L. du Toit by die Universiteit gevestig is, naamlik dat elke kunstenaar wat by die Universiteit uitstal, minstens een kunswerk aan die Universiteit skenk. Die gevolg hiervan was dat die Universiteit sy kunsversameling oor die afgelope dekade met meer as 200 kunswerke uitgebrei het.

Gedurende die periode 1982 tot 1992 het enkele publikasies oor die kunsbesit van die Universiteit die lig gesien. Voorbeelde hiervan is publikasies oor Anton van Wouw en die Van Wouwhuis, Erich Mayer en Gregoire Boonzaier-boomstudies.

Die Van Tilburg-versameling

Nadat die Universiteitsraad op 12 April 1976 die versameling van mnr. J.A. van Tilburg as skenking aanvaar het, is 'n beheerkomitee daarvoor saamgestel. Die beheerkomitee het teen die einde van 1978 amptelik ontbind en die werksaamhede van die Van Tilburg-beheerkomitee is met ingang 1 Januarie 1979 deur die Buro vir Kultuuraangeleenthede (Kultuurburo), waarvan mnr. C.E. Lamprecht die Direkteur was, oorgeneem. In 1981 is die Van Tilburg-versamelingkomitee, onder voorsitterskap van prof. F.G.E. Nilant, saamgestel.

Sedert 23 Junie 1982 is die beheer van die Van Tilburg-versameling deur 'n subkomitee van die UP-kunsbesit behartig. Navorsing en rondleidings is onder toesig van prof. A.E. Duffey gedoen en in 1983 is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die versameling ook vir die publiek oopgestel. Ná prof. Nilant se uittrede in 1984, het prof. Duffey as voorsitter van die Van Tilburg-komitee opgetree totdat prof. Murray Schoonraad as hoof van die Departement Kunsgeskiedenis aangestel is. Die beheer van die Van Tilburg-versameling is toe aan die betrokke departement oorgedra. Navorsing is deur tydelike personeel onder leiding van prof. Schoonraad gedoen, maar rondleidings is steeds deur prof. Duffey hanteer.

Die Afdeling Kultuurbevordering het in Februarie 1989 as onderafdeling van die Buro van Openbare Betrekkinge tot stand gekom. Prof. Schoonraad is as hoof van die Afdeling aangestel en die Van Tilburg-versameling is aan hierdie Afdeling oorgedra. Sedert 1 Junie 1992 het 'n selfstandige Kultuurburo, met dr. A. Breedt as Direkteur, weer op die been gekom. Die Van Tilburg-versameling is tans 'n onderafdeling van die UP-kunsversameling en raak bekender onder die algemene publiek. Gedurende 1991/92 het plaaslike groepe soos die Africana-vereniging, Rapportryers, VLU, Highveld Forum, Speakers Corner, The Historical Society, 'n Griekse vroueklub, vroue van ambassadepersoneel uit verskeie lande, 'n aantal ambassadeurs en 'n toenemende getal oorsese toeriste die versameling besigtig.

Met ingang 1991 is 'n voltydse personeellid vir die versameling aangestel met die opdrag om die dokumentasie te voltooi, die algemene versorging en onderhoud van die versameling te behartig en rondleidings te doen.

Die Van Gybland Oosterhoff-versameling

Die versameling het tot in 1989 onder die beheer van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis (in 1988 het hierdie Departement saamgesmelt met die Departement Geskiedenis en staan dit nou bekend as die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis) gestaan en verskeie studente was onder leiding van mej. M. van Heerden van dié Departement met navorsing oor, en dokumentasie van die versameling behulpsaam. In 1989 is die Van Gybland Oosterhoff-versameling aan die Afdeling Kultuurbevordering oorgedra en is daar vir die eerste keer 'n pos net vit hierdie versameling geskep en is daar met 'n geskikte katalogiseringstelsel begin.

In Junie 1992 is die beheer en toesig oor die Van Gybland Oosterhoff-versameling aan die Kultuurburo toevertrou.

Argeologiese en Volkekundige versamelings

Afgesien van die bestaande Argeologiese en Volkekundige versamelings het die Universiteit daarin geslaag om in 1987 59 skilderye van dr. Barbara Tyrrell aan te koop. Hierdie versameling is tans die tweede grootste in Suid-Afrika en beeld die kleredrag van 'n verskeidenheid inheemse groepe in die eerste helfte van hierdie eeu uit.

In 1990 het die Universiteit in samewerking met mnr. H.C. Woodhouse 'n UP-uitstalling van Sanrotskuns georganiseer. Dit bestaan uit 54 kleurplate wat 'n verteenwoordigende oorsig van Sanrotsskilderye bied. Die uitstalling is reeds met groot sukses in byna elke land in Europa aangebied. 'n Rugsteunkopie van die materiaal is, soos in die geval van die bogenoemde Tyrrellversameling, vir besigtiging deur die publiek beskikbaar.

Gekoördineerde kultuurbestuur

Na aanleiding van die bevindinge van die span eksterne bestuurskonsultante dat die Kultuurburo in 1984 moes ontbind en dat die onderskeie subafdelings gevolglik na ander afdelings oorgeplaas moes word, het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daar 'n groot leemte in die koördinering van kultuur op die kampus ontstaan, soos afgelei kan word uit die talle skuiwe wat elk van bogenoemde groepe beleef het. Gevolglik is kultuursake uiters gefragmenteerd bedryf.

In Julie 1991 is kultuursake deur twee afsonderlike onderafdelings op die kampus bedryf te wete:

* die Afdeling Kultuurbevordering van die Buro vir Openbare Betrekkinge, bestaande uit die drie subafdelings: die Tukkiekoor (insluitend Teaters en Sale), die UP-simfonieorkes (insluitend die ensemble, aand- en etensuurkonserte) en kunsuitstallings (insluitend die Van Tilburg-, Van Gybland Oosterhoff- en Van Wouwversamelings); asook
* die Beampte: Studentekultuur van die Afdeling Studente-ontwikkeling van die Studentedekaan.

Die probleem is op die spits gedryf in Augustus 1991 met die oorlyde van die Afdelingshoof Kultuurbevordering, prof. Murray Schoonraad. 'n Eksterne bestuurskonsultasiespan wat 'n ondersoek gedoen het na die bemarking van die Universiteit, het in sy verslag van Oktober 1991 bevind dat kultuur nie funksioneel by Bemarking (Openbare Betrekkinge) inskakel nie. 'n Kultuurkoördineringskomitee is aangestel met die Viserektor: Akademies, prof. J.J. Stadler as voorsitter. Die opdrag was om ondersoek in te stel na die bevordering van kultuur op die kampus ten einde kultuuraktiwiteite doelmatig te laat plaasvind. Die komitee het bestaan uit proff. Nico Roos (Hoof: Departement Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis), G.P. van de Geest (Hoof: Departement Musiek), Flip van der Watt (Studentedekaan), Wouter van Wyk (Dekaan: Lettere en Wysbegeerte), Petru Gräbe (koorleier), Alex Duffey (Departement Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis), dr. André Breedt (Direkteur: Buro vir Openbare Betrekkinge), die VSR-lid vir Studentekultuur, mnr. Gerhard van Huyssteen, en mnr. Jacques Strydom (sekretaris). Twee subkomitees, een vir Beeldende Kunste onder voorsitterskap van prof. Nico Roos, en 'n ander vir Uitvoerende Kunste onder voorsitterskap van prof. Petru Gräbe, is aangewys om die saak op elk van die onderskeie terreine te ondersoek. Dr. André Breedt het die samevattende verslag met tersaaklike aanbevelings voorberei. Die verslag is teen einde Maart 1992 aan die Rektoraat voorgelê en aldus goedgekeur.

Die Kultuurburo het weer op 1 Junie 1992 begin funksioneer. Ten einde die Kultuurburo as 'n dinamies aanpasbare kultuurkrag te vestig en te ontwikkel, streef die Buro daarna om 'n multidimensionele kultuur te bevorder deur-

* kultuurontwikkeling binne aanvaarbare artistieke, estetiese en etiese norme deurlopend aan te moedig;
* kultuurprodukte van hoogstaande gehalte te skep en aan te bied; en
* kultuurpotensiaal en -hulpbronne optimaal te ontgin en oordeelkundig uit te bou.

Dr. Breedt is as Direkteur aangestel en die bestuur van die volgende afdelings is aan hom opgedra:

* Uitvoerende Kunste: Universiteitskoor, Simfonieorkes, Strykensemble, Aand- en Etensuurkonserte, Teaters en Sale;
* Beeldende Kunste: Kunsuitstallings en -versamelings;
* Studentekultuur; en
* Fakulteitsprojekte.

Vakkundig word die Direkteur en personeel van die Buro deur 'n stelsel van komitees ondersteun. Die Kultuurkoördine-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ringskomitee bly voortbestaan om algemene maatreëls te hanteer. Die Werkkomitee vir Uitvoerende Kunste bestaan uit prof. Petru Gräbe (Voorsitter), saam met proff. G.P. van de Geest (Hoof: Departement Musiek) en Louw Odendaal (Hoof: Departement Drama), dr. Breedt, die Beampte Studentekultuur, die VSR-lid vir Studentekultuur, mnr. J. Strydom en mnr. P. Moolman (Sekretaris). Die Werkkomitee vir Beeldende Kunste bestaan uit proff. Nico Roos (Voorsitter), Alex Duffey (Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis), dr. Breedt, die Beampte Studentekultuur en die VSR-lid vir Studentekultuur. Die Werkkomitee vir Studentekultuur staan onder voorsitterskap van prof. Flip van der Watt (Studentedekaan) en sluit dr. Breedt, die Beampte: Studentekultuur en die VSR-lid vir Studentekultuur in. Die vierde en laaste werkkomitee, Fakulteitskultuur, bestaan uit proff. Wouter van Wyk (Dekaan: Lettere en Wysbegeerte), O.J.O. Ferreira (Kultuurgeskiedenis), mnr. Nic Boshoff (Direkteur: Fasiliteite, Beplanning en Bedryfsadministrasie), dr. Breedt en mnr. J. Strydom (Sekretaris).

André Breedt

STUDENTEDIENSTE

Studentedekaan

Die Direktoraat: Studentediensburo het in 1984,met die aanstelling van prof. D.J. Swiegers die Kantoor van die Studentedekaan geword. In 1989 met die aftrede van prof. Swiegers is prof. P.B. van der Watt, Dekaan: Teologie (Ned. Geref. Kerk), as sy opvolger aangewys.

Die gebou waarin Studentedienste (voorheen bekend as Studentediensburo) gehuisves word, is in 1991 opgeknap. Die personeel van die Studentedekaan, die afdelings Studente-inligting en Studentevoorligting vind hier 'n onderdak.



Prof. D.J. Swiegers, Studentedekaan, 1984 - 1989; Hoof: Departement Sielkunde, 1977 - 1984.

Die Studentedekaan het in 1991 verskeie universiteite in Engeland, Amerika en Europa besoek en veral die aspekte van leierskapsontwikkeling by studente, asook die konsep van die sogenaamde "toegevoegde waarde" (*core curriculum*) ondersoek. Aanbevelings in dié verband het in 1992 as deel van 'n verslag voor die fakulteitsrade van Natuur- en Geesteswetenskappe gedien. Leierskapsontwikkeling is 'n belangrike taak van die Afdeling Studenteontwikkeling.

Die jaarlikse Ouerdag en Oriënteringsprogram vir eerstejaars word vanuit die Kantoor van die Studentedekaan gereël. Mev. C.H. van Tonder neem die leiding. Hierdie aksie is toegespits daarop om eerstejaars, voordat die akademiese jaar 'n aan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.B. van der Watt, Studentedekaan, sedert 1989; Dekaan: Fakulteit Teologie B, 1987 - 1989; Hoof: Departement Kerkgeskiedenis, 1975 - 1989.

vang neem, met die universiteitsopset vertroud te maak. In 1992 is 'n besondere klem op die inskakeling van nie-Afrikaanssprekendes geplaas. 'n Akademiese steunprogram, wat deur die Departement Afrikaans aangebied word, help met basiese vaardighede in Afrikaans.

Studente-inligting

Hierdie werksaamheid - voorheen ook bekend as Skoleskakeling - is in 1987 van die Buro vir Openbare Betrekkinge na die Studentedekaan oorgeplaas. Hierdie werksaamheid het in 1992 weer eens verskuif: dit het deel van Bemarkingsdienste geword, is bekend as Voornemende Studente en staan onder leiding van dr. J. Hendrikz.

Studentevoorligting

Die Afdeling Konsultasie het in 1973 as onderafdeling van die Studentediensburo begin met die taak van voorligting aan studente en sedertdien is dr. J.A.J. Erasmus die hoof van hierdie Afdeling. Die hoofdoel van die Afdeling was om studente met aanpassingsprobleme en kursusskemas te help.

Die naam van die Afdeling Konsultasie is later in die Afdeling Studentevoorligting verander. Hierdie bedeling het tot in 1992 voortbestaan, waarna die Afdeling na die Buro vir Akademiese Steundienste oorgeplaas is en die naam in die Afdeling Voorligting en Leerontwikkeling verander is. In die proses het die doelwitte van die afdeling radikaal verander en word leerontwikkeling eerder as voorligting as 'n prioriteit vooropgestel. Gevolglik word minder aandag aan individuele studente met probleme gegee en meer klem word op die ontwikkeling van akademiese programme gelê. Ook voornemende studente word nie meer te woord gestaan nie, maar na die nuutgestigte Afdeling Voornemende Studente verwys.

Studente-ontwikkeling

Onder leiding van dr. J.G. Williams word 'n infrastruktuur in die Afdeling Studenteontwikkeling sedert 1982 in stand gehou wat 'n ondersteuningsdiens vir die VSR en al sy subkomitees bied.

Met die verhuising van hierdie Afdeling in 1984 van die kantore in Tindallweg na die ou Kloosterkompleks of Tukkiewerf, soos dit later genoem is, is die dienste heelwat uitgebrei en toegankliker gemaak. In 1984 is 'n beampte van die voormalige Kultuurburo na Studente-ontwikkeling oorgeplaas en is studentekultuur sy taak. Ook die bestuur van die teaters op die kampus word sedertdien vanuit hierdie Afdeling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hanteer. Nog 'n belangrike ontwikkeling het gevolg toe die verantwoordelikheid ten opsigte van koshuislewe sedert 1985 aan die hoof van die Afdeling oorgedra is. In 1987 is die afdelingshoof op 'n direkteursvlak as Direkteur van Koshuise en Studentelewe aangestel. Met die bedanking van dr. J.G. Williams in 1989 is die pos op die vlak van afdelingshoof vasgestel en mnr. S.J. van Wyk (Adjunkdirekteur) is in Januarie 1991 in dié pos aangestel.

Die groter verantwoordelikheidsin wat by studente merkbaar is én die verbetering van die beeld van studente-aktiwiteite noodsaak die Afdeling Studente-ontwikkeling om sy bestuurstyl drasties aan te pas om tred te hou met die eise wat die universiteitsowerheid, asook die studente, stel. Die kwessie rondom die ontwikkeling van 'n strategie vir leierskapsontwikkeling word al belangriker in 'n omgewing waar al hoe groter eise aan studente gestel word. Die veelvuldige aktiwiteite word onder meer gereflekteer in die volgende diensterreine wat in 'n bestuursplan gedurende 1992 geïdentifiseer is:

* 'n Effektiewe ondersteuningsdiens;
* suksesvolle finansiële bestuur;
* kundige bestuur van standhoudende borge en winsbronne;
* die ontwikkeling van administratiewe en bestuursbeginsels by studente;
* die bevordering van 'n positiewe houding by studente;
* professionele leierskapsopleiding;
* 'n bemiddelaarsfunksie tussen studente en owerheid;
* 'n maatskaplike hulpdiens; en
* die bevordering van kultuur.

Aan die einde van 1992 is die Afdeling se missie soos volg gedefinieer:

Om op 'n effektiewe en professionele wyse, ter ondersteuning van 'n georganiseerde studentelewe by die Universiteit van Pretoria-

* aan studenteleiers leiding, onderrig en ondersteuning te verskaf met betrekking tot hulle bestuurs-, administratiewe en beïnvloedingsfunksie onder studente, asook hulle diens aan die gemeenskap;
* aan alle studente 'n kundige gebruikersvriendelike en kliëntgesentreerde diens en infrastruktuur te verskaf en te bestuur;
* 'n onderhandelings- en skakelfunksie tussen studente en die Universiteit te verrig;
* aan studenteleiers opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede te bied deur die instel en aanbied van toepaslike programme;
* aan alle studente in samewerking met studenteleiers kultuurgeleenthede te bied; en
* om die sosiale aanpassing van studente in 'n rustige akademiese atmosfeer te bevorder.

Die Afdeling Studente-ontwikkeling het dus deur die loop van die laaste dekade ontwikkel van 'n suiwer reaktiewe diensseenheid in 1982 wat bloot op eise uit die omgewing gereageer het, tot 'n dinamiese Afdeling wat studente en hulle leiers proaktief en op 'n professionele wyse ondersteun.

Die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR)

Deur die loop van die tien jaar van 1982 tot 1992 het die Verteenwoordigende Studenteraad 'n baie dinamiese ontwikkelingsfase deurloop. Veral op die vlak van studentebetrokkenheid, politieke meelewing, asook deelname aan universiteitsbestuursprosesse het die Studenteraad aansienlik gevorder.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Studentebetrokkenheid by studenteraadsaktiwiteite is een van die grootste probleme waarmee die VSR te kampe het. Afgesien van die swak stempersentasies tydens studenteraadsverkiesings (deurentyd in die omgewing van 25% tot 28%), word projekte swak ondersteun en is daar dikwels in die pers en andersins kritiek teen die Studenteraad en sy werksaamhede uitgespreek. Die Studenteraad het hierdie probleem probeer oorkom deur die koördinering van studente-aktiwiteite, die deurgee van inligting na die studentegemeenskap, asook deur die verteenwoordigingsfunksie van die Verteenwoordigende Studenteraad te beklemtoon. In hierdie verband word baie aandag gegee aan strukture waarbinne die VSR moet funksioneer. Nog 'n stap in die rigting van groter studente-betrokkenheid is in 1984 geneem toe die diverse studenteaktiwiteite in Tukkiewerf onderdak gegee is.

In 1985, met die inskakeling van die buitemuurse afdeling by die nauurse eenheid op die kampus, is die buitemuurse Studenteraad ontbind en by die binnemuurse Studenteraad ingeskakel. Hiermee is groter aandag aan die betrokkenheid van nauurse studente verleen en die Dagstudentehuis het voortaan verantwoordelikheid vir nauurse studente aanvaar. Klem op studentebetrokkenheid val sedert 1986 op die identifisering van leierskapspotensiaal en die ontwikkeling van leierskap onder studente. Sedert 1991 het opleiding en ontwikkeling momentum begin verkry en die gedagte van "toegevoegde waarde" het gelei tot 'n indringende ondersoek na die moontlikheid om leierskapsontwikkeling op alle vlakke te doen.

Wat die verteenwoordigende funksie van studenteleiers betref, is die ordereglement van Studenteraadsvergaderings in 1989 gewysig sodat alle Huisvoorsitters stemreg verkry. Die gehalte en omvang van die VSR se werksaamhede het drasties toegeneem met hierdie groter verteenwoordigende stelsel.

Een van die Studenteraad se belangrikste ontwikkelingsareas gedurende die afgelope dekade was die groter deelname aan, en inspraak op verskeie bestuursvlakke van die Universiteit. In 1988 het die voorsitter en die ondervoorsitter van die VSR sitting in vergaderings van die Senaat verkry en 'n era van studente-verteenwoordiging in amptelike strukture van die Universiteit is hiermee ingelui. Hierdie groter verantwoordelikheid van studenteleiers vereis beter voorbereiding en opleiding, asook die skep van funksionele kommunikasiekanale vir studente.

Teen 1991 is hierdie verteenwoordiging so uitgebrei dat studente nou ook in die Universiteitsraad, Akademiese Beplanningskomitee, Roosterkomitee en fakulteitsrade verteenwoordig word.

Wat die VSR se benadering tot landspolitiek betref, het veranderinge in die Republiek uiteraard tot gevolg gehad dat die VSR sy beleid en benadering moes aanpas. Sedert die ontbinding van die Afrikaanse Studentebond (ASB) gedurende die 1985/86 termyn kon 'n nuwe benadering tot politiek by die Studenteraad waargeneem word. In die 1986/87 termyn is politieke verenigings vir die eerste keer op die kampus toegelaat. Politieke gesprek stimuleer die studente se denkwyse dan ook in so 'n mate dat kandidate vir die VSR-verkiesing hulself sedert 1990 openlik aan 'n politieke party koppel en in die verkiesingsveldtog baie sterk op partyondersteuning staatmaak.

Hierdie partygekoppelde studentepolitiek verloop nie sonder voorval nie. In Augustus 1990, tydens 'n openbare byeenkoms in die Amfiteater waar Staatspresident F.W. de Klerk opgetree het, het regse politieke groepe gesing en slagspreuke

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geskree om sodoende te probeer verhoed dat die Staatspresident sy toespraak lewer. Hulle kon egter nie daarin slaag om die geleentheid te ontwrig nie. In 1991 het die Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS) mnr. Nelson Mandela as leier van die African National Congress (ANC) uitgenooi om hulle in die Amfiteater te kom toespreek. Die vergadering is egter deur die regse politieke groepe in so 'n mate ontwrig dat mnr. Mandela die verhoog moes verlaat sonder dat hy sy toespraak kon lewer.

Na 'n groot bohaai oor hierdie voorval in die pers het verskeie reglemente deur die VSR die lig gesien ten einde politieke gesprek op die kampus ordelik te laat verloop en ooreenkomste tussen die onderskeie politieke verenigings is gesluit ten einde verdere ernstige voorvalle te verhoed.

VSR-voorsitters 1982/83 tot 1992/93

1982/83 G.J. Scott
1983/84 P.J. Grobler
1984/85 P.B. Theunissen
1985/86 J.S. Kriek
1986/87 O.J. Botha
1987/88 M.N. Joubert
1988/89 P. Boshoff
1989/90 C. Vorster
1990/91 L.J. du Plooy
1991/92 D.M. Viljoen
1992/93 M. Alberts

Huisvesting

Sedert die eerste gebou (in Tindallweg 84) en Huis en Haard in 1971 betrek is en kort daarna ook die huis langsaan in Tindallweg 80, het dit gou geblyk dat hierdie fasiliteite ontoereikend is vir 'n snelgroeiende organisasie soos die Studenteraad.

Studenteraadslede en verenigings is in die kantore van Huis en Haard gehuisves, terwyl die finansiële en administratiewe personeel Tindallweg 84 beset het. Die afdelingshoof en die opleidingsbeampte van die Afdeling Studente-ontwikkeling is in Tindallweg 80 gehuisves. Jool en Radio Tuks het die gebou op die hoek van Duxburyweg en Hildastraat betrek, terwyl *Die Perdeby* se kantore nog steeds in die Aula-kompleks geleë was. Hierdie situasie het gou onhoudbaar geword en verligting het in 1984 gekom toe die Studenteraad met sy subkomitees en verenigings en die administratiewe personeel die destydse Kloosterkompleks betrek het. Hierdie kompleks, insluitend die kerk en die saal, is in 1980 deur die Universiteit van Pretoria teen 'n bedrag van R1,6 miljoen aangekoop en in 1983 vir gebruik deur die Studenteraad gerenoveer.

Die Studenteraad het die kompleks "Tukkiewerf" gedoop. Radio Tuks was in daardie stadium die enigste subkomitee wat nie in Tukkiewerf gehuisves was nie. Tukkiewerf het mettertyd weer uit sy nate begin bars en die Dagstudentehuis is teruggeskuif na Huis en Haard. Die Buitemuurse Studenteraad het van 1984 tot in daardie stadium Huis en Haard as hoofkwartier gebruik. In 1992 is addisionele kantoorruimte vir verenigings by Duxburyweg 40 ingeruim.

Tuks Jool

Die verreikendste gebeurtenis vir Tuks Jool die afgelope tien jaar was die samesmelting op 25 Oktober 1990 van die twee komitees wat bekend gestaan het as die Sentrale Joolkomitee en die Sentrale Ontwikkelingshulpkomitee van die Universiteit van Pretoria. Hierdie komitees het besluit om onder een gesamentlike bemarkingsnaam, naamlik Tuks Jool, bekend te staan en te funksioneer as Tuks Jool Fondsinsameling en Tuks Jool Gemeenskapsdiens. Die oorhoofse missie van Tuks Jool is dan ook: "'n Studente-organisasie wat ten doel het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

om aktiewe gemeenskapsdiens te verrig en gefinansier word deur fondsinsamelingsprojekte."

Tuks Jool het oor die afgelope dekade van 'n organisasie met 'n omset van R451 000 tot bykans R1,5 miljoen gegroei. Hierdie fondse word gegenereer deur projekte rondom die joolplaas, joolblad, joolhemp, kollektelyste, donasiebriewe, koshuisprojekte, debutante, asook verskeie ander projekte. Tot en met 1983 is alle musiekuitvoerings op Loftus Versfeld aangebied en sedert 1984 is dit na die joolplaas verskuif. Gedurende dié tydperk is daar ook 'n prospektus uitgegee wat aan topbesture van organisasies gestuur word en wat groot reklamewaarde vir Tuks Jool inhou. Soos duidelik blyk uit Tuks Jool se leuse, "Om 'n ander", word gepoog om elke jaar groter en beter te word - juis vir hulle wat dit nodig het.

Op 1 Januarie 1989 is die eerste maatskaplike werker, mev. G.M. Nolte, by die Afdeling Studente-ontwikkeling aangestel. Die aanstelling is deur die destydse UPSOK gedoen. Intussen is UPSOK se naam in Tuks Jool Gemeenskapsdiens (TJG) verander. Hierdie organisasie het 'n tweeledige aard. Ten eerste is dit 'n studente-organisasie wat daarna streef om studente betrokke te kry by gemeenskapsdiens om hulle sodoende toe te rus om verantwoordelike, gebalanseerde landsburgers te word. Tweedens is TJG ook 'n volwaardige diensorganisasie wat aan al die vereistes van 'n geregistreerde welsynsorganisasie voldoen.

Met die aanstelling van 'n maatskaplike werker is groter koördinering, vakkundige beplanning en wetenskaplike dienslewering bewerkstellig. Dienslewering aan studente behels maatskaplike hulp aan studente in nood, voorkomende groepwerksessies in koshuise oor aktuele onderwerpe, asook gemeenskapswerk wat die koördinering, bestuur en opleiding van diensgroepe, langtermyngemeenskapsdiens- en kampusprojekte insluit. Voorts word ook na 'n gekoördineerde fakulteitsgerigte gemeenskapsdiens gestreef.

Opleiding word aan studente in die Maatskaplike Werk in hulle derde en vierde jaar verskaf, wat hulle dienste in hierdie opleidingsproses aan Tuks Jool Gemeenskapsdiens beskikbaar stel.

Tuks Jool Gemeenskapsdiens skakel met talle welsynsorganisasies en ander aanverwante organisasies. So raak studente tot voordeel van die student self, by die Universiteit en die gemeenskap betrokke. 'n Hoë premie word op multi-dissiplinêre samewerking binne en buite die Universiteit geplaas.

Die Perdeby

As nuusblad het *Die Perdeby* nog altyd sy plek volgestaan met berigte oor onder meer akademiese en administratiewe aangeleenthede, studenteraadsake, sport, sosiale lewe, verenigingsaktiwiteite en die politiek. Behalwe hierdie nuusfunksie, vervul dit ook 'n opvoedingstaak deur die plaas van wyduiteenlopende onderwerpe wat lesers intellektueel vorm en stimuleer. Deur sy korrespondensiekolomme verskaf hy ook 'n forum vir die wisseling van gedagtes. Daarby het die redaksionele werk reeds talle jongmense vir latere leidende posisies in die perswese en op vele ander terreine voorberei en gevorm.

Die redaksie funksioneer selfstandig, hoewel die redakteur se aanstelling deur die Studenteraad goedgekeur moet word.

Ongeag hoë koste, word *Die Perdeby* steeds gratis versprei en word die drukkoste deur advertensie-inkomste en 'n subsidie van die Studenteraad gedek. Advertensie-inkomste was in 1982 nage-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

noeg R25 000 per jaar en het tot ongeveer R132 000 vir 25 uitgawes per jaar in 1992 toegeneem.

Met die verhuising van die Studenteraad in 1984 na die ou Kloosterkompleks het die redaksie asook die advertensiewerfster 'n aantal kantore in Tukkiewerf betrek. Die groter beskikbare ruimtes het meegewerk tot ander positiewe ontwikkelinge. In 1990 is 'n rekenaar teen sowat R80 000 aangeskaf wat die redaksie daartoe in staat stel om die uitleg en setwerk van die hele koerant self te behartig. Sedertdien word die koerant deur die redaksie self uitgelê en geset. Dit word deur die *Pretoria News* gedruk. In 1992 was die oplaag 12 000 eksemplare vir elk van die 25 uitgawes en dit maak *Die Perdeby* die studentekoerant met die grootste oplaag in die land.

Perdebyredakteurs: 1982/83 tot 1992/93

1982/83 Thijs van der Merwe
1983/84 Danie Moller
1984/85 Appie Pienaar
1985/86 Frans Viljoen
1986/87 Drice Odendaal
1987/88 Paul Dijkstra
1988/89 Charles Vorster
1989/90 Susan Booyens
1990/91 Werner Viljoen
1991/92 Blaar Coetzee
1992/93 Karin van Marlé

Radio Tuks

Die Radio Tuks-idee het in 1980 ontstaan toe daar 'n behoefte aan 'n radiostasie vir studente geïdentifiseer is. Aan die einde van 1980 is die ateljee gebou. Die eerste amptelike uitsending het op 9 Februarie 1981 plaasgevind. Aanvanklik is slegs in Afrikaans uitgesaai en landlyne is gebruik om die groot kafeteria te bereik. 'n Pragtige embleem is ook in daardie jaar vir Radio Tuks ontwerp.

Tussen 1982 en 1984 het Radio Tuks vinnig uitgebrei en elke koshuis asook die BMW-gebou en Onderstepoort kon mettertyd die uitsendings opvang.

Teen die middel van 1984 trek die Sentrale Joolkomitee uit die Radio Tuks-gebou en word die hele gebou deur Radio Tuks betrek. Verdere uitbreidings het gevolg en verskeie strukturele aanpassings is gemaak. Die topbestuur is meer in pas met die radiobedryf gebring en verskeie oud-lede van Radio Tuks is suksesvol in die vermaaklikheidsbedryf aangestel. In 1985/86 is vir die eerste maal in Engels uitgesaai. Radio Tuks het die Camel Pyramid of Light National Campus DJ Competition in 1989 gewen en die eerste kampusradiostasie geword om van kompakskywe gebruik te maak. 'n Nuwe klankmenger is ook geïnstalleer. Daar was ook terugslae. In Augustus 1990 het 'n donker wolk oor Radio Tuks gehang. Na vele onderhandelinge het die VSR in April van daardie jaar besluit om die radiostasie te sluit en twee redes daarvoor aangevoer, naamlik oorspandering en wanbestuur. Enkele maande later is die radiostasie egter heropen. In Januarie 1991 het Radio Tuks na 'n inbraak verskeie nuwe en moderner toerusting aangeskaf en het die bestuur hulle daartoe verbind om Radio Tuks weer sy regmatige plek op die kampus te laat inneem. 'n Groot ideaal van Radio Tuks is om op FM-Stereo uit te saai en gedurende 1992 is vasberade onderhandel om gedurende Joolweek 1993 daardie ideaal te verwesenlik.

Hoofde van Radio Tuks 1982/83 tot 1992/93

1982/83 Willem Cilliers
1983/84 Joe Moller
1984/85 T. Groenewald
1985/86 Jaco Greyling
1986/87 Herku Wentzel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1987/88 Cathy Gosser
1988/89 Kobus Burger
1989/90 Henk Swanepoel
1990/91 Johan Kruger
1991/92 Rian Scheepers
1992/93 Etienne Vlok

Studentekultuur

Die subkomitee van die VSR vir kuns- en kultuuraangeleenthede (sedert 1977 bekend as KUKU) het oor die jare die organisering en aanbieding van alle kuns- en kultuuraktiwiteite vir studente behartig. Hoogtepunte wat op die kultuurkalender gevestig geraak het, is die Ienkkonsert as deel van die oriënteringsprogram, 'n interhuis-koorkompetisie, die serenadekompetisie, musiekaande in koshuise en kampuskonserte waar van die beste professionele kunstenaars in die Aula en Musaion optree.

Sedert 1984 het Jannie du Toit as personeellid van Studente-ontwikkeling 'n belangrike rol ten opsigte van studentekultuur vervul. 'n Revuegroep, bekend as Tuks '80, '81 ensovoorts, het onder sy leiding 'n program "Luister na die Liedjies" in 1981/82 op die planke gebring, gevolg deur musiekblyspele "Loeloeraai" en "Gansdans" tussen 1983 en 1985. Hierdie groep het die beeld van die Universiteit in Pretoria en omgewing uitstekend uitgedra en het verskeie toere deur die land onderneem. Benewens die administrasie en regie van die musiekgroep, het dié beampte ook as kultuurbeampte gefunksioneer en kontinuïteit, advies en leiding aan die VSR-portefeulje probeer gee. Weens 'n tekort aan fondse en die oorbelading van die kultuurbeampte het die musiekgroep doodgeloop en is die pos van kultuurbeampte by Studente-ontwikkeling nie weer gevul nie. Aangesien daar tussen 1987 en 1990 nie 'n Kultuurburo of 'n kultuurbeampte belas met studente-kultuur was nie, is alle kultuuraktiwiteite deur die VSR-portefeulje Kuns en Kultuur georganiseer. Die Afdeling Kultuurbevordering, wat onder die Buro vir Openbare Betrekkinge geressorteer het, het gedurende hierdie periode onder meer uitstallings, die UP-simfonieorkes en die Tukkiekoor geadministreer.

In Desember 1990 het 'n pos vir 'n beampte vir studentekultuur by die Afdeling Studente-ontwikkeling tot stand gekom. Dit het dadelik kontinuïteit aan alle studentekultuuraktiwiteite verleen en het die VSR-lid met sy komitee daartoe in staat gestel om op 'n hoër vlak te funksioneer. Nuwe projekte, soos die jaarlikse Tuks/Nedbank Filmfees, is in 1991 geloods waarmee fondse vir kultuurontwikkeling ingesamel is. 'n Nuwe identiteit is verkry deurdat die benaming KUKU (Kuns en Kultuur) gedurende 1991 in Studentekultuur verander is. 'n Kabaretgroep genaamd Tuksedo is in 1991 gestig met die oog op optredes en die bemarking van Tukkies se kultuurbeeld.

Die hooftaak van die portefeulje Studentekultuur is die strategiese bestuur van alle fasette van studentekultuur op die kampus ten einde geleenthede vir betekenisvolle deelname en kultuurontwikkeling te bied. Met die VSR-lid as voorsitter, 'n uitvoerende komitee van agt en 'n komitee van ses en veertig studente het die kulturele aktiwiteite in 1991/92 op die kampus 'n hoogtepunt bereik. Talle suksesvolle kompetisies, konserte en feeste is aangebied waaraan studente, personeellede en lede van die publiek kon deelneem. Benewens die reeds gevestigde kultuurprojekte, is daar in 1991 vir die eerste maal 'n toergroep na die Nasionale Kunsfees te Grahamstad gestuur. Die ou VSR-raadsaal in die Aula-kompleks het geleidelik in onbruik geraak en word sedert 1991 as die "Hou-den-Bek Koffiekelder" deur die portefeulje Studentekultuur aan 'n kontrakteur verhuur.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Nuwe stimulus vir studentekultuur was die stigting van 'n Kultuurburo in 1992. Dit bied veral die moontlikheid van ondersteuning in die vorm van kundigheid en ander hulpbronne wat tot die voordeel van die kultuurontwikkeling van studente kan strek.

VSR-boekwinkel

Die VSR-boekwinkel is in Januarie 1982 in Huis en Haard in Tindallweg geopen. Aanvanklik was daar net twee tydelike personeellede en is van slegs drie leweransiers gebruik gemaak. Basiese skryfbehoeftes en tweedehandse boeke het die totale bedryf uitgemaak. Die winkel het egter so vinnig uitgebrei dat daar na ses maande verhuis moes word na die Ou Biochemie-gebou op die hoofkampus, die lokaal waar die winkel nog vandag is.

Die boekwinkel is 'n studenteraadsprojek wat hoofsaaklik op dienslewering aan studente ingestel is. Skryfbehoeftes word teen 'n lae winsgrens op die kampus aan studente verkoop en die uitgangspunt is dat die diens so volledig moontlik moet wees. Die wins word tot voordeel van die studente in langtermyn studenteraadsprojekte belê om sodoende sekere noodsaaklike bates vir die VSR aan te skaf.

Die suksesverhaal van die VSR-boekwinkel kan afgelei word uit die feit dat die omset oor die afgelope dekade met 545% gestyg het. Die bruto wins het in dieselfde tydperk met 395% gestyg en bevestig dat pryse deurentyd tot voordeel van die studente aangepas is.

Tukkiestudente beskou die VSR-boekwinkel as 'n integrerende deel van die kampus en daarom word daar voortdurend probeer om met goeie pryse en 'n volledige reeks items 'n ideale diens aan elke student te lewer.

Koshuislewe

Die koshuislewe aan die Universiteit van Pretoria word sedert 1983 gekenmerk deur die groter outonomie én onafhanklikheid van die koshuisbesture. Koshuise moet hulle eie reglemente en konstitusies saamstel. Alhoewel die VSR die onderskeie huise se konstitusies goedkeur, berus die beheer en kontrole van reëls by die koshuisbestuur wat uit die huiskomitee in samewerking met die koshuishoof bestaan.

Met die groter verantwoordelikheid wat op die skouers van koshuisbesture geplaas is, moes die huisbesture beter vir hulle bestuurstaak toegerus word. Toegepaste en kundige opleidingsprogramme is derhalwe sedert 1982 jaarliks vir koshuisbesture aangebied en die sukses van hierdie opleiding kan duidelik in die professionele bestuursbenadering van die onderskeie leiersgroepe waargeneem word.

Belangrike koshuisbestuursaspekte is mettertyd deur die huisbesture self hanteer en die studenteleiers in koshuise moes bestuursinsette lewer met betrekking tot belangrike besluite, soos besoeke van lede van die teenoorgestelde geslag in koshuiskamers, plundering en vandalisme, toelating van lede van ander bevolkingsgroepe, asook die totstandkoming van 'n nuwe dameskoshuis.

'n Besluitnemingstelsel wat aan die een kant uit die studente bestaan en onder leiding van die VSR die Dames- en Mansoorlegkomitees vorm (bekend as DOK en MOK) sluit, wat koshuisbestuur betref, aan die ander kant by die Mans- en Dameskoshuishoofdekomitees aan. Tydens vergaderings, waar die Viserektor aanvanklik die leiding geneem het, kry die koshuishoofde van die mans- en dameskoshuise afsonderlik saam met hulle onderskeie voorsitters en primariae die geleentheid om probleme te bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Namate studente in toenemende mate die bestuur van koshuise saam met hulle koshuishoofde begin hanteer het, het die behoefte aan 'n vloeiender bestuurstelsel ontstaan. Na die bedanking van prof. P. Oosthuizen as Viserektor in 1991 neem die Studentedekaan, prof. P.B. van der Watt, die voorsitterstoel van die gesamentlike vergaderings van koshuishoofde en voorsitters in. Na vele besprekings is daar besluit om die bestuurstelsel aan te pas en vroeg in 1992 is 'n nuwe bestuurstelsel vir koshuise aanvaar. Hierdie stelsel maak voorsiening vir 'n beleidsvergadering waar koshuishoof en voorsitter (mans en dames) saam oor die beleid vir die bestuur van koshuise besluit. Die uitvoering van hierdie beleid word op afsonderlike vergaderings van manskoshuishoofde en voorsitters en dameskoshuishoofde en primariae bespreek en beplan, waarna dit deur die onderskeie koshuisbesture uitgevoer word.

Wat die koshuislewe in die algemeen betref, bly oriëntering, ontheffing en die algemene hantering van eerstejaars seker dié aspekte wat die meeste probleme veroorsaak. Hoër akademiese druk lei daartoe dat koshuise groter klem op 'n akademiese atmosfeer moet plaas. In 1990 is die oriënteringstydperk tot 14 dae verkort met die volle ontheffing van eerstejaars op die veertiende dag. Hierna is eerstejaars slegs vir sekere noodsaaklike dienste in die koshuis verantwoordelik. Jool bly ook 'n bekommernis vir die Universiteitsowerhede en om te verhoed dat joolaktiwiteite met die studente se akademie inmeng, is dit vervroeg tot die derde week nadat die eerstejaars aangemeld het. Senior studente geniet nog steeds vele voorregte met min beperkings in koshuise en veral by manskoshuise is addisionele geriewe, soos klubhuise en gimnasiums sedert 1988 deel van die voorregte wat uitsluitlik tot seniorstudente se beskikking is.

Die grootste sosiale aanpassing in koshuise wat die afgelope tyd hanteer is, is seker die akkommodering van lede van ander bevolkingsgroepe in die koshuise. Hierdie studente word egter sedert die begin van 1990 met groot gemak en weinig probleme in die koshuise gehuisves en eerstejaars sowel as senior studente van alle kultuurgroepe woon tans saam in koshuise.

Tydens die afgelope dekade het die koshuise se voorkoms asook die fasiliteite weinig verandering ondergaan. Weens 'n tekort aan verblyf vir damesstudente en 'n redelike uittog uit die manskoshuise is in 1989 besluit om die twee oostelike vleuels van Maroela en Mopanie saam te voeg en as 'n dameskoshuis in te rig. Na verskeie pleidooie en selfs dreigemente van die twee manskoshuise is daar tog met die plan voortgegaan en in Januarie 1990 het die nuwe dameskoshuis, Katjiepiering, die lig gesien. Aanvanklike weerstand het gaandeweg plek gemaak vir aanvaarding en Katjiepiering is binne 'n jaar ten volle as deel van die Proefplaasgemeenskap aanvaar.

In 1992 het Tankotie besluit om ook haar beeld en voorkoms aan te pas en die gevolg was die nuwe naam Nerina. Huis BCur is ook in die laat 80's ten volle as dameskoshuis aanvaar en met die nuwe naam Curlitzia het al nege dameskoshuise sedert 1992 blomverwante name. Huisvestingsprobleme was egter nog nie opgelos nie en in 1992 is met die Pretoriase Onderwyskollege onderhandel om een van sy moderne kampuskoshuise, Môreskof, tot beskikking van die Universiteit te stel.

Huis Onderstepoort het sedert 1982 al hoe meer vrouestudente in die koshuis bygekry en in 1992 was daar reeds 42 meer vroueas mansstudente in die koshuis woonagtig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die koshuislewe bly steeds die hartklop van die kampus van die Universiteit van Pretoria en met die dinamiese benadering tot leierskap en bestuur is 'n rustige en goedontwikkelde akademiese atmosfeer in koshuise gevestig.

Daghuise

Die groot gros Tukkies woon nie in die koshuise nie. Ten einde ook hierdie studente sinvol by die georganiseerde studentelewe in te skakel is talle sogenaamde "Daghuise" steeds in swang. So is die groter fakulteite en selfs departemente se dagstudente in sulke huise georganiseer en lewer steeds 'n belangrike bydrae tot die kampusaktiwiteite. Sommige het selfs periodieke publikasies soos *Skryfskiet* en *Die Dailie*.

Gesondheidsdienste

Die Studentegesondheidsdiens se gebou het in 1982 baie verander om dit funksioneler te maak ten einde die groeiende pasiëntetal te hanteer.

Die noodtoerusting van die sportbeseringsdienspunt op die L.C. de Villiers-sportterrein is aangevul sodat dit die meeste noodsituasies kan hanteer. Vanaf Januarie 1989 is 'n kliniek ook op die Onderstepoort-kampus gevestig waar 'n geneesheer twee maal per week vir twee uur lank tot studente se beskikking is. Die kliniek was eers in die ou Biblioteek gehuisves, maar word sedert 1992 in nuwe, funksionele kamers in die Sir Arnold Theiler-gebou gehuisves.

Waar die Studentegesondheidsdiens sedert sy ontstaan in 1974 slegs deur tydelik/deeltydse mediese praktisyns beman is, is daar aan die begin van 1981 'n tydelik/voltydse geneesheer aangestel. Van die begin van 1982 is 'n permanent/voltydse medikus (dr. M. de Jager) as hoof aangestel, terwyl daar ook 24 sessies van twee uur elk vir tydelik-deeltydse medici beskikbaar was. Gedurende 1982 is die getal verplegingsposte ook vermeerder tot twee voltydse en een halfdagsuster. Om die werk by Onderstepoort ook te hanteer is die aantal sessies vermeerder sodat daar tans benewens die voltydse mediese pos, ook 28 sessies van twee uur beskikbaar is wat jaarliks deur 'n wisselende getal mediese praktisyns gevul word.

Die aantal konsultasies het jaarliks toegeneem, terwyl die beskikbare tyd en personeel weinig vermeerder het (7 071 in 1982; 9 880 in 1991). Sedert die begin van die diens in 1974 is daar reeds mediese dienste aan meer as 31 000 studente gelewer. Oor die jare het die patroon van die siekteprofiel min of meer dieselfde gebly. Ongesteldheid van die asemhalingsweë en beserings, sportbeserings ingesluit, is bo-aan die lys.

Die Studentegesondheidsdiens lewer ook wanneer nodig mediese dienste aan besoekende buitelandse gasdosente en hul gesinne, asook aan kongresgangers en ander besoekers aan die Universiteit.

Sedert 1989 word daar een maal per week 'n dieetkundekliniek by die Studentegesondheidsdiens deur senior dieetkundestudente onder leiding van hulle dosente aangebied. Pasiënte met siektetoestande wat spesiale dieetkundige advies vereis kan hierheen verwys word, en studente kan ook self van die diens gebruik maak vir byvoorbeeld advies rakende verslanking of 'n gebalanseerde en ekonomiese dieet. Hierdie diens is baie gewild.

Behalwe die diagnostiese en kuratiewe diens wat deur die Studentegesondheidsdiens gelewer word, word die gee van gesondheidsvoorligting as van besondere belang geag. Voorligting word meestal op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

individuele basis tydens konsultasies gegee, maar daar word ook gebruik gemaak van uitstallings, literatuur, videovertonings in die wagkamer, groepbesprekings, ensovoorts. Sedert 1990 word daar jaarliks in samewerking met die Departement van Bevolkingsontwikkeling en Gesondheid en die Tuks Jool Gemeenskapsdiens 'n groepie senior studente van Maatskaplike Werk opgelei om portuurgroepberading spesifiek met betrekking tot seksualiteit en verhoudings onder studente te behartig. Dit is baie suksesvol en voorsien in 'n groot behoefte.

Die Studentegesondheidsdiens van die Universiteit van Pretoria was in 1977 reeds gemoeid met die voorlopige samesprekings om 'n Suid-Afrikaanse vereniging van gesondheidsdienste vir studente tot stand te bring, en is 'n lid sedert die stigting van die Vereniging soos dit in 1978 sy beslag gekry het. Die Vereniging hou jaarliks 'n kongres en jaarvergadering waar sake van gemeenskaplike belang bespreek word. Die Studentegesondheidsdiens was reeds twee maal die gasheer vir die aanbieding daarvan, naamlik in 1983 vir die vyfde (toe daar afgevaardigdes van net agt universiteite was) en weer in 1992 vir die dertiende kongres, wat deur afgevaardigdes van 21 universiteite en tersiêre inrigtings bygewoon is. Dit dui onteenseglik op 'n definitiewe behoefte.

Die Studentegesondheidsdiens is in hierdie tydperk deur afgevaardigdes van verskeie ander universiteite en technikons besoek en geraadpleeg oor die instelling van soortgelyke dienste aan hul inrigtings.

SPORTBURO

Plek van sport aan die Universiteit van Pretoria

Sedert die ontstaan van die Transvaal University College in 1908 het sportbeoefening 'n integrerende deel van die universiteitslewe gevorm. In dié opsig het studente-aktiwiteite nie verskil van dié aan ander inrigtings nie. In die jongste tyd het die belangrikheid van sport aan Suid-Afrikaanse universiteite toegeneem.


Dit word algemeen aanvaar dat fisiese aktiwiteit vir 'n gebalanseerde en fisies gesonde mens nodig is. Daarby het sport ook waarde deurdat dit 'n positiewe karakter- en persoonlikheidsontwikkeling ondersteun gerugsteun deur 'n gesonde morele en sosiale lewensuitkyk. Studentesport, as een van die belangrikste nie-akademiese studente-aktiwiteite, kan 'n belangrike rol vervul in die voorbereiding van studente vir die volwasse lewe.

Die wenfaktor kan ter wille van die status van die Universiteit oorbeklemtoon word. Die beste antwoord wat die Universiteit van Pretoria hierop kon gee, is die groot getal studente wat aan sport deelneem. Deur deelname te bevorder en die beskikbaarstelling van fasiliteite het die syfer in 1992 aangegroei tot 32,4%. Hierdie hoë deelnameregistrasie toon dat dit by Tukkies in die eerste plek om deelname gaan en nie om topprestasies nie.

Die aanmoediging van sportprestasie en die werwing van sportlui wat sedert die sewentigerjare deur die Universiteit van Pretoria toegepas word, word tans nog met sekere aanpassings gevolg. Toekenning van beurse het geskied op grond van sportprestasies plus akademiese prestasie. Sowel skoliere as studente aan die Universiteit kom in aanmerking vir die toekenning van beurse. Die Sportburo hanteer self die administrasie en uitbetaling van die sportbeurse.

Benewens die Universiteit van Pretoria se toekenning het sekere sportklubs jaarliks beperkte bydraes uit klubtrustfondse aan belowende sportlui beskikbaar gestel. 'n Sportpresteerder kan uit enigeen van hier-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Mnr. Gert Potgieter, Direkteur: Sportburo, sedert 1 Okt. 1989.

die bronne toekennings in 'n bepaalde jaar ontvang. Die werwing van fondse vir al hierdie toekennings word via die sportbeamptes deur die Adjunkdirekteur (Sport en Rekreasie) hanteer.

'n Verdere ontwikkeling het plaasgevind deurdat private mense en instansies toegelaat word om beurse te skenk. Hieronder het in 1982 getel die Biedermannbeurs ter waarde van R500, die Albie Batesbeurs ten bedrae van R400, die Willa Schoemanbeurs wat gegenereer word uit 'n R10 000 vaste belegging waarvan die rente jaarliks toegeken word. In 1983 het dr. Ernst Dinkelmann aftrekorders deur dokters en oudstudente laat onderteken en is sodoende jaarliks 'n bedrag van R1 280 vir beurse beskikbaar gestel. By al bogenoemde toekennings geld akademiese prestasie streng as vereiste.

Die Universiteitsbestuur het vir 1983 'n bedrag van R15 000 aan die UP-sportkomitee vir sportbeurse, volgens voorgestelde riglyne, beskikbaar gestel. Hierdie nuwe bedeling het nie veel gehelp om in die vraag na sportbeurse te beantwoord nie. Afgesien van die R15 000, was die UP-sportkomitee aangewese op beurse wat deur private individue en instansies bewillig is, plus geld wat deur die Buro vir Openbare Betrekkinge verkry is. Die laasgenoemde bydrae het ver tekort geskiet van die mikpunt van R50 000. Gevolglik het die topbestuur in November 1983 besluit om die bedrag vir sportbeurse in 1984 met R50 000 tot R65 000 te verhoog. Hierdie reëling sou vir drie jaar geld, waarna dit heroorweeg sou word. Dit het beteken dat die Buro vir Openbare Betrekkinge vrygestel is van sy vroeëre onderneming om jaarliks R50 000 vir sportbeurse in te samel. Nietemin het die Buro steeds bygedra uit fondse geïn deur 'n verskeidenheid geleenthede.

Administrasie, organisasie en die bevordering van sport

Teen 1983 het die samestelling van die UP-sportkomitee reeds 'n verandering ondergaan. Die vernaamste verskil was dat die studenteliggaam groter verteenwoordiging ontvang het deur die insluiting van die voorsitter van die Sentrale Studenteraad en sewe ander studentelede wat deur die Sentrale Studenteraad aangewys is. Die lede het jaarliks uit eie geledere 'n voorsitter gekies. Prof. D.J. Swiegers was die voorsitter toe die komitee aan die einde van 1983 ontbind is. Dit is deur 'n Sportadvieskomitee vervang waarvan die samestelling ietwat anders geskied het. Dit het bestaan uit die VSR-voorsitter, VSR-lid vir Sport, Viserektor belas met sport en vyf benoemde personeellede. Prof. J.L. Botha was die eerste voorsitter. Soos die naam aandui, kon die Komitee die Direkteur van die Sportburo slegs van raad dien. Hierdie Advieskomitee het gefunksioneer tot en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

met Oktober 1989 toe daar bevind is dat die komitee nie eintlik 'n volwaardige bestaansreg het nie. Die Direkteur van die Sportburo en sy bestuur sou in die toekoms die funksies self verrig.

Sportdirektoraat

Mnr. Hugo Olivier, Direkteur van die Sportburo vanaf 1974, het in Mei 1988 bedank. Mnr. F.J. Senekal, Adjunkdirekteur (Sportpromosie), het tot en met die aanstelling van mnr. G.C. Potgieter op 1 Oktober 1989 as Direkteur waargeneem.

Die Sportburo het in die afgelope dekade 'n strukturele verandering ondergaan deurdat 'n addisionele adjunkdirekteurspos ingestel is, naamlik Adjunkdirekteur Sport en Rekreasie. Mnr. J. Ligthelm is vanaf 1 Junie 1989 in die pos aangestel.

Die Sportburo het 'n mylpaal bereik met die aanstelling van die eerste heeltydse rugbyafrigter in diens van die Universiteit van Pretoria, naamlik mnr. J.Y. Stoffberg.

Met die aanstelling van die eerste Studentedekaan, prof. D.J. Swiegers, in 1984 is sport onder direkte toesig van die Studentedekaan geplaas. Met die aftrede van prof. Swiegers in 1989 is prof. P.B. van der Watt aangestel. Na 'n intensiewe ondersoek is daar besluit om te onderskei tussen kalklig- en nie-kalkligsportsoorte. Daar is besluit om drie sportsoorte as kalkligsportsoorte te identifiseer op grond van ligaprestasies, deelnemersgetalle en mediadekking. Hulle is: atletiek, krieket en rugby. In die toekoms sal ook na sokker gekyk word.

Die bogenoemde klubs sou voortaan vir 'n voorraad- en 'n SAU-begroting by die Sportburo kwalifiseer, terwyl die nie-kalkligsportsoorte slegs vir registrasiegelde en 'n honorarium in aanmerking sou kom.

In 1992 is met die opleiding van besture van sportklubs begin. Drie opleidingseminare is aangebied, naamlik vir voorsitters van klubs, sekretarisse en tesouriers. Die program het vir delegering, kommunikasie, opstel van begrotings, agendas en notules voorsiening gemaak.

In die tagtigerjare sou daar 'n reusesprong wees ten opsigte van die voorsiening van sportfasiliteite. Gedurende Oktober 1983 het die Sportburo na die nuwe Sport-sentrum by die L.C. de Villierssportterrein verhuis. Hierdie pragkompleks is op 23 Oktober 1983 op luisterryke wyse in gebruik geneem.

Die Sportsentrum bestaan uit 'n sirkelvormige konstruksie waarvan die sentrale gedeelte deur 'n veeldoelige saal van meer as 1 000 vierkante meter beslaan word. Hierdie saal word deur die Departement Menslike Bewegingskunde en sportklubs vir die beoefening van pluimbal, netbal, basketbal, vlugbal, skerm en trampolienspring gebruik. Die saal met 2 600 pawiljoensitplekke en 'n balkon vir vername gaste leen hom uitstekend tot toernooie in sportsoorte soos tennis, gimnastiek, tafeltennis, judo, karate, stoei, boks en gewigoptel. Rondom die hoofsaal is daar afsonderlike lokale vir boks, stoei, judo, karate, gimnastiek, ballet en fiksheidsklasse. Daarby is daar ook 'n kraggimnasium. Elders in die sentrum is daar ontspanningsruimtes ingerig waar tafeltennis, snoeker, veerpyltjies, ensovoorts gespeel kan word. In 'n leeskamer kan tydskrifte oor sportaangeleenthede geraadpleeg word. Verder is voorsiening gemaak vir komiteekamers, kantore, kleedkamers en voldoende bergingsruimtes. 'n Kafeteria en 'n ver-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

versingstuin vir 700 mense sorg vir die inwendige versterking van die sportlui. 'n Verhitte binnenshuise swembad is ook ingesluit.

Die totale area van die sentrum beslaan meer as 9 000 vierkante meter. Hierdie nuwe prestigesportsentrum plaas die Universiteit van Pretoria in 'n toonaangewende posisie by die onderrig van studente in Menslike Bewegingskunde, die beoefening van binnenshuise sport en sportnavorsing.

Op die terrein van die Sportsentrum is 'n dam gebou wat, vanweë sy aandeel daaraan na mnr. Paul van Zyl vernoem is. Dit bied vir die kanovaarders die geleentheid om op die terrein in plaas van op Roodeplaatdam te oefen.

'n Verdere ontwikkeling was die oprigting van 'n lank gekoesterde klubhuis vir sportmanne. Op 10 Maart 1987 is die Daan Swiegers-sportklubhuis deur die Rektor, prof. D.M. Joubert, amptelik geopen. Die eerste klubhuisbestuurder was mnr. Burger Geldenhuys van rugbyfaam.

Nog 'n bate was die bou van 'n muurbalbaan waar ook televisieopnames gemaak kon word. Dit het die aantal muurbalbane van ses tot sewe vermeerder. In 1992 het 'n verdere uitbreiding van muurbalgeriewe plaasgevind deurdat die Hillcrest- muurbalbane teen 'n nominale bedrag by die Stadsraad van Pretoria gehuur word.

By die weervaste speelareas vir netbal, basketbal en korfbal is daar addisionele spreiligte opgerig wat speeltoestande in die aand aansienlik verbeter het.

Ontwikkeling en gebeure in sportklubs

'n Doeltreffende sportadministrasie en doelmatige sportfasiliteite word in die belang van sportbeoefenaars beskikbaar gestel.

Atletiek

Die UP-atletiekklub het 'n besondere dekade agter die rug. Heelwat prestasies van wêreldgehalte is gelewer. Enkele hoogtepunte was die volgende:

Die Tukkies lewer in die dekade sewentien Springbokke en nege junior Springbokke op, terwyl hulle nog steeds die grootste getal senior en junior atlete vir Noord-Transvaal lewer. Die mansspan het die Dalrympeltrofee sewe keer en die vroue-span die Rodger Dyasonskild twee keer gewen.

Sonder die puik paneel afrigters en die pragtige oefengeriewe sou die atletiekprestasies nie moontlik gewees het nie. Enkele van hierdie uiters bekwame afrigters is: John Short, Louis Nel, Steve Rautenbach, Pieter Labuschagne, Branus Ras, L.A.S. du Plessis, Elma Uys, Susan Lion-Cachet, André Swart en Terseus Liebenberg, tans heeltydse Sportbeampte met opdrag Atletiek. Vele afrigtingskursusse en klinieke is jaarliks deur die Tukkie-afrigters aangebied. Tukkies het as klub ook by afrigting en ontwikkeling in die agtergeblewe woongebiede betrokke geraak.

Op bestuursvlak was die bestuur in die bekwame hande van studente, terwyl as voorsitters gedien het:

1980	:	D.H. van Zyl
1982	:	W.N. Coetzee
1983-1988	:	J.L. Botha
1988-1989	:	M. Saayman
1989-1992	:	Donna Marucchi

Vrouehokkie

Vanaf 1982 het die Vrouehokkieklub wisselende sukses behaal. Na die driedubbele eer wat hulle in 1982 te beurt geval het toe Glenda Matthews, wat as kaptein van Noord-Transvaal aangewys is, in 'n Presi-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dentselftal en 'n Suid-Afrikaanse elftal ingesluit is, en Glenda Anderson ook vir die Suid-Afrikaanse elftal gekies is, het geen ander speler daarna weer die eer gehad om vir 'n Suid-Afrikaanse elftal gekies te word nie.

Die Tukkies het egter hulle deel tot die spel op provinsiale en Suid-Afrikaanse Universiteitevlak bygedra, naamlik 42 spelers vir Noord-Transvaal en vyftien vir die Suid-Afrikaanse Universiteite.

In dié tydperk het Maryna Edwards en Karin van Huyssteen belangrike rolle in die ontwikkeling en afrigting van die klub gespeel. Sedert 1989 word daar ook jaarliks 'n binnenshuise Suid-Afrikaanse Universiteitetoernooi aangebied wat gedurende die laaste twee jaar deur die Universiteit van Pretoria gewen is.

Krieket

In 1982 is prof. F.D. van Niekerk tot President van die UP-krieketklub verkies. Die klub se aanvanklike sukses was grootliks aan die bymekaarkom van prof. Van Niekerk en Anton Ferreira as afrigter toe te skryf. Anton Ferreira het veral groot moeite gedoen met die ontwikkeling van die koshuisspelers en hy was dan ook die persoon wat Tertius Bosch ontdek het. Die Noord-Transvaalse Krieketunie het onder leiding van dr. Willie Basson jaarliks 'n bedrag van R15 000 ten opsigte van afrigting en ontwikkeling aan die krieketklub geskenk. Gedurende 1990 is hierdie bydrae egter opgeskort.

Ná Anton Ferreira se vertrek is daar nie weer 'n voltydse afrigter/sportbeampte aangestel nie. Die gevolg was dat die klub daaronder gely het. In 1989 is mnr. Willie Morris as sportbeampte aangestel en het hierdie provinsiale speler se kennis en ervaring grootliks tot die klub se sukses van 1989 tot 1990 bygedra toe Tukkies vir die eerste keer sedert 1947 weer die Noord-Transvaalse superkrieketliga gewen het.

Die klub het op die nasionale klubkampioenskap wat gevolg het derde geëindig. Die Australiër, Mike Haysman, het in hierdie tyd by die klub aangesluit om met afrigting en speloriëntering te help. Die seisoen 1991-1992 het vyf Tukkiespelers vir Noord-Transvaal opgelewer.

Landloop en Marathon

Die groterwordende behoefte aan fiksheid met die strewe na 'n gesonde gees kan duidelik in die geskiedenis van Tuks-landloop en -Marathon bespeur word. Vandag beskik die klub oor 'n ledetal van meer as vyfhonderd; een van die grootste marathonklubs in Noord-Transvaal, asook die tweede grootste klub op Tukkies.

Deur die jare van isolasie het die Tukkie-atlete hulle stempel duidelik op provinsiale en inter-universitêre vlak afgedruk. Verskeie provinsiale, SAU- en nasionale kampioene het met trots onder die Tukkievaandel deelgeneem. Hier word veral gedink aan atlete soos Buks Annandale, Arrie van Heerden, Deon Fouché, Sarel Spies, Tommie Swart en Ronelle Roodt. In hierdie tydperk is bykans honderd Tukkies in Noord-Transvaalspanne opgeneem vir beide padwedlope en landloop, asook bykans vyftig SAU-spanne. Die Tukkiemans is ook ses keer as kampioenlandloopspan ten tye van die SAU-kampioenskappe bekroon.

Die klub vertoon ook puik in aflosse, waarvan die belangrikste seker "Die Groot Treinwedloop" in Port Elizabeth is. Sedert Tuks in 1988 aan die wedloop begin deelneem het, is hulle slegs een keer in die afdeling vir atletiekklubs geklop.

Padwedlope in Suid-Afrika het al bykans sinoniem geword met die Comrades.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tukkie-atlete het reeds 'n rits silwermedaljes ingepalm. Van die vernaamste wenners tel Charl Bredell, 'n man wat reeds elf Comrades-wedlope in Tukkiekleure voltooi het met agt silwer- en drie bronsmedaljes. Die groeiende Tukkie-aanslag word nie net deur groter getalle nie, maar ook beter prestasies weerspieël. Al die Tukkies het die wedloop in 1992 voltooi, waartydens sewe silwermedaljes verower is - beide nuwe rekords.

Op administratiewe, sosiale, finansiële en afrigtingsgebied het die klub hom as een van die toonaangewende klubs op Tukkies onderskei. Die verowering van die "Sportsoort van die Jaar"-toekenning in 1989 en 1991 is sprekende voorbeelde daarvan. Die klub presteer ook in die halfmarathon, 'n tien kilometer nagwedloop, die landloop vir die koshuisliga en 'n Noord-Transvaalse landloopliga.

Die bestuur het daarin geslaag om 'n goeie verhouding met die Piesangraad op te bou wat die afgelope drie jaar die amptelike borg van die klub is.

Netbal

Vanaf 1982 het die Tukkie-netbalklub 'n al hoe belangriker rol in die Noord-Transvaalse Netballiga en by die SA Universiteitetoernooie begin speel. Onder die bekwame leiding van Louise du Plessis en later Annemarie Griffiths, bygestaan deur Sue Pienaar, het die klub vanaf 1986 die SAU-toernooie begin oorheers en eersteplekke in 1986, 1988 en 1989 en in die ander jare 'n tweedeplek behaal.

Elanza Bruwer is in 1985 as Sportvrou van die Jaar aangewys. Sy het Suid-Afrika in 1985 verteenwoordig. Mej. Annemarie Griffiths is ook tot voorsitter van die SAU-netbalvereniging verkies.

Rugby

Die dekade sal in die rugbyannale bekend staan as een van wisselende sukses. In 1982 het die eerstespan na 'n swak begin weer die Carltonbeker verower en sou hierdie prestasie in 1983, 1984, 1985, 1987 en 1988 herhaal.

Die Tukkies het vanaf 1983 as Noord-Transvaalse kampioenspan, behalwe in 1987 toe hy in die 1986 Carltonbeker-finaal teen Weermag verloor het, die Toyota klubkampioenskappe in Durban bygewoon. In 1983, 1984, 1985, 1986 en 1988 en 1990 het die Tukkies elke keer tot die eindstryd deurgedring. Slegs in 1990, onder leiding van die afrigter James Stoffberg, kon hulle daarin slaag om die toernooi te wen, toe hulle Despatch met 22-20 verslaan het.

In hierdie tydperk lewer die Tukkies nege Springbokke op, naamlik Burger Geldenhuys, Piet Kruger, Ray Mordt, Johan Heunis, Uli Schmidt, Jacques Olivier, Andries Truscott, Phillip Schutte en Naas Botha.

Op provinsiale vlak bly Tukkies nog steeds die grootste voedingsbron vir die Noord-Transvaalse Rugbyspan en lewer jaarliks nege tot tien spelers vir die span op. Burger Geldenhuys en Naas Botha is tot kapteins van Noord-Transvaal verkies.

Drie Tukkiespelers is in Julie 1992 vir die Universiteitespan na die Studente Wêreldtoernooi in Italië gekies, naamlik A. Truscott, J.J. van der Walt en P. Schutte. Mnr. James Stoffberg was die afrigter van die Studentespan.

Die Rugbyklub was gelukkig genoeg om toegewyde ampsdraers en afrigters te hê. Prof. Daan Swiegers wat sedert 1974 President was, het in 1988 uitgetree en is deur dr. John Williams opgevolg. Na dr.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Williams se verhuising na Potchefstroom, is hy in 1989 deur prof. J. du P. Bothma opgevolg en is prof. Flip van der Watt in 1991 as president verkies. Die eerstespan het oor bekwame afrigters beskik en dr. Williams is vanaf 1983 deur mnr. Johan Ligthelm bygestaan, terwyl mnr. James Stoffberg van 1990 tot 1992 hiervoor verantwoordelik was. Dr. John Williams is in 1987 tot afrigter van Noord-Transvaal verkies, terwyl Johan Ligthelm as sy hulpafrigter opgetree het.

Die jarelange stryd met die Maties en Kovsies het verskeie hoogtepunte opgelewer. Die Tukkies het die Maties vir die eerste keer in 1988 in die Suide met 'n oorwinning van 16-12 op die Danie Craven-stadion verslaan. In 1989 het die Tukkies weer teen die Maties verloor en wel op die einste Danie Craven-stadion.

Die Kovsies-kragmetings was 'n perd van 'n ander kleur. Die Tukkies kon eers in 1989 daarin slaag om die Kovsies - en wel op L.C. de Villiers-stadion - te wen.

Die UP-rugbyklub het in 1991 met 'n junior klub begin. Jong spelers van 0/9 tot 0/15 is by afrigting op Vrydagmiddae betrek. Geselekteerde afrigters is aangestel en Tukkies se junior spanne het met groot sukses teen ander junior klubs deelgeneem.

Ten einde meer spelers aan die onderskeie kompetisies van die Carltonliga te laat deelneem én om die belange van die Noord-Transvaalse rugby te bevorder, is in 1991 besluit om onder sekere voorwaardes studente toe te laat om by oop klubs aan te sluit. Die besluit is onder meer dat heeltydse voorgraadse studente wat na afloop van die rugby-proefwedstryde nie in 'n sentraalspan opgeneem word nie deur die klub toegelaat sal word om op versoek by ander klubs te kan speel; dat enige kleurgeregtigde oudstudent outomaties kwalifiseer om vir Tukkies te speel indien hy dit sou verkies; en dat voorgraadse studente wat nie met formele toestemming by klubs speel nie hulle aan dissiplinêre optrede skuldig maak wat onder meer die voortgang van hulle akademiese inskrywing raak.

Swem

Van 1982 tot 1985 het die Tukkie-swemklub 'n bloeitydperk beleef onder die bekwame afrigting van mnr. Owen Kuyper, wat ook die sportbeampte was. In hierdie jare het Dorothea Neumeister en Fofo van der Merwe veral op swemgebied begin uitblink en het hulle Suid-Afrika verteenwoordig. Die klub lewer 'n groot bydrae tot swem in Noord-Transvaal en beskik oor 'n swemmer soos Francois Boshoff. Dorothea Neumeister is in 1984 as Sportvrou van die Jaar en Fofo van der Merwe in 1986 as Sportman van die Jaar aangewys.

Van 1990 af het prof. Elaine Blignaut as president van die Swemklub oorgeneem en het die klub, na 'n insinking in 1986, 'n gedaantewisseling ondergaan. Mnr. Etienne van der Merwe was tot in 1992 afrigter. Vanaf 1989 het die Tukkie-swemklub begin met 'n junior klub en het die klub onder leiding van prof. Elaine Blignaut met rasse skrede vooruitgegaan.

Tennis

Die UP-tennisklub het onder leiding van prof. Jan Snyman in die tagtigerjare bly voortbestaan. Die glorie van die vorige dekades was verby. Verskeie pogings is aangewend om die klub se prestasies te verbeter, maar dit was eers in 1990 dat daar 'n radikale verandering met die aanstelling van mnr. Soon Pretorius as sportbeampte vir tennis ingetree het. Die verkiesing van 'n aktiewe bestuur het die klub onder leiding en voorsitterskap van Jean

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Pierre Mieny en die aanstelling van mnr. D. Sullivan as afrigter, laat floreer.

Waar Tukkies in 1982 die eersteplekke vir mans en vroue by die Suid-Afrikaanse tennistoernooi verower het, het die mans weer in 1984 eerste gekom. Vir die eerste keer sedert 1984 was hulle weer in 1991 hoog op die ranglys, naamlik die mansspan in die tweedeplek en die vrouespan derde. Mnr. J.P. Mieny is as nr. 1 en mnr. A. de Beer nr. 2 vir die SAU-mansspan gekies. Mnre. Mieny en De Beer het provinsiale kleure verwerf.

Sportman en Sportvrou van die Jaar

Vanaf 1982 is die volgende sportmanne en -vroue met die hoogste toekenning vir sport aan die Universiteit van Pretoria bekroon:

Mans

1982	Johan Fourie	atletiek
1983	Greyling Viljoen	kanovaart
1984	Johan Heunis	rugby
1985	Uli Schmidt	rugby
1986	Johan vd Merwe	tweekamp
1987	Ernst Krüger	vyfkamp
1988	Jan Pienaar	atletiek
1989	Moray Smit	gimnastiek
1990	Robert du Preez	rugby
1991	Pieter Foord	atletiek
1992	Jacques Olivier	rugby

Dames

1982	Suzette de Villiers	judo
1983	Eraneé van Zyl	atletiek
1984	Dorothea Neumeister	swem
1985	Eraneé van Zyl	atletiek
1986	Pauline Hovy	gimnastiek
1987	Ronelle Roodt	atletiek
1988	Lydia Venter	gimnastiek
1989	Elanza Bruwer	netbal
1990	Marcel Winkler	atletiek
1991	Paula Maré	atletiek
1992	Marcel Winkler	atletiek

Nuwe tersiêre sportstruktuur

Die veranderende Suid-Afrika is ook besig om sy stempel op die tradisionele SAU- en tersiêre sport af te druk. Só byvoorbeeld, het twee ander koepelliggame ontstaan, te wete die South African Tertiary Institutions Sports Congress (SATISCO) en die South African Tertiary Institutions Sports Association (SATISA). Vroeg in 1991 het hierdie twee liggame saamgesmelt om 'n nuwe liggaam, die South African Tertiary Institutions Sport Union (SATISU) te vorm.

P.B. van der Watt


PERSONEEL

In Februarie 1983 is die Afdeling Personeelsake (Doserend) wat voorheen in die Departement Administrasie gesetel was, en die Afdeling Personeelsake (Nie-doserend), voorheen in die Departement Finansiële Administrasie, saamgevoeg om 'n nuwe Departement Personeelaangeleenthede te vorm. Mnr. A.C. Bothma is met die posbenaming Registrateur: Personeelaangeleenthede as hoof van die nuutgestigte Departement aangestel.

Strukture wat die beslag van georganiseerde personeelverhoudinge verteenwoordig, is gevestig met die amptelike erkenning in 1983 van die Universiteit van Pretoria Personeelvereniging (UPP) en in 1984 'n skakelkomitee wat dienswerkers verteenwoordig. In 1984 word die eerste uitgawe van 'n personeelblad, *Kgwerano*, gerig op dienswerkerpersoneellede, gepubliseer.

Na aanleiding van die aanbevelings van die eksterne konsultante het die Raad in 1984 besluit om onder meer die addisionele pos van Viserektor: Personeel en Studentedienste in te stel en prof. P. Oosthuizen,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. W. van der M. Herholdt, Direkteur: Personeel, sedert 1985; Hoof: Departement Sielkunde, 1984 - 1985.

voorheen Viserektor: Akademies (Geesteswetenskappe) is van 1 Junie 1985 hierin aangestel.

Die konsultante het verder aanbeveel dat die Departement Personeelaangeleenthede eerder as die Departement Personeel bekend behoort te staan en dat 'n bykomende afdeling, belas met organisasie-ontwikkeling, ingestel moes word. Die betiteling van die hoof, naamlik Registrateur: Personeelaangeleenthede, is ook bevraagteken.

Na die aanstelling van mnr. Bothma as Sekretaris van die Raad op 1 Julie 1985, is voorgenoemde aanbevelings met die aanstelling van prof. W. van der M. Herholdt wat hoof van die Departement Sielkunde was, as Direkteur: Personeel van 1 Julie 1985 in werking gestel. Prof. C.D. Pottas, voorheen professor in die Bestuurskool, is op 1 Augustus 1985 as adjunkdirekteur belas met organisasie-ontwikkeling aangestel. Die aanstelling van proff. Herholdt en Pottas, beide geregistreerde bedryfsielkundiges, verteenwoordig die begin van die professionalisering van die Departement Personeel.

Die Departement Personeel bestaan in dié stadium uit drie afdelings, naamlik Afdeling Organisasie-ontwikkeling, Afdeling Personeeladministrasie en -beleid en Afdeling Mensekragbeplanning en -ontwikkeling, en staan onder die bestuur van drie adjunkdirekteure, onderskeidelik prof. C.D. Pottas en mnre. E.J. Smith en T.C. Coetzer.

Proff. Herholdt en Pottas het die eerste strategiese bestuursberaad in die geskiedenis van die Universiteit geïnisieer, beplan en aangevoor. Hierdie historiese beraad is in Februarie 1986 te Blydepoort in die Oos-Transvaal gehou en was die begin van gereelde jaarlikse berade.

Sedert 1987 word berade en opleidingsessies op fakulteits- en departementele vlak gehou en die fokus geplaas op doelwitbestuur en die vestiging van gemeenskaplike bestuursterminologie.

As deel van die rasionalisasieproses is 'n stelsel van buitengewone professore en dosente in 1987 ingestel. Dit behels die benutting van kundiges van buite die Universiteit om as tydelik-deeltydse dosente akademies behulpsaam te wees in die onderrigprogramme.

In 1987 het die Raad die implementering van 'n posevalueringstelsel (PEROMNES) goedgekeur en het die evaluering van niedoserende poste 'n aanvang geneem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1988 is byvoordele aan personeellede uitgebrei om ook voorsiening te maak vir voordele aan personeellede wat op 'n tydelike basis aangestel is. Gedeeltelike klasgeldafslag en 'n aftredegratifikasie vir tydelik-voltydse en tydelik-deeltydse personeellede is ingestel.

Die jaar 1988 is verder deur strategiese beplanning op alle vlakke gekenmerk. 'n Eerste strategiese beplanningsberaad vir hoofde van ondersteuningsdiensdepartemente en -afdelings is gehou en missieformulering het tot op departementele vlak plaasgevind.

Mensekragontwikkeling het 'n hupstoot gekry met die vestiging van mensekragontwikkelingskomitees in fakulteite en ondersteuningsdiensdepartemente en -afdelings. 'n Kursus in bestuursvaardighede is ingestel vir toesighouers en die 6M-kursus wat vryemarkstelselbeginsels by wyse van simulasie aan ongeskoolde personeellede bekendstel.

Met die visier op effektiwiteit, bied die Departement Personeel sedert 1989 ondersteuning aan fakulteite en departemente in die proses van institusionele selfevaluering. Naas die verskaffing van inligting met betrekking tot dosent-studentverhoudings, lesingbelading en mensekragaanwending, verskaf die Departement Personeel ook administratiewe ondersteuning in die evaluering van dosente deur studente. Dekane en departementshoofde word bygestaan in die ontwikkeling van bestuurshandveste ooreenkomstig die beginsels van doelwitbestuur.

Die Universiteit se salarisvlakke is in 1989 na aanleiding van posevaluering omvattend hersien. Die salarisvlakhelling is reggestel en nuwe salarisskale vir die verskillende posvlakke ontwerp. In 'n poging om personeel te bekom en te behou, is 'n stelsel van nie-pensioendraende skaarsheidstoelaes aan personeellede in skaars beroepsgroepe deur die Raad goedgekeur.

Diensvoorwaardes en verlofregulasies is hersien en voorwaardes verwyder wat teen vroue diskrimineer. In 'n verdere poging tot gelykberegtiging is die diensure van ongeskoolde arbeiders in pas met dié van ander personeellede gebring.

Byvoordele is uitgebrei deur die toevoeging van ongeskiktheidsversekering tot die bestaande groeplewensversekeringskema. Die Universiteit se motorvoordeelskema is afwaarts tot op die vlak van departementshoof uitgebrei.

Op die terrein van mensekragontwikkeling is 'n aantal oriënteringskursusse ingestel, onder meer departementshooforiëntering, aftredevoorbereiding en arbeidsverhoudinge.

In pas met die klem wat op uitnemendheid geplaas word, is 'n merietestelsel in 1989 in werking gestel wat erkenning verleen by wyse van verering en finansiële voordeel.

Voorgenoemde proses is in 1990 verder uitgebou met 'n stelsel van persoongebonde bevordering van akademici wat aan die vereiste bevorderingskriteria voldoen. Hierdie unieke stelsel verleen bevorderingsmoontlikhede tot op die vlak van professor aan die akademiese personeel. Nie-akademiese personeel wat werkstaakrelevante kwalifikasies behaal, ontvang 'n salariskerfaanpassing.

Na aanleiding van toenemende inperking van staatskant ten opsigte van finansiële hulpbrontoedeling by wyse van subsidiëring en die voortvloeiende eis om rasionalisering, is 1990 gekenmerk deur ingrypende strategiese beplanningsaksies. Die klem het veral op die rasionalisering van personeel geval, aangesien dit die grootste uitgawe vir die Universiteit verteenwoordig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ondersoeke is geloods om, teen die agtergrond van die Universiteit se missie, kernaktiwiteite te identifiseer maar steeds duidelik te onderskei tussen noodsaaklike, wenslike en uitfaseerbare aktiwiteite.

Die strategiese beplanningsproses is uitgebrei om ook die ondersteuningsdiensdepartemente en -afdelings te betrek. Hierdie departemente en afdelings word deur die Departement Personeel ondersteun in die formulering van missies en die opstel van strategiese doelwitte.

In 'n verdere poging tot besparing en om oorvleueling uit te skakel, is 'n stelsel geïmplementeer wat dosente daartoe in staat stel om teen vergoeding lesings in ander departemente en fakulteite aan te bied. Personeellede met toepaslike akademiese kwalifikasies in nie-akademiese departemente en afdelings is ook betrek om nauurs lesings te behartig.

Kraamverlof van 84 dae per bevalling, beperk tot drie bevallings, is ingestel.

Die Universiteit van Pretoria het 'n "nuwe" arbeidsverhoudingsbedeling betree met die sluiting in 1990 van 'n tussentydse erkenningsooreenkoms met die vakbond NEHAWU (National Education, Health and Allied Workers Union). Salarisaanpassings en diensvoorwaardes van lede van dié vakbond word voortaan by wyse van onderhandeling beding.


Met die aftrede van prof. P. Oosthuizen (Viserektor: Personeel en Studentedienste) in 1991 het die Raad besluit om nie weer die vakature te vul nie. Die Departement Personeel is toe onder die bestuur van prof. C.W.I. Pistorius (Viserektor: Bestuursdienste) geplaas.

In 1992 het die fokus van strategiese beplanning na strategiese bestuur verskuif en funksioneer die Departement Personeel in 'n fasiliterende, raadgewende en ondersteunende hoedanigheid.

W. van der M. Herholdt

FINANSIES

Voortspruitend uit die aanbevelings van die konsultante wat die aktiwiteite en prosedures van die Universiteit ondersoek het, is 'n gedeelte van die pligte van die destydse Registrateur Finansies na die nuutgestigte pos van Viserektor: Besigheidsbestuur oorgeplaas. Verder is personeeldienste (nie-doserend) na die nuutgestigte personeeldepartement oorgeplaas, tegniese instandhouding deur die nuutgestigte afdeling tegniese dienste oorgeneem en is die funksie van posdienste, skryfbehoeftes en dupliseerwerk (drukkery) later aan die Departement Inligtingsbestuur afgestaan.



Mnr. T.G. Kruger, Direkteur: Finansies, sedert 1986.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Na afhandeling van die reorganisasie van die Administrasie, het die Departement verantwoordelikheid vir die volgende aktiwiteit behou, te wete algemene boekhouding, die betaling van verskaffers (krediteure-afdeling), begrotingsbeheer, salarisse (C1- en C2-personeel), batebeheer, debiteurekontrole, studenterekeninge (insluitende die uitbetaling en invordering van studentelenings), versekeringsadministrasie en beleggingsbestuur.

Die destydse bekleër van die pos van Registrateur: Finansies, mnr. W.L. Kok, het ooreenkomstig raadsbesluit die titel van Registrateur: Finansies behou tot en met sy aftrede weens gesondheidsredes aan die einde van September 1986. Op 1 Oktober 1986 is die betrekking toe deur mnr. T.G. Kruger met die titel van Direkteur gevul. Mnr. Kruger was by die optekening van hierdie uitgawe van *Ad Destinatum* steeds op sy pos.

Die tagtigerjare is gekenmerk deur 'n bogemiddelde inflasiekoers wat groot druk op die land en indirek op die Universiteit se finansies geplaas het. Die Tesourie was gedurende hierdie tyd nie daartoe in staat om die Universiteit se staatsubsidies ten volle te befonds nie. Die gevolg hiervan was dat die Universiteit se inkomste uit daardie bron deurentyd verminder is. Die besnoeiing is stelselmatig verhoog van sowat 4% in 1984 tot 39% in 1992. Die Universiteit kon vir 'n periode die verlies aan staatsubsidie uit buitengewone (hoër as inflasie) aanpassings in studentegelde absorbeer, soos uit die tabel hieronder afgelei kan word. Die Universiteit was verplig om teen 1992 sowat 36% van sy uitgawes uit eie fondse te vereffen.

Aanpassings in studentegelde vir die periode 1983 tot 1992

Jaar	Voorafgaande jaar se inflasiekoers soos gemeet aan die verbruikersprysindeks (VPI)	Aanpassing in studentegelde
1983	14,63%	Voorgraads: 17,5% Honneurs en magister: 10% Doktoraal: Onveranderd
1984	12,17%	10%
1985	11,64%	15%
1986	16,35%	12%
1987	18,53%	15%
1988	16,15%	Voorgraads: 16% Nagraads: 18%
1989	12,72%	18%
1990	14,70%	18%
1991	14,42%	25%
1992	15,30%	19%

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Universiteit het gedurende die tagtigerjare 'n besondere groeifase beleef en was daartoe verplig om sy fasiliteite aansienlik uit te brei ten einde voorsiening te maak vir die groterwordende studentegetal. Die gevolg hiervan was dat die Universiteit se bates gedurende hierdie periode aanmerklik toegeneem het. Vaste bates (grond en geboue) het in dié tyd toegeneem van 'n beskeie R98 497 327 in 1983 tot 'n bedrag van R271 631 039 in 1992. Dit verteenwoordig 'n aanwas van 176%. Die Universiteit se ander bates het oor dieselfde periode eweneens aansienlik toegeneem, te wete meubels en toerusting van R13 474 148 tot R27 604 940, laboratoriumtoerusting van R19 932 580 tot R89 173 960 en boeke en tydskrifte van R11 220 310 tot R53 395 448.

Die tagtigerjare sal onthou word as 'n periode waartydens daar grootliks by die Universiteit gerekenariseer is. Die uitgawes aan wetenskaplike en administratiewe rekenaartoerusting en programmatuur het stelselmatig tot R59 miljoen in 1992 toegeneem. Die Universiteit kon vanweë 'n gebrek aan fondse gedurende hierdie tydperk nie naastenby aan die vraag na rekenaartegnologie voldoen nie.

Daar is in die verslagperiode alles moontlik gedoen om meer en omvangryker fondse beskikbaar te stel vir die finansiering van behoeftige studente en diegene met akademiese meriete. Die bedrag wat vir beurse beskikbaar gestel is, het stelselmatig van R1,4 miljoen in 1983 to R7,6 miljoen in 1992 toegeneem.

Die totale bedryfsinkomste van die Universiteit het van sowat R84 miljoen in 1983 tot ongeveer R349 miljoen in 1992 toegeneem. Die bestedingspatroon van die Universiteit het oor dieselfde tydperk egter weinig verander. So byvoorbeeld, het die uitgawes wat direk aan akademiese aktiwiteite toedeelbaar is oor hierdie periode teen ongeveer 59% konstant gebly. Waar die Universiteit in 1983 sy boeke met 'n klein surplus kon afsluit, het die situasie egter sodanig verander dat daar die laaste drie jaar (1990-1992) agtereenvolgens bedryfstekorte van onderskeidelik R3,9 miljoen, R5,2 miljoen en R13 miljoen was.

Na aanleiding van die herorganisasie van die Universiteitsadministrasie is die bestuursverantwoordelikheid van dekane, direkteure en departementshoofde ten opsigte van finansies uitgebrei. Daaruit het 'n nuwe benadering tot die aanmelding en administrasie van finansiële begrotingsbehoeftes ontwikkel en is daar in 1984 onder leiding van prof. C.W.I. Pistorius (destyds Viserektor: Besigheidsbestuur) begin met 'n stelsel van jaarlikse begrotingsrondtes op vasgestelde tye en met vooraf bepaalde keerdatums vir die indiening van begrotingsaansoeke.

Amptelike begrotingsdokumente is ontwikkel wat verband hou met die jaarlikse bedryfs- en kapitale behoeftes van departemente. Prosedures is ingestel waarvolgens begrotingsbehoeftes op vasgestelde tye onder toesig van die Direkteur: Finansies op gekonsolideerde wyse aan die Begrotingskomitee (Rektoraat) voorgelê sou word vir beoordeling en aanbevelings aan die Raad van die Universiteit.

Die begrotingsprosedures is gaandeweg verfyn, begrotingsnorme ontwikkel en verbeterings in die begrotingsprosesse voortdurend ingevoer. Die begroting het sedert die instel van hierdie nuwe begrotingsprosedures en die gepaardgaande verhoogde betrokkenheid 'n belangrike bestuursmiddel vir Hoofbestuur, fakulteite en ondersteuningsdienste geword. Dit het tot goeie beheer oor die aanwending van universiteitsfondse bygedra.

Van 1988 af is die stelsel van klasgelde per kursus vervang deur 'n stelsel van klas-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gelde per vak. Dié stelsel het nie alleen die administrasie van klasgelde vergemaklik nie, maar dien ook as 'n bestuursinstrument wat die implementering van gedifferensieerde markgerigte klasgeldstelsels moontlik maak.

Met uitsondering van een insinking is die periode 1983 tot 1992 deur sterk groei in die aandelebeurs en kapitaalmarkte gekenmerk. Tesame met (oor die algemeen) hoë rentekoerse het dit die geleentheid geskep om aansienlike groei op beleggingsfondse te realiseer. Die Universiteit se beleggingsportefeulje het gegroei van omtrent R59 miljoen in 1983 tot ongeveer R371,1 miljoen in 1992 en die inkomste op hierdie portefeulje het toegeneem van R8,9 miljoen in 1983 tot R54,5 miljoen in 1992.

Die fenomenale groei in die Universiteit se beleggingsportefeulje kan toegeskryf word aan die voortgesette ywer van die beleggingskomitee van die Universiteitsraad wat sedert sy totstandkoming in 1981 die beleggings van die Universiteit behartig het. Die beleggingskomitee is saamgestel uit enkele raadslede met ervaring in die finansiële wêreld, lede van die Hoofbestuur en die Direkteur Finansies. Die beleggingskomitee het kundiges uit die geledere van die akademiese sektor gekoöpteer om hom met raad en advies te dien - die hoof van die Departement Ekonomie vir ekonomiese ontledings en vooruitskattings en die Direkteur van die Buro vir Finansiële Analise en 'n hoogleraar uit die geledere van die Bestuurskool om advies met betrekking tot die onderskeie beleggingsinstrumente, die lewensvatbaarheid van maatskappye wat op die aandelebeurs genoteer is en ander beleggingsmoontlikhede te gee.

Die Universiteit se boekhouding is in die sewentigerjare hoofsaaklik per hand bygehou. Die inwerkingstelling deur die Departement van Nasionale Opvoeding van die SANSO-inligtingstelsel in die vroeë tagtigerjare het die Departement Finansies gedwing om die Universiteit se boekhouding te rekenariseer ten einde die SANSO-inligting rekenaarmatig te genereer. Die soektog na 'n geskikte gerekenariseerde stelsel het daarop uitgeloop dat die Universiteit 'n geskikte pakket teen 'n baie billike huurgeld van die firma IBM kon bekom. IBM se EPIC-pakket is plaaslik aangepas om, addisioneel tot die normale finansiële uitsette, ook die nodige SANSO-inligting te verskaf. Die pakket is daarna met groot sukses deur die Departement Finansies vir die volgende tien jaar gebruik en dit was by die ter perse gaan van hierdie uitgawe van *Ad Destinatum* steeds in bedryf. Omdat die pakket teen die einde van die tagtigerjare nie meer die volumes kon hanteer nie was die skrif aan die muur dat dit vervang sou moes word en daar is reeds sedert 1990 ondersoeke aan die gang om die pakket deur 'n moderner stelsel te vervang.

Die volgende afdelingshoofde was ten tye van die optekening van hierdie uitgawe in beheer van die onderskeie afdelings, te wete boekhouding en debiteurekontrole, (mnr. R.R. van der Laan), krediteure (mnr. J.H.L. du Plessis), begrotingsbeheer (mev. E.M.J. Ceronio), salarisse (mnr. H.G. Erasmus), batebeheer (mev. C.J. Moll), studenterekeninge (mnr. H.L. Potgieter) en versekerings- en beleggingsbestuur (mnr. J.P. Verster in deeltydse hoedanigheid). Tydens die afhandeling van die konsultante se ondersoek het die Departement nie oor 'n adjunkdirekteur beskik nie. Een pos van senior rekenmeester is op 1 Januarie 1985 tot adjunkdirekteur opgradeer, maar het vakant gebly tot en met die aanstelling van mnr. G.D.C. van Wyk in die pos op 1 Januarie 1988. Met die uitbreiding in die omvang van beleggingsbestuur is een pos van adjunkrekenmeester agtereenvolgend opgradeer tot rekenmeester (1 Julie 1983), hoofrekenmeester (1 Januarie 1988) en adjunkdirek-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

teur (1 September 1990). Mnr. J.P. Verster was die eerste bekleër van laasgenoemde pos en is tydens sy aftrede aan die einde van 1991 deur mnr. J.D.R. Brits opgevolg. Die Departement het aan die einde van 1992 oor 'n komplement van 57 poste beskik.

Die Afdeling Interne Oudit is na die herorganisasie van die Universiteitsadministrasie ingestel. Die eerste hoof van die Afdeling was mnr. C.J. Botha. Mnr. Botha het die Universiteit se diens in 1989 verlaat. Die pos van die Hoof Interne Ouditeur is daarna opgradeer na dié van Adjunkdirekteur en mnr. J.B. Reinecke is gedurende 1991 as Hoof van die Afdeling aangestel. Die Afdeling Interne Oudit beskik oor drie verdere poste wat ten tye van die optekening van hiedie uitgawe deur mnre. D. Engelbrecht, E.B. Smith and J.G. Steyn gevul was.

T.G. Kruger

INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Direkteure

Op 1 Junie 1982 is mnr. A. Hillhorst deur mnr. J.S. du Plessis as Direkteur van Rekenaardienste opgevolg. Op 30 Junie 1983 het mnr. J.S. du Plessis die Universiteit van Pretoria verlaat om by Volkskas in diens te tree. Vir die volgende vyf jaar, van 1 Februarie 1984 tot 31 Januarie 1989, het mnr. W.H.C. Fryer aan die hoof van die Buro vir Rekenaardienste gestaan.

Op 1 Desember 1984 is mnr. J.L.M Wiechers wat op 30 Augustus 1980 die Universiteit se diens as Assistentsregistrateur: Rekenaardienste verlaat het, weer as Senior Bestuurder Inligting aangestel. Op 1 Augustus 1985 is hy tot Direkteur: Inligting bevorder. Hy het op 28 Februarie 1993 weens gesondheidsredes uit die diens van die Universiteit getree.

Op 1 Julie 1993 het mnr. R.H. Church die Direkteur van die Departement Inligtingsbestuur by die Universiteit geword. Gedurende sy dienstydperk het die Departement sy huidige naam, naamlik Departement Inligtingstegnologie, gekry. Hy verlaat die diens van die Universiteit op 31 Oktober 1994.

Hoofraam by UP

In 1983 is die IBM 370/145 wat die IBM 360/50 in 1976 vervang het, deur 'n nuwe IBM 4341 met 'n verwerkingsnelheid van 4MIPS vervang. Die aantal geregistreerde gebruikers was toe reeds meer as 1 000.

Gedurende 1987 is daar weer 'n nuwe IBM-hoofraamrekenaar, naamlik 'n 3090/150 met 'n verwerkingsnelheid van 11MIPS, geïnstalleer. Aangesien die aantal gebruikers toe reeds meer as 2 000 was, is daar ook 'n Persetel 7/83-rekenaar geïnstalleer ten einde die akademiese en navorsingstelsels van die administratiewe stelsels te skei. Die vermoë van hierdie rekenaar was ongeveer dieselfde as die IBM-rekenaar.

Van 1988 tot 1990 is hierdie twee rekenaars se kapasiteite en vermoëns deurlopend uitgebrei om aan die toenemende behoeftes te voldoen en die aantal geregistreerde gebruikers het tot ongeveer 3 000 toegeneem.

Gedurende 1991 is die twee rekenaars deur 'n kragtige Persetel 8/90-3-rekenaar vervang. Aan die einde van 1994 was daar reeds 3 600 geregistreerde gebruikers.

In 1983 het die Universiteit van Pretoria reeds stelsels in die vierde generasietaal FOCUS begin ontwikkel, maar in 1986 is oorgeskakel na Natural ADABAS wat tans nog die tegnologiepaal vir UP korporatiewe stelsels is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Mnr. J.L.M. Wiechers, Direkteur: Inligtingsbestuur, sedert 1985.

Netwerkgeskiedenis

In 1984 het die Afdeling Netwerke as 'n subafdeling van die Rekenaardienssentrum begin met drie personeellede, 'n bestuurder en twee tegnici.

Vroeg in 1990 het die Universiteit die voortou geneem met die installering van die eerste FDDI-ruggraat in die land.

In 1994 is die Afdeling Netwerke, vanweë die sleutelrol van netwerke, aansienlik uitgebrei en daar is 300 terminale, 3 500 mikrorekenaars en 32 lokale-areanetwerke op die kampus ontplooi.

N. Boshoff

FASILITEITE BEPLANNING EN BEDRYFSADMINISTRASIE

Ontwikkeling van fisiese fasiliteite

Boukomitee


Die Boukomitee het omstreeks 1952/53 'n beskeie ontstaan gehad. Die aantal lede van die Komitee het van vier in die vyftigerjare tot elf in 1985 gegroei, plus die vier lede van die Vaste Komitee van die Raad aan wie 'n staande uitnodiging gerig is om die vergaderings van die Boukomitee by te woon. Gedurende die bestaan van die Komitee is daar ongeveer R100 miljoen aan geboue, terreinaankope, herindelings, terreinontwikkeling en die uitleg van sportvelde bestee. Dit gee 'n idee van die omvang en tempo van uitbreiding van hierdie Universiteit oor die afgelope 33 jaar. Geweldig baie is in hierdie periode tot stand gebring.

Die Raad het op 21 Mei 1984 onder meer besluit om 'n Vaste Komitee uit die geledere van die Raad in die lewe te roep en dat die ander Raadskomitees geleidelik uitgefaseer sou word namate reglemente hersien en die funksies van ander Raadskomitees deur die Vaste Komitee van die Raad (VKR) oorgeneem of elders geakkommodeer kan word. Ingevolge hierdie reëling van die Raad het die Boukomitee aan die einde van 1985 finaal ontbind en is sy funksies van die begin van 1986 deur die Rektoraat en die Vaste Komitee van die Raad oorgeneem.

Langtermynbeplanning

Die aanstelling van mnr. A.J. Louw van die firma Indusplan Argitekte lui dat die Universiteitsraad op 21 Mei 1984 sy vroeëre besluit bekragtig het "... dat u aangestel word as argitek om binne die prioriteite en riglyne soos deur die Universiteit neergelê, die bestaande langtermyn-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Mnr. L.N. Boshoff, Direkteur: Fasiliteite Beplanning en Bedryfsadministrasie, sedert 1 April 1991; Assistentregistrateur, 1975 - 1980; Adjunkregistrateur, 1 Jan. 1981 -30 Mrt. 1990.

plan vir die Universiteit se toekomstige uitbreiding in hersiening ... neem" en verder dat "... die moontlike permanente sluiting van Roperstraat tussen Burnett-straat en Lynnwoodweg 'n integrale deel uitmaak van die ondersoek. Hierdie opdrag is vertolk as nie net 'n hersiening van die langtermynplan nie, maar ook as 'n omvattende hersiening van die langtermyn-ontwikkelingsplan nie net wat betref die fisiese behoeftes nie maar ook die estetiese kwaliteite en emosionele belewenis van die kampusomgewing".

Die doelstellings van hierdie langtermyn-ontwikkelingsplan was die volgende: Om breë denkrigtings te bepaal rakende beleid, ontwikkeling, verkeer, grondbesit, geestelike en emosionele ervarings en sentimente; om 'n bydrae te lewer tot doelgerigte besluitneming en implementering ten einde ad hoc-besluite oor ontwikkeling te voorkom; om langtermynriglyne vir kortter-mynoptrede te bepaal; om 'n struktuur te skep waaraan veranderende omstandighede gemeet, negatiewe elemente geïdentifiseer en vroegtydige teenoptrede beplan kon word; om die prioriteit van ontwikkelingsfases in 'n hoë mate te bepaal en die afbakening van fases van ontwikkeling te bevorder; en om 'n raamwerk of strategie te bepaal wat genoegsame buigsaamheid sou toelaat sodat 'n beplanningsfilosofie met verloop van jare gestalte kon kry.

Met hierdie jongste hersiening van die langtermynplan is 'n ondersoek gedoen na veranderde omstandighede, voorstelle gemaak om daarmee tred te hou, gekyk in hoe 'n mate die vorige riglyne nagevolg is, leemtes in die vorige langtermynplan geïdentifiseer en regstellende stappe voorgestel en opnuut die kampus se ontwikkelingspotensiaal in die lig van die jongste tendense elders in oënskou geneem.

Die 1985-plan van Indusplan Argitekte en Industriële Beplanners was veral op drie faktore toegespits, te wete: regulerende faktore (owerheidsvoorskrifte); fisiese ontwikkelingsfaktore en estetiese voorkoms (argitektoniese potensiaal en ruimtebenutting).

Een van die faktore wat die langtermynbeplanning beïnvloed, is die Universiteitsbeleid.

Die vooruitskattings tot die jaar 2000 dui 'n matige groei in studentegetalle aan. Van 1977 tot 1983 was daar 'n studentetoename van slegs 662. Hierdie tendens sou na verwagting op die kort- tot mediumtermyn voortduur - soos inderdaad later geblyk het. Tot in 1990 is 'n matige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

styging in die getal skoolverlaters met universiteitsvrystelling verwag en daarna, tot 1995, 'n relatief skerp daling. Teen die jaar 2000 sal die getal na verwagting omtrent gelykstaande aan die 1984-syfer wees.

'n Hele aantal faktore, soos politieke en ekonomiese toestande, klemverskuiwings tussen studierigtings, verandering in toelatingsvereistes, die beskikbaarheid van beurse en lenings, groei in nagraadse studentegetalle, die peil waarop subsidies en studiegelde vasgestel word, reklame, die beskikbaarheid van inwoningsgeriewe en nog andere het uiteraard in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op studentegetalle en kan die projeksies verkeerd bewys.

Die bestaande 21 studierigtings, georganiseer in elf fakulteite, 129 akademiese departemente en 24 navorsingsinstitute, -buro's en -eenhede lei tot die verwerwing van 190 verskillende grade en diplomas. Hierdie spektrum, een van die volledigste in die land, sal waarskynlik nie noemenswaardig verander nie. Voortdurende ontwikkeling en vernuwing is en sal steeds noodsaaklik bly om voorsiening te maak vir veranderende tegnieke, metodes, behoeftes en tendense. 'n Voortdurende reeks aanpassings aan fisiese fasiliteite, herindelings, vernuwings, hertoerusting, hervestigings, ensovoorts is gevolglik nodig om opleiding en navorsing op peil te hou. Dit verg aansienlike uitgawes en stel besonder hoë eise aan beplanners en tegnici omdat meestal in bestaande geboue gewerk moet word sonder om die akademiese werksaamhede te ontwrig.

Nie-doserende personeellede se aktiwiteite loop gewoonlik teen 16:00 ten einde, maar dié van die dosente en studente duur meestal tot 17:00. Die meeste aktiwiteite vind soggens plaas en saans is die kampus bykans verlate, uitgesonderd die bedrywighede van die Merenskybiblioteek wat sekere dienste op 'n deurnagbasis bied en relatief klein groepe nauurse studente en hulle dosente wat tot enkele geboue beperk is. Roosteraanpassings en deur-die-daglopende lesings en praktika tesame met die moontlikheid van skofte en/of 'n gewysigde akademiese jaar hou steeds die moontlikheid in van beter benutting van die infrastruktuur en die verkorting van studietydperke.

Lesingperiodes is van veertig tot vyftig minute verleng met tien minute vir klaswisseling tussenin. Die meerderheid groter lesingsale word deur 'n sentrale roosterkomitee beheer, terwyl enkele groter en die meerderheid klein lesinglokale deur fakulteite of departemente beheer word. Eersgenoemde groep se besetting is baie hoog terwyl die res laer is. Die lesingroosters laat min beweegruimte toe omdat hierdie soort fasiliteite beperk en die besetting in die algemeen hoog is. Klasgroepe word meestal tot tweehonderd beperk, maar uitsonderings kom voor. Die heel groot lesingsale lei dikwels tot onderbenutting en gemeet aan die SA Na-sekondêre Onderwysstelsel (SANSO)-norme kom dit op 'n verlies neer. Vir eksamendoeleindes is groot lesingsale egter baie nuttig, maar vir eksamendoeleindes is groot lokale met plat vloere eintlik die ideaal.

Die pawiljoen-tipe uitleg maak die huisvesting van fakulteite/departemente in afsonderlike geboue moontlik en bevorder 'n departementele identiteit. Ook werk dit die ekonomiese ontwerp van geboue in die hand waar meer as 66% van die bruto oppervlakte aanwendbare (toekenbare) ruimte bied.

Benewens sportaktiwiteite, bestaan daar vele ander nie-akademiese bedrywighede wat hoofsaaklik nauurs beoefen word. Dit bestaan uit 'n groot aantal klubs, verenigings en ander bedrywighede soos massa-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vergaderings, "sing-songs" of rasiesessies, bokjolle, jool, koerant- en radiodienste, politieke partysake, ensovoorts. 'n Volledige kampus behoort fasiliteite vir al hierdie bedrywighede te bied. Dit sal noodwendig lei tot 'n kampus wat tot saans laat lewendig en bedrywig is. Die studentelewe is tans redelik versnipper en versprei tussen die Aula-kompleks, Huis en Haard, Tukkiewerf, die Studentediensburogebou, Studentegesondheidsdiensgebou, die Ou Chemiegebou, die Kloostersaal, Radio Tuks se gebou en die UP Militêre Eenheidgebou. Hierdie verspreiding werk fragmentering in die hand en bemoeilik samehorigheid. Dit alles beklemtoon die jarelange behoefte aan 'n sentrale studentesentrum waaroor later meer uitgewei sal word.

Ofskoon die Universiteit van Pretoria primêr 'n Afrikaanstalige universiteit vir blankes is, tel daar sedert 1982 onder sy studente reeds lede van ander groepe wat insluit Chinese, Japannese, Indiërs, kleurlinge, swartes en enkele ander. Engels word op beperkte skaal (veral by Veaartsenykunde) as voertaal tydens lesings gebruik, maar dit staan enige persoon vry om Engels as medium te gebruik by die aflegging van eksamens. Keuringsvoorwaardes word konsekwent op alle voornemende studente toegepas. Bogenoemde beleid mag in die toekoms 'n groot invloed op die getallegroei van die studentebevolking uitoefen. Beplanningsbesluite sal hierdie faktor steeds in ag moet neem.

'n Tweede faktor wat die langtermynbeplanning beïnvloed, is die plaaslike owerheidsbeleid.

Die Universiteit van Pretoria is geleë in 'n gebied met 'n besonder groot getal opvoedkundige inrigtings in 'n baie beperkte gebied gekonsentreer, naamlik Afrikaans Hoër Meisiesskool, Afrikaans Hoër Seunsskool, Pretoria Girls' High School, Pretoria Boys' High School, die Kuns-, Musiek- en Balletskool en Pretoria-Oos Laerskool. Om sewe opvoedkundige inrigtings in so 'n beperkte gebied gekonsentreer te hê, is seker 'n unieke situasie wat veral tot gevolg het dat daar gedurende spitstye 'n geweldige verkeerskonsentrasie in die omliggende strate is.

Eerder as dat die Universiteitsteenwoordigheid die ontwikkeling en karakter van die omgewing voorskryf, is daar beplanners wat glo dat die aktiwiteite van die omgewing die bedrywighede van die Universiteit voorskryf. In werklikheid genereer die Universiteit vele sekondêre bedrywighede in sy omgewing; veral woon-verdigting wat hoofsaaklik op studentebehuising toegespits is. Behuisingsvoorsiening in die omgewing hou uiteraard sekere voordele vir die Universiteit in omrede dit die druk verlig wat veral deur nagraadse en getroude studente en junior personeellede vir die voorsiening van huisvesting op die Universiteit geplaas word. Hierdie ontwikkelings en die verdigting van inwoning wat daaruit voortspruit, bring natuurlik ook groter verkeersdigtheid mee en veroorsaak, tot ergernis van die inwoners, oormatige parkeerdruk op die onderskeie persele en padreserwes in die omliggende woongebiede. Met die spoorlyn aan die weste- en noordekant en Lynnwoodweg aan die suidekant, albei belangrike buffers, was en is die enigste logiese uitbreidingsgebied na die oostekant toe.

'n Derde faktor wat die langtermynbeplanning beïnvloed, is die beleid van die sentrale regering.

Die Regering (Departement Nasionale Opvoeding) het ná die vorige langtermynplan van 1965 die Suid-Afrikaanse Nasekondêre Onderwysstelsel ingestel. Die SANSO-stelsel is daarop gemik om die beskikbare fondse op 'n wetenskaplikverantwoorde wyse te verdeel tussen al die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aanspraakmakers. Die maatstawwe behels 'n wye spektrum van kriteria en norme en verseker 'n eenvormige finansiële beheerstelsel wat tog ook nie die karakterontwikkeling van 'n tersiêre opleidingsentrum oormatig aan bande lê nie. Versigtige beplanning, doelmatige aanwending en kostebesparing het noodsaaklik geword.

Solank daar nie uitbreidings aan bestaande geboue gedoen word nie, voorsien die SANSO-stelsel in teorie voldoende fondse om bestaande geboue in 'n bevredigende toestand te hou en so aan te pas dat dit ten beste benut kan word. Weens 'n tekort aan fondse kon die staat tot dusver egter nog nie ooreenkomstig die SANSO-maatstawwe hierdie kategorie ten volle finansier nie. Daar kan dus verwag word dat die toestand van geboue steeds stadig sal agteruitgaan.

Technikons en ander tersiêre instellings beleef, in die geheel gesien, 'n groeifase vanweë die groter klem wat op die tegnologie geplaas word. Vergeleke met oorsese neigings kan verwag word dat die getal skoolverlaters wat verder wil studeer voorkeur sal gee aan 'n tegniese opleiding. Hierdie klemverskuiwing sal universiteite waarskynlik ernstig raak.

Die Brian Sandrock-langtermynplan (1965) het voorgestel dat alle basiese wetenskappe binne die sentrale wisselgebied geleë moet wees met die toegepaste wetenskappe daaromheen. Dit bly steeds 'n geldige benadering. So 'n uitleg beperk studentebewegings tot die minimum. Hierdie soneringsideaal kon tot dusver nog nie volledig toegepas word nie vanweë die verbondenheid met die verlede. Die plasing van die Wiskundedepartement is 'n voorbeeld hiervan.

Daar is nie in alle gevalle 'n duidelike afbakening tussen natuur- en geesteswetenskappe nie vanweë vrye vakkeuses. Weer eens is Wiskunde 'n goeie voorbeeld. 'n Skeiding tussen natuur- en geesteswetenskappe neig om akademies van aard te wees, maar behoort tog in gedagte gehou te word by die skepping van nuwe fasiliteite. Die ideaal sou wees om die basiese wetenskappe in die middel te plaas en die toegepaste wetenskappe regoorkant in die buitenste ring of periferie van die kampus. Dit sal kruisbeïnvloeding en raadpleging met die minste moeite en tydsverlies bevorder.


Namate die Universiteit ooswaarts uitgebrei het, was die verwagting dat die massamiddelpunt van die kampus ooswaarts sou verskuif tot op 'n punt wat min of meer in Roperstraat geleë is, soos op die onderstaande plan aangedui.

Hierdie verwagting het in 'n hoë mate reeds gerealiseer en het tot gevolg gehad dat alles moontlik gedoen moes word om die betrokke deel van Roperstraat gesluit te kry. Hierdie stap het reeds in 1965 'n absolute noodsaaklikheid geblyk te wees. Die sentrale wisselgebied het tans meer die vorm van 'n ellips as 'n sirkel en dit kan deels aan die groep groot lesingsale in die Opvoedkundegebou en die Ekonomiese en Bestuurswetenskapkompleks toegeskryf word.

Tradisionele simbole soos die Ou Letteregebou en die sentrale binneplein wat na die westekant toe strek, behoort behoue te bly as 'n tydlose baken vir die oud-Tukkie wat lank na sy studentedae weer op die kampus kom om nostalgies na te dink en te besigtig wat nog oorgebly het van vervloë dae se bakens. So bou elke kampus aan sy tradisies. Verspreide dienspunte belemmer samehorigheid. Hiertoe dra die geskiede-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

KAART: UP-KAMPUS 1984



nis by en is die vestiging van Geneeskunde en Tandheelkunde by die Pretoriase Algemene Hospitaal (later die H.F. Verwoerd-hospitaal) en Veeartsenykunde by die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut te Onderstepoort logiese stappe om doeltreffende samewerking te verseker. Die afsonderlike bestaansreg van Buitemuurs is lank bevraagteken totdat dit later uitgedien geraak het en by die hoofkampus ingeskakel is. In die meeste gevalle is bestaande fasiliteite egter deurslaggewend en dikteer dit dikwels besluite oor nuwe ontwikkelings.

By gebruikers is daar altyd 'n neiging tot die weg van die minste weerstand wat lei tot verskillende grade van ruimtebenutting. Die areas wat swaarder en beter benut word, behoort dus verbeter te word vir 'n beter gebruiksvoordeel vir studente. Ontwikkeling oor die langtermyn verg deeglike ondersoeke na die potensiaal van herindeling en herbenutting om maksimale voordeel met geringe ontwrigting en verlies te bewerkstellig. In die jongste tyd en vir die voorsienbare toekoms is hierdie uitgangspunt die beplanners se grootste uitdaging.

Sterker klem op toegangsbeheer en beveiliging vereis die vermindering van ingange. Wat voertuie betref, is aan hierdie behoefte reeds in 'n hoë mate aandag gegee.

Van die vele probleme met die voorsiening van voldoende fasiliteite vir die kampusgemeenskap is die kwessie van voldoende parkeerplekke een van die lastigste om op te los. Terreine vir hierdie doel is beperk en duur en die vereiste van stofvrye afwerkings maak hierdie voorsiening 'n relatief duur onderneming. Studentemotors word om ooglopende redes nie op die sentrale

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

deel van die kampus toegelaat nie, maar wel op geïdentifiseerde terreine op die periferie. Behalwe in een geval, langs Roperstraat by Tukkiewerf, waar kortter-mynparkering teen betaling plaasvind, word geen gelde vir oop parkering gehef nie.

Die parkeerplekposisie was aan die einde van 1992 soos volg: Oop - 6 635, onderdak - 1 132; altesame dus 7 767.

Die maatstaf van een parkeerplek vir elke agt studente soos in 1965 aanvaar is, het spoedig geblyk onvoldoende te wees. Om so 'n norm te bepaal is baie moeilik omdat dit wissel saam met welvaart en daarbenewens deur 'n hele aantal ander faktore beïnvloed word. Koste en ruimte teenoor waarneembare behoeftes bly steeds die beperkende faktore.

Die ideaal om voetganger- en voertuigverkeer te skei, is reeds in 'n mate in die sentrale wisselgebied die geval. Met die uitbreiding van die kampus na die oostekant toe oor Roperstraat en na die Suidkampus ten suide van Lynnwoodweg het straatkruisings deur voetgangers weer redelik ernstige afmetings begin aanneem. Dit het tot hernude vertoë vir die sluiting van Roperstraat gelei (wat elders volledíger behandel word) en die oprigting van 'n voetgangerverkeerslig in Lynnwoodweg om voetgangers te beveilig. Diens- en noodvoertuie kan egter steeds alle geboue op die kampus bereik. Ten einde die voorsiening van parkeerplekke vir studente op die onderskeie terreine te beperk, stel die Universiteit 'n gratis busdiens beskikbaar tussen die koshuisterrein op die proefplaas en die hoofkampus.

Weens veranderende omstandighede (getalle, metodes, tegnieke, toerusting, klemverskuiwings, ensovoorts) word daar voortdurend ten opsigte van fisiese fasiliteite nuwe eise gestel en is die aanpassing en opgradering van bestaande geboue noodsaaklik. Gewoonlik is dit 'n duur, langdradige en moeilike proses omdat die beplanning gedoen moet word met die noodwendige inagneming van die bestaande strukture. Meestal bring dit ook ernstige ontwrigting van werksaamhede in die betrokke geboue en departemente mee. Doelbeplande geboue wat afgestem is op bepaalde funksies gee gewoonlik die meeste probleme en daarom is dit die strewe om geboue so veeldoelig moontlik te beplan met die oog op latere plooibaarheid. Die Universiteit se behoeftes verander voortdurend omdat dit 'n dinamiese instelling is wat nooit stagneer nie.

Behalwe die onskatbare waarde van versiering van die terrein, dien die tuinerye ook as 'n lewende laboratorium vir opleiding in meer as een studieveld. Sy groot verskeidenheid plante is seker een van die Universiteit se waardevolste bates.

Die voorkoms van die kampus word hoofsaaklik deur subjektiewe waarneming beïnvloed en skewe indrukke word gewoonlik nie maklik verander nie. Dit is die rede waarom kritiese evaluerings so noodsaaklik is. Objektiwiteit is van kardinale belang en dit kan oorwegend van persone buite die eie organisasie verkry word. Die volgende aanhaling uit die 1985-langtermynbeplanningsverslag som die huidige situasie goed op:

> Terwyl rondom die kampus beweeg word, val 'n interessante aspek 'n mens op, naamlik die rangskikking van geboue en aanplantings op die grense. Dit het die potensiaal om die indruk van 'n sitadel of ommuurde stad te skep, waarin 'n gemeenskap met eie identiteit sy leefruimte benut. Op sommige plekke is daar tans nog openinge, maar dit kan met behulp van bykomende geboue en grondvorming gevul word om slegs

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beperkte vistas op die binnekampus toe te laat.

Ook ander faktore, soos die bekamping van diefstal en veiligheidsbeheer het bygedra tot die vermindering van ingange en die oprigting van 'n hoë sekerheidsheining wat met verdrag op die grense van die kampus opgerig word. Die behoefte aan 'n imposante hoofingang tot die kampus sal hopelik aandag kry wanneer Roperstraat gesluit word. Die logiese posisie vir 'n hoofingang is aan Lynnwoodweg. 'n Ryke verskeidenheid gebou-ontwerpe word op die kampus aangetref, elkeen min of meer kenmerkend van die modestyl van die tyd waarin hulle opgerig is. Groot ooreenkomste in ontwerp- en struktuurelemente kom wel voor by 'n paar naasliggende geboue wat binne 'n kort tydsbestek opgerig is. Dit suggereer 'n eenheidsgevoel by sommiges, maar by andere 'n gevoel van oordaad of geforseerdheid.

Geplaveide voetgangerpaaie met beplanting word ook as 'n sterk positiewe element beskou wat tot die aantreklikheid van die kampus bydra. Voetgangerpaaie kan ook deur diens- en noodvoertuie gebruik word. Wanneer Roperstraat gesluit is, sal die vernietigende invloed van hierdie openbare straat op die eenheidsgevoel op die kampus na baie jare van frustrasie ook op 'n end wees.

Alhoewel daar verskeie areas op die kampus is waar studente tussen lesings versamel, is dit opmerklik hoe die kampus na 17:00 smiddae en saans leegloop. Dit dui op 'n duidelike gebrek wat betref 'n aantrekkingskrag vir studente om in nie-akademiese verband bymekaar te kom en gesellig te verkeer.

Die verbeeldingryke 1985-langtermynontwikkelingsplan dien as 'n raamwerk vir toekomstige aanpassings by veranderende omstandighede en eise van die tyd. Die volgende doelstellings word hierin nagestrewe:

* 'n Groter eenheidsgebied uit die saambinding van 'n aantal losstaande dele;
* om posisies van paaie en parkeerplekke te rasionaliseer en voetgangerroetes meer vloeiend en opwindend te maak;
* om 'n groot verskeidenheid van stemminge in ruimtes tussen geboue te skep en die natuur in te span om 'n sagter omgewing te verkry ('n botaniese park word in die noordweste aangetref, geometriese tuine by Boukunde, Merensky en Biochemie en voor die Aula, formele binnehowe by Ingenieurswese, Natuurwetenskappegebou I en tussen die Musaion en die Aula; vryvorm-landskapontwikkeling is noord van die Administrasiegebou en Opvoedkunde toegepas; 'n rustige plein is voor Ou Lettere geskep en 'n boomryke sentrale park noord van Geesteswetenskappe);
* om 'n sterk simboliese plek van aankoms wat as hart vir die kampus kan dien; en
* om te verseker dat geboue in konteks met die ruimtes ontwerp word.

Die 1965-langtermynontwikkelingsplan het hom toegespits op basiese sake wat op daardie tydstip van kardinale belang was, naamlik uitbreidingsruimte vir 'n dinamies-groeiende Universiteit wat tussen 'n spoorlyn, 'n hoofverkeersroete (Lynnwoodweg) en 'n redelik belangrike plaaslike straat (Roperstraat) vasgekeer is.

Die 1965-verslag het aandag gegee aan ordeningskwessies, naamlik sonering, swaartepuntverskuiwing, skeiding tussen motor- en voetgangerverkeer, posisies vir nuwe geboue, ruimtebehoeftes en maksimum loopafstand tussen lesingperiodes.

In die 1985-langtermynplan word klem gelê op konsolidasie, rasionalisasie, ter-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

reinontwikkeling, die uitbouing van 'n lewendige kampuslewe en die skepping van 'n positiewe ervaring en gevoel by elke oud-Tukkie en besoeker aan die kampus.

Hertoedeling van geboue

Aangesien die Universiteit 'n uitgebreide en dinamiese organisasie is, moet daar voortdurend aangepas word by veranderende omstandighede soos die groei in studentegetalle, klemverskuiwings, nuwe metodes, hulpmiddels en tegnieke, nuwe studierigtings, beter toerusting en die gebruik van rekenaars. Nuwe behoeftes en nuwe eise is aan die orde van die dag en dit plaas voortdurend druk op die vernuf van die Universiteit se Afdeling Fasiliteitebeplanning, sy konsultante en veral op sy finansiële hulpbronne. Die koste van bouwerk het in die afgelope tyd geweldig gestyg. Vir luukshede is daar eenvoudig nie meer geld nie en daar kan in die laaste tyd selfs moeilik aan noodsaaklike vereistes voldoen word.

Die tekort aan fasiliteite noodsaak dat daar voortdurend aan bestaande geboue gewerk moet word en dit veroorsaak dikwels ernstige ongerief vir persone wat tussen al die stof en lawaai deur moet voortgaan met opleiding. Hieronder volg 'n aantal voorbeelde van gevalle waar grootskaalse herindelings en opgraderings nodig was om te verseker dat die betrokkenes in staat sou wees om hulle werk steeds goed te doen.

'n Gedeelte van die Instituut vir Patologie is in 1982 hertoegedeel en aangepas om beter huisvesting te bied aan die Instituut vir Lewenswetenskappe wat deur die Mediese Navorsingsraad aldaar bedryf is. Daar is ook voorsiening gemaak vir die huisvesting van die aptekerskollege wat in samewerking met die Tegniese Kollege onder leiding van prof. Durrheim bedryf is. Die farmaseutiese maatskappye het ruimskoots bygedra sodat 'n goed toegeruste kleinhandelsapteek ingerig kon word.

Die Ou Chemiegebou wat agter die Ou Letteregebou geleë is en wat moontlik kort voor die Ou Letteregebou voltooi is, is in die vroeë tagtigerjare hertoegedeel om huisvesting te bied aan sentrale kopieerfasiliteite vir studente en personeel, 'n boekwinkel onder die beheer van die Verteenwoordigende Studenteraad waar tweedehandse studieboeke en algemene skryfbehoeftes verkoop word, 'n kafeteria-dienspunt waar hoofsaaklik koeldrank en ligte verversings te koop is, en 'n kleurewinkel waar sportklere, kleurbaadjies en verwante items aangehou word. Die kopieerfasiliteit is later geprivatiseer en bied tans 'n hoogs doeltreffende en gesofistikeerde diens teen baie billike tariewe.

In die Dierkundegebou is daar oor 'n lang tydperk 'n hele aantal omvangryke hertoedelings gedoen en is heelwat fasiliteite opgegradeer om groter doeltreffendheid te verseker. Die Afdeling Natuurlewebestuur kom hierdeur veel beter tot sy reg.

'n Aantal seminaarkamers is aanvanklik in die Merenskybiblioteek voorsien met die veronderstelling dat groepe studente daar sou bymekaarkom om besprekings te voer. Hierdie ruimtes was nie baie populêr nie en dit het gelei tot die hertoedeling van hierdie fasiliteite. Die uitbreiding van biblioteekmateriaal, klemverskuiwings, 'n grootskaalse toename in biblioteekgebruik, 'n filosofie van meer selfstandige studie, 'n sterk toename in nagraadse studente en nog ander faktore het almal bygedra tot die behoefte om die beskikbare ruimtes in die biblioteek steeds beter en doelmatiger te benut. In die oorspronklike deel van die biblioteekkompleks is voorsiening gemaak vir 'n groot getal studiesitplekke vir studente wat tussen lesings vir korter of langer tye wil studeer, hetsy binne of buite biblioteekverband. Hierdie behoefte, veral

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir studies buite biblioteekverband, het in die jongste tyd steeds toegeneem. Selfs 'n deurnagdiens is beskikbaar gestel.

Nuwe en beter fasiliteite is vir die *Departement Plantkunde* geskep in die voormalige gebou vir Toegepaste Wiskundige Wetenskappe (TWW-gebou) wat later tot Natuurwetenskappegebou II herdoop is. Dit het die Stonemangebou beskikbaar gemaak vir gebruik deur die Departement Mynbou-ingenieurswese. 'n Uitgebreide herindeling van hierdie klein geboutjie was nodig om aan al die vereistes van hierdie Departement te voldoen.

Die fasiliteite van die Departement Chemie is onderhewig aan buitengewone korrosie weens al die chemiese stowwe wat voortdurend daar gebruik word. Dit het daartoe gelei dat die laboratoria in die Chemiegebou die een na die ander grootskaals opgeknap is. Die veiligheid van studente was hier 'n belangrike oorweging en besondere aandag is ook aan die ventilasiestelsels gegee.

Ná die bekomming van die voormalige Brandstofnavorsingsinstituut se terrein en geboue ten suide van Lynnwoodweg, is 'n aantal departemente en/of afdelings van die Fakulteit Ingenieurswese daar gevestig. Dit het heelwat ruimte in die Ingenieurswesekompleks beskikbaar gestel vir toedeling aan die departemente/afdelings wat voorheen afgeskeep is en wat meer en beter fasiliteite moes kry. Hieronder tel Opmeetkunde asook Elektriese, Meganiese, Siviele en Chemiese Ingenieurswese. In hierdie verband was die volgende geboue ter sake: die J.G. Strijdomgebou vir Ingenieurswese, die Swaarmasjienlaboratoria en ook die Ingenieurswesetoringgebou.

Die Departemente Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese en Mynbouingenieurswese is op hulle beurt onderdak gegee in die voormalige Fisika/Geologiegebou nadat die Departement Fisika in Natuurwetenskappegebou I hervestig is. Hierdie verskuiwing het gelei tot die logiese bymekaarbring van die aardwetenskappe (saam met Geologie) in 'n kompleks wat bekend geword het as die Mineraalwetenskappegebou. Die hervestiging van die Departement Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese met al sy groot en swaar toerusting en oonde het 'n besondere las op die elektrisiteitsvoorsiening op die kampus geplaas.

Ook die gebou vir die Basiese Mediese Wetenskappe op die Prinshofterrein naby die H.F. Verwoerd-hospitaal is nie agterweë gelaat nie. Hierdie gebou wat in 1966 teen sowat R1,66 miljoen voltooi is, is na 22 jaar vir die eerste keer grootskaals opgeknap en ruimtes hertoegedeel. Die koste van die opknapping wat in 1988 gedoen is, het meer as die oprigtingskoste van die gebou beloop.

Nadat Kollegetehuis na die proefplaasterrein verskuiwe is as eerste koshuis van die reeks manskoshuise wat met die verloop van tyd sedert 1959 daar opgerig is, is die gebou ten noorde van die Ou Letteregebou waarin die koshuis gehuisves was vir akademiese doeleindes en akademiese ondersteuningsdienste aangewend. Selfs sektore van die Administrasie was in 'n stadium daar gehuisves. Die Studentediensburo is later daar gehuisves en telkens is die aanpassings in hierdie gebou redelik planloos en lukraak gedoen. Hierdie gebou wat een van die oudstes op die kampus is, het ook aan die beurt gekom met die uitgerekte proses van opgradering en opknapping wat ook 'n geringe mate die hertoedeling van ruimte ingesluit het. Die gebou wat nou as die Studentediensburogebou bekend staan, is vandag weer 'n sieraad op die kampus wat menige bekende en minder bekende oud-inwoner met nostalgie sal laat terugdink aan die dae van weleer toe dit nog 'n koshuis was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

So het daar ook 'n hele paar ander geboue en dele van geboue aan die beurt gekom vir opknapping, opgradering en gewoonlik ook 'n mate van hertoedeling, soos byvoorbeeld die lesingsalekompleks by Ingenieurswese, die Geografiegebou, die lesingsale van die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde in die Ou Landbougebou en die voormalige Kloostergeboue, wat as Tukkiewerf bekend staan en vanwaar die VSR-aktiwiteite oorwegend bedryf word. Laasgenoemde geboue sluit ook die voormalige Rooms-Katolieke kerkie in wat 'n baie besondere atmosfeer het en wat baie populêr geword het vir huweliksbevestiginge.

Uit bostaande is dit duidelik dat die Universiteit se verouderingsproses toenemend verjongingskure noodsaak. Ook die bewaring van dit wat oor baie jare heen so 'n diepgewortelde deel van die tradisie, die waardestelsel en die kosbare bates van die alma mater geword het, moet uiteraard aandag kry.

Weens die groeiende getal dienswerkers het die geriewe vir hierdie groep werknemers geleidelik te klein begin word. Die eet-, toilet- en ontspanningsgeriewe by die Tegniese Dienstegebou is uitgebrei deur die groot binnehof wat daar was te oordek en die bestaande geriewe uit te brei en te verbeter. Daar is ook 'n lesing/besprekingslokaal ingerig waar kleiner groepe opgelei en toegespreek kan word.

Letteregebou II, vroeër bekend as die Nuwe Letteregebou, het tot voor die voltooiing van die Opvoedkunde/Regsgeleerdheidgebou huisvesting gebied aan onder meer die Fakulteit Opvoedkunde. Hierdie gebou is op redelik uitgebreide skaal aangepas en opgeknap om die twee afdelings van die Fakulteit Teologie te huisves. Ten einde dit volgens gebruik te vernoem na die vernaamste aktiwiteite wat daarin plaasvind, is dit herdoop tot die Teologiegebou. Dit is hier waar die Bybelvertalers baie ure saam gesit en werk het aan die hersiene Afrikaanse vertaling van die Bybel.

Die Administrasiegebou is in Desember 1968 betrek. Omstreeks 1976 is besef dat die gebou uitgebrei sal moet word om aan al die vereistes van 'n sentrale administrasiediens te voldoen en om al die onderskeie afdelings daarvan weer bymekaar te huisves. In daardie stadium was die hele koshuisafdeling in die Ingenieurswesegebou gesetel en 'n paar ander afdelings selfs elders. Die nuwe deel van die Administrasiegebou is in 1982 betrek. Dit maak voorsiening vir 160 kantore, het R2,2 miljoen gekos en is beplan deur dieselfde argitek wat die oorspronklike gebou ontwerp het, naamlik mnr. Brian Sandrock. Die boukontrakteur was Zymer (Edms.) Bpk. en die ingebruikneming het op 2 April 1982 plaasgevind.

Die Wiskundegebou, voorheen bekend as die Dosentekantore III-gebou en later as die Ekonomiese en Bestuurswetenskappegebou, het hierdie naam gekry omdat dit tans die Departemente Wiskunde en Toegepaste Wiskunde huisves en vir daardie doel ook 'n paar geringe aanpassings genoodsaak het. Die koste daaraan verbonde was R381 000.

Die Natuurwetenskappegebou was aanvanklik bekend as die Wiskundegebou en is later tot die gebou vir Toegepaste Wiskundige Wetenskappe (TWW-gebou) herdoop. In daardie stadium het dit die Departemente Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, 'n deel van Geologie, Statistiek, Elektronmikroskopie en 'n deel van Administrasie gehuisves.

Met die verhuising van Fisika na die Natuurwetenskappegebou I, is Geologie se ruimtes in die ou Fisika/Geologiegebou gekonsolideer. Die gebou staan tans as die Mineraalwetenskappegebou bekend omdat dit nou ook Metallurgie en Mynbou-inge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nieurswese huisves. Dit het ruimtes in die TWW-gebou vry gemaak. Na die konsolidasie en verhuising van Wiskunde en Toegepaste Wiskunde na die huidige Wiskundegebou en Statistiek na die Ekonomiese en Bestuurswetenskappegebou, is 'n groot deel van die Departement Plantkunde in die TWW-gebou tuisgebring. Die gebou se naam is verander in die Natuurwetenskappegebou II. Die NW II-gebou huisves ook die Universiteit se gesentraliseerde Elektronmikroskopie-afdeling asook sekere afdelings van die Departement Inligtingsbestuur, byvoorbeeld die Rekenaarkundigheidsentrum, die Rekenaardienssentrum en die Navorsings- en Onderrigondersteuningsentrum.

Suidkampus

Hierdie kompleks, ten suide van Lynnwoodweg regoor die hoofkampus, was vroeër bekend as die Brandstofnavorsingsinstituut en later as die Divisie vir Energietegnologie (DET), onder beheer van die WNNR. Die grond en geboue het aan die staat behoort. Met die rasionalisering van die WNNR is besluit om die hierdie divisie na die terrein van die WNNR te verskuiwe en is onderhandelings met die Universiteit aangeknoop met die oog op die oorname van die betrokke terrein en geboue. Die grond bestaan uit twee gedeeltes bekend as gedeelte 375 (5 553m²) en gedeelte 334 (2, 5430ha). Beide is onderdele van gedeelte 210 van die plaas Elandspoort 357 JR, Pretoria.

Op 1 Februarie 1989 het die Universiteit in beginsel besluit om die eiendom oor te neem en onderhandelings is met die staat begin. Op 4 Oktober 1990 is bevestiging ontvang van die Departement Onderwys en Kultuur dat die oordrag deur die Ministersraad oorweeg en goedgekeur is onderworpe aan die volgende voorwaardes: dat die betrokke eiendom met alle verbeterings daarop gratis aan die Universiteit oorgedra word vir opvoedkundige doeleindes en indien dit nie daarvoor aangewend word nie, dit sonder vergoeding terugval na die staat; dat al die koste vir die oordrag vir die Universiteit se rekening sal wees; en dat die Universiteit sal instaan vir die koste van die verhuising van die DET na die WNNR se terrein.

Nadat die Universiteit en die staat oor bogenoemde oordrag en voorwaardes ooreengekom het en die geboue ontruim is, is die eiendom tot die Universiteit se beskikking gestel. Die waarde van die eiendom is op ongeveer R8 miljoen geraam en die verhuisingskoste het op ongeveer R2 miljoen te staan gekom. Die geboue was na ontruiming in 'n swak tot baie swak toestand en dit sou baie kos om dit op te knap en vir akademiese doeleindes in te ruim; 'n proses wat oor 'n termyn van 'n paar jaar sou strek. Aan die einde van 1992 was die oordrag van die grond op die Universiteit se naam nog nie afgehandel nie.

Tot dusver is die geboue na opknapping en hertoedeling vir die huisvesting van die Departemente Stads- en Streeksbeplanning, Landskapsargitektuur, Chemiese Ingenieurswese se afdeling Waterbenutting, Ingenieursbestuur, Beeldende Kunste se gietery en Bedryfsingenieurswese aangewend.

Ooskampus: uitruil van eiendomme

Nadat die Universiteit se langtermynplan van 1965 as rigsnoer vir toekomstige ontwikkeling aanvaar is, het die Universiteit 'n hele aantal eiendomme ten ooste van Roperstraat, soos wat dit in die mark gekom het, teen billike pryse aangekoop. 'n Aantal eiendomme is onder meer ten noorde van Prospectstraat aangekoop in die twee straatblokke tussen Festival- en Grosvenorstraat. Met die hersiening van die Stadsraad se Struktuurplan vir hierdie gebied, is hierdie twee straatblokke tesame

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

met 'n aantal ander ten noorde van Burnettstraat bestem as 'n gebied waaraan woonstelregte toegestaan sou kon word wanneer daarom aansoek gedoen word. Spoedig na hierdie besluit van die Stadsraad het daar 'n ongekende belangstelling van ontwikkelaars in hierdie eiendomme ontstaan. Die Universiteit was nie in daardie stadium van plan om sy eiendomme, wat verspreid geleë was, te ontwikkel nie en wou dit ook nie verkoop nie. Uiteindelik is daar ingestem tot 'n reeks ruiltransaksies met ontwikkelaars op 'n wyse wat hulle daartoe in staat sou stel om met ontwikkelling voort te gaan en die Universiteit in staat sou stel om sy eiendomme aaneenliggend te kry vir latere maklike ontwikkeling of vervreemding. Twee van die eiendomme is wel verkoop. Só het dit toe gebeur dat die Universiteit eienaar geword het van erwe 104, 105, 106, 180 en 181/R - almal in Hatfield en aangrensend aan Prospectstraat. Die Afdeling Terreine en Geboue is op erf 104 gehuisves en die res dien as koshuisannekse.

Hersonering van eiendomme

Ooreenkomstig die Universiteit se uitbreidingsbeleid ten ooste van Roperstraat is daar 'n hele aantal eiendomme vir uitbreidingsdoeleindes aangekoop. Hierdie eiendomme word vir verhuring aan personeellede, koshuisannekse en kantore aangewend. Hulle vorm 'n gerieflike buffer om oorvloeibehoeftes te verlig tot tyd en wyl nog 'n koshuis, kantoorruimte of enige ander gebou opgerig kan word. Hierdie eiendomme is geleë in 'n woongebied wat as "spesiale woon" gesoneer is, met ander woorde vir gesinsbewoning. Deur die aanwending van sommige van hierdie woonhuise vir ander doeleindes as gesinsbewoning was die Universiteit dus besig om die dorpstigtingsvoorwaardes te oortree. Al die voorgenoemde gebruike sou gewettig kon word indien die betrokke eiendomme tot "opvoedkundig" gehersoneer sou kon word. Dieselfde effek kon ook verkry word deur toestemmingsgebruik van die Stadsraad te verkry.

Goeie samewerking van die Stadsraad het verseker dat sekere erwe in Hatfield en Hillcrest vir opvoedkundige doeleindes aangewend kan word, onderworpe aan sowel 'n hele aantal gebruiklike as die volgende besondere voorwaardes: dat die omvang van die regte op elke erf wat bebou is en waarvan die bouplanne as woonhuis/buitegebou goedgekeur was, beperk word tot 12,5% bykomende vloeroppervlakte wat nie 50% van die erfoppervlakte mag oorskry nie; dat die omvang van die regte op alle onontwikkelde erwe of wat in die toekoms onontwikkeld mag raak beperk word tot 'n maksimum dekking van 30%, 'n vloerruimteverhouding van 0,5 en 'n hoogte van twee verdiepings.

Colbynvallei

Die Stadsraad van Pretoria hou 'n servituut oor die Universiteit se hoofproefplaas wat inhou dat die terrein kosteloos terugval na die Stadsraad wanneer en indien dit nie meer vir landboukundige opleiding en -navorsing gebruik word nie. Aansienlike dele van die proefplaas is wel later vir ander doeleindes as landboukundige opleiding en navorsing aangewend, byvoorbeeld sportvelde, snelweë, die botaniese tuin, ensovoorts. Hierdie aanwendings was telkens onderworpe daaraan dat die Stadsraad goedkeur dat die servituut oor die betrokke deel van die grond opgehef word. Die nodige goedkeuring is telkens verkry.

Die "uitval"-terrein ten suidooste van die snelwegklawer teenoor die WNNR was 'n redelik groot gelykliggende, driehoekvormige terrein wat na die bou van die snelweë relatief geïsoleer van die sentrale deel van die proefplaas was. Dit is deels vir weiding en origens vir die kweek van kuilvoer aangewend. Met die groei van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die stad het hierdie stuk grond (ongeveer 66 ha) al hoe waardevoller geword en het al hoe meer oë daarna gekyk met drome van 'n groot sportkompleks vir die stad, dorpsontwikkeling en 'n tegnopark. Die Stadsraad wou dit baie graag vir die ontwikkeling van 'n uitgebreide sportkompleks bekom wat ook vir internasionale byeenkomste geskik sou wees. Die servituut het weer ter sprake gekom en die Universiteit se verweer was dat die relatiewe geïsoleerdheid nie deur sy eie toedoen ontstaan het nie, maar weens die bou van die snelweë en dat die terrein steeds in belang van die landbou gebruik word.

Toe die gedagte van die ontwikkeling van 'n tegnopark op hierdie terrein by die Universiteit ontstaan en die opheffing van die servituut deur die Stadsraad ter sprake gekom het, was die Stadsraad heftig daarteen gekant. As redes vir hierdie teenstand het hulle aangevoer dat hulle dit graag vir 'n sportkompleks wou bekom, dat die Universiteit finansieël sou baat by die verkoop van persele vir tegniese bedrywighede en dat die gebruik daarvan vir landboukundige opleiding en -navorsing sou verval.

Ten einde die servituut oor hierdie deel van die proefplaas opgehef te kry, het die Universiteit later besluit om die sogenaamde Colbynvallei kosteloos aan die Stadsraad af te staan, met die verstandhouding dat die ekologie van die Hartebeestspruit en die natuurlike plantegroei op die koppie bewaar bly. Die Colbynvallei sluit die deel van die proefplaas in wat ten noordweste van die snelwegklawer geleë is en word begrens deur Endstraat, Kilnertonweg (later C.R. Swartweg) die kruin van die rantjies agter Queenswood en Kilnerpark, die NI na Pietersburg in die ooste en die N4 na Witbank weswaarts tot waar dit oor die spoorlyn gaan en daarvandaan weswaarts ten noorde van die spoorlyn tot by Endstraat. Hierdie terrein beslaan ongeveer veertig hektaar.

Persequor Technopark

Na die bou van die deurpaaie oor die proefplaas wat in 1968 geproklameer is, het daar 'n aantal relatief moeilikbruikbare terreine ontstaan. Een van hierdie terreine (66,52 ha) is geleë tussen die oostelike verbypad (N1) na Pietersburg en roete N4 na Witbank. Aan die oostekant word dit begrens deur die Meiring Naudé-pad wat voor die WNNR verbyloop.

Die Dekaan: Ingenieurswese het voorgestel dat die Universiteit dit oorweeg om die bogenoemde terrein te ontwikkel in 'n tegnopark. Om dit te kon doen, was dorpstigting en die verkryging van die nodige regte noodsaaklik. Die proefplaas is in 1920 aangekoop en in die koopakte is onder meer bepaal dat die plaas slegs vir landboukundige opleiding aangewend mag word, anders sal dit kosteloos in die hande van die Stadsraad van Pretoria terugval. Namate die Universiteit se behoeftes uitgebrei het, is die Stadsraad by verskeie geleenthede genader om die serwituut op dele van die plaas op te hef wat vir ander doeleindes aangewend is soos sportterreine, manskoshuise, 'n botaniese tuin, die CBC-terrein en deurpaaie. Telkens het die Stadsraad goedgunstiglik die serwituut opgehef, maar toe die Universiteit met dorpstigting wou begin op die terrein wat die Stadsraad baie graag vir 'n Noord-Transvaalse sporthoofkwartier wou bekom, het hy vasgeskop. Hierdie "Nabotswingerd", soos iemand dit by geleentheid genoem het, het gelei tot langdurige onderhandelings wat uiteindelik daartoe gelei het dat die Universiteit die deel van die proefplaas bekend as die Colbynvallei ten noorde van Kerkstraat-verlenging en wes van roete N1 na Pietersburg tot teen die Queenswood- en Colbyn-woongebiede kos-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

teloos aan die Stadsraad afgestaan het "in ruil" vir die regte om die Persequor Technopark te ontwikkel.

In die eerste brosjure oor die Persequor Technopark is die *doel* soos volg saamgevat: "Om 'n tegnologiese wisselwerking tussen die akademiese gemeenskap en die nywerheid tot stand te bring." Nog later, in die eerste uitgawe van *Technoforum*, die bulletin wat deur die eienaarsvereniging gepubliseer word, is die doel heel kort geformuleer: "Welvaart deur innovasie."

Die Universiteitsraad het op 29 Junie 1987 besluit "dat die moontlikheid van 'n wetenskappark in beginsel ondersteun word en dat voortgegaan kan word met die ondersoek". Die Raad het verder besluit om 'n professionele span van stadsbeplanners, raadgewende ingenieurs, argitekte, bourekenaars en prokureurs te betrek om die nodige aanvoorwerk te doen. Die konsultante het in Mei 1987, voordat hulle aanstelling formeel goedgekeur is, die eerste keer verslag gedoen en aanvangsvoorstelle gemaak.

In September van dieselfde jaar het die stadsbeplanners aansoek gedoen dat die Gidsplan van die Groter Pretoria gewysig word om die stigting van 'n tegnopark op die betrokke stuk grond moontlik te maak. Die onderhandeling met die Stadsraad van Pretoria oor dorpstigting het gesloer totdat die Stadsraad op 27 Julie 1988 goedgekeur het dat die dorp Persequor gestig word. Dit was eers net vir fase een van die ontwikkeling en op 26 Oktober 1989 het die Stadsraad 'n brief geskryf waarin Persequor uitbreiding 1 goedgekeur word en wat alle toekomstige fases van die dorpsgebied insluit.

'n Unieke bepaling ten opsigte van die tegnoparkregte behels die goedkeuring van gebruike deur 'n gedelegeerde amptenaar van die Stadsraad. Afgesien van 'n lys toelaatbare gebruike wat op 'n bepaalde tydstip as hoëtegnologie beskou kan word, ontwikkel die tegnologie voortdurend teen 'n verbysterende tempo en kan die hoëtegnologie van die toekoms nie vooraf gedefinieer en vasgepen word nie. Die gedelegeerde amptenaar sou sy diskresie moet gebruik om te besluit oor gebruike waarvoor aansoek gedoen word wat nie in die lys van toelaatbare gebruike verskyn nie.

Op 31 Oktober 1990 is die dorp Persequor geproklameer.

Die naam "Persequor" is ontleen aan die leuse van die Universiteit. Die element van strewe wat in hierdie Latynse woord vervat is en die skakeling wat daardeur tussen die Universiteit en die Park gesuggereer word, maak dit 'n goeie keuse. Die Raad het dit met hulle besluit op 27 Januarie 1988 bevestig. Die benaming "Technopark" is verkies bo verskeie alternatiewe, soos "Wetenskappark" en "Besigheidspark", omdat dit nasionaal en selfs internasionaal beskrywend is van die besondere soort dorpsgebied. Daar is ten gunste van die spelling "technopark" bo die suiwer Afrikaanse "tegnopark" besluit omdat dit internasionaal toegepas kan word.

Die straatname is geïnspireer deur die landing van generaal Helperus (Pierre) van Ryneveld en sy medevlieënier, majoor Quintin Brand op die betrokke plaas. Dit was op 17 Maart 1920 toe hulle met hulle De Havilland-vliegtuig "Voortrekker" op die eerste vlug tussen Londen en Kaapstad gevlieg het. Die vlug is deur die hoëtegnologie van daardie tyd moontlik gemaak. Die Bestuurskomitee het Quintin Brandstraat, Genl. Van Ryneveldstraat en De Havillandsingel as gepaste name gekies.

Die Raad het op 17 Oktober 1988 'n Bestuurskomitee vir Persequor benoem. Die komitee, waarin vyf lede aanvanklik gedien het, het op 3 Junie 1989 vir die eerste keer onder voorsitterskap van die Viserek-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tor: Bestuursdienste vergader. Die komitee het daarna gereeld byeengekom wanneer die behoefte daar was.

Op sy vierde vergadering op 6 September 1989 is die parkdirekteur, wat in daardie maand diens aanvaar het, in die Bestuurskomitee aangestel. Daarna het een lid bedank, maar op die veertiende vergadering op 21 November 1991 het die ander twee Viserektore en die Direkteur van Navorsing ook lede van die Bestuurskomitee geword en het die totaal tot agt lede gegroei. Dit het nodig geword om al die Viserektore en die Direkteur van Navorsing in te sluit omdat die Technopark altyd en oral binne en buite die Universiteit bekendgestel en bevorder moes word om dit te laat groei.

Vanweë hulle ervaring met dorpstigting en hulle gevolglike kundigheid, het Volkskas Eiendomsdienste Beperk (VEB) aanvanklik oorweeg om by die finansiering as vennoot in die onderneming betrokke te raak. Dit het egter gou duidelik geword dat die oorwegings van VEB en die Universiteit te uiteenlopend was om so 'n vennootskap te laat slaag. Uit die aard van VEB se sakebelange is hulle benadering suiwer kommersieel van aard, terwyl die Universiteit se doel idealistieser is met die oog op die toekoms.

VEB het toe besluit om nie 'n vennoot in die onderneming te word nie en gevolglik het hulle ook nie kapitaal in die projek belê nie. Tydens die onderhandelings het dit egter duidelik geword dat hulle 'n belangrike rol as projekbestuurder sou kon speel en hulle is dus ook as sodanig aangestel. Op 9 Augustus 1989 het hulle die aanstelling as projekbestuurder onderteken en die taak aangepak teen 'n allesinsluitende vergoeding van R200 000.

Die moontlikheid dat die Staat met finansiering sou help, is ook ondersoek, maar dit was duidelik dat die Staat nie direk of deur middel van die Nywerheids-ontwikkelingskorporasie finansiering wou verskaf nie.

Op 7 Junie 1989 het die Raad na aanleiding van 'n kosteraming wat die bourekenaar gemaak het, besluit om R5,7 miljoen vir die ontwikkeling van fase 1 van Persequor-technopark beskikbaar te stel. Op 16 Oktober 1989 het die Raad besluit dat rente teen 15% per jaar met ingang 7 Junie 1989 by bogenoemde bedrag, of die saldo in enige stadium, gevoeg sou word. Na voltooiing van die infrastruktuur van fase 1 het die totale allesomvattende koste tot aan die einde van Februarie 1992, op R5 802 852 te staan gekom.

Die finansiering van die projek is aansienlik vergemaklik deur twee belangrike faktore. Eerstens het die Stadsraad van Pretoria die Universiteit se versoek toegestaan om nie die koste van eksterne dienste (of grootmaat-dienstebydraes) te hef nie. Eenvoudig gestel, beteken dit dat die aanleg van dienste soos water en elektrisiteit tot by die grens van die Park die Universiteit niks gekos het nie. Tweedens het die Departement van Vervoer ingewillig om die gedeelte van die terrein wat hulle in die verre toekoms vir padverbreding nodig sou hê reeds op 5 September 1990 te onteien en die vergoeding van R1 655 482 dadelik te betaal.

'n Verdere belangrike oorweging in die finansiële beplanning was dat die ouditeure Theron en Du Toit op 12 Februarie 1990 uitgewys het dat "die verkoop van die eiendom van kapitale aard sal wees". Die Universiteit sou dus nie ten opsigte hiervan belastingpligtig wees nie.

Die inkomste uit die verkoop van sewe persele in 'n vroeë stadium het die finansieringsbehoeftes ook verlig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Alles inaggenome, kon die Raad in Februarie 1992 meegedeel word dat die inkomste uit alle bronne die bedrag van R5,7 miljoen wat aanvanklik beskikbaar gestel is, alreeds met R400 000 oorskry. Verdere verkope sou dus vergoed vir die grond wat die Universiteit aan Persequor afgestaan het en vir die renteverlies op die oorspronklike kapitale bedrag.

Op 1 September 1989 het die Direkteur, mnr. H.J. Meyer, diens op 'n tydelik-deeltydse basis aanvaar. Hy is 'n oud-Tukkie wat voor sy uittrede as 'n raadgewende siviele ingenieur gepraktiseer het.

Toe die Direkteur aangestel is, was die Universiteit alreeds by die American Association of University Related Research Parks (AURRP) as assosiaatlid ingeskakel. In Mei 1990 is die Direkteur na die Vereniging se jaarkongres afgevaardig en het hy verskeie tegnoparke in die VSA en in Europa besoek om waardevolle kennis op te doen oor hoe hulle gevestig en bestuur word.

Persequor het sekere dienste vereis. Die Bestuurskomitee van die Universiteit het gevolglik op 25 Julie 1989 besluit dat die volgende span konsultante saamgestel word om die verskillende dissiplines te hanteer: MV3 Argitekte (argitekswerk); Couzyn, Hertzog en Horak (dorpstigting); Els, Van Straaten en Vennote (stadsbeplanning en landskapwerk); Van Wyk en Louw (raadgewende siviele ingenieurswerk); C.A. du Toit en Vennote (raadgewende elektriese ingenieurswerk); C.P. de Leeuw en Vennote (bourekenaars); P. Kohrs van Deltaplan (landmeetwerk); Theron van der Poel (belastingondersoek); en Realtors (Edms.) Bpk. (bemarkingsagent).

Die eerste fase het bestaan uit 'n toegangsbeheer erf en een ander erf wat in 25 onderverdelings verdeel is. Strate, 'n stormwaterstelsel, water en elektrisiteit is by elke perseel volgens die Stadsraad se vereistes beskikbaar. Die landskapswerk en 'n permanente besproeiingstelsel is ook ingesluit. Die werk is in Maart 1990 begin en was aan die einde van 1990 wesenlik afgehandel.

Die besproeiingswater word gedeeltelik deur twee boorgate op die terrein voorsien. 'n Kunsmatige waterval met 'n tuin, naambord en inligtingsbord versier die ingang tot die Park. 'n Reeks sierdamme wat ook by die besproeiingstelsel ingeskakel is, vorm deel van die parklandskap. Langs die strate word 'n wye parkstrook besproei wat inheemse sierplante en bome bevat en as gemeenskaplike tuin versorg word.

'n Telefoondiens moes ook verskaf word. Die hulse maak daarvoor voorsiening dat elke sakeonderneming in die Park by 'n gemeenskaplike sentrale kan inskakel. Daar is ook 'n kommunikasiehuls geïnstalleer wat dit moontlik sou maak om die sekuriteit van al die geboue in die Park van 'n sentrale punt te beheer.

Die vordering was sodanig dat die Visekanselier en Rektor, prof. D.M. Joubert, die Park op 12 Maart 1991 tydens 'n skemerkelkonthaal amptelik kon open. By dié geleentheid het hy gedenkplate aan die twee ontwikkelaars wie se geboue toe reeds onder konstruksie was, oorhandig. Twee van die raadgewende ingenieursfirmas het by daardie geleentheid elkeen 'n waardevolle kontantbedrag aan die Universiteit geskenk.

Die Raad het op 25 April 1988 besluit om R20 000 te bewillig vir 'n markondersoek wat aan konsultante opgedra is. Die uitslag daarvan was positief en dit het die Raad se voorneme herbevestig om met die Persequor Technopark voort te gaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat die bemarking betref, het die Bestuurskomitee op 11 Augustus 1989 goedgekeur dat 'n Bemarkingskomitee onder voorsitterskap van mnr. Piet Moolman, argitek van die firma MV3, die bemarkingspoging moet koördineer. Die Direkteur en die eiendomsagent is as lede van die komitee benoem. Die eiendomsagent en mnr. Moolman het onafhanklik van mekaar oorsee gereis om te leer wat uniek is aan die bemarking van tegnoparke.

Aanvoorwerk, soos die identifisering van moontlike kopers en die opstel van 'n gepaste brosjure, het dadelik begin, maar die tyd wat die formaliteite met betrekking tot dorpstigting en die lewering van waarborge in beslag geneem het, het tot gevolg gehad dat daadwerklike verkoopspogings nie voor die daaropvolgende jaar in April 1990 geloods kon word nie. Teen 5 Junie 1990 was sewe persele verkoop en teen die einde van 1990 het bouwerk aan die eerste gebouekomplekse op vier van die persele begin. Die aanvanklike prys van R75 /m² is bepaal deur die waardasie van R30 /m² vir die grond en die verwagte totale koste van R45 /m² in daardie stadium.

Die land se ekonomie was in 'n resessietoestand en die vooruitsigte vir die meeste hoëtegnologiebedrywe na die beëindiging van die grensoorlog in Namibië was in daardie stadium newelagtig. Dit het daartoe gelei dat dit meer as agtien maande, tot aan die begin van 1992, geduur het om twee bykomende persele te verkoop. Op 'n verdere vier verkoopte persele het bouwerk in die middel van 1992 begin.

Die bemarkingskomitee het alles in sy vermoë gedoen om elke denkbare koper te nader en om professionele praktyke aan te moedig om pakkette saam te stel waarin beleggers moontlik sou belangstel. So het hulle byvoorbeeld 'n volledige besigheidsplan vir 'n satellietsportsentrum by die Technopark opgestel. Soortgelyke werk is gedoen vir 'n sentrum vir spraakgestremde en ongestremde kleuters. Die Bestuurskomitee het die bemarkingskomitee se versoek oorweeg en goedgekeur dat 'n tweede fase met 'n hotel en 'n vulstasieperseel ontwikkel word, maar vir geen van dié persele kon kopers gevind word nie. Gevolglik is besluit dat die installering van dienste nog nie geregverdig kon word nie. Aangesien dit duidelik geword het dat die verkoop van die oorblywende sestien persele moontlik nog lank sou duur, het die Bemarkingskomitee ander opsies begin oorweeg. Op 28 April 1992 het hy die Bestuurskomitee om 'n mandaat van vier maande gevra om 'n professionele span te betrek wat bereid was om op eie risiko 'n lewensvatbaarheidstudie vir die hele gebied van 37,5 ha wat buite fase een val, te onderneem met die doel om dit as 'n eenheid te ontwikkel en te verkoop. Die Bestuurskomitee het saamgestem, maar die aanbeveling is nie deur die Raad aanvaar nie omdat dit nie as tegnopark ontwikkel sou word nie.

Aan die positiewe kant is dit bemoedigend dat daar reeds vyftien sake met 'n gesamentlike personeeltal van 153 in Persequor gevestig is. Saam met die vier geboue wat opgerig word, sal die prentjie in 1993 nog beter lyk. Die Park kan uiteindelik ontwikkel tot 200 000 m² vloerruimte waar 6 000 mense sal werk.

Bepaalde standaarde is neergelê met die doel om 'n ontwikkeling van hoë gehalte te verseker. Daar moet dus 'n mate van beheer wees en daar moet instandhouding gedoen word om die beleggers se gemeenskaplike belange te beskerm. Vir hierdie doel is 'n Eienaarsvereniging gestig toe die eerste perseel op 1 Maart 1991 aan 'n koper oorgedra is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Elke eienaar word deur sy koopakte verplig om lid van die vereniging te word en om maandeliks by wyse van 'n heffing tot die instandhouding by te dra. Die aanvanklike tarief was 20c/m²/maand, gebaseer op die grootte van elke eiendom. Die fondse word aangewend vir die instandhouding van gemeenskaplike tuine en ander uitgawes wat in algemene belang aangegaan word. So byvoorbeeld, word die bulletin *Technoforum* van die begin van 1992 gepubliseer. Dit bevat nuuswaardighede oor die Park en die ondernemings wat in die Park gevestig is.

Die instandhouding van die gemeenskaplike ruimtes en tuine word jaarliks na onderhandeling aan 'n geskikte instandhoudingsorganisasie opgedra. Die werk het op 15 Januarie 1991 begin en sedertdien behartig die WNNR se Afdeling Terreindienste dit nog steeds tot almal se bevrediging.

Tot dusver is die Universiteit nog die grootste eienaar van grond in die Park. Daarom kan die Universiteit die voorsitter van die Raad van Trustees van die Eienaarsvereniging aanwys en het hulle die direkteur benoem.

Die Eienaarsvereniging het probeer om goedkeuring te kry om die Pierre van Ryneveld-gedenkteken na die ingangstuin van Persequor Technopark te verskuiwe. Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het die versoek egter om verskeie redes op 5 Maart 1992 van die hand gewys.

Die Eienaarsvereniging en die Universiteit streef daarna om 'n broeikasfasiliteit in die park te skep en om vloerruimte aan entrepreneurs op 'n maand-tot-maand-basis te verhuur, met insluiting van administratiewe, rekeningkundige en bestuursdienste. Dit sal nuwe ondernemers help om uit te brei tot tyd en wyl hulle selfstandig kan funksioneer. Tot dusver kon hierdie doel nog nie verwesenlik word nie.


Die Eienaarsvereniging en die Universiteit bly verbind tot die verdere ontwikkeling van Persequor Technopark tot wedersydse voordeel en in belang van al die ondernemings wat hulle daar vestig.

Letteregebou I (Ou Letteregebou)

Oor hierdie sieraad op die Tukkiekampus lees ons in *Ad Destinatum I* dat dit in 1910/1911 teen £32 000 deur J.J. Kirkness opgerig is. Na omtrent tagtig jaar het dit in 1991 duidelik geword dat restourasiewerk nie langer uitgestel kon word sonder dat ernstige skade die gevolg sou wees nie. Ten einde 'n behoorlike ondersoek en opname te doen, moes die rankplante teen die gebou verwyder word sodat die skade behoorlik bepaal en geëvalueer kon word. Omdat die gebou oor baie jare bekend geword het met sy rankplante wat hom in 'n hoë mate soos 'n kombers bedek het, was die verwydering van die plante so 'n sensitiewe saak dat daar vooraf wye publisiteit gegee is en verduidelik is waarom dit noodsaaklik was. Daar is bevind dat 'n hele aantal van die sandsteenblokke, veral dié wat naby die grond geleë is, tekens van ernstige verwering getoon het.

'n Argitek, mnr. Albrecht Holm, van die firma Holm, Jordaan en Holm, wat bekendheid verwerf het as projekleier vir hierdie soort restourasiewerk, is aangestel om die gebou behoorlik te ondersoek en aanbevelings te doen oor die restourasie daarvan. Hierdie soort restourasiewerk verg besondere kennis, geduld, aandag aan detail en is uiters tydrowend en duur van aard. In gevalle soos hierdie is dit algemene praktyk om die verweerde stene in hul geheel te verwyder en deur ander te vervang. Nuwe voegbrei (dagha) is in al die voeë waar nodig geplaas en sodoende is al die barste verseël. Dit is belangrik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021




Verweerde klippe moes verwyder word om deur nuwes vervang te word.

om die indringing van water in die mure tevoorkom en om storm- en grondwater van die mure weg te voer ten einde te verhoed dat die stene op grondvlak onnodig lank nat bly en beskadig word deur sout- en suuroplossings wat uit die grond sypel.

Die klip wat aan die atmosfeer blootgestel is, het met verloop van tyd effens verkleur deurdat patina op die oppervlak gevorm het. Die nuwe stene wat ingebou is, sal dus vir 'n tyd lank heelwat ligter vertoon, maar die opsigtelike kleurverskille sal met verloop van tyd vervaag en later verdwyn. Dit was dus belangrik om vas te stel waar die oorspronklike klip vandaan gekom het om afwykings in kleur en tekstuur te voorkom. Die oorspronklike klipgroef is in die Warmbad-omgewing opgespoor en die klip wat vir die restourasiewerk gebruik is, het ook uit daardie omgewing gekom. Volgens die steenhouer wat die restourasiewerk vir die firma A.J. Konstruksie gedoen het, is die rooierige klippe wat plekburg se omgewing afkomstig.

Met die uithaal van die verweerde stene is gevind dat elkeen 'n identifikasienommer op sy agterkant het. Navraag hieroor het aan die lig gebring dat in daardie tyd die argiteksplanne sodanig opgestel is dat die klippe by die groef volgens grootte gehou en afgewerk is en elkeen gevolglik geïdentifiseer moes word om by die bouwerf elkeen op sy regte plek ingemessel te word.

Aangesien die omliggende plaveisel aangepas moes word om tot teenaan die gebou te strek om die water met 'n geringe helling weg van die gebou af te voer, sal daar nie weer rankplante teen die gebou aangeplant kan word nie. Ná die verwydering



Die foto toon die agterkant van steen nommer A5 wat tydens die restourasieproses van die Ou Letteregebou verwyder is. Die gaatjie langs die nommer was die plek waar die hysapparaat vatplek aan die klip moes kry om dit op te tel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


van die rankplante aan die begin van die restourasieproses was daar enkele persone wat die verwydering van die klimop teen die gebou afgekeur het, maar die oorwegende mening is dat die gebou baie beter vertoon en tot sy reg kom daarsonder.

Die restourasieproses is 'n tydsame en langdurige taak waarop tot aan die einde van 1992 reeds meer as R224 000 bestee is. Die restourasieproses gaan voort en sal opgevolg word deur 'n proses van interne renovasie met die oog op die huisvesting en tentoonstelling van die Universiteit se kuns- en kultuurskatte.

Kya Rosa

Op 9 April 1979 is besluit om die vyftigste bestaansjaar van die Universiteit in 1980 formeel te gedenk. 'n Herdenkingskomitee, bestaande uit prof. A.N. Pelzer (Viserektor), prof. D.M. Joubert (Viserektor) en mnr. C.H. Cilliers (Direkteur: Buro vir Openbare Betrekkinge), is aangewys. Een van die opdragte aan hierdie komitee was "om die twee huise bekend as Kya Lami en Kya Rosa, waar die Universiteit in sy beginjare gehuisves was, vir die Universiteit te bekom en te bewaar". Die vader van die voorstel was raadslid G.J. van Zyl, destyds ook lid van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en voorsitter van die Transvaalse Streekkomitee van die Raad.

Die taak is vervolgens aan prof. D.M. Joubert opgedra en na skakeling met die Departement Openbare Werke, wat onder meer die oorspronklike "Ground Plan (Facing Skinner Street)" opgelewer het, het Kya Rosa stadig 'n werklikheid begin word - ofskoon die projek nie die eenpa-



Kya Rosa

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

rige steun van die Herdenkingskomitee geniet het nie. Danksy die volle samewerking van die Direkteur, Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie, mnr. W.J. Coetzee, en sy personeel enersyds, en van die Hoof van die Departement Argitektuur, prof. A.P. Burger, andersyds, kon reeds op 21 Februarie 1980 'n volledige verslag aan die Boukomitee vir uiteindelike bekragtiging deur die Raad voorgelê word.

Teen die einde van 1980 was die volgende besluite reeds min of meer van krag, nl. dat 'n replika van Kya Rosa op die kampus van die Universiteit opgerig sou word, eerder as om die huis ter plaatse te restoureer; dat die oprigting sou geskied op die hoek van Lynnwoodweg en Roperstraat, op die plek van die gebou waarin die Kinderleidinginstituut gehuisves was; en dat die oprigtingskoste deur die Universiteit uit eie fondse gefinansier sou word, maar met pogings om ook uit ander oorde, byvoorbeeld die Bond van Oudstudente, finansiële steun te verkry. Voorts sou met die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede onderhandel word met die oog op die formele erkenning van die replika en die Departement Openbare Werke sou genader word ten einde bruikbare materiaal van die oorspronklike huis vóór en ná moontlike sloping daarvan te bekom. Die uiteindelike gebou moes funksioneel wees en vir die volgende doeleindes aangewend word: 'n navraagkantoor, 'n vergaderplek met kantoorgeriewe vir die Bond van Oudstudente en sekere werksaamhede van die Buro vir Openbare Betrekkinge. Mnr. A.B. Holm van die firma Holm en Holm Argitekte is benoem met die oog op detailbeplanning.

Op 26 Mei 1981 het die beoogde projek die stadium bereik dat dit breedvoerig met die Bond van Oudstudente bespreek kon word. Nadat prof. Joubert se uiteensetting aangehoor is, is daar eenparig besluit "dat die Bond verantwoordelikheid vir die finansiering van die projek aanvaar en poog om die geraamde oprigtingskoste van R150 000 - dit wil sê die Universiteit se bydrae van R100 000 uitgesluit - binne die volgende vyf jaar in te vorder". In 'n skrywe aan die Rektor, gedateer 16 Februarie 1982, is hy deur die Voorsitter van die Bond, dr. C.G. Coetzee, in kennis gestel dat 'n Kya Rosa-loodskomitee, bestaande uit mnr. C.H.H. Scheepers (Voorsitter), proff. P.W. Hoek en J.A. Crafford; mnre. C.H. Cilliers, P.A. Olivier en C.J. Rossouw, benoem is. Mettertyd het mnr. B.C. Alberts die leiding geneem en het ook prof. H.M. Siglé aktief meegewerk.

Teen die einde van 1983 het die Bond reeds ver gevorder met sy fondsinsamelingsveldtog. Onder meer is 'n bekendstellingsbrosjure gedruk en 'n aantreklike Kya Rosa-das ontwerp wat aan ondersteuners van die insamelingsveldtog geskenk is.

Ondertussen is die aanbod van die bouaannemer, Scheffer Konstruksie, aanvaar. Dit het daarop neergekom dat oprigtingskoste plus 'n vasgestelde bedrag van R36 000 vir die herskepping van Kya Rosa op die hoofkampus van die Universiteit getender is. Sake is begunstig deur die toestemming van die Departement Gemeenskapsontwikkeling aan die Universiteit om die gebou in Skinnerstraat te sloop met die oog op die herwinning van alle bruikbare materiaal.

Op 10 Februarie 1983, presies 75 jaar nadat die Transvaalse Universiteitskollege in Kya Rosa aan Skinnerstraat sy deur geopen het, kon die Rektor, prof. D.M. Joubert, die eerste sooi spit vir die heroprigting van Kya Rosa. Op dié dag verwys die Rektor na Kya Rosa as "ons ware bakermat" en noem hy dit "'n pragtige projek en onderneming wat die verbeelding van talle welwillende oudstudente reeds aangegryp het". Vervolgens het die Rektor beklemtoon "dat in teenstelling met sommige ander inrigtings wat ook hulle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oorspronklike geboue gerestoureer het ... dit nie ons bedoeling (is) om Kya Rosa in 'n monument te omskep nie. Die gebou sal aangewend word as aanmeldingspunt en algemene navraagkantoor vir die talryke besoekers wat daagliks by ons kampus aandoen en dikwels lank ronddwaal alvorens hulle reggehelp kan word. Ook sal dit 'n permanente tuiste bied aan die Bond van Oudstudente, ons gevierde alumni-organisasie. Verder beoog ons dit as 'n vergaderplek vir ons "oudgediendes" uit dosente- en administratiewe geledere; hulle wat die Universiteit dekades lank getrou gedien het, en dan eensklaps alle verbintenis met die UP verbreek - wat ons nie graag sou wou sien of wil hê nie. Uiteraard is dit 'n saak wat ons almal vroeër of later gaan raak; en hoe nader die datum van aftrede kom, hoe ernstiger raak dit die betrokkene."

Die "daknatmaakseremonie" het op 8 Junie 1984 plaasgevind. Andermaal het die inisiatief van die Bond van Oudstudente uitgegaan. Hulle het met ondersteuning van die Buro vir Openbare Betrekkinge vir 'n kleurryke geleentheid met gaste in outydse drag gesorg. In sy toeligtingsrede het die Rektor dank betuig teenoor almal wat tot op daardie datum die projek ondersteun het. Met senior verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Polisie onder die gaste, is onder meer melding gemaak van die feit dat Kya Rosa ook eens die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro gehuisves het.

Op 21 Augustus 1985 is die voltooide gebou deur die bouaannemer aan die Universiteit oorhandig. 'n Grootse ideaal is dus verwesenlik ses jaar en enkele maande nadat die moontlikheid van so 'n projek vir die eerste keer te berde gebring is. In die herskepping van Kya Rosa is probeer om so getrou as moontlik by die oorspronklike beplanning te hou. Met die oprigting van die replika van die gebou is deurgaans daarna gestreef om dit só te herbou dat dit die gees en karakter van die oorspronklike gebou sou adem.

Verskeie foto's uit die beginjare van Kya Rosa het gehelp om lig te werp op hoe die laat-Victoriaanse huis oorspronklik daar uitgesien het en hoe dit met verloop van jare gestroop geraak het van al die mooi versierings en tierlantyntjies totdat slegs enkele items soos die dakvorm, skoorstene, trap en reling met pilare, sommige vensters, vensterbanke, asook die voordeur teen 1980 nog die aanslae van die tyd weerstaan het - 'n gebou op die slopingslys van die destydse Departement van Openbare Werke aan wie dit behoort het.

Die gebou soos hy in 1980 nog bestaan het, het egter 'n basis gebied vanwaar alle afmetings van die mure, dak, vensters, deure, stoepe, ensovoorts, geneem kon word sodat planne, aansigte en snitte geteken kon word. In die meeste gevalle was dit redelik maklik om te onderskei welke mure, deure of vensters later bygevoeg of verwyder is, aangesien daar sonder uitsondering van ander materiaal, byvoorbeeld staalvensters, staalkosyne, ligte houtmure, ensovoorts, gebruik gemaak is en geen moeite gedoen is om veranderings te verberg nie. So byvoorbeeld is nuwe mure tot slegs onder die ou plafon gebou en nie déúr die plafon soos in die geval van die ou mure nie. Die bypassende kroonlys het in sulke gevalle ook ontbreek.

Die volgende items het ook nog bestaan sodat besonderhede soos profiele en afmetings afgeneem kon word vir die opstel van die detailplanne: die gietyster-kaggels, hoewel gestroop van teëls en houtmantels; die vensters en deure, sommige met patroonwerk op troebelglas, hoewel geen tekens van loodglas gevind kon word nie; plafonne van geverfde hout met ingewikkelde sierlyste wat bande en omlystings gevorm het, asook ander patrone soos die Ster van Dawid; al die lyste soos vloerlys-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

te, kroonlyste en prentelyste; sommige ligskakelaars soos dié van ondeursigtige glas; reste van muurpapier wat agter rakke of lyste verberg was en nie met die latere verf van die binnemure verwyder is nie; die meeste vloerafwerkings soos sementteëls (in 'n kleurpatroon), lei op die agterstoep en trappe, en vloerplanke in vertrekke; die fondamentmure van gekapte koppieklip; sierlugroosters van gietyster; verfreste op mure en houtwerk met behulp waarvan 'n kleurskema gerekonstrueer kon word.

'n Volledige stel tekeninge is hierna voorberei sodat 'n eventuele boukontrakteur presies kon sien wat van hom verwag sou word.

Profiele van al die houtwerk is byvoorbeeld in werklike grootte geteken, sodat die skrynwerker sy skawe se lemme daarvolgens kon slyp. Alle afmetings op planne, snitte, aansigte en detailtekeninge het die ware afmetings van die ou gebou tot op 'n millimeter na weerspieël.

Die spesifikasie het voorsiening gemaak vir ander moontlikhede waar die oorspronklike materiaal nie beskikbaar was nie en waar dit deur verf of ander bedekking nie sigbaar sou wees nie. 'n Voorbeeld hiervan is die hout van die vensters wat oorspronklik ingevoerde greinhout was en wat deur meranti vervang is.

Om hierdie planne ten uitvoer te bring, was 'n kundige en gewillige bouer noodsaaklik. Daar moes in ag geneem word dat baie van die ou ambagte nie meer vandag beoefen word nie. In die meeste gevalle is daar nie eens meer kundiges nie.

Mnr. Jan Scheffer het as boukontrakteur nie alleen die ondervinding en nodige liefde vir dié tipe werk gehad nie, maar hy kon ook nog ambagsmanne vind wat óf die vaardighede besit het óf dit onder sy bekwame leiding kon verwerf.

Die verkryging van boumateriale vir die rekonstruksie was 'n verdere probleem. Die oorspronklike materiaal was vroeër op bestelling of regstreeks beskikbaar. Alles was fyn afgewerk en tipiese fabriekspro-dukte. Vandag word dié materiale nie meer vervaardig nie. Die masjiene, byvoorbeeld perse en gietvorme, bestaan nie meer nie en sou duisende rand kos om weer te maak. Pogings om sulke materiale met die hand na te maak, slaag dikwels nie. Die laaste uitweg is dan gewoonlik om gebruikte materiale uit gesloopte geboue te bekom. Hier het die geluksgodin Kya Rosa toegeknik - die Staat het besluit om die ou Kya Rosa te sloop en die volgende materiale kon in die rekonstruksie hergebruik word: al die fondamentmure se gekapte klip; gekapte en gesaagde leiplate vir die stoep en trappe; gegote kaggels en lugroosters; deure en handvatsels; die beslag van die verweerde vensters; die meeste lyste, alhoewel 'n paar bygemaak moes word asook ligskakelaars.

Die res moes nuut gemaak word, tensy daar materiale in die handel beskikbaar was wat naastenby vergelykbaar was met tipiese voorbeelde uit die oorgangstyd van laat-Victoriaans na Edwardiaans. Dit was wel die geval met byvoorbeeld die muurpapier, gordyne, lampe en vloerteëls in gekleurde sement met blompatrone of swart-wit geruit. Die oorspronklike bekleding van die dado, die onderste gedeelte van 'n binnemuur, in die gang en eetkamer was van karton met 'n ingeperste blommotief. Hier is gebruik gemaak van 'n afgietsel in veselglasversterkte kunshars.

Die ontwerp van die vuurherdmantels, asook die presiese vorm van die geute se hoekversierings en geutpype se vashegters is van ander huise uit dieselfde tyd en styl gekopieer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Groot vrees wat van die begin af geknaag het, was dat 'n historiese foto na die voltooiing van die gebou sou opduik wat sou bewys waar daar oral misgetas is. Só 'n foto het inderdaad vorendag gekom, maar gelukkig het dit geen fundamentele foute geopenbaar nie. Al wat verder afgelei kon word, was dat die gordyne wel teruggebind was soos wat wel vermoed is.

Selde nog is 'n gebou opgerig wat soveel aandag trek as die replika van Kya Rosa op die Hoofkampus van die Universiteit van Pretoria. Moontlik is dit vanweë die fyn, grasieuse voorkoms van die huis so skerp in kontras met die massiewe bonkigheid van sy buurgeboue. Hoe daar ook al geteoretiseer mag word, by menige kyker is daar miskien maar net 'n hunkering terug na 'n romantiese era van vergange. (Met erkenning: mnr. Albrecht Holm van Holm & Holm Argitekte.)

Die uitgangspunt met die herskepping van Kya Rosa was dat aangesien hierdie gebou vir baie jare in die toekoms nog behoue moet bly, geen twyfelagtige materiale gebruik of hergebruik moes word nie. Die tydsfaktor was nie belangrik nie en die vakmanne het voldoende tyd gehad om hulle volle aandag aan 'n deeglike stuk werk te gee.

Die kunstenaarsvoorstelling van Kya Rosa is in die vorm van 'n waterverfskildery wat deur mnr. C.B. Swanepoel van die Departement Argitektuur gedoen is ooreenkomstig gegewens omtrent die gebou wat op daardie tydstip (1981) beskikbaar was. Hierdie oorspronklike skildery het 'n ereplek in die nuwe Kya Rosa gekry.

Die fondsinsamelingspoging was in geheel gesien 'n sukses. Velerlei metodes is bedink en ingespan om fondse en ander skenkings in natura te bekom. In die portaal van Kya Rosa is daar twee ererolle waarop die name van persone en ondernemings verskyn ter erkenning van skenkings bo R1 000. Skenkings in natura het bakstene, sement, hout, verf, ensovoorts, ingesluit, maar die merkwaardigste is seker sommige van die versierings bo-op die gebou wat deur 'n groep vakleerlinge uit vlekvrye staal vervaardig is en deur die bemiddeling van mnr. Ben Alberts deur Yskor aan die Universiteit geskenk is. Nieteenstaande al die lofwaardige pogings van die Oudstudentebond is die mikpunt van R150 000 uit skenkingsfondse nie ten volle verwesenlik nie en het die Universiteit die tekort aangesuiwer sodat die rekening van R309 000 vereffen kon word.

Op 25 Oktober 1985 het dr. Anton Rupert die gebou in die teenwoordigheid van 'n groot aantal hoogwaardigheidsbekleërs, raadslede, personeellede, oudstudente, weldoeners en studente amptelik geopen.

Buitemuurse Afdeling

Die geskiedenis van die Buitemuurse Afdeling word breedvoerig behandel in *Ad Destinatum I* waarin die geskiedenis van die Universiteit van 1910 tot 1960 opgeteken is. Dit gee aandag aan die talle pogings wat daar in daardie tyd was om die Buitemuurse Afdeling op die hoofterrein te hervestig en die uiteindelike besluite wat daartoe gelei het dat 'n ruim nuwe Buitemuurse gebou in 1960 betrek is. Met sy ruim, doeltreffende fasiliteite het dit vir 'n aantal jare rustig gegaan totdat die verskuiwingspook weer deur die Fakulteitsraad van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe opgejaag is met 'n mosie aan die Senaat wat soos volg gelui het:

> Die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe ondervind die afgelope dekade reeds 'n ernstige behoefte aan 'n eie gebou wat spesifiek toegerus is vir die behoeftes van die verskillende de-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

partemente in die Fakulteit. Die gebrek aan 'n behoorlik toegeruste gebou veroorsaak tans onoorkomenlike huisvestings- en opleidingskrisisse en die voorsiening in hierdie behoefte het tans 'n dringende noodsaaklikheid geword.

Die feite van die saak was dat die Buitemuurse gebou in Proesstraat bedags leeg gestaan het en saans beset was terwyl dit by die Hoofkampus net andersom gesteld was. Die verskuiwing van die Buitemuurse Afdeling sou die besetting van die beskikbare ruimtes aansienlik verbeter en die verkoop van die eiendomme kon ook heelwat ander finansieringsprobleme oplos of verlig. Ook die openbare vervoerstelsels het met die jare aansienlik verbeter en private motorbesit het só toegeneem dat dié faktore wat vroeër as teenargument vir 'n moontlike verskuiwing van die buitemuurse opleiding na die hoofkampus aangevoer kon word, grootliks verval het.

Omstreeks 1983 het verskeie instansies soos die Kommissie vir Administrasie, die Departement Justisie en die Pretoriase Technikon 'n behoefte aan opleidingsruimte ondervind. Sekere van die fasiliteite by die Buitemuurse Afdeling is toe by ooreenkoms gedurende die dag aan hierdie organisasies verhuur. Pogings van die Kommissie vir Administrasie om eie fasiliteite vir indiensopleiding te bekom, het deels bygedra tot onderhandelings tussen die Staat en die Universiteit oor die verkoop van die Buitemuurskompleks aan die staat.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het met volgehoue druk vir beter fasiliteite die owerhede oorreed tot 'n breedvoerige ondersoek na die moontlikheid om die Buitemuurskompleks vir alternatiewe aanwending te vervreem. Toenemende bedryfskoste, verminderde subsidie, verbeterde openbare vervoerstelsels, meer private motors, beter ruimtebenutting en nog ander faktore het daartoe gelei dat die Universiteit na lang onderhandelings die nodige toestemming op 13 Oktober 1983 van die Minister van Nasionale Opvoeding verkry het om die Buitemuurse gebou en die omliggende eiendomme te verkoop. Die Departement van Gemeenskapsbou het hierdie eiendomme op R8,8 miljoen gewaardeer. Na verdere onderhandelings met die staat is die Universiteit toegelaat om die opbrengs van hierdie eiendomme wat hoofsaaklik met 'n staatsgesubsidieerde lening aangekoop is, aan te wend vir die oprigting van nuwe fasiliteite vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Op 25 September 1985 het die staat aangebied om die Buitemuurse kompleks vir R8,8 miljoen van die Universiteit te koop. Die koopsom, gebaseer op 'n waardasie van 1983, was vir die Universiteit onaanvaarbaar en het gelei tot verdere onderhandelings wat op 6 Desember 1985 uitgeloop het op 'n aanbod van R11 412 000 wat aanvaar en op 2 Januarie 1986 oorbetaal is. Okkupasie is op 2 Januarie 1986 gegee en oordrag het later geskied.

Gebou vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Hierdie gebou is ontwerp in die nieu-modernistiese styl en vorm 'n skakel tussen die moderne geboue aan sy suide- en suidwestekant en die Tukkiewerf-kompleks aan sy noordekant. Dit is 'n lang, uitgestrekte siersteengebou met klein venstertjies en spoumure om die temperatuur te reguleer. Dit het min geverfde oppervlaktes aan die buitekant en sal min onderhoud behoef. Daar is besluit om die gebou op die Ooskampus op te rig - 'n uitgestrekte gebou wat daarop gemik is om kampusvorming, ekonomiese ruimtebenutting, identiteitskepping, mensgerigtheid en statigheid te bevorder. Die Ooskampus is voorheen oorheers deur die twee groot moderne wit geboue en die Ekonomiese en Bestuurswetenskappegebou is só beplan dat dit 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aanvaarbare oorgang van die moderne geboue vir Opvoedkunde/Regsgeleerdheid en Geesteswetenskappe aan die een kant en die ou maar vriendeliker voormalige Kloostergebou aan die anderkant bewerkstellig. Interessante buiteruimtes is geskep langs die voetgangerlaan wat strek tot by 'n voetgangerspoort aan die oostekant. Die terrein waarop die gebou opgerig is, was in 'n hoë mate uitskotruimtes tussen bestaande geboue wat op hierdie wyse baie nuttig aangewend kon word. Elk van die drie hoofgroeperings van die Fakulteit is in 'n afsonderlike deel van die gebou gehuisves en het 'n eie ingang wat die uitgestrekte kompleks in visueel hanteerbare eenhede verdeel.

In terme van die mensgerigtheid van die gebou is daar veral klem gelê op ekonomiese gebruik van die terrein, gebou-oppervlaktes, duursame afwerkings wat min onderhoud verg en 'n gebou wat tog status en waardigheid het. Die kantore is nie oormatig groot nie en die onderriglokale doelmatig. Die stoep- en gangruimtes word onderbreek deur interessante wagruimtes, tuinerye en 'n variasie in terugsetting, afwerking en detail. Ingewikkelde en duur konstruksiemetodes en materiale is vermy. Dit het meegebring dat die toerusting en uitleg van die lesingsale van 'n hoër standaard as die bestaande geboue op die kampus kon wees. Die resultate was 'n bevredigende, lewendiger en ryker Ooskampus met 'n aangename vermenging van die oue en die nuwe.

Die gebou beslaan 240 kantore, negentien klaskamers, nege komiteekamers, ses groot lesingsale met 'n totale oppervlakte van 11 735m² en het R15 747 200 gekos. Dit vergelyk gunstig met die eenheidskoste van soortgelyke projekte elders. Die opbrengs uit die verkoop van die voormalige Buitemuurskompleks (R11 412 000) is volledig vir hierdie gebou aangewend en die tekort is uit eie fondse aangevul.

Die argitek was mnr. Samuel Pauw van Samuel Pauw Argitekte, die boukontrakteur was mnre. A. Shoredits Konstruksie en die bouwerk is in drie fases verdeel met voltooiing van fase een en twee op 31 Augustus 1989 en fase drie op 31 Julie 1990. Die opening van die eerste twee dele van die gebou, bekend as die Ekonomiese en Bestuurswetenskappegebou, is op 8 Maart 1991 deur die Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, waargeneem. Die konferensiesentrum, fase drie van die projek, is op 9 September 1992, tydens 'n Senaatsvergadering wat daar gehou is deur die Rektor, prof. P. Smit, amptelik in gebruik geneem.

Natuurwetenskappegebou I

Alhoewel bouwerk aan die Natuurwetenskappegebou I (kortweg NW I) eers op 1 September 1983 begin het is daar reeds in 1977 met die beplanning begin, net nadat die boonste verdieping van die Ou Landbougebou deur 'n brand in puin gelê is. Die boonste verdieping van die Ou Landbougebou was in daardie stadium pas toegesê aan die Departement Chemie. Die Afdeling Fisiese, Teoretiese en Organiese Chemie het reeds begin gereedmaak om na die nuwe ruimtes te verhuis toe die brand die nuwe fasiliteite geheel en al verwoes het.

Volgens die Universiteit se langtermynontwikkelingsplan van 1965/1966, die sogenaamde Sandrock-plan, is onder meer gevisualiseer dat die Universiteit se logiese uitbreidingsgebied na die oostekant toe is en dat saam daarmee die sentrale wisselgebied ook geleidelik ooswaarts sou skuif om uiteindelik te stabiliseer oor die Wes- en Ooskampus met die middelpunt ongeveer by die aansluiting van Roperstraat en Duxburyweg. Verder moes die basiese vakdissiplines binne hierdie wisselgebied en die toegepaste dissiplines op die periferie daarvan gevestig word en moes die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beginsel van sonering moontlik geïmplementeer word, hetsy binne fakulteite, hetsy deur verwante vakdissiplines bymekaar te plaas. Eersgenoemde sou korter loopafstand en looptyd tydens klaswisseling meebring en laasgenoemde die voordeel dat fasiliteite, byvoorbeeld laboratoriums, gemeenskaplik deur departemente aangewend kon word.

Volgens voorgemelde riglyne is aan die hand gedoen dat die Departement Chemie op sy huidige terrein moet uitbrei. Alhoewel die Boukomitee op 12 Oktober 1978 besluit het om aan te beveel dat Chemie meer onderdak moes kry in 'n aparte nuwe gebou wat aan die westekant voor die bestaande Chemiegebou opgerig moes word, was die laaste woord hieroor nog nie gespreek nie. Dit was een van ses belangrike oorwegings rondom die beplanning en plasing van die NW I.

'n Tweede belangrike oorweging was die skep van 'n veilige, voldoende en funksionele ruimte vir die sentrale chemiemagasyn. In daardie stadium was die chemiemagasyn saam met Departement Chemie se glasblaser in 'n semi-kelderruimte onder die groot Chemiesaal in die Chemiegebou gehuisves. Afgesien van 'n ruimtetekort, was dit as gevolg van strukturele beperkings onmoontlik om daar doeltreffende lugventilasie vir beide die magasyn en die glasblaser te voorsien.

'n Derde belangrike oorweging was die beskikbaarstelling van ruimte vir die Fakulteit Ingenieurswese wat reeds geruime tyd onder druk verkeer het vanweë 'n aansienlike toename in studentegetalle. Ingenieurswese, as 'n toegepaste wetenskap, moes op die periferie van die sentrale wisselgebied geplaas word. Volgens die Sandrock-plan van 1965 was die logiese uitbreidingsgebied van die Fakulteit noordwaarts, dit wil sê in die rigting van die Fisika/Geologie- en Plantkundegebou. Dit is teweeggebring deur die beperkings wat aan die westekant (spoorlyn en Universiteitsweg) suidekant (parkeerterrein) en oostekant (dienspad, kafeteria en parkeerterrein) bestaan het. Die Departement Fisika, as 'n basiese vakdissipline, moes ooswaarts skuif om binne die sentrale wisselgebied te val.

'n Vierde belangrike oorweging was om uitbreidingsruimte vir die Departement Plantkunde te vind en om waar moontlik van hulle ruimtes, wat in ses geboue gehuisves was, te konsolideer. Volgens riglyne voortvloeiend uit die Sandrock-plan van 1965 sou die Departement Plantkunde saam met die Departemente Dierkunde en Genetika uiteindelik in 'n gebou vir biologiese wetenskappe oos van Roperstraat gevestig word. Hierdie voorstel is deur die Universiteitsraad op sy vergadering van 18 Junie 1979 herbevestig.

'n Vyfde belangrike oorweging was om uitbreidingsruimte vir die Departement Geologie en in 'n mindere mate ook vir die Departement Fisika te vind. Hierbenewens was die fasiliteite van die twee departemente reeds erg verouderd en sou die vernuwing daarvan in elk geval binne afsienbare tyd aandag moes kry.

Die laaste belangrike oorweging was om 'n voldoende, funksionele ruimte vir die Universiteit se rekenaarsentrum te vind. In daardie stadium was die rekenaarsentrum in die kelder van die Toegepaste Wiskundige Wetenskappegebou (nou Natuurwetenskappegebou II) gehuisves. Weens strukturele beperkings was dit onwenslik om daar meer ruimte te probeer voorsien. Om dieselfde rede het lugventilasie, humiditeitsbeheer en bekabeling aansienlike probleme gegee. Op sy vergadering van 9 April 1979 het die Universiteitsraad besluit dat die rekenaarsentrum verskuiwe moes word na die kelder van 'n nuwe gebou wat noord van die Toegepaste Wiskundige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wetenskappegebou (nou Natuurwetenskappegebou II) vir departemente in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde opgerig gaan word.

Met voorgemelde oorwegings op die tafel was dit te verstane dat die plasing en beplanning van die NW I vir 'n tydperk van bykans sewe jaar aansienlik wipplank gery het. Die uiteenlopendheid rondom voorgemelde behoeftes en die verskil in dringendheid daarvan het tot gevolg gehad dat verskillende plasings van die gebou en verskillende beplanningsmodelle getoets is. Op sy vergadering van 9 April 1979 het die Universiteitsraad 'n aanbeveling van 'n Buitengewone Boukomiteevergadering oorweeg en besluit dat Chemie uitbreidingsruimte moes kry in 'n nuwe struktuur wat oos van, en teenaan die bestaande Chemiegebou opgerig sou word en dat Plantkunde ruimte moes kry in 'n nuwe struktuur wat oos van die Plantkundegebou op die grasperk geplaas sou word. Daarbenewens moes 'n nuwe gebou noord van Toegepaste Wiskundige Wetenskappe (nou Natuurwetenskappegebou II) steeds voorsien word vir ander departemente in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde en vir huisvesting van die rekenaarsentrum. Steeds was die finale woord hieroor nog nie uit nie. Eers op sy vergadering van 26 November 1979 kon die Universiteitsraad op aanbeveling van die Boukomitee besluit dat die gebou geplaas word in die posisie waar dit tans staan. Op dieselfde vergadering het die Universiteitsraad besluit dat die oostelike gedeelte van die gebou aangewend moes word vir uitbreidingsruimte van 2 918m² vir die Departement Chemie en dat 'n nuwe dekaanskompleks ook in die gebou voorsien moes word. Die gebou sou op vlakke drie en vier met die bestaande Chemiegebou verbind word om voetgangerverkeer te vergemaklik. Vir die oprigting van die gebou in die goedgekeurde posisie was dit nodig om vyf-en-veertig groot bome, hoofsaaklik denne en jakarandas, te verwyder, asook om die ou huisvaderswoning en buitegeboue te sloop. 'n Unieke aalwynversameling, 'n geskenk aan die Departement Plantkunde van die SA Aalwynvereniging, moes ook verskuif word.

Alhoewel die Universiteit aanvanklik genoodsaak was om, as gevolg van 'n tekort aan fondse, die gebou in twee fases, die oostelike gedeelte as fase een en die westelike gedeelte as fase twee, op te rig, het die staat aan die begin van 1980 leningsmagtiging vir die volle projek toegestaan. Gevolglik kon die Boukomitee op sy vergadering van 21 Februarie 1980 besluit dat die gebou volledig beplan en onder een kontrak opgerig word.

Die Boukomitee het op sy vergadering van 19 Februarie 1981 die sketsplanne vir die gebou goedgekeur. Die gebou sou 'n volle kelderverdieping plus 'n verdere vyf vlakke hê met 'n bruto oppervlakte van 11 393m², waarvan 8 210m² toekenbare ruimte. Die kosteberaming was R9 080 000. Op dieselfde vergadering het die Boukomitee 'n bedrag van R60 000 goedgekeur vir die bou van 'n dubbele dienstekanaal suid van die Toegepaste Wiskundige Wetenskappegebou (nou Natuurwetenskappegebou II) en Ou Kollegehuis (nou die Studentedienstegebou) waarin die dienste, onder meer hoogspanningskabels en water- en gasleidings wat in die pad was van die NW I se kelderuitgrawing, herlei kon word.

Die ontwerp van die gebou vang dadelik die oog. Behalwe 'n 1,2 meter breë skag wat rondom die kelder loop vir die huisvesting van dienste en 'n stormwaterafloop, word al die binneruimtes in die gebou van die buitekant deur 'n stelsel van horisontale en vertikale diensskagte bedien. Alle binneruimtes kan teen relatief lae koste op vloervlak en plafonvlak bedien word met enige diens wat nodig is, by-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voorbeeld elektriese krag, water, lugdruk, vakuum, stikstof, brandgas, ensovoorts. In die ontwerp is 'n spesiale gasbank ingesluit vir die Departement Chemie waaruit waterstof, suurstof, suiwer lug, suiwer stikstof en halongas deur 'n spesiale pypretikulasiestelsel na behoefte onttrek kan word.

Nadat verskillende beplanningsmodelle oorweeg en voorgelê is, het die Universiteitsraad op 21 September 1981 finaal besluit dat in die NW I voorsiening gemaak moet word vir uitbreidingsruimte vir die Departement Chemie; die algehele hervestiging van die Departement Fisika; 'n nuwe Dekaanskompleks; die hervestiging van die magasyn vir chemikalieë en glasware asook die hervestiging van die Universiteit se rekenaarsentrum.

Voorgemelde ruimtes het onder meer ingesluit 57 laboratoriums wat wissel van groot voorgraadse laboratoria vir tweehonderd studente tot heelwat kleiner en hoogs gesofistikeerde navorsingslaboratoria vir nagraadse studente, tagtig kantore, vier seminaarkamers en 'n groot Eksploratorium. Die Eksploratorium bied die oningewyde 'n groot aantal wetenskaplike uitstallings wat 'n reeks basiese fisiese natuurwette toelig. Dit is daarop gemik om veral by voornemende studente 'n belangstelling in die Fisika aan te wakker. Dit is veral gewild by besoekende groepe skoliere. As deel van die eksploratorium is 'n *Camera Obscura* in 1992 bo-op die dak van die gebou ingerig.

Mnr. P. Viljoen van die argiteksfirma Steyn & Viljoen het die gebou ontwerp. Die firma Stocks & Stocks was die geslaagde tenderaar en bouwerk het op 1 September 1983 'n aanvang geneem. Die totale verwagte koste van R11 350 000 het, benewens die hoofkontrakteur Stocks & Stocks se tender van R8 088 088 onder meer ook ingesluit R838 000 vir lugreëling, noodkrag en sekuriteit vir die rekenaarsentrum, R700 000 vir die elektriese werk, R700 000 vir laboratoriumbankkaste en R480 000 vir dienstekerns en laboratoriumbanke.

Die gebou is nege dae vóór die amptelike kontrakdatum van 31 Augustus 1986 voltooi. Benewens die hoofkontrakteur het vier en veertig subkontrakteurs aan die gebou gewerk.

Op 18 September 1987 is die gebou amptelik in gebruik geneem met 'n kort toespraak deur die Visekanselier en Rektor, prof. D.M. Joubert en die onthulling van 'n gedenkplaat deur die Kanselier, dr. Anton Rupert, self 'n chemikus en natuurkundige van naam en wat toevallig op dieselfde dag as die sewende Kanselier van die Universiteit van Pretoria ingehuldig is.

Camera Obscura

Onder die vleuels van die Departement Fisika het daar jare gelede 'n Eksploratorium tot stand gekom waar verskillende natuurwette aan die aspirantfisikus prakties gedemonstreer kan word. Prof. Lötz Strauss het die Eksploratorium met groot entoesiasme uitgebou tot een van die Universiteit se pronkstukke met groot advertensiewaarde en een van die belangrikste besoekpunte op die kampus vir leerlinge wat dikwels in groepe die Universiteit se fasiliteite kom besigtig. 'n *Camera Obscura* is egter as ernstige leemte aangevoel.

'n *Camera Obscura* is 'n optiese opstelling wat baie gewild was in die vorige eeu en wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die moderne fotografiese kamera. In wese is dit 'n donkerkamer wat voorsien is van 'n verstelbare spieël wat aangebring is op die dak daarvan, en waarmee 'n beeld van die omgewing op 'n horisontale tafel in die kamer geprojekteer kan word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die optiese stelsel kan deur die gebruiker geroteer word sodat enige voorwerp van sy keuse wat binne die gesigsveld van die *Camera Obscura* val, geprojekteer kan word. Selfs verbygaande voertuie, vlieënde voëls en vliegtuie en 'n sonsverduistering kan daarmee waargeneem word.

Die doelstellings met so 'n Camera Obscura is om te dien as 'n kuriositeit om besoekers te lok; te dien as leerhulpmiddel in die optika; natuurwetenskaplike belangstelling as studierigting te prikkel; die beginsels van geometriese perspektief aanskoulik te illustreer aan studente in die argitektuur en die beeldende kunste; en die raakvlakke tussen die natuurwetenskappe en wiskunde te beklemtoon.

Die firma Eloptro van Kempton Park was bedrywig in hierdie veld en het goedgunstiglik by wyse van 'n skenking van R50 000 en met raad en daad bygedra tot die verwesenliking van hierdie fasiliteit op die kampus. Die optiese stelsel is deur Eloptro ontwerp, vervaardig en geïnstalleer. As enigste teenprestasie vir hierdie diens het hierdie firma gevra om aan die binnekant van die lokaal muurruimte vir advertensiedoeleindes te gebruik. Verdere hulp is ook gratis deur Eloptro verleen ten opsigte van die beplanning van toerusting van die afdeling vir optika van die Eksploratorium.

Nadat 'n hele paar moontlikhede vir die plasing van hierdie unieke fasiliteit ondersoek is, het geblyk dat die geskikste plek bo-op die hyserkamer van die Natuurwetenskappegebou I is. Die argitek, mnr. Philip Viljoen, het die ontwerp gedoen en was tevrede dat die konstruksie nie afbreuk sou doen aan die voorkoms van die gebou nie. Hierdie posisie verseker 'n panoramiese beeld van die kampus, 'n goeie uitsig op die Ou Letteregebou, 'n panoramiese beeld van onder meer die Uniegebou, die Voortrekkermonument, die middestad, Klapperkop, die Muckleneuktoring en die Magaliesberg. 'n Gaatjiekamera wat 'n beeld van die Ou Letteregebou onderstebo op 'n skerm projekteer kon ook hier ingerig word. Dit illustreer die beginsel van beeldvorming deur 'n gaatjie en maak dit moontlik om 'n projeksie van 'n gedeelte van die kampus op 'n horisontale vlak te verkry sodat sketse van die geboue gemaak kan word.

Die argiteksfirma Steyn & Viljoen en die bourekenaarsfirma Borckenhagen & Louw het hul dienste goedgunstiglik gratis vir hierdie projek beskikbaar gestel. Die bouwerk is deur mnre. Michielsen & Hofman ten bedrae van R50 000 gedoen en is in Oktober 1990 voltooi.

Natuurwetenskappegebou II

Hierdie gebou was aanvanklik as die Wiskundegebou bekend en is later tot die Toegepaste Wiskundige Wetenskappegebou (TWW-gebou) herdoop. In daardie stadium het dit die Departemente Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, 'n deel van Geologie, Statistiek, Elektronmikroskopie en 'n deel van Administrasie gehuisves.

Met die verhuising van Fisika na die Natuurwetenskappegebou I, is Geologie se ruimtes in die toenmalige Fisika/Geologiegebou gekonsolideer. Laasgenoemde gebou staan tans bekend as die Mineraalwetenskappegebou omdat dit nou ook Metallurgie en Mynbou-ingenieurswese huisves. Dit het ruimtes in die TWW-gebou beskikbaar gestel. Ná die konsolidasie en verhuising van Wiskunde en Toegepaste Wiskunde na die huidige Wiskundegebou en Statistiek na die Ekonomiese en Bestuurswetenskappegebou, is 'n groot deel van die Departement Plantkunde in die TWW-gebou tuisgebring. Die gebou se naam is verander in die Natuurwetenskappegebou II ooreenkomstig die Universiteit se beleid om die vernaamste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

funksies in 'n gebou, waar moontlik, in die naam van die gebou te weerspieël. Die NW II-gebou huisves voorts ook die Universiteit se gesentraliseerde Elektronmikroskopie-afdeling en die Rekenaarkundigheidsentrum, die Rekenaardienssentrum en Navorsing en Onderrig Ondersteuning van die Departement Inligtingsbestuur.

Meetbaangebou

Benewens opleiding en opvoeding is navorsing een van die belangrikste funksies van 'n universiteit. Hoogs opgeleide en gespesialiseerde personeellede moet daartoe in staat gestel word om tyd af te staan aan die soeke na die onbekende. Dit verg soms hoogs gesofistikeerde apparatuur, toerusting en soms selfs spesiaal ingerigte lokale of selfs hele geboue om aan die nodige vereistes te voldoen. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die Meetbaangebou wat op die Suidkampus opgerig is. Hierdie gebou wat in April 1990 voltooi is, huisves 'n kompaktusmeetbaan wat die gebruikers van die Departement Mikro-elektronika daartoe in staat stel tot die karakterisering van veral mikrogolfantennes of -lugdrade en die bepaling van die radareienskappe van verskillende oppervlaktes. So 'n fasiliteit is van langtermyn strategiese belang vir 'n land in dié mate waarin dit die meting van elektromagnetiese stelsels moontlik maak. Die behoefte aan so 'n fasiliteit het by die privaat sektor, asook sekere owerheidsinstansies ontstaan omdat daar nêrens hier te lande sodanige fasiliteite bestaan het nie en omdat daar baie onbeantwoorde vrae was. Die antwoorde was en is in enige vooruitstrewende gemeenskap van wesenlike belang om sy ontwikkeling in een of meer bepaalde velde rigting te gee en moontlike slaggate betyds uit te wys.

Die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese (LGI) het 'n breedvoerige ondersoek gedoen aangaande die aankoop en plasing van 'n kompakte meetbaan in die lig van die politieke en strategiese agtergrond, verkryging van toerusting, tegniese vereistes waaraan voldoen moes word, koste, voordele en nadele vir die Universiteit en die aard en omvang van die gebou wat nodig sou wees. Die Universiteitsraad het vroeg in 1988 die oprigting van die Meetbaangebou goedgekeur, planne is opgestel, kontrakte gesluit en die bouwerk het op 7 Maart 1989 by wyse van 'n sooispitseremonie begin. Mnre. Steyn & Viljoen was die argitekte, die firma Indlo Beleggings het die bouwerk gedoen en alles het voorspoedig verloop totdat die apparaat geïnstalleer is. 'n Paar verborge gebreke het toe ongelukkig aan die lig gekom. Die put onder die apparaat was nie korrek geplaas nie en was ook nie waterdig nie. Die nodige regstellings het die verwydering van die apparaat genoodsaak en tot gevolg gehad dat dit weer later teen hoë koste teruggeplaas en heringestel moes word. Selfs 'n stormwatersloot is later voorsien om die installasie te beveilig.

Die bouwerk is vroeg in 1990 teen 'n koste van ongeveer R540 000 voltooi en die amptelike ingebruikneming van die gebou is op 3 Augustus 1990 deur dr. T.G. Alant, Adjunkminister van Handel en Nywerheid en Nasionale Opvoeding, waargeneem.


Mikro-elektronikagebou

Die Carl en Emily Fuchs-stigting het op 1 Desember 1980 in 'n brief aan die Rektor kennis gegee van 'n voorneme om 'n skenking van hoogstens R3 miljoen te maak. Die bedoeling daarmee was om die baanbrekerswerk wat die Fuchs-groep op die gebied van elektronika in Suid-Afrika gedoen het, te bevestig deur die instandhouding van die nagedagtenis van Carl en Emily Fuchs deur hierdie aansienlike bydrae tot die totstandbrenging van 'n nasionale instituut vir mikrostrukture by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Universiteit van Pretoria. Die bestaande Instituut vir Mikrostrukture sou by hierdie beoogde Nasionale Instituut geïnkorporeer en gehuisves word. 'n Nuwe gebou van ongeveer 4 000 m² teen 'n koste van ongeveer R2 miljoen het nodig geword. In die skenkingsakte is verder bepaal dat R1 miljoen bestee kon word vir die oprigting van 'n gebou vir die Instituut, R1,2 miljoen vir toerusting en R800 000 vir 'n leerstoel en lopende koste.

Aan die hand van 'n behoeftelys wat deur die Direkteur van die Instituut vir Mikrostrukture, prof. Louis van Biljon, opgestel is, is 'n sketsplan vir die beoogde gebou opgetrek en die verwagte koste is op R2 322 000 geraam. Dit het eskalasiekoste ingesluit. Op aanbeveling van die Boukomitee het die Raad op 18 Februarie 1981 besluit dat die gebou minder omvangryk moes wees sodat die oprigtingskoste nie R1,2 miljoen oorskry nie. Die gebou sou op die parkeerterrein reg oos van die Swaarmasjienlaboratorium verrys. In afgeskaalde vorm het die behoeftelys later te staan gekom op twaalf laboratoria (520 m²) en tien kantore (186 m²). Die koste daaraan verbonde is op R1,2 miljoen geskat. Op hierdie basis is die beplanning voortgesit. By tenderopening op 19 Julie 1982 is die totale verwagte boukoste op R1,6 miljoen (R1 miljoen skenkingsgeld en R600 000 eie fondse) gestel (koste-eskalasie, meubels en toerusting uitgesluit). Die tender van mnre. Lamb-Craeye Konstruksie (Edms.) Bpk. is op 5 Augustus 1982 aanvaar vir hierdie eerste fase van die projek en die bouwerk is aangepak. Latere aanduidings was dat fase een van die projek teen 'n bedrag van R1 615 000 voltooi sou kon word en verdere fondse is op 21 November 1983 deur die Raad bewillig om die werk af te handel. Daar is toe ook besluit om die oorblywende fases van die projek agterweë te laat totdat verdere fondse by wyse van 'n skenking of andersins bekom kon word.



Mikro-elektronikagebou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die argitekte was mnre. Steyn en Viljoen, die oprigtingskoste van die gebou het R1 470 000 beloop en dit is op 22 Augustus 1984 in gebruik geneem.

Multisilindertoetsstelsel (Sasol-laboratorium)

By die Departement Meganiese Ingenieurswese was daar 'n behoefte aan 'n apparaat waarmee strukturele vermoeidheid van beweegbare strukture soos voertuie bepaal kon word. 'n Saak is uitgemaak vir 'n multisilindertoetsstelsel wat werklike gebruikstoestande kan simuleer en die Universiteitsowerhede het die voorsiening daarvan en oprigting in 'n deel van die Swaarmasjienlaboratorium goedgekeur. Die bouwerk het op 28 November 1983 'n aanvang geneem en is op 19 Maart 1984 teen 'n totale koste van bykans R356 000 voltooi. Die vervangingswaarde is in 1993 op ongeveer R2 miljoen beraam. Sasol het substansieel tot hierdie koste bygedra. Uit erkentlikheid staan die laboratorium en apparatuur bekend as die Sasol-laboratorium.

Die apparaat wat gebruik word, bestaan uit 'n blok beton met 'n groot staalplatform wat daarop bevestig is. Dit strek ongeveer twee meter afwaarts en rus met 'n volle 300 ton op 'n aantal lugkussings. Al die trillings wat ontstaan, word op hierdie wyse van die grond en die omliggende geboue geïsoleer. Uiteraard moet die basis waarop die hidrouliese silinders vasgeheg is aansienlik swaarder wees as die voertuig of ander struktuur wat geskud word; die stert moet nie die hond kan swaai nie.

'n Aantal hidrouliese silinders is op die blok of basis vasgebout en bo-op die silinders die onderstel van die voertuig wat getoets word. Die silinders beweeg dan op en neer teen 'n hoë tempo en op onegalige wyse om allerhande ryoppervlaktes te simuleer. Sodoende word die gebruikslas van ongeveer 160 000 km gewone gebruik binne enkele dae bereik en stel dit die vervaardigers daartoe in staat om die moontlike swak plekke in 'n ontwerp op te spoor en reg te stel. Die stelsel het natuurlik ook vele ander aanwendings.

Die argitekte van hierdie laboratorium was Brian Sandrock Argitekte, die struktuuringenieurs Van Wyk & Louw en die bouer Re-do Konstruksie.

Temperatuurbeheerde glashuis vir Plantproduksie

In die Departement Plantproduksie van die Fakulteit Landbouwetenskappe was daar 'n groot behoefte aan 'n hoogs gesofistikeerde fasiliteit vir navorsingsdoeleindes. Besonderhede van die ontwerp en vereistes waaraan voldoen moes word, moes oorsee versamel word omdat daar geen sodanige fasiliteit hier te lande bestaan het nie. Die kompleks moes bestaan uit drie gekontroleerde glashuise, drie temperatuurkamers, 'n beheerkamer, werkkamer, voorbereidingskamer en 'n bergings- en masjienkamer wat elkeen aan bepaalde vereistes moes voldoen wat betref oriëntering (presies noord), grootte, isolasie, uitleg, materiaal (bakstene, roesvrye raamwerk, tipe glas), lugdigtheid, ventilasie, haelbestandheid, lugwisselings (6-7 keer per minuut), lugvloei (1 m/sekond), lugsuiwering (lug wat uitgelaat word is omgewingsvriendelik), voggehalte, beligting, temperatuurbeheer (tussen 7 °C en 40 °C ± 1 °C) en nog vele ander. Alle masjinerie en instrumente van die glashuise moes 'n hoë vlak van betroubaarheid hê en die klimaatsbeheer in die kompleks moes geskied deur middel van 'n rekenaar waarop die vereiste omgewingstoestande geprogrammeer en gemonitor kon word. Selfs plant- en grondtemperatuur moes gemonitor kon word ten einde dit saam met al die ander faktore te verreken.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tans is die fasiliteit nog enig van sy soort in die land en is dit hoogaangeskewe en wek baie belangstelling by sowel plaaslike, as oorsese wetenskaplikes.

Hierdie gebou is deur die Universiteit se Afdeling Fasiliteite Beplanning ontwerp en is deur die firma J. Scheffer Konstruksie in 1989 teen R807 000 voltooi.

Fakulteit Geneeskunde

Die Fakulteit Geneeskunde van die Universiteit van Pretoria is naas dié van die Universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand, die derde oudste geneeskunde-fakulteit in die land en het in 1943 tot stand gekom. Die Fakulteit is spesifiek gestig om die Afrikaanssprekendes-

> die geleentheid te gee om in hul eie taal onderrig te ontvang en te bekwaam, om 'n hoë standaard van mediese sorg aan al die lede van die bevolking te gee.

As gevolg van vertoë van die Owerheid het die Universiteit sy inname van studente mettertyd verhoog om 'n maksimum van ongeveer tweehonderd geneeshere per jaar op te lei. Uit die aard van die saak het dit groot toewyding en opoffering geverg vanweë die gebrek aan nodige fasiliteite en 'n tekort aan personeel. Ten spyte van hierdie knelpunte het ongeveer 5 400 geneeshere tot en met 1990 die primêre kwalifikasie aan hierdie inrigting verwerf, terwyl talle ander hul spesialis-opleiding voltooi het. Graduandi van hierdie Universiteit geniet nasionaal en internasionaal groot aansien, benewens groot sukses op verskillende vlakke van die samelewing.

Wat fisiese fasiliteite betref, moet tussen Universiteitsgeriewe en hospitaalgeriewe onderskei word.

Universiteitsgeriewe

In die vorige uitgawes van *Ad Destinatum* word die Basiese Mediese Wetenskappegebou en die Patologiegebou op die Prinshofkampus, die Kliniese gebou (Noord en Suid) tans bekend as die H.W. Snijmangebou, op die H.F.Verwoerd-hospitaalterrein en die Klinikalagebou op die Kalafonghospitaalterrein volledig behandel. Vir die prekliniese opleiding van geneeshere is goeie voorsiening op die Prinshofterrein gemaak. Dieselfde kan egter nie ten opsigte van die kliniese jare gesê word nie. Die geriewe wat in die Kliniese gebou (Suid) gedurende die Tweede Wêreldoorlog voorsien is, was onvoldoende en is destyds slegs as 'n noodmaatreël beskou en het nie aan die vereistes vir 'n mediese skool voldoen nie. Nadat daar meer as twintig jaar lank tevergeefs vertoë om 'n nuwe akademiese hospitaal gerig is, het die Universiteit aan die einde van die sewentigerjare die Kliniese gebou op eie koste uitgebrei. Op daardie tydstip is dit aanvaar dat die akademiese hospitaal op 'n ander terrein opgerig sou word en is die uitbreiding meer as 'n tussentydse maatreël beskou.

In 1985 is tenders ingewin vir die uitbreiding van die Klinikalagebou. Die projek het voorsiening gemaak vir 24 bykomende kantore, 'n nuwe biblioteek en die hertoedeling van bestaande geriewe. Dit is einde 1986 voltooi. Die totale koste het R471 534 beloop. Ten einde voorsiening te maak vir gesamentlike aanstellings het die Transvaalse Provinsiale Administrasie R150 000 tot die boukoste bygedra.

Die Kabinet het in Augustus 1981 besluit dat die nuwe akademiese hospitaal vir die Universiteit van Pretoria op die H.F.Verwoerdhospitaalterrein opgerig sou word. Dit sou 'n enkele geïntegreerde hospitaal wees wat buiten hospitaalgeriewe ook ongeveer 10 500 toekenbare vierkante

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

meter (tvm) universiteitsruimte sou insluit. Bo en behalwe die genoemde 10 500 tvm universiteitsruimte in die hospitaal is 'n suiwer universiteitsgebou van ongeveer 5 000 tvm aangrensend aan die beoogde nuwe hospitaal en die bestaande H.W. Snijmangebou beplan. Ongeveer 900 parkeerplekke vir dosente en studente op die hospitaalterrein is ook in die vooruitsig gestel. Beide die suiwer universiteitsgebou en die geïntegreerde universiteitsgeriewe in die hospitaal sou as die nuwe akademiese hospitaalprojek bekend staan.

As gevolg van 'n gebrek aan fondse en vele ander probleme was vordering nie na wense nie en moes verdere noodmaatreëls getref word om die nypende ruimte-behoeftes van die Fakulteit Geneeskunde te verlig. Op 29 Junie 1987 het die Raad goedgekeur dat 'n verdere verdieping tot die H.W. Snijmangebou (Noord) toegevoeg word en dat sekere bestaande ruimtes as 'n Dekaanskompleks heringerig word. Bouwerk het op 6 Julie 1987 'n aanvang geneem en die projek is begin 1988 voltooi. Die totale projekkoste het R666 288 beloop.

Op 16 September 1988 is tenders ingewin vir die konstruksie van sekere infrastruktuurelemente, uitgrawings en voetstukke vir die nuwe akademiese hospitaal. Tenders vir die struktuur, wat ook die geïntegreerde universiteitsgeriewe ingesluit het, is einde 1989 ingewin, maar as gevolg van 'n moratorium wat ingestel is, is die tender nie toegeken nie. Aan die begin van 1991 is die moratorium opgehef, maar teen die einde van 1991 het die Kabinet besluit dat daar nie voortgegaan word met die oprigting van die akademiese hospitaal nie. Voorts het die Kabinet 'n taakgroep benoem om aanbevelings te doen met betrekking tot die opgradering van die bestaande hospitaal. Voorstelle in dié verband is aan die Kabinet voorgelê wat onder meer vir die geïntegreerde universiteitsgeriewe voorsiening gemaak het. Die amptelike uitslag van die Kabinetsbesluit word nog afgewag.

Intussen is voortgegaan met die beplanning van die suiwer universiteitsgebou. Tenders vir die gebou is op 15 April 1992 gevra en die bouterrein op 11 Mei 1992 aan die suksesvolle bouaannemer oorhandig. Die geraamde koste vir die projek, uitgesluit koste-eskalasie en los meubels en toerusting, beloop ongeveer R15 000 000. Die projek sal na verwagting aan die begin 1994 voltooi word. Dit sal aansienlike verligting vir die Fakulteit se ruimtebehoeftes meebring, maar nog lank nie die probleem oplos nie.

Hospitaalgeriewe

Die huidige akademiese hospitaal, wat vandag as die H.F.Verwoerdhospitaal bekend staan, is in 1932 as 'n dienshospitaal met 350 beddens voltooi. Met die uitbreiding van Pretoria, en veral na die totstandkoming van die Fakulteit Geneeskunde in 1943 moes daar voortdurend aangebou word. Die terrein is geleidelik toegebou met 'n groot verskeidenheid van swak beplande en ondoelmatige strukture. Sommige hiervan is voorafvervaardigde geboue.

Die moontlike oprigting van 'n nuwe akademiese hospitaal het met verloop van tyd verskeie uitvoerbaarheidstudies tot gevolg gehad. Daar is selfs 'n nuwe terrein in 'n suid-oostelike voorstad vir dié doel aangekoop. Gedurende hierdie tydperk is verdere noodsaaklike toevoegings en aanbouings vir die bestaande hospitaal beplan. Met die oog op die nuwe akademiese hospitaal en ten einde vrugtelose uitgawes te voorkom, is hierdie planne nooit deurgevoer nie. Voorbeelde van beplande uitbreidings wat nie gerealiseer het nie, is die volgende: 'n nuwe buitepasiënte-diensteblok, 'n nuwe sentrale kom-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

buis, ruimte vir X-straalapparaat en ruimte om die registrasiestelsel van die hospitaal te huisves.

Aangesien die H.F.Verwoerdhospitaal nie naastenby in die opleidingsbehoeftes voorsien nie, is die Fakulteit Geneeskunde grootliks afhanklik van Kalafonghospitaal ten weste van Pretoria en in 'n mindere mate ook van Tembisa naby Kemptonpark. Alhoewel hierdie hospitale nie aan erkende akademiese standaarde voldoen nie, was die Universiteit nietemin verplig om ook universiteitsgeriewe by hierdie twee hospitale te voorsien ten einde die Fakulteit Geneeskunde in staat te stel om sy taak te volvoer. Die gebruik van hierdie hospitale wat nie oor die nodige geriewe vir opleidingsdoeleindes beskik nie, bring groot ongerief en die oorbelading van dosente mee, terwyl die lang afstande wat studente moet aflê uiteraard addisionele koste meebring en waardevolle tyd verspil.

Soos reeds onder universiteitsgeriewe vermeld, het die Kabinet in Augustus 1981 besluit dat 'n nuwe akademiese hospitaal op die H.F. Verwoerd-hospitaalterrein opgerig moet word. Die bestaande hospitaal sou in 'n streekhospitaal met 666 beddens omgeskep word. Altesame 1 866 beddens sou dan beskikbaar wees.

Weens 'n gebrek aan fondse was vordering nie na wense nie en soos onder universiteitsgeriewe aangedui, was dit eers teen die einde van die tagtigerjare dat noemenswaardige vordering met die beskikbaarstelling van die nodige infrastruktuur, uitgrawings en voetstukke vir die nuwe hospitaal gemaak is. Met die staking van die projek aan die einde van 1991 en die besluit dat die bestaande hospitaal opgradeer moes word, het die totale uitgawes vir die nuwe akademiese hospitaal R56 000 000 beloop, waarvan die Universiteit se aandeel ongeveer R5 250 000 was.

Die taakgroep wat deur die Kabinet aangestel is, het op sy beurt weer 'n werkgroep benoem om aanbevelings te maak met betrekking tot die opgradering van die H.F.Verwoerd-hospitaal. Voorstelle vir die herontwikkeling van die bestaande hospitaal tot die nodige akademiese standaard is op 2 April 1992 aan die taakgroep vir oorweging oorhandig. Die voorstelle het op 19 Augustus 1992 voor die Kabinet gedien. Skriftelike kennisgewing van die amptelike besluit word nog afgewag.

Fakulteit Veeartsenykunde

Na 'n nederige ontstaan as 'n departement van die Fakulteit Landbou, het die opleiding in Veeartsenykunde ontwikkel tot 'n selfstandige fakulteit wat in 'n hele aantal geboue op Onderstepoort gehuisves is. Breedvoerige besonderhede hieroor verskyn in *Ad Destinatum I* en *II*. Namate die tekort aan veeartse oor die jare toegeneem het, is die opleidingsfasiliteite by verskillende geleenthede aangepas en uitgebrei om die inname van studente van 15 tot 30, later tot 45 en in 1970 tot 90 in die tweede studiejaar te verhoog. Nog later is besluit om die getal veeartse wat jaarliks afstudeer tot so na as moontlik aan 90 op te skuif. Dit het meegebring dat voorsiening gemaak moes word vir 'n inname van 120 studente per jaar. In praktyk wissel die inname meestal tussen 100 en 110.

As gevolg van hierdie sterk druk op die fasiliteite en personeellede van die Fakulteit moes daar drastiese stappe gedoen word om die aard, omvang en gehalte van die fasiliteite op peil te kry. Toestande was plek-plek baie onbevredigend. Die grootskaalse uitbreiding van fasiliteite was gebiedend noodsaaklik en die vraag het ontstaan of die Fakulteit nie veel beter en geriefliker op 'n deel van die proefplaas naby die hoofkampus tot sy reg sou kom nie. Die D.M. Joubert-kommissie het dié

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

moontlikheid ondersoek en in Februarie 1976 aanbeveel dat die Fakulteit Veeartsenykunde te Onderstepoort gehuisves moes bly. Die Universiteitsraad het hierdie aanbeveling op 12 April 1976 aanvaar. Na aanleiding van sekere tegniese probleme is daar verdere ondersoek gedoen oor die vestiging van die Fakulteit. Die kwessie van ligging, aanbou teenoor nuwe geboue, koste-implikasies en selfs die moontlikheid van 'n tweede fakulteit in die Suide het gelei tot 'n aantal verdere ondersoeke wat die aangeleentheid tot aan die begin van 1982 laat sloer het. Op 18 Maart 1982 het die Departement van Nasionale Opvoeding die Universiteit in kennis gestel dat die Adviserende Raad op Universiteite (ARU) besluit het om by die Minister aan te beveel dat die Fakulteit Veeartsenykunde vir die voorsienbare toekoms te Onderstepoort gevestig behoort te bly en dat die uitbreidings wat nodig is aldáár moes geskied. Daar is verder deur die ARU aanbeveel dat daar binne die perke van wetlike bepalings in hierdie verband effektiewe hulp aan die Universiteit verleen moes word om die bykomende fasiliteite so spoedig moontlik tot stand te bring binne die norme van die Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Onderwysstelsel (SANSO). Op 26 April 1982 het die Universiteitsraad met instemming kennis geneem dat die Fakulteitsraad eenparig besluit het om die beoogde ontwikkelings, soos deur die ARU voorgestel, te aanvaar.

Die finansiering van die uitbreidingsprogram, wat in verskillende fases beplan is, sou geskied kragtens die bepalings van artikel 6 van Wet nr. 94 van 1974 wat bepaal dat die koste vir bykomende opleidingsgeriewe vir die Fakulteit Veeartsenykunde en die nodige toerusting gedra moet word uit fondse wat deur die Parlement vir daardie doel bewillig word. Aangesien die opleiding van diereverpleegsters en BVSc-studente in hulle eerste jaar nie deel uitgemaak het van die opleidingsopdrag van die Fakulteit ten tye van die oordrag daarvan aan die Universiteit nie, het die Departement Nasionale Opvoeding bepaal dat 'n pro ratagedeelte van die uitbreidingskoste ten opsigte van hierdie fasiliteite op die normale wyse gefinansier moet word deur middel van staatsgewaarborgde en -gesubsidieerde privaatlenings in plaas van 'n staatstoekenning. 'n Verhouding van 84% staatstoekenning tot 16% leningsmagtiging is hiervolgens ten opsigte van nuwe geboue, vernuwing van bestaande geboue en sekere toerusting bereken.

Aangesien die opleiding ononderbroke moes voortgaan gedurende die uitbreidingsproses, moes die uitbreidingsprogram so beplan word dat elke onderafdeling van die opleiding sonder ongerief voortgesit kon word. In Desember 1984 is daar begin met die Arnold Theilergebou waar die dekaan, administrasie, biblioteek, lesingsale, museum, kafeteria en kleedkamers gehuisves sou word. Mnr. Brian Sandrock was die argitek. Die gebou is op 25 September 1987 deur Staatspresident P.W. Botha amptelik geopen. Die aard van die verskillende onderafdelings van die werk het dit moontlik gemaak dat sekere van die projekte in die proses met mekaar kon oorvleuel. Sodoende kon die siviele werk gedeeltelik saam met die hoogspanningskragnetwerk en terreinbeligting in Junie 1985 aangepak en stelselmatig voortgesit word ten einde die geboue te bedien soos wat hulle voltooi is. Kampe, krale, heinings, paaie, stormwaterafvoer en ander soortgelyke dienste is ook soos nodig voorsien en uitgebrei om die logiese benutting van fasiliteite te ondersteun.

'n Nuwe gebou vir Veterinêre Patologie en Veterinêre Volksgesondheid onder leiding van die argiteksfirma Vermooten, Du Plooy & Oosthuizen is in Oktober 1986 aangepak. Die gebou bevat postmortemsale, koelkamers, laboratoria en ander

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ondersteuningsruimtes. Hierdie gebou is op 27 Oktober 1988 amptelik in gebruik geneem deur die Visekanselier en Rektor, prof. D.M. Joubert. In Julie 1988 is daar 'n begin gemaak met die Fakulteit se omvangrykste gebou, naamlik die Veterinêre Akademiese Hospitaal wat huisvesting bied aan die Departement Chirurgie, Geneeskunde en Geslagskunde. Daarin is onder meer voorsiening gemaak vir 'n apteek, intensiewesorg, radiologie-fasiliteite, kleindierteaters, grootdierteaters, klinieke, terapiekamers, huisvestingsgeriewe en ondersteuningsruimtes vir die versorging van die diere. Ook tandheelkunde- en oogheelkundelokale, prosedurekamers, voorbereidings- en demonstrasielaboratoria, isolasie-areas en lokale vir 'n hele aantal ander aktiwiteite is voorsien. Die hospitaal beslaan die oppervlakte van ongeveer twee rugbyvelde. Die gebou is in Maart 1992 betrek. In November 1988 is 'n begin gemaak met die verbouings en aanbouings aan die voormalige Anatomiegebou wat uitgebrei is om twee groot disseksiesale en 'n amfiteater vir demonstrasiedoeleindes te huisves. Hierdie gebou is bekend as die Veterinêre Anatomiegebou en huisves benewens kantore, laboratoria, seminaarkamers en 'n werkswinkel ook die Fakulteit se elektronmikroskoopafdeling en is amptelik geopen op 27 Maart 1992 deur die Visekanselier en Rektor, prof. P. Smit.

Benewens bogenoemde groot bouwerke, is daar deur middel van herindelings in bestaande geboue en enkele kleiner aanbouings en/of nuwe geboutjies voorsiening gemaak vir 'n hele aantal ander afdelings soos die Perdenavorsingseenheid, Etologie en Fisiologie, Pluimveesiektes, Kuddegesondheid, Toksikologie, Parasitologie en Infeksiesiektes. Voorts word 'n Proefdiersentrum in die vooruitsig gestel. Ondersteuningsdienste, soos 'n algemene werkswinkel, voerskure, 'n verbrandingsoond, geriewe vir dienswerkers en infrastruktuurdienste soos paaie, kampe, krale, stormwaterafvoer, besproeiing, riolering, parkeerterreine (sommige met afdakke), dienstekanale, looppaadjies en besproeiing het ook nie agterweë gebly nie en is stukstuk bygevoeg en uitgebrei soos wat die werk aan die totale ontwikkeling gevorder het.

Alhoewel die belangrikste dele van die ontwikkeling vóór die einde van 1992 afgehandel is, kan daar nog nie met volle sekerheid bepaal word wat die totale koste sal beloop nie. Dele van die werk is nog aan die gang.

Ooreenkomstig die Staat se gewysigde subsidieformule wat in 1985 van krag geword het, word leningsmagtiging nie meer toegestaan vir die vernuwing van bestaande geboue en toerusting nie. Die 16% ten opsigte hiervan moet in die vervolg dus uit eie fondse gefinansier word. Die staatstoekenningsgedeelte (84%) sou steeds deur die Staat gefinansier word. Tydens 'n besoek van verteenwoordigers van die Departement van Onderwys en Kultuur gedurende Julie 1989 het die hoofdirekteur van hierdie liggaam die Universiteit meegedeel dat die 16% ten opsigte van die vernuwing van bestaande geboue en grondverbeteringswerke steeds deur middel van leningsmagtiging gefinansier mog word. Voorts is die koste-eenhede wat in 1983 vir uitbreidings by die Fakulteit Veeartsenykunde goedgekeur is, naamlik 34 910 koste-eenhede, met 1 675 oorskry en sou hierdie oorskryding nie deur middel van staatstoekenning gefinansier kon word nie. Ook sou toerusting wat sedert die inwerkingtreding van die nuwe subsidieformule aangekoop is nie vir die 84% staatstoekenning kwalifiseer nie, maar sou die finansiering wat reeds op hierdie basis plaasgevind het, beskou word as gedane sake en sou in oorleg met die Universiteit 'n nuwe kostenorm vir dierehospitale ontwikkel moes word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Laasgenoemde stap is deur die Universiteit verwelkom aangesien vertoë by verskillende geleenthede in die verlede reeds tot die Departement gerig is om meer realistiese maatstawwe vir 'n dierehospitaal te laat geld. Hierdie onderhandelinge het gelei tot die verhoging van die aantal kosteeenhede vir die dierehospitaal van 12 256 tot 22 625. 'n Verdere toegewing is ook gemaak deurdat die koste-eenhede vir die herindeling en vernuwing van bestaande geboue by Veeartsenykunde met 4 873 eenhede opwaarts aangepas is om ook vir vaste toerusting voorsiening te maak. Die totale aantal koste-eenhede wat in 1983 vir die uitbreidingsprogram goed-gekeur is, is van 34 910 tot 50 152 verhoog. Met inagneming van al die aanpassings in die finansieringsooreenkomste word die volledige uitbreidingsprogram by die Fakulteit Veeartsenykunde op R117 077 000 geraam. Dit sal soos volg gefinansier word: Staatstoekenning R82 006 000, leningsmagtiging R22 563 000 en Universiteitsfondse R12 508 000.

Vanweë die Fakulteit Veeartsenykunde se afgeleë ligging, die studente se druk studieprogram, die hoë koste van vervoer en die gebrek aan geskikte sportfasiliteite in die omgewing, is daar vroeër reeds sekere sportfasiliteite by Onderstepoort voorsien. Daar was egter geen binnenshuise fasiliteite nie en 'n muurbalbaan was al lank 'n wesenlike behoefte.

Op 21 November 1983 het die Universiteitsraad die oprigting van 'n muurbalbaan by die studentekoshuis op Onderstepoort goedgekeur en R66 000 daarvoor bewillig. Mnr. Brian Sandrock is as argitek benoem. Die gebou is in 1984 voltooi.

Sportsentrum

Toe die Universiteit gedurende die laat sestigerjare en die volgende anderhalwe dekade sterk uitgebrei en gegroei het, is die beskikbare hulpbronne aangewend om akademiese fasiliteite beskikbaar te stel en bestaande geboue beter toe te rus. Die behoefte aan 'n goedtoegeruste binnenshuise Sportsentrum het só dwingend geword dat spesiale pogings aangewend is om fondse vir hierdie groot projek te bekom. In daardie stadium was die geriewe vir binnenshuise sport uiters karig.

Die firma Brian Sandrock Argitekte is aangestel en daar is in goeie geloof met die beplanning begin. 'n Uitgebreide fondsinsamelingspoging is van stapel laat loop en in 1978 is onder meer 'n groot skenking en bedrae van R300 000 van die Rembrandtgroep van maatskappye ontvang. Die groot sentrale veeldoelige saal is dus na hierdie organisasie vernoem. Die terrein vir hierdie kompleks is so gekies dat dit maklik bereikbaar sou wees vir die inwoners van die manskoshuise, gebruikers van ander sportgeriewe op die Sportterrein, inwoners van die dameskoshuise, dagstudente en ook die publiek wat soms groot byeenkomste sou bywoon. Die gebou is geleë op die grens van die Koedoespoort- en Hartebeestpoort-gedeeltes van die proefplaas, tussen die manskoshuise en die sportterrein. Die twee plase moes eers gekonsolideer word voordat bouwerk kon begin. Die kompleks is ontwerp met 'n sentrale veeldoelige ronde saal met 2 600 pawiljoensitplekke en 400 op die vloer met vloerruimte vir toernooie vir korfbal, netbal, boks, tafeltennis, tennis, gimnastiek, ensovoorts. Hierdie lokaal kan tot 500 eksamenkandidate huisves en kan ook vir gradeplegtighede aangewend word, maar vanweë die moontlike beskadiging van die spesiale vloer, word die plasing van stoele op die sentrale deel van die vloer nie aanbeveel nie, tensy spesiale beskerming aangebring word. Om die sentrale saal is 'n gang wat toegang gee tot 'n hele reeks oefensale vir sportsoorte soos gewigoptel, stoei, gimnastiek, pluimbal,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

judo en karate. Daar is ook 'n goedtoegeruste fiksheidsgimnasium.

In die noordelike gedeelte van die kompleks is 'n restaurant, kafeteria, 'n braaiarea, 'n verhitte swembad (25 meter) en saunas, 'n lesingsaal vir tweehonderd persone, 'n opsigterswoonstel, 'n bergklimfasiliteit buite teen die hoë gedeelte waarin die watertenk voorsien is en nog verder noordwaarts 'n uitgebreide parkeerterrein. Hierdie kompleks huisves die Sportburo en die Sportinstituut. Die Departement Menslike Bewegingkunde se praktika vind hoofsaaklik in die Sportsentrum plaas.

Wat die ontwerp van die gebou betref, kan vermeld word dat die dakgedeelte van die sentrale saal besondere vernuf vereis het. Die ingenieursfirma Bruinette, Kruger, Stoffberg & Hugo (later bekend as BKS) was uiters bekwaam vir hierdie taak aangesien een van hulle senior beamptes kort tevore 'n uitgebreide studiereis in Amerika onderneem het om strukture en konstruksies van hierdie aard te bestudeer. Die dak word ondersteun deur 'n staalkonstruksie wat boogvormig op twee betonkonstruksies rus en wat in drie seksies aan mekaar en aan die kolomme waarop dit rus vasgebout is. Die Instituut vir Siviele Ingenieurs het 'n prys toegeken vir hierdie buitengewone konstruksie en vir die effektiewe aanwending van staal. Uiteraard moes daar ook spesiale aandag aan die buitengewone beligtingsvereistes gegee word. Die spreiligte hang elf meter bokant die vloer en daar moes selfs 'n spesiale stellasie gebou word om onderhoudswerk aan die ligte moontlik te maak.

Tenders vir hierdie projek het op 28 Junie 1980 geopen en die bouwerk is in 1983 teen 'n totale koste van R8 544 964 afgehandel. Die koste vir die ameublement en ander toerusting het R730 153 bedra.

Die amptelike ingebruikneming van die gebou is op 21 Oktober 1983 deur die Rektor en Visekanselier, prof. D.M. Joubert, waargeneem. Die argitek was mnr. Brian Sandrock en die boukontrakteur mnre. Berghout en Rouvoet (Edms.) Bpk.

Die Universiteit het met inbegrip van skenkings R600 000 tot die oprigtingskoste bygedra. Die res is uit 'n staatsgoedgekeurde en -gesubsidieerde privaatlening gefinansier.

Daan Swiegers-sportklubhuis

Die rugbyklub van die Universiteit van Pretoria, die grootste sportklub van die Universiteit, het sedert die sestigerjare 'n behoefte aan 'n eie klubfasiliteit, veral vir komiteevergaderings en onthale. Gedurende die vroeë sewentigerjare het die rugbyklub reeds begin om fondse vir so 'n fasiliteit in te samel. In die Sportsentrum is daar voorsiening gemaak vir komiteekamers en onthaalfasiliteite vir al die sportklubs, maar weens die groot ledetal van die rugbyklub het dit spoedig tot belangebotsings gelei. In daardie stadium is die fondsinsamelingsaksies aansienlik verskerp en was dit veral prof. Daan Swiegers, President van die Rugbyklub, wat met ywer en entoesiasme die saak bevorder het.

Die Universiteit het onderneem om op 'n rand-vir-rand-grondslag tot 'n maksimum van R100 000 plus R16 000 vir argiteksgelde tot die oprigting van die rugbyklubhuis by te dra. In daardie stadium was die gedagte om die klubhuis in die wal ten noorde van die hoofrugbyveld te bou. Dit sou beteken dat 'n deel van die wal weggegrawe sou moes word. Hierdie ligging sou 'n goeie uitsig oor die veld bied. Koste was egter die bepalende faktor en terwyl daar nog gepoog is om verdere fondse in te samel, het boukoste só toegeneem dat 'n ander opsie noodwendig oorweeg moes

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

word. 'n Dranklisensie was reeds in beginsel goedgekeur op voorwaarde dat die fasiliteit as 'n sportklubhuis bekend sou staan. Monopolisering deur die Rugbyklub sou dus nie moontlik wees nie. Dit het daartoe gelei dat enkele van die ander sportklubs ook tot die oprigting van die gebou bygedra het. Die beskikbare fondse het in daardie stadium sowat R354 000 bedra. Dit het 'n skenking van R50 000 van mnr. G. Potgieter en die belofte vir 'n skenking van ongeveer R60 000 van mnr. Theuns Bester ingesluit.

Daar is vroeg in 1985 van nuuts af beplan vir die oprigting van 'n sportklubhuis langs die spruit ten noordooste van die toegangspad tot die sportterrein uit Suidstraat. 'n Gebou wat goed by die omgewing sou inpas, met 'n uitsig op die bome langs die spruit, ruim parkeerplek ten ooste daarvan en 'n netjiese tuin daaromheen is in die vooruitsig gestel. Voorsorg moes ook getref word om vloedwater weg te hou van die gebou wat vlak by die vloedlyn geleë sou wees. Op 29 Oktober 1985 het die Rektoraat die voorgestelde plasing goedgekeur en besluit dat voortgegaan moes word met die voorbereidingswerk vir die oprigting. Daar is voorsiening gemaak vir 'n ingangsportaal, sitkamer, presidentskamer (10-15 persone), 'n ruim lokaal met kroeggeriewe, 'n trofeekamer, 'n kombuis en ander kleiner ruimtes. 'n Ruim buite-area met 'n paar braaiplekke en toilette is ook voorsien. Hierdie toilette is so beplan dat dit ook van die omliggende terrein betree kon word.

Op 16 September 1986 is die eerste sooi deur die Rektor gespit en op 17 September 1986 het die firma Bester Wonings (Edms.) Bpk. die bouwerk onder toesig van die argitektsfirma Stauch Vorster & Vennote aangepak. Op 10 Maart 1987 is die sleutel van die gebou deur mnr. T. Bester aan die Rektor, prof. D.M. Joubert, oorhandig en het hy die gebou amptelik geopen. By hierdie geleentheid is al die medewerkers en donateurs gehuldig. Veral prof. Daan Swiegers is uitgesonder as dié persoon wat geen steen onaangeroerd gelaat het om 'n lang gekoesterde ideaal van die rugbyklub te verwesenlik nie. Vir onbaatsugtige diens aan die sportgemeenskap is hy gehuldig met die vernoeming van die gebou na hom en 'n borsbeeld van hom in die voorportaal deur een van sy oudstudente, prof. Pierre Volschenk, en geborg deur mnr. James Schnetler, self 'n voormalige eerstespanlosskakel van Tukkies. Die beeld is gemonteer op 'n hardekoolstomp wat van mnr. Bester se plaas afkomstig is. Mnr. Theuns Bester is ook vereer deurdat een van die kamers na hom vernoem is.

Joolplaas en vlotbou-area

Die studente se jaarlikse joolbedrywighede word voorafgegaan deur 'n proses van vlotbou wat binne 'n kort tyd afgehandel moet word. Dit lei tot 'n deur-die-nagwerkery en dit gaan gewoonlik gepaard met 'n groot getal ondersteuners by elke groep wat hulle werkers met musiek en op ander maniere ondersteun. Dit gee later 'n taamlike lawaai af wat lei tot klagtes van omliggende inwoners en soms selfs uitloop op botsings met die gereg.

Ten einde hierdie probleme hok te slaan en elke groep 'n min of meer gelyke kans te gee in die vlotbouproses, is 'n terrein langs die spoorlyn aan die noordekant van die sportterrein gekies - weg van die woongebiede af en slegs voorsien van ligte en 'n kragpunt vir toerusting en gereedskap by elk van die afgebakende areas. Hierdie reëling het die meeste van die probleme wat in hierdie verband ondervind is, opgelos. Later is die naasliggende terrein ingerig vir die kroningsgeleentheid van die joolkoningin met 'n groot halfmaanvormige skuins wal waar ongeveer drieduisend toeskouers die verrigtinge kan gade-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

slaan. Benewens die kroningsplegtigheid kan geleenthede soos massabyeenkomste, uitvoerings, vergaderings, vleisbraai-geleenthede, ensovoorts hier plaasvind.

Onder die ruim afdak daar naby is plek vir 'n orkes en 'n vloer waar meer as honderd pare kan dans. Gedurende die jooltydperk word allerhande kraampies en 'n biertuin op die joolplaas ingerig en vind daar baie aktiwiteite, soos kompetisies en speletjies plaas - dit alles om geld vir liefdadigheid in te samel.

Parkeerafdakke

Wat parkering betref, was dit nog altyd die beleid van die Universiteit om nie 'n parkeerplek vir elke personeellid of student te voorsien nie, maar om op geskikte plekke parkeerterreine op die kampus in te rig op die basis van wie eerste opdaag is eerste geholpe. Die getal uitgereikte parkeerskyfies was dan ook gewoonlik omtrent 30% meer as die beskikbare parkeerplekke. Hierdie reëling het goed gewerk omdat baie personeellede meer as een voertuig het en net vir een daarvan op 'n keer parkering nodig het en ook omdat dosente gewoonlik deur die dag kom en gaan en sodoende nogal redelike diversiteit in die hand werk.

By verskeie geleenthede het stemme opgegaan dat die Universiteit parkeerafdakke moes laat oprig ter beskerming van die motors teen die elemente. Aanvanklik was die reaksie negatief, maar na verdere vertoë van groepe personeellede gerugsteun deur die Personeelvereniging het die Universiteit op 16 Februarie 1988 goedgekeur dat 'n aantal parkeerafdakke op die kampus opgerig word vir verhuring aan die personeel teen vasgestelde tariewe. Aanvanklik is 136 staanplekke op die hoofkampus en 144 op die Geneeskunde/Tandheelkunde-kampus onderdak geplaas. Hierdie fasiliteit is later grootliks uitgebrei en aan die einde van 1992 was daar op die Hoof- en Ooskampus 394, by Geneeskunde/Tandheelkunde 162, Veeartsenykunde 156 en by die koshuisterreine 539 onderdakstaanplekke wat die totaal op 1 251 te staan bring. Aangesien al hierdie plekke vir die betrokke huurders gereserveer is, het die druk op die oorblywende oop staanplekke aansienlik toegeneem en moes daar heelwat bykomstige parkeerplekke vir personeellede ingeruim word. In die geval van studente is die huurgeld vir afdakke jaarliks vooruitbetaalbaar en in die geval van personeellede word dit maandeliks van hulle salarisse afgetrek.

Die Roperstraat-kwessie

Reeds in 1965, met die aanvaarding van 'n langtermynplan wat as rigsnoer vir die ontwikkeling van die Universiteit sou dien, was dit duidelik dat weens die spoorlyn aan die weste- en noordekant en Lynnwoodweg aan die suidekant, die enigste logiese uitbreidingsgebied vir die kampus ooswaarts was. Dit het noodwendig die sluiting van Roperstraat ingehou. Die oogmerk was onder meer om die aktiwiteite op die kampus te soneer met die basiese wetenskappe om die sentrale deel van die kampus en die toegepaste wetenskappe op die periferie. Die grootste getal studente sou gevolglik om die middelpunt beweeg. Gewone voertuie moes dus daar weggehou word en die loopafstande tussen lesinglokale moes so kort moontlik gehou word.

Namate ontwikkeling ooswaarts plaasvind sou die massamiddelpunt van studentebeweging steeds nader aan Roperstraat beweeg totdat dit min of meer in die straat geleë sou wees. Met die oprigting van nuwe geboue het hierdie middelpunt dan ook so verander dat so vroeg as 1970 reeds met die Stadsraad onderhandel is oor die permanente sluiting van die gedeelte van Roperstraat wat die kampus deurkruis het,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dit wil sê van Lynnwoodweg af tot by Burnettstraat. Ná langdurige onderhandelinge en heelwat emosionele reaksie van die publiek en die studente was die Stadsraad teësinnig om die straat as publieke deurgang te sluit. Die populariteit van Roperstraat het mettertyd heelwat afgeneem as gevolg van bykomstige stoptekens en 'n vermindering van die snelheidsgrens tot 40 km/uur. Selfs nadat die straat inderdaad 'n tyd lank gesluit was tydens die oprigting van die Geesteswetenskappegebou bo-oor die straat sonder dat dit ernstige besware uitgelok het, kon die Stadsraad nie oorreed word om die tydelike sluiting permanent te maak nie en is die straat in 1976 weer oopgestel.

Hierop het daar geleidelik nuwe ontwikkelings ten ooste van Roperstraat gevolg; koshuise, akademiese geboue, sportgeriewe, parkeerterreine en ander fasiliteite. Dit het die kwessie van die sluiting van Roperstraat weer sterk na vore gebring. 'n Afvaardiging van die Universiteit het op 18 Mei 1987 hierdie saak met die Bestuurskomitee van die Stadsraad bespreek om die veranderde omstandighede te verduidelik en die weg te probeer open vir verdere onderhandelings met die Stadsraad. Daar is voorgestel dat die Universiteit aan die hand van verdere opnames van die verkeerspatroon in Roperstraat, en met die nodige uiteensetting van die ander motiverings opnuut 'n voorlegging aan die Stadsraad doen vir die permanente sluiting van die straat. Die konsultantfirma BKS Ingelyf se verslag van November 1987 is gerugsteun deur die formele aansoek van die Universiteit op 19 Februarie 1988 aan die Stadsraad gestuur. Hulle aanbeveling het daarop neergekom dat Roperstraat tussen Lynnwoodweg en Prospectstraat vir eksterne verkeer gesluit word, dat die ryvlak van Hildastraat suid van Burnettstraat van 7,5 m tot 14 m verbreed word en voorts verleng word om by Lynnwoodweg aan te sluit regoor Williamstraat, dat verkeersligte by hierdie nuwe kruising van Lynnwoodweg geïnstalleer word, en dat die verkeersdrukte by die kruisings van Hilda- en Prospectstraat en ook Duxburyweg gemonitor word met die oog op die voorsiening van verkeersligte by hierdie kruisings.

Hierna het 'n indringende briefwisseling gevolg asook gesprekvoering, verdere ondersoeke, alternatiewe voorstelle, kosteramings en verslae wat die verwagte invloed van 'n moontlike straatsluiting moes peil vir sover dit die onmiddellike omgewing, die breë straatnetwerke, universiteitsaktiwiteite en gemeenskaps- en sakebelange in die omgewing sou raak. Telkens is nuwe en bykomstige inligting deur die amptenare van die Stadsraad aangevra en moes oorsprong-en bestemmingsopnames gedoen word van verkeer wat van Roperstraat gebruik maak. Hierdie verslag is gedurende Februarie 1990 by die Stadsraad ingedien. Die konsultante se bevinding was dat Roperstraat in die breë konteks nie 'n baie belangrike rol speel nie; veral nie as noord-suid skakelroete, en ook nie as hoofverkeerslaan in die bestaande en beplande toekomstige netwerke nie. Die langtermyn netwerkveranderings en -voorstelle het voldoende voorsiening gemaak vir noord-suid skakels om gerieflike deurverkeer te verseker. Toeganklikheid tot die onderskeie aktiwiteitsentra sou nie nadelig geraak word deur die straatsluiting nie. Die opname het getoon dat slegs 6% van die openbare verkeer van die suidekant af waar Roperstraat begin vorder tot by die noordelike punt van die straat waar dit teen Burnettstraat eindig.

In die *Pretoria News* van 29 Junie 1990 het 'n artikel verskyn onder die opskrif "Residents vow to resist Roper Street closure". 'n Deel van die berig lui soos volg: "The fight over the closure of Roper Street is far from over. Although City Councillors apparently ironed out differences and voted (unanimously) in favour

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

of the closure of the street where it runs through Tuks' campus, residents have already indicated that this is one decision they will not take lying down." Die tyd het later geleer dat hierdie berig eensydig was en hoogstens 'n beperkte deel van die inwoners se gevoelens weergegee het. Die idee van een van die amptenare van die te oorbrug met 'n paar brûe en selfs met 'n Studentesentrum ten einde voetganger- en motorverkeer te skei, is deur die Universiteit onaanvaarbaar bevind. Selfs die moontlike verbreding en verlenging van Hildastraat om dit in 'n deurpad te verander, was vir die Universiteit onaanvaarbaar omdat dit die probleem van 'n groot openbare straat deur die kampus net een straatblok verder ooswaarts sou verplaas. Die Stadsraad se finale besluit om Roperstraat te sluit, is uiteindelik op aan 'n aantal voorwaardes na goedgekeur soos uiteengesit in sy brief van 1 Augustus 1990:

> Ek moet u meedeel dat my Raad op 27 Junie 1990 in beginsel goedkeuring verleen het tot die permanente sluiting van 'n gedeelte van Roperstraat, Hatfield, Pretoria. Voormelde beginselgoedkeuring is egter onderworpe gestel aan die volgende voorwaardes, naamlik, dat die Universiteit van Pretoria
>
> a) onderneem om, ná die sluiting van die betrokke gedeelte, dié gedeelte op eie koste paslik te hersoneer en daarna sodanige gedeelte van die Raad aan te koop teen die dan heersende markwaarde daarvan;
>
> b) die Raad vrywaar en skadeloos stel teen enige eise, van welke aard ook al, wat uit die sluiting mag voortspruit;
>
> c) onderneem om die koste wat die Raad, na sy diskresie en indien nodig, moet aangaan ten einde 'n gelykwaardige alternatiewe noord /suid-deurgangroete(s) daar te stel, wat die aankoopbedrag soos in paragraaf (a) genoem, oorskry, aan die Raad te vergoed;
>
> d) onderneem om die bestaande parkeerfasiliteite wat as gevolg van die sluiting van Roperstraat verlore gaan, op die Universiteit se terrein te voorsien ten einde die addisionele parkeerlas op die reeds oorbelaaide aanliggende straatreserwes te voorkom;
>
> e) onderneem om alle koste ten opsigte van die registrasie van serwitute ten gunste van die Raad, of die verskuiwing van dienste, na die diskresie van die Raad, aan die Raad te vergoed; en
>
> f) onderneem dat voortdurende vrye deurgang langs 'n roete deur die Raad goedgekeur, aan persone per voet of op trapfietse, wat normaalweg van Roperstraat gebruik sou maak, verleen word.

In hierdie stadium was hierdie voorwaardes beginselbesluite en moes die voorgeskrewe prosedures gevolg word om die besluite deurgevoer te kry. Die skema moes geadverteer word en beswaarmakers moes die geleentheid kry om beswaar aan te teken teen die sluiting. Veral die feit dat die Stadsraad se besluit eenparig was en teenstrydig met die aanbevelings van sy Departement Stedelike Beplanning, waarin voorgestel is dat die straat versink moes word, het gevoelens teen die Stadsraad se besluit laat opvlam. Talle inwoners van die omgewing het hulle begin mobiliseer onder die vaandel van 'n inwonersorganisasie bekend as Aksie Brooklyn. Skole soos

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Pretoria Boys' High en Pretoria Girls' High was van die eerstes om hulle steun aan die beswaarmakers toe te sê. Minstens een raadslid van die Stadsraad het later laat blyk dat hy vir die sluiting gestem het as gevolg van koukusinstruksies, terwyl hy in wese gekant was teen die sluiting en die inwoners gelyk gegee het dat die Stadsraad die saak "gestoomroller" het. Die parlementêre realiteit van koukus-dissipline het nou ook 'n plaaslike realiteit geword in 'n party-politieke Stadsraad soos dié van Pretoria.

Om terug te kom tot die straatsluiting; die Universiteit was in die wolke dat die Stadsraad hom na 'n lang en bittere stryd tog bereid verklaar het om die straat deur die kampus te sluit. Dit sou die Universiteit daartoe in staat stel om sinvoller te beplan, rustiger en veiliger omstandighede op sy kampus te bewerkstellig ter bevordering van 'n akademiese atmosfeer en doeltreffender beheer oor toegange tot die terrein moontlik te maak. Die voorwaardes wat gestel is, het uiteraard 'n hele aantal implikasies ingesluit wat nie *prima facie* volledig geëvalueer kon word nie en wat eers verwys is na die Universiteit se konsultante om die volle omvang daarvan te peil en die Universiteit van raad te dien. Later is konsensus bereik tussen die Universiteit se amptenare en sy konsultante en nog later is 'n bespreking gevoer met die verteenwoordigers van die Stadsraad om onsekerhede oor die voorwaardes te besweer. Dit het op 30 Oktober 1990 plaasgevind en 'n ooreenkoms is bereik wat albei partye tevrede gestel het. Daar is onder meer besluit dat die Stadsraad self die aksie vir die sluiting sou hanteer en dat hersonering gelyktydig daarmee sou plaasvind. Die Universiteit het verder onderneem om die Stadsraad teen statutêre eise te vrywaar, maar indien dit sou blyk dat die omvang daarvan so groot is dat die Universiteit nie bereid en by magte sou wees om dit skadeloos te stel nie, hy hom die reg sou voorbehou om die hele proses te stop. Ná die oordrag van die eiendom sou hierdie risiko uiteraard verval. Die vereistes vir die opgradering van 'n bestaande straat in die omgewing ter vervanging van die funksie van Roperstraat vir deurverkeer moes tydsgebonde gemaak word. Die implikasies vir die registrasie van serwitute of die verskuiwing van dienste weens die straatsluiting is wedersyds aanvaar op voorwaarde dat die Universiteit vooraf van die verwagte koste verwittig sou word. Vrye deurgang deur die kampus vir voetgangers en fietsryers sou steeds moontlik wees, maar is onderworpe gestel aan redelike sekuriteitsmaatreëls soos wat deur die Universiteit as noodsaaklik geag word.

Gedurende Januarie 1991 is 'n aansoek vir die hersonering van die "Bestaande Straat" tot "Opvoedkundig" gedoen ten opsigte van die deel van Roperstraat tussen Lynnwoodweg en Prospectstraat - 'n oppervlakte van ongeveer 12 000 m^2. Statutêr is bepaal dat so 'n aansoek in die provinsiale koerant en twee plaaslike koerante bekend gemaak moes word. Dit is op 13 Februarie 1991 gedoen en die keerdatum vir besware was 13 Maart 1991.

Op 28 Februarie 1991 is daar by die superintendent-generaal van die Departement Onderwys en Kultuur aansoek gedoen om 'n ad hoc-toekenning van die staat se kant af om die koste te dek wat uit die straatsluiting sou voortspruit. Die bedrag is op R2 miljoen gestel. Later is R1,7 miljoen toegeken wat besonder baie vir die Universiteit beteken het in die heersende stram ekonomie.

Die beginselbesluit van 21 Junie 1990 om die straat te sluit het heftige besware van 'n hele aantal organisasies en skole in die omgewing ontlok. Talle redes is aangevoer waarom die straat nie gesluit behoort te word nie. Op 27 Maart 1991 is af-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

skrifte van al die besware wat ontvang is deur die stadsekretaris van Pretoria aan die Universiteit se konsultante vir hulle kommentaar gestuur.

Op 25 Junie 1991 is die beswaarmakers en die aansoeker deur die stadsbeplanningskomitee in die Raadsaal in Munitoria aangehoor. Tydens hierdie sitting, wat van 09:00 tot ongeveer 13:30 geduur het, is feitlik elke faset van die saak weer indringend heroorweeg. Positiewe aanbevelings is aan die Stadsraad voorgelê om die betrokke straatgedeelte permanent te sluit soos vroeër reeds inderdaad in beginsel besluit is.

Die Stadsraad het gevolglik aan die einde van Junie 1991 besluit dat die straat permanent gesluit word. Steeds was die posisie nie aanvaarbaar vir Aksie Brooklyn nie en het hulle geappelleer teen die Stadsraad se besluit en teen die hersonering van die straat tot "opvoedkundig". Dit was egter 'n saak tussen die inwoners en die Stadsraad waarby die Universiteit nie betrek is nie. Reëlings vir die voldoening aan die vereistes wat gestel is voordat die straat fisies gesluit kon word, is deur amptenare van die Universiteit in samewerking met amptenare van die Stadsraad getref. Binne die geledere van die Universiteit is daar met groot dankbaarheid en opgewondenheid uitgesien na die groot dag wanneer die straat na 'n onderhandelingsproses van meer as twintig jaar gesluit sou kon word. Dit het einde ten laaste op 24 Julie 1993 om 08:00 werklikheid geword.

Afsperrings is aangebring by Prospectstraat, Duxburyweg en Lynnwoodweg. Sodoende het die vernaamste implikasie van die langtermynplan wat in 1964 deur mnr. Brian Sandrock opgestel is en in Februarie 1965 deur die Universiteit as rigsnoer vir toekomstige ontwikkeling aanvaar is, gestalte gekry. Van die Universiteit se amptenare wat van die begin af die proses meegemaak het en daadwerklik daartoe bygedra het, het slegs mnr. Christo Coetzer oorgebly.

In 'n brief, gedateer 9 Augustus 1993, aan die amptenare en instansies wat tot die sluiting van Roperstraat bygedra het, het die Rektor, prof. P. Smit, onder meer die volgende geskryf:

> Ná omtrent twintig jaar se uitgerekte onderhandelings met die Stadsraad wat uitgeloop het op ondersoeke, opnames, verhore, beplanning en uiteindelik op voorwaardes waaraan voldoen moes word, het die groot dag vir die Universiteit op 24 Julie 1993 aangebreek toe Roperstraat fisies gesluit kon word. Dit was 'n kouerige oggend maar ek kan u verseker dat die paar amptenare van die Universiteit wat daar teenwoordig was saam met lede van die Rektoraat vervul was met 'n baie lekker gevoel van warmte toe ons die resultaat van baie jare se bloedsweet met trots en dankbaarheid kon aanskou. Wat 'n geskiedkundige geleentheid was dit nie!
>
> By hierdie groot geleentheid is dit dan ook gepas om hulde te bring aan elkeen wat langs hierdie lang pad op direkte en indirekte wyse 'n bydrae gelewer het tot die bereiking van hierdie belangrike mylpaal in die lewe van ons geliefde Universiteit en in belang van al sy huidige en toekomstige mense. Ongelukkig kon enkeles van hulle nie die pad end-uit saamgeloop het nie, maar hulle kan verseker wees dat hulle bydraes nie vergeet is nie. Daar is min twyfel dat die toekomstige geslagte in nabetragting met dankbaarheid sal terugdink aan 'n groep mense wat uit die moed van hulle oortuiging

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hierdie taak aangepak het en met die nodige ywer end-uit deurgevoer gekry het.

Hierdie straatsluiting stel die Universiteit nou in staat om voort te gaan met die beplanning van 'n Studentesentrum net noord van die Geesteswetenskappegebou waar dit in die hart van die kampus sal voldoen aan een van die Universiteit se grootste behoeftes.

Die Witbankkampus

Oor die jare het daar toenemend 'n behoefte ontwikkel by mense in voltydse betrekkings om hulle kwalifikasies te verbeter. Dit is hoe die Buitemuurse Afdeling ontstaan het. Die destydse Buitemuurse Afdeling het egter om verskeie redes, soos elders in hierdie publikasie uiteengesit, oorgeskakel na nauurse studie op die kampus en gevolglik is die grond en geboue van die voormalige Buitemuurse Afdeling verkoop. Vir baie potensiële studente was die voorreg van hierdie soort studie buite die kwessie omdat hulle op die platteland woon en dus nie in Pretoria kon kom studeer nie.

Hierdie toedrag van sake het daartoe gelei dat die Universiteitsowerhede op 18 Maart 1985 'n opdrag aan die Departement Bedryfsekonomie gegee het om die moontlikheid van 'n gedesentraliseerde nauurse opleidingsentrum in die Oos-Transvaal te ondersoek. Na 'n uitgebreide studie is daar op grond van vele faktore soos getalle, groeipotensiaal, tyd, afstand, koste, voor- en nadele, bereidwilligheid tot ondersteuning deur die privaat en openbare sektor, winsgewendheid, mededinging en bestaande en toekomstige markte aanbeveel dat 'n nauurse opleidingsentrum op Witbank gevestig behoort te word.

Spesiale nauurse onderrig in Oos-Transvaal is op 12 Augustus 1987 deur die Minister van Onderwys en Kultuur goedgekeur, maar was aan die volgende voorwaardes onderworpe: die goedkeuring sou voorlopig net twee jaar geld, waarna 'n finale besluit geneem sou word; indien, na twee jaar, besluit sou word om hierdie opleiding te staak, sou 'n uitfaseringstydperk van vier tot vyf jaar toegelaat word; die helfte van die getal studente op Witbank sou gereken word as deel van die studentegroei van die Universiteit omdat daar vroeër 'n beperking op die groei van universiteite geplaas is op grond van finansiële oorwegings in landsbelang; die maksimum getal studente op Witbank wat vir subsidiedoeleindes in berekening sou kom, is op 600 voorgraadse VE-studente (VE = voltydse ekwivalent) gestel; die uitbreiding op Witbank mog nie tot 'n satellietkampus lei nie; en geen addisionele kapitaalwerke mog in die vooruitsig gestel word nie; kursusse moes van so 'n inhoudelike aard wees dat dit nie ewe goed deur Unisa of 'n Technikon gehanteer sou kon word nie; en alle kursusse, grade en diplomas wat vir aanbieding op Witbank beoog is, moes ingevolge die here-ooreenkoms met Unisa vooraf deur die Minister goedgekeur word. Ten einde die Minister in staat te stel om twee jaar ná die aanvang van die projek finaal daaroor te besluit, moes 'n gedetailleerde verslag jaarliks aan hom voorgelê word met besonderhede oor onder meer die getal inskrywings in verskillende kursusse vir grade/diplomas, suksessyfers, die vorm van onderrig, studentesamestelling, finansiële implikasies en demografiese verspreiding van studente.

Onderhandelinge met die stadsklerk van Witbank het gelei tot 'n ooreenkoms waarvolgens die Stadsraad van Witbank sy ou munisipale gebou, wat in daardie stadium aan die privaatsektor verhuur was, tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gebou volgens die Universiteit se behoeftes in te rig en dit teen R4 000 per maand aan die Universiteit te verhuur. Daarbenewens het hy 'n skenking van R120 000 ná 1 Julie 1988 gemaak en R100 000 per jaar vir nege jaar aan die Universiteit beloof ter wille van die voordeel wat universiteitsopleiding vir die inwoners van Witbank en sy omgewing sou inhou. Die fasiliteite is met uitstekende samewerking van die personeel van die Stadsraad van Witbank ingerig.

Op 30 Oktober 1987 is daar met verteenwoordigers van die Stadsraad van Witbank ooreengekom dat die onderrigmodel so aangepas sou word dat dit die herinrig van die gebou so eenvoudig moontlik sou hou. Wat van meet af aan permanent behoort te wees, sou so ingerig word, maar die res sou plooibaar gehou word sodat by toekomstige behoeftes aangepas kon word. Na beredenering is ooreengekom dat 'n deel van die portaalarea in die dienstesaal van die gebou van die Stadsraad van Witbank deur die Universiteit as 'n uitstal- en reklamelokaal aangewend sou word en dat dit ook tydelik as kantoorruimte sou dien tot tyd en wyl die ou munisipale gebou betrek kon word. Die ou gebou is van die begin van Julie 1988 af heringerig sodat in die volgende behoeftes voorsien kon word: 'n administratiewe dienspunt; 'n teekamer; 'n sit/leeskamer vir dosente; kantore vir dosente; twee groot lesingsale; 'n biblioteek en 'n aantal seminaarkamers.

Die planne, hersonering van die eiendom, toestemmingsgebruik vir opvoedkundige doeleindes, argiteks- en ingenieursdienste is alles intern deur die Stadsraad van Witbank gereël en beskikbaar gestel. Meubels en toerusting is deur die Universiteit voorsien. Uitgawes vir krag, water, versekering, skoonmaakdienste, ensovoorts sou deur die Universiteit vereffen moes word.

Lesings is van die begin van 1989 aangebied in kursusse wat op die BCom-, BA- en BEd-grade gerig is. Verdere kursusse sou na behoefte oorweeg en, indien geregverdig, ingestel word. Dosente kom daagliks per motor van Pretoria. Hulle word ekstra vergoed vir die ongerief wat deur hierdie reëling meegebring word.

Die eerste studente op Witbank is op 3 Februarie 1989 verwelkom en die eerste lesings is reeds dieselfde aand aangebied. Die opleiding het so suksesvol verloop dat die eerste gradeplegtigheid op 3 Februarie 1990 in die Stadsaal van Witbank plaasgevind het toe daar BEd-grade aan vyf kandidate toegeken is. Op 26 Januarie 1991 is sewentien BEd-grade toegeken en op 25 Januarie 1992 is vyf BCom-, sewe BEd- en 31 BA-grade toegeken, onder andere aan die eerste studente wat uit die staanspoor daar studeer het.

Die studentegetalle was soos volg: 307 in 1989, 363 in 1990, 355 in 1991 en 335 in 1992.

Katjiepiering

Weens die lank gevoelde behoefte aan huisvesting vir vrouestudente, is gedeeltes van twee van die bestaande manskoshuise, Maroela en Mopanie, vir die huisvesting van damesstudente bestem. Aanvanklik was die uitgangspunt dat elke koshuis outonoom sou funksioneer, maar dat die bestaande infrastrukture soos ingangsportale, eetsaal, telefoon- en interkomstelsel, fietsloodse en parkeerterreine gedeel sou word. Die besture van die manskoshuise was egter nie daarvoor te vinde nie en hulle het daarop aangedring dat koshuise heeltemal apart funksioneer, dat geriewe (behalwe die eetsaal) nie gedeel word nie en dat woongedeeltes vir mans en vroue nie regoor mekaar geleë moet wees nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vanweë hierdie uiteenlopende standpunte het die Rektoraat op 28 Augustus 1990 besluit dat 120 bestaande plekke, by wyse van 'n vertikale verdeling, in elk van die twee manskoshuise Maroela en Mopanie van die begin van 1991 af vir die huisvesting van vroue ingerig sou word. Die Vaste Komitee van die Raad het op 4 Oktober 1990 die Rektoraat se besluit bekragtig dat die nodige infrastruktuur vir 'n vrouekoshuis, wat later "Katjiepiering" gedoop is, geskep word.

Die beskikbare tyd vir hierdie omvangryke stuk werk was baie beperk en is by wyse van 'n onderhandelde kontrak met mnre. Michielsen & Hofman op 15 Oktober 1990 aangepak en deurgevoer sodat die inwoners op 22 Januarie 1991 ontvang kon word. Mnre. Neethling, Labuschagne en Davidson was die argitekte. Die koste, meubels en toerusting ingesluit, het R782 000 beloop en later, vroeg in 1991, is ook twee stelle brandtrappe teen R107 000 aangebring. Finansiering het gekom uit die Koshuisfondskapitaalrekening, oftewel die reserwes wat met verloop van tyd uit surplusse opgebou is.

Hierdie besluit het in 'n hoë mate meegebring dat die groot tekort (ongeveer 500) aan inwoningsgeriewe vir vrouestudente verlig kon word deurdat die oorvoorsiening van ongeveer 150 plekke in die manskoshuise daarvoor aangewend is. Die samestelling van die eerste inwoners was sodanig dat agt huiskomiteelede, deur die Universiteit aangewys, 152 seniors en tagtig eerstejaars 'n totaal van 240 uitgemaak het.

Alhoewel die bouwerk nog nie voltooi was toe die koshuis betrek moes word nie, was die gees tussen die inwoners só goed dat hierdie redelik drastiese beleidsverandering spoedig geblyk het 'n groot sukses te wees. Tydens 'n luisterryke geleentheid op 4 Mei 1991 is Katjiepiering amptelik deur dr. Rina Venter, Minister van Gesondheid, in gebruik geneem.

Huis Magrietjie

Gedurende die vroeë sewentigerjare het die Universiteit se studentegetalle nog sterk gegroei -'n tendens wat reeds in die vroeë sestigerjare begin het. Gedurende die loop van 1977 is besef dat daar sonder te veel moeite nog driehonderd vrouestudente in koshuise gehuisves kon word. Daar is gevolglik 'n sterk motivering by die Staat ingedien met die oog op die verkryging van fondse deur middel van leningsmagtiging. In die beplanning wat hierop gevolg het, is daar toegespits op die ontwikkeling van drie of vier wooneenhede wat gesamentlik ongeveer duisend inwoners sou kon huisves met 'n gesamentlike eetsaal/kombuiskompleks.

Met die beplanning van koshuisinwoning bly dit altyd 'n uitdaging om uit die foute van die verlede te leer en met die behoeftes en tendense van die tyd tred te hou. By wyse van vraelyste is vasgestel dat die algemene opinie was dat die woonstel (of groepskonsep) soos in die geval van Huis Erika en Huis Madelief, voorkeur behoort te geniet aangesien dit 'n groter mate van huislikheid bied. Hierdie huislikheid is bewerkstellig deur die kamers in groepies van ses te rangskik om 'n gesamentlike meerdoelige vertrek wat kon dien as kuierplek, waar versnaperings voorberei en gestryk kon word. 'n Gesamentlike badkamer en toilet is ook vir elke groepie voorsien. Alhoewel die boukoste per inwoner vir hierdie soort ontwerp effens hoër is as vir 'n konvensionele koshuis, het die Universiteit tog ten gunste daarvan besluit.

Huis Magrietjie is in Januarie 1982 voltooi. Die koshuis huisves 324 studente in groepies van ses. Daar is ses groepies per verdieping en nege woonverdiepings. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

boukoste het ongeveer R4,5 miljoen beloop. Die argitek was mnr. Brian Sandrock en die boukontrakteur mnre. Stocks & Stocks (Edms.) Bpk.

Tuksdorp

Weens die voortdurende behoefte aan huisvesting, die hoë koste van behuising, finansieringsprobleme, die behoefte aan groter selfstandigheid van inwoners en meer ekonomiese behuising, het die Vaste Komitee van die Raad, wat as Dagbestuur optree, op 3 Junie 1992 besluit dat voortgegaan moes word met die beplanning en bou van 'n studentedorp wat as Tuksdorp bekend sou staan. Tuksdorp is geleë in Hatfield in die straatblok ten weste van die Hatfield-bakkery en word begrens deur Suid-, Grosvenor- en Prospectstraat. Sewentien erwe is gekonsolideer tot een terrein van 22 968 m². Die sestien bestaande woonhuise is behou en 'n verdere elf dubbel- en twee enkelverdiepinggeboue is tussen die bestaande huise ingepas.

Al die nuwe geboue se uitleg is wesenlik dieselfde en bestaan uit 'n eetkamer/kombuis/sitkamer vir groepies van agt, slaapkamers met 'n wasbak in elke kamer en gesamentlike ablusiegeriewe per vier kamers. Die nuwe geboue huisves 192 studente en het sowat R6,1 miljoen gekos. Twee van die ou huise is reeds opgeknap en die ander sal ook mettertyd heringerig word. Toe dit blyk dat die boutermyn te kort was om al die werk afgehandel te kry, is op die binnewerk gekonsentreer sodat die eenhede ten die begin van 1993 betrek kon word. Die argitek was mnr. Willie Oosthuizen van die firma Vermooten, Du Plooy & Oosthuizen. Die konsep van woonverdigting in 'n verouderende woongebied is deur die Stadsraad verwelkom.

Koshuisadministrasie en kafeteriadienste

Die Afdeling Koshuisadministrasie en Kafeteriadienste wat deel is van die Departement Fasiliteite Beplanning en Bedryfsadministrasie, is verantwoordelik vir die voorsiening van bekostigbare huisvesting van 'n goeie gehalte aan 'n sekere komponent (tans ongeveer 20%) van die Universiteit se voor- en nagraadse studente, persone wat die Universiteit vir korter of langer termyne besoek (byvoorbeeld gasdosente en navorsers) en besoekersgroepe wat kongresse, simposia, kortkursusse, ensovoorts bywoon. Net so belangrik is die voorsiening van gebalanseerde etes aan koshuisinwoners en besoekersgroepe deur middel van aanstelling van bekwame private kontrakteurs vir restaurante en kafeterias aan die breë studentegemeenskap en personeellede van die Universiteit.

Die beskikbaarheid, al dan nie, van akkommodasie en voedsel het 'n direkte invloed op die Universiteit se vermoë om studente, besoekersgroepe en ander gaste te "trek". Dié afdeling lewer dus 'n primêre steundiens aan die Universiteit en veral dan ook aan die akademiese lynfunksie.

Omvang van fasiliteite en aktiwiteite

Einde 1992 het die Afdeling agt dameskoshuise met 21 annekse gekoppel, ses manskoshuise, en een koshuis waarin beide mans en dames gehuisves word, naamlik Huis Onderstepoort, bedryf. Die koshuise word deur agt kombuis- en eetsaalkomplekse bedien. In die betrokke koshuise en annekse word huisvesting aan 4 247 studente (2 627 dames en 1 620 mans) voorsien.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die bedryfsbegroting vir koshuise, wat op 'n gelykbreekbasis opgestel word en wat uit losies- en etegelde finansier word, het in 1992 R19 798 975 bedra.

In 1992 is aan 339 studente wat gedurende resestye aan sporttoernooie deelgeneem het in die betrokke vyftien koshuise huisvesting verskaf, asook aan 348 skoliere en 3 560 akademici en ander persone wat gedurende semester- en resestye verskillende kongresse, simposia en kursusse bygewoon het. Daar is ook 1 472 middagetes voorsien aan konferensiegangers wat nie ingewoon het nie, terwyl dinees vir altesame 780 gaste aangebied is.

In 1992 is daar, uitgesluit etes vir besoekersgroepe en dinees, 1 294 158 etes in die agt eetsale aan koshuisinwoners bedien. Dit impliseer dat daar ongeveer 5 000 etes per "koshuisdag" voorberei en bedien is.

Teen die einde 1992 het die personeelkorps van die Afdeling 335 getel, waarvan 320 direk by die lewering van voedsel- en skoonmaakdienste in die koshuiskomplekse betrokke was, vier by die lewering van vakkundige advies en die uitoefening van vakkundige beheer met betrekking tot voedsel- en huishoudelike dienste, twee by die lewering van tegniese onderhoudsdienste en nege by bestuurs- en administratiewe dienste ten opsigte van die koshuiskomplekse, eenhede vir informele huisvesting, gaste-akkommodasie en kafeterias/restaurante.

'n Interessante ontwikkeling met betrekking tot die voorsiening van akkommodasie aan studente was die inrig van 'n aantal kleiner, informeler eenhede vir die huisvesting van oorwegend buitelandse en nagraadse studente asook studente van ander bevolkingsgroepe. Dit is gedoen deur die boonste verdieping van Huis-en-Haard só te omskep dat dit agtien studente kan huisves. Die proses is daarna voortgesit deur woonhuise wat universiteitseiendom is op soortgelyke wyse te omskep ten einde studente daarin te huisves. Tot en met die einde van 1991 is sewe woonhuise vir dié doel ingerig. Ingesluit Huis-en-Haard kan sestig studente op dié wyse gehuisves word. 'n Verdere vyf woonhuise is aan die begin van 1992 vir die huisvesting van nog 28 studente omgeskep en teen die einde van 1992 is begin met die omskepping van 'n verdere drie woonhuise vir die huisvesting van 'n addisionele agtien studente met die oog op 1993. Die populariteit van dié tipe studentehuisvesting het daartoe gelei dat die Universiteitsowerhede in 1992 besluit het om 'n hele blok, begrens deur Duncan-, Suid-, Prospect- en Grosvenorstraat, waarin al die woonhuise Universiteitseiendom is, in 'n "dorpsgebied" vir die doeleindes van huisvesting van studente op 'n informele basis te ontwikkel. Die bestaande woonhuise in die betrokke blok is behou en 'n verdere elf dubbelverdiepingeenhede en twee enkelverdiepingeenhede, elk waarin onderskeidelik sestien en agt studente gehuisves kan word, is tussen die woonhuise opgerig. Tuksdorp, wat aan die begin van die akademiese jaar 1993 vir gebruik gereed was, maak vir die huisvesting van 264 senior studente voorsiening. (Tuksdorp word elders vollediger behandel.)

Daar is oor die afgelope aantal jare aansienlik meer akkommodasie vir gaste van die Universiteit beskikbaar gestel. Tans word tien enkelwoonstelle (ses in Akademia, twee in Makwassie en twee by Prospectstraat 1118), vier dubbelwoonstelle (een in Makwassie, een by Prospectstraat 1118 en twee by Suidstraat 1134) en vier "gastehuise" vir dié doel aangewend. In 1992 is 196 buitelandse en plaaslike besoekers aan die Universiteit in dié eenhede gehuisves.

Daar is nege kafeterias/restaurante op die verskillende kampusse van die Universiteit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wat deur sewe privaat kontrakteurs bedryf word. Die kafeterias/restaurante is geleë van die Witbankkampus sportterrein, hoofkampusse, mediese kampusse, Kalafonghospitaal tot die Fakulteit Veeartsenykunde by Onderstepoort.

Wetenswaardige ontwikkelinge in die bedryf van koshuise

Voedselvermorsing as gevolg van die feit dat koshuisinwoners nie al hul etes kan/wil nuttig nie, was deur die jare 'n groot probleem. In die soeke na 'n oplossing vir hierdie probleem is tot die gevolgtrekking gekom dat die benutting van rekenaartegnologie waarskynlik die beste oplossing sou bied. Rekenaarstelsels, waarvolgens etes vooraf deur inwoners bespreek kan word, is intensief ondersoek en vroeg in 1987 is besluit om 'n stelsel aan te koop. Die aanvanklike installeringskoste van die stelsel was ongeveer R337 000. Die totale koste van die stelsel tot op datum bedra ongeveer R600 000. Dit sluit die aanvanklike installeringskoste, opgradering van apparatuur en programmatuur en instandhoudingskoste in.

Die besprekingstelsel, wat as die "Betaal-soos-jy-eetstelsel" bekend staan, is in Oktober 1987 op 'n proefbasis geïnstalleer. Die apparatuur het bestaan uit een beheerrekenaar, veertien bespreekpunte waar studente vir etes kon bespreek, nege kombuisrekenaars waar etebesprekings bepaal, genuttig en uitstaande etes deurlopend gemonitor kan word en dertien eetpunte by die dienslyne. Daar is sedertdien 'n addisionele beheerrekenaar as rugsteun bygevoeg, 'n lêerbediener vir die berg van data en een bespreekpunt vir die jongste dameskoshuis, Huis Katjiepiering.

Die "Betaal-soos-jy-eetstelsel" is, na die suksesvolle verloop van die proefperiode, ten volle in Januarie 1988 geïmplementeer en in bedryf gestel. Tot en met 1987 is 'n allesomvattende losiestarief wat voorsiening gemaak het vir beide die koste van inwoning en voedsel, ten opsigte van koshuisverblyf betaal. Die implementering van die "Betaal-soos-jy-eetstelsel" het meegebring dat losiesgelde in twee komponente, naamlik 'n verblyftarief en 'n komponent vir voedsel verdeel is. Die voedselkomponent van die jaarlikse losiesgelde word bepaal op grond van die gemiddelde etebywoning van die onderskeie groepe koshuisinwoners nl. mans, dames en inwoners van Huis Onderstepoort oor die voorafgaande aantal jare. Daar is vasgestel dat etebywoningspatrone, op 'n jaarbasis bereken, weinig wissel en dat 'n voorsiening vir 'n etebywoning van ongeveer 45% deur dames, 60% deur mans en 47% deur inwoners van Huis Onderstepoort (dames en mans) voldoende is. Die persentasie etebywoning word egter jaarliks vir die volgende jaar herbereken en, indien nodig, aangepas. Sedert die implementering van die stelsel, bespreek koshuisinwoners vooraf vir hul etes. Etes kan bespreek en etebesprekings gewysig word tot 23:00 die vorige aand. Spyskaarte wat op 'n vierweeklikse basis herhaal word, word by die bespreekpunte vertoon wat meebring dat inwoners vooraf kennis dra van die samestelling van 'n ete wat bespreek word.

Die basiese losiesgelde vir 1992 wat 'n etegeldtoekenning van R1 077 vir dameskoshuise, R1 715 vir manskoshuise en R1 418 vir inwoners van Huis Onderstepoort insluit, was soos volg: dameskoshuise: R4 327 per jaar; manskoshuise: R5 078 per jaar; Huis Onderstepoort: R4 618 per jaar. Porsiegroottes vir mans en dames verskil en dit bring verskillende etetariewe mee. Oorblywende etegelde aan die einde van elke jaar, indien enige, word aan die betrokke koshuisinwoners terugbetaal.

Die "Betaal-soos-jy-eetstelsel" het deur die jare aansienlike besparings vir koshuisin-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

woners meegebring aangesien die vermorsing van voedsel daardeur byna heeltemal uitgeskakel is. Slegs bespreekte etes word voorberei met die gevolg dat die enigste werklike "vermorsing" meegebring word deur bespreekte etes wat nie genuttig word nie. Volgens raming sou die voedselkoste, vir al die koshuise vir 1992, R2,6 miljoen hoër gewees het indien die stelsel nie geïmplementeer is nie. Dit kom neer op 'n addisionele bedrag van ongeveer R612 per koshuisinwoner per jaar.

In Julie 1992 is daar begin met die installering van 'n stelsel waarvolgens toegang tot die slaapkwartiere by dameskoshuise slegs verkry kon word deur middel van 'n deur/hek wat per magneetkaart ontsluit word. Dié sekuriteitstelsel word rekenaarmatig beheer deur dieselfde stelsel as dié wat vir die doeleindes van die "Betaal-soos-jy-eetstelsel" geïmplementeer is. Dit het groot besparings meegebring aangesien dit nie nodig was om hardeware te dupliseer nie. Verder word die databasis van die "Betaal-soos-jy-eetstelsel" en die studentekaarte wat reeds vir etebesprekingsdoeleindes gekodeer is vir elke koshuiskompleks ook vir die sekuriteitstelsel benut.

Die opening aan die begin van die akademiese jaar van 1991 van Huis Katjiepiering, die eerste en enigste dameskoshuis op die manskoshuisterrein, was beslis 'n hoogtepunt. Dié koshuis is tot stand gebring deur een derde elk van die twee aangrensende manskoshuise, Huis Maroela en Huis Mopanie, "af te sny" en in 'n volwaardige dameskoshuis waarin 240 damestudente gehuisves word, te omskep. (Huis Katjiepiering word elders volledíger behandel.)

Terreininstandhouding

In die vorige twee uitgawes van *Ad Destinatum* word weinig of geen aandag aan die Afdeling Terreine en Geboue gegee. Die Afdeling Terreine en Geboue het gedurende 1972 uit die Tegniese Afdeling ontwikkel en het onder meer uit vier onderafdelings bestaan, naamlik Geboueskoonmaakdienste, Terreinonderhoud, Sekuriteit/ Verkeerbeheer en Bantoe-administrasie.

Met die totstandkoming van die Afdeling was mnr. P.H.S. van Zyl die hoof en is die Afdeling in 'n grasdakwoning reg oos van die huidige Dierkundegebou gehuisves. Die onderafdeling Geboueskoonmaakdienste was hoofsaaklik verantwoordelik vir die skoonmaak van geboue, terwyl die onderafdeling Terreine hoofsaaklik vir die verbetering en instandhouding van tuine en grasperke, asook die L.C. de Villiers-sportterrein verantwoordelik was. Die terreine was verdeel in vier afdelings, naamlik die Hoofkampus wat ook die Prinshof-kompleks ingesluit het, die Ooskampus, ook bekend as die Dameskoshuisterrein, die Manskoshuisterrein en die L.C. de Villiers-sportterrein.

Daar is reeds in 'n vroeë stadium 'n "plaaswerf" op die sportterrein geskep waar die implemente en trekkers vir die sportterrein geberg is. Hierdie "plaaswerf" is in 'n sinkskuur gehuisves wat suid van die huidige atletiekbaan opgeslaan is. Daarná is begin met die oprigting van die huidige permanente plaaswerf wat gedurende Desember 1975 in gebruik geneem is.

Die Afdeling het geleidelik gegroei en uitgebrei. Aan die begin van 1975 is 'n ontwikkelingspan op die been gebring en is kleinere konstruksiewerk ook onderneem, byvoorbeeld die uitlê van paadjies en ander kleiner betonwerk. Daar is ook begin met die uitlê van nuwe tuine namate die geboue op die Universiteitspersele verrys het.

Later het nog 'n been uit die Afdeling tot stand gekom, naamlik Kampusparaatheid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gedurende 1976 is die parkeerskyfiestelsel en gedurende 1982 die ID-kaartstelsel vir personeel en studente ingestel. As gevolg van die parkeerskyfiestelsel en gepaard daarmee die parkeerboetestelsel en die ID-kaartstelsel het die administratiewe werk in só 'n mate toegeneem dat 'n Administratiewe afdeling sy beslag gekry het.

Aangesien die onderafdeling Terreine ook verantwoordelik is vir plantdekorasies gedurende promosieplegtighede en tydens amptelike funksies van allerlei aard, is daar begin met 'n kwekery vir die kweek van sierplante.

Personeel: Dienswerkers

Bantoe-administrasie, later bekend as Personeel: Dienswerkers, was hoofsaaklik gemoeid met die indiensneming, bedankings en ontslag van dienswerkers, asook die hantering van lone, voedselvoorsiening en verskaffing van beskermende kleding vir dienswerkers.

Met die ontwikkeling van die L.C. de Villiers-sportterrein en die oorname van Veeartsenykunde en die Proefplaas gedurende 1973/1974, het dit gelei tot 'n vermeerdering van die totale werkerstal (ongeveer 900 werkers).

Aan die begin van 1974 is die berekening van lone gerekenariseer, dog steeds in kontant aan werkers uitbetaal.

Gedurende 1980 is ondersoek ingestel na die organisatoriese indeling van die Afdeling. Ná deeglike oorweging het die Topbestuur besluit dat Personeeldienste vanaf 1 Julie 1981 as volwaardige afdeling onder die Adjunkregistrateur: Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie sou inskakel. Hierdie Afdeling is sedertdien na die Departement Personeel oorgeplaas.

Sekuriteit/Verkeerbeheer

Die primêre taak van die onderafdeling Sekuriteit/Verkeerbeheer, later tot Kampusbeheer herdoop, was om sekuriteitsmaatreëls toe te pas en uit te brei, verkeer te beheer en parkeerboetes vir parkeeroortredings op te lê. 'n Verkeershof is ook later in die lewe geroep.

Met die toename in moontlike noodsituasies enkele jare gelede is gemeen dat sekuriteit van kardinale belang is en daarom direkte skakeling met die Topbestuur behoort te hê. Gedurende 1987 het Kampusbeheer as 'n afsonderlike afdeling sy beslag gekry en word verantwoording regstreeks aan die Viserektor: Bestuursdienste gedoen. Die uitreiking van ID-kaarte wat ook as 'n sekuriteitsmaatreël gesien is, is ook onder beheer van Kampusbeheer geplaas.

Parkeerskyfies, parkeerboetes en die Verkeershof het egter nog onder die Afdeling Terreine en Geboue geressorteer, maar is gedurende 1989 ook onder die beheer van Kampusbeheer geplaas.

Terreine

Naas die instandhouding, verbetering en uitleg van al die tuine en sportvelde is die Afdeling Terreine en Geboue ook vir ander projekte verantwoordelik soos die Hartebeestspruit-arboretum, Universiteit van Pretoria (HAUP) en is die Afdeling ten nouste betrokke by die fisiese behoeftes van die Joolplaas soos gestel deur die Joolkomitee. Verder was die Afdeling betrokke by groot konstruksiewerke, byvoorbeeld die aanlê van nuwe sportvelde, die giet van betonoppervlakte op parkeerareas, ensovoorts. Hiervoor was die Universiteit vroeër geheel en al aangewese op privaat kontrakteurs en is aansienlike uit-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gawes aangegaan om die take afgehandel te kry. Met die inwin van tenders vir die voorsiening van betonparkeeroppervlaktes by die dameskoshuise, Magrietjie en Madelief, is besluit om die werk self te onderneem teen 'n aansienlik laer koste. 'n Betonmenger is aangekoop en op 25 Junie 1982 is met die werk begin. Die parkeerterrein is op 5 Augustus 1982 voltooi waarna ook ander parkeerterreine gevolg het. Hierdie stap het die wiel as't ware aan die rol gesit. Die Afdeling Terreine en Geboue het onder meer parkeerterreine en sportvelde aangelê en fietsloodse, verbindingspaaie en afdakke gebou.

Hartebeestspruit-arboretum, Universiteit van Pretoria (HAUP)

Die gedagte om 'n arboretum (boomtuin) op die oewer van die Hartebeestspruit te ontwikkel het in twee totaal afsonderlike oorde ontstaan.

Aan die een kant het mev. N. Smuts, die vrou van mnr. M. Smuts, destyds Registrateur: Finansies, op 5 Junie 1972 die Pretoriase première van die vertoning "Die mens en sy omgewing" bygewoon. Ná afloop van die vertoning het sy aan mnr. Smuts voorgestel dat die Universiteit die Hartebeestspruit as eie projek ontwikkel. Kort hierná, op 26 Julie 1972, het prof. H.P. van der Schijff, destydse Hoof van die Departement Algemene Plantkunde, vertoë tot die Topbestuur gerig dat sy Departement verantwoordelikheid aanvaar vir dié gedeelte van die spruit wat deur die Proefplaas vloei en dat hulle toestemming kry om 'n arboretum en botaniese tuin daar te ontwikkel in ruil vir die terrein waar die Tegniese Dienstegebou vandag staan.

Op 'n vergadering van 13 September 1972 het die Universiteitsraad goedkeuring daartoe verleen dat die oewers van die Hartebeestspruit wat oor die Proefplaas vloei, insluitend die gedeelte noord van die spoorlyn as 'n arboretum, botaniese tuin en ontspanningsterrein ontwikkel en verfraai kon word. Hierdie tuin strek tot in die aangrensende sportterrein en vorm 'n deel daarvan. Die komitee wat benoem is om die projek te beplan en deur te voer, het uit die volgende persone bestaan: mnr. Martin Smuts, Registrateur: Finansies (Voorsitter); prof. H.P. van der Schijff, Hoof: Departement Algemene Plantkunde; prof. P.J. Robbertse, Departement Algemene Plantkunde en mnr. Brian Sandrock, Raadgewende Argitek van die Universiteit.

Na aanleiding van die Raadsbesluit het die Beheerkomitee op 23 November 1972 vir die eerste keer vergader waartydens 'n reglement saamgestel is wat onder meer die doelstellings van die projek uiteengesit het. Hierdie doelstellings is onder meer die ontwikkeling en verfraaiing van die oewers van die Hartebeestspruit oor Universiteitsterreine, om veral inheemse plante aan te plant vir onder andere ook die opleiding en navorsing vir die Departement Plantkunde, om 'n mooi groot ontspanningstuin vir die personeel en studente te ontwikkel en om so spoedig moontlik die ontwikkeling van die Colbynvallei aan te pak en die moerasgebied sover moontlik te bewaar.

Die Beheerkomitee is in 1979 tot ses lede uitgebrei, naamlik mnr. M. Smuts, Direkteur: Fasiliteitebeplanning en Bedryfsdienste (Voorsitter); prof. D.M. Joubert, Viserektor; prof. A.P. Burger, Raadgewende Argitek; prof. H.P. van der Schijff, Dekaan: Fakulteit Wis- en Natuurkunde; prof. N. Grobbelaar, Hoof: Departement Plantkunde, en prof. P.J. Robbertse, Departement Plantkunde.

Op 13 Desember 1972 is die eerste sooi gespit en 'n begin met die projek gemaak. Teen die einde van Januarie 1973 is die skoonmaak van die spruitbodem, oprui-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ming van rommel en vullishope, asook die opvul van dongas noordoos van die gronddam (Uitspandam) voltooi.

Na lang beraadslaging met ingenieurs is besluit om die gronddam tot sy huidige grootte te vergroot en teen September 1974 was die projek afgehandel. (Kyk foto van Uitspandam.)

Teen 1981 was 1 256 bome en 1 600 struike op die Hartebeestspruitterrein gevestig.

Op 10 Oktober 1980 is, as deel van die 50-jarige feesvieringe van die Universiteit, tien anabome, ses vaderlandswilgers, ses witstinkhoutbome, drie wildeperskebome en vyf olienhoutbome deur onder andere die Kanselier, Voorsitter van die Raad, Ondervoorsitter van die Raad, Rektor, ses Topbestuurslede, twaalf Dekane, vyf Direkteure, asook die Binnemuurse VSR-voorsitter, Buitemuurse VSR-voorsitter en die VSR-voorsitter van 1980 geplant.

Gedurende 1979 is 'n trimbaan ook op die oewer van die spruit uitgelê. Kort ná die ingebruikneming van die nuwe Sportsentrum op 21 Oktober 1983 is 'n begin gemaak met die uitlê en bou van die Paul van Zyldam. Die dam, 'n ware sieraad vir die oog, is vroeg in 1984 voltooi (kyk foto). Gedurende 1985/1986 is die ou Proefplaasdam suid van die Paul van Zyldam tot sy huidige grootte vergroot. Die grond wat beskikbaar geword het met die bou van die Paul van Zyldam is vir die beheuweling van die terrein noord van die Sportsentrum en vir die afwerking van die oewers van die Proefplaasdam aangewend.

Tydens 'n Raadsvergadering is besluit dat die Colbynvallei, wat deel van HAUP uitgemaak het, aan die Stadsraad van Pretoria geskenk sou word, onder meer in ruil vir die afstanddoening deur die Stadsraad van sy serwituut oor die driehoekterrein waar die Technopark tans ontwikkel word. (Die Technopark word elders breedvoeriger behandel.) Die gede elte tussen Lynnwoodweg en die spoorlyn sal nog behoue bly en verder ontwikkel word.

Jool

Soos reeds gemeld, is die Afdeling Terreine en Geboue ook intensief betrokke by die studente se Jool. Vir 'n hele paar jaar, tot die einde van 1982, het joolaktiwiteite op die terrein noord van die manskoshuis Huis Olienhout plaasgevind. Die Afdeling Terreine en Geboue het elke jaar die betrokke terrein vir die duur van die jool omhein sodat toegangsbeheer toegepas kon word. Hierdie reëling het elke jaar veel tyd en arbeid in beslag geneem, aangesien die heining en strukture ná afloop van die jool weer verwyder moes word. Probleme is ook ondervind met die voorsiening van tydelike toiletgeriewe vir die massas besoekers aan die joolplaas, tot 6 000 mense per aand.

Die studente se jaarlikse joolaktiwiteite word ook voorafgegaan deur 'n proses van vlotbou wat binne 'n bepaalde tyd afgehandel moet word. Dit lei tot 'n deurnag werkery en gaan gewoonlik gepaard met groot getalle ondersteuners by elke groep wat hulle werkers met musiek en op ander maniere bystaan. Dit gee later 'n taamlike lawaai af wat lei tot klagtes van omliggende huisbewoners en het selfs tot botsings met die gereg gelei. Selfs tydens joolopvoerings is die musiek soms oorverdowend wat ook dikwels die bewoners geantagoniseer en selfs gelei het tot klagtes van ander studente in nabygeleë koshuise wat wou studeer. Dit het dikwels tydens jooltyd gereën en met die groot getal besoekers is die terrein tot een groot moddermassa getrap. Hierdie moddermassa het natuurlik gelei tot verdere studentepret soos span modderstoei, toutrek, glybane, ensovoorts.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ten einde voorgemelde lawaai en die verkeersprobleme te beperk, asook om elke groep vlotbouers 'n min-of-meer gelyke kans te gun in die vlotbouproses, is alternatiewe terreine oorweeg met die oog op die voorsiening van 'n meer permanente joolplaas en vlotboupersele met permanente strukture. Twee terreine is vir dié doel oorweeg, naamlik die Colbynvallei noord van die Witbanksnelweg en die gebied noord van die sportgronde tussen die M, N en O rugbyvelde en die spoorlyn. Op 18 November 1982 het die Raad besluit op laasgenoemde terrein en daar is onverwyld 'n aanvang gemaak met die oprigting van 'n betonomheining om die joolplaasarea en 'n diamantmaasdraadomheining om die vlotbou-area. Kragpunte en betonblaaie is ook op die vlotbou-area voorsien. Daar is ook onverwyld begin met die bou van 'n bergruimte, 'n kombuis en 'n dansvloer waar sowat 120 pare kan dans. 'n Verhoog met voldoende kragpunte vir 'n orkes is ook gebou. Hierdie geriewe is tydens jool in Maart 1983 in gebruik geneem. 'n Tydelike biertuin en kroningsverhoog moes egter nog vir dié geleentheid opgerig word.

Na afloop van die jool in Maart 1983 is 'n aanvang gemaak met die oprigting van 'n permanente kroningsverhoog met 'n groot halfmaanvormige skuins wal waar 'n groot getal toeskouers (nagenoeg 3 000) die verrigtinge kon gadeslaan. Benewens die kroningsplegtigheid tydens jool bied dit ook deur die jaar 'n gerief vir vele ander doeleindes soos massa byeenkomste, uitvoerings, vergaderings, ensovoorts. Die terrein word ook beskikbaar gestel aan studentegroepe vir vleisbraaie, sokkiejolle en ander byeenkomste.

Na voltooiing van die permanente kroningsverhoog is permanente strukture vir 'n biertuin gebou. Dit is in die vorm van twee afdakke met trôe vir ys aan die oostekant en permanente toonbanke aan die westekant. Die fasiliteite vir die biertuin is ook omhein met 'n betonheining wat 2,6 m hoog is. Hierdie werk is teen die middel van 1986 afgehandel. Gedurende 1987 is die fasiliteite vergroot en is die betaalhokkies en toegangshekke aan die suidekant ook opgerig.

Omdat die joolkomiteelede elke jaar wissel en elke komitee eie inisiatief aan die dag lê met joolrekenings en joolprojekte, word versoeke vir take gedurig van hulle ontvang. Gevolglik duur die proses van uitbreiding waarby die Afdeling Terreine en Geboue betrek word steeds voort.

Argeologiese opgrawings te Mapungubwe

Sedert 1988 het die Afdeling Terreine en Geboue betrokke geraak by take wat verrig moes word by die argeologiese opgrawingsgebied op die plaas Greefswald, ongeveer 80 km wes van Messina langs die Limpoporivier.

Na afloop van 'n besoek op 21 April 1988 deur die Rektoraat aan die gebied, het 'n versoek van prof. R.D. Coertze, Hoof van die Departement Argeologie, gekom om hulp met die skoonmaak en beskerming van 'n profielgat aan die voet van Mapungubwekop, asook die afwerking, skoonmaak en opvulling van twintig opgrawingsgate op die betrokke terrein. Met 'n besoek op 29 Junie 1988 deur prof. R.D. Coertze, mnr. P.H.S. van Zyl en mnr. J. van der Merwe aan die gebied, is 'n volledige opname van die take gedoen.

Prioriteite is bepaal en aangesien die omvang van die werk so groot was, is dit verdeel in fases wat oor ongeveer vier jaar gedurende die wintervakansies aangepak sou word. Op 17 Julie 1988 het die eerste span, bestaande uit vyf blankes en agt dienswerkers vir een week na die gebied vertrek. Gedurende daardie week is die profielgat afgewerk en opgeruim en aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

drie wande met 'n betonmuur van 3,5 meter hoog beskerm. 'n Afdak van 6 m x 9 m is bo-oor die gat opgerig. Vier ander gate is afgewerk, skoongemaak, die vloere van 'n laag riviersand van 75 mm dik voorsien en die wande met sand-sakkies, gevul met 'n sand- en sementmengsel, uitgelê. Daarna is die gate opgevul.

Die tweede fase wat die aanbring van 'n lae muur om die profielgat om die invloei van water te bekamp, die aanbring van 'n staalraam met voëltjiedraad bo-oor die gat en verdere afwerking en opvul van vier gate behels het, is gedurende die week van 16 tot 24 Julie 1989 aangepak. Tydens hierdie besoek is kennisgewingborde ook by die profielgat en 'n afsonderlike opgrawingsgebied, bekend as K2, opgerig.

Tydens 'n derde besoek in Mei 1991 is voorbereiding getref vir die aanbring van 'n gedenkplaat en die plaatembleem deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede by die profielgat. Tydens 'n kort seremonie op 7 Mei 1990, waartydens onder andere lede van die Raad, Rektoraat en die media teenwoordig was, het die Visekanselier en Rektor, prof. D.M. Joubert, die gedenkplaat onthul.

Die laaste fase is gedurende Julie 1991 voltooi. Dit het bestaan uit die opvul van al die oorblywende gate en die toegooi van 'n 30 meter lange klipmuur bo-op Mapungubwekop.

Die plaas is in 1992 deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie (Afdeling Natuurbewaring) van die Departement van Verdediging oorgeneem en die mate waarin die Universiteit van Pretoria by verdere verwikkelinge te Greefswald betrokke sal wees, sal van onderhandelinge tussen die twee partye afhang.

L.N. Boshoff, J.C. Coetzee,
D.J. Verster, C. Smit,
H.J. Meyer en G.C.O. Scholtz

TEGNIESE DIENSTE

Personeel

In Desember 1970 is dr. D.E. Basson as Assistent Tegniese Adviseur aangestel.

Intussen is 'n nuwe pos, naamlik Direkteur: Tegniese Dienste, as hoof van die afdeling, geskep en is dr. Basson daarin bevorder. In 1991 is mnr. P.J. Strachan as Tegniese Adviseur aangestel om die Direkteur: Tegniese Dienste by te staan.

Dienslewering

Teen 1992 het die omvang van werksopdragte op ongeveer 25 000 per jaar te staan gekom. Die werk wat deur die Afdeling Tegniese Dienste gedoen is, was hoofsaaklik onderhoudswerk, maar hulp is ook met die bou van spesiale navorsingsapparaat verleen. Die aktiwiteite van die Afdeling het veral as gevolg van die omvangryke bouprogram aansienlik toegeneem. Hulp van buitekontrakteurs was nodig om die werklas te hanteer.

Dienslewering moes met moderne behoeftes tred hou en die gebruik van tweeringtingradios speel in hierdie verband 'n belangrike rol. 'n Uitgebreide, voorkomende instandhoudingstelsel is geïmplementeer om veral die gebruiksperiode van toerusting en geboue te verleng.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die omvang van bystandsdiens en die groot getal alarms, soos dié vir kragonderbrekings, oorstromings en hoë temperature, asook noodalarms, het die installering van 'n omvattende gebouebeheerstelsel tot gevolg gehad. Ongeveer 700 verskillende alarms word 24 uur per dag gemonitor.


'n Volwaardige raadgewende elektriese ingenieursdiens word deur die Afdeling Tegniese Dienste gelewer ten opsigte van nuwe projekte wat vir die Universiteit van Pretoria beplan word.

Die motorvoertuigvloot staan tans op ongeveer 350.

D.E. Basson

KAMPUSBEHEER

Die Afdeling Kampusbeheer het as onderafdeling van die Afdeling Terreine en Geboue gefunksioneer totdat dit op 1 Desember 1987 as 'n onafhanklike afdeling sy beslag gekry het.



Mnr. Yssel Venter, Direkteur: Kampusbeheer, sedert 1 Nov. 1988.

Met die afstigting van Kampusbeheer op 1 Desember 1987 is besluit dat die Afdeling Terreine en Geboue steeds vir die Verkeersfunksies, naamlik die beheer van parkeerskyfies, parkeerboetes en die Verkeershof verantwoordelik sou bly. Op 1 Januarie 1989 is die verkeersfunksie ook na die Afdeling Kampusbeheer oorgeplaas. Die verkeersdienste wat gelewer word is omvattend en beamptes wat die funksie verrig, word ook voortdurend opgelei.

Kampusbeheer het hom sedert sy afstigting nuwe doelwitte gestel ten einde sy effektiwiteit te verbeter en diensgerigter te wees. Daar word deurgaans daarna gestreef om 'n veilige akademiese omgewing te verseker deur beskermings- en beveiligingsdienste van 'n hoë gehalte te lewer.

Die Wet op Beroepsveiligheid plaas 'n groot verantwoordelikheid op die Universiteit om 'n veilige werksomgewing vir sy personeel te verseker. Die Universiteit het die Afdeling Kampusparaatheid ingestel om na sowel dié besondere aspek, as die toepassing van die Wet op Burgerlike Beskerming by die Universiteit om te sien. Hierdie Afdeling is ook vir die opleiding van veiligheidsverteenwoordigers in al die geboue van die Universiteit verantwoordelik.

Kampusparaatheid is 'n belangrike onderafdeling van die Afdeling Kampusbeheer.
Die Afdeling Kampusbeheer is diensgerig. Dit het tot gevolg dat sy personeel voortdurend opgelei moet word. Dit sluit onder meer in menseverhoudinge en - seker die belangrikste - die onderskeie wette wat op die Afdeling betrekking het. Die Afdeling is ook vir die omvangryke taak van die uitreiking van studente- en personeelkaarte verantwoordelik. Die belangrikste dienste wat deur die Afdeling aan die personeel,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

studente en besoekers gelewer word, sluit in die beveiliging van die kampus om 'n akademiese atmosfeer te verseker en om die eiendom van alle betrokkenes te beskerm. Gassprekers tree gereeld by die Universiteit op, waarvan sommige openbare figure is wat persoonlike beskerming vereis. Dienste word op 'n 24-uur basis gelewer en die beheerkantoor dien ook as 'n algemene inligtingspunt.

Die Afdeling Kampusbeheer lewer 'n uiters noodsaaklike ondersteuningsdiens wat in die huidige tydsgewrig besondere eise aan die Afdeling stel. 'n Snelveranderende omgewing noodsaak 'n doelgerigte, parate sekerheidsmag by die Universiteit van Pretoria.

Y. Venter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

REGISTER

(Bladsynommers wat vet gedruk is, dui aan waar 'n item omvattend behandel word of waar 'n foto voorkom)

Aand- en etensuurkonserte 458,463
Aankopersinstituut van Suid-Afrika (IPSA) . 155
Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (AAK) 84
Aardrykskunde 191,216
Aardrykskunde, Departement 216
Abe Getz-prys 77
Abe Bailey-leerstoel in Perde-Chirurgie en Geneeskunde 263
Abrams, Prof. L. 276,281
Academica Sinica, Taiwan 213
Academy of Management VSA 159
Acapulco 296
Ackermann, Dr. J.D. 291,293
Ackron, Prof. A.L. 86,88
Ackron, Prof. F.L. 94
Acornhoekhospitaal 281
Adam, Prof. W.E. 355
Adendorff, Prof. K. 384
Ad Destinatum xiii,55,488,524,543
"Ad Destinatum I" 508,514,526
"Ad Destinatum II" 448,526
Ad Educatum-toekenning 264,435
Adhesie aan Tandstruktuur 366
Adjunkdirekteur: (Alumnisake) 444,446
Adjunkdirekteur: Gebruikers- en Inligtingsdienste 423
Adjunkdirekteur: Navorsing- en Onderrigondersteuning 436
Adjunkdirekteur: Ondersteuningsdienste 423,425
Adjunkdirekteur: Navorsings- en Ontwikkelingsdienste 423,424
Adjunkdirekteur: Sport en Rekreasie . . 476,477
Adjunkdirekteur: Sportpromosie 454,477
Adjunkregistrateur 491
Adjunkregistrateur: Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie 544
Administrasie, Departement 26,482,499, 500,520
Administrasiegebou 497,500
Administratiewe Afdeling, Afdeling Terreine en gebouc 543
A.D. Pont-prys vir Kerkgeskiedenis 122
Advance Seeds 255,256
Advieskomitee van effektetrusts 157
Adviesraad vir Universiteite en Technikons . . 5
Adviserende Raad op Universiteite (ARU) . . 527
AEK-instituut vir Lewenswetenskappe . 354,355
Aescupapius 348
Afdeling Natuurbewaring van Transvaalse Provinsiale Administrasie 239
Afdeling Onderrigmedia xiv
African Academy of Science 402
African Literature 49
African National Congress (ANC) 468
Africana-afdeling (Merenskybiblioteek) . . . 71
Africana-vereniging 462
Afrika 33,80,87,90,163,190,205,207, 208,240,244,296,299,442
Afrikaans . . . 29,35,44,154,163,164,186,191, 292,428,440,465,470
Afrikaans as voertaal 31,163,191
Afrikaans, Departement. . 33,34,35,45,443,465
Afrikaans Hoër Meisiesskool 493
Afrikaans Hoër Seunsskool 493
Afrikaanse Bybelvertaling 134
Afrikaanse Drama 43
Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, Departement 53,54,462
Afrikaanse handboeke 135,154,335
Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) . . . 159,403
Afrikaanse Kultuurgeskiedenis 54
Afrikaanse Oogheelkunde-woordeboek 336
Afrikaanse Studentebond (ASB) 467
Afrikaanse Studentevereniging 35
Afrikaanse Taal en Kultuurbond (ATKB) . . 460
Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV) 43,44,460
Afrikaanse Taal- en Literatuuronderrig 34
Afrikaanse Universiteite 42,55,87,92
Afrikaanse vakliteratuur 306
Afrikaanse vakpublikasie 165
Afrikaanse volkslied 71
Afrikaanse wetenskaplike biblioteek 423
Afrikaansmedium-laerskole 64
Afrikaansmediumuniversiteite 381
Afrikaansolimpiade 35
Afrikaanssprekende 83,87,524
Afrikaanstalige 85,87,92,493
Afrikaanswording (halfeeufeesviering van U.P. se...) 440
Afrikaans-Zoeloewoordeboek 51
Afrikabeleid 97,190
Afrikabetrokkenheid 97,190,193,207,253, 260,261
Afrikagemeenskappe 84,251
Afrikagerigtheid 33,66,78,128,313
Afrikageskiedenis 53
Afrika-Instituut 163
Afrikakuns 41
Afrikalande skakeling . . 163,270,367,378,395, 399,405,407,417
Afrikamaskers 92
Afrikamissie 87,94,113,115,119,122, 126,154,196,202,249,268,270,315,344, 364,372,386,393,399,401,402
Afrikataal 82
Afrikatale, Departement 33,36
Afrikastate 87
Afrika-uitreikprogram 301
Afrika-universiteite 108,417
Afrox 395
Aftaselektronmikroskoop 233
Agrariese Voorligting 245
Agrariese Voorligting, Departement 243, 244,245
Agrelek 393
Agronomie 243,254,256
Agronomie, Departement 256
Ahtisaari, M. 96
A.J. Konstruksie 509
Akademia-woonstelgebou 541
Akademie van Inplantologie, Portugal 372
Akademie van Namibië 171
Akademiese Administrasie, Departement 26,409
Akademiese Beplanningskomitee van Senaat 21,421,467
Akademiese Bestuursvergadering 7
Akademiese Dag vir Studente 307
Akademiese Inligtingsdiens . . . 57,60,411,412, 416,419,420,422,423,425
Akademiese Navorsing, subafdeling 425
Akademiese Strategie: Beplanningskomitee . . 7
Akademiese Steundienste 431,432
Akkerboukunde 391
Aksie Brooklyn 535,536
Aktuariële Statistiek 175
Akute abdomen sindroom in die perd 266
Alabama-studentegeselskap 460
Alain, Marie-Claire 73
Alant, E. 83,84,85
Alant, Dr. T.G. 521
Albert Ludwigs Universität, Freiburg 211
Alberton 218
Alberts, A.S. 344,345
Alberts, B.C. 16,19,402,455,456,511
Alberts, Ben . . 445,447,448,454,455,456,514
Alberts, M. 468
Alberts, M.O. 206
Alberts, Prof. N.F. 156,158,160
Alberts, Prof. H.W. 214
Albertskomitee 445
Albertsverslag 446
Albie Batesbeurs 476
Alexander, Prof. W.J.R. 406
Alexander, Prof. Y. 96
Alexander von Humbolt-stipendiaat - Duisburg 141
Algemene Bestuur 160
Algemene Chirurgie 302
Algemene Hospitaal 289
Algemene Hulpbronne 413
Algemene Kerkgeskiedenis 138
Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk 127,128,131
Algemene Literatuurwetenskap 32
Algemene Plantkunde 226
Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 133,136,146
Algemene Taalwetenskap 35
Algemene Verplegingkursus 275
Allbright, Prof. D.E. 96
Allden, Dr. R.P. 338
Allemansreg 99
Allemansregprogram 99,108
Allemansregprojek 108
Alumni-aangeleenthede, Afdeling . 438,441,446
Alumnuus 453
Alusaf 170
American Association of University Related Research Parks (AURRP) 506
American Society for Information Science . 419
Amerikaanse Assosiasie van Bestuurskole (AACSB) 156
Amerikaanse Ekologiese Vereniging 208
Amerikaanse Engels 236
Amerikaanse navorsingsgroep 328
Amerikaanse regsgeleerdes 106
Amfiteater 444,460,467,468
Amsterdam 246,417
Anatomie 94,291,292,293
Anatomie, Departement 291,292,293,378,435
Anatomiegebou 528
Anatomiese Patologie 294
Anatomiese Patologie, Departement . . 294,322
Anatomie (Veeartsenykunde) 63,264
Anderson, Glenda 479
Anderson, Prof. R. 320,321
Anderson-hospitaal, Texas 344
Andrew Murray-prys 135
Andrews, Prof. Y. 172
Anestesiologie 304
Anestesiologie, Departement 295,296
Anestesiologie Departement (Veeartsenykunde) 266
Anglo American Corporation 170,256
Anglo American Chairman's Fund 85
Anglo-Boereoorlog 54,55
Angola 55,97,299
Annandale, Buks 479
Annandale, Dr. J.G. 255
Antartika 209
Antarktiese bioloë 209
Antibiotika-beheerkomitee 311
Antibiotiese Studiegroep van Suidelike-Afrika 310,311
Anton van Wouw-huis 39
Antonites, Prof. A.J. 50
Antropologie en Argeologie 89
Antwerpen 39,40
Appèlkomitee van Raad 20
Appèlkomitee van die Senaat 24
Appèlraad oor Publikasies 95
Apostolides, Dr. 245
Aptekerskollege van Pretoria 288,351,352, 353,354
Aptekerswese 4
Arabierperdvereniging 282
Arbeidsterapie 94,288,289,342,348,349
Arbeidsterapie, Afdeling 348
Arbeidsverhoudinge 100,158,171
Arbeidsverhoudingebestuur 171
Archer, Elizabeth 44
Arndt, R.R. 206
Arends, Prof. Henri 73,458

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Arends, W. 192
Argeologie 5,88,90
Argeologie, Departement 88-92,292,547
Argitektuur 50,202,284,406
Argitektuur, Departement 50,200-202,511,514
Argon/Kryptonlaser 335
Arnold Theilergebou 527
Aromatase-inhibeerders 328
Artritisstigting 321
Asbridge Management College, Brittanje . . 161
Asië 80,244
Assistentdirekteur: Gebruikersdienste 424
Assistentdirekteur: Interne Dienste . . . 423,424
Assistentregistrateur 491
Assistentregistrateur: Rekenaardienste 489
Assistent Tegniese Adviseur 548
Assosiasie van Sosioloë in Suid-Afrika (ASSA) 79
Association for Computing Machinery 166
Association for the Study of Religion (Southern Africa) 118
Assosiation Internationale des Etudes Byzantines 55
Association of Teachers of Veterinary Public Health and Preventive Medicine (VSA) 287
ATKV-kampustoneel 44
Atoomenergiekorporasie (AEK) 325,329, 344,354,397
Atteridgeville 290,308,363
Audire 182
Aula 459,460,471,497
Aula/Rautenbachsaalkompleks 444,468,471,493
Auret, Prof. F.D. 213,214
Auret, H.E. 57
Austin Whillier-toekenning 400
Australasië 244
Australië 73,84,96,97,209,251,255, 284,337,339
Avokadokwekersvereniging 210,248
Ayres, Dr. John 39
Argeologiese en Volkekundige versamelings 462

Bacalaureus in Verpleegkunde 29
Baird, H. 44
Badenhorst, Dr. M.S. 229
Baker, Dr. M.K. 331,332
Bakteriologie 310
Balkanlande 454
Bangkok, Thailand 249
Bangladesh 406
Bankwese 162
Bantoe-administrasie, Afdeling 543,544
Barakwena Boesmans 356
Barbara Tyrrell-uitstalling 461
Barcelona 313
Barkhuizen, Prof. J.H. 55,56
Barkhuizen, R. 190
Barlow-laboratorium 396
Barlows 163
Barnard, Prof. A.C. 145,146
Barnard, Chris 43
Barnard, Prof. E. 380,390
Barnard, Prof. R.O. 248,249,250
Barry, Rhoda 420
Bartel, Prof. P.R. 332
Barth, Karl 114
Basel 39
Basiese Mediese Wetenskappegebou (BMW-gebou) 291,356,470,499,524
Basson, Prof. D.A. 105
Basson, Dr. D.E. 548
Basson, J.S. 169,170
Basson, Prof. N.J.S. 185,187
Basson, Dr. Willie 479
Baudouin, Prof. F. 39
Bauling, Prof. P.C. 300,302
Bayer-dieregesondheid 277
Baylor College of Medicine, Houston 313
Beampte: Studentekultuur 459,463,464
Beattie, M.A. 350
Beck, Dr. O.N. 317
Becker, J. 395
Becker, Dr. J.A.W. 347
Becker, Prof. J.H.R. 300
Beckmann, Prof. J.L. 190
Bedryfsekonomie . 29,151,154,155,156,191,308
Bedryfsekonomie, Departement 149,152,156,537
Bedryfs- en Sisteemingenieurswese, Departement 59,167228,382,383
Bedryfsepidemiologie 308
Bedryfsgeneeskunde 288,309
Bedryfsgeneeskundige Reg 308
Bedryfsgesondheid 308
Bedryfsgesondheidstatistiek 308
Bedryfshigiëne 308
Bedryfsielkunde 77,168,284,308,394
Bedryfsingenieurswese 59,382,384
Bedryfsingenieurswese, Departement 381,382,501
Bedryfspatologie 308
Bedryfsiektes en -beserings 308
Bedryfsosiologie 308
Bedryfsosiologie en Demografie 78,80
Bedryfsosiologie en Ontwikkelingsosiologie . 78
Beeldende Kunste, Afdeling 463
Beeldende Kunste, Departement . . 32,38,41,45, 50,421,460,463,464,501
Beeldende Kunste 42,50
Beeldende Kunste-beurs 42
Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis . . 40,42
Beeldskool 197
Beeschirurgie 273
Begrotingskomitee (Rektoraat) 487
Beheeringenieurswese 386
Beheerradiograaf (Kerngeneeskunde) 325
Bekker, J.T. 87
België 52,92,209,253,284,296,334,336, 370,371,375,415,457
Belgiese kliniese assistente 334
Belasting 181
Bell, E. 53,55
Beltsville, VSA 277
Bemarking 27
Bemarking en Openbare Betrekkinge . . 438,463
Bemarkingsbestuur 29,152,154,155,159
Bemarkingsbestuursopleiding 151
Bemarkingsdienste, Departement xiv,439, 440,465
Bemarkingsnavorsing 159
Bemarkingswet 164
"Bencor Multi T"-multitoetsstelsel 378
Ben-Gurion Universiteit van die Negev in Ber-Sheva, Israel 210,220,442
Bennett, Dr. G.F. 277
Bennett, Prof. M.J. 323
Bergenthuin, B. 104,107
Bergh, Prof. J.S. 53,54
Berghout en Rouvoet (Edms.) Bpk 530
Berkhout, Prof. S.J. 190
Berlyn 141,239,246
Beroepsgerigte Frans 32
Beroepsoriënteringspedagogiek 195,197
Beroepsraad vir Dieetkunde 222
Beroepsraad vir Sielkunde 77,78,171
Bertha Stoneman-leerstoel 225
Bertschinger, Prof. H.J. 273,274,275
Besigheidsbestuur 235
Best, Dr. David 40
Best, Dr. P.B. 238
Bester, Prof. B.H. 258
Bester, Dr. M. 299
Bester, Dr. M.N. 238
Bester, T. 18
Bester, Theuns 531
Bester Wonings (Edms.) Bpk 531
Bestuursetiek 160
Bestuurskomitee, Persequor 505,507
Bestuursrekeningkunde 181
Bestuurswese 159
Bestuurswese, Departement 27,156,179,180,411
Bestuurswese en Nagraadse Bestuurskool, Departement 156
Betaal-soos-jy-eetstelsel 542,543
Bettie Celliers-Barnard-beurs 42
Beukes, Prof. M.J. du P. 128,132
Beukes, S.M. 83
Beurse en Lenings 410
Beurse en Lenings, Afdeling 410,427,429
Bevolkingsraad 79
Bewaringsgenetika 207
Bewysleer 314
Bezuidenhout, Prof. A.J. 265
Bezuidenhout, Dr. L.C. 76,126
Biblioteekdiens 411,412
Biblioteekkunde 4,57,58
Biblioteekkunde, Departement 57
Biblioteek- en Inligtingkunde 57,59
Bibliothek der Öffentlichen Kunst Sammlung-Basel 39
Bidini, Fabio 459
Biedermannbeurs 476
Biermann, Dr. L.D. 331
Bigalke, Dr. R.D. 277
Bilharzia-allergeen 356
Bilharziaparasiet 356
Bill Venterprys 55
Binnemuurse Studenteraad 467,546
Binnemuurse Verteenwoordigende Studente-raad 20,21
Biochemici 354
Biochemie 245,247,306
Biochemie, Departement . . . 243,245,246,253, 281,313,386
Biochemie-gebou 472,497
Bio-ergonomika 68
Biokinetika 68,69,93,94
Biologie 186
Biologiese beheer en Omgewingsbiotegnologie 252
Biologiese wetenskappe 200
Biomateriale 266
Biostatistiek 307,308
Biotegnologie 245
Birch, Dr. Kenneth 420
Bisantynse Letterkunde 55
Bissbot, Dr. S. 299
Bisschop, Prof. J.A.R. 273
Blaasorkes 456
Bland van den Berg, Prof. P. . . . 263,264,273
Bleby, Prof. John 285
Blignaut, Prof. E. 369,375,481
Bloedgroeplaboratorium 282
Bloemfontein 146,293,453
Blydepoort 483
Bodemer, Prof. W. 341
Boesmans 358
Boesmansoldate 358
Böhmer, Dr. L.H. 306,307
Böhmer, R.G. 206
Bologna, Italië 328
Bond van Oud-Kollegemanne 450
Bond van Oudstudente . . 8,10,11,31,438,439, 441,446,447,448,511,512,514
Bond van Oud-Tukkies 161,444,448,455
Bond van Oud-Tukkies, Algemene Jaarverga-dering 453
Bondesio, Prof. M.J. 22,183,184,188,190,197
Bonn 427
Bonsma, Prof. F.N. 456
Bonsma, Prof. J.C. 420,456
Boon, Prof. J.A. 57,59,424
Boonzaaier, Dr. C.C. 91
Boonzaier, Gregoire 461
Booyens, E.J. 331
Booyens, S.J. 365
Booyens, Susan 470
Booysen, I. 218
Bophuthatswana 97,172,190,218,249, 309,319,340
Borchardt, Prof. C.F.A. 138,139
Borckenhagen & Louw 520
Bornman, Prof. M.S. 347
Borsvoedingsweek 326
Bosch, Prof. A. 313
Bosch, Tertius 479
Boshoff, Prof. A.B. 156,160
Boshoff, Prof. B.v.D. 393-394
Boshoff, Prof. C.W.H. 137,146
Boshoff, Prof. E. 222,223
Boshoff, Francois 481
Boshoff, L.N. 26,490,491,548
Boshoff, Prof. M.C. 57

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Boshoff, Dr. Nelia 435,436
Boshoff, Nic 464
Boshoff, P. 468
Boshoff, P.B. 125
Bosman, Dr. D.A. 338
Boston 284
Bosveldinstituut 221
Bosveldkompleks 219,220,221
Botes, Prof. P.S. 172
Botha, B. 454
Botha, Prof. B.P. 175
Botha, C.J. 489
Botha, Prof. D.H. 101
Botha, Prof. D.J.J. 163
Botha, Prof. E. 35
Botha, Esther 275
Botha, Prof. F.J. 134,140,141
Botha, Dr. H. 347
Botha, J. 387
Botha, Prof. J.L. 69,70,93,94,476,478
Botha, Prof. Joubert 164
Botha, Prof. J.P. 383,384
Botha, Naas 454,480
Botha, O.J. 468
Botha, Prof. P.C. 204
Botha, Dr. P.J. 74,75
Botha, Prof. P.R. 224
Botha, Staatspresident P.W 527
Botha, (Pik) R.F. 96,456
Botha, S. 351
Botha, Prof. S.J. 111
Botha, S.P. 375
Botha, Prof. W.J. 220
Bothma, A.C. 6,26,28,482,483
Bothma, Prof. J. du P. 208,261,481
Bothma, Prof. T.J.D. 57
Botswana 211,217,239,316,364,401
Botswana Polytechnic 167
Boubestuur 202
Boubestuur, Departement . . 202,203,204,405
Bou-industrië Assosiasie (Transvaal Noord) . 203
Bou-industrië Federasie van Suid-Afrika . . . 203
Boukomitee 490,517,518
Boukunde 42,406
Boukunde-gebou 497
Bourekenkunde 406
Bourekenkunde, Departement 202,204-205,405
Bouwetenskappe 200
BP-Beurs vir Landbounavorsing 253
BP-toekenning 246
Bragg, R.R. 281
Brand, H.E. 169,170
Brand, Quintin 504
Brandstofnavorsingsinstituut 381,499,501
Brånemark-kliniek, Göteborg, Swede 366
Brasilië 97,256
Brassel, M. 416
Bredell, Prof. L.J. 214
Bredenkamp, Prof. G.J. 226
Breedt, Dr. André 433,438,441,444,457, 462,463,464
Bregenz 416
Breytenbach, A. 190
Breytenbach, Prof. A.P.B. 110,126
Breytenbach, Prof. J.C. 141,146
Brian Sandrock Argitekte 523,529
Brian Sandrock-langtermynplan (1965) . . 494, 516,517
Brightman, Christopher 49
Brighton, Prof. S.W. 321,323
Brink, Amarillie 72
Brink, André P. 43
Brink, Prof. J.F. 214
Brisbane 73
British Academic Meeting 338
Brits 218,230
Brits, J.D.R. 489
Brits, M.A. 71,74
Britse Mediese Navorsingsraad 298
Britse regsgeleerdes 106
Brittanje 96,157,209,210,298
Britz, J.J. 57
Broerskap van Oud-Kollegemanne . . . 450,453
Brook-Universiteit, Engeland 195
Brown, Prof. A.N. 401,402,403
Brown, Prof. J.M.M. 305
Bruinette, Kruger, Stoffberg & Hugo (BKS) 530
Brümmer, Prof. L.M. 156,157,180
Bruwer, Elanza 480,482
Brynard, Prof. P.A. 172
Buitekampus 434
Buitemuurse Afdeling . . 149,150,421,425,453, 495,514,515,537
Buitemuurse gebou 514,515,516,537
Buitemuurse Studenteraad . 20,21,467,468,546
Buitendach, Dr. J. 116
Buitengewone Prestasie 226,227
Buitepasiënte-Oos-gebou 324
Bulawayo-museum, Zimbabwe 210
Bunting-ondersoek 58
Burden, Dr. E.C.M. 338
Burdzik, Prof. Walter 406
Burger, Prof. Alewyn 202
Burger, Prof. A.P. 511,545
Burger, Kobus 471
Burnettstraat 491,532,533
Buro vir Akademiese Steundienste . . 327,431, 432,433,434,465
Buro vir die Voorkoming van Blindheid 335,336
Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA) 163
Buro vir Finansiële Analise (BFA) 158 179-180,488
Buro vir Hoër Onderwys 432
Buro vir Inligting 440
Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning xiv
Buro vir Kultuuraangeleenthede 461
Buro vir Openbare Betrekkinge . . . 20,41,438, 439,440,441,442,443,444,445,446,448, 457,458,460,463,465,471,476,510,511,512
Buro vir Ontwikkeling 438
Buro vir Rekenaardienste 20,488
Buro vir Statistiese en Opnamemetodologie (Statomet) 151,177
Buro vir Universiteitsonderwys 434
Buro vir Voortgesette Gesondheidsonderrig (BUVGO) 291,318
Buro voor Kunsthistorische Dokumentatie - Den Haag 39
Butler, D.M. 96
Bütow, Prof. K.W. 368
Buys, M.A. 169
Buys, T.S. 206
Buys, Prof. W.J. 182
Bybelgenootskap van Suid-Afrika 56
Bybelkunde (Afd. A) 110,111,112,113,114,132
Bybelkunde (Afd. A), Departement 111
Bybelkunde (Afd. B), Departement 132,142,146
Bybelvertalers 500
Bybelwetenskap 124,142,143
Bybelse geskiedenis 111

C.A. du Toit en Vennote 506
California-Davis, Washington 284
Calitz, Prof. L.P. 184,185,188,189,190
Calvynnavorsing 121
Camel Pyramid of Light National Campus D.J. Competition 470
Camera Obscura 214,519,520
Carleton Universiteit, Ottowa, Kanada 210
Caprivistrook 356
Carl en Emily Fuchs-instituut vir Mikro-elektronika (CEFIM) . 380,381,387,388,428
Carl en Emily Fuchs-leerstoel in Mikro-elektronika 387,390
Carl en Emily Fuchs-stigting 381,521
Carltonbeker 480,481
Carstens, J. 281
Carter, Dr. R.M. 214
Casey, N.H. 257
C.B. Powell-Bybelsentrum (Unisa) 76,124
C.D. NET-programmatuur en -apparatuur . 414
Cehreli, Dr. C. 317
Centers for Disease Control, VSA 313
Centre for Structural Optimization Research Group (SORG) 399
Centro de Estudos Africanos (Universiteit Eduardo Mondlane, Maputo) 97
Centrum voor Bio-Pharmaseutische Wetenschappen, Universiteit van Leiden 353
Cerec-Cam-rekenaar 366,367
Ceronio, E.M.J. 488
Certified Masseurs' Association 349
Chadwick, Prof. A. 156
Chancellor College (Zomba, Malawi) 97
Chasen, Dr. M.R. 328
Chemie 186,199,236,376
Chemie, Departement 205-206,499,516, 517,518,519
Chemiegebou 517,518
Chemiesaal 517
Chemiese Ingenieurswese 384
Chemiese Ingenieurswese, Departement . . 381, 384,385,386,499,501
Chemiese Patologie 306
Chemiese Patologie, Departement 297,298,355
Chicago 159,370
Chili 92,97,406,442
China 209,249
Chinees 235
Chinese 493
Chinese Jeugkorps 443
Chinese musici 458
Chingola, Zambië 395
Chin-long, Wen 458
Chirurgie 299,303
Chirurgie, Departement 292,299,301, 302,330,528
Chirurgie (Veeartsenykunde), Departement . 262 265
Ciskei 249
Chirurgiese Gastro-entrologie 299
Chirurgiese Intensiewe Eenheid 365
Chirurgiese Navorsingsvereniging van Suid-Afrika 301
Chown, S.L. 210
Christelike Etiek 59,110
Christelike Himnodie 62
Christianson, Dr. A. 330
Chungshen, Chen 458
Church, R.H. 489
Ciba Geigy 351
Cilliers, Braam 46
Cilliers, (Bags) C.H. 444,449,451,453, 454,510,511
Cilliers, G.D. 344,345
Cilliers, Prof. P.J. 389
Cilliers, Willem 470
Cilliers, W.W. 161
Cilliers-Barnard, Bettie . . 43,420,454,456,461
Ciskei 159,249
CISNA (Computers in Southern Africa) . . . 167
Claassen, Prof. M.I. 227
Claassen, N. 307
Claassen, Prof. S.J. 384
Claassens, Dr. A.S. 248
Clark, Dr. J.B. 16,425
Claud Leon Harris Award 55
Cline, Dr. R.S. 95,96
Cloete, Prof. C.E. 204
Cloete, Dr. Gert 302
Cloete, Prof. T.E. 253
Cochlear (Pty) Ltd 337
Coertze, Prof. P.J. 89
Coertze, Prof. R.D. 88,89,90,91,547
Coetsee, S.F. 163
Coetzee, A.E. 93
Coetzee, Prof. A.M. 308,309
Coetzee, Blaar 470
Coetzee, Dr. C.C. 331,332
Coetzee, Dr. C.G.8,16,19,445,447,455,456,511
Coetzee, Christo 461
Coetzee, H.S. 57
Coetzee, Prof. J. 233
Coetzee, Prof. J.B. 290

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Coetzee, J.C. 548
Coetzee, Prof. L. 280,281
Coetzee, Dr. L.J.E. 347
Coetzee, Dr. M.J. 317
Coetzee, N.J. 38,39,40
Coetzee, Prof. P.C. 57,58,423
Coetzee, Dr. P.F. 303
Coetzee, Dr. Pieter 302
Coetzee, Prof. R.A. 192
Coetzee, Prof. S.F. 94
Coetzee, Dr. T. 80
Coetzee, W.J. 25,26,511
Coetzee, Prof. W.J.C. 378,379
Coetzee, Prof. W.N. 101,478
Coetzer, Christo 536
Coetzer, Prof. J.A.W. 268,276
Coetzer, Dr. L.A. 227
Coetzer, T.C. 483
Colbyn 503
Colbynvallei 502,503,545,546
Cole, Prof. Joan 351
Colgate-prys 370,376
Collett, Prof. M.G. 278
Colombo 246
Colloquium Biblicum Lovaniense, Leuven, België 124
Columbus-nywerheid 394,395
Combrink, Prof. L.W. 362
Communiké 151
Community Health Association of Southern Africa (CHASA) 309
Comrades-marathon 165,351,480
Concertofees 73,458
Cooks, Prof. J. 217
Coopers-dieregesondheidsprofessor in Farmakologie en Teksikologie 267
"Coors Biomedical Novice Prosthodontic Award" 370
Copperbelt University Kitwe, Zambië . . 59,417
Cork 416
Cornell, New York 284
Cottesloe 146
Coubrough, Prof. R.I. 23,262,263,273
Council of Mining and Metallurgical Institutions (CMMI) 402
Couzyn, Hertzog en Horak 506
C.P. de Leeuw en Vennote 506
Crafford, Prof. J.A. . . . 16,19,147,148,456,511
Crafford, Neil 449
Credo-prys 135
Cronjé, Prof. G. 456
Cronjé, Prof. Geoff 420
Cronjé, H. 204
Cronjé, Dr. J.M. 137,147,148
Cronje, Prof. R.E. 327
Crowther, Prof. N.A.S. 177
C.R. Swartweg 503
Cruywagen, Eben 44
Cruywagen W.A. 456
Cubitt, Dr. W.D. 313
Cummings, S. 84
Curtin University of Technology, Perth . . . 351
CYBER 810-hoofraamrekenaar 235
CYBIS-biblioteek 235
CYBIS-stelsel 235

Daan Swiegers-sportklubhuis 478,530
Dagstudente 453
Dagstudentehuis 468,474
"Die Dailie" 474
Daling, Marinus 454
Dallas 328
DALRO 44
Dalrympeltrofee 478
Damesaksie 450
Dameskoshuisterrein 543
Damesoorlegkomitee 472
Danie Craven-stadion 481
Dannheimer, Prof. M. 376
Darmstadt, Duitsland 213
Da Silva, Dr. A.A. 75,76,126
Daspoortkliniek 290,353
Davel, Prof. C.J. 103,104
Davel, V. 192
Davidtsz, Dr. G.J. 456
Davisbekerkampioenskap 448
DBP-laboratorium in Darmstadt, Duitsland . 213
De Beer, A. 482
De Beer, A.G. 49
De Beer, Prof. C.R. 27
De Beer, Dr. J. 16
De Beer, G.J. 50
De Beer, J.G. 204
De Beer, J.J. 169
De Beers Chairman's Fund 359
De Bruin, Dr. D. 347
De Bruin, Prof. H.57,415,416,419,423,424,425
De Bruyn, Dr. C.L. 456
De Bruyn, Johan 450
De Bruyn, Prof. T.B. 296
Deeltjiefisika 213
Defence Institute of Southern Africa (DISA) . 96
De Greeve, Prof. Gilbert 40
De Haas, Prof. W.G. 291
De Havilland-vliegtuig 504
De Hooghe, Kamiel 73
De Jager, Prof. H. . . . 174,175,180,181,182
De Jager, Dr. L.C. 328
De Jager, Dr. M. 474
De Jager, Prof. P.C. 403
De Jongh, C. 420
De Jure 98,102
Dekaanskompleks 519,525
Dekaanstoekenning vir Uitnemende Akademiese Bestuur 292
Dekaanstoekenning vir uitnemendheid as 'n jong lektor/-navorser 370
Dekanekomitee 421
Dekker, Prof. G.M. 175
Dekker, Prof. H.J. 154
De Klerk, Dr. Antonie M. 408
De Klerk, Staatspresident F.W. . . 92,150,290, 460,467,516
De Kock, D.M. 187
De Kock, G.P.C, (Gerhard) 16,40,165,420,456
De Kock, Dr. P.D. 425
De Lange, Prof. A.L. 278
Delangeverslag 3
De La Rey, Prof. J.H. 156,157
De La Rey, Prof. R.P. 77
Deloitte en Touche 160
Delport, Prof. P.A. 100,101
Deltaplan 506
De Meillon, S. 226
Demografie 78,79,80
De Mûelenaere, Prof. G.F.G.O. 345
De Mûelenaere, Prof. J.J.G.G. 370,371
Demografie 78
Denemarke 92,97,209,442
Den Haag 39,420
Denkhaus, Prof. H.G. 400
"Dental Materials Group" 370
Denver, VSA. 157
Deo Gloria 451
Departement Binnelandse Sake 176,440
Departement Buitelandse Sake 87,96,440
Departement Finansies 172
Departement van Gemeenskapsbou 515
Departement Gemeenskapsontwikkeling . . . 511
Departement (van) Gesondheidsdienste en Welsyn 304,360,362
Departement Handel en Nywerheid 180
Departement Justisie 315,340,515
Departement Landbou . . 218,226,227,238,243, 255,256,287
Departement Landbou-ekonomie en Bemarking 387
Departement Landbou-ontwikkeling . . 248,281
Departement Landbou-Tegniese Dienste . . . 244
Departement Landbou- en Watervoorsiening 248
Departement (van) Mannekrag . . 100,158,195
Departement Mineraal- en Energiesake . . . 248
Departement Nasionale Gesondheid 79,192
Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling 79,84,308, 315,330,333,340,364,475
Departement (van) Nasionale Opvoeding . 350, 351,429,430,431,440,488,493,527
Departement Omgewingsake 209,239
Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) 435,501,528,535
Departement Onderwys en Kultuur 31 45,93,186,187,188,435,501,528,535
Departement Onderwys en Opleiding . . 172,194
Departement (van) Ontwikkelingshulp . 172,249
Departement Openbare Werke . . . 510,511,512
Departement Nasionale Opvoeding. . 1,40,56,87, 92,93,350,351,429,430,431,440,488, 493,527
Departement (van) Sport en Ontspanning . . . 67
Departement Stedelike Beplanning 534
Departement Streek- en Grondsake 89
Departement Streeksontwikkeling en Grondsake 256
Departement (van) Vervoer 505
Derdewêreld 84,309,393
Derdewêreldland 81,96,217
Derdewêreldomstandighede 391
Dermatologie, Afdeling 322
Dermatologie, Departement 373
Dermaut, Prof. L. 371
Desentralisasie 409
De Swardt, J.J. 398
De Swardt, Koos 232
De Vaal, Prof. P. 386
De Villiers, A.J. 403
De Villiers, Prof. A.P. 47
De Villiers, Dr. C.M. 91
De Villiers, Dr. Dawie 107
De Villiers, J. 456
De Villiers, Prof. J.A. 153,155
De Villiers, Prof. Louis 453
De Villiers, Prof. L.S. 297,298
De Villiers, Prof. S.J. 302
De Villiers, S.M. (Steve) 456
De Villiers, Suzette 482
De Villiers, W.A. 160
De Vos, Dr. V. 277
De Waal, Prof. S.A. 219
De Wet, Prof. F.A. 376,377
De Wet, Dr. Gideon 407,408
De Wet, Prof. G.L. 159,161,163,164,165
De Wet, J. 415
De Wet, Prof. J.I. 127,131
De Wit, Prof. P.W.C. 154,155
D.G. Murray-Trust 192
Diagnostiek 361,362
Diagnostiek, Afdeling 361,362
Diagnostiek en Röntgenologie, Departement 359,361,362,363
Diagnostiese Ultraklank 267
Diakoniek 144
Didaktiek 308
Didaktiese Pedagogiek 162,172,188
Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke, Departement 172,185,436
Diedericks, M. 420
Diedericks, N. 420
Dieetkunde 94,303
Dienseenheid Veeartsenykunde 417
Diere-ekologienavorsingsgroep 239
Diereproduksie 243
Dierkunde 206,239
Dierkunde, Departement . 206-208,238,261,517
Dierkundegebou 498,543
Diestel, Prof. Joe 231
Dijkstra, Genl. C.J. 96
Dinamika 380,398,405
Dinamikakursus 232
Dinkelmann, Dr. Ernst 476
Dippenaar, Dr. A.P. 373
Dippenaar, J.H. 427
Dippenaar, Prof. R.J. 380,395
Direkteur: Akademiese Inligtingsdiens . . 24,415
Direkteur: Buro vir Openbare Betrekkinge . 510
Direkteur: Fasiliteite Beplanning en Bedryfsadministrasie 464,491
Direkteur: Fasiliteite Beplanning en Bedryfsdienste 545
Direkteur: Finansies 485,487,488
Direkteur: Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie 511

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding 362
Direkteur Inligtingbestuur 415,489,490
Direkteur: Koshuise en Studentelewe 466
Direkteur: Navorsing 180,427,428,429,431,505
Direkteur: Navorsingsadministrasie ... 427,428
Direkteur: Navorsing 20,180
Direkteur: Personeel 77,168,483
Direkteur van Ondersteuningsdienste 20
Direkteur: Personeel 26
Direkteur: Sportburo 23
Direktoraat: Dieregesondheid 281
Direktoraat: Forensiese en Navorsingsdienste 315
Direktoraat: Gesinsbeplanning 333
Direktoraat: Sport en Ontspanningsbevordering van Departement Nasionale Opvoeding 93
Direktoraat van Publikasies 45
Direktoraat: Veeartsenydienste 287
Direktoraat: Veeartsenydienste van Departement Landbou-ekonomie en Bemarking ... 287
Divisie vir Energietegnologie (DET) 501
D.J. du Plessis-lesing 300,301
D.M. Joubert-kommissie 526
DNA-herstelkinetika 354
DNA-beskadiging 354
DNA-herstelprosesse 354
DNA-tegnologie 215,246
DNS-tipering 314
DOBIS/LIBIS-gebruikersgroep .. 415,416,417
DOBIS/LIBIS-programpakket 411
DOBIS/LIBIS-stelsel 415,416
Dogmatiek 59,115,132
Dogmatiek en Christelike Etiek 132,135
Dogmatiek en Christelike Etiek (Afd. A) Departement 114-116
Dogmatiek en Christelike Etiek, (Afd. B) Departement 59,110,132,134
Dommisse, Prof. G.F. 420
Dormehl, Prof. I.C. 325,354,355
Dosent van die Jaar 292
Dosentekantore III-gebou 500
Dott, Dr. H.M. 238
Downes Murray International 439
Drama 32
Drama, Departement 35,43,44,46,64,464
Drama-in-die-Onderwys 44
Dramakunde 44
Dreyer, Prof. L 294
Dreyer, Prof. P.S. 50
Dreyer, Prof. T.F.J. 127,128
Dublin 338
Duffey, Prof. A.E. 38,40,41,461,462,463,464
Duits, Departement 5,33,46,47,53
Duitse regsgeleerdes 106
Duitse vakkongresse 47
Duitsland 47,92,96,97,121,160,163,207, 213,239,246,296,313,322,355,371,457
Duminy, W.W. 416,423
Duncanstraat 541
Du Pisani, Prof. J.A. 163
Du Plessis, Prof. A. 87,88
Du Plessis, Prof. D.J. 302,345,347
Du Plessis, Prof. Dirk 302
Du Plessis, Engela, J. 91
Du Plessis, Enslin 460
Du Plessis, Dr. F.J. 456
Du Plessis, Prof. H.L.M. 394
Du Plessis, J.H. 174
Du Plessis, J.H.L. 488
Du Plessis, J.S. 489
Du Plessis, L.A.S. 478
Du Plessis, Louise 480
Du Plessis, Prof. M. 388,390
Du Plessis, Prof. P.A. 175
Du Plessis, Dr. P.G. 43
Du Plessis, T.A.P. 446,455,456
Du Plooy, L.J. 468
Du Plooy, Prof. N.F. 167,168
Du Preez, A. 40
Du Preez, H. 51,52
Du Preez, Robert 482
Durban 372,480
Dürrheim, Prof. H.H. 354,498
Du Toit, Prof. A.B. 22,134,140,141,146
Du Toit, Prof. A.P. 50
Du Toit, D. 325
Du Toit, Prof. G.A. 155
Du Toit, Lt. genl. H. de V. 94
Du Toit, Jannie 459,471
Du Toit, Prof. M.L. 461
Du Toit, P.R. 16
Du Toit, Prof. Stephen 176
Du Toit, Prof. S.H.C. 177
Du Toit, Prof. S.I. 78,169
Du Toit, T. 425
Du Toit, Vona 349
Düvel, Prof. G.H. 244,245,259,261
Duvenhage, Dr. G.F. 347
Duvenhage, Prof. J.G. 368
Duxburyweg 468,516,533,536
Dwelmafhanklikes 145
Dye, M. 87

Eastern Cooperative Oncology Group (ECOG) 328,344
Eberlein, Prof. R. 170
EBI(Eerstejaar-Bemarkingsinisiatief)-toekenning 152
Eckard, Prof. C.F. 104,105
Edoardo Villa-beurs 42
Eduardo Mondlane Universiteit (Maputo, Mosambiek) 239
Edwardiaans 513
Eenheid vir Elektroniese Afstandonderrig .. 437
Eenheid vir Markontwikkeling 413
Eenheid vir Programmatuur-ingenieurswese (EPI) 227
Eenheid vir Tydskrifadministrasie 414,417
Een Militêre-hospitaal 145,303,326,336, 338,345,351
EensTuks 450,454
Eerstejaar-Bemarkingsinisiatief-toekenning . 152
Eersterust ... 78,83,184,191,192,196,218,337
Eersterustprojek 184,191,192
Eerste Wêreldoorlog 349
Eerstewêreldtegnologie 391
Edwards, Maryna 479
Eicker, Albert 225,226
Eierraad 298
Ekologie 226
Ekologiese bestuur 226
Ekologiese Fisiologie 208
Ekonomie 29,152,162,191
Ekonomie, Departement 149,151,488
Ekonomiese Adviesraad 164
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Fakulteit 22,27,66,69,77,99, 148-182,168,169,173,179,180,202,421, 422,441,494,500,501
Ekonomiese en Bestuurswetenskappegebou 150, 157,169,202,514,515,516,520
Ekonomiese en internasionale politieke faktore 415
Ekonomiese en Staatswetenskappe, Fakulteit 151, 250,514
Ekonomiese Geologie 220,394
Ekonomiese Misdrywe 60
Eksegese en Eksegetiese Metodeleer 125
Eksperimentele Kerngeneeskunde, Afdeling 354, 355
Eksperimentele Kerntegnologie 397
Eksplorasiefisika 220
Eksploratorium 519,520
Eksteen, C.A. 350,351
Eksteen, Prof. L.C. 35
Ekstra-Korporale Skokgolfapparaat 346
Ekstraktiewe Metallurgie 394
Ekumenika 137
Elandspoort 501
Elektriese Ingenieurswese 388,389,390
Elektriese Ingenieurswese, Departement . 380, 386,387,388,389,499
Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, Departement 228,379,380,387,389,390
Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Eskom) 216,393,394,395
Elektromagnetisme 390
Elektromiografie 332
Elektroniese en Rekenaaringenieurswese, Departement 167,380,387,388,389
Elektroniese Ingenieurswese 231,379,388, 390,396
Elektroniese Ingenieurswese, Departement . 15, 379,386,387,388
Elektronmikroskoop 233
Elektronmikroskopie 233,306,316
Elektronmikroskopie, Afdeling .. 232-234,521
Elektronmikroskopie, Departement .. 378,500, 501,520
Elektromikroskopie-vereniging van Suidelike Afrika 234
Elida-Gibbs-toekenning 370
Elida Ponds-genootskapstoekenning 365
Elliot, Prof. J.H. 124
Ellisras 338
Eloff, Dr. A.G. 332
Eloff, Prof. F.C. 207,456
Eloff, Prof. J.F. 88,91
Eloff, Prof. J.N. 226
Eloff, René 461
Eloff, Zakkie 461
Eloptro (firma) 214,520
Els, Herman 89
Els, Dr. Len 106
Elsdon-Dew-medalje van die Parasitologiese Vereniging van S.A. (PARSA) 278
Els, Van Straaten en Vennote 506
Elwin, Buchel-uitstalling 461
E.M. Hamman-simposium 100
Emil Schweickerdt-beurs 42
Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie, Departement 367,376
Endokrinologie 306
Endstraat 503
Engelbrecht, D. 489
Engelbrecht, Prof. B.J. 17,22,24,110,111, 113,114,119,120,130
Engeland . 39,40,92,195,296,332,356,370,464
Engelbrecht, Dr. J.P. 200
Engelbrecht, Dr. Petra 192
Engels, ... 29,55,83,149,150,154,162,163, 181,186,191,236,326,408,428,493
Engels, Departement 47,48,49,236
Engelsmedium-laerskole 64
English Academy of Southern Africa 49
Enkroprese-klinick 301
Enslin, Prof. J.H.R. 388,389
Entomologie 307
Entomologie, Departement 63,208-211
Entomologiese Vereniging van Suidelike Afrika 210
Entrepreneurskap 160
Environmental Protection Agency 313
Epidemiologie 286,307,308
Epidemiologiese Vereniging van Suid-Afrika 309
Epol-voermaatskappy 271,282
Erasmus, H.G. 488
Erasmus, Dr. J.A.J. 465
Erasmus, Prof. J.A.K. 77
Erasmus, Prof. R.J.E. 318,319
Erasmus, Prof. T. 12,15,23,94,415,421,427,428
Erasmus, Prof. T.E. 243
Erasmusrand 290
Erasmus Universiteit, Nederland 246
Eredoktorsgraad 165
Eregraad 55,165
Ereprofessor 104
Eretoekenning 24
Eretoekennings, Bond van Oud-Tukkies . 24,454
Erfreg 103
Ergonomika 170
Erikson, Prof. P.G. 220,221
Erkentlikheidstoekenning van die Pretoriase Sakekamer 161
Erlank, Dr. J.D. 302,303
Ernst Oppenheimer Memorial Trust-beurs 34,246
Erwee, Prof. R. 157,158,159,161,450,454
Escorsio, Manuel 460
Eskom 170
Espach, B.J. 409
Esterhuizen, J. 404

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Estetiese Tandheelkunde 372
Etologie en Fisiologie 528
Eugene Marais-erepenning 210
Eugene Marais-gedenkmedalje 313
Eugene Marais-Leerstoel vir Natuurlewebestuur 208,261
Eugene Marais-prys vir Letterkunde 400
Europa . . . 44,47,80,88,244,251,282,336,378, 431,462,464
European Women's Management Development Network 159
Europese gemeenskap 298
Europese geskiedenis 52,53
Europese konserttoer 457
Europese kuns 41
Europese markte 391
Europese Stigting vir Bestuursontwikkeling (EFMD) 156
Europese tradisie van grondverdeling 403
Evangelistiek 144
Evans, Prof. W.B.D.I. 332,334
Evolusionêre Biologie 207
Evolusievergelykings 199
Exploratorium 214

Fabrieksoutomatisasie 397
Fakulteitsdag, Fakulteit Geneeskunde 304
Fakulteitsdag, Fakulteit Tandheelkunde . . . 378
Fakulteitsmissie 34
Fakulteitsprojekte, Afdeling 463
Fakulteitsraad 24,168
Fakulteitsrade 467
Falkson, Dr. Carla 328
Falkson, Prof. Geoffrey 328,329,456
Falkson, Prof. H.C. 328,456
Familiereg 103
Farmakogenetiese studies 356
Farmakologie 94,303,304,305
Farmakologie, Departement . 303,304,355,356
Farmakologie (Veeartsenykunde) 267
Farmakologie en Toksikologie(Veeartsenykunde) 267
Farmakologie en Toksikologie (Veeartsenykunde), Departement 263,267-268
Farmaseutiese chemie 352
Farmaseutiese chemie, Departement 353
Farmaseutika 288,352
Farmaseutika, Departement 353
Farmasie Bestuur 353
Farmasie praktyk 352
Farmasie praktyk, Departement 353
Farrell, Mede-Prof. B.A. 225
Farrell, J. 349
Fasiliteitebeplanning, Afdeling 498,524
Fasiliteite Beplanning en Bedryfsadministrasie 490,511,540
Fasiliteitebeplanning en Bedryfsdienste 545
Faure-hospitaal 344
Faure-protokolle 344
Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) 460
Federasie van Rapportryerskorpse 165
Fedrasie van Verenigings van Professionele Ingenieurs 403
Feinendegen, Prof. L.E. 355
Feoksiprodukkomplcks 248
Ferreira, Anton 479
Ferreira, C.E. 217
Ferreira, Prof. G.V. 194
Ferreira, Prof. Maryna 366,376
Ferreira, Prof. O.J.O. 53,54,55,464
Festivalstraat 501
Filiale, Bond van Oud-Tukkies 448
Filosofie, Departement 32,50,94,115
Finansiële Administrasie, Departement 26,173,482
Finansiële Bestuur 29,151,152,153,155,157,174
Finansiële Rekeningkunde 29,180
Finansies, Departement 26
Findlay, Dick 461
Findlay, Prof. G.H. 290
Finland 210
Finn, Prof. Stephen 49
Fischer, Prof. E. 80
Fischer, Dr. H.H. 255,256
Fischer, M. 220
Fisiese Antropologie 292
Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie . . 26
Fisiese Geneeskunde, Afdeling 323
Fisiese Geologie 220
Fisiese Metallurgie 394
Fisiese, Teoretiese en Organiese Chemie, Afdeling 516
Fisika 211,236,376,519
Fisika, Departement . . . 211-214,233,499,500, 517,519,520
Fisika/Geologiegebou 499,500,520
Fisika/Geologie- en Plantkundegebou 517
Fisiologie 94,258,305,378
Fisiologie, Departement . . . 305,324,346,378
Fisiologie, Farmakologie en Teksikologie, (Veeartsenykunde), Departement 268
Fisiologie (Veeartsenykunde), Departement 267,268,269
Fisioterapie 94,288,289,342,349,350
Fisioterapie, Afdeling 349,350,351
Fitososiologie 226
Florida, VSA 160
Fluitfederasie van Suid-Afrika 73
FOCUS-databasis 489
Folkswangmuseum te Essen 39
Fölscher, Prof. W.J. 247,249,250
Fondswerwing, Afdeling 439,440
Food and Drug Administration, VSA 356
Foord, Pieter 482
Foreign Affairs Research Institute, Kent . . . 97
Forensiese Odontostomatologie 369
Forschungzentrum Jülich, Duitsland 355
Förtch, Dr. H.E.A. 347
Förtsch, Prof. E.B. 220
Fossey, Dr. A. 215
Fotobiologie 290
Fouche, Prof. B. 57
Fouché, Deon 479
Fouché, Prof. W.L. 231
Four Outstanding Young South Africans (JACEES) 161
Fourie, Bennie 72
Fourie, Prof. D.F.S. 94
Fourie, Dr. D.J. 172
Fourie, Dr. E. 71,74
Fourie, Prof. J.D. 101
Fourie, Prof. Ferdinand 405
Fourie, Johan 482
Fourie, K. 225
Fourie, Prof. P.A. 342
Fourie, Dr. P.J.H.L. 297
Fourier-fasc-analises 355
Fox Chase-kankersentrum 328
Frankryk 51,209,248,259,313,342,457
Frans 32
Frans-Afrikaanse Woordeboek 51
Frans Cronjéleerstoel 160
Frans, Departement 5,47,51,52
Franse digkuns 51
Franse literatuurgeskiedenis 51
Franstalige Afrika 51
Franstalige Afrika-literatuur 51
Franz, Prof. R.C. 292,301,302
Friederich Ebert-stigting 97
Friediger, Dr. D. 345
Friedland, Prof. E.K.H. 212,214
Friedman, Marian 71,74
Fryer, W.H.C. 489
Fuchs, Carl 521
Fuchs, Emily 521
Fuchs-groep 521
Fundamentele Opvoedkunde 189,190
Fundamentele Pedagogiek, Departement 183,185,188
F.Z. van der Merwe-musiek-versameling . . 71

Gabarone 315,364
Gaigher, Prof. H.L. 214
"Gansdans" 459,471
Garbers, Dr. C.F. 456
Garbers, Dr. J.C. 235
Garbers, Dr. J.G. 456
Garnett, Prof. J.C. 95,96
Gastro-enterologie 299
Gauss-konformestelsel 403
Gazankulu 89,249,336
Geassosieerde Wetenskaplike en Tegniese Verenigings (GW & TV) 402,403
Geboueskoonmaakdienste, Afdeling 543
Gedenkuniversiteit van Newfoundland (Kanada) 277
Geerthsen, Prof. J.M.P. 215,216
Geesteswetenskaplike vakversamelings 422
Geesteswetenskappegebou, (GW) 32,38, 39,169,516,533,537
Geesteswetenskappe, Fakulteitsraad 464
Gefedereerde Kamer van Nywerhede 163
Gehalteversekering 382
Geldenhuys, Burger 478,480
Geldenhuys, Prof. F.G. 17,23,289,329
Geldenhuys, Prof. Jurie 232
Gemeenskaplike Matrikulasieraad (GMR) 33,37, 45,63,152
Gemeenskapsdiagnose 307
Gemeenskapsdiens 84,103
Gemeenskapsgesondheid 286,307
Gemeenskapsgesondheid, Departement . . . 286, 307,308,309
Gemeenskapsgesondheidsgroep 309
Gemeenskapsontwikkeling 66,244
Gemeenskapstandheelkunde 363,364,366
Gemeenskapstandheelkunde, Departement 363, 364,365
Gemeenskapsgesondheidsvereniging van Suider-Afrika (CHASA) 287
Gemeentebou 144
Gemenebes van Onafhanklike State 97
Gende, A. 96,97
Geneeskunde 289,292, 293,303,305,311,312,313,314,315
Geneeskunde, Fakulteit 23,66, 93,234,286,288,289,293,295,298,301,305, 306,311,312,318,326,330,342,349, 354,357,434,441,495, 524,525,526
Geneeskunde/Tandheelkunde-kampus 532
Geneeskunde (Veeartsenykunde), Departement 262,270-273,528
Geneeskundige Administrasie 288
Geneeskundige Kriminilastiek 314
Geneeskundige Maatskaplike Werk 64,66
Geneeskundige Mikrobiologie . . . 310,311,312
Geneeskundige Mikrobiologie, Departement 310,319
Geneeskundige Reg 107
Geneeskundige Virologie 311,312
Geneeskundige Virologie, Departement . . . 14, 311,312
Geneesmiddeloordrag 352
Genetika 214,215
Genetika, Departement 214, 215,216,246,253,313,517
Genève 364
Genmin 394
Genootskap van die Verenigings vir Bedryfsgesondheid en Veiligheid 309
Gent, België 284
Geodetiese Wetenskappe 404
Geofisiese Laboratorium te Washington . . . 220
Geofisika 219,220,221
Geografie 94,201
Geografie, Departement 216-219
Geografiegebou 500
Geografiese Inligting (GIS) 216,230
Geografiese Inligtingstelsels (GIS) 230
Geologie, Departement 4, 200,219-221,380,395,400,402,499,500, 517,520
Geologiese Opname 221
Geologiese Opnameinstituut, VSA 220
Geologiese Vereniging van Afrika 220,221,451
Geologiese Vereniging van Suid-Afrika . . 220, 221,451
Geomagnetisme 219

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Geotegniek 219
Geotegniese Ingenieurswese 405
Gereformeerde Ekumeniese Raad van die Ned. Geref. Kerk 136
Geregtelike Geneeskunde 304,314,315
Geregtelike Geneeskunde, Departement . . 288, 314,315
Geregtelike Patologie 315,316
Gereserveerde Versameling 417
Geriatriese Farmakoterapie 357
Gericke, Prof. G.S. 329,330
Gericke, Dr. J.D. 50,120
Gerigte Opleiding 177
Geringer, M.M. 218
Geriodonsie 373
Germishuys, P.J. 372,373
Gerryts, Prof. E.D. . . . 57,416,419,423,424, 425,426
Gesamentlike Raad vir Natuurwetenskaplike Verenigings 253
Gesamentlike Universiteitskomitee vir Maatskaplikewerkdosente 66
Geselskapsdier 282
Geselskapsdier-soötegnologie en -voeding . . 282
Geskiedenis xiii,5,53
Geskiedenis, Departement 462
Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis . . . . . xiii, 5,32,53-55,462
Geskiedenis van die VSA 53
Geslagskunde en Kunsmatige Inseminasie, Departement 273,528
Geslagskunde (Veeartsenykunde), Departement 262,273,274,275,528
Geslagskundige Verplegingskursus 275
Geslagskundige Klinieke 275
Gesondheidsadministrasie 307,308
Gesondheidsdienste 474
Gesondheidskomitee van die Witwatersrand en Pretoria 287
Gesplete-Gesigsdeformiteitskliniek 368
Gesubsidieerde tydskrifartikel 105
Gevorderde Finansiële Vraagstukke 157
Geyser, P.A. 125
Ghana 80,399
"Gids van Deskundiges" 441
"Gidsplan van die Groter Pretoria" 504
Ginekologie 289,303
Ginekologiese Onkologie-eenheid 333
Ginsburg, Dr. M.I. 317
Giskunde 253
GIS-laboratorium 230
Gissen, Lt. Kol. R. 96
Glatthaar, Prof. E. 309
Glaxo-Allenbury 356
Glaxo-instituut vir Kliniese Farmakologie . 304, 355,356,357
Gledhill, Prof. R.F. 332
Gloeck, J.D. 182
Godsdienswetenskap 113,117,119,137
Godsdiens- en Sendingwetenskap (Afd. A), Departement 113,116,118
Godsdiens- en Sendingwetenskap (Afd. B), Departement 132,136,137,147
Godsdienswetenskap 137
Goldbergleerstoel in Bio-ingenieurswese . . . 389
Gold Fields 234
Gold Fields-rekenaarsentrum 191
Gold Fields-rekenaarsentrum vir Onderwys (RGO) 234-237
Goldfields-sentrum vir Rekenaargesteunde Onderrig 396
Gold Fieldsstigting 235
Gonin, Prof. H.L. 62
Goslin, Dr. A.E. 69,93
Gosser, Cathy 471
Göteberg 366,375
Gottschalk, Prof. Roy 266
Gous, A.G.S. 137
Gous, R. 83
Graaff-Reinet 453
Graanallergieë 258
Graanvoedsels van Afrika 258
Gräbe, Prof. R.P. 339,340,457,463,464
Grabow, Prof. W.O.K. 312,313,314
Graankorrelsamestelling 258
Grace Community Church, VSA 146
Grade en diplomas toegeken 410
Graduandi 241
Grahamstad 52,471
Grahamstadse Nasionale Kunsfees . 458,459,471
Grand Rapids, VSA 121
Grant, Dr. W.L. 8,9
Grantham, G. 220
Grassland Research Centre te Roodeplaat . . 270
Gray, Prof. Rosemary 49
Grebe, Hein xiii
Greefswald 547,548
Greggor, Prof. K.N. 404
Gregoire Boonzaier-boomstudies 461
Grey, Dr. S.V. 305
Greyling, Jaco 470
Greyling, J.J.E. 427
Greyling, Dr. M. 331
Greyling, Dr. S. 325
Grieks 56,414
Grieks, Departement 55,56
Griekse Taalkunde 55,56
Griekse vroueklub 462
Griffiths, Annemarie 480
Grimsehl, Prof. U.H.J. 386,387
Grinaker Electronics 389
Grinaker Electronics-leerstoel in Elektromagnetisme 389
Grobbelaar, Dr. C.J. 391
Grobbelaar, Prof. N. 225,545
Grobler, Prof. B.J.G.W. 393
Grobler, C. 396
Grobler, Dr. J.E.H. 53,55
Grobler, Elize xiv
Grobler, Prof. M. 370,371
Grobler, P.J. 468
Groenewald, Dr. H.B. 265
Groenewald, Prof. J.P. 79
Groenewald, Prof. E.P. 134
Groenewald, Prof. P.S. 36,37
Groenewald, Prof. J.A. 250,251
Groenewald, T. 470
Groente- en Vrugteverwerking 259
Groenveld, Prof. H.T. 177
Groeifisiologie 257
Groen Rewolusie 216
Groep Bemarking 413
Groepsdinamika 244
Grondchemie 249
Grondfisika 249
Grondgebruiksbeplanning 243
Grondklassifikasie 249
Grondkunde 249,250,391
Grondkunde en Plantvoeding, Departement 243,247
Grondkunde-Plantproduksie 247,250,254
Grondkundevereniging van Suid-Afrika (GVSA) 248,249
Grondvrugbaarheid 249
Grondwaterhidrologie 220
Groothoek-hospitaal, Lebowa 336
Groot Treinwedloop 479
Grootveetelingkunde 257
Grosskopf, Prof. J.F.W. 269,270
Grosvenorstraat 501,540,541
Grové, Prof. A.P. 35
Grové, Prof. N.J. 102,103,104
Grové, Prof. Stefans 72,73,420
Grunow, Prof. J.O. 256
Gryffenberg, H. 44
Guidance and Careers Service 195
Gulbenkian Museum of Oriental Art 39
Güldenpfenning, Dr. W.M. 331
Gunter, Chris 456
Guthrie, Prof. Alan 263,287
Gutteridge, Prof. W.F. 96

Haag, Dr. M. 306
Haarhoff, Prof. P.C. 380,396,397,400
Haasbroek, Prof. P.J. 163
H.A. Grové-navorsingsentrum 354,356
H.A. Grové-proefdierafdeling 290
Hahn Meitner Instituut vir Kernnavorsing . . 220
Hallerbach, Kol. R.F. 96
Hamburg 246
Hamersma, Prof. H. 338
Hamersma, S.A. 154
Hamersma, Prof. Teertse 294
Hamman, Prof. E.M. 432
Hammanskraal 351
Hammes, M. 417
Hammes, Prof. P.S. 255,256,257
Handels- en Arbeidsreg, Departement 99
Handelsreg 98
Handelsreg, Departement 99
Handelsrekenaarwetenskap . . . 29,151,165,173
Handelsrekenaarwetenskap, Departement . . 165
Hanekom, Dr. A.E. 297
Hanks, R.J. 96
Hanns Seidel-Stigting München, Duitsland . . 96
Hans Merensky Houtbeeldhoukompetisie . . 42
Hans Merensky-stigting 42,253,422
Hans Snykers-gedenkmedalje 313
Hans Snyckers-instituut 290,357,358
Hara, H.Y. 136
Harare 246
Harding, Dr. S.M. 356
Harmer, Dr. R.E. 220
Harms, Regter L.T.C. 16,20
Harmse, Prof. C. 163,165
Hartebeespoort-gedeelte van die proefplaas . 529
Hartebeestspruit 545,546
Hartebeestspruit-arboretum, Universiteit van Pretoria (HAUP) 544,545,546
Hartman, Prof. J.B. 89,91
Hatfield-bakkery 540
Hartstigting van Suid-Afrika 326
Harvard Medical School, Boston 338
Hasse, P. 62
Hatfield, Pretoria 502,534,540
Hattingh, Prof. P.J. 219
Hattingh, Prof. P.S. 217,218
Hatton, Dr. C.J. 220
HAUM 44,157,172
Hauptfleisch, Prof. A.C. 203
Hauptfleisch, G.S. 442
Havana, Kuba 278
Havengaprys vir Geneeskunde 313
Havengaprys vir Ingenieurswese 400
Hawaii 336
Hawaii-virus 314
Hawthorne, Prof. Luanda 107
Hay, Prof. I.S. 81,85
Haynes, Prof. D.R. 338
Haysman, Mike 479
H.C.M. Fourie-erepenning 122,126
Hebreeus 74,75,76
Hebreeuse Universiteit, Israel 96
Heidelberg, Duitsland 322
Heidelbergse Sentrum vir Kankernavorsing, Duitsland 313
Hellberg, B.K. 440
Helsinki 300
Hematologie 317
Hematologie, Departement . . 288,316,317,322
Hendrikz, Dr. J. 465
Henriëtte Stockdalemuseum 348
Hepatitis-B 308
Herbst, D. 177
Herfskool 44
Herholdt, Prof. W. van der M. . . . 26,77,168, 483,485
Herkouer- en Monogastriese Voeding 257
Herman Althavertrust 85
Hermeneutiek 125
Heron, Prof. A.I.C. 115
Heron, Prof. Alisdair 136
Heropbou- en Ontwikkelingsprogram 108
Herstellende Tandheelkunde 366
Herstellende Tandheelkunde, Departement 366, 367,370,372,374,376
Hertzog, D.W.R. 104
Hervormde Kerk in Suidelike-Afrika 128
Hervormde Teologiese Opleiding te Klipdrift, Hammanskraal 126
Hervormde Teologiese Opleiding (HTO) . . 109, 119,122

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hervormde Teologiese Studies 118,120,121,126
Hervormde Teologiese Vereniging 118
Hesse, G.H. 47
Hesse, Dr. V.E. 10,16,19, 20,42,444,445,451,454,455,456
Heunis, C. du P. 94
Heunis, Johan 480,482
Heunis, W. du P. 17
Heydenrych, Dr. D.H. 53,55,456
Heyns, Prof. A.M. 206
Heyns, Prof. Christof 108
Heyns, Prof. J.A. . 17,19,22,133,134,135,136
Heyns, Prof. P.S. 396
H.F. Verwoerd-hospitaal ... 145,272,289,290, 299,301,302,303,309,311,313,317,322,327, 332,333,334,336,338,342,345,349,351, 362,365,495,499,524,525,526
Hidrologie 406
Hidrodinamika 199
Hidrouliese Vervoer 397
Highveld Forum 462
Hildastraat 533,534
Hillcrest 502
Hillcrest-muurbalbane 478
Hillhorst, A. 489
Hiltbrandt, Edith 73
Hilton College, Natal 43
Himnologie 145
Hinch, John 73,74
Hippocrates 348
Histologie 293
Historia 55
Historiese en Vergelykende Pedagogiek 184,188
Historiese Genootskap van Suid-Afrika ... 55
Historiese Opvoedkunde 190
H.J.M. Retieflaboratorium vir Leserkunde . . 60
Hoechst-Dieregesondheidsprofessoraat in Farmakologie (Veeartsenykunde) 267
Hoë-energie- en Deeltjiefisika 211
Hoefsmidkursusse 267
Hoek, H.A.J. 456
Hoek, Dr. P.W. 16,19,511
Hoekverslag 92
Hoë-temperatuurmineralogie 395
Hofmeyr, C.F.B. 456
Hof vir Kleineise 104
Hof vir Kort Prosesse 104
Hoff, Dr. Ansie 89
Hofmeyr, Prof. J.W. 138,139
Holloway-kommissie 1
Holm, A.B. (Albrecht) 508,511,514
Holm, Prof. D. 201,202
Holm, Prof. E. 208,209,210,211
Holm en Holm Argitekte 511,514
Holm, Jodaan en Holm 508
Holmshaw, Dr. L 51,52
Holtzhausen, Prof. L.C. 256
Holy Cross-hospitaal 290
Homelitiek 144,145
Hongarye 97,457
Hongkong 97
Hoof: Fakulteitsadministrasie 409
Hoofkampus 305,437,514,532,541,543
Horak, Prof. I.G. 278
Hormoonreseptoranalises, Afdeling ... 354,355
Horn, A.C. 218
Horn, Prof. Jan 104,105
Hornsveld, Dr. M. 265
Hospitaalapteekwese 352
Hospitaal Groothoek 78
Hospital for Sick Children, Londen 313
Hosten, M. 44
Houdenbek 460
Hou-den-Bek Koffiekelder 471
Hough, Prof. M. 87,88,94,95,97
Houston 313,328
Hovy, Pauline 482
Howell, Dr. J. 16,19,456
Howell, Prof. P.G. 276
H. Pistorius-wisseltrofee 248
Huber, Prof. Robert 246
Huber, Prof. Wolfgang 136
Hudson, Dr. P.D. 277
Hughes, D.J. 425
Hugo, Betty 49
Hugo, Prof. E.A.K. 65,66,67
Hugo, Prof. Elsbeth 71,73,74
Hugo, Prof. J.M. 296,297
Hugo, Prof. M.L. 217
Hugo, N. 354
Hugo, Dr. Pierre 303
Hugo, S.R. 81,83,84
Hugo, Prof. W.M.J. 154
Huis BCur 473
Huis Curlitzia 473
Huis en Haard 31,468,472,493,541
Huis Erika 539
Huis Katjiepiering 473,538,539,542,543
Huis Klaradyn 453
Huis Madelief 539,544
Huis Magrietjie 453,539,544
Huis Maroela 471,538,539,543
Huis Mopanie 453,473,538,539,543
Huis Nerina 473
Huis Olienhout 546
Huis Onderstepoort 473,540,542
Huis Piek 351
Huis Tankotie 473
Huis Taaibos 453
Huisartskunde 66,318
Huisartskunde, Departement . 288,289,318,319
Huishoudkunde 45
Huishoudkunde en Dieetkunde 66,201
Huishoudkunde en Dieetkunde, Departement 222-223,500
Huishoudkunde (onderwys) 223
Huismans, Prof. Henk 215
Huisvesting (VSR) 468
Huisvoorsitters 467
Human, Dirk, ... 114
Hurlin, Dr. D.H.R. 429
Hurter, P. 299
Hurter, H.S. 6,26,27
Hurter, M. 83
Huweliksgoedereg 102
H.W. Snijmangebou 524,525

IBM 488
IBM-hoofraamrekenaar 489
ICBEM-prys 400
ID-kaartstelsel 543,544
Ierland 97,321,338
Immelman, Prof. A. 267
Immunofarmakologie 356
Immunologie 306,310,319,320
Immunologie, Departement 288,310,319, 320,321,322,373
INBEKON 166,167
Indië 255
Indiërs 493
Indlo Beleggings 521
Indusplan Argitekte en Industriële Beplanners 490,491
Industriële farmasie 352
Infeksiesiektes, Departement 275,311,528
Infertiliteitskliniek 334
Informasiestelselontwerp 382
Informasietegnologie 389
Informatika 58,59,151,165,167
Informatika, Departement .. 165-168,228,389
Ingenieursbestuur 408,501
Ingenieursgeologie 219,221
Ingenieurslogistiek 382
Ingenieursraad van Suid-Afrika 383,404
Ingenieurstoringblok 394,400,499
Ingenieurswese 94,374,380, 389,390,403,422,499
Ingenieurswese, Fakulteit . 23,202,229,234,379, 387,388,393,394,400,402,403,407,437,499
Ingenieurswesegebou 381,497,500
Ingeskrewe studente 241
Ingham, Jeanette 46
Inheemse Reg 101
Inkopebestuur 159
Inligtingbestuur, Departement ... 415,436,443, 485,501,521
Inligtingkunde, Departement 57,58,167, 411,424,425
Inligtingstelsels en -tegnologie 413
Inligtingstelsels/Informatika 167
Inligtingstegnologie, Departement 489
Inplantologie 366,372,373,374,377,378
"Insekgedrag menslik gedrag" 210
Inspekteur van Eksamens 315
Institut für Medizin, Forschungzentrum Jülich, Duitsland 355
Institute for Ecumenial and Cultural Research, Collegeville, VSA 124
Institute of Quarrying 403
Instituut van Bedryfsadministrasie 179
Instituut van Behuising vir Suider-Afrika .. 230
Instituut van Interne Ouditeure 174
Instituut van Landskapsargitekte van Suidelike Afrika (ILASA) 224
Instituut van Rekeningkundige Tegnici 174
Instituut vir Afrika-studies Russiese Akademie vir Wetenskappe, Moskou 96
Instituut vir Afvalbestuur (Suidelike Afrika) 386
Instituut vir Bedryfsekonomiese Studies (IBES) 27,155
Instituut vir Beenbiologie 377
Instituut vir Farmaseutiese Dienste 352
Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks 219,220,221
Instituut vir Internasionale Betrekkinge, Taipei 97
Instituut vir Kinderleiding 66
Instituut vir Lewenswetenskappe 498
Instituut vir Mikrostrukture 522
Instituut vir Papillomavirus-navorsing, Heidelberg, Duitsland 322
Instituut vir Patologie 305,354,498
Instituut vir Personeelbestuur 159
Instituut vir Sellulêre Fisiologie 290,305
Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) 133,137,147-148
Instituut vir Sosiologiese en demografiese Navorsing (ISODEM) 79
Instituut vir Sportnavorsing ... 33,68,69,70,92
Instituut vir Statistiese Navorsing 177
Instituut vir Strategiese Studies (ISSUP) . 94,95, 96,97
Instituut vir Veeartsenykunde Navorsing, Onderstepoort 313
Instituut vir Voortgesette Teologiese Opleiding 143
Interkerklike Psalmhersieningskommissie .. 73
Internasionale APCOM-simposia (Application of mathematics and computers in the minerals industry) 402
Internasionale Assosiasie oor Watergehalte . 314
Internasionale Atoomenergie-agentskap (IAEA) 259
Internasionale Betrekkinge 442
Internasionale Grondkundevereniging (IGV) 249
Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing . 121
Internasionale Kongres oor Intensiewe Sorg, Wenen 301
Internasionale Kongres van Intervensie-radiologie 342
Internasionale Oorplantingsvereniging 300
Internasionale Politiek 86
Internasionale Privaatreg 102
Internasionale Saadtoetsvereniging (ISTA) .. 226
Internasionale Vereniging vir Bedryfsgesondheid 309
Internasionale Vereniging vir Dieregenetika . 282
Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing (IVTN) 369,370,376,378
Internasional Association for Dental Research 364
International Association for Mission Studies 137
International Association for Schools of Social Work 66
International Association for Sexual Plant Reproduction 227

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

International Association for the Exchange of students for Technical Experience (IAESTE) 443
International Association of Human-Animal Interaction Organizations 284
International Association of Technological University Libraries (IATUL) 416
International College of Oral Implantology . 367
International Federation for Documentation (FID) 416
International Federation of Landscape Architects (IFLA) 224
International Freedom Foundation 96
International Geographic Union 218
International Ozone Association 386
International Reference Centre for Avian Haematozoa 277
International Solar Energy Society 202
International Union Against Tuberculosis and Lung Diseases (IUATLD) 309
Interne Geneeskunde . . . 94,304,321,326,351
Interne Geneeskunde, Departement . . 321,322, 323,355
Interne Geneeskunde (Veeartsenykunde) . . . 270
Interne Oudit, Afdeling 489
Interne Ouditkunde 174
Interne tugondersoek 105
Intersaal 443,460
Interuniversitêre Biblioteekkomitee . . . 416,425
Inligtingsbronne 413
Inligtingsbronnebestuur 420
In Vitro-bevrugtingseenheid 333
Iran 97
isiNdebele 37
isiZulu 36
Israel . . 87,92,96,97,126,207,209,240,246,376
ISSUP-publikasies 96
IT-departemente 228
Italië 40,256,288,328,371,457,480
Iturralde, Prof. M.P. 324,325,326
Ivoorkus 97

"Jaarverslag" 441
Jack Lugg-uitstalling 461
Jacobs 216
Jacobs, Prof. C.D. 185,195,196
Jacobs, Francois 460
Jacobs, L.J. 220
Jacobs, Pieter 72
Jacobson, Dr. E.S. 17
Jacyk, Prof. W.K. 323
Janse van Rensburg, Dr. E. 314
Janse van Rensburg, J.D. 225
Janse van Vuuren, Prof. C.J.C. 396
Jansen, Prof. B.C. 273,276
Jansen, Dr. Chris 324
Jansen van Vuuren, Prof. C.P. 206
Japan 186,249
Japannese 493
J.D. Ackermann-pryse 293
Jerusalem 246
Jeugjaar (1985) 347
Jeugwerk 144
J.G. Strijdomgebou 381,394,499
Joego-Slawië 97
Jofre, Prof. J. 313
Johannesburg 172,337,401,439
Johannesburgse Aandelebeurs 179
Johannesburgse Dieretuin 239
Johannesburgse Algemene Hospitaal 324
Johns Hopkins-universiteit 328
Johnson, W.E. 174
Jokkieklub 282
Jonck, Prof. L.M. 339
Jong Navorser van die Jaar . . 199,210,227,304
Joolplaas 531,544
Joolweek 470
Jordaan, Dr. J.M. 406
Jordaan, Prof. P.W. 406
Jordaan, R. 351
Jorissen, H.W. 433,434
Joubert, A. 450
Joubert, Prof. C.J. 185
Joubert, Prof. D.J. 6,17,22,23,24, 98,103,104
Joubert, Prof. D.M. xii,12,14,16,92,235, 422,433,439440,444,448,460,461,478,506, 510,511,512,519,521,528,531,545,548
Joubert, Prof. H.S. 406
Joubert, J. 40
Joubert, M.N. 468
Journal for Semitics 74
J. Scheffer Konstruksie 511,524
Jubilee-hospitaal, Hammanskraal 319,351
Julius-Staz-studiebeurs 370
June te Water-uitstalling 461
Juniorbond van Oudstudente 446,449
Jüngel, Prof. Eberhard 136
Junior Achievement Programme 195
Justisie-kollege 107

Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie 367,368
Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie, Departement 361,362,367,368,374
"Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie vir die Algemene Praktisyn" 368
Kaapprovinsie 459
Kaappunt 458
Kaapse bobbejaan 300
Kaapse Parlement 403
Kaapstad 349,504
Kabinet 524,525,526
Kabote, M. 97
Kachelhoffer, P.M. . . . 184,186,187,433,434
Kahn, Dr. J.M 16
Kalafong-hospitaal 290,296,300,303,309, 322,327,332,333,334,336,338,340,345, 351,357,422,524,526,541
Kalafong-laboratorium 297
Kalahari 208
Kalamazoo, VSA 353
Kamermusiek 70
Kamer van Mynwese 402
Kamer van Mynwese se Navorsingsorganisasie (Comro) 402
Kamissoko, G. 97
Kampusbeheer, Afdeling 544,549
Kampusparaatheid, Afdeling 543,549
Kampustoneel 44,45
Kampustoneelfees 44
Kanada 80,97,164,186,209,210, 211,277,284,296
KaNgwane 309,351
Kanhym 271
Kanonkritiek 125
Kanselier 8,9,10,11,446
Kanseliersmedalje 26,43
Kantoor van die Staatsprokureur 107
Kantoor van die Studentedekaan 464
Kaplan, Prof. Joël 295
Kardiologie, Afdeling 323
Kardiologie, Departement 323
Kardiotorakale Chirurgie, Afdeling 302
Karteerwerk 220
Kategetiek 144
Kartografiese Eenheid 218
Katholicke Universiteit Nijmegen 64
Karusseit, Dr. Otho 300
Katolieke Universiteit van Leuven . 64,416,442
Kaufman, Prof. Gordon 136
Kaukasiese rasse 356
Kay-scinproseseringsonograaf 83
Kellerman, Prof. Jack 247
Kellerman, Prof. T.S. 267,268
Kemp, Prof. H.B. 403
Kemp, Prof. Johan 202
Kemp, Prof. Karel 445,452
Kempton Park 520,526
Kenia 94,97,195,216,218, 321,341,344,376
Kent State University, VSA 231
Kerkgeskiedenis, (Afd.A) vak . . . 120,121,123
Kerkgeskiedenis, (Afd.A), Departement . . 111, 120,122,139
Kerkgeskiedenis en Kerkreg (Afd.B), Departement 132,138,139
Kerkhistoriese Genootskap van die NHKA 121,139
Kerkhistoriese werkgemeenskap van Suid-Afrika 139,144
Kerkorrel, Johannes 460
Kerkreg 138
Kerkstraat 503
Kerkwet 129
Kernchemiese-ingenieurswese 397
Kernfisika 211
Kerngeneeskunde 323,324,325,326
Kerngeneeskunde, Departement . . 323,324,325
Kerngeneeskundige Wetenskappe 355
Kerningenieurswese 397
Kernkor 287
"Kersfees-oratorium" van Bach 457
Keurkomitee vir Eregrade 24
Keuzenkamp, Carike 456
"Kgwerano" 482
Khan, Prof. J.M. (Meyer) 439,456
Khwekhen 89
Kilnerpark 503
Kilnertonweg 503
Kimberley 358
Kinderasmawerkgroep 326
Kinderchirurgie 300,301
Kindergeneeskunde 326
Kindergeneeskunde, Departement 326,327
Kinderleidingkliniek 184,196,197,511
Kingsley, Dr. C.S. 317
Kirberger, Prof. Robert 266
Kirkness, J.J. 508
Kirstein, D.P. 16,19,456
Kistifibrose-Vereniging 326
Kitshoff, Jan 453,454
Klapperkop 520
Klassieke Tale 414
Klassieke Vereniging van Suid-Afrika 64
Klavierdidaktiek, ... 7,70,71,72,73
Kleding en Interieur 222,223
Kleeberg, Dr. H.H. 290
Klein, Prof. Lawrence 164
Kleindierchirurgie, Afdeling 266
Kleinsakebestuur 155
Kleinsake-ontwikkelingskorporasie . . . 155,159
Kleinveetelingkunde 257
Kleutergroep vir Kinders met Gehoor- en Taalgestremdheid 84
Kleuteropvoeding 193
Kleyn, Prof. D.G. 105
Kleyngeld, Chris 454
Kliniek vir Spraak, Taal en Gehoor 84
Kliniek vir Volwasse Vroue 333
Kliniese Assistent-simposium, Pretoria 302
Kliniese gebou 524
Kliniese Geneeskunde 334
Kliniese Geslagskunde, Departement 274
Kliniese Farmakologie 356
Kliniese Laboratoriumdiagnostiek 271,273
Kliniese Patologie 311
Kliniese Patologie (Veeartsenykunde) . 271,273
Kliniese Urologie 346
Klinikala-biblioteek 422
Klinikalagebou 290,524
Klintworth, Prof. G.C. 396
Klipdrift, Hammanskraal . 75,110,115,124,126 (sien ook Hervormde Teologiese Opleiding)
Kloosterkompleks 465,468,470,500,516
Kloostersaal 493
Klopper, Prof. C.H. 204
Klopper, E.G. 425
Klopper, Prof. H.B. 101
Kloppers, P.J. 359
Knipseldiens 97
Knobel, Prof. J. 334,335
Knowles-Williams, Prof. Gwen 49
Koch, Robert 320
Koch, Dr. Z 342
Kock, Dr. W.J. xiii
Koedoespoort-gedeelte van die proefplaas . . 529
Koekemoer, Prof. C.L. 154
Koekemoer, Prof. J.H. 22,110,114, 115,116,130
Koen, Prof. M. 182

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kogbe, Prof. C. 221
Kogleêre inplantings 84
Kohrs, P. 506
Kok, E. 347
Kok, Prof. P.C. 80
Kok, Prof. P.D.F. 227
Kok, W.L. 25,26,486
Kolbe, C. 46
Koliek-chirurgie by perde 267
Kollege van Geneeskunde van Suid Afrika 295, 301,332,336
Kollegetehuis 499
Komitee van Koshuishoofde 452
Komitee van Universiteitshoofde (KUH) 1,2,3,4,45,58,416
Komitee vir Dissipline (Personeel) 19,20
Komitee vir Dissipline (Studente) 23,24
Komitee vir Inheemse Reg (KION) 101
Komitee vir Opleiding en Navorsing (KON) 58
Komitee vir Studente Kultuur (KUKU) . . . 45
Komitee vir Universiteitsverpleeghoofde . . . 348
"Kommandolewe tydens die Anglo-Boere-oorlog" 55
Kommersiële Reg 29
Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk 115,128
Kommissie vir Administrasie 27,171,515
Kommissie vir Leer en Aktuele sake van die Ned. Geref. Kerk 136
Kommunikasiebestuur 153
Kommunikasiepatologie 82,83,84,85
Kommunikasiepatologie, Departement . . 81-85
Kommunisme 86
Komposisie 72
Konservatorium Reuil-Malmaison 73
Konservatorium van Bordeaux 73
Konservatorium van Brussel 73
Konservatorium van Gent 73
Konserverende Tandheelkunde, Departement 362
Konserverende Tandheelkunde en Pedodonsie, Departement 375,376
Konsolidasie 32
Konsolidasie van departemente 5
Konstruksieprojekbestuur 405
Konstruksieprojekbestuur, Afdeling 405
Konsultasie, Afdeling 465
Konvokasie van die Universiteit 8,10,16,445,455
Koördineringskomitee vir Tegnologie (KKT) 414
Koorkamer 457
Koorn, Dr. Robert 295,296,297
Koreaans 55
Koringraad 258
Koringraadleerstoel in Voedselwetenskap . . 258
Korkie, A.J. 80
Kornelius, G. 386
Korrosie 394
Korrosie-ingenieurswese 386
Korsten, L. 253
Korttermynversekering 179
Koshkin-Youritzin, Victor 40
Koshuisadministrasie en Kafeteriadienste, Afdeling 540
Koshuisfondskapitaalrekening 539
Koshuislewe 472
Kotze, D. 396
Kotzé, Prof. Dirk 104
Kotzé, Prof. J.M. 242,252,253,254
Kotze, Prof. P.A. 113,114
Kotzé, Prof. W.J. 347
Kraatz, Celia 235
Kragreaktoringenieurswese 397
Kraniofasiale Genetika 330
Krecek, Prof. R.C. 277,278
Kriegler, Prof. S.M. 192,193
Kriek, J.S. 468
Kriek, Prof. N.P.J. 278
Krieket 479
Kriel, Prof. D.M. 62,63
Kriel, Dr. Johan D. 89,91
Kriel, S. 40
Kriminologie 29,60,61,62,284
Kriminologie, Departement 60
Kriminologiese Vereniging van Suider-Afrika (KRIMSA) 61
Kristallografie 220
Kritzinger, A. 83
Kritzinger, Dr. J.J. 137,138,147,148
Kritzinger, Dr. P.H. 331
Krogh, Dr. D.C. 17
Kroon, Dr. J. 364
Kruger, Elmarie 44
Krüger, Ernst 482
Kruger, Johan 471
Kruger, Dr. M.C. 306
Kruger, Dr. P.E. 93
Kruger, Piet 480
Kruger, Dr. P.J. 17
Kruger, Prof. P.S. 383,384
Kruger, T.G. 26,485,486,489
Krygkor 170,176,212,440
Krynauw, Prof. G.N. 206
Kuddegesondheid 273,274,275
Kühn, Prof. G.J. 390
Kühn, Dr. M.J. 186,187
Kühn, Dr. Tinus 459
KUKU (Kuns en Kultuur) 471
Kultuuraangeleenthede 456
Kultuurbevordering, Afdeling . . . 443,444,457, 458,459,460,462,463,471
Kultuurburo 20,73,457, 458,459,460,461,462,463,465,471,472
Kultuurgeskiedenis 5,53,54,464
Kultuurkoördineringskomitee 463
Kunert, Prof. D.T. 95
Küng, Prof. Hans 136
Kunsargief 39
Kunsargiefpublikasies 40
Kuns en Kultuur, VSR-portefeulje 471
Kuns- en Kultuurgeskiedenis, Departement . 201
Kunsgeskiedenis 32,38,39,40,41
Kunsmatige Intelligensie 382
Kuns- Musiek- en Ballet-skool 460,493
Kunsthistorische Museum in Antwerpen . . . 39
Kunsuitstallings en -versamelings . 457,460,463
Kunsversameling 39
Kuratorium vir die Teologiese Opleiding van die NHKA 122,126,129
Kurpershoek, Liesbet 72
Kurrikulum-komitee 119,129
Kurrikulumstudies 188
Kuschke, Dr. G.E. 338
Kuschke, R. 220
Kuun, C. du P. 16,19,20,456
Kuyper, Owen 481
Kwalifiserende Eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad 174
KwaNdebele 90,184, 186,187,189,190,196,218,309
Kwasiza-Bantu-Sending 118
KwaZulu 78,217
Kya Lami 510
Kya Rosa 440,441,448,453,454,513,514
Kya Rosa-das 511
Kybernetiek 144

Laage, Dr. N.J. 299
Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese (LGI) 356,396,399,407,521
Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese (Edms.) Bpk (LGI) 389
Laboratorium vir Inligtingkunde 60
Laboratoriumtegnologie 312
Labuschagne, Prof. J.M.T 101
Labuschagne, Dr. J.P. 122
Labuschagne, Dr. N. 254
Labuschagne, Pieter 478
Laker, Prof. M.C. 248,249,250
Lamb-Craeye Konstruksie (Edms.) Bpk . . . 522
Lambrechts, Prof. H.A. 157
Lambrechts, Prof. I.J. 154
Lamprecht, Prof. C.E. (Chris) . 71,73,457,461
Landbou-ekonomie 151,243,250,251
Landbou-ekonomie, Departement 243,250
Landbou-ekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling, Departement 243,245,250,251
Landbou-ingenieurswese 390,393
Landbou-ingenieurswese, Departement 390,391
Landbounavorsingsraad (LNR) 267,272,277,309
Landbounavorsingsentrum in Finland 210
Landbouwetenskaplike van die Jaar 253
Landbouwetenskappe 253
Landbouwetenskappe, Fakulteit 23,208,218,234, 240,241,242,250,253,258,261,281,427, 443,523
Landelike Sosiologie 244
Landloop en Marathon 479
Landman, Prof. W.A. (Fundamentele Pedagogiek) 185,188,434
Landmeetkunde 403,404
Landmeetkunde, Afdeling 403
Landmeetkunde, Departement 403
Landmeetkunde en Kartering, Departement . 404
Landmeetkundige Wetenskappe 404
Landskapsargitektuur, Departement 201, 218,223-225,501
Lane, Prof. I.E. 389
Lange, J. 169
Langkilde, E. 415,416,423,424,425
Langfos-fosfaatprodukte 282
Langtermynbeplanning 490
"Languages in Contact and Conflict in Africa" (LiCCA) 33,34,443
Lantern 45
Las Vegas 370
La Trobe-universiteit te Melbourne (Australië) 270
Lategan, Dr. F. 450
Latyn 62,63,64,98
Latyn, Departement 33,45,62,63,64
Latyndag 63,98
Laubscher, Elza 461
Laudium 78
Laureatus-tockenning 161,454,456
Law line 158
L.C. de Villiers-sportterrein. 474,477, 481,529,543,544
Leach, Adv. J.H. 17
Lebone-verplegingskollege 196
Lebowa 78,172,230,249,309,319,336
Lebowa-regeringsdiens 230
Lech, Dr. C. 347
Lee, Hung-wei 285
Leerstoel in Bemarkingsbestuur 151
Leerstoel in Entrepreneurskap 156
Leerstoel in Farmakologie en Toksilogie . . . 167
Leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur . . . 161
Leerstoel in Kerningenieurswese 397
Leerstoel in Landskapsargitektuur 224
Leerstoel in Logistiek 156,160
Leerstoel in Versekeringswese 162,178
Leerstoel in Wildsiektes 263
Leerstoel vir Ingenieursbestuur 407,408
Leeukuil 309
Le Grange, Prof. P. 296
Leistner, Dr. G.M.E. 94
Lemmer, S.S. 170,171
Lentedag 46,449
Leo Haese BMW 459
Leppan, Prof. J.V.A. 369
Leprose 338
Le Roux, Abri 46
Le Roux, Dr. F.E. 281
Le Roux, Prof. J. 194
Le Roux, Prof. J.H. 142,144
Le Roux, Prof. J.M.W. 23,262,263
Le Roux, Prof. Johan 198
Leserkunde 60
Lessing, Prof. A.J.P. 295,296
LET-bestraling 344
Lettere en Wysbegeerte, Fakulteit22,32,35,62,69, 82,110,111,151,169,218,423,463,464
Lettergebou I 508
Letteregebou II 500
Leue, Prof. J.A.E. 46
Leuschner, Prof. F.W. 389
Leuven, België 334
Lewenswetenskappe, Afdeling 305
LGI-leerstoel in Fotonika 389
LGI-leerstoel in Millimeter- en Mikrogolftegnieke 389
LGI-leerstoel in Seinverwerking 389
Libreville, Gaboen 97

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

LiCCA-projek 33,34,443
Lichtenburg 340
Liebenberg, Prof. Hein 215
Liebenberg, Terseus 478
Lier, die 45
Life Style Management 93
Liggaamlike Opvoedkunde, Departement . . 32, 67,68,69
Ligthelm, Prof. A.J. 369,370
Ligthelm, J. 477,481
Limpoporivier 547
Lingeque, Prof. B.G.P. 332,339,340
"Link-UP" 441
Lion-Cachhet, Dr. Jan 291
Lion-Cachet, Susan 478
Lippert, Prof. Renate 162,436
Litschauer, Heidi 73,459
Lloyds-versekeringsmaatskappy 272
Lodder, Prof. John 302
"Loeloeraai" 459,471
Loftus Versfeld 449,469
Lokale Area-netwerk (LAN) 414
Lombard, Prof. J.A. 162,163,164,165
Lombard, Prof. S.H. 259
London 95,159,207,246, 285,313,321,417,504
Londonse Soëlogiese Vereniging 239
Loonstra, Prof. B. 420
Loopbane 2000 60
Loopbaanontwikkelingsentrum 184,195,196-197
Loots, Prof. G.P. 292,293
Loots, Prof. J.A.J. 175,182
Loots, Prof. J.M. 69,93
Loots, Dr. S.J. 319
Lötter, Dr. I.J. 435
Lötter, Prof. Sunette 107
Lotz, Dr. B.P. 331,332
Lotz, Prof. S. 206
Loubser, Prof. J.D. 315,316
Loubser, Susan 46
Louis Botha-leerstoel 225
Louis Mirvich-gedenklesing 295
Lourens, Prof. G.J. 206
Lourierkranstoekenning 454,456
Louw, Prof. A. 246
Louw, A.J. 490
Louw, B. 83
Louw, C.J. 344,345
Louw, Prof. J.P. 55,56
Louw, Prof. T.H. (Tobie) 456
Louw, Prof. W.J. (Cefim) 389
Louw, Prof. W.J. (Dedaktiese Pedagogiek) 185,186,187
Louw, Dr. W.J.H. 317
Loveday, Prof. R.K 273
Lubbe, Prof. A.J. 384
Lumbumbashi, Zaïre 402
Ludwig Boltzmann-troumainstituut, Wenen 301,355
Lugbesoedelingsbeheer 385
Lugvaartkundige Ingenieurswese 397
Lui, Ta-tsai 96
"Luister na die Liedjies" 459,471
Lundu, Dr. M.C. 59
Lynnwoodweg 491,493,496, 497,499,501,511,532,533,535,536

Maasdorp, Prof. E.F. de V. 155
Maasdorp, G.G. 163
Maatskaplike Werk 284
Maatskaplike Werk, Departement . . . 64,65,66, 67,84,145,475
Maatskappyereg 100
Maatskappywet 406
Macadamia-kwekersvereniging 256
MacFadyenbiblioteek 421,424
Madagaskar 239
Madrid 415
Mafikeng 340
Mafoyane, Dr. N.A. 331,332
Magaliesoord-sentrum vir Alkoholiste en Dwelmafhanklikheid 145
Mahlangu, J. 220
Mahoney, Dr. J.L. 338
Makapan-hospitaal 319
Makatinivlakte 248,249
Makwassie 541
Maladistrik 281
Malan, Dr. J.A. 316
Malan, Jeanne-Louise 72
Malan, Genl. M.A. de M. 96
Malan, Dr. S.P.T. 432,433,434,438
Malan, W.R. 388
Malawi 211,217,256
Malherbe, Prof. J.A.G.23,379,380,381,387,390
Malherbe, Prof. J.B. 214
Mamelodi 84,228,308
Mamelodi-gemeenskapshospitaal 318,336
Mammals of the Southern African Subregion 239
Mandela, Nelson 460,468
Mangokwekersvereniging 248
Manie van der Schijff Botaniese Tuin 227
Mankweng-hospitaal 296
Manlike Infertiliteitsnavorsingslaboratorium . 346
Mannekragbestuur 158
Mans, Prof. M.J. 62,64
Manskoshuisterrein 543
Mansoorlegkomitee 472
Mapungubwe 547,548
Mapungubwe/K2 Kultuur 90
Mapungubwe-terrein 292
Maputo 239
Marais, D.D. 409,410
Marais, Prof. E. 210
Marais, Dr. H. 294
Marais, W. 351
Marcus, Prof. R.D. 397
Maré, M.H.W. 456
Maré, Paula 482
Maré, Prof. W. 403
Maree, André 427
Maree, Prof. C. 257,258
Maree, Prof. L. 405
Maree, Prof. N. 229,404
Margaretha Mes-instituut 225,226,227,237-238
Margaretha Mes-instituut vir Plantfisiologie en -biochemie 237
Marioneiland 208,209
Marioneiland entomologiese navorsingsprogram 208
Maritz, Prof. N.G.J. 340
Markdata 177
Märki, Dr. U. 282
Marnitz, R.J. 16,19,456
Marshall, Prof. Vernon 406
Marucchi, Donna 478
Marx, Prof. A.E. 155
Marx, Prof. F.W. 152,155
Marx, Prof. George L. 162,178,179
Marx, J.S.S. 319
Marx, Prof. S. . . 22,149,151,153,154,155,156
Masai 299
Masker, die 45,46
Massey, Nieu-Seeland 284
Mastitistaakspan 287
Materiaalhantering 397
Materiaalkunde, Departement 380
Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese, Departement 386,394,400,402,499
Materiaalwetenskap 211,213
Materiaalwetenskappegebou 381
Mathews, Prof. E.H. 380,396,400
Matrone, Daniel 73
Matthews, Glenda 479
Mawasha, Prof. A. 185
Max Planck Instituut, Heidelberg, Duitsland 213
Max Planck-instituut vir Biochemie, München 246
Max-Planck Institut für Europäische Rechtsgeschichte 107
Maxwell-Mahon, W.D. 49
Mayer, Erich 461
Mayo-kliniek, Rochester, VSA . . 322,328,332
Mbabane, Swaziland 402
Mbabane-hospitaal 303
McCarthy, Dr. R. 190
McCourt, Prof. S. 220
McGill, Dr. A.E.J. 258,259
McNamara, Prof. D.A. 380,390
McNerney, Nola 220
M.D. Anderson-kankerinstituut, Houston . . 328
Mecalc 399
Medawar, Sir Peter 320
Mediareg 106
Mediaskakeling en Publikasies, Afdeling . . 441
Mededingingsraad 164
Mediese Biblioteek 416
Mediese Demografie 307
Mediese Ekologie 307
Mediese Fisika 288
Mediese Genetika 330
Mediese Geografie 307
Mediese Navorsingsraad (MNR) . . 13,176,246, 272,290,305,309,313,319,320,321,357, 359,364, 378,498
Mediese Navorsingsraad, Nelspruit 356
Mediese Navorsingsraadbeurse 429
Mediese Onkologie 327
Mediese Onkologie, Departement . . . 301,327, 328,344
Mediese Sentrum Mt. Sinai 295,296
Mediese Sosiologie 308
Mediese Universiteit van Suid-Afrika (Medunsa) 268,272,277,290,303, 305,321,322,331,338,341,348,369,378
Mediese Vereniging van Suid-Afrika (MVSA) 309,318,326,328
Mediese Wetenskappe 289
Medisynebeheerraad 287,352
Meditari 182
Medlen, Prof. C.E. 321
Meerholz, Paul 379
Meester van die Hooggeregshof 439
Meetbaangebou 521
Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese, Departement 396,397
Meganiese Ingenieurswese . . 379,380,396,398
Meganiese Ingenieurswese, Departement . 232, 381,396,398,422,499,523
Meganisasie 392
Meij, Prof. H.S. 305
Meijers, Prof. S.J. 397
Meintjies, A. de V. 423,424,425
Meintjies, C.C.C. 225
Meiring, Dr. J.H. 291,292,294
Meiring, Lizz, ... 44
Meiring Naudé-pad 503
Meiring, Prof. P.G.J. 137
Meissner, Dr. R. 255
Melbourne 246
Meltzer, Prof. D.G.A. 276,278
Meniere se siekte 338
Mennen, Ulrich 302
Mensekragbeplanning en -ontwikkeling, Afdeling 483,484
Menseregte 98
Mensgenetika, Departement 61,288,322,329,355
Mensgenetika en Ontwikkelingsbiologie, Departement 329
Menslike Bewegingskunde, Departement 67-70, 93,94,103,477,530
Menslike Hulpbronbestuur, Departement . . 151
Menslike Kommunikasie 82
Merari, Dr. A. 95
Merensky, Dr. Hans 422
Merenskybiblioteek 57,97, 105,158,414,417,421,422,423,425
Merenskybiblioteekgebou . . . 421,422,497,498
Merenskybiblioteekkompleks 422
Merkle, Dr. R.K.W. 220
Mes, Dr. Gerrit 237
Mes, Prof. Margaretha, G. 237
"Messias" van Händel 457
Metallurgiese Ingenieurswese, Departement 380, 394,500,520
Metamorfe Petrologie 220
Metchnikoff, Eli 320
Metz en Genote 439,440
Metz, J. 451
Mexiko 278,296
Meyer, Prof. A. 88,90,91
Meyer, Prof. B.J. 290,305,324,325

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Meyer, Dr. C.S. 338
Meyer, Prof. Hennie 336,337
Meyer, H.J. 506,548
Meyer, Prof. H.P. 319
Meyer, Dr. J.J.M. 226
Meyer, M.C. 425
Meyer, S.E. 83
Michielsen & Hofman 520,539
Middelburg Staal 161
Middleton-Shaw-toekenning 376
Mieny, Prof. C.J. 299,300,301,302
Mieny, J.P. 481,482
Mikologie 226,310
Mikrobiologie 252,253,307,375,378
Mikrobiologie, Departement 322,346,386
Mikrobiologie en Plantpatologie, Departement 242,243,246,251,252,253,378
Mikro-elektronika, Departement 521
Mikro-elektronikagebou 440,521,522
Mikrogenetika 290
Mikrorekenaarlaboratorium 436
Miller, Prof. H.G. 213
Miller, Dr. J.A. 95
Mimi Coertze-beurskompetisies 457,458
Mineraalwetenskappe 395
Mineraalwetenskappegebou (ou Fisikagebou) 381, 395,499,500,520
Mineralogie en Kristallografie 220
Minister van Finansies 157
Minister van Gesondheid 539
Minister van Landbou 153
Minister van Nasionale Opvoeding 515
Minister van Onderwys en Kultuur 537
Minister van Sport en Ontspanning 92
Ministersraad 501
Minnaar, Amanda 259
Mintek 160
Misdaadvoorkoming 60
Missie, Afdeling Studente-ontwikkeling . . . 466
Missie, Afdeling Tandheelkundige Materiale 376
Missie, Akademiese Inligtingsdiens 426
Missie, Departement Mensgenetika en Ontwikkelingsbiologie 330
Missie, Fakulteit Geneeskunde 290
Missie, Navorsingsadministrasie 427
Missie, Sentrum vir Korrosie-ingenieurswese 386
Misstofvereniging van Suid-Afrika . . . 248,257
Mizrahi, Prof. E. 370,371
Model C-skole 190
Moderne Europese Tale, Departement . . . 5,47
Moderne Politieke Denke en Metateorie en Navorsingsmetodiek 86
Modro, Prof, T.A. 206
Moh 9 394
Mohlamonyane, M. 46
Mohr, Joan 351
Mokgokong, Dr. S. 331
Mokopane-hospitaal, Lebowa 336
Molekulêre Biologie 245,246,253
Molekulêre en Sellulêre Biologie 253
Moll, C.J. 488
Moller, Danie 470
Moller, Joe 470
Möller, Prof. A.K. 187,190
Möller, J.J. 436
Möller, S.S. 425
Momentum Lewens 178,457
Momentum Lewensversekeraars-leerstoel in Versekeringswese 151,162,178
Mondepidemiologie 363
Mondgeneeskunde 369
Mondgesondheidsbestuur 363,364
Mondgesondheidsdienslewering 365
Mondhigiëne 363,365,366,378
Mondmikrobiologie 375
Mondmikrobiologie, Afdeling 375
Mondpatologie 369
Mondpatologie, Departement 375
Mondpatologie en Mondbiologie, Departement 361,369
Monoklonale Teenliggame 245
Moolman, B.D. 427
Moolman, Piet 458,464
Moolman, Piet (argitek) 507
Mordt, Ray 480
Möreskof 473
Morkel, F.W. 17
Morris, B. 161
Morris, Willie 479
Mosambiek 160,239,393
Moskou 96,165
Mostert, Prof. J.W. 296
Mostert, Prof. M.C. 46
Mostert, Prof. W.P. 80
Moutsi 309
Mozartfees in Salzburg 92
MS-Dos-programmatuur 235
Muckleneuktoring 520
Muller, A.S. 344
Muire, Dr. J.A. 373
Muller, Dr. Hilgard 9,420
Müller, Prof. J.C. 146
Multisilindertoetsstelsel 523
München, Duitsland 97,246
Munitoria 536
Murfin, G.P. 220
Murphy, Prof. M. 224
Murrell, Dr. K.D. 277
Musaion 444,460,471,497
Museumkunde 39,42,53,54,90
Museumkundige 54
Musiek, Departement 4,45, 70-74,145,236,423,450,458,459,460,463,464
Musiekbiblioteek 423
Musiekopvoederskonferensie 73
Musiekopvoeding 71,72
Musiekverrykingskursusse 459
Musiekwetenskap 72
Muskulo-Tumorale Eenheid 339
MV3 Argitekte 506,507
Myburgh, Prof. D.P. 321,323
Myburgh, E. 329
Myburgh, H.J.F. 456
Myburgh, H.K. 442
Mynbestuurdersvereniging van Suid-Afrika . 403
Mynbou 401
Mynbou-ingenieurswese, Departement . . . 380, 400,401,402,499,500,520
Mynbou-Oudstudentevereniging 451
Mynbouvakke 400

Naamsverandering 32,78,80,81
Nagel, Prof. P.J.A. 160
Nagel, Prof. R.C.D. 101
Nagraadse Bestuurskool 27,151,153, 156,159,161,179,408,453,483
Nagraadse Sakeskool 160
Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling 208,243,244,245,251,258,443
Naledzani, Dr. A.T. 251
Namibië 96,97,154, 202,205,249,358,367,393,442,458,459,507
Namibiese Boesmans 299
Namibiese Sentrale Regering 364
Nancy, Frankryk 313
Narkose, Departement 340
Narkose (Veeartsenykunde) 267
NASA 220
Nasionale Botaniese Instituut 216
Nasionale Dieretuin, Pretoria . . . 210,218,239
Nasionale Energieraad 248,250,393,401
Nasionale en Internasionale betrokkenheid . . 416
Nasionale Fisiese Laboratorium 324
Nasionale Fisiese Modelleringsfasiliteit 221
Nasionale Hart- en Longinstituut, Londen, . 321
Nasionale Instituut vir Vervoer en Padnavorsing 315
Nasionale Instituut vir Virologie 313
Nasionale Juta Studentenavorsingstoekenning 347
Nasionale Kankervereniging 321,328,344
Nasionale Krugerwildtuin 90,277
Nasionale Kultuurhistoriese Museum (Nask) 42, 92,201
Nasionale Kunste-Inisiatief 45
Nasionale Mannekragkommissie 159
Nasionale Mondgesondheidsopname 364
Nasionale Mondgesondheidsplan vir die Republiek van Suid-Afrika 363
Nasionale Mynwerkersunie 281
Nasionale Olimpiese Komitee (NOKSA) . . . 93
Nasionale Opleidingsraad 158,167
Nasionale Opvoeding 224
Nasionale Parkeraad 239,277,440
Nasionale Phoenix-komitee 396
Nasionale Produktiwiteitsinstituut 158
Nasionale Psigiatriese Vereniging van Suid-Afrika 340,341
Nasionale Seereddingsinstituut 343
Nasionale Sportondersoek 93
Nasionale Terminologiediens 37
Nasionale Universiteit Sun Jatsen 97
Nasionale Universiteit van Asuncion, Paraguay 442
Nasionale Universiteit van Taiwan 442
Nasinale Vakterminologiediens 87
Nasinale Verkeersveiligheidsraad 195,315
Nasionale Wildorganisasie 287
Nasionale Wolkwekersvereniging 256
Natal 217,349,458,459
Natalse Instituut vir Immunologie 246
National Academy of Sciences, Washington DC 256
National Education, Health and Allied Workers Union (NEHAWU) 485
National University of Lesotho (Roma, Lesotho) 97
Natural Adabas-databasis 409,489
Natuurbewaring, Afdeling 239
Natuurlewebestuur, Afdeling 498
Natuurlewe-navorsingsinstituut 239
Natuurlewevereniging van Suid-Afrika 239
Natuurwetenskappe 380,403,422
Natuurwetenskappe, Fakulteit 22,175,199,202, 206,207,210,212,224,228,229,233,234, 242,247,253,306,316,403,405
Natuurwetenskappegebou 500
Natuurwetenskappegebou I (NWI) . . 214,497, 499,500,516,517,518,519,520
Natuurwetenskappegebou II (NWII) . 237,381, 499,501,517,518,520,521
Naude, Dr. S.P.E. 326
Naudé, Prof. T.W. 267,268
Nauurse studie 27
Navorsing 170
Navorsingkoördineringskomitee 429
Navorsings- en Onderrigondersteuningsentrum 501,521
Navorsings- en Ontwikkelingsopname 430
Navorsingsadministrasie 427,428,429,431
Navorsingsbeheerkomitee 429
Navorsingsbekroning 425
Navorsingsbeleid 430
Navorsingseenheid: Nie-formele Onderwys 184,194
Navorsingseenheid vir Graanvoedsel 258
Navorsingsfonds, UP 359
Navorsingsgroep in Elektromagnetisme . . . 380
Navorsingsinstituut vir Groente en Sierplante 210
Navorsingsinstituut vir Grond en Besproeiing 248
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Stellenbosch 210
Navorsingsinstituut vir Suiwel- en Veekunde te Irene 270
Navorsingskomitee van die Fakulteit Geneeskunde (NAVKOM) 305
Navorsingsmetodiek 378
Navorsingsmetodologie . . 136,160,183,193,194
Navorsingsmissie: Universiteit van Pretoria . 430
Navorsingsontwikkeling (SNO) 212
Navorsingsreserwefonds 431
Navorsingstoekenning 89,93
"Navorsingsverslag" 428
Ndebele 90
Ndebele-onderwyskollege 187
Nedbank 161
Nederduits Gereformeerde Kerk . . 75,113,132, 133,134,137,139,142,146,147
Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) . 75,113, 118,119,120,121,127,128,129,131
Nederland 39,80,121,165, 209,246,249,284,287,296,371,420,443
Nederlands 34,55,284
Neethling, Labuschagne en Davidson 539

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1965-langtermynontwikkelingsplan 497,501,516
1985-langtermynontwikkelingsplan . . . 496,497
Neitz, Prof. A. 246
Neitz, Rudi 46,47
Nel, B. 174
Nel, Prof. J.A.J. 207
Nel, Prof. J.C. 366,367,376
Nel, Dr. J.D. 317
Nel, Louis 478
Nel, Dr. L.H. 253
Nel, Prof. M. 146
Nel, Dr. N. 317
Nel, Prof. P.C. 254,255,256,257
Nel, Prof. P.G. 53,54
Nel, Pieter, ... 165
Nel, Prof. P.P.C 291
Nel, P.R. 456
Nel, Prof. S.J.P. 370,371
Nel, Thijs 461
Nelspruit 356
Nesbitt, Prof. J.W. 278
Netbal 480
Netwerke, Afdeling 490
Neumeister, Dorothea 481,482
Neuro- en Elektrofisiologie 290,305
Neuro- en Elektrofisiologiese Mikrogenetika 290
Neuroanatomie 330
Neurochirurgie 330
Neurochirurgie, Afdeling 330
Neurochirurgie, Departement . . . 330,331,332
Neurofarmakologie 330
Neurofisiologie 330
Neurofisiologie laboratorium 332
Neurologie, Departement 331,332,356
Neuro-ontwikkelingsbenadering 351
Neuropatologie 330
Neuropsigofarmakologie-studies 356
New Foundland, Kanada 284
New Orleans 159
New York 56,157,284,295
New York State Society of Anesthesiologists 296
Nice 417
Nidda, Prof 55
Nie-Afrikaanssprekendes 465
Nie-formele Onderwysnavorsingseenheid . . 192
Nieu-Seeland 97,209,240,282,284
Nieuwoudt, Prof. C.F. 22,86,87,88,149,169,173
Niland, Prof. F.G.E. 38,39,461,462
Ngunivolke 92
Nobelpryswenner 164
Nolte, G.M. 469
Nolte, Prof. K.E. 35
Noord-Amerika 80,328
Noord-Natalse Kus 209
Noord-Sothosprekendes 84
Noord-Transvaal . . . 66,217,291,292,308,479
Noord-Transvaalse Atletiekunie 94
Noord-Transvaalse Krieketunie 479
Noord-Transvaalse landloopliga 480
Noord-Transvaalse Netballiga 480
Noord-Transvaalse Psigiatriese Subgroep 340,341
Noord-Transvaalse Rugbyspan 480,481
Noord-Transvaalse Rugby-unie . . 376,480,481
Noord-Transvaalse sporthoofkwartier 503
Noord-Transvaalse Vereniging vir Geestesgesondheid 341
Noordwes-Kaap 458
Noorweë 97
Noristan Bpk 359
Norwalkvirus 314
Novell-netwerk 236
Novemberfees 449,453
NPK-lêers 430
Numeriese Wiskunde 231
"Nuusblad" 450
Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling 125
Nuwe Hoop-skool 351
Nuwe Letteregebou 500
Nuwe Testament 55
Nuwe Testament (Afd. B) Departement . . 132, 140,146
Nuwe-Testamentiese Eksegese en Teologie (Afd.B) 140,142
Nuwe Testamentiese Grieks 124
Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika 123,141,144
Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Departement (Afd. A) 111,112,113,123
Nuwe Suid-Afrika 365
Nylstroom 336
Nywerheids-ontwikkelingskorporasie 505

Oberholzer, Prof. J.P. . . . 22,24,109,125,126
Obstetrie 289,326
Obstetrie en Ginekologie . . . 332,333,334,335
Obstetrie en Ginekologie, Departement . . 332, 333,346
Odendaal, André 44
Odendaal, Drice 470
Odendaal, Prof. J.S.J. 66,282,283,284
Odendaal, Prof. L.B. 44,46,464
Oefenkunde 94
Oelofse, J.C. 18
Oftalmologie (Veeartsenykunde), Afdeling . 266
Oftalmologiese Vereniging van Suid-Afrika . 336
Ohlhoff, Prof. C.H.F. 35
Oliesaderaad 246,258,393
Olivier, C. 93
Olivier, E. 122
Olivier, Dr. G.C. (Musiek) 71,72,73,74
Olivier, Prof. G.C. (Staatsleer) 87,88
Olivier, Hugo 477
Olivier, Jacques 480,482
Olivier, Dr. J.L. 80
Olivier, Dr. M.E. 293
Olivier, Dr. P.A. 16,19,20,444,456,511
Olivier, Regter P.J.J. 104
Omegakamp, Caprivistrook 356,358
Omgewingsbestuur 217
Omgewingsgeskiedenis 200
Omgewingsgesondheid 307,308
Omgewingsingenieurswese 385
Omgewingsouditering 217
Ondernemingsbeleid 160
Ondernemingsbestuur . . 149,151,152,155,156
Onderrigmedia, Afdeling xiv,435
Onderrigontwikkeling, Afdeling . . 119,363,433, 434,437
Onderrigsteundienste 434
Ondersoek na die situasie van Afrikaans aan die einde van die tagtigerjare (OSAT) . . . 34
Onderstepoort . . 313,470,474,526,527,529,541
Onderstepoortkampus 474,532,544
Onderstepoort Veterinêre Instituut (OVI) . 267, 272,277,495
Ondersteuningsdienste 409
Onderwysbestuur . 5,183,184,185,189,190,193
Onderwysbestuur en Fundamentele Opvoedkunde, Departement 188,189
Onderwysbestuur en Vergelykende Opvoedkunde 190
Onderwysbestuur, Historiese en Vergelykende Pedagogiek, Departement 188
Onderwyskollege Pretoria . 4,20,50,69,195,473
Onderwyskollege Soshanguve 69
Onderwyskollege vir Verdere Opleiding . . . 194
Onderwysreg 190
Onderwysvereniging van Suid-Afrika 187
Onkruidwetenskap 254,256
Ons Tuis-tehuis 351
Ontspanning en Toerisme 217
Ontwerpteorie 200
Ontwikkeling, Afdeling 439
Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika . 163,176
Ontwikkelingsbiologie, Departement . . 288,329
Ontwikkelingsosiologie 78
Ontwikkelingstudies 217
Oogbankstigting 335
Oogheelkunde 335,336,337
Oogheelkunde, Departement 335,336
Oor- Neus- en Keelheelkunde 66,303
Oor- Neus- en Keelheelkunde, Departement 84, 337,338
Oorbruggingsmaatreël 162
Oorplantingschirurgie 300
Oos-Duitsland 209
Oos-Europa 171,442
Oos-Kaap 217,458
Oos-Kaaptoer 458
Ooskampus 176,501,515,516,532,543
Oost, Prof. E. 155
Oostenryk 39,92,124,209,355,457
Oostenrykse Vereniging van Chirurgie 301
Oosthuizen, E. 365
Oosthuizen, G.E. 57
Oosthuizen, Prof. J.S. 79,80
Oosthuizen, Prof. P. (Piet) . . . 12,13,14,445, 446,447,472,473,482,485
Oosthuizen, Prof. W.L. 186,187
Oosthuizen, Willie 540
Oos-Transvaal xi,27, 28,151,153,217,281,291,483,537
Oos-Transvaal, uitreik aksies na hospitale in..303
Openbare Bestuur 171,173,176
Openbare Bestuursprogram 171
Openbare Betrekkinge-program 438
Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad 174,181
Openbare Tandheelkunde 363
Openbaresektorrekeningkunde 181
Opera, die 457
Operasionele Bestuur 152,159
Operasionele Navorsingsvereniging van Suid-Afrika 383
Opmeetkunde, Departement 4,403,499
Opmeetkunde en Stads- en Streekbeplanning, Departement 229,403
Opmeetkunde en Streekbeplanning, Departement 404
Opnamenavorsing 177
Optometrie 293
Opvoedkunde 94,183,284,365,422
Opvoedkunde, Fakulteit. 22,42,66,69,94, 112,183-198,201,459,436,442,500
Opvoedkunde/Regsgeleerdheidgebou . . 39,180, 183,494,497,500,516
Opvoedkunde Vereniging van Suid-Afrika . 185
Opvoedkundeliteratuur 184
Opvoedkundige Navorsingsmetodologie . . . 193
Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika (OVSA) 190
Orde vir Voortreflike diens, Klas I Goud . . 126
Organisasiegedrag, ... 159,170
Organisasie-ontwikkeling, Afdeling 483
Organisasiestrukturering 160
Organisatoriese Gedrag 158
Organisasie van Rooivleisprodusente 287
Oriënteringsprogram vir eerstejaars 464
ORSTOM, Frankryk 248
Ortodonsie 370,371
Ortodonsie, Departement 359,370,371
Ortopedagogiek en Kinderleidingkliniek, Departement 191
Ortopedie 94,303
Ortopedie, Departement 293,339,340
Osgood, Prof. R.E. 96
Osler, Dr. D. 107
Osseogeïntegreerde Inplantate 375
Osterhoff, Prof. D.R. 283
Otto, Dr. J.C. 16
Otto, Von B. de V. 423,424
Ou Chemiegebou 493,398
Oudiovisuele, Afdeling 263
Ou Fisikagebou (later Mineraalwetenskappegebou) 381,394,400
Ou Gebou van Liggaamlike Opvoeding . . . 42
Ou Kollegetehuis 518
Ou Landbougebou 500,516
Ou Letteregebou 39,457, 460,494,497,498,499,508,509,520
Ou Merensky 38,42,422
Ou Mutual-professoraat in Skoolvoorligting . 196
Ou Testament 125,126,127,142,143
Ou Testament (Afd. A) 74,111,112, 113,114,125,126
Ou Testament (Afd. B), Departement . . . 132, 142-144
Ou Testamentiese Eksegese en Teologie, Departement 142
Ou Testamentiese Wetenskap, (Afd. A), Departement . . 111,112,114,125-127,143
Oude Meester-stigting 458

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Oudiovisuele Dienste, Afdeling .. 431,432,435
Oud-Mopane Studente 450
Oudmynboustudentevereniging (MOVUP)402,403
Oud-Sonopstudente 450
Oudstudente 441
Oud-Taaibosstudente 450
Oud-Tukkie Eksploratio 450
Oud-Tukkieghoifklub 448
Oud-Tukkies 448,449,450,453,454,494
Oud-Tukkie-Springbokrugbyspelers 453
Oud-Voortrekkermanne 450
Ouerdag 464
Oundle School of Music 73
Owerheidsfinansies en Owerheidsouditering . 181
Overberg 277
Overbergnavorsingsprojek 278
Oxford 246,417

Padveiligheidsnavorsing, Loodskomitee vir... 315
Padvervoeroperasies 397
Page, D. 403
Paine, Dr. Ken 64
Pakendorf, Dr. W.U. 347
Pakhuisbestuur- en Distribusie 397
Parasitologie 207,276,307,310,528
Parasitologie, Departement 276-278,528
Parasitologiese Vereniging van Suider-Afrika (PARSA) 278
Parkeerafdakke 531
Parlement 447,527
Parkeraad 279
Parsons, James 73,459
Parys, Frankryk 342,416
Pasiëntesorgbestuur 363
Pasteur, Louis 320
Patologie 294,312
Patologie (H.F.) 272
Patologie (Veeartsenykunde) 279
Patologie (Veeartsenykunde), Departement 278, 285
Patologie/Veterinêre Volksgesondheid 263
Patologiegebou 524
Patologie-instituut 297
Patristiek 55,62,64
Pattinson, Prof. R.C. 334
Paul Harris-toekenning 339
Paul van Zyldam 546
Pauw, Samuel 516
Paxinos, Prof. S. 73
P.C. Coetzee-navorsingstoekenning 59
Pedagogiek-joernaal 185
Pedagogiekkursusse 187
Pediatriese Onkologie 301
Peeters, Prof. L.F.H.M.C. 52,53
Pegasus Mail 415
Pelser, Prof. G.M.M. 123,125
Pelzer, Prof. A.N. xiii,510
Penelogie 60
Penzhorn, Prof. B.L. 277,278
Penzhorn, Dr. K.E.W. 456
Percy Fitzpatrickinstituut vir Voëlkundige Navorsing 209
Percy Fox Foundation Award 55
Perdeby, die 132,468,469,470
Perdebyredakteurs 470
Perdechirurgie, Afdeling 266
Perdekliniek 288
Perdenavorsingsentrum 263,287,528
Perdepraktisynsgroep 282
Perifere Neuropatië 332
Periodonsie 374
Periodonsie, Departement 369
Periodonsie en Mondgeneeskunde, Departement 366,372,373
PEROMNES posevalueringstelsel 483
Persequor Technopark 503,504, 505,506,507,508,546
Persequor Technopark Eienaarsvereniging . 507, 508
Persetel-leerstoel 167,168
Persetel-rekenaar 489
Perseus Computer Systems 230
Personeel, Departement 413,427,483, 484,485,544
Personeelaangeleenthede, Departement 26 482,483
Personeeladministrasie en -beleid, Afdeling . 483
Personeelbestuur 66,151,168,170
Personeelbestuur, Departement 77,151, 158,168-171,308
Personeeldienste, Afdeling 544
Personeel: Dienswerkers, Afdeling 544
Personeelkonserte 458
Personeelsake (Doserend), Afdeling 482
Personeelsake (Nie-doserend), Afdeling ... 482
Personereg 103
Perth 351
Peru 97
Petrick, Prof. S.W. 266
Pfizer 277
Phalaborwa 90
Philadelphia 95
"Phoenix"-stelsel 435
Phyllis-Knocker-Bradlow-beurse 332
Piek, J.N. 101
Piek, Prof.J.P. 77
Pienaar, A. 416,423,424,425
Pienaar, Appie 470
Pienaar, Prof. G. 395
Pienaar, Dr. H. 299
Pienaar, Jan 482
Pienaar, Prof. K.J. 456
Pienaar, Prof. P. de V. 80
Pienaar, Sue 480
Pierneef, J.H. 54,461
Pierre van Ryneveld-gedenkteken 508
Piesangraad 480
Pieter van Drimmelen-medalje 141
Pietersburg 296,503
Pieterse, P.A. 255
Pieterson, Dr. G.E. 347
Pillman, Naka 92
Pinochet, Lucia 43
Pirometallurgie 394,395
Pistorius, Prof. C.W.I. 6,12,156, 160,173,174,180,380,387,389,390,415, 421,456,485,487
Pistorius, Dr. J.C.C. 91
Pitout, Dr. M.J. 305
Planologie 244
Plantbeskerming 243
Plantfisiologie 226
Plantkunde, Departement 5,63,209,218, 225-227,233,237,499,501,517,518,520,545
Plantkundegebou 518
Plantpatologie 252,253
Plantpatologiese Ekologie 253
Plantproduksie 5,243,254
Plantproduksie, Departement 243,254,255,256
Plantproduksie en Tuinboukunde, Departement 254
Plantproduktetegnologie 258
Plastiese Chirurgie 302,303
Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie ... 302
Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie, Afdeling 302
Plato-stelsel 235
Pluimveeproduksiebestuur 281
Pluimveesiektes 280
Pluiveesiektes, Departement . 263,279-282,528
Pluimveesiektes/Kuddegesondheid 263
Pneumatiese Vervoer 397
Podium 182
Pohl, Prof. Anna S. 456
Pole 92,97,248
Polisiekollege 308
Politieke Beleidstudies 86
Ponelis, Prof. A.A. 387
Pont, Prof. A.D. 110,121
Pontificia Universidad Catolica, Chili 442
Port Elizabeth 479
Porter, W ..... .424,425
Postkoloniale Afrika 147
Potchefstroom 480
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PUCHO) .. 27,52,55,78, 87,122,124,190,265,268,298,356,392,393
Potgieter, Dr. A.S. 316
Potgieter, Dan 247
Potgieter, Prof. D.J.J. 17,19,23,24,243
Potgieter, G.C., (Gert) 454,476,477,531
Potgieter, Dr. H. 299
Potgieter, H.L. 488
Potgieter, J.E. 18
Potgieter, Prof. J.H. 74,75,76,77
Potgieter, Prof. P.J. 375
Potgieter, Dr. S. 317
Pottas, Prof. C.D. 158,160,413,483
Praag 246
"Praktiese Obstetrie" 335
Praktiese Regskunde 98,104
Praktiese Teologie 66,117,131
Praktiese Teologie (Afd. A) Departement . 117, 127-129
Praktiese Teologie (Afd. B) Departement . 132, 144-146
Praktiese Teologie Werkgemeenskap van Suid-Afrika 124
Praktykbestuur vir Tandheelkunde-studente . 365
President van Konvokasie 10,11,446,447
Presidentselftal 479
Presidentsorde vir voortreflike diens, klas I, Goud 336
Presidentstoekenning van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) 380,390,396,400
Prestasieskool van UP 37
Pretoria 97,172,287,300,302,308,309, 324,334,348,350,351,358,363,365,398,436, 452,501,525,526,534,535,536,537,538
Pretoria Boys' High School 493,535
Pretoria Girls' High School 493,535
"Pretoria News" 469,533
Pretoria Portland Cement 192
Pretoria Tegniese Kollege 498
Pretorianer van die Jaar-toekenning 348
Pretoria-Oos Laerskool 493
Pretoriase Algemene Hospitaal 324,349,350,494
Pretoriase Argitektuurvereniging 202
Pretoriase Balie 104,107
Pretoriase Kinderkoor 187,456,459
Pretoriase Kollege vir Arbeidsterapie 349
Pretoriase Kollege vir Fisioterapie 350
Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys 38
Pretoriase Kunsmuseum 42,43
Pretoriase musici 458
Pretoriase Onderwyskollege (sien Onderwyskollege Pretoria)
Pretoriase Ooginstituut 336,425
Pretoriase Opleidingshospitaal 374
Pretoriase Sakekamer 161
Pretoriase Skool vir Fisioterapie 350
Pretoriase skool vir serebraalgestremde kinders 351
Pretoriase Staatslykhuis 316
Pretoriase Straatboom, 20 Mei 1983 309
Pretoriase Streeksvereniging van die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters 174
Pretoriase Technikon 184
(sien ook Technikon Pretoria)
Pretoriase Universiteitskoor 444,456,457,463,471
Pretoria-tegniek vir plasentalokalisasie 325
Pretorium Trust-beurswenners 457,458
Pretorium Trust-koopvereniging 72
Pretorius, C.E. 34
Pretorius, E.E. 54
Pretorius, Prof. F. 53,55
Pretorius, Prof. F.J. 344
Pretorius, J.A. 372,373
Pretorius, Prof. J.W.M. 185,194
Pretorius, Dr. Jan 301
Pretorius, M. 44
Pretorius, Prof. R. 35
Pretorius, Prof. Ronelle 61
Pretorius, Prof. S. 373
Pretorius, Dr. S.P. 122
Pretorius, Soon 481
Pretorius, Prof. Victor 199
Pretorius, Prof. W.A. 386
Price Forbes-Federale Volkskas-leerstoel in Wildsiektes 263,276

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Price Forbes-leerstoel in Wildsiektes 276
Primaatnavorsingsinstituut 239
Primêre Noodgeneeskunde 318
Prins, Dr. V. 454
Prinshofkampus 499,524,543
Prinsloo, Dr. G.T.M. 74,75,76
Prinsloo, Prof. J.G. 327
Prinsloo, Prof. S.F 342,343
Prinsloo, Prof. W.S. . . . 22,133,134,142,143
Privaatreg 66,98,101,102,103
Privaatreg, Departement 102
Private Wet op Universiteit van Pretoria . 15,28
Private Wysigingswet op die Universiteit van Pretoria 10,15,28
Pro Arte 460
Produksiebeplanning 382
Proefdiersentrum 528
Proefplaas 473,499,502,529,544
Processtraat 515
Professional Office Systems (PROFS) -elektroniese posstelsel 415
Projeck Link 164
Prokureursorde 105
Prokureurstoelatingseksamen 104
Propersona 78
Prosesreg 98
Prosesreg en Bewysleer 104,105
Prospectstraat . . 501,502,533,535,536,540,541
Prostetika 374
Prostetika, Departement 376
Prostetika en Tandtegnika, Departement . . 373, 374,375
Protec 406
Protosoïese Siektes 276
Protosoölogie 276
Provinsiale Skakelkomitee vir Moeder- en Kindergesondheid 326
Prozesky, Prof. O.W. 13,14,313,329,421,456
Psigiatrie 94,303,340,341,342
Psigiatrie, Departement 340,341
Psigiatriese Genootskap van Suid-Afrika . . . 341
Psigiese Volkekunde 88
Psigo- en Sosiopedagogiek, Departement . 185, 193-195
Psigometriese toetse 236
Psigopedagogiek 193
Publieke administrasie . . 86,149,171,173,308
Publieke Administrasie, Departement . . 86,171
Publieke Gesondheidsadministrasie 307
Publiekreg 98,105
Publiekreg, Departement 105
Publikasieraad 159
Publikasie-uitruilooreenkomste 97
Pullcs, W.A. 95
Pulon, Heinz 461
Puniva Damesklub 46,441
Puth, Prof. G. 155

Quality Management Consultancy Association of South Africa 383
Quantum 205
Queensland, Australië 284
Queenswood, Pretoria 503
QUICK-rekenaarprogram 399
"Quintessence of Dental Technology Editorial Award" 370
Qwaqwa 193

Raad . . . . . 6,7,9,10,11,13,14,15,19, 20,21,22,23,24,25,28,30,31,101,136,146, 427,434,444,445,446,447,448,451 (sien ook Universiteitsraad)
Raad op Atoomkrag . . . 290,324,325,354,356
Raad op Universiteite (ARU) 1,2
Raad/Uroloogpos 345
Raad van Akademiese Narkotiseurs 296
Raad van Argitekte 201,202
Raad van die Bond van Oud-studente 31
Raad van die Omgewingsbeplannings-professies 230
Raad van die Suid-Afrikaanse Instituut van Stads- en Streekbeplanners 230
Raad van Handel en Nywerheid 164
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) 1,13,37,41,42,47,58,62,71,74,79,83,87, 93, 124,145,149,153,158,164,167,176,177, 180,185,189,192,194, 195,341,440
Raad vir Godsdienste van die NHK 118
Raad vir Heraldiek 62
Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede 90,202, 448,508,510,511,548
Raadskomitee vir Spoedeisende Sake 19
Rabie, Yvonne 46
Rabinowitz, Hym 461
Rademeyer, Prof. C.J. 206
Rademeyer, Prof. P. 387,388
Rademeyer, Prof. W.F. 154
Radio Suid-Afrika 113,115
Radio Tuks 468,470,493
Radiobiologie, Afdeling 329,354,355
Radiodiagnostiek 324
Radiografie 289
Radiografie-studente 342
Radiologie 342,361
Radiologie, Afdeling 266
Radiologie (Veeartsenykunde) 266
Radiologie, Departement 324,325,342
Radiologiese Vereniging van Suid-Afrika . . 343
Radioterapie 303,343,344
Radioterapie, Departement . . 324,343,344,345
Radu, Dr. M. 95
Rajendra Agricultural University, Indië . . . 255
Randburg 218
Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) 37,51,78, 94,100,103,154,166,178,190,293
Range, Prof. K.J 206
Ransome, Prof. O.J. 326,327
Rapoport, B.L. 328
Rapportryers 462
Rapportryersprys 165
Ras, Branus 478
Ras, Prof. G.J. 321
Rasa, Prof. O.A.E. 207
Raubenheimer, A.J. (Braam) 8,456
Raubenheimer, F.J. 456
Raubenheimer, Prof. L.J. 167
Rautenbach, Prof. C.H. xiii
Rautenbach, Dr. P.S. 10,16
Rautenbach, Steve 478
Rautenbach-saal 460
Rawson, Dr. Philip 39
Reaktortegnologie 397
Realtors (Edms.) Bpk 506
"Red Kerkplein" 201
Re-do Konstruksie 523
Registrateur 8,11,14,21,26,427
Registrateur: Akademies 26,28,409,432
Registrateur: Finansies 25,485,486,545
Reigstrateur: Personeelaangeleenthede . 482,483
Regsfilosofie 107
Regsgeleerdheid 424
Regsgeleerdheid, Fakulteit 22,24,27,62, 64,66,100,107,108,201,202
Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie, Departement 105,107
Regshulpkliniek 99,104
Regslatyn 62
Regsouteur 62
Regspersoneelvereniging 99
Regstudent 62
Regsvergelyking 107
Regswetenskap 314
Reif, Prof. S. 347
Reinecke, J.B. 489
Reinecke, Prof. R.K. 277,278
Reinhardt, C.F. 255
Reitz, Prof. C.J. 318,319
Rekenaardienssentrum 490,501,521
Rekenaardienste, Afdeling 436,489
Rekenaargeïntegreerde Vervaardigingstelsels 382
Rekenaargesteunde geneesmiddel ontwerp . . 352
Rekenaargesteunde onderrig, Afdeling (RGO)162, 185,236,435
Rekenaargesteunde Onderwys 183,436
Rekenaaringenieurswese 389
Rekenaarkundigheidsentrum 501,521
Rekenaarlaboratorium 228
Rekenaarouditering en -konsultasie 18
Rekenaarstudie 228
Rekenaartegnologie 382
Rekenaarwetenskap 58,165, 166,167,175,231,308,389
Rekenaarwetenkskap, Departement 167, 173,201,202 227-228,389
Rekenarisering 409
Rekening- en Ouditkunde 165,173-175
Rekeningkunde 165,191,235,308
Rekenmeestersopleiding 180
Reklame en Administrasie, Afdeling 457
Rekonstruktiewe chirurgie 303
Rekonstruktiewe Mikrovaskulêre Chirurgie . 302
Rekreasie Suid-Afrika 93
Rekreasickunde 68,69,94
Rektor . . 11,12,24,433,434,447,448,451,452
Rektoraat 11,12,27,31,153,434,436, 437,443,446,447,452,453,455,463,487, 490,531,536,539
Rektorsaal 443,460
Reproduktiewe Biologielaboratorium 333
Reprografiese Dienste 414
Republiek van China (Taiwan) 97,226
Republiek van Suid-Afrika (RSA) 255, 364,411,443
Reserwebank-gebou 342
Rethman, Prof. N.F.G. 255,256,257
Retinitis Pigmentosa-stigting van Suid-Afrika 335
Rewolusie 86
Reyers, Prof. F. 273
Reynders, Dr. H.J.J. 154,180
RGO-programme 245
Richards Baai 209
Richards Bay Minerals 239
Rijksmusiekacademie in Antwerpen 40
Rijks-universiteit, België 253
Rijksuniversiteit van Leiden 165
Rio de Janeiro 248
"RIP" 459
Rizvi, Dr. S. 255
Robb, Prof. W. 206
Robbertse, Prof. P.J. 225,227,237,545
Roberts, Prof. J.J. 258
Robinson, E. 332
Robinson, Prof. T.J. 238
Rochester, VSA 322
Rodger Dyasonskild 478
Rohde, Prof. A.W. . . . 229,403,404,406,407
Rohwer, Prof. E.R. 206
Romeinse komedie 62
Romeinse reg 99
Romeins-Hollands Reg, Departement 101
Rondomtalies 460
Röntgenografie 361,363
Röntgenologie 361,363
Röntgenologie, Afdeling 363
Röntgenologiekliniek 359
Roode, Prof. J.D. 165,166,167,168
Roodeplaatdam 478
Roodeplaat-navorsingslaboratorium 216, 369,378,425
Roodepoort-Eisteddfod 457
Roodt, Ronelle 479,482
Roodt, Prof. G.K.A. 160,161
Roodt, Prof. P.H. 35
Rooms-Katolieke kerkie 500
Roos, Dr. D. 434
Roos, Prof. J.L. 341,342
Roos, Prof. N.O. 38,40,42,461,463,464
Roosterkomitee 23,467
Roperstraat 491,494,496,497, 501,502,511,516,517,532,533,534,535,536
Roperstraat-kwessie 532
Rose-Innes, Alexander 461
Rosinger, Prof. E.E. 231
Rosman, Dr. K.D. 331
Rossouw, Dr. A.P. 331
Rossouw, C.J. 438,444,511
Rossouw, Prof. D.S. 321
Rossouw, Dr. H. 299
Rossouw, Kobus 457

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Rossouw, Dr. L.M. 364
Rotariërs 339
Rotsmeganika 402
Roux, Prof. C.Z. 216
Roux, Dr. J.P. 370
Roux, N.L. 172
Roux, Prof. P. 335,337
Royal Institution of Chartered Surveyors of Great Britain 205
Royal Veterinary College, London, ... 285
Rubella 308
Rubin, Henri 379
Rudolph, Dr. Suwil 107
Rugby 480
Rupert, Dr. A.E. (Anton) 10,11, 420,422,439,448,452,514,519,546
Rupert, Huberte G. 456
Rusland 80,97,163,249,442
Russies 235
Russiese Akademie vir Wetenskappe, Moskow 96
Rust, E. 405
Ruttgers Universiteit 246

Saadontkiemingsstudies 237
Saalperdvereniging 282
Saambou 459
Saayman, Dr. G. 316
Saayman, M. 478
Sabbagha, Prof. N.J.G. 49
Sadie, Prof. J.L. 80
Safariklub 450
Safari-projek 407
Safmarine 239
SAIMM-silwermedalje 395
Sakereg 103
Salzburg 92
Samcor-rekenaarstelsel 396
Samewerking . 93,94,123,146,195,281,284,286
Samewerking met ander universiteite 39,94,146, 195,201,239,270,284
Samewerkingsooreenkomste . 4,93,109,111,284
Samuel, H. Jenkins-medalje 314
Samuel Pauw Argitekte 516
San, die 356
Sandenbergh, Prof. R. 395
Sandison, Prof. A.G. 343,344
Sandrock, Brian . . . 500,529,530,536,540,545
San Francisco, VSA 124
Sanlam 178,192
Sanrotskuns 462
SARDC (Harare, Zimbabwe) 97
Sasol 394,523
Sasollaboratorium vir Struktuurmeganika . 381, 396,523
Sasol-leerstoel in Voertuigingenieurswese . . 397
Sastech 395
Satellietkampus te Oos-Transvaal 153
Sauer, Prof. N. 23,199,200,232
SAUK TV-koorkompetisie 457
Savage, D.J. 324
Scheepers, C.H.H. 17,19,174,456,511
Scheepers, Hancke 449
Scheepers, J.S.K. 439
Scheepers, Rian 471
Scheffer, Jan 513
Schlag, Prof. G. 301,355
Schlebusch, A.L. 9,59,439,452,456
Schlebusch, Prof. B.J. 77
Schlebusch, I.E. 456
Schmid, Prof. U.E. 302
Schmidt, Uli 480,482
Schmidtsdrift 358
Schnetler, James 531
Schoeman, Prof. D.J. 17,23,379
Schoeman, Prof. H. 173
Schoeman, Prof. H.S. 176,177
Schoeman, Prof. J.B. 77
Schoeman, Prof. M.C. 103,104
Schoeman, M.J. 50
Schoeman, Prof. N.J. 163
Schoeman, Prof. W.J. 77
Schoemansdal 90

Schola Latina 63
Scholtemeijer, Prof. J. 62,64
Scholtz, Prof. C.H. 208,210,211
Scholtz, G.C.O. 548
Scholtz, K. 456
Scholtz, Dr. M. 347
Scholtz, U. 38,40
Schoombie, S. 44
Schoonraad, Prof. M.G. (Murray) . . 38,40,42, 443,457,458,462,463
Schuknecht, Prof. H.F. 338
Schumann, C.J. 63
Schumann, Prof. J.P. 253,254
Schumann, Prof. W.A. 397
Schutte, Dr. J. 420
Schutte, J.P. 92
Schutte, Philip 480
(H.G.W.) Schweickerdt-herbarium . . . 225,227
Scott, G.J. 468
Scott, Prof. T.J. 99,102,103,104
Searle, Prof. Charlotte 348
Sedimentologie 220
Seegers, Dr. J.C. 306
Seeliger, Prof. J.E. 362,363
Sekerheidsreg 102
Sekretaris van die Raad 483
Sekuriteit/Verkeerbeheer, Afdeling . . . 543,544
Sekuriteitsvereniging van Suid-Afrika (SASA) 96
Sellulêre Biologie 206
Sellulêre Immunologie 320
Sellulêre Immunologie-navorsingsprogram . 321
Semistiek 74
Semitiese tale 75
Semitiese Tale, Departement . . . 74-77,112,201
Senaat 6,7,10,13,14,15,17, 20,21,23,24,25,31,136,169,409,421,431, 452,467,514,516
Senaatsaal 10
Senaatskomitee vir Akademiese Onderwys-metodes 431
Senbank 163
Sendingkommissie 147
Sendingwetenskap . . 117,119,136,137,138,148
Senekal, F.J. 477
Senior Bestuurder Inligting 20,489
Senior Bibliotekaris, Fisiese Fasiliteite en Toerusting 423
Senior Bibliotekaris: Gebruikersdiens 424
Senior Oud-Tukkies 450
Senior 60+ 450
Sentrakor-leerstoel 224
Sentrale Akademiese Administrasie, Departement (SAA) 6,427,429
Sentrale Joolkomitee 468,470
Sentrale Ondernemingskorporasie 224
Sentrale Ontwikkelingshulpkomitee 468
Sentrale Pluimveelaboratorium 281
Sentrale Rekords 430
Sentrale Statistiekdiens 58
Sentrum van Uitnemendheid-toekenning . . . 390
Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (SAAK) 84,85
Sentrum vir die Dokumentasie van Ou Regsbronne 107
Sentrum vir die Studie van Mondelinge Tradisie (Universiteit van Natal) 52
Sentrum vir Diens en Teologie 126
Sentrum vir Ekonomiese Politiek en Analise (SEPA) 151,163
Sentrum vir Eksperimentele en Numeriese Termostroming (SENT) 399
Sentrum vir Gemeenskapsielkunde 78
Sentrum vir Gemeenskapsonderwys (S.G.O.)184, 197,198
Sentrum vir Hoë-temperatuurstudies 395
Sentrum vir Hoogbegaafde Leerlinge 50
Sentrum vir Intertale Kommunikasie 56
Sentrum vir Korrosie-ingenieurswese 395
Sentrum vir Menseregte 99,107
Sentrum vir Natuurlewebeheer 242
Sentrum vir Natuurlewebestuur 369
Sentrum vir Natuurlewenavorsing 261

Sentrum vir Nauurse Onderrig in Witbank . 151
Sentrum vir Navorsing oor Hedendaagse Digkuns 52
Sentrum vir Navorsingsontwikkeling 212, 214,226,227
Sentrum vir Nuwe Elektrisiteitstudies (SNES) 389
Sentrum vir Omgewingsbiologie en Biologie Beheer 242
Sentrum vir Regspraktyk 99,104,108
Sentrum vir Rekenaargesteunde Onderrig (RGO) 91,217,436
Sentrum vir Staatsregtelike Navorsing 99
Sentrum vir Stomatologiese Navorsing . . . 359, 375,377
Sentrum vir Struktuurmeganika 399
Sentrum vir Sweisingenieurswese 395
Sentrum vir Teologie en Diens, Hammans-kraal 76,126
Sentrum vir Toegepaste Handel- en Arbeidsreg 99,100
Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO) . 113,122,128,134,141,146-147
Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting (SVTT) 109,115,122,129-132
Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (SWO) 62,218
Sepedi 36,37
Sepediwoordeboek 37
Sertifikaat in die Teorie van Rekeningweten-skappe (STR) 182
Sertifikaat vir Navorsing 425
Sertifikaatkursus in Finansiële Bestuur 155
Sertifikaatkursus in Kleinsakebestuur 155
Sertifiseringsraad vir Technikononderwys (SERTEC) 374
Ser-toets 346
Sessiereg 102
Sevenhuysen, K. 55
S.G. Lourens-kollege vir Verpleging . . 196,350
Sharon, Prof. M. 96
Sharpe, M.E. 159
Sharpe, Dr. M.R. 220
Shell-galery 43
Shiels, Dr. R.A. 345
Shipham, Imme 349
Shoredits Konstruksie 516
Short, John 478
Sielkunde 29,32,58,77,78,284,413
Sielkunde, Departement . 26,77-78,84,94,145, 168,169,170,341,445,452,464,483
Siemens 192
Siertuinboukunde 254,256
Siglé, Prof. H.M. 204,205,511
Simpson, Prof. I.W. 294,295
Simulasiemodellering 382
Sir Arnold Theilergebou 262,474
Sistematiese Teologie 124
siSwati 37
Sitogenetika 215
Sitogeneticse laboratorium 282
Sitrusbeurs 248,393
Siviele Ingenieurspraktyk 405
Siviele Ingenieursreünie 453
Siviele Ingenieurswese 229,232,405
Siviele Ingenieurswese, Departement . 229,232, 378,380,403,404,405,406,499
Skadevergoedingsreg 102
Skakeldienste, Afdeling 440,441,443
Skakeling 195
Skakeltegnologie, Afdeling 443
Skandinawiese lande 442
Skeepvaartwetenskap 403
Skeppende Kunste (Beeldend, Musiek, Drama), Afdeling 457
Skinner, Prof. J.D. 207,238,239
Skinner, Prof. W. 387,449,452
Skinnerstraat 511
Skoleskakeling, Afdeling 45,438,442,465
Skone Kunstekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns . . . 202
Skoolorganisasie en Administrasie 190
Skool vir Bedryfsleiding 95

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Skool vir Informasietegnologie 383,389
Skool vir Inligtingtegnologie (IT) . . 59,167,228
Skool vir Insektaksonomie 208
Skool vir Mynbou en Mineraalwetenskappe 221, 380,394,395,402
Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie (SOBA) 151
Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) . 151, 174,175,180-182
Skoolvoorligting 186,195
Skoolvoorligting, Departement 183, 185,186,195-196
Skotland 95,96
Skrifuitleg 113
"Skryfskiet" 472
Slabbert, S. 225
Slenczka, Prof. Reinhard 136
Sloet, H.A. 456
Small, Prof. J.G.C. 226,237
Smaraglaser 335
Smit, C. 548
Smit, Prof. C.F. 177
Smit, Prof. G.J. 77
Smit, Moray 482
Smit, Prof. P. . xi,3,12,13,14,15,16,174,192, 197,421,425,427,428,453,456,516,528,536
Smit, Prof. P.N. 296
Smith, E.J. 483
Smith, E.B. 489
Smith, Dr. F.J. 297
Smith, Prof. G.A. 281
Smith, Dr. P.R. 17
Smith, Prof. R.A.F. 406
Smithers, Dr. R.H.N. 239
Smuts, Prof. A.J. 146
Smuts, Genl. J.C. 422
Smuts, M. 545
Smuts, Prof. (Malie) M.M.S. 264,435
Smuts, N. 545
SNO: kyk Stigting vir Navorsingsontwikkeling asook Sentrum vir...
SNO-geëvalueerdes 199
Snyckerstoekenning 359
Snyman, Prof. C.P. 220
Snyman, Dirkie xiv
Snyman, Prof. H.W. 289,319,329
Snyman, Ina 71
Snyman, Prof. J.A. 398
Snyman, Prof. Jan 481
Snyman, Dr. J.R. 304
Snyman, Dr. R. 186
Snyman, Prof. W.D. 364,365,366
Society of Biblical Literature 124
Society of Logistic Engineers 383
Socius-status 423,425
Soley, J.T. 265
Solomon, Prof. Alan 73,74,458
Sommers, Prof. De Klerk . . 303,304,305,357
Sonar-departement 342
Sonenergie-vereniging 202
Sonnekus, Prof. M.C.H. 185,194
Soogdierkunde 207,239,240
Soogdierkunde, Departement 207
Soogdiernavorsingsinstituut . . 238,239,240,369
Soötegnologie, Departement 282
Sosiologie 29,58,284
Sosiologie, Departement 78-80,94,158
Sosiopedagogiek 193
South African and African Literature 49
South African Society of Massage and Medical Gymnastics 350
South African Society of Physiotherapy . . . 350
South African Tertiary Institutions Sports Association (SATISA) 482
South African Tertiary Institutions Sports Congress (SATISCO) 482
South African Tertiary Institutions Sport Union (SATISU) 482
Southampton, Engeland 195
Southern Sunngroep 161
Southern Sunleerstoel in Hotel- en Toerismebestuur 151
Sowjet-Unie 96
Spamer, R. 281
Spanje 209,448
Speakers Corner 462
SPECT-tegnieke 355
Spelterapie 65
Spermatologie 347
Spesialiteitsgroep Ekologie 226
Spesialiteitsgroep Mikologie 226
Spiersiektes 332
Spies, Bertha 73
Spies, Prof. F.J. du Toit xiii,53,55,169
Spies, Prof. L. 35
Spies, Sarel 479
Spinale Eenheid 365
Spoornet 170
Spoortnet-Kuesta 458
Sport- en Rekreasiebestuur 93
Sport- en Rekreasiereg 103
Sportadvieskomitee 476
Sportbeampte 478
Sportburo 475,476,477,530
Sportgeneeskunde 288
Sportinstituut 351,530
Sportkunde 68,94
Sportman van die Jaar 481,482
Sportmedisynelaboratorium 288
Sportsentrum 32,440,477,529,530
"Sportsoort van die Jaar"-toekenning 480
Sportvrou van die Jaar 480,481,482
Spraakheelkunde 80,81
Spraakheelkunde en Oudiologie, Departement 80
Spraak-taalpatologie en Oudiologie 82
Spraakwetenskap, Spraakheelkunde en Oudiologie, Departement 80
Springbokke 478,480
Staanvas-sentrum vir Alkoholiste 145
Staat, die 259,360,362,528
Staatkundige Komitee van die Presidentsraad 87
Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, Departement 8
Staatkundige Vereniging van Suid-Afrika . . 87
Staats- en Munisipale Administrasie, Departement 86
Staatsdiensvoorwaardes 360
Staatskoerant 351
Staatsleer 86,87
Staatsleer en Internasionale Politiek, Departement 85,86,95,149,151
Staatsleer en Publieke administrasie 149
Staatsmuseum, Windhoek 210
Staatspresident 468,516,527
Staatsregistrasie vir Verpleegkundiges 348
Staatstoekenning 529
Stadler,Prof.J.J. xiii,12,15, 22,23,94,149,163,165,463
Stadler, Prof. P. 273
Stads- en Streekbeplanning 403
Stads- en Streekbeplanning, Afdeling 380
Stads- en Streekbeplanning, Departement . 201, 228-231,403,501
Stadsraad van Johannesburg 256
Stadsraad van Pretoria 478,501,502,503, 505,532,533,534,535,536,540,546
Stadsraad van Witbank 537,538
Stals, Dr. C.L. (Chris) 16,163,439,456
Stals, Prof. W.A. 53,55
Stalsprys 53,90
Stalsprys vir Ekonomie 165
Stalsprys vir Geskiedenis 53
Stalsprys vir Volkekunde 91
Standard Bank 339
Stander, Prof. H.F. 55,56
Stanford, Prof. J. 73,74
Stapela, Hanli 72
Starck, J.M. 292
Statika 380,405
Statistiek 29,176,520
Statistiek, Departement 23,94, 151,175-178,202,500,501
Statuut van Universiteit 9,14,24
Stauch Vorster & Vennote 531
Stedelike Ingenieurswese 405,406
Stedelike Stigting 218
Steenekamp, Dr. J. 376
Steenkamp, Dr. J.J. 121,122
Steenkamp, Prof. L.J.S. 130
Stegmann, Dr. J.A. 456
Steinemann, Lt. Kol. J. 96
Steinman, Prof. C.M.L. 305
Stellenbosch 375
Stelselingenieurswese 382
Stelselintegrasie 382
Ster van Dawid 512
Sterling, S.L. 16
Stevens, Prof. K. 317
Steyn, Dr. B.J.M. 93
Steyn, D.G. 61
Steyn, Prof. Douw Gerbrand . . . 265,266,420
Steyn & Viljoen 519,520,521,523
Steyn, Fred 46
Steyn, Prof. F.G. 163
Steyn, G.J. 170
Steyn, Prof. H.S. 177
Steyn, J.G. 489
Steyn, Prof. J.L. 396,399,400
Steyn, M. 307
Steyn, M.J.D. 379
Steyn, P. 16,456
Steyn, Prof. P. (Bestuurswese en Nagraadse Bestuurskool) 159
Steyn, Prof. P.L. 253
Steyn, Riaan 72
Steynberg, Dr. R.E. 255
Stigting Simon van der Stel 230
Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO)99,214, 215,246,255,277,379,380,386,390,429
Stigting vir Skeppende Kunste 42
Stimulasiefonds 431
St. John's University, Collegeville, VSA . . 124
St. Lukes/Roosevelt-hospitaal, New York . . 295
Stocks & Stocks (Edms.) Bpk 519,540
Stoffberg, J.Y. 477,480,481
Stoker, Prof. D.J. 177
Stollingspetrologie 220
Stonemangebou 499
Storm, Dr. J.M.G. 122
Storttregterontwerp 397
Strachan, P.J. 548
Strafreg 106
Strafreg, Departement 106
Strassheim, Prof. A. 206
Strategiese Bestuur 159,160
Strategiese Studies 95
Strating, Prof. Dolf 309
Strauss, Prof. H.F. 206
Strauss, Prof. L. 214,234,519
Strelitzia-spesies 237
Strike, J. 51,52
Struktuurgeologie 220
Struktuuringenieurswese 405,406
Struktuuringenieurswese, Afdeling 406
Struktuurmeganika 396
Strydom, Dr. J. 347
Strydom, Jacques 457,463,464
Strydom, Prof. S. 35
Strübgen, Dr. J.P. 331,332
Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS) 468
Studente Wêreldtoernooi 480
Studentedekaan 22,23,138, 437,452,463,464,465,477
Studentediensburo 432,433,434,437,464,465,499
Studentediensburogebou 493,499
Studentedienste 464
Studentedienstegebou 518
Studentegelde 486,487,488
Studentegesondheidsdiens 474,475
Studentegesondheidsdiensgebou 493
Studente-inligting, Afdeling191,439,442,464,465
Studentekultuur, Afdeling 459,463,471
Studente-ontwikkeling, Afdeling . 457,459,460, 463,464,465,466,468,469,471
Studentesentrum 534,537
Studenteverteenwoordiging 24
Studentevoorligting, Afdeling . . . 436,464,465

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Studiebeurse en fondsinsameling, Afdeling . 451
Studiegroep van Mens-dierkontak 284
Studiegroep vir vergelykende odontostomatologie 266
Stumpf, W.E. 396
Stuttgart 213
Sub-Antarktiese insekte 208
Subsidieformule 2,4
Suid-Afrika se Olimpiese span 92
Suid-Afrika se Raad (Wetenskap en Tegnologie) 427
Suid-Afrikaanse Aalwynvereniging 518
Suid-Afrikaanse Akademie vir Huisartspraktyk/ Primêre Sorg 318
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns33,45,53,55,90,126,135,136,141,165, 201,202,205,214,348,399,400
Suid-Afrikaanse Allergiese Vereniging 326
Suid-Afrikaanse Ambassade, Bonn, Wes-Duitsland 427
Suid-Afrikaanse Assosiasie van Saadanaliste 238
Suid-Afrikaanse Avokadokwekersvereniging 210,248
Suid-Afrikaanse bevolking 148
Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk (SABINET) 57,58,421
Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingsberoep 416
Suid-Afrikaanse biblioteekwese 419
Suid-Afrikaanse Bestuurskole 156
Suid-Afrikaanse Biologiese Antarktiese Navorsingssubprogram 209
Suid-Afrikaanse Bou-instituut 203
Suid-Afrikaanse Buitelugavontuurvereniging 93
Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde . . 376,440
Suid-Afrikaanse Bybelwetenskaplikes 143
Suid-Afrikaanse Chirurgiese Navorsingsvereniging 300
Suid-Afrikaanse Cucurbitaceae-spesies 237
Suid-Afrikaanse ekonomie 425
Suid-Afrikaanse Farmakologievereniging . . 305
Suid-Afrikaanse Federasie van Teaterunies (SAFTU) 45
Suid-Afrikaanse Federasie vir Beweging- en Vryetydwetenskappe 93
Suid-Afrikaanse Gastro-enterologievereniging (SAGEV) 299
Suid-Afrikaanse gemeenskap 251,379,406
Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR) . 69,77,171,196, 197,289,315,316,332,336,350,367
Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap 210
Suid-Afrikaanse Geografiese Vereniging . . . 218
Suid-Afrikaanse Geskiedenis 33
Suid-Afrikaanse Gimnasiumeienaarsfederasie 93
Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging 55
Suid-Afrikaanse Industrie 382
Suid-Afrikaanse Instituut van Bedryfsingenieurs 383
Suid-Afrikaanse Instituut van Chemiese Ingenieurs 386
Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters 174
Suid-Afrikaanse Instituut van Meganiese Ingenieurs 399
Suid-Afrikaanse Instituut van Mynbou en Metallurgie (SAIMM) 395,400,401,403
Suid-Afrikaanse Instituut van Stads- en Streekbeplanners 230
Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (SAIBI) . 58,59,416,423,425
Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika 214
Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting (SAIL) 244,259,261
Suid-Afrikaanse Instituut van Lugvaartkundige Ingenieurs 399
Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie (SAIPA) 172
Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurs 399,404,406
Suid-Afrikaanse Instituut vir Tribologie . . . 386
Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis 138,139
Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging . . . 73
Suid-Afrikaanse Kollege van Geneeskunde 296, 319,338,345
Suid-Afrikaanse Kongres vir Calvynnavorsing 121
Suid-Afrikaanse Korrosie-instituut . . . 386,395
Suid-Afrikaanse Kriminele Buro 512
Suid-Afrikaanse Kultuurlewe 70
Suid-Afrikaanse kuns 41,461
Suid-Afrikaanse Kunsmusiek 71
Suid-Afrikaanse Kunsvereniging 42
Suid-Afrikaanse Landbou-unie 155,287
Suid-Afrikaanse Mangokwekersvereniging . 210
Suid-Afrikaanse mark 407
Suid-Afrikaanse mineraalbedryf 395
Suid-Afrikaanse Munt 440
Suid-Afrikaanse musieklewe 72
Suid-Afrikaanse musiekkompetisies 72
Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Onderwysstelsel (SANSO) 1,2,488,492,493,494,527
Suid-Afrikaanse Nasionale Groep vir Rotsmeganika 403
Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee van die Internasionale Unie vir Geologiese Wetenskappe 221
Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag 93
Suid-Afrikaanse Natuurstigting 239,276
Suid-Afrikaanse nywerheid 386
Suid-Afrikaanse Olimpiese Span na Barcelona 33, 93
Suid-Afrikaanse orkeste 72
Suid-Afrikaanse Ou-Testamentici 144
Suid-Afrikaanse Padraad 405,406
Suid-Afrikaanse Pediatriese Vereniging . . . 326
Suid-Afrikaanse plantegroei 226
Suid-Afrikaanse plase 393
Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging 281
Suid-Afrikaanse Polisie 61,315,512
Suid-Afrikaanse Polisie en Regstelsel 61
Suid-Afrikaanse politiek 86
Suid-Afrikaanse Psoriasisvereniging 322
Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging 348
Suid-Afrikaanse Raad vir Blindes (SARB) . 46, 335,337
Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars 204,205
Suid-Afrikaanse Raad vir Dowes 84,337
Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (SARI) 386,395
Suid-Afrikaanse Raad vir Kindersorg 326
Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk 65,67
Suid-Afrikaanse Raad vir Natuurwetenskaplikes 253
Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktyk (SARPP) 171
Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Ingenieurs (SARPI) 400,404
Suid-Afrikaanse Raad vir Stads- en Streekbeplanners 229
Suid-Afrikaanse rand 415
Suid-Afrikaanse Regskommissie . . 102,103,105
Suid-Afrikaanse Rekenaardosentevereniging 167
Suid-Afrikaanse Reserwebank 163
Suid-Afrikaanse rotskuns 92
Suid-Afrikaanse sake-ondernemings 181
Suid-Afrikaanse sampioenbedryf 226
Suid-Afrikaanse Soogdierkunde 239
Suid-Afrikaanse Sosiologievereniging (SASOV)79
Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging 176
Suid-Afrikaanse Stigting vir Natuurwetenskappe 214
Suid-Afrikaanse Suikervereniging 248
Suid-Afrikaanse swart volke 92
Suid-Afrikaanse tandartse 367
Suid-Afrikaanse tandheelkundige gemeenskap 377
Suid-Afrikaanse tandheelkundige wetenskaplikes 376
Suid-Afrikaanse Teologie 133
Suid-Afrikaanse Toeriste-korporasie (Satoer) 218
Suid-Afrikaanse toestande 391
Suid-Afrikaanse Toneelvereniging (SATV) . 45
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis 55
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie (SATS)79
Suid-Afrikaanse Uitsaai Korporasie (SAUK) 42, 73,176,189,194,420,460
Suid-Afrikaanse Universiteite 57,61,94, 100,102,124,202,208,227,357,374,419, 421,445,475
Suid-Afrikaanse Universiteite-begroting . . . 477
Suid-Afrikaanse Universiteite-mansspan . . . 482
Suid-Afrikaanse Universiteite-spanne 479
Suid-Afrikaanse Universiteite-sport 482
Suid-Afrikaanse Universiteitetoernooie . 479,480
Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteekwese 416, 426
Suid-Afrikaanse universiteitswese xi
Suid-Afrikaanse Vereniging van Anestesiologie 296
Suid-Afrikaanse Vereniging van Termynmarkte 157
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bedryfsgeneeskunde 309
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bewegingsopvoedkunde 93
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Biokinetika . 93
Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Opvoedkunde 183
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Fisioterapie . 350
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Forensiese Odontostomatologie 369
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gewasproduksie 256,257
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kop- en Nekonkologie 338
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK) 55
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kunshistorici 39, 42
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Landbouvoorligting 244,260,261
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde, Sportwetenskap en Rekreasie (SAVSLOR) 69
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Literatuurwetenskap 124
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mediese Onkologie (SASMO) 328
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Oefenkunde 93
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onkruidwetenskap 256,257
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Ortodontiste 370
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Otorinolaringologie 338
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Skoon Lug . 386
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap 93
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Tuinbouwetenskap 256
Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad 278
Suid-Afrikaanse Veterinêre Stigting 287
Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging . . 267, 272,276,287
Suid-Afrikaanse Weermag 59,364,480
Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging 232
Suider-Afrika 259,312, 330,357,359,402,403,404
Suider-Afrika Instituut vir Bestuurswetenskaplikes 153
Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging . 112, 113,124
Suider-Afrikaanse Menseregte Skynhofkompetisie 108
Suider-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging 174,175
Suider-Afrikaanse Vereniging van Semistiek (SAVSEM) 74
Suider-Afrikaanse Vereniging vir Mediese Onderwys 326
Suider-Afrikaanse Vereniging vir Rekreasiekunde en Toerisme 69,103,218
Suider-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap 118
Suidkampus . . . 224,381,384,385,390,501,521
Suid-Korea 132
Suidstraat 531,540,541
Suidwes-Afrika 358,458,459
Suidwes-Afrikaanse gebiedsmagte 459
Suidwes-Kaap 217
Suiwelnavorsingseenheid 270
Suiweltegnologie 258

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Suiweltegnologie, Departement 258
Sullivan, D. 481-482
SVTT-praktiese opleiding 132
Swaarmasjienlaboratorium . . 381,499,522,523
Swadini 453
Swan, Prof. G.E. 267
Swanepoel, Dr. A. 59
Swanepoel, André 72
Swanepoel, C.B. 514
Swanepoel, Adv. D.J. 101
Swanepoel, Henk 471
Swanepoel, P.C. 120
Swanepoel, Suzanne 72
Swanevelder, C. 314
Swart, Dr. A.M. 317
Swart, André 478
Swart, Prof. C.F. 17
Swart, E. 256
Swart, Dr. G.J. 55,56
Swart, I. 351
Swart, Prof. J. 231,232
Swart, J.C. 57
Swart, Prof. J.G. 337,338
Swart, N. 403,404
Swart, Tommie 479
Swaziland 154,249,303,308,309,402
Swazilandse Departement van Gesondheid . . 303
Swede 209,366,375,442
Swem 481
Swiegers, Prof. D.J. 22,23,77,168, 456,464,476,477,480,530,531
Switserland 209,239,400
Sydney, Australië 84,337

Taalbeplanning 34
Taalpolitiek 34
Taalvariasie 35
Taiwan . . . 80,92,96,97,157,159,213,285,407
Taiwanese Provinsiale Instituut vir Gesinsbeplanning 80
Taksonomie, Afdeling 226,227
Taljaard, E. 84
Tand- en Mondheelkunde, Hospitaal vir 361,374
Tand- en-Mondopleidingshospitaal . . . 361,374
Tandheelkunde 292,293,311, 312,314,359,364,370,373,376,377,378
Tandheelkunde, Fakulteit . . . 23,234,292,311, 359,360,361,363,365,371,373,374,375, 377,378,434,495
Tandheelkundefakulteite in die Verenigde State van Amerika 372
Tandheelkundefakulteite in Suid-Afrika . . . 372
Tandheelkundestudente 365,366,378
Tandheelkundige Materiale 377
Tandheelkundige Materiale, Afdeling375,376,377
Tandheelkundige Materiale-groep (Suid-Afrikaanse Afdeling) 376
Tandheelkundige Radiologie 361
Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika 370,376
Taylor, Dr. J.R.N. 258,259
Taylor, Dr. M.B. 314
TBVC-lande 171
Teaters en Sale, Afdeling 444,460,463
Technika 188
Technikon Pretoria 4,20,146,192, 284,303,351,352,395,396,515
Teelkunde 258
Teeraad 246,248
Tegniese Afdeling 543
Tegniese Dienste, Afdeling 20,548
Tegniese Dienstegebou 500,545
Tel Aviv University 95
Televisie (TV) 120
Televisie-kameras 373
Televisie-onderrig 437
Televisie-optredes 253
TELKOM 230
Telkomleerstoel in Telekommunikasie 390
Tembisa-hospitaal 290,332,333,526
TEMMI 399
Temperatuurbeheerde glashuis vir Plant-produksie 523
Tennis 481
Teologie 56,284,414,422
Teologie (Afd.A. Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika), Fakulteit . . . 22,24,50, 62,109-132,201,500
Teologie (Afd. B. Nederduits Gereformeerde Kerk), Fakulteit 22,59,62,66, 76,112,132-148,201,464,465,500
Teologiegebou 500
Teologiese wetenskap 130
Teoretiese Fisika-groep 213
Teqnovo 399
Terreine en Geboue, Afdeling 502,543, 544,545,546,547,549
Terreininstandhouding 543
Terreinonderhoud, Afdeling 543,544
Tersiêre Didaktiek 188
Tersiêre Onderwysdiploma 172
Tesmer, Dr. D.H.R. 46
Tesner, H.E.C. 84
Texas 328,344
Texas, A & M (College Station) 272
Thailand 186,249
The Ear, Nose and Throat Institute, Johannesburg 337
The Employment Bureau of Africa Ltd . . . 359
The Historical Society 462
"The New York Academy of Medicine, Section on Anesthesiology and Resusitation" 296
Theologische Hochschule - Berlyn 141
Theron, Prof. Aubrey 61
Theron en Du Toit Ouditeure 505
Theron, J. 74
Theron, Prof. G.K. 226
Theron, Prof. Guillaume 261
Theron, Prof. J.J. 305,306
Theron, S.W. 169
Theron, van der Poel 506
Theunissen, P.B. 468
Thomas, Prof. P.J. 105
Tienertoneel- en Amateurtoneelkompetisies . 45
Tikhomirov, Dr. V.I. 96
Tilney, Dr. P.M. 200
Timmermans, F.M.P. 169,170
Tindallweg 468,472
Titaan 374
Titlestad, Prof. P.J.H. 47,48,49
Tödt, Prof. Karoly 136
Toegepaste Allemansreg 98
Toegepaste geofisika 219
Toegepaste Meganika 396
Toegepaste Volkekunde (Ontwikkelingskunde) 88, 89,91,92
Toegepaste Wiskunde 405
Toegepaste Wiskunde, Departement 232,500,520
Toegepaste Wiskundige Wetenskappe (TWW)-gebou 499,500,501,517,518,520
Toelating van persone van ander bevolkingsgroepe 30
Toelatingsvereistes 409
Toevoerstelsels 397
Toksilogie (Veeartsenykunde) . . . 267,268,528
Tolmay, A.T. 387
Tönsing, Rolf 417
Toponimie 218
Toppresteerder 59
Toronto 246
Torrance, Prof. J.B. 136
Tourettesindroom 61
Toyota klubkampioenskappe 480
Transkei 97,190
Transvaal 326,454
Transvaallandloopspan 165
Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters 174
Transvaalse Instituut van Argitekte 202
Transvaalse Onderwysdepartement 37, 45,111,186,187
Transvaalse Onderwysersvereniging 187
Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) 90, 289,304,324,329,347,348,349,350,354,524
Transvaalse Provinsiale Administrasie (Afdeling Natuurbewaring) 548
Transvaalse Provinsiale Administrasie - regulasies in Kerngeneeskunde 325
Transvaalse Provinsiale Instituut van Argitekte201
Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste (Truk) 45,458,460
Transvaalse Skool vir Openbare Gesondheid, Loodskomitee 309
Transvaalse Universiteitskollege/Transvaal University College (TUC) 475,511
Transvaalse Wedrenontwikkelingsfonds . . . 263
Trengove. Appélregter J.J. 18,19
Tribologie 385
Tribologielaboratorium 385
Trichardt, Carel 45,46
Tropiese Geneeskunde 307
Tropiese Gesondheid 307
Tropiese Patologie 307
Trouma-vereniging van Suid-Afrika 318
Truscott, Andries 480
Truu, Prof. M.L. 163,164,165
Tshikundamalema, Venda . . 348,356,359,372
Tsjeggo-Slowakye 209
Tsonga 89
Tswana 32,36,192
Tuberkulose 290,309,338
Tübingen, Duitsland 211,292
Tucson 328
Tufts Universiteit, Boston 284
Tuinbou 227
Tuinboukunde 5,243,254,256
Tuinboukunde, Departement 243
Tukkie-afrigters 478
Tukkiekampus 44,403,459,508
Tukkiekleure 449,480
Tukkiekoor 444,456,457,463,471
Tukkie-koorbond 450
Tukkie-Matie-wedstryd 449
Tukkie-netbalklub 480
Tukkies 443,458,471, 474,478,479,480,481,482,531
Tukkie-sweimklub 481
Tukkietrust 439,451,452
Tukkietrust-gholfdag 451
"Tukkievaria" 441
"Tukkiewerf" 441,453
Tukkiewerfgebou 465,468,470,493,496,500,515
Tuks '80 471
Tuks '81 471
Tuks '82 456-457
Tuks' campus 533
Tuks Jool 468,469,544
Tuks Jool Fondsinsameling 468
Tuks Jool Gemeenskapsdiens (TJG) 468,469,475
Tuksdorp 540,541
Tuksedo 459,471
Tuksforum 452
Tuks-landloop en -marathon 479
Tuks-Nedbank-filmfees 459,471
Tuks/Rau-intervarsity 452
Turner, Prof. G.S.V. 276,285
Turner, Dr. P. 265
Tustin, Prof. R.C. 279
Tweede Wêreldoorlog 350,407,524
Twist, Dr. D. 220
Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 151
Tygerberg-hospitaal 344
Tyrrel, Barbara 92,462
Tyrrellversameling 462

Ubbink, Prof. J.B. 299
Uitenweerde, J.M. 216
Uitleg van wette 101
Uitruilooreenkoms 97,239
Uitspandam 545
Uitvoerende Komitee van die Senaat 7,21, 22,24,409
Uitvoerende Kuns 70,71,72
Uitvoerende Kunste, Afdeling 463
Uitvoerende Kunste (Drama en Toneel), Afdeling 456
Uitvoerende Kunste (Musiek), Afdeling . . . 456
Ulm, Duitsland 355,371
UNGEGN 218
Ungerer, Dr. J.P.J. 299
Ungerer, Prof. Thys 296

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Uniegebou 520
United Bible Societies, New York 56
United Kingdom Chartered Society of Massage and Medical Gymnastics 349
Universidad de la Plata, Argentinië 442
Universitätsklinikum Ulm, Duitsland 355
Universität Tübingen, Duitsland 211
Université Paul Valéry, Montpelier, Frankryk 210
Universiteit Buenos Aires, Argentinië 213
Universiteit Columbia 295
Universiteit Cornell - New York 265
Universiteit Delaware 245,246
Universiteit Eberhard Karls 292
Universiteit Eduardo Mondlane, Maputo, Mosambiek 97,386,399
Universiteit Tamkang (Republiek van China) 87
Universiteit van Aberdeen 239
Universiteit van Amsterdam 59
Universiteit van Barcelona 313
Universiteit van Bochum 39
Universiteit van Bophuthatswana 66,211
Universiteit van Boston 328
Universiteit van Botswana 59
Universiteit van Cambridge 207,239,300
Universiteit van die Noorde 69,103, 107,108,118,330,393
Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS) 42, 72,78,87,107,209,213,293,315,341,346, 348,393
Universiteit van die Witwatersrand (Wits). . 69, 95,163,178,202,211,213,268,293,303,315, 321,322,330,336,338,341,371,372,378, 419,524
Universiteit van Dublin 321
Universiteit van Durban-Westville 268
Universiteit van Erlangen 115
Universiteit van Essen 39
Universiteit van Exeter 220
Universiteit van Florida 99
Universiteit van Fort Hare 393
Universiteit van Gent, België 336,370
Universiteit van Giesen 246
Universiteit van Göttingen 207,239,246
Universiteit van Haifa, Israel 207
Universiteit van Harvard, VSA 223,328
Universiteit van Helsinki 442
Universiteit van Kaapstad 160,178,210,211,268, 315,321,341,405,419,524
Universiteit van Kalifornië in Berkeley, VSA 210
Universiteit van Kalifornië (Davis) VSA 195,272
Universiteit van Kalifornië, San Diego . 253,343
Universiteit van Kentucky 277,278
Universiteit van Kenyatta, Kenia 195
Universiteit van KwaNdebele 186
Universiteit van Leicester (Verenigde Koninkryk) 87
Universiteit van Leiden 353
Universiteit van Leuven, België 334,375
Universiteit van Lissabon 372
Universiteit van Londen 375
Universiteit van Malawi 211
Universiteit van Manchester 220
Universiteit van Maputo (kyk ook Eduardo Mondlane Universiteit) 239,301,341
Universiteit van Moskou, Rusland 213
Universiteit van München 220,246
Universiteit van Nairobi 270,298,299,341
Universiteit van Nancy 313
Universiteit van Natal 103,124,202, 211,255,290,298,341,393
Universiteit van New England te Armidale (Australië) 270
Universiteit van New South Wales, Canberra, Australië 210
Universiteit van North Carolina 313
Universiteit van Nottingham in Engeland 207,270
Universiteit van Oklahoma 40
Universiteit van Oxford 64,239
Universiteit van Pau (Frankryk) 52
Universiteit van Pennsylvania 164
Universiteit van Philadelphia (New Bolton Center), VSA 272
Universiteit van Port Elizabeth (UPE) . . . 124, 202,213,268
Universiteit van Porto 372
Universiteit van Pretoria Personeelvereniging (UPP) 482,532
Universiteit van Rhodes, ... 78,164,211,277
Universiteit van San Francisco 124
Universiteit van St. Andrews, Skotland . . . 95
Universiteit van St. Gallen 87
Universiteit van Stanford 328
Universiteit van Stellenbosch 35,59,87, 103,122,124,154,178,210,268,315,321, 337,341,369,405,419
Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) . . . 28,29, 35,37,42,45,63,74,78,84,87,94,103,107, 118,124,142,154,155,163,190,194,248, 315,341,419,423,537
Universiteit van Surrey 156,195,258
Universiteit van Sydney (Australië) 270
Universiteit van Tel Aviv 126
Universiteit van Tennessee (Knoxville) VSA 272
Universiteit van Texas, Houston, VSA 238
Universiteit van Toronto 220
Universiteit van Transkei 341
Universiteit van Tübingen 313
Universiteit van Utrecht 334
Universiteit van Venda 104,211,341
Universiteit van Vista 37,155,195,424
Universiteit van Washington State 246
Universiteit van Wisconsin 246,328
Universiteit van Zambië 211,395
Universiteit van Zimbabwe 87,211
Universiteitsadministrasie 117
Universiteitsbeleid 491
"Die Universiteitsbiblioteek as Inligtingsdiens", navorsingsprojek 411
Universiteitsdidaktiek, Departement 431
Universiteitsgeriewe 524
Universiteitskoor . . . . . (sien Tukkiekoor)
Universiteitsonderwysbeplanning, Afdeling 432, 433
Universiteitsraad 6,155,224,467,482, 483,484,490,504,505,506,507,517,518, 519,522,525,527,534,539,545,547
University College of Wales 95
University of Botswana 59
University of New South Wales, Canberra, Australië 210
University of St. Andrews, Skotland 95
UP Akademiese Inligtingdiens 58,60
"UP-Amici" 441
UP-atletiekklub 478
UP Bedryfskool 95
"UP-dosent" 432
Upjohn-maatskappy, Kalamazoo, VSA . . . 353
UP-kampus 1984 495
UP-koor, ... (sien Tukkiekoor)
UP-krieketklub 479
UP-kundiges 413
UP-kunsbesit 40,461
UP-kunsversameling 462
UP-marathonklub 449
UP Militêre Eenheidgebou 493
UP-navorser 419
UP-Oogheelkunde-alumni 337
UP-rugbyklub 449,480,481,530,531
UP-simfonieorkes 72,73,444,456,458,463,471
UPSOK 469
UP-sportkomitee 476
UP-strykensemble 458,463
UP-swemklub 481
UP-tennisklub 481
UP-toekenning van Uitnemendheid 395
UP-Wits-forum 293
UP-WNNR/inligtingsvennootskap (UWIV) . 425
Urodinamika 347
Urologie 303,306,346,347
Urologie, Afdeling 345
Urologie, Departement 345,346
USDAARS Society of Range Management . 256
Utah, VSA 249
UTP Welding Materials 395
Utrecht, Nederland 284
Uys, Elma 478
Uys, Prof. I.C. 81,83,85
Uys, Prof. J.S. (Sielkunde) 77,413
Uys, Prof. J.S. (Personeelbestuur) 170

Vaaldriehoekse Opleidingsentrum 160
Vaaloewer 453
Vakdidaktiek: Rekenaargesteunde Onderwys 185
Vakdidaktieke 188
Vakwoordeboek in Volkekunde 89
Valcamonica, Italië 40
Valentin, Dr. C. 248
Van Aarde, Prof. A.G. 111,123,124,125
Van Aarde, Prof. A.M. 46,47
Van Aarde, Prof. R.J. 207,238
Van Alphen, Prof. G. 38
Van Amstel, Prof. S.R. 271,273
Van As, Prof. S.C. 406
Van Aswegen, Dr. C.H. 347
Van Beek, A. 344
Van Beek, Dr. H. 371
Van Biljon, Dr. J.A. 128
Van Biljon, Prof. L. 13,14,15,23, 379,387,421,431,522
Van Biljon, Prof. W.J. 94,427,429,431
Van Breda, Dr. Pieter 427,428,429
Van Brummelin, R. 299
Van de Geest, Prof. G.P. (Gerard)73,74,463,464
Van de Graaff-versneller 213
Van de Venter, Prof. H.A. 226,237
Van den Berg, Prof. A.D.P. 318,319
Van den Berg, H. 83
Van den Berg, Prof. Sybrand Smit 266
Van den Bergh, A.J. 423
Van den Heever, Prof. L.W. 278,285,286,287
Van den Heever Prof. R.J. 228
Van der Bank, Dr. A. 190
Van der Berg, Prof. J.S. 273
Van der Heever, A.C. 169,170
Van der Laan, R.R. 488
Van der Made, Dr. H.N. 281
Van der Merwe, A. 83
Van der Merwe, Prof. A.J. 80
Van der Merwe, Prof. C.J. 318,319
Van der Merwe, Etienne 481
Van der Merwe, F.C. 440,443
Van der Merwe, Prof. F.E. 104,105,108
Van der Merwe, F.J. 404
Van der Merwe, Fofo 481
Van der Merwe, Dr. H.P. 331
Van der Merwe, J. 547
Van der Merwe, Prof. J.H. 199,213,214
Van der Merwe, Prof. J.V. . . 17,23,289,290, 291,329,332,333
Van der Merwe, Johan 482
Van der Merwe, Leon 459
Van der Merwe, Dr. Linda 376
Van der Merwe, M.A. 95
Van der Merwe, Prof. N.J. 265
Van der Merwe, Dr. P.A.B. 93
Van der Merwe, Prof. P.J. (Ekonomie) . . . 163
Van der Merwe, Prof. P.J. (Godsdiens- en Sendingwetenskap) . . 116,117,118,119,120
Van der Merwe, Dr. Piet 165
Van der Merwe, Thijs 470
Van der Mescht, H.H. 71,73,74
Van der Meyden, Prof. C.H. 331,332
Van der Schijff, Prof. H.P. 12,13,199,456,545
Van der Spuy, Adv. J.J.S. 17
Van der Spuy, P. de W. 104
Van der Stoep, Prof. F22,23,24,29,184,192,431
Van der Stoepkomitee 432
Van der Vyver, Dr. P.A.J. 376
Van der Walt, I.H. 403
Van der Walt, Prof. J.G. 270
Van der Walt, J.J. 480
Van der Walt, Prof. K. 273
Van der Walt, Dr. T. 80
Van der Watt, Prof. H.v.H. 248,249,250
Van der Watt, Prof. J.G. 140,141
Van der Watt, Niel 72
Van der Watt, Prof. P.B22,23,133,134,138,139, 452,463,464,465,473,477,481,482
Van der Westhuizen, D. 325
Van der Westhuizen, E. 417
Van der Westhuizen, Prof. H.G. 119,120
Van der Westhuizen, Prof. J.V.105,106,107,108

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van der Westhuysen, Prof. H.M. 38
Van Deventer, J.H. 456
Van Dillen, Prof. J.L.M. 206
Van Doren, Prof. Jack 99
Van Dyk, Prof. C.J. 187
Van Dyk, N.B. 403
Van Eck, E. 125
Van Eeden, Prof. I.J. 79
Van Eeden, J. 41
Van Eden, Suzette, M. 71,74
Van Gelder, Prof. A.L. 321,322,323
Van Gelder, Dr. L.J. 318
Van Greuning, Dr. J.V. 226
Van Gybland Oosterhoff-versameling444,462,463
Van Heerden, Anneke 72
Van Heerden, Arrie 479
Van Heerden, Prof. C. 327
Van Heerden, C.J. 17
Van Heerden, Prof. F.J. 101
Van Heerden, Prof. J. 407
Van Heerden, Prof. J.S. 273
Van Heerden, M. 53,54,55,462
Van Heerden, Dr. P.W. 370
Van Hoven, Prof. W. 208,261
Van Huysteen, Gerhard 463
Van Huysteen, Karin 479
Van Jaarsveld, Prof. F.A. 53,54,55
Van Jaarsveld, Prof. S.R. 17,100,101
Van Leeuwen, Prof. J. 386
Van Marlé, Karin 470
Van Niekerk, C. xiv
Van Niekerk, Dr. Caroline 73
Van Niekerk, Prof. F.D. 479
Van Niekerk, Prof. I.J.M. 291,292
Van Niekerk, Prof. J.G.P. 348
Van Niekerk, L.J. 433
Van Niekerk, Prof. P.A. 191,192
Van Niekerk, Dr. P.J. 369
Van Niekerk, R. 218
Van Niekerk, Dr. W.A. 456
Van Niekerk, Dr. W.H. 395
Van Niekerk, W.M.K. 387
Van Oosten, Prof. Ferdinand 106,107
Van Papendorp, Prof. D.H. 305,307
Van Rensburg, Prof. A.J. 310,311,344
Van Rensburg, Ans 232
Van Rensburg, Prof. A.P.J. 53,54,55
Van Rensburg, Brümilda 44
Van Rensburg, Prof. B.W.J. 406
Van Rensburg, Prof. D.J.J. 206
Van Rensburg, Prof. E.J. 329
Van Rensburg, Etienne 72
Van Rensburg, F. 83
Van Rensburg, H.J. 40,41
Van Rensburg, Prof. I.B. Jansen 278
Van Rensburg, Prof. M.C.J. 35
Van Rensburg, Prof. M.J. 330,331,332
Van Rensburg, Dr. S.F.J. 336
Van Rensburg, T. 42
Van Riet, Prof. W.F 224
Van Rooy, Dr. C.H. 338
Van Rooy, H.K. 366
Van Rooyen, Prof. D.C. . . . 152,153,154.155
Van Rooyen, Prof. Dirk 445
Van Rooyen, Prof. D.S. 321
Van Rooyen, Prof. G.T. 395,396
Van Rooyen, Prof. Kobus 106
Van Rooyen, Dr. L. 190
Van Rooyen, Dr. N. 226
Van Rooyen, Prof. P.H. 206
Van Rooyen, Prof. Renier 106,107
Van Rooyen, Prof. T.H. 248
Van Ryneveld, Genl. Helperus (Pierre) . . . 504
Van Schaik, J.L. 157,158
Van Schaik-boekhandelaars 350
Van Schalkwyk, Prof. A. 219
Van Schalkwyk, Prof. J.J.D. 389
Van Schalkwyk, L.N. 104
Van Selms, Prof. A. 110,420
Van Staden, Prof. D.A. 319,359
Van Staden, Prof. J.F. 206
Van Staden, Dr. P. 125
Van Straaten, Vona 349
Van Straten, A.S. 44
Van Tilburg, J.A. 461
Van Tilburg-versameling . . 39,40,444,461,462
Van Tonder, C.H. 464
Van Tonder, J. 396
Van Tonder, Prof. J.A 170
Van Tonder, Prof. J.L. 80
Van Vuren, J. 264
Van Vuuren, Prof. C.P. Jansen 206
Van Vuuren, Lucas 182
Van Vuuren, Prof. M.J.C. . . 27,156,157,159
Van Vuuren, Dr. N. 368
Van Vuuren, Prof. Piet 376
Van Vuuren, Rex 445
Van Wijk, Elma 44
Van Wijngaarden, Dr. M.J.U.T. . . . 395,396
Van Wouw, Anton 461
Van Wouwhuis 39,40,444,460,461
Van Wyk, Prof. A.E. 199,227
Van Wyk, de Vries-kommissie 1,27
Van Wyk, Dr. D.J.C. 18,120
Van Wyk en Louw 506,523
Van Wyk, Prof. F.A.K. 302
Van Wyk, G.D.C. 488
Van Wyk, Prof. G.J. 68,69,70,93
Van Wyk, Dr. I.W.C. 116
Van Wyk, Prof. P.J. 366
Van Wyk, R. 396
Van Wyk, Dr. S. 80
Van Wyk, S.J. 466
Van Wyk, Prof. W.C. 17,19,22,
24,32,76,94,463,464
Van Wyk, Wessel 71,74
Van Zijl, A.M. 425
Van Zyl, Prof. A.B. 142
Van Zyl, Prof. A.H. 134,142
Van Zyl, Prof. D.H. 105
Van Zyl, Regter D.H. 456,478
Van Zyl, Eranee 482
Van Zyl, G.J. 16,19,510
Van Zyl, I. 83
Van Zyl, Prof. J. 23,240,454
Van Zyl, Prof. J.C. 163
Van Zyl, Prof. Johan 243
Van Zyl, M.C. 454
Van Zyl, M.K. 351
Van Zyl, Paul 478
Van Zyl, P.H.S. 543,547
Van Zyl, Dr. Willem 107
Vanassche, Dr. F.M.G. 248
Vanderbijlpark 453
Vaste-afvalbestuur 385
Vaste Komitee van Raad (VKR)6,7,14,15)19,22,
27,30,31,434,444,490,539,540
Varsproduktebedryf, ondersoek 153
Veeartsenykunde 526
Veeartsenykunde, Fakulteit. 231,234,251,
262-288,369,428,434,435,443,493,495,
526,527,528,529,541
Veeartsenykunde Kampus 474,532,544
Veeartsenykundebiblioteek 422
Veeartsenykundige Navorsings - instituut te Onder-
stepoort (OVI) 215
(Kyk ook Onderstepoort Veterinêre Instituut)
Veeartsenyskool te Maputo 283
Veary, Prof. C.M. 285,287
Veegesondheid en produksiegroep 272
Veekunde, Departement 242,243,
257,258,261,270
Veekunde-Plantproduksie 254
Vegter, N. 395
Velema, Prof. W.H. 136
Velthuysen, G.C. 115
Venda 172,192,249,348,358,359,372
die Venda (stam) 356
Vendaprojek 357,358
Venter, Prof. Chris 296
Venter, Prof. G. 391,393,394
Venter, G.J.C. 18
Venter, Lydia 482
Venter, Prof. P.F. 332,333
Venter, Prof. P.M. 112,113,126
Venter, Dr. P.W. 456
Venter, Dr. Rina 539
Venter, S. de K. 17
Venter, Yssel 549
Verbruikersbeskermingsreg 102
Vercueil, Dr. A.E. 347
Verenigde Koninkryk 97,239,336,372
Verenigde Nasies (VN) 96
Verenigde Nasies se Kongres oor die Omgewing
en Ontwikkeling, Rio de Janeiro 248
Verenigde State van Amerika (VSA) . . . 73,92,
96,97,151,156,157,164,186,210,211,217,
235,239,245,246,255,272,277,287,296,
300,313,322,325,328,332,336,338,339,
351,353,356,370,371,372,378,415,419,
422,431,464,506
Vereniging van Afrikaanse Volkekundiges . 91
Vereniging van Eiendoms-eienaars van Suid-
Afrika 203
Vereniging van Ekonomiese Geloë 221
Vereniging van Suid-Afrikaanse Bestuurskole 156
Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars
. 204,205
Vereniging van Universiteitsdosente in die Regte
. 99,103
Vereniging vir Biokinetika 69,93
Vereniging vir Franse Studies in Suidelike
Afrika 52
Vereniging vir Geografie 218
Vergelykende Odontologie 369
Vergelykende Opvoedkunde 190
Verkeershof 544
Verklarende Bybel (Nuwe Afrikaanse
Vertaling) 75,126
Verkryggingsadministrasie 259
Verleger, Prof. 233
Vermaak, Prof. W.J.H. 298,299,359
Vermeulen, Prof. L.P. 168,169
Vermooten, Du Plooy & Oosthuizen . . 527,540
Verpleegadministrasie 348
Verpleegkunde 66,289,312,314,351
Verpleegkunde, Departement 66,288,
289,347,348
Verpleegonderwys 348
Verpleegsterskollege 350
Verpleegstersvereniging 451
Verre Noord-Transvaal 330,458
Verrykingstegnologie 397
Versamelingsbestuur 420
Verschoor, Prof. J. 245,246
Verschraegen, Gabriel 73
Versekerings- en Aktuariële Wetenskap . . . 178
Versekeringswese 151,162,175,178
Verstedelikingsadvieskomitee 230
Verster, A.J. xiv
Verster, Prof. A.J.M. 277
Verster, D.J. 548
Verster, J.P. 488,489
Verstraete, Prof. Frank 266
Verteenwoordigende Studenteraad (VSR) 21,23,
27,45,132,447,452,465,466,467,468,469,
470, 471,472,476,498,500
Vervaardigingsmetallurgie 394
Vervaardigingstelsels 382
Vervoeringenieurswese 405,406
Verworwe immuungebreksindroom (VIGS) 308,
312,313,314,323
Verwysingsbybel 126
Veterinêre Akademiese Hospitaal 262,
263,274,528
Veterinêre Anatomiegebou 528
Veterinêre Chirurgie 266
Veterinêre Etologie 66,283,284
Veterinêre Etologie, Departement 282,
283,284,285
Veterinêre Fisiologie en Biochemie . . . 269,270
Veterinêre Gemeenskapsgesondheid 286
Veterinêre Gesondheidsadministrasie 286
Veterinêre Kliniese groep 272
Veterinêre Komitee 268
Veterinêre Verpleegkunde, Afdeling . . 266,269
Veterinêre Voedselhigiëne 285
Veterinêre Voedselhigiëne en Volksgesond-
heid 285,286
Veterinêre Volksgesondheid, Departe-
ment 285-288,527
VIAED 406

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Victoria en Albert Museum 39
Victoriaanse styl 513
Vierde Internasionale Simposium oor Narkose vir Kardiale Pasiënte, Acapulco 296
Viktimologie 60
Viljoen, Dr. C.J. 120
Viljoen, D.M. 468
Viljoen, Frans 470
Viljoen, Regter G. 16
Viljoen, Greyling 482
Viljoen, Prof. G. van N. 22,173,174,175
Viljoen, H.C. 351
Viljoen, Prof. Henning 99
Viljoen, Prof. H.P. 105,108
Viljoen, Prof. J.H. 364
Viljoen, Prof. J.T.B. 204,205
Viljoen, Dr. M. 306
Viljoen, P. (Philip) 519,520
Viljoen, Dr. W.D. 71
Viljoen, Werner 470
Viljoen, Wim 72,74
Villa, Edoardo 43
Virologie 310
Virologie, Departement 310,322
Visagé, Dr. J.H.N. 50
Visekanselier en Rektor. 13,15,20,21,26,30,31, 92,94,235,422,425,427,440,460,506,511, 512,521,528
Viserektor: Akademies (Geestes- en Natuurwetenskappe) 7,11,12,13,15,21,26, 149,163,173,180,421,434,483
Viserektor: Akadmies (Natuurwetenskappe) 379, 415,421
Viserektor belas met Sport 476
Viserektor: Besigheidsbestuur 12,15,430,485,487
Viserektor: Bestuursdienste . . 415,485,504,544
Viserektor: Personeel en Personeeldienste 13,15
Viserektor: Personeel en Studentedienste 482,485
Visser, Prof. A.T. 406
Visser, Prof. J. 400
Visser, Johan 46
Visser, Prof. L. 245,246,247
Visser, M.S.P. 57,59
Visser, Dr. P.F. 338
Visser, Dr. P.J. 104
Visuele Kommunikasie 41
Visuele Kunste 41
Vivier, Prof. F.L. 177
Vivier, N. 218
Viviers, M.S.J. 424,425
Vleggaar, Prof. R. 206
Vleis- en Melkhigiëne 285
Vleishigiëne 285
Vleiskunde 257
Vleisraad 277,359
Vleistegnologie 258
Vlok, Etienne 471
Vlotbou-area 531
Voedingkunde 258
Voedselbestuur 222,223
Voedselingenieurswese 391,392,393,394
Voedselwetenskap, Departement 243,258
Voedselwetenskappe 391
Voertuigaandrywing 397
Voertuigingenieurswese 397
Voertuigstrukture 397
Voertuigtermostroming 397
Voetslaanpadraad 218
Vogelsang, Prof. I. 190
Vogt, Prof. Paul 39
Volkekunde 5,29,88,89,90,91
Volkekunde en Argeologie 5,32
Volkekunde en Argeologie, Departement . . 88
Volkekunde en Toegepaste Volkekunde (Ontwikkelingskunde) 88
Volkskas 161,162,454,489
Volkskas Eiendomsdienste Beperk (VEB) . . 505
Volkskas-leerstoel in Bankwese 151
Volksrepubliek China 80
Volschenk, Pierre 531
Voltydse ekwivalent (VE)-studente 537
Von Behring, Emil 320
Von Gruenewaldt, Prof. G. (Gerhard) . 219,402
Von Humbolt-universiteit van Berlyn 239
Von Staden, D.F.A. 256
Von Teichman, Dr. I. 227
Von Willich, Prof. G.P.R. 404,405,406
Voorkomende Tandheelkunde 363
Voorligting 243,251
Voorligting, Departement 243
Voorligting en leerontwikkeling, Afdeling . 436, 437,465
Voorligtingkunde 243,244
Voorligtingsverrykingsprogram in Eersterust 196
Voornemende Studente, Afdeling 60, 196,197,465
Voortplantingsbiologie 226
Voorsitter van die Studenteraad 447
Voorsitter van die Vaste Komitee 20
Voorsitter van die Raad 20
"Voortrekker" 504
Voortrekkermonument 520
Vorster, Anna 461
Vorster, C. 468,470
Vorster, Prof. M.P. 105
Vorster, Prof. Q. 182
Vorster, Dr. W. 292
Vos, Prof. C.J.A. 146
Vosloo, G.J. 456
Vosloo, Prof. W. 112,113,114,142,146
Vroue Landbou-unie (VLU) 462
Vroueburo 159
Vrouehokkieklub 478
Vrouemisdaad 60
VSR-boekwinkel 472
VSR-lid vir Sport 476
VSR-lid vir Studentekultuur 463,464
VSR-raadsaal 471
VSR-voorsitters 468
Vuurvaste Materiale 395

Wales 95
Wallraf-Richartz-Museum (Wes-Duitsland) . 40
Walter August le Compte Professor Emeritus 338
Walter, Peter 46
Walvisnavorsing 239
Ward, E.H. 442
Warmbad 453,509
Warmbad-beraad 413
Washington 95,159,220,284
Waterbenutting, Afdeling 381,385,386,387,501
Waterbenuttingsingenieurswese 385,386
Waterboukunde 405,406
Waterinstituut van Suid-Afrika 386
Waternavorsingskommissie 221,248,386,392,393
Webb, Prof.V.N. 34
Weber, Prof. A. 369
Weefselbank 293
Weefseloorplanting 306
Weerkunde 380,406,407
Wehner, Prof. F.C. 254
Weidingkunde 243,254,256
Weidingkunde Vereniging van Suid-Afrika . 256
Weiss, Dr. Evelyn 40
Weizmann Instituut vir Wetenskap, Israel . . 246
Welgemoed, Dr.J.D. 317
Welsynsreg 66
Wenen, Oostenryk 124,301,355
Wentzel, Herku 470
Wentzel, I.J.D. 16
Wêreldbank 251
Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) . . . 299, 308,363,364
Wêreld-Veterinêre Kongres 284
Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika 128
Werkkomitee vir Beeldende Kunste 464
Werkkomitee vir Fakulteitskultuur 464
Werkkomitee vir Studentekultuur 464
Werkkomitee vir Uitvoerende Kunste 464
Werkkragbestuur 158
Werth, Dr. Albert 43
Wes-Australië 351
Wes-Duitsland 40,209,249,457,427
Wes-Europa 164,171
Wes-Kaap 453
Weskampus 516
Weskoppiesbospitaal 290,308
Wessels, Dr. A.B. 256
Wessels, André 72
Wessels, Prof. N. 387,388
Wessels, Petru 45
Wessels, Prof. P.L. 206
Westerink, H. 344
Westerse dieet 358
Westerse geneeskunde 330
Westerse lewenstyl 358
Westlin, Dr. Lilian 275
Westphal, Theo 92
Wes-Transvaal 66
Wet no. 5 van 1858 van die Kaapse Parlement 403
Wet op Arbeidsverhoudinge 100
Wet op Beroepsveiligheid 549
Wet op Burgerlike Beskerming 549
Wet op die Ouditeur-generaal 182
Wet op die Universiteit van Pretoria 447
Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe 77
Wet op Groepsgebiede 31
Wet op Kindersorg 103
Wet op Stads- en Strecksbeplanners 229
Wet op Universiteite 7,8,30
Wetenskap 186
Wetenskapfilosofie vir Natuurlewebestuur studente 50
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) 57,159,212,213, 246,248,258,290,313,315,324,342,353, 373,425,440,501,502,503,508
Wetenskapskantoor 430
Wethmar, Prof. C.J. 134,135
Weyers, E. 97
Whittle, Dr. E.P. xiii,26
Wiechers, Prof. A. 206
Wiechers, Prof. G. 165
Wiechers, J.L.M. 489,490
Wielemans, Prof. W. 190
Wiesner, Dr. M.S. 170
Wildsiektes 276
Wilkinson, Prof. Paul 96
Willa Schoemanbeurs 476
Willemse, Dr. N. 306-307
Williams, Dr. J.G. 465,466,480,481
Williams, J.L. 403
Williamstraat 533
Wilson, Dr. G.D.H. 218
Wiltshire, Prof. W.A. 370,371,372
Windhoek, Namibië 154,210,314,453
Winkler, Marcel 482
Winterskool 87
Winnipeg, Kanada 73
Wis- en Natuurkunde, Fakulteit 199,305, 494,518,545
Wiskunde 175,186,191,232,236,380,457
Wiskunde, Departement 202,380,403,500,520
Wiskunde en Toegepaste Wiskunde 5,23,59,167, 175,202,228,389,500
Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Departement 231-232,398,501,520
Wiskundegebou 232,500,501,520
Wiskundegenootskap van Suid-Afrika 187
Wiskundekompetisie 232
Wiskunde-olimpiade 232
Wiskundige Statistiek 175,177
Witbank 537,538
Witbank (kampus) . . . xi,4,28,29,30,32,35,60, 62,90,151,153,162,348,437,453,503,537, 541
Witrand 308
Witwatersrand 287
Witwatersrandse Landbougenootskap 287
Woekerwet 102
Wolleschak, Dr. I. 266
Wolmaranslaboratorium 346,347
Woodhouse, H.C. 92,462
Woonwaklub 450
Wyngilde 450
Wysbegeerte, Departement 32,50,124
Wysgerige Vereniging van Suider-Afrika . . 50
Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge 100

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

X-straalanalise 234
X-straalplate 343

YAG-laser 335
Yale Law School 108
Yavin, Prof. Y. 390
Young, G. 225
Yskor 155,170,186,394,395,514
Ystertydperk 90

Yule, Prof. R.A. 185

Zagt, Simon 220
Zaïre 126,402
Zakkie Eloff-uitstalling 461
Zambië 59,393,395,417
Zeeman, Estelle 46
Zeiss-deurstraalmikroskoop 233
Zevenbergen 180

Zietsman, Prof. P.J. 199,232
Zietsman, Prof. S.T. 17,29,22,
23,24,359,360,361,371
Zimbabwe 210,216,256,321,344,393,401
Zondagh, Prof. Stephanus 73
Zoological Institute of the London Zoological
Society 207
Zylstra, B.S. 17
Zymer (Edms.) Bpk 500

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021